

1995 017 795 01



UOVS - SASOL-BIBLIOTEK



19950177950122000019

HIERDIE ENKELVAAK MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERSWYDER WORD NIE

DIE MUSIEKLEWE IN BLOEMFONTEIN VAN

1940 TOT 1955

DEUR

JOHAN CROMHOUT

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER MUSICAE

in die FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE (Departement Musiek)

aan die UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT.

STUDIELEIER: PROF DR G P LAMPRECHT

BLOEMFONTEIN

OKTOBER 1994

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
LIBRARY
19 APR 1995
UOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 780.9226854 CRD

OPGEDRA AAN PROF DR J L K HUMAN

BEDANKINGS

Naas my Skepper wil ek my opregte dank betuig teenoor my studieleier prof dr G P Lamprecht, hoof van die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Dit was 'n voorreg om onder sy leiding hierdie studie te voltooi. Sy positiewe leiding en die wyse waarop hy sy hulp aangebied het, word hoog op prys gestel. Sonder sy bystand sou hierdie taak onmoontlik gewees het.

Ek is ook baie dank verskuldig aan prof dr J L K Human, aangesien hy my oorspronklik aan hierdie onderwerp bekendgestel het en my voortdurend aangemoedig het om die studie te onderneem en te voltooi.

Aan dr C A Boshoff wat onmiddellik ingestem het om hierdie werk te proeflees, wil ek graag 'n opregte woord van dank rig. Haar advies en hulp word opreg waardeer.

'n Besondere woord van dank aan my kollega, Brigitte Muller, sonder wie se hulp ek nie die finale kopie van hierdie verhandeling sou kon voltooi nie. Haar kundige advies ten opsigte van die rekenaarprogram, onbaatsugtige hulp en bystand word opreg waardeer.

Aan die St Michael Meisieskool vir die gebruik van die rekenaar en laserdrukker.

Ook 'n besondere woord van dank aan die personeel van die Nasionale Letterkundige Museum, die naslaanafdeling van die Openbare Biblioteek, die Musiekbiblioteek aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat asook die Instituut vir Eietydse Geskiedenis aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, onder meer Anna Weideman, Anna Strydom, Heléna Prinsloo, Pannie Steyn, Annetjie Scott, Deadré Lubbe en juf Jones. Hulle vriendelike en bekwame dienste was van groot waarde.

Die hulpvaardigheid van die talle persone wat by wyse van persoonlike onderhoude en briefwisseling tot die insameling van feite bygedra het, word baie waardeer. 'n Hele aantal van hierdie persone woon nog in Bloemfontein, terwyl ander, te veel om te noem, deur middel van briewe en verslae hulle gewaardeerde hulp verleen het.

My opregte dank aan al die persone wat goedgegunstig hulle konsertprogramversamelings aan my geleen het, onder andere Willem Naudé, Norah Havenga, Henriëtte Pauw, Christine Stewart, Dolly Heiberg, Hannelie Rousseau, Maureen Botha en Rita du Toit.

Ten slotte 'n dankwoord aan my familieleden en vriende wat op verskillende wyse hulp verleen het en met hulle belangstelling gedurig geïnspireer het. Hierdeur is die skryf van hierdie verhandeling grootliks vergemaklik.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
VOORWOORD	i
<u>HOOFSUK 1 KORE EN KOORSANG IN BLOEMFONTEIN</u>	1
1.1 Bloemfonteinse Koorverenigings	1
1.1.1 Die Voortrekkerkoor	2
1.1.2 Jennie Hadlow se Dameskoor	5
1.1.3 Die Bloemfonteinse Mannekoor	12
1.1.4 Die Vrystaatse Afrikaanse Mannekoor	17
1.1.5 The Bloemfontein Choral Society	24
1.1.6 Die Koor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat	27
1.2 Kerkkore van Afrikaanse Kerke	30
1.2.1 Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord	31
1.2.2 Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes	38
1.2.3 Ned Geref Kerk Bloemheuwel	41
1.2.4 Ned Geref Moederkerk	46
1.2.5 Ned Geref Kerk Noordhoek	52

1.2.6 Ned Geref Kerk De Bloem	55
1.3 Die Engelssprekende Gemeentes in Bloemfontein	58
1.3.1 Die Trinity Metodiste Kerk	59
1.3.2 Die Anglikaanse Katedraal van St Andrew en St Michael	61
1.3.3 Die Presbiteriaanse Kerk	63
1.4 Koorsang by spesiale geleenthede	65
1.5 Samevatting	70
<u>HOOFSTUK 2 BLOEMFONTEINSE INSTRUMENTISTE</u>	75
2.1 Orreliste	75
2.1.1 <u>O A Karstel</u>	75
2.1.1.1 Lewenskets	75
2.1.1.2 Operettes	77
2.1.1.3 Orrelis en Koorleier	77
2.1.1.4 Musiekeksaminator	83
2.1.1.5 Dirigent	83
2.1.1.6 Koorprestasies tydens Kunswedstryde	88
2.1.1.7 Ander aktiwiteite en bydraes	89

2.1.2 <u>D J Roode</u>	90
2.1.2.1 Lewenskets	90
2.1.2.2 Pedagoog	94
2.1.2.3 Orrelis en Pianis	98
2.1.2.4 Koorleier en Dirigent	102
2.1.2.5 Deelname aan Kunswedstryde	110
2.1.2.6 Oratorium-dirigent	111
2.1.2.7 Eksaminator en Beoordelaar	120
2.1.2.8 Ander aktiwiteite	122
2.1.3 <u>P J Lemmer</u>	124
2.1.3.1 Lewenskets	124
2.1.3.2 Organiseerder van Sang	127
2.1.3.3 Dirigent	131
2.1.3.4 Koorleier	139
2.1.3.5 Orreluitvoerings in Bloemfontein en ander dorpe	144
2.1.3.6 Eksaminator en Beoordelaar	147
2.1.3.7 Ander aktiwiteite	148
2.1.4 <u>Dolly Heiberg</u>	149
2.1.4.1 Lewenskets	149
2.1.4.2 Orreliste en Koorleier	151
2.1.4.3 Dosent in Skoolmusiek	159
2.1.4.4 Orreldosent	161
2.1.4.5 Ander bydraes en aktiwiteite	162

2.1.5 <u>Gerhardus Koornhof</u>	163
2.1.5.1 Kort Lewenskets en Akademiese prestasies	163
2.1.5.2 Deelname aan Kunswedstryde	164
2.1.5.3 Orrelis en Pedagoog	165
2.1.6 <u>Andrew Hutton</u>	166
2.1.6.1 Lewenskets	166
2.1.6.2 Orrelis en Pedagoog	167
2.1.7 <u>L T Shepstone</u>	169
2.1.7.1 Lewenskets	169
2.1.7.2 Orrelis en Koorleier	170
2.1.7.3 Orkesdirigent	171
2.1.7.4 Ander bydraes en aktiwiteite	172
2.1.8 <u>Stefans Grové</u>	173
2.1.8.1 Lewenskets en Akademiese prestasies	173
2.1.8.2 Orrelis en Pianis	174
2.1.8.3 Komponis	176
2.1.9 <u>Tom Raine</u>	177
2.1.9.1 Lewenskets	177
2.1.9.2 Orrelis	178
2.1.10 <u>Anna Bobbert</u>	179
2.1.10.1 Lewenskets	179
2.1.10.2 Orreliste	181
2.1.10.3 Deelname aan Kunswedstryde	182
2.1.10.4 Dosent	183

2.2 Pianiste	183
2.2.1 <u>Henriëtte Rossouw</u>	185
2.2.1.1 Lewenskets	185
2.2.1.2 Pianiste	190
2.2.1.3 Klaviersdosent	196
2.2.1.4 Orreliste	197
2.2.2 <u>Derik van der Merwe</u>	200
2.2.2.1 Lewenskets	200
2.2.2.2 Sanger en Toneelspeler	202
2.2.2.3 Pianis	202
2.2.2.4 Begeleier en Komponis	206
2.2.2.5 Ander bydraes en aktiwiteite	206
2.2.3 <u>Mary Rousseau</u>	208
2.2.3.1 Lewenskets	208
2.2.3.2 Uitvoerende Kunstenaar	210
2.2.3.3 Dirigent en Begeleier	211
2.2.3.4 Musiekonderwyseres	212
2.2.4 <u>Arend Koole</u>	213
2.2.4.1 Lewenskets	213
2.2.4.2 Uitvoerende Kunstenaar	215
2.2.4.3 Radio-kunstenaar	220
2.2.4.4 Komponis	222
2.2.4.5 Ander bydraes	223

2.2.5 <u>Joachim Speiser</u>	224
2.2.5.1 Uitvoerende Kunstenaar	225
2.2.6 <u>Gertrude Kautzky</u>	227
2.2.6.1 Pianiste	227
2.2.6.2 Soliste in Klavierkonsertuitvoerings	231
2.2.6.3 Radio-kunstenaar	232
2.2.7 <u>Olga Troskie</u>	233
2.2.7.1 Lewenskets	233
2.2.7.2 Deelname aan Kunswedstryde	236
2.2.7.3 Uitvoerende Pianiste en Orreliste	238
2.2.7.4 Musiekonderwyseres	239
2.2.8 <u>David Muller</u>	240
2.2.8.1 Lewenskets	240
2.2.8.2 Prestasies by Kunswedstryde	240
2.2.8.3 Uitvoerende Kunstenaar	242
2.2.9 <u>Japie Human</u>	244
2.2.9.1 Lewenskets	244
2.2.9.2 Uitvoerende Kunstenaar	246
2.2.9.3 Deelname aan Kunswedstryde	247
2.2.9.4 Klavierdosent en Pedagoog	248
2.2.9.5 Begeleier	249
2.2.9.6 Ander bydraes en aktiwiteite	250
2.2.10 <u>Elizabeth Joubert</u>	252

2.2.11 <u>Dawfré Roode</u>	253
2.2.11.1 Lewenskets	253
2.2.11.2 Deelname aan Kunswedstryde	255
2.2.11.3 Uitvoerende Pianis	258
2.2.12 <u>Niel Immelman</u>	260
2.2.12.1 Lewenskets	260
2.3 Violiste	263
2.3.1 <u>Victor Pohl</u>	264
2.3.1.1 Lewensoorsig	264
2.3.1.2 Violdosent en Pedagoog	267
2.3.1.3 Uitvoerende Violis	268
2.3.1.4 Orkesleier en Orkesspeler	271
2.3.1.5 Ander aktiwiteite	272
2.3.2 <u>Alma Kok</u>	273
2.3.2.1 Lewenskets	273
2.3.2.2 Uitvoerende Kunstenaar	275
2.3.2.3 Violonderwyseres	278
2.3.2.4 Orkesspeler	278
2.3.2.5 Ander aktiwiteite	279
2.3.3. <u>Jack de Wet</u>	280
2.3.3.1 Lewensoorsig	280
2.3.3.2 Uitvoerende Violis	282

2.3.3.3 Orkesspeler, Pedagoog en Radio-kunstenaar	284
2.3.4 <u>Noel Travers</u>	285
2.3.4.1 Lewensoorsig	285
2.3.4.2 Violis	286
2.3.4.3 Deelname aan Kunswedstryde	287
2.3.5 <u>Hermina Verster</u>	287
2.3.5.1 Lewenskets	287
2.3.5.2 Uitvoerende Violiste	289
2.3.5.3 Ander bydraes en aktiwiteite	290
2.4 Tjelliste	291
2.4.1 <u>Albert Steffens</u>	292
2.4.1.1 Lewenskets	292
2.4.1.2 Uitvoerende Tjellis en Sanger	292
2.4.1.3 Deelname aan Kunswedstryde en ander aktiwiteite	294
2.5 Ander Instrumentiste	295
2.5.1 <u>Leonard en Richard Lemmer</u>	295
2.5.1.1 Lewensoorsig	295
2.5.1.2 Uitvoerende Kunstenaars	298
2.5.1.3 Deelname aan Kunswedstryde	300
2.5.1.4 Pedagoog	301

2.6 Samevatting	301
-----------------	-----

HOOFSTUK 3 BLOEMFONTEINSE SANGERS EN SANGERESSE 305

3.1 <u>Cecilia Wessels</u>	306
3.1.1 Lewenskets en loopbaan in die buiteland	306
3.1.2 Sanguitvoerings in Bloemfontein	310
3.2 <u>Jennie Hadlow</u>	319
3.2.1 Lewenskets	319
3.2.2 Sangeres en Onderwyseres	321
3.2.3 Ander aktiwiteite	324
3.3 <u>Benedictus Kok</u>	325
3.3.1 Lewensoorsig	325
3.3.2 Deelname aan Kunswedstryde	327
3.3.3 Deelname aan Kantates, Oratoriums en Operettes	330
3.3.4 Ander optredes	332
3.3.5 Orrelis	333
3.3.6 Ander bydraes en aktiwiteite	335
3.4 <u>Isabel du Toit</u>	338
3.4.1 Lewenskets	338
3.4.2 Optredes as Sangeres	340
3.4.3 Deelname aan Kantates, Oratoriums, Operettes en Operas	342
3.4.4 Deelname aan Kunswedstryde	344

3.4.5 Optredes in konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging	346
3.4.6 Ander aktiwiteite	347
3.5 <u>Anna Jackson</u>	349
3.5.1 Lewenskets	349
3.5.2 Soliste in Kantates, Oratoriums, Operettes en Operas	350
3.5.3 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging	352
3.5.4 Prestasies tydens Kunswedstryde	354
3.5.5 Ander optredes	355
3.6 <u>Rita Karstel</u>	358
3.6.1 Lewenskets	358
3.6.2 Deelname aan Kunswedstryde	359
3.6.3 Deelname aan Kantates, Operas en Operettes	361
3.6.4 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging	362
3.6.5 Ander aktiwiteite	363
3.7 <u>Marion Key</u>	365
3.7.1 Lewenskets	365
3.7.2 Pedagoog	367
3.7.3 Deelname aan Kunswedstryde	368
3.7.4 Ander optredes as Sangeres en Pianiste	370
3.7.5 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging	371
3.7.6 Radio-kunstenaar	371
3.7.7 Ander aktiwiteite	372

3.8 <u>Joan Hadlow</u>	272
3.8.1 Lewenskets en Akademiese prestasies	372
3.8.2 Deelname aan Kunswedstryde	375
3.8.3 Konsertoptredes onder beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging	376
3.8.4 Deelname aan Operas	377
3.8.5 Ander optredes	378
3.9 <u>Charles Hamer</u>	378
3.9.1 Lewenskets	378
3.9.2 Bydrae as Dirigent	379
3.9.3 Konsertoptredes	380
3.9.4 Ander bydraes	381
3.10 <u>Francina Buys</u>	382
3.10.1 Lewenskets	382
3.10.2 Deelname aan Kunswedstryde	385
3.10.3 Deelname aan Oratoriums	385
3.10.4 Ander konsertoptredes	387
3.10.5 Optredes in konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging en die Musiekvereniging van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat	391
3.10.6 Buitelandse studie	392
3.10.7 Sangonderwyseres	394
3.10.8 Optredes buite Bloemfontein	394

3.10.9 Radio-kunstenaar	396
3.10.10 Ander bydraes	396
3.11 <u>Martli en Irma Pohl</u>	397
3.11.1 Algemene oorsig	397
3.11.2 Deelname aan Kunswedstryde	398
3.11.3 Buitelandse studie	399
3.11.4 Sanguitvoerings in Bloemfontein	402
3.12 <u>Norah Havenga</u>	403
3.12.1 Lewenskets	403
3.12.2 Onderwyseres en Dosent	405
3.12.3 Deelname aan Kunswedstryde	406
3.12.4 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging	408
3.12.5 Bydrae as operasangeres	408
3.12.6 Ander aktiwiteite	409
3.13 <u>Juliette Aboud</u>	410
3.13.1 Lewensoorsig	410
3.13.2 Deelname aan Kunswedstryde	410
3.13.3 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging	411
3.13.4 Deelname aan Oratoriums	412
3.13.5 Ander optredes en aktiwiteite	413
3.13.6 Optredes buite Bloemfontein	415
3.13.7 Studie in die buiteland	416

3.14 <u>Tilla Visser</u>	417
3.14.1 Lewensoorsig	417
3.14.2 Uitvoerende Kunstenaar	418
3.15 <u>Jacobus Hattingh</u>	420
3.15.1 Inleidend	420
3.15.2 Deelname aan Kunswedstryde	421
3.15.3 Deelnames aan Kantates en Oratoriums	422
3.15.4 Ander optredes as sanger	423
3.15.5 Optredes buite Bloemfontein en radio-kunstenaar	424
3.15.6 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging	427
3.16 <u>Merle Cockroft</u>	428
3.16.1 Lewenskets	428
3.16.2 Deelname aan Kunswedstryde	429
3.16.3 Uitvoerende Kunstenaar	431
3.16.4 Deelname aan Kantates en Operettes	432
3.16.5 Radio-kunstenaar	433
3.17 <u>Vivia Kruger</u>	434
3.17.1 Inleidend	434
3.17.2 Sangdosent	435
3.17.3 Uitvoerende Kunstenaar	435
3.17.4 Deelname aan Oratoriums	437
3.17.5 Deelname aan Kunswedstryde	438
3.17.6 Ander aktiwiteite	438

3.18 <u>Christine Rautenbach</u>	439
3.18.1 Deelname aan Operettes	439
3.18.2 Deelname aan Kunswedstryde	440
3.18.3 Ander aktiwiteite en bydraes	440
3.19 <u>Christine Stewart</u>	441
3.19.1 Lewenskets	441
3.19.2 Deelname aan konserte van die Bloemfonteinse Musiekkklub	443
3.19.3 Ander optredes	444
3.19.4 Deelname aan Kunswedstryde	446
3.19.5 Orreliste	446
3.20 <u>Ander Sangers</u>	447
3.21 Samevatting	449
<u>HOOFSTUK 4</u> BESOEKENDE SUID-AFRIKAANSE	
KUNSTENAARS	454
4.1 Sangers	455
4.1.1 Betsy de la Porte	455
4.1.2 Stephenie Strauss	460
4.1.3 Esther Mentz	461
4.1.4 Babsita Moolman	463

4.1.5 Dorothy Clark	464
4.1.6 Gerald Cassen	466
4.1.7 Jean Gluckman	468
4.1.8 Albina Bini	470
4.1.9 Johanna Uys	472
4.1.10 Trudi van Zyl	474
4.1.11 Shirley Hepburn	475
4.1.12 Bruce Anderson	477
4.1.13 Jossie Boshoff	478
4.1.14 Saline Koch	480
4.2 Pianiste	482
4.2.1 Willem Eggink	482
4.2.2 Chrystal Blomkamp	485
4.2.3 Arnold van Wyk	486
4.2.4 Bruno Raikin	489
4.2.5 Adelaide Newman	491
4.2.6 Lorenzo Danza	494
4.2.7 Anna Marsh	496
4.2.8 Lionel Bowman	499
4.2.9 Ashley Hartley	503
4.2.10 Elsie Hall	504

4.2.11 Adolph Hallis	509
4.2.12 José Rodriguez-Lopez	511
4.2.13 Harold Rubens	513
4.2.14 Moira Birks	515
4.3 Violiste en Tjelliste	516
4.3.1 Sybil Copeland	516
4.3.2 Erwin Broedrich	519
4.3.3 Herman Salomon	522
4.3.4 Maria Neuss	523
4.3.5 Derek Ochse	524
4.3.6 Nella Wissema	527
4.3.7 Aubrey Rainier	528
4.4 Sanggeselskappe	530
4.4.1 Stellenbosch Kweekskoolkoor	530
4.4.2 Helderbergkollege A Capella-koor	534
4.4.3 Kroonstadse Koor	536

4.5 Orkeste	537
4.5.1 Simfonieorkes van die S A U K	537
4.5.2 Blaasorkes van die Staande Mag	541
4.5.3 Johannesburgse Stadsorkes	542
4.5.4 Durbanse Stadsorkes	545
4.5.5 Johannesburg Jeugorkes	548
4.5.6 Kaapstadse Stadsorkes	549
4.6 Instrumentale Ensembles	554
4.6.1 Die Staalmeesters	554
4.6.2 Die De Groote-strykkwartet	556
4.7 Ander Instrumentiste	557
4.7.1 Tonny Rotteveel	558
4.7.2 Gerrit Bon	559
4.8 Samevatting	561

HOOFSTUK 5 BESOEKENDE BUITELANDSE KUNSTENAARS 568

5.1 Violiste 569

5.1.1 Thomas Matthews 569

5.1.2 Anna Tischauer 571

5.1.3 Leo Cherniavsky 573

5.2 Pianiste 574

5.2.1 Stanislas Niedzielski 574

5.2.2 Pnina Saltzman 579

5.2.3 Ella Goldstein 580

5.2.4 Georges Théméli 583

5.2.5 Alexis Weissenberg 586

5.2.6 Loyonnet 589

5.2.7 Benno Moiseiwitsch 591

5.2.8 Dario Rauceca 594

5.2.9 Lili Kraus 596

5.2.10 Louis Kentner 598

5.2.11 Gilles Guilbert 601

5.2.12 Sebastian Peschko 602

5.2.13 Frederic Jackson 603

5.2.14 Helmuth Dignas	604
5.2.15 Kathleen Long	605
5.2.16 Shura Cherkassky	606
5.2.17 Marie-Thérèse Fourneau	608
5.2.18 Julius Katchen	609
5.3 Sangers	611
5.3.1 Mabella Ott-Penetto	611
5.3.2 Lawrence Tibbett	612
5.3.3 Annie Woud	614
5.3.4 Erna Sack	616
5.3.5 Heinrich Schlusnus	619
5.3.6 Moishe Oysher	621
5.3.7 Laurens Bogtman	622
5.3.8 Marcel Wittrisch	624
5.3.9 Alessandro Ziliani	626
5.3.10 Luigi Infantino	627
5.3.11 Elisabeth Schumann	631
5.3.12 Abram Blechorowitz	632
5.3.13 Hans Gruys	633
5.3.14 Ilse Hollweg	635
5.3.15 Oda Slobodskaya	636

5.3.16 Vittoria Calma en Carlo Franzini	637
5.3.17 Jennie Tourel	638
5.3.18 Xander Haagen	640
5.4 Orreliste	641
5.4.1 Reginald Cooper	641
5.5 Tjelliste	643
5.5.1 Peers Coetmore	643
5.6 Instrumentale Ensembles	644
5.6.1 London Student Trio	644
5.7 Besoekende Buitelandse Orkeste	645
5.7.1 The Black Watch	645
5.8 Besoekende Buitelandse Kore	647
5.8.1 Die Weense Seunskoor	648

5.9 Ander Instrumentiste	651
5.9.1 Larry Adler	651
5.9.2 Toralf Tollefsen	652
5.10 Sang- en dansgeselskappe	654
5.10.1 Die Oostenrykse Sang- en Dansgroep	654
5.10.2 Die Europese Volksdancers	655
5.11 Samevatting	655
<u>HOOFSTUK 6</u> MUSIEKONDERWYS IN BLOEMFONTEIN	659
6.1 Die Vrystaatse Onderwysdepartement	659
6.1.1 Sangonderrig in Vrystaatse skole	660
6.1.2 Sangfeeste	677
6.2 Musiek as eksamenvak in die Vrystaatse skole	683
6.3 Musiekopleiding en -beoefening aan die Tegniese Kollege	695
6.4 Musiekopleiding en -beoefening aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege	697

6.5 Musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat	702
6.6 Samevatting	709
<u>HOOFSTUK 7</u> OPERA EN OPERETTE IN BLOEMFONTEIN	713
7.1 Plaaslike Aanbiedinge	713
7.1.1 Hänsel und Gretel	714
7.1.2 Il Trovatore	719
7.1.3 Lilac Time	723
7.1.4 Viktoria and her Hussar	725
7.2 Besoekende Operageselskappe	727
7.2.1 Johannesburgse Operageselskap	728
7.3 Samevatting	730

HOOFSTUK 8 KUNS- EN MUSIEKVERENIGINGS IN

BLOEMFONTEIN

733

8.1 Die Bloemfontein Music Club

733

8.2 Die Vrystaatse Musiekvereniging

744

8.3 Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing

805

8.4 Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging

823

8.5 Die Musiekvereniging van die Universiteit van die

Oranje-Vrystaat

859

8.6 Die Bloemfonteinse Kunstenaarsklub

870

8.7 Die Kunstenaars van die Toekoms

871

8.8 Samevatting

876

HOOFSTUK 9 ORKESTE IN BLOEMFONTEIN

884

9.1 Bloemfonteinse Munisipale Orkes

885

9.2 Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes

888

9.3 Die Pro Arte Ensemble

895

9.4 Samevatting

895

HOOFSTUK 10 MUSIEKBEOEFENING EN -ONDERRIG IN

BLOEMFONTEINSE SKOLE	898
10.1 Meisieskole in Bloemfontein	898
10.1.1 Die Eunice Meisieskool	898
10.1.2 Die Oranje Meisieskool	908
10.1.3 Die St Michael Meisieskool	915
10.1.4 Die Greenhill-kloosterskool	920
10.2 Seunskole in Bloemfontein	921
10.2.1 Die St Andrewskool	921
10.2.2 Grey-kollege	926
10.2.3 Christian Brothers' College	932
10.3 Gemengde Skole in Bloemfontein	935
10.3.1 Sentraal	935
10.4 Ander Gemengde Skole	944
10.5 Private onderrig in Bloemfontein	948
10.6 Musiekonderwysersverenigings	956

10.7 Samevatting 958

HOOFSTUK 11 LIGTE MUSIEK IN BLOEMFONTEIN 963

11.1 Musiekvermaak in bioskoopteaters 964

11.2 Ligte Operettes en ander Musiekblyspele 965

11.3 Jazzorkeste in Bloemfontein 970

11.4 Plaaslike en besoekende Boereorkeste 972

11.5 Ander vorms van ligte musiek in Bloemfontein 978

11.6 Samevatting 981

HOOFSTUK 12 SLOT 983

BRONNELYS 999

BYLAE

OPSOMMING

VOORWOORD

Onderwerp

Na aanleiding van die voorstel deur prof dr J L K Human dat daar 'n studie gemaak moet word oor die musieklewe van Bloemfontein van 1940 tot 1955, is besluit om navorsing te doen en die bevindinge op skrif te stel, sodat dit vir die nageslag behoue kan bly. Gesprekke met verskillende musiekpersoonlikhede wat die tydperk meegemaak het, het Bloemfontein se aktiewe musieklewe blootgelê.

'n Ander rede vir die keuse van hierdie onderwerp was die noodsaaklikheid van 'n histories-wetenskaplike ondersoek na musiekgebeure in Bloemfontein tussen 1940 en 1955, aangesien baie van die gegewens redelik toeganklik is. In sommige gevalle gebeur dit wel dat inligtingsbronne met belangrike gegewens verlore raak. Dit is ook waar dat persone wie se indrukke en getuienisse van groot belang vir die historikus is, tot sterwe kom. Hiermee saam sterf ook hulle herinneringe.

Bloemfontein is in baie opsigte 'n merkwaardige stad. In sy bestaan en veral die tydperk onder bespreking, het dit weer eens geblyk dat Bloemfontein baie ander stede van sy statuur ver vooruit was. 'n Sigbare bewys van Bloemfontein se roemryke verlede is byvoorbeeld die talle historiese geboue, skole, kerke en monumente, waarvan die Stadshuis, Ou Presidensie en Tweetoringkerk sekerlik van die aanskoulikste is. Die

Stadsaal kan hier uitgesonder word, aangesien die meeste uitvoerings tussen 1940 en 1955 in dié gebou plaasgevind het.

Daar bestaan geen navorsing oor, of boekstaving van die Bloemfonteinse musiekgeskiedenis tussen 1940 en 1955 nie. Met hierdie studie word daar nie alleen geprobeer om 'n leemte in die bestaande Suid-Afrikaanse musiekgeskiedskrywing te vul nie, maar wil dit ook graag 'n betekenisvolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurgeskiedenis lewer.

Die tema is van so 'n aard dat die inligting daarvoor logies en sistematies verwerk kan word. Nadat 'n groot deel van die navorsing voltooi is, het dit duidelik geblyk dat die gegewens met gemak onder afsonderlike hoofde tuisgebring kan word. Tydens die navorsing en in die daaropvolgende ordening is doelbewus gestreef na integrasie en sintese van gegewens.

Navorsingsmetode en prosedures

Tydens die beplanningstadias van hierdie studie is vasgestel dat die meeste inligting uit die twee plaaslike nuusblaaie sou kom, naamlik *Die Volksblad* en *The Friend*. Aangesien daar baie min ander bronne met inligting beskikbaar was, is hierdie verhandeling dus hoofsaaklik 'n breedvoerige uiteensetting en evaluering van die musieklewe in Bloemfontein volgens beriggewing in die twee genoemde koerante.

Oor 'n tydperk van drie jaar is uitgawes van die twee nuusblaaie deurgelees en tersaaklike inligting is geboekstaaf en geëvalueer. Heelwat inligting is ook verkry uit privaatversamelings, van konsertprogramme, notules van vergaderings en jaarverslae. Van die waardevolste inligting is verkry uit gesprekke en briefwisseling met individue wat direk of indirek by die musiekaktiwiteite gedurende hierdie tydperk betrokke was.

Die problematiek wat met hierdie studie gepaard gegaan het, was hoofsaaklik dat die beriggewing in die nuusblaaie taamlik eensydig was. Dit is wel duidelik dat konsertbedrywighede geadverteer is, hoofsaaklik met die doel om kultuur, veral musiek, te bevorder, wat 'n mate van eensydigheid onvermydelik gemaak het. Hieruit kon afgelei word dat baie van die verslae in die nuusblaaie in 'n mate subjektief was en die verskillende aktiwiteite is nie altyd deur persone met genoegsame artistieke aanvoeling geresenseer nie.

Vir aansluitings- en afrondingsdoeleindes is daar dele waar die navorsing sekere berigte uit 1939 en 1956 insluit. Verskeie fasette van Bloemfontein se musieklewe word toegelig, naamlik kore, plaaslike instrumentiste, plaaslike sangers, besoekende musici, opera en operette, orkeste, musiek- en kultuurverenigings, musiekonderwys en ligte musiekvermaak. In die hoofstukke wat handel oor die plaaslike musici word nadere besonderhede oor die mees prominente instrumentiste en sangers gegee.

Gedurende 1940 to 1955 was daar 'n aansienlike ontwikkeling op die gebied van musiek in Bloemfontein. Een voorbeeld is die stigting van die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Al hierdie ontwikkelings het tot gevolg gehad dat die hoeveelheid inligting van belang, groot afmetings aangeneem het. Talle persone en instansies het op die voorgrond getree en dit was noodsaaklik om hulle bedrywighede sorgvuldig te evalueer. Die persone en verenigings wat in hierdie studie bespreek word, is dus diegene wat daadwerklik 'n bydrae tot die musieklewe van Bloemfontein gelewer het.

Dit was onmoontlik om enige werksaamhede van die Vrystaatse Musiekvereniging te ignoreer, aangesien dit dié vereniging is wat vir die verrassende aktiewe konsertlewe in Bloemfontein verantwoordelik was. Die besonder aktiewe musieklewe in Bloemfontein het tot gevolg gehad dat hierdie studie groot afmetings aangeneem het.

Dit wil voorkom asof die bronne waaruit die inligting vir hierdie verhandeling versamel is, taamlke beperkinge inhou. Nieteenstaande het die eindresultaat 'n hoë mate van tevredenheid aan die skrywer gegee. 'n Groot aantal feite het na vore gekom waaruit 'n geheelbeeld van die musieklewe in Bloemfontein gedurende die bepaalde periode verkry kon word.

Bronnelys

Ten einde eenvormigheid in die bronnelys te verseker, is besluit om van die standaardmetode af te wyk. Dit is egter nie na willekeur gedoen nie, aangesien daar talle probleme opgeduik het vanweë die wye verskeidenheid van bronne waarvan gebruik gemaak is. Na deeglike oorweging is die volgende besluite geneem. Al die argivale (amptelike sowel as die private bronne) se datums word aan die einde geplaas. Sodoende is eenvormigheid hier bewerkstellig.

Tydskrifte is volgens skrywers alfabeties gerangskik met die datum aan die einde. Dus is daar besluit om die geleentheidspublikasies en die literatuur op dieselfde manier aan te dui. Die jaarblaaie van die verskillende skole is volgens skoolverbandgegroepeer enchronologies aangeteken. Dit vergemaklik die naslaan indien 'n persoon dit sou wou doen. Die wysigings bring mee dat al die bronne se datum dus aan die einde verskyn. Aangesien die persone wat bydraes in hierdie jaarblaaie gelewer het nie erkende outeurs of skrywers is nie, en ook nie altyd vasgestel kon word wat hulle voorletters is nie, is hier ook van die normale wyse van bronneverwysing afgewyk. In sommige gevalle het alleenlik die voorletters van die persoon naas die artikel of berig verskyn, wat dit verder bemoeilik het. Aangesien daar wel erkenning aan hierdie persone gegee wil word, word hulle vanne, sover moontlik, in hakies aan die einde van elke tydskrifverwysing geplaas.

Titels van komposisies

In die loop van die studie is daar van talle komposisies se name gebruik gemaak. In sommige gevalle meer as een keer. Die titels van die instrumentale komposisies sowel as dié van die vokale komposisies word nie deurgaans in dieselfde taal gebruik nie. Die rede hiervoor is dat die resensies en berigte wat in die verskillende nuusblaaië verskyn het nooit die komposisies presies dieselfde aangedui het nie.

Die meeste sangers wat openbare konserte gegee het, het in baie gevalle vertaalde weergawes van erkende werke gesing. Baie van die komposisies was Engelse liederes wat in Afrikaans voorgedra is. In sommige gevalle is die komposisies wel in die oorspronklike taal gesing.

Doelstellings

Wat wel belangrik is, is dat daar sekere afleidings gemaak moet word. Die eerste vraag wat na vore kom is of Bloemfontein werklik so 'n aktiewe musieklewe tussen 1940 en 1955 gehad het. Indien wel, van watter standaard die musiekbeoefening was en of daar enige vooruitgang plaasgevind het. Bloemfontein is by meer as een geleentheid die kultuurstad van Suid-Afrika genoem. Hierdie studie het die ideale geleentheid gebied om te bepaal of hierdie stelling werklik waar is.

'n Ideaal wat graag uit hierdie navorsing verwesenlik wil word is om programme vir uitsaaidoeleindes te maak. Die rede hiervoor is dat daar talle persone is wat 'n intense belangstelling in die ontwikkeling van kultuur, spesifiek musiek, in Bloemfontein koester, en wat nie maklik toegang tot hierdie studie het nie. Hierdeur sal die moontlikheid geskep word dat 'n groot sektor van die belangstellendes in kontak gebring sal word met die omvang van die musieklewe in Bloemfontein tussen 1940 en 1955.

HOOFSTUK 1

KORE EN KOORSANG IN BLOEMFONTEIN

Koorsang het in die tydperk vanaf 1940 tot 1955 wye belangstelling geniet. Kooruitvoerings is gereeld aangebied en dit is met groot entoesiasme deur die publiek bygewoon. Hierdie gunstige situasie was vir die koorlede en dirigente 'n bron van groot inspirasie. Die talle geleenthede in Bloemfontein waarby kore aktief betrokke was, is koorkompetisies, kunswedstryde en kooruitvoerings wat deur een of ander vereniging gereël is. Later is daar ook opnames vir radio-uitsendings gemaak.

1.1 Bloemfonteinse Koorverenigings

Volgens J L K Human (1976, pp. 63 en 76) wat 'n studie van die musieklewe in Bloemfontein gedurende 1900 tot 1939 gemaak het, is die meeste koorverenigings wat in hierdie tyd bestaan het, gestig deur persone wat hoofsaaklik van Britse afkoms was. Sedert die jare dertig was daar egter 'n merkbare verandering in dié verband waarneembaar. Dirigente wat hulle in Bloemfontein kom vestig het, was hoofsaaklik Afrikaanssprekend.

Hierdie dirigente het dit as hulle plig beskou om koorverenigings te stig wat Afrikaans as moedertaal sou bevorder. Om hierdie rede het die kore die guns en die ondersteuning van 'n groot sektor van die publiek gewen.

Die belangrikste koorverenigings was die Voortrekkerkoor, die Dameskoor van Jennie Hadlow, die Bloemfonteinse Mannekoor, die Vrystaatse Afrikaanse Mannekoor, die Bloemfontein Choral Society en die Koor van die U O V S.

1.1.1 Die Voortrekkerkoor

Die Voortrekkerkoor was teen 1941 een van die oudste kore in Bloemfontein. Mnr G J D Liebenberg berig in *Die Volksblad* (20 November 1941) dat dié koor toe reeds vir elf jaar bestaan het. Liebenberg was een van die bestuurslede. Hyself het sedert 1899 in kore gesing en volgens hom was dit die koor wat die langste bly bestaan het. Volgens Human (1976, p. 101) het die debuut van hierdie dameskoor in Bloemfontein op 20 Mei 1932 onder die leiding van Daisy Bosman plaasgevind. Op 6 Junie 1941 is 'n konsert aangebied om die koor se tiende bestaansjaar te vier (*Die Volksblad*, 4 en 5 Junie 1941).

Hierdie gegewens suggereer dat die Voortrekkerkoor waarskynlik teen 1931 gestig is. Human (1976, p. 101) dui daarop dat die belangrikste redes waarom die koor tot stand gekom het, die bevordering van volksang en die behoud van Afrikaanse volksliedere was.

Die Voortrekkerkoor was as Afrikaanse koor die eerste Bloemfonteinse koor met 'n Afrikaanse dirigent, mev Daisy Bosman (1878-1944). Sy was die dirigent tot 1935.

In die volgende jaar het mev Elsa Dekker oorgeneem en die koor het met hul nuwe dirigent dieselfde lof van die publiek ontvang as in die verlede (Human, 1976, pp. 102-103).

Die koor het altyd in die tradisionele Voortrekkerdrag opgetree (*Die Volksblad*, 14 September 1940). Die destydse Oranje-Koffiehuis was waarskynlik die plek waar repetisies plaasgevind het (*Die Volksblad*, 2 Augustus 1940, 11 Augustus 1941, 28 Januarie 1946 en 12 April 1947). Die koor se repetisies is meesal in die pers aangekondig. Belangstellendes wat in die koor wou sing, kon dan aanmeld. Hierdie advertensies het bygedra om die voortbestaan van die koor te verseker (*Die Volksblad*, 7 Maart 1942).

Vermeldings van die koor se konsert-optredes is veral vanaf 1940 tot 1942 gemaak. Die inkomste van konserte is meesal vir bepaalde projekte aangewend. Fondse wat tydens die Volkskonsert op 7 Julie 1940 ingesamel is, is vir die boufonds van die Gemeenskapsentrum geskenk. So ook die opbrengs van die Boere-aand op 21 September 1940. 'n Gedeelte van dié geld is vir die koorfonds behou. Die Boere-aand van 6 Junie 1941 se verdienstes is vir die publikasie van Afrikaanse musiek aangewend (*Die Volksblad*, 1 en 7 Junie 1940, 14 September 1940 en 4 en 5 Junie 1941). Bekende persone wat soms saam met die koor opgetree het, was mev H van der Merwe Scholtz (klavierbegeleiding) en mev A Kok (viool) (*Die Volksblad*, 23 September 1940 en 20 November 1941).

'n Ander belangrike faset van die koor se aktiwiteite was waarskynlik deelname aan die jaarlikse kunswedstryd. In die pers word daar egter na slegs een so 'n geleentheid verwys en wel in 1941. In 1941 het die Voortrekkerkoor saam met twee ander dameskore meegeding en die derde plek behaal. Die ander twee kore was dié van David Roode (tweede plek) en mev Hadlow (eerste plek). Volgens die resensent se kommentaar moes die standaard in dié afdeling baie hoog gewees het omdat laasgenoemde twee kore die Voortrekkerkoor slegs met 'n paar punte uitgestof het (*Die Volksblad*, 16 Mei 1941).

'n Merkwaardige gebeurtenis was die rolprentopnames deur die Voortrekkerkoor. Dit het op 8 November 1941 in die rosetuin van Koningspark plaasgevind. Op dieselfde dag is 'n Voortrekker Jeugdag-Konsert gehou (*Die Volksblad*, 5 en 7 November 1941).

Vanaf 1942 tot 1946 het die koor se aktiwiteite skynbaar afgeneem. Besonderhede van slegs twee optredes is gepubliseer, naamlik 'n konsert ten bate van die Reddingsdaadbond op 18 September 1942 en 'n optrede tydens 'n konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging op 16 September 1946. Volgens die resensent was hulle sang die hoogtepunt van laasgenoemde konsert (*Die Volksblad*, 19 September 1942 en 17 September 1946). Ten opsigte van 1947 word slegs twee repetisies genoem: vir 27 Januarie en 14 April (*Die Volksblad*, 25 Januarie en 12 April 1947). In Oktober 1950 het die koerantberigte daarop geui dat hierdie koor ontbind het (*Die Volksblad*, 7 Oktober 1950).

Enkele voorbeelde van keuses van die soort werke wat die koor gesing het, is die volgende: **Die Cariljon van die lente** (Percy Buck), **Man en vrou** (A G Visser), **Tortelduifies**, **Jy's rein soos lentebloem** (Jandrell), **Ek hou van jou** (Matthews) en **Lebombo** (*Die Volksblad*, 16 Mei 1941, 19 September 1942 en 17 September 1946).

Die resensies in die pers was deurgaans baie positief. Melding word onder andere gemaak van eienskappe soos ritmiese stabiliteit, pragtige stemming, besonder mooi toonproduksie en ferm beheer, terwyl die geesdriftige reaksie wat hulle van die gehoor ontvang het, beklemtoon is (*Die Volksblad*, 16 Mei 1941 en 19 September 1942).

Die koor se betekenis vir Bloemfontein se musieklewe van die jare veertig kan die beste saamgevat word uit 'n artikel in *Die Volksblad* van 14 September 1940: "Die Voortrekkerkoor het geen bekendmaking nodig by die Bloemfonteinse publiek nie. Dit is een van die plaaslike instellings wat daadwerklik strewende om tot die kulturele lewe van ons stad by te dra en wat reeds groot dinge gedoen het om volksang by die volk meer gewild te maak. Byna geen kultuurfunksie in Bloemfontein is volmaak sonder die optrede van die Voortrekkerkoor nie, wat altyd maar te gewillig is om met sy pragtige sang ons volkstradisies hoog te hou."

1.1.2 Jennie Hadlow se Dameskoor

Volgens Human (1976, p. 99) is die stigtingsdatum van hierdie koor onbekend. 'n Moontlike aanduiding wat die ontstaandatum kan bepaal is die program van 'n konsert

wat mev Hadlow se leerlinge op 23 April 1926 in die St John Presbiteriaanse kerksaal aangebied het. In 1915 is 'n ene mej Jennie Connell as sangonderwyseres aan die Eunice Meisieskool aangestel. Kort daarna het sy getoon waartoe sy in staat was, toe haar skoolkoor 'n uitvoering van *The Marsh King's Daughter*, 'n kantate van Mascheroni, gelewer het (Human, 1976, p. 98).

Jennie Hadlow was vanaf 1915 tot 1953 as sangonderwyseres en koordirigent in Bloemfontein werksaam. Sy het dikwels vir 'n tyd na Europa teruggekeer om kursusse in sang by te woon en het op dié wyse deeglik in voeling met oorsese standaarde, metodes en tendense gebly (Human, 1976, p. 99).

Volgens Human (1976, p. 99) is dit duidelik dat mev Hadlow se dameskoor haar grootste belangstelling was. Die koor het van krag tot krag gegaan soos wat mev Hadlow se leerlingtal toegeneem het. Teen die einde van 1923 het sy Eunice verlaat en haar eie private sangateljee in Bloemfontein gestig. Mettertyd was dit vir haar moontlik om konserte bestaande uit solo- en ensemblesang deur haar leerlinge aan te bied.

Sover bekend het mev Hadlow kooruitvoerings in 1940, 1942 en 1945 aangebied. Eersgenoemde het in die Vissersaal op 6 Desember 1940 plaasgevind en die laaste twee beide in die Clarendonsaal op onderskeidelik 7 Desember 1942 en 15 Oktober 1945. Die inkomste van konserte is meesal vir bepaalde projekte aangewend. Al drie

genoemde konserte se fondse is aangewend ten bate van *The Friend* se Kersfeesfonds (*Die Volksblad*, 18 November 1940, 21 November 1942 en 16 Oktober 1945).

Afgesien van die feit dat mev Hadlow altyd 'n noukeurig saamgestelde program aangebied het, het die koorwerke besonder goed by die vrouestemme gepas. Hierdie aspek getuig daarvan dat Jennie Hadlow 'n goeie kennis van koorsang en spesifiek verskillende stemme gehad het (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940). As bewys van mev Hadlow se bekwaamheid as dirigent en ook die sukses van haar kooruitvoerings het die volgende opskrif in *Die Volksblad* (7 Desember 1940) verskyn: "Mev Hadlow lewer skitterende werk."

Koorwerke wat deel van die dameskoor se repertorium gevorm het, is onder meer **Orpheus with his lute** (German), **Prinses van verre** (Lemmer), **Come and trip it** (Handel), **The old Gavotte** uit **Mignon** van Thomas, **Largo** (Handel) asook werke van Schubert, Sullivan en Somerville (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940 en 8 Desember 1942). Afgesien van die koorwerke op die verskillende programme is daar altyd solosang asook instrumentale solowerke vir keurige afwisseling aangebied. In die meeste gevalle was dit leerlinge van mev Hadlow self wat vir dié solo-optredes verantwoordelik was (*Die Volksblad*, 21 November 1942).

Kunstenaars wat vir die verskillende solo items verantwoordelik was, sluit in Frieda Naudé, Lettie Viviers (sangsolo's en duette), Christine Lamb en Anna Jackson.

Klavierwerke is deur mej Grace Fainsinger verskaf en vioolsolo's deur mej Doris de Witt. Ander bekende soliste wat ook opgetree het was Rita Karstel, Rina de Villiers, Jennie se dogter, Joan Hadlow (sang), Gladys Wilkinson (klavier), Martli Pohl en haar vader Victor Pohl (viool) (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940, 8 Desember 1942 en 16 Oktober 1945).

Die resensies wat na afloop van die konserte in die pers verskyn het, was deurgaans baie positief. Mev Hadlow se dameskoor het elke keer die hoogste lof ontvang en is daarom menigmaal as die hoogtepunt van die uitvoerings beskou. Werke wat deur die resensente uitgesonder is, was onder meer die volgende: **Gavotte** uit **Mignon** van Thomas, **Largo** (Handel) wat in Afrikaans gesing is, en wat herhaal moes word. Op die konsert van 1945 het **Thanks be to God** en **Music when soft voices die** volgens die resensent 'n gunstige indruk gemaak. Die sangeres wie se uitmuntende solosang in al die gevalle as hoogtepunt beskryf is, was Anna Jackson. Sy het onder andere die **Habanera** uit **Carmen** (Bizet) en **My siel is siek van heimwee** (P J Lemmer) gesing (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940, 8 Desember 1942 en 16 Oktober 1945). Mev Hadlow se bekwaamheid as dirigent word bondig saamgevat in 'n gedeelte uit die resensie in *The Friend* van 9 Desember 1942: "Mrs Hadlow achieved a remarkably smooth blending of voices, and her interpretation received a full measure of appreciation."

Aangesien die konserte meesal teen Kerstyd aangebied is, het die koor vanselfsprekend ook Kersliedere by hul program ingesluit. Dié werke is altyd gunstig deur die publiek ontvang (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940 en 8 Desember 1942).

Die begeleiding vir mev Hadlow se konserte is meesal op die klavier deur mejj Grace Fainsinger en Gertrude Hobday waargeneem. Sommige van die werke is ook op die viool deur mej Maud Hobday en mnr Victor Pohl begelei. Die resesent se kritiek ten opsigte van die begeleiding was oor die algemeen goed. Kritiek ten opsigte van die begeleiding tydens die konsert van 7 Desember 1942, was egter dat dit soms hinderlik hard was (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940 en 8 Desember 1942).

Jennie Hadlow het haar dameskoor op haar kenmerkende rustige en grasiëuse wyse ook tot groot hoogtes in die jaarlikse kunswedstryde gelei. Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1940 en 1946 het mev Hadlow se dameskoor die eerste prys verower in die afdeling vir dameskore (*Die Volksblad*, 22 April 1940 en 11 Mei 1946). In 1948 is daar egter nie plekke aangewys nie, maar mev Hadlow se koor het 'n A-simbool behaal wat aandui dat haar koor 90% of meer behaal het. Die beoordelaar, mev N Papé het hul sang as werklik uitmuntend bestempel (*Die Volksblad*, 17 Junie 1948).

Tydens die Afrikaanse Kunswedstryd van 1941 is die koor van mev Hadlow as die wenkoor aangewys. As verpligte voorgeskrewe werk moes die kore wat meegeding het **Die Cariljon van die lente** van Percy Buck sing. Daarna moes hulle self 'n tweede stuk

kies. Mev Hadlow se keuse was **From the green heart of the waters** (Coleridge-Taylor). In die afdeling dameskore (ope) het die koor van Hadlow in die eerste plek geëindig met een punt meer as die koor van Roode. Die resensent meld in sy resensie dat dié koor uitstekende en verfynde sang gelewer het onder meesterlike dirigering. Die beoordelaar het hulle uitvoering beskryf as 'n goeie voorbeeld van uitstaande bekwaamheid onder uitstekende koorleiding (*Die Volksblad*, 16 Mei 1941).

'n Verdere aanduiding van die kwaliteit van die koorsang asook die gewildheid van die koor, is dat mev Hadlow se dameskoor uitgenooi is om op die eerste konsert van die nuutgestigte Vrystaatse Musiekvereniging op te tree. Dié konsert het op 26 Junie 1944 plaasgevind (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944). Na hul eerste optrede is hulle telkens weer genooi om voor die Vereniging op te tree. Optredes het in September 1944, Maart 1945, Junie 1946 en 16 Junie 1947 plaasgevind (*Die Volksblad*, 7 September 1944, 7 Maart 1945, 4 Junie 1946 en 17 Junie 1947).

Al hulle uitvoerings tydens hierdie konserte is deur die kritici as hoogs geslaagd bestempel. Enkele voorbeelde van die aard van werke wat die koor gesing het, is die volgende: **Stille Nag** (Gruber), **Pure as the air** (German), **Largo** (Handel), **A love song** (Granville Bantock), **Fly singing bird** (Elgin), **From the green heart of the waters** (Coleridge-Taylor), **Lullaby** (Cyril Scott), **Eminctured with a twine of leaves** [sic!] (Coleridge-Taylor) en **Hear my prayer, O Lord** (Mendelssohn). (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944, 7 September 1944, 7 Maart 1945, 4 Junie 1946 en 17 Junie 1947).

Die resensent van *Die Volksblad* (17 Junie 1947) het laasgenoemde werk beskou as een van die hoogtepunte met Anna Jackson, Joan Hadlow en Violet Hultzer as die soliste.

In Mei 1942 het hierdie koor ook hulle buiging op 'n konsert van die Musiekvereniging van die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat gemaak. By daardie geleentheid is die program uitsluitlik aan die werke van Purcell en Elgar gewy. Koorwerke wat gesing is, sluit in: **The Snow**, **Fly singing bird** en **Shepherd's song**, almal werke van Elgar. Daar was ook solo's en duette op die program wat deur onder andere Christine Lamb, Rina de Villiers en Patricia de Wet gesing is (*The Friend*, 2 Mei 1942).

'n Merkwaardige gebeurtenis was die massakoor-uitvoering van **Stille Nag** (Gruber) tydens die jaarlikse sangfees wat onder leiding van mnr P J Lemmer aangebied is. By daardie geleentheid het die koor van mev Hadlow saam met die genoemde massakoor gesing (*Die Volksblad*, 3 Junie 1944).

Teen die einde van 1950 het mev Hadlow haar ateljee in Bloemfontein gesluit met die doel om haar dogter, Joan in Engeland te gaan besoek. In 1952 het sy vir slegs 'n jaar na Bloemfontein teruggekeer en in 1953 in Kaapstad gaan aftree. Dit het meegebring dat hierdie bekende dameskoor van Bloemfontein se bestaan beëindig is. Mev Hadlow is in 1973 in Kaapstad oorlede (*The Friend*, 14 Desember 1950; Human, 1976, p. 501; Kilner, 1992, Brief).

1.1.3 Die Bloemfonteinse Mannekoor

In die jare voor 1944 het daar blykbaar 'n mannekoor in Bloemfontein bestaan. *Die Volksblad* (2 Maart 1944) berig dat dié koor teen 1944 reeds nie meer bestaan het nie, maar dat daar besluit is om 'n soortgelyke koor te stig.

Vroeg in 1944 is bekend gemaak dat 'n pas gestigte mannekoor hul buiging in Bloemfontein sou maak. Dié koor van 25 lede het as die Bloemfonteinse Mannekoor bekend gestaan. Die koor se ontstaan was te danke aan die begaafde David J Roode, later professor, wat ook as dirigent van die koor opgetree het (*Die Volksblad*, 2 Maart 1944).

Die koor het elke Vrydagaand 'n repetisie gehad met die uitsondering van vakansiedae. Hul eerste openbare optrede in Bloemfontein het op 21 April 1944 in die Stadsaal plaasgevind. Volgens die resensie wat in *Die Volksblad* verskyn het, is die konsert baie goed ondersteun. Daar is baie oordeelkundig te werk gegaan om geskikte koorwerke vir die koor te vind, aangesien die koor slegs uit tenore en basse bestaan het. Werke met sterk en grootse effekte is vermy (*Die Volksblad*, 2 Maart, 24 April en 25 November 1944).

Die koor het pragtige hoogtepunte bereik in werke soos *Kom teer en milde awend* (Shaw) en *The bells of St Mary's* (Adams). In bogemelde werke het die vloeiende oorgange sowel as die innigheid van die vertolkings 'n goeie indruk gemaak. Ander

hoogtepunte was hulle vertolking van **Smilin' through** (Penn-Arnold) en een van die Afro-Amerikaanse liedere, **I'se weary of waitin'** (Young). In bogenoemde werk het Cecil Barry as solis beïndruk. 'n Ander sanger wat puik sang gelewer het, was Benedictus Kok, as solis in Schubert se **Hark, hark the Lark** (*Die Volksblad*, 24 April 1944).

Die koorwerke is met instrumentale items afgewissel. Werke op twee klaviere is deur David en Freda Roode uitgevoer. Verder was klavierduette deel van die program. Die ander kunstenaars wat aan die konsert deelgeneem het, sluit in mejj Makkie Grové, Agnes Myburgh, Norah Havenga en Olga Troskie. Hulle het onder andere 'n wals van Arensky en stukke uit die **Peer Gynt-suite** van Grieg uitgevoer. Hieruit is dit duidelik dat 'n deurdagte program saamgestel is om in almal se smaak te val (*Die Volksblad*, 2 Maart en 24 April 1944; *The Friend*, 22 April 1944).

Die koor het oor 'n uitstekende dirigent beskik met 'n puik begeleidster in die persoon van Freda Roode. 'n Gedeelte uit die resensie wat in *Die Volksblad* van 24 April 1944 verskyn het, beskryf die sukses van dié koor se optrede ten beste: "Sonder om skuldig te wees aan 'n oordrewe lokaalpatroisme, kan ons konstateer dat die Bloemfonteinse Mannekoor by sy heel eerste optrede prestasies gelewer het wat seker deur geen ander koor in Suid-Afrika oortref word nie."

In 1944, by geleentheid van die eerste konsert vir die jaar wat die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied het, het David Roode se mannekoor die geleentheid gehad om op te tree. Die standaard van die koor moes hoogstaande gewees het. Dit was die eerste konsert wat die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied het en die organiseerders was sekerlik kieskeurig ten opsigte van kunstenaars wat aan die debuut-konsert sou deelneem (*Die Volksblad*, 16 Junie 1944).

By daardie geleentheid is twee koorwerke gesing, naamlik **Ruisloos daal die aand se skemering** (Hatton) en **Oranje-Blanje-Blou** (H H Pierson) (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944).

In 1945 en in 1952 is die Bloemfonteinse Mannekoor na hul eerste optrede onder beskerming van bogemelde vereniging, weer genader om aan dergelike konserte deel te neem. Die eerste konsert van 1945 het op 5 Februarie plaasgevind waartydens die koor **The bells of St Mary's** (Adam) en **I'se weary of waitin'** (Duncan Young) gesing het. Op 24 November 1952 het hulle op die laaste konsert van die jaar in die Clarendonsaal opgetree. Hulle het Diack se elf verwerkings van twee kinderrympies gesing, naamlik **Little Jack Horner** en **Old mother Hubbard** (*Die Volksblad*, 6 Februarie 1945; *The Friend*, 25 November 1952).

'n Belangrike deel van dié koor se bedrywighede was optredes in kerke. In 1944 het hulle onder andere tydens 'n orrel- en sanguitvoering in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord opgetree. Die konsert was deel van die feestelike inwyding van die

destydse nuwe Psalm- en Gesangboek. Hier het die koor weer eens voortreflike sang gelewer. Een van die werke wat hulle gesing het, was **Ruisloos daal die aand se skemering** (Hatton) (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1944).

Ander konserte waar die koor opgetree het, sluit in 'n konsert wat ten bate van die K A R F O (Kristelike Afrikaanse Filmorganisasie) se Moedersveldtog wat op 18 Februarie 1953 in die Stadsaal op die planke gebring is. Koorwerke wat hulle gesing het, was verwerkings van twee kinderrympies deur Hely-Hutchinson (*Die Volksblad*, 14 Februarie 1953; *The Friend*, 19 Februarie 1953).

Die koor het dit ook in die vooruitsig gestel om konserte in die platteland aan te bied, terwyl hulle reeds uitnodigings van Pretoria, Kroonstad en Kimberley ontvang het. Sover bekend het die koor in 1944 vier plattelandse dorpe besoek. In April het hulle op Ficksburg opgetree, waar hulle 'n paar gewyde werke na afloop van 'n erediens gesing het (*Die Volksblad*, 2 Maart en 29 April 1944).

Op 24 Mei 1944 het die mannekoor 'n uitvoering in die Stadsaal op Theunissen gegee en ook Bethlehem besoek. Die optrede daar het op 7 Oktober onder die beskerming van die Bethlehemse Musiekvereniging plaasgevind (*Die Volksblad*, 20 Mei en 13 September 1944).

In Dewetsdorp is die koor deur 'n vol saal met 'n waarderende gehoor ontvang. Verdere uitnodigings is van Zastron, Winburg, Edenburg en Viljoenskroon ontvang (*Die Volksblad*, 2 Junie 1944).

Die koor was dus nie net in Bloemfontein alombekend nie, maar ook oor die hele Vrystaat. David Roode het as talentvolle dirigent in 'n groot mate die koor se sukses bepaal en dit is te verstane dat dit een van die gewildste kore was.

Hierdie koor het ook uitstekende prestasies tydens die kunswedstryd van 1945 behaal. In die afdeling mannekoor (ope) het dié koor van prof Roode sang van hoë gehalte gelewer. Hulle het twee werke gesing, naamlik **Kom na die fees** (Easthope Martin) en **Kom teer en milde awend**. Die beoordelaar, prof Gerrit Bon, het verklaar dat enige stad baie trots op 'n koor soos dié van prof Roode sou wees. 'n Persentasie van 94 is aan die koor toegeken (*Die Volksblad*, 15 Mei 1945).

Die koor se werksaamhede van 1944 is op 24 November afgesluit waartydens David Roode sy dank teenoor die koorlede uitgespreek het. Ten spyte van moeilike omstandighede het al die koorlede elke repetisie bygewoon (*Die Volksblad*, 25 November 1944). Moeilike omstandighede in hierdie geval verwys sekerlik na die problematiek vanweë die oorlogstoestande. Die koste van brandstof en die onbekikbaarheid van reiskaartjies op treine, aangesien troepe voorkeur geniet het, kan ook aangevoer word as ongunstige omstandighede.

1.1.4 Die Vrystaatse Afrikaanse Mannekoor

Die Vrystaatse Afrikaanse Mannekoor het onder die bekwame leiding van Petrus J Lemmer gestaan. Dié koor se repetisies het teen die einde van September 1943 begin en hulle doel was hoofsaaklik die bevordering van Afrikaanse liedere. Hierdie besluit is heel waarskynlik op die stigtingsvergadering geneem (*Die Volksblad*, 3 Julie 1943).

Hierdie koor, wat later wye bekendheid verwerf het, sou in November 1944 sy eerste buiging in Bloemfontein maak met 'n reeks van vier konserte in die Gemeenskapsentrum by Tempe, die Nasionale Hospitaal en op 10 November in die Stadsaal. Die program wat hulle tydens hierdie konserte sou aanbied, het hoofsaaklik uit Afrikaanse liedere, gewyde liedere en opera-uittreksels bestaan. 'n Besoekende sangeres uit Oos-Londen en 'n pianis van Pretoria sou saam met die koor optree. Die fondse wat ingesamel sou word, sou vir 'n musiekbiblioteek in Bloemfontein aangewend word (*Die Volksblad*, 30 Mei 1944).

Later is egter aangekondig dat die koor se eerste uitvoering voor die algemene publiek op 15 en 16 November 1944 in die Stadsaal sou plaasvind. Vir hul debuut het mnr Lemmer 'n baie interessante program saamgestel, waarvan die helfte uit werke van Afrikaanse komponiste bestaan het. Komponiste wie se name op die program verskyn het, is S le Roux Marais, P J Lemmer, D J Roode en sy broer, M C Roode. Kyk Bylae, pp. 1-2 (Program, 15 en 16 November 1944; *Die Volksblad*, 9 November 1944).

Aan verskeidenheid het die program nie ontbreek nie. 'n Strykorkes onder leiding van Victor Pohl het die program verder aangevul. Die besoekende sangeres uit Oos-Londen waarvan vroeër melding gemaak is, was die sopraan, Suzanne du Plessis. Die optrede van die pianis van Pretoria het egter verval (*Die Volksblad*, 9 November 1944; Program, 15 en 16 November 1944).

Na afloop van hul eerste konsert, wat hoofsaaklik net vir skoliere aangebied is, het *Die Volksblad* (16 November 1944) kortliks berig wat die program sou behels en waarna die publiek kon uitsien. Jukskei, met die musiek deur Lemmer self het skynbaar die grootste byval gevind. Die koor moes dit drie keer herhaal.

Die Stadsaal was byna heeltemal beset by geleentheid van dié koor se optrede op 16 November 1944. Die resensent was vol lof vir Petrus Lemmer as dirigent en genoem dat sy fyn musikale aanvoeling en sterk verbeeldingskrag twee van die mees kenmerkende eienskappe was. 'n Gevolg hiervan was dat sy koor die eenvoudigste passasies op verrassende en oorspronklike wyse kon vertolk. Goeie afwisseling in dinamiek het verseker dat die stukke wat voorgedra is nooit vervelig geraak het nie (*Die Volksblad*, 17 November 1944).

As bevordering van die Afrikaanse lied 'n doelstelling van die koor was, is daarby nie bedoel dat programme uitsluitlik daaraan gewy sou word nie. Hiervan getuig die samestelling van die volgende program. Die program was in verskillende groepe ingedeel, naamlik koorgroepe, strykgroepe en liedergroepe (Program, 15 en 16

November 1944). In die eerste groep koorwerke het die **Maria Wiegelied** van Max Reger 'n treffende indruk gemaak. Die werk is stemmingsvol voorgedra. Alhoewel daar dele in hul vertolking van die **Pelgrimslied** van Wagner was wat werklik beïndruk het, kon dit meer triomfantelik gesing word. In die tweede groep koorwerke het die jong Sarel du Toit (seun van Rita Du Toit) voortreflike sang gelever toe hy as solis in **Stille Nag, Heil'ge Nag** opgetree het. Kommentaar op sy sang was gunstig en spesiale melding is van sy musikale aanvoeling gemaak asook die gemaklike wyse waarop hy gesing het. Die derde koorgroep het die **Militêre Mars** uit **Lilac Time** van Schubert ingesluit. Dié werk was nie heeltemal op dieselfde standaard as die vorige werke nie. Nietemin is die solo-gedeeltes bevredigend deur mnre P de Wet en Tersteegen van Huyssteen voorgedra. **Gulsig**, 'n vrolike liedjie van Lemmer self, is fyn en netjies uitgevoer. Die laaste werk wat die koor gesing het, was **Italiaanse slaai** (Genée) met mnre P de Wet as solis. Dit het besonder groot byval gevind (*Die Volksblad*, 17 November 1944).

Suzanne du Plessis van Oos-Londen het almal bekoor met haar pragtige sang. Volgens die resensent was dit net 'n plesier om na haar te luister. Sy het veral in die volgende werke uitblink, naamlik **Vissi d'arte** (Puccini), **Die Duif** (M C Roode) en **Oktobermaand** (D J Roode). Verder het sy ook **Care Selve** uit **Atlanta** (Handel) en die **Vilia-lied** uit **Die vrolike weduwee** (Lehár) gesing. Die strykkorke onder die leiding van Victor Pohl het voortreflike spel gelever. Hulle het die **Andante Cantabile** en **Caprice** van Trouselle gespeel. Victor Pohl en Alma Kok het die largo-gedeelte uit die **Konsert vir twee viole** (J S Bach) uitgevoer. Hul spel was egter

nie so egalig en suiwer soos by 'n vorige geleentheid toe hulle dieselfde werk voorgedra het nie (*Die Volksblad*, 17 November 1944).

Hierdie koor het ook die geleentheid gehad om deel te neem aan die konserte wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer is. Sover bekend het die koor in 1945 en in 1949 hul verskyning in dié konserte gemaak. Tydens die konsert wat in die Clarendonsaal op 7 Mei 1945 plaasgevind het, het Petrus Lemmer 'n lesing voor pouse aangebied en na pouse het hierdie gewilde mannekoor opgetree. Hulle het onder meer **A Catastrophe** (Sprague), **Maria Wiegelied** (Reger) en **Italiaanse slaai** (Genée) gesing (*Die Volksblad*, 8 Mei 1945).

Tydens die tweede konsert van die Musiekvereniging vir 1949 het dié mannekoor weer opgetree. Hulle het Kinkel se **Soldiers farewell** (Kinkel) en Tsjajkofski se **Aan die Musiekkuns** gesing. Volgens die resensent was hul sang van die allerhoogste gehalte. Opvallend was die toonryke ondersteuning van die basse en die treffende wisseling in stemming asook die gedrae sang (*Die Volksblad*, 10 Mei 1949).

Hierdie mannekoor het ook ander uitvoerings in Bloemfontein aangebied, soos dit die geval op 18 November 1944 en 9 Desember 1945 was. Volgens *Die Volksblad* van 20 November 1944 het Petrus Lemmer se mannekoor 'n uitvoering in die Vissersaal op uitnodiging van die plaaslike Oranje- Vrouevereniging gegee.

Almal het die koorsang baie geniet en die solo's deur Suzanne du Plessis moes bykans almal herhaal word. **Kokkewiet** (P J Lemmer) was een van die nuwe komposisies wat sy gesing het (*Die Volksblad*, 10 Desember 1945).

Die uitvoering in 1945 was die koor se laaste vir daardie jaar en het in die Nasionale Hospitaal plaasgevind. Die sowat veertig manne het stelling ingeneem op die eerste verdieping van die hospitaal, vanwaar die klank na alle vloere kon versprei. Pasiënte wat kon loop en dié wat in stoele gestoot is het tot in die gange beweeg om beter te kon hoor. Besoekers het op die trappe bymekaargekom. Werke wat uitgevoer is, was die volgende: **Maria Wiegeli** (Reger), **Soldiers farewell** (Kinkel), **Stille Nag** (Gruber), die **Pelgrimslied** uit **Tannhäuser** van Wagner en 'n werk van Tsjajkofski. Na afloop van die konsert het Petrus Lemmer het verklaar dat die hospitaal oor besondere gunstige akoestiese eienskappe beskik (*Die Volksblad*, 10 Desember 1945).

Die koor het verder ook beplan om op nabygeleë plattelandse dorpe uitvoerings te lewer. Boshof, Reddersburg en Edenburg was onder andere op hul konsertprogram (*Die Volksblad*, 30 Mei 1944).

In 1945 het hierdie koor tydens 'n sangfees in Reddersburg opgetree. Aubrey Karstel het die koor begelei. Tydens dié geleentheid het hulle ook die eerste en tweede bedrywe van die opera, **Hänsel und Gretel** (Humperdinck) uitgevoer (*Die Volksblad*, 26 Oktober 1945).

Volgens kort berigte in *Die Volksblad* (14 November en 18 November 1947) was die uitvoerings, aangebied deur die Lemmer-Mannekoor op die platteland, 'n groot sukses.

Hierdie koor het verder op 7 November 1947 in die Rodenbeck-kerksaal 'n uitvoering gegee. Die optrede het onder die beskerming van die Koot Niemannskool plaasgevind (*Die Volksblad*, 6 November 1947).

'n Ander aspek wat hierdie mannekoor besonder gewild gemaak het, is dat hulle konsertreise onderneem het om geld vir talentvolle, behoefte kinders in te samel. Die koor se eerste uitvoering vir 1947 is beplan vir 31 Oktober op Theunissen. Petrusburg was ook by die konsertreis ingesluit. Anna Jackson sou die koor vergesel as soliste en mev V Pohl sou die begeleidings waarneem. In daardie stadium het die koor uit ongeveer vyftig lede bestaan (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1947).

Volgens die plaaslike pers en konsertprogramme is dit duidelik dat Aubrey Karstel die koor in die meeste gevalle begelei het. Hy het die koor konsekwent op uiters musikale en simpatieke wyse ondersteun (*Die Volksblad*, 17 November 1944 en 26 Oktober 1945).

Afgesien van al die koor se bedrywighede was hulle ook verantwoordelik vir een van die hoogtepunte van die Vrystaatse Kunswedstryd van 1947. Die koor het nou wel nie self aan die kunswedstryd deelgeneem nie, maar het slegs gedurende die week opgetree.

Die beoordelaar in die betrokke afdeling, mej Lucy Greathead, het Petrus Lemmer geprys vir sy puik afrigtingswerk. Die koor het Max Reger se **Maria Wiegelied** en Genée se **Italiaanse slaai** gesing. Die koor het ook tydens die finale konsert die geleentheid gekry om op te tree (*Die Volksblad*, 8 Mei 1947).

Volgens beriggewing in die plaaslike pers het die koor in 1949 weer eens hul verskyning tydens die Vrystaatse Kunswedstryd gemaak. Anders as in 1947, het hulle toe wel deelgeneem en 'n A-simbool verower (*The Friend*, 20 Mei 1949).

Hierdie koor se deelname aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1948 het ook gunstige kritiek van die beoordelaar ontvang. Afgesien dat hulle 'n A-simbool behaal het, is hul sang deur mev Naomi Papé as uitmuntend beskryf, en het twee A-simbole vir hul sang verower. Hulle het ook tydens die seniorkonsert wat op 23 Junie plaasgevind het opgetree. Die koerantresensent se kommentaar was die volgende: "Die gebalanseerde en fyn-gestileerde sang van die koor het van besielende leiding getuig." (*Die Volksblad*, 15, 17 en 24 Junie 1948; *The Friend*, 16 Junie 1948).

Uit 'n kritiese oogpunt beskou, het daar o"enskynlik dus nie baie tereg gekom van die aanvanklike doelstelling van die koor, naamlik die bevordering van die Afrikaanse lied nie.

1.1.5 The Bloemfontein Choral Society

In die vorige dekades was daar telkens koorverenigings met die naam Bloemfontein Choral Society. Al het die koorverenigings onder dieselfde naam gefunksioneer, was daar geen verband tussen hulle nie, behalwe wat die naam betref (Human, 1976, p. 79).

Die laaste koorvereniging met hierdie naam het in 1920 tot stand gekom en het talle uitvoerings gegee. Die laaste uitvoering van hierdie koorvereniging sou in 1934 plaasgevind het. Hulle sou *Faust* onder leiding van Wansbrough Poles uitgevoer het. Hierdie uitvoering het egter nooit plaasgevind nie. Mnr Poles, orrelis en onderwyser in Bloemfontein sedert 1920, het in Januarie 1935 na Kaapstad verhuis waar hy 'n betrekking as inspekteur van skolemusiek aanvaar het. Die Society het volgens koerantberigte tot 1939 bestaan (Human, 1976, p. 94).

In 1951 is mnr Leslie Verdun Sparrow as musiekonderwyser by St Andrewskool aangestel. Afgesien van sy dienste as musiekleerkrag, is hy ook as orrelis en koorleier van die Anglikaanse Katedraal aangestel. Sparrow wat van Engeland afkomstig is, het sy opleiding aan die Trinity College of Music ontvang (*The Friend*, 19 Januarie 1951).

In Mei 1952 het Leslie Sparrow 'n koorvereniging tot stand gebring. Hierdie koorvereniging het bekend gestaan as The Bloemfontein Choral Society. Alhoewel hierdie koorvereniging dieselfde naam as dié van die koorvereniging van 1920 gehad

het, het hulle niks met mekaar gemeen gehad nie. Hulle eerste optrede het plaasgevind op 27 Mei 1952 tydens 'n konsert wat deur die Junior Kunsvereniging aangebied is (*Die Volksblad*, 24 Mei 1952).

Volgens die plaaslike pers was hierdie koorvereniging nie baie aktief nie, maar het wel van tyd tot tyd konserte aangebied. Op 20 Maart 1953 het die Society 'n kort konsert van gewyde musiek in die Anglikaanse Katedraal aangebied. Dit was Leslie Sparrow se laaste optrede in Bloemfontein voordat hy die einde van die kwartaal na Durban vertrek het waar hy as musiekonderwyser by die Durban-Noordskool aangestel is. Soliste wat korale en duette uitgevoer het, sluit in mej Hope Roe, mnre E M Warren, Hornsby en C Calter, Hester Preston en Christine Stewart. Die sang is deur orrelspel afgewissel en die begeleiding is deur Phyllis Hunt waargeneem. Fondse wat ingesamel is, is aangewend vir die Katedraal se boufonds (*The Friend*, 20 en 21 Maart 1953).

In *The Friend* (10 September 1954) het daar 'n berig verskyn wat bekend gemaak het dat die leierskap van die Bloemfontein Choral Society deur Grace Butler oorgeneem is. In daardie stadium het die Choral Society uit vyf-en-dertig lede bestaan. In dieselfde artikel is gesê dat daar egter nog alte en basse benodig word.

Sedert die totstandkoming van hierdie Society in 1952 het mnr Charles Spindler die posisie as voorsitter bekleed. Daar is dadelik met repetisies in die saal van die Y W C A (Young Women's Christian Association) begin toe Grace Butler as dirigent aangestel is. Hulle het aanvanklik met twaalf koorlede begin, maar Charles Spindler het *The Friend*

meegedeel dat die lidmaatskap binne 'n kort tydjie verdriedubbel het. Hulle het in Desember 1954 'n suksesvolle konsert in Maseru aangebied en is ook uitgenooi om in ander dorpe op te tree. Charles Spindler het die vooruitgang van die Society ook onder die aandag van die publiek gebring: "Progress has been so satisfactory during the past months that we feel the public should know more about the existence and work of the Bloemfontein Choral Society. With a musician of miss Butler's experience and integrity on the rostrum, we are confident that the Choral Society will soon fill a long-felt want in Bloemfontein." (*The Friend*, 19 Februarie 1955).

Binne 'n baie kort tydjie het hierdie Society groot naam gemaak en ook van die geleentheid gebruik gemaak om oor die radio te sing. Hulle het op 12 Junie 1955 in die Engelse program, Music Room, opgetree (*Die Volksblad*, 11 Junie 1955).

Tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1955 het hierdie koorvereniging werklik sy merk in Bloemfontein gemaak. Hulle het 'n A-simbool in die afdeling koorsang (ope) behaal. Die beoordelaar, mnr Albrecht Lewald, was vol lof vir hulle uitvoering en gesê dat dit 'n jammerte was dat hy die sang moes kritiseer aangesien dit van so 'n hoë gehalte was. Hulle het *Die Here is my Herder* en *Et Exultavit* uit die *Magnificat* (Bach) gesing (*Die Volksblad*, 6 en 9 Mei 1955; *The Friend*, 6 Mei 1955).

Die Bloemfonteinse Koorvereniging het ook aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en baie goed presteer. In 1956 het hulle 'n A-simbool vir hulle sang verower. Die beoordelaar, Betsy de la Porte, het die opmerking gemaak dat sy nog nooit elders sulke pragtige koorsang as in Bloemfontein gehoor het nie (*The Friend*, 16 Mei 1956).

Hierdie koorvereniging se eerste volledige openbare konsertuitvoering het op 1 Mei 1956 in die Stadsaal plaasgevind (*The Friend*, 2 Mei 1956; *Die Volksblad*, 3 Mei 1956).

1.1.6 Die Koor van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Die eerste keer dat daar van hierdie koor in die plaaslike pers melding gemaak is, was tydens die C R de Wet-fees wat op 7 Oktober 1954 plaasgevind het. By daardie geleentheid het die koor onder die leiding van prof David Roode die **Onse Vader** en 'n loflied van C Kuntze uitgevoer (*Die Volksblad*, 2 Oktober 1954).

Tydens die Uniale Kerkmusiekkongres wat in die Universiteitsaal in Bloemfontein gehou is, is daar spesiaal 'n orrel in dié saal geïnstalleer. Die spesifieke orrel was eintlik bedoel vir die Ned Geref Kerk Westdene in Johannesburg. Op 17 Oktober 1954 het prof Roode 'n gewyde sang- en orreluitvoering in die saal aangebied (*Die Volksblad*, 13 en 18 Oktober 1954). Die Universiteitskoor met hulle pragtige sang het groot byval gevind. Koorwerke wat hulle gesing het, was **Grootmagtige** (Kuntze), **O Divine Redeemer**

(Gounod) en die **Onse Vader**. In laasgenoemde werk het Lambert Heiberg die solo gesing (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1954).

Hierdie koor het weer teen die einde van dieselfde jaar in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes tydens 'n gewyde konsert opgetree. Dié konsert is deur Aubrey Karstel aangebied en het op 21 November 1954 plaasgevind. By daardie geleentheid het die Universiteitskoor twee koorwerke onder die leiding van David Roode gesing (*Die Volksblad*, 13 November 1954).

Die bestuur van die koor vir 1955 het uit die volgende persone bestaan: mejj M van Rensburg, B Kruger, mnre L Heiberg, P Strydom en T de Villiers. Die bestuur van die koor het ook plattelandse konserttoere in die vooruitsig gestel. In Mei 1955 het dit bekend geword dat die koor 'n toer deur die Noord- en Oos-Vrystaat sou onderneem (*Die Volksblad*, 25 Mei 1955).

Die koor het op 28 Junie 1955 vertrek en het op Winburg hulle eerste uitvoering gegee. Hulle was van plan om veertien ander dorpe te besoek. Werke wat op hulle program verskyn het was **Kom bedruktes** uit **Rodelinda** (Handel), **Passing by** (Purcell), **Down in the forest** (Phillips), **Soldatekoor** uit **Faust** (Gounod) en talle verwerkings van tradisionele volksliedere. Die koorsang is afgewissel deur solosing en sangduette asook klaviersolo's. Maxie van der Walt, Babsie Kruger, Bertie Heiberg, Martie van Rensburg

en Dawfré Roode het as soliste opgetree. Die fondse wat deur middel van hierdie konserte ingesamel is, is aangewend vir die orrelfonds van die U O V S. Na afloop van hierdie toer is daar bepaal dat die koor destyds 'n volle driehonderd-vyf-en-sewentig pond ingesamel het (*Die Volksblad*, 25 Junie en 14 Julie 1955).

Die koor het op 12 Augustus 1955 'n besonder geslaagde uitvoering voor die Musiekvereniging van die U O V S gelewer. Die koorsang het getuig van deeglike afronding en hoogtepunte is bereik in **O no John, Down in the forest** (Phillips) en **Dona nobis pacem**. Freda Roode het die koor begelei. Dawfré Roode en Elsie McLaren se uitvoering van die **Klavierkonsert opus 16 in a mineur** (Grieg) en 'n ongespesifiseerde **Klavierkonsert** (Mozart) was goed, alhoewel die balans tussen die twee klaviere nie altyd bevredigend was nie. Japie Human se klaviersolo was treffend. Hy het **Ecstasy** (Bridge) met puik aanvoeling uitgevoer. Maxie van der Walt en Babsie Kruger se duet, **Môreglans** (Batten) het ook groot byval gevind (*Die Volksblad*, 29 Julie en 6 Augustus 1955; *The Friend*, 13 Augustus 1955).

In 1956 het die Universiteitskoor weer 'n konserttoer onderneem en wel deur die Suid-Vrystaat en Kaap-Middellande (*Die Volksblad*, 23 Junie en 7 Julie 1956).

1.2 Kerkkore van Afrikaanse Kerke

Afgesien van die verskillende koorverenigings se optredes, het kore van die plaaslike Ned Geref Kerke afsonderlik, asook gesamentlik uitvoerings van kantates en ander liturgiese koorwerke gegee. Die kore van die verskillende kerke het 'n besondere aandeel in Bloemfontein se musieklewe gehad. Die Bloemfonteinse gemeentes was besonder gelukkig ten opsigte van die bekwame orreliste en koorleiers wat in die verskillende gemeentes werksaam was. Hierdie orreliste was ook verantwoordelik vir die leiding wat op die gebied van openbare musiekbeoefening geneem moes word. Die koorleiers het afgesien van die normale pligte soos kooroptredes tydens eredienste, ook meer ambisieuse werke aangepak. Op hierdie wyse is oratoria, kantates en ander liturgiese koorwerke in die verskillende kerke uitgevoer. Soms het kore ook aan konserte en aan kunswedstryde deelgeneem.

Anders as in die jare 1900 tot 1939 is dit opvallend dat dit die Afrikaanse gemeentes was wat sekerlik die meeste bydraes tot die kerklike koorsang gelewer het. Daar was veral drie gemeentes wat op meer as een gebied wat koorsang betref uitblink het. Dit was die kore van die Ned Geref Kerke Bloemfontein-Noord, Bloemfontein-Wes en die Tweetoringkerk. Die koorleiers van hierdie kore was ook die persone wat ongetwyfeld vanaf 1940 tot ongeveer 1955 die grootste bydraes tot koorsang en musiek in die algemeen gemaak het. Hulle was onderskeidelik David Roode, Aubrey Karstel, Petrus Lemmer en later Dolly Heiberg. Mettertyd het daar ook ander orreliste op die voorgrond getree wat heelwat tot koorsang in kerke bygedra het.

Die koorleiers was ook gelukkig in dié opsig dat baie lede van die verskillende kore, sang op professionele vlak beoefen het. Dus kon die koorleiers ingewikkelder werke met hoë kunswaarde aanpak en uitvoer.

Afrikaanse gemeentes wat hulself ten opsigte van koorsang onderskei het, is die volgende:

1.2.1 Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord

Hierdie gemeente het in 1919 tot stand gekom. Aan die einde van 1932 is David Roode as orrelis van hierdie gemeente aangestel. Hy het so gou as moontlik 'n koor tot stand gebring en groot sukses op die jaarlikse kunswedstryde behaal (Human, 1976, pp. 119, 123-124).

In 1936 het prof Roode met sy kerkkoor 'n geskiedkundige mylpaal bereik met hulle uitvoering van **Die Messias** (Handel) in Afrikaans (Human, 1976, p. 588).

Vanaf 1940 het hierdie kerkkoor gereeld uitvoerings in Bloemfontein aangebied. Sover bekend het prof Roode in die meeste gevalle die konserte georganiseer wat in 1940, 1942, 1944, 1948 en 1950 plaasgevind het. Die uitvoering van 1940 het op Dinsdag 25 Junie in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord plaasgevind.

Die program het koorstukke ingesluit wat deur die kerkkoor en sy dameskoor uitgevoer is (*Die Volksblad*, 21 Junie 1940, 11 Februarie 1942, 30 Oktober 1944, 21 Augustus 1948 en 18 en 24 November 1950).

Die kommentaar op hierdie konsert was as geheel baie gunstig. Werke waarin die koor werklik uitblink het, sluit die volgende in: **In die glorie van die Heer** (Handel) - met 'n Afrikaanse vertaling deur I J Grové (skoolhoof van die destydse Pres Brandskool en vader van die komponis, Stefans Grové), **Zingt gy den Heer alle volk'ren**, Gounod se **Breek deur, o lig** (in Afrikaans vertaal deur mnr P J Theron) en **O alle gy volken** (D J Roode). Spesiale melding is van die Handel-werk gemaak, waar die verskillende stemme uitgejubel het. Die resensie in *Die Volksblad* (26 Junie 1940) suggereer dat die uitvoering 'n groot sukses was: "By die Bloemfonteinse publiek staan 'n sanguitvoering deur mnr Roode bekend as 'n musiekgenot van baie hoë gehalte en gisteraand se uitvoering in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord, was dan ook geen uitsondering nie. Veral as dirigent van kore het mnr Roode reeds besonder hoog presteer en gisteraand was dit weer die kerkkoor wat bestaan uit 55 lede wat die aandagtige gehoor in vervoering gebring het. Die bykans volmaakte afrigting van die koor het nogeens bewys wat 'n koor kan doen met die regte dirigent."

Die program is verder aangevul met dameskwartette, mannekwartette, sangsolo's en duette. 'n Solo is deur mnr Willie Conradie gesing en die duette deur mev S Strauss en mej D Hickman. Ander kunstenaars wat opgetree het, was Isabel du Toit, Ruth Davis, Freda Roode en Anna Jackson (*Die Volksblad*, 26 Junie 1940).

Die sanguitvoering van 1942 het taamlik vroeg in die jaar, op 14 Februarie, in die Stadsaal plaasgevind. Vir daardie geleentheid het prof Roode drie kore, insluitend sy kerkkoor, afgerig (*Die Volksblad*, 31 Januarie en 11 Februarie 1942).

Die hoogtepunt van die aand was die voordrag van die koorstuk **Looft den Heer** deur P J Lemmer. Met sy dirigeerkuns het David Roode hier 'n hoogtepunt bereik. Die solo-party is gesing deur sy eggenote, Freda Roode. Ander werke wat treffend uitgevoer is, sluit in: **O alle volke** (D J Roode) en **En die glorie van die Heer uit Die Messias** (Handel). Fondse wat tydens hierdie konsert ingesamel is, is aangewend vir die herstel van die orrel van die gemeente Bloemfontein-Noord (*Die Volksblad*, 16 Februarie 1942).

Tydens die ingebruikneming van die nuwe Afrikaanse Psalm- en Gesangboek is daar op 28 Oktober 1944 'n orrel- en sanguitvoering deur prof Roode in die Noordkerk aangebied. Dié gewilde kerkkoor het 'n verskeidenheid werke gesing, onder andere een van prof Roode se eie komposisies, **O alle volke**, 'n toonsetting van **Psalm 47** (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1944).

Tydens die amptelike inwyding van die nuwe orrel van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes het prof Roode 'n orreluitvoering gegee en hy is deur sy koor bygestaan. Hierdie uitvoering het op 20 Augustus 1948 plaasgevind. Volgens die resensie het die koor aangrypende sang gelewer met genoeg klankkleur en treffende stemmingsnuanses. Die werke wat hulle gesing het was **Ere aan God** (Beethoven), **Hoe lieflik is Sion** (Root) en **Zingt gy den Heer alle volk'ren** (*Die Volksblad*, 21 Augustus 1948).

Teen die einde van 1950 het prof Roode 'n konsert in die Kestell-saal aangebied. Hierdie konsert het op 23 November plaasgevind waartydens sy kerkkoor en van Bloemfontein se beste kunstenaars opgetree het. Die kerkkoor se sang is as voortreflik en verfynd beskryf. Werke wat deur die dames- sowel as die gemengde koor gesing is, sluit in: **Er waren herders** [sic!] (Perkins), **Hoe lieflik is Sion** (Root), **Hef op jul oë** uit die **Elia** (Mendelssohn) en **Bring lof aan die Heer** (Bach) (*Die Volksblad*, 18 en 24 November 1950).

'n Konsert wat ook die aandag van die publiek getrek het, was die een wat deur prof Kok georganiseer is en waarby van Bloemfontein se beste musici betrokke was. Hierdie konsert was in verband met die groot volksfees ter herdenking aan die verjaardag van Bloemfontein en het op 23 Februarie 1948 in die Stadsaal plaasgevind. Die kerkkoor van prof Roode het tydens hierdie geleentheid saam met die kerkkoor van die Ned Geref Kerk Bloemheuvel opgetree. By daardie geleentheid was prof Roode die dirigent. Volgens die resensie wat in die koerant verskyn het was die sang van dié gesamentlike

koor die hoogtepunt van die aand se verrigtinge. Hulle het laaste opgetree en het **Largo** van Handel en **Hoe lieflik is op die berge** van R A Smith gesing (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1948).

Op 28 Maart 1954 het prof Roode 'n hoogs geslaagde orrel- en kooruitvoering in die Noordkerk aangebied. Afgesien van die kerkkoor wat 'n besielende vertolking van **Die Skeppingslied** van Beethoven gesing het, het die groot Eeufeeskoor ook opgetree. Die koorsang is deur Henriëtte Pauw op die orrel begelei. Laasgenoemde koor het werke van Haydn, Handel en Franck gesing. Die soliste wat opgetree het, was Francina Buys, Gielie Noordman en Jurie Fourie. David Roode het ook 'n treffende orrelsolo, **Grand Choeur** (Gray) gespeel (*Die Volksblad*, 20 en 29 Maart 1954).

Soos reeds genoem het die verskillende kerkkore afhange van hul koorleiers ook hul slag op die kunswedstryde gewys. Vir baie jare was die mededinging tussen die verskillende kerkkore as die hoogtepunt van die kunswedstryd beskou. Sover bekend het die kerkkoor van prof Roode aan die kunswedstryde van 1941, 1943 en 1945 deelgeneem en uitstekend presteer. In 1941 het sy koor die skild met 90% verower. Die balans en die samevloeiing tussen die verskillende stemme asook die suiwerheid van hul sang is deur die beoordelaar aangeprys. Die hoë standaard ten opsigte van koordisipline is ook uitgewys. In 1943 was die mededinging tussen die twee kerkkore van Bloemfontein-Noord en Bloemfontein-Wes nogmaals die glanspunt van die kunswedstryd (*Die Volksblad*, 15 Mei 1941 en 13 Mei 1943).

Albei die kore moes twee werke sing, naamlik **Loof den Here O myn Ziel** en **Psalm 51**. Verder moes hulle 'n koorstuk van hul eie keuse sing. Die beoordelaar, mnr Duggan, van Johannesburg het 'n moeilike taak gehad om die wenkoor aan te wys, maar dit was weer eens die Noordkerk se koor wat met 91% die eerste plek verower het (*Die Volksblad*, 13 Mei 1943).

In 1945 was dit skynbaar slegs die kerkkoor van prof Roode wat aan die kunswedstryd deelgeneem het. Tydens daardie geleentheid het die koor drie werke gesing, naamlik **Ter Inwyding van Godshuis**, **Psalm 130** en as eie keuse **Heilig is die Heer**. Die beoordelaar, prof Bon, het die sang as onverbeterlik bestempel en 94% aan hulle toegeken (*Die Volksblad*, 17 Mei 1945).

Soos reeds bekend het prof Roode ook groter werke aangepak, soos oratoriums en kantates. By sulke ondernemings het die bekendste musici van Bloemfontein saamgespan om van sodanige optredes 'n sukses te maak. Die kerkkoor van prof Roode het altyd deel van daardie aanbiedinge gevorm. Die koor vir sulke uitvoerings het gewoonlik uit ongeveer 200 stemme bestaan. Prof Roode se koor is meesal aangevul deur die kerkkore van die Ned Geref Kerke Bloemfontein-Wes en die Tweetoringkerk.

Op 25 Mei 1954 het die kerkkoor van David Roode die geleentheid gehad om in die program, **Kore van Suid-Afrika**, op te tree. Die koor het werke van Molitor, Case, Beethoven en Mendelssohn gesing. Soliste wat opgetree het was Freda Roode, Jurie en Ria Fourie (*Die Volksblad*, 22 Mei 1954).

In Junie 1954 het prof Roode die betrekking as orrelis van dié gemeente neergelê. Hy was altesaam een-en-twintig jaar in diens van die gemeente Bloemfontein-Noord (*Die Volksblad*, 1 Junie 1954).

In Junie 1954 het dit bekend geword dat prof Benedictus Kok as orrelis in die plek van prof Roode aangestel is. Hy was voor sy aanstelling by dié gemeente, die orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemheuwel (*Die Volksblad*, 26 Junie 1954).

Op 25 September 1955 is daar 'n gewyde musiekuitvoering in hierdie kerk aangebied. Die gemengde koor sowel as die dames- en mannekoor van die Noordkerk het opgetree. Afgesien van die koorsang was daar ook instrumentale items en sangsolo's op die program wat deur kunstenaars van Bethlehem gelewer is. Die musici van Bethlehem was Attie Badenhorst (klavier en orrel), June Smit (klavier en orrel), Truida Theron (sang), Rien Schimmel (viool) en A van Woerkom (trompet). Werke van Handel, Mozart, Bach, Saint-Saëns, Wilke en Sullivans is uitgevoer (*Die Volksblad*, 3 en 10 September 1955).

Afgesien van die feit dat daar by sommige van hierdie uitvoerings nie erkende liturgiese kerkmusiek uitgevoer is nie, is dit tog belangrik dat sulke koor- en orreluitvoerings wel plaasgevind het. Die orreliste en koorleiers van die tydperk onder bespreking het wel die weg gebaan vir uitvoerings wat uit gekompliseerde, diepgaande koorwerke en musiek van aansienlike kunskwaliteit bestaan het.

1.2.2 Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes

Met die aanstelling van Aubrey Karstel as orrelis van dié gemeente, het hierdie kerk nie alleen 'n vaardige orrelis gekry nie, maar ook 'n baie ywerige en talentvolle koorleier. Mnr Karstel is in 1939 as orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes aangestel (*Die Volksblad*, 11 Februarie 1939).

Vergeleke met David Roode se kerkkoor was die koor van Karstel nie so aktief nie. Alhoewel hulle aktiwiteite ooreengestem het met dié van die ander Ned Geref Kerkkore, was dit op kleiner skaal.

Met sy aanstelling het Aubrey Karstel dadelik 'n koor tot stand gebring en met groot toewyding afgerig. Kort na sy aanstelling het hy aangekondig dat hy van plan was om 'n uitvoering te gee. Hierdie uitvoering het op 24 Maart 1939 plaasgevind. Mnr Karstel het 'n paar orrelsolo's gespeel, waarna daar ook sangsolo's gelewer is. Die koor se optrede was volgens die resensent 'n groot verrassing, aangesien die koor toe slegs 'n paar maande bestaan het. Volgens die resensie in *Die Volksblad* (25 Maart 1939) kan afgelei word dat dit 'n baie geslaagde uitvoering was. Al kritiek teen die koor was dat daar tekortkominge by veral die tenoor- en baspartye was.

In 1940 het dié gemeente 'n nuwe Kimball-pyporrel gekry. Met die oog op die inwyding van hierdie instrument het Karstel 'n indrukwekkende program aangebied. Hy het self 'n orreluitvoering gelewer waartydens hy die moontlikhede van die orrel treffend

gedemonstreer het. Ander instrumentiste en sangers het ook opgetree. Die kerkkoor onder leiding van mnr Karstel het twee koorwerke uitgevoer, naamlik **Zend mij uw Licht** (Merrit) en **O, Smaakt en Ziet** (Goss). Hier het Karstel homself as uifers bekwame koorleier bewys (*Die Volksblad*, 26 Februarie 1940).

Op 21 Junie 1946 het Aubrey Karstel 'n geslaagde orreluitvoering in die Wes-Kerk aangebied. Verskeie kunstenaars het in instrumentale solo's, duo's en trio's opgetree. Die kerkkoor onder die leiding van Karstel het met tye goed afgeronde sang gelewer. Hulle het onder andere 'n hele aantal dele uit **Daniël** (Root) gesing. Benewens die uittreksels uit die kantate het die koor verder **Saal'ge kindertyd** (Mendelssohn) gesing. Die res van die program is bespreek onder die gedeelte wat handel oor Bloemfonteinse instrumentiste. Kyk pp. 78-80 (*Die Volksblad*, 25 Junie 1946; Program, 21 Junie 1946). Soos reeds genoem in die vorige gedeelte wat handel oor die Bloemfontein-Noord Kerkkoor, was die mededinging tussen dié koor en die koor van Aubrey Karstel vir 'n geruime tyd die hoogtepunt van die kunswedstryd. In die kunswedstryd van 1941 het mnr Karstel se kerkkoor die tweede plek verower. Die kerkkoor van die Bloemfontein-Noord gemeente het toe die eerste plek ingeneem. Mnr C A O Duggan, die beoordelaar, was geweldig beïndruk met die sang van dié koor. Die kunswedstryd van 1943 was geen uitsondering nie. Die mededinging tussen bogenoemde kore was weer eens een van die hoogtepunte van die week se verrigtinge. Die kore moes twee voorgeskrewe werke gesing het, naamlik **Loof den Here O myn Ziel** en **Psalm 51**. Verder kon hulle 'n werk van hul eie keuse voordra. Volgens die beoordelaar was daar bykans geen verskil in die sang van die twee kore nie, maar weer eens was dit die

kerkkoor van Bloemfontein-Noord wat die eerste prys verower het. Karstel se koor het wel 89% ontvang (*Die Volksblad*, 15 Mei 1941 en 13 Mei 1943).

Soos David Roode, het Aubrey Karstel hom ook tot groter en meer ambisieuse werke gerig. Op 7 en 8 November 1941 het daar uitvoerings van die gewyde kantate Daniël (Root) plaasgevind. Die kerkkoor van Karstel is bygestaan deur die kore van die destydse U K O V S en Normaalkollege (*Die Volksblad*, 20 September, 6 November 1941).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* van 10 November 1941 was daar egter tekortkominge by die soliste en by die koor. Die sang van die soliste was nie goed genoeg afgerond nie en die koor is gekritiseer wat die klein klankvolume betref en die feit dat daar nie genoeg afwisseling in toonkleur verkry is nie. Bekende musici het as soliste tydens dié uitvoering opgetree, naamlik Benedictus Kok en mev J J Liebenberg. Koorstukke waarin die koor uitblink het was die volgende: **Hoe lieflik is Sion, U, O Heer wat troon daarbo en Weer is dit tyd van vrede.**

1.2.3 Ned Geref Kerk Bloemheuwel

Op 25 Augustus 1947 het die eerste kerkraadsvergadering van die Ned Geref Gemeente Bloemheuwel plaasgevind. By hierdie geleentheid kon daar nie 'n orrelis aangestel word nie, omdat daar geen aansoeke vir die vakante pos ontvang is nie. Op 13 Oktober 1947 is prof Benedictus Kok as orrelis benoem. Daar was toe nog nie 'n orrel in die kerk nie en die begeleiding is op 'n klavier gedoen (Flemming, Bosch, Coetzee, 1972, p. 63).

Hierdie gemeente se kerkkoor onder leiding van prof B Kok het op 9 September 1948 'n gewyde konsert in die Clarendonsaal aangebied ten bate van die orrelfonds vir hierdie gemeente (*Die Volksblad*, 28 Augustus 1948).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* (10 September 1948) het prof Kok al die lof verdien vir die puik program wat hy in die Clarendonsaal aangebied het. Die program is geopen met die koor se vertolking van **Send Heer U lig**. Hierdie werk het die gepaste gewyde atmosfeer onmiddellik geskep. Later op die program het die Bloemheuwelkerkkoor **De Heer is Mijn Herder, Loof de Heer mijne ziele, Die met tranen saai en Zingt Onze God lof tot allen tijd** op treffende wyse uitgevoer.

Die koor is bygestaan deur 'n aantal ander kunstenaars onder andere Martli Pohl wat **Hoe Lieflik is U Wonings** gesing het. 'n Ander bekende sangeres wat ook opgetree het, is Isabel du Toit. Sy het Mendelssohn se gewilde **O, Had ek die vleuels van 'n duif** op gevoelvolle wyse gesing. Prof Kok se gewilde manngroep het die **Onse Vader**

gesing. Daar het ook 'n gemengde kwartet opgetree. Prof Kok het **Jesus Vreug van ons Verlange** op die klavier vertolk, en Victor Pohl en Jack de Wet het onderskeidelik werke van Kreisler, Handel en Bach gespeel. Alma Kok het twee werke van Corelli, naamlik **Prelude** en **Adagio** op die viool uitgevoer (*Die Volksblad*, 10 September 1948).

Later in 1948 is die name van drie firmas genoem van wie moontlik 'n orrel aangekoop kon word, naamlik R Müller, Century-orrelbouers en Cooper, Gill en Tomkins. Die orrelkommissie beveel die orrel van laasgenoemde firma aan. In daardie stadium het die orrelfonds op R600 gestaan. Op 23 November 1948 kom die orrelkommissie egter met die aanbeveling om 'n Compton-orrel van R Müller teen R4 980 aan te koop. Op 19 Februarie 1951 is gerapporteer dat die orrel geïnstalleer is (Flemming, et al., 1972, pp. 63 en 65).

Die nuwe orrel is feestelik op 21 Februarie 1951 deur prof Kok en prof Roode ingewy. Beide het 'n paar orrelsolo's gelewer wat besonder byval gevind het, en terselfdertyd getoon waartoe die nuwe orrel in staat is. Die koorsang deur die Bloemheuwel-dameskoor en die gemengde kerkkoor van Bloemheuwel het die program verder aangevul. Die dameskoor het **Die vleug'le van 'n duif** en **Hoe lieflik op die berge** (Donizetti) gesing en die gemengde koor het **Loof die Heer** (Maijer) en **Send Heer, U lig** (Gounod) op gevoelvolle wyse uitgevoer. Verder was daar ook enkele sangsolo's en 'n violsolo op die program. Vivia Kruger het **O kom tot Hom** uit **Die Messias** (Handel) gesing en Alma Kok het die **Andante Cantabile** van Tartini op die

viool uitgevoer. Orrelwerke wat uitgevoer is, sluit in: **Grand Choeur** (Dupont), **Fanfare** (Lemmens), **Rigaudon** (Rameau), **Skets in c mineur** (Schumann) en **Engelekoor** (Clark) (*Die Volksblad*, 22 Februarie 1951).

Teen die einde van 1951 het Cecilia Wessels 'n besoek aan Bloemfontein gebring. Tydens hierdie besoek het sy 'n uitvoering onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging gegee en terselfdertyd tydens 'n erediens in die Ned Geref Kerk Bloemheuwel opgetree. Die twee werke wat sy gesing het was **Hemelse rus** (Handel) en **Die Skeppingslied** (Beethoven) (*Die Volksblad*, 1 Desember 1951).

Op 6 Desember 1953 het prof Kok met sy kerkkoor getoon dat hulle beslis 'n aanwinst vir die Bloemfonteinse musieklewe geword het. 'n Kooruitvoering onder s'y leiding het groot byval gevind. Die koor het altesaam agt kersliedere gesing wat almal met die nodige beheersing en afronding uitgevoer is. Die goed gedissiplineerde koor het 'n hoogtepunt bereik met hul uitvoering van **Stille Nag** (Gruber), met 'n vioolobligaat deur Alma Kok. Ander werke wat deur die koor gesing is, was **Daar is 'n Kind gebore** (M Praetorius), **Heerlik klink die Englestem** (J Mendelssohn), **Adeste Fideles** (Kerslied uit die agtiende eeu), **Herders op Bethlehems velde** (Franse kerslied), **Englesang** (Schultz) en **Hef op jul hoofde** (Gluck) (*Die Volksblad*, 21 November, 5 en 7 Desember 1953).

'n Ander glanspunt van die uitvoering was die bydrae van die gemengde kwartet bestaande uit mev. S. Conradie, A. van Niekerk, mnr. Willem Naudé en Willie Conradie. Hulle het **Hoe sou ek rustig sluimer** van Silcher met die nodige gevoel vertolk. Willem Naudé het ook 'n bevredigende vertolking van **Hoe lieflik is U wonings gelewer**. Verder het Rina Davis en mev. M. Nieuwoudt 'n bevredigende weergawe van die duet, **Houdt Gij mijn hand gevoelvol gelewer**. Ander items op die program het twee vioolsolo's deur Alma Kok en 'n item deur 'n mannekwartet ingesluit. Benedictus Kok het self die begeleiding op uiters bekwame wyse op die orrel waargeneem (*Die Volksblad*, 5 en 7 Desember 1953).

Hierdie kerkkoor het ook die geleentheid gehad om programme oor die radio uit te saai. Op 23 Maart 1954 was dit hulle beurt om op te tree in die program, **Kore van Suid-Afrika**. Die program wat hulle aangebied het, het alleenlik uit gewyde werke bestaan, onder andere **Send Heer U lig** (Gounod), **O loof en prys die Here** (W. E. H. Söhne), **Onse Vader** (Van Velden), **O gij dochter Zions** (Jannasch), **Hef op jul hoofde** (Gluck) en **Zingt onze God lof te allen tijd** (Jannasch). Benedictus Kok was die orrelis en koorleier (*Die Volksblad*, 13 Maart 1954).

In Junie 1954 het Benedictus Kok as orrelis van dié gemeente bedank en is aangestel as die nuwe orrelis van die Bloemfontein-Noord gemeente (*Die Volksblad*, 26 Junie 1954).

Op 27 Augustus 1954 is Gerhardus Koornhof in die plek van Benedictus Kok by hierdie gemeente aangestel. In daardie stadium was Koornhof verbonde aan die Departement Musiek aan die U O V S (*Die Volksblad*, 28 Augustus 1954).

Vroeg in 1955 het dit egter bekend geword dat Petrus Lemmer as die nuwe orrelis van die Bloemheuwel-gemeente aangestel is. Hy het op 1 Februarie 1955 met sy werksaamhede begin (*Die Volksblad*, 25 Januarie 1955).

Teen die einde van 1955 het hy die kantate **Dawid die Herderseun** (G F Root) met sy kerkkoor en soliste aangebied. Die uitvoerings het op 3 en 4 Desember 1955 plaasgevind. Die resensent van *The Friend* (5 Desember 1955) het die uitvoering met al sy fasette geprys en erken dat dit in geheel 'n hoogs afgeronde uitvoering was.

Die koorsang en solosang was deurlopend baie goed. Soliste wat uitblink het, was Jacobus Hattingh, Merle Cockroft en Jopie Bok. Morkel Combrink se stemkwaliteit was goed, maar het soms onbeheersd voorgekom, veral by die forte-gedeeltes. Die kerkkoor is besonder goed afgerig en het 'n pragtige hoogtepunt in **Die sterlig val oor Karmel sag** bereik (*The Friend*, 5 Desember 1955).

In Januarie 1956 is aangekondig dat Petrus Lemmer die betrekking as orrelis van hierdie gemeente bedank het. Hy het die pos as hoof van die musiekafdeling van die Tegniese Kollege in Oos-Londen aanvaar en het op 1 April 1956 met sy werksaamhede daar begin (*Die Volksblad*, 26 Januarie 1956).

Die nuwe orrelis van hierdie gemeente was die bekende Dirkie de Villiers, wat die pos vanaf 1 Julie 1956 beklee het (*The Friend*, 27 Junie 1956).

1.2.4 Ned Geref Moederkerk

Tot 1919 was hierdie die enigste Nederduits Gereformeerde gemeente in Bloemfontein (Human, 1976, p. 119). Die bekende prof P K de Villiers was vanaf 1911 tot 1923 die orrelis van hierdie gemeente en is daar op gereelde basis orrel- en kooruitvoerings aangebied. In 1928 het Petrus Lemmer na Bloemfontein gekom en is hy as orrelis van dié gemeente aangestel (Human, 1976, pp. 120-123).

Teen 1930 het die koor van hierdie gemeente uit ongeveer vyftig lede bestaan. In 1933 was daar sestig lede (Human, 1976, p. 123). In 1938 is Petrus Lemmer se verblyf in Bloemfontein tydelik onderbreek met sy aanstelling as Musiekdirekteur van die Staande Mag (Human, 1976, p. 584).

Onduidelikheid bestaan oor wie die orrelpos vanaf 1939 tot 1942 beklee het. In 1943 word mev Dolly Heiberg (in daardie stadium mev McDonald) as musiekonderwyseres by die Oranje Meisieskool aangestel. In dieselfde jaar is sy as orreliste van die Ned Geref Moederkerk aangestel. Dit was juis in die hoedanigheid as orreliste dat mev Heiberg haar merk in Bloemfontein en in die res van Suid-Afrika gemaak het (Heiberg, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 24 Februarie 1943).

Op 28 April 1944 het Dolly Heiberg 'n orreluitvoering in die Moederkerk aangebied. By daardie geleentheid het verskeie soliste opgetree asook die kerkkoor. Volgens die resensent was die gehalte van die koorsang 'n bewys van die bekwaamheid van Dolly Heiberg as orreliste en dirigent (*Die Volksblad*, 29 April 1944). Werke wat deur die koor gesing is, het ingesluit **Nog steeds by U**, **Hoor, hoor my siel** (Shelley) en **My taak** (Ashford) (Program, 28 April 1944).

Afgesien van die gewone kooruitvoerings het Heiberg jaarliks kantates uitgevoer wat by die kerkjaar ingeskakel het. In 1946 het daar weer 'n orreluitvoering plaasgevind en wel op 17 Mei. Die kerkkoor het by daardie geleentheid 'n groot aandeel in die program gehad. Ander kunstenaars van Bloemfontein het ook opgetree. Rita Karstel (later Scholtz), Henriëtte Rossouw (later Pauw), Albert Steffens en Victor Pohl het ook solo's gelewer (*Die Volksblad*, 9 en 11 Mei 1946).

Benewens die koorstukke wat deur die kerkkoor gesing is het hulle ook 'n **Kantate gebaseer op Psalm 90** (ds H Söhngé) uitgevoer. Die soliste wat opgetree het was mev Hansie Linde, mej J Fourie, mnre le Roux Olivier en Pieter Roux. Koorstukke het die volgende ingesluit: **Psalm 23** (Wallbridge) en **Vroeg in die môrestond** (Program, 17 Mei 1946; *Die Volksblad*, 18 Mei 1946).

Op 23 Augustus 1947 het mev Heiberg tesame met haar kerkkoor en ander Bloemfonteinse kunstenaars 'n geslaagde orrel- en kooruitvoering in die Tweetoringkerk aangebied. By daardie geleentheid het Marie Senekal (later du Toit), een van Dolly Heiberg se studente, 'n goeie indruk gemaak met haar uitvoering van *In dir ist Freude* (J S Bach) en *Adagio en Gigue* uit die *Trio sonate in b mineur* van Stanley (*Die Volksblad*, 25 Augustus 1947; Program, 23 Augustus 1947).

Die kerkkoor het volgens die resensent van *Die Volksblad* (25 Augustus 1947) inspirerende sang gelewer. Die volgende koorstukke is gesing: *Hoor, hoor my siel* (Shelley) en *O, kom tot My* (E Dicks en E Horn). Die soliste was mev Hansie Linde en mej Lena Klomp (Program, 23 Augustus 1947).

Die gewyde kantate, *Van Krip tot Kroon* van J S Witty is op 22 April 1948 deur mev Heiberg en die kerkkoor van die Ned Geref Moedergemeente in die Tweetoringkerk uitgevoer. Hierdie uitvoering was ongetwyfeld die hoogtepunt van die orreluitvoering. Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 23 April 1948 het die koor hierdie werk met insig vertolk. Soliste wat opgetree het was mevv M van Schalkwyk, Hansie Linde en mnre S Scott en P Roux. Roux was ook verantwoordelik vir die vertaling van die kantate in Afrikaans. Ander kunstenaars wat tydens hierdie uitvoering opgetree het, was Anna Jackson, Alma Kok en Isabel du Toit.

In 1949 het Dolly Heiberg weer eens 'n kantate in die Tweetoringkerk aangebied. By daardie geleentheid is **Die Galileër** van C Jessop uitgevoer. Hierdie uitvoering het op 30 Oktober 1949 plaasgevind (*Die Volksblad*, 31 Oktober 1949).

Volgens die resensent was die uitvoering 'n groot sukses. Die koor het oor die algemeen goed gebalanseerde sang gelewer, alhoewel die alte se klank 'n bietjie groter kon gewees het. Koorstukke wat veral beïndruk het was **En 'n storm het opgekóm** en **Groot en heerlik**. Mev N Wyatt se naam word uitgesonder as soliste wat met haar sang groot byval gevind het. Sy het nie net oor 'n merkwaardige stemomvang beskik nie, maar haar stem het ook 'n besonder aanvallige kwaliteit besit. Verder het sy met goeie beheersing gesing. Ander hoogtepunte was **Toe dit aand was** wat deur 'n oktet gesing is en die damestrio se weergawe van **Ere aan God** (*Die Volksblad*, 31 Oktober 1949).

Uit dieselfde resensie blyk dit dat bykans al die soliste 'n gebrek aan opleiding gehad het, aangesien minder suiwer diksie een van die struikelblokke was. Daar was egter niks steurends in hul sang nie en elkeen het sy beste gelewer. 'n Paar van die soliste wat wel uitgeblyk het, was mejj M Theron en Magteld du Plessis (soprane), mev J Noach (alt) en mnre Pieter Roux en Willem Naudé (tenore). Die basse, mnre Morkel Combrink en J van den Berg het oor sterk stemme beskik, maar het die nodige opleiding kortgekom.

Dolly Heiberg het weer in 1950 'n Kersfees-kantate in die Tweetoringkerk aangebied. Die teks is die van G H Goodman en die toonsetting is deur E Madeira gedoen. Die uitvoering het op 3 Desember plaasgevind. Die soliste wat opgetree het was mev N Wyatt, F van Rensburg, H Linde en mej M du Plessis (soprane), mev J Noach (alt), mnre P Roux, W Naudé, Kenau van der Post (tenore), Le Roux Olivier, J van der Berg en S Theron (basse). Volgens die resensent het die soliste ietwat onseker begin, maar hulle het baie gou besielende sang onder leiding van Dolly Heiberg gelewer (*Die Volksblad*, 29 November en 4 Desember 1950; Program, 3 Desember 1950).

Dit is duidelik volgens die resensie in *Die Volksblad* (4 Desember 1950) dat die koorsang ongetwyfeld die hoogtepunt van die uitvoering gevorm het. Die resensent se woorde was soos volg: "Die koornommers het die hoogtepunt gevorm. Die koorgedeelte, **Verrys, skyn, want jou lig kom**, is 'n voorbeeld van die meesterlike wyse waarop mev McDonald daarin geslaag het om die stemme tot 'n harmoniese eenheid te laat versmelt. 'n Treffende klimaks is hier bereik."

In November 1951 het Heiberg soos in die voorafgaande jare weer 'n kantate in die Moederkerk uitgevoer. Op 25 November is J S Witty se kantate **Van die Krip na die Kruis** deur die kerkkoor en soliste uitgevoer. Die Afrikaanse vertaling is deur mnre Pieter Roux gedoen (*Die Volksblad*, 24 November 1951).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (26 November 1951) was dit 'n baie geslaagde uitvoering waartydens die koor konstant aangrypende sang gelewer het. Hoogtepunte wat die koorsang betref was **Hoor die gejuig, die Redder kom, Kom laat ons Hom huldig en Jesus Christus het opgestaan**. Soliste wat uitblink het was Christine (Tiny) Rautenbach (sopraan), Jacobus Hattingh en Willem Naudé (tenore).

In 1952 het Dolly Heiberg Bloemfontein verlaat om haar studies in Stellenbosch voort te sit. In haar plek is Petrus Lemmer weer aangestel. Hy het met net soveel ywer sy werk gedoen en in Oktober 1952 'n orreluitvoering in die kerk aangebied. Hierdie uitvoering het op 19 Oktober 1952 na die aanddiens plaasgevind, waartydens Lemmer orrelwerke uitgevoer het en 'n koor bestaande uit vyftig lede opgetree het (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1952).

In 1954 het Dolly Heiberg haar betrekking as orreliste by hierdie gemeente hervat en teen die einde van die jaar weer 'n kantate uitgevoer. Op 14 November het sy weer die **Kersfeeskantate** (Goodman-Madeira) met 'n koor en soliste uitgevoer. Die kerkkoor is deur koorlede van die Onderwyskollege aangevul en die solorolle is almal deur studente vertolk (*Die Volksblad*, 13 November 1954).

Die resensie wat in *Die Volksblad* (16 November 1954) verskyn het, was deurgaans baie positief. Soliste wat uitblink het, was Daisy van Rensburg in **Geen plek lief Kind vir jou** en Elsa van Rooyen in **Moenie vrees**. Die koor het 'n pragtige hoogtepunt in **Ere**



aan God in die hoogste bereik. Die kantate is op 'n hoogtepunt afgesluit met die koorwerk, O Grote God.

In 1955 het hierdie gemeente sy vyf-en-sewentigste bestaansjaar gevier. Die uitvoering van die kantate, *Die Galileër* (Jessop), deur Dolly Heiberg en die kerkkoor het deel van hierdie feesvieringe gevorm. Die uitvoering het op 15 Mei 1955 plaasgevind (*Die Volksblad*, 7 en 14 Mei 1955).

Die resensie in *Die Volksblad* van 16 Mei 1955 het hierdie uitvoering as die hoogtepunt van die feesvieringe beskou. Die hegtheid tussen die verskillende stemme, goeie toonbalans en nuansering het getuig van deeglike afrigting. Die soliste het almal uitstekende sang gelewer. Soliste wat opgetree het was Isabel du Toit (sopraan), Hettie Venter (alt), Jacobus Hattingh (tenoor) en Bertie Heiberg (bas).

1.2.5 Ned Geref Kerk Noordhoek

In April 1949 het hierdie gemeente van die Ned Geref Kerk De Bloem afgestig. Tydens die eerste vergadering van hierdie gemeente wat op 11 Mei 1949 gehou is, is daar eenparig besluit dat Henriëtte Pauw as orreliste van die gemeente aangestel word (Kerkraadsvergadering, 11 Mei 1949).

Volgens *Die Volksblad* (10 September 1949) was Henriëtte Pauw 'n baie ywerige

orreliste. Reeds in daardie tyd het sy uitvoerings georganiseer wat met groot sukses uitgevoer is.

In 1950 het sy haar bedanking by die kerkraad ingedien aangesien haar man na Kaapstad moes verhuis. Sy het hom vergesel waar hy as organiseerder vir die Van Riebeeckfees van 1952 aangestel is. Teen die middel van 1952 het hulle na Bloemfontein teruggekeer en het sy dadelik weer die orrelpos beklee (Pauw, 1991, Onderhoud; Kerkraadsvergadering, 27 Oktober 1950).

Tydens die kerkraadsvergadering wat op 27 Oktober 1950 gehou is, is daar besluit dat mev Hultzer vir agtien maande as orreliste in die plek van Henriëtte Pauw aangestel word. In Maart 1952 het mev Hultzer bedank en Michele Casaleggio is versoek om as aflosorrelis op te tree totdat Henriëtte Pauw weer haar werk as orreliste kon hervat (Kerkraadsvergadering, 21 Maart 1952).

Op 8 Augustus 1953 is die nuwe orrel van hierdie kerk met 'n geslaagde orrel- en sanguitvoering deur die orreliste, Henriëtte Pauw en die kerkkoor ingewy (*Die Volksblad*, 8 Augustus 1953).

Sy het 'n veeleisende program met groot vaardigheid en insig uitgevoer en al die moontlikhede van die nuwe orrel ten beste vertoon. Sy het werke van Bach, Widor en Guilmant gespeel. Met hierdie uitvoering, soos by vele ander wat genoem word in die hoofstuk oor Bloemfonteinse instrumentiste, het Henriëtte weer eens bewys dat sy een

van die mees begaafde kunstenaars van haar tyd in Bloemfontein was. Kyk pp. 197-199 (*Die Volksblad*, 10 Augustus 1953).

Die kerkkoor van die gemeente het ook 'n groot aandeel in die verrigtinge gehad. Die koorsang het getuig van puik afrigting. Hulle weergawe van **Halleluja, Christus het opgestaan** (P K de Villiers) was aangrypend. Ander werke wat deur die koor gesing is, was **Wees stil voor die Heer** (Mendelssohn) en **Prys die Heer** (Van Velden). Hierdie uitvoering kan as 'n uitstekende prestasie beskou word aangesien die hele koor net uit gemeentelede bestaan het en met uitsondering van Vivia Kruger, was al die soliste wat opgetree het, ook lidmate van dié gemeente. Solo's is deur Ted Hultzer, Jack Kelly en Christo Fourie gesing. Werke wat hulle gesing het, was die volgende: **Care Selve** (Handel), **Alleluia** (Mozart), **Die Skeppingslied** (Beethoven), **Seën hierdie huis** (Brahe) en **Panis Angelicus** (Franck) (*Die Volksblad*, 8 en 10 Augustus 1953).

Op 2 April 1954 het Henriëtte weer 'n hoogs geslaagde uitvoering in hierdie kerk aangebied. Vir die geleentheid het sy vir prof Roode met sy groot Eeufeekoor uitgenooi om op te tree. Koorsang wat gekenmerk is deur uitstekende balans en sensitiewe musikale aanvoeling is aangebied. Hulle het werke uit **Die Messias** (Handel), **Die Skepping** (Haydn) en **Panis Angelicus** (Franck) gesing. Die soliste was Francina Buys, Jurie Fourie en Gielie Noordman (*Die Volksblad*, 31 Maart, 1 en 3 April 1954).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (3 April 1954) was die uitvoering van twee **Sonates vir orrel en twee viole**, van Corelli en Handel onderskeidelik, besonder interessant. Die kunstenaars was Elvera Montanus (viool), prof Duyvene de Wit (viool) en Henriëtte Pauw (orrel). Henriëtte het ook die **Grand Choeur** (Guilmant) skitterend op die orrel uitgevoer. Dit was veral haar foutlose pedaalspel wat onmiddellik opgeval het.

In 1955 het Henriëtte Pauw Bloemfontein weer eens verlaat. In haar plek is Miranda van Tonder (née Raal) as orreliste aangestel. Sy was geen onbekende in Bloemfontein nie en was uitstekend gekwalifiseer. Sy het haar orrelopleiding by David Roode ontvang en was die eerste kandidaat in Suid-Afrika wat die oorsese studiebeurs van U N I S A vir orrel ontvang het. Sy het ook musiekonderrig by Oranje Meisieskool en Eunice Meisieskool gegee (*Die Volksblad*, 25 September 1940 en 18 Junie 1955; Kerkraadsvergadering, 11 Maart en 13 Mei 1955).

In November 1956 het Miranda 'n hoogs geslaagde orrel- en kooruitvoering in dié kerk aangebied. Die sang het getuig van deeglike afronding (*Die Volksblad*, 17 November 1956).

1.2.6 Ned Geref Kerk De Bloem

Tydens 'n kerkraadsvergadering wat op 26 Oktober 1935 gehou is, is daar finaal besluit dat die afstigting van hierdie gemeente sou plaasvind. Bogenoemde datum kan ook as

die vroegste afstigingsdatum van De Bloem beskou word. Op 28 November 1935 het die amptelike afstigting van Bloemfontein-Noord plaasgevind en op 8 Desember 1935 is daar op luisterryke wyse van mekaar afskeid geneem. Die eredienste van die nuwe gemeente is aanvanklik in die skoolsaal van die Hoërskool Sentraal gehou totdat die kerkgebou voltooi is (Pretorius, 1985, pp. 2-4).

Tydens 'n kerkraadsvergadering wat op 4 Maart 1940 gehou is, is daar 'n voorstel deur mnr Potgieter, een van die lede van die Sendingkommissie, ingedien dat daar aansoeke vir 'n orrelis aangevra moes word. Daar is opdrag aan die Orrelkommissie gegee om 'n reglement op te stel. Twee van die vereistes in die reglement was dat die orrelis ten minste een keer per jaar 'n orreluitvoering moes lewer en ook 'n kerkkoor tot stand bring en afrig (Kerkraadsvergadering, 4 Maart 1940).

Na deeglike oorweging is daar besluit om Stefans Grové as orrelis van die gemeente aan te stel. Hy is aanvanklik vir 'n proeftydperk van ses maande aangestel, waarna daar oor 'n permanente aanstelling besin sou word. Hy is wel later permanent aangestel. Hierdie aanstelling het ook nie sonder teenkating van 'n paar kerkraadslede geskied nie. Besware is gemaak teen die feit dat Grové nie goed genoeg gekwalifiseer was nie en dat hy in daardie stadium nog te jonk en onervare was om die koor te lei. In Augustus 1942 het Grové as orrelis van die Ned Geref Kerk De Bloem bedank (Kerkraadsvergaderings, 29 April en 11 November 1940, 15 Februarie 1941 en 22 Augustus 1942).

Daar is besluit om mev Julienne Kruger as orreliste in sy plek aan te stel. Sy was vanaf 1942 tot met Augustus 1955 as orreliste aan hierdie gemeente verbonde. In haar plek is een van haar leerlinge, Ina Odendaal, aangestel. Sy het hierdie pos tot Januarie 1958 bekleed (Kerkraadsvergadering, 26 September 1942, 12 Augustus, 1955, 11 Oktober en 22 November 1957).

Gedurende die naweek van 18 en 19 Mei 1940 is die kerkgebou en orrel van die Ned Geref Kerk De Bloem ingebruik geneem (Pretorius, 1985, p. 4).

Op 31 Oktober 1948 het daar 'n gewyde konsert in hierdie kerk plaasgevind. Die program is deur die orreliste, Julienne Kruger, georganiseer. Afgesien van die kerkkoor van De Bloem het die Shannon kerkkoor onder die leiding van mej Kriek ook opgetree. Soliste wat deelgeneem het was Joan Hadlow (sang), ds en mev Malan (sang), Alma Kok (viool), mev Blignault (orrel) en Kruger (orrel) (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1948).

Op 28 Maart 1954 het daar 'n gewyde sanguitvoering in hierdie kerk plaasgevind. Die orreliste van die gemeente in daardie stadium was steeds Julienne Kruger wat ook die kerkkoor afgerig het (*Die Volksblad*, 27 en 29 Maart 1954).

Die resensie in *Die Volksblad* (29 Maart 1954) se kritiek was meesal positief. Onbetwiste hoogtepunte was die koorsang deur die kerkkoor en die skoolkoor van die Hoërskool Sentraal onder die leiding van Michele Casaleggio. Koorwerke wat deur die

kerkkoor gesing is, was **Sing 'n lied van lof** (Simper), **God self vee die trane af** (Sullivan), **Rus in die Heer** (Ashford) en **Dank sy aan God** (Dickson). Dit was veral in die laaste twee werke waar die koor merkwaardige hoogtepunte bereik het. Die skoolkoor het **Psalm 8** en **Jubilate** met musikale afronding gesing.

Uit dieselfde resensie is dit duidelik dat die solosing deur mev Lotz baie bevredigend was. Sy het die **Onse Vader**, **Hly sal Sy kudde wei** (Handel) en die **Lied van Rut** (Reger) treffend uitgevoer. Die besondere helderheid van haar stem en insiggewende vertolkings het deurgaans beïndruk. Julienne Kruger het self twee orrelwerke uitgevoer, naamlik **Melodie** en **Intermezzo** (Parker) en 'n **Prelude en Fuga** (Bach).

In 1956 is Berna Cloete (later Ackerman) as tydelike orreliste van hierdie gemeente aangestel. In daardie stadium was sy 'n derde jaar B Mus-student aan die U O V S (*Die Volksblad*, 14 April 1956).

1.3 Die Engelssprekende Gemeentes in Bloemfontein

In 1940 het die Engelse gemeentes in Bloemfontein reeds etlike dekades bestaan en het hulle in die vroe"ere jare 'n belangrike aandeel in die musieklewe van Bloemfontein gehad. Mettertyd het die Afrikaanse gemeentes tot stand gekom en 'n ewe belangrike bydrae gelewer. Dit was dan ook so dat die Engelse kerke oor uiters bekwame orreliste en koorleiers beskik het, en daar is van tyd tot tyd uitvoerings gelewer wat van hoogstaande gehalte was.

1.3.1 Die Trinity Metodiste Kerk

Hierdie kerk, huidig nog in Charlesstraat, het in 1928 tot stand gekom. In Julie 1929 is die nuwe orrel van die Wesleyaanse kerkgebou ingewy. Die orrelis in daardie tyd was Cecil Barnes. In 1933 het Tom Raine die orrelpos by Barnes oorgeneem. In 1945 het hy sy drie-en-veertigste jaar as orrelis gevier (Human, 1976, pp. 111 en 115; *The Friend*, 20 September 1945).

In 1949 is mev Magda Bonnici-Zingg as orreliste aangestel. Sy was in daardie tyd ook 'n erkende leerkrag in sang en klavier aan die Musiekdepartement van die U O V S. Sy het haar studies in Genève en Parys voltooi en het in daardie stadium reeds dertig jaar lank musiekonderrig gegee (*The Friend*, 25 November 1949).

Onder mev Bonnici-Zingg se leiding is daar van tyd tot tyd koor- en kantate-uitvoerings in die Metodiste Kerk aangebied. Op 26 Maart 1950 is die gewyde kantate **Die Galileër** deur die kerkkoor en soliste uitgevoer. Die soliste by daardie geleentheid was mev C B Spear, mej N Crowhurst, mnre G Cuss en F Miller (*The Friend*, 23 Februarie 1950).

Teen die middel van 1951 het Bonnici-Zingg Bloemfontein verlaat om haar in Europa te gaan vestig (*The Friend*, 2 Junie 1951).

Volgens die plaaslike pers is Leonard T Shepstone in April 1952 as orrelis en koorleier van die gemeente aangestel (*The Friend*, 5 en 28 April 1952).

In 1953 het Shepstone 'n gewyde kantate in die kerk uitgevoer. **Rut** (A Gaul) is met 'n vergrote koor en met begeleiding deur die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes op 25 April 1953 uitgevoer (*Die Volksblad*, 25 April 1953).

Op 4 en 5 April 1954 het Leonard Shepstone die gewyde kantate, **Olivet to Calvary** van Maunder in die Metodiste Kerk uitgevoer. Hy was vir die afrigting van die koor en die begeleiding verantwoordelik (*The Friend*, 3 April 1954).

Die standaard van hierdie uitvoering kon egter nie bepaal word nie, aangesien geen verdere beriggewing in enige van die twee plaaslike koerante verskyn het nie. Die kantate is ook betreklik onbekend, maar volgens Blom (1988, p. 463) is hierdie kantate in 1904 gekomponeer en dit was taamlik populêr vir 'n lang tyd.

Die herboude orrel van hierdie gemeente is op 23 September 1955 op feestelike wyse ingewy toe mnr G T Marnitz van Kimberley 'n uitvoering op die nuwe orrel gelewer het. Die kerkkoor het ook treffende sang gelewer (*The Friend*, 24 September 1955).

Teen die einde van 1956 het hierdie kerk 'n byeenkoms op Springbokpark aangebied waartydens daar kersliedere by kerslig gesing is. Hierdie byeenkoms het op 21 Desember plaasgevind. Die sang is deur die Young People's Fellowship gelei en 'n koor van ongeveer dertig stemme het onder die leiding van mnr H Goddard opgetree. Daar was ook solosang op die program (*The Friend*, 22 Desember 1956).

1.3.2 Die Anglikaanse Katedraal van St Andrew en St Michael

Charles Hamer het in 1927 sy broer, Alban, as orrelis van dié Katedraal opgevolg. Alhoewel hy groot hoogtepunte met die koor van die Metodiste Kerk en sy Mannekoor bereik het, was dit opvallend dat hy nie dieselfde peil van afronding en hoogtepunte met die koor van die Katedraal kon bereik nie. Mnr Hamer het die pos tot November 1945 beklee waarna hy na Durban verhuis het (Human, 1976, p. 108; Malan, 1982, p. 160).

In 1951 is Leslie Verdun Sparrow as orrelis en koorleier van die Katedraal aangestel. Hy was van Engeland afkomstig en het sy musiekopleiding aan die Trinity College of Music voltooi (*The Friend*, 19 Januarie 1951).

Leslie Sparrow het met verloop van tyd 'n koorvereniging, wat vroeër in dié hoofstuk bespreek is, op die been gebring wat uitvoerings gelewer het. Alhoewel daar min van die uitvoerings in die plaasklike pers geadverteer was, het 'n berig oor Sparrow se laaste optrede in Bloemfontein wel in *The Friend* (20 Maart 1953) verskyn. Dit was 'n gewyde konsert wat deur sy Choral Society in die Katedraal aangebied is. Soliste wat solo's en duette gesing het, was mej Hope Roe, mnre E M Warren, Hornsby en C Calter, mev Preston en Christine Stewart. Die sangiteme is deur orrelspel afgewissel. Die begeleiding is deur Phyllis Hunt waargeneem. Mnr Sparrow het 'n musiekpos by die Durban-Noordskool aanvaar (*The Friend*, 20 en 21 Maart 1953).

John F Clayton is in die plek van Leslie Sparrow as orrelis van die Katedraal aangestel. Hy het die pos vanaf Januarie 1955 gevul. Clayton het sy musiekopleiding in die buiteland ontvang en onder andere orrelposte in Oxford by die St Michael Katedraal beklee en gedurende die Tweede Wêreldoorlog was hy assistent by die Ely Katedraal in Engeland. Vanaf 1944 tot 1952 was hy die direkteur van musiek by Cheltenham. Hy het in 1952 na Suid-Afrika verhuis en was in daardie stadium die orrelis van die St Cuthbert Katedraal in Port Elizabeth. Tesame met sy aanstelling as orrelis, het hy ook die musiekpos by St Andrewskool aanvaar (*The Friend*, 14 September 1954).

Op 30 Augustus 1955 het die Bloemfontein Repertory Society 'n aanbieding van **The Zeal of Thy House** (Sayers-Knight) in die Katedraal gegee. Hierdie drama is vir die eerste keer in 1935 in die Katedraal van Kantelberg uitgevoer. Die uitvoering in Bloemfontein het onder die leiding van Kathleen Marquard gestaan en John Clayton was vir die afrigting van die koor verantwoordelik (*Die Volksblad*, 27 Augustus 1955).

Afgesien van Clayton se werksaamhede en bydrae as orrelis in Bloemfontein, sal hy sekerlik die beste onthou word vir die Bloemfonteinse Stadsorkes wat hy in 1956 tot stand gebring het. Hierdie orkes het spoedig opgang gemaak en op 8 November 1956 hul eerste openbare uitvoering in die Stadsaal aangebied. Alhoewel die orkes in daardie stadium nog in die ontwikkelingsfase was, het hulle verbasende goeie spel gelewer. Clayton het groot lof ontvang vir die onbaatsugtige werk wat hy verrig het. Die orkes het 'n goed gevarieerde program aangebied wat in almal se smaak geval het (*Die Volksblad*, 9 November 1956; *The Friend*, 10 Oktober en 9 November 1956).

1.3.3 Die Presbiteriaanse Kerk

Voordat Christine Stewart as orreliste van hierdie gemeente in 1952 aangestel is, was Leonard Shepstone die amptelike orrelis. Stewart was 'n selfgeleerde orreliste wat baie waardevolle werk by hierdie gemeente verrig het en steeds verrig. Alhoewel hierdie kerk sy eie koor gehad het, was dit skynbaar onmoontlik om uitvoerings op hul eie aan te pak. Hulle het wel in samewerking met van die ander Engelssprekende gemeentes van die stad uitvoerings aangebied (Stewart, 1994, Onderhoud).

Op 28 April 1953 het die laaste uitvoering van die gewyde kantate, **Rut** (Gaul), in die St John Presbiteriaanse Kerk plaasgevind. Die koor van dié gemeente is deur die koor van die Metodiste Kerk bygestaan en die soliste wat opgetree het, was Christine Stewart, Hester Preston, Ishbel Ramsay en Frank Miller. Die dirigent by daardie uitvoering was die bekende Leonard T Shepstone. Die begeleiding is deur die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes waargeneem (*The Friend*, 27 April 1953; Program, 28 April 1953).

Op 7 Desember 1955 het daar 'n Kerssanguitvoering in hierdie kerk plaasgevind. Die koor en die orkes is deur mnr A Badenhorst gedirigeer en Hermina Verster was die leier van die strykkorke. Sommige van die instrumentiste het van Bethlehem gekom (*The Friend*, 8 Desember 1955). Volgens beriggewing in *The Friend* van 22 Desember 1956 was Christine Stewart die orreliste van hierdie gemeente. Sy beklee vandag nog die posisie as orreliste (Stewart, 1994, Onderhoud).

Volgens Christine Stewart was daar altyd 'n koor by die gemeente tot ongeveer twee jaar gelede. Die kerkkoor het egter nooit groot hoogtes bereik wat hulle sang betref nie, maar het gereeld tydens eredienste opgetree (Stewart, 1994, Onderhoud).

Volgens 'n enkele berig in *The Friend* (23 Oktober 1943) is daar op 26 Oktober 1943 'n orreluitvoering in hierdie kerk aangebied. Die orrelis by daardie geleentheid was J S Yates, orrelis van die St Andrew Kerk in Pretoria. Hy is bygestaan deur van Bloemfontein se bekendste kunstenaars, onder andere Juliette Aboud, Christine Stewart, mev McAdam en Charles Hamer. Daar is ongelukkig geen program aangekondig nie en daar het ook nie 'n resensie na afloop van hierdie uitvoering in die pers verskyn nie. As die kunstenaars in aanmerking geneem word, kan afgelei word dat die res van die program hoofsaaklik uit sangitems moes bestaan het, aangesien al die medekunstenaars sangers van formaat was.

Afgesien bogenoemde inligting is daar verder min oor dié kerkkoor en ander kerklike aktiwiteite bekend aangesien die plaaslike pers nie veel omtrent hierdie kerk, veral die koor, se bedrywighede in die koerante gepubliseer het nie.

1.4 Koorsang by spesiale geleenthede

Tussen die jare 1940 tot 1955 was daar soms belangrike openbare geleenthede waarvoor daar spesiale kore tot stand gebring is en wat weer na afloop van die geleentheid ontbind het.

'n Groot gebeurtenis in Bloemfontein was die Eeufeesviering in 1946. Die komitee het vir David Roode genader en hom aangestel as dirigent van die koor van ongeveer 200 lede. Die oratorium, **Die Skepping** (Haydn), is deur hierdie koor met orkes en soliste op 1 en 3 April 1946 in die stadsaal uitgevoer (*Die Volksblad*, 7 November 1945 en 29 Maart 1946).

Dit was 'n ambisieuse onderneming, aangesien Bloemfontein in daardie stadium nie oor die nodige musici beskik het nie. Volgens die resensies wat in *Die Volksblad* (2 en 4 April 1946) verskyn het, was beide die uitvoerings betreklik suksesvol. Dit was veral die korale uit die oratorium wat geïnspireerd uitgevoer is. Die koraal, **Laat daar lig wees**, was een van die pragtige hoogtepunte van die uitvoerings. By die eerste uitvoering het David Roode self as dirigent opgetree met 'n klein strykkorke onder leiding van Victor Pohl. Die tweede uitvoering het geskied onder die leiding van Jeremy Schulman, dirigent van die Simfonieorke van die S A U K. Hy het die koor en die orke op uitmuntende wyse beheer, maar kritiek het gesuggereer dat die begeleiding van die orke by tye heeltemal te hard was. Die gevolg was dat die fyn genuanseerde sang van die koor en die soliste nie altyd duidelik hoorbaar was nie. Die soliste het in beide

uitvoerings bewys dat hulle uiters bekwame musici is. Die soliste was almal bekende Bloemfonteiners, naamlik Benedictus Kok, Gerhardus Olivier, Francina Buys en Anna Jackson.

'n Belangrike gebeurtenis wat oor die hele land gevier is, was die Van Riebeeckfees in 1952. Vir daardie geleentheid is daar twee kore op die been gebring. Die een koor het onder die leiding van Elsa Dekker gestaan, wat bekendheid verwerf het met haar Voortrekkerkoor. Hierdie koor het slegs plaaslik opgetree. Die ander koor was heelwat groter en het uit 100 lede bestaan. Dié koor se leier was prof David Roode en het plaaslik sowel as in Kaapstad opgetree. Laasgenoemde koor se repetisies het op Woensdae en Vrydae in die Groenewaldsaal van die Oranje Meisieskool plaasgevind (*Die Volksblad*, 14 Januarie 1952).

Die eerste optrede van dié twee kore het plaasgevind tydens twee konserte wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer is. Die konserte het op 12 en 14 Februarie 1952 in die Stadsaal plaasgevind. Die koor van prof Roode het die volgende werke gesing: **Uitnodiging tot die dans** (Weber) en **Hail bright abode** uit **Tannhäuser** (Wagner) (*Die Volksblad*, 2 en 11 Februarie 1952).

Op Vrydag 28 Maart 1952 het die feeskoor van prof Roode na Kaapstad vertrek. Die koor se optredes was geskeduleer vir 3 en 4 April. Die koor het ses werke uitgevoer, onder andere **Sneeu** (M C Roode), **As saans** (Barton) en **Light as air** uit **Faust** van

Gounod. Die begeleier van die koor vir die geleentheid was die knap jong pianis van Bloemfontein, Japie Human (*Die Volksblad*, 29 Maart 1952).

Op Maandag, 18 Februarie 1952 het die verskillende skole die geleentheid gehad om uitvoerings te lewer. Die massakoor is deur Petrus Lemmer gedirigeer met die orkes van die Staande Mag wat die begeleiding verskaf het. Hulle het uitmuntende sang gelewer. Afgesien van hul pragtige sang het die koor se dissipline ook opgeval. Hoogtepunte van die aand was **Adeste fideles**, **Alleluia** (Mozart) en Beethoven se **Ere aan God** (*Die Volksblad*, 2 en 19 Februarie 1952).

Afgesien van die gesamentlike koor het die kore van die Hoërskool Sentraal, onder leiding van Michele Casaleggio, opgetree. Hulle het **Onse Vader** (Mascagni) en **O God van Jakob** met insig en die nodige sensitiwiteit uitgevoer. Die koor van die Oranje Sekond[^]ere Meisieskool, onder leiding van Augusta van Rooyen, het **Wees bly** van Mascagni sonder begeleiding voorgedra. Die koor van die Eunice Meisieskool het ook opgetree. Met Grace Butler as dirigent het hulle **Jesus Vreug van ons Verlange** (Bach) vloeiend en gevoelvol gesing (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1952).

Volgens die plaaslike koerante en ander inligtingsbronne is dit duidelik dat David Roode en Petrus Lemmer beslis die twee beste dirigente in Bloemfontein was.

Die viering van die Vrystaat se honderdjarige bestaan in 1954 het groot aandag geniet. Die organiseerders het uit hulle pad gegaan om hierdie Eeufeesviering so feestelik as

moontlik te maak. David Roode en Petrus Lemmer is soos by vorige geleenthede weer versoek om twee spesiale kore af te rig. David Roode het die massakoor bestaande uit volwassenes afgerig en Petrus Lemmer die massakoor, bestaande uit die skoliere. Benewens hierdie kore het die eeufeskomitee ook 'n paar plattelandse kore na Bloemfontein genooi om op tree. Kore van Bethlehem, Senekal, Kroonstad en Wepener het uitvoerings in Bloemfontein gegee (*Die Volksblad*, 23 Januarie, 13 en 20 Februarie 1954).

Die konsert waartydens al die kore opgetree het, het op 21 Februarie 1954 plaasgevind. By daardie geleentheid het die Bloemfonteinse massakoor werke van Bach, Handel, Haydn en Franck gesing. Die soliste was Francina Buys, Vivia Kruger, Jurie Fourie en M A Noordman. Die begeleidster was Marion Key. Die massakoor wat uit die skoliere bestaan het, het ook by daardie geleentheid opgetree in werke van Root, Molloy en Handel: **Die arm van Saul het duisende verslaan** (Root), **Love's old sweet song** (Molloy) en **O lovely tree** (Handel). Die begeleiding van hierdie koor is deur die orkes van die Staande Mag behartig. Die soliste was die begaafde skooldogter van die Hoërskool Sentraal, Blanche (Johanna) Terblanche (*Die Volksblad*, 13 en 20 Februarie 1954; *The Friend*, 26 Februarie 1954).

Volgens die resensie wat in *Die Volksblad* (24 Februarie 1954) verskyn het, het Petrus Lemmer uitmuntend daarin geslaag om die massakoor van vierduisend leerlinge soos 'n eenheid te laat optree. Dit was 'n genot om na die energieke sang te luister. Die program is op treffende wyse afgewissel deur die koorsang van die verskillende

skoolkore asook volkspele-uitvoerings onder die leiding van Elsa Dekker (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1954).

Mary Rousseau het in *The Friend* (26 Februarie 1954) die uitvoering van die gesamentlike kinderkoor hoog aangeprys en klem gelê op die feit dat dié optrede 'n bewys is tot watter hoogtepunt massakoor-sang gevoer kon word.

Die plattelandse kore het by dieselfde konsert in die Stadsaal opgetree. Die koor van Bethlehem onder die leiding van Truida Theron wat deur Attie Badenhorst begelei is, het werke van Jan de Villiers, Mendelssohn, Beethoven en Henry Smart gesing. Die gekombineerde koor van Senekal en Virginia onder die leiding van Elmine Rossouw het werke van Handel, Broome en Malan gesing. Hulle begeleier was mev K M van Rooyen. Wepener se dameskoor en gemengde koor onder die leiding van Sanda Roos het werke uit oratoriums van Haydn, Bach en Mendelssohn gesing. Dr Arend Koole het die begeleiding verskaf. Die groot gemengde koor van Kroonstad wat deur Tersteegen van Huyssteen gedirigeer is, het werke Mozart en Gounod gesing. Mev E Baber was vir dié koor se begeleiding verantwoordelik (*Die Volksblad*, 13 en 20 Februarie 1954).

1.5 Samevatting

Koorsang het beslis tussen die jare 1940 en 1955 in Bloemfontein besonder baie aandag geniet. Dit kan afgelei word uit die aantal koorverenigings en ander kore wat gedurende dié tydperk in Bloemfontein aktief was. Bloemfontein kon werklik trots gewees het op sy ryke koortradisie wat deur 'n menigte ander musici in die land geprys is. Tydens die jaarlikse kunswedstryde is dit opvallend dat die koorsang telke male as die hoogtepunt uitgesonder is.

Dit is duidelik dat die resensente van *Die Volksblad* en *The Friend* feitlik sonder uitsondering positief berig het. Dié positiewe ingesteldheid is moontlik daaraan toe te skryf dat die resensente gevrees het dat negatiewe kommentaar die kunstenaars se geesdrif sou demp of dat die koerant die misnoë van die dirigente en deelnemers op die hals sou haal. Bloemfontein was nie groot genoeg dat die koorkultuur aan onvleiende kritiek blootgestel kon word nie. Daar is juis groot pogings aangewend om die kultuurvlak by wyse van koorsang op te hef en om 'n groot sektor van die publiek by die musieklewe te betrek.

Die meeste van die komposisies wat instudeer is en in kooruitvoerings gefigureer het, is van Engelse oorsprong. Heelwat daarvan is die werk van onbekende komponiste en die tekste is in Afrikaans vertaal. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat meeste van die koorleiers by die verskillende gemeentes, wat in meeste gevalle ook die leiers van die ander Bloemfonteinse Koorverenigings was, hulle opleiding totaal of gedeeltelik van Britse dosente ontvang het. Dit is dus vanselfsprekend dat die keuse

van komposisies deur Britse beskouinge beïnvloed sou word. Die klem het eerder op gewildheid en op verteerbaarheid van musiek geval, vermoedelik om byval by die breë publiek te vind.

'n Kenmerk wat ook baie opvallend is, is die herhaling van dieselfde werke op verskillende konserte. Dit skep ongetwyfeld die indruk dat die oudste koorverenigings en van die kerkkore se leiers nie oor 'n geweldige omvangryke repertoriumkennis beskik het nie. 'n Ander rede wat hiervoor aangevoer kan word is die bekombaarheid van geskikte koorwerke.

Daar was wel besondere hoogtepunte en musiek van aansienlike kunskwaliteit. Dit het die grondslag gelê vir die musieklewe waarin kunswaarde hoë prioriteit geniet het. 'n Duidelike verandering in die keuses van werke is by Dolly Heiberg en Henriëtte Pauw te bespeur. Hulle opleiding en kennis van nie alleen koormusiek nie, maar ook kerkmusiek in die algemeen was van so aard dat hulle met groot sukses op die grondslag wat deur Karstel, Roode en Lemmer gelê is, kon voortbou. Dolly Heiberg was ook die enigste koorleier wat optredes volgens die kerkkalender beplan het. Sy het byna sonder uitsondering elke jaar kantates aangebied wat met die kerkjaar ooreengekom het.

Sekere kore het hulle daarop ingestel om slegs Afrikaanse musiek te bevorder wat opsigself 'n belangrike funksie vervul het aangesien die Bloemfonteinse kultuur en veral die Afrikaanssprekendes so 'n geweldige agterstand gehad het. Kore wat hulle vir

hierdie saak beywer het was die Voortrekkerkoor en die Vrystaatse Afrikaanse Mannekoor.

Verskillende koorleiers het pionierswerk gedoen, aangesien daar 'n groot kulturele agterstand onder die Afrikaanssprekendes was. Die feit dat daar 'n aktiewe gees van kompetisie onder Karstel, Roode en Lemmer geheers het, het 'n gesonde uitwerking op produktiwiteit en in 'n mate, kwaliteit gehad.

Die Bloemfontein Choral Society sowel as die Koor van die U O V S het van tyd tot tyd meer ambisieuse werke aangepak en met groot sukses deurgevoer. Die Choral Society onder die leiding van die eens bekende Grace Butler word vandag nog goed onthou en as een van die beste koorverenigings gereken wat in daardie jare in Bloemfontein bestaan het.

As in aanmerking geneem word dat die meeste kore by die verskillende kerke grootliks uit amateurs bestaan het, is dit te verstane dat die koorsang en keuse van koorwerke nie altyd volgens vandag se standarde bevredig nie. Die bevatlikheidsvermoë van die kore het nie toegelaat dat daar gekompliseerde en diepsinnige koorwerke ingestudeer kon word nie.

Die Afrikaanse kerkkore was in vergelyking met die Engelse kerkkore baie meer ambisieus wat hulle keuse van werke betref. Hulle het dikwels kantates of uittreksels daarvan aangebied. Die Afrikaanse kerke se kore het ook op 'n meer gereelde basis

uitvoerings aangebied. Laasgenoemde verskynsel het later al hoe minder voorgekom en in die huidige tyd word daar nie veel publisiteit of aandag aan soortgelyke uitvoerings gegee nie. Die rede vir die minder aktiewe kerkkoorlewe by die Engelssprekende gemeentes kan dalk toegeskryf word aan die feit dat daar nie altyd goed gekwalifiseerde orreliste en koorleiers by laasgenoemde kerke aangestel is nie. By die meerderheid Afrikaanssprekende gemeentes was dit egter die teenoorgestelde.

Dit is opvallend dat die aktiewe rol wat kerkkore tussen 1940 en 1955 gespeel het, algaande tot in die negentiger jare verswak het. Die feit dat kerkkore aan kunswedstryde deelgeneem het en hulle selfs in die pers aan resensies blootgestel was, is merkwaardig. Talle kerkkore bestaan tans nie meer nie en dié wat wel aktief is, sing slegs binne erediens-verband.

Die publiek wat in koorsang belanggestel het, het van tyd tot tyd die geleentheid gehad om in kore te sing wat by spesiale geleenthede opgetree het. Dit het gewoonlik die vorm van 'n massakoor aangeneem en een van twee persone, naamlik David Roode of Petrus Lemmer was gewoonlik die dirigent. Hierdie kore het alleenlik vir 'n kort tydjie bestaan waarna hulle weer ontbind het. Geleenthede waar soortgelyke kore opgetree het, was die Bloemfonteinse Eufeesvieringe, die Van Riebeeckfees en die Vrystaatse Eufeesvieringe.

In die geheel gesien het elkeen van hierdie koorverenigings en koorleiers 'n besondere aandeel in die musieklewe van Bloemfontein gehad en dit is duidelik dat net die beste volgens elk se vermoë goed genoeg was.

HOOFSTUK 2

BLOEMFONTEINSE INSTRUMENTISTE

2.1 Orreliste

Dit is merkwaardig dat van die grootste leiers op die gebied van musiek tussen 1940 en 1955 veral onder die orreliste gevind word. Die orreliste by die verskillende kerke was baie aktief. Hulle was dikwels ewe bedrewe as dirigente, 'n kuns wat direk met hulle amp as koorleiers van die verskillende gemeentes saamgehang het. Daarbenewens was daar onder hulle vernuftige en bruikbare pianiste, sangers, instrumentiste, onderwysers en musiekopvoeders. Verskeie van hulle het as komponiste naam gemaak. Baie van die vernaamste orreliste het vir 'n lang tydperk in Bloemfontein gebly. Dit het hulle bydraes tot die stad se musieklewe soveel meer betekenisvol gemaak.

Die meeste van die orreliste se bydraes wat vervolgens bespreek word, het 'n baie belangrike rol in die stad se musieklewe gespeel.

2.1.1 O A Karstel

2.1.1.1 Lewenskets

Oliver Aubrey Karstel is op 26 November 1893 in Worcester gebore. Dit was eers sestien jaar later vir hom beskore om by P K de Villiers met klavieronderrig te begin.

Drie jaar later, in 1912 het hy onder die leiding van Harry Greenwood met orrellesse begin. Die volgende jaar het Karstel na Engeland vertrek waar hy aan die Royal Academy of Music studeer het. Hier is hy opgelei in klavier, orrel en sang en hy het 'n lisensiaat-eksamen voltooi. Met sy terugkeer na sy vaderland het hy hom as musiekonderwyser en orrelis op Rouxville in die Vrystaat gevestig (Malan, 1984, p. 85).

In 1921 het die Vrystaatse Onderwysdepartement hom as musiekonderwyser aangestel, eers op Ficksburg (1920-1931) en later op Bethlehem (1931-1938). Hier het Aubrey Karstel hom onderskei as orrelis en saam met skoolkinders en 'n aantal volwassenes operettes instudeer. Hy het ook koorverenigings gestig en gelei. Hy is later in 1939 bevorder tot dosent in skoolmusiek aan die destydse Normaalkollege in Bloemfontein. Hierdie pos het hy beklee tot aan die einde van 1953. Volgens Malan (1984, p. 85) het Aubrey Karstel in 1955 uitgetree, maar volgens *Die Volksblad* (31 Oktober en 5 November 1953) het hy reeds aan die einde van 1953 by die destydse Normaalkollege uitgetree.

Na sy aftrede in 1953 het hy vir 'n tydperk deelyds onderrig in orrel en klavier by die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gegee. Later het hy 'n musiekpos by die Eunice Sekondêre Meisieskool beklee tot in 1971. Hy is in die ouderdom van 95 jaar op 31 Augustus 1989 in Verwoerdburg, Pretoria oorlede (*Die Volksblad*, 5 November 1953 en 1 September 1989).

2.1.1.2 Operettes

In sy hoedanigheid as pedagoog het hy waardevolle werk verrig en van tyd tot tyd operettes by die destydse Normaalkollege aangebied. In 1942 het dié kollege 'n operette aangebied, met die naam **Die Boerenooientjie**. Mnr Karstel het die musiek vir dié operette geskryf en sy dogter Rita het die hoofrol vertolk (*Die Volksblad*, 2 November 1942; Scholtz, 1992, Brief). In 1953 het hy **Ali Baba** met sy studente in die Wissersaal aangebied (*Die Volksblad*, 8 en 15 Junie 1953).

2.1.1.3 Orrelis en Koorleier

In 1939 is Aubrey Karstel as orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes aangestel. Volgens *Die Volksblad* (11 Februarie 1939) het Karstel met sy aanstelling dadelik 'n orreluitvoering in die vooruitsig gestel. Die fondse wat hy hiermee sou insamel, sou aangewend word om die laaste uitstaande bedrag vir die nuwe pyplose Hammond-orrel te betaal. Hierdie uitvoering het op 24 Maart 1939 in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes plaasgevind. Die resensent het dit as 'n bekoorlike musiekaand beskryf en bygevoeg dat dit jammer was dat die kerkgebou nie heeltemal vol was nie. Die verskillende voordragte het dié geleentheid werklik in 'n gewyde konsert verander. Die resensent het ook die opmerking gemaak dat hierdie uitvoering, wat deurentyd van

hoë gehalte getuig het, 'n inspirasie vir die gemeente, leraar en sy "kunsvaardige" helpers was. Tydens hierdie geleentheid het Aubrey Karstel vier werke uitgevoer. Alhoewel die Hammond-orrel geensins die kwaliteite van 'n pyporrel gehad het nie, was sy spel besonder goed. Sy fyn tegniese afronding was 'n toonbeeld van toegewydheid en musikaliteit. Die program wat hy tydens hierdie uitvoering voorgedra het, het soos volg daaruit gesien:

Claussman: Pastoraal

Vincent: Melodie

Archer: Nasang

Dubois: Tokkate (*Die Volksblad*, 25 Maart 1939).

Die program het verder uit klaviersolo's deur mev H A Roux en mnr Friederichs, twee sangsolo's deur mev S Strauss en een sangsolo deur mnr G C Olivier bestaan. *Die Volksblad* (25 Maart 1939) se resensent het die positiewe sowel as die negatiewe in die soliste se voordragte uitgelig, maar dit was die kerkkoor onder die bekwame leiding van Karstel wat met hulle goed afgeronde sang vir die verrassing van die aand gesorg het. Alhoewel die koor in daardie stadium nog nie lank bestaan het nie, was dit verblydend om sulke pragtige sang te hoor. Daar was nog duidelike tekortkominge by die tenoor- en baspartye. Mev D G van der Merwe het ook 'n sangsolo gelewer terwyl Alma Kok vir afgeronde vioolspel verantwoordelik was.

Uit 'n berig in 'n uitgawe van *Die Volksblad* (11 Februarie 1939) is dit duidelik dat Aubrey Karstel hoë eise aan die koor gestel het en dat die gemeentesang ook reeds baie verbeter het sedert hy as nuwe orrelis aangestel is.

In die tydperk vanaf 1940 tot en met sy uittrede as orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes, het hy in totaal vyf uitvoerings aangebied. Hierdie uitvoerings het op 24 Februarie 1940, 21 Junie 1946, 16 November 1952, 15 November 1953 en 21 November 1954 plaasgevind. Tydens al hierdie uitvoerings het Aubrey Karstel altyd self 'n paar werke op die orrel uitgevoer en die kerkkoor het ook die geleentheid gehad om op te tree (*Die Volksblad*, 26 Februarie 1940, 25 Junie 1946, 8 November 1952, 7 November 1953, 30 Oktober en 13 November 1954).

Kommentaar ten opsigte van die orrelwerke wat deur Karstel uitgevoer is, was altyd baie positief. Sy orrelspel is as indrukwekkend, skitterend en suiwer afgerond bestempel. Sy program tydens die uitvoering op 24 Februarie 1940 waartydens die nuwe Kimball-pyporrel van hierdie gemeente ingewy is, het uit die volgende werke bestaan:

Sellars:	Storm en See
Hollins:	Awendrus
Wodorinski:	Prelude
Wheeldon:	Cantilena
Spence:	Grand Choeur

Werke wat tydens die ander konserte uitgevoer is, sluit in die Tokkate in G majeur (Dubois), Suite Gothique (Boëllmann), Tokkate in c mineur (Habey), Caprice (Botting) en Weihnacht Pastorale (Merkel). Uit bogenoemde is dit duidelik dat Karstel in die meeste gevalle baie onbekende werke gespeel het. 'n Ander aspek waaroor slegs gegis kan word is die musikale inhoud van die orrelwerke wat uitgevoer is. Dit wil voorkom asof die klem meer op gewildheid en verteerbaarheid van die musiek geval het. Hy het ook by verskeie van hierdie konserte van sy eie komposisies uitgevoer, onder andere Hou Christus self Sy Kerk in stand, Juig aarde, juig, 'n verwerking van Gesang 69 en Variasies op Psalm 86. Kyk Bylae, p. 3 (*Die Volksblad*, 26 Februarie 1940, 25 Junie 1946, 8 November 1952, 7 November 1953 en 13 November 1954).

Soos reeds genoem het die kerkkoor in die meeste gevalle ook opgetree. Hulle sang het oor die algemeen gunstige kommentaar uitgelok. 'n Opvallende aspek van die koorwerke wat gesing is, is dat dit soos in die geval van die orrelwerke, meesal onbekende werke was wat ook ou Hollandse koorwerke ingesluit het. Werke wat gesing is, het die volgende ingesluit: Zend mij uw Licht (Merrit), O, Smaakt en Ziet (Goss), koorwerke uit die kantate Daniël (G F Root) en Saal'ge Kindertyd (Mendelssohn). Aubrey Karstel se bekwaamheid as koorleier het volgens die resensent van *Die Volksblad* (26 Februarie 1940) sterk opgeval tydens die koor se uitvoering van die twee eersgenoemde koorwerke. Die resensent se woorde was soos volg: "Heerlike Musiek by Orrelinwyding." Kritiek teen hulle vertolking van die werk van Mendelssohn

was dat die stemme te yl was en dat daar telke male huiwerigheid by die koor teenwoordig was. Die solopartye in hierdie werk is deur Rita Karstel en Benedictus Kok behartig. Hulle sang was goed alhoewel Kok soms te hard wou sing (*Die Volksblad*, 26 Junie 1946).

In meeste van die bogenoemde konserte is Aubrey Karstel deur ander Bloemfonteinse kunstenaars bygestaan. Onder hulle het getel, sangers, violiste, ander orreliste en ander kore. Kunstenaars wat gereeld op die verskillende programme verskyn het, sluit in sangers: mev. S Strauss, D G van der Merwe, mej Pat Koller, Isabel du Toit, Merle Cockroft, Joan Hadlow, Anna Jackson en Vivia Kruger; violiste en tjelliste: Victor Pohl, Alma Kok en Albert Steffens; orreliste: Anna Bobbert (née Minnaar); kore: Koor van die U O V S. Enkele voorbeelde van werke wat deur hierdie kunstenaars uitgevoer is, is **Open de poorten des tempels** (Knapp), **Die Nag** (P J Lemmer), **Träumerei** (Schumann), **Aandlied** (Mendelssohn), **Largo** (Handel), **Suite Gothique** (Boëllmann), en die **Marche Pontificale** (Widor) (*Die Volksblad*, 26 Februarie 1940, 25 Junie 1946, 24 April 1948, 8 November 1952, 7 November 1953 en 13 November 1954).

In 1946 het Aubrey Karstel saam met ander bekende orreliste van Bloemfontein 'n orreluitvoering in die Tweetoringkerk gegee. Hierdie uitvoering was ook die laaste konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging wat op 16 November 1946 plaasgevind het. By daardie konsert het Karstel een van sy eie komposisies gespeel, naamlik **Hou Christus self Sy Kerk in stand**. Die kerkkoor van die Ned Geref Kerk

Bloemfontein-Wes het ook opgetree. Onder die leiding van Aubrey Karstel het hulle Saal'ge Kindertyd (Mendelssohn) en Want van nou af (Green) gesing. Rita Karstel, Sas Boshoff en Benedictus Kok het as soliste opgetree (*Die Volksblad*, 18 November 1946).

Aubrey Karstel het ook orreluitvoerings in ander dorpe gegee. Tydens die inwyding van die nuwe kerkgebou op Griekwastad het hy 'n uitvoering op 29 Julie 1950 gelewer (*Die Volksblad*, 28 Julie 1950). Op 30 Oktober 1954 het Karstel 'n orreluitvoering in Wepener aangebied (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1954).

Karstel was 'n talentvolle musikus en hy het op verskeie terreine positiewe bydraes gelewer. Hy het in etlike komitees gedien, waar sy insette as baie waardevol beskou is. Volgens *Die Volksblad* van 29 Julie 1939 was hy onder andere 'n lid van die Re"elingskomitee vir die Hugernote-fees wat in Bloemfontein aangebied is.

Onder leiding van Aubrey Karstel is daar 'n musiekuitvoering op 23 April 1948 ten bate van die Bloemfontein-Wes gemeente in die Clarendonsaal aangebied. Hy het 'n puik program saamgestel en van Bloemfontein se mees begaafde kunstenaars het opgetree in sangsolo's, vioolsolo's, klaviersolo's en 'n uitvoering deur die gewilde dubbele mannekwartet van prof Kok (*Die Volksblad*, 24 April 1948).

2.1.1.4 Musiekeksaminator

Karstel het hom nie net plaaslik as 'n veelsydige musikus onderskei nie. Sy bydrae tot die musieklewe van Bloemfontein was baie prominent, maar hy het hom ook buite die grense van Bloemfontein as 'n baie bekwame man bewys. Sy werk as musiekeksaminator het hom na plekke soos Petrusburg en talle dorpe in die Westelike Provinsie geneem. In 1945, 1948 en 1949 is hy aangewys as een van die eksaminatore wat die eksamens van U N I S A moes afneem. In 1949 het hy hoofsaaklik in die Westelike Provinsie as eksaminator opgetree. In 1951 het U N I S A hom aangewys as eksaminator vir die sertifikaateksamens in Transvaal. In 1953 en 1954 is Aubrey Karstel deur U N I S A as een van die eksaminatore op die lisensiaatpaneel aangewys (*Die Volksblad*, 9 September 1939, 17 September 1949, 23 Augustus 1945, 3 Julie 1948, 17 September 1949, 17 Augustus 1951, 7 Augustus 1954; *The Friend*, 3 Augustus 1953).

Hy het ook as eksaminator vir die eksamens van die Vrystaatse Onderwysdepartement opgetree en het onder meer Bethlehem en Kroonstad in hierdie hoedanigheid besoek (*Die Volksblad*, 5 November 1955).

2.1.1.5 Dirigent

Aubrey Karstel het hom nie alleen tot solo-uitvoerings op die orrel beperk nie. Soos reeds genoem het hy hom as koorleier en eksaminator onderskei. Juis in die

hoedanigheid as koorleier het hy 'n groot musikale onderneming aangepak, spesifiek met die aanbieding van die gewyde kantate, *Daniël* van G F Root. 'n Groot koor van ongeveer 200 lede het aan hierdie grootse gebeurtenis deelgeneem. Reeds op 17 Junie 1941 het daar beriggewing in *Die Volksblad* verskyn dat só uitvoering vir Oktober beplan word. Die presiese datum was in daardie stadium nie bekend nie. Koorlede van die destydse Normaalkollege, die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes en U K O V S sou almal saamspan om van hierdie geleentheid iets besonders te maak.

Hierdie uitvoering sou as voorloper dien vir die groot uitvoering van die gewyde kantate, *Dawid die Herderseun* (G F Root), wat vir die daaropvolgende jaar beplan is. Petrus J Lemmer, David J Roode en Aubrey Karstel sou hierdie onderneming saam behartig (*Die Volksblad*, 17 Junie 1941).

Die uitvoering van die genoemde kantate, *Daniël*, het op 7 en 8 November 1941 in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 20 en 27 September en 15 Oktober 1941).

Uit al die gegewens is dit duidelik dat daar genoeg aandag geskenk is aan die reklame vir dié uitvoering. In die voorafgaande uitgawes van *Die Volksblad* het daar gereeld beriggewings oor die kantate se uitvoering verskyn. Die publiek kon dus vroegtydig plekke vir die uitvoering bespreek. Die opbrengs van hierdie konsert is vir liefdadigheid en opvoeding aangewend.

In *Die Volksblad* van 6 November 1941 verskyn daar weer 'n berig met die volgende opskrif: "HOOGSTAANDE UITVOERING." In die meegaande artikel is meer klem gelê op die suksesse wat die kerkkoor van Bloemfontein-Wes gedurende 1941 behaal het. Daar is onder andere melding gemaak van hul prestasies tydens die kunswedstryd van daardie jaar en ook dat hulle deur die kore van die genoemde tersiêre inrigtings bygestaan sou word. Musiekkenners wat reeds van die repetisies bygewoon het, was baie beïndruk met die standaard wat bereik is. Verder word genoem dat die leiding van Aubrey Karstel 'n waarborg vir die gehalte van die uitvoering was.

In die resensie van *Die Volksblad* (10 November 1941) word gesê dat die uitvoering in 'n hoë mate geslaagd was. Volgens die resensent was daar wel tekortkominge: die soliste se sang was nie goed genoeg afgerond nie. 'n Groter klankvolume en 'n afwisseling in toonkleur was van die tekortkominge by die koor. Die orkes moes 'n groter besetting gehad het om hierdie merkwaardige eerste poging tot groter musikale prestasies te lei, veral wanneer die ideaal van 'n jaarlikse uitvoering van dié aard, verwesenlik wou word. Die resensent meld verder dat die keuse van 'n eenvoudige, maar tog melodieuse werk vir 'n eerste poging ongetwyfeld die mees aangewese was. Aubrey Karstel was bevoorreg om twee eersterangse soliste te hê in die persone van Benedictus Kok, wat die rol van Daniël vertolk het en mev J J Liebenberg as die suster van Asarja. Kok het nie 'n sterk tenoorstem nie, maar hy het daarin geslaag om suiwer intonasie te behou. Sy artikulasie is as byna volmaak beskryf en sy frasering was

uitmuntend. Die trio van mejj J Bester, S van der Merwe en S J du Toit was nie so suksesvol nie, maar die kwartet van mejj M Strauss en J Esterhuizen, mnre S van Zijl en M van der Merwe het musikaal bevredig. Prof dr H van der Merwe Scholtz het as bas-bariton die party van die koning met welslae aangedurf, terwyl drie jong tenoorstemme ontdek is by mnre F Olivier, drs J du Toit (eerste en tweede president) en A Griesel (Asarja). Die verdienstelike koor van prinse het bestaan uit proff Scholtz en W Arndt, dr Kok, dr du Toit, mnre S J Naudé en A Griesel. Die resensent noem verder dat die klavierbegeleiding deur mev Scholtz byna onverbeterlik was. Die orkes met Victor Pohl as leier het die bystand van Jennie Hadlow, Alma Kok, mej Rose en Albert Steffens gehad. Laasgenoemde verdien spesiale vermelding as tjellis, wat met tye deur middel van pizzicato die tromgeluid moes naboots. Die koor het uitgeblyk in **Hoe lieflik is Sion** en die gedrae koraal, **U, O Heer wat troon daarbo**. Die slotkoor **Weer is dit tyd van vrede** is met 'n ervaring van die vreugde in die teks uitgevoer.

Voor die aanvang van die uitvoering het ds D G van der Merwe die Bybelse agtergrond geskets en 'n verduideliking van die wyse hoe dit musikaal verklank word is deur Petrus Lemmer voorgehou. Aubrey Karstel het na afloop van die uitvoering die koor bedank en gesê dat Christene nie genoeg aandag aan godsdienstige sang skenk nie. Hy het ook sy hoop uitgespreek dat daar die aanmoediging was om werke van Bach en Handel aan te pak (*Die Volksblad*, 10 November 1941).

Aubrey Karstel het later ook meer ambisieuse werke aangepak soos met die uitvoering van 'n opera in 1947. In 1946 het daar 'n berig in *Die Volksblad* van 29 Mei verskyn waarin bekend gemaak is dat die opera, **Il Trovatore** van Verdi, in Afrikaans onder die leiding van Karstel uitgevoer sou word. Hierdie uitvoering was beplan vir die eerste week in November van 1946. Die hoofrolle sou deur Isabel du Toit, Ernst Schutte, Rita Karstel, Joan Hadlow, Benedictus Kok, Jurie Fourie en Alex Havenga vertolk word. Die orkes wat die begeleiding waargeneem het, het onder die leiding van Victor Pohl gestaan. Die hoofkoor sou uit sestien mans bestaan, wat aangevul sou word deur sestien dames. Die geld wat ingesamel sou word is ten bate van die uitbreidingsfonds van die destydse U K O V S aangewend.

Die bogenoemde opera is wel opgevoer, maar eers in Oktober 1947. Dit het soos enige ander groot onderneming nie sonder probleme plaasgevind nie, want in die eerste plek is daar geweldig moeite ondervind om die partituur te bekom. Daar is onder andere pogings aangewend om die partituur vanaf die V S A, Brittanje en Italië te verkry, maar dit was alles tevergeefs. Die Kaapstadse Stadsorkes het uiteindelik ingestem om die partituur aan mnr Karstel te leen (*Die Volksblad*, 25 Junie 1947).

Die rolverdeling het ook in die tussentyd verander omdat van die soliste nie meer beskikbaar was om hul onderskeie rolle te vertolk nie. Die orkes vir daardie geleentheid het uit dertien lede en 'n pianiste bestaan. Die leier van die orkes was steeds Victor Pohl

en die pianiste Katharine Mason. Die koor het uit altesaam vyf-en-dertig lede bestaan (Program, 21-24 Oktober 1947).

Die opera is vanaf 21 tot 24 Oktober 1947 in die Grand-teater in Bloemfontein opgevoer. Die rolverdeling was soos volg: Isabel du Toit (Leonora), Jacques du Toit (Ferrando), Essie Steffens (Inez), Albert Steffens (Graaf de Luna), Loutjie Louw (Manrico), Joan Hadlow (Azucena) en Derek van der Merwe (Ruiz). Kyk Bylae, pp. 44-45 (Program, 21-24 Oktober 1947).

2.1.1.6 Koorprestasies tydens Kunswedstryde

Afgesien van die uitvoering van die kantate in 1941 en al die ander uitvoerings, het Aubrey Karstel sy koor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes (Weskerk) tot verdere hoogtes in die Vrystaatse Kunswedstryd van dieselfde jaar gelei. Volgens die gegewens het die koor toe slegs vir twee jaar bestaan. Hulle het nogtans die tweede plek op die Afrikaanse Kunswedstryd in die afdeling vir Kerkkore verower. Die eerste plek is aan die koor van die Ned Geref gemeente Bloemfontein-Noord toegeken. Die beoordelaar, mnr C A O Duggan, was van mening dat die mededinging tussen dié twee kore ongetwyfeld een van die groot hoogtepunte tydens die kunswedstryd was. In 1943 was die mededinging tussen dieselfde kerkkore weer eens 'n besondere aantrekkingskrag tydens die kunswedstryd. Volgens die beoordelaar was daar bykans geen verskil in die sang van die twee kore nie, maar die eerste plek is weer eens aan die kerkkoor van

Bloemfontein-Noord toegeken. Karstel se koor het wel 'n baie hoë 89% verower (*Die Volksblad*, 15 Mei 1941 en 13 Mei 1943). Sover bekend is dit ook die enigste twee kunswedstryde waaraan hierdie kerkkoor deelgeneem het.

2.1.1.7 Ander aktiwiteite en bydraes

Aubrey Karstel het ook etlike komposisies die lig laat sien. Afgesien van die musiek wat hy vir die operette, **Die Boerenooientjie** geskryf het, het hy onder andere 'n hele aantal koraalvoorspele vir die orrel geskryf. Baie van hierdie komposisies het hy tydens konserte in die Weskerk uitgevoer (*Die Volksblad*, 2 November 1942; Scholtz, 1992, Brief).

Karstel het hom telke male as begeleier op die orrel, as deel van 'n orkes, bewys. In Junie 1948 het prof Roode Mendelssohn se oratorium **Elia** in die Stadsaal uitgevoer. Karstel het tydens dié uitvoering tesame met 'n orkes die begeleiding op die orrel waargeneem. In die resensie word sy spel geprys en verder is gesê dat dit volheid en diepte aan die orkes verskaf het (*Die Volksblad*, 3 Junie 1948). In 1950 het hy tydens die uitvoering van **Die Messias** (Handel) onder leiding van prof Roode, weer eens die orrelbegeleiding op uiters bekwame wyse gehanteer (*Die Volksblad*, 17 Mei 1950).

Aubrey Karstel het hom ook as beoordelaar onderskei. Hy het gereeld as beoordelaar tydens die nie-blankes se kunswedstryd opgetree. Hier het hy bevind dat die

swartmense nou al meer en meer hulself toespits op hulle eie musiek en nie meer die blankes se musiek probeer naboots nie (*Die Volksblad*, 15 April 1950). Hy het ook in Winburg en Warden as beoordelaar tydens die kunswedstryd opgetree (*Die Volksblad*, 3 Maart 1951 en 1 Mei 1954).

2.1.2 D J Roode

2.1.2.1 Lewenskets

Volgens Human (1976, p. 585) het David Johannes Roode hom reeds in 1933 in Bloemfontein gevestig. Soos die leiers op die musiekgebied voor hom, was hy ook uiters veelsydig as musikus, komponis, orrelis, pianis, sanger, dirigent en pedagoog. Kort na sy aankoms in die stad het hy hom telkens as voordraer en dirigent onderskei. Gedurende die baie jare van sy verblyf in Bloemfontein het hy besonder produktief gebly en telke male aan die stuur van groot en unieke musiekgebeurtenisse gestaan. As padagoog het hy egter die diepste spore getrap. In Bloemfontein en oor die hele land is daar vandag nog musici in belangrike betrekkings wat deur hom opgelei is.

David Johannes Roode is op 5 April 1900 in Porterville gebore. Beide sy ouers was musikaal en hy was een van nege kinders, sewe seuns en twee dogters. 'n Buitengewone musiektalent is reeds baie vroeg by hom opgemerk. Toe sy suster, Anna in 1912 met musieklesse begin het, het die begeerte ook by hom ontstaan om haar

voorbeeld te volg. Sy suster het hom bygestaan en aan hom haar eie kennis oorgedra. Hy was vinnig van begrip en het in 'n hoë mate homself onderrig. Hierdie eienskap sou hom later baie handig te pas kom, aangesien hy hom vir 'n hele aantal eksamens self voorberei en afgerig het. In 1916 het hy sy eerste klaviereksamen, die Hoër-graad van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop, met sukses afgelê (Human, 1976, p. 586).

Ná sy matriekjaar het hy hom aan die Onderwyskollege op Wellington as 'n onderwyser bekwaam en is op eie versoek aangestel aan die skool op die plaas Kerkkloof in die distrik Robertson. Hier was die latere prof Maria Fismer verantwoordelik vir sy verdere vorming tot 'n professionele musikus (Malan, 1986, p. 153).

Onder haar leiding het hy in 1918 die destydse gevorderde eksamen (huidiglik graad 7) in klavier afgelê. Die jaar daarop het hy orrelles by haar geneem en in dieselfde jaar die destydse hoër-graad-eksamen (huidiglik graad 5) in orrel afgelê. Sy het in dieselfde tyd ook vir hom onderrig in harmonie gegee. Maria Fismer het 'n geweldige invloed op die jeugdige David Roode uitgeoefen en nadat hy twee jaar onderwys gegee het, het sy hom oorreed om onderwys as 'n beroep te laat vaar en hom voltyds op musiek toe te spits. In 1920 gaan vestig hy hom in Robertson en voltooi die U O L M-diploma in klavier asook die destydse intermediêre sertifikaat (huidiglik graad 6) in orrel onder die uiters bekwame leiding van prof Fismer (Human, 1976, p. 587).

In 1921 het sy loopbaan as orrelis en musiekonderwyser eindelijk op Riebeeck-Wes begin (Malan, 1986, p. 153). Hier het hy hom in 1922 op sy eie voorberei vir die Lisensiaat in Orrelvoordrag (U V L M) en dit met goeie gevolg afgelê. Die enigste hulp wat hy ontvang het, was van die bekende Friedrich Jannasch, wat hom gehelp het om met die eksamenorrel vertrouwd te raak. David Roode was tot aan die begin van 1925 orrelis van die Ned Geref Kerk te Riebeeck-Wes. Hierna het hy hom in Bethlehem gevestig waar hy die pos as orrelis van die Ned Geref Kerk aanvaar het. Hy het daarbenewens ook die betrekking as musiekleerkrag aan die Seminarie op die dorp aanvaar. Hier was hy baie bedrywig en kon daar binne 'n kort tydjie begin word om leerlinge vir die Lisensiaateksamens voor te berei. Die leerlinggetalle het spoedig toegeneem en twee assistente moes aangestel word om hom by te staan (Human, 1976, p. 587).

Aan die begin van 1926 is Roode na Londen om sy studies onder Brian Nash (klavier), sir Stanley Marchant (orrel) en Maurice D'Oisley (sang) voort te sit. Hy verwerf ook die L R A M en A R C M in klavier. In 1928 keer hy terug na Suid-Afrika en wel weer na Bethlehem, waar hy voortgegaan het om die musiekafdeling van die Seminarie uit te bou (Human, 1976, pp. 587-588).

Aan die einde van 1932 is bekend gemaak dat David Roode aangestel is as die orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord. Dit is duidelik dat hy sy werk met toewyding en erns aangepak het, want sy kerkkoor het in Mei 1933 reeds met groot

welslae aan die Bloemfonteinse Kunswedstryd deelgeneem. Hierna het hy talle uitvoerings gegee en bykans met elke uitvoering 'n hoër standaard gestel. In 1936 het hy 'n geskiedkundige mylpaal bereik met sy uitvoering van **Die Messias** (Handel) in Afrikaans (Human, 1976, p. 588).

In die hoofstad van die Vrystaat het hy met private musiekonderrig begin. Sy ateljee het vinnig vooruitgegaan en in 1934 stig hy die Vrystaatse Musiekskool, geleë op die hoek van Hill- en Cricketstrate. By die skool is daar onderrig gegee in klavier, sang, orrel en teorie (Human, 1976, pp. 588-589). Hieruit kan afgelei word dat David Roode 'n veelsydige en baie bedrywige onderwyser was.

In 1934 is hy getroud met mej Frederika Elizabeth Fick, dogter van mnr en mev J Fick van Mietaspoort, distrik Bloemfontein. Sy was ook een van sy musiekstudente. Later was sy een van die musiekonderwyseresse aan die Oranje Meisieskool, waarvan sy 'n oud-leerling was. Vir hul wittebrood is hulle na Engeland en na Europa, en hier het David Roode die L R A M (sang) afgelê. Verder volgens Human (1976, p. 589) is dit duidelik dat mnr Roode slegs enkele afrondingslesse voor die eksamen van Frederick Keel in Londen ontvang het. Hy het geen afrigting vir hierdie eksamen gekry nie en op sy eie die voorgeskrewe werke instudeer.

In daardie stadium was hy een van die bes-gekwalifiseerde musici in Bloemfontein en wel met sewe lisensiaattitels agter sy naam: L R A M (sang), L R A M (klavier),

A R C M (klavier), U O L M (klavier), U V L M (orrel), U V L M (sang) en U O L M (sang) (Human, 1976, p. 589). By al hierdie kwalifikasies kon prof Roode in 1950 nog die B Mus-graad ook voeg. Hierdie graad het hy deur die Universiteit van Suid-Afrika voltooi (*Die Volksblad*, 16 Mei 1950).

Nadat David en Freda Roode na Bloemfontein teruggekeer het, het mev Roode ook by die Vrystaatse Musiekskool onderrig gegee. Sy het terselfdertyd orrel- en sanglesse van haar man ontvang. Sy het die U O L M en U V L M (1940) in sang met groot welslae afgelê. Volgens Human (1976, pp. 589-590) het die Vrystaatse Musiekskool in die verlede groot welslae behaal. Uit voorafgaande inligting is dit duidelik dat die Roode-egpaar met groot geesdrif in hul beroep werksaam was.

In 1957 is prof Roode as hoof van die nuutgestigte Musiekdepartement van U N I S A aangestel, en in 1958 ook as Direkteur van Musiekeksamens. Hy het in 1965 afgetree en vir 'n tyd in Bothaville gewoon. Hy en sy vrou Freda het toe na Bloemfontein verhuis waar hulle in die Mooihawe-tehuis vir bejaardes gewoon het. Prof Roode is op 9 November 1991 in die ouderdom van 91 jaar in Bloemfontein oorlede (*Die Volksblad*, 11 en 27 November 1991; Human, 1992, p. 45).

2.1.2.2 Pedagoog

In 1940 het 'n besondere eer een van David Roode se studente te beurt geval. 'n Ene mej Miranda Raal (later van Tonder) het die oorsese studiebeurs vir orrelspel van die

Universiteit van Suid-Afrika ontvang. Dit was voorwaar 'n groot en besondere prestasie, want dit was die eerste keer dat daar so beurs aan 'n orrel-kandidaat in Suid-Afrika toegeken is. Die beurs se waarde was destyds 450 pond. Mej Raal het toe reeds vyf jaar in Bloemfontein studeer. Hier het sy die U O L M en U V L M in klavier en die U V L M in orrel verwerf. Mej Raal was destyds werksaam as musiekonderwyseres by die Eunice Meisieskool (Die Volksblad, 25 September en 16 November 1940).

Ander studente van die Vrystaatse Musiekskool wat ook uitsonderlik geprester het was Marion Tahan, later Key en huidiglik Wagner. Sy het die volgende eksamens afgelê: 1940: A T C L (klavier), 1941: U O L M (klavier), L T C L (klavier en teorie), 1942: U V L M (klavier) en 1944: U V L M (sang) en U O L M (sang). Stefans Grové het in 1941 en 1942 die A T C L (orrel), U O L M (klavier) en U V L M (klavier en orrel) met sukses afgelê. David Muller het in 1943 en 1944 die U V L M (klavier), U O L M (klavier en orrel) en L T C L (klavier) voltooi en in 1944 ook die U N I S A oorsese studiebeurs vir drie jaar verower vir sy klavierspel. Norah Havenga se eksamens sluit in 1943: L T C L (klavier), 1945: U O L M (klavier). Makkie Grové het in 1943 en 1944 die U O L M (klavier), U V L M (orrel) en U O L M (orrel) geslaag. Olga Troskie het in 1945 die U V L M (orrel) onder mnr Roode geslaag (*The Friend*, 7 November 1940, 23 Oktober 1941, 16 November 1943; *Die Volksblad*, 16 November 1942, 13 November 1943, 11 November 1944 en 24 November 1945; Human, 1992, p. 45).

Die Vrystaatse Musiekskool het van tyd tot tyd 'n sluitingsfunksie teen die einde van die jaar aangebied. By so 'n geleentheid het die studente dan die geleentheid gekry om voor die publiek op te tree. Teen die einde van 1941 is so 'n sluitingsfunksie in die Oranje-Koffiehuis gehou. Tydens dié geleentheid het van die skool se senior studente opgetree. Volgens die berig in *Die Volksblad* (2 Desember 1941) is 'n puik afgeronde program gelewer wat solo's van hoogstaande gehalte ingesluit het. Van die name wat uitgesonder word is dié van Makkie Grové, Norah Havenga en Gerhardus Koornhof wat van die hoogtepunte van 'n glansryke aand was. Isabel du Toit se sangsolo het 'n goeie indruk op die gehoor gemaak terwyl pragsolo's gelewer is deur Jurie Fourie en Adolf Goosen wat waarderende applous ontvang het. Tydens die geleentheid het klein Dawfré Roode, toe slegs 5 jaar oud, vol vertroue 'n duet saam met sy vader op die klavier gespeel. Freda Roode het ook 'n sangsolo gelewer en na afloop van die program het sy sertifikate aan die leerlinge oorhandig wat so puik presteer het tydens die kunswedstryd van daardie jaar.

David Roode het behalwe al sy ander bedrywighede as uitvoerende kunstenaar groot sukses behaal en 'n baie belangrike rol as musiekpedagoog gespeel. Dit is juis in die hoedanigheid as pedagoog wat baie mense hom vandag nog onthou. David Muller skryf soos volg: "As leermeester het hy sy studente tot hulle maksimum potensiaal geïnspireer - vandaar die menigte oud-studente wat dwarsoor Suid-Afrika hulle stempel op die musiekopvoeding afgedruk het. Hy was streng, selfs ongenaakbaar, maar met 'n

werkywer sonder gelyke. Wat ek met betrekking tot musiek in die lewe bereik het, is ek grotendeels met dank aan David Roode verskuldig." Marion Wagner het die volgende gesê: "Mr Roode was a dedicated and hard-working teacher, gaining excellent results at the various eisteddfoddau, kunswedstryde, college and university examinations for which he entered his pupils. He was also very involved with musical activities in Bloemfontein. My happy association with him did not end when he became professor of music at U O F S. On one occasion I taught his piano pupils (including Japie Human, who later became an associate professor U O F S) for one term while he was on leave. I will always remember prof D J Roode as a driving force in Bloemfontein music circles. He was to me a much beloved 'Music Master'." (Muller, 1992, p. 47; Wagner, 1992, pp 47-48).

Sy invloed word steeds gevoel omdat daar tans nog mense in belangrike musiekposisies is wat deur hom opgelei is. In 1945 is die musiekafdeling aan die destydse Universiteitskollege gestig en is David Roode as die eerste professor in musiek aangestel. Die Raad het ook besluit om hom die hoof van die departement te maak. Hierdie aanstelling was egter onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van Onderwys (*Die Volksblad*, 8 September 1945). In *Die Volksblad* van 20 November 1945 is aangekondig dat die Minister van Onderwys wel die instelling van 'n musiekafdeling goedgekeur het en dat mnr Roode nou die amp as professor sal beklee. Prof Roode sou sy werksaamhede die volgende jaar aanvaar (Human, 1992, p. 42).

Hierdie pos het hy bekleed tot en met 1957 waarna hy 'n betrekking by U N I S A aanvaar het (Human, 1992, p. 45; *Die Volksblad*, 11 November 1991).

2.1.2.3 Orrelis en Pianis

David Roode het nie net in Bloemfontein as orrelsolis bekendheid verwerf nie. Hy het ook in ander dorpe orrel-uitvoerings gegee. So was die gemeenskap van Burgersdorp baie bevoorreg om besoek van so 'n hoogs begaafde musikus te ontvang. In *Die Volksblad* (12 Februarie 1940) verskyn slegs 'n kort berig en wel dat mnr Roode 'n orreluitvoering in die Ned Geref Kerk gegee het en dat die opkoms vir die konsert baie teleurstellend was. Prof Roode het ook op Kroonstad 'n orreluitvoering gegee. Hierdie uitvoering het in die Ned Geref Kerk Kroonstad-Noord op 10 April 1948 plaasgevind en fondse is ingesamel ten bate van die Sarel Cilliers-standbeeldfonds. Hy het onder meer *Berceuse* (Hollins), *Skets in c mineur* (Schumann) en *Fanfare* (Lemmens) op die orrel uitgevoer. In 1952 was prof Roode ook behulpsaam met die inwyding van die Compton-orrel van die Moederkerk in Bethlehem (*Die Volksblad*, 10 April 1948 en 22 Maart 1952).

Die gemeente van die Ned Geref Kerk Smithfield was ook in die bevoorregte posisie deurdat prof Roode 'n uitvoering tydens die inwyding van die nuwe orrel op 7 Junie 1952 gelewer het. Hy is bygestaan deur twee knap kunstenaars van Bloemfontein,

naamlik Francina Buys en Jacobus Hattingh. Die kerkkoor van Smithfield het ook opgetree. Op 1 Mei 1953 het prof Roode 'n orreluitvoering in die Ned Geref Kerk Clocolan gegee. Hy is deur Vivia Kruger (sopraan) bygestaan. Die kerkkoor van die gemeente het ook opgetree tydens hierdie uitvoering wat onder die beskerming van die Musiek- en Kunsvereniging plaasgevind het. Later in dieselfde jaar het hy aan die Kersprogram van die Ned Geref Kerk Wepener deelgeneem. By daardie geleentheid het hy 'n aantal orrelwerke uitgevoer. Op 5 November 1955 het hy saam met sy vrou, Freda, die nuwe orrel van die Ned Geref Kerk Bultfontein ingewy. Hy het werke van Bach, Guilmant, Widor, Karg-Elert en Cappoccio uitgevoer (*Die Volksblad*, 21 Mei, 14 Junie 1952, 27 April en 5 Desember 1953 en 29 Oktober 1955).

Hy het ook orreluitvoerings in ander kerke in Bloemfontein gegee. So 'n uitvoering het op 21 Maart 1947 in die Geref Kerk Bloemfontein plaasgevind. Tydens daardie konsert is prof Roode deur bekende musici van die stad bygestaan in 'n orrel- en sanguitvoering (*Die Volksblad*, 18 Maart 1947).

Roode was ook behulpsaam met die inwyding van talle nuwe orrels in Bloemfonteinse kerke. Op 20 Augustus 1948 is die orrel van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes ingewy, in Februarie 1951 die orrel van die Ned Geref Kerk Bloemheuwel, op 24 Augustus 1952 die orrel van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord en in Oktober 1955 die orrel van die Geref Kerk Bloemfontein-Oos. Tydens hierdie inwydings het hy 'n hele aantal werke op die orrel uitgevoer en is in meeste gevalle deur sy kerkkoor

bygestaan. Bekende soliste van Bloemfontein het ook tydens hierdie programme opgetree (*Die Volksblad*, 21 Augustus 1948, 22 Februarie 1951 en 16 Augustus en 29 Oktober 1952).

David Roode het werke van Jenkins, Blakely, Bach, Lemmens, D'Every, Clark en Schumann gespeel. Spesifieke werke was onder andere **Nag** (Jenkins), **Skets in c mineur** (Schumann), **Fanfare** (Lemmens) en **Engelekoor** (Clark). Dit was veral die **Fanfare** wat in die meeste gevalle beïndruk het. Werke wat deur sy kerkkoor gesing is, het ingesluit **Ere aan God** (Beethoven), **Hoe lieflik is Sion** (Root) en **Zingt gy den Heer alle volk'ren**. Die kerkkoor het deurgaans toonryke sang met kleur en treffende stemmingsnuanses gelewer (*Die Volksblad*, 21 Augustus 1948, 22 Februarie 1951 en 16 Augustus 1952).

Ander kunstenaars wat hom bygestaan het, sluit in Freda Roode, Augusta van Rooyen en Vivia Kruger. Hulle het werke van Handel, Mascagni en Gounod gesing. 'n Hoogtepunt was Freda Roode se vertolking van Handel se **Ek weet dat my Verlosser lewe** uit **Die Messias**. David Roode het by al die geleenthede ook die begeleidings waargeneem (*Die Volksblad*, 21 Augustus 1948, 22 Februarie 1951, 16 Augustus 1952 en 29 Oktober 1955).

Hy het nie net as solis uitgeblink nie, maar het hom ook op ander terreine laat geld. David Roode het ook van tyd tot tyd op die konserte van die Vrystaatse

Musiekvereniging opgetree. Hy het soms as begeleier vir ander kunstenaars opgetree en soms as solis. Tydens die laaste konsert van die vereniging vir 1946 wat op 16 November plaasgevind het, het prof Roode as orrelis saam met ander bekende orreliste van Bloemfontein opgetree. By daardie geleentheid het hy die **Canzone** van Guilmant en **Andantino in f mineur** van Frank Bridge gespeel. Die koor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord onder leiding van prof Roode het ook opgetree. Hulle het **O alle volke** van Roode gesing, met Jurie Fourie as solis. Die ander orreliste wat opgetree het, was Olga Troskie, Dolly Heiberg, Petrus Lemmer, Aubrey Karstel en Henriëtte Rossouw (*Die Volksblad*, 18 November 1946).

Tydens die derde konsert wat in 1947 deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is, het David Roode ook opgetree. Hy was die begeleier in die sanguitvoering van Isabel du Toit. Bekende arias van Puccini en Gounod is gesing en ook liederes van onder andere Schumann, Brahms en Richard Strauss (*Die Volksblad*, 30 April 1947). Prof Roode was ook verantwoordelik vir die vierde konsert wat deur dié vereniging aangebied is. Daardie spesifieke konsert het meesal uit koorsang bestaan. Roode se gemengde koor het self by daardie geleentheid opgetree. Die ander koor wat opgetree het, was die dameskoor van Jennie Hadlow (*Die Volksblad*, 17 Junie 1947). In 1948 het prof Roode op kort kennisgewing ingewillig om die begeleiding waar te neem vir die sanguitvoering van Esther Mentz. Hierdie was ook een van die konserte wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is en het op 18 Oktober in die saal van die Hoërskool Sentraal plaasgevind (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1948).

Tydens die derde konsert van die Musiekvereniging vir 1949 het prof Roode homself weer eens as knap begeleier onderskei. Hy het die begeleiding waargeneem tydens die sanguitvoering van Tilla Visser op 13 Junie 1949. Hierdie was haar debuutkonsert in Bloemfontein en ook in Suid-Afrika (*Die Volksblad*, 14 Junie 1949).

Roode het ook by verskeie geleenthede as begeleier vir die sangeres, Cecilia Wessels, opgetree. Op 22 Mei 1955 het hy in die Afrikaanse radioprogram, Die Orrel en die Stem, opgetree. Hy het nie net vir Jacobus Hattingh begelei nie, maar ook 'n paar werke op die orrel gespeel. Hy het werke van Taylor, Stanford, Guilman en Bridge uitgevoer. Roode het later in 1955 weer in die bogenoemde program opgetree. Hy het onder andere die *Caprice in B-mol majeur* (Harris), *Gavotte in F majeur* (Wesley) en *Preludes* van Stanford en Rowley gespeel. Jacobus Hattingh het soos by die vorige geleentheid weer saam met Roode opgetree (*Die Volksblad*, 18 September 1941, 21 Mei en 8 Oktober 1955).

2.1.2.4 Koorleier en Dirigent

As dirigent het David Roode ook voor die Vrystaatse Musiekvereniging opgetree. Tydens die aanbidding van die operette *Viktorja and her Hussar* in 1951 het hy 'n groot bydrae gelewer. Hy was die musikleier vir hierdie produksie. Die kritikus van *Die Volksblad* (12 September 1951) het sy taak as musikleier, as 'n "inspirerende stukrag" agter die onderneming beskou. Kyk Bylae, p. 49.

David Roode het hom nie net bekwaam as dirigent van sy baie bekende kerkkoor nie, maar het ook 'n dameskoor sowel as 'n gemengde koor op die been gebring. Hierdie dameskoor het onder andere in 1950 in die Stadsaal opgetree tydens die konsert wat die selfstandigwording van die U O V S ingelui het. In die resensie is daar spesiale melding van hul uitmuntende beheersing en fyn genuanseerde sang gemaak (*Die Volksblad*, 16 Maart 1950). Hulle het **Kus my saggies, skone môre** van Edward German gesing (*Die Volksblad*, 11 Maart 1950).

Prof Roode het verder gegaan en 'n mannekoor in 1944 gestig wat met groot sukses verskeie uitvoerings gegee het. Dié koor het ook op kunswedstryde hul slag gewys. In 1945 het prof Roode se mannekoor met 94% die eerste plek verower in die afdeling mannekoor (ope) (*Die Volksblad*, 15 Mei 1945).

Tydens die Van Riebeeckfees van 1952 het David Roode homself weer eens as 'n uitstekende dirigent bewys. Hy is as dirigent van die feeskoor aangewys wat in Bloemfontein opgetree het tydens die aankoms van die poskoets. Afgesien van hul optrede in Bloemfontein, het hulle ook tydens die feesvieringe in Kaapstad opgetree. Dié koor het uit 100 lede bestaan en hulle repetisies het twee keer per week in die Groenewaldsaal by die Oranje Meisieskool plaasgevind (*Die Volksblad*, 26 en 28 Mei 1951 en 14 Januarie 1952).

In 1954 het Roode die groot gemengde Eeufeeskoor afgerig wat by verskeie geleenthede opgetree het. Hierdie koor is tot stand gebring met die oog op die

Vrystaatse Eeufeesvieringe. Tydens hul uitvoering wat op 21 Februarie 1954 plaasgevind het, het hulle werke van Franck en Bach gesing. Die soliste wat opgetree het, was Francina Buys, Vivia Kruger, Jurie Fourie en M A Noordman. Die koor is deur Marion Key begelei (*Die Volksblad*, 20 Februarie 1954; *The Friend*, 26 Februarie 1954).

Afgesien van Roode se talle bedrywighede het hy ook 'n studente-koor tot stand gebring. Volgens die plaaslike pers het die koor tydens die onthulling van die generaal C R de Wet standbeeld vir die eerste keer opgetree. Dié optrede het in Oktober 1954 plaasgevind (*Die Volksblad*, 2 Oktober 1954).

Op 17 Oktober 1954 het die Universiteitskoor weer eens onder die leiding van David Roode opgetree. Hierdie optrede het in die Universiteitsaal plaasgevind, waartydens Roode ook 'n orreluitvoering gegee het. Werke wat deur die koor gesing is, sluit in *Grootmagtige* (Kuntze), *O Divine Redeemer* (Gounod) en die *Onse Vader*. In laasgenoemde werk is die solo deur Lambert Heiberg gesing. In 1955 het die koor 'n uitgebreide konsertreis onderneem. Hulle het deur die Noord- en Oos-Vrystaat getoer en altesaam veertien dorpe besoek. Die koor het uit ongeveer vyf-en-dertig lede bestaan. Die programme is afgewissel met klaviersolo's deur onder andere Dawfré Roode, Elsie McLaren en Danita Greyling. Fransie Kruger, Freddie Arnot en Vivia Kruger het sangsolo's gelewer. Freda Roode het as begeleier tydens die toer opgetree (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1954 en 25 Mei 1955).

'n Groot gebeurtenis in 1940 was die sanguitvoering wat David Roode in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord aangebied het. Die uitvoering het op Dinsdag 25 Junie plaasgevind. Die program het koorstukke ingesluit, gesing deur die kerkkoor. Sy dameskoor het ook tydens die geleentheid opgetree. Die program is verder aangevul deur dameskwartette, mannekwartette en vokale solo's (*Die Volksblad*, 21 Junie 1940). Volgens die resensent van *Die Volksblad* kan afgelei word dat die uitvoering weer eens 'n reusesukses was: "By die Bloemfonteinse publiek staan 'n sanguitvoering deur mnr Roode bekend as 'n musiekgenot van baie hoë gehalte en gisteraand se uitvoering in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord, was dan ook geen uitsondering nie. Veral as dirigent van kore het mnr Roode reeds besonder hoog presteer en gisteraand was dit weer die kerkkoor wat bestaan uit 55 lede wat die aandagtige gehoor in vervoering gebring het. Die bykans volmaakte afgrigting van die koor het nogeens bewys wat 'n koor kan doen met die regte dirigent."

Verder word melding gemaak van die uitjubeling van stemme in bykans volmaakte harmonie in Handel se **In die Glorie van die Heer** (in Afrikaans deur I J Grové). Met die uiters bekwame leiding van David Roode en die begeleiding van Stefans Grové het die koor ook gesing, **Zingt gy den Heer alle volk'ren, Breek deur, o Lig** (Gounod), in Afrikaans vertaal deur mnr P J Theron, en **O alle Gy volken** van Roode self, waarin die duo gesing is deur mev S Strauss en mej D Hickman en die solo deur mnr W Conradie. Later in die program het die welbekende dameskoor van David Roode met innigheid en byna foutlose vertolking **Sluimerlied** (Mendelssohn) en op spesiale versoek **Bome**

(Rasbach), in Afrikaans vertaal deur mev H Raal uitgevoer. 'n Pragtige item op die program was die **Onse Vader** gesing deur 'n mannekwartet, bestaande uit mnre W Conradie, J Fourie, Morkel en Ward, en die mannetrio se vertolking van **Avond en Avondster** was indrukwekkend (*Die Volksblad*, 26 Junie 1940).

In 1942, 1944, 1945, 1949, 1952 en 1954 het David Roode soortgelyke sanguitvoerings aangebied. Die verskillende uitvoerings het op 14 Februarie 1942 (Stadsaal), 23 Februarie 1942 (Spoorweginstituut), 28 Oktober 1944 (Noordkerk), 25 November 1945 (Noordkerk), 4 Mei 1949 (Clarendonsaal), 23 November 1950 (Kestell-saal), 14 Mei 1952 (Clarendonsaal) en 28 Maart 1954 (Noordkerk) plaasgevind. In sommige gevalle is die fondse wat tydens hierdie konserte ingesamel is, aangewend vir die herstel van die orrel van die Bloemfontein-Noord gemeente en in ander gevalle is die fondse aan 'n sekere organisasie geskenk, soos die Skakelkomitee en S A N T A (Suid-Afrikaanse Tuberkulose Vereniging). Een van die konserte se fondse is aangewend vir die uitbreiding van die Laerskool Sentraal (*Die Volksblad*, 11, 16, 18 en 21 Februarie 1942, 30 Oktober 1944, 26 November 1945, 5 Mei 1949, 18 en 22 November 1950, 3 en 15 Mei 1952 en 20 Maart 1954).

By al hierdie konserte het die verskillende kore onder die leiding van David Roode opgetree. Die kore het 'n gemengde kerkkoor, 'n dameskoor, 'n mannekoor die Van Riebeeck-feeskoor (1952) en die groot Eeufeeskoor van 1954 ingesluit. 'n Hoogtepunt van die konsert van 1942 was die kerkkoor se vertolking van **Looft den Heer** (P J Lemmer). Roode het met sy knap dirigeerkuns vir 'n besondere hoogtepunt gesorg waar

sy vrou, Freda, die soloparty gesing het. Ander werke wat deur die verskillende kore gesing is, is **Ruisloos daal die aand se skemering** (Hatton), **O alle volke** (D J Roode), **Zingt gy den Heer alle volk'ren, Er waren herders** (Perkins), **Hoe lieflik is Sion** (Root), **Hef op jul oë** (Mendelssohn), **Bring lof aan die Heer** (Bach) en **Die Skeppingslied** (Beethoven). Die kritiek in die plaaslike koerante was besonder positief ten opsigte van die koorsang en het byna sonder uitsondering al die uitvoerings as van hoogstaande gehalte beskryf (*Die Volksblad*, 16 Februarie 1942, 30 Oktober 1944, 26 November 1945, 24 November 1950, 3 Mei 1952 en 29 Maart 1954; *The Friend* 15 Mei 1952).

David Roode het in meeste gevalle nie net van Bloemfontein se bekendste kunstenaars genader om hom by te staan nie, maar hulle was sonder uitsondering ook die mees begaafde musici. Hierdie kunstenaars het opgetree as soliste, in kwartette, duo's, trios of as deel van 'n klein instrumentale ensemble. Die kunstenaars sluit in Paul Robinson van Thaba Nchu, wat ook 'n leerling van Roode was. Hy was volgens die resensent 'n belowende sanger met 'n sterk bariton-stem vir so 'n jeugdige seun. David Roode self het Robinson as 'n vonds beskou. Kritiek teen sy sang was dat hy nog nie in staat was om 'n deurdagte vertolking van 'n werk te kon gee nie. Die resensent het verder gesê dat hy met meer onderrig 'n baie belowende toekoms het. Ander sangers wat opgetree het, was Isabel du Toit, Anna Jackson, Freda Roode, Lotte Pretorius, mnr S Scott, Benedictus Kok, Marion Key, mej Sally Sorour, H du Plooy, Francina Buys, Juliette Aboud, Esther Uys, Jacobus Hattingh, Jurie Fourie, Ria Fourie en Gielie Noordman.

Ander instrumentiste wat tydens hierdie konserte opgetree het, sluit in: Victor Pohl, mejj Rose, de Witt, Alma Kok, Jennie Hadlow, Albert Steffens, mnr E Strauss en mnr A van Woerkom. Die bogenoemde groep instrumentiste het die orkes gevorm tydens die uitvoering van 1942. Kritiek teen die orkes was dat dit heeltemal te klein was teenoor die aantal stemme in die koor. Die resensent het egter gemeld dat Roode pragtige momente met sy kore verkry het, maar dat die volle effek kon vanweë die beperkte orkes nog nie bereik kon word nie (*Die Volksblad*, 11 en 16 Februarie 1942, 30 Oktober 1944, 26 November 1945, 24 November 1950, 3 Mei 1952 en 29 Maart 1954; *The Friend*, 15 Mei 1952).

Die ander instrumentiste sluit in: Gertrude Kautzky (klavier), Derik van der Merwe (klavier), David Roode se broer, M C Roode (klavier), Henriëtte Pauw (orrel) en Japie Human (klavier). Al hierdie kunstenaars het bydraes van hoogstaande gehalte tydens die konserte van David Roode gelewer. Enkele voorbeelde van werke wat deur die kunstenaars uitgevoer is, sluit in: *Ek weet dat my Verlosser lewe* uit *Die Messias* (Handel), *Blanke Engelerei* uit *Theodora* van Handel, *God is ons Vader*, *U is die Rus* en *Halleluja*. Prof Roode self het werke op die orrel uitgevoer, onder andere *Fanfare* (Lemmens), *Andantino* van Bridge en *Grand Choeur* (Gray) (*Die Volksblad*, 16 Februarie 1942, 30 Oktober 1944, 26 November 1945, 3 Mei 1952 en 29 Maart 1954).

Die orrel- en sanguitvoering wat in 1944 deur Roode aangebied is, was ter viering van die ingebruikneming van die nuwe Afrikaanse Psalm- en Gesangboek. Kritiek moet egter uitgespreek word ten opsigte van die werke wat tydens dié uitvoering aangebied is. By daardie geleentheid het die koor van die Oranje Meisieskool onder die leiding van mej Blignault opgetree. Hierdie was die enigste koor wat van die nuwe liederes uit die koraalboek gesing het, naamlik **Psalm 89** en **Gesang 20**. Hulle het volgens die resensent ook werklik beïndruk met hulle suiwer sang. Roode se koor het meesal onbekende musiek voorgedra wat in baie gevalle nie eens gewyde musiek was nie. Orrelwerke wat hy uitgevoer het, sluit in die **Fanfare** (Lemmens) en 'n **Andantino** (Bridge) (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1944). Hierdie twee orrelwerke behoort in die eerste plek nie tot die standaard orrelrepertorium nie, en in die tweede plek is dit glad nie gewyde musiek nie. Dit wil voorkom asof Roode slegs oor 'n beperkte orrelrepertorium beskik het, aangesien hierdie werke herhalend in byna al sy uitvoerings verskyn het. Van die erkende orrelliteratuur was daar geen sprake nie.

David Roode se kerkkoor het ook die geleentheid gehad om 'n uitvoering vir radio-uitsending te lewer. Op 25 Mei 1954 het hierdie koor in die Bloemfontein-Noordkerk in die Afrikaanse program, *Kore in Suid-Afrika*, opgetree. Hulle het werke van Molitor, Beethoven, Case en Mendelssohn gesing. Sy vrou, Freda, Jurie en Ria Fourie het as soliste in **Aanskou God is mijn heil** (Strand) en **Loof die Heer o my siel** (Grundy) opgetree (*Die Volksblad*, 22 Mei 1954).

David Roode het in 1954 sy betrekking na een-en-twintig jaar as orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord, neergelê. Hy was in totaal vier-en-dertig jaar lank orrelis, onder andere ook in Riebeeck-Wes en Bethlehem (*Die Volksblad*, 1 Junie 1954).

2.1.2.5 Deelname aan Kunswedstryde

Tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1941 het David Roode weer eens vir een van die hoogtepunte gesorg toe sy gemengde koor die eerste prys verower het. Die beoordelaar tydens die kunswedstryd was mnr C A O Duggan van Johannesburg en het die volgende kommentaar gelewer: "Die sang van die wenners was niks anders as skitterend nie. Dit was 'n onvergeetlike manifestasie van wat verfyning, buigbaarheid en dissipline behoort te wees. Die beurtsang was so presies en het die beheersing van 'n orkes gehad. Dit was inderdaad 'n uitvoering wat ek lank sal onthou. 95% is toegeken, die hoogste wat ek nog ooit vir 'n gemengde koor toegeken het." (*Die Volksblad*, 14 Mei 1941).

'n Ander hoogtepunt van die kunswedstryd was die mededinging tussen die kerkkore van Bloemfontein-Wes en Bloemfontein-Noord. Volgens die resensent was die mededinging besonder sterk en laasgenoemde koor het die skild verower met 90%. Volgens die beoordelaar het die wen-koor 'n hoë standaard van koordissipline behaal en was die balans en samevloeiing van die verskillende stemme merkwaardig. Die suiwerheid van toon was ook baie opvallend (*Die Volksblad*, 15 Mei 1941).

Prof Roode se kerkkoor het tydens die kunswedstryd van 1943 weer eens uitstekend gevaar. Hulle het vir die tweede agtereenvolgende keer die eerste plek verower (*Die Volksblad*, 13 Mei 1943).

As komponis het prof Roode die eerste plek behaal in die afdeling sangsolo met begeleiding op die Vrystaatse Kunswedstryd van 1945 (*Die Volksblad*, 15 Mei 1945). Sy kerkkoor en dameskoor het tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1940 die eerste pryse verower. David Roode se dameskoor het lof vir hul optrede gekry. Volgens die uitslae kan gesien word dat die harde werk van Roode alreeds vroeg net groot lof ontvang het (*Die Volksblad*, 22 April 1940).

2.1.2.6 Oratorium-dirigent

David Roode het hom veral ook toegespits op die Afrikaanse taal. Hy het uit sy pad gegaan om kooruitvoerings en ander konsert-optredes in Afrikaans aan te bied. Hy het hom dus nie bloot net as kunstenaar laat geld nie, maar hom ook vir Afrikaans beywer. 'n Voorbeeld van so uitvoering is in *Die Volksblad* van 23 Maart 1942 aangekondig. Roode het besluit om **Die Messias** van Handel in Afrikaans uit te voer. Hy het sy kore gemaan om die oefeninge voltallig by te woon. Hy het ook 'n uitnodiging aan ander musici en sangers wat graag wou saamwerk, gerig om so spoedig moontlik met hom in verbinding te tree.

Op Dinsdag 7 April 1942 het ongeveer honderd geesdriftiges in die Oranje-Koffiehuis onder voorsitterskap van David J Roode bymekaar gekom om te besluit oor die uitvoering van Handel se meesterlike oratorium, *Die Messias*. Die eintlike instudering van die stuk sou teen die middel van September 'n aanvang neem, om sodoende die koorlede en voornemende lede voldoende tyd te gee om die werk in te studeer. David Roode het gesê dat hy omtrent 200 stemme vir die uitvoering benodig. Ander vooraanstaande musici van die stad het reeds hul heelhartige steun belowe, onder andere, Petrus J Lemmer en Oliver A Karstel. Die uitvoering sou vroeg die volgende jaar plaasvind (*Die Volksblad*, 9 April 1942).

Later in die jaar is daar weer melding gemaak van die beplande uitvoering van *Die Messias*. Daar is ook genoem dat dit geen maklike werk was om aan te durf nie en dus die rede waarom Roode reeds vroeg met die repetisies wou begin. Die eerste oefening het plaasgevind op 7 Oktober 1942 in die skoolsaal van die Eunice Primêre Meisieskool (*Die Volksblad*, 6 Oktober 1942).

Vroeg in 1943 het die repetisies met die oog op dié uitvoering 'n aanvang geneem. Die eerste oefening in 1943 het plaasgevind op 29 Januarie in die saal van die Eunice Primêre Meisieskool. Dit was ook die laaste dag waarop nuwe lede kon aansluit (*Die Volksblad*, 28 Januarie 1943).

In 'n hele paar uitgawes van *Die Volksblad* is daar duidelik aangekondig dat die uitvoerings van **Die Messias** op 26 en 27 Maart in die Stadsaal onder die leiding van David Roode sou plaasvind. Daar is ook genoem dat Victor Pohl die orkesleier sou wees en dat die koor uit meer as 200 lede bestaan. Die fondse wat ingesamel is, is aangewend vir musiekbeurse (*Die Volksblad*, 27 Februarie, 17 en 24 Maart 1943).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (27 Maart 1943) was die Stadsaal geheel en al gevul met die eerste uitvoering van *Die Messias*. Met nog 'n uitvoering van so 'n hoë gehalte is Bloemfontein weer eens voor in die ry geplaas wat koormusiek betref. Roode het hom as uitstekende dirigent bewys deur 'n volkome balans te verkry, nie alleen tussen die mans- en damestemme nie, maar ook tussen koor en orkes. Die koor se artikulasie en konstante ritme is as kenmerk van die konsert uitgelig. Dit is weer eens 'n bewys hoe die dirigent sy sangers tot 'n instrument saamgebind het om sodoende die werk stilisties te laat slaag. Die orkes onder leiding van Victor Pohl, met mev H van der Merwe Scholtz as begeleier op die klavier het 'n groot bydrae gelewer tot die sukses van die uitvoering, veral as in gedagte gehou word dat die orkespartye in 'n oratorium veel meer as net begeleiding vir die sangers is. Enkele hoogtepunte van die uitvoering was Isabel du Toit met haar solo, **Ek weet dat my Verlosser lewe**. Die manstemme wat uitgesonder is, was dié van Petrus Lemmer, Benedictus Kok en Cecil Barry. Die uitstekende vertaling uit die oorspronklike Engels is deur prof H van der Merwe Scholtz behartig (*Die Volksblad*, 27 Maart 1943).

Na afloop van die tweede uitvoering van *Die Messias* op 27 Maart het daar weer 'n kort resensie in *Die Volksblad* (29 Maart 1943) verskyn. Die opskrif lui soos volg:
"GROOTSE UITVOERING VAN DIE MESSIAS"

In die bogenoemde resensie word genoem dat die Stadsaal weer eens tot sy uiterste gevul was. Dit was 'n bewys van die publiek se waardering vir hierdie aanbiedings. Sommige van die soliste moes sommige van hul solo's herhaal. Selfs mense wat by die Stadsaal verby geloop het, het ingekom en in die voorportaal saamgedrom om te luister. Die orkes het weer eens uitgeblyk en Aubrey Karstel en Lily Scholtz het hulle nogmaals skitterend van hul taak gekwyd op die orrel en klavier onderskeidelik. David Roode het in sy dankwoord aan die orkes en koor gesê dat dit feitlik die enigste stad in die destydse Unie is wat so hartlik kan saamwerk om musiek gewild te maak, talent te ontwikkel en aan die publiek diensbaar te kan wees.

Op 29 Mei van dieselfde jaar is *Die Messias* weer eens onder die bekwame leiding van Roode herhaal. Die uitvoering was 'n groot sukses, met net soveel artistieke welslae as die vorige twee uitvoerings. Koorstukke wat werklik beïndruk het, was *Hef op julle hoof o poorte*, *Halleluja* en *Daar is vir ons 'n Kind gebore*. Die afgeronde uitvoering van arias het getuig van deeglike instudering. Dit wou ook voorkom asof die mansoliste met meer vertrouwe as voorheen gesing het. Onder die mans was dit Benedictus Kok wat werklik beïndruk het met die uitvoering van die veeleisende resitatief en aria, *Troos nou en Alle dale, diepe ravynne*. Isabel du Toit het weer eens groot sukses behaal met haar

aria, **Ek weet dat my Verlosser lewe**. Die orkes onder leiding van Victor Pohl, mev H van der Merwe (Lily) Scholtz (klavier) en Aubrey Karstel (orrel) het hulle nogmaals bewys as uitstekende begeleiers. David Roode was tydens hierdie uitvoering as dirigent weer eens in die kol met sy fyn aanvoeling. Sy bekwame leiding was werklik 'n aansporing vir sy koor (*Die Volksblad*, 31 Mei 1943).

Handel se oratorium **Die Messias** is weer in 1950 onder die leiding van prof Roode in die Stadsaal uitgevoer. Hierdie uitvoering het op 16 Mei plaasgevind. Die koor het bestaan uit inwoners van die stad en studente van die Universiteitskoor. Die soliste by daardie geleentheid was mnr Hutchings (bas) van Johannesburg, Freda Roode (sopraan), Juliette Aboud (alt) en Willem Naudé (tenoor). Die orkes het onder die leiding van Victor Pohl gestaan met Aubrey Karstel wat soos in 1943 die orrelbegeleiding waargeneem het en Derik van der Merwe wat vir die begeleiding op die klavier verantwoordelik was (*Die Volksblad*, 29 April, 4, 6 10 en 13 Mei 1950).

Die resensie in *Die Volksblad* (17 Mei 1950) het slegs met lof van die uitvoering gepraat. Die resensent het die koorsang as volg beskryf: "Die groot koor wat deurgaans gedissiplineerd en oortuigend gesing het, het oomblikke van die diepste ontroering teweeggebring. Handel se magtige en inspirerende koorstukke is met gloed en met vertroue, sy dit dan nie altyd met die nodige afronding nie, deur 'n stewige koor

voorgedra." Prof Roode het verder volgens die resensent die koor en die orkes op 'n uiters bekwame en knap wyse beheer. Selfs in die moeilikste passasies het hulle soos 'n hegte eenheid opgetree.

Die soliste het almal artistiek afgeronde sang gelewer. Spesiale melding is van mnr Hutchings se sang gemaak. "Hy sing nie alleen ferm en sonoor nie, maar sy gestileerde voordrag, sy selfvertroue en sy onbetwyfelbare musikaliteit het hom in die meeste opsigte ver bo die ander laat uittroon." Willem Naudé het die tenoorparty met welslae vertolk. Spesiale melding is gemaak van sy besondere mooi stem en simpatieke aanvoeling. Freda Roode het haar party verfynd en afgerond vertolk. Soms was haar intonasie nie so suiwer nie. Juliette Aboud word vir haar ryk altstem geprys, maar kritiek teen haar sang was dat sy die neiging gehad het om van een noot na 'n ander te gly (*Die Volksblad*, 17 Mei 1950).

Die orkes het dikwels verras met hul simpatieke spel, al was daar hier en daar 'n ongelykheid tussen die eerste viole. Die orkes het oor die algemeen baie goed gespeel en Aubrey Karstel en Derik van der Merwe se ondersteuning op die orrel en klavier onderskeidelik het ook 'n belangrike bydrae gelewer het tot die sukses van die uitvoering (*Die Volksblad*, 17 Mei 1950).

In 1945 is daar in *Die Volksblad* bekend gemaak dat prof Roode beplan om weer 'n oratorium uit te voer. Die keuse het toe geval op **Die Skepping** van Haydn. Volgens

David Roode het hy 'n koor van ongeveer tweehonderd stemme beoog en sou die repetisies spoedig 'n aanvang neem omdat dit 'n moeilike werk was om in te studeer. Hy het ook verder te kenne gegee dat die uitvoering met orkesbegeleiding sou plaasvind. Daar is ook beplan vir sowel orrel- as klavierbegeleiding. Fondse wat hierdeur ingesamel sou word, het gegaan aan die destydse Universiteitskollege (*Die Volksblad*, 7 November 1945). Die eerste oefening van die oratorium het op 15 November 1945 in die Vissersaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 12 November 1945).

Vroeg in 1946 het dit bekend geword dat prof Roode **Die Skepping** van Haydn tydens die Bloemfonteinse Eeufees sou uitvoer. Twee uitvoerings is beplan. Die eerste het plaasgevind op Maandag 1 April 1946 in die Stadsaal. 'n Klein strykkorke onder die leiding van Victor Pohl was vir die begeleiding verantwoordelik. Die soliste tydens hierdie uitvoering was Francina Buys, Anna Jackson, Benedictus Kok, Gerhard Olivier en Schalk Scott. Die tweede uitvoering het op Woensdag 3 April 1946 plaasgevind. Hierdie keer het die Simfonieorke van die S A U K die begeleiding verskaf met Jeremy Schulman as dirigent. Die soliste het onveranderd gebly (*Die Volksblad*, 13 Februarie 1946).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (2 April 1946) was die eerste van die twee 'n baie geslaagde uitvoering. Die soliste het hulle almal goed van hul taak gekwyd en die koor het deurgaans sang van hoogstaande gehalte gelewer. Spesiale melding is gemaak van die korale, **Die aard' en hemel loof U naam** en **Die heem'le vertel van die eer**

van die Skepper. Hierdie twee korale is ongetwyfeld as die hoogtepunte van die uitvoering beskryf. David Roode het as dirigent tydens hierdie uitvoering opgetree.

Die opskrif van die resensie in *Die Volksblad* van 4 April 1946 lui soos volg: "Oratorium met groot orkes skitterend uitgevoer". Die koor en soliste het weer eens pragtige sang gelewer. Kritiek is egter teen die orkes uitgespreek. Die orkes se groot klank het plek-plek verhinder dat die gehoor die fyn aksente en nuanserings van die koor nie so goed kon volg soos in die vorige uitvoering toe prof Roode self met sy meesterlike dirigeerkuns die subtielste effekte in sy koor kon laat hoor nie. 'n Solis wat werklik goed gesing het, was Anna Jackson. Die resensent meld dat sy soos 'n ware veteraan gesing het, volkome rustig en sonder nadelige invloed van die opwindende stemming. Verder word prof Roode ook geprys vir sy deeglike werk met die koor en die feit dat sy keuse wel die korrekte een was en groot sukses behaal het.

In 1947 het dit bekend geword dat David Roode beplan het om Mendelssohn se oratorium, *Elia* in 1948 uit te voer. Vir hierdie optrede het Roode 'n koor van ongeveer 200 stemme beplan en 'n orkes van 20 lede om die begeleiding waar te neem. Dié orkes sou weer eens onder die bekwame leiding van Victor Pohl staan. Aangesien prof Roode reeds in die verlede ander groot oratoriums met welslae uitgevoer het, soos hierbo bespreek, het die publiek met afwagting uitgesien na die komende uitvoering. Hierdie sou dan ook die eerste keer wees dat dié betrokke oratorium in Bloemfontein uitgevoer word (*Die Volksblad*, 10 September 1947).

Volgens *Die Volksblad* (17 en 21 April 1948) was die uitvoering van Mendelssohn se **Elia** beplan vir 2 en 3 Junie. Die orkes sou weer deur Victor Pohl gelei word en die klavierbegeleiding sou deur Gladys Wilkinson waargeneem word. Die soliste vir die oratorium was Isabel du Toit (sopraan), Joan Hadlow (alt), Juliette Aboud (alt), Tony Kaplan (tenoor) en Schalk Scott (bas).

Volgens die resensent was hierdie oratorium sekerlik een van die mees ambisieuse en ook die moeilikste, maar terselfdertyd ook die mees geslaagde wat deur plaaslike kunstenaars aangebied is. 'n Groot gekombineerde koor van 150 lede bestaande uit volwassenes en studente van die destydse U K O V S het deurgaans voorbeeldige sang gelewer. Hoogtepunte was **Baäl ons roep jou aan, Hoor ons roep O Baäl** en die triomfantelike slotgedeelte, **En dan sal U Lig soos die Daeraad Deurbreek** (*Die Volksblad*, 3 Junie 1948).

In dieselfde resensie is spesiale melding gemaak van Isabel du Toit wat met haar sang vir die hoogtepunt van die aand gesorg het. Juliette Aboud het ook gevoelvolle en beheerste sang gelewer. Schalk Scott as Elia het sang van hoë gehalte gelewer, terwyl die sang van Tony Kaplan nie altyd deur suiwer diksie gekenmerk was nie. Sy liriese stemkwaliteit het wel 'n goeie indruk gemaak. 'n Dubbelkwartet bestaande uit Isabel du Toit, Lotte Pretorius, Juliette Aboud, Benedictus Kok, Schalk Scott, Jurie Fourie en Pieter Roux het met hul sang ook vir een van die hoogtepunte van die uitvoering gesorg.

Die orkes se spel was bevredigend en boonop was dit die grootste ensemble wat nog vir so 'n uitvoering saamgestel is. Aubrey Karstel se spel op die Wurlitzer-orrel was van onskatbare waarde en het baie tot die sukses van die produksie bygedra (*Die Volksblad*, 3 Junie 1948). 'n Uitvoering van die *Elia* is op 12 Junie 1948 ook in Kimberley aangebied (*Die Volksblad*, 4 Junie 1948).

Volgens *Die Volksblad* van 16 Junie 1948 was die uitvoering van Mendelssohn se *Elia* in Kimberley 'n reusesukses. Die soliste het pragtige sang gelewer, en een van die hoogtepunte was ongetwyfeld die kwartet **Werp u kommer op die Heer** wat gesing is deur Isabel du Toit, Lotte Pretorius, Schalk Scott en Benedictus Kok. Die koor het een van die baie mooi momente in die slotkoor, **En dan sal U Lig soos die Daeraad Deurbreek**, bereik.

2.1.2.7 Eksaminator en Beoordelaar

Prof Roode het hom ook as eksaminator laat geld en hy is in 1940 in dié hoedanigheid aangestel. So is daar in *Die Volksblad* van 20 April 1940 bekendgemaak dat David Roode tot eksaminator verkies is vir daardie jaar se eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika. Hy is daardie jaar bygestaan deur Aubrey Karstel, ook 'n bekende in die musieklewe van Bloemfontein en mnr Horace Barton van Johannesburg.

In 1945, 1946, 1948, 1949, 1950, 1953 en 1954 is hy weer as eksaminator deur U N I S A aangestel. Met die aankondiging van die eksaminatore van U N I S A vir 1946 het prof Roode se naam verskyn by die klavier-, orrel- en sangeksamens. Hy was ook op die paneel van hoofeksaminatore vir die lisensiaateksamens saam met Petrus Lemmer en Iliffe-Higgo. In 1948 is hy weer aangewys as een van die eksaminatore wat verantwoordelik was vir die lisensiaateksamens. Hy is bygestaan deur Petrus Lemmer, Naomi Papé, Erwin Broedrich en Lorenzo Danza. In 1949, 1950 en 1953 was hy op die paneel vir die lisensiaateksamens (*Die Volksblad*, 23 Augustus 1945, 18 Julie 1946, 3 Julie 1948, 17 September 1949, 26 Augustus 1950, 7 Augustus 1954; *The Friend*, 3 Augustus 1953).

Prof Roode het ook van tyd tot tyd as beoordelaar by kunswedstryde opgetree. In 1948 was hy die beoordelaar tydens die Kunswedstryd in Kimberley en wel vir die afdelings instrumentale- en vokale musiek (*Die Volksblad*, 24 Maart 1948). Roode het ook as beoordelaar by die Kunswedstryd van Cradock opgetree en saam met sy vrou op Middelburg, Kaapprovinsie (*Die Volksblad*, 15 April 1950 en 16 April 1955). In 1952 het David Roode as beoordelaar by die Durbanse Kunswedstryd opgetree. Hy het die vokale- sowel as die instrumentale afdelings behartig (*Die Volksblad*, 26 April 1952). In 1954 het hy in Durban vir beide die instrumentale- en vokale afdelings as beoordelaar opgetree. In dieselfde jaar het hy in dié hoedanigheid tydens die Engelse Kunswedstryd in Pretoria opgetree (*Die Volksblad*, 8 Mei 1954).

2.1.2.8 Ander aktiwiteite

David en Freda Roode het soms ook saam in konserte opgetree. Tydens die konsert wat plaasgevind het ter herdenking van die verjaardag van Bloemfontein, het hulle die program ingelui met 'n uitvoering op twee klaviere. Hulle het 'n afgeronde uitvoering van *Waar Skape rustig Wei* (Bach) en *Die aankoms van die Koningin van Skeba* (Handel) gegee. Later in die verloop van die konsert het hulle weer opgetree. *Feu Roulant* van Duvernoy en 'n *Negerdans* van Cyril Scott het groot byval gevind. Prof Roode het ook 'n gesamentlike koor gelei wat opgetree het (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1948). Tydens die eerste byeenkoms van die nuutherstigte Musiekvereniging van die Universiteitskollege het prof en mev Roode ook 'n uitvoering op twee klaviere gegee (*Die Volksblad*, 14 September 1948). In 1950 het prof en mev Roode weer eens as klavier-paar opgetree en wel tydens die konsert wat die selfstandigwording van die U O V S ingelui het. Dié konsert het op 15 Maart 1950 in die Stadsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het hulle 'n presiese en afgeronde uitvoering van *Tourbillon* van Melan-Gue'rout gegee. Prof Roode was ook verantwoordelik om die hele program saam te stel (*Die Volksblad*, 16 Maart 1950).

David en Freda Roode se gesamentlike uitvoerings was nie net tot Bloemfontein beperk nie. Hulle het ook op ander dorpe opgetree. In Augustus 1949 het hulle 'n musiekuitvoering onder die beskerming van die Landbou-unie op Brandfort gegee. By daardie geleentheid is hulle deur Juliette Aboud en Augusta van der Merwe bygestaan

(*Die Volksblad*, 20 Augustus 1949). 'n Ander dorp waar hulle in dié hoedanigheid opgetree het, was Kroonstad. Hulle uitvoering daar het op 23 Oktober 1948 plaasgevind (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1948). Op 17 Junie 1950 het hierdie egpaar saam met ander kunstenaars van Bloemfontein 'n uitvoering op Brandfort gegee. Hierdie konsert is aangebied ter viering van die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die Ned Geref-gemeente (*Die Volksblad*, 10 Junie 1950).

Op 28 Maart 1944 het Roode saam met van sy studente in die Stadsaal op Theunissen opgetree. Dié konsert het uit verskillende musiek- en sang-items bestaan en is aangebied onder die beskerming van die Helpmekaar-Kultuurfonds. Op 8 Maart 1952 het prof Roode 'n konsert in Kimberley aangebied. Hy is deur Juliette Aboud, Derik van der Merwe en Jacobus Hattingh bygestaan. Hulle het werke van Mendelssohn, Schubert en Strauss uitgevoer. In April 1955 het prof Roode en 'n groep van sy studente 'n uitvoering in Brandfort aangebied. Hulle het op versoek van die Musiekvereniging van Brandfort in die Stadsaal opgetree (*Die Volksblad*, 15 Maart 1944, 7 Maart 1952 en 13 April 1955).

Met die totstandkoming van die Musiekvereniging van die Universiteitskollege van die Oranje Vrystaat, later U O V S, het prof Roode tydens sy jare as dosent aan die inrigting onafgebroke aan die vereniging behoort. Hy is later as ere-voorsitter aangewys (*Die Volksblad*, 31 Maart 1951).

2.1.3 P J Lemmer

2.1.3.1 Lewenskets

'n Ander belangrike figuur wat mettertyd op die musiektoneel verskyn het, was die musikus P J Lemmer. Hy kan ook met reg as een van die baanbrekers beskou word, want daar was byna nie 'n terrein waarop hy nie uitgeblink het nie. Hy het hom onderskei as komponis, dirigent, voordraer, musiekopvoeder, skrywer, beoordelaar en eksaminator. Hierdie man in totaliteit het werklik 'n onuitwisbare stempel, nie net op die Bloemfonteinse musieklewe nie, maar op die hele Suid-Afrika afgedruk.

Petrus Johannes Lemmer is op 3 Mei 1896 te Hartebeesfontein in die distrik Klerksdorp gebore. Hy was die seun van Richard Hermannus Lemmer, 'n vooraanstaande boer. Sy musiektalent is op 'n baie vroeë ouderdom reeds opgemerk en sy suster, Sannie (mev A C Schulenburg), wat die orreliste van die gemeente in Hartebeesfontein was, het sy eerste musiekonderrig aan hom gegee. Hy was in daardie stadium slegs tien jaar oud en het so goed gevorder dat hy sy suster reeds op veertienjarige leeftyd in die kerk as orrelis kon vervang. Op sy jeugdige ouderdom het hy op bekwame wyse die kerkkoor gelei en ook self 'n seunskoor gestig en afgerig. So het hy op 'n baie vroeë leeftyd vertrouwd geraak met die dirigeerkuns wat hom later van soveel nut sou wees (Human, 1976, p. 576).

Reeds op 'n baie vroeë ouderdom het sy onderneemingsgees na vore getree toe hy 'n blaasorkes gestig en self afgerig het. Die fondse vir die aankoop van die instrumente is deur kollekte ingesamel en hy het self die spelers op hul betrokke instrumente onderrig (Human, 1976, p. 576, *Die Volksblad*, 2 Desember 1944). Dit was voorwaar 'n buitengewone prestasie vir so 'n jong seun.

Daarna het hy sy studies aan 'n klooster op Klerksdorp voortgesit. Hiervoor moes hy vir vier jaar een maal per week per fiets of te perd sowat 30 km aflê. Tydens hierdie vier jaar het sy deursettingsvermoë en doelgerigtheid sterk na vore getree, want in dié tyd, ongeag die omstandighede, het hy nooit een musiekles misgeloop nie (Human, 1976, p. 576). Vir verdere studie het hy ook na Bloemfontein gekom, waar hy les geneem het aan die Normaalkollege by P K de Villiers. Hy was dus 'n tydgenoot van S le Roux Marais, Douglas Mossop en Cecilia Wessels wat ook onder De Villiers studeer het (Human, 1976, pp. 576-577).

In die jare 1917 en 1918 het hy die U O L M (klavier) verwerf. Nadat hy sy studies onder P K de Villiers voltooi het, is hy vir 'n studietydperk van drie jaar na Londen, waar hy klavier, orrel, sang, harmonie en komposisie aan die Koninklike Akademie vir Musiek studeer het. In 1922 verwerf hy die L R A M in sang. Hy het baie hard gewerk en soms tot nege uur per dag geoefen. Die harde werk het egter sy gesondheid ondermyn en hy het weens ooreising tydelik die gebruik van sy hande verloor. Hy het toe met vakansie na die eiland van Man vertrek, waar hy deur intense verlanse na sy

land oorval is. Hy druk sy heimwee uit in 'n komposisie vir klavier, **Romanse in D**. Uit dankbaarheid vir sy herstel skryf hy egter 'n koorstuk, **Loof die Heer**. Hy is 'n onderprofessoraat in sang aan die Akademie in Londen aangebied, maar het dit egter van die hand gewys om na Suid-Afrika terug te keer. Hy verloor egter nie kontak met die Akademie nie, want later is die eretitel **A R A M** (Associate of the Royal Academy of Music) aan hom toegeken vir sy bydrae tot musiek in Suid-Afrika (Human, 1976, pp. 577-578).

As verdere bewys van Petrus Lemmer se talent as komponis is daar die Eeufeeslied van 1946 wat hy gekomponeer het. Op versoek van die Eeufeeskomitee het Lemmer die woorde wat deur prof D F Malherbe geskryf is, getoonset. Die eerste kooroefening met die oog op 'n uitvoering het op Vrydag 1 Februarie 1946 onder leiding van Petrus Lemmer in die skoolsaal van die Laerskool Sentraal plaasgevind (*Die Volksblad*, 26 Januarie en 2 Februarie 1946).

In 1923 het hy na Suid-Afrika teruggekeer. In dieselfde jaar stig hy die Musiekkonservatorium te Malmesbury en is hy hoof van dié inrigting tot in 1928. Hier was hy die orrelis van die Ned Geref Kerk en ook die dirigent van die Swartlandse Musiekkorps. Hy is later met een van sy leerlinge getroud, ene Millicent Houzet, 'n bekwame pianiste en tjelliste, wat onder sy leiding die **U V L M** (klavier) met lof verwerf het (Human, 1976, p. 578).

Vanaf 1928 tot 1938 was hy lektor in sang aan die destydse Normaalkollege in Bloemfontein en later ook orrelis van die Moederkerk (*Die Volksblad*, 2 Desember 1944). In 1938 is sy verblyf tydelik in Bloemfontein onderbreek met sy aanstelling as Musiekdirekteur van die Staande Mag. Sy vertrek was vir Bloemfontein 'n gevoelige slag. Gelukkig vir Bloemfontein en sy musieklewe, was sy verblyf in Pretoria maar van korte duur en keer hy in 1940 terug na Bloemfontein as Sangorganiseerder in die Vrystaatse skole. Die destydse Direkteur van Onderwys, dr S Henri Pellissier het Petrus Lemmer se aanstelling as 'n groot aanwinst vir Vrystaatse skolesang beskou: "Hy is geen onbekende in die Vrystaat nie waar hy as musikus, komponis en sangdosent aan die Normaalkollege reeds so veel roem verwerf het. Ek hou my daarvan oortuig dat hy besonder daartoe sal bydra om die Vrystaatse jeug 'n singende bende te maak." (*Die Volksblad*, 2 Desember 1944; Human, 1976, pp. 584-585).

2.1.3.2 Organiseerder van Sang

In *Die Volksblad* van 10 September 1940 is bekend gemaak dat Petrus Lemmer as Organiseerder van Sang in die Vrystaat aangestel is. Hy is deur die destydse Direkteur van Onderwys genader en het homself bereid verklaar om die pos te aanvaar. Daar is gehoop dat hy die Vrystaatse pos met ingang van die laaste kwartaal sou vul. Petrus Lemmer was 'n bekende persoon in die Vrystaat en in daardie stadium 'n dosent in musiek op Wellington.

Die pos as Organiseerder van Sang in die Vrystaat het hy vir sestien jaar beklee. Vroeg in 1956 het dit bekend geword dat hy die pos as hoof van die musiekafdeling by die Tegnieuse Kollege in Oos-Londen aanvaar het. Hierdie pos het hy vanaf 1 April 1956 beklee. Hy is ook as dirigent van die Afrikaanse Koorvereniging van Oos-Londen aangestel (*Die Volksblad*, 26 Januarie 1956; *The Friend*, 27 Januarie 1956).

Uit die volgende berig in *Die Volksblad* is dit duidelik dat mnr Lemmer sy taak as Organiseerder van Sang met groot erns aangepak het. Na 'n kort tydjie in die pos is daar bekend gemaak dat sy eerste bundel, **Ons eie Reeks, nr 1**, reeds in die pers was. Hieruit kan afgelei word dat Lemmer se beroep hom baie na aan die hart gelê het. In die bundel wat spesiaal gekomponeer is vir die sub-standerds 1 en 2, verskyn ook twee bladsye oor die karakter en vertolking van die liedjies. Verder word daar melding gemaak van Lemmer se werk aan 'n handleiding in Afrikaans oor sangonderrig in skole. Hy was ook besig om 'n kantate in Afrikaans vir die primêre skool te skryf (*Die Volksblad*, 10 Desember 1940).

Petrus Lemmer se werk as Organiseerder van Sang in die Vrystaat het hom uit die aard van die saak nie net tot Bloemfontein beperk nie. Hy het 'n besondere bydrae in die hele provinsie gelewer. Hy het selfs landwyd so 'n geweldige invloed op musiek en die onderrig daarvan gehad, dat hy as 'n nasionale figuur beskou kan word. As eksaminator het hy die hele land deurreis en waar hy hom ook al bevind het, het hy sy stempel

afgedruk. As sprekende bewys van sy werk elders in die provinsie het hy 'n sangkonferensie op Zastron en Dewetsdorp op 7 en 12 Maart 1941 gehou (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1941).

'n Ander plattelandse dorp wat deur hom besoek is, was Reitz. Daar is 'n geslaagde sangfees op 10 Junie 1942 aangebied. Dié geleentheid is deur die plaaslike skool georganiseer. Petrus Lemmer het in sy toespraak na afloop van die verrigtinge melding gemaak dat die sang daardie jaar daar op 'n hoër standaard as die vorige jaar was. Hy was ook baie beïndruk met twee koorliedere wat mnr J J Swart, die sangonderwyser, verwerk het vir 'n kwintet en 'n sekstet (*Die Volksblad*, 18 Junie 1942). In 1945 het Petrus Lemmer die sangaand van die Koot Niemannskool bygewoon en dit as 'n baie geslaagde aand beskryf. "Elke item is puik en tot die fynste besonderhede afgerond en is netjies gelewer" (*Die Volksblad*, 24 Desember 1945).

Petrus Lemmer het op 3 en 5 November 1954 'n besoek aan Brandfort gebring. Hy het die volwasse kore tydens hul sangfees gedirigeer. Op 23 Oktober 1954 het hy dieselfde taak in Wesselsbron verrig (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1954).

In 1946 het Petrus Lemmer 'n lesing oor musiekwaardering voor 'n groot gehoor in Bethlehem gegee. Hierdie geleentheid is georganiseer deur die Musiekvereniging van Bethlehem. Hy het sy lesing met plaatopnames en demonstrasies op die klavier toegelig. By daardie geleentheid het hy ook kortliks oor die simfonieorkeste gepraat. Verder het

Petrus Lemmer verklaar dat Bethlehem se sang in die skole destyds van die beste in die land was (*Die Volksblad*, 11 Desember 1946). Hy het 'n soortgelyke lesing op Hennenman onder beskerming van die Vroue-Landbou-Unie in Oktober 1954 aangebied (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1954).

Later in 1950 het Lemmer 'n boek die lig laat sien met die naam: **Hoe Luister Ons**. Hierdie werk het oor musiekwaardering gehandel en het allerlei interessantheite bevat sonder om té akademies te raak. Een van die hoofstukke in die boek is geheel en al aan die simfonieorkes en die instrumente gewy (*Die Volksblad*, 25 Maart 1950).

Die rede vir Petrus Lemmer se aanstelling as Sangorganiseerder in die Vrystaat, was om die sang in skole te verbeter. Hy het ook uit sy pad gegaan om die leerkragte in dié verband te onderrig. Gevolglik het hy 'n sangkursus in Bloemfontein vir die Vrystaatse leerkragte aangebied. Net minder as 100 leerkragte het die kursus bygewoon. Lemmer het aangekondig dat hy op Donderdagaand die deure vir die publiek sou oopstel sodat hulle ook kon luister na die talent wat aan die kursus deelgeneem het. Daar sou by die geleentheid ook musiekpraatjies aangebied word, asook volksang en ander musiek-items (*Die Volksblad*, 30 September, 1 Oktober 1941).

Die resensie in *Die Volksblad* (3 Oktober 1941) begin dan ook soos volg: "Sangkursus in Stad Mooi Afgesluit." Die improvisasie-konsert wat aangebied is op die Donderdagaand, was 'n pragtige bewys van die suksesvolle werk wat gedurende daardie

week by die Normaalkollege gedoen is. Dit was hoofsaaklik die leerkragte wat die kursus bygewoon het en wat aan die konsert deelgeneem het. Petrus Lemmer het na afloop van die konsert gesê dat hy die kursus baie geniet het en dat hy graag 'n herhaling daarvan sou wou sien. Behalwe vir die koorstukke wat aangebied is, het die program bestaan uit 'n mannekwartet, etlike voordragte, 'n duet, solo-optredes en klaviersolo's.

Die kursus was spesifiek bedoel om die sangonderrig in skole te verbeter en te bevorder. Om hierdie aspek te illustreer het mnr Lemmer demonstrasies van sanglesse gegee soos dit aangebied behoort te word. Grace Butler en die dogters van die Eunice Sekondêre Meisieskool was hiermee behulpsaam (*Die Volksblad*, 3 Oktober 1941).

2.1.3.3 Dirigent

Soos reeds genoem het Petrus Lemmer as dirigent uitgeblink. Een van die grootste musikale ondernemings wat Bloemfontein bevoorreg was om te beleef, was die uitvoering van die kantate, **Dawid die Herderseun** van Root. Dié uitvoering was beplan vir 1942. Wat hierdie uitvoering so besonders sou maak, is die feit dat dit in Afrikaans gesing sou word. Lemmer het vir hierdie doel 'n koor van ongeveer 250 lede beoog. 'n Volle orkes sou ook georganiseer word vir hierdie spesiale uitvoering. Daar is bekend gemaak dat baie sangers en sangeresse hul reeds bereid verklaar het om aan hierdie uitvoering deel te neem. Ander lede van die publiek wat sou belangstel, kon

hulself aanmeld by mej Magda Wessels van die Oranje Meisieskool, omdat Lemmer uitstendig was in verband met lisensiaateksamens van die Universiteit van Suid-Afrika. Oefeninge sou vroeg in die vierde kwartaal 'n aanvang neem. Die doel van hierdie uitvoering was om met die fondse wat ingesamel sou word, 'n vleuelklavier vir die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging te koop (*Die Volksblad*, 19 Mei 1941).

Gunstige reaksie is onmiddellik verkry nadat hierdie grootse poging in die plaaslike koerant geadverteer is. Een van die persone wat dadelik reageer het, was Victor Pohl. Hy was bekend as een van Bloemfontein se beste vioolspelers en ook die leier van die strykorkes. Hy het sy standpunt gestel en sy dienste beskikbaar gestel, veral ten opsigte van die orkes wat Petrus Lemmer vir hierdie uitvoering tot stand wou bring (*Die Volksblad*, 30 Mei 1941).

Prof Dr H van der Merwe Scholtz was gemoeid met die vertaling van die teks in Afrikaans en mev Lily Scholtz sou as begeleier van die koor optree (*Die Volksblad*, 9 Augustus 1941).

Die skedule vir koorrepetisies is gereeld in die plaaslike koerant gepubliseer. Dit het in die saal van die Eunice Primêre Meisieskool plaasgevind (*Die Volksblad*, 22 Oktober 1941). Die eerste oefening in die nuwejaar was op 23 Januarie 1942. (*Die Volksblad*, 23 Januarie 1942).

Die publiek is voortdurend op hoogte gehou met die vordering van die kantate. Daar is gesê dat Lemmer baie tevrede was met die opkoms van sangers en dat hy selfs hulp ontvang het van sangers van die omliggende dorpe. Vroeg reeds is bekend gemaak dat die sang begelei sou word deur 'n orkes. Victor Pohl was die orkesleier. Die eerste uitvoering van die kantate is beplan vir 20 Maart in die Stadsaal waarheen al die skoolkinders van Bloemfontein uitgenooi sou word. Die tweede uitvoering is beplan vir 21 Maart, met 'n herhaling op 11 April. Hierdie uitvoerings was spesifiek vir die publiek. *Die Volksblad* se verslaggewer het soos volg in die koerant geskryf: "Dit beloof 'n musiekgebeurtenis van aangrypende skoonheid te wees, wat niemand moet versuim nie." (*Die Volksblad*, 7 Februarie 1942 en 14 Maart 1942).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* (21 Maart 1942) was die eerste uitvoering van die kantate, **Dawid die Herderseun**, 'n reuse sukses en Petrus Lemmer het vir die eerste keer al die vername sangkragte in Bloemfontein bymekaar gekry om van hierdie uitvoering regtig iets besonders te maak. Geïnspireerde leiding en delikate beheer was 'n kenmerk van Lemmer se dirigeerkuns dwarsdeur die hele werk. Enkele hoogtepunte van die uitvoering was die koraal, **God is Hoog en Heilig**, die kwartet van die herders en die solo's, **Ek is Dawid die Herderseun** en **Gewonde hert verlang nie so**. Die veeleisende klavierbegeleidig is deur mev Lily Scholtz behartig. Kyk Bylae, pp. 4-5.

Die tweede uitvoering van die gewyde kantate was eweneens 'n groot sukses soos die eerste. Daar word gesê dat die prestasie wat Lemmer en sy mede-musici gelewer het, in geen ander stad in Suid-Afrika oortref word nie. Die aandeel van die koor is beskou as van die allerbeste wat seker ooit in ons land gehoor is (*Die Volksblad*, 23 Maart 1942).

Onder die soliste wat hulle meesterlik van hul taak gekwyt het, was daar Cecil Barry met sy pragtige vertolking van die titelrol. Anna Jackson het uigeblyk onder die vroue-soliste met haar vertolking van Abigail. Die mees belowende stem van die aand is egter onder die kinderkoor gevind. Rita Karstel moes haar soloparty uit **Gelukkig is die kinders** herhaal. Die enigste kritiek teen haar sang was dat sy die klinkers nie baie duidelik uitgespreek het nie. Ander stemme wat beïndruk het, was die van Benedictus Kok, Jaap C Rousseau en Jurie Fourie. Na afloop van die uitvoering het dr S Henri Pellissier die groep kunstenaars namens die gehoor bedank. Daar is ook bekend gemaak dat die uitvoering heel waarskynlik in Bethlehem en dalk in Kroonstad herhaal sou word (*Die Volksblad*, 23 Maart 1942).

Die kantate is op Saterdag 17 Oktober 1942 in die Stadsaal herhaal. Dit was die vierde keer dat dié kantate in Bloemfontein uitgevoer is. Daar was weer eens 'n groot gehoor teenwoordig ten spyte van ongunstige weer. Die opbrengs is dié keer aangewend ten bate van die boufonds van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes. Groot dank en waardering is uitgespreek teenoor Petrus Lemmer wat uit 'n siekbed moes opstaan om sy plek as dirigent te kon inneem. Victor Pohl en Freda Roode is ook gekomplimenteer

en bedank vir hul take as leier van die orkes en begeleier op die klavier onderskeidelik. David Roode het 'n groot aandeel in hierdie betrokke uitvoering gehad. Aangesien sommige van die soliste nie hierdie uitvoering kon bybring nie, moes hy hulle rolle gesing het. Hy het die titelrol sowel as sy oorspronklike rol, naamlik Jonatan gesing. Ander soliste wat beïndruk het, was Jaap Marais, Benedictus Kok, Isabel du Toit en Jurie Fourie. Volgens die resensent was dit weer eens 'n baie geslaagde uitvoering (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1942).

Teen die einde van 1949 het Petrus Lemmer weer 'n kantate uitgevoer. **Vasco da Gama** van Statham is vanaf 16 tot 18 November 1949 in die Stadsaal aangebied. Die Afrikaanse vertaling is deur S J M Osborne gedoen. Die soliste wat in hierdie aanbieding opgetree het was almal bekende Bloemfonteinse sangers en sangeresse. Die sopraan- en mezzo-sopraanpartye is deur Isabel du Toit en Anna Jackson vertolk, die tenoorparty deur Gerhardus Potgieter en die basparty deur Gerhard Olivier. Die strykkorke onder leiding van Victor Pohl is bygestaan deur Katharine Mason (klavier) en Olga Troskie (orrel). Die program is afgewissel met 'n uitvoering van twee dele uit die **Vioolkonsert in g mineur** van Max Bruch deur Erwin Broedrich wat deur sy vrou Gudrun op die klavier begelei is (*Die Volksblad*, 21 en 28 Oktober 1949).

Dit is duidelik volgens *Die Volksblad* van 17 November 1949 dat die uitvoering van 16 November hoofsaaklik vir skoliere was. Baie volwassenes kon nie wag vir die uitvoering van 17 November nie en het ook die eerste uitvoering bygewoon. By dié

geleentheid het Erwin Broedrich egter nie opgetree nie. Petrus Lemmer het voor die aanvang van die kantate die hele verhaal van **Vasco da Gama** aan die kinders vertel. Daarna het die musikale uitbeelding van dié verhaal vir hulle duidelike betekenis gekry.

Uit dieselfde resensie kan afgelei word dat die koorsang beslis een van die hoogtepunte van hierdie uitvoering was. Die mannekoor het uit sewentig minder goed geoefende lede bestaan en die dameskoor uit ongeveer honderd baie goed geoefende dames. Dit was veral toe die twee kore saamgesing het dat voortreflike hoogtepunte bereik is. Koorstukke wat 'n skitterende indruk gemaak het was **Heil, Suiderkruis** en die slotkoor **Hef aan lofgesange**. Anna Jackson, Isabel du Toit en Gerhard Olivier was teen daardie tyd baie goed aan die Bloemfonteinse publiek bekend en het skitterende sang gelewer.

Gerhard Olivier het die basparty met groot gemak vertolk. Die enigste nuweling was Gerhardus Potgieter (beter bekend as Gert Potgieter) wat die tenoorparty gesing het. Hy het veral beïndruk in die duet saam met Anna Jackson en die mannekoor. Die buigzaamheid in sy nie te sterk musikale en liriese stem, was baie opvallend. Ander uitstaande kenmerke van sy sang, was die duidelike diksie en suiwer intonasie. Isabel du Toit en Anna Jackson het hulle partye met musikale insig en voortreflikheid vertolk (*Die Volksblad*, 19 November 1949).

Die strykkorke se gedissiplineerde spel saam met die klavier en die orrel het vir die nodige ondersteuning gesorg en het baie tot die sukses van die uitvoering bygedra (*Die Volksblad*, 17 en 19 November 1949).

'n Uitstaande kenmerk van die laaste twee uitvoerings van hierdie kantate was weer eens die koorsang. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (19 November 1949) was dit jammer dat die groot gemengde koor wat met soveel deeglikheid en musikale insig afgerig is nie meer dikwels die geleentheid gehad het om op te tree nie. Die drie koorstukke vir die gekombineerde mans- en dameskoor is op die mees verheffende wyse vertolk. **Heil, Suiderkruis** was weer een van die mooiste momente van die uitvoering. Die mannekoor se sang was ook baie goed, alhoewel daar 'n effense huiwering en ongelykheid in die eerste lied was. Dit kon toegeskryf word aan die feit dat hulle heel agter op die verhoog opgestel was wat die gedraenheid van hul sang ingeperk het. Die onbetwiste hoogtepunt van die mannekoor was hul vertoking van die kerslied **Adeste Fideles** wat op die mees oorspronklike wyse deur die komponis verwerk is. Besondere glans is aan die laaste twee konserte verleen met die optrede van Erwin Broedrich (viool) en sy vrou, Gudrun (klavier) wat 'n swierige en artistieke uitvoering van twee dele van Max Bruch se **Vioolkonsert in g mineur** gegee het. Kyk Bylae, pp. 6-7 (*Die Volksblad*, 19 November 1949).

In 1945 het mnr Lemmer die gewigtige taak op hom geneem om 'n vollengte opera in Afrikaans aan te bied. Die keuse het op **Hänsel und Gretel** van Engelbert

Humperdinck geval. Die hoofrolle is uitsluitlik deur plaaslike talent vertolk. Hulle is bygestaan deur 'n koor, klavierbegeleiding deur Lily Scholtz en 'n orkes onder die leiding van Victor Pohl (*Die Volksblad*, 5 Mei 1945).

Volgens *Die Volksblad* van 19 Junie 1945 was die uitvoering van hierdie opera 'n reuse sukses. Soliste wat uitblink het in hul onderskeie rolle, was Anna Jackson, Rita Karstel, Isabel du Toit en Norah Havenga. Joan Hadlow het die hoogste lof vir haar uitmuntende voorstelling van die heks ontvang. Die resensent maak ook melding van Petrus Lemmer se groot aandeel in hierdie onderneming en sê verder dat Bloemfontein nie net die leiding geneem het nie, maar 'n standaard gestel het wat nie maklik oortref sal word nie. Kyk Bylae, pp. 42-43.

Petrus Lemmer het in 1948 weer eens die leiding geneem toe die Vrystaatse Musiekvereniging 'n operette aangebied het. Hy was verantwoordelik vir die musiekleiding van *Lilac Time* wat op 29, 30 November en 1 Desember in die Grand-teater opgevoer is. Volgens die resensie het Lemmer werk verrig wat vir Bloemfontein se musieklewe van onskatbare waarde was. Die orkes het onder sy simpatieke leiding pragtige spel gelewer en was grootliks verantwoordelik vir die sukses van die produksie. Kyk Bylae, pp. 46-48 (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948).

2.1.3.4 Koorleier

Die sangfeeste van die plaaslike skole was 'n jaarlikse instelling op die musiekkalender van Bloemfontein. In 1941 het die vierde agtereenvolgende sangfees onder die bekwame leiding van Petrus Lemmer plaasgevind. Verskeie van die liedere is deur die groot gesamentlike koor van meer as 2200 leerlinge uitgevoer, afgewissel deur die verskillende skoolkore. Volgens Lemmer was al die kore besonder goed afgerig en die leerkragte het alle eer vir hul werk verdien. 'n Kenmerk van die hele geleentheid was dat die kinders deurentyd met oorgawe gesing het. Een van die redes waarom die fees so besonders was, is die feit dat dit ook oor die radio uitgesaai is. (*Die Volksblad*, 25 en 27 Oktober 1941).

Van die items op die program was die volgende: **John Peel**, **Waghondjies**, **Londonderry Air**, **Rosie van die velde**, **Sunbeams**, **Kom na die sonlig woud** en **The Rising of the Lark** (*Die Volksblad*, 27 Oktober 1941).

Soortgelyke sangfeeste is weer in 1942, 1943, 1944, 1945, 1947 en 1948 aangebied. In 1942 het Petrus Lemmer weer eens as dirigent opgetree, bygestaan deur die Filharmoniese orkes, onder leiding van Victor Pohl. Die klavierbegeleiding is deur Michele Casaleggio en Jurie Fourie waargeneem. Die fees het op 23 April 1942 in Victoriapark plaasgevind. 'n Koor van meer as 4000 kinders is bymekaar gebring vir hierdie geleentheid (*Die Volksblad*, 21 April 1942). Tot in daardie stadium is die

sangfeeste altyd in die stadsaal aangebied, maar weens die groot aantal deelnemers was daar nie genoeg plek vir die publiek nie. Met die fees in Victoriapark kon die publiek ook deel hê aan dié besondere gebeurtenis (*Die Volksblad*, 22 April 1942).

Die verrigtinge is deur dr S Henri Pellissier, destydse Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, geopen. Die leerlinge het 'n aantal koorwerke onder die bekwame leiding van Petrus Lemmer met oorgawe uitgevoer. Die hoogtepunt was die uitvoering van **Old Folks at Home**, die bekende liedjie van Stephen Foster. Die program het verder uit klaviersolo's en ballet-danse deur leerlinge van die Eunice Meisieskool bestaan. Individuele kore wat opgetree het, was dié van die Oranje Meisieskool, Modelskool, Chritian Brothers' College en St Andrews-kool. Dit was 'n uitstekende uitvoering met die hoogste lof aan die dirigent, mnr Lemmer en sy helpers (*Die Volksblad*, 23 April 1942).

In die meeste gevalle het Petrus Lemmer die gesamentlike sang gelei met Jurie Fourie en Michele Casaleggio as die begeleiers. In 1944 het Charles Hamer as dirigent vir Petrus Lemmer bygestaan. Soos by die vorige geleentheid is al die sangfeeste oor twee dae aangebied. Die laerskole en hoërskole is van mekaar geskei. Meeste van die programme is ook oor die radio uitgesaai. 'n Groot sektor van die publiek kon dus ook na hierdie feeste luister. Soos by die feeste van 1941 en 1942 het daar by die ander sangfeeste ook individuele skoolkore opgetree wat vir puik sang gesorg het. 'n

Besondere gebeurtenis het tydens die fees van 1944 plaasgevind toe die Dameskoor van Jennie Hadlow opgetree het. Anna Jackson en Charles Hamer het as soliste opgetree (*Die Volksblad*, 9, 13 en 15 Oktober 1943, 3, 8 en 9 Junie 1944, 2, 5, 7 en 8 Junie 1945 en 11 September 1948).

Enkele voorbeelde van massakoor-items wat deur die hoërskole gesing is, was: **Oranje-Blanje-Blou** (H Pierson), **Song of the Volga boatmen**, **Blanke Engelerei** (Handel), **The Ash Grove** en **Psalm 100** (P K de Villiers). Massakoor-items wat deur die laerskole gesing is, sluit in: **Na buite** (Von Gericke), **Wiegeliedjie** (Mozart) en **Now is the month of maying** (Morley). Ander kore wat afsonderlik deelgeneem het, was Hoërskool Sentraal, Oranje Meisieskool, Hoërskool Brebner en die Eunice Meisieskool. Die koorsang is meesal deur solosang afgewissel. Leerlinge wat solo's gelewer het, sluit in Diana Berliner (Greenhill-kloosterskool) en Jean Hunter (Eunice) (*Die Volksblad*, 9, 13 en 15 Oktober 1943, 14 en 15 September 1948; *The Friend*, 16 Oktober 1943).

Sover bekend was Bloemfontein die enigste stad waar daar sulke sangfeeste in daardie stadium gehou is. Prof Gerrit Bon was besonder ingenome toe hy van hierdie feeste verneem het. Hy het dit sterk oorweeg om soortgelyke sangfeeste in Pretoria te organiseer (*Die Volksblad*, 3 Junie 1944 en 8 Junie 1945).

Die opvoedkundige aspek van hierdie sangfeeste was van onskatbare waarde. Die liefde vir die musiek wat daardeur aangewakker is, was 'n groot aanwinst vir kuns en kultuur.

Afrikaanse en Engelse skole het nie op mededingende vlak opgetree nie, maar vir die liefde van die saak byeengekom. Dit het ook vir die minder begaafde leerlinge die geleentheid geskep om te kon optree (*Die Volksblad*, 7 Junie 1945).

Tydens die Bloemfonteinse Eeufeesvieringe het Petrus Lemmer homself weer eens as uitstekende dirigent bewys. Hy het nie alleen die eeufeeskoor bestaande uit 200 volwasse lede afgerig nie, maar was ook verantwoordelik vir die massakoor bestaande uit omtrent 1700 leerlinge. Koorstukke wat deur die massakoor gesing is, was **Die Skeppingslied** van Beethoven, **Aan die Musiekkuns** van Tsjaikofski en **Alleluia** (Mozart). Daar was ook solo's, duo's en kwartette op die program. Die begeleiding van die sang is deur die orkes van die Staande Mag in Pretoria waargeneem (*Die Volksblad*, 7 Maart 1946).

Volgens die plaaslike koerant was die sangfees 'n reusesukses. Ten opsigte van die sang van die massakoor is melding gemaak van die eenheidseffek wat verkry is. Die resensent maak spesiale melding van Tsjaikofski se **Aan die Musiekkuns** wat aangrypend mooi gesing is. **Come to the fair** van Easthope Martin is ritmies en "swierig" voorgedra. Die begeleiding deur die blaasorkes van die Staande Mag het meegehelp om die mooi eenheidseffek te verkry (*Die Volksblad*, 30 Maart 1946).

Tydens hierdie Eeufeesvieringe het die verskillende skole van Bloemfontein se kore ook die geleentheid gekry om op te tree. Skole wat deelgeneem het en uitstekende sang

gelewer het, was die Hoërskool Sentraal, Oranje Meisieskool, Greenhill-kloosterskool en Modelskool. Duo's en trio's is gelewer deur leerlinge van Grey-kollege en die Eunice Sekondêre Meisieskool (*Die Volksblad*, 30 Maart 1946).

Uit dieselfde resensie is dit duidelik dat Bloemfontein en sy publiek geweldig trots was op die Eeufeeslied wat spesiaal deur twee Bloemfonteiners geskep is vir die geleentheid. Die hoogtepunt van die sangfees was dan ook die uitvoering van die Eeufeeslied deur 'n spesiaal afgerigte koor. Onder die leiding van Petrus Lemmer wat die lied getoonset het, het dié koor pragtige sang gelewer. Die voller koorgedeeltes is afgewissel met solosang deur Anna Jackson (*Die Volksblad*, 30 Maart 1946).

In 1952 is die Van Riebeeckfees met groot swier in Bloemfontein gevier. Daar is talle musiekkonserte van hoë gehalte aangebied. Op 18 Februarie het Lemmer 'n massakoor op Springbokpark gedirigeer wat uitmuntende sang gelewer het. Hierdie koor het uit leerlinge van die verskillende skole in Bloemfontein bestaan. Werke wat hulle gesing het, sluit in **Venite Adoramus**, die **Alleluia** (Mozart) en **Die Skeppingslied** (Beethoven). Afgesien van hul skitterende sang het die koor se dissipline ook opgeval (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1952).

In 1954 is die Vrystaatse Eeufees op feestelike wyse in Bloemfontein en in die hele Vrystaat gevier. Petrus Lemmer het die taak gehad om die massakoor, bestaande uit skoliere, af te rig. Hierdie koor het by verskeie plekke opgetree. Op 21 Februarie 1954

het hulle 'n uitvoering in die buitelug gegee waartydens hulle deur die orkes van die Staande Mag begelei is. Die begaafde skooldogter van die Hoërskool Sentraal, Blanche (Johanna) Terblanche het as soliste opgetree. Hulle het werke van Root, Molloy en Handel gesing (*Die Volksblad*, 23 Januarie, 3 en 20 Februarie 1954; *The Friend*, 26 Februarie 1954).

2.1.3.5 Orreluitvoerings in Bloemfontein en ander dorpe

Petrus Lemmer het ook van tyd tot tyd sy verskyning gemaak in die konserte wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer is. Hy het nie alleen as uitvoerende kunstenaar opgetree nie, maar in baie gevalle as dirigent van sy koor, of as spreker. Tydens die vierde konsert wat deur dié vereniging aangebied is, het hy 'n lesing gegee waarin hy die samestelling van 'n simfonieorkes bespreek het. Hy het sy lesing toegelig met verskeie plaatopnames (*Die Volksblad*, 31 Oktober 1944). Op 7 Mei 1945 was Petrus Lemmer verantwoordelik vir die hele program wat daardie aand aangebied sou word. Hy het 'n demonstrasie-lesing in die eerste helfte aangebied. Die lesing het oor die "Isme in die Musiek" gehandel. Hy het onder andere gepraat oor die klassisisme, romantisisme en impressionisme. Na die lesing het mnr Lemmer se mannekoor opgetree. Anna Jackson en Francina Buys het sangsolo's gelewer en Flora Maree 'n vioolsolo. Die program is afgesluit met 'n uitvoering op twee klaviere deur mnr en mev Lemmer (*Die Volksblad*, 8 Mei 1945).

Tydens die laaste konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging vir 1946 het Petrus Lemmer saam met ander bekende orreliste van Bloemfontein, 'n orreluitvoering in die Tweetoringkerk gelewer. Hy het die laaste deel van die **Sonate in d mineur** van Guilmant en die **Harmonieë van die nag** van Karg-Elert uitgevoer. Van die bekende orreliste wat aan die program op 16 November 1946 deelgeneem het, was Dolly Heiberg, Olga Troskie, Henriëtte Rossouw en David Roode (*Die Volksblad*, 18 November 1946).

Tydens die derde konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging vir 1948 het Lemmer weer eens as orrelis verskyn. By daardie geleentheid het hy die nuwe Wurlitzer-orrel in die Clarendonsaal bespeel. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (4 Mei 1948) het Petrus Lemmer 'n afgeronde en netjiese uitvoering gegee.

Petrus Lemmer het ook orreluitvoerings in ander dorpe gegee. Op 9 Junie 1947 het hy saam met Anna Jackson en Albert Steffens 'n geslaagde orrel- en sanguitvoering in die Ned Geref Kerk Rouxville aangebied. Hy het ook in Edenburg opgetree waar hy 'n orreluitvoering op die vergrote herboude orrel gelewer het. Hy is deur die sanger, Louis Knobel, bygestaan (*Die Volksblad*, 19 Junie 1947 en 12 Junie 1954). Hy het op 23 Oktober 1954 'n orreluitvoering in Wesselsbron gegee. Hy het werke van Karg-Elert, Saint-Saëns, Franck en Widor gespeel (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1954).

Petrus Lemmer is in 1952 as orrelis by die Tweetoringkerk in die plek van Dolly Heiberg aangestel toe sy haar studies in Stellenbosch voortgesit het. In Oktober van dieselfde

jaar het Petrus Lemmer 'n orreluitvoering in die Tweetoringkerk aangebied. 'n Koor bestaande uit vyftig lede het op 19 Oktober saam met Lemmer na die aanddiens opgetree (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1952).

Aan die begin van 1955 is Petrus Lemmer as die nuwe orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemheuwel aangestel. Hy het sy werksaamhede op 1 Februarie 1955 aanvaar (*Die Volksblad*, 25 Januarie 1955).

In die tyd as orrelis van hierdie gemeente, het hy onder andere 'n baie geslaagde uitvoering van die kantate **Dawid die Herderseun** (G F Root), aangebied. Die uitvoering wat op 3 en 4 Desember 1955 plaasgevind het, is as buitengewoon goed bestempel, aangesien al die fasette van die aanbieding, volgens die resensent, van deeglike afronding getuig het. Die koor se sang was oor die algemeen goed en het veral 'n hoogtepunt bereik in hulle onbegeleide vertolking van die koorgedeelte, **Die sterlig val oor Karmel sag**. Soliste wat byval gevind het, sluit in Merle Cockroft, Jopie Bok en Morkel Combrink (*Die Volksblad*, 26 November 1955; *The Friend*, 5 Desember 1955).

Op 26 Januarie 1956 het dit bekend geword dat Petrus Lemmer die betrekking as orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemheuwel bedank het (*Die Volksblad*, 26 Januarie 1956).

2.1.3.6 Eksaminator en Beoordelaar

Petrus Lemmer het gereeld as eksaminator opgetree. Hy is in 1945, 1946, 1948, 1949, 1950, 1951, 1952, 1953 en 1954 deur U N I S A as eksaminator aangestel. In 1946, 1948, 1949, 1950, 1951, 1952 en 1954 was hy op die paneel van hoofeksaminatore vir die lisensiaateksamens, onder andere saam met David Roode, Iliffe-Higgo, Erwin Broedrich, Lorenzo Danza en Naomi Papé. In 1949 was dit ook die eerste jaar dat eksamens in die destydse Suidwes-Afrika afgeneem is en Petrus Lemmer was daarvoor verantwoordelik (*Die Volksblad*, 23 Augustus 1945, 18 Julie 1946, 3 Julie 1948, 17 September 1949, 26 Augustus 1950, 17 Augustus 1951, 29 Augustus 1953, 7 Augustus 1954; *The Friend*, 30 April 1952).

In 1952 het Lemmer 'n besondere mylpaal bereik deurdat hy vir die twintigste keer as eksaminator aangewys is vir die jaarlikse U N I S A eksamens. Afgesien van voorafgenoemde eksamens het hy ook as eksaminator vir die matriekeksamens van die Onderwysdepartement opgetree (*The Friend*, 30 April 1952).

Petrus Lemmer het homself ook as beoordelaar beskikbaar gestel. Hy het onder meer as beoordelaar by die kunswedstryd van Kroonstad en Bethlehem opgetree. Hy het die beoordeling in die instrumentale- en vokale musiekafdelings waargeneem (*Die Volksblad*, 24 Maart 1948, 7 April 1951; *The Friend*, 30 April 1952). Mnr Lemmer

het later in 1951 ook as beoordelaar by die Kunswedstryd van Bothaville opgetree. Hy het daar, soos by die ander twee dorpe, beide die instrumentale- en vokale afdelings beoordeel (*Die Volksblad*, 6 Junie 1951).

2.1.3.7 Ander aktiwiteite

Tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1943 het Petrus Lemmer homself as 'n bekwame komponis bewys toe hy drie eerste pryse vir komposisie ontvang het. Die punte vir die verskillende komposisies was in elke geval 90%. Die komposisies sluit in, 'n skoollied (tweestemmig) met klavierbegeleiding, 'n sangstuk met klavierbegeleiding en viool-obligaat en 'n kwartet met klavierbegeleiding (*Die Volksblad*, 13 Mei 1943).

Afgesien van die kore wat hy afgerig het, het hy in 1954 'n klein instrumentale ensemble in die lewe geroep. Die Pro Arte Ensemble is deur 'n klompie musiek liefhebbers gestig wat op 'n gereelde basis kamermusiek wou beoefen. Petrus Lemmer was die dirigent van hierdie kamerorkes wat uit sestien lede bestaan het. Hulle eerste uitvoering het op 10 April 1954 in Maseru plaasgevind (*Die Volksblad*, 9 en 10 April 1954). Onduidelikheid bestaan egter oor die voortbestaan van hierdie ensemble aangesien hulle werksaamhede baie ongereeld in die plaaslike nuusblaai geadverteer is.

In 1956 het Petrus Lemmer Bloemfontein verlaat en hom in Oos-Londen gevestig. Hy is in 1989 oorlede (*Die Volksblad*, 26 Januarie 1956; Lemmer, 1993, Onderhoud).

2.1.4 Dolly Heiberg

2.1.4.1 Lewenskets

In 1943 het Martha Jacoba Heiberg op die Bloemfonteinse musiektoneel verskyn en het later 'n baie spesiale bydrae op dié gebied gelewer. Sy het nie alleen beroemdheid in Bloemfontein verwerf nie, maar is landwyd bekend vir haar groot bydraes. Sy het haarself onderskei as uitvoerende kunstenaar, pedagoog, komponis, koordirigent en beoordelaar. Baie is oor haar bekend, maar vir die doel van hierdie studie moet haar bydraes tot die betekenis daarvan vir die Bloemfonteinse musieklewe beperk word.

Martha Jacoba Swart is op 27 Oktober 1919 in Ventersburg gebore. Haar vader was destyds onderwyser op Ventersburg. Sy het in 'n huis groot geword waar musiek altyd 'n deel van die huishouding was. Haar moeder was baie musikaal en het saans vir die kinders gesing voordat hulle gaan slaap het. Sy het die matriekeksamen op Ventersburg in die eerste klas geslaag. Sy toon op 'n baie vroeë ouderdom haar buitengewone talent toe sy reeds in standerd sewe, op 14-jarige ouderdom, die finale klaviereksamen met lof geslaag het. Haar eerste klavieronderrig ontvang sy van 'n ene mev Marais en later het sy les by 'n Ierse dame, mev Steen, klavieronderrig ontvang. In 1937 het sy ook die hoër orreleksamen (graad vyf) met lof geslaag (Heiberg, 1991, Onderhoud).

In 1938 het mej Swart na Stellenbosch vertrek waar sy haar studies onder die bekwame leiding van prof Fisser voortgesit het. In dieselfde jaar slaag sy die finale orreleksamen met lof. Sy verwerf ook die onderwysdiploma en L T C L (klavier) in 1938 onder prof Fisser. Hierna het sy vir 'n jaar op Winburg en 'n jaar op Bethulie musiekonderrig gegee (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Sy het vir 'n tyd lank ook sangonderrig van prof David Roode ontvang. In 1944 voltooi sy die U O L M (orrel) (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Aan die einde van 1944 tree sy in die huwelik met mnr Zwingli McDonald. Uit die huwelik is 'n dogter, Adré gebore wat in Pretoria heelwat vir voorskoolse musiekonderrig gedoen het. Sy woon tans in Duitsland. In 1951 het sy haar man in 'n motorongeluk verloor. Sy is in 1956 weer getroud met 'n ene mnr Bertie Heiberg. Uit hierdie huwelik is ook 'n dogter, Diana (Bambie) gebore. Haar van is tans Kriel en sy woon in Pretoria (Heiberg, 1991, Onderhoud).

In 1943 is Dolly Heiberg (toe nog mej Swart) as musiekonderwyseres by die Oranje Meisieskool in Bloemfontein aangestel. In dieselfde jaar het sy ook die orrelpos by die Ned Geref Moederkerk in Bloemfontein aanvaar (Heiberg, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 24 Februarie 1943). In 1945 het sy 'n deeltydse musiekpos aan die Hoërskool Sentraal bekleed en in 1946 het Prof Roode haar genader om aan die destydse

Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat orrel en klavier te doseer. Sy was aan die universiteit verbonde vanaf 1946 tot 1950. In 1951 het sy 'n aflospos by die Hoërskool Shannon beklee (Heiberg, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 2 Februarie 1951).

2.1.4.2 Orreliste en Koorleier

Sy was ook orreliste by die Klipkerk, waar sy in diens van twee gemeentes was, naamlik die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord en die Ned Geref Kerk Seinheuwel. Sy is egter gou weer terug na die Moedergemeente aangesien die orrel soveel beter was (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Juis in die hoedanigheid as orreliste en koorleidster het mej Swart stadig maar seker haar merk in die Bloemfonteinse musieklewe gemaak. Hier het sy jaarliks kantates uitgevoer wat ingeskakel het by die kerkjaar (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Dolly Heiberg het jaarliks 'n orreluitvoering en of 'n kantate by die Moederkerk aangebied waarin van Bloemfontein se bekendste kunstenaars opgetree het. In 1944, 1946, 1947, 1948, 1949, 1950, 1951, 1954 en 1955 het sy orreluitvoerings en kantates aangebied. Die uitvoering van 1944 het op 28 April in die Moederkerk plaasgevind. Die ander orrel- en kantate- uitvoerings het op 17 Mei 1946, 23 Augustus 1947, 22 April 1948, 30 Oktober 1949, 3 Desember 1950, 25 November 1951, 14 November

1954 en 15 Mei 1955 onderskeidelik plaasgevind (*Die Volksblad*, 24 April 1944, 9 en 11 Mei 1946, 25 Augustus 1947, 23 April 1948, 15 Oktober 1949, 29 November 1950, 24 November 1951, 16 November 1954 en 14 Mei 1955; Program, 3 Desember 1950).

Dolly Heiberg se werk is in die meeste gevalle as skitterend in die pers beje"en en het slegs die hoogste lof vir haar harde werk ontvang. Dat sy 'n uiters bekwame orreliste en koorleidster was, is duidelik uit die resensies wat in die plaaslike koerante verskyn het. Tydens die uitvoerings van 1944, 1946, 1947 en 1948 het sy self skitterende uitvoerings op die orrel gelewer. Werke wat sy gespeel het, sluit in **Sonate in f mineur** (Rheinberger), **Koraal met variasies op Gesang 62** van P K de Villiers, **Bells across the meadows** (Ketelbey), **Tokkate en Fuga in d mineur**, **Tokkate en Fuga in a mineur** van J S Bach, **Caprice in B-mol majeure** (Guilmant), **Tokkate** (Pierne), **Andante Cantabile** (Tsjaikofski), **Mars van die boere** en **Aandklokke** van Choveaux. Die resensies in *Die Volksblad* van 18 Mei 1946, 25 Augustus 1947 en 23 April 1948 het verwys na Heiberg se orrelspel as treffend, stemmingsvol, suiwer en stylgetrou. Uit dieselfde resensies blyk dit duidelik dat Dolly Heiberg die orrel van die Tweetoringkerk ten volle benut het. Kyk Bylae, pp. 8-9 (*Die Volksblad*, 29 April 1944 en 18 Mei 1946).

In die uitvoerings van Dolly Heiberg is daar 'n duidelike verandering in keuse van orrelwerke te bespeur. Sy het meesal erkende bestaande orrelwerke voorgedra wat dikwels by Karstel, Roode en Lemmer afwesig was. Met haar toetreding tot die Bloemfonteinse musiekaktiwiteite het daar ten opsigte van koorsang en orrelspel beslis 'n nuwe era aangebreek.

Kunstenaars wat saam met Dolly Heiberg opgetree het, was onder andere D J Roode (orrel), Freda Roode (sopraan), Victor Pohl (viool), Alma Kok (viool), Isabel du Toit (sopraan), Anna Jackson (sopraan), Henriëtte Rossouw (later Pauw, orrel), Albert Steffens (tjello), Sas Boshoff (tenoor), Rita Karstel (sopraan), Marie Senekal (orrel), Martli Pohl (viool) en Francina Buys (sopraan). Werke wat deur hulle uitgevoer is, sluit in **Blanke Engelerei** (Handel), **Tokkate** uit Widor se **Vyfde Simfonie**, **Halleluja** (Morris) en **Aanskou die lelies in die veld**. Al hierdie kunstenaars se spel en sang is besonder goed deur die kritici ontvang (*Die Volksblad*, 28 April 1944, 18 Mei 1946, 25 Augustus 1947 en 23 April 1948; Program, 28 April 1944).

In 1946 het Dolly Heiberg ds H Söhnge se kantate gebaseer op **Psalm 90** met groot sukses met die kerkkoor uitgevoer. Die soliste wat opgetree het, het ingesluit mev Hansie Linde, mej J Fourie, Le Roux Olivier en mnr P Roux. Op 22 April 1948 het Dolly Heiberg weer eens 'n kantate aangebied, naamlik **Van die Krip na die Kruis** van J S Witty. Hierdie kantate is met die nodige insig deur die kerkkoor en soliste onder haar leiding uitgevoer. Die soliste by daardie geleentheid was mevv M van Schalkwyk, H Linde, mnre S Scott en Pieter Roux. Mnr Pieter Roux het ook die Afrikaanse vertaling van die kantate behartig. Op 30 Oktober 1949 het Dolly Heiberg **Die Galileër** (C Jessop) in die Tweetoringkerk uitgevoer. Koorstukke waarin die koor uitmuntende sang gelewer het, was **En 'n storm het opgekom, o Heer, God van mag en Groot en Heerlik**. Een van die soliste by name mev N Wyatt, het volgens die resensent skitterende sang gelewer. Haar merkwaardige register het geweldig beïndruk asook die

spesiale kwaliteit en beheersing van haar stem. Al hierdie kenmerke van haar stem sou volgens die resensent, haar baie beroemdheid as koloratuur-sopraan besorg. Kritiek was dat van die ander soliste weens die gebrek aan opleiding nie altyd suiwer gesing het nie en dat hulle onduidelike diksie soms 'n groot struikelblok was. Ander soliste wat wel goed gesing het, was Magteld du Plessis (sopraan), mev J Noach, mej M Dreyer (alte), Pieter Roux en Willem Naudé (tenore) (*Die Volksblad*, 18 Mei 1946, 23 April 1948, 15 en 31 Oktober 1949, Program, 30 Oktober 1949).

Teen die einde van 1950 het Dolly Heiberg 'n **Kersfeeskantate** uitgevoer. Die kantate, met woorde van G H Goodman en musiek deur E Madeira is op 3 Desember in die Tweetoringkerk deur die kerkkoor en 'n aantal soliste uitgevoer. Die Afrikaanse vertaling van die kantate is deur Pieter Roux gedoen. Kyk Bylae, pp. 10-11 (*Die Volksblad*, 29 November en 2 Desember 1950; Program, 3 Desember 1950).

Die resensie in *Die Volksblad* (4 Desember 1950) is 'n skriftelike bewys dat die uitvoering 'n groot sukses was. Uit dieselfde resensie kan afgelei word dat die koor se sang ongetwyfeld die hoogtepunt van die uitvoering gevorm het. "Die koornommers het die hoogtepunt gevorm. Die koorgedeelte **Verrys, skyn, want jou lig kom**, is 'n voorbeeld van die meesterlike wyse waarop mev Heiberg (toe nog McDonald) daarin geslaag het om die stemme tot 'n harmoniese eenheid te laat versmelt. 'n Treffende klimaks is hier bereik."

Soliste wat opgetree het was mev N Wyatt, F van Rensburg, H Linde en mej Magteld du Plessis (soprane), mev J Noach (alt), Pieter Roux, Willem Naudé, Kenau van der Post (tenore), Le Roux Olivier, J van der Berg en Schalk Theron (basse). Volgens die resensie het die soliste ietwat huiwerig begin, maar hulle het gou op dreef gekom en musikale vertolkings gelewer (*Die Volksblad*, 4 Desember 1950).

Soos in 1950 het Dolly Heiberg teen die einde van 1951 weer eens 'n kantate-uitvoering in die Tweetoringkerk aangebied. Op 25 November 1951 het sy weer die gewyde kantate **Van die Krip na die Kruis** (J S Witty) met die kerkkoor en soliste uitgevoer (*Die Volksblad*, 24 November 1951).

Uit die resensie wat in *Die Volksblad* van 26 November 1951 verskyn het, kan afgelei word dat die uitvoering baie geslaagd was. Die koor het deurgaans voorbeeldige sang gelewer. Koorwerke wat besonder byval gevind het, was **Hoor die gejuig, die Redder kom, Kom laat ons Hom huldig en Jesus Christus het opgestaan**. Die soliste wat opgetree het sluit in mejj Tiny Rautenbach, Stephanie Swart, Erika Uys (soprane), Jacobus Hattingh, Willem Naudé, Tommy Kruger (tenore), André Bezuidenhout, Morkel Combrink en Schalk Theron (basse). Spesiale melding is gemaak van die sang van mej Rautenbach in haar vertolking van **Toe Jesus heilaanbringend in Sion binnegaan** en Willem Naudé se vertolking van **As ek die Kruishout gadeslaan**.

Tydens bogenoemde kantate het Dolly Heiberg 'n aantal nuwe soliste genader om die verskillende rolle te sing. In baie gevalle het hierdie sangers deeglike sangopleiding gehad en moes die standaard van sang beslis verbeter het. Christine (Tiny) Rautenbach, Jacobus Hattingh asook Willem Naudé was almal sangers met 'n deeglike opleiding.

Op 14 November 1954 het Dolly Heiberg weer die **Kersfeeskantate** (Goodman-Madeira) in die Tweetoringkerk uitgevoer. Vir die geleentheid is die kerkkoor deur lede van die koor van die Onderwyskollege aangevul en die solorolle is almal deur studente uitgevoer. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (16 November 1954) is die kantate meesterlik uitgevoer. Elsie van Rooyen het uitgeblink in die solo, **Moenie vrees** en Daisy van Rensburg het verras met haar pragtige altstem in **Geen plek lief Kind vir jou**. Die koor het veral 'n hoogtepunt in **Ere aan God in die hoogste** en in die slotkoor bereik.

Op 15 Mei 1955 het Dolly Heiberg weer **Die Galileër** (Jessop) in die Tweetoringkerk uitgevoer. Dit het deel gevorm van die vyf-en-sewentigste bestaan van hierdie gemeente. Die resensent van *Die Volksblad* (16 Mei 1955) het die uitvoering geprys wat die koorsang en die soliste se sang betref. Die koor het 'n hegte eenheid tussen die stemme openbaar en die toonbalans en fyn nuansering het getuig van deeglike afronding. Mev Heiberg se leiding en haar begeleiding op die orrel was uitstekend en baie presies (*Die Volksblad*, 14 Mei 1955).

In 1954 het Dolly Heiberg met 'n reeks orreluitvoerings in die Tweetoringkerk begin. 'n Interessante aspek van hierdie konserte, was dat sy elke uitvoering aan 'n ander groep komponiste gewy het. Die eerste uitvoering het op 17 September 1954 plaasgevind waartydens sy die hele program aan die musiek van die Duitse komponiste gewy het (*Die Volksblad*, 4 September 1954).

Sy het die program geopen met 'n **Tokkate** van Johann Pachelbel waarna die **Tokkate en Fuga in a mineur** (Bach) uitgevoer is. Die **Sonate opus 65 in f mineur** (Mendelssohn) is goed gespeel alhoewel dit nie die breë en dramatiese karakter gehad het wat verwag is nie. Verder was daar ook 'n aria, **Ich folge dir gleichfalls** uit die **Matteuspassie** (Bach) wat deur mev. Duyvene de Wit gesing is. Die violobligaat is verskaf deur dr. de Wit. Sy het ook werke van Max Reger en Karg-Elert gespeel. Die uitvoering het onder beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S plaasgevind (*The Friend*, 18 September 1954; *Die Volksblad*, 17 September 1954; Program, 17 Oktober 1954).

Op 5 Desember 1954 het Dolly Heiberg die tweede program in die reeks oor spesifieke komponiste in die Tweetoringkerk aangebied. Tydens hierdie konsert het sy orrelwerke van Franse komponiste uitgevoer. Haar uitvoering was weer eens van hoë artistieke gehalte en het getuig van insig en 'n musikale benadering. Haar suiwer spel was 'n duidelike bewys van haar briljante tegniek. 'n Ander opvallende kenmerk was die flink wyse waarop sy die registrasies verander het, wat getuig het van haar vertrouetheid met die orrel (*Die Volksblad*, 6 Desember 1954).

Volgens die program van 5 Desember 1954 is die volgende werke gespeel:

- Pierne: Prelude-Tokkate
Franck: Koraal nr 1 uit Drie korale
Widor: Tokkate, Andante Cantabile en Finale uit Simfonie nr 4
Vierne: Allegro Vivace uit Simfonie nr 10
Guilmant: Caprice in B majeur
Milhaud: Prelude
Boëllmann: Tokkate uit die Suite Gothique

As orreliste van hierdie gemeente het sy op 18 Desember 1954 vir sewentien huwelike die orrel gespeel. Sover bekend was dit die meeste huwelike op een dag in die Tweetoringkerk (*Die Volksblad*, 14 Desember 1954).

Dolly Heiberg het ook haar verskyning op die konsertprogramme van die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Tydens die laaste konsert van die Musiekvereniging vir 1946 het Dolly Heiberg, sowel as vyf ander baie bekende orreliste van Bloemfontein, hul verskyning in die Tweetoringkerk gemaak. Hierdie konsert het die vorm van 'n orreluitvoering aangeneem en het op 16 November 1946 plaasgevind. Die ander orreliste wat opgetree het, was Henriëtte Rossouw, Petrus Lemmer, David Roode, Olga Troskie en Aubrey Karstel. Mev Heiberg het die program geopen met die Tokkate en Fuga in d mineur van J S Bach (*Die Volksblad*, 18 November 1946).

Dolly Heiberg het ook talle nuwe kerkorrels ingewy. Op 10 Junie 1950 was sy die orrelis toe die Waterbron-gemeente hul nuwe orrel ingewy het. Werke wat sy gespeel het was: **Tokkate** uit die **Vyfde Simfonie** (Widor), **Andante Canabile** (Tsjaikofski) en **Dodemars en Engelsang** (Guilmant) (*Die Volksblad*, 9 Junie 1950).

Sy het ook orreluitvoerings in ander dorpe gegee. Op 26 Maart 1955 het sy 'n orreluitvoering in Kimberley gegee. Sy het die volgende werke gespeel: **Fantasie en Fuga in g mineur** (Bach), **Vierde Simfonie** (Widor), **Siegesfeier** (Reger) en **Harmonie de la Nuit** (Karg-Elert). Francina Buys het haar tydens hierdie uitvoering bygestaan (*Die Volksblad*, 26 Maart 1955).

2.1.4.3 Dosent in Skoolmusiek

In 1952 het sy na Stellenbosch teruggekeer waar sy die B Mus-graad in slegs twee jaar voltooi het. Voorwaar 'n uitstaande prestasie. Tesame met haar graad-studies, voltooi sy die finale eksamen in sang asook die U V L M (orrel). Vir hierdie uitsonderlike prestasie verwerf sy die Gertrude Buchanan-prys. Sy verwerf ook die graad M Mus (cum laude) met orrel as hoofvak in 1955 en skryf 'n verhandeling oor F W Jannasch se bydrae tot ons kerkmusiek (Heiberg, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 17 November 1951, 11 Oktober 1952 en 3 Desember 1955).

In 1954 keer sy egter terug na Bloemfontein en word aangestel as senior lektrise in klasmusiek aan die destydse Normaalkollege. Sy het Aubrey Karstel opgevolg wat aan die einde van 1953 uitgetree het. Met hierdie aanstelling het sy dadelik 'n koor tot stand gebring wat jaarliks uitvoerings by die kollege gegee het. Hier het sy ook jaarliks 'n groot sangfees of 'n operette aangebied. Hierdie pos het Heiberg tot aan die einde van 1957 bekleed (Heiberg, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 31 Oktober 1953 en 7 Januarie 1954; *The Friend*, 7 Januarie 1954).

Op 22 Oktober 1954 het die eerste sangfees onder die leiding van mev Heiberg plaasgevind. Dit was voorwaar 'n interessante gebeurtenis aangesien dit vir die eerste keer in die buitelug aangebied is. 'n Ander aspek wat hierdie sangfees nog meer uniek gemaak het, was dat daar kore van die verskillende koshuise opgetree het wat deur studente self gedirigeer is. Dolly Heiberg was grootliks verantwoordelik vir hierdie fees en is geprys vir haar voortreflike leiding (*Die Volksblad*, 9 en 23 Oktober 1954).

In Oktober 1955 het die tweede sangfees onder haar leiding voor die Britz-sentrum plaasgevind. Pragtige koorsang is deur die verskillende koshuiskore, met studente as dirigente, gelewer. 'n Gemengde koor onder die leiding van Andrew Swart was die hoogtepunt van dié groep kore. Die groot gemengde koor van die kollege onder die leiding van mev Heiberg het sang van hoë gehalte gelewer. Koorwerke uit *Il Trovatore* en *Aida* (Verdi) het beslis die hoogtepunt van die sangfees gevorm (*Die Volksblad*, 15 en 20 Oktober 1955).

2.1.4.4 Orreldosent

In 1958 het mev Heiberg en haar man na Kaapstad verhuis waar sy musiekonderrig by 'n skool in Bellville gegee het. In 1959 en 1960 het sy 'n pos beklee aan die J J du Preez-skool in Parow (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Tot voordeel van die musieklewe van Bloemfontein was haar verblyf in die Kaap van korte duur en keer sy terug na Bloemfontein in 1961. Sy is weer aangestel as dosente in orrel, harmonie en klassang aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Sy het haar beywer vir Musiekopvoedkunde en haar ideaal is verwesenlik toe Musiekopvoedkunde 'n selfstandige studierigting aan die U O V S geword het. 'n Universiteitskoor is in 1963 onder haar leiding gestig (Heiberg, 1991, Onderhoud).

As orreldosente het Heiberg ook besondere sukses behaal. Talle leerlinge het by haar met orrel begin en baie van hulle het tot met die lisensiaat-eksamens van haar onderrig ontvang. Van die uitstaande leerlinge wat onder mev Heiberg studeer het, was onder andere Marie du Toit (née Senekal, nou reeds oorlede), wat die L T C L sowel as die U O L M in orrel met lof geslaag het. Lulu Engelbrecht (née Marais) het talle beurse vir haar prestasies op die orrel verwerf en is tans orreliste in Bethlehem. Nog 'n talentvolle student van Dolly Heiberg is Anna Bobbert (née Minnaar), wat verskeie lisensiate met goeie gevolg onder die bekwame leiding van Heiberg voltooi het en talle opnames vir

die S A U K gemaak het. Ander leerlinge met puik prestasies as orreliste, is Annemarie Kasselman, Frieda Beukes (née Brown) en Hanneljie Bekker wat tans orreliste op Bothaville is (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Ander studente wat ook onder mev Heiberg studeer het en wat vandag nog in senior poste aangestel is, is Ansie van Wyk, hoof van Musiekopvoedkunde aan die Universiteit van Port Elizabeth, Marietjie Steyn, verbonde aan die Musiekdepartement van die Universiteit van Suid-Afrika en Ina Koortzen tans senior lektrise aan die Onderwyskollege in die Paarl (Heiberg, 1991, Onderhoud).

2.1.4.5 Ander bydraes en aktiwiteite

Vanaf 1943 tot 1955 en ook daarna het sy gereeld opnames vir die S A U K gemaak wat in 'n program op Sondag-middae uitgesaai is (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Met die ontstaan van die Streekraad vir Uitvoerende Kunste in die Vrystaat (S U K O V S) in 1963, het Dolly Heiberg op die ballet- en die opera-komitee gedien (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Mev Heiberg het talle artikels in plaaslike en oorsese koerante en tydskrifte oor musiekterapie en voorskoolse musiek gepubliseer. Sy is ook die komponis van 'n bundel met die titel, **Wysies en Deuntjies vir Meisies en Seuntjies**. Sy het 'n aantal

kinder-operettes die lig laat sien, waarvan Mariechen Naudé die libretto geskryf het. **My eerste tree in Musiek**, is 'n handboek wat deur mev Heiberg gepubliseer is (Heiberg, 1991, Onderhoud).

Mev Heiberg tree tans op as moderator vir M Mus-verhandelings vir die Universiteit van Kaapstad en Fort Hare. As beoordelaar by kunswedstryde het Dolly Heiberg die volgende plekke besoek: Bultfontein, Winburg, Welkom, Virginia, Queenstown en Oos-Londen (Heiberg, 1991, Onderhoud).

2.1.5 Gerhardus Koornhof

2.1.5.1 Kort Lewenskets en Akademiese prestasies

Gerhardus Willem Koornhof is op 27 Desember 1928 gebore. In Bloemfontein het hy musiekonderrig aan die destydse Vrystaatse Musiekskool van David Roode ontvang (Curriculum Vitae, [s.a]).

As jong student het hierdie begaafde orrelis reeds puik presteer. Hy het nie net as orrelis uitblink nie, maar het ook sy klavier-eksamens met onderskeiding geslaag. Gerhardus het as leerling van David en Freda Roode die volgende lisensiate met sukses voltooi. Die U V L M (orrel met lof, 1949), U O L M (orrel met lof, 1951), U O L M (klavier, 1952), U V L M (klavier, 1953) asook die finale sangeksamen in 1950. (*Die Volksblad*, 24 November 1945, 30 Julie 1949 en 8 September 1951).

Op grond van sy uitsonderlike prestasie in die orrelvoordrageksamen was hy uitgenooi om in Pretoria aan die oorsese beurskompetisie te gaan deelneem. Later is wel aangekondig dat Koornhof nie daarin kon slaag om hierdie beurs te verower nie (*Die Volksblad*, 30 Julie, 31 Augustus en 8 Oktober 1949).

Gerhardus Koornhof het teen die einde van 1950 'n besondere mylpaal in sy lewe bereik. Hy en mej A Haarhoff, was die eerste twee studente wat die B Mus-graad aan die U O V S voltooi het. Beide het 'n onderskeiding in Musiekgeskiedenis behaal. Hul lektore was onderskeidelik dr Arend Koole, Derik van der Merwe en prof David Roode (*Die Volksblad*, 14 Desember 1950; Curriculum Vitae, [s.a]).

2.1.5.2 Deelname aan Kunswedstryde

Hy het ook sy verskyning tydens die jaarlikse kunswedstryde gemaak. Tydens die Engelstalige Kunswedstryd, die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing wat in 1940 aangebied is het hy in die afdeling klaviersolo (12 jaar en onder) die eerste plek verower en in 1944 het hy die eerste plek saam met Olga Troskie in die afdeling klavier-duet (18 jaar en onder) verower (*The Friend*, 19 April 1940 en 3 Mei 1944). In dieselfde fees wat in 1946 aangebied is, het hy 'n eerste plek verower in die afdeling, klaviersolo (17 jaar en onder, Chopin-werk). Verder het hy tweede plekke verwerf in die afdelings, klaviersolo, eie keuse (17 jaar en onder) en klaviervoordrag (17 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 9 Mei 1946).

2.1.5.3 Orrelis en Pedagoog

As student was hy die orrelis van die Geref Kerk Bloemfontein-Wes (*Die Volksblad*, 30 Julie 1949). In 1951 het dit bekend geword dat hy 'n orrelpos in Bethlehem aanvaar het. In daardie tyd was hy reeds 'n erkende leerkrag verbonde aan die Departement Musiek aan die U O V S in Bloemfontein (*Die Volksblad*, 8 September 1951; Curriculum Vitae, [s.a]).

Teen die einde van 1951 is daar in *Die Volksblad* (29 November) aangekondig dat Gerhardus Koornhof as lektor by die Departement Musiek aan die U O V S aangestel is. Hy het sy werksaamhede in 1952 begin. Hierdie pos het hy tot aan die einde van 1955 bekleed waartydens hy klavier, orrel, harmonie en kontrapunt doseer het (De Villiers, 1972, pp. 5 en 6).

In Februarie 1956 het daar 'n berig in *Die Volksblad* (18 Februarie 1956) verskyn wat daarop gedui het dat die kunsafdeling by die Bloemfonteinse Tegniese Kollege uitgebrei sou word. Hulle het in die vooruitsig gestel dat musiek weer daar aangebied sou word. Gerhardus Koornhof is aangewys as die persoon wat die musiekafdeling sou behartig. Die pos by die kollege het hy vanaf Januarie 1956 tot Junie 1958 behartig. By die Tegniese Kollege was Koornhof verantwoordelik vir meer as twintig lisensiaat kandidate (U N I S A en Royal Schools) in klavier en orrel asook twee F T C L kandidate. Al hierdie kandidate het met sukses gekwalifiseer. Twee van sy leerlinge het ook aan die oorsese beurskompetisie deelgeneem (Curriculum Vitae, [s.a.]).

Vanaf Julie 1958 tot 1959 was hy aan die Universiteit van Stellenbosch verbonde. In 1960 is Gerhardus Koornhof weer as lektor aangestel. Hierdie keer in voltydse hoedanigheid. Hy het egter die U O V S in April 1962 verlaat om 'n pos as senior lektor aan die Universiteit van Potchefstroom te aanvaar (De Villiers, 1972, p. 6; Curriculum Vitae, [s.a.]).

Op 27 Augustus 1954 is Koornhof as orrelis in die plek van Benedictus Kok by die Bloemheuwel gemeente aangestel (*Die Volksblad*, 28 Augustus 1954).

Hy het ook van tyd tot tyd in konserte verskyn wat in Bloemfontein aangebied is. Tydens 'n konsert wat by Grey-kollege aangebied is, het hy saam met Olga Troskie Moszkowski se **Spaanse dans nr 3** uitgevoer. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (7 Mei 1946) het hulle uitvoering getuig van tegniese vaardigheid en goeie samespel.

2.1.6 Andrew Hutton

2.1.6.1 Lewenskets

Volgens Human (1976, p. 563) was Andrew Hutton 'n baie bekwame orrelis. Hy het vanaf 1913 tot 1939 met tussenposes van etlike jare in Bloemfontein gewoon waar hy homself onderskei het as orrelis, pianis, begeleier, onderwyser en koorleier.

Andrew James Hutton is 31 Januarie 1899 in Rondebosch, Kaapstad gebore. Hy het sy studies onder P K de Villiers in Bloemfontein in 1907 voortgesit en later aan die Koninklike Akademie vir Musiek in Londen. Daar het hy vir drie jaar onder bekende Britse musici gestudeer. Hy het oor die volgende kwalifikasies beskik: U O L M, L R A M (voordraers- en onderwyslisensiate in klavier), asook die A R C O (orrel). In Londen het hy uitvoerings in talle kerke gegee asook in die Duke's Hall en Queen's Hall. Voor sy vertrek uit Londen het die hoogste eer hom te beurt geval toe die direkteure van die Koninklike Akademie die eretitel A R A M (Associate of the Royal Academy of Music) aan hom toegeken het (Human, 1976, pp. 563-564).

In 1924 het hy na Bloemfontein teruggekeer en 'n musiekateljee geopen. In 'n stadium was daar nie minder nie as drie ateljees in die stad wat aan Hutton behoort het: in Hillstraat, in Goldesstraat en in Waverleyweg. Boonop het hy klavieronderrig aan die destydse Normaalkollege gegee (Human, 1976, p. 565).

2.1.6.2 Orrelis en Pedagoog

Hy het as orrelis en koorleier van die St Margaret Kerk groot ywer aan die dag gelê. Talle uitvoerings is aangebied en die sang van die gemeente het beslis in daardie tyd 'n oplewing getoon (Human, 1976, p. 566).

In 1933 het hy 'n aanstelling as orrelis van die St George Kerk in Parktown, Johannesburg, aanvaar. Hy het dié pos vir ses jaar bekleed en het Bloemfontein in daardie tyd slegs as eksaminator besoek. In 1939 was hy egter weer terug in Bloemfontein waar hy weer 'n ateljee geopen het (Human, 1976, p. 568). In *Die Volksblad* (29 Oktober 1947) het daar 'n paar van sy leerlinge se presatsies verskyn. Martie van Wyk het die A T C L (klavier-voordrag) geslaag en Hildegard Kruger die A T C L (klavier-onderwys). Hy het ook leerlinge vir die gevorderde orreleksamen ingeskryf wat met sukses geslaag het.

Vanaf 1940 tot en met sy aftrede waarna hy hom in Port Elizabeth gaan vestig het, was daar maar min oor hom en sy aktiwiteite bekend. Daar is geen twyfel oor die feit dat Hutton 'n uitstekende orrelis was nie. Op 26 November 1947 het Andrew Hutton 'n hoogs geslaagde orreluitvoering in die Bloemfonteinse Katedraal aangebied. Die opskrif van die resensie in *Die Volksblad* (27 November 1947) het soos volg gelui: "Orrelmusiek op sy beste".

Hutton het Bach se groot **Tokkate en Fuga in d mineur** uitgevoer. In hierdie werk het sy tegniese vaardigheid baie duidelik geblyk. Verder het hy die **Grand Offertoire** (Eduard Batiste) en **Piece Heroique** (César Franck) met toewyding en oortuiging uitgevoer. Hy het ook die tweede gedeelte van die **Psalm-sonate** (Reubke) uitgevoer. Treffend van Hutton se uitvoering was dat hy die fortissimo-gedeeltes van die verskillende komposisies met die volle krag van sy vertolkingsvemoë voorgedra het. Hy het ook die orrel van die Katedraal ten volle benut (*Die Volksblad*, 27 November 1947).

Ander kunstenaars wat saam met Hutton opgetree het was die seunsopraan, David Venter wat 'n aangrypende vertolking van **Kom na My** uit Handel se **Die Messias**, gelewer het. Daar was ook uittreksels uit die kantate **Bartimeus** (woorde deur Cecil Tugman en musiek deur Andrew Hutton) op die program. Die program is afgesluit met lied 167, wat deur die koor gesing is (*Die Volksblad*, 27 November 1947).

Dit blyk duidelik dat Hutton nie 'n kunstenaar was wat graag in die openbaar opgetree het nie. Na afloop van die bogenoemde orreluitvoering was daar maar min oor sy aktiwiteite as uitvoerende kunstenaar in die plaaslike pers gepubliseer. 'n Interessante aspek wat na vore kom uit die enkele uitvoering, is dat Hutton werke uit die standaard orrelrepertorium uitgevoer het. Dit wil sê werke van Bach en Franck al het hy sy opleiding hoofsaaklik van Britse leermeesters ontvang.

Andrew Hutton is in 1969 in Port Elizabeth oorlede (Human, 1976, p. 568).

2.1.7 L T Shepstone

2.1.7.1 Lewenskets

Soos Human (1976, p. 593) tereg opmerk, het Leonard Shepstone eers na 1940 bekendheid verwerf. Alhoewel hy 'n orrelis was het hy as dirigent van die Bloemfontein Junior Simfonieorkes, voorsitter van die Bloemfontein Festival of Music, Speech and

Dancing en as onderwyser aan Grey-kollege in Bloemfontein sy merk gemaak. In 1956 het dit bekend geword dat Leonard Shepstone vir die twaalfde keer tot Voorsitter van die Bloemfontein Festival verkies is (*The Friend*, 10 Mei 1956).

Leonard Shepstone is op 2 Desember 1904 in Kroonstad gebore en het sy skoolopleiding aan Grey-kollege ontvang. In 1924 het hy na Londen vertrek en vir ongeveer vier-en-'n-half jaar aan die Koninklike Akademie vir Musiek gestudeer. Na sy studies het hy vir ongeveer tien jaar in Londen aangebly. Daar het hy private onderrig gegee en ook 'n hele aantal betrekkings as orrelis beklee. Hy is in 1932 met mej Doreen Chapman, 'n musiekonderwyseres getroud (Human, 1976, pp. 593 en 594).

2.1.7.2 Orrelis en Koorleier

In 1934 is Leonard Shepstone as orrelis van die Presbiteriaanse Kerk in Bloemfontein aangestel. Hy het ook 'n musiekpos by Grey-kollege aanvaar. Hierdie pos het hy tot in 1969 beklee. Na sy aftrede by Grey-kollege het hy nog private onderrig gegee en ook by verskeie skole as musiekonderwyser uitgehelp. Skole waar hy waargeneem het, sluit in Primêre Skool Onze Rust en die Eunice Meisieskool. Op grond van sy jarelange verbintenis met die Koninklike Akademie vir Musiek is die eretitel, A R A M in 1951 aan hom toegeken (Human, 1976, p. 594; *Die Volksblad*, 30 Junie 1951; Pyott, 1994, Onderhoud).

Volgens die plaaslike pers het Leonard Shepstone in 1952 die orrelis en koorleier van die Trinity Metodiste Kerk geword. In hierdie hoedanigheid het Shepstone ook uitblink en soms geslaagde uitvoerings van kantates aangebied. Die gewyde kantate, **Rut**, van Alfred Gaul is op 25 April 1953 in die Metodiste Kerk onder sy leiding met 'n vergrote koor uitgevoer. Die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes het die begeleiding waargeneem (*The Friend*, 5 en 28 April 1952; *Die Volksblad*, 25 April 1953).

In 1954 het hy 'n kantate van Maunder, **Olivet to Calavary** in die Trinity Metodiste Kerk aangebied. Tydens hierdie uitvoerings wat op 4 en 5 April plaasgevind het, was hy die orrelis en die koorleier (*The Friend*, 3 April 1954).

In 1948 het dit bekend geword dat mnr en mev Shepstone van plan was om na Londen te gaan om hulle kennis te gaan verbreed aan die Koninklike Akademie vir Musiek (*Die Volksblad*, 24 Julie 1948).

2.1.7.3 Orkesdirigent

In sy jare as onderwyser by Grey-kollege het Shepstone 'n kadetorkes op die been gebring. Hierdie orkes het gou bewys dat hulle een van die beste van sy soort in die stad was. Dit was dan ook nie vreemd dat hulle gevra is om die optog in Maitlandstraat te lei tydens die Koninklike besoek aan Suid-Afrika, en spesifiek Bloemfontein, in 1947. Later het hierdie orkes verander in 'n volle militêre orkes. Hierdie orkes het later die

kern van die Bloemfonteinse Junior Simfonieorke gevorm (Pyott, 1994, Onderhoud; Botha, 1994, Onderhoud).

'n Gebeurtenis van groot belang vir die Bloemfonteinse musieklewe het op 2 November 1949 in die Stadsaal plaasgevind. Dit was die debuutkonsert van die nuutgestigte Bloemfonteinse Junior Simfonieorke onder die stok van Leonard Shepstone (*Die Volksblad*, 3, 8 en 15 Oktober 1949). Een van die hoogtepunte van die uitvoering was die Mars uit *Carmen* van Bizet. In hierdie werk het die selfvertroue van die jong orkeslede opgeval. Daar was ook 'n aantal solowerke op die program wat deur die orkeslede uitgevoer is en wat gunstige reaksie uitgelok het. Die woorde van die Direkteur van Onderwys, prof D P Britz was die volgende: "Hierdie baanbrekerswerk sal nog tot iets groot groei." (*Die Volksblad*, 3 November 1949).

2.1.7.4 Ander bydraes en aktiwiteite

Leonard Shepstone was ook onder-voorsitter van die Bloemfontein-tak van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers in 1946 en 1948. In 1952 is hy as ere-president van dié vereniging aangewys en in 1953 is hy weer eens as voorsitter van die Vrystaatse afdeling van dié vereniging aangewys (*Die Volksblad*, 25 Januarie 1946, 24 Julie 1948, 8 Oktober 1953; *The Friend*, 23 Januarie 1952).

Afgesien van al Shepstone se bedrywighede as onderwyser het hy homself ook as beoordelaar by kunswedstryde beskikbaar gestel. Hy het onder andere gereeld as beoordelaar van die Kunswedstryd in Oos-Londen opgetree (*Die Volksblad*, 30 Junie 1951).

In 1953 en 1954 is hy deur U N I S A as eksaminator van die sertifikaateksamens aangewys. Gedurende die jare wat hy in Bloemfontein werksaam was, het hy ook gereeld as eksaminator vir die Vrystaatse Onderwysdepartement opgetree (*The Friend*, 3 Augustus 1953; *Die Volksblad*, 7 Augustus 1954).

Leonard Shepstone is in 1988 oorlede (Botha, 1994, Onderhoud).

2.1.8 Stefans Grové

2.1.8.1 Lewenskets en Akademiese prestasies

Stefans Grové is afkomstig uit 'n baie musikale familie. Hy is op 23 Julie 1922 in Bethlehem gebore. Sy vader was 'n onderwyser en het later skoolhoof geword. Hy was ook skoolhoof van die Pres Brandskool in Bloemfontein. Sy moeder was 'n musiekonderwyser. As kind was Stefans baie skaam en teruggetrokke en het veel eerder by die klavier gesit, nie om te speel nie, maar om te komponeer as om met ander kinders van sy ouderdom te speel (Malan, 1982, p. 141).

Nadat hy matriek voltooi het, is hy op sewentien-jarige ouderdom as orrelis van die Ned Geref Kerk De Bloem in Bloemfontein aangestel. Teen daardie tyd het sy oom, David J Roode sy musikale onderrig oorgeneem. Met sy oom as onderwyser het hy die volgende lisensiaatdiplomas voltooi: 1941- A T C L (orrel), 1942- U O L M (klavier), U V L M (klavier en orrel) (*The Friend*, 23 Oktober 1941; *Die Volksblad*, 16 November 1942).

Vanaf 1942 tot 1944 was Grové in Klerksdorp as musiekonderwyser en orrelis werkzaam. Hier het hy 'n ballet-suite vir volle orkes gekomponeer. Nadat hy bogenoemde komposisie aan Eric Grant gewys het, is hy dadelik by die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in Kaapstad as student aanvaar. Grové het talle komposisies die lig laat sien en word vandag as een van Suid-Afrika se beroemdste komponiste beskou (Malan, 1982, p. 141).

Grové het in 1953 die Fullbright studiebeurs verower en sy studies aan die Harvard Universiteit voortgesit waar hy die M Mus-graad in 1955 verwerf het. Sy werke word vandag wêreldwyd uitgevoer en talle opnames is ook reeds gemaak (Malan, 1982, pp. 141-142).

2.1.8.2 Orrelis en Pianis

Vroeg in 1945 het hy 'n orreluitvoering in die Tweetoringkerk gegee. In daardie tyd was hy ook die waarnemende orrelis. Volgens die resensent van *Die Volksblad*

(5 Januarie 1945) was dit 'n uitvoering van hoë gehalte. Daar is melding gemaak van sy pedaalspel wat besonder vaardig en netjies was. Die kritikus gaan verder en sê: "By die uitvoer van al die stukke het mnr Grové 'n besondere vaardigheid en uitstekende tegniek aan die dag gelê, nie alleen in die gebruik van die manuele nie, maar ook in die kies van registers en kombinasies in refleksbeweging." Orrelwerke wat Grové gespeel het, sluit in: **Tokkate en Adagio in C majeur** (Bach), **Prelude in G majeur** (Bach), **Pastorale**, **Tokkate en Fuga in d mineur** (Bach), **Fantasie** (Mozart), **Pièce Heroique** (Franck) en **Legende** (Karg-Elert).

Hy het ook soms as pianis voor die Bloemfonteinse publiek opgetree. Op 3 Julie 1945 het hy saam met sy suster, Makkie twee van sy eie werke gespeel. Hy het sy eie komposisie, **Scaramouche** op skitterende wyse uitgevoer en saam met Makkie het hulle **Spieëldans en Beweging** uitgevoer. Laasgenoemde werk is deur die Universiteit van Suid-Afrika as die beste eie toonsetting bekroon (*Die Volksblad*, 4 Julie 1945). In 1946 het hy weer eens saam met sy suster opgetree. Hulle het dele uit sy **Ballet-suite** op twee klaviere voorgedra. Hy was ook verantwoordelik vir die klavierparty in die uitvoering van tjellosonates wat deur Albert Steffens gespeel is (*Die Volksblad*, 2 Julie 1946).

Stefans Grové het ook sy buiging voor die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Tydens die eerste konsert van 1947 het hy nie net as klaviersolis opgetree nie, maar ook die begeleiding vir Albert Steffens (tjello) waargeneem. Die gehoor het hom lank

toegejuig nadat hy vier van sy eie komposisies voorgedra het. Die werke wat hy gespeel het, was *Vrouebeeld*, 'n *Minnaar in Spanje*, 'n *Sonderling tweegesprek* en 'n *Etude*. As toegif het hy een van sy *Preludes* gespeel (*Die Volksblad*, 4 Februarie 1947).

2.1.8.3 Komponis

In September 1945 het hy ook hoë lof ingeoes toe sy nuutste komposisie voor die Oranjeklub in Kaapstad uitgevoer is. Die *Kwartet in D* majeur was destyds nog nie heeltemal voltooi nie, maar die eerste en tweede dele is deur lede van die Kaapstadse Munisipale orkes voorgespeel. *Die Burger* se kommentaar was soos volg: "Wat 'n werk deur 'n Suid-Afrikaner! Die uitvoering het omtrent twintig minute geduur en daar was doodse stilte. Daar is seker nog nie so 'n groot en moeilike werk van 'n Suid-Afrikaner in Suid-Afrika uitgevoer nie.....Dis 'n werk wat nog baie gehoor moet word. Dit getuig van die allergrootste talent." *Die Cape Times* was ook vol lof vir hierdie komposisie en *Die Argus* het bygevoeg dat die komposisie tegniese beheer van die moeilike medium openbaar (*Die Volksblad*, 16 Oktober 1945). Teen die einde van 1945 is die volledige werk in Kaapstad uitgevoer. Die dele van die werk was die volgende: *Andante-Presto*, *Largo mesto-Andante con moto* en *Un poco Allegro-Presto fugato*. Die kritikus van *Die Burger* skryf soos volg: "Ek beskou dit as die vernaamste werk wat nog ooit deur 'n Suid-Afrikaner gekomponeer is en die uitvoering daarvan was bo kritiek verhewe." Dit is uitgevoer deur Editha Braham (viool), Inger Boberg (viool), John Spink (altviool) en Granville Britton (tjello) (*Die Volksblad*, 15 Desember 1945).

Stefans Grové is tans in Pretoria woonagtig (Malan, 1982, p. 141).

2.1.9 Tom Raine

2.1.9.1 Lewenskets

Tom Raine het as orrelis en onderwyser en in 'n mindere mate as komponis 'n belangrike bydrae tot die Bloemfonteinse musieklewe tussen die jare 1912 en 1950 gelewer. Hy is op 11 Junie 1884 in Sheffield, Engeland, gebore. As jong seun het hy van die orrelis van die gemeente waaraan die familie Raine in Sheffield behoort het, orrelles ontvang en was gou in staat om as plaasvervanger vir sy leermeester op te tree. 'n Tante van hom het vir hom klavieronderrig gegee en soveel van haar musiekkennis as moontlik aan hom oorgedra. Hy het op eie houtjie die A T C L, L T C L en M R S T voltooi (Human, 1976, p. 552).

Hy is in 1907 met Gertrude Newsum getroud. Omdat hy longprobleme gehad het, het sy geneesheer hom aanbeveel om na 'n droër klimaat te verhuis. In 1912 het hulle toe na Suid-Afrika verhuis en hulle in Bloemfontein gevestig. Hier het hy die posisie van musiekdirekteur van African Theatres bekleed. In 1915 is hy as onderwyser by Grey-kollege aangestel. Hierdie pos het hy tot in 1925 bekleed waarna hy 'n soortgelyke betrekking by die St David's College aanvaar het. Hier was hy verantwoordelik vir sangonderrig en het ook operettes aangebied. Nadat St David's College gesluit het, is

die geboue deur die nuwe Christian Brothers' College oorgeneem. Tom Raine is toe as musiekonderwyser by C B C aangestel. By hierdie seunskool was hy daarvoorverantwoordelik om die seuns af te rig vir die jaarlikse operettes wat hulle aangebied het, onder andere *The Pirates of Penzance* in 1943, *The Gondoliers* in 1944 en *The Mikado* in 1945. Verder was hy ook vanaf 1927 verbonde aan die Greenhill-kloosterskool waar hy sangonderrig gegee het (Human, 1976, p. 552; *The Friend*, 20 September 1945).

2.1.9.2 Orrelis

In sy beroep as orrelis was hy baie aktief en het hy vanaf 1918 tot 1925 die orrelpos by die St Margaret Kerk bekleed en vanaf 1933 was hy orrelis van die Trinity Metodiste Kerk en in 1945 het hy sy drie-en-veertigste jaar as orrelis gevier. As orrelis van hierdie kerk het hy koor- en orreluitvoerings aangebied. Sulke uitvoerings het onder andere in 1934 en 1936 plaasgevind (*The Friend*, 20 September 1945; Human, 1976, pp. 115-116).

Dit is waar dat hy op die gebied van ernstige musiek baie waardevolle werk verrig het, maar die goeie gehalte van ligte musiek waarmee hy Bloemfonteiners oor soveel jare vermaak het is van net soveel belang. Hy het vir baie jare gereeld die Hammond-orrel in die destydse Ritzteater, Vaudette en die Grand-teater gespeel. Hy was verantwoordelik vir 'n voorspel, tussenspel en 'n gepaste naspel. In die dae van die klanklose rolprente,

het hy 'n orkes afgerig wat gereeld opgetree het (Human, 1976, p. 553; *The Friend*, 24 Maart, 29 Julie, 16 September 1943, 9 Februarie, 18 Oktober 1944; *Die Volksblad*, 12 Mei 1945).

Hy het ook as die plaaslike sekretaris vir die Trinity College of Music opgetree. As begeleier het hy vir Peter Dawson en Esa Stralia begelei met hul besoek aan Suid-Afrika (*The Friend*, 20 September 1945).

Tom Raine is in Februarie 1950 in Bloemfontein in die ouderdom van 65 jaar oorlede (Human, 1976, p. 556).

2.1.10 Anna Bobbert

2.1.10.1 Lewenskets

Hierdie begaafde pianiste en later orreliste is op 30 Maart 1929 in Johannesburg gebore. Beide haar vader en moeder was baie musikaal en het onderskeidelik gesing en tjello gespeel. Hulle het van tyd tot huiskonserte aangebied waartydens Anna haar moeder op die tjello begelei het en dan weer haar vader wanneer hy gesing het (Bobbert, 1994, Onderhoud).

Sy het haar skoolopleiding aan die Parktown Girls' High voltooi waar sy musiek as vak vir die matriekeksamen in 1946 aangebied het. Haar klavieronderwyseres was 'n ene

mej Barnes. Juf Barnes het Anna se uitsonderlike talent vroeg raakgesien en haar vir talle kunswedstryde ingeskryf in onder andere Johannesburg, Springs, Boksburg en Brakpan. Sy het veral in die bladleesafdeling uitblink (Bobbert, 1994, Onderhoud).

Na voltooiing van haar skoolopleiding het Anna Minnaar vir 'n jaar lank orrelles van mnr Dirk Meerkotter in Johannesburg ontvang. In 1948 het sy na Bloemfontein gekom waar sy haarself vir die B Mus-graad en die Universiteitsdiploma in Musiek ingeskryf het. Haar klaviersosente was onder andere Freda Roode, Magda Bonnici-Zingg en later prof David Roode. Sy het orrelonderrig van Tom Raine en Aubrey Karstel ontvang. Sy het die musiekdiploma in 1950 voltooi, die B Mus in 1951 en het later die Hons B Mus in 1960 met sukses behaal. Benewens hierdie kwalifikasies het Anna Minnaar ook 'n hele aantal lisensiaatdiplomas in orrel en klavier voltooi. In 1952 verwerf sy die L T C L (orrelvoordrag en klavieronderwys), 1953, L T C L (klaviervoordrag) en in 1963 die U O L M (orrel). Verder het sy ook die U V L M (orrel) behaal. In 1955 is sy na Londen om haar studies daar te gaan voortsit aan die Guild Hall. Daar het sy van Sydney Harrison klavieronderrig ontvang. Later het sy ook by Henry Ley les geneem. Haar orreldosente was Margaret Cobb en later die bekende George Thalben-Ball. Onder sy leiding het sy die A R C M (orrel) verwerf. Sy het ook die voorreg gehad om verskeie konserte by te woon asook om op die groot orrel in die Temple Anglikaanse Kerk te oefen (Bobbert, 1994, Onderhoud).

In 1957 het sy na Suid-Afrika teruggekeer en in dieselfde jaar met Moritz Bobbert in die huwelik getree. Tussen 1957 en 1959 het sy by onder andere die Oranje Meisieskool,

Eunice Meisieskool en die Koot Niemannskool musiekonderrig gegee (Bobbert, 1994, Onderhoud).

Hierdie talentvolle dame het later 'n baie groot bydrae tot die musieklewe van Bloemfontein gelewer. Sy het nie alleen bekendheid verwerf vir haar talle orreluitvoerings nie, maar het gereeld programme opgeneem wat vir uitsaaidoeleindes gebruik is (Bobbert, 1994, Onderhoud).

2.1.10.2 Orreliste

As student van Aubrey Karstel het Anna Minnaar gereeld die geleentheid gehad om op talle konserte en musiekuitvoerings as orreliste op te tree. Sy was ook in die bevoorregte posisie om van Karstel se komposisies vir orrel tydens van hierdie uitvoerings te speel. Tydens 'n orreluitvoering wat deur Karstel op 16 November 1952 in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes aangebied is, het Anna Minnaar die **Suite Gothique** (Boëllmann) gespeel. Teen die einde van 1953 het Aubrey Karstel na afloop van 'n erediens 'n gewyde musiekprogram in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes aangebied. Tydens die uitvoering wat op 15 November 1953 plaasgevind het, het sy ook 'n paar orrelsolo's uitgevoer (*Die Volksblad*, 8 November 1952 en 7 November 1953; Bobbert, 1994, Onderhoud).

In 1954 het sy weer tydens 'n uitvoering in die Bloemfontein-Weskerk opgetree. Die uitvoering is deur Aubrey Karstel georganiseer en het op 21 November plaasgevind.

Anna het die *Marche Pontificale* (Widor) gespeel (*Die Volksblad*, , 13 November 1954).

In die jare na 1955 het Anna Bobbert gereeld orreluitvoerings in Bloemfontein aangebied. By talle geleenthede het van Bloemfontein se bekende musici saam met haar opgetree, onder andere Dolly Heiberg by wie sy ook later les geneem het (Bobbert, 1994, Onderhoud).

2.1.10.3 Deelname aan Kunswedstryde

Anna Minnaar het as deelnemer aan die jaarlikse kunswedstryde baie goed presteer. In 1951 verower sy A-simbole in die wedstryde blad lees (ope) en klavierbegeleiding (ope). In 1953 het sy as orreliste uitblink en 'n A-simbool vir haar orrel solo (ope, amateur) verower. Verder het sy nog 'n A-simbool in die wedstryd klavierbegeleiding (professioneel) verower en 'n verdere twee B-simbole vir klavierspel (*Die Volksblad*, 19 Mei 1951 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 9 Mei 1953).

Sy het ook aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en baie goed presteer. In 1950 het sy 'n A-simbool vir haar klavierspel in die ope, amateur-afdeling verower. In 1952 het sy egter in al drie die wedstryde waaraan sy deelgeneem het, B-simbole verower. Die wedstryde was die volgende: klaviersolo (ope, amateur), klavierprogram (ope, amateur) en blad lees (ope, amateur). Volgens die

uitslae van die Festival van 1954 het Anna 'n B-simbool verower vir haar spel in die bladlees (professioneel) wedstryd (*The Friend*, 12 Mei 1950, 1 Mei 1952 en 5 Mei 1954).

2.1.10.4 Dosent

Aan die begin van 1954 is Anna Bobbert (in daardie stadium nog Minnaar) tydelik in die plek van mnr Derik van der Merwe by die Departement Musiek aan die U O V S aangestel wat met studieverlof na Europa vertrek het. In daardie stadium was sy ingeskryf vir die graad Hons B Mus (*Die Volksblad*, 28 November 1953).

Sy was verantwoordelik vir die onderrig van Musiekgeskiedenis en Vormleer, Instrumente van die orkes en later ook klavier en orrel. Sy het altyd kontak met die Musiekdepartement behou en is gereeld op 'n tydelike basis as dosent aangestel. Een van haar studente was onder andere die bekende pianis, Japie Human (Bobbert, 1994, Onderhoud).

Anna Bobbert woon vandag nog in Bloemfontein.

2.2 Pianiste

Volgens Human (1976, p. 522) was die meeste instrumentiste wat in Bloemfontein tussen 1900 en 1939 opgelei is, pianiste. Dieselfde geld egter nie vir die jare 1940 tot

1955 nie. Gedurende hierdie tydperk is daar min of meer ewe veel orreliste as pianiste opgelei. Wat wel waar is, is dat baie van die orreliste hul ook as pianiste onderskei het en andersom. Die rede wat hiervoor aangevoer kan word is dat die meeste musiekposte wat geadverteer is vereis het dat die persoon ook die orrelpos op die betrokke dorp moes aanvaar. Dit het gewoonlik slegs op die platteland betrekking gehad. 'n Ander moontlikheid was die ontstaan van die U O V S se Musiekdepartement. Daar was nou die gulde geleentheid om as orrelis opgelei te word, want meeste van die dosente wat aangestel is, was uitstekende orreliste. Persone soos prof Roode, Dolly Heiberg, Gerhardus W Koornhof en Andrew Hutton het die orrelklasse waargeneem. In baie gevalle het hierdie dosente ook die klavieronderrig hanteer.

Weens sommige van die persone se veelsydigheid het baie van die orreliste en ander instrumentiste hulself onderskei as pianiste. Hulle het of solo-uitvoerings gegee of hulle het as begeleiers opgetree. Vanweë hul veelsydigheid en hulle aandeel in soveel vertakkings van die musiek, word hierdie mense nie onder die afdeling van pianiste bespreek nie, maar wel onder die gedeelte waar orreliste bespreek is.

Omdat daar in hierdie tydperk 'n geweldige groei in die musieklewe van Bloemfontein en wel onder pianiste plaasgevind het, is dit onmoontlik om elkeen afsonderlik te bespreek. Gevolglik sal daar slegs aandag gegee word aan die belangrikste persone. Hulle is die persone wat as voordraers of leerkrigte of as beide 'n blywende invloed op die musieklewe uitgeoefen het. Dit kan eerstens gemeet word uit die persverslae uit die

betrokke jare en tweedens aan die indrukke op mense wat die tydperk in Bloemfontein beleef het.

2.2.1 Henriëtte Rossouw

2.2.1.1 Lewenskets

Hierdie hoogs begaafde musikus is op 8 Februarie 1917 in Worcester gebore. As die jongste van vier kinders het sy haar skooljare aan die meisieskool op Worcester deurgebring. Haar vader was aan die seunskool van dieselfde dorp as onderwyser verbonde. As jeugdige meisie het musikale klanke definitief 'n invloed op haar uitgeoefen. Tydens 'n troue toe sy as vierjarige blommemeisie opgetree het, kon sy onthou watter geweldige indruk die eerste akkoord van Mendelssohn se **Huweliksmars** op haar gemaak het. Alhoewel nie een van haar ouers as musikus uitgeblink het nie, was haar vader soos almal in daardie tyd 'n kranige tenoor. Haar moeder het wel uit 'n kunssinnige familie gekom. Sy het self geskilder, maar dit slegs as stokperdjie beoefen. Ander beroemde kunssinnige persone uit mej Rossouw se familie is Hettie Smit, die skryfster en Linda Smit, die balletdanseres (Pauw, 1991, Onderhoud).

As jong meisie het mej Rossouw altyd na haar ouer susters gegaan as hulle klavier geoefen het en vir hulle gevra wat hulle besig was om te speel. Die rede hiervoor was dat sy dit ook eendag wou speel, maar dat sy bang was dat sy nie meer sou weet wat dit was nie (Pauw, 1991, Onderhoud).

In standerd drie het Henriëtte met klavieronderrig begin en wel by 'n ene "miss Eldred." Sy het omtrent vir twee jaar onderrig van hierdie dame ontvang, natuurlik alles in Engels. Hierna is Henriëtte na "miss Greenwood" wat 'n geweldige invloed op haar loopbaan uitgeoefen het. Hier het Henriëtte al die klaviereksamens vanaf die destydse laer tot finaal met sukses afgelê. Vir die graad ses eksamen, destyds Intermediêr, het sy 'n beurs van U N I S A verwerf. Nou was die aansporing daar om te begin werk vir die finale klaviereksamen. Sy het die finale eksamen in 1933 afgelê, met Petrus J Lemmer as eksaminator. Vir hierdie eksamen het Henriëtte ook 'n beurs verower. Sy is toe uitgenooi om in Pretoria te gaan meeding om die beurs. Dieselfde jaar sou Arnold van Wyk ook om die beurs gaan meeding. Weens siekte kon Henriëtte Rossouw in 1934 nie in Pretoria gaan deelneem nie (Pauw, 1991, Onderhoud).

In die tussentyd het Henriëtte ook met orrelles begin, en wel by prof Fismer toe sy nog op Robertson woonagtig was. Mej Rossouw het weekliks met die trein vanaf Worcester na Robertson gery om hierdie lesse by te woon. In 1934, dieselfde jaar as wat sy met orrelonderrig begin het, het sy die finale orreleksamen met lof geslaag (Pauw, 1991, Onderhoud).

In 1935 is mev Fismer as dosente by die Universiteit van Stellenbosch aangestel. Henriëtte Rossouw is egter in dieselfde jaar na dié universiteit en het onder die bekwame leiding van prof Fismer die U V L M (klavier en orrel) verwerf. Sy het ook die

universiteit se eksamens aan die einde van die jaar afgelê. Hierdie eksamens was gelykstaande aan die voordraerslisensiaat van U N I S A. In 1936 het mej Rossouw die U O L M in beide klavier en orrel voltooi (Pauw, 1991, Onderhoud).

Vanaf die begin van 1936 het Henriëtte Rossouw 'n orrelpos in die Paarl beklee. Prof Fisser was ook die persoon wat vir Henriëtte aangemoedig het om so gou as moontlik oorsee te gaan om haar studies daar voort te sit. In 1937 het prof Fisser se aantal orrelleerlinge geweldig vermeerder, soveel so dat Henriëtte Rossouw haar bygestaan het met die onderrig van die eerstejaar orrelstudente. Bekende persone wat by mej Rossouw les geneem het was George van der Spuy, Duxie Joubert en Philip McClaghlan (Pauw, 1991, Onderhoud).

Met prof Fisser se nodige motivering het die Universiteit van Stellenbosch 'n beurs vir oorsese studie aan Henriëtte Rossouw toegeken. Aan die einde van 1937 is mej Rossouw na Londen. Daar het sy haar klavierstudies onder Henry Wilson en haar orrelstudies onder George Thalben-Ball voortgesit. In die jaar wat mej Rossouw oorsee was het sy die L R A M (voordraers) en A R C M (onderwys) lisensiate voltooi. In die onderhoud met mej Rossouw het sy verklaar dat as dit nie vir die deeglike musikale grondslag was wat sy van mev Fisser ontvang het nie, sy nooit 'n sukses van haar studies in Londen sou gemaak het nie. Gedurende haar verblyf in Londen het sy tydens die vakansie deur die hele Europa getoer. Dit was hier waar sy wonderlike uitvoerings bygewoon het wat haar werklik beïndruk het. Aan die einde van 1938 het Henriëtte

Rossouw na Suid-Afrika teruggekeer en in 1939 het sy 'n aanstelling as musiekonderwyseres aanvaar. Hierdie pos het sy bekleed tot aan die einde van 1940 (Pauw, 1991, Onderhoud).

In Junie 1940 is Henriëtte Rossouw met mnr J C Pauw, 'n onderwyser in die Paarl, getroud. Uit hierdie huwelik is daar twee dogters gebore. Vroeg in 1943 het mnr en mev Pauw die Paarl verlaat en is hulle na Lady Grey waar haar man as skoolhoof aangestel is. Hier het Henriëtte Pauw ernstig klavier begin oefen. Vroeg in 1945 was mev Pauw reeds bewus van die Vrystaatse Musiekvereniging wat in Bloemfontein tot stand gekom het. In 'n brief het sy aan die voorsitter die versoek gerig of sy nie 'n klavieruitvoering vir hulle kon aanbied nie (Pauw, 1991, Onderhoud).

In dieselfde tyd het Henriëtte Pauw 'n brief van prof Fisser ontvang waarin sy Henriëtte Pauw gevra het om haar te kom aflos by die Stellenbosch Universiteit terwyl sy as eksaminatrise vir U N I S A opgetree het. Mev Pauw is dan ook in die derde kwartaal na Stellenbosch waar sy onder andere vir Hennie Joubert en June Smit les gegee het (Pauw, 1991, Onderhoud).

In 1950 is Henriëtte Pauw se eggenoot as organiseerder vir die Van Riebeeckfees wat in 1952 sou plaasvind, aangestel. Teen die einde van 1950 het mnr en mev Pauw na Kaapstad verhuis. Hier het hulle tot die middel van 1952 gewoon. In Kaapstad het Henriëtte Pauw die geleentheid aangegryp om aan die Musiekkollege by Harold Rubens

les te neem. Sy was egter nie baie gelukkig by die kollege nie en het nie baie lank van hom onderrig ontvang nie en is later na 'n Hollandse pianiste wat ook aan die kollege verbonde was (Pauw, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 7 Oktober 1950).

Aan die einde van Junie 1952 het mnr en mev Pauw hulle weer in Bloemfontein kom vestig. Sy het dadelik weer begin les gee en het in daardie stadium ook weer die orrelpos by die Ned Geref Kerk Noordhoek bekleed; 'n pos wat sy voor hul vertrek uit Bloemfontein reeds bekleed het. Gedurende hierdie periode het sy altyd kontak met die Musiekdepartement van die U O V S behou (Pauw, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 25 Oktober 1952).

In 1955 is mnr Pauw as skakelbeampte by die destydse Ministerie van Vervoer in Pretoria aangestel. Henriëtte Pauw het egter in Bloemfontein aangebly en het haar toegespits op die voorbereiding om die lisensiaat in orrel te voltooi. In daardie stadium was mev Pauw die enigste persoon in Suid-Afrika wat hierdie kwalifikasie besit het. Henriëtte Pauw het in September 1955 by haar man in Pretoria aangesluit (Pauw, 1991, Onderhoud).

In 1956 is mnr en mev Pauw Kaapstad toe vir die opening van die parlement. Nie lank na hul aankoms in die Kaap nie, het die Universiteit van Stellenbosch mev Pauw genader om vir ses maande aan die Departement Musiek klas te gee. In 1957 is hulle terug na Pretoria waar mev Pauw weer eens private onderrig gegee het. Gedurende

hierdie tyd is mev Pauw ook deur prof Roode gevra of sy nie sou belangstel om as eksaminatrise vir U N I S A op te tree nie. In Augustus 1957 moes mev Pauw toe na Bloemfontein kom vir twee maande om saam met 'n Hollandse eksaminator die eksamens waar te neem. In 1957 en 1958 het mev Pauw op 'n gereelde basis as eksaminatrise vir U N I S A opgetree en in dieselfde tyd private onderrig sowel as orreluitvoerings in Pretoria gegee (Pauw, 1991, Onderhoud).

2.2.1.2 Pianiste

In 1945 is mnr Pauw as die nuwe skakelbeampte van Bloemfontein aangestel. Met hul aankoms in Bloemfontein was die konsert van Henriëtte Pauw reeds gefinaliseer (Pauw, 1991, Onderhoud). Dit is met hierdie konsert dat Henriëtte Pauw haar as sekerlik een van Suid-Afrika se voorste pianiste bewys het. Bloemfonteinse konsertgangers was gaande oor haar debuutoptrede in die stad.

Hierdie konsert het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging op 5 November 1945 in die Clarendonsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 3 November 1945).

Die resensent van *Die Volksblad* (6 November 1945) het haar konsert as 'n "besonder artistieke klavier-uitvoering" beskryf. Verder is melding gemaak van haar verfynde spel en subtiele vertolking. Uit hierdie resensie is dit duidelik dat Henriëtte Pauw oor 'n buitengewone goeie klaviertegniek beskik het en ook oor 'n ongelooflike geheue,

aangesien sy 'n hoogs ingewikkelde en veeleisende program in geheel van geheue aangebied het. Die enigste negatiewe kritiek ten opsigte van haar spel was dat sy skynbaar geneig was om haar werke te versigtig te benader. Die gevolg hiervan was dat die toonkwaliteit soms te ingetoë was.

Hier volg die program wat sy aangebied het:

J S Bach: Prelude en Fuga nr 3 in C-kruis majeur (Boek 1)

D Scarlatti: Pastorale D Scarlatti: Tempo di Ballo

J Brahms: Sonate op 5 in f mineur

F Liszt: Kabouterdans

Saint-Saëns: Studie in die vorm van 'n Wals

F Chopin: Studie opus 10 nr 3 in E majeur

F Chopin: Studie opus 10 nr 12 in c mineur

F Chopin: Impromptu opus 36 in F-kruis majeur

F Chopin: Fantaisie opus 49 in f mineur

F Chopin: Ballade opus 23 nr 1 in g mineur

F Chopin: Nokturne opus 27 nr 2 in D-mol majeur

F Chopin: Scherzo opus 39 in c-kruis mineur

Volgens die resensie was die eerste item op die program besonder netjies en suiwer voorgedra. Kenmerkend in die **Tempo di Ballo** van Scarlatti was die stewige en noukeurige spel van die linkerhand. Die **Brahms Sonate** is baie goed uitgevoer. Die

stadige deel was amper te gedemp en in die **Scherzo** was haar spel nie energiek genoeg nie. Die **Kabouterdans** is op 'n verruklike wyse uitgevoer met 'n ongelooflike delikate aanslag. Die tegnies uiters moeilike **Wals** van Saint-Saëns is suiwer en afgerond uitgevoer. Die tweede gedeelte van die program het slegs uit werke van Chopin bestaan. Hier was die pianiste meester op haar gebied. Kenmerkend was die edele spel, netjiese frasing, fyn lopies, die ongelooflike suiwer oktawepassasies en die innige spel in die sagte dele. Volgens die resensent is al die Chopin-werke uitstekend voorgespeel. Na hierdie lang en veeleisende program het Henriëtte Pauw 'n Mendelssohn **Prelude** as toegif gespeel. Kyk Bylae, p. 12 (*Die Volksblad*, 6 November 1945).

Na afloop van hierdie hoogs geslaagde klavieruitvoering het Henriëtte Pauw gou bekendheid verwerf en het sy spoedig 'n gunsteling onder die Bloemfonteinse konsertpubliek geword. Tydens die Eeufeesvieringe van 1946 in Bloemfontein het die publiek weer die geleentheid gehad om na die voortreflike spel van Henriëtte Pauw te luister. Daardie uitvoering het op 2 April 1946 in die Stadsaal plaasgevind. Tydens hierdie konsert het sy die **Simfoniese Variasies** van César Franck saam met die S A U K-orke onder leiding van Jeremy Schulman gespeel. Tydens hierdie konsert het 'n ander beroemde Suid-Afrikaanse kunstenaar ook opgetree, naamlik die sopraan, Cecilia Wessels (Pauw, 1991, *Onderhoud*, *Die Volksblad*, 13 en 14 Februarie 1946).

Uit die resensie van *Die Volksblad* van 3 April 1946 is dit duidelik dat Henriëtte weer 'n pragtige uitvoering gelewer het. Al het die orke nie altyd gedemp genoeg gespeel nie, was dit 'n hoogs geslaagde uitvoering. Verder word gesê dat sy gevoelvolle spel

gelewer het en dat haar noukeurige navolging van die dirigent 'n baie goeie indruk geskep het. Die resensent meld ten laaste dat Bloemfontein baie trots kon wees op 'n persoon soos Henriëtte Pauw en die feit dat sy op so 'n wyse vereer was.

In 1946 het Henriëtte weer op konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging opgetree. Tydens die konsert wat op 3 Junie 1946 in die Clarendonsaal plaasgevind het, het sy vir Davida du Toit op 'n tweede klavier begelei in 'n uitvoering van Grieg se **Klavierkonsert opus 16 in a mineur**. Hulle het slegs die eerste deel gespeel. Die resensent het melding gemaak van beide die twee pianiste se voortreflike spel (*Die Volksblad*, 4 Junie 1946). Tydens 'n huldigingsaand ter ere van die komponis, S le Roux Marais in die Clarendonsaal, het Henriëtte 'n uitvoering van Brahms se **Fuga in B-mol majeur** en Beethoven se **Sonate op 27 nr 2 in c-kruis mineur** gegee. Volgens *Die Volksblad* (15 Oktober 1946) het laasgenoemde werk besonder byval gevind. Henriëtte Pauw het ook haar verskyning gemaak op die laaste konsert van die vereniging in 1946 wat op 16 November in die Tweetoringkerk plaasgevind het. Hierdie keer het sy haarself as puik orreliste bewys. Haar keuse vir die uitvoering was die **Dodemars en Engelesang** van Guilmant en die **Tokkate** uit die **Vyfde Simfonie** van Widor. Tydens hierdie konsert het van Bloemfontein se beste orreliste opgetree, onder andere Dolly Heiberg, David Roode, Olga Troskie, Petrus Lemmer en Aubrey Karstel (*Die Volksblad*, 18 November 1946).

Henriëtte Pauw het op verskillende plekke en by verskillende geleenthede as pianiste opgetree. Haar eggenoot is gereeld genader om as spreker by verskillende geleenthede op te tree. Henriëtte is dan ook gevra of sy nie 'n solo of twee sal lewer nie. Tydens die maandelikse geselligheid wat die Nederlandse gemeenskap in Bloemfontein georganiseer het, het mnr Pauw as spreker opgetree en Henriëtte Pauw 'n kort klavieruitvoering gegee (*Die Volksblad*, 2 Februarie 1946).

Henriëtte Pauw het ook haar verskyning op die eerste konsert van die Bloemfonteinse Kunstenaarsklub gemaak. Dié konsert het op 24 Februarie 1950 plaasgevind. Volgens die resensie van *Die Volksblad* (27 Februarie 1950) het sy 'n baie geslaagde uitvoering van die **Etude in 'n walsvorm** (Saint-Saëns), **Etude opus 10 nr 3** (Chopin) en die **Kabouterdans** (Liszt) gelewer. Die vertrouwe waarmee sy gespeel het, het deurgaans opgeval.

Tydens die selfstandigwording van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in Maart 1950 is daar 'n groot musiekkonsert in die Stadsaal aangebied. Henriëtte het by daardie geleentheid 'n skitterende vertolking van die **Scherzo in c-kruis mineur** van Chopin gelewer. Die resensent het haar suiwer en gevoelvolle spel geprys. In dieselfde jaar het sy saam met Vivia Kruger 'n uitvoering onder beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S gegee. Die uitvoering het op 15 Augustus 1950 plaasgevind. By daardie geleentheid het sy werke van Brahms, Beethoven, Chopin, Liszt en Saint-Saëns gespeel (*Die Volksblad*, 16 Maart en 12, 14 en 15 Augustus 1950; *The Friend*, 18 Augustus 1950).

Op 18 Februarie het daar 'n konsert ten bate van die filmorganisasie, K A R F O, se Moedersveldtog in die Stadsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het mev Pauw 'n groot aandeel in die konsert gehad. Sy het nie alleen die konsert georganiseer nie, maar ook 'n uitgebreide klavierprogram aangebied. Haar spel is as die hoogtepunt van die konsert beskou. Volgens *The Friend* (19 Februarie 1953) was haar program soos volg:

Leschetizky:	Arabesque
Chopin:	Trois Nouvelles en Etude opus 10 nr 2
MacDowell:	Shadow Dance
Livens:	Sing a song of sixpence en Little Polly Flinders
Brahms:	Rapsodie opus 79 nr 1 in b mineur Rapsodie opus 79 nr 2 in g mineur.

Die program het verder uit sangsolo's, koorwerke, vioolsolo's, kwartette en voordragnummers bestaan (*Die Volksblad*, 7 Februarie 1953; *The Friend*, 19 Februarie 1953).

Henriëtte Pauw se uitvoerings was nie net tot Bloemfontein beperk nie. Sy het ook ander dorpe en stede besoek. Op 23 Februarie 1946 het sy 'n klavieruitvoering in Bethlehem gegee. Volgens 'n berig in *Die Volksblad* van 28 Februarie 1946 was die gehoor geweldig beïndruk met haar spel. Die resensent stel dit soos volg: "Dat die

lofuitinge in die pers oor die bekwaamheid van Henriëtte Rossouw, die begaafde Bloemfonteinse pianiste nie oordrewe was nie, het 'n waarderende gehoor Saterdagmiddag alhier in die Stadsaal ondervind. Haar artistieke uitvoering, haar merkwaardige vingerbeheer en die simpatieke vertolking van stukke van die groot meesters het almal laat voel dat sy die mees vleierende lofbetuigings volkome verdien het."

Daar bestaan onduidelikheid oor wat sy presies gespeel het. Geen program is egter in die plaaslike koerant gepubliseer nie. Wat wel bekend is, is dat die uitvoering onder die beskerming van die Musiekvereniging van Bethlehem plaasgevind het. Sy het ook saam met Isabel du Toit en Francina Buys 'n uitvoering in Wepener gegee (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1950).

2.2.1.3 Klavierdosent

Henriëtte Pauw het nie net uitblink as konsertpianiste nie, maar het ook 'n belangrike aandeel in die musiekonderrig van Bloemfontein gehad. Met die totstandkoming van die Departement Musiek aan die U O V S is sy deur prof Roode genader om daar te kom onderrig gee in klavier en later ook orrel (Pauw, 1991, *Onderhoud*, *Die Volksblad*, 5 Januarie 1946). Aangesien Henriëtte Pauw (in daardie stadium nog Rossouw) reeds ondervinding in die hoedanigheid as dosente aan die Universiteit van Stellenbosch opgedoen het, was sy die ideale persoon om as dosente aan te stel. In daardie stadium was klavier en orrel nog ewe belangrik vir Henriëtte en kon sy nog nie besluit watter een

van die twee nou eintlik haar hoofinstrument sou word nie. Sy was vanaf 1946 tot 1949 aan die U O V S verbonde en het in daardie tyd nog gereeld uitvoerings gegee. Sy het ook aan 'n paar leerlinge private onderrig gegee (Pauw, 1991, Onderhoud).

Nadat Henriëtte Pauw geskei is van haar man in 1963, het sy haarself in Bloemfontein kom vestig waar sy as musiekonderwyseres by die Oranje Meisieskool aangestel is. Hierdie pos het sy vir een jaar bekleed waarna sy in 1965 as orreldosent by die U O V S aangestel is. Sy het egter nooit orrel doseer nie, maar wel klavier. Sy was vanaf 1965 tot 1982 aan die Musiekdepartement verbonde. Met haar aanstelling het sy oor die volgende kwalifikasies beskik: U V L M (klavier en orrel), U O L M (klavier en orrel), A R C M, L R A M, L T C L (klavier) en U L K O (orrel) (Pauw, 1991, Onderhoud).

2.2.1.4 Orreliste

Volgens *Die Volksblad* (10 September 1949) was mev Pauw die orreliste van die Ned Geref Kerk Noordhoek. In September dieselfde jaar het Henriëtte Pauw 'n konsert georganiseer wat deur die Sendingbondtak van hierdie gemeente aangebied is. Dit was 'n baie geslaagde konsert waartydens Anna Jackson, Isabel du Toit, Alma Kok, Vivia Kruger en Marion Key opgetree het. Mev Pauw was ook vir die begeleidings verantwoordelik. Hierdie konsert het op 17 September 1949 plaasgevind.

Op 8 Augustus 1953, 2 April 1954 en 21 Augustus 1955 het Henriëtte Pauw 'n orrel- en sanguitvoering in die Ned Geref Kerk Noordhoek aangebied. Tydens hierdie uitvoerings het Henriëtte Pauw werke van Bach, Widor, Guilmant, Mendelssohn, Karg-Elert en Boëllmann gespeel. Haar spel het in alle gevalle getuig van musikale insig en uitstekende tegniese vaardigheid (*Die Volksblad*, 8 en 10 Augustus 1953, 1 en 3 April 1954 en 13 Augustus 1955).

Tydens die uitvoering van 1953 het die kerkkoor onder Pauw se leiding opgetree en vir die hoogtepunt van die aand gesorg, aangesien die koor alleenlik uit lidmate van die kerk bestaan het. **Halleluja, Christus is opgestaan** (P K le Roux) is as die beste koorstuk deur die resensent beskryf. Selfs die soliste, behalwe Vivia Kruger, was almal afkomstig vanuit die gemeente. Onder hulle het getel Ted Hultzer, Jack Kelly en Christo Fourie. Besoekende kunstenaars wat tydens die ander uitvoerings saam met Henriëtte Pauw opgetree het, was die groot Eeufeekoor onder die leiding van David Roode wat werke van Bach, Handel, Haydn en Franck gesing het. Soliste wat opgetree het en artistieke sang gelewer het, het ingesluit Francina Buys, Jurie Fourie en Gielie Noordman. Henriëtte Pauw het saam met Elvera Montanus (viool) en prof Duyvene de Wit (viool) twee Sonates vir orrel en twee viole van Corelli en Handel uitgevoer. Die resensies in *Die Volksblad* (10 Augustus 1953 en 3 April 1954) was vol lof vir die uitvoerings wat in 1953 en 1954 deur Henriëtte Pauw aangebied is (*Die Volksblad*, 13 Augustus 1955). In Mei 1946 en Augustus 1947 het Henriëtte Pauw en Dolly Heiberg hulle talente saamgespan en skitterende orreluitvoerings in die Tweetoringkerk aangebied. Pauw het

by beide die geleenthede orrelwerke van hoë artistieke gehalte uitgevoer, onder andere die **Tokkate** uit die **Vyfde Simfonie** (Widor), **Pelgrimskoor** uit **Tannhäuser** (Wagner) en **Grand Choeur** (Guilmant). Sy het verder saam met Victor Pohl (viool) en Albert Steffens (tjello) 'n verwerking van die Adagio-gedeelte uit die **Klaviertrio opus 8** van Brahms uitgevoer. Henriëtte Pauw het tydens hierdie uitvoerings getoon dat sy net so tuis voor die orrel as voor die klavier is (*Die Volksblad*, 18 Mei 1946 en 25 Augustus 1947).

As orreliste het mev Pauw ook in ander dorpe opgetree. In Augustus 1953 is sy uitgenooi om tydens die Nagmaalsviering in die Ned Geref Kerk Bultfontein die orrelspel vir al die dienste waar te neem. Die orrel was betreklik nuut en is vergroot tot een van die grootstes van die tyd (*Die Volksblad*, 15 Augustus 1953).

Henriëtte Pauw het ook verskeie stede besoek waar sy as beoordelaar by kunswedstryde opgetree het. Stede waar sy in dié hoedanigheid opgetree het, was Pretoria, Kaapstad en Windhoek (Pauw, 1991, Onderhoud).

Mev Pauw is tans woonagtig in Bloemfontein waar sy afgetree het (Pauw, 1991, Onderhoud).

2.2.2 Derik van der Merwe

2.2.2.1 Lewenskets

Frederik Johannes van der Merwe is die enigste seun van mnr en mev C P van der Merwe van Bethlehem. Hy is op 11 Julie 1924 gebore en het sy hele skoolloopbaan in Bethlehem voltooi en sy matriekeksamen aan die Hoërskool Voortrekker geskryf. Reeds vanaf sy vroegste skooldae het sy leermeesters op skool 'n glansryke musiektoekoms voorspel (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1948; Curriculum Vitae, [s.a.]).

Na sy skoolopleiding is hy na die Universiteit van die Witwatersrand waar hy die graad B Mus verwerf het. Leermeesters van wie hy onderrig ontvang het, sluit in prof P R Kirby en mnr C A O Duggan. Hierna het hy 'n pos by die S A U K in Kaapstad aanvaar. In daardie tyd het hy ook aan verskeie kunswedstryde deelgeneem en skitterende prestasies behaal. Tydens sy verblyf in Kaapstad het hy verder gestudeer en word in 1947 as tydelike lektor in musiek aan die destydse U K O V S aangestel (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1948; Curriculum Vitae, [s.a.]).

Vanaf 1 Julie 1949 het hy 'n permanente pos bekleed. Hy was tot aan die einde van 1966 aan die U O V S verbonden. Na bykans twintig jaar het hy 'n soortgelyke pos aan die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar (*Die Volksblad*, 19 April 1947, De Villiers, 1972, p. 7; Curriculum Vitae, [s.a.]).

Sy werksaamhede is in 1954 onderbreek toe hy in Januarie met studieverlof na Europa vertrek het om navorsing vir die graad M Mus by die Gemeentelike Universiteit in Amsterdam te gaan doen. Sy werksaamhede is deur mej Anna Minnaar waargeneem (*Die Volksblad*, 28 November 1953 en 23 Januarie 1954; *The Friend*, 19 Januarie 1954).

Derik van der Merwe het sy werksaamhede by die U O V S in 1955 hervat nadat hy vir 'n jaar onderrig in Holland van Jaap Spaanderman ontvang het. Hy het gereeld as begeleier vir Noémi Perugia opgetree, wat dikwels vanaf Parys na Holland gegaan het om lesings in sang aan te bied. Hy het ook by die Kamerkoor van Amsterdam aangesluit (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1955).

Hierdie begaafde musikus het homself op talle terreine laat geld. Hy was nie net 'n puik pianis nie, maar het ook baanbrekerswerk verrig wat die dirigeerkuns betref. Hy was ook 'n komponis wat talle komposisies die lig laat sien het. Hy het verder as 'n talentvolle toneelspeler uitgeblyk. Hy het ook in die sangkuns presteer en in 1951 'n beurs van U N I S A vir sy prestasies in die finale sangeksamen ontvang. In 1964 is hy as musiekadviseur by die Bloemfonteinse ateljees van die S A U K aangestel (*Die Volksblad*, 10 Maart 1951; Curriculum Vitae, [s.a.]).

2.2.2.2 Sanger en Toneelspeler

As bewys van sy talent wat toneelspel en sang betref het hy die rol van Ruiz, 'n sigeunerboodskapper, in *Il Trovatore*, met sukses vertolk. Sy sang en toneelspel was goed, maar die rol het nie juis geleenthede vir hom gebied waar hy werklik sy volle potensiaal kon toon nie (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1947; *The Friend*, 24 Oktober 1947).

In 1951 het hy homself weer eens as 'n uiters bekwame toneelspeler en sanger bewys. Hy het die moeilike rol van John Carling in die operette, *Viktoria and her Hussar* met gevoel en insig vertolk. Hierdie operette is vanaf 10 tot 13 September in die Grand-teater onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied (*Die Volksblad*, 25 Augustus en 12 September 1951).

2.2.2.3 Pianis

Een van die heel eerste optredes van Derik van der Merwe as pianis in Bloemfontein, was tydens die derde konsert wat die Vrystaatse Musiekvereniging in 1947 aangebied het. Hierdie konsert het op 28 April 1947 in die Clarendonsaal plaasgevind. Van der Merwe het onder andere *Arabesque nr 1* (Debussy), *Nokturne nr 5* (Fauré), *Die Minnaar en die Nagtegaal* (Granados) en die *Rapsodie nr 3 in C majeure* (Dohnanyi) gespeel. In die resensie wat in die plaaslike koerant verskyn het, is daar glad nie kommentaar oor sy spel gelewer nie (*Die Volksblad*, 30 April 1947).

Derik van der Merwe het weer op 18 Oktober 1947, 22 Junie 1951, 24 November 1952 en 23 Junie 1953 sy verskyning op die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Hierdie uitvoerings het in die Clarendonsaal of in die Stadsaal plaasgevind. By al hierdie konserte is sy spel baie gunstig ontvang. Sy spel is as indrukwekkend, dinamies, vloeiend, vlot, afgerond en voorbeeldig beskryf. Werke wat Van der Merwe tydens hierdie konserte uitgevoer het, sluit in: 'n **Impromptu** (Schubert), **Canzonetta** (Liszt), **Aufschwung** (Schumann), **La Cathédrale engloutie** (Debussy), **Tokkate** (Rowley), **Sonate in C majeur** (Mozart), **Jeux d'eau** (Ravel) en **Prelude en Fuga** (Mendelssohn) (*Die Volksblad*, 20 Oktober 1947, 20 en 23 Junie 1951 en 25 November 1952).

In 1955 het Van der Merwe weer sy verskyning in een van die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Hy het op 26 Augustus saam met bekende sangers van Bloemfontein 'n interessante program van uittreksels uit verskillende operas aangebied. Die sangers wat opgetree het was Francina Buys, Yvonne van Zyl, Jacobus Hattingh en Pieter Botes. Hulle het uittreksels uit **La Traviata** (Verdi), **Carmen** (Bizet), **La Bohème** (Puccini) en **Der Freischütz** (Weber) aangebied. Die sangers se sang was deurentyd van hoë standaard en Derik van der Merwe se begeleiding is as simpatiek beskryf en is ook geweldig gekomplimenteer aangesien hy op unieke wyse die plek van die orkes met die klavier ingeneem het (*Die Volksblad*, 30 Julie en 13 Augustus 1955).

Derik van der Merwe het nie altyd alleen in hierdie konserte opgetree nie. Ander kunstenaars van Bloemfontein asook van ander stede in Suid-Afrika het saam met hom opgetree. Hulle sluit in Stephenie Strauss, 'n sangeres van Pretoria en Tonny Rotteveel, 'n fagotspeler. Dit is duidelik uit al die resensies dat Derik van der Merwe 'n baie bekwame kunstenaar was, maar dat daar wel nog ruimte vir verbetering was. 'n Gedeelte uit die resensie van *Die Volksblad* (20 Oktober 1947) lui soos volg: "Hy het die nodige vaardigheid, hoewel sy spel soms te lughartig is."

Van der Merwe en Gertrude Kautzky het saam bekend geraak vir die uitvoerings op twee klaviere wat gunstig deur die publiek ondersteun is. Hulle het onder andere op 23 Junie 1953 en 5 November 1955 uitvoerings in die Stadsaal onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging en in die Saaymansaal gegee. Die uitvoering van 1953 het uiteenlopende kritiek uitgelok. Sommige van die werke is werklik uitstekend uitgevoer en ander was weer minder goed. Die resensent het dit aan die verskil in temperament by die twee kunstenaars toegeskryf, asook die feit dat dit hulle eerste gesamentlike optrede was. Volgens die resensent van *The Friend* (24 Junie 1953) is die *Variasies opus 46* (Schumann) met die nodige sensitiwiteit gespeel terwyl die *Romanze en Wals* (Rachmaninoff) karakterloos en sonder aanvoeling uitgevoer is. Die *Sonate in D majeur KV 448* (Mozart) is briljant gespeel. 'n Besondere waarderende gehoor het op 'n toegif aangedring (*Die Volksblad*, 24 Junie 1953 en 3 November 1955).

Hierdie vennootskap is in die later jare met groot sukses voortgesit. In 1956 het hulle twee uitvoerings gegee, naamlik op 27 Maart en 7 Junie 1956 (*Die Volksblad*, 24 Maart en 2 Junie 1956).

Derik van der Merwe het as pianis wye aanhang geniet en het bykans elke jaar in konserte opgetree. Hierdie konserte was nie deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer nie. Optredes het in 1948, 1949, 1950, 1952, 1953 en 1955 gevolg. In die meeste gevalle is die konserte ten bate van 'n sekere organisasie gereël en is die fondse daarvoor aangewend. Instansies waarvoor die konserte aangebied is, was die volgende: Skakelkomitee, Feeskonsert van die U O V S, Van Riebeeckfees, Vroue-Landbou-Unie en die Tuberkulose-vereniging. Hierdie konserte het in onder andere die Stadsaal, Clarendonsaal, Kestell-saal en Trinity Metodiste kerksaal plaasgevind. Sy spel tydens hierdie konserte het in meeste gevalle gunstige kommentaar uitgelok. Werke wat uitgevoer is, sluit in **Romanse in D-mol majeur** (Sibelius), **Die Minnaar en die Nagtegaal** (Granados), **Aandfluisteringe** (Palmgren), **The two worlds** (Rowley), **Jesus vreug van ons Verlange**, **Waar skape rustig wei** (Bach), **Etude in F-kruis majeur** (Macdowell) en **Harmonious Blacksmith** (Handel) (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1948, 5 Mei 1949, 11 en 16 Maart 1950, 24 November 1950, 11 Februarie 1952, 8 Augustus 1953 en 3 November 1955).

2.2.2.4 Begeleier en Komponis

Van der Merwe het hom ook as begeleier tydens hierdie konserte laat geld. Hy het onder andere die sopraan, Isabel du Toit en die bekende alt, Jean Gluckman in uitvoerings begelei. Tydens van hierdie konserte is daar van Derik van der Merwe se eie komposisies uitgevoer. In 1948 het Isabel du Toit vier van sy werke gesing, naamlik **Toewyding**, **Vaalvalk**, **Offerande** en **Opdrag**. Tydens Gluckman se konsert het sy Van der Merwe se **Klein Siklus** uitgevoer. Sy komposisies het in beide gevalle groot byval by die publiek gevind. Sy begeleiding was volgens die resensent altyd simpatiek en opvallend was die uitstekende aanvoeling tussen komponis en vertolkers. Dit het meegebring dat 'n heel besondere atmosfeer geskep kon word. Tydens die feeskonsert wat die selfstandigwording van die U O V S ingelui het, het Van der Merwe saam met dr Arend Koole 'n afgeronde uitvoering van Bach se **Konsert in C** majeur op twee klaviere gegee (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1948, 5 Mei 1949, 11 en 16 Maart, 14 Oktober en 24 November 1950, 11 Februarie 1952, 8 Augustus 1953 en 3 November 1955).

2.2.2.5 Ander bydraes en aktiwiteite

Soos meeste ander kunstenaars was Derik van der Merwe ook bekend vir sy uitsaaiprogramme wat deur die S A U K uitgesaai is. Op 16 September 1952 het hy as solis in 'n Afrikaanse program opgetree. Werke van Spaanse en Franse komponiste is uitgevoer. Die **Barcarolle** (Fauré), **Jeux d'eau** (Ravel) en twee werke uit die bundel,

Danzas Espagnolas (Granados) is deur hom uitgevoer (*Die Volksblad*, 13 September 1952).

In 1953 is hy deur die S A U K in Durban genader om 'n paar uitsaaiprogramme vir hulle te doen. Die eerste program is op 10 Februarie uitgesaai. Werke wat hy gespeel het, sluit in **Prelude en Fuga opus 35 nr 1 in e mineur** (Mendelssohn), **Scherzino uit Faschingschwank aus Wien** (Schumann), **Intermezzo opus 119 nr 3 in C majeur** (Brahms) en die **Polonaise opus 40 nr 2 in c mineur** (Chopin). Die tweede program is op 15 Februarie uitgesaai. Van der Merwe het die program met 'n ander kunstenaar van Bloemfontein, Jacobus Hattingh (tenoor), gedeel. Tydens die tweede program het Derik van der Merwe die volgende werke uitgevoer: **Barcarolle nr 1** (Fauré), **Jeux d'eau** (Ravel) en **Spaanse dans in B-mol majeur** (Granados) (*Die Volksblad*, 31 Januarie 1953).

Van der Merwe het van tyd tot tyd ook in ander dorpe opgetree. Die Musiekvereniging van Steynsburg het op 13 September 1952 die voorreg gehad om na 'n uitvoering deur dié knap pianis te luister. Hy is bygestaan deur die bekende Bloemfonteinse alt, Juliette Aboud en Joshua Serfontein (bariton) (*Die Volksblad*, 13 September 1952).

In September 1955 het van der Merwe saam met 'n paar sangers en sangeresse van Bloemfontein 'n interessante uitvoering bestaande uit opera-arias in Theunissen aangebied. Isabel du Toit, Francina Buys, Yvonne van Zyl en Jacobus Hattingh het hom

bygestaan. Dieselfde program is vroeër ook in Bloemfontein onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied (Die Volksblad, 7 September 1955).

Derik van der Merwe het ook soms, as deel van die orkes, die begeleiding op die klavier waargeneem tydens 'n uitvoering van 'n oratorium of 'n opera. In 1950 was hy vir die begeleiding op die klavier verantwoordelik tydens 'n uitvoering van *Die Messias* van Handel wat deur prof Roode aangebied is. Sy begeleiding het deurgaans die indruk van sensitiwiteit en musikaliteit geskep (*Die Volksblad*, 17 Mei 1950).

Van der Merwe het ook sy dienste as beoordelaar tydens kunswedstryde aangebied. Hy was onder andere beoordelaar van die instrumentale afdeling by die Kunswedstryd van Ficksburg wat in Mei 1953 plaasgevind het (*The Friend*, 9 Mei 1953).

Tydens die jare as dosent aan die U O V S was hy ook in die bestuur van die Musiekvereniging van die U O V S. Hy is in 1950 en 1951 tot ere-lid verkies (*Die Volksblad*, 31 Maart 1951).

2.2.3 Mary Rousseau

2.2.3.1 Lewenskets

Een van Bloemfontein en ook Suid-Afrika se begaafde pianiste het nie alleen 'n bydrae tot klavierspel gemaak nie, maar het haar op baie ander terreine laat geld. Volgens

Human (1976, p. 539) het Mary Rousseau reeds in haar jeugjare in Bloemfontein as pianiste lof ingeoes. Mary Barbara Stuart is op 31 Mei 1910 in Jagersfontein gebore. Sy het haar skoolopleiding aan die Greenhill-kloosterskool voltooi waar sy klavieronderrig van 'n buitengewoon bekwame non, suster Mary Emmanuel, ontvang het (Human, 1976, p. 539). Sy het ook klavieronderrig van die bekende konsertpianis, Sydney Rosenbloom ontvang. Petrus Lemmer was vir haar sangopleiding verantwoordelik (Malan, 1986, p. 164).

Sy het later haar studies aan die Koninklike Akademie vir Musiek in Londen voortgesit en 'n lisensiaatdiploma daar verwerf (Malan, 1986, p. 164). Daar het sy les van Max Pirani ontvang (Joubert, 1988, p. 92). Haar veelsydigheid was egter nie tot klavierspel beperk nie. Sy het ook as joernaliste vir *The Friend* vanaf 1950 tot 1954 en weer 1963 tot 1964 gewerk. Vir dieselfde koerant was sy ook musiekkritikus. Sy het verder ook operettes afgerig. Die Universiteit van Suid-Afrika het haar vir baie jare as eksaminatrise vir die praktiese eksamens gebruik. Sy het gereeld by kunswedstryde en tydens musiekkompetisies as beoordelaar opgetree. In 1956 was sy een van die beoordelaars tydens die Adolph Hallis musiekkompetisie (Human, 1976, p. 540, Malan, 1986, p. 164; *Die Volksblad*, 27 Oktober 1956).

Sy het feitlik haar hele lewe in Bloemfontein deurgebring waar sy private onderrig sowel as aan die Oranje Meisieskool onderrig gegee het. Op 27 Julie 1936 is sy met mnr J C de W (Jaap) Rousseau getroud wat in daardie stadium 'n onderwyser by Grey-kollege was (Human, 1976, p. 540).

2.2.3.2 Uitvoerende Kunstenaar

Vroeg in 1945 het Mary Rousseau 'n klavieruitvoering in die Grand-teater gegee. Hierdie uitvoering het op 12 Februarie plaasgevind. Volgens *The Friend* (14 Februarie 1945) was dit 'n baie geslaagde uitvoering. Sy het onder meer die **Rapsodie in C majeur (Dohnanyi)**, **Etude opus 25 nr 1 in A-mol majeur**, **Wals opus 18, Barcarolle opus 60 in F-kruis majeur (Chopin)**, **Warsaw Concerto (Addinsell)**, **Hongaarse Rapsodie nr 10 (Liszt)**, **Prelude in D majeur (Swinstead)**, **Ragamuffin (Ireland)** en **A Romp (York Bowen)** gespeel. Die ander soliste tydens hierdie konsert was die balletdanseres, Yvonne Viljoen. Kyk Bylae, pp. 13-15 (Program, 12 Februarie 1945).

Mary Rousseau het gereeld in die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging opgetree. In 1945, 1946 en 1948 het sy hoogs geslaagde klavieruitvoerings onder die beskerming van hierdie vereniging gegee. Haar spel is as oortuigend, uitmuntend, artistiek, vloeiend en tegnies volmaak deur die resensente beskryf. Werke wat deur haar uitgevoer is, sluit in **Etude opus 25 nr 1 in A-mol majeur (Chopin)**, **Hongaarse Rapsodie nr 10 (Liszt)**, **Naila wals (Delibes)**, **Prelude in D majeur (Swinstead)**, **Etude in G-mol majeur (Chopin)**, **Die klein wit donkie (Ibert)**, **Sonate opus 22 nr 2 in g mineur (Schumann)**, **Prelude in G majeur (Swinstead)**, **Humoresque (Rachmaninoff)** en **Polonaise in A-mol majeur van Sydney Rosenbloom**. Volgens die resensent was laasgenoemde werk in die buiteland goed bekend en is veral in die V S A uitgevoer. By al hierdie konserte het Mary Rousseau soos gewoonlik al haar

programme van die geheue gespeel (*Die Volksblad*, 7 Maart 1945, 17 September 1946, 19 Oktober 1958; *The Friend*, 15 Augustus 1945).

Resensente in die plaaslike pers het spesiale melding van Rousseau se vertolking van die werke van Swinstead, Schumann en Rachmaninoff gemaak. 'n Werklike hoogtepunt van haar konserte was haar vertolking van die **Sonate in g mineur** (Schumann) en die **Humoresque** van Rachmaninoff (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1948).

Sy het ook soms saam met ander kunstenaars tydens hierdie konserte opgetree. By geleentheid van die konsert op 18 Oktober 1948 het sy die program met die bekende sangeres Esther Mentz gedeel (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1948).

As soliste het Mary Rousseau ook van tyd tot tyd uitsendings oor die radio gedoen. So 'n uitvoering het op 10 November 1948 uit die plaaslike ateljee plaasgevind. By daardie geleentheid het Mary Rousseau werke van Swinstead, Rachmaninoff en Moszkowski gespeel (*Die Volksblad*, 6 November 1948).

2.2.3.3 Dirigent en Begeleier

In dieselfde jaar het Mary Rousseau 'n groot aandeel gehad in die operette wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is. Sy was verantwoordelik vir die begeleiding op die klavier met die aanbieding van **Lilac Time** wat in die Grand-teater opgevoer is.

Volgens die resensent het sy die begeleiding met oorgawe en fyn aanvoeling waargeneem (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948, Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948). In jare daarna was Mary Rousseau weer eens gemoeid met 'n operette wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is. Sy was die musiekregisseur vir die produksie van *Magyar Melody* wat in 1956 opgevoer is (*Die Volksblad*, 24 Oktober 1956; *The Friend*, 24 Oktober 1956).

Onder haar leiding het daar op 17 November 1948 'n verskeidenheidskonsert in die Stadsaal plaasgevind. Een van die hoogtepunte van die konsert was die uittreksels van koorstukke uit die operette *Lilac Time*. Die koor het onder leiding van Petrus Lemmer gesing met Mary Rousseau wat vir die begeleiding verantwoordelik was. Die fondse wat tydens hierdie konsert ingesamel is, is aangewend vir die oprigting van 'n tehuis vir bejaardes (*Die Volksblad*, 13 en 18 November 1948).

2.2.3.4 Musiekonderwyseres

As onderwyseres het Mary Rousseau waardevolle werk in Bloemfontein en in die hele Vrystaat verrig. Trouens, sy was die eerste vroulike persoon uit die Oranje-Vrystaat wat aangewys is as die President van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers. Hierdie posisie het sy in 1964 bekleed. In daardie tyd het sy dit vermag om die lidmaatskap van dié Vereniging uit te brei na alle gekwalifiseerde musiekonderwysers en onderwyseresse in alle dele van die Republiek (Joubert, 1988, pp. 92-93; Whiteman, 1964, p. 7).

Aan die begin van Julie 1949 het Mary Rousseau op 'n studiereis van agt maande na Engeland vertrek. In Engeland was sy van plan om 'n paar somervakansie-kursusse by te woon. Daar sou sy die geleentheid gehad het om na beroemde musici soos Myra Hess te luister. Sy sou daar ook haar kennis verbreed wat betref die moderne metodes van klavieronderrig. Verder op haar program was daar ook die Musiekfees in Edinburgh wat sy sou bywoon (*Die Volksblad*, 9 Julie 1949). In *Die Volksblad* van 11 Februarie 1950 is aangekondig dat Rousseau terugkeer het na Bloemfontein na haar studietydperk in die buiteland.

As begeleier was Mary Rousseau altyd in aanvraag. Sy is gereeld genader om die begeleidings vir sangers of instrumentiste waar te neem.

Hierdie hoogs talentvolle musikus is op 23 April 1988 oorlede (Joubert, 1988, p. 92).

2.2.4 Arend Koole

2.2.4.1 Lewenskets

In Desember 1948 is aangekondig dat daar besluit is om nog 'n nuwe leerkrag by die Departement Musiek aan te stel. Die keuse het geval op dr Arend Johannes Christiaan Koole, 'n besonder knap musikus afkomstig uit Amsterdam (*Die Volksblad*, 4 Desember 1948). Arend Koole het hierdie pos vanaf 1949 tot 1964 bekleed waarna hy na die V S A

vertrek het. Dr Koole is op 22 April 1908 in Amsterdam gebore. Sy opleiding as pianis het hy aan die Amsterdamse Konservatorium ontvang. In dieselfde tyd (1925-1930) het hy private onderrig in dirigering van E van Beinum en P Monteux ontvang. In 1933 het hy die staatseksamen in klassieke tale afgelê (Malan, 1984, p. 141). Hy kon sewe tale vlot praat (De Villiers, 1972, pp. 5 en 6). In 1949 het hy die doktorsale eksamen in Musiekwetenskap en Kunsgeskiedenis voltooi met 'n verhandeling oor Locatelli. Vanaf 1935 tot 1946 was hy verbonde aan die Muzieklyceum in Amsterdam waar hy Musiekteorie doseer het. Hy het ook klas gegee aan die Universiteite van Rotterdam (1938-1941) en Utrecht (1941). Vanaf 1946 tot 1949 was hy verbonde aan die Amsterdamse Musiekkonservatorium (Malan, 1984, p. 141).

Sy debuit as pianis was in Krefeld, Duitsland in 1930. As uitvoerende kunstenaar was hy tweede dirigent van die Toonkunstkoor in Utrecht vanaf 1938 tot 1945. Hy was ook dirigent van die Haarlemse Stadsorkes vanaf 1941 tot 1943. As pianis het hy saam met orkeste in Switserland, Holland en België opgetree (Malan, 1984, p. 141). Hy was ook leier van die Amsterdamse Vokale Kwartet wat gereeld oor die radio uitsendings gelewer het (*Die Volksblad*, 4 Desember 1948).

Hy was kunsredakteur van die *Nieuwe Nederlander* en redakteur en medewerker van die Katolieke Ensiklopedie. Hy het ook in die komitee van die Koninklike Nederlandse Toonkunstenaarsvereniging in Amsterdam gedien (*Die Volksblad*, 4 Desember 1948).

In die tyd as dosent aan die U O V S het hy in die bestuur van die Musiekvereniging gedien. In 1950 en 1951 is hy as ere-lid aangewys (*Die Volksblad*, 31 Maart 1951).

2.2.4.2 Uitvoerende Kunstenaar

Koole het gou in Bloemfontein bekendheid as pianis verwerf en talle uitvoerings gegee. Onder beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging het hy in 1949 en 1953 opgetree. Hierdie konserte het op 8 Augustus 1949 en 9 November 1953 in die Clarendonsaal plaasgevind. Tydens die eerste konsert het hy 'n interessante lesing-uitvoering gegee wat oor die Romantiek gehandel het. Ter verduideliking van sy lesing het hy 'n hele aantal werke op die klavier uitgevoer, naamlik **Waldszenen** (Schumann), **Ballade in A-mol majeur** (Chopin), **Scherzo in C majeur** (Mendelssohn) en die **Impromptu in b mineur** van Schubert. Hy het ook werke van Granados, Brahms en Liszt voorgespeel. Werke wat hy tydens die konsert van 1953 uitgevoer het, sluit in **Sonate opus 13 in c mineur** (Beethoven), **Impromptu in F-kruis majeur**, **Nokturne in G majeur**, die **Polonaise in A-mol majeur** (Chopin) en 'n paar agtiende-eeuse komposisies oorspronklik vir die klawesimbel geskryf (*Die Volksblad*, 9 Augustus 1949 en 26 Oktober 1953; *The Friend*, 10 November 1953).

Volgens die resensent was dr Koole se spel tydens die konsert van 1949 van besonder hoë gehalte en is hy as 'n besliste aanwys vir die musieklewe van Bloemfontein beskou.

In meeste gevalle is sy voordragte as musikaal afgerond, stylvol en suiwer beskryf. Daar was ook tekortkominge in sy spel, onder andere in die werke van Liszt en Brahms. Die resensent was van mening dat die vurige spel ontbreek het (*Die Volksblad*, 9 Augustus 1949). Die resensent van *The Friend* (10 November 1953) se kritiek was dat hy oorbekende werke in sy uitvoering aangebied het wat die meer konserwatiewe luisteraar sou bevredig. Verder het dieselfde resensent bygevoeg dat Koole beslis nie op sy beste was met dié uitvoering nie. Die resensent van *Die Volksblad* (10 November 1953) het sy spel as meesterlik beskryf en ook sy fenominale geheue en konsentrasievermoë aangeprys. Die *Kreisleriana* (Schumann) was ongetwyfeld die beste op sy program. Die verskillende stemminge is op besondere wyse deur Koole weergegee. Die *Sonate en Fantasia* van Beethoven is ook uitmuntend gespeel. Die *Fantasia in g mineur* is as 'n groot verrassing beskou. Alle onduidelikhede is uit die weg geruim deurdat Arend Koole elke komposisie op interessante wyse toegelig het.

Dr Koole het ook gereeld onder die beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S opgetree. Dit was juis tydens hierdie uitvoerings waar hy en Gertrude Kautzky groot naam vir hulself gemaak het. Hulle het gereeld as klavierpaar opgetree en uitvoerings op twee klaviere gegee. Uitvoerings onder die beskerming van hierdie vereniging het op 15 Augustus 1951, 31 Augustus 1951 en 1 November 1954 plaasgevind. Hierdie konserte het in die meeste gevalle in die Universiteitsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 11 Junie, 31 Julie, 1 en 15 September 1951, 30 Oktober en 1 November 1954).

As solis het hy werke van Bach, Haydn, Beethoven, Brahms, Debussy en Liszt gespeel. Saam met prof Gertrude Kautzky het hulle oorspronklike werke vir vier hande op een klavier uitgevoer. Hulle bekendheid het gou toegeneem en het later nie net in Bloemfontein opgetree nie, maar ook konserte in die hele Vrystaat gegee en ook konsertreise deur die res van die land onderneem. Hulle uitvoerings is as 'n reusesukses beskryf. Afgesien van effense ongelykheid tydens hulle eerste konsert, was hulle vertolkings van hoogstaande gehalte. Hulle moes by meer as een geleentheid 'n hele paar werke op hulle program op aandrang van die gehoor herhaal. Werke wat besonder byval gevind het, sluit in **Marche Militaire** (Schubert), **Fantasie in f mineur** (Schubert), **Slawiese danse** (Dvorák). Hulle het ook werke van Fauré, Mozart en Schumann gespeel. Volgens die resensent kon dr Koole en prof Kautzky met glans voor enige gehoor in die land opgetree het (*Die Volksblad*, 11 Junie en 31 Julie, 16 Augustus en 1 September 1951).

Hierdie klavierpaar het ook tydens ander konserte opgetree, soos die een waarvoor die opbrengs vir kreupelsorg aangewend is en die konsert tydens die groot studente-kermis in September 1954. Op 22 Oktober 1952 het hulle 'n besonder interessante program aangebied van werke wat verskillende nasionaliteite verteenwoordig het. Tydens die konsert van 1954 het hulle werke van Schubert, Dvorák en Mozart uitgevoer. By daardie geleentheid het Koole die klavierparty behartig in 'n uitvoering van **Der Hirt auf dem Felsen** (Schubert) wat deur Merle Cockroft uitgevoer is. Richard Lemmer het die

klarinetparty gespeel (*Die Volksblad*, 17, 18 en 20 Oktober 1952 en 16 en 21 September 1954).

Volgens die resensie van *The Friend* van 23 Oktober 1952 was hulle aanvoeling nog beter as by hulle vorige uitvoerings en het dit onnodig geag om hulle spel in detail te bespreek aangesien dié twee kunstenaars se spel reeds goed bekend was aan die Bloemfonteinse konsertpubliek.

Hulle volledige program vir die uitvoering in 1952 is volledig aangedui by die gedeelte waar Gertrude Kautzky bespreek word. Kyk p. 229.

Koole en Kautzky het hierdie suksesvolle konserte in die daaropvolgende jare voortgesit en groot lof ingeoes.

Afgesien van Koole se uitvoerings onder die beskerming van sekere verenigings, het hy ook ander uitvoerings in Bloemfontein aangebied. In 1950, 1952, 1953 en 1954 het hy hoogs geslaagde uitvoerings aangebied. Tydens die konsert ter feesviering van die selfstandigwording van die U O V S in Maart 1950, het Arend Koole saam met Derik van der Merwe 'n suiwer en afgeronde vertolking van Bach se Klavierkonsert in C majeur (BWV onbekend) op twee klaviere gegee. Koole het verder ook *Homage to Rameau* van Debussy op oortuigende wyse uitgevoer (*Die Volksblad*, 11 en 16 Maart 1950, 28 Maart en 9 April 1953 en 4 Oktober 1954; *The Friend*, 14 Mei 1952).

Die ander konserte het in die Clarendonsaal en die Kestell-saal plaasgevind. Op 9 Junie 1952 het hy die **Fantasie in c mineur KV 475** (Mozart), **Sonate opus 31 nr 2 in d mineur** (Beethoven), **Polonaise in c mineur**, **Mazurka in b mineur**, **Wals in D-mol majeur** en die **Barcarolle opus 60 in F-kruis majeur** van Chopin gespeel. Die resensent van *The Friend* (10 Junie 1952) het soos volg geskryf: "The pianist's style throughout was distinguished, arresting in its variety and enhanced by an unusually fine rhythmic control, this last being the result, no doubt of dr Koole's training as a conductor."

Ander werke wat op die daaropvolgende konserte gespeel is, sluit in 'n **Nokturne** en **Impromptu** (Fauré), **Sonatine** van Ravel, **Saudades do Brazil** (Milhaud), **Sonate nr 21 in B-mol majeur D 960** (Schubert), **Tema en Variasies opus 72** (Glazunov), **Prelude, Fuga, Aria en Finale** (Handel), **Evocation** (Albéniz), **Andaluza** (De Falla) en **Danza Iberia** (Nin). Verder het hy werke van Chopin gespeel en saam met Jack de Wet het hulle **Intrada** (Moffat) en **Rondo in G majeur** van Mozart gespeel. Dit was veral die fyn aanvoeling tussen die twee kunstenaars wat opgeval het. Die balans tussen die viool en klavier was ook baie bevredigend. Die woorde van die kritikus, Mary Rousseau, som dr Koole se spel dalk die beste op: "This was a concert of a standard that many a visiting celebrity might envy and it is to be hoped that dr Koole will be encouraged to repeat his recital for the benefit of schools." (*The Friend*, 10 Junie 1953; *Die Volksblad*, 24 Mei en 7 Junie 1952, 28 Maart en 14 April 1953 en 4 Oktober 1954).

2.2.4.3 Radio-kunstenaar

Dr Koole het ook van tyd tot tyd opnames vir die S A U K gemaak wat oor die radio uitgesaai is. Hy het onder andere op 15 November 1950 in die program, Uit die Vrystaat, as pianis opgetree in 'n uitvoering van die **Rondo in G majeur** (Beethoven). Die bekende Bloemfonteinse violiste, Alma Kok het ook in die program opgetree. Op 16 September 1951 het hy saam met Gertrude Kautzky 'n program oor die Afrikaanse sender uitgesaai. Hulle het die **Fantasie in f mineur** (Schubert) en **Drie Slawiese danse** (Dvorák) gespeel. Op 30 September 1952 was hy die solis in die Afrikaanse program, Dinsdagaandsolis. Hy het die **Ses Bagatelle opus 129** van Beethoven voorgedra. In Maart 1953 het hy **Forlane** (Couperin) en die **Sonatine** (Ravel) uitgesaai (*Die Volksblad*, 11 November 1950, 15 September 1951, 27 September 1952 en 21 Maart 1953).

Hy het weer op 4 April, 11 Mei en 15 Augustus 1954 in verskillende programme oor die radio opgetree. Werke wat hy gespeel het, sluit in die **Sonate in e mineur** (Grieg) asook die **Tema en Variasies opus 72** (Glazunov). Hy het verder werke van Haydn, Brahms, Chabrier, Turina en Milhaud gespeel. In een van die programme het die alt, Juliette Aboud, saam met Koole opgetree (*Die Volksblad*, 3 April, 8 Mei, 14 Augustus en 20 November 1954).

Op 30 Januarie 1955 het Arend Koole 'n paar werke van Liszt en Mozart oor die Afrikaanse radio-sender gespeel. Op 9 Oktober 1955 het Koole in die Engelse program,

Music Room, die **Noorse Suite** (Grieg) gespeel. Een van Bloemfontein se bekende soprane, Merle Cockroft, het ook in die program opgetree (*Die Volksblad*, 29 Januarie en 8 Oktober 1955).

Arend Koole het by talle geleenthede die voorreg gehad om saam met die Simfonieorke van die S A U K in klavierkonserte op te tree. In Oktober 1953 het hy saam met dié orke in 'n uitvoering van die **Klavierkonsert** van Albert Roussel opgetree. Aangesien hy as 'n kenner van Franse musiek beskou is, is hierdie uitvoering as 'n belangrike gebeurtenis beskou. Hierdie uitvoering het op 6 Oktober in Johannesburg plaasgevind. Op 3 Junie 1955 het dr Koole weer eens saam met hierdie orke opgetree. Onder die leiding van Anton Hartman het hy die **Klavierkonsert in G majeur K 453** (Mozart) gespeel. Hierdie uitvoering is ook oor die radio uitgesaai (*Die Volksblad*, 26 September 1953 en 28 Mei 1955).

Dr Koole het ook solo-uitvoerings in ander dorpe gegee. Op 9 April 1954 het hy in Kimberley opgetree. Hy het werke van Schubert, Brahms en Handel gespeel. In 1955 het Arend Koole in Bethlehem en Kroonstad opgetree. Sy uitvoerings daar het onderskeidelik op 14 September en 16 September onder die beskerming van die Musiekverenigings van dié twee dorpe plaasgevind. Sy program het bestaan uit 'n **Prelude en Fuga** (Handel), 'n **Sonate in D majeur** (Haydn), gedeeltes uit **Pictures at an exhibition** (Moussorgsky) en werke van De Falla, Pyper, Andriessen en Milhaud (*Die Volksblad*, 3 April 1954 en 3 September 1955; *The Friend*, 12 September 1955).

2.2.4.4 Komponis

As komponis het dr Koole homself ook deeglik bewys. Hy het onder andere die musiek gekomponeer vir 'n opelugspel met die naam **Die Verlore Seun** (*Die Volksblad*, 22 Maart 1949). 'n Verdere bewys van dr Koole se bekwaamheid as komponis is dat sy toonsetting van woorde deur prof D F Malherbe bekroon is as die Universiteitslied. Die finale beoordeling is deur prof Gawie Cillié (jr) van Stellenbosch gedoen. Hy het onder andere gesê: "Dit vergelyk gunstig met die beste Universiteitsliedere wat ek ken." (*Die Volksblad*, 17 Februarie 1950).

Die toonsetting van dr Koole is soos volg deur *Die Volksblad* (25 Februarie 1950) geprys: "Ons het die geleentheid gehad om te luister na die lied wat dr Koole vir die Vrystaatse Universiteit gekomponeer het en het sterk onder die indruk gekom van die boeiende tema en die musikaal-pakkende melodie daarvan. Die lied is fris en beweeglik, en het 'n stewige ritmiese inslag. Daar is 'n blymoedige waardigheid in die gang van die lied en 'n mens voel oortuig daarvan dat dit maklik sal inslaan."

Die skoollied van die Hoërskool Jim Fouché, met woorde deur mnr P W du Plooy, is ook deur Koole gekomponeer. Die lied is aanvanklik vir die Wilgehof Volksskool, waar eersgenoemde skool se wortels lê geskryf. Dit is melodieus, ritmies en het 'n forse karakter (Boshoff, 1994, Onderhoud).

Dr Koole het ook die musiek geskryf wat as agtergrond gebruik is tydens die opvoering van **Oedipus Rex** van Sophocles. Dit is op twee klaviere uitgevoer en het die noodlotsgedagte sterk op die voorgrond geplaas (*Die Volksblad*, 25 Februarie 1950).

2.2.4.5 Ander bydraes

Dr Koole het vroeg in 1951 homself nie net as voordraer op die klavier bewys nie, maar ook as begeleier. In dié geval vir die sangeres, Tilla Visser. Hulle uitvoering het op 24 Februarie 1951 in die Stadsaal plaasgevind onder die beskerming van die Voortrekkerbeweging. Hy het veral beïndruk in sy weergawe van die **Polonaise in A-mol majeur** (Chopin) en die **Rapsodie in g mineur** (Brahms). In eersgenoemde het die suiwer oktawespel in die linkerhand opgeval en in die tweede werk het die tegniese vaardigheid asook die balladestemming in die middeldeel 'n goeie indruk gemaak. Verder het hy werke van Granados en Turina gespeel (*Die Volksblad*, 26 Februarie 1951).

Tydens die sanguitvoerings van die beroemde Nederlandse bariton, Laurens Bogtman, op 20 September 1950 in die Clarendonsaal en op 9 Augustus 1954 in die Maitland Hotel, het dr Koole die klavierbegeleiding op besondere wyse behartig. Die uitvoering in die Maitland Hotel het onder die beskerming van die Nederlandse Konsul, dr E M van Zinderen-Bakker, plaasgevind. Volgens die resensent was hy nie alleen simpatiek wat sy spel betref nie, maar het hy ook die moeilikste begeleidings met die grootste gemak

gehanteer. Soms het hy geneig om die sanger te oorheers, maar dit het geen afbreuk aan die kwaliteit van die uitvoering gedoen nie. Met die besoek van die Hollandse mezzo-sopraan, Hans Gruys aan Bloemfontein, het dr Koole die begeleiding op uiters bekwame wyse hanteer. Hy is as die perfekte begeleier beskryf (*Die Volksblad*, 21 September 1950, 19 Augustus 1952 en 7 en 10 Augustus 1954).

As musikoloog het dr Koole ook 'n studie van die musiek van die verskillende swart volke van Suid-Afrika gemaak. In 1954 het hy reeds die musiek van die Basoeto's bestudeer en het toe pas na Zoeloeland vertrek om opnames van hulle musiek te gaan maak. Hy het ook oor 'n deeglike kennis van die swart volke se instrumente beskik (*Die Volksblad*, 3 Julie 1954).

Dr Koole het ook van tyd tot tyd as beoordelaar by kunswedstryde opgetree. In 1950 was hy onder andere beoordelaar van die kunswedstryd op Kroonstad (*Die Volksblad*, 15 April 1950).

2.2.5 Joachim Speiser

Hierdie begaafde musikus het in 1949 na Bloemfontein gekom waar hy as hoof van die musiekafdeling van die Tegniese Kollege aangestel is. Hy was nie net 'n ervare leermeester nie, maar ook 'n briljante pianis. Hy was vir 'n tyd lank 'n student van die beroemde dr Edwin Fischer. Hy het ook aan die Akademie vir Musiek in Berlyn

gestudeer waar hy hom veral op klavierspel toegespits het (*Die Volksblad*, 12 Februarie 1949).

2.2.5.1 Uitvoerende Kunstenaar

Joachim Speiser het op die ouderdom van sewentien in Nairobi 'n groot uitvoering gegee. Die publiek was besonder ingenome met sy meesterlike spel. In Duitsland het Speiser gereeld saam met uitsoek orkeste as solis in verskeie klavierkonserte opgetree. Sy optrede in Bloemfontein onder beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging het op 9 Mei 1949 in die Clarendonsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 12 Februarie en 26 Maart 1949).

Later in 1949 het Joachim Speiser weer 'n uitvoering in Bloemfontein gelewer en wel op 21 Oktober in die Clarendonsaal ten bate van die Poliofonds. Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 22 Oktober 1949 het Speiser spel van hoë gehalte gelewer. Sy spel was deurgaans netjies en goed beheers. Soms was sy spel te streng, want die luisteraar het meer heftigheid en vurige spel asook betekenisryke spel, byvoorbeeld in Chopin se **Scherzo in b-mol mineur**, verlang. Daar was egter geen twyfel dat Speiser 'n ware kunstenaar is nie. Hy het getoon dat hy 'n stewige tegniek het en sy hantering van stemming was heel subtiel. Alles het agter op 'n gedempte wyse geskied sodat sy vertolkings soms die indruk van ingetoënheid geskep het.

Die volgende werke is knap voorgedra: Italiaanse Konsert (Bach), Sonate in A majeur, K 331 (Mozart), Sonate opus 27 nr 2 in c-kruis mineur (Beethoven) en die Sonate in A majeur (Schubert). In al vier die bogenoemde werke was daar pragtige hoogtepunte. In beide die Scherzo in b-mol mineur en Ballade in f mineur van Chopin het die heftigheid ontbreek. In die laasgenoemde werk het die liriese gedeeltes wel 'n goeie indruk gemaak. Joachim Speiser se hele uitvoering het getoon dat hy wel oor die nodige musikale insig beskik (*Die Volksblad*, 22 Oktober 1949).

Hierdie begaafde pianis het ook saam met die Kaapstadse Stadsorkes as solis opgetree in 'n uitvoering van Beethoven se Klavierkonsert opus 73 nr 5 in E-mol majeur. Die dirigent by daardie geleentheid was Geoffrey Miller. Hy het ook die Klavierkonsert in d mineur van Mozart saam met die radio-orkes uitgesaai. Die feit dat Joachim Speiser uitgenooi is om saam met een van die beste orkeste in die land op te tree, was voldoende bewys van sy bekwaamheid as uitvoerende kunstenaar (*Die Volksblad*, 26 Maart 1949).

Joachim Speiser het ook programme vir die radio opgeneem wat later vir uitsaaidoeleindes gebruik is. Een van die programme is op 26 Julie 1950 uitgesaai. By daardie geleentheid het hy die Italiaanse Konsert van Bach gespeel (*Die Volksblad*, 21 Julie 1950).

Teen die einde van 1950 is die musiekafdeling van die Tegniese Kollege gesluit en Joachim Speiser het Bloemfontein verlaat (*Die Volksblad*, 22 Desember 1950).

2.2.6 Gertrude Kautzky

Reeds in 1949 het dit bekend geword dat prof Kautzky as lektrise by die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangestel sou word (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1949). Sy het egter eers in 1951 tot die departement toegetree. Hierdie pos het sy tot aan die einde van 1961 bekleed (De Villiers, 1972, p. 5). Sy het reeds in die buiteland 'n professoraat bekleed voordat sy na Suid-Afrika gekom het. Sy het aan die bekende Mozart-skool in Salzburg gestudeer en vir 'n tyd lank onderrig by die gevierde Walter Giesecking ontvang (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1949).

2.2.6.1 Pianiste

Kautzky se eerste optrede in Bloemfontein het op 23 November 1950 plaasgevind toe sy Liszt se **Etude in D-mol majeur** tydens 'n konsert gespeel het wat deur prof Roode aangebied is (*Die Volksblad*, 24 November 1950).

Prof Kautzky het eers werklik in Bloemfontein bekendheid verwerf toe sy en dr Arend Koole saam in konserte opgetree het waartydens oorspronklike werke vir vier hande op een klavier uitgevoer is. Hulle het aanvanklik in Bloemfontein opgetree, later in die hele Vrystaat en ook konserte deur die res van die land onderneem. Hierdie klavierpaar se spel het landwyd groot byval gevind en hulle het binne 'n kort tydjie groot beroemdheid

verwerf. In *Die Volksblad* (11 Junie 1951) is daar 'n breedvoerige artikel geplaas en het dit ook bekend geword dat hul eerste konsert heel waarskynlik in Augustus sou plaasvind.

Die eerste uitvoering van dié twee pianiste het op 15 Augustus 1951 in die Clarendonsaal plaasgevind en wel onder die beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S. Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 16 Augustus 1951 was hul uitvoering 'n artistieke triomf. Behalwe vir 'n effens ongelykheid wat die akkoordspel betref, was die uitvoering van hoogstaande gehalte.

Spoedig daarna het hulle talle uitvoerings aangebied, soos op 31 Augustus 1951, 22 Oktober 1952 en in 1954. Hierdie konserte het of onder die beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S plaasgevind of ten bate van 'n sekere organisasie, soos byvoorbeeld Kreupelsorg, en het meesal in die Universiteitsaal of die Clarendonsaal plaasgevind. Die kommentaar ten opsigte van die twee pianiste se spel was slegs positief en hulle het bewys dat hulle vir geen ander musici in die land hoef terug te staan nie. Werke wat hulle gespeel het, was die *Marche Militaire* (Schubert), *Fantasie in f mineur* (Schubert), *Rondo in a mineur* (Schubert), 'n *Sonate* (Mozart), *Drie Slawiese danse* (Dvorák) en ook werke van Debussy, Ravel en Poulenc, wat volgens Arend Koole die eerste keer in Suid-Afrika uitgevoer is (*Die Volksblad*, 16 Augustus, 1 September 1951, 16 en 21 September 1954).

Die uitvoering van 22 Oktober 1952 se program was besonder interessant, aangesien dit werke van komponiste uit verskillende lande gedek het. Die program was soos volg saamgestel:

- Schubert: Andante Varié
Brahms: Sestien walse
Grieg: Vier Noorweegse danse
Dvorák: Sestien Slawiese danse
Debussy: Petit Suite
Röntgen: Verwerkte Nederlandse danse, Pavane, Gaillarde en Allemande
Ziehrer: Weense Burgerwals (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1952).

Hierdie uitvoering was nie net gekenmerk deur perfekte samespel nie, maar ook wisselende grade van emosionele vertolking het getuig van die eenheid in aanvoeling. Volgens *The Friend* van 23 Oktober 1952 was die uitvoering van 'n besondere hoë standaard en verfrissend in alle opsigte. "Well played duets, like all good ensemble music, are stimulating to the player, and refreshing to the listener."

Op 22 Maart 1954 het Kautzky 'n klavieruitvoering in die Clarendonsaal aangebied. Die fondse wat met hierdie konsert ingesamel is, is weer vir Kreupelsorg aangewend. Die bekende kontralto, Juliette Aboud, het saam met Gertrude Kautzky opgetree (*Die Volksblad*, 6 en 11 Maart 1954).

Beide die resensente van *Die Volksblad* en *The Friend* (23 Maart 1954) was dit eens dat Kautzky klavierspel van hoë artistieke gehalte gelewer het. Dit is duidelik dat die **Prelude en Nokturne vir die linkerhand** (Skriabin) treffende hoogtepunte bereik het en dat dit 'n stylvolle vertolking was. Die uitstekende gebruik van die pedaal is ook beklemtoon. 'n Ander hoogtepunt van die program was die **Grand Polonaise** (Chopin). Die **32 Variasies in c mineur** (Beethoven) het mooi momente bevat, maar volkome eenheid is nooit werklik verkry nie. Die ander werk op die program was die **Tarantella** van Liszt (*Die Volksblad*, 6 Maart 1954).

Gertrude Kautzky en Derik van der Merwe het ook van tyd tot tyd werke op twee klaviere uitgevoer, soos op 23 Junie 1953 en 5 November 1955. Die uitvoering in 1953 was ook Kautzky se eerste onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging. Die konsert van 1955 was ten bate van die Tuberkulosevereniging en het in die Saaymansaal by die Tegniese Kollege plaasgevind. Alhoewel hulle negatiewe kritiek ten opsigte van hulle samespel ontvang het, was daar ook positiewe kommentaar. *The Friend* van 24 Junie 1953 se resensent het hulle veral gekritiseer en gemeld dat die pianiste eerder na harmoniese strukture geluister het in plaas daarvan om dit aan te voel met die sogenaamde sesde sintuig, wat perfekte samespel verseker. Die neiging was ook daar om sekere akkoorde te antisipeer (*Die Volksblad*, 3 November 1955).

Dieselfde resensie asook dié van *Die Volksblad* (24 Junie 1953) was vol lof vir hulle vertolkings van die **Variasies opus 46** (Schumann), **Variasies opus 35** (Saint-Saëns),

Vuurdans (De Falla) en die **Sonate in D Majeur** (Mozart). In die laasgenoemde werk het Kautzky getoon dat sy werklik 'n outoriteit is wat die klaviermusiek van Mozart betref. Die **Romanze en Wals** (Rachmaninoff) het mooi samespel opgelewer, maar is egter sonder karakter en die regte aanvoeling gespeel.

In 1951 het prof Kautzky 'n uitnodiging van die hand gewys om die Internasionale Somer-Akademie van die Mozarteum in Salzburg, by te woon. Sy was egter van plan om dieselfde skool in 1953 te besoek en dan ook 'n paar van die beste studente van die U O V S saam te neem (*Die Volksblad*, 27 Augustus 1951).

2.2.6.2 Soliste in Klavierkonsertuitvoerings

Afgesien van die positiewe resensies wat na afloop van haar uitvoerings in die plaaslike koerante verskyn het, is dit duidelik dat musiekkenners oor die hele land bewus was van haar uitsonderlike talent. 'n Bewys hiervan is die uitnodigings wat sy van die verskillende simfonieorkeste deur die jare ontvang het.

In Oktober 1951 en in Januarie 1954 is sy deur die Durbanse Stadsorkes uitgenooi om 'n klavierkonsert saam met dié orkes te speel. Die uitvoerings het onderskeidelik op 7 November 1951, 7 Januarie en 3 Oktober 1954 in Durban plaasgevind. Tydens die laaste konsert op 3 Oktober het sy die **Klavierkonsert opus 58 nr 4 in G majeur** (Beethoven) onder die leiding van dr Pickerill gespeel (*Die Volksblad*, 27 Augustus

1951 en 6 Januarie en 18 Augustus 1954). In 1952 en 1954 is sy gekies om as soliste saam met die Simfonieorke van die S A U K, onder leiding van Anton Hartman en Leonard Pierce, op te tree. Tydens die uitvoering wat op 18 Julie 1954 plaasgevind het, het sy die **Wanderer Fantasie** (Schubert-Liszt) uitgevoer. Sy het ook die **Klavierkonsert opus 37 nr 3 in c mineur** (Beethoven) saam met dieselfde orke in 1952 gespeel (*Die Volksblad*, 16 Junie, 12 Julie en 6 Desember 1952 en 18 Augustus 1954).

2.2.6.3 Radio-kunstenaar

Prof Kautzky het wye bekendheid as radio-kunstenaar geniet. Sy het gereeld programme vir uitsaaidoeleindes opgeneem. In 1951 het sy saam met Arend Koole 'n program oor die radio uitgesaai waarin hulle die **Fantasie in f mineur** (Schubert) en **Drie Slawiese danse** (Dvorák) gespeel het. Op 22 April 1952 het sy vanuit die Bloemfonteinse ateljees 'n program uitgesaai wat werke van Reger, Smetana en Suk ingesluit het. Sy het op 8 Mei 1955 in 'n Afrikaanse program die volgende werke gespeel: **Hongaarse Rapsodie nr 5** (Liszt), **Weense Aande** (Schubert-Liszt), **Prelude en Nokturne** (Skriabin) en **Burlesk** (Hans Toifl). Die laasgenoemde werk is spesiaal aan haar opgedra. Later in 1955 het sy weer oor die radio gespeel. Op 6 November 1955 het sy in die program, Music Room, 'n uitvoering gelewer. Sy het weer in Desember van dieselfde jaar oor die radio gespeel. Werke van Dvorák en Liszt is uitgevoer. Sy het ook vir Marion Key in dieselfde program begelei (*The Friend*, 22

April 1952; *Die Volksblad*, 15 September 1951, 7 Mei, 5 November en 10 Desember 1955).

2.2.7 Olga Troskie

2.2.7.1 Lewenskets

Hierdie begaafde pianiste, orreliste en later ook sangeres het in die dekade 1940 tot 1950 'n onuitwisbare stempel op die Bloemfonteinse musieklewe afgedruk. Olga Troskie is op 14 Junie 1926 in Johannesburg gebore as enigste dogter van George Troskie, 'n myninspekteur en Helena Viviers. Op die ouderdom van twee het hulle na Bloemfontein verhuis waar hulle by Olga se grootouers gewoon het (Rademan, 1992, Brief).

Op die ouderdom van vyf-en-'n-half is sy na die "Kindergarten" by die Oranje Meisieskool. Na 'n week het mej Hilda Postma haar ouers in kennis gestel dat hulle vir haar 'n leesboek moes aankoop aangesien sy oorgeplaas is na Sub B. In 1933 het sy as verjaardaggeskenk met klavierles by 'n ene Lucy Marais (later du Preez) begin. Sy het nie lank van mej Marais onderrig ontvang nie. In die volgende jaar het sy met klavieronderrig by Sydney Rosenbloom begin (bekende konsertpianis van Engeland wat hom in Bloemfontein gevestig het). Olga het egter gou besef dat Rosenbloom bitter min in onderrig belang gestel het en dat hy veel eerder self wou speel (Rademan, 1992, Brief).

In 1936 het sy haar eerste klaviereksamen (Elementêr) geslaag. In 1937 het sy die volgende eksamen (Laer) ook afgelê. Die volgende jaar het haar ouers raad gesoek betreffende Olga se toekoms as pianiste omdat sy nie na wense in die eksamen presteer het nie. In die tussentyd het mnr Rosenbloom net altyd verseker "She is well in advance with her music." In 1938 druipe sy die graad vyf eksamen. Op aandrang van haar tannie, Lettie Viviers wat by prof Roode harmonie-onderrig ontvang het, het hy na Olga geluister en gesê dat sy vrou, Freda, vir Olga as leerling sou neem. Na 'n jaar het Olga weer die graad vyf eksamen in 1939 gespeel en dit met lof geslaag en ontvang ook 'n beurstoekenning. Haar eksaminator was C Thornton-Lofthouse van Londen. Daarna slaag sy al haar klaviereksamens met goeie gevolg. In 1942 slaag sy ook die finale klaviereksamen met lof en word uitgenooi om aan die Suid-Afrikaanse beurskompetisie in Pretoria te gaan deelneem (Rademan, 1992, Brief).

In die tussentyd het sy ook met orrelonderrig by prof Roode begin en in 1942 het sy die graad vyf orreleksamen met lof geslaag. In 1943 het Olga Troskie ook die graad vyf teorie-eksamen geslaag. Verder het sy ook die finale eksamen in sang voltooi met Freda Roode as haar dosent (Rademan, 1992, Brief).

Tydens haar skoolloopbaan het sy in Oranje Meisieskool se skoolkoor gesing en as lid van die koor aan Dawid die Herderseun, 'n kantate wat deur Petrus Lemmer in 1942 aangebied is, deelgeneem. Daar kan afgelei word dat Lemmer 'n geweldige invloed op Olga se musieklewe uitgeoefen het. Nie alleen het sy tydens die sangfeeste deur hom

georganiseer as klein dogtertjie daaraan deelgeneem nie, maar hy was ook die eksaminator in baie van haar eksamens. Hy was ook op die paneel van beoordelaars toe Olga om die oorsese studiebeurs meegeding het. Later toe Olga 'n onderwyspos beklee het was hy ook die inspekteur van musiek in die Vrystaatse skole (Rademan, 1992, Brief).

In 1944 slaag sy die U O L M (klavier) en die L T C L (klavier). In 1945 voltooi sy die U V L M (orrel) en word genomineer vir die oorsese studiebeurs. Sy verower in daardie jaar die tweede plek en die Gertrude Buchanan-beurs is aan haar toegeken. Daardie jaar het Hennie Joubert die beurs vir sy klavierspel gewen (Rademan, 1992, Brief).

In 1946 voltooi sy die U O L M (orrel) en U L S M van die Universiteit van Suid-Afrika met lof en word sy weer genomineer om om die oorsese studiebeurs mee te ding. Die ander twee Bloemfonteinse kandidate wat ook om die beurs meegeding het was Rita Karstel en Betsie van Rooyen, vir sang en orrel onderskeidelik. Die beurs vir drie jaar studie in Skoolmusiek is aan Olga Troskie toegeken, alhoewel sy vir sowel orrel as skoolmusiek aanbeveel was (Rademan, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 26 September 1946).

Op 13 Junie 1947 het Olga Troskie met die Athlone Castle na Londen vertrek. Met haar aankoms in Londen moes sy eers 'n intree-eksamen by die Royal College of Music aflê en is daarna aan die verskillende professore toegewys. Haar dosente was die

volgende persone: Arthur Alexander (klavier), George Thalben-Ball (orrel), Arnold Smith (sang) en Herbert Howells (harmonie). In 1948 het Olga beide die A R C M (klavier) en L R A M (klavier) geslaag en word sy toegelaat tot die G R S M-kursus. Sy slaag ook dié veeleisende kursus met sukses. In Londen het Olga ook die A R C O (orrel) met sukses onder Thalben-Ball afgelê. Voor haar terugkeer na Suid-Afrika het sy 'n baie aanloklike musiekpos van een van die vooraanstaande skole van Engeland, Roedean, ontvang. Sy het egter hierdie aanbod van die hand gewys en 'n musiekpos aan die Hoërskool Shannon aanvaar. Hierdie pos het sy vanaf Januarie 1950 tot Junie 1951 bekleed. Daar het sy 'n gewigtige taak op haar skouers geneem deur vir die hele skool sangonderrig te gee. Tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1951 het elke kind gesing, in die kore of in 'n solo-uitvoering (Rademan, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 14 Junie 1947, 18 Junie en 22 September 1949; *The Friend*, 29 Junie 1951).

Nadat Olga Troskie in 1949 na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy ook die U O L M (sang), met Jennie Hadlow as onderwyseres, voltooi (Rademan, 1992, Brief).

2.2.7.2 Deelname aan Kunswedstryde

Afgesien van al Olga Troskie se eksamenprestasies het sy ook puik uitslae tydens die kunswedstryde in Bloemfontein behaal. Enkele van die baie prestasies wat sy op hierdie kunswedstryde behaal het, sluit in 1941: eerste plek, klaviersolo (14 jaar en onder); 1943: eerste plek, snelstudie (16 jaar en onder); 1945: eerste plek, snelstudie (18 jaar en

onder). Prof Bon, die beoordelaar se kommentaar was soos volg: "Terwyl mens na haar skitterende en gevoelvolle vertolking van Moussorgsky se moeilike **Gopak** geluister het, kon jy jou nouliks voorstel dat sy maar vier-en-twintig uur gehad het om dit te bestudeer". Sy behaal ook die tweede plek, sangsolo (meisies 18 jaar en onder), tweede plek, klaviersolo (18 jaar en onder); 1947: eerste plek, twee klaviere (ope) saam met David Muller wat ook as een van die hoogtepunte van 1947 se kunswedstryd beskou is (*Die Volksblad*, 13 Mei 1941, 14 Mei 1943, 15, 16 en 17 Mei 1945 en 6 Mei 1947).

In die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing se uitslae wat in die plaaslike pers verskyn het, het Olga se naam onder die wenners verskyn. In 1940 het sy die eerste plek in die afdeling klaviersolo (14 jaar en onder) verower. Tydens die Festival van 1944 verower sy drie eerste plekke, naamlik snelstudie (18 jaar en onder), klaviersolo, eie keuse (ope) en klavierduet (18 jaar en onder) saam met Gerhardus Koornhof. Tydens die Festival van 1946 het sy soos volg presteer: saam met Norah Havenga het hulle 'n eerste plek verower in die afdeling, twee klaviere, eie keuse (ope). Sy het ook 'n tweede plek verower in die afdeling, mezzo-sopraan (21 jaar en onder) (*The Friend*, 19 April 1940 en 3 en 4 Mei 1944; *Die Volksblad*, 11 en 14 Mei 1946).

2.2.7.3 Uitvoerende Pianiste en Orreliste

Olga Troskie het gereeld tydens konserte opgetree, hetsy as solis of as begeleidster. Tydens optredes van prof Roode se mannekoor het sy saam met Norah Havenga die **Peer Gynt Suite** op twee klaviere uitgevoer. Hulle het ook op plattelandse dorpe soos Theunissen en Ficksburg opgetree. Tydens die kantate **Vasco da Gama** se uitvoering in Bloemfontein het sy die begeleiding op die orrel waargeneem wat deel van die orkes onder leiding van Victor Pohl uitgemaak het (Rademan, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 19 November 1949).

Olga se optredes tydens die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging het altyd 'n baie gunstige indruk by die publiek geskep. Sy het in 1944, 1946 en 1947 gereeld haar verskyning in hierdie konserte gemaak. Haar klavierspel is as afgerond, meesterlik, glansend en musikaal deur die resensente van die plaaslike koerante beskryf. Werke wat sy gespeel het, sluit in **Berceuse** (Chopin), **Ballade in A-mol majeur** (Chopin), **Italiaanse Konsert** (Bach) en die **Gigue in G majeur** van Bach. Laasgenoemde werk het sy en Norah Havenga op twee klaviere gespeel. Tydens die laaste konsert van 1946 het sy as orreliste saam met ander bekende orreliste van Bloemfontein 'n uitvoering in die Tweetoringkerk aangebied. Sy het die **Tokkate in d mineur** (Wood) gespeel. Die ander orreliste wat opgetree het, was Dolly Heiberg, Petrus Lemmer, Henriëtte Pauw, David Roode en Aubrey Karstel (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944, 4 Junie en 18 November 1946 en 30 April 1947).

2.2.7.4 Musiekonderwyseres

As onderwyseres het Olga Troskie 'n noemenswaardige bydrae gelewer. Met die totstandkoming van die Musiekdepartement aan die U O V S is haar private leerlinge ook ingelyf by die nuwe Departement. Sy is toe as leerkrag aangestel. 'n Paar leerlinge wat destyds en later op Kroonstad by haar onderrig ontvang het, is Jossias van der Merwe, Maleen Crous, Mientjie van Lingen, Nohline Mitchell, Ruth Goveia, Nella Louw en Marcha Geyer (Rademan, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 5 Januarie 1946).

In Julie 1951 is sy met Pieter Rademan getroud. Hy is 'n mediese dokter wat sy studies by die Guys' Hospital, Londen, voltooi het. In dieselfde jaar het die Rademan-egpaar na Germiston verhuis waar hulle vir ongeveer nege maande gewoon het. Daar het sy 'n orrelpos by die Ned Geref Kerk Germiston-Suid beklee. In April 1952 het hulle na Kroonstad verhuis waar hulle tans woon. Olga is tans baie aktief betrokke by die musieklewe van Kroonstad waar sy 'n orrelpos (Kroonstad-Oos) sowel as 'n musiekpos beklee. Sy tree gereeld op as eksaminatrise, begeleier en ook as beoordelaar by verskeie kunswedstryde, onder andere Germiston, Pretoria, Nelspruit, Heilbron, Welkom en Warden. Sy was ook stigterslid van die S A V M O, Kroonstad-tak, waarvan sy nog steeds lid is, 'n bestuurslid van die Musiekvereniging en sekretaresse van talle verenigings en kunsfeeste (Rademan, 1992, Brief).

2.2.8 David Muller

2.2.8.1 Lewenskets

Hierdie pianis het op 'n betreklik vroeë ouderdom sy merk as uitvoerende kunstenaar in Bloemfontein gemaak deur op die ouderdom van negentien die U N I S A oorsese studiebeurs vir drie jaar te verower. Hy het egter besluit om eers na afloop van die oorlog met sy studies oorsese voort te gaan (*The Friend*, 29 September 1944).

David Muller is die seun van ds en mev B A Muller van Wesselsbron. Hy het die matriekeksamen op die jong ouderdom van sestien aan die Hoërskool Sentraal geslaag. Vanaf 1940 het hy onderrig van David Roode ontvang en het in 1944 drie lisensiaatdiplomas voltooi, naamlik die U V L M (klavier en orrel) en die L T C L (klavier) (*The Friend*, 29 September 1944; *Die Volksblad*, 25 September en 11 November 1944).

Voordat David 'n onderwys- en 'n orrelpos op Senekal aanvaar het, was hy werksaam by die Vrystaatse Musiekskool waar hy een van David Roode se assistente was (*Die Volksblad*, 28 Junie en 11 November 1944).

2.2.8.2 Prestasies by Kunswedstryde

David Muller het as deelnemer aan die kunswedstryde wat in Bloemfontein aangebied is,

puik prestasies behaal en homself as uitmuntende kunstenaar bewys. Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1940 en 1944 is die volgende uitslae deur hom behaal in die plaaslike pers geplaas: tweede plek, klaviersolo (17 jaar en onder), tweede plek, klaviersolo, eie keuse (ope) (*The Friend*, 19 April 1940 en 4 Mei 1944). Hy het ook aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem en die volgende prestasies gelewer: 1941: eerste plek, klaviersolo (16 jaar en onder). Hy het verder op die pryswennerkonsert gespeel wat op 17 Mei 1941 in die Stadsaal plaasgevind het. Op dié konsert het hy die **Sonate nr 7 in D majeur** van Haydn gespeel. 1943: eerste plekke is aan hom toegeken in die afdelings klaviersolo, eie keuse (ope) en snelstudie (18 jaar en onder). Op grond van hierdie prestasies is die Bloemfonteinse Musiekkklub-wisseltrofee aan hom toegeken (*Die Volksblad*, 19 Mei 1941, 13 en 17 Mei 1943; *The Friend*, 27 Mei 1941).

In 1947 het David Muller weer sy verskyning tydens die Vrystaatse Kunswedstryd gemaak. Prestasies wat hy behaal het is soos volg: eerste plek, twee klaviere (ope, professioneel) saam met Olga Troskie, Klavierkonsert op twee klaviere (**Klavierkonsert opus 16 in a mineur**, Grieg), klavier (ope, professioneel) en klavierprogram (ope, professioneel). Volgens die resensent van *Die Volksblad* (12 Mei 1947) was dit 'n vreugde om na die spel van David Muller te luister. Hy het tydens die pryswennerkonsert wat op 10 Mei plaasgevind het die volgende werke gespeel: **Prelude in g mineur** (Rachmaninoff), **Sonate in C majeur** (Beethoven) en die **Scherzo in b-mol mineur** (Chopin). Volgens die beoordelaar het hy oor voldoende selfvertroue

beskik en die vermoë besit om hom in elke werk ten volle in te leef en ook oor 'n goeie tegniek beskik (*Die Volksblad*, 6, 7 en 12 Mei 1947).

2.2.8.3 Uitvoerende Kunstenaar

Aangesien Muller oor 'n besondere talent beskik het, is hy gereeld genader om in konserte op te tree. Tydens die eerste konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging wat op 26 Junie 1944 plaasgevind het, het hy die **Scherzo in b-mol mineur** (Chopin) gespeel. Die resensent het sy uitvoering beslis as die hoogtepunt van die konsert beskou. Tydens die derde konsert van dieselfde jaar van hierdie vereniging het Muller weer eens opgetree. Hy het 'n afgeronde uitvoering van die **Nokturne nr 3** (Chopin) gegee (*Die Volksblad*, 27 Junie en 7 September 1944).

David Muller het teen die einde van 1944 Bloemfontein verlaat om sy werksaamhede in Senekal te aanvaar (*Die Volksblad*, 28 Junie 1944).

Aan die begin van 1947 het daar 'n aankondiging in *The Friend* (14 Februarie) verskyn waarin bekend gemaak is dat David Muller vir ses maande as assistent musiekonderwyser by Grey-kollege aangestel is. Hy was van plan om teen Augustus 1947 na Londen te gaan waar hy sy studies aan die Royal College of Music sou voortsit.

Tydens sy verblyf in Londen het hy die A R C M met sukses voltooi. Hy het veral op klavierspel gekonsentreer en later ook 'n paar kursusse in orrel bygewoon. Daarna het hy na Switserland vertrek waar hy aan die Konservatorium in Zurich onder Max Egger verder gestudeer het. Daar het hy 'n kursus gevolg wat hoofsaaklik klavierkonsert-spel behels het. In daardie stadium het hy reeds ses klavierkonserte instudeer. Hy het in Oktober 1949 na Suid-Afrika teruggekeer. Hy was onder andere verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch tot aan die einde van 1986 (*Die Volksblad*, 10 November 1948, 18 Oktober 1949; Whiteman, 1986, p. 36).

Voordat hy Bloemfontein verlaat het, het hy 'n paar keer sy verskyning op die verhoog gemaak. Tydens 'n konsert wat ten bate van Kreupelsorg aangebied is, het hy 'n aantal werke op die klavier uitgevoer. Sy program was soos volg saamgestel:

- | | |
|---------------|----------------------------------|
| Chopin: | Scherzo in b-mol mineur |
| Chopin: | Scherzo in b mineur |
| Chopin: | Fantasie Impromptu |
| Liszt: | Liebestraum |
| Rachmaninoff: | Prelude opus 23 nr 5 in g mineur |
| Beethoven: | Sonate opus 2 nr 3 |
| Chopin: | Polonaise in A-mol majeure |

Hy het ook die begeleiding vir die dans-items waargeneem wat deur Jessie McLaggan uitgevoer is (*The Friend*, 27 Mei 1947).

2.2.9 Japie Human

2.2.9.1 Lewenskets

'n Persoon wat ten opsigte van al die fasette van musiek 'n onuitwisbare bydrae gelewer het, is die pianis, Japie Human. Hy is vandag nog aktief en tree gereeld by konserte en ander spoggeleenthede op. Jacob Lourens Kriel Human is op 18 Desember 1932 in Winburg gebore waar hy ook sy skoolloopbaan voltooi het. In Winburg het hy die Finale klaviereksamen in standerd nege met sukses afgelê. In 1951 het hy na Bloemfontein gekom waar hy hom by die U O V S vir die B A-graad, met musiek as vak, ingeskryf het. Teen September 1951 het hy van kursus verander en voortgegaan met die B Mus-graad wat hy in 1954 voltooi het. Daarna het hy wel die B A-graad, met Engels en Politieke Wetenskap as hoofvakke, in 1956 verwerf. Sy klavierdosente was prof David Roode, dr Arend Koole en prof Gertrude Kautzky (Human, 1994, Onderhoud; Malan, 1982, p. 249).

Vanaf 1955 tot 1956 het hy 'n skoolpos by Grey-kollege bekleed en in 1957 'n soortgelyke pos aan die Winburg Hoërskool. Aan die einde van 1957 is Japie Human na Londen waar hy sy studies voortgesit het. In Londen het hy onderrig van Kathleen Long en Frank Merrick ontvang. Laasgenoemde was 'n leerling van die bekende klaviervirtuoos, Theodor Leschetizky. In Londen het hy binne die bestek van een jaar die A R C M voltooi (Human, 1994, Onderhoud; Malan, 1982, p. 249).

Met sy terugkeer na Suid-Afrika het hy 'n skoolpos in Bultfontein aanvaar en in 1960 'n musiekpos aan die Wilgehof Volksskool in Bloemfontein. Nadat hy teruggekeer het na Bloemfontein het hy onder die leiding van dr Koole die Hons B Mus (1960) en die M Mus (1963) behaal. In 1976 het hy die graad D Phil behaal, met 'n proefskrif wat handel oor die musieklewe van Bloemfontein vanaf 1900 tot 1939 (Human, 1994, Onderhoud; Malan, 1982, p. 249).

In die tussentyd het hy sy klavierspel nie afgeskeep nie en altyd 'n konsertstandaard gehandhaaf. Juis om hierdie rede was en is Human vandag nog 'n gewilde kunstenaar by die publiek. Ander kwalifikasies wat hy behaal het, was die volgende: A T C L en L T C L (1952), U O L M (1953), U V L M (1954) en L R S M (1956). Al hierdie eksamens is in klavier afgelê en in meeste gevalle het hy met onderskeidingspunte geslaag. Op grond van sy prestasie in die U V L M eksamen, was hy uitgenooi om aan die oorsese beurskompetisie in Pretoria deel te neem (Human, 1994, Onderhoud; *Die Volksblad*, 18 Oktober 1952, 19 September 1953 en 14 September 1954).

In 1967 en 1968 is hy na Amerika waar hy vir die M Mus Ed-graad aan die Northwestern University in die staat Illinois gestudeer het. In hierdie tyd het hy ook les geneem by onder andere Gerald Moore en Guy Mombearns wat 'n leerling was van Alfred Cortot (Human, 1994, Onderhoud).

2.2.9.2 Uitvoerende Kunstenaar

Een van Human se eerste optredes voor 'n Bloemfonteinse gehoor was tydens 'n konsert van die Kunstenaars van die Toekoms wat op 9 Oktober 1951 in die Stadsaal plaasgevind het. By daardie geleentheid het hy die *Humoresque* (Rachmaninoff) en *Liebestraum* (Liszt) gespeel. In 1953 het Human weer tydens een van dié vereniging se konserte opgetree. Sy spel het soveel byval gevind dat hy 'n toegif moes speel. Een van die werke wat hy gespeel het, was *Autumn* (Moszkowski) (*Die Volksblad*, 10 Oktober 1951 en 23 Februarie 1953; *The Friend*, 10 Oktober 1951 en 23 Februarie 1953).

Human het ook sy talente vir liefdadigheid aangewend. Op 1 Junie 1955 het hy tydens 'n konsert in die Stadsaal opgetree wat deur die Burgemeester van Bloemfontein georganiseer is. Die mikpunt van dié konsert was om geld in te samel vir die jong sangeres, Paula Kruger. Sy wou haar studies in die buiteland gaan voortsit, maar moes eers 'n noodsaaklike oogoperasie ondergaan (*Die Volksblad*, 21 Mei en 2 Junie 1955).

In 1955 is die Eeufeesviering van Grey-kollege op vrolike wyse gevier. Hierdie feesviering is 15 Oktober 1955 met 'n konsert afgesluit. Japie het ook sy verskyning as pianis in hierdie konsert gemaak. Hy het 'n klaviersolo gespeel en saam met Norah Havenga 'n Mendelssohn-duet met noukeurige presiesheid uitgevoer (*Die Volksblad*, 15 en 17 Oktober 1955).

Tydens die Internasionale Kunsvereniging se Jeugfees in Durban het Japie Human as solis saam met die Durbanse Stadsorkes in 'n uitvoering van die **Klavierkonsert opus 16 in a mineur** (Grieg) opgetree. Hierdie uitvoering het op 18 Julie 1953 plaasgevind (*The Friend*, 18 Julie 1953). In die jare sewentig en tagtig het Human by verskeie geleenthede saam met verskillende simfonie-orkeste in die land opgetree. In die dekade 1960 tot 1970 het hy saam met Henriëtte Pauw landswyd bekendheid verwerf vir hulle uitvoerings op twee klaviere.

2.2.9.3 Deelname aan Kunswedstryde

Tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1951, 1953 en 1955 het Japie puik prestasies behaal. Hy het A-simbole in die volgende afdelings behaal: klaviersolo (18 jaar en onder) en klavierduo (18 jaar en onder). Sy medespeler in die duet-afdeling was Anna de Jager. Verdere prestasies sluit in A-simbole vir klaviersolo (20 jaar en onder), klavierprogram (ope, amateur) en Klavierkonsert (ope). In 1955 was sy uitslae soos volg: A-simbole vir klaviersolo (ope, professioneel) en saam met Norah Havenga in die klavierduet (ope, professioneel). In 1951 en 1955 het Human die geleentheid gehad om tydens die finale pryswennerkonserte op te tree. Die resensent van *Die Volksblad* van 19 Mei 1951 het te kenne gegee dat sy spel afgerond was, sy interpretasie intelligent en dat hy oor 'n besonder goeie tegniek beskik het. In 1955 is sy spel as skitterend bestempel en sy duet saam met Norah is as 'n hoogtepunt beskou (*Die Volksblad*, 16 en 18 Mei 1951, 7 en 9 Mei 1953, 4 en 6 Mei 1955; *The Friend*, 6 en 7 Mei 1953 en 3 Mei 1955).

Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1952 het hy skoonskip in die afdeling klavier (ope, amateur) gemaak. Hy het altesaam vyf A-simbole ontvang, naamlik vir klavierduet, klaviersolo, Chopin-solo, klavierprogram en in die ensemble vir stem en twee instrumente. Hy het ook in 1954 aan dié Festival deelgeneem en die volgende prestasies behaal: A-simbole is in die wedstryde klavierkonsert (ope, professioneel), klaviersolo (ope, amateur) en klavierprogram (ope, amateur) aan hom toegeken (*The Friend*, 1 en 2 Mei 1952 en 4 en 6 Mei 1954).

Human het in die jare wat gevolg het weer aan die kunswedstryd en Festivals deelgeneem en soos in die verlede uitstaande prestasies behaal. Tydens hierdie wedstryde het Human reeds getoon dat hy sekerlik as een van Suid-Afrika se beste pianiste beskou kon word.

2.2.9.4 Klavierdosent en Pedagoog

In 1961 is Human as dosent by die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangestel. Hy is later in 1964 tot lektor bevorder en in 1978 is hy aangestel as professor in klavier. Hierdie pos het hy beklee tot hy in 1991 afgetree het. In die jare wat hy aan die U O V S dosent was, het hy letterlik in al die verskillende vertakkings van musiek onderrig gegee. Hy het Harmonie en Kontrapunt, Musiekgeskiedenis en Vormleer, Metodiek en Klavier onderrig (Human, 1994, Onderhoud; De Villiers, 1972, p, 6).

Prof Human het in die dertig jaar as klaviersdosent en pedagoog aan baie studente onderrig gegee wat vandag nog sleutelposisies aan verskillende opvoedkundige inrigtings beklee. Onder hulle tel ook 'n hele aantal konsertpianiste. 'n Paar studente wat vandag landswyd bekend is en in doserende posisies staan, sluit in prof Izak Grové (U S), Barbara Surmon (Cape Town College of Education), Japie Brits (Tegniese Kollege, Durban), Ruth Goveia (U N), dr Nicol Viljoen en prof Deon Lamprecht (Departementshoof, U O V S), Carina Strydom (née Beukes, Rustenburg), dr Winfred Lüdemann (U S), Dennis Stander (Rhodes), Edward Aitchison (U S, Departement Skoolmusiek), dr Gerda Steyn (U N I S A), Annamarie Bam (Musicon, O V S), Nadia Burgess (huidiglik musiekonderwyseres in Sydney, Australië), dr Alice Boshoff, Jenny Truter en Ernst van Biljon (Human, 1994, Onderhoud).

2.2.9.5 Begeleier

Human het nie net as solo-kunstenaar opgetree nie, maar het hom baie gou op ander terreine laat geld. In 1952 het hy as begeleier van die feeskoor opgetree wat tydens die Van Riebeeckfees in Kaapstad uitvoerings gelewer het (*Die Volksblad*, 29 Maart 1952).

Tydens die laaste konsert wat die Vrystaatse Musiekvereniging in 1952 aangebied het, het Human baie van die begeleidings vir die instrumentiste en sangers waargeneem. Hy het ook sy buiging as begeleier en solis op die Koffiehuiskonserte gemaak. Een van dié konserte waar hy opgetree het, het op 28 September 1955 in die Saaymansaal by die

Tegniese Kollege plaasgevind (*The Friend*, 25 November 1952 en 29 September 1955).

2.2.9.6 Ander bydraes en aktiwiteite

Human was ook een van die jong musici wat in 1955 deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (S A V M O) aangewys is om uitvoerings op die platteland te lewer. Hy was self vir baie jare 'n aktiewe lid van hierdie vereniging en was ook die President vir die 1988-1989 termyn (*Die Volksblad*, 1 April 1955, Whiteman, 1988, pp. 8 en 9; Human, 1994, Onderhoud).

Japie Human het ook talle uitvoerings in ander dorpe gelewer. Op 27 November 1954 het hy 'n klavieruitvoering in sy geboortedorp, Winburg, gelewer. Hy het werke van Liszt en Fauré gespeel. Hy is deur Stephanie Swart bygestaan. Sy het 'n paar solo's gesing (*Die Volksblad*, 24 November 1954).

Hy het dikwels as radiokunstenaar opgetree, hetsy in 'n Afrikaanse- of Engelse program. Op 11 September 1955 het Human in die program Music Room 'n uitvoering van werke van Scarlatti, Chopin, Poulenc en Rowley gegee. Die Bloemfonteinse sanger, George Prosser, het ook in die program opgetree (*Die Volksblad*, 10 September 1955). In later jare het hy landswyd bekend geword vir sy opnames vir die S A U K radiodiens.

Hy het self programme vir die radio geskryf en uitgesaai. Op die Afrikaanse sender was daar die program, **Op die spoor van Jazz**, en later die baie gewilde program, **Musiekkalender**. Japie het ook 'n groot liefde vir jazz en ligter musiek gekoester en gereeld konserte aangebied asook opnames vir die radio gemaak.

As komponis het hy ook 'n bydrae gelewer en 'n paar komposisies die lig laat sien. Alhoewel hierdie komposisies van ligter aard is, het dit groot byval by musiekkenners gevind. Hy het onder andere 'n volledige operette, met die naam **Cupido op die Kampus**, geskryf waarvan slegs 'n paar dele behoue gebly het. **Toegepaste Wiskunde** en **Ansabet** uit dieselfde operette is gepubliseer. Ander komposisies sluit in **Suiderland** (woorde Dorothea van Zyl), **Swetterduisend Blomme** (woorde Shimvaria sanggroep) en **Die Kat** (woorde Japie Human) (Human, 1994, Onderhoud).

Na sy aftrede het Japie Human ook aan 'n laserskyf gewerk. Hierdie opname bevat 'n paar van sy eie komposisies asook ander werke van ligter aard. Die laserskyf is in 1992 vrygestel.

Navorsing toon duidelik dat Human in die jare onder bespreking slegs 'n jong pianis was, wat reeds in daardie stadium groot hoogtes bereik het, wat kwalifikasies en uitvoerings betref. Sy eintlike bloeityd as pianis was werklik eers in die jare wat gevolg het. Nietemin, gee hierdie gedeelte 'n aanduiding van watter statuur hierdie hoogs talentvolle musikus reeds in 'n vroeë stadium van sy lewe was.

Japie Human woon vandag nog in Bloemfontein waar hy van tyd tot tyd opnames vir die radio maak asook tydens konserte optree. Hy het in 1993 ook 'n paar uitvoerings in Kroonstad, Kimberley en Port Elizabeth aangebied. Hy het in 1994 'n baie suksesvolle konserttoer deur die Oos-Kaap onderneem. Die aanbieding was getiteld From Baroque to Broadway. Hierin is 'n wye verskeidenheid werke ingesluit wat vanaf J S Bach tot Jerome Kern gewissel het. Hierdie konsert het hy op 17 Mei 1994 in 'n stampvol Ou Presidensie herhaal (Human, 1994, Onderhoud; Program, 17 Mei 1994).

2.2.10 Elizabeth Joubert

Een van Elizabeth se eerste optredes voor die Bloemfonteinse publiek, was tydens 'n konsert wat deur die Kunstenaars van die Toekoms op 21 Februarie 1953 in die Stadsaal aangebied is. Sy het 'n paar klavierwerke voorgedra (*Die Volksblad*, 23 Februarie 1953).

Dit was egter met haar deelname aan die Vrystaatse Kunswedstryd van 1953 dat die publiek werklik van haar talent bewus geraak het. In die klavierafdeling het sy drie A-simbole verower en een A-simbool vir haar vioolspel. Die verskillende wedstryde waaraan sy deelgeneem het was soos volg: klaviersolo (14 jaar en onder), klavierprogram (14 jaar en onder), klavierduet (16 jaar en onder) saam met Sunnet Muller en vioolsolo (14 jaar en onder). In 1955 het Elizabeth uitblink in beide klavierspel en vioolspel. Sy het A-simbole verower in die wedstryde klaviersolo (16 jaar

en onder) en twee klaviere (18 jaar en onder) saam met Angelina Crowther (later Scholtz, toe Muller en in 1994 oorlede). 'n A-simbool is ook aan haar toegeken vir haar vioolsolo (16 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 7 en 8 Mei 1953 en 4 en 5 Mei 1955; *The Friend*, 6 Mei 1953 en 6 Mei 1955).

Sy het ook haar self bewys as uitstaande deelnemer tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1954. Sy het drie A-simbole verower. Wedstryde waaraan sy deelgeneem het was klavierprogram (16 jaar en onder), vioolsolo (16 jaar en onder) en sonate vir viool en klavier (16 jaar en onder) (*The Friend*, 5 en 7 Mei 1954).

2.2.11 Dawfré Roode

2.2.11.1 Lewenskets

Christiaan Dawfré Roode is op 29 September 1936 in Bloemfontein gebore. Hy het sy laerskoolpleiding aan die Pres Brandskool ontvang en sy hoërskoolopleiding aan die Hoërskool Sentraal, waar hy ook in 1954 matrikuleer het. Hy was ook die hoofseun van hierdie skool in sy matriekjaar. Reeds as jong seuntjie het Dawfré van sy pa, David Roode, klavieronderrig ontvang en baie vinnig gevorder. Hy het al die klaviereksamens vanaf graad een tot graad agt met lof geslaag. Hy het op grond van sy prestasies in hierdie eksamens ook talle beurse verower (Curriculum Vitae, [s.a.]).

In 1954 het dit bekend geword dat Dawfré die finale klaviereksamen van U N I S A met lof geslaag het. Hy het die hoë punt van 93% gekry en op grond van dié prestasie is 'n beurs aan hom toegeken (*The Friend*, 21 Januarie 1954; *Die Volksblad*, 2 Desember 1953). Dawfré het ook viool gespeel en was 'n leerling van Victor Pohl. Hy het soos vir klavier, ook talle beurse verower vir sy prestasies in die eksamen (*Die Volksblad*, 23 Januarie 1951).

Ten spyte van Dawfré se uitstaande musiektalent, het hy nie musiek sy loopbaan gemaak nie. Hy het hom in 1955 vir die B A-graad by die U O V S ingeskryf en die graad in 1957 met Sosiologie as hoofvak verwerf. Hy het verder studeer en sy B A Honneurs, M A en D Phil voltooi. In sy jare as student was hy die voorsitter van die Studenteraad in 1957. Dawfré is vanaf 1 Januarie 1963 aan die U O V S verbonde, eers as lektor in Sosiologie tot in 1965, later senior lektor (1966-1968) en toe as professor vanaf 1969 tot Junie 1974. Hy is tot Vise-rector: Personeel en Administrasie op 1 Oktober 1989 bevorder. Hy beklee vandag nog dié posisie (Curriculum Vitae, [s.a.]).

Hy dien in verskeie komitees, onder andere die F A K, lid van die S A Akademie vir Wetenskap en Kuns en is ook lid van die S A Sosiologie Vereniging. Hy was ook lid van die Erica Theron-kommissie van Onderzoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep (1973-1976). Verder het prof Roode talle publikasies op sy kerfstok en tree ook gereeld in radiopraatjies op. Hy is getroud en het drie kinders, twee dogters en 'n seun (Curriculum Vitae,[s.a.]).

2.2.11.2 Deelname aan Kunswedstryde

Dawfré het gereeld aan die Afrikaanse en Engelse Kunswedstryde deelgeneem en puik prestasies behaal. In 1943 het hy vir die eerste keer sy verskyning op die Vrystaatse Kunswedstryd gemaak en eerste plekke in die volgende wedstryde verower: klaviersolo (8 jaar en onder) en klavierduet (10 jaar en onder) saam met Frederika du Plessis. Hy het 'n spesiale prys vir sy puik spel in 1943 ontvang (*Die Volksblad*, 13 en 17 Mei 1943). In 1945 het hy die eerste plek verower in die wedstryde klaviersolo (8 jaar en onder), klavier, bladlees (8 jaar en onder), snelstudie (8 jaar en onder) en klavierduet (10 jaar en onder) saam met Elsie McLaren (*Die Volksblad*, 15, 16 en 18 Mei 1945).

Hy het in 1947 weer deelgeneem, en soos by die vorige geleentheid, baie goed presteer. Hy het eerste plekke in die volgende wedstryde behaal: klavierduet (10 jaar en onder) saam met Elsie McLaren en klavierprogram (12 jaar en onder). Die beoordelaar, mnr Iliffe-Higgo, het sy klavierprogram as uitstaande beskou en het 90% behaal. Saam met Elsie McLaren het hulle 'n tweede plek in die wedstryd twee klaviere (10 jaar en onder) behaal (*Die Volksblad*, 6 en 8 Mei 1947; *The Friend*, 7 Mei 1947).

Vanaf 1949 is daar besluit om nie 'n eerste of tweede plek toe te ken nie, maar wel simbole. Hy het soos volg presteer: A-simbole vir snelstudie (12 jaar en onder) en bladlees (12 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 20 en 21 Mei 1949). In 1951 het Dawfré in

die afdeling veertien jaar en onder deelgeneem en skitterend presteer. Hy het A-simbole in die volgende wedstryde verower: klavierprogram, twee klaviere saam met Elsie McLaren, bladles en klavierduet weer eens saam met Elsie McLaren. Hy het homself ook as 'n knap violis bewys en 'n A-simbool vir sy vioolsolo (14 jaar en onder) verower. Dawfré se klavierspel is as afgerond en netjies beskryf (*Die Volksblad*, 15, 16 en 17 Mei 1951).

Tydens die kunswedstryd van 1953 het hy drie A-simbole vir sy klavierspel verower. Hy het aan die volgende wedstryde deelgeneem: klavierprogram (16 jaar en onder), klaviersolo (16 jaar en onder) en klavierkonsert (18 jaar en onder). Hy het ook 'n B-simbool vir sy vioolsolo (16 jaar en onder) behaal (*Die Volksblad*, 5 Mei 1953; *The Friend*, 5 en 7 Mei 1953).

Dawfré het ook in 1955 aan die kunswedstryd deelgeneem en uitstekend presteer. Hy het A-simbole verower in die wedstryde klaviersolo (18 jaar en onder), klavierprogram (18 jaar en onder) en klavierkonsert op twee klaviere (ope, nie amateur) saam met Martie van Rensburg. Hy het ook 'n A-simbool vir sy vioolsolo (18 jaar en onder) verwerf. Dawfré en Martie het groot lof van die beoordelaar, mnr Poles, ontvang. Hy het gesê dat dit 'n besondere voorreg was om na hulle uitvoering te luister (*Die Volksblad*, 4 en 6 Mei 1955; *The Friend*, 6 en 7 Mei 1955).

Sy prestasies in die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing het ook die oog van die publiek op hom gevestig. In 1948 het hy 'n A-simbool vir sy klavierprogram (12 jaar en onder) verower en twee B-simbole, onder andere vir bladles (11 jaar en onder) en vir sy sangsolo (12 jaar en onder). In 1950 het hy A-simbole verower in die volgende wedstryde twee klaviere (14 jaar en onder) saam met Elsie McLaren, bladles (14 jaar en onder), klaviersolo (14 jaar en onder) en vioolsolo (14 jaar en onder). Die beoordelaar vir die vokale afdeling, Isabel McLaren, het 'n A-simbool vir sy sangsolo (14 jaar en onder) aan hom toegeken. Hy het ook die medalje ontvang vir die deelnemer met die meeste A-simbole in die instrumentale afdeling (*Die Volksblad*, 14 Junie 1948 en 9, 10, 12 en 15 Mei 1950; *The Friend*, 16 Junie 1948).

In 1952 het hy ook skitterende prestasies tydens dié fees behaal. Hy het altesaam vier A-simbole verower. Wedstryde waaraan hy deelgeneem het, is die volgende: twee klaviere (16 jaar en onder) saam met Elsie McLaren, bladles (15 jaar en onder), klavierduet (16 jaar en onder) saam met Elsie McLaren en klavierprogram (16 jaar en onder) (*The Friend*, 30 April, 1 en 2 Mei 1952).

In 1954 het hy in die ouderdomsgroep agtien jaar en onder ingeskrif en uitstekende prestasies beide in viool- en klavierspel behaal. Hy het twee A-simbole in die wedstryd klavierprogram en klaviersolo verower. Hy het verder twee B-simbole verwerf in die wedstryd violsolo en instrumentale ensemble (ope, amateur). In die ensemble wedstryd het hy saam met E de Kock gespeel (*The Friend*, 5, 7 en 8 Mei 1954). Dawfré het ook tydens die Festival van 1956 baie goed presteer. Hy het A-simbole in die volgende afdelings verower: klavierkonsert (20 jaar en onder) en twee klaviere (20 jaar en onder) saam met P de Lange. Mnr Peter Rorke wat as beoordelaar in die instrumentale afdeling opgetree het, was van mening dat Roode oor 'n briljante tegniek beskik het, maar sy uitvoering in die klavierkonsert skade berokken het deurdat hy sommige passasies té vinnig gespeel het (*The Friend*, 15 en 16 Mei 1956).

2.2.11.3 Uitvoerende Pianis

As 'n jong seuntjie van twaalf jaar het 'n besondere eer Dawfré te beurt geval. Hy was uitgenooi om die **Klavierkonsert in d mineur** (Mozart) saam met die Durbanse Stadsorkes te speel. Hierdie uitvoering het tydens die jaarlikse kunsfees in 1949 in Durban plaasgevind (*Die Volksblad*, 11 April 1949; Curriculum Vitae, [s.a.]).

Dawfré is ook deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers aangewys as een van die jong kunstenaars wat uitvoerings op die platteland moes aanbied (*Die Volksblad*, 1 April 1955).

In 1955 is daar 'n konsert in die Stadsaal aangebied wat daarop gemik was om geld in te samel vir die jong sangeres, Paula Kruger. Sy moes 'n noodsaaklike oogoperasie ondergaan voordat sy haar studies in die buiteland kon gaan voortsit. Die konsert is op 1 Junie 1955 onder die beskerming van die Burgemeester van Bloemfontein aangebied. Dawfré het 'n skitterende uitvoering van 'n klavierkonsert saam met sy pa, David Roode, op twee klaviere gegee (*Die Volksblad*, 21 Mei en 2 Junie 1955).

Tydens die plattelandse toere wat in 1955 en 1956 deur die Universiteitskoor onderneem is, het Dawfré Roode as klaviersolis opgetree. Hy het klaviersolo's gelewer asook saam met Elsie McLaren klavierkonserte op twee klaviere uitgevoer. In daardie stadium was hy reeds besig met sy B A-graad (*Die Volksblad*, 11 Junie 1955, 23 Junie en 17 Julie 1956).

Roode het ook as solis opgetree tydens hierdie koor se konserte in Bloemfontein. Op 4 Augustus 1956 het hy onder andere werke van Chopin gespeel tydens die Universiteitskoor se konsert in die Universiteitsaal (*Die Volksblad*, 2 en 6 Augustus 1956).

2.2.12 Niel Immelman

2.2.12.1 Lewenskets

Daniël Michael Immelman is op 13 Augustus 1944 in Bloemfontein gebore, maar het sy laerskooljare op Jacobsdal deurgebring. Sy eerste klavieronderrig het hy van sy moeder ontvang. Teen die einde van 1957 het Niel saam met sy ouers na Bloemfontein verhuis. Hy het sy ho"erskoolopleiding aan die Hoërskool Sentraal ontvang waar hy in 1962 die matriekeksamen met vyf onderskeidings geslaag het (Immelman, 1992, Onderhoud).

Op aanbeveling van die violis, Erwin Broedrich, het Niel sy klavierstudies vanaf 1959 tot September 1964 onder Leo Quayle voortgesit. Niel het met groot lof van sy studiejare by prof Quayle gepraat. Onder sy leiding het Niel die U N I S A graad agt klaviereksamen in 1961 voltooi. Hy het ook vioolonderrig van Rosalie Dekker ontvang en later by Jack de Wet les geneem en in die Vrystaatse Jeugorkes gespeel. Sy harmonie en kontrapunt onderwyseres was Marie Blignault (Immelman, 1992, Onderhoud).

Nadat hy sy skoolopleiding voltooi het, het hy vir een jaar aan U N I S A studeer. In 1963 het hy die U O L M (klavier) suksesvol afgelê en is aanbeveel vir die oorsese beurs. Hy ontvang nie die eerste prys nie, maar wel die Buchanan-beurs. Ella Fourie het die oorsese beurs verower en die bekende orreliste, Leonore Kloppers, het die

buitelandse studiebeurs vir die U V L M verower. In 1963 het Niel die Royal Schools of Music se graad agt klaviereksamen voltooi en is ook vir die oorsese beurs aanbeveel. Hy het dié beurs verower en gevolglik nooit weer om die U N I S A oorsese beurse meegeding nie (Immelman, 1992, Onderhoud).

In 1964 het hierdie begaafde pianis na Londen vertrek waar hy verder aan die Royal College of Music onder Cyril Smith gestudeer het. In daardie stadium was Lamar Crowson verantwoordelik vir die kamermusiek by die kollege. Teen die einde van sy studies het hy die Chapell goue medalje vir klavierspel verower. Daarna het hy verder onder Ilona Kabos en Maria Curcio gestudeer. Tydens sy studiejare aan die kollege het hy saam met die Londense Filharmoniese-orke die **Rapsodie op 'n tema van Paganini** (Rachmaninoff) met groot sukses uitgevoer. Verder was daar ook optredes saam met die Engelse Nasionale Orkes, Koninklike Filharmoniese-orke en ander groot orkeste. Dirigente waaronder Immelman reeds opgetree het, sluit in name soos sir Adrian Boult, sir Charles Groves, sir Yehudi Menuhin, Walter Susskind en Bryden Thomson (Immelman, 23 Desember 1992, Onderhoud; Malan, 1982, p. 264).

Hy het vir 'n verdere twee jaar by die Royal College aangebly en die A R C M, L R A M en L G S M met groot sukses voltooi. Vanaf 1969 het hy vir skoliere klavieronderrig by die kollege gegee. In 1971 is hy as adjunk-professor aangestel en in 1980 is hy tot professor aan die Royal College of Music bevorder. Vanaf 1977 tot 1980 het hy ook aan die Kingston Universiteit onderrig gegee (Immelman, 1992, Onderhoud).

Voor sy vertrek na Londen het Niel by verskeie geleenthede as solis saam met van die bekendste orkeste in die land opgetree. In 1960 het hy die Klavierkonsert in F majeur K 459 (Mozart) saam met die Simfonieorkes van die S A U K in Johannesburg gespeel. In 1961 het hy saam met die Johannesburgse Stadsorkes opgetree. By daardie geleentheid het hy die Klavierkonsert in g mineur (Mendelssohn) gespeel. Dieselfde konsert het hy ook in Kaapstad en Durban uitgevoer (Immelman, 1992, Onderhoud).

Niel se eerste kontak met Bloemfontein was in 1954 tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing. Immelman het by daardie geleentheid in vier wedstryde deelgeneem en baie goed presteer. Hy het A-simbole verower in die wedstryde klavierprogram (10 jaar en onder) en bladlees (9 jaar en onder). Hy het twee B-simbole verower vir sy studie (9 jaar en onder) en klaviersolo (9 jaar en onder) (*The Friend*, 4, 5 en 10 Mei 1954). Die Festival van 1956 was geen uitsondering nie. Niel het in altesaam drie afdelings A-simbole verower, naamlik klavierprogram (12 jaar en onder), klaviersolo (11 jaar en onder) en bladlees (12 jaar en onder) (*The Friend*, 16, 19 en 21 Mei 1956).

In 1955 het Niel Bloemfontein ook besoek as deelnemer aan die Vrystaatse Kunswedstryd. Hy het altesaam vier A-simbole en twee B-simbole vir sy klavierspel verower. Wedstryde waarin hy uitblink het, was klaviersolo (10 jaar en onder), twee klaviere (10 jaar en onder) saam met Stephanus Lategan en bladlees (10 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 9 Mei 1955; *The Friend*, 4 en 9 Mei 1955).

Niel Immelman woon tans in Londen waar hy professor is aan die Royal College of Music. Op die oomblik is hy verantwoordelik vir die onderrig van voorgraadse- en nagraadse studente aan die kollege. Hy maak ook gereeld radio-opnames en gee talle uitvoerings in verskillende lande. Hy het ook 'n paar laserskywe uitgegee (Immelman, 1992, Onderhoud).

2.3 Violiste

Violiste in die tydperk 1940 tot 1955 was baie skaars in Bloemfontein. Meeste musici wat aktief aan die musieklewe van Bloemfontein deelgeneem het, was pianiste en orreliste. Veral violiste wat as solokunstenaars kon optree was baie skaars. Met die gevolg dat violiste as deelnemers aan konserte en as onderwysers altyd in aanvraag was.

Met die totstandkoming van die Departement Musiek aan die U O V S in 'n mindere mate en in 'n meerdere mate met die stigting van die Vrystaatse Strykkwartet, het daar meer violiste in Bloemfontein op die voorgrond getree. In die eerste plek het daar studente ingeskryf om viol as vak by die universiteit te neem en in die tweede plek was daar nou skielik nog twee professionele violiste in die stad wat nie net uitvoerings gegee het nie, maar 'n geweldige belangrike taak as violdosente in Bloemfontein verrig het.

2.3.1 Victor Pohl

2.3.1.1 Lewensoorsig

Volgens Human (1976, p. 595) was Victor Pohl sekerlik een van die produktiefste kunstenaars in Bloemfontein in die jare 1900 tot 1939. Daar word verder gemeld dat hy omtrent op elke konsert wat aangebied is sy verskyning gemaak het.

In die daaropvolgende vyftien jaar, 1940 tot 1955 het Victor Pohl ook 'n geweldige bydrae tot die musiekerfenis van Bloemfontein gelewer. Hy het nie alleen gereeld as kunstenaar op konserte opgetree nie, maar wanneer die geleentheid hom voordoen 'n klein orkes beskikbaar gestel om die begeleiding by die uitvoer van operas of oratoriums te verskaf. Hy het self as leier van dié orkes opgetree. Aangesien vioolonderwysers so geweldig skaars was in Bloemfontein, om presies te wees, daar was geen ander onderwysers beskikbaar nie, het Victor Pohl 'n baie belangrike taak as viooldosent in Bloemfontein vervul.

Victor Pohl is op 19 Januarie 1884 op die plaas Ysberg naby Ladybrand gebore. Hy het opgegroeï in 'n familie wat gedurig met musiek in aanraking was. Op die ouderdom van ses het hy klavierles van sy suster ontvang. Hierdie lesse het hy geweldig geniet, totdat sy vader vir hom vioolonderrig begin gee het. Die viool het hom geweldig geïnteresseer en dit het dan ook die instrument geword waarmee hy later baie beroemdheid sou verwerf en ook sy bestaan gemaak het (Human, 1976, p. 596).

Tydens die Anglo-Boereoorlog het Victor, toe vyftien jaar oud, as rapportryer tussen die verskillende kommando's opgetree. Hy is toe op een van hierdie sendings deur die Britse troepe gevange geneem en na 'n kamp vir krygsgevangenes in Groenpunt, Kaapstad, geneem. Hier het hy 'n ou viool in die hande gekry en baie hard geoefen en ook die ander gevangenes met sy spel vermaak. Met die hulp van sy suster Priscilla is hy op parool vrygelaat en het hy toestemming verkry om sy skoolopleiding in Grahamstad aan die Kingswood-kollege voort te sit. Hier het Victor viool van prof Edgar Wood ontvang. Op die ouderdom van twintig het hy aan hierdie kollege gematrikuleer en was hy nou seker daarvan dat musiek sy loopbaan sou wees (Human, 1976, p. 596; Malan 1986, p. 40).

Na afloop van die oorlog is hy terug na sy ouers se plaas naby Ladybrand. Sy ouers was nie in staat om die plaas te behou nie en was verplig om na Bloemfontein te verhuis. Verdere studie was finansiële nie moontlik nie. Om geld te verkry het Victor as 'n junior klerk in 'n kantoor in Bloemfontein gewerk. Algaande het hy meer en meer tyd aan sy vioolspel bestee. 'n Ene George Deale het hom toevallig ontdek en gevra om lid van sy orkes te word. Spoedig het hy sy eerste openbare optrede voor 'n konsertgehoor van Bloemfontein gehad. Dit was vir hom 'n geweldige groot aansporing en het besluit om sy werk as kantoorklerk te bedank en hom voltyds op vioolonderrig toe te lê. Hy was destyds die enigste violis wat 'n taamlike gevorderde standaard van spel kon handhaaf (Human, 1976, pp. 596-597; Malan, 1986, p. 40).

In die tyd wat gevolg het, het Victor Pohl aan 'n hele klomp konserte deelgeneem en voor uitgelese gehore opgetree. Daar was onder andere die konsert wat gereël was deur die Caledonian Society wat op 12 September 1905 in die Ramblerssaal plaasgevind het. Hier het Victor in die aanwesigheid van luitenant goewerneur Hamilton Gould-Adams opgetree (Human, 1976, p. 597; Malan, 1986, p. 40).

Na 'n aantal jare in Bloemfontein het daar 'n behoefte by Victor Pohl ontstaan om na Europa vir verdere vioolopleiding te gaan. Hierdie behoefte is verder aangewakker deur 'n groot aantal boeke oor musiek wat hy gelees het. Die aanmoediging van C E M Wright, hoof van die Oranjerivierkolonie-musiekskool, het hom verder aangespoor en hy is toe uiteindelik in 1909 met die hulp van generaal J B M Hertzog, destydse minister van Onderwys vir die Oranjerivierkolonie, na die buiteland vir verdere studie. In Brighton, Engeland, het hy onderrig ontvang van 'n ene mev Scott wat 'n vriendin van C E M Wright was. Daar het hy ook in konserte met sukses opgetree. Die resensie wat oor een van sy uitvoerings in die *Sussex Daily News* verskyn het, het soos volg gelui: "Next came one of the best items of the evening - a violin solo by Mr Victor Pohl of Bloemfontein, South Africa (who has come to England specially to study with Mrs Scott). Mr Pohl's playing revealed much promise and a considerable amount of talent, his technique and execution being distinctly good." (Human, 1976, pp. 597-598; Malan, 1986, p. 40).

Hy het ook vir sowat ses maande in Brussel by Casantzis les geneem. Hy het later ook meesterklasse van die beroemde César Thomson, 'n streng, maar uitmuntende viooldosent, aan die Brusselse Konservatorium ontvang. In 1912 het Victor Pohl na Bloemfontein teruggekeer (Malan, 1986, pp. 40-41).

2.3.1.2 Viooldosent en Pedagoog

Met sy aankoms in Bloemfontein is hy as dosent aan die destydse Normaalkollege aangestel. Hy het terselfdertyd ook private onderrig aan 'n klein groepie leerlinge gegee. Die getalle het so vinnig toegeneem, dat hy baie min tyd gehad het om self uitvoerings te gee. Vanaf 1923 het hy gereeld leerling-konserte aangebied. Hierdie konserte het bestaan uit sy eie leerlinge en leerlinge van ander onderwyseresse wat leerlinge gehad het wat strykinstrumente bespeel het, soos Ellen Watson en Jennie Hadlow. Leerlinge van hom wat uitblink het as soliste, kamermusici of orkeslede was Winifred Kemp, Ida Goldberg, Louis du Plooy, Alma Kok (née Boshoff), Nellie Viviers, Hyman Adler en Else Schneider. Selfs vandag nog is daar van sy leerlinge wat belangrike bydraes op musiekgebied lewer, onder andere Noel Travers (Malan, 1986, p. 41; Human, 1976, p. 599).

In 1946 is Victor Pohl as viooldosent by die destydse Musiekskool aan die Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat aangestel (*Die Volksblad*, 4 Januarie 1946). Met sy aanstelling by die Musiekskool was die geleentheid daar om viool as vak by

die U K O V S te neem. As viooldosent het Victor Pohl 'n baie belangrike leemte in Bloemfontein vervul. Hy was nie alleen die enigste viooldosent nie, maar sy leerlinge het ook puik prestasies behaal. Leerlinge wat by hom les geneem en uitgeblink het, was Noel Travers wat in 1947 die U N I S A graad vyf viooleksamen met lof geslaag het en Dawfré Roode wat die U N I S A graad drie viooleksamen met eervolle vermelding geslaag het (*Die Volksblad*, 20 September 1947).

In Desember 1918 is Victor Pohl met mej Margarete (Gretchen) Muller in Pretoria getroud. Sy was 'n begaafde pianiste en is met hul terugkoms in Bloemfontein hartlik verwelkom deur die musiekbewuste Bloemfonteiners. Sy is egter 'n paar maande later aan die griep oorlede. In hierdie tyd het Victor Pohl baie aandag aan sy vioolonderrig geskenk. Hy het nie alleen private les gegee nie, maar ook onderrig aan die leerlinge van Grey-kollege, Eunice Meisieskool en Oranje Meisieskool (Human, 1976, pp. 601-602).

In 1924 is hy getroud met mej Jacoba (Jackie) du Toit. Sy was destyds 'n student van P K de Villiers en het Victor gereeld bygestaan as begeleidster. Sy het haar klavierstudies onder die leiding van mej Ellen Watson voortgesit en later die U V L M verwerf (Human, 1976, pp. 602-603).

2.3.1.3 Uitvoerende Violis

Sy eerste openbare optrede ná sy terugkeer uit Europa het op 24 Februarie 1912

plaasgevind en wel in die Ramblersaal. Die ander deelnemers aan hierdie liefdadigheidskonsert was mej Ellen Watson, mev Katherine Peacock en mnr F Elliott. Volgens die resensies wat na afloop van die konsert in die plaaslike koerante verskyn het, was Victor Pohl baie senuweeagtig, aangesien dit sy eerste openbare optrede in Bloemfontein was en dit nogal voor 'n uitgelese, kritiese gehoor. Die resensent het wel 'n vooruitgang in die vioolspel van Pohl waargeneem. Sy konsertoptredes het hierna spoedig vermeerder. Hy het nie slegs solo-uitvoerings gelewer nie, maar ook ensemble-uitvoerings saam met bekende Bloemfonteinse kunstenaars, soos Ellen Watson, Douglas Mossop, W R Baldwin-Tann, Anna Dalldorf, Arthur Tann, Jennie Hadlow, Katherine Peacock, Maude Barlow, P K de Villiers en Cecilia Wessels (Human, 1976, pp. 599-600).

Victor Pohl was altyd gewillig om op te tree as hy gevra is, dus het sy naam in 'n groot verskeidenheid programme verskyn. Hy het etlike ander Bloemfonteinse kunstenaars bygestaan wanneer hulle 'n uitvoering gelewer het. Hy het telkens sy verskyning tydens uitvoerings gemaak wat in die verskillende kerke in Bloemfontein aangebied is. Sulke optredes het in 1940 en 1946 (Bloemfontein-Wes), 1944, 1946 en 1947 (Tweetoringkerk) en in 1948 tydens 'n gewyde konsert in die Clarendonsaal plaasgevind. Laasgenoemde konsert se fondse is aangewend vir die orrelfonds van die Ned Geref Kerk Bloemheuwel. Tydens al hierdie konserte het Victor Pohl saam met van Bloemfontein se bekendste kunstenaars opgetree. Werke wat hy gespeel het, sluit in

Visioen (Drdla), Afskeidslied (Smit, 'n Afrikaanse komponis), Trio in d mineur opus 49 (Mendelssohn), die adagio uit die Trio opus 8 (Brahms) en die Sonate nr 1 vir viool en klavier van Handel. Kunstenaars wat saam met hom opgetree het, was Alma Kok (viool), Albert Steffens (tjello), Henriëtte Rossouw (orrel), Aubrey Karstel (orrel) en Martli Pohl (viool) (*Die Volksblad*, 26 Februarie 1940, 25 Junie 1946, 29 April 1944, 18 Mei 1946, 25 Augustus 1947 en 10 September 1948).

Ander konserte waartydens hy opgetree het, was ten bate van die Reddingsdaadbond (1942), Skakelkomitee (1949) asook die konserte wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is. Victor Pohl het as solis of in 'n ensemble tydens hierdie konserte opgetree. Werke wat hy gespeel het was die volgende: *Frasquita Serenade* (Kreisler), *Mazurka* (Musin), *Konsert vir twee viole* (Bach), *Sonate in A majeur vir viool* (Handel), *Salut d' Amour* (Elgar) en *Legende* (Wieniawski). Kunstenaars wat saam met hom opgetree het, was Alma Kok (viool), Arend Koole (klavier) en sy dogter, Martli Pohl (viool). Die resensente van die plaaslike koerante het in die meeste gevalle slegs positiewe kritiek ten opsigte van Pohl se spel gehad. Sy spel is altyd as afgerond en musikaal beskryf (*Die Volksblad*, 19 September 1942, 24 Februarie 1948, 5 Mei 1949, 30 April en 17 Junie 1947).

Victor Pohl het ook tydens die konsert wat ter herdenking van Bloemfontein se verjaardag in 1948 opgetree, asook tydens die jaarkonsert van Jennie Hadlow in 1945 (*Die Volksblad*, 16 Oktober 1945 en 24 Februarie 1948).

2.3.1.4 Orkesleier en Orkesspeler

Hy het sy deel as orkesspeler bygedra en was in die twintigerjare die konsertmeester van Otto Menge se Orchestral Society in Bloemfontein. Hy was ook die leier van die orkes van die Vrystaatse Filharmoniese Vereniging (Human, 1976, p. 604).

As orkesleier in die jare 1940 tot 1955 het Victor Pohl 'n baie belangrike rol gespeel. Wanneer 'n opera, operette, kantate of oratorium in Bloemfontein uitgevoer is, soos dit algaande meer en meer die geval was, het Pohl homself beskikbaar gestel. So was hy die leier van die orkes wat opgetree het tydens die uitvoering van **Daniël**, 'n kantate deur G F Root, wat onder die leiding van Aubrey Karstel op 8 November 1941 in die Stadsaal in Bloemfontein uitgevoer is, **Dawid die Herderseun** (G F Root) (1942), **Die Messias** van Handel (1943 en 1950), **Hänsel und Gretel** (Humperdinck) (1945), **Die Skepping** van Haydn (1946), **Il Trovatore** (1947), **Lilac Time** (1948) en **Vasco da Gama** (1949) (*Die Volksblad*, 10 November 1941, 7 Februarie 1942, 27 Maart 1943, 5 Mei 1945, 18 Oktober 1944, 2 April 1946, 17 en 19 November 1949, 17 Mei 1950; Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948, Program, 21-24 Oktober 1947).

Hy het byna sonder uitsondering sy taak as orkesleier met groot sukses vervul en die klein ensemble onder sy leiding het by meer as een geleentheid 'n groot aandeel aan die sukses van die betrokke uitvoering gehad. Hy is by meer as een geleentheid as 'n puik orkesleier en violis beskryf. Die enigste kritiek teen die orkes uitgespreek was tydens

hulle optrede van *Die Messias* van Handel in 1950. Alhoewel hulle spel as simpatiek beskryf is, was daar 'n effense ongelykheid in die eerste viole en die res van die strykers was geneig om die tempo terug te hou. 'n Persoon wat hom gereeld bygestaan het was die pianiste, Katharine Mason (*Die Volksblad*, 5 Mei 1945, 2 April 1946, 17 en 19 November 1949 en 17 Mei 1950).

In die jare 1940 tot 1955 was daar in Bloemfontein geen ander violis wat so in aanvraag was soos Victor Pohl nie. Hy was egter baie gelukkig om 'n leerling te hê wat hom altyd in die orkes ondersteun het. Sy was Alma Kok. Sy was ook dan die enigste ander violiste in die stad wat 'n konsertstandaard gehandhaaf het.

2.3.1.5 Ander aktiwiteite

Victor Pohl het dikwels as solis in radioprogramme opgetree. Soms was hy die enigste kunstenaar in die program en soms het hy saam met ander kunstenaars die program gedeel. 'n Voorbeeld van so uitsending het op 1 Maart 1940 plaasgevind. Hy het onder andere 'n wals van Gaertner gespeel, asook *Canzonetta* van Ambrosio en *From the Canebreak* deur Gardner. Die ander kunstenaar in die program was die bekende Anna Jackson wat werke van Wagner en Saint-Saëns gesing het (*Die Volksblad*, 20 Februarie 1940). Later in dieselfde maand het Victor Pohl en sy vrou in 'n program oor die radio opgetree. Hierdie keer in 'n kwartet saam met mej D de Witt en mnr J Watson. Al drie die werke wat voorgedra is, is werke van Josef Trousselle (*Die Volksblad*, 7 Maart 1940).

Afgesien dat Pohl 'n baie goeie violis was, het hy hom ook as skrywer van 'n hele paar boeke onderskei. Daar is onder andere van **Bushveld Adventures** twee kopieë vir die Koning en Koningin van Engeland gestuur. In 'n brief aan Victor Pohl het die private sekretaris van die Koning die volgende geskryf: "I am commanded by the King to thank you sincerely for the copy of your book.....In view of his forthcoming visit to South Africa, the King is very glad to have this book." Ander boeke wat hy geskryf het, sluit in: **Adventures of a Boer family** (1942), **Land of distant horizons**, (1944), **Savage hinterland** (1950), **The dawn and after** (1964) en **Farewell little people** (1968) (*The Friend*, 25 Januarie 1947; Malan, 1986, p. 84).

Mnr Pohl is op 7 Junie 1979 in Bloemfontein oorlede (Malan, 1986, p. 83, Pohl 1992, Onderhoud).

2.3.2 Alma Kok

2.3.2.1 Lewenskets

Vanaf ongeveer 1929 het 'n jong violiste haar verskyning op die musiekverhoë van Bloemfontein gemaak. Sy was Alma Martha Boshoff. Sy is op 31 Januarie 1911 in Pretoria gebore en is die dogter van George Grey Boshoff en Annie Boshoff. Haar moeder was 'n mooi Sluyter, 'n bekwame violiste afkomstig van Holland. In Pretoria was Alma Boshoff se moeder lid van 'n orkes en het sy ook gereeld in kwartette en ander

ensembles opgetree. Haar vader was verbonde aan die Departement Mynwese, maar was ook 'n musikale persoon. Daar is gereeld musiek by die huis gemaak. Dit is dus duidelik dat Alma Boshoff in 'n huis groot geword het waar musiek 'n belangrike rol gespeel het (Kok, 1992, Onderhoud).

Die Boshoff-gesin het hul dikwels op verskillende dorpe bevind, maar Alma Boshoff het die grootste gedeelte van haar skoolopleiding aan die Girls' Collegiate-skool ontvang. Hier het sy violonderrig van mej Slater ontvang. Weens die feit dat haar vader baie verplaas is en daar bykans geen violonderwysers was nie, het Alma spoedig met klavieronderrig begin (Kok, 1992, Onderhoud).

In 1930 het sy met violonderrig by Victor Pohl in Bloemfontein begin. Sy het vanaf die destydse Gevorderde eksamen tot by die U V L M (viool) met Victor Pohl as viooldosent verwerf. Haar klavierstudies het egter nie agterweë gebly nie en het later die L T C L (klavier) behaal. Tydens 'n kort verblyf in Kaapstad in 1933 was mej Boshoff lid van 'n amateur-orke as violiste. Sy het ook per geleentheid in die Kaapstadse Stadsorkes gespeel (Kok, 1992, Onderhoud).

In 1937 het mej Boshoff met Benedictus Kok in die huwelik getree, wat rektor en later die kanselier van die U O V S geword het. Hy het destyds gereeld op die klavier as begeleier vir sy vrou opgetree (Kok, 1992, Onderhoud).

2.3.2.2 Uitvoerende Kunstenaar

In Bloemfontein het mej Boshoff gereeld opgetree, tot vier keer in 'n week. Omdat daar in daardie stadium baie min violiste was wat 'n konsertstandaard gehandhaaf het, was optreegeleenthede volop in Bloemfontein. In 1932 het mej Boshoff by die Bloemfonteinse Musiekvereniging aangesluit. Hierdie was 'n geslote vereniging waar daar gereeld konserte aangebied is. Bekende Bloemfonteinse musici het saam met mej Boshoff opgetree: Wansbrough Poles, Gertrude Hobday, Dorothy Grinter, Ruby van Renen en Charles Hamer (Kok, 1992, Onderhoud).

Alma Kok het gereeld by verskillende geleenthede opgetree waar sy 'n paar vioolsolo's moes lewer. As in ag geneem word by hoeveel geleenthede en hoe gereeld sy opgetree het, kan die afleiding gemaak word dat mev Kok 'n geliefde violiste onder die Bloemfonteinse konsertpubliek was. Sy het onder andere by die afskeidsgeselligheid van die Voortrekkerkoor in 1941 opgetree (*Die Volksblad*, 20 November 1941).

Alma Kok het tussen die jare 1940 en 1955 gereeld aan uitvoerings in kerke deelgeneem asook vioolsolo's by ander konserte gelewer. Meeste van die kerkoptredes het in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord, Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes, Tweetoringkerk of in die Ned Geref Kerk Bloemheuvel plaasgevind. 'n Paar optredes in die verskillende kerke het in 1946, 1948, 1949, 1951, 1953 en ook later in 1956 plaasgevind. In baie gevalle het sy as soliste opgetree, maar ook saam met ander

kunstenaars, soos Victor Pohl (viool), Albert Steffens (tjello), Aubrey Karstel (orrel), Dolly Heiberg (orrel), Henriëtte Rossouw (orrel) en Benedictus Kok (orrel). Alma Kok se spel is in die meeste gevalle as gevoelvol, stylgetrou, artistiek, musikaal en suiwer beskryf. Volgens sommige resensies wat in die plaaslike pers verskyn het, blyk dit dat Alma Kok oor 'n goeie tegniek beskik het. Ten spyte hiervan is meeste van die werke wat sy uitgevoer het tot een periode beperk, naamlik die Barok. 'n Paar werke wat sy gereeld gespeel het, was **Prelude en Adagio** (Corelli), **Konsert vir twee viole** (Bach), **Andante Cantabile** (Tartini), **Andantino** (Martini), die **Prelude** uit die **Vioolkonsert nr 12** (Corelli) asook gedeeltes uit **Vioolsonates** van Vivaldi (*Die Volksblad*, 25 Junie 1946, 23 April en 10 September 1948, 19 September 1949, 22 Februarie 1951, 5 en 7 Desember 1953 en 24 November 1956).

Sy het ook tydens konserte opgetree wat ten bate van 'n sekere organisasie aangebied is, soos die Reddingsdaadbond (1942 en 1945), die F A K-kongres (1946) en die Skakelkomitee (1949). Tydens hierdie konserte het sy ook meesal werke uit die Barok gespeel, soos **Allegro Brillante** (Willem ten Have) en 'n **Vioolsonate** (Handel). Sy het ook saam met haar man, Benedictus en Albert Steffens die **Trio nr 3** van Gurlitt gespeel. Alma Kok is in die meeste gevalle deur Benedictus Kok op die klavier begelei (*Die Volksblad*, 19 September 1942, 4 Julie 1945 en 2 Julie 1946).

Met die selfstandigwording van die U O V S in Maart 1950 is daar 'n groot musiekkonsert in die Stadsaal aangebied. Op 15 Maart 1950 het Alma Kok as soliste opgetree. Sy het die **Hejre Kati** van Hubay op swierige wyse voorgedra. In 1952 het Alma weer eens opgetree. Op 12 en 14 Februarie het sy 'n vioolsolo gelewer tydens die konserte wat vir die Van Riebeeckfees georganiseer is. Haar keuse was **Moto Perpetuo** (Frank Bridge) (*Die Volksblad*, 11 en 16 Maart 1950 en 11 Februarie 1952).

Die jaarlikse kongres van die Vroue-Landbou-Unie het in 1953 in Bloemfontein plaasgevind. By daardie geleentheid is een aand afgesonder vir 'n musiekprogram en dit het op 11 Augustus 1953 in die kerksaal van die Trinity Metodiste Kerk plaasgevind. Alma Kok het die **Bourrée** uit **Sonate nr 5 vir fluit** (Handel) en die largetto- en allegro-gedeeltes uit die **Sonate nr 4 vir viool en klavier** (Handel) gespeel. Sy is deur Derik van der Merwe begelei (*Die Volksblad*, 8 Augustus 1953).

Alma Kok het soms ook in die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging as soliste opgetree. In 1946 en 1947 het sy die geleentheid gehad om tydens hierdie konserte op te tree. Werke wat sy gespeel het, was die **Romanse in G majeur** (Beethoven) en die **Arabiesse lied** (Rimski-Korsakov). Haar begeleiers by hierdie twee konserte was onderskeidelik haar man, Benedictus Kok en Mary Rousseau (*Die Volksblad*, 4 Junie 1946 en 30 April 1947).

Alma Kok het ook in ander dorpe as violiste opgetree. In Junie 1950 het sy saam met

ander Bloemfonteinse kunstenaars 'n konsert op Brandfort aangebied. Hierdie konsert het plaasgevind ter viering van die vyf-en-sewentigjarige bestaan van die Ned Geref-gemeente (*Die Volksblad*, 10 Junie 1950).

2.3.2.3 Violonderwyseres

Afgesien van al Kok se konsertoptredes was sy ook aktief in die musiekonderwys. Al die poste wat sy by skole beklee het was klavierposte ten spyte van die feit dat sy eintlik 'n violiste was. In 1933 het sy in Kaapstad 'n ruk afgelos as musiekonderwyseres by die Girls' High School in Wynberg. In 1934 het sy 'n jaar lank by die Oranje Meisieskool in Bloemfontein afgelos. In 1935 het sy op Heilbron musiekonderrig gegee, waar sy slegs klavierleerlinge gehad het. Tydens haar verblyf op Heilbron het sy ook weekliks in Koppies les gegee. In 1937 het sy 'n pos aanvaar te Indwe. Hierdie pos het sy vir 'n jaar beklee, waar sy viool- en klavierleerlinge onderrig het. Sy het ook 'n klein orkes met leerlinge van die skool saamgestel. Hier het Alma Kok op eie houtjie leer tjello speel. In Bloemfontein het sy ook vir 'n tyd lank private onderrig gegee (Kok, 1992, Onderhoud).

2.3.2.4 Orkesspeler

Bloemfontein kon werklik op Alma Kok as solo- en ensemble-violiste staatmaak. Sy het altyd haar dienste beskikbaar gestel wanneer daar 'n orkes byeengebring moes word vir

die uitvoer van 'n opera, operette, oratorium of kantate. In die jare 1940 tot 1955 was Alma Kok naas Victor Pohl die enigste violiste wat 'n konsertstandaard gehandhaaf het. Met die uitvoering van **Daniël** in 1941 was mev Kok ook 'n lid van die orkes wat vir die begeleiding verantwoordelik was (*Die Volksblad*, 10 November 1941).

Alma Kok het weer haar verskyning in die orkes gemaak met die opvoer van **Lilac Time** deur die Vrystaatse Musiekvereniging in November 1948. Later in 1956 het Alma Kok 'n groot rol tydens die aanbieding van die operette **Magyar Melody** gespeel. Sy was nie net deel van die orkes nie, maar het as leier opgetree. Dit was voorwaar 'n unieke gebeurtenis aangesien al die leiers van die verskillende afdelings van die operette vroulike persone was (Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948 *Die Volksblad*, 20 en 24 Oktober 1956).

2.3.2.5 Ander aktiwiteite

Afgesien van al Alma Kok se optredes het sy ook opnames vir uitsaaidoeleindes gemaak. Sy het op 15 November 1950 as violiste in die program, Uit die Vrystaat, opgetree. Corelli se **Vioolsonate nr 11** is deur haar opgeneem (*Die Volksblad*, 11 November 1950).

In die jare 1960 tot 1976 het mev Kok slegs tydens eredienste in die kerk opgetree. Sy het dikwels saam met haar man uitvoerings gegee. Een van haar laaste optredes in

Bloemfontein was met die afskeidsgeleentheid van Staatspresident en mev C R Swart wat by die U O V S aangebied is (Kok, 1992, Onderhoud).

Mev Kok is tans woonagtig in Bloemfontein waar sy en haar man afgetree het.

2.3.3 Jack de Wet

2.3.3.1 Lewensoorsig

In 1948 het hierdie begaafde violis, leermeester en dirigent homself vir die eerste keer in Bloemfontein gevestig waar hy 'n ateljee geopen het (*Die Volksblad*, 7 Augustus 1948). Teen die einde van 1948 het dit bekend geword dat Jack de Wet Bloemfontein sou verlaat om 'n pos aan die Tegniese Kollege op Kroonstad te aanvaar. Hy het egter een keer per week na Bloemfontein gereis om vir sy leerlinge onderrig te gee (*Die Volksblad*, 27 November 1948). In die jare wat gevolg het, het Jack de Wet uitgestyg as die persoon wat sekerlik die grootste bydrae tot Bloemfontein se musiekontwikkeling, wat orkesinstrumente betref, gelewer het. Hy het hom veral beywer vir die ontwikkeling van vioolspel en ook strykers in die algemeen. Hy het as't ware die weg gebaan vir die daarstelling van 'n volle simfonieorkes vir Bloemfontein. As musiekpedagoog het hy baanbrekerswerk verrig, veral met die jeug in die Vrystaat.

Jack de Wet is op 25 Augustus 1927 in Aliwal-Noord gebore. As jong seun het hy reeds musiektalent geopenbaar en by Erwin Broedrich met vioolles begin. In 1945 was hy 'n jaar lank 'n leerling van Editha Braham en vanaf 1946 tot 1949 was hy 'n student aan die Universiteit van Kaapstad (Malan, 1980, p. 347).

In 1950 het hy 'n beurs van Amsterdam verower wat hom in staat gestel het om vir 'n jaar lank aan die Amsterdamse Konservatorium te studeer. Daar het hy onderrig van Herman Leydendorff ontvang. Daarna het hy tot 1955 sy studies aan die Muzieklyceum onder die leiding van Oskar Back voortgesit. In 1951 het De Wet ook 'n besoek aan Engeland gebring en die L T C L en F T C L in vioolspel verwerf (Malan, 1980, p. 347; *Die Volksblad*, 22 November 1952).

Jack de Wet het op 21 September 1951 met 'n begaafde violiste van Bloemfontein, Johanna Kraak in die huwelik getree. Hulle is in Bussum, Nederland, getroud. Mej Kraak se vader was in daardie stadium al geruime tyd die penningmeester van die Vrystaatse Musiekvereniging en hy en sy vrou was entoesiastiese musiek liefhebbers en het oor 'n uitgebreide kennis sowel as plateversameling beskik (*Die Volksblad*, 21 September 1951).

In 1956 het Jack de Wet permanent na Suid-Afrika teruggekeer en hy is aangestel as eerste violis in die Simfonieorke van die S A U K. Hierdie posisie het hy tot in 1959 bekleed. In 1960 het Jack de Wet hom in Bloemfontein gevestig as viooldosent aan

die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hy is ook as leier van die Vrystaatse Strykkwartet aangestel (Malan, 1980, p. 347).

2.3.3.2 Uitvoerende Violis

In Mei 1948 het Jack de Wet as die jong violis van Pretoria 'n uitvoering in Bloemfontein gegee en wel onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging. Sy uitvoering het op 3 Mei in die Clarendonsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het hy die eerste deel van Charles Auguste de Bériot se *Vioolkonsert nr 7* en die eerste deel van Mendelssohn se *Konsert vir viool en orkes in e mineur gespeel* (*Die Volksblad*, 24 April 1948).

Volgens die resensie na afloop van die konsert was dit duidelik dat Jack de Wet 'n baie suksesvolle uitvoering gegee het. Melding is gemaak van sy musikaliteit, besonder goeie tegniek en die gemaklike wyse waarop hy die moeilikste passasies gespeel het. Tydens hierdie konsert het van Bloemfontein se bekende musici opgetree, onder andere Francina Buys, Anna Jackson en Isabel du Toit (*Die Volksblad*, 4 Mei 1948).

Op 8 September 1954 het De Wet sy eerste groot uitvoering in Suid-Afrika gegee nadat hy sedert 1950 in die buiteland studeer het. Bloemfontein was in die bevoorregte posisie, aangesien hierdie uitvoering ook deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer is. Dié uitvoering het in die Clarendonsaal plaasgevind. Oskar Back se kommentaar ten opsigte van De Wet se spel was soos volg: "In die baie jare wat hy

onder my leiding studeer het, het Jack de Wet tot 'n uitstekende violis en 'n voortreflike musikus ontwikkel, wat ek beide as solis en as geroetineerde orkeslid ten seerste kan aanbeveel." (*Die Volksblad*, 25 en 28 Augustus 1954).

Jack de Wet het 'n veeleisende program met werklik virtuose werke aangebied. Die hoogtepunt van sy program was beslis die **Solosonate nr 4** (J S Bach) wat op aangrypende wyse uitgevoer is. De Wet het verder uitstaande spel in die **Gigue** en **Chaconne** gelewer. In die **Sonate in G majeur** (Valentini) het De Wet ware agtiende-eeuse grasia met sy vertolking uitgebeeld. Ander werke op sy program was die **Violkonsert in D majeur** (Paganini) en die **Inleiding en Capriccioso** (Saint-Saëns). Hieruit is dit duidelik dat De Wet oor 'n skitterende tegniek beskik het, aangesien hierdie werke 'n hoë mate van virtuositeit vereis. Die resensent het verder gesê dat vioolspel met soveel glans en grootsheid laas in Bloemfontein gehoor is met die besoek van die Engelse violis, Thomas Matthews, jare gelede (*Die Volksblad*, 9 September 1954).

Jack de Wet het ook tydens gewyde uitvoerings in kerke en talle ander geleenthede opgetree. In September 1948 was hy die violis tydens 'n gewyde uitvoering ten bate van die Ned Geref Kerk Bloemheuwel. Hy het in 1954 ook tydens die F A K se Silwerjubileumfees opgetree wat in die Kestell-saal aangebied is. Werke wat hy gespeel het, sluit in die **Violkonsert in a mineur** (Bach), **Intrada** (Moffat) en die **Rondo in G majeur** (Mozart). Opvallende kenmerke van hierdie uitvoerings was die goeie balans

tussen viool en klavier asook die fyn aanvoeling tussen die twee kunstenaars. Sy begeleier was Arend Koole (*Die Volksblad*, 10 September 1948 en 4 Oktober 1954).

2.3.3.3 Orkesspeler, Pedagoog en Radio-kunstenaar

As orkesspeler het hy tydens die jare onder bespreking sy bydrae gelewer. Tydens die Vrystaatse Musiekvereniging se aanbieding van *Lilac Time* in November en Desember 1948, het De Wet as violis deel van die orkes uitgemaak (Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948).

Jack de Wet het soms ook uitvoerings oor die radio gegee. Op 20 Maart 1955 het hy in die Engelse program, Music Room, 'n paar werke gespeel. Hy het 'n gedeelte uit die *Vioolkonsert* (Bériot), *Sonatine in D majeur* (Schubert), *Legende* (Wieniawski) en 'n *Mazurka* (Mlynarski) gespeel. David Roode het hom begelei (*Die Volksblad*, 19 Maart 1955).

As pedagoog het Jack de Wet 'n geweldige groot bydrae gelewer, nie net in Bloemfontein nie, maar in die hele Suid-Afrika. Dit was egter eers in die volgende vyftien jaar in Bloemfontein dat De Wet se bydrae ter sprake kom. Na sy aftrede as professor aan die Universiteit van Port Elizabeth, vestig hy hom in Stellenbosch, waar hy tans nog lesgee.

2.3.4 Noel Travers

2.3.4.1 Lewensoorsig

Noel Travers is op 16 Desember 1930 in Bloemfontein gebore. As vyftienjarige seun het sy violonderrig by die baie bekwame Victor Pohl in 1945 begin (Malan, 1986, p. 289). In 1949 het Travers 'n beurs van U N I S A ontvang vir sy prestasie in die graad sewe viooleksamen (*Die Volksblad*, 2 Desember 1949). Hierdie onderrig is voortgesit tot in 1952 toe hy die graad B Mus aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal het. Daarna het hy vir 'n jaar by Michael Doré les geneem (Malan, 1986, p. 289).

In 1954 is Noel Travers na Brussel waar hy onderrig van Carlo van Neste ontvang het. In daardie tyd het Travers baie konserte gegee en waardevolle onderwyservaring opgedoen. Hy was ook die konsertmeester van die Koninklike Konservatoriumorkes. In 1956 is die eerste prys in sowel viool as kamermusiek en nog twee ander Belgiese beurse aan hom toegeken. In 1958 het hy ook meestersklasse deur dosente van die Weense Musiekakademie bygewoon. In 1959 het hy die Kunstenaarsdiploma in Wenen suksesvol afgelê (Malan, 1986, pp. 389-390; *The Friend*, 8 Januarie 1954; *Die Volksblad*, 5 Mei 1956).

Met die totstandkoming van die Vrystaatse Strykkwartet in 1960 is Noel Travers as tweede violis aangestel. Hiermee saam was hy verbonde aan die U O V S en verskeie skole waar hy onderrig in viool gegee het (Malan, 1986, p. 390).

Travers is vandag in Kaapstad woonagtig waar hy dosent in viool aan die Suid-Afrikaanse Musiekkollege is. Hy is ook lid van die Universiteit van Kaapstad se strykkwartet (Malan, 1986, p.382).

3.3.4.2 Violis

Hierdie begaafde violis van Bloemfontein het reeds op 'n jeugdige ouderdom tot die musiekbeoefening van die stad toegetree. As agtienjarige violis was hy lid van die orkes wat opgetree het tydens die aanbieding van *Lilac Time* in 1948. Hierdie operette is in die Grand-teater deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied. Die leier van die orkes by daardie geleentheid was Victor Pohl wat ook die eerste vioolonderwyser van Travers was (Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948).

In 1950 het Travers by geleentheid van die eerste konsert van die Bloemfonteinse Kunstenaarsklub opgetree. Hy het die *Romanse in F majeur* (Beethoven) met selfvertroue uitgevoer. Hy was ook lid van 'n kwartet wat die *Andante* van Trouselle uitgevoer het. Die konsert het op 24 Februarie 1950 plaasgevind (*Die Volksblad*, 27 Februarie 1950). In die daaropvolgende maand het Travers weer op 'n soortgelyke konsert sy verskyning gemaak. Dit was tydens die eerste konsert van Die Kunstenaars van die Toekoms. Hierdie konsert het op 24 Maart 1950 in die Stadsaal plaasgevind en by daardie geleentheid was Travers lid van 'n kwartet bestaande uit Hermina Verster, Jennifer Travers en Dawfré Roode (*Die Volksblad*, 25 Maart 1950). In dieselfde jaar

het Travers weer op 'n konsert van die Kunstenaars van die Toekoms opgetree. Hy het **Romanse** (Svendsen) en **Meditation** (Massenet) met musikale insig en die nodige suiwerheid uitgevoer (*Die Volksblad*, 28 en 30 Oktober 1950). In 1951 het hy weer sy verskyning tydens een van die konserte van hierdie vereniging gemaak. Op 9 Oktober 1951 het hy saam met sy suster, Jennifer (viool), 'n duet uitgevoer (*Die Volksblad*, 10 Oktober 1951).

Travers het ook sy buiging tydens konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Op 22 Junie 1951 het hy vioolsolo gespeel en getoon dat sy spel steeds verbeter het. Dit was 'n plesier om na sy spel te luister (*Die Volksblad*, 23 Junie 1951).

2.3.4.3 Deelname aan Kunswedstryde

Travers het ook van tyd tot tyd aan die kunswedstryd deelgeneem en goed presteer. Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing het hy in die afdeling vioolsolo (ope, amateur), 'n A-simbool verower (*The Friend*, 10 Mei 1950).

2.3.5 Hermina Verster

2.3.5.1 Lewenskets

In 1951 het hierdie violiste onder die aandag van die Bloemfonteinse musiekentoesiaste gekom. Sy het die beurs, wat deur UNISA toegeken word vir prestasies in die finale

eksamen, vir haar vioolspel verower. Sy het in 1950 die matriekeksamen met vier onderskeidings geslaag en was in daardie stadium 'n leerling van Victor Pohl. 'n Groot eer het haar in 1949 te beurt geval toe sy tydens die eerste musiekfees wat in Durban aangebied, as soliste saam met die Durbanse Stadsorkes onder leiding van mnr Edward Dunn opgetree het. By daardie geleentheid het sy die eerste deel van Mendelssohn se *Vioolkonsert in e mineur* gespeel. Sy was in daardie stadium ook die leier van die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes wat onder die leiding van Leonard T Shepstone gestaan het (*Die Volksblad*, 8 April 1949, 18 Januarie 1951).

Sy is op 17 Januarie 1934 in Dundee, Natal gebore. Haar vroegste musiekopleiding het sy van haar moeder en 'n mej Munroe van Ladysmith ontvang. Tydens haar skooljare in Bloemfontein het sy onderrig van Victor Pohl ontvang. In 1948 het sy 'n beurs van U N I S A vir haar skitterende prestasie in die graad 7 viooleksamen ontvang. Sy het dié eksamen met lof geslaag (*Die Volksblad*, 10 Desember 1948; Malan, 1979, p.323).

Sy het haar musiekstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand voortgesit waar Pierre de Grootte haar viooldosent was. Sy het die B Mus-graad voltooi en is aanvaar as lid van die nuwe Simfonieorkes van die S A U K (Malan, 1979, p. 323; *The Friend*, 16 Januarie 1954).

In 1955 het sy die U V L M (viool) en U O L M (viool) voltooi en die destydse Barclays Bank-beurs vir oorsese studie verower. Haar begeleidster tydens die beurskompetisie was die bekende Mary Rousseau. Sy het haar studies onder die leiding van Franz Samohyl in Wenen voortgesit. Haar werk was van so 'n hoë standaard dat sy dadelik oorgeplaas is na die vierde jaar van die ses jaar-kursus. Sy het ook kursusse in klavier, altviool en dirigeerkuns gevolg. Toe sy na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy by die Jan van Riebeeckskool in Kaapstad 'n musiekpos beklee en later ook by die Rhenish Primêre Skool in Stellenbosch. Sy is die tweede vrou van Pierre de Groot. Pierre is in 1993 oorlede (Malan, 1979, p. 323; *Die Volksblad*, 22 September 1955 en 2 Junie 1993; *The Friend*, 16 April 1956).

2.3.5.2 Uitvoerende Violiste

Afgesien van kunswedstryde waaraan sy deelgeneem het, het Hermina ook haar verskyning in ander konserte gemaak. Een van die geleenthede waar sy opgetree het, was die konserte wat tydens die Van Riebeeckfees in Bloemfontein aangebied is. Die konserte het op 12 en 14 Februarie 1952 in die Stadsaal plaasgevind. By daardie geleenthede het sy twee werke gespeel, naamlik **Prelude en Allegro** (Pugnani-Kreisler) en 'n **Spaanse dans** (Granados) (*Die Volksblad*, 2 en 11 Februarie 1952).

Vroeg in 1953 het Hermina haar verskyning gemaak tydens 'n konsert wat ten bate van die filmorganisasie, K A R F O, se Moedersveldtog in die Stadsaal aangebied is. Die

konsert is deur Henriëtte Pauw georganiseer. Verster het die **Rondo in G** majeur van Mozart uitgevoer. Sy het groot applous vir 'n puik uitvoering ontvang (*Die Volksblad*, 14 Februarie 1953; *The Friend*, 19 Februarie 1953).

Op 'n konsert wat deur die Kunstenaars van die Toekoms-vereniging op 21 Februarie 1953 in die Stadsaal aangebied is, het Hermina 'n uitmuntende vertolking van die stadige deel van die **Violkonsert in g** mineur van Max Bruch gelewer. Hierdie werk het 'n pragtige teenstelling met die vinnige **Rondo** (Beethoven) gevorm (*Die Volksblad*, 23 Februarie 1953; *The Friend*, 23 Februarie 1953).

Hermina het ook haar bydrae gelewer tydens 'n konsert wat aangebied is om fondse vir die jong sangeres, Paula Kruger, in te samel. Hierdie konsert het op 1 Junie 1955 in die Stadsaal plaasgevind. Verster se vioolspel is as swierig beskryf (*Die Volksblad*, 21 Mei en 1 Junie 1955).

2.3.5.3 Ander bydraes en aktiwiteite

In Bloemfontein het Hermina ook soms aan die plaaslike kunswedstryde deelgeneem. In 1950 het sy tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing 'n A-simbool in die afdeling vioolsolo (18 jaar en onder) verower (*Die Volksblad*, 10 Mei 1950; *The Friend*, 11 Mei 1950).

In April 1955 het daar beriggewing in *Die Volksblad* (20 April 1955) verskyn dat Hermina Verster van plan was om 'n private ateljee vir viool leerlinge in Bloemfontein te open. Haar ondervinding as lid van die Simfonieorke van die S A U K het baie in die guns van Bloemfontein getel. Sy was ook van plan om 'n paar klavierleerlinge te neem.

2.4 Tjelliste

Tussen 1940 en 1955 was daar slegs een tjellis in Bloemfontein, wat 'n konsertstandaard gehandhaaf het. Hy was Albert Steffens. Daar was wel ander tjelliste, maar hulle het slegs as deel van 'n ensemble of 'n kleinerige orke 'n bydrae gelewer. Hierdie instrumentiste het sekerlik 'n belangrike rol gespeel, maar het so min in die openbaar opgetree en was sover bekend nie werklik aktief betrokke by die Bloemfonteinse musieklewe in die jare onder bespreking nie. 'n Waarskynlike rede vir die gebrek aan goeie tjelliste kan toegeskryf word aan die feit dat daar in daardie stadium geen opgeleide tjello-onderwyser in Bloemfontein was nie. Die gevolg hiervan was dat daar nie belangstelling aan die kant van die publiek was nie en dus was daar nooit nuwe opkomende tjelliste nie. Dit is opvallend dat Steffens, sover bekend, glad nie as onderwyser in Bloemfontein betrokke was nie, maar slegs as uitvoerende kunstenaar. Juis om laasgenoemde rede is dit t'og belangrik dat sy bydrae bespreek word.

2.4.1 Albert Steffens

2.4.1.1 Lewenskets

Albert Steffens was nie net 'n bekwame tjellis nie, maar het ook oor 'n goed ontwikkelde bas-baritonstem beskik. Hy was dan ook 'n persoon wat hom altyd bereid verklaar het om sy deel by te dra wanneer daar 'n konsert aangebied is (*Die Volksblad*, 27 Mei 1946).

Steffens is in 1916 in Hamburg, Duitsland, gebore. Sy vader, dr Albert Steffens, was 'n baie talentvolle musikus en sy oom, Theodor Horand, was vir langer as twintig jaar sanger aan die Staatsoperahuis in Leipzig. Hy het reeds op jeugdige ouderdom 'n liefde vir musiek ontwikkel en by die konservatorium in Hamburg van Reinhold Klaer onderrig ontvang. Sy leermeester was ook 'n briljante orrelis en het hom gereeld op die orrel begelei wanneer Albert tjello gespeel het (*Die Volksblad*, 27 Mei 1946).

2.4.1.2 Uitvoerende Tjellis en Sanger

Albert Steffens het in 1939 na Suid-Afrika gekom en gereeld saam met Stefans Grové opgetree. Steffens het in Bloemfontein gereeld sy verskyning in die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. In 1946 en 1947 het hy tydens hierdie konserte opgetree. Dit is merkwaardig dat hy nie net as tjellis opgetree het nie, maar ook as

sanger. Sy begeleier tydens hierdie konserte was Aubrey Karstel (orrel), Mary Rousseau (klavier), Essie Steffens (klavier) en Stefans Grové (klavier) (*Die Volksblad*, 4 Junie, 15 Oktober en 18 November 1946, 4 Februarie en 17 Junie 1947).

Steffens het werklik beïndruk met die keuse van werke wat hy gespeel het en met sy vaardigheid op die instrument. Werke wat hy gespeel het, sluit in **Sonate vir tjello en klavier opus 5 nr 1** (Beethoven), **Sonate vir tjello en klavier opus 84** (Hans Huber), **Tjellosonate in D majeur** (Mendelssohn), dele uit die **Vioolsonate in D majeur** (Handel), dele uit die **Trio opus 11** (Gurlitt) en die **Trio opus 49** (Mendelssohn) saam met Aubrey Karstel en Victor Pohl. Ander kunstenaars wat saam met hom opgetree het, was Alma Kok (viool), Henriëtte Rossouw (orrel) en Dolly Heiberg (orrel). Kommentaar oor sy spel was sonder uitsondering positief (*Die Volksblad*, 4 Junie, 15 Oktober en 18 November 1946, 4 Februarie en 17 Junie 1947).

Steffens het ook tydens gewyde uitvoerings in verskeie kerke in Bloemfontein opgetree. Op 17 Mei 1946 en later weer in 1946 en 1947 het hy onderskeidelik in die Tweetoringkerk en die Weskerk opgetree. Hier het hy as deel van 'n ensemble die **Trio opus 8** (adagio-gedeelte) van Brahms saam met Victor Pohl en Henriëtte Rossouw gespeel. In 1947 het hy saam met Stefans Grové 'n hoogs geslaagde uitvoering van dele van die **Sonate vir tjello en klavier opus 102 nr 1** (Beethoven) en **Sonate in F majeur** (R Strauss) tydens die F A K-kongres in die Stadsaal gegee (*Die Volksblad*, 18 Mei, 25 Junie en 2 Julie 1946 en 25 Augustus 1947).

As sanger het hy ook groot hoogtes bereik. Na afloop van een van sy uitvoerings het *Die Volksblad* (4 Junie 1946) soos volg berig: "Hy beskik oor 'n pragtige bas-bariton en sy sang het besonder byval gevind." Ander resensies het ook sy stemkwaliteit geprys, maar sy diksie en intonasie was nie altyd bevredigend nie. 'n Paar werke wat Albert Steffens tydens konserte gesing het is: *The maiden*, *Fraai gesiggies* (beide van Parry), *Traum durch die Dämmerung* (R Strauss), *Das Erkennen* (Löwe), *Matrooslied* (S le Roux Marais), *Maria Wiegelied* (Reger), *Träume* (Wagner), *Weylas gesang* (Wolf), *Sapphische Ode* (Brahms), *Der Tod und das Mädchen* (Schubert) en *Prometheus* (Schubert). Steffens het homself verder as bekwame operasanger bewys toe hy die rol van Graaf de Luna in *Il Trovatore* (Verdi) vertolk het. Volgens die resensent van *The Friend* van 24 Oktober 1947 het Steffens goed gesing, maar kon 'n groter poging aangewend het om die rol beter te laat slaag. Sy vrou, Essie, het ook 'n rol in die opera vertolk wat vanaf 21 tot 24 Oktober 1947 in die Grand-teater onder die leiding van Aubrey Karstel aangebied is. Teen die einde van 1946 en 1947 het hy die rol van Gabriël in *Die Kersspel* van die Bloemfonteinse Teatergroep met gemak en afronding vertolk (*Die Volksblad*, 17 en 25 Junie, 15 Oktober en 3 Desember 1946, 17 Junie, 25 Augustus, 18 Oktober en 2 Desember 1947; Program, 21-24 Oktober 1947).

2.4.1.3 Deelname aan Kunswedstryden en ander aktiwiteite

In 1946 het hy homself ook op die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing as tjellis bewys. Hy het in die afdeling tjello-solo (ope) die eerste plek behaal. Volgens

die beoordelaar, Donald Edeson, het Steffens se spel 'n besondere goeie indruk gemaak. Hy het Brahms se **Tjellosonate nr 1** gespeel. Hy het ook as sanger meegeding en 'n tweede plek verower in die afdeling, bariton-solo (gewyde lied) (*Die Volksblad*, 9 en 11 Mei 1946; *The Friend*, 9 Mei 1946).

Albert Steffens het soms ook in ander dorpe opgetree. Op 9 Junie 1947 het hy saam met Petrus Lemmer en Anna Jackson 'n geslaagde orrel- en sanguitvoering in die Ned Geref Kerk Rouxville aangebied (*Die Volksblad*, 19 Junie 1947).

2.5 Ander Instrumentiste

2.5.1 Leonard en Richard Lemmer

2.5.1.1 Lewensoorsig

Leonard en Richard Lemmer is die seuns van die bekende Petrus Lemmer wat in die jare vyftig die aandag getrek het met hulle puik prestasies tydens kunswedstryde en voortreflike uitvoerings op konserte. Richard is in 1932 in Bloemfontein gebore. Hy het sy skoolloopbaan in 1949 by Grey-kollege voltooi en het homself geleer klarinet speel aangesien daar geen onderwysers in Bloemfontein in daardie stadium was nie. In 1949 het hy die finale klarineteksamen afgelê en 'n beurs van U N I S A ontvang. Hy het 90% in die eksamen behaal. In daardie stadium het hy reeds die finale

klaviereksamen afgelê asook die Toonkunstenaarskap in teorie. Ten spyte van sy talent as musikant wou hy medies studeer, maar het egter 'n meestersgraad in Toegepaste Fisika in 1955 aan die U O V S behaal. Hy is later na Pretoria en het daar sy doktorsgraad voltooi. Later het hy na die Verenigde State van Amerika verhuis waar hy 'n verdere doktorsgraad behaal het en is as mede-professor by die Universiteit in Massachusetts aangestel. Hy het hom weer in Suid-Afrika kom vestig en is tans aan die Universiteit van die Witwatersrand verbonde (Lemmer, 1993, Onderhoud; *Die Volksblad*, 4 Desember 1953; *The Friend*, 21 Januarie 1954).

In hierdie tyd het hy gereeld klarinet gespeel en in amateur hoedanigheid aan produksies en konserte deelgeneem. Hy was ook 'n knap klavierspeler (Lemmer, 1993, Onderhoud).

Leonard is op 17 September 1938 in Bloemfontein gebore en het sy skoolopleiding aan die Grey-kollege ontvang waar hy in 1955 sy matriekeksamen voltooi het. As leerling van Grey-kollege het hy by Leonard Shepstone musiek as vak geneem, met klavier as instrument. Die fluit het hom egter meer geïnteresseer. In Oos-Londen het hy tydens vakansies na die Orchestral Society se uitvoerings gaan luister en is deur die fluitspeler van dié orkes sodanig beïnvloed dat hy besluit het om fluit sy loopbaan te maak (Lemmer, 1993, Onderhoud).

Hy was dan ook die eerste leerling in die Vrystaat en moontlik ook in Suid-Afrika wat met vergunning van die Vrystaatse Onderwysdepartement, fluit as een van sy

matriekvakke aangebied het. Daar was geen leerplan nie en sy vader het gehelp om 'n leerplan saam te stel (Lemmer, 1993, Onderhoud).

Hy het talle beurse van U N I S A vir sy uitstekende prestasies in die jaarlikse eksamens ontvang. In 1953 het hy die graad 7 fluiteksamen geslaag en 'n beurs verower asook in 1955 toe hy die finale fluiteksamen met groot sukses voltooi het (Lemmer, 1993, Onderhoud; *Die Volksblad*, 4 Desember 1953 en 30 November 1955; *The Friend*, 21 Januarie 1954).

In 1956 is Lemmer na Kaapstad om aan die Universiteit van Kaapstad te gaan studeer. Hy het destyds 'n graad in die uitsaaiwese gevolg, maar gou besef dat dit nie werklik was wat hy wou doen nie. Hy het toe 'n gewone B A-graad met Wysbegeerte in 1958 voltooi. In 1959 het hy na Bloemfontein teruggekeer en as verslaggewer by *The Friend* gewerk. In 1960 is hy weer na Kaapstad om daar 'n pos by die Ou Mutual se reklame afdeling te vul. Sy moeder het hom egter oortuig om meer aandag aan sy musiek te gee. In 1961 het hy die U V L M afgelê en ook die oorsese studiebeurs verower (Lemmer, 1993, Onderhoud).

In Julie 1962 is Leonard Lemmer na Parys, Frankryk, waar hy vir agtien maande onder die beroemde Jean-Pierre Rampal gestudeer het. Hy het ook in 1962 in die huwelik getree. Vanaf 1964 tot 1968 het hy 'n tydelike aanstelling as fluitspeler van die Simfonieorke van die S A U K bekleed. In 1969 is hy as dosent by die Universiteit van

Potchefstroom aangestel. In dieselfde tyd het daar geweldige ontwikkeling op musiekgebied in Bloemfontein plaasgevind en die belofte van 'n orkes in Bloemfontein was 'n groot aantrekkingskrag (Lemmer, 1993, Onderhoud).

In 1973 het hy hom in Bloemfontein gevestig en is as dosent by die U O V S aangestel. Hiermee saam is hy as hooffluitspeler van die S U K O V S-Simfonieorkes aangestel. Hy is tans 'n deeltydse lid van die personeel van die Musiekdepartement en tree gereeld tydens konserte in Bloemfontein op (Lemmer, 1993, Onderhoud).

2.5.1.2 Uitvoerende Kunstenaars

Richard Lemmer het by talle geleenthede opgetree, hetsy as solis of as deel van 'n klein ensemble. In September 1954 het die studente van die U O V S en Onderwyserskollege 'n groot kermis aangebied. Hierdie fees is met 'n verskeidenheidskonsert op 20 September ingelui. Richard was verantwoordelik vir die klarinet-obligaat in 'n uitvoering van Schubert se *Der Hirt auf dem Felsen* deur Merle Cockroft. Arend Koole het die klavierparty behartig. By dieselfde geleentheid het hy saam met sy broer, Leonard, *Lo! Hear the gentle Lark* uitgevoer. (*Die Volksblad*, 16 en 21 September 1954).

Leonard Lemmer het by talle geleenthede saam met sy broer opgetree. Tydens konserte wat deur die Kunstenaars van die Toekoms aangebied is, het hulle gereeld opgetree.

In Oktober 1950 het daar 'n konsert deur dié vereniging georganiseer, in die Stadsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het Leonard saam met sy broer, Richard, Ben Bardi, J Cunningham, C van Zyl en P Venter 'n verwerking van die Finale van Mozart se **Sonate in F majeur** uitgevoer. Die verwerking vir twee viole, twee fluite, twee klarinette en tjello is deur Richard gedoen (*Die Volksblad*, 28 en 30 Oktober 1950).

By 'n ander konsert van dieselfde vereniging was Leonard weer lid van 'n houtblaas trio saam met Ivor Simmons (fluit) en Richard (karinet). Hulle het die presto-gedeelte uit die **Trio opus 87** (Beethoven) knap voorgedra. Die resensent het die uitvoering as uniek beskou en ook gesê dat kamermusiek heeltemal te min in Bloemfontein gehoor word (*Die Volksblad*, 23 Februarie 1953).

Leonard Lemmer het by talle ander konserte opgetree en gunstige kritiek vir sy spel ontvang. Op 15 Oktober 1955 het hy tydens die Eeufeeskonsert van Grey-kollege opgetree. Hy het saam met Richard en hulle pa, Petrus Lemmer, die **Valse de Concert** (Wilcocks) gespeel (*Die Volksblad*, 15 en 17 Oktober 1955).

Leonard het homself in 'n kort tydjie as 'n buitengewoon begaafde fluitspeler bewys toe hy op 12 Junie 1954 Mozart se **Fluitkonsert in G majeur** saam met die Johannesburgse Stadsorkes gespeel het. Die dirigent was Joseph Traunneck. Hy het ook tydens die Internasionale Kunsvereniging se Jeugfees dieselfde konsert saam met die Durbanse Stadsorkes gespeel. Sy pa, Petrus Lemmer, was die dirigent. Ander kunstenaars van

Bloemfontein wat saam met die orkes opgetree het, was Pat Swart (sang), Colette Havenga (suster van Norah Havenga), (sang) en Desmond Wright (klavier) (*Die Volksblad*, 5 Junie 1954; *The Friend*, 29 Junie 1954).

Leonard was ook een van die jong kunstenaars wat deur die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers aangewys is wat uitvoerings op die platteland aangebied het (*Die Volksblad*, 1 April 1955).

Leonard Lemmer het in die daaropvolgende jare gereeld sy verskyning in konserte gemaak. Hy was lid van 'n Barok ensemble en tree gereeld saam met 'n gevestigde kamerorkes, Consortium Musicum, op. Hy het ook by verskeie geleenthede as solis saam met die S U K O V S-Simfonieorkes opgetree (Lemmer, 1993, Onderhoud).

2.5.1.3 Deelname aan Kunswedstryde

Beide broers het uitmuntende prestasies in die plaaslike kunswedstryde behaal. Richard het as klarinetpeler en pianis aan hierdie wedstryde deelgeneem en baie goed presteer. Alhoewel Leonard in die meeste gevalle die enigste deelnemer in sy kategorie was, het hy altyd 'n A-simbool verower. In 1951 het hy 'n A-simbool in die wedstryd fluitsolo (12 jaar en onder) verower en in 1953 in dieselfde wedstryd (14 jaar en onder). Hy het homself ook as bekwame pianis bewys toe hy en Desmond Wright 'n A-simbool in die wedstryd twee klaviere (14 jaar en onder) verower het. In 1955 het Leonard weer eens

as fluitspeler uitblink en 'n A-simbool in die ouderdom 16 jaar en onder verower. Hy het ook 'n gunstige indruk gemaak tydens die finale konsert wat op 7 Mei aangebied is. Saam met Richard het hulle ook 'n A-simbool vir hulle duet verwerf (*Die Volksblad*, 16 Mei 1951, 5 en 6 Mei 1953, 6 en 7 Mei 1955; *The Friend*, 6 Mei 1955).

In 1954 het Leonard aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en 'n A-simbool verower in die wedstryd hout- of koperblaasinstrumente (16 jaar en onder). Saam met Richard het hy ook 'n A-simbool behaal vir hulle deelname aan die instrumentale ensemble (ope, amateur) (*The Friend*, 5 Mei 1954).

2.5.1.4 Pedagoog

As fluitdosent het Leonard Lemmer talle studente opgelewer wat uitstekende prestasies behaal het en wat vandag nog aktief in die musiekwêreld van Bloemfontein en ook in ander dele van die land betrokke is. In Bloemfontein is daar Patricia Lamusse (Musicon en lid van die S U K O V S-Simfonieorkes), Theo Venter (Pietermaritzburg), Llewellyn Graham, Ada Potgieter en Marie Oberholzer (Pretoria) (Lemmer, 1993, Onderhoud).

2.6 Samevatting

Tussen die jare 1900 en 1939 het dit duidelik geblyk dat die musici wat as groep die meeste tot musiekbevordering in Bloemfontein bygedra het die orreliste was. In die jare

onder bespreking het dit opgeval dat die orreliste nog steeds 'n geweldige invloed uitgeoefen het, aangesien baie van die vorige baanbrekers nog steeds aktief in Bloemfontein betrokke was. Wat wel waar is, is dat daar in dieselfde tyd 'n hele aantal nuwelinge op die toneel verskyn het wat ook 'n groot bydrae gelewer het en wat nie tot die orreliste-groep behoort het nie. 'n Hele aantal invloedryke en talentvolle musici is onder die pianiste gevind en in 'n mindere mate onder die violiste.

Ook is dit duidelik dat die grootste aantal instrumentiste wat in Bloemfontein opgelei is, pianiste was. Later het daar ook meer violiste op die musiektoneel verskyn wat 'n belangrike rol as orkesmusici gespeel het. Tussen 1950 en 1955 was dit egter die pianiste wat sonder uitsondering die meeste op die konsertverhoog verskyn het. Meeste van hulle was ook aan die Departement Musiek by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verbonde.

Vir 'n baie lang tyd was hierdie wanbalans in Bloemfontein teenwoordig. Dit was eers met die totstandkoming van die S U K O V S-Simfonieorkes dat daar 'n ander wending in die Bloemfonteinse musieklewe merkbaar was.

Soos vroeër reeds in die hoofstuk genoem is, het Petrus Lemmer, David Roode en Aubrey Karstel sekerlik die grootste bydrae tot musiek en die ontwikkeling daarvan in Bloemfontein gespeel. Hulle het as't ware die weg gebaan waarop daar slegs voortgebou kon word.

'n Aspek wat by talle van die vroeë musici voorgekom het, is die swak keuse van werke vir uitvoerings. Onbekende en meesal swak Engelse orrelmusiek is tydens konserte uitgevoer. Liturgiese orrelmusiek tydens gewyde orreluitvoerings in die verskillende kerke was ook heeltemal afwesig. 'n Drastiese verandering het egter plaasgevind toe Dolly Heiberg, Henriëtte Pauw en Anna Bobbert op die toneel verskyn het. Al drie orreliste het gepoog om van die erkende orrelliteratuur uit te voer.

Die pianiste wat in Bloemfontein gereeld op die konsertverhoog opgetree het, het almal erkende literatuur uitgevoer. Trouens, hulle keuses van werke en standaard van spel het uitstekend vergelyk met enige van die besoekende kunstenaars wat in Bloemfontein opgetree het. 'n Hele aantal pianiste sou wat standaard betref, glad nie vir die buitelandse pianiste hoef terug te staan nie. Onder hulle tel Henriëtte Pauw, Mary Rousseau, Arend Koole, Gertrude Kautzky en Japie Human.

Die handjievul violiste en tjelliste wat in die tydperk onder bespreking in Bloemfontein aktief as uitvoerende kunstenaars en onderwysers betrokke was, het meesal bevredigende werk verrig. Victor Pohl en Alma Kok het nou wel nooit van die groot vioolwerke uitgevoer nie, maar die resensies in die koerante getuig tog daarvan dat hulle oor 'n goeie kennis van die instrument en sy literatuur beskik het. Jack de Wet en Hermina Verster het wel van tyd tot tyd die bekende en moeilike werke uitgevoer. Daar moet egter bygesê word dat Pohl en Kok uiters belangrike werk in Bloemfontein verrig het.

Albert Steffens se bydrae as tjellis kan nie oor die hoof gesien word nie. Hy het nie alleen 'n belangrike rol in die ensembles verrig nie, maar het 'n groot deel van die publiek aan van die mooiste musiek uit die tjello-literatuur bekend gestel.

Die aandeel wat Leonard Lemmer destyds in die musieklewe van Bloemfontein gehad het, kan moeilik oorskat word, aangesien hy die weg gebaan het vir die moontlikhede van fluitonderrig wat voorheen heeltemal uitgesluit was. Hy doen vandag nog uitstekende werk as kunstenaar en pedagoog.

Bloemfontein kan met reg trots wees op die kunstenaars wat oor die jare hier werksaam was en steeds is. Al was almal se metode nie altyd dieselfde nie, was elkeen se mikpunt dieselfde, naamlik om van Bloemfontein 'n unieke musiekstad te maak.

HOOFSTUK 3

BLOEMFONTEINSE SANGERS EN SANGERESSE

'n Lang lys van sangers het tussen 1900 en 1939 in plaaslike konserte opgetree. Die meeste van hulle was amateurs wat groot genot daaruit geput het om hulle bydrae tot die kuns te lewer. Op grond van hulle amateurstatus is daar uit die aard van die saak nie 'n beroepstandaard by hul uitvoerings verwag nie (Human, 1976, p. 450). Vanaf 1940 het die lys van sangers en sangeresse egter nie verkort nie, maar daar het wel 'n verandering ingetree. Sommige van hierdie sangers was ook kunstenaars wat sang as 'n beroep beoefen het en groot sukses in Bloemfontein en in Suid-Afrika behaal het. Van dié sangers het ook met groot sukses in die buiteland opgetree.

In die tydperk 1940 tot 1955 het die amateursangers egter weer eens op die voorgrond getree en ook 'n baie belangrike rol in die musieklewe van Bloemfontein gespeel. Nie alleen het hulle in konserte opgetree nie, maar sommige van hulle het ook sangles gegee. Dit het tot gevolg gehad dat daar altyd 'n aantal sangers was wat gereeld opgetree het.

3.1 Cecilia Wessels

3.1.1 Lewenskets en loopbaan in die buiteland

Een van die sangeresse uit Bloemfontein wat dit baie ver op die gebied van sang gebring het, is ongetwyfeld die dramatiese sopraan, Cecilia Wessels. Haar stem kan beskou word as een van die indrukwekkendste wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Sy het nie net in Suid-Afrika beroemdheid verwerf nie, maar ook in die konsert- en operasale van Europa. Hierdie feite maak dit noodsaaklik om kortliks op gebeurtenisse uit haar lewe en werk te let.

Cecilia Wessels was die jongste dogter van Cornelius Wessels, 'n boer in die Bloemfontein-distrik wat teen die einde van sy lewe Administrateur van die Oranje-Vrystaat was. Dié sangeres wat uiteindelik een van Suid-Afrika se beroemdstes sou word, is op 7 Augustus 1895 in Bloemfontein gebore. Haar buitengewone sangstem en musikale aanleg is aan die Oranje Sekondêre Meisieskool deur 'n ene Nina Reinecke ontdek (Malan, 1986, p. 493; Haasbroek, 1990, p. 141).

Mej Wessels het egter eers op 22 vir die eerste keer in die openbaar opgetree en wel in die naamrol in 'n aanbieding van Cellier se operette, *Dorothy of Haddon Hall*, in Desember 1916. Na afloop van hierdie optrede is sy in 1917 toegelaat om in te skryf aan die College of Music in Kaapstad. Hier het sy sangonderrig van Eveline Fincken

ontvang. Mej Wessels was ook 'n leerling van Pierre de Beer en Mina Freud vir klavier en spraakkuns onderskeidelik. Tydens haar studiejare in Kaapstad het sy naam gemaak deur al die belangrikste toekennings op die Kaapse Eisteddfod in te palm. Sy het ook die geleentheid gehad om saam met die Kaapstadse Simfonieorkester onder die leiding van Theo Wendt en Leslie Heward op te tree (Haasbroek, 1990, p. 141; Bosman, 1959, p. 3). In haar finale jaar aan die kollege in 1920, het sy met prof James Hutcheon in die huwelik getree (Malan, 1986, p. 494). Hierna het die egpaar hulle in Johannesburg gaan vestig. Die feit dat Bloemfontein een van sy beste kunstenaars verloor het, is bykans deur die ganse stad betreur (Human, 1976, p. 505).

Cecilia Wessels se man is egter kort na hul huwelik oorlede. In 1922 het haar betreklik konserwatiewe vader ingestem dat sy haar studies aan die Royal Academy of Music in Londen kon voortsit. Haar leermeesters in die buiteland was onder meer Frederick King, Raymond von Zur-Muehlen, sir George Henschel, Albert Vissity en Georges Curelli. Mej. Wessels het altesaam 5 jaar aan die akademie studeer. In hierdie tyd het sy die L R A M (sang) met sukses verwerf (Malan, 1986, p. 494; Human, 1976, p. 506; Haasbroek, 1990, p. 144; Bosman, 1959, p. 3).

Tydens haar tweede jaar in Londen het Cecilia Wessels groot sukses in die Queen's Hall behaal en groot lof vir haar vertolking van rolle in **Tannhäuser**, **Il Trovatore** en **Carmen** ontvang. In 1924 moes sy haar studies en belowende konsertloopbaan tydelik onderbreek met die afsterwe van haar vader. Sy het toe na Suid-Afrika teruggekeer en

het in Mei 1924 in Bloemfontein aangekom. Terug in Suid-Afrika het sy 'n konserttoer onderneem en die gehore met haar artistieke vermoëns beïndruk (Malan, 1986, p. 494; Human, 1976, p. 506).

Aan die einde van 1924 is sy terug na Londen om haar studies voort te sit en ook om konsertverpligtinge aldaar en in Bournemouth, Manchester, Ramsgate, Portsmouth en ander sentra na te kom (Malan, 1986, p. 494).

In Desember 1925 was sy weer in Suid-Afrika. Dié keer vir haar huwelik met die welvarende myneienaar en mineraloog, Ernest Beecroft, wat vroeër in die destydse Suid-Rhodesië woonagtig was. Die egpaar het hulle toe in Kaapstad gaan vestig waar hulle groot huis 'n sosiale en artistieke fokuspunt vir musiek liefhebbers en andere was. Uit hierdie huwelik is twee kinders gebore, 'n dogter, Cecilia Magdalena, en 'n seun, Edwin John. Tot en met 1935 het Cecilia Wessels 'n hele paar konserttoere deur Suid-Afrika onderneem en verskeie, nou seldsame plaatopnames, vir Columbia en His Master's Voice gemaak (Malan, 1986, p. 494; Haasbroek, 1990, p. 145).

Al kon sy 'n optrede as Brunnhilde in 'n Covent Garden-produksie van Siegfried nie benut nie, het sy byna lewenslank kontak met Engeland en Europa behou. Sy het altesaam sowat 25 keer daarheen gereis en hoofsaaklik in die konsertsale en teaters van

Brittanje sukses behaal. In 1937 het sy die hoofrolle in **Die Walküre** en **Cavalleria Rusticana** tydens 'n Wagnerfees in Parys gesing. Die optredes het plaasgevind in die Opéra Comique onder leiding van die Wagner-spesialis, Karl Elmendorff (Malan, 1986, p. 494).

Vanaf 1938 was sy baie meer aktief in Suid-Afrika waar sy gaandeweg 'n nasionale figuur geword het. Tydens die Voortrekker-eeufees in Pretoria is sy aan 'n groot spektrum van Suid-Afrikaners voorgestel. Van toe af het sy deur konsertreise en talle openbare optredes, ook saam met die orkeste van Kaapstad, Durban en Johannesburg, en baie radioprogramme, 'n byna legendariese sangeres geword (Malan, 1986, p. 494; Bosman, 1959, p. 3).

Cecilia Wessels het selde 'n uitnodiging van die hand gewys om selfs in klein, afgesonderde gemeenskappe by funksies soos orrelinwydings, konserte vir liefdadigheid of plaaslike herdenkingsfeeste, op te tree. Sy moes 'n baie goeie persoon gewees het aangesien vergoeding nie 'n groot rol gespeel het nie. 'n Voorbeeld hiervan is toe Cecilia Wessels in 1967 in die nag vanaf Kaapstad na Oudtshoorn gereis het om as plaasvervanger tydens 'n spesiale konsert in die Kango-grotte op te tree - en dit in haar 72ste lewensjaar. 'n Treffende aspek van haar loopbaan was egter die duursaamheid van haar stem. Op 76 het Wessels ingewillig om opnames van onder andere Wagner-arias vir die S A U K te maak (Malan, 1986, pp. 494-495; Haasbroek, 1990, p. 146).

Tydens die jubileumfees van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1959) is haar bydrae as musikus met die oorhandiging van die Erepenning vir Musiek erken (Malan, 1986, p. 495; Bosman, 1959, p. 4).

3.1.2 Sanguitvoerings in Bloemfontein

In Bloemfontein het Cecilia talle uitvoerings gelewer en by verskeie geleenthede die publiek vereer met haar teenwoordigheid en besondere talent. In *Die Volksblad* van Maandag 29 Mei 1939 is 'n sanguitvoering ten bate van die Reddingsdaadbondfonds aangekondig. Cecilia Wessels het goedgunstig ingestem om op Dinsdagaand 27 Junie 'n Afrikaanse sangkonsert in die Bloemfonteinse Stadsaal aan te bied.

Volgens dieselfde koerant het mej Wessels kort tevore 'n baie geslaagde konsert in Bloemfontein aangebied. Sy het dadelik ingewillig om met haar talent 'n bydrae te lewer tot die groot Afrikanersaak waartoe dr J D Kestell die hele land opgeroep het. Die Filharmoniese Vereniging wat reeds aan die publiek bekend was weens die hoogstaande gehalte van hul vorige konserte het ook tydens dié konsert opgetree.

In *Die Volksblad* van 17 Junie 1939 het 'n soortgelyke aankondiging verskyn. Hierin word Cecilia Wessels se begeleier ook genoem, naamlik David J Roode.

Op 23 Junie 1939 verskyn 'n uitgebreide artikel in *Die Volksblad*. Hierdie keer word die artikel in geheel aan Cecilia Wessels gewy. Daar is melding gemaak dat dit 'n buitengewone geleentheid vir alle Afrikaners in Bloemfontein sou wees om gelyktydig met die ondersteuning van 'n groot volksaak, ook die voorreg te hê om na 'n sangeres soos Cecilia Wessels te luister. Haar program sou hoofsaaklik uit Afrikaanse liedere bestaan. Verder in die artikel word daar van al haar suksesse in Suid-Afrika asook in die buiteland melding gemaak. Daar word genoem dat sy daardie spesifieke aand ook arias uit verskillende operas sou sing, bygestaan deur die Filharmoniese Orkes. Na hierdie konsert in Bloemfontein het sy na Durban vertrek waar sy drie konserte saam met die Durbanse orkes aangebied het.

Mej Wessels sou ná haar optrede in Bloemfontein 'n konsertreis deur die destydse Unie onder beskerming van die F A K onderneem. Tydens dié konserte sou sy uitsluitlik Afrikaanse liedere sing en die helfte van die opbrengs was ten bate van die Reddingsdaadbondfonds. Met hierdie konsertreis is nie alleen die Reddingsdaadbondfonds versterk nie, maar ook is die Afrikaanse lied op treffende wyse aan die publiek bekendgestel. Hierdeur is groter begrip en entoesiasme vir sang aangewakker (*Die Volksblad*, 29 Mei 16 Junie 1939).

In 1940 is Cecilia Wessels terug in Bloemfontein. Hierdie keer was die fondse wat ingesamel is ten bate van die Oranje Vrouevereniging. 'n Eerste berig oor hierdie konsert het in *Die Volksblad* van 18 Mei verskyn. Hierin word sy as 'n "groot dramatiese

sopraan" aangekondig. Hierdie konsert het op 22 Junie 1940 plaasgevind en sy is weer eens deur David Roode begelei.

'n Opskrif, "Sangfees vir Bloemfontein" verskyn by 'n artikel in *Die Volksblad* van 14 Junie 1940 waarin die konsert van 22 Junie 1940 in detail aan die publiek bekendgestel is. Tydens hierdie konsert sou die reeds baie bekende Cecilia Wessels in 'n program van hoofsaaklik Afrikaanse liederes optree. In die betrokke artikel word daar genoem dat sy oor 'n buitengewone sterk sopraanstem beskik, met 'n besonder wye omvang en 'n besondere kwaliteit. Sy het met groot gemak gesing en het selfs in die hoogste register geen tekens van skrilheid getoon nie. Met haar natuurlike aanleg wat ontwikkel is tot hoë tegniese vaardigheid, het sy in elke sangstuk 'n bewys daarvan gelewer. Daar kan tereg gesê word dat Cecilia Wessels een van die grootste sangeresse van haar tyd in Suid-Afrika was. Die volledige program wat sy tydens hierdie konsert aangebied het, is in hierdie artikel toegelig. Haar program het werke ingesluit van onder meer, Handel, Beethoven, Brahms, Mornay du Plessis, D J Roode en S le Roux Marais, asook enkele opera-arias.

Verdere kennisgewings van hierdie unieke konsert verskyn in *Die Volksblad* van 18 en 20 Junie 1940. In hierdie artikels word mej Wessels se lof besing deur aanhalings uit buitelandse resensies oor haar optredes in verskeie operas. Die Franse uitgawe, L'Art Musical van 1937 het soos volg geskryf: "Die Suid-Afrikaanse dramatiese sopraan Cecilia Wessels is 'n kunstenaar van baie hoë gehalte, wat die operas van Wagner

meesterlik vertolk." Kommentaar uit Engeland was die volgende: "Cecilia Wessels kan beskou word as een van die beste sangeresse van Engeland. Wie die voorreg gehad het om haar te hoor sing, sal dit nooit weer vergeet nie." 'n Ander resensie wat na afloop van haar vertolking van Brunnhilde in **Die Walküre** (Wagner) verskyn het, het soos volg gelui: "The house (Sadler's Wells-teater) was full to capacity with an audience whose enthusiasm was equal to a Covent Garden gala night. Curtain call after curtain call! Excitement rose to a high pitch at the close of the third act when in the scene between Brunnhilde and her father Wotan, Cecilia Wessels's voice came over the footlights in a wealth of rich beautiful sound. As an actress with very little experience she showed an individual understanding of Brunnhilde's pleading and final resignation which was very refreshing.... Her temperament led her into a truer feeling of what was right than any years of tradition could have done, because she has a natural gift for the stage." (Haasbroek, 1990, p. 144).

In die genoemde berigte en resensies word weer eens klem gelê op die feit dat dit hoofsaaklik 'n Afrikaanse Sangkonsert sou wees, om sodoende die moedertaal deur middel van sang te verhef (*Die Volksblad*, 18 en 20 Junie 1940).

Dit is in baie gevalle waar dat 'n profeet nie in sy eie land geëer word nie. Dit kan nie van Cecilia Wessels gesê word nie. Hierdie sangeres uit Suid-Afrikaanse bodem en wel uit Bloemfontein, was werklik beroemd en bemind in haar vaderland. Cecilia Wessels was by uitstek 'n sangeres met 'n aanleg en voorliefde vir swaar dramatiese

operas-arias. Ten spyte daarvan was haar vertolking van **Die Stem van Suid-Afrika** en volksliedere van die ou Vrystaatse- en Transvaalse Republieke ongetwyfeld van die hoogtepunte van haar uitvoering (*Die Volksblad*, 24 Junie 1940).

Met een uitsondering, naamlik **Pleurez mes Yeux**, uit die opera **Le Cid** van Massenet, wat sy in die oorspronklike Frans gesing het, is die res van haar uitmuntende program van sewentien items en vier toegifte in Afrikaans voorgedra. Vanaf die openingsitem, **Largo** van Handel, tot met haar slot-item, die bekende **Vissi d'arte** uit die opera **Tosca**, het sy die gehoor aan haar voete gehad. David Roode wat die begeleiding waargeneem het, het mej Wessels ook skitterend begelei in sy eie uitstekende komposisie, **Oktobermaand**. Hierdie sangstuk het 'n groot applous ontvang. Dit is interessant dat die program uit vier dele bestaan het, waarvan twee van die dele aan die Afrikaanse liedere gewy is. 'n Verdere verrassing op die program was mej Wessels se toegif, naamlik die **Halleluja** van Handel (*Die Volksblad*, 24 Junie 1940).

Op 18 September 1941, 27 November 1945, 12 November 1951 en 17 April 1949 het sy in Bloemfontein opgetree. Tydens hierdie konserte het sy of alleen opgetree of saam met ander kunstenaars. In 1941 het sy saam met die Hollandse pianis, Willem Eggink, opgetree. Die konserte van 1945 en 1951 het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging in die Stadsaal en die Clarendonsaal plaasgevind. Haar optrede in het die vorm van 'n lewendige uitsaaiprogram vanuit die Bloemfonteinse ateljee

aangeneem (*Die Volksblad*, 18 September 1941, 28 November 1945, 13 November 1951 en 5 September 1949).

Aangesien Cecilia Wessels oor 'n uitgebreide repertorium beskik het, het sy programme van 'n wye verskeidenheid aangebied. Dit het wel duidelik geblyk dat sy wel voorkeur aan sommige werke gegee het. Werke wat in byna al haar programme verskyn het, was **Oktobermaand** (D J Roode), die **Halleluja** (Handel), **Liefdesweë** (Mornay du Plessis), **Dich theure Halle grüss' ich wieder** uit **Tannhäuser** (Wagner), **Madre, pietosa Vergine** uit **La Forza del Destino** (Verdi), **Piano, piano, canto pio** uit **Der Freischütz** (Weber), **Largo** van Handel en **Vissi d'arte** uit **Tosca** van Puccini (*Die Volksblad*, 22 September 1941 en 28 November 1945).

Hier volg 'n voorbeeld van 'n tipiese program wat sy by een van haar konserte in Bloemfontein aangebied het:

Sibelius:	The Tryst
Rachmaninoff:	Spring Waters
Bach:	Bist du bei mir
Strauss:	Allerseelen
Schubert:	Die Allmacht
Catalini:	Ebben N'andro
Puccini:	In quelle trine morbide
Massenet:	Pleurez mes Yeux
Weber:	Twee arias uit Der Freischütz

Haar begeleier was in die meeste gevalle David Roode, wat hom uitstekend van sy taak gekwyt het. By 'n ander geleentheid het Jean Rohr as begeleier opgetree. Kyk Bylae, p. 16 (*Die Volksblad*, 18 September 1941, 28 November 1845 en 13 November 1951).

Ten spyte van Cecilia Wessels se puik reputasie en geweldige beroemdheid, was die resensies nie altyd in alle opsigte positief nie. Die resensie van *Die Volksblad* (22 September 1941) het soos volg geskryf: "Mej Wessels was nie heeltemal so goed by stem as wat ons haar voorheen al gehoor het nie, maar het nogtans telkens die uitbundigste toejuiging uitgelok." Na afloop van haar uitvoering in 1951 het die resensie dit bevraagteken of daar in daardie stadium nog 'n sangeres was wat die arias uit *Der Freischütz* van Weber op so 'n aangrypende wyse kon sing. Oor die algemeen is haar sang gekomplimenteer wat suiwerheid, helderheid, diksie, omvang en volume betref (*Die Volksblad*, 22 September 1941 en 13 November 1951).

In 1946 en 1949 het die Bloemfonteinse publiek die voorreg gehad om na Cecilia Wessels se sang te gaan luister met orkesbegeleiding. Tydens die Bloemfonteinse Euefees het sy op 2 April 1946 'n uitvoering saam met die Simfonieorkes van die S A U K onder leiding van Jeremy Schulman gegee. Sy het *Liebestod* uit *Tristan en Isolde* (Wagner) en *Senta se Ballade* uit *Die Vlieënde Hollander* (Wagner) gesing. In September 1949 het sy saam met die Kaapstadse Simfonieorkes in die Stadsaal in 'n uitvoering van 'n aria uit *Donna Anna* (Mozart) en 'n aria uit *Der Freischütz* (Weber)

opgetree. Die dirigent was Enrique Jorda (*Die Volksblad*, 13 en 14 Februarie 1946 en 8 September 1949).

"Cecilia Wessels in haar element" So lui die opskrif van die resensie uit *Die Volksblad* van 3 April 1946. Volgens die resensent het mej Wessels 'n triomf behaal met haar vertolking van die twee arias van Wagner. Dit was skynbaar die eerste keer dat die Bloemfonteinse publiek die geleentheid gehad het om na Cecilia Wessels te luister waar sy saam met volle orkesbegeleiding gesing het en dit boonop in arias van Wagner waarmee sy wêreldwyd bekendheid verwerf het. Tydens hierdie uitvoering het nie net die intensiteit van haar stem die publiek getref nie, maar ook die artistieke voordrag en die gemak van haar stemproduksie. Sy het volgens die resensent 'n kragtige hoogtepunt in die treurlied bereik, terwyl die ballade met die fynste beheersing en gevoel voorgedra is. Die orkes het hom goed van sy taak gekwyd, maar kon met tye 'n bietjie sagter gespeel het. Met hierdie konsert het 'n ander Bloemfonteinse kunstenaar as soliste opgetree, naamlik die pianiste Henriëtte Rossouw.

Cecilia Wessels se klankryke en helder stem het weer eens beïndruk tydens die uitvoering in 1949. Daar is ook melding gemaak van die besondere aanvoeling tussen die sangeres en die orkes. Sy is oorweldigend toegejuig en was verplig om 'n toegif te sing. Sy het Elisabeth se **Begroeting van die kunssaal** uit **Tannhäuser** van Wagner gesing (*Die Volksblad*, 8 September 1949).

Cecilia Wessels het in hierdie tyd ook gereeld by die Oranje Meisieskool opgetree. Sulke optredes het in 1946 en 1949 plaasgevind. By geleentheid het sy ook uitvoerings in kerke gelewer. So 'n uitvoering het op 2 Desember 1951 in die Ned Geref Kerk Bloemheuvel plaasgevind. By daardie geleentheid het sy *Hemelse Rus* van Handel en *Die Skeppingslied* van Beethoven gesing (*Die Volksblad*, 8 April 1946, 5 September 1949 en 1 Desember 1951).

Werke wat sy by die skool gesing het, het ingesluit: *Largo* (Handel), *Pleurez mes Yeux* uit *Le Cid* van Massenet, *Care Selve* (Handel), *Santuzza se aria* uit *Cavalleria Rusticana* (Mascagni) en *Love and Music* uit *Tosca* van Puccini (*Die Volksblad*, 8 April 1946).

Cecilia Wessels het nog tot kort voor haar dood in konserte opgetree. Sy het in talle afskeidskonserte dwarsoor die land opgetree. Een van haar laaste konserte in Bloemfontein het in 1969 in die Odeion plaasgevind. Dit kan toegeskryf word aan haar geweldige deursettingsvermoë en die natuurlike sangtegniek wat sy ontwikkel het. Vitaliteit was oor haar hele leefwyse geskryf. Sy was 'n sprankelende persoon met 'n oorweldigende lewensblyheid. Cecilia Wessels wat ook by geleentheid "Die Stem" van Suid-Afrika genoem is, is op 14 Desember 1970 na 'n beroerte-aanval in Kaapstad oorlede. Sy is op die plaas Plaatjiesfontein in die distrik Trompsburg begrawe (Malan, 1986, p. 482; Haasbroek, 1990, pp. 150 en 151).

3.2 Jennie Hadlow

3.2.1 Lewenskets

In 1915 het 'n sangeres, mej. Jennie Connell, haar in Bloemfontein gevestig om sangonderrig aan die Eunice Meisieskool te gee. Sy het met verloop van tyd 'n baie belangrike rol in die musieklewe van Bloemfontein gespeel. Sy het haarself as sangeres, koorleier en sangonderwyseres bewys (Human, 1976, pp. 495-496).

Diegene wat die voorreg gehad het om by haar les te neem, of in haar koor te sing, of saam met haar te werk, of as 'n solis saam met haar te kon optree (van hulle nog in Bloemfontein woonagtig), getuig steeds van die groot betekenis wat hierdie talentvolle dame vir die vooruitgang van musiek, veral sang, in Bloemfontein gehad het (Human, 1976, p. 496). Bekende Bloemfonteinse persone wat wel die voorreg gehad het om saam met Jennie Hadlow te werk, is Benedictus Kok, Alma Kok en Freda Roode (Kok, 1989, Onderhoud).

Jennie Connell is in 1888 in Glasgow, Skotland gebore. Sy was die dogter van Robert Connell. Hy was 'n musiek- en dramakritikus van die *Glasgow Herald* en haar ma was 'n begaafde musikus. Jennie en haar twee susters het dus in 'n huis opgegroeï waarin musiek 'n baie belangrike rol gespeel het. Toe Jennie vier jaar oud was, het haar vader en sy familie na Suid-Afrika verhuis en hulle in Johannesburg gevestig. Hier was Robert

by die koerant, *The Star*, werksaam as litirêre- en dramakritikus (Human, 1976, p.496).

Jennie het haar skoolopleiding, asook klavier- en vioollesse aan die Girls' Collegiate-skool in Pietermaritzburg ontvang. Sy moes besonder skrande gewees het, want sy het matriek op die vroeë ouderdom van vyftien jaar geslaag. Sy het toe reeds die Gevorderde musiekeksamens van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop in beide viool en sang afgelê. Hierna het sy die Natalse Onderwysdiploma, T2 verwerf en 'n betrekking as onderwyseres aan die Merliston-seunskool in Pietermaritzburg aanvaar (Human, 1976, p. 496).

Na haar vader se dood, het haar moeder die nodige fondse beskikbaar gestel om haar musiekstudies aan die Royal Academy of Music in Londen voort te sit. Slegs drie maande ná haar aankoms in Londen het sy die L R A M (sang) verwerf. Die eksaminator, Alberto Randegger (1832-1911) het groot lof gehad vir die kwaliteite van haar altstem en voordragtalent. Tydens die twee jaar wat sy in Londen gewoon het, het sy sangonderrig van Harry Plunket Greene (1865-1936) en Theodor Lierhammer (1886-1937) ontvang (Human, 1976, pp. 496-497).

Met haar terugkeer na Suid-Afrika, het sy 'n onderwyseres aan die Riebeeck-kollege te Uitenhage aanvaar. Hier was sy werksaam totdat sy die pos as sangonderwyseres aan die Eunice Meisieskool in Bloemfontein aanvaar het. In die tussentyd is sy op 3

Desember 1921 met William Hadlow getroud. Hy was 'n soldaat gedurende die Eerste Wêreldoorlog. Tydens die oorlog was hy in aanraking met gifgas en kon fisies nie weer daarvan herstel nie. Jennie Hadlow het tot in 1923 haar werk as sangonderwyseres aan die Eunice Meisieskool voortgesit (Human, 1976, pp. 497-498).

In Januarie 1924 het Hadlow haar eie sangateljee in Bloemfontein begin. In dieselfde jaar is haar dogter, Joan, gebore. Mev Hadlow se eggenoot is in die daaropvolgende jaar oorlede. Hierna het sy haar uitsluitlik gewy aan die opvoeding van haar dogter, haar werk as onderwyseres, haar bydrae tot die musieklewe in Bloemfontein en haar dameskoor (Human, 1976, p. 498).

Dit is onseker waar haar ateljee presies was. Volgens Human (1976, p. 498) was dit in St Georgestraat. Volgens 'n advertensie van haar sangateljee in *Die Volksblad* (26 Januarie 1940) was die ateljee in Lennox-huis in Douglasstraat 81. Die moontlikheid bestaan ook dat haar ateljee met die jare van perseel verander het.

Met die totstandkoming van die Departement Musiek in 1946 aan die destydse Universiteitskollege is Jennie Hadlow as dosente in sang aangestel (De Villiers, 1972, p 3).

3.2.2 Sangeres en Onderwyseres

Volgens Benedictus Kok was Hadlow een van die beste sangeresse in Bloemfontein en

het sy 'n buitengewoon pragtige stem gehad. Verder het hy ook gesê dat een van mev Hadlow se studente, naamlik Anna Jackson, later van tyd een van die beste sangeresse in Bloemfontein geword het (Kok, 1989, Onderhoud).

Mev Hadlow het wel van tyd tot tyd haar verskyning voor die Bloemfontein Music Club gemaak, waarvan sy ook lid was. Tydens 'n konsert wat op 29 Oktober 1941 plaasgevind het, het Jennie Hadlow saam met Charles Hamer 'n duet gesing, naamlik **How sweet the moonlight sleeps** van Liza Lehmann (*The Friend*, 31 Oktober 1941).

'n Bewys van Jennie Hadlow se bekwaamheid as onderwyseres getuig uit die prestasies wat haar leerlinge tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1939 behaal het. Eerste pryse is toegeken aan Anna Jackson (altsolo), Christine Lamb (mezzo-sopraansolo), Jessie Cooper (ligte sopraansolo) en Catharine de Villiers (solo 18 jaar en onder). 'n Tweede plek is behaal deur mevv D G van der Merwe en Anna Jackson in die afdeling sangduo. 'n Verdere uitstaande prestasie wat mev Jackson behaal het was die verowering van die Roode-skild. Dié skild is toegeken aan die algehele wenner van al die verskillende sangafdelings. Sy het ook 'n silwer medalje vir haar uitstekende sang ontvang (*Die Volksblad*, 15 Mei 1939).

Tydens die kunswedstryd van 1941 het Hadlow se leerlinge uitsonderlike prestasies behaal. In die afdeling meisies 18 jaar en onder (sangduo), het Rita Karstel en Joan Hadlow die eerste plek verower. Rita Karstel het ook die eerste plek in die afdeling,

sangsolo (18 jaar en onder) ingepalm. 'n Ander briljante leerling van mev Hadlow, soos reeds genoem, was Anna Jackson. Sy verower dan ook die eerste plek in die afdeling, mezzo-sopraansolo. Vir die tweede agtereenvolgende keer het Anna Jackson ook die Roode-skild vir die beste sangsolo ontvang (*Die Volksblad*, 20 Mei 1941).

Uit die voorafgaande uitslae en prestasies van die leerlinge van Jennie Hadlow, is dit duidelik dat sy sekerlik as een van die beste sangonderwyseresse van haar tyd in Bloemfontein was.

Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing het Anna Jackson die afdeling, mezzo-sopraan gewen (*Die Volksblad*, 22 April 1940).

Hadlow se leerlinge het ook uitstekende prestasies in die jaarlikse eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika behaal. 'n Leerling wat besonder goed gevaar het, was mej Christine Lamb (later Stewart). Sy is deur die eksaminatore aanbeveel vir 'n uitvoering. Dit is die eerste sangstudent in die Vrystaat wat hierdie prestasie behaal het (*Die Volksblad*, 7 November 1940).

Mev Hadlow se dogter, Joan, het ook uitstekend gepresteer in 1949 deur die U N I S A - beurs vir oorsese studie te verower. Sy het in Februarie 1949 na Londen vertrek waar sy haar sangstudies voortgesit het. Haar ma, Jennie het haar by daardie geleentheid vergeesel (*Die Volksblad*, 25 Januarie 1949). Vroeg in Januarie 1950 het daar 'n berig in

Die Volksblad (20 Januarie 1950) verskyn wat bekend gemaak het dat mev Hadlow na ongeveer 'n jaar in die buiteland weer terug was in Bloemfontein. Jennie Hadlow het met groot opgewondenheid *Die Volksblad* vertel van die wonderlike operas, orkeswerke en ander konserte wat sy bygewoon het. Sy het ook van die beroemde dirigente se afrigtingsklasse bygewoon, naamlik sir Thomas Beecham en die Italiaanse dirigent, Celibidache. Sy het self vir 'n tydjie gestudeer. Hieruit kan 'n mens aflei dat Jennie Hadlow gepoog het om deurgaans op hoogte te bly met al die nuutste onderrigmetodes.

3.2.3 Ander aktiwiteite

As violiste het Jennie Hadlow ook 'n waardevolle bydrae gelewer. Van haar dienste is veral gebruik gemaak wanneer 'n orkes vir 'n uitvoering byeengebring moes word. So het sy in 1948 die tweede viole gelei in die opvoering van *Lilac Time*, 'n operette wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging in die Grand-teater aangebied is. Kyk Bylae, pp. 46-48 (Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948).

Teen die einde van 1950 het dit bekend geword dat Jennie Hadlow haar ateljee vir 'n onbepaalde tyd gesluit het. Sy het na Kaapstad gegaan waarna sy na Engeland gereis het om haar by haar dogter, Joan, aan te sluit (*The Friend*, 14 Desember 1950). Jennie Hadlow het in 1953 in Kaapstad afgetree en is op 19 Junie 1973 oorlede (Kilner, 1992, Brief).

3.3 Benedictus Kok

Die musiekkultuur van Bloemfontein sou sonder enige twyfel veel armer gewees het as dit nie was vir 'n veelsydige persoon soos Benedictus Kok nie. Hierdie man het 'n onuitwisbare aandeel in die musieklewe van Bloemfontein gehad. Hy het hom nie net onderskei as sanger nie, maar het uitgeblink as musiekkritikus, orrelis, komponis, organiseerder en stigter van seker een van die belangrikste verenigings wat in Bloemfontein tot stand gekom het, naamlik Die Vrystaatse Musiekvereniging.

3.3.1 Lewensoorsig

Benedictus Kok is op 15 Desember 1907 op Heilbron gebore. Sy moeder was 'n lid van die Mentz-familie wat bekend was vir hul musikale agtergrond. Hy het dus op 'n baie vroeë ouderdom met musiek kennis gemaak. Op Frankfort, waar hy op skool was, het hy klavierles geneem. Hier het hy ook kennis gemaak met 'n aantal ander instrumente en hulle selfs leer speel. Saterdaggaande het hy tydens filmvertonings die klavier in die bioskoop gespeel (Malan, 1984, p. 139).

Benedictus Kok slaag die matriekeksamen op Frankfort en in 1927 behaal hy die B A -graad aan die destydse Grey-Universiteitskollege. In 1928 voltooi hy ook die Ho"er Onderwysdiploma aan dieselfde inrigting. In 1929 was hy onderwyser in Afrikaans en Engels op Parys en in 1930 keer hy terug na die Universiteitskollege om die graad M A

in Afrikaans te voltooi. Die volgende vier jaar was hy weer as onderwyser in Parys werksaam (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1942)

In 1935 het Benedictus Kok na Holland vertrek waar hy vir drie jaar aan die Gemeentelike Universiteit in Amsterdam en die Ryksuniversiteit in Utrecht gestudeer het. Hier verwerf hy sy doktorsgraad. Van die professore onder wie hy gestudeer het sluit in, J L Prinsen, A Verdenius en C G N de Vooijs. Terug in Suid-Afrika het hy weer vir 'n jaar op Parys onderwys gegee (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1942).

Aan die begin van 1939 is hy as lektor in Hollands aan die destydse U K O V S aangestel. In 1940 behaal hy 'n doktorsgraad van die Universiteit van Suid-Afrika met 'n proefskrif wat handel oor die vergelyking in die Afrikaanse volkstaal. Tydens hierdie jare het prof Kok nie net op akademiese vlak uitmuntend gepresteer nie, maar ook op sportgebied. In Holland het hy internasionale rugby gespeel. Hy was ook 'n kranige tennisspeler wat altyd lid van die U K O V S se eerste tennisspan was en toe ook later die kaptein geword het. As atleet was Benedictus Kok die kollege se kampioen oor die half myl, die myl en die vier myl (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1942).

Op Maandag 23 Februarie 1942 is daar deur die Raad van die destydse Universiteitskollege van die Vrystaat besluit om dr B Kok as professor in Afrikaans aan te stel. Hy het die plek van prof D F Malherbe ingeneem (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1942).

Volgens 'n onderhoud (3 April 1989) met prof Kok het hy in 1939 in Bloemfontein aangekom. Sedert sy aankoms in Bloemfontein het hy intens in musiek belanggestel. Musiek was volgens hom, sy lewe. Tydens sy studiejare oorsee het hy alreeds in musiekprogramme oor die radio opgetree (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1942).

3.3.2 Deelname aan Kunswedstryde

Reeds in 1941 het dr Benedictus Kok tydens die Vrystaatse Kunswedstryd getoon waartoe hy in staat is. Hy het 'n mannekwartet op die been gebring waarvan hy self lid was en wat hulself vir die kunswedstryd ingeskryf het. Hierdie kwartet het bestaan uit mnre Cecil Barry, Bonnie Jackson, dr Paul Fischer en dr Benedictus Kok. Benedictus Kok se kwartet het die tweede prys verower. Volgens die beoordelaar het die kwartet uitstekende beheerste stemgebruik openbaar. Die balans tussen al vier die stemme was ook bevredigend. Die kwartet van prof David Roode het die eerste plek verower (*Die Volksblad*, 16 Mei 1941).

Tydens die kunswedstryd van 1945 het Kok se kwartet die eerste prys in die afdeling kwartet (ope, here) verower. Volgens die beoordelaar het hulle 'n goeie vertolking van die **Gebed** uit **Der Freischütz** van Weber gegee (*Die Volksblad*, 19 Mei 1945).

Tydens die kunswedstryd van 1943 het Benedictus Kok in drie afdelings, naamlik vokaal, instrumentaal en as komponis, uitstekend geprester. Hy het vyf eerste pryse

verower met 'n laagste persentasie van 85. Hy verower eerste pryse in die volgende afdelings: tenoorsolo, 89%; sangduo ope vir twee here, 89%; kwartet ope vir here 90%; klavier bladles ope 87% en oorspronklike komposisie, ope (vierstemmige lied vir gemengde koor met begeleiding), 85% (*Die Volksblad*, 17 Mei 1943).

Benewens hierdie komposisie vir die kunswedstryd het Kok ook nog ander komposisies op sy kerfstok. Hy het onder andere die skoollied van Parys gekomponeer, die lied van die Vroue-Landbou-Unie en 'n **Ossewa-lied**. Prof Kok besit verder nog 'n hele aantal ongepubliseerde komposisies (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1942).

Tydens die kunswedstryd van 1945 het prof Kok weer eens uitblink in die afdeling tweestemmige komposisie met begeleiding. In hierdie afdeling het hy die eerste prys verower (*Die Volksblad*, 15 Mei 1945). Verder is die eerste prys aan hom toegeken in die afdeling opera of oratorium (tenoor ope). Benedictus Kok het **Blaas die Alarm** uit **Judas Maccabaeus** van Handel gesing (*Die Volksblad*, 16 Mei 1945). Hy het ook die eerste prys verower in die afdeling tenoor (ope) met sy vertolking van **O Skoonheid Betowerend** (Goring Thomas). Hy en Marion Key het ook voortreflike sang in die afdeling, sangduo gelewer (dame en heer). In 'n gemengde kwartet het Benedictus Kok ook sy deel bygedra en 'n eerste plek behaal. Die beoordelaar was besonder ingenome met die uitstekende balans tussen die verskillende stemme (*Die Volksblad*, 17 Mei 1945).

Hierdie kwartet is later uitgebrei tot 'n dubbele kwartet bestaande uit proff Kok, P W Groenewoud, mnre Bonnie Jackson, Jurie Fourie, Gerhard Olivier, Frikkie en Thys Naudé en dr Paul Fischer. Op 27 Augustus 1946 het hierdie dubbele mannekwartet die geleentheid gehad om oor die radio op te tree. Kok het self as begeleier die klavier of die trekklavier bespeel. Op die program was daar onder andere volkswysies van Duitse afkoms wat deur prof Kok self verwerk is. Sarel du Toit, een van Bloemfontein se jeugdige sangers het ook aan die uitsending deelgeneem (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1946).

Hierdie dubbele kwartet het by verskeie geleenthede opgetree. Hulle het onder andere in die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging opgetree. Op 28 Maart 1947 het hulle tydens 'n geselligheid van die Nederlandse Vereniging opgetree. In 1946 en 1948 het hulle weer eens hulle verskyning voor die Bloemfonteinse publiek gemaak. Die konsert van 1946 het op 1 Julie tydens die opening van die F A K-kongres in die Stadsaal plaasgevind. Hierdie groep het soms ook in ander dorpe opgetree soos op 23 Oktober 1948 tydens die Bethlehemse Musiekvereniging se konsert (*Die Volksblad*, 4, 21 Junie en 2 Julie 1946, 27 Maart 1947, 24 Februarie en 16 Oktober 1948).

Dit blyk duidelik dat hierdie groep manne hulle in 'n groot mate op volkswysies toegespits het. Hulle het groot lof vir hulle vertolkings van **Liewe Maan**, **My Vrystaatland**, **Ek groet my gryse berge**, **Nooi van die velde**, **Die kêrel van die Pêrel** en **Om die kampvuur** gekry. Hierdie dubbele kwartet was beslis 'n baie gewilde groep

onder die konsertgangers van Bloemfontein. Benedictus Kok was in sommige gevalle ook verantwoordelik vir die aanbieding van die konserte. Ander kunstenaars wat saam met hulle opgetree het, was Jack de Wet (viool), Anna Jackson (sang) en Alma Kok (viool) (*Die Volksblad*, 4, 21 Junie en 2 Julie 1946, 24 Februarie en 16 Oktober 1948).

3.3.3 Deelname aan Kantates, Oratoriums en Operettes

As solosanger het Benedictus ook uitgeblink. Hy is gereeld genader om die tenoorrolle in verskillende kantates en oratoriums te sing. Tydens die uitvoering van die kantate **Daniël** onder leiding van Aubrey Karstel, het prof Kok die rol van Daniël vertolk. In die resensie word daar melding gemaak van die feit dat die sukses van 'n kantate-uitvoering in 'n groot mate van die soliste afgehang het. Volgens *Die Volksblad* (10 November 1941) was prof Kok net die regte man vir die rol. Hy het ook in die koor van prinse sy deel bygedra. Verder word genoem dat prof Kok nie oor 'n sterk tenoorstem beskik nie, maar wel besonder suiwer. Sy artikulasie was byna volmaak en sy frasering ook baie goed. Uit dié resensie is dit duidelik dat prof Kok hom baie goed van sy taak gekwyt het en dat hy 'n gunstige indruk gemaak het.

Benedictus Kok het tydens die uitvoering van die kantate **Dawid, die Herderseun** weer eens beïndruk. Hy het deel gehad aan die sing van trio's en kwartette. Volgens die resensent kon mens die klokhelder tenoorstem van prof Kok baie duidelik hoor

(*Die Volksblad*, 23 Maart 1942). Tydens die herhaling van hierdie kantate op 17 Oktober 1942 het Benedictus Kok hom weer eens bewys as bekwame solis. Hy het ook deelgeneem aan sekere van die duette en kwartette. In die ensemble-sang het hy 'n gunstige indruk gemaak (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1942).

As oratoriumsanger het Benedictus Kok sy stempel in Bloemfontein afgedruk. In 1943 en 1946 het hy die tenoorrolle in **Die Messias** (Handel) en **Die Skepping** (Haydn) met groot sukses gesing. **Die Messias** is op 26 Maart en later weer op 29 Mei 1943 in Bloemfontein uitgevoer. Volgens die resensent was die sang van die damesoliste meer bevredigend as die manstemme tydens die eerste uitvoering. Die mansoliste het egter met meer vertroue en musikaliteit by die herhaling van hierdie oratorium gesing. Benedictus Kok het uitblink in die veeleisende resitatief **Troos nou** en die daaropvolgende aria, **Alle dale, diep ravyne** (*Die Volksblad*, 27 Maart en 31 Mei 1943).

Die Skepping van Haydn is ook twee keer uitgevoer. Die uitvoerings het op 1 en 3 April 1946 in die Stadsaal plaasgevind. Tydens die eerste aanbieding was David Roode die dirigent met 'n klein ensemble onder die leiding van Victor Pohl. Alhoewel dit duidelik was dat Kok met inspanning gesing het, het hy nogtans vir een van die mooiste oomblikke gesorg, naamlik die resitatief **In volle glans verskyn die son**, wat in die aria oorgegaan het. Op 3 April is die begeleiding tydens hierdie uitvoering deur die Simfonieorkes van die S A U K waargeneem met Jeremy Schulman as dirigent. In die

resensie is melding gemaak dat Benedictus Kok hoogs in sy skik was met die versterkte begeleiding. Hy het ook in die duo's en trio's uitgeblink. Sy aanpasbaarheid was veral hoorbaar in die duet saam met Francina Buys as Gabri"el. Kok het die rol van Uriël gesing (*Die Volksblad*, 2 en 4 April 1946).

Benedictus Kok het in 1948, 1951 en 1956 hoofrolle in operettes gesing wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is. In die operette *Lilac Time* wat in die Grand-teater op 29, 30 November en 1 Desember 1948 aangebied is, het Benedictus Kok die rol van Baron Franz van Schober vertolk. Spesiale melding is van die serenade, *I am singing, I your love* gemaak. Kok het in hierdie aria werklik uitgeblink. Hy het saam met Jaap Rousseau, Phillipus Groenewoud en Koos Morkel 'n vrolike stemming geskep. Voorbeeldige sang is gelewer in *Hark, hark, the Lark* en *Under the Lilac bough* (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948; Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948).

In *Viktorja and her Hussar* wat vanaf 10 tot 13 September 1951 in die Grand-teater aangebied is, het Benedictus Kok die rol van Janci vertolk. Hy is geprys vir sy pragtige tenoorstem asook sy spitsvondige toneelspel (*Die Volksblad*, 12 September 1951).

3.3.4 Ander optredes

Hy het ook as sanger in verskillende kerke in Bloemfontein opgetree. So 'n optrede het op 21 Junie 1946 in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes plaasgevind. In die

koorwerk **Saal'ge Kindertyd** van Mendelssohn het hy en Rita Karstel voortreflike solosang gelewer. Tydens dieselfde uitvoering het Kok in uittreksels van die kantate **Daniël** die baritonsolo's gesing. Volgens die resensent was hy meer tuis in laasgenoemde stemomvang. Verder was hy ook lid van die Bloemfonteinse Mannekoor wat onder die leiding van David Roode gestaan het. Hy het tydens hulle eerste optrede in Bloemfontein nie alleen in die koor gesing nie, maar ook as solis opgetree, soos in **Hark, hark, the Lark** van Schubert. Die Bloemfonteinse publiek was besonder ingenome met hierdie konsert en het met groot afwagting na die volgende konsert uitgesien (*Die Volksblad*, 24 April 1944 en 25 Junie 1946).

Hy het ook as pianis en of begeleier by sommige konserte opgetree. Op 1 Julie 1946 het hy saam met sy vrou, Alma Kok (viool) en Albert Steffens (tjello) die vinnige deel uit Gurlitt se **Trio nr 3** gespeel. Hierdie werk is besonder vloeiend gespeel. Spesiale melding is ook van die uitmuntende balans tussen die drie instrumente gemaak (*Die Volksblad*, 2 Julie 1946).

3.3.5 Orrelis

Benedictus Kok is op 13 Oktober 1947 as orrelis van die Ned Geref Kerk Bloemheuwel aangestel. Hy het egter geen formele orrelopleiding gehad nie. Aanvanklik het Kok die begeleiding in die Clarendonsaal op die vleuelklavier waargeneem waar die gemeente hulle eredienste gehou het voordat die kerkgebou voltooi is. In die tussentyd het Kok

na Aubrey Karstel gegaan om die basiese beginsels in orrelspel onder die knie te kry. Op 28 Februarie 1949 word Benedictus Kok weer as orrelis aangewys en op 19 Februarie 1951 word gerapporteer dat die orrel geïnstalleer is (Flemming, Bosch, Coetzee, 1972, p. 63; Kok, 1989, Onderhoud).

Die nuwe orrel is op 21 Februarie 1951 deur proff Kok en Roode ingewy. Kok het nie alleen werke op die orrel gespeel nie, maar sy dameskoor asook die gemengde kerkkoor van dié gemeente het onder sy leiding opgetree. Na afloop van sy uitvoering het die resensent in die plaaslike koerant soos volg geskryf: "Prof Kok het bewys dat hy 'n waardige nuwe lid van die aantal orrelkunstenaars in die stad is." Uit die voorafgaande is dit duidelik dat sy uitvoering van hoë musikale standaard moes gewees het. Benewens die koorwerke wat gesing is, het Vivia Kruger twee sangsolo's gelewer en Alma Kok het 'n vioolsolo gespeel. 'n Paar werke wat Benedictus Kok gespeel het, sluit in **Grand Choeur** (Dupont), **Rigaudon** (Rameau), **Romanse** (Mozart) en **Danklied in A majeure** (Handel) (*Die Volksblad*, 22 Februarie 1951).

Benedictus Kok het later weer orrel- en kooruitvoerings in die Bloemheuwel-kerk en in die Clarendonsaal aangebied. Hierdie uitvoerings het in September 1948 en op 6 Desember 1953 plaasgevind. Benewens die kerkkoor wat altyd gesing het en 'n groot aandeel in hierdie konserte gehad het, het van Bloemfontein se talentvolste musici ook opgetree, naamlik Willem Naudé, Rina Davis, mev M Nieuwoudt en mej A Kriel. Alma Kok het vioolspel gelewer (*Die Volksblad*, 10 September 1948, 21 November, 5 en 7 Desember 1953).

Hierdie kerkkoor het ook die geleentheid gehad om oor die radio te sing. Hulle het in die program, Kore van Suid-Afrika, opgetree. Hulle het werke van Gounod, Jannasch, Van Velden en S"ohnge gesing (*Die Volksblad*, 13 Maart 1954).

In 1954 het hy as orrelis van die Bloemheuwel gemeente bedank en is in Junie van dieselfde jaar as orrelis van die Bloemfontein-Noord gemeente, in die plek van prof Roode, aangestel (*Die Volksblad*, 26 Junie 1954).

As orrelis van hierdie gemeente het hy 'n groot bydrae gelewer. Op 25 November 1956 het die jaarlikse uitvoering in die Noord-kerk plaasgevind. By daardie geleentheid het die kerkkoor vier koorwerke en die mannekoor, een werk gesing. Soliste wat opgetree het, was Elise Burger, Calvyn le Roux, Willem Naudé en Morkel Combrink. Alma Kok het twee vioolsolo's gespeel en Benedictus het self twee werke op die orrel uitgevoer (*Die Volksblad*, 17 en 24 November 1956).

3.3.6 Ander bydraes en aktiwiteite

'n Besondere gebeurtenis in Bloemfontein was die stigting van die Vrystaatse Musiekvereniging in 1943. Prof Kok het destyds die vergadering belê en hy is toe ook tot voorsitter van die vereniging verkies, 'n posisie wat hy jarelank beklee het (*Die Volksblad*, 17 Mei 1944, Kok, 1989, Onderhoud).

By geleentheid van die eerste konsert van dié vereniging is van die beste kunstenaars van die stad gevra om op te tree. Die mannekwartet waarvan prof Kok lid en leier was het tydens dié konsert opgetree. Die kwartet het bestaan uit Cecil Barry, Jaap Rossouw, Paul Fischer en Benedictus Kok. Tydens die geleentheid het hulle **Hoor hoe ons lied weerklink** van Thayer voorgedra (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944).

Tydens die tweede konsert wat deur die vereniging aangebied is het Benedictus Kok weer eens 'n groot bydrae gelewer. Die tweede deel van die program is aan Mozart gewy. Hy het 'n kort lesing oor die lewe en werke van hierdie komponis gegee. Daarna is van die mooiste en bekendste komposisies op plate voorgespeel. Pragtige sangstukke is deur van die plaaslike kunstenaars gelewer, onder meer uit die operas van Mozart. Die tweede konsert het op 9 Augustus 1944 plaasgevind (*Die Volksblad*, 10 Augustus 1944).

Prof Kok het aanvanklik in elke konsert wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is 'n groot aandeel gehad, hetsy as spreker of as uitvoerende kunstenaar.

Tydens die jaarvergadering van die vereniging op Maandag 11 Desember 1944 is prof Kok tot voorsitter herkies (*Die Volksblad*, 12 Desember 1944). Hy het hierdie posisie bekleed tot aan die einde van 1957 (*Die Volksblad*, 4 Desember 1957). Tydens die jaarvergadering wat op 3 Desember 1957 plaasgevind het is Lotte Pretorius as die nuwe voorsitter aangewys (*Die Volksblad*, 30 November en 4 Desember 1957).

Tydens 'n konsert wat ten bate van die Reddingsdaadbond aangebied is, was prof Kok verantwoordelik vir die organisasie. Hy moes 'n musiekprogram saamstel bestaande uit sang- en instrumentale nommers. Volgens *Die Volksblad* van 19 September 1942 is die program puik georganiseer en die konsert het baie goed verloop. Prof Kok het daarin geslaag om van die beste talent in Bloemfontein bymekaar te kry vir dié konsert wat op 18 September 1942 plaasgevind het.

Prof Kok was ook vir jare die musiekkritikus van *Die Volksblad*. Hy het onder die skuilname Libretto of Décor geskryf. Hy het verder vir 'n lang tyd die Bloemfonteinse publiek op die hoogte gehou van sowel die plaaslike musiekgebeure asook dit wat elders in die land plaasgevind het.

Kok het ook in verskeie rade en komitees gedien. In 1951 is hy tot voorsitter van die Bloemfonteinse adviserende radioraad gekies (*Die Volksblad*, 1 Februarie 1951).

As spreker het hy ook sy stempel afgedruk. Hy het nie net plaaslik as spreker opgetree nie, maar ook in ander dorpe in die Vrystaat. So was Bethlehem een van die dorpe wat hy op 27 Oktober 1944 besoek het. Hier het hy as spreker opgetree voor die pas gestigte musiekvereniging. In 1952 het prof Kok weer eens 'n lesing onder die beskerming van die Bethlehemse Musiekvereniging aangebied. Op 28 Oktober 1952 het hy 'n interessante lesing oor moderne musiek gegee. Die program is deur kunstenaars van Bethlehem aangevul (*Die Volksblad*, 27 Oktober 1944 en 27 Oktober 1952).

Hy het verder as spreker voor die Musiekvereniging van Kroonstad opgetree. Hy het op 24 Augustus 1956 die vereniging oor die opera toegesprek. Francina Buys het 'n paar opera-arias gesing. Kroonstadse kunstenaars wat opgetree het, was Olga Rademan en Olive Yazbek (*Die Volksblad*, 22 Augustus 1956).

Benedictus Kok was vir baie jare die Kanselier van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Tans is hy in Bloemfontein woonagtig waar hy afgetree het.

3.4 Isabel du Toit

3.4.1 Lewenskets

Indien daar bepaal moes word watter sangeres nou eintlik die produktiefste gedurende die jare onder bespreking in Bloemfontein was, sou die naam van Isabel du Toit beslis in dié lys van name verskyn het. Isabella Elizabeth Bezuidenhout is op 4 Desember 1917 in Bloemfontein gebore. Sy het haar skoolopleiding in 1934 aan die Oranje Sekondêre Meisieskool in Bloemfontein voltooi (Du Toit, 1992, Brief).

Tydens haar skoolloopbaan het sy by vyf verskillende onderwyseresse musiekonderrig ontvang. Op 'n betreklik vroeë ouderdom het sy die U N I S A graad vyf klaviereksamen asook die destydse preliminêre teorie-eksamen geslaag (Du Toit, 1992, Brief).

Vanaf 1931 tot 1950 het sy onder die bekwame leiding van prof D J Roode haar musiekstudies voortgesit. In 1936 het sy beide die U O L M (klavier) en U V L M (orrel) lisensiate verwerf. In 1937 het sy in die platteland klavieronderrig gegee en was sy ook orreliste (Du Toit, 1992, Brief).

In 1938 het Isabel Bezuidenhout na Bloemfontein teruggekeer. In dieselfde jaar het sy die die U V L M (klavier) met sukses afgelê. In dieselfde jaar word sy ook as orreliste van die Tweetoringkerk in Bloemfontein aangestel. In daardie jaar tree sy in die huwelik met mnr Jacques W du Toit, 'n argitek van beroep. Vyf kinders is uit die huwelik gebore. Gedurende hierdie tyd het sy klavier- en orrelonderrig in Bloemfontein gegee. Sy het ook gereeld as pianiste in konserte, by gesellighede en ander sosiale geleenthede opgetree (Du Toit, 1992, Brief).

Haar liefde vir sang het ontstaan toe sy na die sang van die filmster en aktrise, Grace Moore, geluister het. Sy is so geweldig geïnspireer deur hierdie sangeres dat sy besluit het om 'n loopbaan as sangeres te begin. In 1943 verhuis mev du Toit egter na Johannesburg, maar keer gou weer terug na Bloemfontein in 1944 (Du Toit, 1992, Brief).

In 1948 het dit bekend geword dat mev Du Toit die U V L M (sang) met lof verwerf het. Dit was haar vierde lisensiaatdiploma. Sy het hierdie diploma onder die bekwame

leiding van prof D J Roode voltooi (*Die Volksblad*, 14 Augustus 1948). Op grond van haar prestasie in dié betrokke eksamen, is Isabel du Toit deur U N I S A uitgenooi om in Pretoria om die oorsese studiebeurs te gaan meeding. 'n Ander puik sangeres van Bloemfontein, Joan Hadlow, het ook om die beurs meegeding (*Die Volksblad*, 18 September 1948). Isabel du Toit kon egter nie daarin slaag om die beurs te verower nie. In 1953 voltooi sy ook die U O L M (sang) (Du Toit, 1992, Brief).

3.4.2 Optredes as Sangeres

Isabel du Toit het gereeld as sangeres voor die publiek opgetree, hetsy as soliste of in 'n ensemble of in 'n koor. As soliste was Isabel du Toit uiters suksesvol en het menigte solorolle in oratoriums, kantates en operas vertolk. Verder het Du Toit soms orreluitvoerings gegee. So 'n uitvoering het in die Suidkerk op 31 Augustus 1940 plaasgevind. Tydens hierdie uitvoering is sy bygestaan deur 'n koor en ander soliste (*Die Volksblad*, 28 Augustus 1940).

Isabel du Toit se optredes het gewissel van kerkoptredes tot optredes waarvan die fondse vir liefdadigheid aangewend is. In 1940, 1948 en 1949 het sy in gewyde konserte opgetree. Hierdie konserte het meesal in kerke plaasgevind. In 1940 het sy in die Bloemfontein-Noord kerk opgetree waar David Roode die orrelis was. In 1948 het

Benedictus Kok 'n gewyde konsert in die Clarendonsaal ten bate van die Ned Geref Kerk Bloemheuvel aangebied. Isabel du Toit het verruklike sang gelwer. In 1949 het sy in die Noordhoek kerk opgetree. Haar sang tydens hierdie geleentheid het altyd van musikaliteit en afronding getuig. Werke wat sy gesing het, sluit in **O had ek die vleuels van 'n duif** (Mendelssohn) en saam met mev L Holm en mejj R Davis en D Hickman het hulle 'n pragtige vertolking van Schubert se **Die Heer is my Herder** gegee (*Die Volksblad*, 26 Junie 1940, 10 September 1948 en 19 September 1949).

Saam met Derik van der Merwe het sy op 23 Februarie 1948 tydens 'n konsert opgetree wat deur Benedictus Kok vir die Reddingsdaadbond georganiseer is. Sy het vier liedere gesing wat deur Van der Merwe self gekomponeer is, naamlik **Toewyding**, **Vaalvalk**, **Offerande** en **Opdrag**. Volgens *Die Volksblad* van 24 Februarie 1948 het bogenoemde werke groot byval by die publiek gevind. Later in die program het Isabel du Toit saam met Lotte Pretorius 'n duet gesing. Hulle keuse was Hatton se **Lenteoggend**. Verder het sy ook in Desember 1941 tydens 'n konsert opgetree wat deur die studente van die Vrystaatse Musiekskool in die Oranje-Koffiehuis aangebied is. Ander kunstenaars wat opgetree het was Norah Havenga en Gerhardus Koornhof. Sy het ook haar talente vir liefdadigheid aangewend toe sy op 12 September 1955 in die Vissersaal opgetree het. Die fondse van dié konsert is na die Kinderhuis gekanaliseer.

Saam met haar het Francina Buys, Maxie van der Walt, Jacobus Hattingh en Willem Naudé opgetree (*Die Volksblad*, 2 Desember 1941 en 3 en 10 September 1955).

3.4.3 Deelname aan Kantates, Oratoriums, Operettes en Operas

Tussen die jare 1940 en 1951 het Isabel du Toit 'n hele aantal rolle in kantates, oratoriums, operettes en operas gesing en kan sy met reg as een van Bloemfontein se mees begaafde sangeresse beskou word. Sulke rolle was in 1942, **Dawid die Herderseun** (Root); 1943, **Die Messias** (Handel); 1945, **Hansie en Grietjie** (Humperdinck); 1947, **Il Trovatore** (Verdi); 1948, **Elia** (Mendelssohn) en **Lilac Time** (Schubert); 1949, **Vasco da Gama** (Statham) en 1955, **Die Galileër** (Jessop). Haar sang en vertolking van Abigail in **Dawid die Herderseun** is as een van die hoogtepunte van die uitvoering beskou. Hierdie uitvoering het op 17 Oktober 1942 in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1942, 27 Maart 1943, 19 Junie 1945, 25 Junie 1947, 3 Junie en 1 Desember 1948, 19 November 1949, 14 en 16 Mei 1955, Du Toit, 1992, Brief; Program, 16, 17 en 18 November 1949). In **Vasco da Gama** en **Die Galileër** het Isabel du Toit die sopraanpartye met aanvoeling en musikaliteit gesing. Eersgenoemde kantate het onder die leiding van Petrus Lemmer in die Stadsaal plaasgevind en die gewyde werk is onder die leiding van Dolly Heiberg in die Tweetoringkerk uitgevoer as deel van die feesvieringe rondom die vyf-en-sewentigste

bestaansjaar van dié gemeente. Sy het 'n pragtige hoogtepunt bereik in die aria **U groot barmhartigheid is in die heem'le** (*Die Volksblad*, 19 November 1949 en 14 en 16 Mei 1955; Program, 16, 17 en 18 November 1949).

In 1943 en 1948 het Isabel du Toit die sopraanpartye in die **Die Messias** (Handel) en die **Elia** (Mendelssohn) vertolk. Eersgenoemde oratorium is twee keer uitgevoer en by albei geleenthede het Du Toit uitblink in die aria **Ek weet dat my Verlosser lewe**. Dit was ook haar laaste optrede in Bloemfontein voordat sy na Johannesburg verhuis het. Gelukkig vir Bloemfontein het Du Toit in 1945 weer na Bloemfontein teruggekeer (*Die Volksblad*, 27 Maart en 31 Mei 1943, Du Toit, 1992, Brief).

Haar sang in die **Elia** het egter uiteenlopende kritiek uitgelok. *Die Volksblad* (3 Junie 1948) se resensent het spesiale melding van Isabel du Toit se sang gemaak. Haar sang was deurgaans suiwer, melodieus en beheersd. 'n Hoogtepunt was haar vertolking van **Hear ye Israel**. *The Friend* (4 Junie 1948) se kritiek was egter nie so gunstig nie en het aangevoer dat die soliste so geweldig gekonsentreer het op die produksie en uitspraak van die klinkers, dat die passasies soos ononderbroke opeenvolging van klinker-klanke geword het. Dit het skynbaar soos 'n stemoefening begin klink. Kritiek was verder dat Isabel du Toit dalk te opera-agtig in haar benadering was: "She certainly did not convey the traditional atmosphere of yearning and loving admonition in **Hear ye Israel**."

Isabel du Toit se operette- en opera-rolle in die tydperk onder bespreking sluit in die rol van die moeder in *Hansie en Grietjie*, 1945, die rol van Leonora in *Il Trovatore*, 1947 en die rol van Lili in *Lilac Time*, 1948. In die eersgenoemde opera was haar sang aanvanklik nie so sterk en stewig soos gewoonlik nie. Die effense mate van huiwering in haar sang het egter gou verdwyn en die gehoor kon met groot genot na die dramatiese volheid van haar stem luister. Die opera, onder die leiding van Petrus Lemmer, is in geheel as 'n groot sukses bestempel en so ook die sang van die soliste. In *Il Trovatore* (Verdi) het Isabel du Toit 'n groot aandeel gehad. Nie alleen het sy een van die hoofrolle gesing nie, maar was ook verantwoordelik vir die grootste gedeelte van die vertaling van die opera in Afrikaans asook vir die kostumering. Die resensent van *The Friend* (24 Oktober 1947) was geweldig beïndruk met haar sang, maar het daarop gewys dat daar tekortkominge in haar toneelspel was. Verder is melding gemaak van haar sterk verhoogpersoonlikheid (*Die Volksblad*, 19 Junie 1945 en 25 Junie 1947, Program, 21 - 24 Oktober 1947, Du Toit, 1992, Brief). Haar rol in *Lilac Time* is met fyn aanvoeling uitgevoer. Laasgenoemde aanbieding het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948; Du Toit, 1992, Brief).

3.4.4 Deelname aan Kunswedstryde

Met die uitsondering van een jaar, naamlik 1953, het Isabel du Toit aan al die Vrystaatse Kunswedstryde in die jare onder bespreking deelgeneem. Dit sluit in 1941, 1943, 1945,

1947, 1949, 1951 en 1955. In 1941 het Isabel du Toit as liriese sopraan aan die kunswedstryd deelgeneem en 'n eerste plek verower met haar vertolking van **Oktobermaand** (D J Roode). Die beoordelaar het haar geprys vir haar artistieke voordrag en melding gemaak van haar pragtige stemkwaliteit en die omvang van haar stem (*Die Volksblad*, 19 Mei 1941, 17 Mei 1943, 17 Mei 1945, 12 Mei 1947, 17 Mei 1949, 18 Mei 1951 en 9 Mei 1955).

Vanaf 1943 het sy as dramatiese sopraan deelgeneem en groot sukses behaal. Sy het in verskeie afdelings deelgeneem en in die meeste gevalle die eerste plek of 'n A-simbool verower. Sy het deurgaans in die oratorium- en opera, ope-afdeling met die louere weggestap en net die beste kritiek van die beoordelaars ontvang. Sy het verder ook meegeding in die afdelings sangprogram en sangsolo en sonder uitsondering A-simbole behaal. Sy het slegs in 1947 'n tweede plek vir haar sang verower. In 1943 het Isabel du Toit 'n silwer medalje ontvang. Die Roode-skild vir die beste sangsolo is in dieselfde jaar aan haar toegeken (*Die Volksblad*, 17 Mei 1943, 17 Mei 1945, 6, 8 en 12 Mei 1947, 17, 18 en 20 Mei 1949, 18 en 21 Mei 1951 en 9 Mei 1955; *The Friend*, 7 Mei 1955).

Dit is te verstane dat Isabel du Toit byna by elke pryswennerkonsert aan die einde van elke kunswedstryd opgetree het. Die volgende woorde van die beoordelaar som haar optredes miskien die beste op: "Isabel du Toit het met kenmerkende lus en vertrou-

gesing, vloeiend en met sterk passasies." 'n Paar werke wat sy tydens die kunswedstryde gesing het, was die volgende: *Vissi d'arte* uit *Tosca* (Puccini), *Love went a-Riding* (Frank Bridge) asook arias van Wagner (*Die Volksblad*, 17 Mei 1945, 12 Mei 1947 en 18 en 21 Mei 1951).

Isabel du Toit het ook aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1948, 1950 en 1952 deelgeneem en puik prestasies behaal. In 1948 het sy 'n uitsonderlike prestasie behaal deur ses A-simbole te verower. Die afdelings waarin sy meegeding het was die volgende: dramatiese sopraan-solo, oratorium, opera, ballade, sangstuk en liederes. In 1950 en 1952 het sy altesaam vier A-simbole verower vir haar sang in die afdelings sangsolo, ballade, oratorium en opera. Twee B-simbole is ook aan haar toegeken. Naomi Papé, 'n beoordelaar, het haar sang as uitmuntend bestempel. Sy en Jacobus Hattingh het in 1952 'n A-simbool vir hulle duet ontvang (*Die Volksblad*, 15, 16 en 18 Junie 1948 en 11 Mei 1950; *The Friend*, 17 Junie 1948, 10, 11 en 12 Mei 1950, 29 April, 1 en 3 Mei 1952).

3.4.5 Optredes in konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging

Dit sou onvolledig wees indien daar nie na Isabel du Toit se optredes in konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging verwys word nie. Sy het in 1944, 1946, 1947 en 1948 nie net as sangeres in hierdie konserte opgetree nie, maar ook as pianiste. Werke wat sy gespeel en gesing het, sluit in die *Klavierkonsert opus 23* in b-mol mineur van Tsjajkofski, die *Donau-wals* (J Strauss) saam met Klasie Fourie op twee klaviere.

Werke wat sy gesing het was **Elsa's Traum** uit **Lohengrin** (Wagner), **O Mio Bambino Caro** uit **Gianni Schicci** (Puccini), **O Robert, Robert behold me** uit **Robert the Devil** van Meyerbeer, **Mia chiamano Mimi** uit **La Bohème** (Puccini), **Heimwee na die see** (S le Roux Marais), **Der Nussbaum** (Schumann), **Die Liebende Schreibt** (Brahms), **The Jewel Song** uit **Faust** (Gounod) en **Ocean thou mighty monster** (Von Weber). Haar sang is in die meeste gevalle as musikaal, afgerond en dinamies beskryf (*Die Volksblad*, 7 September 1944, 27 Februarie, 18 Maart en 15 Oktober 1946, 30 April 1947 en 4 Mei 1948).

3.4.6 Ander aktiwiteite

Soos reeds genoem was Isabel du Toit 'n uiters bekwame pianiste. Sy het by talle konserte as pianiste opgetree, hetsy as soliste of as begeleier. Tydens 'n konsert wat ten bate van die Reddingsdaadbond in 1942 aangebied is, het sy 'n afgeronde voordrag van die **Rapsodie nr 3** (Dohnanyi) gelewer. Sy het ook as begeleier vir balletuitvoerings opgetree soos in November 1942 in die Grand-teater. Sy het by dieselfde geleentheid saam met Klasie Fourie werke op twee klaviere uitgevoer, naamlik die ouverture tot **Wilhelm Tell** en **Zampa**. Sy het ook as deel van die orkes saam met Japie Human die klavierbegeleiding vir **Magyar Melody** behartig wat in 1956 deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is. Die Musiekkritikus van *Die Volksblad* (24 Oktober 1956) het selfs sover gegaan en gesê dat hulle spel bo kritiek verhewe was (*Die Volksblad*, 19 September, 16 November en 1 Desember 1942 en 20 Oktober 1956).

'n Groot eer het Isabel du Toit te beurt geval toe sy in 1948 deur Edward Dunn uitgenooi is om saam met die Durbanse Stadsorkes in 'n reeks programme oor die radio op te tree. Mnr Dunn sou self as dirigent optree (*Die Volksblad*, 10 April 1948). Isabel du Toit het ook in ander dorpe sanguitvoerings gegee. Sy het saam met Henriëtte Rossouw en Francina Buys 'n uitvoering in Wepener gegee wat deur die Raad vir Volwasse Onderwys georganiseer is (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1950; Du Toit, 1992, Brief).

Sy het in September 1955 saam met ander kunstenaars van Bloemfontein 'n uitvoering in Theunissen aangebied. Tydens die konsert het Derik van der Merwe die begeleiding waargeneem en uittreksels uit operas is aangebied (*Die Volksblad*, 7 September 1955; Du Toit, 1992, Brief).

Isabel du Toit het ook van tyd tot tyd programme opgeneem wat oor die radio uitgesaai is. Op 29 Maart 1949 is daar 'n program oor die destydse B-sender uitgesaai waartydens sy die groep kunsliedere gesing het wat deur Derik van der Merwe gekomponeer is. Werke wat voorgedra is het ingesluit: **Opdrag**, **Vaalvalk**, **Toewyding** en **Mont Aux Sources** (*Die Volksblad*, 26 Maart 1949; Du Toit, 1992, Brief).

In 1959 is Isabel du Toit as sangdosent by die U O V S aangestel. Hierdie pos het sy beklee tot aan die einde van 1960. Volgens 'n berig wat in *Die Volksblad* van 1 Februarie 1950 verskyn het, het sy ook private onderrig in sang gegee. Geen adres of

telefoonnommer het by dié berig verskyn nie. Daar is wel gemeld dat sy leerlinge voorberei het vir eksamens en kunswedstryde (Du Toit, 1992, Brief).

Isabel du Toit is tans woonagtig in Parys (Vrystaat) waar sy afgetree het (Du Toit, 1992, Brief).

3.5 Anna Jackson

3.5.1 Lewenskets

'n Sangeres wat vir meer as 'n dekade in Bloemfontein baie aktief was, is Anna Jackson. Hierdie mezzo-sopraan was sekerlik een van Bloemfontein se bekendste sangeresse tussen die jare 1940 en 1955. Alhoewel Anna Jackson nooit musiekonderrig gegee het nie, het sy as uitvoerende kunstenaar 'n wesenlike bydrae tot die musiekkultuur van Bloemfontein gelewer. Anna Magdalena du Plooy is op 13 Maart 1906 in Bloemfontein gebore. Sy is die tweede oudste van vier kinders wat opgegroeï het in 'n huis waarvan albei die ouers baie musikaal was. Beide haar ouers het klavier gespeel en ook gesing. Anna Jackson se jonger broer was 'n baie bekwame violis wat sy opleiding by Victor Pohl ontvang het. Beide haar ander twee susters het ook die klavier bespeel (Jackson, 1992, Telefoongesprek).

Anna Jackson het haar skoolopleiding aan die Oranje Sekondêre Meisieskool ontvang en in 1924 haar matriekeksamen daar voltooi. Tydens haar skoolloopbaan het Anna

Jackson privaat klavierles van 'n ene mev Jefferson ontvang. Later is sy na P K de Villiers waar sy haar klavierstudies voortgesit het. Onder sy bekwame leiding het sy 'n hele aantal klaviereksamens afgelê (Jackson, 1992, Telefoongesprek).

Aan die begin van 1925 het sy aan die destydse Normaalkollege ingeskryf om haar te bekwaam as laerskoolonderwyseres. Na voltooiing van haar studies het sy onmiddellik 'n aanstelling as onderwyseres by die Model Laerskool aanvaar. Daar het sy vir ongeveer 25 jaar onderrig gegee (Jackson, 1992, Telefoongesprek).

Anna Magdalena du Plooy is in 1928 met Albert (Bonnie) Jackson getroud. Hy was self 'n kranige sanger en was vir baie jare lid van die mannekwartet wat gereeld onder die leiding van prof Benedictus Kok in Bloemfontein opgetree het. In 1939 het Anna Jackson met sangles by Jennie Hadlow begin. Onder haar bekwame leiding het Anna Jackson die U V L M (sang) suksesvol afgelê. Anna Jackson was ook lid van Hadlow se dameskoor wat gereeld uitvoerings in Bloemfontein aangebied het. Tydens daardie konserte het Anna Jackson ook soms as soliste opgetree. Jackson het later ook hulp van Petrus Lemmer ontvang, onder wie se leiding sy gereeld opgetree het (Jackson, 1992, Telefoongesprek).

3.5.2 Soliste in Kantates, Oratoriums, Operettes en Operas

Anna Jackson het as amateursangeres, in die besonder as opera- en oratoriumsangeres, 'n groot bydrae in Bloemfontein gelewer. Tussen 1940 en 1950 het sy in die volgende

aanbiedinge een of ander hoofrol vertolk. In 1942 het sy die rol van Abigail in **Dawid die Herderseun** (G F Root) vertolk. Hierdie kantate is onder die leiding van P J Lemmer op 20 en 21 Maart in Bloemfontein aangebied. Volgens die resensie wat in *Die Volksblad* van 23 Maart 1942 verskyn het, het Anna Jackson haar uitstekend van haar taak gekwyt. Aanvanklik was sy ietwat onseker, in veral die duette, saam met mej M Wessels en mev D Marais. Die kritikus het haar klankryke stem geprys en was veral beïndruk met die gedeeltes waar sy saam met die koor gesing het (Program, 20 en 21 Maart 1942).

In 1949 het sy weer eens as soliste in 'n kantate uitgeblink. Sy het die mezzo-sopraanparty in **Vasco da Gama** met Lemmer as dirigent met groot sukses vertolk. 'n Hoogtepunt was die vertolking van die Kerslied **Adeste Fideles** deur die mannekoor met Jackson as soliste. Hierdie uitvoering het vanaf 16 tot 18 November 1949 in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 19 November 1949; Program, 16-18 November 1949).

Sy het haarself as uitmuntende oratoriumsangeres bewys met haar suksesvolle vertolking van die sopraanrolle in **Die Messias** (Handel) en **Die Skepping** (Haydn) wat in 1943 en 1946 onderskeidelik plaasgevind het. Die eersgenoemde oratorium is twee keer uitgevoer en by beide geleenthede is daar nie veel oor haar sang uitgebrei nie, maar wel gesê dat sy haar rol met sukses vertolk het. In die laasgenoemde oratorium wat op 1 en 3 April 1946 in die Stadsaal plaasgevind het, het Anna Jackson die rol van Eva vertolk.

Hier het haar sterk sopraanstem weer eens opgeval veral in die duette en die koorgedeeltes. Die *Môresterre* is as een van die hoogtepunte van die uitvoering beskou. Tydens die herhaling van die oratorium het Jackson soos 'n veteraan gesing. Volgens die resensent was haar sang rustig en was sy nie beïnvloed deur die opgewonde en onrustige atmosfeer wat geheers het nie (*Die Volksblad*, 27 Maart en 31 Mei 1943, 2 en 4 April 1946).

In 1945 en 1948 het Anna Jackson haarself as aktrise en sangeres bewys met haar sang en toneelspel in *Hänsel und Gretel* (Humperdinck) en *Lilac Time*. Sy het die moeilike rol van Hänsel met verdienste vertolk. Afgelei uit die resensie van *Die Volksblad* (19 Junie 1945), is dit duidelik dat Jackson se sang baie goed was. Haar beweeglikheid op die verhoog het ook verbeter namate die spel gevorder het. Teenoor haar het Rita Karstel die rol van Gretel met net soveel sukses vertolk. Dié twee begaafde sangeresse het telke male betowerende hoogtepunte opgelewer. In *Lilac Time* het sy die rol van Tilli vertolk. Volgens die resensent het sy wat sang en toneelspel betref, dié rol met insig vertolk (*Die Volksblad*, 5 Mei 1945 en 1 Desember 1948; Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948).

3.5.3 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging

Sedert die ontstaan van dié vereniging in 1944 het Anna Jackson elke jaar tot en met 1948 in konserte opgetree. As bewys van haar gewildheid onder die Bloemfonteinse

publiek het sy reeds in die tweede konsert van die vereniging opgetree en in 1945 het sy drie keer voor die vereniging opgetree, wat 'n seldsame verskynsel was. Volgens die plaaslike pers het haar sang nooit teleurgestel nie. Kenmerke van haar sang was beheersdheid, suiwerheid en vloeiendheid (*Die Volksblad*, 10 Augustus 1944, 5 Februarie en 8 Mei 1945, 18 November 18946, 4 Februarie 1947 en 4 Mei 1948).

In die meeste gevalle het sy saam met ander kunstenaars van Bloemfontein opgetree. Werke wat deur Jackson gesing is, sluit in **O my Fernando** uit **La Favorita** (Donizetti), **Widmung** (Schumann), **My siel is siek van heimwee** (P J Lemmer), **O Don Fatale** uit **Don Carlo** (Verdi), **Nobil Signor** uit **Les Huguenots** (Meyerbeer), **Oh Face sweetly smiling** (Brahms), **Deh Vieni non tardar** (Mozart), **The enchanted forest** (Phillips) en **Blackbird's song** (Cyril Scott). Sy het ook duette gesing, soos **Ek ken 'n plek waar salie groei** (Charles Horn) saam met Lettie Viviers. Tydens een van die konserte van 1945 het sy een van David Roode se komposisies gesing, naamlik **Aand**. Dit was die eerste keer dat dié stemmingsryke komposisie in die openbaar uitgevoer is (*Die Volksblad*, 10 Augustus 1944, 8 Mei en 19 Oktober 1945, 18 November 1946, 4 Februarie 1947 en 4 Mei 1948).

3.5.4 Prestasies tydens Kunswedstryde

Anna Jackson het soos die meeste ander sangeresse ook aan die kunswedstryde in Bloemfontein deelgeneem en uitstekende resultate behaal. Sy het in 1939, 1941, 1945, 1947 en 1949 aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem. In 1939, 1941 en 1947 het sy die Roode-skild vir die beste sangsolo verower. Sy het in die meeste gevalle eerste plekke in al die mezzo-sopraan afdelings verower. Sy het in verskillende klasse deelgeneem, naamlik solo, sangprogram, opera en oratorium. Dit was ook so dat sy tydens die finale konsert na afloop van elke kunswedstryd opgetree het. Werke wat sy gesing het, sluit in **Droomuur** (Arensky), **My heart is weary** uit **Nadeshda** van Goring Thomas (*Die Volksblad*, 13 en 15 Mei 1939, 25 September 1940, 20 Mei 1941, 16 Mei 1945, 6 en 12 Mei 1947, 18 en 20 Mei 1949; Program, 17 Mei 1941).

Anna Jackson het in 1940, 1944 en 1948 ook aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en besondere prestasies behaal. Sy het in die afdeling mezzo-sopraan deelgeneem en eerste plekke verower vir solo en opera-solo. Sy het ook tweede plekke en later B-simbole verower in die damesolo (ope), ballade (ope) en die liedere afdelings. In 'n verslag wat in *Die Volksblad* (24 Junie 1948) na afloop van die seniorkonsert verskyn het, is Anna Jackson se sang as uitsonderlik beskryf. Haar sang is as gedrae en tog beweeglik beskryf en haar duidelike diksie is ook geprys (*The Friend*, 20 April 1940, 3 en 4 Mei 1944, 17 Junie 1948; *Die Volksblad*, 15, 16 en 18 Junie 1948).

Sy het ook aan die Kunswedstryd van Johannesburg in 1944 deelgeneem en twee goue medaljes verower. In die afdeling opera-aria het sy 92% behaal. In die solo-afdeling het sy P J Lemmer se lied **My siel is siek van heimwee** gesing (*Die Volksblad*, 30 September 1944).

3.5.5 Ander optredes

Aangesien Anna Jackson een van Jennie Hadlow se talentvolste leerlinge was het sy gereeld as soliste tydens die jaarkonserte opgetree.

'n Konsert deur Hadlow se koor het op 6 Desember 1940 in die Vissersaal plaasgevind. Tydens daardie konsert het Anna Jackson twee solo's gesing. Eerstens het sy die **Habanera** uit **Carmen** van Bizet uitgevoer en later op die program het **Care Selve** van Handel in Afrikaans gevolg. Sy was ook lid van die dameskoor wat die program verder gevul het (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940). Teen die einde van 1942 het Jennie Hadlow weer 'n konsert aangebied waartydens haar dameskoor sowel as van haar leerlinge as soliste opgetree het. Tydens daardie konsert wat op 7 Desember 1942 in die Clarendonsaal plaasgevind het, het Anna Jackson bekende arias gesing. Die resensent het Anna Jackson se sang as kuns van hoogstaande gehalte beskryf (*Die Volksblad*, 8 Desember 1942).

Die dameskoor van Jennie Hadlow het ook van tyd tot tyd in die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging opgetree. Soos reeds genoem het Anna Jackson soms as

soliste opgetree. So 'n konsert het op 15 Oktober 1945 in die Clarendonsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het sy 'n suiwer en intense vertolking van Lemmer se *My siel is siek van heimwee* gegee (*Die Volksblad*, 16 Oktober 1945). 'n Ander konsert van mev Hadlow se dameskoor het op 16 Junie 1947 plaasgevind. Anna Jackson, Joan Hadlow en Violet Hultzer was die soliste in *Hear my prayer, O Lord* van Mendelssohn. Volgens die resensie was hierdie koorstuk een van die hoogtepunte van die konsert (*Die Volksblad*, 17 Junie 1947).

Aangesien Jackson oor 'n seldsame stemtipe, naamlik die van mezzo-sopraan beskik het, is sy vir byna elke konsert of uitvoering genader. Sy het of as soliste opgetree of sy het deel uitgemaak van 'n koor of kleiner ensemble. Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat sy baie gewild was. Sy het egter ook gereeld in kerke as soliste opgetree waartydens sy gewyde werke gesing het.

In 1940 en 1945 het sy in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord opgetree. Hierdie uitvoerings het onder die leiding van David Roode in Junie 1940 en November 1945 plaasgevind. In 1948 en 1949 het sy in die Tweetoringkerk en die Noorhoek-kerk onderskeidelik opgetree. Hierdie uitvoerings het onder die leiding van Dolly Heiberg en Henriëtte Pauw op 22 April 1948 en 17 September 1949 plaasgevind. Werke wat Jackson gesing het, sluit in *Vrede* (Schubert), *Die Heer is my Lig* (Allitsen), die *Halleluja* en *Blanke Engelerei* (Handel). Kunstenaars wat saam met Anna Jackson

opgetree het was Gerhard Olivier in die duet, **U is die Rus** (Schubert), Isabel du Toit, Alma Kok en Vivia Kruger (*Die Volksblad*, 26 Junie 1940, 21 November 1945, 23 April 1948 en 19 September 1949).

Ander konserte sluit in ten bate van die Reddingsdaadbond, uitvoerings deur David Roode en Benedictus Kok in die Stadsaal, 'n Chopin-aand georganiseer deur die Bloemfonteinse Musiekkklub en tydens die selfstandigwording van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Hierdie konserte het in 1940, 1942, 1948 en 1950 plaasgevind. Werke wat sy gesing het, sluit in **Ek ken 'n plek waar salie groei** (Charles Horn), **Kom dans Klaradyn** en **Heimwee** (S le Roux Marais), **My noble Lords** uit **The Huguenots** (Meyerbeer), **Alleluja** (O'Connor Morris) en 'n verwerking van die **Etude opus 25 nr 5 in e mineur** (Chopin) deur Maurice Besley saam met Christine Lamb (later Stewart). Haar stem is geprys vir die besondere kwaliteit en haar sang is as musikaal en afgerond beskryf (*Die Volksblad*, 16 Februarie 1942, 24 Februarie 1948 en 11 en 16 Maart 1950; *The Friend*, 3 Mei 1940).

Anna Jackson se optredes was nie net tot Bloemfontein beperk nie. Sy het ook uitvoerings in ander dorpe gegee. Op 9 Junie 1947 het sy saam met Petrus Lemmer en Albert Steffens 'n geslaagde orrel- en sanguitvoering op Rouxville in die Ned Geref Kerk aangebied (*Die Volksblad*, 19 Junie 1947).

In *Die Volksblad* (26 November 1949) het dit bekend geword dat Anna Jackson en haar man, Bonny Jackson Bloemfontein sou verlaat om hulle in Kaapstad te gaan vestig. Sy woon tans in Pretoria waar sy afgetree het (Jackson, 1992, Telefoongesprek).

3.6 Rita Karstel

3.6.1 Lewenskets

Hierdie beminde sangeres is op 2 April 1924 in Ficksburg gebore. Haar vader was die bekende orrelis, pianis, komponis en dirigent, Aubrey Karstel. In die tyd toe Rita gebore is, was haar pa orrelis en klavieronderwyser in Ficksburg. Haar moeder, mej Lily Rowan, van Zastron was ook 'n onderwyseres wat haar opleiding in Kaapstad ontvang het (Scholtz, 1992, Brief).

In 1930 het die gesin na Bethlehem verhuis waar haar vader orrelis van die Weskerk was. In Bethlehem het sy klavieronderrig van haar vader ontvang en vioolonderrig by 'n ene mnr Blaauw. Hy het een maal per week van 'n naburige dorp na Bethlehem gekom om daar les te gee. In die aand was daar dan 'n orkesoefening in die huis van mnr en mev Karstel. Later is daar dan 'n konsert in die Stadsaal aangebied waaraan sy ook deelgeneem het (Scholtz, 1992, Brief).

In 1937 het sy met sangles begin by 'n dame wat glo in Covent Garden gesing het. Haar eerste sangstuk wat sy gesing het was *And we died for England's honour, for the*

glory of the Sea. Teen die einde van 1938 het haar ouers na Bloemfontein verhuis. Rita het egter in Bethlehem agtergebly om haar matriekeksamen te voltooi. Sy het musiek as vak vir haar matriekeksamen aangebied en haar onderwyser was George Enslin (Scholtz, 1992, Brief).

In 1941 het Rita Karstel ook na Bloemfontein gekom waar sy vir twee jaar aan die destydse Normaalkollege gestudeer het. In hierdie tyd het sy begin met haar talle optredes in Bloemfontein (Scholtz, 1992, Brief).

Teen die einde van 1944 behaal sy haar graad in die onderwys en aanvaar 'n onderwyspos by die Oranje Meisieskool. Sy het hierdie pos beklee totdat sy in 1947 na Holland verhuis het (Scholtz, 1992, Brief). In hierdie tyd het sy ook al haar sangeksamens onder die leiding van Jennie Hadlow voltooi en in 1946 was sy onder die finaliste wat meegeding het vir die oorsese studiebeurs van U N I S A. Sy het meegeding op grond van haar prestasies in die U V L M-eksamen in sang. Ander bekende musici wat ook om hierdie beurs meegeding het, was Olga Troskie en Betsie van Rooyen (*Die Volksblad*, 18 September 1946; Scholtz, 1992, Brief).

3.6.2 Deelname aan Kunswedstryde

Rita Karstel het reeds op 'n vroeë ouderdom bewys waartoe sy in staat is toe sy aan die Vrystaatse Kunswedstryd van 1941 deelgeneem het en 'n eerste plek vir die sangsolo

(meisies 18 jaar en onder) verower het. Saam met Joan Hadlow het sy 'n verdere eerste plek in die afdeling sangduo (18 jaar en onder) behaal (*Die Volksblad*, 22 Mei 1941).

Sy het in 1943, 1945 en 1947 aan hierdie kunswedstryde deelgeneem en altyd 'n eerste plek of A-simbole in die afdeling sangsolo (ligte sopraan) in haar ouderdomsgroep behaal. Reeds in daardie stadium was sy 'n leerling van Jennie Hadlow. Werke wat Rita Karstel met groot sukses gesing het, was *Vlindervlerkies* (Philips), *Die Duif* (M C Roode) en *Bist du bei mir* (J S Bach). Die beoordelaars het telke male haar sang as 'n hoogtepunt beskryf en slegs positiewe kommentaar gelever. In 1947 het sy die silwer medalje vir die beste sangprogram verower. Sy het tweede plekke behaal in die afdelings oratorium en sangsolo (ligte sopraan, ope) alhoewel sy eintlik in die ouderdom drie-en-twintig jaar en onder moes deelneem (*Die Volksblad*, 17 Mei 1943, 19 en 22 Mei 1945, 7, 9 en 12 Mei 1947).

Rita Karstel het ook haarself tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing as uitstekende sangeres bewys. In 1944 en 1946 het sy deelgeneem en die volgende prestasies behaal: 1944: tweede plek, dames duet saam met Joan Hadlow, 1946: eerste plek, sopraansolo (gewyde lied), liriese sopraansolo en sangvoordrag (drie Britse liedere) en sangduet (dames) saam met Joan Hadlow (*The Friend*, 4 Mei 1944; *Die Volksblad*, 11 en 14 Mei 1946).

3.6.3 Deelname aan Kantates, Operas en Operettes

In 1942 het Rita Karstel haar buiging as kantate-sangeres gemaak toe sy een van die soliste in die kinderkoor was tydens die aanbieding van **Dawid die Herderseun** (G F Root) wat deur P J Lemmer uitgevoer is. Volgens die resensie het Karstel 'n goeie indruk gemaak. Sy moes haar solo uit **Gelukkig is die kinders** herhaal. Kritiek is egter uitgespreek teen haar onduidelike uitspraak van die klinkers (*Die Volksblad*, 23 Maart 1942).

Sy het tydens haar studiejare aan die destydse Normaalkollege die hoofrol in die Afrikaanse operette **Die Boerenooientjie** vertolk. Die musiek van die operette is deur haar vader, Aubrey Karstel, geskryf en die libretto was deur Jas J Broodryk (Scholtz, 1992, Brief).

In die resensie wat in *Die Volksblad* (2 November 1942) verskyn het, is melding gemaak van Rita Karstel se natuurlike houding op die verhoog. Sy het met 'n soet en suiwer stem die rol van die boerenooientjie vertolk, maar wat by tye té sag was vir die groot Stadsaal met sy swak akoestiek. Nietemin het sy groot waardering van die gehoor ontvang.

In 1945 het Rita Karstel haar buiging as operasangeres gemaak en wel as Gretel in Humperdinck se **Hänsel und Gretel**. Dit was die eerste keer dat hierdie opera in Afrikaans uitgevoer is. In hierdie produksie het van Bloemfontein se beste musici

opgetree, onder andere Isabel du Toit, Anna Jackson, Norah Havenga en Joan Hadlow (Scholtz, 1992, Brief, *Die Volksblad*, 5 Mei 1944).

Volgens die resensie in die plaaslike koerant is dit duidelik dat Rita Karstel die publiek beïndruk het met haar pragtige sang. Daar is gesê dat haar stem steeds besig was om te ontwikkel ten opsigte van omvang en musikaliteit. Sy het egter die publiek verras met die volheid en resonans van haar stem. Daarby het sy knap toneel gespeel. Teenoor haar het Anna Jackson die rol van Hänsel met vertroue vertolk en pragtige sang gelewer. Daar is ook melding gemaak van die twee sangeresse se gesamentlike optrede wat by tye groot hoogtepunte opgelewer het (*Die Volksblad*, 19 Junie 1945).

3.6.4 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging

Tydens die heel eerste konsert van hierdie vereniging op 26 Junie 1944 het Rita Karstel saam met Joan Hadlow **Restless River** (E German) gesing. In 1945 het sy ook 'n paar keer opgetree asook in 1946 en 1947. Sy het gereeld saam met Joan Hadlow duette gesing wat in die meeste gevalle 'n uitstaande indruk op die gehoor gemaak het. Haar solosang is altyd geprys vir die soepelheid van haar stem. Werke wat sy gesing het tydens hierdie konserte sluit in **Oh had I Jubal's lyre** (Handel), **My siel is siek van heimwee** (Lemmer), **Spring's awakening** (Anderson), **My heart ever faithful** (Bach) en **Rejoice greatly** uit **Die Messias** (Handel). Duette wat sy en Hadlow gesing het, was **Bergrivier** (Lemmer), **Morning hymn** (Henschel) en **Stil soos die nag** (Goetze) (*Die*

Volksblad, 27 Junie 1944, 7 Maart, 4 September en 19 Oktober 1945, 18 Maart en 18 November 1946 en 17 Junie 1947).

3.6.5 Ander aktiwiteite

Rita Karstel het in talle gewyde uitvoerings opgetree. Voorbeelde van sulke uitvoerings het in 1946 en 1947 plaasgevind. In 1946 het sy as soliste teen die hele koor opgetree in **Hoe lieflik is Sion**. Alhoewel haar stem nie baie sterk was nie, het die suiwer intonasie en die musikale sang deurentyd opgeval. Sy het ook pragtige sang gelewer in 'n kwartet saam met M Joubert, B Kok en S Boshoff. Hierdie uitvoering is deur haar vader, Aubrey Karstel, aangebied (*Die Volksblad*, 25 Junie 1946).

Die Christelike Stewersvereniging van die Bloemfontein-Wes kerk het op 18 September 1947 'n verskeidenheidskonsert in die Stadsaal aangebied, waartydens Rita Karstel sangsolo's gelewer het. Fondse het gegaan vir sendingonderwys (*Die Volksblad*, 16 September 1947).

Rita Karstel het gereeld in ander konserte opgetree en Bloemfontein het gou met haar talente bekend geraak. Tydens 'n konsert wat deur Benedictus Kok ten bate van die destydse Reddingsdaadbond georganiseer is, het sy as sangeres opgetree. Sy het **Lenteoggend** van Robert Batten gesing (*Die Volksblad*, 19 September 1942). Op 15 Oktober 1945 het Rita Karstel as soliste opgetree tydens 'n konsert wat deur Jennie Hadlow se dameskoor aangebied is. Sy het 'n gemaklike en roerende vertolking van

Mendelssohn se **Hear ye, Israel** gegee. Kritiek teen haar sang was dat die volheid in die dramatiese dele nog ontbreek het. Verder het sy en Joan Hadlow pragtig saamgesing in die duet **Stil soos die nag** (Goetze) (*Die Volksblad*, 16 Oktober 1945).

Teen die einde van 1946 is die Bloemfonteinse teatergroep in die lewe geroep. Hierdie groep het hulle beywer om Afrikaanse toneelstukke, goeie klassieke stukke asook van die beter oorsese werke op die planke te bring. Prof Anna Neethling-Pohl het aan *Die Volksblad* gesê dat die eerste opvoering van die teatergroep, naamlik **Die Kersspel** 'n grootse werk is. Die teks is die van W E G Louw en die musiek is geneem soos wat dit in Europa gebruik is (*Die Volksblad*, 15 Oktober 1946). Rita Karstel het die rol van Maria in hierdie aanbieding vertolk wat vanaf 2 tot 6 Desember in die Clarendonsaal aangebied is. Justa Kriel het die spelleiding waargeneem en prof Roode was vir die musiekleiding verantwoordelik. Kyk Bylae, pp. 17-18 (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1946; Scholtz, 1992, Brief).

Volgens die resensent was die uitvoering van **Die Kersspel** van W E G Louw baie suksesvol. Die soliste het maar 'n klein aandeel in die spel gehad, met die uitsondering van Rita Karstel as Maria wat haar rol met vertroue en kalmte vertolk het. Haar spel was sag en haar sang is gekenmerk deur 'n musikale aanvoeling en suiwer intonasie. Teenoor haar het Sas Boshoff die rol van Josef vertolk. Hy het sy rol goed vertolk en sy sang was ook aangenaam. Verder het die koor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord van die mooiste sang gelewer. Prof Roode het die koor gedirigeer (*Die Volksblad*, 3 Desember 1946).

Vroeg in 1947 het Rita Karstel en mnr Merwe Scholtz verloof geraak en op 24 Desember 1947 het sy saam met hom na Holland vertrek waar hulle op 21 Januarie 1948 in Ede, Gelderland in die huwelik getree het (*Die Volksblad*, 25 Januarie en 29 November 1947 en 14 Februarie 1948; Scholtz, 1992, Brief).

Mev Scholtz is tans woonagtig in Oranjezicht in Kaapstad.

3.7 Marion Key

3.7.1 Lewenskets

Hierdie Bloemfonteinse sangeres het nie alleen uitgeblink as soliste nie, maar het ook 'n belangrike bydrae gelewer ten opsigte van musiekopvoeding. Sy het reeds op 'n baie jong ouderdom met musiekonderrig begin en waardevolle werk verrig. Op die operaverhoog het sy groot naam vir haarself en vir Bloemfontein gemaak.

Marion Elaine Tahan is op 14 Julie 1922 naby Fouriesburg gebore. As jong dogtertjie het sy klavieronderrig van mej Beryl Macaskill ontvang. Sy het besonder vinnig gevorder en in 1934 pryse en medaljes op die Bethlehemse Kunswedstryd verower. In dieselfde jaar het sy die graad 5 klaviereksamen van U N I S A met lof geslaag en 'n beurs verower (Wagner, 1994, Brief; Malan, 1984, p. 97).

Teen die einde van 1934 het haar ouers haar in die koshuis by die Eunice Meisieskool ingeskryf. In die tyd het sy van Petrus Lemmer en mev Lemmer onderrig in klavier en harmonie ontvang. Sy het later klavieronderrig by die skool ontvang en wel by Gladys Wilkinson en Ruby van Reenen. In 1937 het sy die graad 7 klaviereksamen van U N I S A met sukses voltooi (Wagner, 1994, Brief).

In 1939 het Marion Key se ouers na Bloemfontein verhuis. In daardie jaar het sy by David Roode les geneem. In dieselfde jaar het sy die finale klaviereksamen met lof geslaag (Wagner, 1994, Brief). Sy het ook sang onder prof D J Roode gestudeer en later in 1954 ook onderrig van Derik van der Merwe ontvang (Malan, 1984, p. 97).

Reeds in 1941 het dit bekend geword dat mej Tahan as assistente van prof Roode by die destydse Vrystaatse Musiekskool aangestel is. Sy het in daardie stadium die volgende lisensiaatdiplomas reeds voltooi: A T C L (1940), U O L M (1941) en L T C L (1940). Sy kon ook nog 'n paar private leerlinge by haar ateljee in Waverleyweg 54 aanvaar (*Die Volksblad*, 8 Oktober 1941; Wagner, 1994, Brief).

In 1942 is aangekondig dat Marion Tahan die U V L M in klavier met sukses voltooi het. Sy was in daardie stadium nog steeds 'n leerling van prof Roode. In 1944 het Marion die U V L M en U O L M (beide sang) met sukses voltooi. Op 30 September 1944 het Marion Tahan met dr Ian Gordon Key in die huwelik getree (*Die Volksblad*, 31 Oktober 1942, 7 Oktober en 11 November 1944; Wagner, 1994, Brief).

3.7.2 Pedagoog

As assistente van prof Roode het sy goeie werk verrig. In 1942 het daar 'n groot aantal leerlinge, onder meer Dolly Heiberg en Ria Fourie, hulle klaviereksamens met sukses onder haar leiding voltooi. Sy het verder leerlinge vanaf graad 1 tot die finale graad in klavier onderrig (*Die Volksblad*, 31 Oktober 1942, Wagner, 1994, Brief).

Met die totstandkoming van die Departement Musiek aan die U O V S in 1946 is Marion Key tydelik as sang- en klaviersosent aangestel. In daardie stadium was sy musiekonderwyseres by die Eunice Sekondêre Meisieskool (*Die Volksblad*, 5 Januarie 1946; Wagner, 1994, Brief).

In 1952 is sy as plaasvervanger vir prof Roode by die Musiekdepartement van die U O V S aangestel. In die tyd wat prof Roode met musiekeksamens in Kaapstad besig was het Marion Key sy werk behartig (*Die Volksblad*, 6 September 1952; Wagner, 1994, Brief).

3.7.3 Deelname aan Kunswedstryde

Marion Key het as deelnemer aan die jaarlikse kunswedstryde uitstekende prestasies gelewer. Sy het in 1941, 1945, 1949, 1951 en 1953 aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem en verskeie eerste plekke en A-simbole verower. Enkele prestasies wat sy behaal het was die volgende: 1941: eerste plekke vir snelstudie (18 jaar en onder), klaviersolo (ope, eie keuse), bladles (18 jaar en onder) en klaviersolo (18 jaar en onder) en tweede plek vir bladles (ope). In die afdeling agtien jaar en onder het die bekende Stefans Grové ook deelgeneem en die tweede plek verower. Die beoordelaar, mnr Duggan, het haar vertolking van die **Prelude in g mineur** (Rachmaninoff) as besonder artistiek en beheersd opgesom (*Die Volksblad*, 13 en 14 Mei 1941; Program, 17 Mei 1941).

In 1945 het sy saam met Benedictus Kok die **Miserere** uit **Il Trovatore** (Verdi) oortuigend uitgevoer en 'n A-simbool verower in die afdeling, sangduo, dame en heer (ope). In 1949 het sy 'n A-simbool verower in die afdeling klaviersolo (ope, professioneel) met 'n voorgeskrewe werk. In 1951 het sy A-simbole in die volgende kategorieë behaal: sangsolo (ligte sopraan, ope) en oratorium (ligte sopraan, ope) en ook vir die klaviersolo (ope, professioneel). In 1953 het sy in totaal vier A-simbole vir haar sang verower en een in klavierspel, naamlik ligte sopraansolo (ope), lieder (ligte sopraan, ope), oratorium (ligte sopraan, ope), moderne komposisie (eie keuse) en

klavierbegeleiding (ope). Marion Key het tydens die meeste van die pryswennerkonserter van hierdie kunswedstryde opgetree. Resensies in die plaaslike koerante het haar sang as gevoelvol beskryf en haar klavierspel het getuig van deeglike voorbereiding en is met oortuiging uitgevoer (*Die Volksblad*, 19 Mei 1941, 17 Mei 1945, 17 Mei 1949, 18 en 21 Mei 1951, 7 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 18 Mei 1951, 7 en 9 Mei 1953).

Marion Key het ook aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en baie goed presteer. In 1940 het sy die eerste prys verower vir haar klaviersolo (19 jaar en onder). In 1944, 1950 en 1954 het sy as sangeres deelgeneem en ewe goed presteer. In 1944 is eerste plekke in die afdelings ballade (dames) en sopraansolo (21 jaar en onder) aan haar toegeken en 'n tweede plek vir liriese sopraansolo. Haar prestasies van 1950 was soos volg: A-simbole in die kategorieë sangsolo en ballade en 'n B-simbool vir die sangprogram. In 1954 het sy A-simbole behaal vir ligte sopraansolo, liedere en sangprogram en B-simbole vir oratorium en vokale kwartet (*The Friend*, 19 April 1940, 3 en 4 Mei 1944, 10 en 12 Mei 1950, 5, 6, 7, 8 en 10 Mei 1954; *Die Volksblad*, 11 Mei 1950).

In 1956 het sy weer aan die Festival deelgeneem en soos die vorige kere uitstaande presteer. Die beoordelaar, Betsy de la Porte, se woorde was soos volg: "She had a heavenly voice and was a true artist." (*The Friend*, 17, 18 en 19 Mei 1956; Wagner, 1994, Brief).

3.7.4 Ander optredes as Sangeres en Pianiste

As konsertvoordraer het Marion Key baie gou in Bloemfontein bekendheid verwerf en sy is gereeld genader om by verskeie plekke en konserte op te tree. In 1949 en 1950 het sy haarself weer eens as uitmuntende pianiste onderskei met uitvoerings ten bate van die Sendingbondtak van die Ned Geref Kerk Noordhoek en die selfstandigwording van die U O V S. Hierdie konserte het onderskeidelik op 17 September 1949 en 15 Maart 1950 plaasgevind. By daardie geleentheid het sy onder andere *The little white donkey* (Ibert) en die *Prelude opus 23 nr 5 in g mineur* (Rachmaninoff) met insig en oortuiging uitgevoer (*Die Volksblad*, 19 September 1949 en 16 Maart 1950).

Dit was egter eers in 1945 dat Marion Key werklik as sangeres in Bloemfontein bekend geraak het. Tydens 'n konsert wat deur prof Roode in die saal van die Oranje-Jongedogters-Sendingbond op 28 Junie 1945 aangebied is, het sy 'n paar sangstukke gesing. In die resensie wat na die konsert verskyn het is dit glad nie duidelik watter stukke sy gesing het nie (*Die Volksblad*, 29 Junie 1945).

Sy het ook tydens gewyde konserte opgetree. 'n Voorbeeld van so uitvoering het op 20 November 1945 in die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord onder die leiding van David Roode plaasgevind. By daardie geleentheid het Marion Key U is die Rus uitgevoer (*Die Volksblad*, 21 November 1945). Teen die einde van 1950 het sy weer eens haar verskyning op 'n konsert deur prof Roode aangebied, verskyn. By daardie

geleentheid het sy 'n lied van Mendelssohn met innige gevoel vertolk (*Die Volksblad*, 24 November 1950).

3.7.5 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging

Tydens die tweede konsert van 1945 het sy as pianiste Liszt se **Etude in f mineur** gespeel. In 1951 het sy as sangeres op 'n konsert opgetree wat op 22 Junie plaasgevind het. By daardie geleentheid het sy **Watchman's song** (Strauss) met gevoel en selfvertroue gesing (*Die Volksblad*, 7 Maart 1945 en 23 Junie 1951).

3.7.6 Radio-kunstenaar

Afgesien van al haar konsertoptredes en betrokkenheid by die onderwys, het Marion ook programme vir die radio opgeneem. Op 22 Oktober 1952, 18 Oktober 1953, 4 Februarie 1954 en 15 Desember 1955 is daar programme oor die radio uitgesaai waarin Marion Key as kunstenaar opgetree het. Sy het as pianiste en sangeres werke van Debussy, Brahms, Glinka-Balakirev en Leschetizky uitgevoer. Ander werke wat sy gesing het was **If there were dreams to sell** (John Ireland), **Orpheus and his lute** (V Williams), **A blackbird singing** (M Head), **Nokturne** (M Head), **Lilacs** (M Philips), **Cuckoo song** (R Quilter), **O Divine Redeemer** (Gounod), **Morning hymn** (G Henschel), **Dove sono** (Mozart), **When I'm laid in earth** (Purcell) en **Romanze e scena** uit **Cavalleria Rusticana** (Mascagni). Verder het sy ook werke van Brahms en

Richard Strauss gesing. In 1956 en in die jare daarna het sy gereeld as kunstenaar oor die radio opgetree. Haar begeleiers was onder meer David Roode, Gertrude Kautzky en Japie Human (*Die Volksblad*, 18 Oktober 1952, 17 Oktober 1953, 30 Januarie 1954, 10 Desember 1955 en 2 Junie 1956).

3.7.7 Ander aktiwiteite

Marion het haar ook as bekwame begeleier bewys. Tydens die aanbieding van die operette *Viktoria and her Hussar* deur die Vrystaatse Musiekvereniging, het sy die klavierbegeleiding waargeneem. Sy het 'n goeie indruk met haar ritmiese spel gemaak (*Die Volksblad*, 17, 23 Augustus en 12 September 1951).

Marion Wagner is tans in Oos-Londen woonagtig waar sy afgetree het (Wagner, 1994, Brief).

3.8 Joan Hadlow

3.8.1 Lewenskets en Akademiese prestasies

Joan Hadlow is die dogter van die eens bekende Bloemfonteinse sangeres en sangonderwyseres, Jennie Hadlow. Joan Hadlow is op 22 April 1924 in Bloemfontein gebore. Haar laerskoolopleiding het sy aan die Eunice Primêre Meisieskool voltooi. By dié skool het sy klavieronderrig van Ruby van Reenen ontvang (Kilner, 1992, Brief).

Haar hoërskoolloopbaan het sy aan die St Michael Meisieskool voltooi waar sy musiekonderrig van mej Blake ontvang het (Kilner, 1992, Brief).

Joan Hadlow het nie net in sang uitblink nie, maar het ook puik prestasies in spraak en drama behaal. Die persoon wat die meeste invloed op mej Hadlow uitgeoefen het, was Elizabeth Streeten. Met haar as onderwyser het Joan Hadlow die A T C L (spraak en drama) in 1941 met sukses voltooi en in 1944 die L T C L (spraak en drama). In 1953 het sy nog 'n lisensiaat by die vorige twee gevoeg, naamlik die L R A M (spraak en drama). In later jare het sy ook in private hoedanigheid spraak en drama-klasse by die Eunice Meisieskool aangebied (Kilner, 1992, Brief).

In Suid-Afrika het sy alleenlik sanglesse van haar moeder ontvang, en dit het grootliks bygedra tot die puik prestasies wat sy behaal het. Sy het 'n beurs vir haar finale sangeksamen verower en in 1948 slaag sy die U V L M in sang sowel as die U O L M. Op grond van haar prestasie in die voordraerslisensiaat-eksamen is sy genooi om mee te ding om die oorsese studiebeurs wat jaarliks deur U N I S A beskikbaar gestel is. Mej Hadlow het daarin geslaag om hierdie beurs te verower (Kilner, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 28 September 1948).

Joan Hadlow, vergesel met haar moeder, Jennie, het op 11 Februarie 1949 na Londen vertrek om haar studies daar voort te sit (*Die Volksblad*, 25 Januarie 1949).

Tydens haar studiejare aan die Royal College of Music in Londen het sy sangonderrig van prof Arnold Smith ontvang en opera-klasse van prof Clive Carey. 'n Tydgenoot van Joan Hadlow by die Royal College was Joan Sutherland. Ander bekende musici wat ook tydgenote aan die Royal College was, sluit in sir Alexander Gibson wat later die dirigent van die Skotse Simfonieorkes van die Britse Uitsaaikorporasie geword het en David Ward (bas) wat een van die hoofsangere by Covent Garden was (Kilner, 1992, Brief).

In 1950 slaag sy die L R A M (sang) en ontvang 'n studiebeurs van die Royal College of Music. In die daaropvolgende jaar (1951) behaal sy ook die A R C M (sang) met groot sukses (Kilner, 1992, Brief).

In Londen het mej Hadlow verskeie optredes gehad. Hierdie optredes was hoofsaaklik van ligter aard. Sy het onder meer opnames gemaak saam met die George Mitchell-koor en met die Stanley Black-orkes. By die operaskool in Londen het sy ook in verskeie operas opgetree, onder andere *The devil take her* (Kilner, 1992, Brief; *The Friend*, 11 Augustus 1950).

In 1951 terwyl sy nog aan die Royal College studeer het, is sy getroud. Haar man was ook student in Londen en wel aan die Imperial College of Science and Technology wat reg langs die College of Music geleë was. Hy het saam met haar in 1953 na Suid-Afrika

teruggekeer en 'n pos as lektor by die Universiteit van Kaapstad aanvaar. Twee seuns is uit die huwelik gebore (Kilner, 1992, Brief; *The Friend*, 18 Februarie 1953).

3.8.2 Deelname aan Kunswedstryde

Joan Hadlow het gereeld haar verskyning op die Bloemfonteinse konsertverhoog gemaak, hetsy as soliste of in 'n koor. Sy het ook uitstekende prestasies tydens die jaarlikse kunswedstryde behaal. Enkele prestasies is soos volg: 1943: eerste plek, sangsolo, alt (21 jaar en onder); 1945: eerste plek, sangsolo (21 jaar en onder), eerste plek, sangsolo, alt (ope). Volgens die beoordelaar het mej Hadlow haar ryk en geoefende altstem ten volle gebruik asook haar dramatiese talent. Saam met Rita Karstel het hulle die tweede plek verower in die afdeling sangduo (dames ope). In 1947: tweede plek, sangsolo, opera (alt), eerste plek, sangsolo, alt (23 jaar en onder), tweede plek, sangprogram (ope) (*Die Volksblad*, 15 Mei 1943, 15, 18 en 19 Mei 1945, 8 en 9 Mei 1947).

Sy het ook aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en uitstekende prestasies gegee. In 1944 is 'n eerste plek aan haar toegeken in die afdeling altsolo (21 jaar en onder) en saam met Rita Karstel het hulle 'n tweede plek in die damesduet-afdeling verower (*The Friend*, 4 Mei 1944). In 1946 het sy weer eens aan hierdie fees deelgeneem en uitsonderlik gegee. Sy het eerste plekke verower in die volgende afdelings: opera-solo (dames), sangduet (dames) saam met Rita Karstel en sangvoordrag

(drie Britse liederes). In die afdeling kontraalto het sy 'n derde plek verower (*Die Volksblad*, 11 en 14 Mei 1946). Tydens die Festival van 1948 het Joan altesaam vyf A-simbole verower. Sy het in die volgende afdelings meegeding: oratorium, opera, ballade, sangstuk en liederes. Tydens die konsertaand is haar sang as oortuigend en intens beskryf (*Die Volksblad*, 15, 18 en 24 Junie 1948; *The Friend*, 16 Junie 1948).

3.8.3 Konsertoptredes onder beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging

Haar optredes in die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging het ook nie ongesiens verbygegaan nie. In 1944 het sy saam met Rita Karstel in die heel eerste konsert van dié vereniging opgetree. Hulle het **Restless River** (E German) gesing. 'n Verdere optrede in dieselfde jaar het gevolg op 27 November. Joan het 'n **Nokturne** (Michael Head) en **Awake Saturnia** (Handel) gesing. Haar kleurryke en volwasse stem het baie beïndruk. In 1945 het sy ook in talle konserte opgetree. Solo's wat sy gesing het, sluit in: **Oh, that it were so** (Frank Bridge) en **Black Roses** (Sibelius). Saam met haar gereelde sangmaat, Rita Karstel het sy ook die volgende werke gesing: **Bergrivier** (Lemmer), **Morning hymn** (Henschel) en **Stil soos die nag** (Goetze) (*Die Volksblad*, 27 Junie en 28 November 1944, 7 Maart, 4 September en 19 Oktober 1945; *The Friend*, 29 November 1944). Sy het in 1947 haar verskyning op twee van dié vereniging se konserte gemaak. By die een geleentheid het sy as soliste saam met die Hadlow Dameskoor in 'n vertolking van Mendelssohn se **Hear my prayer O Lord**, opgetree.

Tydens die ander konsert het sy 'n pragtige vertolking van **Farewell Ye mountains** (Tsjaikofski) en **Love went a-Riding** (F Bridge) gelewer. Sy is deur Mary Rousseau op die klavier begelei (*Die Volksblad*, 30 April en 17 Junie 1947).

3.8.4 Deelname aan Operas

In Bloemfontein het Joan haar debuut as opera-sangeres in 'n produksie van **Hänsel und Gretel** van Humperdinck in 1945 gemaak. Hierdie opera is in Junie 1945 in die Grand-teater onder leiding van Petrus Lemmer aangebied. Joan het groot lof vir haar rol as die heks ingeoes. Kyk Bylae, pp. 42-43. Die resensent van *Die Volksblad* (19 Junie 1945) se woorde was soos volg: "Die hoogste lof gaan egter na Joan Hadlow, wat 'n onvergeetlike voorstelling van die heks gelewer het. Haar aankleding en grimering was uitstekend, terwyl dit moeilik is om presies te sê waarin sy die meeste uitblink het - haar ekspressiewe spel of haar dramatiese en gevoelige sang."

In 1947 het sy haarself weer eens as 'n uiters begaafde opera-sangeres onderskei. In Aubrey Karstel se produksie van **Il Trovatore** (Verdi) wat vanaf 21 tot 14 Oktober in die Grand-teater uitgevoer is, het Joan die rol van Azucena, 'n sigeunerin, vertolk. Kyk Bylae, pp. 44-45. Sy het volgens die resensent van *The Friend* van 24 Oktober 1947 uitstaande toneelspel en sang gelewer. Saam met Jacques du Toit in die rol van Ferrando was hul diksie die beste van al die soliste. Selfs 'n besoeker van Kaapstad het

in 'n brief aan *The Friend* meegedeel dat hy of sy die operavoorstelling bygewoon het en dat die vertolking van Joan Hadlow met die beste in die wêreld vergelyk kon word.

3.8.5 Ander optredes

Op 27 Julie 1947 het 'n groot eer Joan Hadlow te beurt geval. Sy het 'n aria uit *Simson en Delila* (Saint-Saëns) saam met die Durbanse Stadsorkes onder leiding van mnr Dunn uitgevoer. 'n Deel van die konsert is ook oor die radio uitgesaai (*Die Volksblad*, 25 Julie 1947).

Joan Hadlow woon tans in Claremont in Kaapstad (Kilner, 1992, Brief).

3.9 Charles Hamer

3.9.1 Lewenskets

Hierdie sanger wat in sy latere lewe 'n groter bydrae as orrelis gelewer het is op 30 Mei 1886 in Leeds, Yorkshire gebore is. Sy musiekloopbaan het as koorsanger in die Parish Church Choir van Leeds begin. As lid van hierdie koor het hy vir vyf jaar as solis opgetree. Hy het reeds op die ouderdom van sestien sy eerste betrekking as orrelis gehad en was ook later orrelis van die Collingham Parish Church in Yorkshire. Hy was ook dirigent van die Collingham Choral Society (Malan, 1982, p. 153).

Sy sangloopbaan het hy onder leiding van Charles Lunn en Albert Jowett aan die Leeds College of Music voortgesit, waar hy vier jaar lank student was (Human, 1976, p. 518). Hy het besonder vinnig opgang gemaak en spoedig baritonrolle in operas begin vertolk. Hiervan was die vernaamste in Wagner se **Ring der Nibelungen**, wat deur die Denhof-operageselskap in Leeds en Manchester aangebied is (Malan, 1982, p. 153).

Hy het in 1921 op aandrang van sy broer, Alban Hamer na Suid-Afrika gekom waar hy as musiekonderwyser by die St Andrewskool aangestel is. Kort na sy aankoms in Bloemfontein is hy ook aangestel as orrelis van die Trinity Wesleyaanse Kerk. Hierdie pos het hy beklee tot in 1927 toe hy sy broer as orrelis van die Anglikaanse Katedraal opgevolg het (Malan, 1982, p. 153). Op 24 Mei 1942 het Charles Hamer sy veertigste jaar as orrelis herdenk (*The Friend*, 23 Mei 1942).

In 1924 het Charles Hamer die Bloemfontein Male Voice Choir gestig wat gereeld opgetree het. Hierdie koor het vermoedelik omstreeks 1936 opgehou om te bestaan (Human, 1976, pp. 94 en 98). Verder het Hamer ook 'n dameskoor gedirigeer (Malan, 1982, p. 153).

3.9.2 Bydrae as Dirigent

As dirigent het Charles Hamer op 'n ander gebied ook uitblink. Hy is as die eerste dirigent van die sangfeeste aangewys wat vanaf 1938 in Bloemfontein deur die

Vrystaatse Onderwysdepartement aangebied is. Tydens die sangfees vir skole van 1940 is mnr Hamer as dirigent deur die organiserende komitee aangewys. Hy was verantwoordelik vir die dirigeer van die massakore en is bygestaan deur mnre Casaleggio, Dominy en Shepstone. Met die aanstelling van Petrus Lemmer as sanginspekteur deur die Vrystaatse Onderwysdepartement, het hy die taak by mnr Hamer oorgeneem (*The Friend*, 13 en 14 Junie 1940; *Die Volksblad*, 27 Oktober 1941).

3.9.3 Konsertoptredes

Charles Hamer het gereeld as solis in konserte opgetree. Sy dameskoor het ook van tyd tot tyd hul verskyning op die konsertverhoog gemaak. Gereelde optredes sluit in konserte wat deur die Bloemfontein Music Club georganiseer is, waarvan Hamer ook lid was en as voorsitter in 1941 en 1942 aangewys is (*The Friend*, 24 Februarie 1941 en 5 September 1942). Tydens 'n konsert wat op 19 Junie 1940 gehou is, het mnr Hamer se dameskoor opgetree. By daardie geleentheid het sy koor *Queen Mary's song* (Elgar), *Go lovely rose* (Markham Lee) en *Evening* (Smart) gesing. As toegif het sy dameskoor *Come lady-day* (Roger Quilter) uitgevoer (*The Friend*, 21 Junie 1940).

Tydens die konsert van die Bloemfontein Music Club wat in September 1941 plaasgevind het, het Charles Hamer en mev McAdam *Still as the night* van C Bohm gesing (*The Friend*, 26 September 1941). Hamer het later weer eens as solis opgetree

en wel op die konsert van 29 Oktober 1941 van die Bloemfontein Music Club. Hy en Jennie Hadlow het die duet **How sweet the moonlight sleeps** van Liza Lehmann gesing (*The Friend*, 31 Oktober 1941). In 1942 het mnr Hamer ook as solis opgetree. Tydens die maandelikse byeenkoms van dieselfde klub wat op 23 September 1942 gehou is, het hy **Passing by** van Henry Purcell gesing (*The Friend*, 25 September 1942).

3.9.4 Ander bydraes

Hy was ook 'n aktiewe lid van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers, waarvan hy die President in 1935 was. Tussen die jare 1933 en 1945 was hy feitlik onafgebroke die Vrystaatse Vise-President (Malan, 1982, p. 153; Human, 1976, p. 519).

In 1943 is hy aangewys as beoordelaar van die vokale afdeling vir die Nasionale Eisteddfod van Suid-Afrika. Dit was die vyfde keer dat hierdie taak aan hom toevertrou is (*The Friend*, 15 Februarie 1943).

Charles Hamer het later die Musiekdirekteur van die Bloemfonteinse Stadsraad geword (Malan, 1982, p. 153). Nadat hy vir 24 jaar hom hoofsaaklik vir die musieklewe van Bloemfontein beywer het, het hy teen die einde van November 1945 na Durban vertrek. Daar het hy die orrelpos van die St Paul Kerk bekleed. Hy is op 24 September 1955 in Durban oorlede (Human, 1976, p. 520; *The Friend*, 25 September 1945; *Die Volksblad*, 25 September 1945).

3.10 Francina Buys

3.10.1 Lewenskets

'n Bespreking van sangers en sangeresse in Bloemfontein sal onvolledig wees sonder 'n verwysing na die begaafde koloratuur-sopraan, Francina Buys. Sy is op 1 Oktober 1917 as Francina Hendrina Buys in Benoni aan die Oosrand gebore. Kort na haar tweede verjaardag het haar ouers ontdek dat daar fout is met haar oë. Hulle het haar na 'n oogspesialis geneem wat ook nie presies kon vasstel wat die fout was nie. Verskillende spesialiste is geraadpleeg, maar omdat die mediese wetenskap in daardie stadium nog nie so gespesialiseerd was nie, is veel later vasgestel dat sy Retinitis Pigmentosa het; 'n oogsiekte wat dikwels in blindheid eindig. Op sesjarige ouderdom het spesialiste aanbeveel dat sy na die skool vir blindes op Worcester gestuur moes word ten einde die beperkte gebruik van haar oë te behou. Sy is egter eers op die ouderdom van agt na Worcester gestuur. Daar moes sy gewoon raak om deur ander blindes betas te word en ook om die brailleskrif aan te leer (Buys, 1992, Brief).

Sy was baie intelligent en het sub A en B binne ses maande voltooi en kon sy op die vereiste ouderdom na standerd een gaan. Sy het al haar skooljare in die eerste klas geslaag met onderskeidings in verskillende vakke. Reeds op skool het sy met klavieronderrig en elokusie begin. Sy het bykans elke jaar 'n eksamen van die

Universiteit van Suid-Afrika afgelê en baie goed daarin geslaag. Sy kon egter nog nie sang neem nie, omdat sy te jonk was, maar het voortdurend in die skoolkoor gesing (Buys, 1992, Brief).

Op hoërskool het sy ook met kerkorrelonderrig begin en het spoedig die finale eksamen van U N I S A voltooi. Dieselfde prestasie het sy ook in klavier behaal. Na voltooiing van haar skoolloopbaan het haar ouers besluit om haar vir 'n paar jaar tuis te laat bly om haar oë beter te ontwikkel. Hierna het sy verder gaan studeer. Haar sig het sodanig verbeter dat sy geheel en al van die brailleskrif kon afsien en alles deur middel van gewone skrif kon doen. Sy het spoedig die A T C L en L T C L-diplomas in sang en klavier verwerf. Haar vroegste sangonderrig het sy van madame Marine Delores ontvang (Buys, 1992, Brief).

In 1944 het sy vir 'n jaar klavier- en orrelonderrig aan die Sekondêre Volksskool in Heidelberg gegee. In hierdie tyd het sy steeds met haar sangonderrig voortgegaan en talle goue medaljes op kunswedstryde verower. Haar ouers het intussen na Molteno verhuis en sy wou baie graag naby hulle wees. Sy het toe vir 'n skoolpos by die Oranje Meisieskool in Bloemfontein aansoek gedoen. Sy het die pos gekry en het vir 11 jaar daar onderrig gegee (Buys, 1992, Brief).

In Bloemfontein het sy haar sangopleiding onder die bekwame prof David Roode voortgesit. Sy het as buitemuurse student aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

gestudeer en reeds in 1945 die U V L M (sang) verwerf. In hierdie tyd het sy gereeld opgetree, in Bloemfontein maar ook op die platteland, Noord-Kaapland, Suid-Wes Transvaal en in Johannesburg. Hierdie optredes was meesal vir liefdadigheid of tydens eredienste. Sangers en sangeresse wat in daardie tyd gereeld saam met haar opgetree het, sluit in Willem Naudé (tenoor) en Hettie Venter (alt). Tydens hulle optredes op die platteland het mev Francis van Dyk gewoonlik die begeleiding waargeneem (Buys, 1992, Brief).

In 1956 het sy die U O L M (sang) afgelê. Op grond van haar prestasie in dié eksamen is sy genooi om om die oorsese studiebeurs in Pretoria te gaan meeding. Sy het egter hierdie geleentheid van die hand gewys en 'n pianiste van Kaapstad het uiteindelik die beurs verower (Buys, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 15 September 1956).

In September 1956 is sy met Albert Weitz in die huwelik bevestig. Hulle het in die Vrystaat gebly waar hulle dikwels saam opgetree het. Hy was self 'n baie talentvolle sanger met 'n pragtige tenoorstem. In 1957 is mnr Weitz na Transvaal verplaas en het hulle hulself toe in Stilfontein gevestig. Teen die einde van 1957 is daar 'n dogtertjie uit hierdie huwelik gebore (Buys, 1992, Brief).

In 1961 het die Weitz-gesin na Klerksdorp verhuis waar Francina vir byna tien jaar orrel en sang aan die Klerksdorp Hoërskool onderrig het. Sy is tans in Panoramapark,

Klerksdorp, woonagtig, waar sy die voorreg het om sangopleiding en begeleidings waar te neem (Buys, 1992, Brief).

3.10.2 Deelname aan Kunswedstryde

Francina Buys het ook aan die Vrystaatse Kunswedstryde deelgeneem en puik presteer. In 1945 het sy die volgende prestasies behaal: eerste plek, opera of oratorium (ligte sopraan), tweede plek, sangduo (dames ope) saam met mej H du Plooy. Tydens die finale konsert van die kunswedstryd van 1945 het Francina Buys 'n baie goeie indruk met haar sang gemaak. Fasette van haar sang wat opgeval het was die gevoelvolheid en helderheid, sowel as die groot gemak waarmee sy die hoogste note kon plaas. Sy het 'n **Groene kleed versier die veld** uit **Die Skepping** van Haydn gesing. In 1947: eerste plek, sangduo (ope) saam met Norah Havenga; eerste plek, damestrio (ope) saam met Lotte Pretorius en Hettie Venter; eerste plek, sangduo, man en dame (ope) saam met Sas Boshoff (*Die Volksblad*, 19 en 22 Mei 1945 en 6 en 8 Mei 1947).

3.10.3 Deelname aan Oratoriums

In 1946 tydens die Bloemfonteinse eeufees is **Die Skepping** van Haydn deur prof Roode uitgevoer. Francina Buys het die rol van die engel Gabri"el vertolk. Saam met haar het prof Kok (tenoor), Anna Jackson (alt) en Gerhard Olivier (bas) as soliste opgetree (Buys, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 13 Februarie 1946).

Die eerste uitvoering het op 1 April 1946 plaasgevind waartydens die begeleiding deur 'n plaaslike strykkorke onder leiding van Victor Pohl waargeneem is. Volgens die resensie was dit werklik 'n hoogtepunt. Volgens die resensent was mej Buys, wat die grootste deel van die solo-werk gedoen het, se tempo effe traag. Sy het wel 'n suiwer stemproduksie gehandhaaf en voortreflike effekte verkry. In haar openingsaria waar sy die wonderwerk besing het, het haar helder sopraanstem pragtig bo die magtige volume van die koor uitgestyg. Daar is ook melding gemaak van die pragtige beurtsang asook die trio in die koraal: *Die heem'le vertel* waarin Benedictus Kok, Gerhard Olivier en Francina Buys pragtige sang gelewer het (*Die Volksblad*, 2 April 1946).

Die tweede uitvoering het op 3 April plaasgevind. By daardie geleentheid is die begeleiding deur die Simfonieorke van die S A U K onder die leiding van Jeremy Schulman waargeneem. Francina Buys het volgens die resensent werklik verbeter op haar lofwaardige poging tydens die vorige uitvoering. Dit was weer eens 'n skitterende aanbieding en daar is 'n volledige plaatopname van daardie betrokke uitvoering gemaak. 'n Kopie daarvan is vir bewaring aan Bloemfontein geskenk (Buys, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 4 April 1946).

Tien jaar later in 1956 het Francina weer een van die sopraanrolle in *Die Skepping* (Haydn) vertolk. Hierdie uitvoerings het op 21 en 22 Junie 1956 in die kerksaal van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes plaasgevind. David Roode het as dirigent opgetree in uitvoerings wat getuig het van afronding en professionaliteit. Buys het vir 'n groot

hoogtepunt gesorg met haar vertolking van **Op magtige vleuels** (On mighty pens) (*Die Volksblad*, 12 en 22 Junie 1956; *The Friend*, 22 Junie 1956).

3.10.4 Ander konsertoptredes

Na haar groot sukses met die uitvoering van **Die Skepping** in 1946 het Francina Buys se naam gereeld op konsertprogramme verskyn. Optredes sluit in 'n verskeidenheidskonsert aangebied deur die Christelike Strewersvereniging van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes (*Die Volksblad*, 16 September 1947). Tydens 'n orrel- en sanguitvoering in die Tweetoringkerk wat deur Dolly Heiberg aangebied is het Francina Buys ook opgetree. Sy het **Op magtige vleuels** uit **Die Skepping** gesing, asook gevoelvolle vertolkings van **Bist du bei mir** (Bach) en **Die Heilige Stad** (Adams) gegee (*Die Volksblad*, 25 Augustus 1947).

Tydens die groot volksfees wat in 1948 in Bloemfontein ter herdenking van die Vrystaat se verjaardag aangebied is, is daar 'n groot inwydingskonsert aangebied. By daardie geleentheid het Francina Buys **Hoe vreemd tog en Ongebonde wil ek lewe** uit **La Traviata** (Verdi) uitgevoer. Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 24 Februarie 1948 was haar voordrag een van die glanspunte van die aand.

Voor haar vertrek na Engeland in 1948 het sy 'n baie geslaagde sanguitvoering op 15 Mei 1948 in die Groenewaldsaal by die Oranje Meisieskool aangebied. Sy het

gevoelvolle sang gelewer in veral *Bist du bei mir* (Bach) en *Du bist die Ruh* (Schubert). Uit *Die Skepping* van Haydn het sy *On mighty pens* gesing. Sy het ook 'n aantal ligter liederes voorgedra. Sy het die program afgesluit met *Depuis le Jour* uit *Louise* van Charpentier en twee arias uit *La Traviata*. Hettie Venter het ook enkele sangstukke gelewer, naamlik: *Paasgesang* (Frank Bridge), *Zueignung* (R Strauss) en *Che Faro senza Euridice* uit *Orpheus* (Gluck). Sy het saam met Francina ook 'n paar duette gesing, onder andere *Sing voëltjie lief* (Montague Phillips) en *In die lentetyd* (Newton). Prof Roode het die begeleiding waargeneem (*Die Volksblad*, 17 Mei 1948).

Na haar terugkeer uit Engeland het sy talle uitvoerings in Bloemfontein gegee. Een van haar eerste optredes in Bloemfontein na haar terugkeer het op 22 April 1950 in die Groenewaldsaal plaasgevind. Francina Buys het op 1 September 1950 en weer teen die einde van dieselfde jaar uitvoerings in die Kestell-saal aangebied. Fondse wat tydens laasgenoemde konserte ingesamel is, is vir die Vroue-Sendingbond aangewend (*Die Volksblad*, 22 April, 30 Augustus, 2 September en 24 November 1950).

Soos baie ander kunstenaars van Bloemfontein het Francina Buys tydens die Van Riebeeckfees in Bloemfontein opgetree. Hierdie konserte het op 12 en 14 Februarie 1952 in die Stadsaal plaasgevind. In 1955 het Francina Buys by verskillende geleenthede haar talente vir liefdadigheid aangewend. Tydens 'n konsert wat op 1 Junie 1955 onder die beskerming van die Burgemeester van Bloemfontein aangebied is, is daar gepoog om fondse in te samel vir die jong sangeres, Paula Kruger, wat haar studies in

die buiteland wou gaan voortsit het, maar eers 'n noodsaaklike oogoperasie moes ondergaan. Op 12 September 1955 is daar 'n konsert in die Vissersaal aangebied met die doel om fondse vir die kindershuis in te samel (*Die Volksblad*, 21 Mei, 2 Junie, 3 en 10 September 1955).

Hierdie uitvoerings het volgens die resensente werklik getoon dat Francina Buys waardevolle kennis in die buiteland opgedoen het en groot vordering gemaak het. Haar sang is by meer as een geleentheid as hoogstaande bestempel. Haar tegniek, duidelike uitspraak en volkome beheer oor haar stem het aan elke lied reg laat geskied. Die stemming en karakter van elke sangstuk is baie duidelik na vore gebring. Werke wat sy tydens hierdie konserte gesing het, sluit in: **O Divine Redeemer** (Gounod), **Panis Angelicus** (Franck), **Die geboorte van die lente** (S le Roux Marais), **Angels guard thee** (Godard), **Maria Wiegeli** (Reger), **Arme swerweling** (Sullivan), **Lo, hear the gentle lark** (Bishop), **Der Hölle Rache** uit **Die Towerfluit** (Mozart) en **Porgi Amor** uit **Die huwelik van Figaro** (Mozart). Soms het van Bloemfontein se ander musici saam met haar opgetree soos Willem Naudé, Maxie van der Walt, Yvonne van Zyl, Connie van Rhyn en Isabel du Toit (*Die Volksblad*, 2 September, 30 Augustus en 24 November 1950, 2 en 11 Februarie 1952, 3 en 10 September 1955).

'n Uitvoering wat volgens Francina sekerlik een van die hoogtepunte van haar loopbaan was, is die uitvoering wat sy in die destydse Goewerneur-Generaal en sy gade, dr en mev E G Jansen se woning (vandag die bekende Oliewenhuis kunsmuseum) in

Bloemfontein gegee het. Die uitvoering het in November 1955 plaasgevind. Sy het nie net solosang gelewer nie, maar saam met die wêreldbekende tenoor van La Scala in Milaan, Luigi Infantino, 'n duet gesing. Hulle het 'n groot hoogtepunt bereik met hulle vertolking van Parigi'o Caro uit La Traviata (Verdi). Infantino was geweldig beïndruk met haar sang en het haar aangeraai om na La Scala te gaan waar hy sou sorg dat sy verdere opleiding ontvang en ook by die operahuis aanvaar sou word. Francina het egter die uitnodiging van die hand gewys aangesien sy van plan was om die volgende jaar in die huwelik te tree. Francina het ook Si mes Vers (Hahn), Die Duif (M C Roode), Maria Wiegelied (Reger) en My hart roem die Here (Bach) gesing. Die begeleiding is deur dr Arend Koole waargeneem (*Die Volksblad*, 21 November 1955; Buys, 1992, Brief).

In 1956 het Francina Buys nog by talle geleenthede opgetree en slegs vleiende kritiek ontvang. Daar was optredes ten bate van die Kultuurbond van die Spoorweë, Pos- en Telegraafdiens en tydens die Mozart-herdenkingskonsert op 7 Junie 1956. Sy het ook tydens die jaarlikse sangfees van die Onderwyskollege opgetree (*Die Volksblad*, 28 April, 7 Mei, 2, 6 en 8 Junie en 15 September 1956; *The Friend*, 14 September 1956; Buys, 1992, Brief).

3.10.5 Optredes in konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging en die Musiekvereniging van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Francina Buys se bydrae tot Bloemfontein se musieklewe sal egter onvolledig wees as daar nie na haar talle optredes in die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging verwys word nie. In 1945, 1946 en 1947 het sy gereeld as sangeres in konserte van dié vereniging opgetree. Konserte waartydens sy opgetree het, het onder andere op 7 Mei, 3 September 1945, 14 Oktober 1946, 28 April en 16 Junie 1947 plaasgevind. Werke wat sy tydens hierdie konserte gesing het, was **Arme swerweling** uit **The Pirates of Penzance** (Gilbert en Sullivan), **Kom sluimer beminde**, **Letaba** (beide S le Roux Marais), saam met Sas Boshoff **Stil soos die nag** (Goetze), **In Springtime** (Newton) en saam met Norah Havenga 'n tweestemmige vertolking van die **Nokturne in E-mol majeure** (Chopin). Haar sang het in die meeste gevalle slegs positiewe kommentaar uitgelok. Tydens een van die konserte het die skoolkoor van die Oranje Meisieskool wat deur haar afgerig is, ook opgetree. (*Die Volksblad*, 8 Mei, 4 September 1945, 15 Oktober 1946, 30 April en 17 Junie 1947).

Volgens Francina was 'n besondere hoogtepunt haar optrede op 26 Augustus 1955 in 'n uitvoering in die Clarendonsaal waartydens sy saam met Yvonne van Zyl, Jacobus Hattingh en Pieter Botes uittreksels uit bekende operas aangebied het. Hierdie was ook een van haar talle optredes voor die Vrystaatse Musiekvereniging nadat sy van Engeland teruggekeer het. Buys het uitstekende sang gelewer en veral beïndruk met haar

vertolking van **Einst träumte meiner sel'gen Base** [sic!] uit **Der Freischütz** (Weber). Kritiek wat teen haar sang uitgespreek is is die neiging tot oordramatisering. Derik van der Merwe het die begeleiding waargeneem (Buys, 1992, Brief; *The Friend*, 27 Augustus 1955).

Die konserte wat deur die Musiekvereniging van die U O V S aangebied is, het gereeld van Bloemfontein se bekendste kunstenaars aan die publiek voorgestel. In 1956 het Francina ook die geleentheid gekry om in een van hierdie konserte op te tree. In daardie stadium het sy geen bekendstelling in Bloemfontein nodig gehad nie. Sy het saam met Derik van der Merwe en Gertrude Kautzky op 27 Maart 1956 in die Vissersaal opgetree. Volgens die resensent was mej Buys se sang uitstekend. Sy het uitblink in **Twilight fancies** (Delius), **Die Duif** (M C Roode), **Ich Schwebte** (R Strauss) en **The Tryst** (Sibelius). **Ein Traum** (Grieg) was egter nie 'n goeie keuse nie. Die sangstuk was nie geskik vir Francina se stemtipe nie. Sy het uitsonderlike hoogtepunte in die opera-arias bereik. Sy het arias uit **La Traviata** (Verdi), **Die Huwelik van Figaro** (Mozart) en **Der Freischütz** (Weber) gesing (*Die Volksblad*, 24 Maart 1956; *The Friend*, 29 Maart 1956).

3.10.6 Buitelandse studie

In 1948 het dit bekend geword dat Francina Buys besluit het om haar studies in Londen voort te sit, en het in Julie van dieselfde jaar alleen met die Cape Town Castle na

Londen vertrek. In Londen het sy losies in die voorstad Forest Hill gekry waar nog twee Suid-Afrikaners gebly het (Buys, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 20 Maart 1948).

In Londen het sy vir 'n oudisie na prof Clive Carey by die Royal Academy of Music gegaan en dit met groot gemak geslaag. Sy het by hom vir byna twee jaar gestudeer. Teen die einde van 1948 het sy die L R A M (sang) en die A R C M (sang) met groot sukses voltooi. In dieselfde jaar het sy ook die F T C L (sang) geslaag, wat in daardie stadium een van die moeilikste eksamens vir sangeresse was (Buys, 1992, Brief; *Die Volksblad*, 11 April 1950).

Tydens haar studiejare in Londen het sy ook vir die Britse Uitsaaikorporasie (B B C) uitgesaai, en in Holland het sy programme opgeneem wat oor die sender van die Nederlandse Christelike Radiovereniging (N C R V) uitgesaai is (Buys, 1992, Brief).

In daardie stadium was Francina Buys as sangeres uitstekend gekwalifiseer met altesaam ses lisensiate.

Voordat sy in 1950 na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy 'n oogoperasie in Holland ondergaan. Die operasie was egter minder suksesvol. Sy kon in daardie stadium slegs haar linkeroog gebruik, soos vandag nog die geval is (Buys, 1992, Brief).

3.10.7 Sangonderwyseres

Na vele aanbiedinge by universiteite en kolleges, asook 'n aanbod as inspekteur van sang en musiek vir die Transvaalse Onderwysdepartement, het sy besluit om haar werksaamhede by die Oranje Meisieskool in Bloemfontein in 1950 te hervat (*Die Volksblad*, 11 April 1950). Sy het weer haar studies by prof Roode voortgesit en talle uitnodigings gekry om uitvoerings te lewer (Buys, 1992, Brief).

Terwyl Francina Buys aan die Oranje Meisieskool verbonde was het die destydse skoolhoof, mej Jooste, haar soms genader om sanguitvoerings by die skool te gee. Tydens dié konserte is daar 'n fondsinsameling gehou om die skoolfonds te styf. Op hierdie wyse het mej Buys die kinders blootgestel aan die klassieke literatuur, maar ook aan ligter klassieke werke (Buys, 1992, Brief).

3.10.8 Optredes buite Bloemfontein

Francina Buys het na haar terugkeer na Suid-Afrika ook op verskeie plattelandse dorpe opgetree. Een van die plekke waar sy opgetree het is Wepener. Sy het saam met Henriëtte Rossouw en Isabel du Toit 'n uitvoering onder beskerming van die Raad vir Volwasse Onderwys gegee. Sy het ook in Dewetsdorp en Aliwal-Noord opgetree. Hierdeur het sy gepoog om die platteland meer musiekbewus te maak. Saam met haar het Willem Naudé (sang), Annette van den Heever (viool) en Francis Laas (klavier)

opgetree. Op 6 November 1954 het Francina saam met Willem Naudé 'n uitvoering in Hennenman gegee. Francis Laas en Carol Botha was vir die klavierbegeleiding verantwoordelik en Annette van den Heever vir die altvioolspel (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1950, 8 September, 13 Oktober 1951 en 6 November 1954).

'n Groot eer het Francina Buys in 1953 te beurt geval toe sy deur die Ned Geref Kerk van die destydse Rhodesië uitgenooi is om deur die land te toer en konserte aan te bied. Die Ned Geref Kerk het al haar onkoste gedra en geld wat ingesamel is, is aangewend om 'n kerksaal in Bulawayo op te rig. Hierdie konserttoer het sy in Junie 1953 onderneem en uitvoerings in Zimbabwe en Zambië gegee. Plekke waar sy opgetree het, het ingesluit Bulawayo (26 Junie), Gwelo (27 Junie), Fort Victoria (29 Junie), Umtali (1 Julie), Rusape (2 Julie), die destydse Salisbury (4 Julie) asook Lusaka, Broken Hill en Livingstone. Haar begeleier tydens hierdie konsertreis was mev Carol Wilson (née Botha) (*The Friend*, 19 Junie 1953; Buys, 1992, Brief).

Op 7 Junie 1952 het sy vir prof Roode bygestaan toe hy die nuwe orrel van die Ned Geref Kerk Smithfield ingewy het. Saam met haar het Jacobus Hattingh opgetree (*Die Volksblad*, 21 Mei en 14 Junie 1952).

Sy het verder as soliste saam met die Durbanse Stadsorkes op 24 September 1950 in Durban opgetree, asook 'n halfuur program opgeneem wat vanaf Durban oor die radio uitgesaai is (*Die Volksblad*, 16 en 23 September 1950).

3.10.9 Radio-kunstenaar

Sy het ook programme vanuit die Bloemfonteinse ateljees uitgesaai. Op 24 November 1952, 13 September 1955, 26 Maart en 26 April 1956 het sy oor die radio gesing. Die inhoud van hierdie programme het gewissel van gewyde- tot sekul^ere musiek. Enkele voorbeelde van werke wat sy gesing het, was Lied van Rut (Gounod), Waar skape rustig wei (Bach), Grossmächtige Prinzessin uit Ariadne auf Naxos (R Strauss), Die Lorelei (Liszt), Ein Traum (Grieg), Koningin van die nag-aria (Mozart) en arias uit La Traviata (Verdi). Sy het ook saam met Willem Naudé die volgende werke gesing: Nokturne in E-mol majeur (Chopin), Miserere uit Il Trovatore (Verdi), Ek ken 'n plek waar salie groei en Ek wou dat een enkel woordjie (Mendelssohn). Die begeleidings is in die meeste gevalle deur David Roode waargeneem (*Die Volksblad*, 22 November 1952, 10 September 1955; *The Friend*, 24 Maart en 21 April 1956).

3.10.10 Ander bydraes

Francina Buys het ook 'n hele paar plaatopnames gemaak, onder andere in 1951 met werke soos Die Heilige Stad (Adams), Ek weet dat my Verlosser lewe (Handel), Maria Wiegelied (Reger), Wiegeliedjie (Loewenherz) en Die nagtegaal (Zeller) (*Die Volksblad*, 8 September 1951; Buys, 1992, Brief).

3.11 Martli en Irma Pohl

3.11.1 Algemene oorsig

Hierdie twee susters is die dogters van die bekende Bloemfonteinse violis, Victor Pohl en sy vrou Jackie. Martli het as jong meisie uitgeblink in vioolspel en het dikwels saam met haar vader in konserte opgetree (Pohl, 1992, Onderhoud).

Irma daarenteen het uit die staanspoor in die sangkuns belanggestel en ook pragtige prestasies behaal. Alhoewel sy nooit werklik in Bloemfontein of elders in Suid-Afrika belangrike optredes gehad het nie, het sy wel uitstekende prestasies in Europa behaal. Sy is op 11 Januarie 1934 in Bloemfontein gebore. Tydens haar skooljare het sy klavieronderrig van haar moeder ontvang en sangonderrig van Grace Butler. Sy het haar skoolloopbaan aan die Oranje Meisieskool voltooi (Pohl, 1992, Onderhoud).

Irma het die graad een tot finale eksamen van U N I S A met lof geslaag. In 1951 en 1952 het sy beurse ontvang op grond van haar prestasies in die graad 6 en graad 7 eksamens in sang. Die laaste twee eksamens het sy onder die leiding van prof Roode afgelê en vir albei 'n beurstoekenning ontvang. In 1956 het sy die L R S M en die U V L M (sang) met goeie gevolg afgelê. Haar suster Martli wat toe reeds in die

buiteland studeer het, was haar leermeesteres. Irma het ook die L T C L (elokusie) voltooi (Pohl, 1992, Onderhoud; Die Volksblad, 27 Oktober 1951 en 27 November 1952).

In 1958 is sy met Cronjé Venter in Wenen getroud. Hy was destyds 'n onderwyser by die Ambassade-skool. In 1963 het sy na Suid-Afrika teruggekeer waar sy die solorol in **Die Skepping** (Haydn) sou sing. Weens die dood van haar kind kon sy die aanbod nie aanvaar nie (Pohl, 1992, Onderhoud).

Nadat Irma na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy bykans geen openbare optredes gehad nie. Sy het later haar sang en op die ou end, musiek as haar loopbaan, heeltemal laat vaar (Pohl, 1992, Onderhoud).

Irma woon vandag nog in Bloemfontein waar sy haar geliefde stokperdjies, naamlik die skilderkuns en skryfkuns beoefen (Pohl, 1992, Onderhoud).

3.11.2 Deelname aan Kunswedstryde

In Bloemfontein het Martli ook van tyd tot tyd aan die kunswedstryde deelgeneem en goeie prestasies gelewer. In 1948 en 1950 het sy aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en soos volg presteer: In 1948 behaal sy A-simbole in die afdelings sopraan (21 jaar en onder) en vir die opera-solo. Tydens die

fees van 1950 het sy uitstaande prestasies behaal. Sy verower altesaam vyf A-simbole, asook die prys vir die belowendste en veelsydigste sangeres. Sy het in die volgende afdelings meeding: sopraansolo (23 jaar en onder), sangsolo (dames, ope), oratorium (ope), liriese sopraan (ope) en sangprogram (ope) (*Die Volksblad*, 15 Junie 1948, 11 en 15 Mei 1950; *The Friend*, 10, 11 en 12 Mei 1950).

As jong meisie het Irma op die Kunsfeeste in Durban en Bloemfontein geprester. Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1944 het sy die tweede plek in die afdeling sangsolo (10 jaar en onder) verower (*The Friend*, 3 Mei 1944; Pohl, 1992, Onderhoud).

In 1952 het Irma weer eens aan die Festival deelgeneem en die volgende prestasies behaal: A-simbole in die afdelings sopraansolo (18 jaar en onder) en sopraansolo (21 jaar en onder) (*The Friend*, 29 April en 1 Mei 1952).

Irma het ook aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem. Sover bekend het sy slegs vir een wedstryd in 1953 ingeskryf, naamlik sopraansolo (21 jaar en onder). Sy het egter 'n B-simbool verower (*The Friend*, 8 Mei 1953).

3.11.3 Buitelandse studie

Martli het later sang as 'n loopbaan gekies. Voordat sy in Desember 1950 Londen toe is om haar sangstudies onder Elena Gerhardt te gaan voortsit, het sy die U V L M (sang)

met die hoogste punte in die land geslaag. Daarna het sy ook die L R A M (sang) met sukses afgelê (Pohl, 1992, Onderhoud; *Die Volksblad*, 25 November 1950).

Martli het uiteindelik haar studies aan die Guildhall School of Music voortgesit, waar sy 'n student van prof Walter Grüner was. Sy het hoofsaaklik op die liedkuns gekonsentreer. Haar vordering was uitstekend en na slegs ses maande se studie aan die skool is sy gekies om tydens die Guildhall-konsert, wat op 29 Junie 1951 plaasgevind het, op te tree (*The Friend*, 8 Junie 1951).

Teen die einde van 1951 het daar weer 'n berig in die plaaslike pers verskyn wat die belangstellendes op hoogte gehou het met die vordering van die plaaslike kunstenaars wat oorsee studeer het. Martli Pohl het toe na 'n jaar se studie die A R C M (sang) met groot sukses voltooi met Clive Carey as onderwyser en ook Europa besoek waar sy die musiekfees in Salzburg bygewoon het. Sy het ook vir 'n tyd aan die Mozarteum in Salzburg gestudeer (*Die Volksblad*, 8 Desember 1951).

In 1954 het 'n groot eer haar te beurt geval toe sy as een van vyf-en-twintig sangeresse oor die hele wêreld gekies is om tydens een van die grootste Internasionale Musiekfeeste in Genev'e op te tree. Sy was die enigste Suid-Afrikaner wat aan die fees in die Victoria-saal deelgeneem het (*Die Volksblad*, 28 September 1954).

In Januarie 1956 het Martli na vyf jaar se studie in Europa na Bloemfontein teruggekeer. Sy is in 1955 in Wenen met mnr J Schourie getroud. In Wenen het sy onderrig in

operasang van prof Maria Hittorff ontvang en liedkuns by Viktor Graeff. Martli was geweldig beïndruk met Hittorff se onderrigmetodes en haar oortuigings ten opsigte van tegniek. Sy wou so gou moontlik weer na Wenen terugkeer het vir verdere studie by Hittorff. Die Schourie-egpaar het beplan om hulle in Johannesburg te vestig. Martli is egter as jong vrou oorlede (*Die Volksblad*, 28 Januarie en 3 Maart 1956; Pohl, 1992, Onderhoud).

In 1957 is Irma Wenen toe waar sy onderrig van die bekende Maria Hittorff ontvang het. In 1961 het sy die Staatsdiploma van Oostenryk met lof geslaag. In dieselfde jaar is sy en 'n Japanese sanger gesamentlik as die beste sangers aangewys. Sy het verder in oratoriums gespesialiseer met prof Lili Kolar as haar leermeester. Tydens haar studiejare oorsee het sy in verskeie oratoriums en ander uitvoerings opgetree. Sy het saam met die Bach-Gemeinde 'n solorol in Handel se oratorium **Acis and Galatea** vertolk. Hierdie uitvoering het in die bekende Mozartsaal in Wenen plaasgevind. Ander optredes sluit in die **Koffiekantate** (Bach), **Kersfeesoratorium**, **Matteuspassie** en **Johannespassie** (Bach) in die Mozartsaal en die Grosse Musikverein. Sy is ook genooi om in Linz op te tree in die rol van Olympia in die **Verhale van Hoffmann** van Offenbach. Soliste wat saam met Irma opgetree het was Edith Mandowski (sopraan), Adolf Tomaschek (tenoor), Albert Antalffy (bas), Getrude Fischer-Frölich, Heinrich Schneider en Robert Behan. Een van die dirigente onder wie Irma opgetree het, was

Julius Peter. Sy het in Graz en Basel oudisies met sukses afgelê met die oog op opera-kontrakte, maar kon die aanbiedinge weens persoonlike redes nie aanvaar nie (Pohl, 1992, Onderhoud).

3.11.4 Sanguitvoerings in Bloemfontein

In dieselfde jaar waarin Martli na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy 'n uitvoering van liedere in Bloemfontein aangebied. Hierdie uitvoering het op 31 Augustus 1956 onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging in die Clarendonsaal plaasgevind. Haar konsert het groot reaksie by die publiek uitgelok aangesien die Bloemfonteinse konsertgehoor met groot afwagting na haar uitvoering uitgesien het (*Die Volksblad*, 14 en 18 Augustus 1956).

Martli se uitvoering het baie gunstige kommentaar ontvang. Melding is gemaak van eienskappe soos kunssinnigheid, musikaliteit, intelligente en gestileerde vertolking, en buitengewone goeie asembeheer. Dit was reeds bekend dat sy tydens haar studies in die buiteland hoofsaaklik op die liedkuns gekonsentreer het. Sy het nie net oor 'n uitstekende tegniek beskik nie, maar ook 'n uitgebreide musikale begrip van stemming en inhoud getoon. 'n Oorversigtige benadering is bevraagteken, wat tot gevolg gehad het dat daar 'n gebrek aan bruisende sang was. Sy het 'n groot aantal liedere van Schubert, Brahms, Wolf en Hindemith gesing. Die Wolf-liedere, naamlik *Ein Stündlein wohl vor Tag*, *Begegnung*, *Das Verlassene Mägdlein* en *Lebe Wohl* was beslis die hoogtepunt

van haar uitvoering. Die resensent het ook melding gemaak van die onsekerheid wat die liedere van Hindemith by die gehoor gelaat het, aangesien dit vir hulle vreemd en ongewoon was. Hieruit kan 'n mens aflei dat die publiek en in 'n mindere of meerdere mate ook die resensent nie bekend was met die werke van laasgenoemde komponis nie. Sy het werke uit sy siklus, **Das Marienleben**, gesing. Arend Koole het die begeleiding op skitterende wyse behartig. Kyk Bylae, pp. 19-20 (*Die Volksblad*, 1 September 1956).

Soos reeds genoem het Irma baie min in Bloemfontein op die konsertverhoog opgetree. Voor haar vertrek na die buiteland het sy egter as sestienjarige 'n baie gunstige indruk met haar sang gemaak. Tydens die eerste konsert van die Kunstenaars van die Toekoms wat op 24 Maart 1950 in die Stadsaal plaasgevind het, het Irma opgetree. Haar uitstekende asembeheer en uitsonderlike stemkwaliteit het baie beïndruk (*Die Volksblad*, 25 Maart 1950).

3.12 Norah Havenga

3.12.1 Lewenskets

Hierdie begaafde musikus het op baie terreine skitterende werk gelewer. In haar jeugjare het sy as pianiste uitblink, later as sangeres en dosent. Gedurende die laaste vyftien jaar voor haar aftrede in 1985 het sy egter as koorleier uitstaande werk gelewer.

Norah Havenga is op 4 Februarie 1925 in Kaapstad gebore. Haar vader was Alexis Pieter Havenga en haar moeder was 'n juffrou D'Arcy. Beide van hulle het pragtige stemme gehad en daar is altyd in hulle huis gesing en musiek beoefen. Norah het ook 'n broer en 'n suster Colette, na wie elders verwys word in haar kapasiteit as amateursangeres (Havenga, 1991, Onderhoud).

Reeds op 'n baie jong ouderdom het Norah aan kunswedstryde deelgeneem en puik presteer in die sangsolo-afdelings. Sy het laerskole in Bloemfontein en Kaapstad bygewoon. 'n Gedeelte van haar skoolopleiding het sy in Grahamstad aan die Victoria Girls' High School voltooi waar sy klavieronderrig van Margaret Dewar ontvang het. In 1938 het die Havenga-familie na Bloemfontein teruggekeer (Havenga, 1991, Onderhoud).

In 1940 het sy met klavier- sowel as sangonderrig by David Roode begin, wat volgens Norah die grootste inspirasie en dryfveer vir haar musiekloopbaan was. In 1942 het sy die finale klaviereksamen van U N I S A met lof geslaag (*Die Volksblad*, 16 November 1942; Havenga, 1991, Onderhoud). In 1943 het sy die L T C L (klavier) geslaag asook die graad vyf sangeksamen (Havenga, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 13 November 1943). Sy voltooi ook die U O L M (klavier) in 1945 (*Die Volksblad*, 24 November 1945). Verder het sy die U V L M (sang) en U O L M (sang), L T C L (skoolmusiek), U L S M en die F T C L (sang) met sukses afgelê. Sy het ook die lisensiaat in koorleiding van U N I S A geslaag (Havenga, 1991, Onderhoud; *Die Volksblad*, 14 Augustus 1948).

Op grond van haar prestasie in die Onderwyslisensiaat in sang, is sy uitgenooi om aan die oorsese beurskompetisie in Pretoria mee te ding (*Die Volksblad*, 14 September 1954).

3.12.2 Onderwyseres en Dosent

Norah Havenga het 'n musiekpos by die Eunice Meisieskool beklee toe sy in 1946 as dosente in klavierspel en teorie by die nuutgestigte Musiekdepartement van die destydse U K O V S aangestel is (*Die Volksblad*, 5 Januarie 1946). Sy het verder ook 'n musiekpos aan die Kingswood-kollege in Grahamstad beklee voordat sy in 1954 as musiekonderwyseres by die Eunice Sekondêre Meisieskool aangestel is (Havenga, 1991, *Onderhoud; The Friend*, 26 Mei 1951).

Tydens haar verblyf in Grahamstad het sy die hoofrol in die operette **Princess Ida** (Gilbert en Sullivan) vertolk. Hierdie aanbieding het op 18 en 19 Junie 1951 in die Stadsaal van Grahamstad plaasgevind (Havenga, 1991, *Onderhoud; Program*, 18 en 19 Junie 1951).

Op 11 Junie 1955 het die dogters van die Eunice Meisieskool ook die ambisieuse onderneming aangepak deur die operette, **Prinses Ida** (Gilbert en Sullivan), in die Stadsaal aan te bied. Norah Havenga het die koor en soliste afgerig. Die regie is deur Faith de Villiers behartig en die orkes is deur Petrus Lemmer gelei. Volgens die

resensent het Norah met haar puik koor grootliks tot die sukses van hierdie produksie bygedra (*The Friend*, 28 Mei en 11 Junie 1955).

In 1961 is sy as dosent in skoolmusiek by die destydse Normaalkollege in Bloemfontein aangestel is. Hier het sy veral op koorsang en koorafrigting gekonsentreer, 'n veld waarin mej Havenga groot hoogtes bereik het. Hierdie pos het sy tot en met haar aftrede in 1985 bekleed (Havenga, 1991, Onderhoud).

By die kollege het sy 'n koor afgerig wat met groot sukses aan kunswedstryde deelgeneem het en ook in openbare konserte opgetree het (Havenga, 1991, Onderhoud).

3.12.3 Deelname aan Kunswedstryde

Soos reeds genoem het Norah Havenga puik prestasies tydens die jaarlikse kunswedstryde behaal. In 1941: tweede plek, klaviersolo (sestien jaar en onder); tweede plek, bladles (sestien jaar en onder). Die beoordelaar, mnr C A O Duggan, se kritiek was soos volg: "Die tweede prys het gegaan na Norah Havenga met 'n goeie tempo. Haar ritme is soms 'n bietjie te veel gedemp. Sy het haar werk goed voorberei en sy beskik oor uitstekende sleutelvernuf." In 1943: tweede plek, snelstudie (agtien jaar en onder), eerste plek, sangduo (meisies agtien jaar en onder) saam met Makkie Grové; 1945: eerste plek, gemengde kwartet saam met Lotte Pretorius, Benedictus Kok en mnr S Scott. Hulle het *God is ons Vader* (Sterndale Bennet) gesing; 1947: eerste plek,

sangduo (ope) saam met Francina Buys, tweede plek, ligte sopraansolo (ope). In 1949 is daar nie plekke aan die deelnemers toegeken nie, maar wel simbole. In 1949 het sy A-simbole in die afdelings ligte sopraansolo (ope) en ballade (ope) verower (*Die Volksblad*, 16 en 27 Mei 1941, 13, 15 en 17 Mei 1943, 17 Mei 1945, 6 en 7 Mei 1947, 20 en 21 Mei 1949).

Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing wat in 1946 aangebied is, het Norah in beide die vokale- en instrumentale afdelings meegeding. Sy het soos volg gepresteer: eerste plek twee klaviere (ope, eie keuse) saam met Olga Troskie; eertse plek sangtrio (dames) saam met Hettie du Plooy en Sally Sorour. Sy het ook 'n tweede plek in die afdeling mezzo-sopraansolo verower en 'n derde plek in die afdeling mezzo-sopraan (21 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 11 en 14 Mei 1946). Tydens die Festival van 1948 het sy die volgende prestasies behaal: A-simbole in die afdelings ballade, opera-aria en sangstuk vir dames. Sy het ook tydens die pryswennerkonsert opgetree en haar sang is as musikaal en beheersd beskryf (*Die Volksblad*, 15, 18 en 24 Junie 1948).

In 1952 en 1954 het sy weer haar verskyning tydens die Bloemfontein Festival gemaak. In die afdeling ballade (ope) het sy 'n A-simbool verower en 'n B-simbool in die afdeling ligte sopraansolo (ope). In 1954 is 'n B-simbool aan haar toegeken vir haar sang in die wedstryd oratorium (amateur en professioneel) (*The Friend*, 30 April, 1 Mei 1952 en 5 Mei 1954).

3.12.4 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging

Norah Havenga het gereeld en met groot sukses aan die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging deelgeneem. Sy het in 1944, 1946 en 1947 opgetree, nie net as pianiste nie, maar ook as sangeres. Werke wat sy op die klavier uitgevoer het, sluit in die *Sonate opus 78 in F-kruis majeur* (Beethoven) en saam met Olga Troskie het sy die *Gigue in G majeur* (Bach) op twee klaviere gespeel. Die resensent het haar vertolking van eersgenoemde werk as skitterend en hoogstaande beskryf. Die uitvoering het getuig van uitstekende tegniek en goeie vingerwerk. As sangeres het sy in die meeste gevalle saam met ander kunstenaars van Bloemfontein opgetree. By een geleentheid was sy deel van 'n trio saam met Sally Sorour en Hettie du Plooy wat *The flowering manger* (P Buck) gesing het. Sy het ook 'n onvergeetlike tweestemmige uitvoering saam met Francina Buys 'n verwerkte vorm van die *Nokturne in E-mol majeur* (Chopin) gelewer (*The Friend*, 8 September 1944; *Die Volksblad*, 4 Junie en 17 September 1946 en 17 Junie 1947).

3.12.5 Bydrae as operasangeres

Haar loopbaan as sangeres sluit 'n wye verskeidenheid in. As operasangeres het sy haar debuut so vroeg as 1945 in Bloemfontein gemaak tydens die aanbieding van *Hänsel und Gretel* (Humperdinck). Hierdie aanbieding het in Junie 1945 in die Grand-teater onder leiding van Petrus Lemmer plaasgevind. Norah het twee rolle, dié van die sandmannetjie

sowel as die doufeetje vertolk. Volgens die resensent het haar soet en strelende stem in die eersgenoemde rol groot byval gevind. Sy was egter minder geslaagd in haar vertolking van die doufeetje. Kyk Bylae, pp. 42-43 (*Die Volksblad*, 19 Junie 1945).

Sy het later in talle produksies van S U K O V S opgetree (Havenga, 1991, Onderhoud).

3.12.6 Ander aktiwiteite

Ander optredes was tydens 'n konsert wat by Grey-kollege aangebied is. Sy het uitgeblyk in haar vertolking van 'n **Tango** van Albéniz (*Die Volksblad*, 7 Mei 1946).

Norah het ook 'n besondere talent as begeleier gehad. Sy was onder andere verantwoordelik vir die begeleiding op die klavier tydens die uitvoering van **Die Skepping** (Haydn) in die Bloemfontein-Wes kerksaal op 21 en 22 Junie 1956. Sy het saam met Gerhardus Koornhof (orrel) die begeleiding op suksesvolle wyse behartig (*Die Volksblad*, 16 en 22 Junie 1956; *The Friend*, 22 Junie 1956).

Norah Havenga het as spreker by verskeie kursusse vir skoolmusiek opgetree. Sy was ook kursusleier by kursusse in koorafrigting (Havenga, 1991, Onderhoud).

Norah is na haar aftrede nog steeds in Bloemfontein woonagtig.

3.13 Juliette Aboud

3.13.1 Lewensoorsig

Hierdie begaafde kontralto van Libanese afkoms, is in November 1913 in Bloemfontein gebore. As kind het sy vir vier jaar in Libanon gewoon. In 1923 het sy na Suid-Afrika teruggekeer en haar skoolopleiding aan die Greenhill-kloosterskool in Bloemfontein voltooi (*The Friend*, 28 Desember 1942; Aboud, 1994, Telefoongesprek).

Nadat sy haar skoolpleiding voltooi het, het sy vir haar ouers gaan werk. Op hierdie manier het sy geld gespaar om sangles te kon neem. Sy was ook lid van die koor van Charles Hamer en het soms as soliste saam met die koor opgetree. Verder het sy ook vir 'n paar jaar sangonderrig van prof David Roode ontvang (*The Friend*, 28 Desember 1942 en 16 Januarie 1952).

3.13.2 Deelname aan Kunswedstryde

As deelnemer aan die jaarlikse kunswedstryde het Juliette puike prestasies behaal. Tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing wat in 1940 aangebied is, het sy twee tweede plekke verower, naamlik in die afdelings altsolo en damesolo (ope). Saam met mev McAdam het hulle die eerste plek verower in die afdeling damesduet. Volgens die resensent in *The Friend* (29 April 1940) het hierdie twee dames se sang 'n baie goeie indruk geskep. Hulle het 'n lied gesing wat getoonset is op Liszt se

bekende *Liebstraum* (*The Friend*, 19 April 1940). Tydens die fees van 1944 het sy die eerste plek verower in die afdeling altsolo (ope) (*The Friend*, 4 Mei 1944). In 1948 het Juliette nie minder nie as vyf A-simbole behaal. Onderskeidingsertifikate is in die volgende afdelings aan haar toegeken: opera, oratorium, ballade, sangstuk en liedere. Haar sang tydens die seniorkonsert is as magtig beskryf en verder is gesê dat haar sang groot opspraak verwek het (*Die Volksblad*, 18 en 24 Junie 1948; *The Friend*, 16 Junie 1948).

Juliette het in 1950 A-simbole in die volgende afdelings verower: opera-solo (ope), kontralto (ope) en liedere (dames, ope). Verder het sy 'n B-simbool in die afdeling, oratorium (ope) behaal. In 1952 het sy ook aan die fees deelgeneem, maar slegs B-simbole behaal (*Die Volksblad*, 9 Mei 1950; *The Friend*, 10, 11 en 12 Mei 1950 en 1 en 3 Mei 1952).

In 1947 het sy aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem en uitstekend presteer. Sy het die eerste plek verower in die afdeling opera (kontralto). Sy is ook gekies om op die pryswennerkonsert op 10 Mei 1947 op te tree (*Die Volksblad*, 8 en 12 Mei 1947).

3.13.3 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging

'n Bewys van haar begaafdheid as sangeres, is dat sy gereeld op die konserte van dié vereniging opgetree het. In 1945 het sy twee keer opgetree en dan in 1946, 1947 en

1951. Haar sang het in die meeste gevalle lofwaardige kommentaar uitgelok. Werke wat sy gesing het, was onder andere *I heard a forest praying* (De Rose), *Beyond the dawn* (Sanderson), *Softly awakes my heart* uit *Samson and Delilah* (Saint-Saëns), *Abide with me* (Liddell), *Hindoelied* (Bemberg), *Ich grolle nicht* (Schumann), *Der Schmied* (Brahms) en *O Don Fatale* uit *Don Carlo* van Verdi. Sy is onophoudelik toegejuig na haar skitterende vertolking van laasgenoemde werk en die resensent van *Die Volksblad* van 23 Junie 1951 het te kenne gegee dat haar stem voller en ronder as in die verlede geklink het. Daar was ook geen huiwering of halfhartigheid in haar voordrag nie (*Die Volksblad*, 7 Maart en 4 September 1945, 18 November 1946 en 17 Junie 1947).

3.13.4 Deelname aan Oratoriums

In 1948 het prof Roode die *Elia* van Mendelssohn in Bloemfontein uitgevoer. Hierdie uitvoering het op 2 en 3 Junie in die Stadsaal plaasgevind. Juliette Aboud het die rol van die engel vertolk. Volgens die resensie van *Die Volksblad* (3 Junie 1948) het sy 'n beheersde en gevoelvolle vertolking gelewer. Die aria, *O rest in the Lord* is uitgesonder as 'n besondere hoogtepunt. *The Friend* van 4 Junie 1948 was egter meer krities omtrent die soliste se sang. Volgens dié resensent was daar duidelik sekere tekortkominge in veral die sang van Juliette Aboud en Isabel du Toit. Hulle het so geweldig gekonsentreer op die produksie en uitspraak van die klinkers, dat sommige passasies 'n ononderbroke opeenvolging van klinker-klanke geword het. Juliette is wel

geprys vir stylgetrouheid. Soos *Die Volksblad* (3 Junie 1948) het *The Friend* (4 Junie 1948) ook die aria, **O rest in the Lord** as 'n hoogtepunt uitgesonder. "She was the one soloist who seemed aware of the fact that recitative must be declaimed and not sung."

Juliette het in 1950 weer haarself as uitstekende oratoriumsangeres bewys. Sy het die altparty in 'n uitvoering van **Die Messias** (Handel) onder leiding van David Roode in die Stadsaal vertolk. Haar stem is geprys vir die klankrykheid, maar kritiek is egter uitgespreek teen die neiging om te gly na sommige aanvangsnote (*Die Volksblad*, 17 Mei 1950).

3.13.5 Ander optredes en aktiwiteite

Juliette is gereeld genader om solo's in verskeie konserte te lewer. In 1946, 1947 en 1950 het sy by verskeie geleenthede opgetree. Konserte het by Grey-kollege, in die Kestell-saal, en onder beskerming van die Bloemfonteinse Teatergroep plaasgevind. Enkele voorbeelde van werke wat sy gesing het, was **I heard a forest praying** (De Rose), **Ave Maria** (Schubert), **Panis Angelicus** (Franck) en in **Die Kersspel** het sy groot hoogtes as soliste in **Lied van die drie konings** bereik (*Die Volksblad*, 7 Mei en 3 Desember 1946, 2 Desember 1947, 18 en 24 November 1950).

Die resensente van die plaaslike koerante het veral haar stemkwaliteit geprys asook spesiale melding van haar musikale vertokings gemaak. Die deurlopende beheersing in

haar sang was ook opvallend (*Die Volksblad*, 7 Mei 1946, 18 en 24 November 1950).

In 1952 het Juliette tydens die Van Riebeeckfees gereeld op konserte opgetree. Sy het as soliste opgetree en ook in 'n duet saam met Jacobus Hattingh. Solo's wat sy gesing het, sluit in *Life and death* (Coleridge Taylor) en *The harvest of sorrow* (Rachmaninoff). Saam met Hattingh het sy *Al Nostri Monti* uit *Il Trovatore* (Verdi) gesing (*Die Volksblad*, 2 en 11 Februarie 1952; *The Friend*, 13 Februarie 1952).

In 1954 het sy saam met Gertrude Kautzky 'n konsert in die Clarendonsaal aangebied waarvan die opbrengs gekanaliseer is na kreupelsorg. Hierdie konsert wat op 22 Maart 1954 plaasgevind het, is deur 'n groot gehoor bygewoon. Soos reeds genoem in die hoofstuk wat handel oor Bloemfonteinse instrumentiste, is hierdie uitvoering hoog aangeprys deur die resensente van die twee plaaslike koerante. Aboud het die gewoonte gehad om na 'n bepaalde toon te gly, maar in dié uitvoering het hierdie minder goeie gewoonte nooit voorgekom nie. Sy het deurentyd met suiwer intonasie en met volle oorgawe gesing. 'n Hoogtepunt in haar uitvoering, was haar vertolking van *Widmung* (Schumann). *Der Doppelgänger* en *Aufenthalt* (Schubert) het mooi momente opgelewer, maar die subtiele aanvoeling het haar vir die oomblik ontbreek. *Harvest of sorrow* (Rachmaninoff) is egter briljant gesing. Sy het verder ook die aria *O love from thy power* uit *Simson en Delila* (Saint-Saëns) gesing (*Die Volksblad*, 6, 11 en 23 Maart 1954; *The Friend*, 23 Maart 1954).

'n Ander faset van Juliette se sang was haar deelnames aan die plaaslike Koffiehuiskonserte wat deur Pieter de Waal aangebied is. Op 21 Mei 1952 het sy saam met Jacobus Hattingh en Derik van der Merwe tydens so 'n konsert opgetree (*Die Volksblad*, 17 Mei 1952).

As radio-kunstenaar het sy haar ook laat geld. Op 15 Augustus 1954 het sy saam met dr Koole in 'n Engelse radio-program opgetree. Sy het 'n aantal liederes van Schubert gesing. Teen die einde van 1954 het sy weer oor die radio gesing. Bygestaan deur prof Roode het sy op 9 Desember in die program, Donderdagaandsolis, arias uit **Die Messias** (Handel), Franse liederes en liederes van Brahms gesing (*Die Volksblad*, 14 Augustus 1954 en 4 Desember 1954).

3.13.6 Optredes buite Bloemfontein

Juliette het in November 1954 'n uitvoering saam met die Durbanse Stadsorkes gegee en 'n skitterende indruk op die Durbanse kritici gemaak. Na afloop van haar optrede is sy onmiddellik gevra om weer in 1955 'n program saam met dié orkes aan te bied. Sy het tydens die konsert in 1954 twee opera-arias gesing en met haar ryk en dramatiese altstem die gehoor in vervoering gehad (*Die Volksblad*, 20 November 1954).

Juliette het die uitnodiging aanvaar om in 1955 weer saam met die Durbanse Stadsorkes op te tree. Sy het twee arias gesing, naamlik **My heart is weary** (Goring Thomas) en 'n

resitatief en aria uit *Il Trovatore* (Verdi). Sy is ook deur mnr Pickerill genader om die altparty in 'n uitvoering van *Die Messias* (Handel) waar te neem (*Die Volksblad*, 29 Januarie 1955).

3.13.7 Studie in die buiteland

In *The Friend* (17 November 1954) en *Die Volksblad* (29 Januarie 1955) is dit aangekondig dat Juliette ook van plan was om uiteindelik haar studies in die buiteland te gaan voortsit.

Juliette het op 6 Mei 1955 na Londen vertrek waar sy haar sangstudies voortgesit het. Sy het dit ook in die vooruitsig gestel om Italië, België en Frankryk te besoek (*The Friend*, 5 Mei 1955). Beriggewing in *Die Volksblad* (10 Maart 1956) het die belangstellendes in Bloemfontein op die hoogte gehou van Juliette se vordering. Na 'n kort tydjie het sy spoedig die aandag getrek en is gevra om die rol van Azucena in *Il Trovatore* (Verdi) te sing. Gustaco Gallo het haar in Italië gehoor en haar aanbeveel om dadelik 'n konsertreis te onderneem. Sy het saam met ander sangers uittreksels uit operas aangebied. Kunstenaars saam met wie sy opgetree het, sluit in William Herbert (tenoor), Sydney Humphries (viool), Dennis Dowling (bariton), David Parkhouse (klavier) en Eileen Croxford (tjello). Haar sang tydens hierdie konserte het by verre die meeste byval gevind. Teen die einde van 1956 het daar weer 'n berig in *Die Volksblad* (8 Desember 1956) verskyn waarin daar van Juliette se vordering melding gemaak is.

Sy was in daardie stadium steeds in Londen en het besonder goed gevaar. Sy het onder andere saam met Harold Rubens in 'n konsert voor die Franse Instituut in Kensington opgetree. Sy het werke van Schubert, Peri, Torelli, Stradella, Poulenc, Fauré en Saint-Saëns gesing. Haar begeleier was Ian Stirling. Die Britse pers het vir haar 'n roemryke sangloopbaan in die vooruitsig gestel. Juliette het in 1963 na Suid-Afrika teruggekeer en is op 4 Julie 1976 oorlede (Aboud, 1994, Telefoongesprek).

3.14 Tilla Visser

3.14.1 Lewensoorsig

Tilla Visser is in Stellenbosch gebore en het haar skoolopleiding aan die Oranje Meisieskool in 1940 voltooi waar sy matriek in die eerste klas geslaag het. Sy het daarna vir twee jaar aan die destydse Normaalkollege gestudeer en in 1943 ingeskryf vir die B A-graad met kuns as hoofvak. Sy is na Stellenbosch om haar finale jaar te voltooi. Sy het egter besluit om van vakke te verander en sang en klavier gekies. Voor haar vertrek na Amerika het sy in 1945 die U V L M (sang) voltooi. Sy het op 19 April 1946 na Amerika vertrek (*The Friend*, 10 Junie 1949; *Die Volksblad*, 16 Maart 1946).

Tilla Visser is met mnr André Taute getroud. Sy het hom tydens haar studiejare in New York ontmoet waar hy 'n meestersgraad as myningenieur voltooi het (*The Friend*, 10 Junie 1949).

3.14.2 Uitvoerende Kunstenaar

Hierdie begaafde dogter van dr en mev C F Visser het in 1949 haar merk in Bloemfontein gemaak toe sy na 'n studietydperk van drie jaar in die Verenigde State van Amerika 'n baie suksesvolle uitvoering onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging gegee het (*Die Volksblad*, 5 Februarie 1949).

In Amerika het sy intensiewe onderrig van Maestro Pescia, in daardie stadium een van die beste leermeesters in die wêreld, ontvang. Daar was 'n geweldige belangstelling in haar uitvoering, want die Clarendonsaal was oorvol met haar uitvoering wat in alle opsigte bevredig het. Volgens die resensent het dit dadelik opgeval hoe gelykmatig die klanke gevorm is asook die geleidelike oorgange in dinamiek. Haar eerste groep liederes is strelend, maar ook effe terughoudend uitgevoer. Dit was egter in die opera-arias waar haar stem se beste kwaliteite na vore gekom het. Werke wat hier beïndruk het, was Ah Mio Cor uit *Alcina* (Handel), *Porgi amor* uit *Die Huwelik van Figaro* (Mozart) en *Spiage Amate* uit *Paride ed Elena* (Gluck) (*Die Volksblad*, 11 Junie 1949).

In die groep kunsliederes wat sy gesing het, het sy uitstekende asembeheer geopenbaar en ook getoon dat sy elke lied se inhoud presies verstaan en in die regte atmosfeer uitgevoer het. Ander werke wat sy gesing het, sluit in: *Du bist wie eine Blume* (Schumann), *Widmung* (Schumann), *Mondnacht* (Schumann), *The little damozel* (Novello) en *Salomé se lied* uit *Hérodiade* (Massenet). Uit dieselfde resensie is dit

duidelik dat die studietydperk oorsee haar in alle opsigte 'n beter sangeres gemaak het. Die resensent se woorde was soos volg: "Sy het 'n interessante stadium in haar ontwikkeling bereik en 'n mens sien met vertroue uit na haar loopbaan as sangeres. Sy het haar gisteraand goed van haar taak gekwyt, het getoon dat sy tot mooi hoogtes in staat is en het aangename sang gelewer, knap ondersteun deur prof D J Roode wat die klavierbegeleiding waargeneem het." (*Die Volksblad*, 14 Junie 1949).

Voor haar vertrek na Amerika het sy van tyd tot tyd in konserte opgetree. In 1943 het sy tydens die byeenkomste van die Bloemfontein Music Club opgetree. Tydens 'n konsert wat op 26 Mei 1943 gehou is, het sy **I love thee** van Grieg gesing (*The Friend*, 29 Mei 1943).

Op 24 Februarie 1951 het Tilla Visser 'n sanguitvoering in die Stadsaal gegee. Hierdie konsert het onder die beskerming van die Voortrekkers plaasgevind en die fondse is ook ten bate van hierdie beweging aangewend. Volgens die kritikus van *Die Volksblad* (26 Februarie 1951) het hierdie konsert alle verwagtinge oortref. Sy het met helderheid gesing en haar stemproduksie en diksie was so suiwer dat daar in die verste hoek van die saal niks van die vertolking verlore gegaan het nie. Die volgende kommentaar beskryf haar sang die beste: "Die sangeres het met veel meer vertroue en rypheid gesing as by geleentheid van haar debuut in die Clarendonsaal 'n paar jaar gelede. Die geringe mate

van terughoudendheid en versigtige aanvoeling het plek gemaak vir forser en oortuigender sang, sonder dat daar egter van die beheersing prysgegee moes word. Slegs by enkele van die kopnote het die warmte resonans ontbreek."

Haar sang was ook deurgaans artistiek en afgerond. Sy het werke van Handel, Scarlatti, Brahms, Schubert, Strauss en Bohm gesing. Sy het Afrikaanse liedere, asook 'n paar Engelse liedere en opera-arias van Mascagni en Verdi gesing. Dr A Koole het nie net die begeleiding waargeneem nie, maar ook 'n uitvoering op die klavier gegee (*Die Volksblad*, 26 Februarie 1951).

3.15 Jacobus Hattingh

3.15.1 Inleidend

'n Sanger wat in die jare vyftig aansienlike beroemdheid geniet het en gereeld opgetree het, is Jacobus Hattingh. Hy het hom in 1951 in Bloemfontein gevestig (*The Friend*, 16 Januarie 1952). Volgens *Die Volksblad* (19 Februarie 1952) het mnr Hattingh aanvanklik groot opgang in Johannesburg as sanger en pianis gemaak voordat hy aan die begin van 1951 na Engeland gegaan het om verder te studeer. Hy het onder meer van Alfredo Orda en Elena Gerhardt onderrig ontvang. Geen verdere biografiese besonderhede kon tydens navorsing bekom word nie.

Aan die begin van 1954 het Jacobus Hattingh na Europa vertrek om sy sangstudies te

gaan voortsit. Soos reeds genoem, was hy in 1951 oorsee vir dié doel, maar moes weens swak gesondheid na Suid-Afrika terugkeer. Hy was van plan om in München en Salzburg te studeer waar hy hoofsaaklik op oratoriumsang sou konsentreer (*Die Volksblad*, 23 Januarie 1954; *The Friend*, 19 Januarie 1954).

Beriggewing in *Die Volksblad* (22 Januarie 1955) het daarop gedui dat Hattingh waardevolle kennis in die buiteland opgedoen het. Hy het onder andere die Hollandse Fees in Amsterdam bygewoon asook talle musiekuitvoerings in Rome. Hy was van plan om hom in Bloemfontein te vestig en sangonderrig te gee.

3.15.2 Deelname aan Kunswedstryde

As deelnemer aan die Vrystaatse Kunswedstryd van 1951 het Jacobus Hattingh baie goed presteer. Hy het A-simbole in die volgende kategorieë behaal: ballade (ope), liedere (ope) en as lid van 'n mannekwartet. Die ander lede van die kwartet was Willem Naudé, Morkel Combrink en Ted Hultzer. Tydens die senior deelnemers se konsert wat op 19 Mei 1951 in die Stadsaal plaasgevind het, is sy sang hoog aangeskryf. Hy het veral 'n goeie indruk gemaak met sy musikale, golwende sang. 'n Ander uitstaande kenmerk van sy sang was die suiwer legato-sang in die koraalgedeelte en die uitmuntende asembeheer teen die einde van die lied (*Die Volksblad*, 18, 19 en 21 Mei 1951).

Hy het ook aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1952

deelgeneem en slegs in die ensemble sang presteer. Saam met Isabel du Toit het hulle 'n A-simbool in die duet-afdeling behaal en as lid van die mannekwartet saam met Willem Naudé, Morkel Combrink en Gerhardus Olivier het hulle ook 'n A-simbool verower (*The Friend*, 30 April en 3 Mei 1952).

3.15.3 Deelname aan Kantates en Oratoriums

In 1951, met 'n uitvoering van 'n kantate deur Dolly Heiberg in die Tweetoringkerk, het Jacobus Hattingh een van die tenoorrolle vertolk. Volgens die resensent het hy hom knap van sy taak gekwyt en veral beïndruk met sy suiwer tenoorstem en fyn aanvoeling. In 1955 het mev Heiberg weer vir Jacobus genader om die tenoorparty in 'n kantate wat sy aangebied het, te sing. Hy het weer eens getoon dat hy oor 'n goed ontwikkelde, simpatieke stem beskik toe hy op 15 Mei 1955 saam met die koor en ander soliste 'n geslaagde uitvoering in die Tweetoringkerk gegee het (*Die Volksblad*, 26 November 1951 en 7, 14 en 16 Mei 1955).

Teen die einde van 1955 het Hattingh die rol van Dawid vertolk toe Petrus Lemmer die kantate, *Dawid die Herderseun (Root)*, in die Bloemheuwel-kerk aangebied het. Die uitvoerings het op 3 en 4 Desember plaasgevind. Volgens die resensent van *The Friend* (5 Desember 1955) het Hattingh van die beste solosang gelewer. Sy sang was deurgaans baie goed en bevredigend. Hy het veral beïndruk in *Ek is Dawid die Herderseun*.

3.15.4 Ander optredes as sanger

Jacobus Hattingh het gereeld in verskillende konserte opgetree. Optredes het gevolg tydens die Van Riebeeckfees op 12 en 14 Februarie 1952, die jaarkongres van die Vroue-Landbou-Unie op 11 Augustus 1953 en liefdadigheidkonserte op 1 Junie, 12 September en 5 November 1955. Hattingh het 'n groot verskeidenheid liedere en arias gesing wat in die meeste gevalle baie bevredigend was. Volgens resensies in die plaaslike koerante het hy voortreflike sang gelwer. Voorbeelde van enkele werke wat hy gesing het, was **O Paradiso** uit **L'Africana** (Meyerbeer), **Silent worship** en **Where e'er you walk** (Handel) (*Die Volksblad*, 11 Februarie 1952, 8 Augustus 1953, 21 Mei, 2 Junie, 3, 10 September en 3 November 1955; *The Friend*, 13 Februarie 1952).

In sommige gevalle het hy ook saam met ander kunstenaars van Bloemfontein opgetree. Hy was onder andere lid van 'n kwartet wat onder leiding van Petrus Lemmer **Aan die musiekkuns** (Tsjaikofski-Lemmer), **Dierbaar Suid-Afrika** en **O Boereplaas** (Johannes Joubert) gesing het. Hy het ook saam met Juliette Aboud opgetree in die duet **Al Nostri Monti** uit **Il Trovatore** (Verdi). Ander kunstenaars wat opgetree het, was Francina Buys, Isabel du Toit, Willem Naudé en Rina Hattingh (*Die Volksblad*, 11 Februarie 1952, 3 en 10 September 1955; *The Friend*, 13 Februarie 1952).

Die Koffiehuiskonserte wat in Bloemfontein aangebied is, het nie alleen die geleentheid vir kunstenaars gebied om voor die publiek op te tree nie, maar so kon die publiek ook

bewus word van die talentvolle kunstenaars in Bloemfontein. Jacobus Hattingh het ook sy verskyning op die Koffiehuiskonserte gemaak. Op Woensdagaand, 21 Mei 1952 het Pieter de Waal so 'n konsert aangebied waartydens Hattingh opgetree het. Juliette Aboud en Derik van der Merwe was verantwoordelik vir onder andere sang- en klaviersolo's. In Desember 1953 het hy weer eens opgetree. Liedere wat hy gesing het, was *Serenade* (Schubert) en *Mare Chiare* (Tosti). Saam met Vivia Kruger het hulle *Stil soos die nag gesing* (*Die Volksblad*, 17 Mei 1952 en 28 November 1953).

3.15.5 Optredes buite Bloemfontein en radio-kunstenaar

'n Groot eer het Jacobus Hattingh te beurt geval toe hy in 1952 uitgenooi is om 'n reeks uitsaai-programme vir die Durbanse S A U K op te neem. Werke wat hy saam met die Simfonieorke van die S A U K uitgesaai het, sluit in *O Paradiso* uit *L'Africana* (Meyerbeer), *E Lucevan le Stelle* uit *Tosca* (Puccini) en *Chella mi creda* uit *La Fanciulla del West* (Puccini). Hy is ook gevra om op Goeie Vrydag (11 April 1952) die tenoorparty in die *Requiem* van Mozart te sing. Dieselfde orke sou die begeleiding verskaf. Verder was Hattingh van plan om ook 'n liedereprogram uit te voer. Werke van Brahms, Schubert, Strauss en Schumann was op die program vir 13 April 1952 (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1952; *The Friend*, 16 Januarie 1952).

In 1953 is Hattingh weer na Durban uitgenooi om 'n reeks programme op te neem vir uitsaaidoeleindes. Een van die programme is op 15 Februarie uitgesaai waarin Hattingh saam met Derik van der Merwe opgetree het. Die program se naam was Music Room.

Tydens die eerste program het Jacobus drie Franse en drie Engelse liederes gesing, naamlik **Triste est le Steppe** (Gretchaninoff), **Ouvre tes yeux bleus** (Massenet), **Après un Rêve** (Fauré), **Now sleeps the crimson petal** (Quilter), **O! that it were so** (F Bridge) en **Love went a-Riding** (F Bridge). In die tweede program wat uitgesaai is, het Hattingh 'n paar Afrikaanse liederes gesing, onder andere **Die donker stroom** (Sydney Richfield) en **Kom in my tuin** (Lemmer) (*Die Volksblad*, 31 Januarie 1953).

Teen die einde van 1953 het Hattingh weer 'n sanguitvoering oor die radio gelewer. In die program wat op 15 November 1953 in 'n Engelse program uitgesaai is, het mnr Hattingh werke van Mallinson, Wolf, Reger, Rachmaninoff, Richard Strauss en Richard Hageman gesing. 'n Paar werke wat hy gesing het, sluit in: **Harvest of sorrow**, **O never sing to me again** (Rachmaninoff), **Morgen** (Strauss) en **Waldeinsamkeit** (Reger). Derik van der Merwe het die begeleiding waargeneem (*Die Volksblad*, 14 November 1953).

Nadat hy 'n jaar se studie in Europa voltooi het het hy na Suid-Afrika teruggekeer. Hy het vroeg in Januarie 1955 'n program oor die radio uitgesaai, waarin hy werke van Handel, Donaudy, Gluck en Caccini gesing het. Sy begeleier was Isabel du Toit. Op 3 Februarie 1955 het hy weer oor die radio gesing in 'n program waarin hy en Vivia

Kruger duette uit bekende operettes gesing het. Hulle het werke uit *Die Fledermaus* (Strauss), *Der Vogelhändler* (Zeller) en *Der Zigeunerbaron* (Strauss) gesing. Hy het ook op 11 Desember 1955 oor die radio gesing en wel in die program, Music Room. Hy het volksliedere gesing wat deur Benjamin Britten verwerk is, naamlik *Silent noon*, *Oh that it were so*, *Love went a-Riding* en *Nightfall at sea*. Sy begeleier was Gertrude Kautzky (*Die Volksblad*, 22, 29 Januarie en 10 Desember 1955).

Hattingh het ook in die program, *Die Orrel en die Stem*, oor die Afrikaanse sender gesing. Die spesifieke programme is op 22 Mei en 9 Oktober 1955 uitgesaai. Hy het *Ombra mai fu*, *Lass mich mit Tränen* (Handel) en *Ek sal opstaan* uit *Die verlore seun* (Sullivan) gesing asook arias uit *Die Skepping* (Haydn) en *Elia* (Mendelssohn). Hy is deur David Roode op die orrel begelei (*Die Volksblad*, 21 Mei en 8 Oktober 1955).

Jacobus Hattingh het soms in ander omliggende dorpe opgetree. Hy het onder andere 'n uitvoering in Kimberley gelewer wat onder die beskerming van die Musiekvereniging van Kimberley plaasgevind het. In 1952 was hy ook een van die Bloemfonteinse kunstenaars wat meegehelp het tydens die inwyding van die nuwe orrel van die Ned Geref Kerk Smithfield. Prof Roode het 'n orreluitvoering gelewer en hy het sangstukke voorgedra. Francina Buys was ook betrokke by dié inwyding (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1952, 21 Mei en 14 Junie 1952).

Hy het ook saam met Derik van der Merwe 'n uitvoering in September 1955 in Theunissen gegee. Die program wat hulle aangebied het, het bestaan uit bekende opera-arias. Ander kunstenaars wat opgetree het, was Francina Buys, Isabel du Toit en Yvonne van Zyl (*Die Volksblad*, 7 September 1955).

3.15.6 Deelname aan konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging

Hattingh het ook van tyd tot tyd in die konserte opgetree wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is. In 1952 het hy tydens die eerste en laaste konserte wat onderskeidelik op 3 Maart en 24 November in die Clarendonsaal aangebied is, opgetree. Tydens die eerste konsert was daar egter 'n effense terughoudenheid in sy sang. Alhoewel hierdie tekortkoming dwarsdeur sy program voorgekom het, het sy uitvoering wel mooi momente bevat. Enkele voorbeelde van werke wat hy gesing het, was **O del mio Amato ben** (Donaudy), **O del mio dolce Ardor** (Gluck), **Wie bist du meine Königin** en **Sonntag** (Brahms) en **Die Forelle** (Schubert). Twee pragtige huweliksliedere van Petrus Lemmer, naamlik **Kom in my tuin** en **Ek is die seëlring**, was deel van sy optrede tydens die laaste konsert. Hy en Jurie Fourie was verantwoordelik vir die enigste duet op die program, naamlik **Lend me your aid** van Gounod. Verder was hy ook lid van die dubbele mannekwartet wat onder die leiding van Lemmer voortreflike sang gelewer het (*Die Volksblad*, 15 en 25 November 1952).

Op 26 Augustus 1955 het hy saam met Francina Buys, Yvonne van Zyl en Pieter Botes

'n uitvoering van bekende opera-arias in die Clarendonsaal gegee. Hierdie uitvoering het onder die leiding van Derik van der Merwe plaasgevind en was die vierde konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging vir 1955. Sy sang was egter teleurstellend. Alhoewel hy oor die beste tegniek beskik het, was sy stem nie geskik vir opera-sang nie. Hy was by uitstek 'n liederesanger. Uittreksels is geneem uit onder andere *La Traviata* (Verdi), *La Bohème* (Puccini) en *Carmen* (Bizet) (*Die Volksblad*, 13 en 19 Augustus 1955; *The Friend*, 27 Augustus 1955).

3.16 Merle Cockroft

3.16.1 Lewenskets

Sy is op 29 Julie 1924 in Johannesburg gebore. As lid van 'n baie musikale familie het sy van jongs af gesing. Haar eerste openbare optrede was op vyfjarige leeftyd. Sy het vir die siek kindertjies in die hospitaal gesing. Met haar veertiende verjaardag wou sy baie graag sangles neem, maar sy is afgeraai aangesien sy nog te jonk was vir formele stemontwikkeling. Sy het egter by Stella Cavalli in Johannesburg met sangonderrig begin (Llewellyn, 1993, Brief).

Merle was 'n aantreklike jong meisie wat kon sing en baie goed toneel speel. Met die gevolg dat sy baie graag na Hollywood wou gaan, maar haar ouers wou niks daarvan hoor nie aangesien dit midde in die Tweede Wêreldoorlog was. Sy het toe by 'n

Mediese Skool gaan werk waar sy 'n jong dokter ontmoet het. Hulle is later getroud. Die beroemde tenoor, Beniamino Gigli, het saam met sy opera-geselskap na Johannesburg gekom en 'n hele aantal operas aangebied. Die geselskap het Merle hoor sing en haar van mening dat sy 'n wêreldklas sangeres was en dat hulle haar wou saam neem terug na Italië. Teen daardie tyd is haar seun egter gebore en haar man wou nie sy loopbaan as dokter prysgee ten gunste van haar sangloopbaan nie (Llewellyn, 1993, Brief).

Hulle het na Bloemfontein verhuis waar Merle baie gou bekendheid as uitmuntende sangeres verwerf het. In Bloemfontein het sy haar sangstudies by Petrus Lemmer voortgesit en vir baie jare in die Bloemfontein Choral Society gesing (Llewellyn, 1993, Brief).

3.16.2 Deelname aan Kunswedstryde

Met haar puik prestasies tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1950, 1952 en 1954, het Merle Cockroft die aandag van die Bloemfonteinse publiek getrek. In 1950 het sy in drie afdelings A-simbole verower, naamlik opera-solo (dames), ballade (dames) en oratorium (dames, ope). Verder is die wisseltrofee vir die beste operasangeres aan haar toegeken. In 1952 het sy slegs B-simbole behaal (*Die Volksblad*, 9 en 15 Mei 1950; *The Friend*, 10 en 11 Mei 1950 en 29 April 1952).

In 1954 het sy soos volg presteer: A-simbool in die wedstryd sopraansolo (amateur en professioneel). Sy het B-simbole verower in die wedstryde opera en vokale kwartet (amateur en professioneel) (*The Friend*, 5, 6 en 10 Mei 1954).

Tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1951 en 1955 het sy ook deelgeneem en goeie prestasies behaal. In die afdelings oratorium, dames (ope) en solo, dramatiese sopraan (ope) het sy B-simbole behaal, en 'n A-simbool in die liedere-afdeling. Volgens die beoordelaar, Arnold Fulton, was die standaard van die deelnemers baie hoog. Hy het verder te kenne gegee dat die liederesang op die kunswedstryd die moeilikste sangtoets is wat aan enige kunstenaar gestel kan word. Hy het Cockroft se sang besonder hoog aangeprys (*Die Volksblad*, 17 Mei 1951; *The Friend*, 18 Mei 1951).

Merle het as lid van 'n gemengde kwartet saam met Frieda Jaekel, Willem Naudé en Ted Hultzer 'n A-simbool in die afdeling, gemengde kwartet (ope), verower. Hulle het ook tydens die seniors se konsertaand op 19 Mei 1951 opgetree. Hulle sang het gunstige kritiek uitgelok en is as baie musikaal beskryf (*Die Volksblad*, 18 en 21 Mei 1951).

In 1955 het sy vier A-simbole verower. Sy het in die ope afdeling aan die volgende wedstryde deelgeneem: sopraansolo, oratorium, liedere en opera-aria. Haar sang is as musikaal en beheersd beskryf (*Die Volksblad*, 5 en 9 Mei 1955; *The Friend*, 4, 5 en 7 Mei 1955).

3.16.3 Uitvoerende Kunstenaar

Sy het werklik haar talente ten toon gestel toe sy op 'n konsert van die Junior Kunstenaarsklub op kort kennisgewing vir 'n ander sangeres moes instaan in Schubert se veeleisende lied, **Der Hirt auf dem Felsen**. Sy het die lied met gemak en strelende verfyndheid vertolk. Hierdie konsert het op 28 Oktober 1950 in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1950).

Ander konserte waartydens sy opgetree het, sluit in die Van Riebeeckfeeskonserte op 12 en 14 Februarie 1952, die filmorganisasie, K A R F O se Moedersveldtog op 18 Februarie 1953 in die Stadsaal, studente-kermiskonsert op 20 September 1954 in die Universiteitsaal en 'n konsert gere"el deur die Tuberkulosevereniging op 5 November 1955 in die Saaymansaal by die Tegniese Kollege. Merle Cockroft het oor 'n wye repertorium beskik. Sy het 'n groot verskeidenheid werke gesing wat die volgende ingesluit het: **Softly sighing** uit **Der Freischütz** (Weber), **O liebliche Wangen**, **Liebestreu** (Brahms), **Alleluia** (Mozart), **Una voce poco fa** (Rossini), **Karoovlakte** (Lemmer), **Love went a-Riding** (F Bridge) en **Der Hirt auf dem Felsen** (Schubert) (*Die Volksblad*, 11 Februarie 1952, 21 September 1954 en 3 November 1955; *The Friend*, 13 Februarie 1952 en 19 Februarie 1953).

In sommige gevalle het Cockroft saam met bekende musici van Bloemfontein opgetree, soos Gertrude Kautzky, Derik van der Merwe, Jacobus Hattingh, Arend Koole en

Richard Lemmer (*Die Volksblad*, 21 September 1954 en 3 November 1955). Merle Cockroft het ook haar verskyning op die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Haar eerste optrede het op 22 Junie 1951 in die Clarendonsaal plaasgevind. Sy het saam met ander Bloemfonteinse kunstenaars opgetree om die program aan te vul waartydens mnr Rotteveel 'n fagot-uitvoering gelewer het. Cockroft het saam met Nellie Cowhurst 'n pragtige duet, *The Lord is my Shepherd* van Schubert gesing. Die sang is as strelend en goed gebalanseerd beskryf. Merle het verder *Der Hirt auf dem Felsen* ook van Schubert saam met klarinet-obligaat, deur Richard Lemmer, gesing (*Die Volksblad*, 20 en 23 Junie 1951).

3.16.4 Deelname aan Kantates en Operettes

Sy het haarself ook as bekwame opera- en operettesangeres bewys. In 1951 het die Vrystaatse Musiekvereniging die operette, *Viktorja and her Hussar* in die Grand-teater aangebied. By daardie geleentheid het Cockroft die rol van O Lia San met groot sukses vertolk. Sy het deurgaans 'n goeie indruk met haar helderklinkende stem geskep en haar toneelspel is as selfversekerd beskryf. Hierdie uitvoerings is vanaf 10 tot 13 September aangebied (*Die Volksblad*, 16 en 17 Augustus en 12 September 1951).

Sy het verder 'n solorol in die aanbieding van *Dawid die Herderseun* (Root) vertolk.

Hierdie kantate is op 3 en 4 Desember 1955 deur Petrus Lemmer in die Bloemheuwel-kerk aangebied. Haar sang is as musikaal en afgerond bestempel (*Die Volksblad*, 26 November 1955; *The Friend*, 5 Desember 1955).

3.16.5 Radio-kunstenaar

Soos die meeste ander sangers onder bespreking het Merle tesame met al haar ander optredes ook programme vir die S A U K vir uitsaaidoeleindes opgeneem. Sy het saam met Nellie Cowhurst op 28 September 1952 in die eerste van 'n reeks nuwe Engelse programme opgetree. Hulle het 'n paar duette gesing, onder meer **I wandered lonely as a cloud** (Eric Thiman) en **The Lord is my Shepherd** (Schubert). Solo's deur Cockroft het ingesluit **O Divine Redeemer** (Gounod), **A roundelay** en **I attempt from love's sickness to fly** beide van Purcell en **Whither runneth my sweetheart** (Frederic Keel) (*Die Volksblad*, 27 September 1952).

In Maart 1954, op 8 Mei en 9 Oktober 1955 het Merle weer in die Engelse radioprogram Music Room opgetree. Sy het **My world** (H Geehl), **Ave Maria** en **Panis Angelicus** (Franck), **Softly sighing** uit **Der Freischütz** (Weber), **Elsa se droom** uit **Lohengrin** (Wagner), **Three aspects**, **A Fairytale**, **The witches' wood** en **There** (al vier deur Parry) en **Vissi d'arte** uit **Tosca** (Puccini) gesing. Petrus Lemmer was in sommige gevalle vir die klavierbegeleiding verantwoordelik (*Die Volksblad*, 6 Maart 1954 en 8 Oktober 1955; *The Friend*, 6 Mei 1955).

3.17 Vivia Kruger

3.17.1 Inleidend

Gedurende die navorsing kon geen volledige biografiese besonderhede van Vivia Kruger gevind word nie. Hierdie sangeres met haar pragtige sopraanstem het as uitvoerende kunstenaar en dosent aan die U O V S 'n waardevolle bydrae gelewer. Sy was die dogter van mnr en mev A C Kruger van Steynsburg en as student aan die Vrystaatse Universiteit het sy gelyktydig die U V L M (sang) en die U O L M (sang) met prof Roode as dosent, suksesvol afgelê. Sy het ook die musiekdiploma van die U O V S behaal (*Die Volksblad*, 27 Augustus 1949, 23 September 1950 en 6 Desember 1952).

Sy het egter besluit om haar studies in Londen voort te sit en het op 14 Desember 1951 vertrek. Sy was van plan om die L R A M en A R C M in sang te voltooi (*Die Volksblad*, 24 November en 8 Desember 1951; *The Friend*, 21 November 1951).

Vivia Kruger het op 4 Desember 1952 vanaf Londen in Kaapstad aangekom, na een jaar se studie aan die Koninklike Akademie vir Musiek. Sy het in September 1952 die L R A M en A R C M met groot welslae afgelê. Sy was in die gelukkige posisie om onderrig van prof Joseph Hislop, sangadviseur van Covent Garden, te ontvang. Proff Green en Churchill het met groot lof van mej Kruger se sang gepraat (*Die Volksblad*, 6 Desember 1952).

3.17.2 Sangdosent

Aan die begin van 1950 het sy tot die personeel van die Departement Musiek van die U O V S toegetree. Teen September van dieselfde jaar het sy bedank om 'n soortgelyke pos aan die Universiteit van Potchefstroom te aanvaar (*Die Volksblad*, 23 September 1950).

In Februarie 1951 het dit bekend geword dat mej Kruger na Bloemfontein teruggekeer het en dat sy weer as sangdosent by die Departement Musiek aangestel is (*Die Volksblad*, 3 Februarie 1951).

Vanaf die begin van 1953 was sy weer werksaam by die Departement Musiek, waarna sy aan die begin van 1954 as sangonderwyseres by die Oranje Meisieskool aangestel is (*Die Volksblad*, 28 November 1953; De Villiers, 1972, p. 5).

3.17.3 Uitvoerende Kunstenaar

Op 10 Desember 1952 het die vrouevereniging van Steynsburg vir haar 'n verwelkoming georganiseer. Sy het self ook 'n paar liederes tydens dié geleentheid gesing (*Die Volksblad*, 6 Desember 1952).

As uitvoerende kunstenaar het sy gereeld haar verskyning in verskillende konserte

gemaak. Tydens die selfstandigwording van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in 1950 het sy opgetree. Ander konserte waar sy opgetree het was onder die beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S op 15 Augustus 1950, die Vroue-Landbou-Unie op 11 Augustus 1953 en tydens 'n groot studente-kermis op 20 September 1954. Haar sang het sonder uitsondering slegs positiewe kommentaar ontvang. Volgens een van die resensente het haar strelende en goed beheerste stem werklik beïndruk (*Die Volksblad*, 11 en 16 Maart, 12 en 15 Augustus 1950, 8 Augustus 1953, 16 en 21 September 1954; *The Friend*, 14 Augustus 1950).

Vivia Kruger het uitblink in 'n wye verskeidenheid werke, soos *Depuis le Jour* uit *Louise* (Charpentier), *Si mi chiamano Mimi* uit *La Bohème* (Puccini), *Panis Angelicus* (Franck), *Bist du bei mir* (Bach), *O, my beloved Father* (Puccini), *Du bist die Ruh* (Schubert), *Wiegelied* (Mozart) en *A blackbird singing* (M Head). Sy het ook 'n hele aantal werke van Handel gesing, naamlik *Care Selve*, *Jubal's lyre* en twee arias uit *Die Messias*, onder meer *Come unto Him* en *I know that my Redeemer liveth*. Ander werke sluit in *Nina* (Pergolesi), *Lamento d'Ariane* (Monteverdi) en *Amarilli* (Caccini). Bekende Bloemfonteinse kunstenaars het haar in sommige gevalle bygestaan. Hulle was Henriëtte Pauw en Derik van der Merwe (*Die Volksblad*, 11 Maart en 18 Augustus 1950, 8 Augustus 1953, 16 en 21 September 1954).

Sy het ook haar verskyning op die Koffiehuiskonserte van Pieter de Waal gemaak. Tydens die Koffiehuiskonsert wat op 2 Desember 1953 vanaf die Sonop restaurant

uitgesaai is, het sy saam met Jacobus Hattingh opgetree. Die liedere wat sy gesing het, het ingesluit: die **Vilja-lied** (Lehar) en **My Heart and I** (Tauber). Saam met Hattingh het sy **Stil soos die nag** gesing (*Die Volksblad*, 28 November 1953).

Vivia het ook soms tydens gewyde uitvoerings in kerke opgetree. Sy het haarself as simpatieke sangeres bewys toe die Ned Geref Kerk Bloemheuwel se nuwe orrel ingewy is. By daardie geleentheid het sy **Come unto Him** uit **Die Messias** (Handel) asook **Bist du bei mir** (Bach) gesing (*Die Volksblad*, 22 Februarie 1951).

In 1953 was sy ook een van die kunstenaars wat opgetree het tydens die inwyding van die nuwe orrel van die Ned Geref Kerk Noordhoek. Dié uitvoering het op 8 Augustus 1953 in die kerk plaasgevind. Vivia het **Care Selve** (Handel) en die **Alleluia** (Mozart) gesing. Sy is deur die orreliste, Henriëtte Pauw, begelei (*Die Volksblad*, 8 en 10 Augustus 1953).

3.17.4 Deelname aan Oratoriums

Vivia het haar ook as uitmuntende oratoriumsangeres bewys toe sy op 21 en 22 Junie 1956 een van die sopraanrolle in **Die Skepping** (Haydn) gesing het. Die dirigent by daardie geleentheid was David Roode en die uitvoerings het in die kerksaal van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes plaasgevind. Die resensie in *The Friend* (22 Junie 1956) suggereer dat Kruger se sang stilisties getrou aan die tydperk was. Sy het veral

uitgeblink in die aria **In groen gekleed**. Haar intonasie was ook deurgaans suiwer en haar sang het oor die algemeen volgens die resensent van *Die Volksblad* (22 Junie 1956) getuig van professionaliteit en afronding.

3.17.5 Deelname aan Kunswedstryde

Die jaarlikse kunswedstryde was die ideale geleentheid waar kunstenaars op die konsertverhoog kon optree en ook hul talente op 'n gesonde manier teen mekaar kon opweeg. Vivia was ook een van vele kunstenaars wat hierdie geleentheid ten volle gebruik het. In die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing van 1950 het sy drie A-simbole en twee B-simbole verower. A-simbole is aan haar toegeken in die ballade- (dames), sangsolo- en liedere-afdelings. Sy het B-simbole behaal in die opera-solo en die oratorium-afdelings (ope) (*Die Volksblad*, 9 en 11 Mei 1950; *The Friend*, 11 en 12 Mei 1950).

3.17.6 Ander aktiwiteite

Vivia het ook konserte in ander dorpe gegee. Sy en Morkel Combrink het op 4 Desember 1954 aan 'n verskeidenheidskonsert in Aliwal-Noord deelgeneem. Gerhardus Koornhof het die begeleiding waargeneem (*Die Volksblad*, 2 Desember 1954).

Soos die meeste uitvoerende kunstenaars van haar tyd, het Vivia ook programme vir die S A U K opgeneem wat oor die radio uitgesaai is. Pas nadat sy vanaf Europa

teruggekeer het, het sy op 3 Maart 1953 die volgende werke oor die radio gesing: twee arias uit die **Huwelik van Figaro** (Mozart), **Es träumte mir** (Brahms) en **Lorelei** (Liszt). Derik van der Merwe het haar op die klavier begelei. Op 11 November 1954 het sy weer eens oor die radio gesing in die program, Donderdagaandsolis. Sy is deur David Roode begelei (*Die Volksblad*, 3 Maart 1953; *The Friend*, 4 Maart 1953, 6 November 1954).

Op 3 Februarie 1955 het sy saam met Jacobus Hattingh 'n aantal duette uit bekende operettes oor die radio gesing. Hulle het in die program, Donderdagaandsolis, opgetree. Operettes waaruit die duette gekies is, is **Die Studenteprins** (Romberg), **Der Zigeunerbaron** (Strauss) en **Die Fledermaus** (Strauss) (*Die Volksblad*, 29 Januarie 1955).

3.18 Christine Rautenbach

3.18.1 Deelname aan Operettes

Christine Rautenbach het werklik die aandag getrek met haar skitterende vertolking van Viktoria in die operette, **Viktoria and her Hussar** wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging in September 1951 in die Grand-teater aangebied is. Rautenbach se stem is as soetklinkend en musikaal beskryf en die resensent het tereg opgemerk dat die Bloemfonteinse publiek nog lank oor haar uitstekende vertolking sal praat (*Die Volksblad*, 12 September 1951).

3.18.2 Deelname aan Kunswedstryde

Christine het ook die geleentheid wat die jaarlikse kunswedstryde aan kunstenaars gebied het, gebruik. By hierdie geleentheid het sy nie net haar talent ten toon gestel nie, maar dit ook gemeet aan die vermoëns van haar mede deelnemers. In 1954 het sy aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem. Sy het in die afdeling liederes (amateur en professioneel) 'n B-simbool verower (*The Friend*, 5 Mei 1954).

Tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1953 het sy ook deelgeneem en soos volg presteer: altesaam vier A-simbole in die wedstryde ligte sopraan (ope), liederes (sopraan, ope), oratorium (ope) en opera (ope, ligte sopraan) (*Die Volksblad*, 7 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 7 Mei 1953).

3.18.3 Ander aktiwiteite en bydraes

Christine het in Julie 1954 na Europa vertrek waar sy vir twee jaar aan die Akademie in Wenen, Oostenryk, gestudeer het. Voordat sy vertrek het, het sy reeds die U V L M (sang) met sukses afgelê. Sy het in 1956 na Bloemfontein teruggekeer en het op 8 November van dieselfde jaar 'n besondere indruk gemaak toe sy tydens die eerste openbare konsert van die nuutgestigte Bloemfonteinse Stadsorkes opgetree het. Die resensie in *Die Volksblad* (9 November 1956) het daarop gedui dat sy beslis baat

gevind het tydens haar studiejare oorsee en haar gelukgewens met haar uitstekende vertolking. Haar stem was ook voller en klankryker as voor haar vertrek. Haar intonasie was soos altyd baie suiwer. Jacobus Hattingh het ook 'n paar liedere gesing. Mary Rousseau het die klavierbegeleiding op insiggewende wyse waargeneem.

Christine Rautenbach het ook soos die meeste ander kunstenaars in Bloemfontein, oor die radio uitvoerings gelewer. Op 3 Maart 1953 het sy 'n program van twintig minute oor die radio aangebied. Sy het werke van Bach, Schubert, Brahms, Mozart en Verdi gesing. Petrus Lemmer het haar begelei (*Die Volksblad*, 3 Maart 1953).

3.19 Christine Stewart

3.19.1 Lewenskets

Hierdie talentvolle liriese sopraan, soos die meeste ander in Bloemfontein, was ook een van die produkte van die bekende Jennie Hadlow. Christine Mungall Lamb is op 13 April in Skotland gebore. Op die ouderdom van vyf het sy saam met haar ouers en twee broers na Suid-Afrika geïmmigreer. Haar skoolopleiding het sy aan die Eunice Meisieskool ontvang (Stewart, 1994, Onderhoud).

Haar eerste klavieronderwyseres was die bekende sangeres, Marie Wood. Mej Wood het gou besef dat Christine 'n talent vir sang gehad het, en het ook sangstukke aan haar

gegee om te sing. Lamb het dus reeds van 'n baie vroeë ouderdom begin sing. Op die ouderdom van elf is sy na Wansbrough Poles vir klavieronderrig. Sy het van hom onderrig ontvang totdat hy Bloemfontein verlaat het. Daarna het sy nie weer klavieronderrig ontvang nie (Stewart, 1994, Onderhoud).

Nadat sy haar skoolopleiding voltooi het, het Christine Lamb met sangonderrig by Jennie Hadlow begin en spoedig vordering gemaak. Onder haar bekwame leiding het mej Lamb al haar sangeksamens vanaf graad ses tot en met die U V L M (sang, 1941) voltooi. Sy het die meeste van hierdie eksamens met lof geslaag en vir talle eksamens is daar beurse aan haar toegeken. Op grond van haar prestasie in die finale sangeksamen is sy genomineer om in Pretoria aan die beurskompetisie te gaan deelneem. Sy was die eerste sangstudent in daardie stadium in die Vrystaat wat hierdie prestasie behaal het. Sy is ook genomineer om vir die buitelandse studiebeurs in Pretoria te gaan meeding (Stewart, 1994, Onderhoud; *Die Volksblad*, 7 November 1940).

Christine Lamb is in 1945 met John Kerr Stewart getroud. Uit hierdie huwelik is daar twee dogters gebore. Haar eggenoot het haar reeds in 1951 ontval en sy was genoodsaak om haar twee kinders eiehandig groot te maak. Hierdie gebeurtenis het sonder twyfel 'n groot invloed op haar loopbaan as sangeres gehad (Stewart, 1994, Onderhoud).

In 1946 en 1947 was Christine Stewart in Kaapstad woonagtig waar sy in 'n hele paar

konserte opgetree het. In 1948 het sy en haar man na Bloemfontein teruggekeer (Stewart, 1994, Onderhoud).

3.19.2 Deelname aan konserte van die Bloemfonteinse Musiekkklub

Christine Stewart het gereeld as sangeres aan konserte deelgeneem wat deur die Bloemfonteinse Musiekkklub georganiseer is. Sulke konserte het op 1 Mei en 2 September 1940, 29 Augustus 1941, 25 Februarie, 3 September, 9 Desember 1942 en 10 November 1943 plaasgevind. Werke wat deur Stewart gesing is, sluit in **Roses of Ispahan**, 'n verwerking van die **Etude in e mineur** (Chopin) deur Maurice Besley, **Nymphs and Shepherds** (Purcell), **Robin Adair**, (Skotse lied), **Under the Greenwood tree** (May, H Brahe), **The Maiden** (Parry), **Orpheus with his lute** (Eric Coates), **Let the bright Seraphim** uit **Simson** (Handel), **L'Amoro** uit **The Shepherd King** (Mozart), **Alleluia** (Mozart), die resitatief **O grant it heaven** en aria **So shall the lute and harp awake** uit **Judas Maccabeus** (Handel), **Break O day** (Sanderson), **Poor Wand'ring one** (Sullivan) en **Depuis le Jour** (Charpentier) (Programme, 1 Mei, 2 Mei 1940, 29 Augustus 1941, 25 Februarie, 3 September, 9 Desember 1942 en 10 November 1943; Stewart, 1994, Onderhoud).

Die resensies in die plaaslike koerante het nie veel oor hierdie konserte uitgewy nie. Gevolglik was dit moeilik om werklik te bepaal wat die standaard van hierdie uitvoerings was, maar volgens persone wat hierdie konserte bygewoon het en wat self

opgetree het, is dit duidelik dat die konserte van aansienlike standaard moes gewees het (*The Friend*, 3 Mei, 1 November 1940, 2 Maart, 5 en 25 September, 11 Desember 1942 en 29 Mei 1943).

Ander kunstenaars wat saam met Christine Stewart opgetree het, sluit in Lettie Viviers, Rina de Villiers, Makkie Grové, Marion Key, Gertrude en Maud Hobday, Alma Kok, Inez Newberry, Gladys Wilkinson, Victor Pohl, Pat de Wet, Juliette Aboud, Isabel du Toit, Freda Roode, Tilla Visser en Charles Hamer (Program, 1 Mei, 2 September 1940, 25 Februarie, 3 September 1942 en 10 November 1943; *The Friend*, 2 Maart, 11 Desember 1942 en 29 Mei 1943).

3.19.3 Ander optredes

As leerling van Jennie Hadlow was Christine Stewart ook lid van Hadlow se baie bekende dameskoor wat gereeld in Bloemfontein opgetree het. Hadlow het ten minste een keer per jaar 'n koorkonsert in die Stadsaal aangebied. Sulke uitvoerings het op 6 Desember 1940 en 7 Desember 1942 plaasgevind. Tydens hierdie konserte was Christine Stewart altyd lid van die koor en sy het soms ook as soliste opgetree of in 'n duet saam met ander sangers gesing (Stewart, 1994, Onderhoud).

Werke wat deur Stewart gesing is, was *Nymphs and Fawns* (Bemberg) en saam met Pat de Wet het sy die *Tweede Minuet* (Maurice Besley) gesing. Sy was deel van 'n groep sangeresse wat die sangsiklus *Wind Flowers* (Somervell) op artistieke wyse

uitgevoer het. Christine Stewart het ook arias uit verskillende operas gesing, naamlik die **Polonaise** uit **Mignon** (Thomas) en **L'Amoro** uit **The Shepherd King** (Mozart). In die resensies wat in die plaaslike nuusblaai verskyn het, is Christine Stewart se sang as van hoogstaande gehalte beskryf. Ander bekende kunstenaars wat ook tydens hierdie konserte opgetree het, was Anna Jackson, Lettie Viviers, Gladys Wilkinson, Rina de Villiers, Tilla Visser, Victor Pohl, Inez Newberry en Violet Hultzer (*Die Volksblad*, 7 Desember 1940 en 8 Desember 1942; Programme, 6 Desember 1940 en 7 Desember 1942; Stewart, 1994, Onderhoud).

Op 18 Oktober 1950 het Jennie Hadlow weer een van haar konserte aangebied. Tydens hierdie konsert wat in die Clarendonsaal plaasgevind het, is 'n sangsiklus van Liza Lehman, **In a Persian Garden** uitgevoer. Die sopraanparty is deur Christine Stewart gesing. Die ander sangers was Sally Sorour (alt), Charles Lee (bas) en John Reid (tenoor). Laasgenoemde sanger het vanaf Pretoria gekom om hierdie rol te kom sing. Die begeleier was Olga Troskie (later Rademan) (*The Friend*, 17 Oktober 1950; Program, 18 Oktober 1950; Stewart, 1994, Onderhoud)

Christine Stewart het na 1955 nog taamlik gereeld opgetree. Nadat Jennie Hadlow Bloemfontein verlaat het, het Stewart by die Bloemfontein Choral Society aangesluit en in talle produksies as lid van die koor gesing. Sy het by geleentheid self van die hoofrolle vertolk soos in **The Gondoliers** (Gilbert en Sullivan). Later was sy ook lid van die koor van Christian Ashley Botha wat van tyd tot tyd oratoriums in

Bloemfontein aangebied het. Verder het sy gereeld in kerke as soliste opgetree (Stewart, 1994, Onderhoud).

3.19.4 Deelname aan Kunswedstryde

As sangeres het sy ook uitblink tydens die kunswedstryde wat in Bloemfontein aangebied is. In 1951 en 1953 het sy aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem en uitsonderlike prestasies behaal. In 1951 het sy altesaam vyf A-simbole in die volgende afdelings verower: ligte sopraansolo (ope), oratorium (ligte sopraan, ope), opera (ligte sopraan, ope), ballade (ope) en sangduo saam met Augusta van Rooyen (*Die Volksblad*, 18 Mei 1951; *The Friend*, 18 Mei 1951).

Haar prestasies in 1953 was net so goed. Sy het in totaal vier A-simbole in die volgende wedstryde verower: ligte sopraansolo (ope), liederes (ligte sopraan, ope), oratorium (ligte sopraan, ope) en opera (ligte sopraan, ope) (*Die Volksblad*, 7 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 7 Mei 1953).

3.19.5 Orreliste

In 1952 is sy as orrelis van die Presbiteriaanse Kerk in die plek van Leonard Shepstone aangestel. Sy het haarself die orrel leer bespeel en ook 'n kerkkoor afgerig wat gereeld tydens eredienste opgetree het. Dié koor het twee jaar gelede opgehou om te bestaan.

Christine Stewart woon vandag nog in Bloemfontein waar sy steeds die orrelpos by die gemeente beklee (Stewart, 1994, Onderhoud).

3.20 Ander Sangers

Afgesien van die bogenoemde groep sangers wat op verskillende terreine baie aktief was, was daar in Bloemfontein nog baie ander sangers en sangeresse wat van tyd tot tyd ook belangrike bydraes gelewer het. Alhoewel dié groep kunstenaars nie so gereeld en op verskillende terreine hulle verskyning gemaak het nie, is dit nogtans noodsaaklik dat daar van hulle kennis geneem moet word.

Die oorgrote meerderheid van hierdie kunstenaars was amateurs en sang het nooit werklik hulle beroep geword nie. Die feit dat hulle nie in die buiteland opleiding gehad het nie, het hoegenaamd geen afbreuk aan die standaard van hul sang gedoen nie. Intendeel, baie van hulle het uitstekend tydens kunswedstryde in Bloemfontein geprester. Sommige van die sangers het ook aan oratoriums, kantates, operettes en operas deelgeneem en sang van 'n hoë standaard gelewer. Soos die ander sangers het hierdie groep ook opnames vir die S A U K gemaak wat later vir uitsaaidoeleindes gebruik is.

Sangers en sangeresse wat hoofsaaklik aan kunswedstryde deelgeneem het en wat in sommige gevalle A- en ook B-simbole behaal het was die volgende: Cecil Barry (tenoor, 1944); Jessie Cooper (liriese sopraan, 1940, 1944 en 1948); Hettie du Plooy (sopraan,

1946); Ted Hultzer (bas, 1946, 1947, 1948, 1949 en 1951); Augusta van Rooyen (ligte sopraan, 1949, 1950, 1951, 1952 en 1953); Jurie Fourie (bariton, 1945); Willem Naudé (tenoor, 1950 en 1952); Avelyn Macaskill (alt, 1950); Erika Uys (sopraan, 1950 en 1954); George Prosser (bariton, 1954 en 1955); Hester Preston (alt, 1954); Henriëtte Roche (alt, 1953); Laura Humphries (sopraan, 1953); Yvonne van Zyl (ligte sopraan, 1955); Maxie van der Walt (mezzo-sopraan, 1955) en Johanna Terblanche (mezzo-sopraan, 1955). Al die bogenoemde sangers en sangeresse het aan die Vrystaatse Kunswedstryd of die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem. Baie van hulle het aan beide die kunswedstryde deelgeneem (*Die Volksblad*, 16 Mei 1945, 11 en 20 Mei 1946, 6 en 8 Mei 1947, 16 en 18 Junie 1948, 17 en 18 Mei 1949, 9 en 11 Mei 1950, 18 Mei 1951, 7 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 20 April 1940, 3 en 4 Mei 1944, 17 Junie 1948, 21 Mei 1949, 10 en 11 Mei 1950, 18 Mei 1951, 30 April en 1 Mei 1952, 9 Mei 1953, 4 en 6 Mei 1954, 3, 4 en 5 Mei 1955).

Cecil Barry was een van die sangers wat hom as 'n uitmuntende kantate-sanger bewys het. Hy het in 1942 een van die hoofrolle in *Dawid die Herderseun* (Root) gesing wat onder die leiding van P J Lemmer aangebied is (Program, 20 en 21 Maart 1942; *Die Volksblad*, 23 Maart 1942).

Jurie Fourie was ook 'n bekwame solo-sanger. Bewys daarvan is gelewer toe hy die baritonsolo's in 'n herhaling van die bogenoemde kantate gesing het (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1942). Nog 'n sanger wat in verskeie konserte opgetree het, is Willem Naudé. Hy het hom telke male as uiters musikale sanger bewys en selfs in oratoriums en

operettes uitgeblink. In 1950 het hy in sommige aanbiedings die tenoorparty gesing. Die resensent se woorde was soos volg: "Die tenoorparty is met welslae waargeneem deur J W Naudé, sanger met 'n mooi stem en 'n simpatieke aanvoeling." (*Die Volksblad*, 17 Mei 1950 en 7 Desember 1953).

'n Sangeres wat ook by talle konserte opgetree het, was Augusta van Rooyen. Sy het nie alleen aan die kunswedstryde deelgeneem en uitstekend presteer nie, maar onder andere tydens die selfstandigwording van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het sy in een van die konserte opgetree en pragtige sang gelewer. Sy het **Mondnacht** (Schumann) en **Wie Melodiën zieht es mir** (Brahms) gesing (*Die Volksblad*, 11 en 16 Maart 1950).

3.21 Samevatting

Uit die voorafgaande besonderhede blyk dit duidelik dat daar in Bloemfontein tussen die jare 1940 en 1955 geen gebrek aan sangers was nie. Alhoewel die meeste van die sangers nie sang as 'n beroep gevolg het nie, het hulle wel 'n konsertstandaard gehandhaaf en baie was goed gekwalifiseer. Dit is opvallend dat daar te midde van die talle sangeresse slegs drie sangers was wat werklik uitgestyg het as uitvoerende kunstenaars. Twee van hulle, naamlik Benedictus Kok en Charles Hamer het hoofsaaklik in die eerste helfte van die tydperk onder bespreking aktief as sangers gefigureer. Jacobus Hattingh het eers later op die toneel verskyn en ook in die jare wat gevolg het as sanger uitgeblink.

Dit het duidelik uit Hoofstukke 7 en 2, wat oor opera in Bloemfontein en Bloemfonteinse instrumentiste handel, geblyk dat daar in die meeste gevalle sangers van ander stede ingevoer moes word om hoofrolle in operettes en operas te sing. Alhoewel daar 'n hele klomp ander manlike sangers in Bloemfontein was wat as sangers beroemdheid verwerf het, was hulle sang nie van so 'n aard dat hulle vir operas of oratoriums gebruik kon word nie.

Dit is ook merkwaardig dat die meeste van die sangers onder bespreking gedeeltelik hulle opleiding in die buiteland ontvang het. Die meerderheid het hulle studies in Engeland of Europa voortgesit met een of ander beurs of toekenning wat hulle ontvang het op grond van hulle prestasies in die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika. Een van hulle, naamlik Tilla Visser, het in die V S A verder studeer. Die ander wat wel oorsee studeer het, het dit egter op eie onkoste onderneem. Dit is merkwaardig aangesien dit 'of gedurende of net na die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind het en dus nie altyd gunstige omstandighede nie altyd gunstig was nie. Daarby was dit ook 'n groot onderneming om in die buiteland te gaan studeer.

Een van die sangeresse, Cecilia Wessels, het so 'n geweldige indruk op oorsese musici en kritici gemaak dat sy 'n loopbaan as operasangeres in Engeland en Europa kon volg. Hoewel dit die geval was, het sy baie gereeld in Suid-Afrika en spesifiek in Bloemfontein opgetree. Sy was werklik die eerste Suid-Afrikaanse sangeres wat dit vermag het. Ander sangeresse soos Isabel du Toit, Francina Buys, Anna Jackson en Joan Hadlow het

in ander dele van Suid-Afrika en ook so ver as die destydse Rhodesië beroemdheid verwerf.

Al hierdie aspekte is voldoende bewys dat Bloemfontein oor werklik talentvolle sangers beskik het. Hierdie afleiding kan gestaaf word deur al die positiewe kommentaar en kritiek van die beoordelaars van die verskillende kunswedstryde wat in Bloemfontein plaasgevind het. Hulle het menige kere die sang as 'n hoogtepunt uitgesonder.

Indien die werke wat deur die Bloemfonteinse sangers uitgevoer is met dié van besoekende Suid-Afrikaanse en buitelandse sangers vergelyk sou word, is dit verbasend dat dit in die meeste gevalle baie dieselfde is. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat baie van die Bloemfonteinse sangers, soos reeds genoem, gedeeltelik hulle opleiding van buitelandse pedagoë ontvang het. Dit is egter so dat die plaaslike sangers in uitsonderlike gevalle werke uit die moderne literatuur aangebied het. Daar is hoofsaaklik op werke uit die Barok, Klassieke en Romantiese periodes gekonsentreer. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die Bloemfonteinse publiek nie werklik vatbaar vir die moderne werke was nie. Een van die sangeresse, Martli Pohl, wat ook in Europa studeer het, het tydens een van haar konserte werke van Hindemith gesing. Volgens die resensie blyk dit duidelik dat dit nie by die gehoor en selfs nie by die resensent werklik byval gevind het nie.

Ten spyte van die beperking tot die genoemde periodes, is daar 'n wye verskeidenheid liedere en sangstukke uitgevoer en die publiek is aan 'n groot hoeveelheid literatuur bekendgestel. Soms is daar ook werke van die vroeë Italiaanse komponiste uitgevoer wat 'n eiesoortige bekoring ingehou het.

Benewens liedere en sangsolo's, het die sangers met groot sukses opera-arias uitgevoer. Afgesien van Cecilia Wessels het Isabel du Toit, Francina Buys, Joan Hadlow, Marion Key en Anna Jackson verskillende hoofrolle met groot welslae in operas, oratoriums en operettes vertolk. Arias is meesal uit die Romantiese literatuur gekies en die oratoriums was hoofsaaklik dié van Handel, Haydn en Mendelssohn.

'n Interessante aspek is dat die meeste van die sangers aan dieselfde aktiwiteite deelgeneem het. Hierdie verskynsel kan verklaar word aan die hand daarvan dat Bloemfontein in daardie stadium slegs beperkte geleenthede aan kunstenaars gebied het. Afgesien van verskillende konserte wat georganiseer is, was daar kerkuitvoerings, kunswedstryde, enkele opera- en operette-aanbiedings en radio-uitsendings. Omtrent al die sangers het in omliggende dorpe opgetree en 'n paar het ook die voorreg gehad om as soliste saam met verskillende simfonieorkeste in die land op te tree.

Benewens hulle talent as uitvoerende kunstenaars het baie van hierdie sangers 'n belangrike bydrae as onderwysers of dosente gelewer. Sommige was vir 'n geruime tyd aan skole verbonde. Ander was by die Universiteit werksaam en ander het hulle eie

private ateljees gehad waar hoë gehalte werk gelewer is. Dit is dan ook so dat die meeste van die sangers tydens hulle studiejare in Bloemfontein studente van een van drie persone was, naamlik Jennie Hadlow, David Roode of Petrus Lemmer.

Afgesien van die sangers wat hierbo bespreek is, was daar talle ander, soos genoem onder die afdeling, ander sangers, wat waardevolle en dikwels hoogstaande artistieke bydraes tot die konsertlewe van Bloemfontein gelewer het.

Al was baie van die laasgenoemde sangers se sang nou wel nie volgens vandag se standarde altyd aanvaarbaar nie, moet hoë waardering vir hulle deursettingsvermoë, geloof en talente gehandhaaf word. Hulle het nie alleen in baie opsigte pionierswerk verrig nie, maar ook 'n stewige basis gelê waarop daar in die jare wat gevolg het alleenlik met vrug voortgebou en uitgebrei kon word.

HOOFSTUK 4

BESOEKENDE SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS

Bloemfontein het nie net die geleentheid gehad om konserte deur buitelandse kunstenaars van formaat by te woon nie, maar ook dié van Suid-Afrikaanse kunstenaars wat 'n hoë standaard gehandhaaf het. Al dié kunstenaars was besonder begaafd en het hulle opleiding gedeeltelik of as geheel in die buiteland ontvang. Sommige van hulle het selfs as uitvoerende kunstenaars hulle merk in die buiteland gemaak. Hulle was dus vertrouwd met internasionale musiekstandaarde en hulle het hierdie kennis en ervaring in hul Bloemfonteinse konserte gereflekteer. Hierdeur kon die plaaslike musici hul eie standarde vergelyk en aanpassings maak waar nodig. Die meerderheid van dié kunstenaars is in Suid-Afrika gebore, en dit was vir die Bloemfonteiners betekenisvol om in voeling te bly met dit waartoe ons eie kunstenaars in staat is. 'n Paar buitelandse kunstenaars het hulle egter in Suid-Afrika kom vestig en 'n baie prominente bydrae tot die musiekbeoefening in ons land gemaak

Soos in die geval van die buitelandse kunstenaars het die Suid-Afrikaners soms ook as konsertgeselskappe opgetree. Solokonserte is egter ook aangebied. Duidelike beriggewing het in die plaaslike koerante verskyn om die konserte te adverteer en om aan te kondig wie die hoofkunstenaars sou wees. Die kunstenaars word in die volgende kategorieë bespreek:

4.1 Sangers

4.2 Pianiste

4.3 Violiste en Tjelliste

4.4 Sanggeselskappe

4.5 Orkeste

4.6 Instrumentale Ensembles

4.7 Ander Instrumentiste

4.1 Sangers

4.1.1 Betsy de la Porte

Elizabeth Jacoba de la Porte is op 16 Junie 1901 in Wolmaransstad gebore. In 1924 het sy die beurs vir oorsese studie van U N I S A ontvang wat haar in staat gestel het om vir drie jaar aan die Royal College of Music te studeer. Haar onderwyseres in daardie stadium was madame Hodgson Palmer. In 1925 het sy haarself ingeskryf en die A R C M en L R A M in die daaropvolgende jaar behaal. Sy het ook 'n operabeurs verower wat haar in staat gestel het om vir nog 'n verdere twee jaar te studeer (Malan, 1980, p.317).

Sy het reeds tydens haar studentejare in die openbaar opgetree en in 1928 het sy haar debuut in Covent Garden gemaak. Nadat mej De la Porte haar studies in Londen voltooi het, is sy na die Münchense Akademie. Daar het sy twee jaar lank onder Anna

Bahr-Mildenburg verskeie operarolle ingestudeer en later die Münchense Staatsopera-diploma vir opera en toneelkuns behaal (Malan, 1980, p. 317).

In 1930 het sy na Londen teruggekeer en vir ses jaar in Covent Garden gesing. Sy het vir twee seisoene in die Glyndebourne Fees opgetree en veral beroemdheid verwerf in operarolle in die Old Vic en Sadler's Wells. Sy het ook gereeld in konserte opgetree, in oratoriums gesing en aan uitsaaiprogramme deelgeneem (Malan, 1980, p. 317).

In 1935 het Betsy de la Porte na Suid-Afrika teruggekeer. Sy is toe met mnr W J C Tomlinson getroud. In Suid-Afrika het sy veral bekendheid verwerf deur haar konserte, radio-uitsendings en operas. Sy het ook veel gedoen om Suid-Afrikaanse musiek in Suid-Afrika sowel as oorsee te bevorder. In 1947 het sy op uitnodiging van Benjamin Britten haar by sy English Opera Group aangesluit. In die Glyndebourne Fees het sy die rol van "Mrs Herring" in sy nuwe komiese opera, **Albert Herring** gesing. Sy het later dié rol by verskeie geleenthede herhaal, onder meer in Amsterdam en Luzern (Malan, 1980, p. 317).

Tydens 'n fees van die Internasionale Vereniging vir Kontemporêre Musiek in Israel het Betsy de la Porte en Arnold van Wyk Suid-Afrika verteenwoordig. By daardie geleentheid het sy Van Wyk se sangsiklus **Van Liefde en Verlatenheid** uitgevoer. Dieselfde siklus het sy later oor die radio vir die B B C, asook in België, Holland en Noorweë gesing (Malan, 1980, p. 317).

Vanaf 1956 tot 1970 het Betsy de la Porte as sangonderwyseres en kunstenaar hoë agting geniet. Bekende sangers wat deur haar onderrig is, is Jan Schutte, Sarie Lamprecht, Doris Brasch, Peggy Haddon en Elizabeth Heyns. Sy was ook in besit van 'n biblioteek met 'n groot hoeveelheid vokale bladmusiek vir solostemme. Hier het sy baie manuskripte van Suid-Afrikaanse vokale musiek versamel (Malan, 1980, pp. 317-318).

Vir haar bydrae tot musiek en die bevordering daarvan in Suid-Afrika, is die Erepenning van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1958 aan haar toegeken. Sy was die eerste sangeres wat hierdie onderskeiding behaal het. Betsy de la Porte is op 18 Augustus 1977 in Johannesburg oorlede (Malan, 1979, p. 328, 1980, p. 318).

Haar dogter, Elizabeth de la Porte het in 1960 die oorsese beurs van U N I S A vir klavierspel behaal. In Londen en Wenen het sy in klawesimbelspel gespesialiseer. Van haar spel is daar twee langspeelplate gemaak (Malan, 1980, p. 318).

Betsy de la Porte het in die tydperk onder bespreking twee keer in Bloemfontein opgetree. Beide die optredes het in een dekade plaasgevind en wel op 14 April 1945 en 23 Maart 1949. Die Vrystaatse Musiekvereniging het haar optredes, wat in die Stadsaal plaasgevind het, moontlik gemaak (*Die Volksblad*, 31 Maart 1945 en 24 Maart 1949).

Haar begeleier tydens haar eerste konsert was prof David Roode. David Roode moes uit die aard van die saak na Johannesburg gaan vir repetisies. Na afloop van een repetisie in Johannesburg het Roode te kenne gegee dat hy baie beïndruk met die sang van Betsy de la Porte was. Hy was oortuig dat die publiek verseker kon wees van 'n aand van ware kunsgenot (*Die Volksblad*, 31 Maart 1945).

Al was die resensies wat in die plaaslike koerante verskyn het oorwegend positief, het dit tog geblyk dat haar stem nie altyd baie suiwer was nie. Haar grootste talent was egter haar buitengewone vertolkingsvermoë. Sy het nie alleen die uiteenlopende emosies vervat in die liedere slegs deur die musiek weergegee nie, maar dit waarvan sy gesing het, kon duidelik uit haar gesigspel afgelei word. Die dinamiese kontraste in haar sang was ook opvallend goed en haar sang was net so oortuigend in die dramatiese gedeeltes as in die liriese frases. 'n Ander eienskap van haar sang was dat sy die forte-gedeeltes sonder sigbare inspanning kon sing. In die resensie wat in *Die Volksblad* (16 April 1945) verskyn het, is ook melding van haar persoonlikheid gemaak. Volgens die resensent was sy 'n baie beskeie persoon op die verhoog sowel as in die gewone omgang (*Die Volksblad*, 24 Maart 1949).

Haar program in beide gevalle is ooglopend met groot kundigheid saamgestel aangesien dit nie net in die publiek se smaak geval het nie, maar ook haar veelsydigheid as sangeres beklemtoon het. Tydens haar eerste konsert het sy onder meer 'n aria uit **Eugen Onegin** (Tsjaikofski) met innigheid gesing. Verder het sy 'n groep Engelse liedere voorgedra

bestaande uit *Mad Bess*, *There's not a Swain* (beide van Purcell), *Who is Sylvia* (Leveridge) [sic!] en *Whither runneth my sweetheart* (Bartlett). 'n Groep Franse liedere betsaande uit *Le Tombeau*, *Attributs* (beide van Poulenc), *Nokturne* (Franck) en *Les Elfes* (Goddard) is met besondere aanvoeling uitgevoer. Laasgenoemde werk het in baie opsigte herinner aan Schubert se *Erlkönig* (*Die Volksblad*, 16 April 1945).

Na pouse het Betsy de la Porte 'n groep Afrikaanse liedere gesing. Die meeste van hierdie liedere is spesiaal vir haar geskryf en het slegs in manuskripvorm bestaan: *Die soekende moeder* van Johannes Fagan, *Generaal de la Rey* van Con Lamprecht, *Slaapliedjie* van Arthur Ellis, *Vryheidsgees* van Herbert Howells en mooi toonsettings van twee gedigte van N P van Wyk Louw deur W H Bell, naamlik *My venster is 'n blanke vlak* en *Ek het jou lief*. Volgens die resensie moes die forse lied *Generaal de la Rey* die meeste byval gevind het, want sy moes dit herhaal. Verder het mej De la Porte ook ses Spaanse liedere gesing wat gunstig deur die gehoor ontvang is. Sy het haar program afgesluit met 'n resitatief en aria uit Wagner se opera, *Rienzi*. *O Gracious God* en *In youth's fair springtide* het sy met die nodige hartstog vertolk en dit het ongetwyfeld die hoogtepunt van haar konsert gevorm (*Die Volksblad*, 16 April 1945).

Tydens haar tweede optrede in Bloemfontein het sy veral beïndruk in die volgende werke: *Didone* (Benedetto Marcello), *Lachen und Weinen*, *Die Almacht*, *Die Junge Nonne* (al drie van Schubert), *Sonntagslied*, *Hexenlied* (Mendelssohn) en twee arias

uit **Die boodskap van Maria**, 'n kantate van Blanche Gerstman. Sy het verder werke van Wijdeveld, Arnold Bax, Peter Warlock en Howard Ferguson gesing. Haar begeleier tydens haar tweede konsert was Lorenzo Danza wat ook die program met De la Porte gedeel het (*Die Volksblad*, 24 Maart 1949).

4.1.2 Stephenie Strauss

Hierdie sangeres van Pretoria het haar buiging in Bloemfontein op een van die konserte van die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Haar konsert het op 18 Oktober 1947 in die Clarendonsaal plaasgevind. Die resensent meld dat sy destyds vir weinig ander sangeresse ten opsigte van haar spontane optrede, artistieke vertolkings en voortreflike beheersing hoef terug te staan (*Die Volksblad*, 20 Oktober 1947).

Verder word melding gemaak dat Strauss haar klankvolume baie intelligent benut het, met die gevolg dat die forte-gedeeltes werklik indrukwekkend geklink het. Sy het rustig, spontaan en sonder inspanning gesing. Soms was haar intonasie nie so suiwer nie, veral in die eerste groep liederes, maar die res van haar program het suiwer, musikale sang opgelewer. Haar begeleier, Trudie de Villiers, was ook van Pretoria afkomstig. Haar spel het van musikale insig en simpatieke aanvoeling getuig (*Die Volksblad*, 20 Oktober 1947).

Strauss se program is breedvoerig in *Die Volksblad* (20 Oktober 1947) bespreek. **Hoor my bede** van Beethoven is op gevoelvolle wyse voorgedra. Daarna het gevolg **My siel is siek van heimwee** van Lemmer en **Dagbreek** van Roode, twee arias, naamlik **Softly Sighing** uit **Der Freischütz** van Weber en **Vissi d'arte** uit **Tosca** van Puccini. Hierdie arias het 'n besondere goeie indruk gemaak. Daarna is 'n groep baie veeleisende liedere uitgevoer: **Open thy blue eyes** van Massenet, **Starry summer night** van Debussy en **The Tryst** van Sibelius is almal baie goed gesing met treffende klimakse en musikale dinamiese wisselinge. Laaste op haar program was vier liedere van Brahms: **Gutenacht**, **Ständchen**, **Immer leiser** en **Der Schmied** wat sy pragtig vertolk het.

Een van Bloemfontein se mees begaafde pianiste, Derik van der Merwe het saam met haar tydens hierdie konsert opgetree (*Die Volksblad*, 20 Oktober 1947).

4.1.3 Esther Mentz

Hierdie gewilde sangeres het haar verskyning voor die Bloemfonteinse publiek in 1948 gemaak en wel tydens 'n konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging (*Die Volksblad*, 4 September 1948).

Esther Mentz is op Edenville in die Vrystaat gebore. Na die voltooiing van haar skoolloopbaan het sy vanaf 1929 tot 1931 aan die Musiekkonservatorium van die Universiteit van Stellenbosch studeer. Sy het sangonderrig van Margaret Wandelt

ontvang asook klavier- en orrelonderrig. Verder het sy ook onderrig in elokusie ontvang. Sy het die U L M (sang) en die L C M (elokusie) met groot welslae voltooi. Vanaf 1932 tot 1934 was sy sangonderwyseres en orreliste op Franschhoek en ook in Kaapstad (Malan, 1984, p. 258).

Vanaf 1934 tot 1937 was sy in Berlyn waar sy haar loopbaan as sangeres en toneelspeler voortgesit het. In daardie tyd het sy ook sangprogramme vanaf Berlyn, Hamburg, Londen en Brussels oor die radio uitgesaai. Met haar terugkeer na Suid-Afrika het sy 'n prominente rol in die Afrikaanse teater, opera en later ook rolprente gespeel (Malan, 1984, pp. 258-259).

Tydens 'n aanbieding van **Carmen** (Bizet) in Afrikaans het Esther Mentz die hoofrol gesing. Sy het ook rolle in die **Verhale van Hoffmann** (Offenbach), **The Waltz Dream** (Strauss), **Die Graaf van Luxembourg** (Lehár) en **Die Vrolike Weduwee** (Lehár) met sukses vertolk. Sy het verder gereeld as toneelspeler in verskeie toneelstukke opgetree (Malan, 1984, pp. 258-259).

Esther Mentz se optrede het op 18 Oktober 1948 in die saal van die Hoërskool Sentraal plaasgevind. 'n Ander baie begaafde pianiste van Bloemfontein, Mary Rousseau, het die program met haar gedeel. Volgens die resensie het Esther Mentz onmiddellik ten volle met die gehoor kontak gemaak (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1948).

Sy het haar program begin met 'n paar Italiaanse kunsliedere. *Quella Fiamma* (Marcello) en *Se tu m'ami* (Pergolesi) het besonder byval gevind. Die volgende groep liedere is net so suksesvol uitgevoer onder meer Tsjaikofski se *What torment, what rapture*. Die wisseling in emosie by elke lied wat sy gesing het was verbasend goed. 'n Verdere kenmerk van haar sang was die groot volume en die suiwerheid waarmee sy die hoë note gesing het. Uit dieselfde resensie word dit duidelik dat Esther Mentz die twee opera-arias met styl en groot musikaliteit uitgevoer het. Sy het *Suicidio* uit *La Gioconda* van Ponchielli en die *Habanera* (in Afrikaans) uit *Carmen* van Bizet gesing. Sy was verplig om nog 'n aria uit *Carmen* te sing. "Sy was die volmaakte koket met onweerstaanbaar skalkse verleidelikheid." Sy het haar deel van die program met twee werke van Richard Strauss en die *Slampamperliedjie* van Gideon Fagan afgesluit (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1948).

4.1.4 Babsita Moolman

Mej Moolman het vir drie jaar aan die Berlynse Konservatorium onder leiding van prof Bruno Kittel gestudeer. In Europa is sy as 'n buitengewoon goeie Wagner-sangeres beskou en sy het talle aanbiedinge van bekende operageselskappe ontvang (*Die Volksblad*, 28 Februarie 1948).

Hierdie gevierde dramatiese sopraan het op 3 Maart 1948 saam met die violis Erwin Broedrich 'n uitvoering in die Clarendonsaal gegee. Kyk Bylae, p. 21. Hierdie

gesamentlike uitvoering het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. In haar uitvoering was daar genoeg bewyse van 'n deeglike musikale agtergrond asook die nodige insig in elke werk wat vertolk is (*Die Volksblad*, 5 Maart 1948).

Volgens die resensent het sy haar stem op intelligente wyse gebruik en altyd beheerste sang gelewer. 'n Kenmerk van haar sang was die simpatieke benadering in die sagste en teerste sowel as in die meer dramatiese gedeeltes. Die indruk is soms gelaat dat fraserings meer kon afrond, maar andersins was haar sang heel verfynd (*Die Volksblad*, 5 Maart 1948).

Uit dieselfde resensie blyk dit duidelik dat sy die opera-arias met smaak en goeie aanvoeling uitgevoer het. **Ken u die Land** uit **Mignon** van Thomas en **Vissi d'arte** uit **Tosca** van Puccini het getoon dat sy by uitstek 'n operasangeres was. Verder het sy werke van Schubert en Brahms gesing. **Ständchen** en **Wiegenlied** het as besondere hoogtepunte uitgestaan.

4.1.5 Dorothy Clark

Hierdie sangeres was sekerlik een van Suid-Afrika se beroemdste kontralto's van haar tyd. Sy is in Pietermaritzburg gebore waar sy op 'n vroeë ouderdom as sopraan naam gemaak het. Later het haar stem tot dié van kontralto ontwikkel (*The Friend*, 8 April 1940).

Tydens haar studiejare aan die Royal College of Music in Londen is haar talent as sangeres gou ontdek en in 'n kort tydjie is sy as een van die beste sangeresse in Engeland gereken. Sy was nie net een van die hoofsangeresse van Covent Garden nie, maar het ook gereeld solo-rolle in oratoriums vertolk. Verder het sy in die Royal Albert Hall opgetree en ook in ander konsertsale oor die hele Groot Brittanje. In 1935 en 1936 het sy 'n suksesvolle konsertreis na Australië, Nieu-Seeland en Tasmanië onderneem. Sy het ook gereeld konserte in Suid-Afrika aangebied (*The Friend*, 8 April 1940).

In 1940 was mej Clark een van die beoordelaars tydens die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing. Sy was verantwoordelik vir die beoordeling van die vokale afdeling. Saam met haar het dr Anna Marsh die instrumentale afdeling behartig. Hierdie twee kunstenaars het saam op 17 April 1940 'n uitvoering in die Stadsaal gegee en wel onder die beskerming van die Bloemfonteinse Musiekklub (*The Friend*, 8 April 1940; *Die Volksblad*, 10 April 1940).

Volgens die resensent van *The Friend* (19 April 1940) was hierdie gesamentlike uitvoering 'n groot sukses. Mej Clark het getoon dat sy oor 'n goedontwikkelde tegniek beskik. 'n Ander eienskap van haar sang was die duidelike diksie. Sy het haar deel van die program begin met 'n groep vroeë Italiaanse liedere. Daarna het 'n groep Franse liedere gevolg. Een van die hoogtepunte van haar voordrag was *Ständchen* opus 17 nr 2 van Richard Strauss. Sy het ook *Do not go my love* (Hageman) gesing. Hierdie

lied was voorgeskryf vir die mezzo-sopraan afdeling van die Bloemfontein Festival wat die volgende dag 'n aanvang sou neem (*The Friend*, 15 April 1940; *Die Volksblad*, 16 April 1940). Dorothy Clark het die konsert met 'n groep Skandinawiese liedere afgesluit. As toegif het sy 'n werk van Frank Bridge en 'n Ierse aria van Herbert Hughes gesing. Haar begeleier tydens hierdie konsert was David Roode. Sy begeleiding is as simpatiek en noukeurig beskryf (*The Friend*, 19 April 1940).

4.1.6 Gerald Cassen

Hierdie beroemde bas-bariton wat op 21 April 1941 onder beskerming van die Bloemfontein Music Club in Bloemfontein opgetree het is in Riga, Letland gebore (*The Friend*, 9 April 1941; Malan, 1980, p. 249).

Vanaf 1920 tot 1921 het hy aan die Klindworth-Scharwenka-Konservatorium in Berlyn viool onder prof Issay Barmas studeer. 'n Besering aan sy regterhand het hom verhoed om met sy vioolstudies voort te gaan. Hierna het hy hom op sang as 'n toekomstige loopbaan toegespits (Malan, 1980, p. 249).

Cassen het in 1921 na Suid-Afrika gekom waar hy sangonderrig van Wifred Burns-Walker en Cavaliere Margottini ontvang het. In 1925 het hy na Milaan vertrek om sy studies onder Mario Sammarco en Cobella voort te sit. In 1928 het hy 'n konserttoer saam met die violiste Margaret Fairless deur Suid-Afrika onderneem.

Daarna is hy na Berlyn waar hy 'n intense studie van die Duitse kunslied gemaak het. In 1930 het hy sy eerste liedere-uitvoering gegee en groot sukses in van die groot stede in Europa behaal (Malan, 1980, p. 249).

In 1933 het hy na Engeland gegaan waar Lilian Baylis hom gehoor het. Hy is toe opgeneem in die Sadler's Wells operageselskap waar hy drie seisoene gesing het. Hy het ook die hoofrol in Moussorgsky se opera Sorochintsy Fair by Covent Garden gesing. Verdere optredes sluit in die by die Glyndebourne Opera Festival asook optredes onder die stok van sir Thomas Beecham (*The Friend*, 21 April 1941; Malan, 1980, p. 249).

Hy het in 1940 weer eens na Suid-Afrika gekom waar hy konserttoere onder die bestuur van Alex Cherniavsky onderneem het. In 1948 is hy na die Verenigde State van Amerika waar hy in verskeie oratoriums, konserte en uitsendings opgetree het. In 1959 het hy hom in Suid-Afrika kom vestig en in Johannesburg sang gegee tot sy dood op 13 Oktober 1976 (Malan, 1980, p. 249).

Gerald Cassen se optrede in Bloemfontein is voorafgegaan deur uitstekende publisiteit in *The Friend* (11 April 1941). Die *London Daily Telegraph* se resensent het dit soos volg gestel: "Gerald Cassen's voice could fairly be called noble." Die *London Times*: "This singer from South Africa has a real voice, not a made-up one - a splendidly resonant and generous bass baritone." Cassen het aanvanklik gesukkel met 'n heserigheid in sy stem,

maar het dit gou oorkom en sang van hoogstaande gehalte gelewer. Uittreksels uit Verdi se opera **Simone Boccanegra** was van die hoogtepunte op sy program. Hy het ook getoon dat hy 'n uitstekende aanvoeling vir die dramatiese element in die musiek gehad het. Dit het veral geblyk uit sy vertolking van arias uit **Prins Igor** van Borodin.

Hy het verder twee Russiese liedere gesing asook **Songs my mother taught me** (Dvorák), **There's a ladye** (Burny) en Moussorgsky se **The flea**. Hierdie werke het hy met oorgawe en musikale insig vertolk. In laasgenoemde lied het Cassen getoon dat hy ook 'n uitstekende aanvoeling vir die komiese element in musiek gehad het. As toegifte het hy 'n werk van Hutchinson gesing asook 'n Negerlied en die bekende **Londonderry air** (*The Friend*, 22 April 1941).

Tydens hierdie konsert het Cassen die program met die Suid-Afrikaanse konsertpianis, Lionel Bowman gedeel wat ook die begeleiding waargeneem het (*The Friend*, 22 April 1941).

4.1.7 Jean Gluckman

Dié begaafde alt van Johannesburg het op 13 Oktober 1950 'n sanguitvoering onder beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S in Bloemfontein gegee (*Die Volksblad*, 7, 10 en 13 Oktober 1950). Sy is op 18 November 1909 in Randfontein gebore. Nadat sy 'n B A-graad aan die Universiteit van die Witwatersrand verwerf het,

het sy haar studies aan die Koninklike Akademie vir Musiek in Londen voortgesit. Sy het vanaf 1931 tot 1934 daar studeer en die L R A M verwerf. Sy het ook die A R C M en die L T C L (sang) geslaag (Malan, 1982, p. 99).

In Johannesburg het sy 'n hele aantal operarolle in produksies van John Connell gesing. Operas waarin sy opgetree het sluit in: *Tales of Hoffman* (Offenbach), *Madame Butterfly* (Puccini), *Il Trovatore* (Verdi), *Faust* (Gounod) en *Die Fledermaus* (Strauss). Sy het egter in Suid-Afrika groot roem verwerf vir haar vertolkings van die kunslied. Sy het ook opnames vir die S A U K gemaak (Malan, 1982, p. 99).

Haar uitvoering in Bloemfontein is as 'n musikale triomf beskryf. Die resensent van *Die Volksblad* (14 Oktober 1950) het slegs gunstige kommentaar ten opsigte van haar sang gehad. Opvallend van haar uitvoering was dat sy elke lied op 'n intelligente wyse benader het wat op sy beurt 'n warm geestelike ervaring tot gevolg gehad het. Sy het regdeur met innigheid en oorgawe gesing en elke lied baie stylgetrou uitgevoer. Werke op haar program was *Sewe Spaanse Liedere* (De Falla), *Die Allmacht en Lachen und Weinen* (Schubert), *In the harem* (Bantock) en *The Ash Grove* (verwerking van Benjamin Britten). Verder het sy 'n sangsiklus van Derik van der Merwe uitgevoer met die naam *Klein Siklus*. Die intieme aanvoeling tussen komponis en vertolker het nie net 'n goeie indruk gemaak nie, maar het bygedra om 'n besondere atmosfeer te skep. Derik van der Merwe het al die begeleidings waargeneem.

4.1.8 Albina Bini

Albina Bini het nie net as sangeres uitgeblink nie, maar ook talle klavieruitvoerings gegee. Dit is egter as sangeres wat sy 'n blywende indruk op die Suid-Afrikaanse publiek, meer spesifiek Bloemfontein, gemaak het. Sy is op 11 Julie 1899 in Florence, Italië, gebore. In 1904 het sy saam met haar ouers na Suid-Afrika verhuis. Sy het haar vroegste musiekopleiding aan die St Mary-kloosterskool in Kaapstad ontvang. As elfjarige dogtertjie het sy reeds klavier in 'n bioskoopteater in Claremont gespeel (Malan, 1979, p. 168).

Op die ouderdom van vyftien het sy met ernstige klavieropleiding by madame Niay Darroll begin. Madame Darroll was een van die stigters van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in Kaapstad. Nadat Bini die U V L M en U O L M verwerf het, het sy haar debuut as konsertpianiste saam met die Kaapstadse Stadsorkes gemaak. As sangeres het sy gou beroemdheid verwerf en tussen die jare 1941 en 1945 het sy van Albert Mallinson, 'n Britse komponis, se werke uitgevoer. In 1947 het sy saam met die Kaapstadse Stadsorkes tydens 'n gala-konsert opgetree (Malan, 1979, p. 168).

Met die aanstelling van Giuseppe Paganelli by die operaskool van die Universiteit van Kaapstad, het sy een van sy studente geword en die rol van Rosina in sy produksie van **Die Barbier van Seville** gesing. Dit was die begin van 'n opera-loopbaan wat 'n glansryke toekoms vir Bini ingehou het. Sy het gereeld in Kaapstad, Pretoria,

Johannesburg en Durban opgetree. Operas waarin sy hoofrolle vertolk het, sluit in: **Don Pasquale** (Donizetti), **La Traviata** (Verdi), **Rigoletto** (Verdi), **La Bohème** (Puccini), **Die huwelik van Figaro** (Mozart) en **Don Giovanni** (Mozart) (Malan, 1979, p. 168).

Sy het ook gereeld as eksaminator en beoordelaar regoor die land opgetree. Nadat sy afgetree het, het sy nog steeds as beoordelaar in die Kaapprovinsie, Natal en Transvaal opgetree. Sy was ook lid van K R U I K se opera-komitee (Malan, 1979, p. 168).

Haar konsert in Bloemfontein het op 8 Junie 1945 in die Grand-teater plaasgevind. Volgens die resensent het haar pragtige verhoogpersoonlikheid onmiddellik by die gehoor byval gevind en sy het die konsertgangers se volle aandag vir die duur van haar uitvoering geniet. Sy het nie net 'n sanguitvoering gegee nie, maar ook 'n interessante klavieruitvoering aangebied (*The Friend*, 1 Junie en 11 Junie 1945).

'n Opvallende kenmerk van haar sang was haar uitstekende tegniek. Sy het egter nooit toegelaat dat uiterlike vertoon op haar vertolking inbreuk gemaak het nie. In haar sanguitvoering het haar vertolking van die volgende werke beïndruk: **Deh! Vieni non tardar** en **Non so piu** (Mozart), **Il est doux, il est bon** (Massenet) asook die Suid-Afrikaanse liedere. Oor die vertolking van die aria van Massenet, was die resensent se kommentaar die volgende: "Her dramatic intensity coupled with Massenet's

delicacy of style suited the temperament of the singer." Mary Rousseau wat die begeleiding waargeneem het, het baie bygedra tot die sukses van die uitvoering (*The Friend*, 11 Junie 1945).

Volgens dieselfde resensie het haar klavieruitvoering getuig van delikate aanslag en goeie vingertegniek. Werke wat besonder goed uitgevoer is, was **Arabesque** (Debussy), **Ballade** (Grieg) en **Parafrase uit Rigoletto** (Verdi-Liszt). Ander werke wat op die program was die **Rapsodie opus 79 nr 2 in g mineur** (Brahms), en 'n **Capriccio** (Rongo).

4.1.9 Johanna Uys

Dié koloratuur-sopraan het nie net as sangeres uitgeblink nie, maar ook 'n belangrike bydrae as onderwyseres gelewer. Sy is op 26 Julie 1909 in die Paarl gebore. Nadat sy die B A-graad aan die Universiteit van Kaapstad in 1929 voltooi het, het sy met sangles by Frederick Dillon in Pretoria begin. Sy het vanaf 1934 tot 1936 by hom les geneem en in dieselfde tyd ook 'n hele paar konsertreise saam met haar broer, Hannes Uys, onderneem. Na afloop van die oorlog het sy verskeie rolle in operas in Pretoria en Kaapstad vertolk. Sy was lid van Albert Coates se operagroep (Malan, 1986, p. 395).

In 1959 het sy haar studies in Wenen onder Maria Hittorff en Victor Graeff voortgesit. In hierdie tyd het sy ook solorolle in oratoriums en operas vertolk. Nadat sy na

Suid-Afrika teruggekeer het, het sy gereeld saam met die orkeste van Kaapstad, Durban, Johannesburg en Pretoria opgetree. Gedurende die laaste paar jaar van haar lewe het sy groot naam as onderwyseres gemaak. Sy is in 1971 in 'n motorongeluk naby Bloemfontein oorlede (Malan, 1986 pp. 395-396).

Haar konsert in Bloemfontein is deur die Vrystaatse Musiekvereniging moontlik gemaak. Sy het die konsert gedeel met 'n begaafde Suid-Afrikaanse pianiste, Chrystal Blomkamp. Hul konsert het op 23 Maart 1950 in die Clarendonsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 4 en 9 Maart 1950).

Die Volksblad (24 Maart 1950) se kommentaar oor Johanna Uys se sang was soos volg: "Johanna Uys het 'n aantreklike program met insig en met artistieke verfyndheid afgehandel. Miskien was daar té veel koloratuurwerk vir 'n enkele aand, maar dit ly nie in die minste twyfel dat die sangeres met die klanke goël en haar verlustig in die moeilikste kadensas nie."

In dieselfde resensie is dit duidelik dat sy haar soepel stem met oordeelkundigheid aangewend het en elke stemming op 'n baie sensitiewe wyse vertolk het. Werke wat groot byval gevind het, was *Luister Israel*, *die Here spreek* (Mendelssohn), *Pastorella* (Veracini), *Koningin van die nag-aria* uit *Die Towerfluit* (Mozart) en die *Klokkelied* uit *Lakmé* (Delibes). Laasgenoemde werk het hoë eise aan die sangeres gestel, maar sy het dit met buitengewone gemak en vaardigheid uitgevoer. Verder is spesiale melding

van haar vertolking van die kunsliedere gemaak. Die resensent se kommentaar was soos volg: "Sy vertolk met haar hele wese en sing met 'n warme opregtheid." Ander werke op die program was **To an isle in the water** (Coates), **Die soekende moeder** (Fagan), **Kom juig met my** (Dillon) en **Una voce poco fá** uit **Die Barbier van Seville** (Rossini). Die begeleiding is deur Nellie Crowhurst waargeneem.

4.1.10 Trudi van Zyl

Trudi van Zyl was nie net 'n gunsteling onder die musiek-entoesiaste nie, maar ook bemind as rolprentaktrise. Hierdie begaafde koloratuur-sopraan het landwyd bekendheid verwerf vir haar rol in die film, **Kom saam vanaand**. Haar uitvoering in Bloemfontein het op 23 Augustus 1950 in die Clarendonsaal plaasgevind en is deur die Vrystaatse Musiekvereniging moontlik gemaak. Haar eggenoot, Ashley Hartley het haar nie net begelei nie, maar self ook 'n klavieruitvoering gegee (*Die Volksblad*, 5 Augustus 1950).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (24 Augustus 1950) het sy 'n "esteties-strelende" uitvoering gelever. Hoewel haar stem nog nie heeltmaal volwasse rypheid bereik het nie, het sy al die eienskappe soos musikale intelligensie, simpatieke kwaliteit, soepelheid en grasia, duidelikheid van diksie en 'n aantreklike verhoogpersoonlikheid besit om met gemak en oortuiging voor enige gehoor te kon optree.

Dieselfde resensie meld dat haar asembeheer aanvanklik nie so suksesvol was nie. Dit het in **Bist du bei mir** (Bach) duidelik geblyk. Werke op haar program wat werklik 'n besondere indruk gemaak het, was die **Koningin van die nag-aria** (Mozart), **Caro nome** uit **Rigoletto** (Verdi), **Oktobermaand** (Roode) en **Maria Wiegelied** (Reger). Die arias uit **Madame Butterfly** (Puccini) en **Die Barbier van Seville** (Rossini) wat sy gesing het, het ook baie byval gevind. Die volgende kommentaar van die resensent som haar sanguitvoering die beste op: "Dit was verfrissend om met soveel natuurlikheid in aanraking te kom en terselfdertyd die indruk te kry dat die sangeres baie duidelik besef in watter mate sy haar nog deur studie en toewyding moet verdiep. Trudie van Zyl sing met 'n sonnige helderheid en 'n suiwere intonasie wat ervare sangers eer sal aandoen. Haar hoë register was fyn en volmaak beheers, met die gevolg dat 'n mens nooit daardie pynlike spanning ondervind het wat jou selfs by die beste sangers soms in onsekerheid laat verkeer of die hoë spronge treffers gaan wees of nie." (*Die Volksblad*, 24 Augustus 1950).

Ashley Hartley het die begeleiding op simpatieke wyse waargeneem en daardeur 'n groot bydrae gelewer tot die sukses van Trudi van Zyl se sanguitvoering. Hy het in sy solo-uitvoering getoon dat hy 'n baie bekwame pianis was, veral in die werke van Granados en Debussy. Kyk Bylae, pp. 22-23 (*Die Volksblad*, 24 Augustus 1950).

4.1.11 Shirley Hepburn

Shirley Hepburn het aanvanklik groot naam as aktrise in rolprente soos **The corn is**

green en **The man who came to dinner** asook talle ander toneelstukke gemaak. In 1949 het sy in Londen in **Four hours to kill** opgetree en gunstige kommentaar ontlok. Tydens haar verblyf in Hollywood het sy 'n aanbod van Republic Studios ontvang, maar het dit van die hand gewys aangesien sy twee dogtertjies in Suid-Afrika gehad het. Dit was eintlik sedert haar ontmoeting met die Italiaanse tenoor, Alessandro Ziliani in September 1950, dat sy haar stem ernstig begin ontwikkel het (*Die Volksblad*, 16 Mei 1951).

Haar uitvoering saam met Ziliani het op 13 April 1951 in die Stadsaal onder beskerming van die Internasionale Konsert-buro plaasgevind. Die resensent van *Die Volksblad* (14 April 1951) se kommentaar was soos volg: "Sy staan feitlik nog aan die beginstadium van haar ontwikkeling en toon tans reeds al 'n bekwaamheid, 'n musikale gevoeligheid en insig wat haar in staat sal stel om dit nog besonder ver te bring. Haar stem het 'n frisse, keurige kwaliteit en daar was telkens passasies van voortreflike skoonheid."

Haar program het net soos dié van Ziliani hoofsaaklik uit opera-arias bestaan. Sy het onder andere **Gavotte** uit **Manon** (Massenet), **Addio del Passato** uit **La Traviata** (Verdi), **Tu che Di Gel** uit **Turandot** (Puccini) en **Mimi se afskeid** uit **La Bohème** (Puccini) gesing. Lorenzo Danza het die begeleiding op besondere wyse waargeneem (*Die Volksblad*, 31 Maart en 14 April 1951).

4.1.12 Bruce Anderson

Ian Bruce Anderson is op 4 September 1905 in Southport, Lancashire, Engeland gebore.

In Londen het hy vanaf 1924 tot 1927 onder Thomas Meux sang gestudeer. Hy is egter na Milaan om sy studies voort te sit, waar hy ook sy debuut as opera-sanger in *Madame Butterfly* (Puccini) gemaak het. Nadat hy na Engeland teruggekeer het, het hy in talle opera-produksies gesing asook baie opnames vir uitsaaidoeleindes gemaak (Malan, 1979, p. 40).

In 1947 het Anderson homself permanent in Johannesburg gevestig waar hy die musiekskool van Margaret Roux oorgeneem het. In dieselfde tyd het hy ook aan die opera-produksies van John Connell deelgeneem. Tot en met 1950 was hy baie aktief as sanger en regisseur in 'n verskeidenheid produksies, naamlik *Die Fledermaus* (Strauss), *Tannhäuser* (Wagner) en *Aïda* (Verdi) in 1949, *Faust* (Gounod) en *I Pagliacci* (Leoncavallo) in 1950. Verder was hy ook nou betrokke by die totstandkoming van die Nasionale Opera-vereniging wat onder die leiding van Alexander Rota in 1955 gestig is (Malan, 1979, p. 40).

Alhoewel hy reeds voor 1952 in Bloemfontein as deel van 'n operageselskap opgetree het, was sy optrede onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging op 18 Junie 1952 sy eerste solo-optrede (*Die Volksblad*, 14 Junie 1952).

In die resensie wat in *The Friend* (19 Junie 1952) verskyn het, is tereg opgemerk dat Anderson so goed bekend aan die publiek was, dat dit onnodig was om sy uitvoering in detail te bespreek. Wat wel genoem is, is dat hy 'n ervare en bedrewe sanger was met 'n gemaklike styl en 'n aangename persoonlikheid. Die volgende werke was op sy program: **O De Mio dolce Ardor** (Gluck), **Vaghissima Sembianza** en **Madame Renzuola** (Donaudy), **Che Fiero Costume** (Legrenzi), drie werke uit **Winterreise** (Schubert), **In the silent night** (Rachmaninoff), **Santa Chaira** en **I have twelve oxen** (John Ireland). Prof Roode het soos by baie ander konserte as begeleier opgetree en homself uitstekend van sy taak gekwyt.

Bruce Anderson het die konsert met 'n ander kunstenaar gedeel. Sebastian Peschko, bekende internasionale pianis en begeleier van menige internasionale kunstenaar, het 'n klavieruitvoering gelewer (*Die Volksblad*, 14 Junie 1952).

4.1.13 Jossie Boshoff

Hierdie veelsydige sangeres het in 1953 by twee geleenthede in Bloemfontein opgetree. Beide haar konserte is deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer. Tydens haar eerste optrede wat op 6 en 7 Maart 1953 in die Stadsaal plaasgevind het, het sy as soliste saam met die S A U K se Simfonieorkes onder die leiding van haar man, Anton Hartman, opgetree. Hierdie uitvoerings is aangebied om die tienjarige bestaan van die Vrystaatse Musiekvereniging te vier. Kyk Bylae, pp. 24-27. Sy was ook die kunstenaar

tydens die laaste konsert wat dié vereniging vir 1953 aangebied het (*Die Volksblad*, 24 Februarie en 13 en 14 November 1953).

Josina Wilhelmina Boshoff is op 25 Mei 1918 in Philippolis gebore. Haar kinderjare het sy in Wes-Transvaal deurgebring en in 1935 aan die Hoërskool Helpmekaar in Johannesburg gematrikuleer. Haar eerste sangonderrig het sy van Hilda Harries in Johannesburg ontvang en na haar huwelik met Anton Hartman het sy in Kaapstad by Eveline Fincken sangles geneem. Vanaf 1950 tot 1952 het sy egter in Wenen by die bekende Maria Hittorff les geneem en ook twee kursusse by Erik Werba voltooi waar sy hoofsaaklik op die liederekuns gekonsentreer het (Malan, 1982, p. 173).

In Suid-Afrika het sy gereeld rolle in verskeie operas vertolk, vanaf Mozart tot by Smetana asook John Joubert se **Die droogte**. Sy het verskeie rolle in oratoriums in al die groot sentra van Suid-Afrika gesing. Groot dirigente saam met wie sy opgetree het, sluit in Malcolm Sargent (1956) en Jascha Horenstein (1962). Haar professionele loopbaan is egter in 1970 weens swak gesondheid beëindig (Malan, 1982, pp. 173-174).

Haar vertolking van *Ah, Perfido!* (Beethoven) saam met die orkes op 6 Maart 1953 het groot byval gevind. Opvallende kenmerke van haar sang was onder meer die pragtige legato-lyn asook haar warm stemkwaliteit. Haar benadering tot die lied het getuig van 'n opregte musikale aanvoeling. Volgens die resensent van *The Friend* (9 Maart 1953) het sy 'n nóg beter vertoning gelewer toe sy *Wie nahte mir der Schlummer* uit *Der Freischütz* (Weber) en die *Koninging van die nag*-aria uit *Die Towerfluit* (Mozart)

op 7 Maart gesing het. In hierdie uitvoering het die soepelheid en die groot omvang van haar stem 'n blywende indruk gemaak. In beide gevalle het die orkes puik gespeel en die solis op simpatieke wyse ondersteun (*Die Volksblad*, 7 Maart 1953).

Die laaste konsert vir 1953 van die Vrystaatse Musiekvereniging het op 23 November in die Clarendonsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het Jossie Boshoff 'n goed gebalanseerde program aangebied wat bestaan het uit werke van Paisello, Giordani, Rosa, Schumann, Schubert, Brahms, Richard Strauss en Wolf. Sy het ook arias uit **Cosi fan Tutte** (Mozart), **La Bohème** (Puccini) en **Aida** (Verdi) gesing. Die kunsliedere is met uiterste musikale aanvoeling uitgevoer en die arias het weer geleentheid vir meevoerende sang gebied. In **Allerseelen** (Strauss) het die dramatiese vertolking opgeval en in die Schumann-liedere het sy pragtige pianissimo-sang gelewer. Anton Hartman het haar tydens hierdie konsert begelei (*Die Volksblad*, 14 en 24 November 1953).

4.1.14 Saline Koch

Koch is in Vryburg gebore en het in 1936 haar studies aan die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in Kaapstad begin. Haar leermeesters was Ivy Angove (viool), John Andrews en Adelheid Armhold (sang). In 1940 het sy die U V L M en U O L M (sang en viool) voltooi (Malan, 1984, p. 115).

Sy het later haar studies in Engeland voortgesit. In Suid-Afrika het sy gereeld rolle in operas vertolk asook in oratoriums gesing. Nadat sy in 1963 permanent in Kaapstad gaan woon het, het sy gereeld oor die radio gesing. Ander hoogtepunte van haar loopbaan, was haar vertolking van Violetta in *La Traviata* (Verdi) en haar optrede in die *Requiem* (Verdi) tydens die S A U K se aanbieding waartydens Verdi se honderdste verjaardag herdenk is. In daardie stadium is sy as een van Suid-Afrika se beste liriese soprane beskou (Malan, 1984, p. 115; *Die Volksblad*, 6 Februarie 1954).

Saline Koch se optrede in Bloemfontein het op 17 Februarie 1954 in die Stadsaal plaasgevind. Dit was die eerste konsert wat die Vrystaatse Musiekvereniging vir 1954 aangebied het en het saamgeval met die Eeufeesvieringe van die Vrystaat. Moira Birks, die bekende Durbanse pianiste, het ook tydens dié konsert opgetree (*Die Volksblad*, 23 en 29 Januarie 1954).

Die klassieke liedere op die program het sy met pragtige musikale aanvoeling en goeie smaak uitgevoer. Melding is ook gemaak van eienskappe soos helderheid en tegniese vaardigheid. Skerp kritiek is uitgespreek teen haar intonasie wat nie deurlopend suiwer was nie. Hierdie tekortkoming het duidelik geblyk in haar vertolking van die *Vokalise* (Rachmaninoff). Sy het ook werke van Mozart, Schumann, Stravinsky, Lemmer en S le Roux Marais gesing. Arend Koole het as begeleier opgetree (*Die Volksblad*, 13 en 18 Februarie 1954).

4.2 Pianiste

4.2.1 Willem Eggink

Op 18 en 20 September 1941 het aankondigings in die plaaslike koerant verskyn dat Cecilia Wessels 'n uitvoering in Bloemfontein sou gee, bygestaan deur die Hollands-gebore pianis, Willem Eggink. Dit was Eggink se eerste optrede in Bloemfontein en sy program is soos volg saamgestel:

Mozart:	Sonate in F majeur
De Sérérac:	A cheval dans la prairie
Debussy:	Réflets dans l'eau
Debussy:	Clair de Lune
Chopin:	Ballade in A-mol majeur.

Eggink het hom in Suid-Afrika gevestig en is destyds as een van die beste pianiste in die land beskou. Hy het op 'n vroeë ouderdom reeds klavieronderrig aan die Konservatorium in Den Haag ontvang en het later onder die Hollandse pianis-dirigent, Evert Cornelius gestudeer. Hy het ook onderrig van die Poolse pianis Jan Smeterlin ontvang. In Nederland het hy dikwels klavieruitvoerings gegee en ook bekendheid deur die hele Europa verwerf. Hy was bekend vir radio-uitsendings. In Kaapstad het hy destyds gou as solis bekend geword. Daar het hy dikwels saam met die Kaapstadse

Simfonieorkes opgetree. Kritici het hom by meer as een geleentheid as 'n ware kunstenaar beskryf (*Die Volksblad*, 27 April 1946).

In sy vertolking van die Sonate was die koördinasie tussen sy hande effens ongelyk, maar hy het die groep Franse werke met buitengewone fynheid en pragtige toonskildering vertolk. Die glanspunt uit sy gedeelte van die program was sy weergawe van Chopin se Ballade in A-mol majeur. Verder het hy 'n Wals en 'n Mazurka van Chopin met groot sukses voorgedra (*Die Volksblad*, 22 September 1941).

In 1946 het hierdie begaafde pianis weer eens in Bloemfontein opgetree. Sy uitvoering het op 1 Mei 1946 in die Clarendonsaal plaasgevind en wel onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging. Sy program het soos volg daaruit gesien:

Beethoven:	Sonate opus 110 in A-mol majeur
Franck:	Prelude, Aria en Finale
Rachmaninoff:	Prelude opus 32 nr 12
Ireland:	The Palm and the May
Skriabin:	Etude opus 8 nr 1
Brahms:	Capriccio opus 76 nr 5
Schumann:	Novellette opus 21 nr 4
Chopin:	Mazurka opus 56 nr 3
	Ballade opus 52 in f mineur.

Volgens die resensie het Eggink 'n besonder voortreflike uitvoering gelewer. Geen goedkoop vertoon of swierige, temperamentele uitbarstings was deel van sy optrede nie. Die **Capriccio** van Brahms is met lus en oorgawe gespeel en die **Novellette** van Schumann het aantreklike spel opgelewer. Die werke van Rachmaninoff en Skriabin is met tegniese afronding uitgevoer en het werklik beïndruk. Pragtige stemming is verkry in **The Palm and the May** van John Ireland (*Die Volksblad*, 2 Mei 1946).

Volgens dieselfde resensie het Eggink die Beethoven-sonate wel korrek gespeel, maar sy spel was soms te afgemete. Subtiliteit in toonskakering sou meer bevredigend gewees het. Die allegro-gedeelte was uitstekend en so ook die fuga aan die einde waar die tema op kunstige wyse na vore gebring is. Die komposisie van Franck het gevoelvolle spel opgelewer. Die bekoorlike **Aria** het uitmuntende hoogtepunte bevat, terwyl die oktawespel aan die einde van die werk baie netjies uitgevoer is en die stuk op gepaste wyse afgerond het. Verder het die twee werke van Chopin dadelik in die publiek se smaak geval.

'n Uitstaande kenmerk van hierdie pianis is dat hy oor 'n buitengewoon goeie tegniek beskik het en baie eerlik was in sy benadering ten opsigte van die verskillende komposisies. Hy het ook krediet ontvang vir die insiggewende wyse waarop hy sy program saamgestel het (*Die Volksblad*, 2 Mei 1946).

4.2.2 Chrystal Blomkamp

Hierdie belowende jong pianiste het op 31 Maart 1947 en 23 Maart 1950 uitvoerings in die Clarendonsaal in Bloemfontein aangebied. Kyk Bylae, p. 28. Beide haar uitvoerings het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. Tydens haar eerste konsert was sy die enigste kunstenaar, maar in 1950 het sy die program met die koloratuur-sopraan, Johanna Uys, gedeel (*Die Volksblad*, 26 en 29 Maart 1947 en 4, 15 en 17 Maart 1950).

Chrystal Blomkamp se eerste uitvoering het in byna elke opsig slegs positiewe kommentaar ontvang. Opvallende kenmerke van haar spel was die soepelheid, grasia en netjiese fraserings. Volgens die resensent kon die dinamiese skakerings meer geleidelik aangewend word en daar was soms ook onderbrekings in die tematiese lyn. Alhoewel sy nie soos baie ander voordragkunstenaars 'n klomp vertoonstukke in haar program ingesluit het nie, het sy wel met indrukwekkende spel vorendag gekom. Haar geheue het haar soms in die steek gelaat (*Die Volksblad*, 1 April 1947).

Voor haar tweede uitvoering in Bloemfontein het Blomkamp in 1949 in Holland 'n hele aantal uitvoerings gegee. Sy het daar onder andere in die beroemde Concertgebouw in Amsterdam opgetree, asook in Rotterdam en Den Haag. In Arnhem het sy groot welslae behaal met haar vertolking van Schumann se **Klavierkonsert opus 54 in a mineur** onder die leiding van Jaap Spaanderman. Sy het ook van die geleentheid gebruik gemaak om by verskeie pedagoë les te neem (*Die Volksblad*, 18 Maart 1950).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 24 Maart 1950 het die studietydperk in Holland verdieping en selfvertroue in haar spel meegebring. "Die effense skroom en terughoudenheid het plek gemaak vir lewendige en afgeronde spel waarby elke nuanse in die vertolking 'n diepere betekenis gekry het en 'n mens nader gebring het aan die belewinge van die komponis."

Werke wat tydens haar eerste konsert besonder byval gevind het, was die **Scherzo in E majeur** (Chopin), **Sonate in F-kruis majeur** (Beethoven), **Intermezzo nr 6** en **Scherzo in e-mol mineur** (Brahms). In laasgenoemde werke het sy daarin geslaag om die dreigende, sombere atmosfeer op oortuigende wyse te skep. Hierdie werke is op indrukwekkende wyse uitgevoer. In die **Sonates** van Scarlatti het die helderheid en delikate spel egter ontbreek. Ander werke wat sy voorgedra het, was: **Sonate in g mineur** (Schumann), **Vuurdans** (De Falla), **Voiles** en **L'Ile Joyeuse** (Debussy). As toegif het sy **Die see** van Palmgren met afgerondheid uitgevoer (*Die Volksblad*, 1 April 1947).

Enkele werke wat sy tydens haar tweede uitvoering ingesluit het, was die **Duport-variasies** (Mozart), **Sonate opus 81a in E-mol majeur** (Beethoven), **Fantasie in f mineur** (Chopin), **La Cathédrale engloutie** en **Jardin sous la pluie** (Debussy) (*Die Volksblad*, 24 Maart 1950).

4.2.3 Arnold van Wyk

Hierdie baie bekende pianis en komponis van Suid-Afrika het op 17 November 1947 'n

klavieruitvoering in Bloemfontein gegee (*Die Volksblad*, 11, 13 en 15 November 1947). Arnold Christiaan Vlok van Wyk is op 26 April 1916 in die Calvinia-distrik gebore. Na aanvanklike skoolopleiding in sy geboortedorp, bring hy sy laat skooljare in Stellenbosch deur. Hy ontvang klavieronderrig van sy suster, Minnie en dit is op Stellenbosch voortgesit veral onder die leiding van Hans Endler, mej C E van der Merwe en later Alan Graham en Maria Fismer. Sy naskoolse studies moes egter na drie jaar gestaak word as gevolg van finansiële probleme (Grové, 1984, p. 3; Ferguson, 1988, p. 1).

Na 'n onsuksesvolle poging om 'n oorsese studiebeurs te verower het Arnold van Wyk by 'n versekeringsmaatskappy gaan werk. In dieselfde tyd het hy musiekaande bygewoon wat deur Charles Weich, musiekkritikus van *Die Burger* georganiseer is. Een van die konserte wat Weich aangebied het, het uit werke van onbekende Suid-Afrikaanse komponiste bestaan en het op 15 November 1935 by die Oranje-klub plaasgevind. Aangesien sy program te kort sou wees het hy Van Wyk gevra of hy nie ook tydens dié konsert wou optree nie. In daardie stadium het Weich nog nooit Van Wyk se musiek gehoor nie. Dit was nietemin 'n reusesukses en Arnold van Wyk het gloeiende kommentaar ontvang. Hierdie optrede het tot baie ander geleenthede gelei waar hy van sy musiek uitgevoer het. Hierna het Arnold van Wyk spoedig opgang as komponis gemaak (Ferguson, 1988, pp. 1-2).

In 1938 het van Wyk na Londen gegaan vir verdere studie aan die Koninklike Akademie vir Musiek. Hy het daar talle toekennings en pryse vir sy klavierspel en komposisies

ontvang. Vanaf 1939 was Van Wyk betrokke by die B B C se Afrikaanse uitsendings. Daar het hy met die Britse komponis Howard Ferguson kennis gemaak, wat 'n deurslaggewende invloed op sy loopbaan as komponis gehad het (Grové, 1984, p. 3; Ferguson, 1988, p. 2).

In 1946 het Van Wyk na Suid-Afrika teruggekeer as dosent aan die College of Music in Kaapstad vanaf 1948 tot 1960. Hy het ook 'n aantal konserttoere in dié tyd onderneem en talle komposisies, soos die **Rapsodie vir orkes** en **Sinfonia Ricercata** die lig laat sien. Vanaf 1960 tot en met sy aftrede in 1978 was hy verbonde aan die Musiekdepartement van die Universiteit van Stellenbosch. Van Wyk is op 27 Mei 1983 oorlede (Grové, 1984, p. 3; Ferguson, 1988, pp. 3-4).

Volgens die resensent in *Die Volksblad* van 18 November 1947 het Van Wyk sonder enige swier of vertoon fyn stemmingsnuanseringe op die klavier geskep. Sy vloeiende piano-spel was een van die kenmerke van sy uitvoering wat 'n groot indruk gemaak het. Die luisteraar sou soms 'n bietjie meer aggressiwiteit en 'n sterker beklemtoning van die klimakse verlang het. Daar is wel tereg opgemerk dat elke komposisie binne die bepaalde toonaard 'n pragtige stemmingseenheid gevorm het.

Hy het sy program met 'n knap vertolking van die **Tokkate en Fuga in D majeur** (Bach) geopen. Daarna het hy 'n werk voorgedra wat baie selde op die konsertverhoog gehoor word, naamlik die **Variasies in f mineur** van Haydn. 'n Uitstaande kenmerk van

hierdie voordrag was die heldere spel en die beheerstheid waarmee dit uitgevoer is. Dieselfde innige toon en vloeiende spel het opgeval in die *Sonate in a mineur* van Schubert. Die tweede helfte van sy program het uit werke van Debussy, Chopin, Bartok en Ravel bestaan.

Die *Ballade opus 38* in F majeur van Chopin het die aandag getrek en so ook die *Alborada del Gracioso* van Ravel. As toegifte het Van Wyk 'n *Sonate in e mineur* van Scarlatti uitgevoer en op aandrang van die gehoor het hy 'n paar van sy eie komposisies uitgevoer. Die vertolking van hierdie werke is ook gekenmerk deur suiwer, ongedwonge en musikale spel (*Die Volksblad*, 18 November 1947).

4.2.4 Bruno Raikin

Op 7 April 1948 het hierdie pianis 'n uitvoering in die Clarendonsaal gegee onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging. Hy was geen onbekende in Bloemfontein nie, want hy het reeds by 'n vorige plaaslike geleentheid as begeleier uitgeblink (*Die Volksblad*, 3 April 1948).

Volgens *Die Volksblad* (3 April 1948) het sy program uit die volgende werke bestaan:

Handel: Chaconne

Bach: Chromatiese Fantasie en Fuga

Beethoven: Sonate opus 53 in C majeur (Waldstein)

- Liszt: Ballade nr 2
- Prokofiev: Sonate nr 3
- Chopin: Nokturne in F-kruis majeur
 Wals in A-mol majeur
 Scherzo opus 31 nr 2 in b-mol mineur
- Strauss: Fledermaus-uittreksels.

Hierdie begaafde pianis was 'n Suid-Afrikaner van geboorte, maar het vir tien jaar in die buiteland gestudeer. In Engeland het hy onderrig van Craxton ontvang en in Leipzig het hy by die beroemde Teichmüller les geneem. Na afloop van sy studies het hy hom in Johannesburg gevestig (*The Friend*, 12 Maart en 8 April 1948).

Sover bekend was dit die eerste keer dat Prokofiev se **Sonate nr 3** en Liszt se **Ballade nr 2** in Bloemfontein uitgevoer is. Hy het 'n interessante en insiggewende uitvoering van die **Fantasie en Fuga** gegee. Kritiek op sy spel was dat hy te veel pedaal in die **Fuga** gebruik het. Die resensent het genoem dat dit wel 'n persoonlike voorkeur is, maar in dié spesifieke geval het die helderheid van die kontrapunt daaronder gely. Die **Waldstein-sonate** is briljant uitgevoer, maar dit was veral in die **Ballade** van Liszt waar die pianis die geleentheid gekry het om werklik te toon waartoe hy in staat is. Die werke van Chopin het ook groot byval gevind aangesien dit bekende werke was wat met oorgawe uitgevoer is (*The Friend*, 8 April 1948).

Die volgende woorde van *The Friend* (8 April 1948) se resensent, Mary Rousseau,

beskryf Raikin se uitvoering die beste: "The outstanding characteristic of Bruno Raikin's playing is his round, mellow tone and his rippling finger-work, which is beautifully graded and controlled, more especially in the piano passages. His bravura work is impressive and would be even more so if he refrained from using his sustaining pedal so continuously. We can thank mr Raikin for one of the most enlightening and entertaining piano recitals that Bloemfontein has heard for many a long day."

4.2.5 Adelaide Newman

Hierdie pianiste wat op 'n tyd beskou is as een van die beste pianiste in die land het ook in Bloemfontein opgetree. Haar uitvoering is moontlik gemaak deur die Vrystaatse Musiekvereniging en het op 22 Junie 1948 in die Clarendonsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 19 Junie 1948).

Adelaide Newman is op 30 Desember 1908 in Johannesburg gebore en het klavieronderrig vanaf haar sesde jaar ontvang. Haar leermeesters sluit in mev Bell, klavier en prof W H Bell, harmonie. Op die ouderdom van dertien het sy 'n beurs ontvang en na Londen vertrek vir verdere studie aan die Koninklike Akademie vir Musiek. In 1924 het sy na Suid-Afrika teruggekeer waar sy 'n nagraadse diploma van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege ontvang het en ook as amptelike begeleier van die kollege aangestel is (Malan, 1984, pp. 326-327).

Vanaf 1927 tot 1933 is sy weer na Londen om haar studies voort te sit en wel by die klavierskool van Tobias Matthay. Onder sy leiding het sy talle pryse en medaljes ontvang waaronder die Bach-prys ook getel het. Sy is ook gekies om tydens Matthay se konserte in die beroemde Queen's Hall op te tree. Tussen die jare 1935 en 1941 het sy talle uitvoerings in Londen gegee. Sy het onder meer in die Queen's Hall, Wigmore Hall, Aeolian Hall en die Grotrian Hall opgetree. Sy het ook uitsendings vir die Britse uitsaaidiens gedoen (Malan, 1984, pp. 326-327).

In 1941 het sy na Suid-Afrika teruggekeer en die S A U K het haar onmiddellik op 'n konsertreis gestuur. Twee jaar later in 1943 is sy as amptelike begeleier van die S A U K in Durban aangestel en in 1946 is sy na Johannesburg waar sy klavieronderrig gegee het. In 1947 is Adelaide Newman met Max Kramer getroud (Malan, 1984, p. 327).

In 1953, 1955 en 1958 het Adelaide Newman konsertreise deur Engeland, Europa en die destydse Rhodesië (nou Zimbabwe) onderneem. Stephen O'Reilly, bekende Suid-Afrikaanse komponis en een van Suid-Afrika se mees gevierde radio-persoonlikhede, het sy *Four Sketches in Variation Form* aan haar opgedra. Die E M I platemaatskappy het haar in 1974 gevra om die musiek van Scott Joplin op te neem, wat 'n aanduiding van haar veelsydigheid was. In 1980 was sy nog in Johannesburg as pianiste en onderwyseres werksaam (Malan, 1984, p. 327).

Volgens Libretto, musiekresensent van *Die Volksbad*, was Adelaide Newman ongetwyfeld een van die beste pianiste wat nog voor die Vrystaatse Musiekvereniging opgetree het. Sy het met oortuigende en dinamiese spel vorendag gekom. Sonder om suiwerheid op te offer of om vertonerig te raak het sy skitterende spel gelewer. 'n Meer subtile benadering wat nuansering betref was egter die enigste tekortkoming in haar spel (*Die Volksblad*, 23 Junie 1948).

Sy het haar program geopen met 'n verfynde vertolking van Paradies se Tokkate. Sy moes hierdie werk op spesiale versoek aan die einde van haar program weer herhaal. In die **Partita in b mineur** van J S Bach het sy oortuigende spel gelewer. Sy het ook weggedoen met die baie bekende werke wat altyd op konsertprogramme verskyn het. Haar vertolking van Brahms se **Intermezzo in e-mol mineur** en **Rapsodie in E-mol majeur** was musikaal en het getuig van haar sensitiwiteit as pianiste. Die **Impromptu in A-mol majeur** van Chopin is vinniger as gewoonlik uitgevoer, maar suiwerheid in spel het nie skade gely nie. In haar vertolking van Chopin se **Berceuse** was die nodige ekspressiwiteit afwesig. In teenstelling hiermee is Debussy se **Goudvissie** met insig en gevoel uitgevoer. Haar Londense leermeester sou werklik trots gewees het op haar briljante uitvoering van Matthey se **Bravura**. Mej Newman se uitvoering is voorafgegaan deur 'n aantal vokale werke wat deur bekende Bloemfonteinse sangeresse uitgevoer is (*Die Volksblad*, 23 Junie 1948).

4.2.6 Lorenzo Danza

Hierdie bekende Johannesburgse pianis was nie alleen 'n puik begeleier nie, maar het ook as solis uitgeblink. In Johannesburg was hy bekend as voordragkunstenaar en ook 'n bekende eksaminator (*Die Volksblad*, 5 Februarie 1949).

Lorenzo Danza is op 10 Oktober 1887 in Forli naby Napels gebore. Hy het op 'n betreklike laat ouderdom (dertien jaar) met formele klavieronderrig onder die leiding van E Marciano in Napels begin. Onder die bekwame leiding van mnr Marciano het Danza voor 1911 aan die vereistes van die Napelse Konservatorium-diploma voldoen. In daardie jaar het hy besluit om na Johannesburg te verhuis (Malan, 1980, p. 298).

In Johannesburg het hy in restaurante en vir tuinpartye gespeel. Hy was ook vir 'n tyd in diens van die Anglo-Austrian Kafee waar hy populêre orkeskonserte aangebied het. In 1912 het hy in die klaviersalon van White en Seun klavier gespeel (Malan, 1980, p. 298). Hy het gou as pianis groot aansien verwerf en in 1913 het hy saam met Selma Sacke vir die Johannesburgse Musiekvereniging 'n uitvoering gegee. Later in dieselfde jaar het hy weer eens saam met haar in die Caledonian-saal opgetree. Hulle het tot 1923 gereeld saam uitvoerings in Pretoria, Johannesburg en ander sentra in Suid-Afrika gegee (Malan, 1980, p. 298).

In 1923 is Danza terug na Italië waar hy konserte aangebied het en ook 'n pos as dosent beklee het aan die Konservatorium van Forli. In 1929 het hy weer na Johannesburg teruggekeer en 'n uitvoering saam met Isobel McLaren in die Johannesburgse Stadsaal gegee. Hy was ook vir 'n tyd 'n personeellid van Maud Harrison se konservatorium. Hy het egter 'n private ateljee in 1930 geopen en in 1931 het hy 'n trio gestig wat gereeld uitvoerings gegee het. Die trio het uit Ferramosca, Goldberg en homself bestaan. In 1932 het hy saam met Bram Verhoef die Johannesburgse klavierkwintet gestig. Hy en Verhoef het ook gereeld saam opgetree (Malan, 1980, p. 299).

Hy was verder lid van die Johannesburg Trio saam met Michael Doré en Becker. Danza het talle solo-uitvoerings saam met kunstenaars soos Margaret Fairless (1940), Betsy de la Porte (1940, 1944), Nella Wissema en Betty Pack (1945) gegee. In 1957 is hy egter terug na Italië (Malan, 1980, p. 299).

Hy het sy buiging as solo-kunstenaar op 23 Maart 1949 in Bloemfontein gemaak en wel op 'n gesamentlike konsert met die mezzo-sopraan, Betsy de la Porte. Hulle konsert het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging in die Stadsaal plaasgevind. Mnr Danza het afgesien van sy solo-program ook die begeleiding vir mej De la Porte waargeneem (*Die Volksblad*, 24 Maart 1949).

'n Eienaardige kenmerk van die uitvoering van Danza was dat sy begeleiding minder simpatiek en soms roekeloos was in vergelyking met sy solospel. In die werke van

Debussy wat hy gespeel het, het hy 'n heel subtiele toonkleur verkry. 'n Werk wat 'n goeie indruk gemaak het was **By die Fonteintjie** van Savasta. Skitterende spel is gelewer in die **Konsertstudie** en **Tarantella opus 44** van Martucci (*Die Volksblad*, 24 Maart 1949).

Volgens dieselfde resensie het hy sy program geopen met die **32 Variasies in c mineur** van Beethoven. Hierdie werk het hy netjies en suiwer gespeel. Hy het deurgaans 'n goeie indruk gemaak met sy beheerste spel. Die werke van Debussy wat groot byval gevind het was **Danse de Puck**, **Minstrels** en **L'Ile Joyeuse**.

In April 1951 het Danza weer 'n besoek aan Bloemfontein gebring. By daardie geleentheid het hy as begeleier vir die beroemde Italiaanse tenoor, Alessandro Ziliani en die Suid-Afrikaanse sangeres, Shirley Hepburn opgetree. Volgens die resensent het hy die begeleiding op uiters voortreflike wyse waargeneem. Benewens die begeleiding het hy ook twee klaviersolo's gelewer wat besonder byval gevind het. Hy was verplig om 'n toegif te speel. Die twee werke wat hy uitgevoer het was ook in sy program van 1949, naamlik die **Nokturne** (Savaste) en **Tarantella** (Matucci) (*Die Volksblad*, 31 Maart en 14 April 1951).

4.2.7 Anna Marsh

Anna Marsh is in die Paarl gebore waar sy as agtjarige meisie met musiekonderrig begin het. Sy het van haar broer klavierles ontvang onder die toesig van hul vader wat 'n

groot liefde vir musiek gekoester het. Tydens haar skoolopleiding aan die St Cyprian Skool in Kaapstad het sy van mej Mary Browning klavierles ontvang. Sy slaag haar matriekeksamen op die vroeë ouderdom van vyftien waarna sy haar volle aandag aan klavierspel kon skenk (*The Friend*, 8 April 1940).

As leerling van mej Browning het sy 'n oorsese studiebeurs van die Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop ontvang. Hierdie beurs het haar in staat gestel om vir drie jaar aan die Royal College of Music in Londen te studeer. Daar het sy van Franklin Taylor onderrig ontvang. Onder sy bekwame leiding het sy die A R C M voltooi (*The Friend*, 8 April 1940).

Nadat sy 'n pos in Londen van die hand gewys het, het sy haar loopbaan as konsertpianiste en onderwyseres in alle erns in Kaapstad begin. Haar eerste optrede in Kaapstad was tydens 'n Sondagmiddagkonsert in die Kaapstadse Stadsaal, georganiseer deur Delholm Walker, orrelis van die Ned Geref Kerk in Adderleystraat. Sy het vir ses jaar in Suid-Afrika gewoon voordat sy in 1923 na Edinburgh verhuis het om daar te gaan werk. Tydens haar verblyf in Groot Brittanje het sy kennis gemaak met ateljee werk, veral in Glasgow en later in Londen, Edinburgh en Dundee (*The Friend*, 8 April 1940).

In Edinburgh het sy as soliste saam met die Reid Simfonieorkes onder leiding van sir D F Tovey opgetree. Sy het ook aan talle kamermusiekkonserte deelgeneem. Tydens

haar verblyf oorsee het sy ook Frankryk, Italië, Duitsland, Oostenryk, Switserland en België besoek. Voordat sy na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy die B Mus graad voltooi en ook aan die vereistes vir die graad D Mus voldoen. Dié graad is in absentia aan haar toegeken deur die Universiteit van Edinburgh. Dr Anna Marsh was dan ook die eerste Suid-Afrikaanse vrou wat 'n doktorsgraad in musiek kon verwerf (*The Friend*, 8 April 1940).

In 1940 is dr Anna Marsh benoem as die beoordelaar vir die instrumentale afdeling van die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing. Saam met Dorothy Clark wat as beoordelaar vir die vokale afdeling opgetree het, het hulle 'n uitvoering op 17 April 1940 in die Stadsaal aangebied. Hulle uitvoering is deur die Bloemfonteinse Musiekkklub moontlik gemaak (*The Friend*, 8 April 1940; *Die Volksblad*, 10 April 1940).

Dr Marsh het die program geopen met 'n uitstaande vertolking van die **Prelude, Koraal en Fuga** (Franck). Die meesterlike hantering van hierdie moeilike werk asook die pragtige sangerige toon en subtiele nuanses het 'n goeie indruk gemaak. Sy het verder werke van De Falla en Albéniz gespeel wat gevolg is deur 'n **Adagio** van Grieg, 'n opwindende verolking van die **Tokkate** van Debussy en die **Romanse** van Schumann (*The Friend*, 19 April 1940).

Volgens dieselfde resensie het dr Marsh se uitvoering van werke deur Suid-Afrikaanse komponiste groot byval gevind. Sy het onder andere 'n werk van die Bloemfonteinse

komponis mev Frances Hertslet uitgevoer en daarna 'n skitterende uitvoering van die *Etude in G-mol majeur* van Sydney Rosenbloom. Laasgenoemde was ook 'n komponis (van Engelse oorsprong) wat in Bloemfontein gewoon het.

4.2.8 Lionel Bowman

Lionel Bowman is op 11 Junie 1919 in Koffiefontein gebore. Op die ouderdom van agt het hy reeds 'n beurs van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in Kaapstad verower. Daar is altesaam nege beurse gedurende sy studentejare aan hom toegeken. In sy studiejare het hy ook as konsertpianis verskeie toere saam met die Kaapstadse Stadsorkes onderneem (Malan, 1980, p. 224).

Hy het die oorsese studiebeurs van U N I S A verwerf wat hom in staat gestel het om in 1937 sy studies aan die Koninklike Akademie vir Musiek in Londen voort te sit. Daar het hy onderrig van Vivian Langrish ontvang. Tydens sy studiejare aan die Akademie het hy dikwels saam met die studenteorkes opgetree en ook Franse horing, tjello en klarinet leer speel. Verder het hy 'n dirigeerkursus onder die leiding van sir Henry Wood voltooi. Voordat hy na Suid-Afrika teruggekeer het, het hy verskeie pryse en medaljes ontvang, onder meer die Chappel goue medalje asook die Matthew Phillmore-prys. As een van die beste vertolkers van die musiek van Beethoven is die Roller gedenkprys aan hom toegeken (Malan, 1980, p. 224).

Hy het in 1940 na Suid-Afrika teruggekeer en het vanaf 1941 tot 1944 op die personeel van die Suid-Afrikaanse Musiekkollege in Kaapstad gedien (Malan, 1980, p. 224).

In 1946 is hy weer na Engeland waar hy as mede-solis saam met Gigli, Tauber, Peter Dawson en Paul Robertson konserttoere in Groot Brittanje onderneem het. In daardie tyd het Bowman ook uitsendings vir die Britse uitsaaidiens (B B C) gedoen asook aan Promenadekonserte deelgeneem (Malan, 1980, p. 224).

In 1948 het hy sy eerste toer deur Europa onderneem. Hy het onder meer in Holland, België, Swede en Griekeland opgetree. In dieselfde jaar het hy ook 'n konserttoer na Amerika onderneem. Toere deur Afrika sluit in 1950, 1952, 1954, 1955 en 1957. Verdere toere deur Europa was in 1951, 1952 en 1954. In die tussentyd het hy altyd weer na Engeland teruggekeer waar hy met bekende kunstenaars opgetree het. Ander optredes sluit onder meer in, uitvoerings in die Royal Festival Hall en Royal Albert Hall (Malan, 1980, p. 224).

In 1958 is hy aangestel as dosent aan die Universiteit van Stellenbosch. Nadat hy hom in Suid-Afrika gevestig het, het hy nog vier toere deur Engeland en Europa onderneem. Hy het dikwels vir die S A U K in uitsendings opgetree, plaatopnames gemaak en gereeld saam met van die beste orkeste in Suid-Afrika uitvoerings gegee (Malan, 1980, p. 224).

'n Groot eer het Bowman in 1964 te beurt geval toe hy tot Fellow van die Royal Academy of Music verkies is (Malan, 1980, p, 224).

Op die jeugdige ouderdom van twee-en-twintig het hierdie pianis vir die eerste keer in Bloemfontein opgetree. Sy optrede het op 21 April 1941 in die Stadsaal plaasgevind onder die beskerming van die Bloemfontein Music Club. By daardie geleentheid het hy die konsert gedeel met die bekende bas-bariton, Gerald Cassen. Bowman was ook vir die begeleiding verantwoordelik (*The Friend*, 9 April 1941).

Volgens *The Friend* (22 April 1941) was Bowman se spel van hoë standaard. Dit was juis in die openingswerke van Scarlatti, Bach en Handel dat Lionel Bowman op sy beste vertoon het. Hy het deurgans 'n helder klank verkry met 'n uitstekende balans in toonkwaliteit. Hier het die resensent die *Fantasie in c mineur* van Bach uitgesonder. Sy weergawe van Scarlatti se *Pastorale en Capriccio* was besonder interessant met ongewone vrye toepassing van rubato, wat volgens die kritikus geensins steurend was nie.

Hy het verder 'n aantal werke van Debussy gespeel wat ook baie gunstig deur die publiek ontvang is. Twee preludes van Debussy, *La Cathédrale engloutie* en *Feux d'artifice*, is met die nodige sjarme en afronding uitgevoer. Volgens die resensent was die enigste swak punt in Bowman se program sy uitvoering van die werke van Chopin. Sy tegniek was egter baie goed, maar sy vertolking was deurgaans baie oppervlakkig. As toegif het hy Chopin se *Wals in e mineur* gespeel (*The Friend*, 22 April 1941).

Tydens die besoek van Noël Coward aan Bloemfontein in 1944 het Bowman op dieselfde konsert sy verskyning as pianis gemaak. Hy het die eerste helfte van die program hanteer en het werke van Chopin en die **Warsaw-konsert** (Addinsell) gespeel. Dié konsert het op 30 Maart 1944 in die Grand-teater plaasgevind (*The Friend*, 31 Maart 1944).

Tydens sy konserttoer deur Afrika in 1952, het Bowman ook in Suid-Afrika 'n paar uitvoerings gegee. So 'n uitvoering het op 16 Mei in die Clarendonsaal onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. Volgens die resensent van *The Friend* (17 Mei 1952) het Bowman beslis getoon dat hy die potensiaal gehad het om 'n groot sukses van sy loopbaan as konsertpianis te maak. Tegnies het hy geen tekortkominge getoon nie en hy het verder oor groot fisiese krag beskik wat hom in staat gestel het om 'n geweldige groot klank te produseer. So gemaklik as wat hy 'n forte kon speel, met net so min moeite kon hy die kleinste pianissimo bereik (*Die Volksblad*, 10 Mei 1952; *The Friend*, 17 Mei 1952).

Bowman het die volgende werke met groot sukses uitgevoer: **Pastorale en Capriccio** (Scarlatti), **Sonate opus 31 nr 2 in d mineur** (Beethoven), **Kinderszenen** (Schumann), **Capriccio in b mineur**, **Intermezzo in B-mol majeur**, **Scherzo in e-mol mineur** (almal Brahms), **Etude opus 10 nr 3 in E majeur**, **Barcarolle opus 60 in F-kruis majeur** en **Ballade opus 23 in g mineur** (Chopin) (*Die Volksblad*, 10 Mei 1952).

4.2.9 Ashley Hartley

Ashley Hartley het landwyd bekendheid as begeleier verwerf toe hy op skitterende wyse vir Erna Sack, Mumaw en Cecilia Wessels begelei het. Kyk Bylae, p. 34. Hy het onderrig van Adolph Hallis ontvang en later sy studies aan die Royal College of Music in Londen onder Herbert Fryer voortgesit. In 1940 het hy by die S A U K aangesluit en met toestemming die begeleiding vir die Engelse violis, Thomas Matthews waargeneem. Sedertdien het hy spoedig beroemdheid as uitstaande begeleier verwerf (*Die Volksblad*, 5 Augustus 1950).

Op 23 Augustus 1950 het hy nie net sy vrou, Trudi van Zyl, in 'n sanguitvoering begelei nie, maar self ook 'n uitvoering gegee. Hierdie gesamentlike konsert is deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer en het in die Clarendonsaal plaasgevind. Hartley het veral uitblink in sy vertolking van die **Allegro di Concierto** (Granados), **Golliwogg's Cakewalk** (Debussy) en **The shadow dance** (Macdowell). Kritiek teen sy vertolking van die **Sonate opus 27 nr 2 in c-kruis mineur** (Beethoven) was dat die eerste deel se tempo té stadig was en dat die melodie beter beklemtoon kon word. Verder het hy die **Etude in D-mol majeur** en **Liebesträum** van Liszt gespeel (*Die Volksblad*, 19 en 24 Augustus 1950).

4.2.10 Elsie Hall

Elsie Stanley Hall is op 22 Junie 1877 in Queensland, Australië, gebore. Kyk Bylae, p. 29. Haar eerste klavieronderrig het sy van Kretschmann, 'n Duitse violis, ontvang. Op die ouderdom van nege het sy 'n openbare uitvoering van die **Klavierkonsert opus 37 nr 3 in c mineur** (Beethoven) in die Universiteitsaal van Sydney gegee. Haar ouers het toe besluit dat sy na Europa moes gaan om haar studies daar verder voort te sit. In Stuttgart het sy vir agtien maande aan die Konservatorium gestudeer. Daarna is sy na Engeland waar sy onderrig van John Farmer, orrelis van Balliol Kollege, Oxford, ontvang het. In Engeland het sy in aanraking gekom met die violis Joseph Joachim en was so beïndruk met hom dat sy besluit het om haar studies in Berlyn voort te sit om sodoende binne sy bereik te wees. Sy het ook 'n gunstige indruk op hom gemaak en baie gou is sy toe aanvaar by die Hochschule in Berlyn, waar sy 'n student van prof Ernst Rudorff geword het, wat 'n groot vriend van Clara Schumann was (Malan, 1982, pp. 154-155).

Sy het tot 1896 aan die Hochschule studeer en onder meer die Mendelssohn-prys vir klavierspel verower. Na 'n afwesigheid van tien jaar het sy besluit om terug te keer na Australië en vir twee jaar (1899-1900) onderrig gegee aan die Konservatorium in Adelaide. In 1900 is sy egter terug na Engeland om haar loopbaan as konsertpianiste voort te sit. Sy het daar gebly totdat sy in 1913 met dr Stohr getroud is. In hierdie tyd het sy gereeld uitvoerings in verskeie plekke gegee (Malan, 1982, p. 155).

In 1919 is dr Stohr deur die Belgiese regering genader om navorsing te doen oor die tsetsevlug in Suid-Afrika en Zambië. Elsie was onder geen verpligting om haar loopbaan as pianiste op te offer nie, maar op 19 November 1919 het sy 'n uitvoering van die Klavierkonsert opus 18 nr 2 in c mineur van Rachmaninoff saam met die Kaapstadse Stadsorkes gegee. Sy het baie konsertreise in hierdie tyd onderneem en na haar man se dood in 1948 het sy saam met Herman Salomon uitvoerings van sonates vir viool en klavier gelewer. Hulle het ook later uitvoerings in Engeland, Holland Frankryk en Switserland gegee (Malan, 1982, p. 155).

Sy het haar entoesiasme vir musiek nooit verloor nie en so is haar negentigste verjaardag op 22 Junie 1967 gevier met 'n klavieruitvoering in die Kaapstadse Stadsaal. Die Universiteit van Kaapstad het haar in 1957 vereer met die graad D Mus, vir haar bydrae tot musiek in Suid-Afrika (Malan, 1982, p. 156). Elsie Hall is op 27 Junie 1976 in Kaapstad oorlede (Malan, 1982, p. 154).

Sy het ook gereeld lesing-uitvoerings by verskillende skole in die land gegee. So het die meisies van die St Michael Meisieskool op 2 Maart 1948, 4 Junie 1951, 17 Oktober 1953 en 16 April 1955 die voorreg gehad om na uitvoerings deur Elsie Hall te luister. Die konsert van 1953 het egter onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. 'n Geskikte saal kon nie verkry word nie en die konsert is uiteindelik in die skoolsaal van die St Michael Meisieskool aangebied. Tydens haar eerste konsert het sy hoofsaaklik oor die klavierkonsert in die algemeen gepraat en ook

meesterlike uitvoerings van drie klavierkonserte uit verskillende periodes gegee. Sy het die belangrikste temas gespeel en dan die orkes se part saam geneurie. Die konserte wat sy gespeel het was **opus 37 nr 3 in c mineur** (Beethoven), **opus 54 in a mineur** (Schumann) en die **Konsert in twee dele** (Glazunov) (*The Friend*, 1 en 3 Maart 1948, 6 Junie 1951, 17 Oktober 1953 en 18 April 1955).

Uit al hierdie konserte was dit duidelik dat mej Hall oor 'n uitstaande tegniek beskik het. Werke wat sy tydens haar ander uitvoerings by hierdie meisieskool gespeel het, was die **Partita in G majeur** (Bach), **Partita in B-mol majeur** (Bach), **Impromptu in f-kruis mineur** (Chopin), **Jeux d'eau** (Ravel), **Clair de Lune** (Debussy), **Rapsodie in E-mol majeur** (Brahms), **Sonate opus 31 nr 3 in E-mol majeur** (Beethoven), **Sonate opus 57 in f mineur** (Beethoven), **Chromatiesse Fantasia en Fuga** (Bach), **Réflexions dans l'eau** (Debussy), **Nokturne en Impromptu** (Fauré), **Carnival** (Schumann) en **Sonate opus 109 in E majeur** (Beethoven) (*The Friend*, 3 Maart 1948, 6 Junie 1951, 19 Oktober 1953 en 18 April 1955; *Die Volksblad*, 13 April 1955).

Die resensent van *The Friend* (6 Junie 1951) het soos volg geskryf: "Miss Hall plays with all the easy unconcern and natural authority of one who has devoted great natural gifts and a lifetime of study to her instrument."

As toegifte het sy onder meer die Tokkate (Bach), Waldesrauschen (Liszt), Gavotte (Bach), The bee's wedding (Mendelssohn) en Poissons d'Or (Debussy) uitgevoer (*The Friend*, 6 Junie 1953 en 18 April 1955; *Die Volksblad*, 13 April 1955).

Dit is egter merkwaardig om daarop te let dat sy in die meeste van hierdie konserte nooit dieselfde werke aangebied het nie. In een geval het sy die Chromatiese Fantasia en Fuga (Bach) herhaal. Hieruit kan afgelei word dat Elsie Hall oor 'n merkwaardige repertorium beskik het en ook 'n baie betroubare geheue moes gehad het, aangesien sy al die werke gememoriseerd voorgedra het.

Op 17 Oktober 1949 het Elsie Hall en die Nederlandse violis, Herman Salomon 'n gesamentlike uitvoering in die Clarendonsaal gegee. Hulle het mekaar ontmoet toe hy as lid van die beroemde Nederlandse strykkwartet 'n geslaagde toer deur Suid-Afrika onderneem het. Sedert hul ontmoeting het hulle gereeld saam opgetree. Hulle het ook konserte in baie Europese lande gegee asook in die Wigmore Hall in Londen. Hulle uitvoering in Kaapstad wat die konsert in Bloemfontein voorafgegaan het, is met oorweldigende applous toegejuig (*Die Volksblad*, 1 en 8 Oktober 1949; *The Friend*, 14 Oktober 1949).

Die resensent van *The Friend* (18 Oktober 1949) se kommentaar was soos volg: "They proved to be a perfect combination and their evident unity of spirit must have meant many hours of practice."

Hulle het die **Sonate in G majeur** (Mozart) uitstekend gespeel. Dit is 'n groot werk wat meesterlik gehanteer is. Die **Sonate** van Brahms is "ontroerend mooi" uitgevoer. Hier het die viool en klavier mekaar uitstekend aangevul. Die hoogtepunt was egter hul vertolking van Beethoven se **Kreutzer-sonate**. "One felt that here were two artists who played as one, who submerged their own personalities in the interpretation of the composer's work, with neither ever dominating the other." Elsie Hall se spel was lewendig en haar tegniek onberispelik (*The Friend*, 18 Oktober 1949).

Op 15 April 1955 het Elsie Hall 'n klavieruitvoering onder beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S in die Vissersaal gegee. Die swak instrument in die saal was 'n groot hindernis en haar spel het nooit werklik tot sy reg gekom nie. Vanweë die ongebalanseerdheid van die instrument kon sy glad nie die werke van Debussy en Ravel speel nie. Sy het afgewyk van die gedrukte program en korter werke van Bach, Scarlatti, Chopin en Brahms uitgevoer. Die groot werke op haar program was die **Partita nr 2 in c mineur** (Bach) en die **Sonate opus 27 nr 2 in c-kruis mineur** (Beethoven) (*Die Volksblad*, 13 April 1955; *The Friend*, 16 April 1955).

Elsie Hall het in 1956 weer haar verskyning in Bloemfontein gemaak toe sy op 8 September saam met die tjelliste, May Mukle, 'n gesamentlike uitvoering in die skoolsaal van die St Michael Meisieskool gegee het. Hierdie konsert het egter skerp kritiek ontvang (*The Friend*, 10 September 1956).

4.2.11 Adolph Hallis

Hierdie begaafde pianis is op 4 Julie 1896 in Port Elizabeth gebore. Op sesjarige ouderdom het hy saam met sy moeder na Wenen vertrek waar hy sy eerste klavieronderrig van Schalit ontvang het. In 1904 het hy na Port Elizabeth teruggekeer en 'n leerling van Roger Ascham geword. Die teoretiese vakke het hy by Horace Barton geneem. Hy het vinnig opgang gemaak en het gou werke soos die Klavierkonsert in B-mol majeur (Mozart), Klavierkonsert opus 37 nr 3 in c mineur (Beethoven) en die Klavierkonsert opus 25 nr 1 in g mineur (Mendelssohn) gespeel (Malan, 1982, p. 158).

In 1911 was hy een van die eerste studente om die oorsese studiebeurs te verower wat deur die destydse Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop beskikbaar gestel is. Hy het tot aan die einde van 1915 in Londen gebly waar hy aan die Royal Academy of Music onder Oscar Beringer gestudeer het. Hy het ook private onderrig van Tobias Matthay ontvang. Met sy terugkeer na Suid-Afrika het hy 'n lektoraat aan die destydse Suid-Afrikaanse Musiekkollege aanvaar. Tydens sy studiejare in Londen het hy talle pryse verower, onder meer vir komposisie en klavierspel (Malan, 1982, p. 158; Venter, 1977, pp. 253-254; The Friend, 20 April 1951; Die Volksblad, 21 April 1951).

In 1919 het Hallis Suid-Afrika verlaat met die doel om sy loopbaan as konsertpianis te begin. Hy het onder andere in Turyn, Parys, Berlyn, Wenen, Boedapest, Milaan, Zürich en Genève konserte gegee. Na afloop van 'n konsertreis in 1926 deur Suid-Afrika het hy

hom in Londen gevestig waar hy aan die Matthay School of Music gestudeer en onderrig gegee het. Hy het gereeld in die Wigmore Hall en die Aeolean Hall opgetree. In 1939 het Hallis na Suid-Afrika teruggekeer. Hy was onder meer musiekonderwyser in 1941 aan die Hilton-kollege in Natal. Hy het hom later in Johannesburg gevestig waar hy groot roem verwerf het as onderwyser en konsertpianis (Malan, 1982, pp. 158-159).

Adolph Hallis het n'a 1948 telkens na Europa gegaan om uitvoerings in Londen en in ander stede in Europa te gee. Hy het onder andere die eerste uitvoering van Hindemith se **Konsert vir klavier en orkes** saam met die Hallé Simfonieorkes gegee. Die dirigent by daardie geleentheid was sir John Barbirolli en die uitvoering het in Manchester plaasgevind. Hy het later die Orpheus mannekwartet gestig wat vir baie jare gereeld konserte in die Transvaal, Oranje-Vrystaat en die Kaapprovinsie aangebied het. 'n Paar van Hallis se leerlinge wat uitstaande prestasies behaal het, sluit name in soos Ivan Melman, Peggy Haddon, Philip Levy, Avril Fasser, Marian Friedman, Japie Human en Neville Dove. In 1966 is 'n goue medalje van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan hom toegeken vir sy uitsonderlike bydrae op die gebied van musiek. In 1950 het hy ook die ere-titel F R A M ontvang (Malan, 1982, p. 159; Human, 1994, Onderhoud).

Afgesien van Hallis se besondere klaviertalent het hy ook 'n aantal komposisies die lig laat sien, onder meer **Drie Preludes**, **Twaalf Preludes**, 'n **Klavierkonsert in E-mol majeur** en 'n aantal kort klavierwerke opgeneem in **In alte Wien**. Laasgenoemde

werke is in 'n stadium opgeneem in die lys vir die praktiese musiekeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika (Venter, 1977, pp. 254-255).

Op 30 April 1951 het hy saam met die beroemde violiste, Maria Neuss, 'n uitvoering in die Stadsaal aangebied. Hierdie uitvoering is deur die resensent van *Die Volksblad* (1 Mei 1951) as uitmuntend beskryf. Hallis se hoë lof het hom nie verniet vooruitgegaan nie, want sy spel was meesterlik. Hy het getoon dat hy ewe tuis is in die vurige musiek van die Spaanse komponiste as in die sjarmante, innige komposisies van byvoorbeeld, Schubert. Die *Impromptu in f mineur* (Schubert) is as 'n besondere hoogtepunt beskou. Die *Fantasie in c mineur* van Mozart het ook mooi momente gehad ten spyte van die feit dat die spel nie vloeiend was nie. Die hoogtepunt van die uitvoering was ongetwyfeld die *Sonate vir viool en klavier opus 47 in A majeur* (Beethoven). Die uitmuntende verstandhouding tussen die twee kunstenaars het deurgaans opgeval en hul subtiele toonskakeringe en dinamiek het 'n unieke indruk gemaak. Ander werke wat Hallis gespeel het, sluit in: *Andaluza* (De Falla) en *Alborada del Gracioso* (Ravel). Kyk Bylae, pp. 30-31.

4.2.12 José Rodríguez-Lopez

Lopez (1904-1970) is in Amsterdam gebore en het sy klavieronderrig van Fanny Gelbart ontvang. Hy het later aan die Konservatorium in Amsterdam en ook in Berlyn gestudeer. Sy konsertoptredes in Holland, België en Duitsland het meegebring dat hy baie gou bekendheid verwerf het. Die Hollandse sanger, Hennie Mitze-Vervoort het

Lopez se natuurlike talent as begeleier gou raakgesien en hom aangemoedig om meer daarop te konsentreer (Malan, 1986, p. 185).

In 1931 het hy die permanente begeleier van die kontralto, Annie Lambrechts, geword. Hulle het saam baie vinnig opgang gemaak vanweë hulle hoogstaande artistieke uitvoeringss. In 1933 is hulle getroud. In 1934 het Rodriguez-Lopez na Johannesburg verhuis. Sy vrou het haar in 1935 by hom aangesluit. In Suid-Afrika het hulle baie konserte gegee en ook radio-opnames vir die S A U K gemaak. Na die oorlog het Lopez veral bekendheid as begeleier verwerf. Kunstenaars vir wie hy begelei het, sluit in: Oda Slobodskaya, Annie Woud, Laurens Bogtman, Jean Fournier, Irma Kolassi, Ilona Steingruber, Mimi Coertse en Hanlie van Niekerk. Hy het hom later in Stellenbosch gevestig waar hy musiekonderrig gegee het en naam as joernalis gemaak het (Malan, 1986, pp. 185-186; *The Friend*, 15 Maart 1956).

Lopez se solo-optrede het op 7 Augustus 1951 in die Clarendonsaal onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. Hy het die konsert met die knap Engelse tjelliste, Peers Coetmore, gedeel. Hy het ook die begeleiding waargeneem (*Die Volksblad*, 21 en 28 Julie 1951).

José Rodriquez-Lopez het sy deel van die program geopen met die **Tema en Variasies** op (Ein Weib ist das herrlichste Ding) van Mozart. Dit is fyn en delikaat voorgedra. Die **Scherzo opus 16 nr 2** (Mendelssohn) was ryk aan treffende kontraste en sy vertolking van die **Drie gesigte op die Japanese berg Fuji Yama** (Sigtenhorst-Meyer) het groot byval gevind. Afgesien van sy solo-werke het hy die begeleiding op uiters bekwame wyse behartig (*Die Volksblad*, 8 Augustus 1951).

Later in 1956 het Lopez weer as begeleier in Bloemfontein opgetree. Hy het ook 'n klaviersolo gelewer, wat deur die resensente van die plaaslike koerante as teleurstellend beskryf is (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1956; *The Friend*, 30 Oktober 1956).

4.2.13 Harold Rubens

Rubens is in Wallis gebore en het op die ouderdom van tien musiekonderrig van Maria Leviskaya in Londen ontvang. Hy het soos Mozart voor die Koning van Noorweë opgetree en later ook in die meeste Europese lande uitvoerings gegee. Hy het ook in die beroemdste konsertsale in Londen opgetree. Toe hy twaalf was het Rubens 'n volledige program vir Paderewski gespeel en laasgenoemde het 'n groot en blink toekoms vir hom voorspel (*Die Volksblad*, 7 Februarie 1953).

Hierdie besondere kunstenaar het op 6 en 7 Maart 1953 saam met die Simfonieorke van die S A U K 'n uitvoering van die **Klavierkonsert opus 58 nr 4 in G** majeur

(Beethoven) en die **Klavierkonsert opus 30 nr 3 in d mineur** (Rachmaninoff) gegee. Hierdie uitvoerings is deur die Vrystaatse Musiekvereniging in samewerking met die Bloemfonteinse Stadsraad georganiseer om dié vereniging se tienjarige bestaan te vier. Kyk Bylae, pp. 24-27 (*Die Volksblad*, 28 Januarie en 24 Februarie 1953).

Harold Rubens het by beide die geleenthede uitstekend gespeel en slegs die hoogste lof van die kritici ingeoes. Sy spel is as onberispelik en foutloos beskryf en sy tegniek was uitstaande. Die kritikus van *The Friend* (9 Maart 1953) het die opmerking gemaak dat Rubens duidelik meer op sy gemak was in die Rachmaninoff-konsert as met die Beethoven-konsert. "Seemingly better suited to this concerto than to the Beethoven fourth of the previous evening, mr Rubens was more than a match for the characteristic Rachmaninoff mixture of sensuous music, rich colouring, fearsome technical figures and sensational climax." (*Die Volksblad*, 7 Maart 1953).

Die Vrystaatse Musiekvereniging was deeglik bewus dat Rubens 'n groot gunsteling onder die Bloemfonteinse konsertpubliek was en het hom weer in 1954 na Bloemfontein genooi om 'n solo-uitvoering aan te bied. Sy optrede was die laaste konsert wat deur dié vereniging vir 1954 aangebied is en het op 20 November 1954 in die Joodse Gemeenskapsentrum plaasgevind (*Die Volksblad*, 23 en 30 Oktober 1954).

Beide resensente van die plaaslike koerante het hulle teleurstelling uitgespreek ten opsigte van die saal waar die konsert aangebied is, aangesien die klavier 'n baie ou en swak instrument was. Die tekortkominge van die instrument het ook 'n duidelike uitwerking op Rubens se spel gehad en volgens die resensent van *The Friend* (22 November 1954) was dit veral in die *Sonate in b mineur* (Liszt) waar dit opvallend na vore gekom het. Die liriese gedeeltes is pragtig gespeel, maar die volle rykheid van Liszt se groot akkoorde en ryk harmonieë kon nie tot sy reg kom op die instrument nie.

Die *Sonates* van Scarlatti is met fyn en delikate spel uitgevoer en so ook die *Tokkate* van Schumann. Die *Intermezzi* (Brahms) is baie ligter uitgevoer as wat die norm toe was, maar kon ook toegeskryf word aan die swak instrument. Ravel se *Gaspard de la Nuit* het talle hoogtepunte bevat en sou volgens die resensente lank onthou word. Hy moes altesaam vier toegifte speel, onder andere van De Falla, Chopin en Villa-Lobos (*Die Volksblad*, 22 November 1954; *The Friend*, 22 November 1954).

4.2.14 Moira Birks

Moira Birks het op 17 Februarie 1954 saam met Saline Koch 'n uitvoering in die Stadsaal onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied. Hierdie konsert was die vereniging se bydrae tot die Eeufeesviering van die Vrystaat (*Die Volksblad*, 23 en 29 Januarie 1954).

Birks is van Durban afkomstig en het landswyd bekendheid vir haar uitstekende spel verwerf. Sy is veral bekend vir haar optredes saam met simfonieorkeste en het kritici in vervoering gehad met haar skitterende vertolking van die **Klavierkonsert nr 2 in g mineur** (Saint-Saëns) saam met die Durbanse Simfonieorkes. Afgesien van haar bedrywige loopbaan as konsertpianiste, het sy ook onderrig aan 'n paar studente gegee (*Die Volksblad*, 30 Januarie 1954).

Ten spyte van 'n hewige haelstorm tydens haar uitvoering, het Moira Birks pragtig afgeronde spel gelewer. Opvallend van haar vertolking was die emosionele betrokkenheid by elke werk. In die resensie wat in *Die Volksblad* (18 Februarie 1954) verskyn het, is melding gemaak van dinamiese kontraste, suiwer, fyn en eteriese spel in die gedempte passasies. Sy het die **Sonates in F en D majeur** (Scarlatti) gespeel asook 'n paar werke van Debussy en die **Carnival** (Schumann).

4.3 Violiste en Tjelliste

4.3.1 Sybil Copeland

Geen biografiese besonderhede van hierdie kunstenaar kon tydens navorsing gevind word nie. Op 5 Maart 1946 het dié begaafde jong violiste 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Hierdie uitvoering het gevolg direk na 'n reeks suksesvolle uitvoerings in Carnegie Hall in New York (*Die Volksblad*, 23 en 25 Februarie 1946).

Sy was destyds sestien jaar en het reeds talle uitvoerings op haar kerfstok gehad. Sy is op agtjarige ouderdom deur die gevierde violis Mischa Elman "ontdek" toe hy in 1937 'n konsertreis deur Suid-Afrika onderneem het. Hy het haar aangeraai om haar studies oorsee voort te sit. In 1938 is sy na New York om onder Elman self te gaan studeer. Aan die begin van 1940 het sy na Hollywood gegaan waar sy met die Simfonieorkes van Kalifornië opgetree het. Tydens die oorlog het sy ook saam met toneelspelers soos Charles Boyer, Rosalind Russell en Herbert Marshall gewerk (*Die Volksblad*, 1 Maart 1946).

In 1941 is sy na Cleveland waar sy saam met die Clevelandse Simfonieorkes as soliste opgetree het. In hierdie tyd is sy aangeraai om mee te ding om 'n studiebeurs wat haar in staat sou stel om aan die Juilliard Musiekskool in New York te studeer. Afgesien dat sy te jonk was en ook nie 'n Amerikaanse burger was nie, het sy wel toelating tot Juilliard verkry. Daar het sy vir twee jaar onderrig van prof Hans Letz ontvang, wat in daardie stadium een van die beste violdosente in Amerika was (*The Friend*, 4 Maart 1946).

Voordat sy haar konsertreis deur Suid-Afrika onderneem het, het sy saam met die Simfonieorkes van New York onder leiding van Rudolph Ganz opgetree. Na afloop van haar sukses in Carnegie Hall het Leopold Stokowski haar genooi om in twee uitvoerings die **Violkonsert opus 35 in D majeure** van Tsjaikofski te speel (*Die Volksblad*, 1 Maart 1946; *The Friend*, 4 Maart 1946).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 6 Maart 1946 het Sybil Copeland die gehoor heeltemal oorweldig met haar begaafdheid as violiste. Na al die publisiteit wat gepaard gegaan het met haar uitvoerings in Johannesburg, is afgeronde en suiwer spel verwag, maar die mense was nie voorbereid op sulke stylgetroue vertolkings en tegniese vaardigheid nie. Trouens, sy het tegniek vertoon wat gegrens het aan virtuositeit. Haar spel was in alle opsigte meesterlik. Haar netjiese pizzicato-spel het ook deurgaans opgeval. Bruno Raikin het haar begelei en hul samespel was byna volmaak.

Uit dieselfde resensie word dit duidelik dat 'n gebalanseerde program aangebied is. Sy het haar program begin met die **Romanse in F majeur** van Beethoven. Die suiwerheid van haar spel en aangename ronde klankkwaliteit het dadelik opgeval. Die **Violkonsert in d mineur** van Wieniawski het geleentheid gebied vir virtuose spel. Die eerste en laaste dele het sy egter té vinnig gespeel. Dit het aanleiding gegee tot 'n gebrek aan kontrole en die flageolettone kon ook nie suiwer gespeel word nie. Die tweede deel het wel die indruk geskep van 'n weldeurdagte uitvoering. Chausson se **Poème** is op interessante wyse voorgedra. Die onbegeleide passasies is op meesterlike wyse gehanteer. 'n **Rondo** van Mozart het gevolg wat met die nodige sjarme en ligtheid uitgevoer is. Sy het verder die nodige rustigheid en die regte stemming verkry in haar vertolking van 'n **Nokturne** van Chopin-Milstein. Sarasate se **Zigeunerweisen** is op meesterlike wyse uitgevoer. In die vinnige deel het die violiste 'n besondere vaardigheid

en tegniese soepelheid getoon. Een van die toegifte wat sy gespeel het, was **Die By** van Schubert (*The Friend*, 7 Maart 1946).

Copeland het op 6 Maart 1946 ook 'n uitvoering spesiaal vir kinders gegee. Alhoewel die program uit korter werke bestaan het, het sy die goeie indruk van haar vorige uitvoering net verder beklemtoon deur uitstekende spel te lewer. Werke wat sy uitgevoer het, het ingesluit: **Rondo Capriccioso** (Saint-Saëns), **Twee Preludes** (Shostakovitch), **Slawiese dans** (Dvorák) en werke van Debussy, Godowski en Kreisler. Bruno Raikin het weer die begeleiding waargeneem (*The Friend*, 8 Maart 1946).

4.3.2 Erwin Broedrich

Hierdie besonder begaafde violis het hom in 1931 in Suid-Afrika gevestig waar hy groot aansien verwerf het as konsert- en ensemble-violis. Hy is op 27 September 1903 in Libau gebore. In Berlyn het hy vioolonderrig van Siegfried Eberhardt ontvang en later van Joseph Wofsthal. Sy eerste openbare optrede was op twaalf. Na afloop van die Eerste Wêreldoorlog het hy 'n konsertreis deur Duitsland en België onderneem. Hy was tot 1930 die konsertmeester van die Staatsteaterorkes in Hamburg (Malan, 1980, p. 236).

In 1931 het hy hom in Johannesburg gevestig waar hy 'n musiekateljé geopen het. Hy was ook die stigter en die leier van die Johannesburgse Strykkwartet. Vanaf 1941 was

hy lid van die Simfonieorkes van die S A U K en het talle konsertuitvoeringe saam met die Simfonieorkeste van die S A U K, Kaapstad en Durban gegee (Malan, 1980, p. 236).

In 1935 is Erwin met Gudrun Stein getroud wat ook sy begeleier was. Hulle het baie gereis en gereeld konserte in verskillende sentra in die land gegee. Op 3 Maart 1948 het hulle 'n uitvoering in Bloemfontein aangebied. Hierdie konsert het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind (Malan, 1980, p. 236, *Die Volksblad*, 5 Maart 1948).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* (5 Maart 1948) het Broedrich skitterend gespeel. Die **Chaconne** van Bach en **La Folia** van Corelli het getuig van 'n uitstekende tegniek en musikale insig. Daar was nooit een oomblik van huiwering in sy spel nie. Spesiale melding is ook van die skitterende begeleiding van Gudrun Broedrich gemaak. Daar was skynbaar 'n simpatieke verstandhouding tussen die violis en begeleier wat slegs deur jare se samespel bereik kon word. Tydens hierdie konsert het Babsita Moolman, 'n dramatiese sopraan die program met hom gedeel.

Erwin Broedrich het weer teen die einde van 1949 'n besoek aan Bloemfontein gebring. Hy het op 17 en 18 November 1949 as gaskunstenaar in die Stadsaal opgetree. Hy het besondere glans aan die twee aande verleen toe die kantate **Vasco da Gama** onder die leiding van Petrus Lemmer uitgevoer is. By daardie geleentheid het hy twee dele uit

Max Bruch se **Violkonsert in g mineur** gespeel. Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 19 November 1949 was sy spel suiwer en sy stryktegniek besonder kunstig. Sy artistieke uitvoering is verder verhoog deur die simpatieke begeleiding van sy vrou, Gudrun.

Vroeg in 1950 het Erwin Broedrich Bloemfontein weer eens besoek. Hy het op 23 Februarie 'n uitvoering in die Chemiesaal van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat gegee. Dié uitvoering het onder die beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S plaasgevind (*Die Volksblad*, 22 en 23 Februarie 1950).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* (24 Februarie 1950) het hy nie alleen 'n puik program saamgestel wat in almal se smaak geval het nie, maar hy het ook skitterend gespeel. Hy het getoon dat hy 'n besondere bedrewe violis was, maar dat hy ook 'n fyn musikale aanvoeling gehad het en dat hy die inhoud van die musiek baie goed begryp het. Werke op sy program was **Prelude en Allegro** van Kreisler, **Capriccio** van Haydn en die **Malaguena** van Sarasate. Sy vrou, Gudrun het hom op die klavier bygestaan en het baie bygedra tot die sukses van Erwin se uitvoering.

Vanaf 1933 was Broedrich viooldosent aan die Universiteit van die Witwatersrand en sedert 1945 het U N I S A hom as eksaminator vir viooleksamens gebruik. Broedrich het talle leerlinge gehad wat uitblink het, onder meer Jack de Wet, Bernard van der Linde, Yvonne Lubbe en Gretchen Swanepoel. In 1960 het hy 'n betrekking aan die

Universiteit van Pretoria aanvaar. Hierdie betrekking het hy in 1964 bedank en hom toe op private onderrig in Pretoria en Johannesburg toegespits (Malan, 1980, p. 236).

4.3.3 Herman Salomon

Salomon is in Rotterdam, Holland, gebore en het sy opleiding aan die Konservatorium in Amsterdam ontvang. Hy het ook onderrig van prof Carl Flesch ontvang. Hy het baie konserttoere onderneem en in 1948 as lid van die Amsterdamse Strykkwartet 'n baie suksesvolle toer deur Suid-Afrika onderneem. Dit was juis tydens hierdie toer dat hy en Elsie Hall mekaar ontmoet het en dadelik begin saamspeel het. Hulle het gou beroemdheid verwerf en konserte in baie Europese lande en in Engeland aangebied. In Londen het hulle in onder meer die Wigmore Hall opgetree (*The Friend*, 14 Oktober 1949).

Hulle uitvoering in Bloemfontein het op 17 Oktober 1949 in die Clarendonsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het hulle die **Sonate in G majeur** (Mozart) op skitterende wyse uitgevoer. Hulle interpretasie van die **Sonate** van Brahms was "ontroerend mooi". Hier het die viool en klavier mekaar pragtig aangevul. Die hoogtepunt van die uitvoering was hul vertolking van die **Kreutzer-sonate** (Beethoven). Die twee kunstenaars het uitmuntend saamgespeel (*The Friend*, 18 Oktober 1949).

Beide die kunstenaars se spel was besonder goed. Salomon is geprys vir sy pragtige klank en musikale spel. Die volgende woorde van die resensent beskryf dalk die beste waaraan hulle hul sukses te danke gehad het. "They proved to be a perfect combination and their evident unity of spirit must have meant many hours of practice." (*The Friend*, 18 Oktober 1949).

4.3.4 Maria Neuss

Maria Neuss is in Tsjeggo-Slowakye gebore. Haar eerste violonderrig het sy van Ottokar Sevcik ontvang en later in Berlyn by Carl Flesch les geneem. Sy het talle konserte in Europa gegee en onder van die beroemdste dirigente van haar tyd opgetree, naamlik Willem Mengelberg, Frits Schuurman, Clemens Krauss, Carl Schuricht en Herman Abendrith. Maria Neuss is met Frits Schuurman getroud en het in 1949 na Suid-Afrika verhuis nadat hy die posisie as dirigent van die destydse Johannesburgse Simfonieorkes aanvaar het. Sy het verskeie kere as soliste saam met die beste orkeste in die land opgetree. Haar eerste uitvoering in Kaapstad het 'n sensasie veroorsaak. 'n Bekende kritikus het soos volg geskryf: "Unheralded and visiting Cape Town for the first time, Maria Neuss took the audience by storm when she appeared as the soloist with Enrique Jorda and the augmented Cape Town Orchestra at the symphony concert in the City Hall." (Malan, 1984, p. 293; *Die Volksblad*, 14 April 1951).

In 1952 en 1953 het Neuss en Schuurman onderskeidelik poste by die Suid-Afrikaanse Musiekkollege aanvaar. Hulle het tot in 1955 in Kaapstad gewoon waarna hulle na

Durban verhuis het waar Frits as dirigent van die Durban Simfonieorkes aangestel is asook Musiekdirekteur van Durban. Hier het Maria gereeld programme vir radio-uitsendings opgeneem en in talle simfoniekonserte opgetree (Malan, 1984, p. 293; *The Friend*, 27 April 1951).

Haar uitvoering saam met Adolph Hallis op 30 April 1951 is as die beste beskou wat in daardie stadium nog ooit in Bloemfontein gehoor is. Haar tegniek was nie die enigste aspek van haar spel wat opgeval het nie, maar ook haar vertolking. Sy het veral in die vier stukke van Josef Suk getoon waartoe sy in staat was. Die vinnige lopies is opwindend uitgevoer sonder om iets van die vertolking prys te gee. Haar frasing en die suiwer spel, veral by die dubbelgrepe, het getoon dat sy 'n violiste van wêreldformaat was. Die hoogtepunt van die uitvoering was die **Kreutzer-sonate** van Beethoven. Talle hoogtepunte is bereik en beide het uiters sensitiewe spel gelewer en die twee kunstenaars het mekaar op uitmuntende wyse aangevul. Die violiste het ook die **La Folia-variasies** van Corelli gespeel. Kyk Bylae, pp. 30-31 (*Die Volksblad*, 21 April en 1 Mei 1951).

4.3.5 Derek Ochse

Ochse wat in 1952 die houër van U N I S A se oorsese studiebeurs was, het vir die eerste keer op 3 Maart 1952 in Bloemfontein opgetree. Derek Lennox Ochse is op 11 September 1931 in Johannesburg gebore en het as jong seun onderrig in klavier- en

vioolspel van sy moeder ontvang. Later het hy sy klavierstudies onder Barclay Donn en sy vioolstudies onder Harold Ketelbey voortgesit. Reeds op die vroeë ouderdom van nege het hy oor die radio gespeel en was ook tot sy matriekjaar (1948) die leier van die Johannesburgse Jeugorkes (*Die Volksblad*, 23 Februarie 1952; Malan, 1984, p. 306).

In Londen het hy onderrig van Albert Sammons ontvang en gereeld uitvoerings saam met die Suid-Afrikaanse pianis, Neil Solomon, gegee. In 1958 het hy die geleentheid benut om sy eie private konservatorium te open wat in die bestek van tien jaar ontwikkel het tot die grootste van sy soort in Suid-Afrika. In 1969 is dit egter deur die Departement van Opvoeding oorgeneem en ingelyf by die Rustenburg Technikon. Ochse het nog steeds as hoof van dié departement opgetree (Malan, 1984, p. 306).

In 1960 het 'n besondere voorreg Ochse te beurt geval toe hy gevra is om as solis tydens die premi`ere van John Joubert se **Violkonsert** op te tree. Die uitvoerings het in Johannesburg en in Bloemfontein plaasgevind. Gedurende dieselfde tyd het hy verdere onderrig van Max Rostal in Switserland ontvang en met sy terugkeer na Suid-Afrika het hy hom vir kamermusiek beywer. 'n Uitvloeisel daarvan was die stigting van die Musica Intima, 'n groep kunstenaars wat gereeld huiskonserte in Rustenburg aangebied het. Verder het hy ook vir 'n ruk lank as dirigent van die Simfonieorkes van Krugersdorp opgetree waar hy uitvoerings vir koor en orkes aangebied het, onder andere **Die Messias** van Handel (Malan, 1984, pp. 306-307).

Afgesien van al sy bedrywighede het hy ook 'n koor, die Jubilate Koor, in Rustenburg tot stand gebring en was ook 'n stigterslid van die Rustenburgse Musiekvereniging. Vanaf 1970 het hy sy dienste landwyd aangebied en gereeld as dirigent by Jeugorkes kursusse opgetree (Malan, 1984, p. 307).

Tydens sy uitvoering in Bloemfontein in 1952 het hy sy program met die **Gavotte en Rondeau** uit die **Partita vir viool in E majeur** (Bach) geopen. Kyk Bylae, pp. 32-33. Hier het hy getoon dat die viool weinig tegniese moeilikhede vir hom ingehou het en het hy hom op meesterlike wyse van sy taak gekwyt in die talle moeilike passasies. In sy uitvoering van **Die Heksedans** van Paganini was dit te verstane dat hy nie heeltemal op sy gemak was nie, aangesien dit 'n komposisie is wat alleenlik deur die groot meesters foutloos gespeel word. Ochse het wel in die swierige kadensas en die talle glissandi getoon dat hy 'n werklike meester op sy instrument is. Die **Simfonie Espagnol** (Lalo) en die **Rondo Capriccioso** (Saint-Saëns) is stylvol en met goeie musikale aanvoeling uitgevoer. 'n Uitstaande kenmerk van sy spel was stylsuiwerheid en opvallend was die vertrouwe waarmee hy elke werk aangepak het. Die resensent van *Die Volksblad* (4 Maart 1952) het ook tereg opgemerk dat Ochse in daardie stadium reeds een van die beste violiste in Suid-Afrika was (Program, 3 Maart 1952).

In 1979 het Derek Ochse na Bloemfontein verhuis waar hy as senior lektor in vioolspel aan die U O V S aangestel is. Tesame hiermee is hy ook as leier van die S U K O V S-Simfonieorkes aangewys, posisies wat hy nog steeds beklee. Hy het later ook 'n

kamerorkes, die Consortium Musicum, gestig wat gereeld optredes in Bloemfontein gee (Malan, 1984, p. 307). Verder is hy die leier-violis van die Odeion-Strykkwartet wat reeds landwyd bekendheid vir hul optredes verwerf het.

4.3.6 Nella Wissema

Hierdie Kaapstadse violiste het op 14 Mei 1954 'n skitterende uitvoering in die Vissersaal gelewer. Die resensies in *Die Volksblad* en *The Friend* (15 Mei 1954) was in die meeste gevalle positief en het haar uitvoering as indrukwekkend en verfrissend bestempel. Haar begeleier was Yvonne Endler en dit was duidelik, veral in hulle vertolking van die drie sonates, dat daar 'n besondere verstandhouding tussen hulle bestaan het. Die resensent van die bogenoemde Engelse koerant se kommentaar was soos volg: "A more classical style of interpretation would have lent more clarity and poise to the Tartini Sonate, but their warmly romantic style was exactly what the lovely Brahms Sonate in d minor required. A performance of great beauty was achieved and warmly acclaimed."

'n Interessante item op Wissema se program was die **Sonate in f mineur** (Prokofiev) wat nou wel nie daarop kon aanspraak maak dat dit tot die emosies spreek nie, maar Wissema het dit werklik uitmuntend gespeel. Die tweede helfte van haar program het uit ligter werke bestaan wat gekenmerk is deur sinkopasies, onder meer van Kabalevsky, Kroll en Bennett (*Die Volksblad*, 8 en 15 Mei 1954).

4.3.7 Aubrey Rainier

Rainier is op 8 Julie 1924 in Oos-Londen gebore. Sy ma, wat self 'n violiste en pianiste was, het spoedig sy talent raakgesien en hom op 'n jeugdige ouderdom tjello onderrig laat ontvang. Sy onderwyser was H M Calvé. Op die ouderdom van sewe het hy sy debuut in die Stadsaal van Oos-Londen gemaak waar hy die **Tjellokonsert** (Klengel) gespeel het. Hy is spoedig daarna saam met sy ouers na Engeland waar hy onder meer by die Walen Tjello-skool studeer het en later onderrig van prof Ivor James van die Royal College of Music ontvang het. Sy vordering was fenomenaal en op die ouderdom van nege het hy 'n vollengte uitvoering in die Wigmore Hall in Londen gegee. Die bekende Gerald Moore het hom begelei (*Die Volksblad*, 12 Maart 1955; Malan, 1986, pp. 158-159).

In dieselfde jaar as sy groot sukses in die bogenoemde saal het hy 'n konsertreis deur Suid-Afrika onderneem en ook verdere konserte in Engeland gegee. Die bekende Portugese tjelliste, Guilhermina Suggia, het hom gehoor en aangebied om hom te onderrig. Vanaf 1935 tot 1937 het hy in Oporta, Portugal onderrig van haar ontvang. Hy het daar 'n uitvoering van die **Tjellokonsert** (Saint-Saëns) saam met die Nasionale Orkes van Portugal gegee (*Die Volksblad*, 12 Maart 1955; Malan, 1986, p. 159).

In Mei 1939 het Rainier na Suid-Afrika teruggekeer en spoedig weer 'n konsertreis deur die land onderneem. Hy het saam met Richard Tauber konserte op verskeie plekke in

die land gegee. In 1943 het hy 'n permanente aanstelling as tjellis in die Simfonieorkes van die S A U K aanvaar en in dieselfde tyd sy eie Radio Strykkwartet gestig. Die posisie as tjellis het hy vir agtien jaar bekleed voordat hy in 1961 weer na Engeland gegaan het. Hy is as hoof-tjellis van die Bournemouth Simfonieorkes aangestel. Hierdie aanstelling was van korte duur en as gevolg van die swak gesondheid van sy seun het hy na ses maande weer sy posisie in die S A U K-orkes hervat. Hy het later weer eens 'n poging aangewend om in die Bournemouth-orkes te gaan speel, maar 'n handbesering het hom genoodsaak om na Suid-Afrika terug te keer. In 1965 is hy as hoof-tjellis van die nuutgestigte T R U K-orkes aangestel. Die handbesering het hom al meer probleme gegee en hy moes later heeltemal ophou speel. In 1964 het hy die hoof administratiewe beampte van dié orkes geword (Malan, 1986, p. 159).

Rainier het op 25 Maart 1955 'n uitvoering in die Clarendonsaal gegee. Hierdie uitvoering wat onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind het, het groot belangstelling geniet aangesien die Bloemfonteinse publiek selde die geleentheid gehad het om na ander instrumente as klavier en viool en sangers te luister (*Die Volksblad*, 12 en 19 Maart 1955).

Rainier het 'n goed gebalanseerde program aangebied waarin hy getoon het dat hy 'n meester op sy instrument is. Een van die hoogtepunte van die uitvoering was sy vertolking van die *Sonate vir tjello en klavier opus 69 nr 3 in A majeure* (Beethoven).

Alhoewel die klavierbegeleiding die tjello soms oorskadu het, was dit 'n treffende uitvoering. Rainier het veral ook in die stadige dele uitgeblink. Melding word gemaak van eienskappe soos suiwerheid, ryk toonkwaliteit en musikale vertolkings. Werke waarin hierdie eienskappe sterk na vore gekom het, was die **Après un Rêve** (Fauré) en **Die Swaan** (Saint-Saëns). Die begeleiding is deur Derik van der Merwe waargeneem. Die onbegeleide **Suite nr 5 vir tjello in G majeur** (Bach) was onvergeetlik en is bestempel as van die mooiste momente in 'n genotvolle konsert (*Die Volksblad*, 28 Maart 1955; *The Friend*, 26 Maart 1955).

Rainier is op 26 November 1984 in Pretoria oorlede (Malan, 1986, p. 158).

4.4 Sanggeselskappe

Soos reeds genoem het daar groot belangstelling in koorsang onder die Bloemfonteinse konsertgangers geheers. Aangesien Bloemfontein self oor 'n ryke koortradisie beskik het, was besoekende koorgroepe altyd verseker dat hulle in Bloemfontein 'n welkome ontvangs sou hê en dat die sale altyd vol sou wees.

4.4.1 Stellenbosch Kweekskoolkoor

Hierdie koor het in 1946 deur die inisiatief van William Fullard en Andries Gous, twee studente op Stellenbosch tot stand gekom. Prof G G Cillié wat destyds die orrelis van

die Moedergemeente op Stellenbosch was, is deur die Kweekskoolstudentevereniging genader om die mannekoor af te rig. In April 1946 het die repetisies 'n aanvang geneem (Malan, 1984, p. 154). In Junie en Julie van dieselfde jaar het die koor 'n landswye toer onderneem en altesaam 39 konserte gegee (Malan, 1984, pp. 154-155).

Hierdie koor het in die tydperk onder bespreking altesaam drie keer in Bloemfontein opgetree. Hulle uitvoerings het op 22 Junie 1946, 26 Junie 1950 en 16 Julie 1955 in die Stadsaal plaasgevind. Tydens die eerste twee konserte het prof G G Cillié (jr) die koor gedirigeer en tydens die derde konsert was Hennie Joubert die dirigent (*Die Volksblad*, 21 Junie 1946, 24 Junie 1950, 18 Junie en 18 Julie 1955).

In die resensie na afloop van die eerste konsert meld die resesent ook dat Bloemfontein by uitstek 'n stad vir koorsang is en dat die konsertgangers belangstellend uitgesien het na dié uitvoering. Hierdie mannekoor het geesdriftige sang gelewer. Die werke wat aangebied is het hoofsaaklik uit gewyde komposisies bestaan. Reeds in die heel eerste lied het die erns van die voordrag, suiwer intonasie en simpatieke sang van die solis 'n gewyde atmosfeer geskep (*Die Volksblad*, 25 Junie 1946).

Die koor het deurgaans met 'n hegte eenheid gesing en daar was warmte in hul sang. Spesiale melding is van die a capella gedeeltes gemaak. Hier het die suiwerheid werklik beïndruk. Die basse het volheid en resonans aan die geheel verleen al het hulle soms met hul soliede klank die botoon gevoer. As gevolg van 'n gebrek aan bruikbare tenore,

soos dikwels die geval is, was daar gedeeltes waar die toongehalte daaronder gelei het. Die sang was dan onseker en yl. Die begeleier was soms geneig om die tempo terug te hou en het nie altyd die maatslag ferm aangevoel nie. Vir al hierdie tekortkominge is egter vergoed deur die genotvolle sang, die innige vertolking en die netjiese fraserings (*Die Volksblad*, 25 Junie 1946).

Die laaste groep liedere is met oorgawe gesing. 'n Solis wat werklik uitblink het, was Louwtjie Louw. Hy het oor 'n pragtige liriese tenoorstem beskik. Dit was voorwaar 'n voorreg en 'n genot om na sy bel canto-sang asook sy broer, Albie se sang te luister. John Louw se forse baritonstem het ook 'n gunstige indruk gemaak (*Die Volksblad*, 25 Junie 1946).

Tydens hierdie kooruitvoering het daar ook ander kunstenaars opgetree. Een van hulle was die begaafde pianis, Hennie Joubert wat verskeie klaviersolo's met artistieke afronding voorgedra het. Hy het onder andere 'n klavierkonsert van Mozart uitgevoer, met die begeleiding deur Albie Louw waargeneem op 'n tweede klavier. Fanie du Toit, die violis van die geselskap het die eerste deel van 'n Grieg sonate voorgedra. Sy klankkwaliteit was effens dof en die uitvoering het gepaard gegaan met talle huiwerings. Verder het 'n spreekkoor opgetree en 'n kort eenbedryf, **Ruwe Erts** van H A Fagan is opgevoer (*Die Volksblad*, 25 Junie 1946).

Tydens hulle tweede uitvoering in Bloemfontein is werke van Mendelssohn, Haydn en Afro-Amerikaanse liedere in hulle program ingesluit. 'n Aanhaling uit *The Friend* (27 Junie 1950) se resensie beskryf die sang van hierdie koor die beste. "All the singing was characterized by easy production, restrained and controlled tone and particularly fine intonation." Die koorsang is soos by die vorige konsert afgewissel deur sang-, viool- en klaviersolo's (*Die Volksblad*, 24 Junie 1950).

Kunstenaars wat vir die solo's verantwoordelik was, sluit in mnr Serfontein (bariton), mnr J Martinson (bas), mnr Piet de Villiers (klaviersolo's en begeleiding), P Uys (violiste), A Leeuwner (sopraan) en I du Plessis (mezzo-sopraan). Volgens *The Friend* (27 Junie 1950) se musiekkritikus was die program dalk te lank.

Hennie Joubert het tydens die derde konsert uit die staanspoor getoon dat sy studies in die buiteland van groot waarde was. Die gewyde koorstukke wat deur die koor uitgevoer is, het getuig van deeglike afronding en leiding. 'n Hoogtepunt van hulle aanbieding was die **Onse Vader** wat besonder goed gesing is met Jacobus Jacobs as solis. Hulle program was ook so ingedeel dat dit die ontwikkeling van die Gereformeerde Kerklied weerspie"el het. Hulle het werke in Frans en Nederlands gesing, asook 'n paar Afro-Amerikaanse liedere. Die koorsang is afgewissel met solosang deur Eddie Olivier, Anneke Dykstra en Jacobus Jacobs. Rina Minnie het 'n aantal vioolsolo's met oortuiging uitgevoer (*Die Volksblad*, 18 Julie 1955).

4.4.2 Helderbergkollege A Capella-koor

Hierdie koor het hul debuut-optrede op 13 September 1950 in Bloemfontein gemaak. Die dirigent van die koor was mej Frances Brown wat haar M Mus aan die Universiteit van Suid-Kalifornië voltooi het. Sy het daar onderrig van Frans Hoffman en dr John Finley Williamson ontvang. Laasgenoemde was die dirigent van die Westminster-koor van Princeton. Die Helderbergkoor is op die inisiatief van mej Brown in 1948 gestig en het in die meeste gevalle uit ongeveer veertig lede bestaan. Al die lede was studente wat aan die Helderberg-kollege studeer het (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1950, 6, 8, 12 en 13 September 1950; Malan, 1982, p. 187).

Die uitvoering van hierdie koor het slegs uit gewyde werke bestaan en het besonder byval by die publiek gevind. 'n Uitstaande kenmerk van hul sang was die suiwerheid, aangesien meeste van die werke sonder begeleiding gesing is. Mej Brown se hantering van die bykans sestig lede is ook uitgesonder as merkwaardig. Die resensent meld verder dat 'n mens baie ver sal moet soek om beter beheersing en afgerondheid by 'n soortgelyke koor te vind. Die mans-, dames- en gemengde koor se sang het deurgaans geboei met hul kunstige vertolkings (*Die Volksblad*, 14 September 1950).

Die koorwerke is afgewissel met besonder interessante solo's op die marimba wat deur Elsie Watt gespeel is. Sy het ook by sommige koorwerke die begeleiding verskaf (*Die Volksblad*, 14 September 1950).

Die Bloemfonteinse publiek het op 17 September 1952 weer eens die voorreg gehad om na die pragtige sang van hierdie koor te luister. Dit was opvallend dat die koor baie meer volwasse geword het sedert hul vorige optrede in Bloemfontein. Hulle het deurgaans afgeronde sang gelewer wat in alle opsigte bevredig het. 'n Uitstaande kenmerk was die goeie balans en intonasie, ongeag of die koor met of sonder begeleiding gesing het (*Die Volksblad*, 3, 6 en 10 September 1952; *The Friend*, 18 September 1952).

Koorwerke wat deur die koor gesing is, sluit in *Laudamus Te* (Carl Muller), *Hark, hark my soul* (Rutember), *Beautiful Saviour* (Christiansen) en *The shepherd's story* (Dickinson). Die koorsang is soos by hul vorige uitvoering afgewissel met puik kwartet-sang en solo's. *Beulah land, my home*, 'n kwartet gesing deur Agontinho Teixeira, James Vail, Derek Beardsell en John Buckley is besonder goed uitgevoer en moes op aandrang van die gehoor herhaal word. Mej Frances Brown het weer eens getoon dat sy oor al die vermoëns beskik het om 'n koor tot in die fynste detail af te rig (*Die Volksblad*, 13 September 1952; *The Friend*, 18 September 1952).

4.4.3 Die Kroonstadse Koor

Hierdie koor onder die leiding van Tersteegen van Huyssteen het vroeg in 1954 in Bloemfontein opgetree. Hulle optrede het saamgeval met die Vrystaatse Eeufeesvieringe wat in Bloemfontein plaasgevind het. Dié koor se optrede was op 21 Februarie 1954 in die Stadsaal. By daardie geleentheid het ander plattelandse kore ook opgetree (*Die Volksblad*, 13 Februarie 1954).

Werke wat hulle by daardie geleentheid uitgevoer het, was **O Divine Redeemer** (Gounod), **U sy die dank** (Mozart) en **Jubilate** (Mozart). Mev E Baber het die koor begelei (*Die Volksblad*, 20 Februarie 1954).

Hierdie koor het weer in Oktober van dieselfde jaar 'n optrede in Bloemfontein gehad. Hulle was alleen verantwoordelik vir die eerste helfte van die program. Koorwerke wat hulle op 2 Oktober 1954 gesing het, sluit in **Jubilate** en **U sy die dank** (beide van Mozart), **Hoe lieflik is Sion** (Dane), **Kom Heil'ge Gees** (S le Roux Marais), **Skemeraand** (Lemmer), **O Divine Redeemer** (Gounod) en **Pelgrimskoor** (Wagner). In die tweede helfte is 'n eenbedryf, **Die Vrees** (G Beukes), aangebied (*Die Volksblad*, 27, 29 September en 2 Oktober 1954).

4.5 Orkeste

4.5.1 Simfonieorkes van die S A U K

Reeds in Februarie 1946 is daar in die plaaslike koerant aangekondig dat die Simfonieorkes van die S A U K uitvoerings in Bloemfontein sou gee. Hierdie uitvoerings sou plaasvind tydens die Bloemfonteinse Eeufeesvieringe. Dié orkes sou onder andere die begeleiding waarneem tydens die uitvoering van *Die Skepping* van Haydn. By 'n ander geleentheid het daar twee van Bloemfontein se beste kunstenaars as soliste saam met die orkes opgetree. Hulle was Henriëtte Rossouw (later Pauw) en Cecilia Wessels. Die dirigente wat tydens hierdie uitvoerings opgetree het, was Jeremy Schulman en Theo Wendt (*Die Volksblad*, 13 Februarie 1946).

Die konsert waartydens die twee soliste van Bloemfontein opgetree het, het op 2 April 1946 in die Stadsaal plaasgevind. Die program het as volg daaruit gesien:

Mozart:	Ouverture tot die Huwelik van Figaro
Franck:	Simfoniese Variasies vir klavier en orkes
Sokoloff, Glazunov, Liadov:	Polka vir strykers
Wagner:	Liebestod en Senta se Ballade uit onder meer <i>Tristan en Isolde</i> en <i>Die Vlieënde Hollander</i>
Tsjaikofski:	Simfonie opus 64 nr 5 in e mineur.

Dié konsert is afwisselend deur die twee genoemde dirigente gedirigeer (*Die Volksblad*, 3 April 1946).

Volgens die resensent het die orkes 'n uitstekende uitvoering gelever. In die aanvangswerk het die presiese gelyke spel dadelik opgeval. Die **Ouverture** is uitgevoer met die tipiese blymoedige sjarme wat so kenmerkend is van Mozart se werke. Theo Wendt was die dirigent en het getoon dat hy volkome beheer oor die orkes gehad het en die orkeslede met vertroue gelei het. Uit dieselfde resensie is dit duidelik dat die orkes in beide die gevalle terwyl die soliste saam met die orkes opgetree het, nie gedemp genoeg gespeel het nie. Die resensent meld dat die dirigent, naamlik Jeremy Schulman met tye te robuust in sy optrede was. Die **Polka vir strykers** was 'n verrassing op die program en het pragtige spel opgelever. In die **Simfonie** van Tsjaikofski het Theo Wendt weer eens bewys dat hy een van die beste dirigente in Suid-Afrika was. Die resensent het die uitvoering as onvergeetlik opgesom (*Die Volksblad*, 3 April 1946).

Op Woensdag 3 April 1946 is die Eeufees-verrigtinge afgesluit met die uitvoering van **Die Skepping**. Tydens hierdie uitvoering het die Simfonieorkes van die S A U K die begeleiding waargeneem. Die soliste tydens hierdie uitvoering was Francina Buys, Gerhard Olivier, Benedictus Kok, Anna Jackson en Schalk Scott (*Die Volksblad*, 13 en 15 Februarie 1946).

Volgens die resensent was hierdie uitvoering 'n onvergeetlike gebeurtenis in die Bloemfonteinse musieklewe. Jeremy Schulman het tydens hierdie uitvoering 'n groot

sukses behaal met die samesnoering van prof Roode se magtige koor en die groot orkes van die S A U K. Dit was in werklikheid 'n reuse prestasie aangesien die orkes en koor eers afsonderlik moes oefen. Sy sukses kon toegeskryf word aan die volmaakte beheer wat hy oor die orkes gehad het en prof Roode se deeglike voorbereiding van sy koor. Soms was die orkes te swaar en kon mens die fyn aksente en nuanseringe in die koor nie hoor nie. Vir hierdie paar tekortkominge is egter vergoed deur die aangename klank wat deur die orkes voortgebring is (*Die Volksblad*, 4 April 1946).

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die resensies wat in *Die Volksblad* verskyn het baie positief was ten opsigte van die konserte. Of die konserte werklik van so hoë artistieke standaard was, is onseker. Wat wel waar is, is dat Bloemfontein destyds byna nooit die geleentheid gehad het om na 'n volle simfonieorkes te luister nie. Slegs die Kaapstadse Stadsorkes het in Bloemfontein op 28 en 29 Julie 1914 opgetree (Human, 1976, p. 442). Die glansresensies kan dus heel moontlik toegeskryf word aan gebrekkige blootstelling aan goeie orkesmusiek. Aan die anderkant is dit waar dat die Simfonieorkes van die S A U K in die reël altyd uitvoerings van hoogstaande gehalte gelewer het en nog steeds lewer.

In 1953 het die Vrystaatse Musiekvereniging hulle tienjarige bestaan gevier. Hulle het dit goed gedink om die Simfonieorkes van die S A U K uit te nooi om twee uitvoerings in die Stadsaal te gee. Hierdie uitvoerings het op 6 en 7 Maart 1953 plaasgevind onder

die leiding van Anton Hartman (*Die Volksblad*, 31 Januarie en 4, 10 en 13 Februarie 1953).

Twee bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars het as soliste by hierdie konserte opgetree, te wete Harold Rubens (klavier) en Jossie Boshoff (sopraan). Beide hierdie kunstenaars se uitvoerings is deur *Die Volksblad* en *The Friend* (7 en 9 Maart 1953) as uitstaande beskryf. Rubens het onder andere die **Klavierkonsert opus 58 nr 4 in G majeur** (Beethoven) en die **Klavierkonsert opus 30 nr 3 in d mineur** (Rachmaninoff) gespeel en Jossie Boshoff het die konsertaria **Ah, Perfido!** (Beethoven) en **Wie nahte mir der Schlummer** uit **Der Freischütz** (Weber) en die **Koningin van die nag-aria** uit **Die Towerfluit** (Mozart) gesing (*Die Volksblad*, 7 Maart 1953; *The Friend*, 9 Maart 1953).

Die eerste konsert is in geheel aan die werke van Beethoven gewy wat geopen is met die **Leonore-Ouverture nr 3**. Hartman het onmiddellik getoon dat hy meester van sy vak is en daar was byna nooit 'n aanduiding van huiwering of onsekerheid by die orkeslede nie. Die resensie in *Die Volksblad* (7 Maart 1953) suggereer egter dat die strykers nooit op volle sterkte gespeel het nie. Die **Simfonie opus 36 nr 2 in D majeur** het netjiese samespel opgelewer en is met grasia uitgevoer. Spesiale melding is gemaak van die *largetto*-gedeelte wat besonder goed gespeel is.

Volgens die resensie van *The Friend* van 9 Maart 1953 het die orkes nog beter gespeel tydens die tweede konsert as by hulle eerste uitvoering. Hulle was skynbaar meer op

hulle gemak en het absoluut hulle beste gelewer. Werke wat deur die orkes uitgevoer is, is die Watermusiek (Handel) en die Simfonie opus 95 nr 9 in e mineur (Dvorák). Die simfonie is uitsonderlik goed gespeel, met fyn afronding en musikale insig. Die resensent bevraagteken die feit dat hulle die Beethoven-program eerste gespeel het.

Met beide koerante se resensies beskikbaar, is dit duidelik dat die uitvoerings deurlopend op 'n hoë artistieke standaard was en dat hierdie orkes die glansende kritiek waardig was.

4.5.2 Blaasorkes van die Staande Mag

Tydens die Bloemfonteinse Eeufees van 1946 het dié orkes hier opgetree. Die orkes het onder die leiding van luitenant Ed Kealey gestaan. In daardie stadium het die orkes uit veertig lede bestaan en was verantwoordelik vir die begeleiding van die sang tydens die Eeufeesvieringe. Verder het die orkes ook marse, volksliedere, Psalms en Gesange gespeel. Tydens die sangfees het Petrus Lemmer die orkes gedirigeer (*Die Volksblad*, 15 Maart 1946).

Op 13 Maart 1951 het hierdie orkes weer 'n besoek aan Bloemfontein gebring. By hierdie geleentheid was A W Gezernik die dirigent. Hulle het 'n verskeidenheid ligte werke gespeel wat besonder ritmies en afgerond voorgedra is. Hulle uitvoering het in die opelug op Hoffmanplein plaasgevind (*Die Volksblad*, 15 Maart 1951).

Tydens die Van Riebeeckfeesvieringe wat in 1952 in Bloemfontein plaasgevind het, het die orkes van die Staande Mag ook opgetree. Hulle uitvoering het op 17 Februarie 1952 op Springbokpark plaasgevind. Hulle dirigent was soos in 1946, luitenant Kealey. Die orkes het getoon dat hulle nie net luidrugtige musiek kon speel nie, maar ook musiek van 'n meer gedempte aard. Hulle spel was deurgaans baie netjies en afgerond. Werke wat besonder byval gevind het, was 'n **Serenade** van Schubert en **Because** (komponis onbekend). Die orkesmusiek is afgewissel met koorwerke gelewer deur die twee kore wat vir die Van Riebeeckfees afgerig is. Die feeskoor van David Roode het **Hail bright abode** (Wagner), **Die uitnodiging tot die dans** (Weber) en **Il Baccio** (Arditi) gesing. Elsa Dekker wat die ander koor afgerig het, het ook die orkes gedirigeer en hulle het hartlike sang gelewer (*Die Volksblad*, 18 Februarie 1952).

Hierdie orkes het later weer in 1956 in Bloemfontein opgetree onder die leiding van kaptein E Albertyn. Hulle uitvoering het op 25 November in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 21 en 26 November 1956).

4.5.3 Johannesburgse Stadsorkes

Hierdie orkes het op 12 Mei 1947 in die Bloemfonteinse Stadsaal 'n opvoedkundige konsert vir studente en skoliere aangebied. Die orkes het onder die leiding van John Connell die volgende werke uitgevoer: **Soirée Musicale** (Rossini-Britten), **Klein Fuga in G majeur** (Bach-Connell), **Molly on the shore** (Percy Grainger), **Noorse Dans** (Grieg), **Valse des Fleurs** (Tsjaikofski) en die **Akrobate-dans** (Rimski-Korsakof). Die

dirigent het by daardie geleentheid aan die luisteraars verduidelik waarna hulle moes oplet, onder meer watter instrumente gebruik word om besondere effekte te verkry en hoe die instrumente gegroepeer word (*Die Volksblad*, 5 Mei 1947).

John Connell was besonder beïndruk met die jeug van Bloemfontein wat met aandag en spontane toejuiging na die uitvoering geluister het. Mnr Connell het Michael Doré, die leier van die orkes aan die gehoor voorgestel en ook die leier van elke seksie in die orkes (*Die Volksblad*, 13 Mei 1947).

Onder die beskerming van die Bloemfonteinse Stadsraad het hierdie orkes dieselfde aansaam met die Johannesburgse Operageselskap 'n opvoering van Puccini se *Madame Butterfly* gegee. Die dirigent van die orkes was weer eens John Connell en die uitvoering het in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 29 April, 10 Mei 1947).

Volgens *Die Volksblad* (13 Mei 1947) was die uitvoering 'n sukses, maar in 'n sekere sin ook 'n teleurstelling. 'n Rekordgetal mense het die opvoering bygewoon wat inderdaad 'n uitsonderlike gebeurtenis was. Daar was nie een enkele oop sitplek in die Stadsaal nie. Wat wel besef is tydens die uitvoering van die opera, is dat die Stadsaal nie geskik was vir opera-opvoerings nie. Die akoestiek is swak en daar is nie plek vir die orkes nie. Verdere kritiek was dat die stemme van die sangers wat agter op die verhoog gesing het verlore geraak het.

Uit dieselfde resensie is dit duidelik dat die orkes baie goed gespeel het. Soms was die orkes te hard vir die sangers, maar dit was te verstane omdat die orkes nie 'n behoorlike plek in die Stadsaal gehad het nie. Die resensent gaan verder deur te sê dat al die spelers hulle uitstekend van hul taak gekwyt het.

Minder as 'n maand na die bogenoemde uitvoering het die Johannesburgse Stadsorkes weer 'n simfoniekonsert in Bloemfontein aangebied. Hierdie uitvoering het onder die beskerming van die Bloemfonteinse Stadsraad op 4 Junie 1947 in die Stadsaal plaasgevind. Tydens daardie konsert het die beroemde Switserse kontralto Mabella Ott-Penetto, as soliste saam met die orkes opgetree (*Die Volksblad*, 5 Junie 1947).

Die resensent het tereg opgemerk dat 'n simfoniekonsert 'n uiters seldsame gebeurtenis in Bloemfontein vir daardie tyd was. Die publiek het dus die uitvoering baie waardeer al was die spel nie altyd van 'n hoë standaard nie. Skynbaar het die dirigent geweldige gebare gemaak, maar nie werklik iets bereik nie. Die **Simfonie opus 67 nr 5 in c mineur** van Beethoven was die hoofwerk op hulle program. Die orkes het hierdie werk moedig aangepak, maar daar was talle tekortkominge in die presiesheid van die samespel en die delikaatheid in die toonskakeringe. Die tweede deel het sensitiewe spel opgelewer. Die laaste deel het ook sy hoogtepunte gehad (*Die Volksblad*, 5 Junie 1947).

Die soliste, Mabella Ott-Penetto het **Fair Spring is Returning** uit **Samson and Delilah** (Saint-Saëns) gesing. Sy het 'n groot stem wat deurgaans 'n warm toonkwaliteit behou

het. Melding is gemaak van haar uitstekende asembeheer, haar suiwer diksie en die frasiering wat netjies en musikaal uitgevoer is. As toegif het sy *Softly awakes my Heart* uit dieselfde opera van Saint-Saëns gesing (*Die Volksblad*, 5 Junie 1947).

Ander werke wat deur die orkes uitgevoer is, was *Ouverture tot Die Meistersinger von Nürnberg* wat effens terughoudend uitgevoer is, Percy Grainger se *Handel in the Strand* was baie gewild en die *Keiserwals* van Johann Strauss het eweneens in die smaak geval en is met swier uitgevoer. Delius se *The Walk to the Paradise Garden* en Arnold Bax se *Tintagel* het ook byval gevind. Daar was mooi stemmingsmomente in die spel, veral in die meer liriese gedeeltes (*Die Volksblad*, 5 Junie 1947).

4.5.4 Durbanse Stadsorkes

Hierdie gewilde orkes wat destyds uit 45 lede bestaan het en wat deur Edward Dunn gedirigeer is, het op 12 en 13 Maart 1948 uitvoerings in Bloemfontein gegee. Hulle uitvoerings het in die Stadsaal plaasgevind en wel onder die beskerming van die Burgemeesterspaar, mnr en mev J G Benadé (*Die Volksblad*, 8 Maart 1948).

Benewens die twee aankonserte wat die orkes gelewer het, het hulle ook 'n spesiale konsert vir skoliere op die Vrydagmiddag aangebied. Tydens daardie konsert het mnr Dunn onder andere oor musiekwaardering en die aard en funksie van die verskillende

instrumente gepraat. Sy lesing is verder prakties geïllustreer deur die orkes. Afgeronde uitvoerings is gegee van die eerste deel van Beethoven se **Simfonie opus 67 nr 5 in c mineur** en **Cinderella** van Eric Coates (*Die Volksblad*, 13 Maart 1948).

Volgens die resensent was die aand van 12 Maart 1948 een om nie gou te vergeet nie. 'n Konsert met kuns van die hoogste gehalte is gelewer met 'n dirigent wat altyd in beheer van die situasie was. Edward Dunn het net geweet hoe om die fynste en stemmingrykste klankskakeringe uit die orkes te verkry. Verder word gesê dat sy dirigeerkuns definitief en beslis was en dat hy 'n fyn musikale aanvoeling gehad het (*Die Volksblad*, 13 Maart 1948).

Die aanvangswerk was die **Serenade nr 13 in G majeur K 525** (Eine kleine Nachtmusik) van Mozart. Die allegro-gedeelte is netjies uitgevoer, maar 'n ligter en meer dartelende vertolking is verlang. Die andante is weggelaat en daar is dadelik oorgegaan na die minuet wat vloeiend en ritmies uitgevoer is. Die rondo is gekenmerk deur helder en duidelik geartikuleerde spel. Dit was deurgaans 'n lewendige uitvoering. Volgende op hul program was die **Ouverture tot Carnival Romaine** van Berlioz. Hierdie vertolking is gekenmerk deur netjiese spel met treffende kontraste wat atmosfeer betref (*Die Volksblad*, 13 Maart 1948).

In die volgende werke wat uitgevoer is het Dunn werklik sy meesterskap getoon. Britten se **Soirée Musicale** is gekenmerk deur netjiese fraserings en het werklik

beïndruk. In die **Voorspel en Liefdesdood** uit Wagner se **Tristan und Isolde** was dit die fyn vertolking wat werklik opgeval het. Die verskillende stemminge is hier op meesterlike wyse onder die skitterende leiding van die dirigent deur die orkes weergegee. Die **Moldau** van Smetana is net so knap uitgevoer (*Die Volksblad*, 13 Maart 1948).

Al kon die dirigent nie 'n triomfantelike klimaks in die **Vyfde Simfonie** van Tsjaikofski verkry nie, was dit nogtans die hoogtepunt van die orkesuitvoering. In hierdie uitvoering was dit die vasberade spel wat deurgaans opgeval het. Kritiek teen die vertolking was dat die samespel nie so onberispelik was soos by die vorige werke nie. Nietemin was dit 'n seldsame ervaring wat nie gou vergeet sou word nie (*Die Volksblad*, 13 Maart 1948).

Die uitvoering deur die Durbanse Stadsorkes wat op 13 Maart 1948 plaasgevind het, was net so suksesvol soos die vorige aand. Vanaf die aanvangsnommer op die program, naamlik die **Fledermaus-ouverture** (Strauss), kon die gehoor kennis maak met die dinamiese dirigeertegniek van Edward Dunn. Hierdie werk is ferm en met vreugde uitgevoer. Daarna het gedeeltes uit Tsjaikofski se **Neutekraker-suite** gevolg en 'n pragtige uitvoering van die **Passacaglia** van Gordon Jacob (*Die Volksblad*, 15 Maart 1948).

Liszt se **Hongaarse Rapsodie nr 2** was volgende op die program en is met swier voorgedra. In teenstelling daarmee het die orkes 'n ekspressiewe en delikate weergawe

van die **Dans van die Ure** van Ponchielli gegee. Verder het hulle **Die drie bere** van Eric Coates uitgevoer. Edward Dunn het daarin geslaag om die regte atmosfeer te skep in die uitvoering van Wagner se **Tannhäuser-ouverture** (*Die Volksblad*, 15 Maart 1948).

Daar was ook twee solo uitvoerings deur Roy Carter (tjello) en Ilona de Vos (harp). Carter het **Die Swaan** van Saint-Saëns gespeel en De Vos het die **Wals in A-mol majeur** van Brahms netjies uitgevoer. Beide se spel was afgerond en musikaal (*Die Volksblad*, 15 Maart 1948).

4.5.5 Johannesburg Jeugorkes

Hierdie belowende orkes onder leiding van Solly Aronowsky het op 9 Julie 1949 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Werke wat hulle uitgevoer het was die **Overture tot Digter en Boer** en **Ligte Kavallerie** (Suppe), balletmusiek uit **Faust** (Gounod) en dele uit die **Swanemeer** (Tsjaikofski). Die orkesspel is afgewissel met uittreksels uit verskillende ballette. Soliste wat tydens hierdie konsert opgetree het was Sarah Sudelowitz (trekklavier), Jack Schneider (bas-bariton) en Sylvia Lazarus (sopraan). Die twee sangers het werke van Puccini, Romberg en Schumann voorgedra (*Die Volksblad*, 25 Junie en 9 Julie 1949).

Die opbrengs van hierdie konsert is ten bate van die polio-fonds aangewend (*Die Volksblad*, 9 Julie 1949).

4.5.6 Kaapstadse Stadsorkes

Van al die stadsorkeste wat Bloemfontein besoek het, is hierdie orkes die enigste wat Bloemfontein ook tussen die jare 1900 en 1939 besoek het. Hulle optredes het op 28 en 29 Julie 1914 plaasgevind (Human, 1976, p. 442).

Hierdie orkes het eers weer op 7 September 1949 in die Bloemfonteinse Stadsaal opgetree. By daardie geleentheid was Enrique Jorda die dirigent. Die soliste vir die konsert was die wêreldberoemde Bloemfonteinse sopraan, Cecilia Wessels (*Die Volksblad*, 27 Augustus 1949).

Die orkes het onder leiding van Enrique Jorda, vitale en energieke spel gelewer. Daar was nooit tekens van blote samespel of lusteloosheid nie, maar elke orkeslid het vinnig gereageer op selfs die subtielste aanwysings van die dirigent. Uitstaande kenmerke van die uitvoering was subtiel skakeringe in klank, geleidelike crescendo's tot by die grootste forte's en pragtig afgeronde fraserings (*Die Volksblad*, 8 September 1949).

Volgens *Die Volksblad* (8 September 1949) is dit duidelik dat die *Simfonie in C* majeur van Schubert ongetwyfeld die hoogtepunt was. In hierdie werk het die aanvangsmate in koraalstyl 'n pragtige indruk gemaak, veral wat die klankryke spel van die horings betref. Die tweede melodie wat deur die houtblasers gespeel is, het ook byval gevind.

Die andante-gedeelte is met 'n geheimsinnigheid uitgevoer wat 'n besondere stemming geskep het en die finale het sterk afgemete spel opgelewer wat werklik treffend was.

Uit dieselfde resensie het dit duidelik geblyk dat Cecilia Wessels haar soos in die verlede onderskei het as 'n briljante sangeres. Die orkes onder leiding van die geniale Jorda was in staat om elke nuansering en klankskakering saam met Wessels aan te voel en weer te gee. Die suiwer kwaliteit en omvang van haar stem het soos in die verlede telkens verras. Haar puik beheersing was ook opvallend. Sy het **Donna Anna se aria** uit **Don Giovanni** (Mozart) en **Agathe se aria** uit **Der Freischütz** (Weber) gesing. Die oorweldigende toejuiging het haar aangespoor om **Elisabeth se Begroeting van die kunssaal** uit **Tannhäuser** (Wagner) as toegif te sing.

Ander werke op die program was die **Ouverture tot Il Seraglio** (Mozart) en **Homenaje a la Tempranica** (Rodrigo) (*Die Volksblad*, 8 September 1949).

Afgesien van die orkes se uitvoering op 7 September in die Stadsaal het dieselfde orkes onder leiding van Geoffrey Miller 'n artistieke uitvoering op 8 September 1949 ook in die Stadsaal vir die skoolkinders gelever (*Die Volksblad*, 9 September 1949).

Onberispelike samespel en byna volmaakte beheersing en frasering was uitstaande kenmerke van hierdie uitvoering. Werke wat die orkes gespeel het, het die **Ouverture tot The merry wives of Windsor** (Nicolai), **The wand of youth** (Elgar) en die

simfoniese toondig van Borodin, **Die Hoogvlaktes van Asië** ingesluit. Die werk wat die grootste byval gevind het was die eerste deel uit Mozart se **Simfonie nr 40 in g mineur, K 550**. Hier het die strykers uitgeblink met hul gevoelige spel (*Die Volksblad*, 9 September 1949).

Volgens dieselfde resensie was die ligter werke net so gewild. Die orkes het die **Blou Donau** van J Strauss asook die bekende **Minuet** van Boccherini uit die **Strykkwintet opus 13 nr 5 in E majeur** gespeel. Die **Gavotte in D majeur** (Bach) is netjies uitgevoer en die program is afgesluit met 'n lewendige mars van Eric Coates.

Op 16 Augustus 1950 het hierdie orkes weer 'n uitvoering in die Stadsaal gegee. Aanvanklik is aangekondig dat Enrique Jorda as dirigent sou optree, maar later het dit bekend geword dat dit Geoffrey Miller, assistent-dirigent van die orkes, sou wees (*Die Volksblad*, 24 Julie en 15 en 16 Augustus 1950).

Die resensent se kommentaar was meesal positief. Dit was slegs by die uitvoering van die **Simfonie opus 56 nr 3 in a mineur, (Skotse Simfonie)** van Mendelssohn waar die innige samesmelting van die verskillende instrumente en die netjiese frasering ontbreek het. Die Franse horings was ook soms oorverdowend hard en het 'n steurende uitwerking gehad. Die ander werke op die program was die **Suite nr 1 in C majeur** van Bach wat volgens die resensent die hoogtepunt van die uitvoering was. Die strykers

het hier beïndruk met hul suiwer spel. Verder was daar agt **Russiese Volksliedere** (Liadov) en die **Ekster-Ouverture** (Rossini) (*Die Volksblad*, 17 Augustus 1950).

Uit dieselfde resensie is dit duidelik dat die laasgenoemde twee werke bevredigend uitgevoer is. Die resensent se kritiek hier was soos volg: "Die program is afgesluit met Rossini se **Ekster-Ouverture** wat met swier en geesdrif, met sterk kontraste en magtige, hoewel nie juis gedissiplineerde klimakse voorgedra is nie."

In samewerking met die Bloemfonteinse Stadsraad het die Vrystaatse Musiekvereniging weer eens 'n uitvoering deur hierdie gewilde orkes aangebied. Hulle konsert het op 8 September 1953 in die Stadsaal plaasgevind en was die vyfde konsert van dié vereniging vir die betrokke jaar. Aangesien Enrique Jorda aan die einde van 1953 uit sy betrekking sou tree, was dit waarskynlik die laaste keer dat die Bloemfonteinse publiek die geleentheid gehad het om na die Kaapstadse Stadsorkes met hom as dirigent te gaan luister (*Die Volksblad*, 13 en 15 Augustus 1953).

Die program was volgens *Die Volksblad* (29 Augustus 1953) soos volg saamgestel:

Von Weber:	Ouverture tot Oberon
Beethoven:	Simfonie opus 60 nr 4 in B-mol majeure
Moussorgsky:	Nag op die eensame berg
Vaughan Williams:	Greensleeves-Fantasie
Liszt:	Les Preludes

Hierdie orkes wat bekend was vir sy netjiese en afgeronde spel, het weer eens 'n merkwaardige indruk met hulle uitmuntende spel gemaak. Die resensie wat in *Die Volksblad* (9 September 1953) verskyn het, het hierdie orkes se uitvoering hoog aangeprys. Dit was veral die Simfonie nr 4 (Beethoven) en die Les Preludes (Liszt) wat die onbetwiste hoogtepunte van die uitvoering was. Sonder om die afgerondheid prys te gee, is laasgenoemde werk met geweldige energie en geesdrif uitgevoer.

Die orkes het soos by van die vorige geleentheid ook 'n uitvoering spesiaal vir die kinders aangebied. Geoffrey Miller het die orkes gedirigeer in 'n baie geslaagde uitvoering van onder andere Knightsbridge march (Coates), Simfonie nr 8 in b mineur (Schubert - slegs die eerste deel) en Evening on the veld (Pickerill) (*The Friend*, 9 September 1953).

In 1956 het hierdie orkes weer in Bloemfontein opgetree met Hugh Rignold as die nuwe dirigent. Volgens die plaaslike pers het Rignold homself uitstekend van sy taak gekwyt en die orkes het 'n skitterende uitvoering gegee (*Die Volksblad*, 14 en 18 September 1956; *The Friend*, 12 Oktober 1956).

4.6 Instrumentale Ensembles

4.6.1 Die Staalmeesters

Hierdie meesterlike kwartet het op 2 September 1948 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Die naam van die kwartet is ontleen aan die beroemde skildery van Rembrandt en die ensemble het uit vier ervare Hollanders bestaan wat voorheen in die beste orkeste in Europa gespeel het. Almal was destyds lede van die Johannesburgse Simfonieorkeste en was 'n meester op sy instrument (*Die Volksblad*, 14 Augustus 1948).

Die leier van die kwartet was Jaap van Opstal wat beide klavier en klarinet gespeel het. Hy was bekend vir sy solo-optredes en was jarelank dosent aan die Koninklike Konservatorium in Den Haag. Die ander drie lede was almal lede van bekende Nederlandse en Belgiese orkeste. Cornelius (Kees) Peterse, die altviolis, was lid van die wêreldbekende Concertgebouw-orkeste van Amsterdam. Toon van Dongen, die hobo-speler, was lid van die Filharmoniese Radio-orkeste te Hilversum, 'n hoogaangeskrewe orkeste van Holland. Jos de Groen, fagotspeler, was lid van die Belgiese Nasionale orkeste in Brussel (*Die Volksblad*, 14 Augustus 1948).

Die besoek van hierdie groep instrumentiste was uniek in die sin dat dit die eerste keer was dat 'n kwartet met só samestelling Bloemfontein besoek het (*Die Volksblad*, 14 Augustus 1948).

Volgens Libretto, musiekkritikus van *Die Volksblad*, was die samespel van hierdie groep instrumentiste onberispelik. Die wyse waarop Jaap van Opstal die spel gelei en beheer het, was meesterlik. Die oorgange was subtiel en die verskille in dinamiese vlakke is uitmuntend beheer. Die enigste kritiek teen hul spel was dat die hobo soms die ander instrumente oorheers het (*Die Volksblad*, 3 September 1948).

Uit dieselfde resensie is dit duidelik dat elke lid 'n meester op sy instrument was. Jaap van Opstal het 'n groot mate van musikaliteit en veelsydigheid geopenbaar. Sy weergawe van een van Chopin se *Nokturnes* (opus 37 nr 1) was innig en afgerond. Sy begeleiding was simpatiek en sy klarinetspel artistiek en suiwer. Kees Peterse se altvioolspel was suiwer en het 'n pragtige klank verkry. In die trio's en kwartette was sy spel altyd opvallend. Toon van Dongen se hobospel was puik. Uit sy spel kon afgelei word dat hy volkome tuis op sy instrument was. Jos de Groen se spel op die fagot sou volgens die resensent nie gou vergeet word nie.

Hulle het die program geopen met die *Suite in C majeur* van J C Bach. Hulle spel in hierdie werk het deurgaans geboei. Mozart se *Trio vir altviool, klarinet en fagot* het pragtige spel opgelewer. In die *Andante Cantabile* van Hans Schouwman het die altviool opgeval met uiters ekspressiewe spel. Die hoogtepunt van hul uitvoering was die *Divertimento in B-mol majeur* van Haydn. Hierdie werk is met gemak en groot genialiteit uitgevoer (*Die Volksblad*, 3 September 1948).

4.6.2 Die De Groote-strykkwartet

Hierdie strykkwartet het op 22 Mei 1950 'n uitvoering onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging in Bloemfontein gegee. Die groep sou aanvanklik uit Lucien de Groote (tjello), Pierre de Groote (viool), Cornelius (Kees) Peterse (altviool) en Jaap van Opstal (klavier) bestaan, maar weens siekte kon Van Opstal nie na Bloemfontein kom nie en is sy plek ingeneem deur 'n ander violis, naamlik August Levy. Kees Peterse het reeds in Bloemfontein opgetree toe hy as lid van die Staalmeesterskwartet in 1948 'n uitvoering alhier gegee het. Al die lede van hierdie kwartet was in daardie stadium gesiene musici in Johannesburg (*Die Volksblad*, 29 April, 2, 13 en 18 Mei 1950).

Volgens die plaaslike pers het hierdie ensemble se spel getuig van 'n warm intimiteit en 'n goeie onderlinge verstandhouding. Elkeen se spel is individueel bespreek. "Pierre de Groote is 'n knap musikus wat fyn toonskakeringe op die viool verkry het. Sy broer, Lucien, het die tjello net so meesterlik hanteer. Sy warme, intense spel in die stadige deel van die Schubert-kwartet, toe hy die melodie aangedui het, was werklik ontroerend. Kees Peterse se spel op die altviool was deurgaans suiwer en akkuraat, terwyl die tweede violis, August Levy, net so fyn voorgedra het, hoewel sy toon nie so vol en warm was nie." (*Die Volksblad*, 23 Mei 1950).

Die werke wat hulle uitgevoer het, was **Kwartet opus 64** (Haydn), **Kwartet opus 18 nr 4** (Beethoven) en **Kwartet in D majeur** (Schubert). Al drie die werke het pragtige

hoogtepunte opgelewer. Die spel van hierdie kwartet word die beste saamgevat in die woorde van die resensent van *Die Volksblad* (23 Mei 1950): "By 'n instrumentale ensemble in kamerbesetting is dit egter die samespel wat die belangrikste is, en in hierdie opsig het die De Groote-strykkwartet verruklike musiek gelewer, met pragtige afgerondheid, presiese fraseringe en gevoelige kontraste in dinamiek."

4.7 Ander Instrumentiste

Die Suid-Afrikaanse violiste en tjelliste wat in Bloemfontein hul buiging in dié jare kom maak het, was in vergeleke met pianiste en sangers, baie minder in getal. Met die gevolg dat as 'n solo-kunstenaar wat 'n blaasinstrument bespeel sy verskyning in Bloemfontein gemaak het, die Bloemfonteinse publiek dié uitvoerings met groot entoesiasme bygewoon het.

Slegs twee kunstenaars wat ander instrumente as klavier, viool en tjello bespeel het, het tussen 1940 en 1955 in Bloemfontein opgetree. Die seldsaamheid van soortgelyke kunstenaars is 'n weerspie"eling van die stand van die praktiese instrumentale musiekonderrig in daardie stadium in Suid-Afrika.

4.7.1 Tonny Rotteveel

Hierdie fagotspeler is in Den Haag gebore en sy opleiding onder Lou Stotyn ontvang. Rotteveel het later lid van die Rotterdamse Filharmoniese orkes geword en nog later die hoof-fagotspeler. Hy was ook 'n bekwame klarinetspeler (*Die Volksblad*, 16 Junie 1951; *The Friend*, 22 Junie 1951).

Hy het op 2 April 1951 in Suid-Afrika aangekom en het in daardie stadium by familie net buite Bloemfontein gewoon. Hy het te kenne gegee dat dit sy plan was om in Suid-Afrika te bly, maar nie noodwendig in Bloemfontein nie. Hy het aan 'n verslaggewer van *The Friend* (22 Junie 1951) gesê aangesien daar in daardie stadium nie 'n orkes in Bloemfontein was nie, en dat dit die onderrig van kinders bemoeilik het, dit nie lonend sou wees om in Bloemfontein te woon nie.

Rotteveel se uitvoering het op 22 Junie 1951 in die Clarendonsaal plaasgevind onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging. Dit was die eerste keer sedert die begin van die huidige eeu dat daar 'n solo-fagotuitvoering in Bloemfontein was. Tydens dieselfde konsert het van Bloemfontein se beste plaaslike kunstenaars opgetree (*Die Volksblad*, 16, 18 en 21 Junie 1951).

Alhoewel die fagot hom nie so maklik tot solospel leen nie, was sy vertolking van die **Konsert vir fagot en orkes** (Mozart) 'n aangename verrassing. Petrus Lemmer het die

begeleiding op die klavier waargeneem. Die *Divertimento* (Mozart), uitgevoer deur mnr Rotteveel (fagot), Richard Lemmer en Christo van Zyl (klarinet) het getuig van musikaliteit en was in alle opsigte artistiek en afgerond (*Die Volksblad*, 20 en 23 Junie 1951).

4.7.2 Gerrit Bon

Hierdie sleutelfiguur in die musieklewe van Pretoria is in 1901 in Amsterdam, Nederland, gebore. Naas die regte en letterkunde het hy ook klavier, viool, orrel en komposisie gestudeer. In 1915 behaal hy die einddiploma in orrel en word op sestienjarige leeftyd die jongste orrelis in Nederland by die Lutherse Kerk van Nijmegen. In 1918 word hy as koordirigent en hulporrelis in Amsterdam aangestel waar hy verder onder Evert Cornelis gestudeer het (Bosman, 1961, p. 4).

In 1923 het Bon na Suid-Afrika gekom waar hy orrelis en koorleier van die Groote Kerk in Bosmanstraat, Pretoria geword het. In 1928 aanvaar hy die betrekking as orrelis van die Ooskerk in Pretoria. Hierdie pos het hy vir 29 jaar bekleed. Hy was ook vir 'n kort rukkie orrelis van die destydse Salisbury Katedraal in Suid-Rhodesië. Vanaf 1938 tot 1957 was prof Bon ere-orrelis van die Stadsraad van Pretoria en het weekliks middaguitvoerings gegee. Daar het ongeveer 720 sulke uitvoerings plaasgevind (Bosman, 1961, pp. 4-5).

Gerrit Bon het later in Engeland gaan studeer aangesien Nederlandse diplomas in daardie stadium nie erken is nie. Hy het in 'n kort tydjie die B Mus en F R C O verwerf. Hy het ook talle komposisies die lig laat sien, onder andere **Te Deum**, **Die Hoogste Offer** ('n Afrikaanse oratorium volgens die Evangelie van Markus), 'n opera, **Jarriago**, tien kerkkantates, dertig koorstukke, talle orrelverwerkings van Psalmmelodieë, liedere, kamermusiek, orrel- en orkeswerke (Bosman, 1961, pp. 5-6).

Bon het in talle komitees gedien en was onder meer voorsitter van The South African Council for the Advancement of Music, direkteur van die Pretoriase Bachvereniging, voorsitter van die Afrikaanse Kerkmusiekvereniging, ondervoorsitter van die Radioraad en 'n lid van die redaksionele komitee van Res Musicae (Malan, 1979, p. 205).

Hierdie bekende orrelis en komponis van Pretoria het op 3 Oktober 1954 'n geslaagde orreluitvoering in die Tweetoringkerk aangebied. Hy het Bloemfontein besoek tydens die Uniale Kerkmusiekkongres wat in die laaste week van September 1954 in die stad aangebied is. Hy het egter langer aangebly om die uitvoering te gee (*Die Volksblad*, 25 September 1954).

Die resensie wat in *Die Volksblad* (4 Oktober 1954) verskyn het, was vol lof vir Bon se uitvoering. Volgens die resensent was dit duidelik dat hy goed vertrou was met die moontlikhede van die orrel. Dit was 'n aangename ervaring om na die verskillende effekte in toonkleur en vloeiende dinamiese oorgange te luister. Die hoogtepunt van sy

uitvoering word aangedui as die Tokkate, Adagio en Fuga in C majeur (Bach). Ander werke wat besonder goed gespeel is, was die Fanatasie in f mineur (Mozart) en die Tema met variasies (Sweelinck). Die enigste aspek wat bevraagteken is, was die gebruik van die tremulant dwarsdeur die Trio in d mineur (Bach). Ander werke op die program was Tokkate (Widor), Koraalvariasies (Durufé) en die Dodemars en Engelenlied (Guilmant) (*Die Volksblad*, 2 Oktober 1954).

4.8 Samevatting

Die meeste Suid-Afrikaanse kunstenaars wat in Bloemfontein tussen 1940 en 1955 opgetree het, het nie alleen in Suid-Afrika vir hulleself naam gemaak nie, maar het ook in die buiteland, veral Engeland en Europa, as uitvoerende kunstenaars opgetree en groot sukses behaal. Sommige het selfs op 'n gereelde basis konsertreise deur verskillende dele van Europa onderneem en vleiende kommentaar ontvang. Bloemfontein was dus in die bevoorregte posisie om in sommige gevalle werklik na wêreldklas kunstenaars te luister. Dié kunstenaars het nie net Bloemfontein 'n groot eer aangedoen nie, maar vir die hele Suid-Afrika voordeel ingehou, aangesien hulle die waardevolle kennis wat hulle in die buiteland opgedoen het, in Suid-Afrika teruggeploeg het.

Die sangers en sangeresse wat in Bloemfontein uitvoerings gelewer het, was almal kunstenaars wat 'n besonder hoë standaard in sang gehandhaaf het. Die meeste van

hulle het hulle sangstudies in die buiteland met groot welslae voortgesit. Sommige van die sangers het tydens hulle studiejare in die bekendste konsertsale in Londen opgetree. Ander het selfs in Covent Garden opgetree wat 'n duidelike bewys van die standaard was wat hulle gehandhaaf het.

Oor die algemeen het die sangers 'n wye verskeidenheid liedere en arias uit verskillende operas aangebied. Dit alleen het daarop gedui dat hulle oor 'n buitengewoon groot repertorium moes beskik het. 'n Interessante verskynsel is dat byna almal een of meer Suid-Afrikaanse komposisies op hulle programme ingesluit het. Kritici het in die meeste gevalle opbouende kritiek ten opsigte van die konserte uitgespreek.

Soos dit die geval by sangers was, was sommige van die pianiste ook van oorsee afkomstig wat hulle dan later in Suid-Afrika gevestig het om hier 'n konsertloopbaan te begin. Die meeste Suid-Afrikaanse pianiste wat in Bloemfontein tussen 1940 en 1955 opgetree het, het hulle opleiding in geheel of gedeeltelik in die buiteland ontvang. Soos baie van die sangers het van die pianiste ook groot sukses met konsertuitvoerings in die buiteland behaal.

'n Paar pianiste wat as soliste opgetree het, het ook as begeleiers uitgeblink en in dié hoedanigheid in Bloemfontein opgetree. Afgesien van solo-klavieruitvoerings, het sommige van hulle as soliste in klavierkonserte saam met simfonieorkeste opgetree,

onder andere Harold Rubens. Een van die pianiste wat hier opgetree het, het later een van Suid-Afrika se bekendste komponiste geword, naamlik Arnold van Wyk.

Die pianiste se spel is almal hoog aangeskryf deur die kritici en Bloemfontein kon werklik bevoorreg voel deurdat daar van die beste pianiste in die land in een of ander stadium 'n besoek aan Bloemfontein gebring het.

In vergelyking met die sangers en pianiste was daar betreklik min violiste wat solo-uitvoerings in Bloemfontein gelewer het. Al ses die violiste wat hier opgetree het, het 'n uitmuntende konsertstandaard gehandhaaf. Almal het 'n gedeelte van hulle opleiding in die buiteland van gesiene violiste ontvang en het waardevolle werk op die gebied van vioolspel in Suid-Afrika verrig. Een van hulle, by name Derek Ochse, is vandag nog aktief by die musieklewe van Bloemfontein betrokke. Kommentaar ten opsigte van hulle spel was hoofsaaklik positief.

Slegs een Suid-Afrikaanse tjellis het 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Hy was Aubrey Rainier wat 'n tjellis van formaat was en ook groot sukses in die konsertsale van Londen behaal het. Hy het 'n geslaagde uitvoering gegee wat volgens kritici nog lank in Bloemfontein onthou sou word.

Die sanggeselskappe wat tussen 1940 en 1955 in Bloemfontein opgetree het, het oor die algemeen op gewyde werke gekonsentreer. Al drie kore het meer as een keer in

Bloemfontein opgetree, wat 'n duidelike bewys van hulle sukses was. Al drie kore het gunstige kritiek ontvang en daar is met groot afwagting na die volgende optredes uitgesien.

Soos reeds genoem was 'n orkesuitvoering tussen 1940 en 1955 'n seldsame gebeurtenis en 'n simfoniekonsert is baie goed deur die publiek ondersteun. Sedert 1914, toe die Kaapstadse Stadsorkes in Bloemfontein opgetree het, was daar 'n lang stilte voordat die Simfonieorkes van die S A U K in 1946 in Bloemfontein 'n uitvoering gegee het. Dit was hulle heel eerste besoek aan Bloemfontein. Dit is as 'n onvergeetlike gebeurtenis beskryf. Die orkes het nie alleen opgetree nie, maar twee van Bloemfontein se mees talentvolle kunstenaars, Henriëtte Pauw (klavier) en Cecilia Wessels (sopraan) het as soliste saam met die orkes opgetree.

Verder het dieselfde orkes ook die begeleiding verskaf tydens die uitvoering van **Die Skepping** (Haydn) wat die Eeufeesvieringe van Bloemfontein op feestelike wyse afgesluit het. Dieselfde orkes het later in 1953 weer eens in Bloemfontein met groot sukses opgetree.

Die Johannesburgse-, Durbanse- en Kaapstadse Stadsorkeste het ook uitvoerings in Bloemfontein gegee. Al die konserte was nie ewe suksesvol nie, aangesien die sale waar hulle opgetree het nie altyd geskik vir orkesuitvoerings was nie.

In sommige gevalle is spesiale konserte vir skoliere aangebied wat in alle opsigte van onskatbare opvoedkundige waarde was. Nie alleen is die kinders aan simfoniese musiek blootgestel nie, maar hulle het terselfdertyd met die verskillende instrumente van die orkes kennis gemaak. Al die konserte wat deur die verskillende simfonieorkeste aangebied is het werklik 'n belangrike bydrae gelewer. Dit het as prikkel gedien om leerlinge en jong mense aan te spoor om orkesinstrumente te begin bespeel om sodoende die geweldige leemte wat daar op hierdie gebied in Bloemfontein bestaan het te oorkom.

Slegs twee Suid-Afrikaanse ensembles het Bloemfontein tussen 1940 en 1955 besoek, naamlik die Staalmeesters en die De Groote-strykkwartet. Beide die ensembles het uit kunstenaars van wêreldformaat bestaan en was almal van oorsee afkomstig waar hulle aan een of ander bekende simfonieorkes verbonde was. Hulle was almal soliste in eie reg. 'n Interessante aspek is dat van die lede van die Staalmeesterskwartet wat eerste in Bloemfontein opgetree het, hulle self in die De Groote-kwartet bevind het toe laasgenoemde in die stad opgetree het. Hieruit kan afgelei word dat eersgenoemde kwartet in daardie stadium nie meer bestaan het nie.

Volgens die resensies in die plaaslike pers is dit duidelik dat die De Groote-kwartet hoofsaaklik werke vir strykkwartet uitgevoer het in teenstelling met die Staalmeesters wat ook trio's op hulle programme ingesluit het. Dit wil dus voorkom asof die De Groote-kwartet hoofsaaklik op dié genre gekonsentreer het. Beide ensembles het volgens kritici hoogstaande spel gelewer.

Die twee Suid-Afrikaanse kunstenaars wat ander instrumente as klavier, viool en tjello gespeel het, het Bloemfontein tussen 1940 en 1955 besoek. Hulle was Tonny Rotteveel (fagot) en Gerrit Bon (orrel). Dit is 'n duidelike aanduiding dat daar in daardie stadium nie veel aandag aan die onderrig van ander instrumente as klavier en viool en in 'n mindere mate, tjello, geskenk is nie. Gelukkig kan daar vandag met gerusstelling genoem word dat die tendens heeltemal verander het en dat daar spesiale programme vir orkesinstrumente in al die groot sentra van die land georganiseer word.

Die twee kunstenaars wat hier opgetree het, het ook nie teleurgestel nie. Beide die fagot- en orreluitvoering was 'n hoogs musikale ervaring en het in meeste gevalle vleierende kritiek ontvang.

Die rol wat die Vrystaatse Musiekvereniging en in 'n mindere mate die Bloemfontein Music Club en die Musiekvereniging van die U O V S gespeel het kan nie geïgnoreer word nie. As dit nie vir die aktiewe bestuur en komitee van eersgenoemde vereniging was nie, sou daar in die eerste plek nooit soveel kunstenaars in Bloemfontein opgetree het nie. In die tweede plek sou daar nooit sulke hoog aangeskrewe soliste uitvoerings in Bloemfontein gegee het nie. Hierdie vereniging het jaarliks konserte aangebied waartydens hierdie kunstenaars na Bloemfontein genooi is. Die ander twee verenigings het ook van tyd tot tyd Suid-Afrikaanse kunstenaars na Bloemfontein genooi om hier te kom optree. Die Vrystaatse Musiekvereniging verdien dus hier al die

lof vir hulle puik organisering en entoesiasme aangesien dit baie tyd en geld gekos het om hierdie konserte moontlik te maak.

Wat getalle betref weeg die Suid-Afrikaanse kunstenaars, buitelandse kunstenaars en Bloemfonteinse kunstenaars goed teen mekaar op. Indien daar na standaard gekyk sou word, is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse- en buitelandse kunstenaars min of meer op dieselfde standaard was. Sommige van Bloemfontein se kunstenaars het ook 'n hoë standaard gehandhaaf, maar die meeste van hulle was amateurs wat beteken het dat hulle nie musiek as 'n loopbaan beoefen het nie. In vergelyking daarmee het al die ander Suid-Afrikaanse kunstenaars, soos dit duidelik uit die hoofstuk afgelei kan word, van musiek 'n loopbaan gemaak.

Die besoeke en optredes van hierdie kunstenaars het 'n belangrike rol in die Bloemfonteinse musieklewe vervul. Bloemfonteinse kunstenaars kon nie alleen hulle standarde met die ander Suid-Afrikaanse kunstenaars vergelyk nie, maar laasgenoemde groep musici het ook as 'n aansporing en inspirasie vir die plaaslike kunstenaars gedien.

HOOFSTUK 5

BESOEKENDE BUITELANDSE KUNSTENAARS

Die besoeke deur buitelandse musici het Bloemfontein in kontak gehou met internasionale standaarde en verwickelinge. Plaaslike kunstenaars kon dus hul prestasies met dié van groot kunstenaars vergelyk en konsertgangers het die geleentheid gehad om met kunstenaars van wêreldformaat kennis te maak. Die feit dat oorsese kunstenaars Bloemfontein sedert 1940 besoek het, was baie belangrik, omdat die kulturele aktiwiteite in Bloemfontein en ook in die hele Suid-Afrika, negatief beïnvloed is deur die Tweede Wêreldoorlog van 1939 tot 1945.

As die aantal kunstenaars, ensembles en sanggeselskappe wat in hierdie hoofstuk ter sprake kom, in aanmerking geneem word, is dit te verstane dat dit baie moeilik sou wees om die bydraes van elke kunstenaar volledig te bespreek. Die inligting wat deur navorsing verkry is, word in hierdie verhandeling volgens die medium (vokaal of instrumentaal) ingedeel. Die bydraes en betekenis van elke kunstenaar of ensemble word nogtans afsonderlik bespreek.

Vanaf 1940 tot 1955 het 'n groot aantal kunstenaars van wêreldformaat Suid-Afrika besoek. Sommige van hulle leef nog, terwyl ander se bydraes vergete geraak het. Plaatopnames deur sommige van hierdie kunstenaars het gelukkig vir die nageslag bewaar gebly.

In die Bloemfonteinse koerante het daar konstant duidelike beriggewing verskyn ten opsigte van kunstenaars wat uitvoerings in die stad sou lewer. Suid-Afrikaanse musici het dikwels as begeleiers vir oorsese kunstenaars opgetree. In sommige gevalle het hierdie begeleiers egter ook as soliste 'n deel van die program aangebied.

5.1 Violiste

In die tydperk 1940 tot 1955 het slegs drie buitelandse violiste uitvoerings in Bloemfontein gegee - al drie binne die bestek van ses jaar. Dié drie het in daardie stadium wêreldwye populariteit geniet en hulle spel het volgens resensente meesal uitstekend vergelyk met dié van die grootste virtuose.

5.1.1 Thomas Matthews

Hierdie vooraanstaande Britse violis het op Maandag, 25 Junie 1945 sy buiging in Bloemfontein gemaak. Hy was onderweg na Singapoer om die betrekking as musiekdirekteur van Malakka te aanvaar, toe die Japannese Pearl Harbour aangeval het. Hy het toe deur Nieu-Seeland en Australië gereis. Na sy besoeke daar het hy besluit om 'n konserttoer deur Suid-Afrika te onderneem. Matthews was destyds hoog aangeskryf in Britse musiekkringe (*Die Volksblad*, 12 Junie 1945).

Hy het reeds op vyf jaar viool begin speel en op die ouderdom van nege het hy konserte begin aanbied. In daardie stadium het hy reeds in meeste van die Britse orkeste gespeel. In 1941 was hy die leier van sowel die Liverpool Filharmoniese as die Londense Filharmoniese orkes. Hy het verskeie buitelandse reise onderneem en in Finland was hy die solis in 'n uitvoering van die **Violkonsert** van Delius (*Die Volksblad*, 12 Junie 1945).

Matthews het destyds op 'n Goffrilla viool gespeel, waarvan daar toe slegs twee in die wêreld oor was (*Die Volksblad*, 12 Junie 1945).

Matthews wat deur vooraanstaande musiekkritici op gelyke voet geplaas word as meesters soos Kreisler en Menuhin, het 'n uitvoering van hoogstaande gehalte in die Stadsaal aangebied. Indrukwekkend van sy uitvoering was die groot verskeidenheid van kleur- en gevoelskakerings. Sy frasing was netjies en die pianissimo-spel was onoortreflik in suiwerheid en musikaliteit. Slegs in die hoë register was daar 'n paar onsuiver klanke. Dit is skynbaar toegeskryf aan die feit dat die violis geneig was om die hoë tone te forseer (*Die Volksblad*, 26 Junie 1945).

Sy indrukwekkende tegniek het duidelik na vore gekom in sy vertolking van die tegnies ingewikkelde **Chaconne** van J S Bach. Hierin het hy die versoeking weerstaan om in virtuose vertonerigheid te verval en het hy 'n musikale vertolking gelever. Verder op sy program was daar **La Folia** van Corelli waarmee hy die gehoor met sy suiwer spel

betower het. Die Sonate in c mineur van Grieg is met die nodige vuur en hartstog uitgevoer (*Die Volksblad*, 26 Junie 1945).

Na pouse het hy Delius se Sonate nr 2 voorgedra. Die Rondo van Mozart het 'n gunstige indruk op die gehoor gemaak. Hier het die violis soepele spel openbaar. 'n Lied ohne Worte van Mendelssohn was ook op die program en moes op aanvraag van die gehoor herhaal word. As toegifte het Matthews die Caprice Viennois van Kreisler en die stadige deel van die Violkonsert van Brahms voorgedra. Die begeleiding is op simpatieke wyse deur Ashley Hartley waargeneem (*Die Volksblad*, 26 Junie 1945; Program, 25 Junie 1945).

5.1.2 Anna Tischauer

Tischauer is in Silesië gebore en het haar opleiding aan die Berlynse Akademie vir Musiek ontvang. Sy het vir baie jare in Berlyn onderrig gegee, opnames vir uitsaaidoeleindes gemaak en gereeld viooluitvoerings gelewer. Sy en haar man het hulle later in die destydse Lourenco Marques (nou Maputo) gevestig en later na Johannesburg verhuis waar sy konserte vir liefdadigheid gehou het (*The Friend*, 13 Maart 1946).

Hierdie begaafde oorsese violiste het op 13 Maart 1946 in Bloemfontein opgetree. Haar konsert het in die Clarendonsaal onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. Volgens die resensent was dit duidelik dat Anna

Tischauer oor 'n deeglike kennis van vioolspel beskik het. Sy het veral in die forte-gedeeltes 'n mooi resonante klank op die viool voortgebring. Kritiek teen haar spel was dat dit nie deurgaans suiwer was nie, veral in dubbelgrepe (*Die Volksblad*, 14 Maart 1946).

Uit die samestelling van haar program is dit duidelik dat Tischauer 'n voorkeur aan werke gegee het wat in die meeste gevalle in die publiek se smaak sou val. Oorbekende komposisies het op die program verskyn. Die eerste twee werke was 'n **Romantiese stuk** en **Slawiese Dans** van Dvorák. In hierdie twee werke het sy 'n mooi toonkwaliteit verkry en ook die nodige atmosfeer in die tweede werk. Die **Rondino** van Beethoven-Kreisler en **Romanse in G majeur** van Beethoven is netjies voorgedra (*Die Volksblad*, 14 Maart 1946).

Uit bogenoemde resensie is dit duidelik dat die hoofwerk op haar program nie aan die vereistes voldoen het nie. In die **Sonate vir viool en klavier in A majeur** van César Franck is die violiste deur Aubrey Karstel op die klavier bygestaan. Volgens die resensent was die begeleiding nie altyd na wense nie en verder was die samespel nie bevredigend nie. Hierdie tekortkominge kon waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die twee kunstenaars nie voldoende tyd gehad het om saam te repeteer nie. Verder op die program was daar 'n **Voorspel en Gavotte** van Bach, die **Humoresque** van

Dvorák en die Minuet van Padarewski. In hierdie werke het die violiste weer eens getoon dat sy 'n baie begaafde kunstenaar is. Haar optrede was die tweede konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging vir 1946.

5.1.3 Leo Cherniavsky

Leo Cherniavsky wat op 20 Augustus 1890 in Kiev gebore is, is een van vier kinders. Hul vader was 'n beroemde musiekpedagoog in Odessa. Die gesin het in 1904 na Wenen verhuis en hulle later in 1906 in Londen gevestig. Voordat hulle Bloemfontein vir die eerste keer in 1908 besoek het, het hulle reeds in hul geboorteland, Rusland, asook in Europa en in Groot Brittanje bekendheid verwerf (Human, 1976, p. 376).

Die Cherniavsky-trio, bestaande uit Leo, Jan en Michail se Bloemfonteinse debuut was op 5 en 6 Junie 1908 in die Grand-teater. 'n Volgende uitvoering het op 10 Julie 1909 plaasgevind. Hierdie trio het ook konsertreise na Kanada, die V S A en Australië onderneem. In 1918 het hulle Bloemfontein weer eens besoek en 'n uitvoering gegee (Human, 1976, pp. 375 en 377).

Leo en sy jonger broer Alexander (later pianis van die bekende Cherniavsky-trio) het saam op 9 Februarie 1940 'n violuitvoering in Bloemfontein aangebied. Hulle uitvoering is deur die Bloemfonteinse Musiekklub georganiseer en het in die saal van die St Michael Meisieskool plaasgevind (*Die Volksblad*, 10 Februarie 1940).

Hulle het by uitstek 'n populêre program aangebied. Die program het begin met die bekende **Duiwelstriller-sonate in g mineur** van Tartini. Reg van die begin af het die violis die geleentheid gehad om sy briljante tegniek ten toon te stel. In Bruch se **Violkonsert in g mineur** het hy getoon dat hy nie net oor die tegniek beskik het nie, maar ook oor die nodige musikale insig. Die adagio-gedeelte van hierdie werk is met diepe gevoel vertolk. Na pouse het hy 'n mooi vertolking van Schubert se **Ave Maria** gegee. In die **Spaanse Dans** van Sarasate is die wisselende dansstemminge byna sigbaar weergegee. 'n **Fantasie op wysies uit Carmen** ook van Sarasate was besonder gewild by die publiek. Hy moes nie minder as vier toegifte speel voordat die gehoor tevrede was. Alexander Cherniavsky het die begeleiding op meesterlike wyse behartig (*Die Volksblad*, 10 Februarie 1940).

5.2 Pianiste

Van die grootste klavier-virtuose van alle tye het op een of ander tyd hulle buiging in Suid-Afrika en meer spesifiek in Bloemfontein, gemaak.

5.2.1 Stanislas Niedzielski

Hierdie Poolse pianis wat Bloemfontein in Augustus 1941 besoek het is in Milanowek, naby Warskou, gebore wat ongeveer 15 kilometer vanaf Zelazowa Wola geleë is. Laasgenoemde is die plek waar Chopin gebore is (*Die Volksblad*, 21 Augustus 1941).

Hy het klavier begin speel op die ouderdom van ses, maar nie in die openbaar opgetree voordat hy sestien geword het nie (Program, [s.a.]).

Sy heel eerste konsert was in Londen. Een van sy leermeesters, Padarewski, was besonder beïndruk met Niedzielski se talent. Niedzielski het ook in Warskou onder Joseph Sliwinski gestudeer, 'n beroemde pianis van sy tyd. Niedzielski het talle uitvoerings saam met die Simfonieorkes van die Britse Uitsaaidiens onder leiding van Percy Pitt gegee en het ook later saam met die dirigent, Adrian Bolt, in talle konserte opgetree (Program, [s.a.]).

Niedzielski was hoofsaaklik bekend as 'n vertolker van Chopin se klaviermusiek. 'n Beroemde Paryse kritikus het soos volg oor Niedzielski geskryf: "This still unknown young pianist deserves a place of honour among the greatest Chopin interpreters." (Program, [s.a.]).

In 1938 is die Golden Cross of Merit aan Niedzielski oorhandig, ten spyte van sy jeugdige ouderdom. Dit is die hoogste eer wat aan iemand bewys is vir prestasies op kulturele en artistieke terreine in Pole (Program, [s.a.]).

In 1948 het Niedzielski almal verras toe hy weer op een van sy konsertreise vertrek het met 'n motor en 'n sleepwa om sy eie klavier te vervoer. Dit was 'n Gaveau-konsertvleuel wat in Frankryk gebou is. Niedzielski het besluit om sy eie

klavier saam te neem omdat die klaviere in Europa in 'n baie slegte toestand was ná die oorlog. 'n Ander rede was dat 'n voordraer baie beter speel op 'n instrument waaraan hy gewoond is. Hy kon dus al sy aandag aan interpretasie skenk (Program, [s.a.]).

In *Die Volksblad* van 22 Augustus 1941 word melding gemaak dat hy tydens die destydse oorlog 'n uitgebreide konsertreis deur Europa met groot sukses onderneem het. Hy het onder andere in Duitsland, Engeland, Frankryk, Italië, Spanje, Portugal en Holland opgetree (*Die Volksblad*, 28 Augustus 1941). Musiekkritici van Parys het onder meer gesê: "His success surpasses imagination", Londen: "An outstanding pianist", Madrid: "A most beloved pianist", Rome: "One of the greatest" en Berlyn: "A master pianist" (*The Friend*, 26 Augustus 1941). Dit was die derde keer dat Niedzielski in Bloemfontein opgetree het. Sy vorige optrede was op 'n baie jeugdige ouderdom op 5 Maart 1935. By dié geleentheid het hy die program gedeel met die sanger, Peter Dawson. Niedzielski het 'n tweede keer in Bloemfontein opgetree, en wel in 'n solo-konsert (*Die Volksblad*, 28 Augustus 1941).

In die jare 1940 tot 1955 het Niedzielski altesaam drie uitvoerings in Bloemfontein aangebied. Sy uitvoerings het op 27 Augustus 1941, 8 Junie 1942 en 21 Junie 1948 in die Stadsaal plaasgevind. Sy konserte is in die meeste gevalle deur die Cherniavsky Concert Bureau moontlik gemaak (*Die Volksblad*, 28 Augustus 1941, 1,3, en 6 Junie 1942 en 11 en 16 Junie 1948).

Die Volksblad van 28 Augustus 1941 berig soos volg oor Niedzielski se uitvoering wat hy as geheel aan werke van Chopin gewy het: "Dit is 'n seldsaamheid in die musieklewe van Suid-Afrika om 'n konsert aan een enkele komponis te wy, maar 'n virtuoos soos Niedzielski hou met die grootste gemak 'n gehoor wat tog lank nie almal uit kenners bestaan nie, die hele aand geboei. Hy speel nie alleen met sy hande nie, maar ook sy kophouding en selfs sy rompstand werk as't ware mee in 'n dramatiese onderstreping van die tema. Aan 'n magistrale beheersing van die klaviertegniek paar hy die heerlikste aanslag, van fluwelig-sag in die smeltende sangerigheid van die *Berceuse* en mollig-rond in die rollende akkoorde van die *Fantaisie-Impromptu* of die eerste *Ballade opus 23 nr 1 in g mineur*, tot vurig-energiek in die magtig aanswellende bewegings van die *Sonate opus 35 in b-mol mineur*."

Volgens dieselfde resensie in *Die Volksblad* en die resensie in *The Friend* (28 Augustus 1941) was die sonate ongetwyfeld die hoogtepunt van die konsert: "Onder sy vingers het die oorbekende *Dodemars* wat die derde beweging uitmaak, 'n orkestrale rykdom aangeneem waarteen ons orreluitvoerings voortaan sal afsteek." Verder het hy ook vier toegifte gespeel, onder andere twee *Etudes* van Chopin, die tweede *Hongaarse Rapsodie* van Liszt en die *Sequidilla* van Albéniz.

Niedzielski kon vanweë die oorlogsomstandighede nie na Australië terugkeer nie en gelukkig vir die Bloemfonteinse publiek het hy besluit om weer 'n uitvoering in Bloemfontein te gee. Sy nuutsaamgestelde program vir hierdie uitvoering het 'n *Sonate*

van Haydn, die **Waldsteinsonate opus 53 in C majeur** van Beethoven, 'n aantal Chopin-**preludes** en twee **Spaanse danse** van Manuel de Falla ingesluit (*Die Volksblad*, 28 Mei, 1, 3, 6 en 8 Junie 1942).

Die feit dat die Stadsaal weer eens volgepak was, was 'n duidelike aanduiding dat dié pianis werklik beroemd en bemind onder die publiek van Bloemfontein was (*Die Volksblad*, 9 Junie 1942).

In sy uitvoering van die **Waldsteinsonate** het Niedzielski dadelik getoon dat hy nie alleen tuis was met die werke van Chopin nie, maar dat hy wel werke van ander komponiste met groot sukses kon uitvoer. Hierdie werk was ongetwyfeld die hoogtepunt van sy uitvoering. In Ravel se **Alborada del Gracioso** het die pianis weer eens die geleentheid gehad om sy briljante tegniek te vertoon. Hierna het 'n Prelude van Debussy gevolg, **La Cathédrale engloutie**. Hy lewer hierdie keer weer 'n artistiek afgeronde program wat met groot geesdrif deur die gehoor ontvang is (*Die Volksblad*, 9 Junie 1942).

'n Kleinerige gehoor het in 1948 na die verfynde en elegante spel van hierdie kunstenaar gaan luister. Afgesien van die toegifte wat Niedzielski gespeel het, het sy hele program soos by sy konsert van 1941, slegs uit werke van Chopin bestaan. In die resensie is hy weer bekryf as die ideale vertolker van Chopin se klaviermusiek. Met sy liriese aanslag en beweeglike styl het hy reg aan Chopin se werke laat geskied. Besonder opvallend

was sy ritmiese rotasie-beweging en sy fluweelsagte aanslag. Afgesien van 'n misverstand wat die programme betref, en wat meeste van die luisteraars in die duister gelaat het, het hy 'n puik uitvoering van Chopin se Preludes en Walse gegee. Die verskillende stukke is elk met die gepaste atmosfeer uitgevoer en die luisteraar is nader gebring aan Chopin se psigies-romantiese belewinge. Die Walse is met buitengewone begrip en musikale insig vertolk. Die stemmingsoorgange is kunstig gehanteer. As toegifte het Niedzielski Liszt se Hongaarse Rapsodie nr 2 en die Sequidilla van Albéniz gespeel. Hy het sy program afgesluit met 'n meesterlike vertolking van een van die Etudes van Chopin. Volgens die resensent het Niedzielski se Gaveau-vleuelklavier nie aan die verwagtinge voldoen wat 'n sangerige toon betref nie, alhoewel dit oor 'n innige en gebalanseerde klankkwaliteit beskik het (*Die Volksblad*, 22 Junie 1948).

5.2.2 Prina Saltzman

In Mei 1944 het 'n jong Palestynse pianiste Bloemfontein besoek. Haar naam is Prina Saltzman. Die feit dat sy deur Alfred Cortot "ontdek" is, was genoegsame bewys van die bekwaamheid van dié twintigjarige kunstenaar. Sy het reeds in 1939 saam met die Palestynse orkes as solis opgetree. Dié orkes is destyds beskou as een van die drie beste orkeste in die wêreld (*Die Volksblad*, 10 en 13 Mei 1944).

Die besoek van die pianiste is destyds as 'n baie seldsame gebeurtenis beskou, sowel as 'n besondere voorreg omdat haar besoek gedurende 'n tydperk plaasgevind het wat nie baie gunstig vir die verskyning van internasionale kunstenaars was nie. Die program wat sy aangebied het, was van so 'n aard dat dit vir die minder musikaal-geskoolde ook toeganklik was. In haar uitvoering het sy getoon dat sy tegnies volkome in beheer van die instrument is en enige werk met gemak sou kon hanteer (*Die Volksblad*, 22 Mei 1944).

Sy het haar uitvoering geopen met 3 **Sonates** van Scarlatti. Daarna het 'n **Spaanse dans** van Albéniz gevolg. Die hoogtepunt van haar uitvoering was egter die **Carnival** van Schumann. Met haar vertolking van hierdie werk, het sy werklik haar talent en musikale vernuf getoon. Die tweede helfte van haar program het uit werke van Chopin bestaan. Sy het die **Barcarolle opus 60 in F-kruis majeure**, een **Nokturne** en een van die **Ballades** meesterlik uitgevoer. Aan die einde van haar uitvoering het sy drie toegifte gespeel wat 'n **Rondo** van Mozart ingesluit het wat werklik groot genot aan die gehoor verskaf het. Die resensent het ook gemeld dat Saltzman in dieselfde asem as dié van die groot kunstenaars genoem kon word (*Die Volksblad*, 22 Mei 1944).

5.2.3 Ella Goldstein

Ella Goldstein se vader en moeder was uitstekende musici wat albei hul musiekopleiding in St Petersburg (Leningrad) ontvang het. Prof Goldstein het vioolonderrig van Leopold

Auer ontvang, wat ook vir Heifetz en Elman onderrig het. Verder het hy komposisieonderrig van Rimski-Korsakoff ontvang. Prof Goldstein was een van die direkteure van die Moskou Akademie vir Musiek, maar het later na Palestina verhuis waar hy bekendheid as dirigent verwerf het. Ella se moeder het oral in Europa klavieruitvoerings gegee. Sy het ook saam met haar man en dogter opgetree (*The Friend*, 18 Oktober 1944).

Goldstein is in 1927 in Harbin, China gebore. Haar vroegste onderrig het sy van haar ouers ontvang. Haar eerste openbare optrede het op die ouderdom van nege plaasgevind. Op elfjarige ouderdom het die gesin na Palestina verhuis waar haar eerste uitvoering in Tel Aviv slegs positiewe kommentaar uitgelok het. In Holland het sy onderrig van Alexander Barovsky ontvang en het later aan die Amsterdamse Akademie vir Musiek haar kursus met groot sukses voltooi. Sy was ook 'n gereelde soliste saam met die Palestynse Simfonieorkes. Afgesien van haar talent as musikus, was sy ook drie tale magtig, naamlik Russies, Hollands en Hebreeus. Sy het ook 'n redelik goeie kennis van Engels, Frans en Duits gehad (*The Friend*, 18 Oktober 1944).

Op 19 Oktober 1944 het dié jeugdige pianiste 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Haar optrede het onder die beskerming van African Consolidated Theatres plaasgevind. Hierdie kunstenaar was maar slegs sewentien jaar oud toe sy in Bloemfontein opgetree het (*Die Volksblad*, 9 Oktober 1944).

Ella Goldstein se verskyning in Suid-Afrika is voorafgegaan deur 'n groot reklame-veldtog. Dit het skynbaar die publiek en kenners op die gebied van musiek agterdogtig gemaak oor haar werklike talent en bekwaamheid. Na haar skitterende uitvoering in die Stadsaal het sy egter al die lof verdien. Sy het getoon dat sy oor 'n merkwaardige vingertegniek beskik en op grond daarvan kon sy alreeds as virtuoos bestempel word. 'n Interessante program is aangebied wat genoeg ruimte gelaat het om haar vingervaardigheid en meesterlike tegniek te vertoon. Melding word egter gemaak van die mate van onvolwassenheid ten opsigte van haar interpretasie (*Die Volksblad*, 20 Oktober 1944).

Sy het die volgende werke uitgevoer:

Bach-Busoni: Chaconne in d

Schumann: Carnival

Chopin: Ballade opus 47 nr 3 in A-mol majeyr

Andante Spianato en Polonaise Brillante opus 22

Granados: Andaluza

De Falla: Vuurdans

Albéniz: Sevilla

Liszt: La Campanella

Die **Chaconne** is stemmingsryk en met treffende kontraste uitgevoer. Die **Carnival** van Schumann is korrek weergegee maar die diepere inlewing en die juiste aanvoeling van

die wisselende stemminge het hier en daar ontbreek. Dieselfde het gegeld by die uitvoering van die werke van Chopin. Die *Andaluza* van Granados is goed gespeel. Soms was die voordrag effens oninteressant. Die *Vuurdans* van De Falla, sowel die *Sevilla* van Albéniz, is met oortuiging weergegee. Die laaste item op die program was ongetwyfeld die hoogtepunt van haar uitvoering. Die feit dat so 'n jong pianiste die *La Campanella* van Liszt in haar program ingesluit het, is 'n bewys van die standaard van haar spel. Hoewel effens versigtig, het Ella Goldstein se vertolking van hierdie werk die hele gehoor geweldig beïndruk. Sy het ook vier toegifte gespeel wat nogmaals getuig het van haar wonderlike tegniek en buitengewone geheue, as in ag geneem word dat sy haar hele program gememoriseer het (*Die Volksblad*, 20 Oktober 1944).

5.2.4 Georges Théméli

Hy het aanvanklik in Kaïro studeer en is later na die National Conservatoire in Parys. Hy was die heel eerste blinde pianis wat toelating tot daardie Konservatorium verkry het. Op die jeugdige ouderdom van tien het Théméli sy eerste openbare uitvoering gegee en op dertien het hy die *Klavierkonsert opus 16 in a mineur* van Grieg saam met 'n orkes gespeel (*Die Volksblad*, 11 Februarie 1946).

Tydens sy deelname aan 'n klavierkompetisie in 1936 het hy die eerste prys verower. Kritici het hom as die "onbetwisde koning" van die kompetisie beskou. Die vernaamste kritici in Frankryk het hom op sensasionele wyse opgehemel. Hy het reeds in daardie tyd saam met van die grootste simfonieorkeste in Parys opgetree en veral bekendheid in

Europa, Egipte, Palestina en Sirië verwerf (*Die Volksblad*, 11 Februarie 1946). Théméli het in die jare 1940 tot 1955 twee keer in Bloemfontein opgetree. Beide sy konserte het in 1946 plaasgevind. Die afleiding word gemaak dat hierdie konserte heel waarskynlik tydens dieselfde konsertreis plaasgevind het. Sy eerste uitvoering het op 15 Februarie 1946 in die Stadsaal plaasgevind en die tweede op 14 Maart 1946, ook in die Stadsaal (*Die Volksblad*, 9 Februarie en 7 en 9 Maart 1946).

Théméli het die volgende twee programme aangebied:

- 15 Februarie: Mozart: Sonate in A majeur
- Beethoven: Sonate opus 53 in C majeur
- Liszt: Valse Oubliée
- Funérailles
- Chopin: 3 Studies
- Nokturne nr 1
- Polonaise in A-mol majeur
- 14 Maart: Bach: Chromatiese Fantasie en Fuga
- Beethoven: Sonate opus 57 in f mineur
- Chopin: Studies opus 25 nrs 1, 2 en 3
- Nokturne in B-mol majeur
- Wals in c-kruis mineur
- Albéniz: Sevilla
- Granados: Spaanse dans nr 2
- De Falla: Vuurdans

'n Eienaardige verskynsel was dat die program van die eerste konsert nooit aangebied is nie, maar dat 'n program wat alleenlik uit werke van Chopin bestaan het, uitgevoer is. Alhoewel kritiek uitgespreek is vanweë die feit dat slegs werke van een komponis uitgevoer is, het Théméli oor die algemeen positiewe kommentaar ontvang. Hy is beskryf as 'n kunstenaar "tot aan die punte van sy vingers". Verder is daar melding gemaak van sy klankproduksie en klankbeheer. Hy kon skynbaar die kleinste klankie, sowel as die grootste fortissimo met die grootste gemak produseer. Kritiek was dat sy vertolking nie altyd van simpatieke inlewing en suiwer emosionele aanvoeling getuig het nie (*Die Volksblad*, 16 Februarie en 9 Maart 1946).

Werke wat wel op sy eerste program verskyn het, was die **Ballade in A-mol majeur**, **Sonate in b mineur**, twee **Studies**, **Barcarolle opus 60 in F-kruis majeur**, **Nokturne in F-kruis majeur** en die **Polonaise in A-mol majeur**. In die resensie wat na afloop van die konsert in *Die Volksblad* van 16 Februarie 1946 verskyn het, het sy spel in die meeste gevalle slegs voortreflike kommentaar uitgelok. As toegifte het hy 'n **Berceuse** en 'n **Wals**, albei van Chopin gespeel.

Die resensie in *Die Volksblad* van 15 Maart 1946 is van so aard dat 'n mens nie werklik kon agterkom hoe Théméli gespeel het nie. Wat wel genoem word is dat hy vyf toegifte moes speel nadat die gehoor eenvoudig net nie wou ophou met die applous nie. Hieruit kan wel die afleiding gemaak word dat die pianis se tweede uitvoering in Bloemfontein waarskynlik hoogs geslaagd was. Die resensie wat in *The Friend* (16 Maart 1946)

verskyn het, het meer duidelikheid oor dié uitvoering gegee. Hy het die **Chromatiese Fantasia en Fuga** (Bach) met die ingewikkelde kontrapuntale skryfstyl in die **Fuga** baie goed verstaan. "A noble work worthily executed." Die **Sonate opus 57 in f mineur** (Beethoven) is met sensitiwiteit en 'n delikate aanvoeling uitgevoer. Dit was veral die tweede deel wat werklik getref het. Die werke van Chopin is puik uitgevoer, alhoewel die pinkie-note nie altyd baie duidelik hoorbaar was nie. Volgens die resensent was die werke van die Spaanse komponiste nie 'n sukses nie. In **Vuurdans** (De Falla), **Spaanse dans nr 2** (Granados) en **Sevilla** (Albéniz) het die ritmiese aanvoeling ontbreek. Ten slotte het die resensent die opmerking gemaak dat dit 'n artistieke uitvoering was, maar dat sy (Mary Rousseau) hom graag sou wou hoor wanneer hy die werke van Impressionistiese komponiste, soos Debussy, uitvoer.

Uit die bostaande programme en resensies is dit duidelik dat te midde van sy blindheid, Théméli beslis 'n buitengewone talentvolle pianis moes gewees het. In beide gevalle het hy 'n hoogs ingewikkelde en veeleisende program met 'n groot mate van sukses aangebied.

5.2.5 Alexis Weissenberg

Beriggewing dat hierdie begaafde pianis Bloemfontein sou besoek, het vir die eerste keer in *Die Volksblad* van 24 Julie 1946 verskyn. Sy besoek aan Bloemfontein is

moontlik gemaak deur African Consolidated Theatres. Die konsert van hierdie sestienjarige pianis het op 6 Augustus 1946 in die Stadsaal plaasgevind.

Alexis (Sigismond) Weissenberg is op 26 Julie 1929 in Sofia gebore (Kennedy, 1980, p. 703). Reeds op jeugdige ouderdom het hierdie Bulgaarse pianis bekendheid in die buiteland verwerf. Hy het op die ouderdom van drie vir sy eie genot die klavier begin bespeel en reeds op vyf in sy eerste konsert opgetree. Voordat hy Bulgarye tydens die oorlog verlaat het, het hy 'n uitvoering voor die koningin van Sofia gegee. In 1944 het hy 'n solokonsert in Tel Aviv gelewer. Hy het in 1945 saam met die groot Palestynse Simfonieorkes opgetree en gou as solis bekendheid verwerf (*Die Volksblad*, 2 Augustus 1946).

Sy moeder was aanvanklik vir sy klavieronderrig verantwoordelik, maar hy het reeds op vroeë leeftyd onderrig van Europese meesters soos Ben Sussan en Panco Wladigeroff ontvang (*Die Volksblad*, 2 Augustus 1946). In 1946 het hy by die Juilliard skool in New York onder Samarov gestudeer en in 1947 het hy sy debuut saam met die New Yorkse Filharmoniese orkes gemaak. Hy het ook 'n aantal pryse in kompetisies verower (Kennedy, 1980, p. 703). Wat so uitsonderlik van hierdie begaafde pianis is, is dat hy net so tuis met klassieke musiek as met moderne musiek was. Hy was ook 'n groot liefhebber van jazz (*Die Volksblad*, 2 Augustus 1946).

Volgens die resensie wat in *Die Volksblad* (7 Augustus 1946) verskyn het, was Sigismond Weissenberg 'n meester op die klavier. Hy word beskryf as 'n pianis wat

destyds reeds oor die meeste eienskappe beskik het om van hom 'n gevierde kunstenaar te maak. Volgens die resensent hierdie pianis oor 'n skitterende tegniek beskik, maar sy vertolking word beskryf as oppervlakkig en soms onvolwasse. In die eerste item op sy program, naamlik die **Sonate in A majeur KV 331** van Mozart het die fyn afronding nog ontbreek en ook die delikate spel wat in 'n Mozart-werk verwag word. In die meeste liriese passasies was die spel te gewigtig en verbeeldingloos.

Verder in die resensie is dit duidelik dat die kunstenaar hom meer kon uitleef in die minder besadigde werke. Hy het al die Chopin-werke met groot sukses uitgevoer. In die **Nokturne in D-mol majeur** (Chopin) het die nuanseringe ontbreek. In die werke van Debussy wat hy voorgedra het, het die nodige stemmingselement, wat so belangrik by impressionistiese werke is, agterweë gebly. Die twee werke was **Clair de Lune** en **Jardins sous la pluie**. Die **Nokturne** vir die linkerhand en **Studie in d-kruis mineur** van Skriabin is indrukwekkend vertolk. Spel van hoogstaande gehalte is ook in sy uitvoering van Albéniz se **La Vie Brève** gelewer. Hierdie uitvoering was ryk aan klankkleur en die ritmiese inslag was duidelik. Sy weergawe van Liszt se **Rapsodie nr 11** was volgens die resensent 'n verrassing. Hierdie werk is met oorgawe vertolk. Hy het 'n Liszt-Paganini-studie as een van die vele toegifte gespeel.

Tegnies het hierdie kunstenaar toe reeds groot hoogtes bereik. Sy pedaalwerk was besonder afgerond en hy het baie oordeelkundig van halfpedaal gebruik gemaak. Die resensent sluit af deur te sê dat die nodige insig en geestelike rypheid mettertyd sou volg soos wat die pianis ouer word (*Die Volksblad*, 7 Augustus 1946).

5.2.6 Loyonnet

Bloemfontein was in die gelukkige posisie om in 1946 weer na die klavierspel van 'n wêreldkunstenaar te luister. Loyonnet het soos Théméli, kort na mekaar twee uitvoerings in Bloemfontein gegee. Sy konserte het op 13 Augustus en 24 September 1946 in die Stadsaal plaasgevind. Sy optrede in Bloemfontein is deur die Solly Aronowsky Konsertburo moontlik gemaak (*Die Volksblad*, 14 Augustus en 12, 16 en 23 September 1946).

Die kritikus van *The Star* het soos volg oor Loyonnet geskryf: "Loyonnet is ongetwyfeld 'n meester in die ware sin van die woord. Loyonnet is 'n groot kunstenaar en daar word met groot belang na sy volgende uitvoering uitgesien." (*Die Volksblad*, 31 Julie en 12 Augustus 1946).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 14 Augustus 1946 was dit die swakste gehoor vir die beste kunstenaar wat Bloemfontein die afgelope tien jaar besoek het. Loyonnet se spel het slegs positiewe kommentaar ontvang. Loyonnet het volgens die

resensent oor 'n buitengewone talent beskik en daar was geen twyfel oor sy kunstenaarskap nie. 'n Uitstaande kenmerk was dat sy briljante spel deurgaans ondergeskik was aan die interpretasie van sy werke. Sy pianissimo-spel en verfynde vertolking was werklik indrukwekkend. Die resensent het verder gemeld dat Bloemfontein nog nooit sulke suiwer en akkurate spel gehoor het nie.

Werke wat hy tydens hierdie konsert gespeel het, sluit in **Le Tic-Toc Choc ou les Maillotins** (Couperin), **Chaconne in g mineur** (Handel), 'n **Sonate** (Scarlatti), **Les Tendres Plaintes** (Rameau), **Sonate opus 110 in A-mol majeur** (Beethoven), **Barcarolle** (Fauré), **L'Île Joyeuse** (Debussy) en twee werke van Liszt (*Die Volksblad*, 14 Augustus 1946).

Sy optrede is deur *The Friend* soos volg beskryf: "Once in a blue moon pianists, listeners and critics are jerked out of their smug compacency by an event in their midst. There comes a pianist whose playing cannot be labelled, whose master hand awakens the instrument to eager and quivering response, the audience to instant and rapt attention. Such a pianist is Loyonnet."

Die kritikus van *Die Volksblad* (14 Augustus 1946) het sy eerste uitvoering soos volg beskryf: "Loyonnet is 'n ware kunstenaar. Alle kragte behoort in werking gestel te word om hom nogeens voor 'n Bloemfonteinse, of liewers 'n Vrystaatse gehoor te laat optree. As die Stadsaal by daardie geleentheid nie stampvol is nie, mag ons Bloemfontein nie weer 'n musiekstad noem nie."

Die besondere gloed, vonk en verfynde spel wat Loyonnet se vorige uitvoering gekenmerk het, was afwesig by die uitvoering wat op 24 September 1946 plaasgevind het. In vergelyking met sy vorige uitvoering het Loyonnet dus teleurgestel. Sy buitengewone begaafdheid as kunstenaar was egter steeds opvallend. Hy kon met die grootste gemak 'n wye verskeidenheid toonskakeringe op die klavier produseer. Dit was ook jammer dat hy hom slegs op die werke van Chopin toegespits het, aangesien hy die werke van meesters soos Beethoven, Bach en Scarlatti op so 'n verruklike wyse kon vertolk. Die Sonate in b-mol mineur (Chopin) het nie aan die vereistes voldoen nie en so ook het die nodige emosie in die Polonaise in A-mol majeur (Chopin) ontbreek. Die tien studies wat hy uitgevoer het, was besonder netjies en afgerond. Die tegniese vaardigheid van die kunstenaar het hier duidelik na vore gekom. Die resensent sluit af deur die volgende te sê: "Loyonnet se spel het soms weer ongemene hoogtepunte bereik, maar..... dit was nie dieselfde kunstenaar wat 'n mens by 'n vorige geleentheid byna tot trane verteder het nie." (*Die Volksblad*, 25 September 1946).

5.2.7 Benno Moiseiwitsch

In 1947 het een van die bekendste pianiste van die twintigste eeu sy buiging in Bloemfontein gemaak. Benno Moiseiwitsch se klavieruitvoering het op 11 Julie 1947 in die Grand-teater plaasgevind. Sy konsert is moontlik gemaak deur African Consolidated Theatres. Hierdie was Moiseiwitsch se derde besoek aan Suid-Afrika (*Die Volksblad*, 26, 28 Junie en 1, 7, 10 en 11 Julie 1947).

Moiseiwitsch was een van die wêreld se konsertpianiste wat die meeste konsertreise onderneem het en sodoende ook bekendheid in baie lande verwerf het. Hy het in daardie stadium reeds tien konsertreise na die V S A en Kanada onderneem, vyf na Australië en Nieu-Seeland en drie na Japan, China, Indië en Maleisië. In Europa het hy in die meeste lande opgetree (*Die Volksblad*, 5 Julie 1947).

Moiseiwitsch is in 1890 in Odessa, Rusland gebore. Hy het sy vroegste opleiding aan die Imperiale Akademie vir Musiek ontvang en op die ouderdom van nege die Rubinstein-prys verower. Hy is later na Wenen om daar onder die vermaarde Leschetizky te studeer. Hy het sy Londense debuut op 1 Oktober 1908 gemaak en opspraak verwek soos min ander kunstenaars. Vanaf 1919 het hy verskeie konsertreise onderneem en in 1937 het hy Britse burgerskap aangeneem (*Die Volksblad*, 5 Julie 1947).

Hy het reeds vanaf die vroegste tye plaatopnames gemaak en in daardie stadium was van sy opnames al dertig jaar oud. Een van sy benoudste oomblikke het hier in Suid-Afrika plaasgevind. Sy vliegtuig was laat en toe hy in die stad land waar hy die aand 'n uitvoering moes gee, het hy dadelik na die saal gehaas en sy plek voor die klavier ingeneem. Die orkes het reeds op hom gewag. Hy was onder die indruk dat hy die **Klavierkonsert nr 4** van Beethoven moes speel. Toe die orkes egter begin, het hulle die derde konsert gespeel. Volgens Moiseiwitsch wou hy net weghardloop, maar stelselmatig het die musiek na hom teruggekom wat hy maande gelede gespeel het. Hy

moes egter baie dele improviseer, maar hy het wel die hele werk gespeel wat volgens hom met talle spanningsvolle oomblikke gepaard gegaan het (*Die Volksblad*, 5 Julie 1947).

Volgens *Die Volksblad* (12 Julie 1947) het Moiseiwitsch ten spyte van die tekortkominge van die klavier in die Grand-teater, spel van hoogstaande gehalte gelewer. Sy presiese spel en gevoelvolle vertolkings, wat hom wêreldberoemd gemaak het, het weer eens na vore gekom. Sy emosionele inlewing en tegniese vaardigheid het van die begin af 'n groot indruk gemaak. Sy pedaalgebruik was onberispelik en hiermee het hy wonderlike effekte in die eerste *Etude* van Chopin verkry.

Uit dieselfde resensie blyk dit dat hy reeds in die aanvangsitem, *Andante Capriccioso* van Mendelssohn die gehoor verras het met sy opwindende spel. Volgens die resensent was dit Mendelssohn op sy beste. Beethoven se *Waldstein* sonate opus 53 in C majeur het groot byval gevind. Kenmerkend was die briljante oktawepassasies en trioolspel. Tog was daar in hierdie uitvoering volgens die resensent nie genoeg hartstog en vurigheid wat wel in die weergawe van Giesecking aanwesig was en wat 'n sterk indruk gemaak het.

Hierna het 'n groep Chopin-werke gevolg wat met die nodige briljantheid uitgevoer is. Die *Barcarolle* opus 60 in F-kruis majeur en drie *Etudes* het elk dawerende applous ontvang. Die *Etude* in F majeur met die moeilike gebroke akkoorde is besonder

netjies uitgevoer. Die laaste item op die program was die **Tannhäuser-overture** deur Liszt verwerk. Hierdie werk wat wemel van tegniese moeilikhede is besonder goed uitgevoer. Moiseiwitsch het hier geslaag om die stuk met al sy moeilikhede en briljantheid op grootse wyse te vertolk. Die resensent meld ten laaste dat dit altyd 'n voorreg was om na 'n pianis van sy standaard te luister (*Die Volksblad*, 12 Julie 1947).

5.2.8 Dario Raucea

Dario Raucea was 'n betreklik onbekende pianis toe hy destyds 'n besoek aan Bloemfontein gebring het. Volgens kritici in die buiteland was hy skitterend en fenomenaal, maar in daardie stadium was daar alreeds so baie bekende pianiste dat die mense maar eerder eers oortuig moes word voordat hulle 'n mening uitgespreek het. Hierdie Italiaanse pianis is destyds deur Emil von Sauer beskou as die grootste pianis van die nuwe geslag. Italiaanse kritici was gaande oor sy spel. "Onder sy vingers verkry die groot instrument 'n heerlike singende toon wat slegs deur uitverkore enkelinge geskep kan word" (*Die Volksblad*, 2 April 1949).

Raucea het twee uitvoerings in 1949 in Bloemfontein aangebied wat onderskeidelik op 12 April en 4 Junie 1949 in die Stadsaal plaasgevind het. Sy besoeke aan Bloemfontein is moontlik gemaak deur Betty Larson, eggenote van Hugo Larsen, 'n bekende Deens-Australiese impressario (*Die Volksblad*, 2 en 16 April 1949).

Volgens die resensent se kommentaar in *Die Volksblad* (13 April 1949) was Raucea se eerste uitvoering een van die bestes wat nog in Bloemfontein gehoor is. Al die publisiteit wat sy besoek voorafgegaan het, was geregverdig, en sy uitvoerings het ook die publiek se hoogste verwagtinge oortref. In sy spel was daar 'n seldsame kombinasie van 'n tegniese virtuoos wat terselfdertyd 'n innige vertolking kon lewer. Sy verfynde en afgeronde spel het herinner aan dié van Loyonnet op sy beste, maar wat tegniese vaardigheid betref, het Raucea al die pianiste wat Bloemfontein die afgelope tien jaar besoek het, oortref.

Sy program van 12 April het uit die volgende werke bestaan:

Bach-Busoni:	Tokkate en Fuga in d mineur
Chopin:	Ballades 1, 2, 3 en 4
Casella:	Tokkate
Debussy:	Jardin sous la pluie
Ravel:	Jeux d'Eau
Liszt:	Liebestraum
Paganini-Liszt:	La Campanella

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (13 April 1949) was dit teleurstellend dat daar so min belangstelling by die publiek was.

Soos dit die geval was by Loyonnet se uitvoerings 'n paar jaar gelede toe sy tweede

konsert in baie opsigte 'n anti-klimaks was, het Raucea se tweede uitvoering dieselfde gevaar geloop. Hy het egter getoon dat hy 'n skitterende pianis was en het veral in die tweede helfte buitengewone goeie spel gelewer. Raucea se konsert het heelwat later as wat beplan is 'n aanvang geneem en die ongeduld en kieweligheid was in die eerste helfte duidelik in sy spel merkbaar. Volgens die resensent het hy skaars 'n verposing tussen die verskillende werke toegelaat. Hy het egter genoeg tyd gehad om die tweede helfte van sy program op sy tyd af te handel en het met oorgawe gespeel (*Die Volksblad*, 6 Junie 1949).

Een van die werke wat hy met soveel gemak en oorgawe uitgevoer het, was die **Tokkate** van Saint-Saëns. Volgens Raucea was dit een van die moeilikste komposisies wat hy al gespeel het. Die **Sonate opus 57 in f mineur** (Beethoven) het hy op meesterlike wyse voorgedra. Ander werke wat 'n gunstige indruk gemaak het was **Die Meisie en die Nagtegaal** (Granados), **Le Tic-Toc Choc ou les Maillotins** (Couperin), **Tokkate in C majeur** (Bach-Busoni) en die **Andante Spianato en Polonaise in E-mol majeur** (Chopin) (*Die Volksblad*, 6 Junie 1949).

Ten spyte van al die ongunstige omstandighede het die pianis getoon dat hy beslis as een van die bestes gereken moet word (*Die Volksblad*, 6 Junie 1949).

5.2.9 Lili Kraus

Hierdie pianiste wat in musiekkringe as een van die mees uitstaande vertolkers van die

musiek van Mozart beskou word, het op 22 Junie 1950 'n uitvoering in die Bloemfonteinse Stadsaal gegee. Sy is op 4 Maart 1908 in Boedapest gebore. Op die vroeë ouderdom van sewentien het sy die hoogste kwalifikasies van die Koninklike Akademie in Boedapest ontvang. Haar leermeesters was onder andere Kodály en Bartók. Sy het haar studies in Wenen onder Steuermann voortgesit en op twintigjarige leeftyd is sy as professor by die Konservatorium vir Musiek in Wenen aangestel (*Die Volksblad*, 6, 8 en 13 Junie 1950; Malan, 1984, p. 122).

Voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Lili Kraus baie gou beroemdheid as konsertpianiste verwerf, en saam met van die bekendste orkeste in die wêreld opgetree. Stede waar sy opgetree het, sluit in New York, Moskou, San Francisco, Oslo, Tokio, Stockholm, Glasgow, Melbourne, Den Haag en Parys. Haar groot belangstelling in musiekonderrig het haar laat besluit om 'n aanstelling in Kaapstad te aanvaar. Sy was in daardie stadium reeds twee jaar verbonde aan die Musiekskool in Kaapstad waar sy professor in klavier was. Studente wat by haar onderrig ontvang het, sluit in Manuel Villet en Neil Solomon. Sy het Suid-Afrika teen die einde van 1950 verlaat (*Die Volksblad*, 3 Junie 1950; *The Friend*, 3 November 1950; Malan, 1984, pp. 122-123).

Lili Kraus se uitvoering is as 'n artistieke triomf beskryf. Die resensent van *Die Volksblad* (23 Junie 1950) se beskrywing van haar spel was soos volg: "Haar benadering van elke komposisie was so verrassend suiwer en oorspronklik dat dit soms gevoel het asof 'n mens vir die eerste keer met die werklike komponiste kennis maak

het. Daar was grasia en gemak, 'n intieme opregtheid wat elke werk 'n bron van diepe geluk gemaak het." Sy het uitstaande spel in die **Sonate in a mineur** (Mozart) en **Sonate in e mineur** (Haydn) gelewer. Die **Sonate in E majeur** (Beethoven) het sy skitterend uitgevoer en so ook die **Chromatiesese Fantasia en Fuga** (Bach). In die laasgenoemde werk het sy daarin geslaag om die kontrapuntale skryfwyse van die **Fuga** duidelik na vore te bring. Sy het ook 'n interessante weergawe van die **Volksdansen** van Bartók gelewer en haar program het sy met die **Fantasia in c mineur** (Schubert) afgesluit. Hierdie monumentale werk stel hoë eise aan die kunstenaar en Lili Kraus het 'n uitstaande vertolking gelewer. Die resensent het sy kommentaar met hierdie woorde afgesluit: "die besoekende pianiste wat oortuig het dat sy saam met die beste meesters van die klavierspel in die wêreld kan optree."

5.2.10 Louis Kentner

Hierdie Hongaarse pianis van wêreldformaat het op 5 September 1951 sy eerste klavieruitvoering in die Bloemfonteinse Stadsaal gegee. Kentner is in 1905 in Karvinna, Hongarye gebore. Hy het sy opleiding aan die Liszt Akademie in Budapest ontvang, met leermeesters soos Székely en Kodály. Hy het spoedig deur die hele Europa beroemdheid verwerf en later deur die ganse wêreld. Hy het bekend geword vir sy uitvoerings van al 48 **Preludes en Fugas** van Bach, al 32 **Klaviersonates** van Beethoven, al die werke van Chopin en die 10 **Klaviersonates** van Schubert. Verder was hy ook bekend vir sy vertolkings van die werke van Liszt en Brahms (*Die Volksblad*, 18 Augustus 1951; Kennedy, 1980, p. 342).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 6 September 1951 het dit reeds telke male gebeur dat 'n mens na 'n uitvoering deur 'n vooraanstaande kunstenaar, wat alleenlik deur plaatopnames bekend was, gaan luister het, en dan dikwels teleurgesteld was na afloop van die uitvoering. Die kommentaar op die spel van Kentner was soos volg: "Daarom was dit besonder verblydend om te vind dat Louis Kentner, wat gisteraand voor 'n betreklik leë Satsaal opgetree het, nog niks verloor het van daardie gawes wat hom nog steeds 'n reus onder instrumentaliste maak nie." Deur sy hele konsert het hy 'n verstommende tegniek openbaar en sonder enige inspanning of moeite die gehoor na die hoogste hoogtepunte van gevoel meegevoer.

Werke wat hy tydens sy eerste uitvoering gespeel het, het ingesluit: die **Sonate opus 13 in c mineur** (Beethoven), die vier **Ballades** (Chopin), **La Leggerezza** en **Feux Follets** (Liszt) en **Variasies op 'n tema van Paganini** (Brahms). As toegifte het Kentner **La Campanella** (Liszt) en die **Wals opus 64 nr 1 in D-mol majeur** (Chopin) gespeel, wat volgens die resensent nie maklik vergeet sou word nie (*Die Volksblad*, 6 September 1951).

Op 30 Junie 1955 het hierdie talentvolle virtuoos sy tweede uitvoering in Bloemfontein gelewer. Sy konsert het onder die beskerming van die Administrateurpaar, mnr en mev J J Fouché en die Burgemeester en sy gade, mnr en mev A Hudson, in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 14 en 28 Junie 1955).

Volgens die resensie van *Die Volksblad* (1 Julie 1955) het Kentner in die eerste helfte met tye lusteloos voorgekom. Sy spel is as onpersoonlik en te nugter beskryf. Die resensie in *The Friend* (1 Julie 1955) daarenteen het dit moeilik gevind om kritiek uit te spreek. Albei resensente het sy keuse van Liszt-werke gekritiseer as nie baie diepsinnig nie, maar het hom geprys vir die skitterende wyse waarop dit uitgevoer is. Hy het werklik getoon dat hy oor 'n uitstekende tegniek beskik in die **Elegie nr 2, Grand Galop Chromatique en Stukke in Hongaarse styl.**

Die **Capriccio in B-mol majeur** (Bach-Busoni) is volgens beide resensente miskien te nugter aangebied. Ravel se **Gaspard de le Nuit** is bo verwagting met uitstekende aanvoeling gespeel, aangesien Kentner glad nie bekend was vir sy interpretasie van dié komponis se werke nie. In die **Sonate opus 58 in b mineur** (Chopin) en twee **Scherzi** (Chopin) het Kentner werklik sy briljantheid getoon. "Here we found Kentner at his most brilliant and one must marvel at the remarkable versatility of this great artist." Laasgenoemde twee werke was nie op die gedrukte program nie. As toegif het Kentner, soos by sy vorige optrede in Bloemfontein, die **La Campanella** (Liszt) gespeel (*Die Volksblad*, 1 Julie 1955; *The Friend*, 1 Julie 1955)

In die resensies na afloop van beide Kentner se konserte het dit duidelik geblyk dat ten spyte van kritiek, hy wel uitvoerings van 'n wêreldstandaard gelewer het en dat sy besoeke aan Bloemfontein van die grootste kunswaarde ingehou het.

5.2.11 Gilles Guilbert

Hierdie pianis het op eie houtjie die wêreld deurreis en oral konserte gelewer. Voor sy besoek aan Suid-Afrika het hy meer as tweehonderd konserte in Suid-Amerika gehou en ook 'n hele aantal konserte in die destydse Belgiese Kongo, die destydse Rhodesië, Angola en Mosambiek. In Pretoria het hy onder die beskerming van die Franse ambassade opgetree en in Bethlehem deur die bemiddeling van die Bethlehemse Musiekvereniging (*Die Volksblad* 20 Oktober 1951).

Guilbert se uitvoering het op 22 Oktober 1951 onder die beskerming van die Musiekvereniging van die U O V S in die skoolsaal van die St Michael Meisieskool plaasgevind. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (23 Oktober 1951) het die waarde van sy uitvoering in sy aantreklike vertolking van die Franse komposisies gelê, wat selde op konsertprogramme verskyn het. Die *Impromptu* nr 4 (Fauré) en die *Scherzo Valse* (Chabrier) het besonder byval gevind en 'n eiesoortige bekoring ingehou. Sy vertolking van onder andere *Etude-Prelude-Poeme* (Skriabin), *Les Mignardes* (Ibert) en *Saudades do Brazil* (Milhaud) het uiteenlopende kommentaar uitgelok.

Hierdie tipiese Franse aanvoeling het verhoed dat sy vertolking van die werke van Bach en die *Sonate* op 27 nr 2 in c-kruis mineur (Beethoven) ingang gevind het. Veral by die Bach-werke het die oormatige pedaalgebruik gesteur. Daar is deurgaans ook te veel vryhede toegelaat ten opsigte van tempi. Die *Sonate* van Beethoven het dieselfde

gebreke bevat. Die allegretto-gedeelte is effe plomp en verbeeldingloos voorgedra. Sy vertolking van die Spaanse komposisies het egter groot byval gevind. Hy het skitterend daarin geslaag om die tipies Spaanse atmosfeer te beklemtoon. Hy het **Malaguenas nr 1 en 2** (Albéniz), **Danses Espagnoles** (Granados) en **Vuurdans** (De Falla) gespeel. Laasgenoemde werk is besonder kunstig uitgevoer (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1951).

5.2.12 Sebastian Peschko

Bloemfontein het hierdie begaafde kunstenaar leer ken as uitmuntende begeleier van 'n hele klomp buitelandse sangers en instrumentiste wat uitvoerings in Bloemfontein gegee het. In 1949 het hy onder andere as begeleier vir Heinrich Schlusnus opgetree en in 1952 het hy die beroemde koloratuur-sopraan, Erna Sack, begelei (*Die Volksblad*, 14 Junie 1952).

Op 18 Junie 1952 het hy 'n solo-uitvoering in die Clarendonsaal aangebied. By daardie geleentheid het hy die program met die bariton, Bruce Anderson, gedeel. Peschko het die program met die **Chaconne** (Bach-Busoni) geopen. 'n Stylvolle en geïnspireerde vertolking het onmiddellik getoon dat hy 'n meester op die instrument is. Ander werke wat hy gespeel het, het ingesluit **Rapsodie in B-mol majeur** (Brahms), **Rapsodie in G-mol majeur** (Dohnanyi), **Polka** (Shostakovitch), **The little white donkey** (Ibert) en twee **Preludes** van Debussy. Die volgende gedeelte uit die resensie wat in *The Friend*

(19 Junie 1952) verskyn het, som Peschko se uitvoering die beste op: "This was good sound piano playing - something that one could sit back and enjoy without reserve."

5.2.13 Frederic Jackson

Jackson, wat Bloemfontein as eksaminator vir die eksamens van die Royal School of Music besoek het, het ook 'n lesing-uitvoering in die Clarendonsaal aangebied. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (26 Augustus 1952) kon sy aanbieding eerder as 'n artistieke uitvoering met toegeligte kommentaar beskryf word. Hy het onder andere gepraat oor die korter musiekvorme, naamlik die Prelude, Impromptu, Intermezzo, Nokturne en die Ballade (*Die Volksblad*, 9 en 23 Augustus 1952).

Frederic Jackson het die belangstelling van die gehoor deurgaans behou met sy interessante aanbieding asook sy netjiese spel. Aantreklike werke van Bach, Beethoven, Brahms, Debussy en Chopin is uitgevoer (*The Friend*, 26 Augustus 1952; *Die Volksblad*, 26 Augustus 1952).

In Londen was Jackson in daardie stadium die dirigent van die Londense Filharmoniese koor wat uit sowat 400 lede bestaan het. As pianis het hy in Australië, Indië en Groot Brittanje groot naam vir homself gemaak (*Die Volksblad*, 9 Augustus 1952).

5.2.14 Helmuth Dignas

Hierdie pianis van Duitse afkoms het op uitnodiging van die Musiekvereniging van die U O V S 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Sy program wat hy op 28 Mei 1953 aangebied het, het 'n goeie verskeidenheid bevat, alhoewel dit werke ingesluit het wat gereeld in Bloemfontein gehoor is (*Die Volksblad*, 29 Mei 1953).

Hy het sy program met die veeleisende **Appassionata opus 57 in f mineur** (Beethoven) geopen. Alhoewel die aanvangstempo 'n bietjie stadiger was as wat Beethoven aangedui het, was die geheelindruk heeltetal bevredigend. In die andante-gedeelte kon die wenslike klankideaal nie verkry word nie as gevolg van die swak gehalte van die klavier. Die **Wandererfantasia in C majeur** (Schubert) is met insig uitgevoer. Hier was die pianis se aanvoeling vir helder vormgewing asook sy analitiese vermoë baie duidelik (*Die Volksblad*, 29 Mei 1953).

Volgens dieselfde resensie het hy veral in die werke van Liszt en Ravel uitblink. Van Liszt het hy die **Légende de St Francois Marchant sur les flots** met ongeëwenaarde tegniese vaardigheid gespeel. Daarna het hy **Une barque sur l'océan** uit **Miroirs** van Ravel gespeel. Ander werke op sy program was die **Sonate in F-kruis majeur** (Skriabin) en 'n bekende groep werke van Chopin.

5.2.15 Kathleen Long

'n Seldsame voorreg het die Bloemfonteinse publiek op 1 en 2 Augustus 1953 te beurt geval toe hulle na twee verskillende uitvoerings van die bekende Britse pianiste, Kathleen Long, kon luister. Long is in 1896 in Brentwood gebore en het haar opleiding aan die Koninklike Akademie vir Musiek in Londen voltooi. Sy was sedert 1920 ook op die personeel van hierdie Akademie. Sy is in 1968 in Cambridge oorlede (*Die Volksblad*, 31 Julie 1953; *The Friend*, 27 Julie 1953; Kennedy, 1980, p. 378).

Haar eerste uitvoering het onder die beskerming van die Musiekvereniging van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat op 1 Augustus 1953 in die Universiteitsaal plaasgevind; die tweede op 2 Augustus 1953 in die skoolsaal van die St Michael Meisieskool (*Die Volksblad*, 31 Julie en 1 Augustus 1953; *The Friend*, 1 Augustus 1953).

Sy het meesal werke gespeel wat dikwels deur skoolkinders aangedurf word, maar nooit suksesvol kon uitvoer nie. Dit was volgens die resensent 'n belewenis om hierdie werke op so 'n voortreflike en foutlose wyse aan te hoor. Sy het werke van Scarlatti, Couperin, Rameau, Field, Fauré, Charbrier en Ravel gespeel. Werke wat besonder byval gevind het, was *Le Tic-Toc Choc ou les Maillotins* en *Tourbillons* (Couperin), *Variasies op 'n Gavotte* (Rameau) en die *Nokturne in A majeur* (Field). Sy het ook die *Sonate opus 2 nr 3 in C majeur* (Beethoven) foutloos gespeel en onuitputbare

krag en stamina getoon. Die resensent van *The Friend* van 3 Augustus 1953 het haar spel soos volg beskryf: "Her musical integrity and impeccable taste stamp her as a pianist of real distinction, heard to greater advantage in compositions of lyrical type than in massive Brahmsian work. Whatever she is playing she has the eviable quality of making everything seem easy."

5.2.16 Shura Cherkassky

Op 8 Julie 1954 het hierdie Russiese pianis 'n klavieruitvoering in die Plaza-teater in Bloemfontein gegee. Sy konsert is deur African Consolidated Theatres moontlik gemaak. Sy program is in geheel aan die musiek van Chopin gewy (*Die Volksblad*, 23, 25 en 29 Junie 1954).

Cherkassky is in 1911 in Odessa gebore en het onder Josef Hofmann in Philadelphia gestudeer. Op die ouderdom van twaalf het hy sy debuut as pianis in Baltimore gemaak. Sedert 1922 het hy Amerika sy permanente woonplek gemaak, maar het ook vir lang tye in Nice gewoon (*Die Volksblad*, 3 Julie 1954; *The Friend*, 25 Junie 1954).

Sedert sy vorige uitvoerings in Bloemfontein in 1929 en 1931, het hy in al die groot stede van Amerika en Europa opgetree. Afgesien van al die radio-opnames wat hy gemaak het, het hy gemiddeld honderd konserte per jaar gespeel. Die kritikus van die *London Daily Telegraph* (5 Februarie 1954) het sy spel soos volg beskryf: "Such piano

playing and such unashamed personal magnetism are as irresistible as they are rare." Die *Berliner Anzeiger* (19 Januarie 1952) het soos volg verslag gelewer: "It is almost unbelievable how Cherkassky masters the piano. To this artist no technical complications seem insuperable." Die *London Times* (12 Januarie 1953) skryf soos volg: "Sy pianistiese vaardigheid was asemrowend. Hy is nie alleen een van die meesterlike pianiste nie, maar ook een van die interessantste nou voor die publiek." (*Die Volksblad*, 26 Junie en 3 Julie 1954; *The Friend*, 23 Junie 1954).

Dit is duidelik dat Cherkassky tydens sy vorige uitvoerings in Bloemfontein die publiek wel met sy tegniese vaardigheid beïndruk het, maar dat hulle hom nog onvolwasse gevind het. Die kommentaar ten opsigte van sy spel tydens sy uitvoering op 8 Julie 1954 het beslis getoon dat daar verdieping in sy spel plaasgevind het. Die hoogtepunt van sy uitvoering was die **Sonate opus 35 in b-mol mineur** (Chopin). Die kritiek was dat die eerste deel van dié werk ritmies meer beklemtoon kon word. Groter kontras in klank kon ook in die scherzo-gedeelte verkry word. Die laaste twee dele is met geweldige krag en energie uitgevoer. Cherkassky het beslis getoon dat hy ook sensitief kon speel deur die **Etude opus 10 nr 3 in E majeur** en die **Nokturne opus 72 nr 1 in e mineur** (beide Chopin) met uiters gevoelige spel te vertolk (*Die Volksblad*, 9 Julie 1954; *The Friend*, 9 Julie 1954).

Die resensent van *The Friend* (9 Julie 1954) het verder gesuggereer dat sy goed ontwikkelde sin vir die dramatiese, soms die liriese karakter in sommige van die werke oorweldig het. Dit was veral in die **Ballade in A-mol majeur** (Chopin) en die **Barcarolle opus 60 in F-kruis majeur** (Chopin) waar hierdie verskynsel hinderlik was. Hy het egter sy program op 'n hoë noot afgesluit met 'n briljante uitvoering van die **Andante Spianato** en die **Grand Polonaise** (beide Chopin) (*Die Volksblad*, 9 Julie 1954).

5.2.17 Marie-Thérèse Fourneau

Hierdie Franse pianiste het op 20 Mei 1955 'n uitvoering in die Stadsaal gegee. Haar uitvoering is deur die Vrystaatse Musiekvereniging moontlik gemaak. In 1942 het sy die Prix de Piano gewen en daarna die Prix International Marguerite Long-Jacques Thibaud. In 1946 het sy tydens die Internasionale Musiekfees in Switserland 'n gunstige indruk op die kritici gemaak en in 1947 het sy die Grand Prix du Disque verower. Sy het in daardie stadium talle konsertreise deur Europa en Suid-Amerika onderneem (*Die Volksblad*, 10 en 14 Mei 1955).

Ten spyte van haar jeugdige ouderdom het Fourneau 'n baie suksesvolle uitvoering gegee wat getuig het van sensitiwiteit en afgerondheid. Volgens die resensent van *The Friend* (23 Mei 1955) behoort haar naam in dieselfde asem as die groot virtuose van dié tyd genoem te word. 'n Deurlopende kenmerk van haar spel was die helderheid van

klank, vanaf die sagste pianissimo tot die sterkste forte. Die *Lison dormait Variasies* (Mozart) is op delikate wyse uitgevoer. Hierdie eienskap het konstant deur haar uitvoering beïndruk en is verder vervolmaak in die werke van Ravel, Debussy en Fauré. Werke waarin sy puik spel gelewer het, sluit in *Ondine* uit *Gaspard de la Nuit* (Ravel), *Nokturne opus 63 nr 6 in D-mol majeur* (Fauré), *Les Collines d'Anacapri*, *La Serenade interrompue* en *Feux d'artifice* (Debussy).

Beide resensente van *Die Volksblad* (21 Mei 1955) en *The Friend* (23 Mei 1955) het hul kritiek uitgespreek oor die gebrek aan dinamiese verskille en die neiging tot passiewe spel in haar vertolking van die vier *Intermezzi* (Brahms). Die *Nokturne opus 9 nr 1 in b-mol mineur* (Chopin) sowel as die *Ballade opus 47 nr 3 in A-mol majeur* (Chopin) is met die nodige passie gespeel.

5.2.18 Julius Katchen

Hierdie beroemde Amerikaanse konsertpianis het op 28 November 1955 'n skitterende uitvoering in die Stadsaal gelewer. Sy koms na Bloemfontein is deur die Vrystaatse Musiekvereniging in samewerking met Musica Viva moontlik gemaak. Katchen is in 1926 in Long Branch, New Jersey, gebore. Op twaalfjarige ouderdom het hy sy debuut saam met die Philadelphia Simfonieorkes onder leiding van Eugene Ormandy gemaak. Hy het ook op ander terreine onderskei, naamlik 'n universiteitsgraad met Engels en Wysbegeerte as hoofvakke. Vir die voorafgenoemde prestasie het hy 'n gesogte beurs

van die Franse regering ontvang (*Die Volksblad*, 5 November 1955, Kennedy, 1980, p. 340).

'n Londense kritikus se woorde was soos volg na 'n uitvoering van Katchen in 1954: "I salute a master. If there is a finer pianist in the world today than Julius Katchen, I should like to hear of him." Die resensente van die twee prominentste Bloemfontein dagblaaië was dit eens dat Katchen 'n uitmuntende pianis was. Die resensie in *Die Volksblad* (29 November 1955) het melding gemaak van eerlike vertolkings, edele toonkleur, sensitiewe spel en fluweelagtige pianissimos. Die resensent van *The Friend* (29 November 1955) se kommentaar was soos volg: "A pianist in the noblest tradition, Katchen proved in his first few bars that he was master of the 'winged black dragon.' It was, in fact, one of the rare occasions when the piano came excitingly and overwhelming into its own."

Volgens dieselfde resensies het sy hele program werke uit die negentiende eeu ingesluit, behalwe vir die enkele werk van Debussy, **La Cathédrale engloutie**, wat briljant gespeel is. Werke wat skitterend uitgevoer is en waarop byna geen kritiek gelewer is nie, was **Prelude en Fuga in e mineur** (Mendelssohn), **Wanderer Fantasie** (Schubert), **Rondo Capriccioso** (Mendelssohn), **Sonate opus 109 in E majeur** (Beethoven) en die **Mephisto Wals** (Liszt).

Katchen is in 1969 in Parys oorlede (Kennedy, 1980, p. 340).

5.3 Sangers

5.3.1 Mabella Ott-Penetto

Mabella Ott-Penetto was van Switserse afkoms, maar is in Suid-Afrika gebore. Na 'n baie geslaagde loopbaan in Europa het sy kort voor haar uitvoerings in Bloemfontein na Suid-Afrika teruggekeer (*Die Volksblad*, 21 Augustus 1947).

Hierdie beroemde kontralto van Switserland het op 4 Junie en 25 Augustus 1947 haar buiging in Bloemfontein gemaak. Tydens die eerste uitvoering het sy saam met die Johannesburgse Stadsorkes in die Stadsaal opgetree en die tweede uitvoering het ook in die Stadsaal plaasgevind. Die bekende Bloemfonteinse pianiste, Mary Rousseau, het die klavierbegeleiding waargeneem (*Die Volksblad*, 5 Junie en 26 Augustus 1947).

Haar vertolking van Delilah se aria **Fair Spring is Returning** uit **Samson and Delilah** van Saint-Saëns het geweldige toejuiging ontvang. Sy was verplig om 'n toegif te sing, naamlik **Softly awakes my heart** uit dieselfde opera. Hierdie werk moes sy ook twee keer sing (*Die Volksblad*, 5 Junie 1947).

Tydens haar tweede uitvoering het sy 'n veel groter verskeidenheid van werke aangebied. Die resensent het daarop gewys dat hierdie sanguitvoering van so 'n hoë gehalte was dat dit volgens hom nog lank onthou sou word as een van die grootste

gebeure destyds in die musieklewe van Bloemfontein (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1947).

Werke wat sy gesing het was **Lascia chio Pianga** (Handel), **More love or more disdain I crave**, **Sylvia** en **If music be the food of love** (Purcell). Sy het ook 'n aantal liedere van Brahms gesing waarvan **Die Smit** die grootste byval gevind het. Sy moes laasgeoemde werk herhaal. Na afloop van die liedere het sy die gehoor geweldig beïndruk met die arias wat sy gesing het. Sy het weer die twee arias uit **Samson and Delilah** (Saint-Saëns) gesing asook **Che Faro senza Euridice** uit **Orfeo ed Euridice** (Gluck). Sy het haar program afgesluit met 'n paar geestelike Afro-Amerikaanse liedere. **Sometimes I feel like a Motherless child** was so gewild dat sy dit moes herhaal (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1947).

Volgens die resensent van beide die konserte het sy oor 'n groot stem beskik wat deurgaans sy warmte behou het. Haar asembeheer was puik, haar diksie suiwer en die artistieke en netjiese frasering het deurgaans opgeval (*Die Volksblad*, 5 Junie en 26 Augustus 1947).

5.3.2 Lawrence Tibbett

Hierdie bekende Amerikaanse bariton het 'n sanguitvoering op 7 Augustus 1947 in die Grand-teater in Bloemfontein gegee. Sy konsert is deur African Consolidated Theatres moontlik gemaak (*Die Volksblad*, 19, 21, 23, 24 en 25 Julie 1947).

Tibbett is in 1896 in Bakersfield gebore waar hy in 'n arm huisgesin opgegroeï het. Sy vader is in 'n noodlottige skietaanval oorlede en sy moeder het die taak gehad om hom en drie ander ouer kinders te onderhou. Hy het sy eerste musieklesse van sy suster en sy moeder ontvang. Om die inkomste van die gesin aan te vul het hy koerante verkoop (*Die Volksblad*, 16 Julie 1947; Kennedy, 1980, p. 657).

Basil Ruysdael het vir Tibbett die natuurlike sangstyl aangeleer en hy het gou vordering gemaak. Kort daarna het hy die werk gekry as sanger wat gebruik is om saam met 'n orkes musiek te verskaf by die vertoning van rolprente in die dae van klanklose films. Hy is later na New York waar hy onder Frank la Forge studeer het. In 1922 het hy sy debuut by die Metropolitan Opera in die opera *Faust* (Gounod) gemaak. In die daaropvolgende jaar het hy net soveel sukses behaal met sy vertolking van Ford in Verdi se *Falstaff*. Hy het gou bekendheid as opera- en konsertsanger verwerf (*Die Volksblad*, 16 Julie 1947).

In die aanvangsnommer van Tibbett se program in Bloemfontein het die tekortkominge in sy stem duidelik getoon. Die resensent meld dat ten spyte van dié tekortkominge hy wel 'n besondere indruk gemaak het met sy dramatiese voordrag, manlike stem en die wyse waarop hy met sy hele wese by elke werk betrokke geraak het. Wat veral opgeval het, was die hoë note wat probleme verskaf het, alhoewel hy dit op behendige wyse probeer omseil het. Hy het die betrokke note soms korter gemaak en ook baie versigtig

benader asook die wyse van stemproduksie skielik verander (*Die Volksblad*, 8 Augustus 1947).

Ten spyte van die tekortkominge is Lawrence Tibbett steeds as 'n sanger van formaat beskryf. **De Glory Road** van Wolf het hy tydens sy uitvoering met oorgawe gesing. Die luisteraar het ook dadelik gemerk dat hy meer tuis voel in die geestelike Negerliedere. Die kunsliedere het tekort geskiet in intonasie en vloeiende legato-sang. **Where e'er you walk** (Handel) is egter met die nodige aanvoeling en intense gevoel uitgevoer. Schubert se **Der Wanderer** is dramaties en oortuigend gesing. **Morgen** van Richard Strauss was minder geslaagd. Die bekende **Proloog** uit **Pagliacci** van Leoncavallo is pragtig gesing. Sy warmte resonante stem het hier 'n gunstige indruk gemaak. Edward Harris het die begeleiding waargeneem en ook twee klavierwerke van Albéniz gespeel. Die begeleiding is op simpatieke wyse gehanteer, maar die twee solowerke is glad nie goed gespeel nie (*Die Volksblad*, 8 Augustus 1947).

5.3.3 Annie Woud

Hierdie beroemde Nederlandse kontralto het op 22 September 1949 'n sanguitvoering in Bloemfontein gegee. Vir Bloemfontein was dit 'n groot voorreg dat hierdie bedrywige sangeres wel in Bloemfontein opgetree het aangesien sy so 'n druk program gehad het. Hierdie was haar tweede konsertreis deur die land, maar haar eerste optrede in Bloemfontein (*Die Volksblad*, 23 September 1949).

Annie Woud het van die begin af haar gehoor verras met haar musikale vertolkings. Haar stem was ryk en sy het die gehoor geboei met haar groot stem, maar was ook daartoe in staat om buitengewoon liggies en sprankelend te sing. Hierdie uitstekende soepelheid het die beste na vore gekom in die liedere van Max Reger. **Mein Schätzelein** en **Wenn die Linde Blüht** het groot byval gevind (*Die Volksblad*, 23 September 1949).

Sy het haar program begin met **Gia il Sole dal Gange** van Scarlatti, gevolg deur **When I am laid in earth** (Purcell). Die eerste helfte van haar konsert is afgesluit met die **Sigeunerliedere** van Brahms. Annie Woud het getoon dat sy by uitstek 'n liederesangeres was met 'n hoogs artistieke uitvoering van drie Schubert-liedere. **Wohin, Der Tod und Das Mädchen** en **Der Atlas** was ongetwyfeld die hoogtepunt van haar uitvoering (*Die Volksblad*, 23 September 1949).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (23 September 1949) het die program groot verskeidenheid gebied, maar die Nederlandse liedere het nie reg laat geskied aan die pragtige stem van hierdie begaafde sangeres nie. Sy het **Es war ein alter König** van Pijper gesing asook komposisies van Diepenbrock, Schouwman en **Ou Magjaarse Lied** van Jan Bouws. Die resensent het ook sy misnoë uitgespreek aangesien daar nie groot arias in haar program ingesluit was nie. Die laaste toegif het egter getoon tot watter hoogtes hierdie sangeres werklik in staat was. Die begeleiding is op gevoelvolle wyse deur dr Arend Koole waargeneem.

5.3.4 Erna Sack

Afgesien van die feit dat Erna Sack in moeilike omstandighede groot geword het, het sy as sangeres wêreldberoemdheid verwerf en is sy vandag nog aan baie musiek liefhebbers en in die besonder sang liefhebbers, bekend. Gedurende die oorlog was daar telkens gerugte dat sy dood was. Op 'n keer het daar ook 'n gerug die rondte gedoen dat sy in 'n lugaanval gedood is. In werklikheid het sy voortdurend in Duitsland en in ander dele van Europa opgetree. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het sy en haar eggenoot hulle in Montreal, Kanada gaan vestig (*Die Volksblad*, 31 Augustus 1949).

Volgens 'n berig wat in *Die Volksblad* (3 September 1949) verskyn het, was Erna en haar eggenoot, Hermann Sack geweldig beïndruk met Bloemfontein, soveel so dat hulle gesê het as hulle iewers in Suid-Afrika 'n tuiste moes soek, Bloemfontein definitief bo aan die lys sou wees.

Vir sommige kritici mag Erna Sack se programme die indruk van oppervlakkigheid skep, maar mens moet onthou dat sy juis deur die sing van die eenvoudige volksliedjies wêreldberoemd geword het (*Die Volksblad*, 3 September 1949).

Erna Sack het in 1949 en in 1952 in Bloemfontein opgetree. Kyk Bylae, p. 34. Tydens elke besoek het sy twee uitvoerings gelewer. Haar uitvoerings van 1949 het op 3 en 5 September in die Stadsaal plaasgevind en wel deur die bemiddeling van die Vrystaatse

Musiekvereniging. In 1952 het sy op 25 April en weer op 21 Mei sanguitvoerings gegee. Hierdie uitvoerings het ook in die Stadsaal onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. Haar koms na Suid-Afrika is deur die South African Music and Theatre Company (S A M U T) moontlik gemaak (*Die Volksblad*, 6 September 1949, 19 en 12 April 1952; *The Friend*, 26 April en 22 Mei 1952).

Tydens al haar uitvoerings in Bloemfontein was die groot Stadsaal te klein vir al die konsertgangers en is daar spesiale plekke op die verhoog beskikbaar gestel. Daar was by een van die konserte meer as sewehonderd mense wat op 'n staanplek aangedring het. Volgens die resensent sou dit baie moeilik gewees het om haar sanguitvoering in woorde te beskryf. Sy kon van die eenvoudigste liedjie 'n ontroerende belewenis maak (*Die Volksblad*, 6 September 1949).

Werke wat sy tydens haar konserte van 1949 uitgevoer het, sluit in **Largo** (Handel), **Caro mio Ben** (Giordani), **O Luce Di Quest** (Donizetti), **Nacht und Träume**, **Wiegelied** en **Ave Maria** (Schubert). Verder het sy die **Aria van Rossina** uit **Die Barbier van Seville** van Rossini gesing. In hierdie vertolking het sy werklik die gehoor verras met die stralende helderheid van haar stem. Die koloratuur-lopies is met soepelheid gesing. Ander werke op haar program was **Verhale uit die Weense woude** (Strauss), **Berceuse** (Goddard), **Auftraege** en **Mondnacht** (Schumann). 'n Pragtige hoogtepunt van haar tweede konsert in 1949 was haar vertolking van **Del Mio Dolce Ardor** (Gluck) en **Ich liebe dich** (Beethoven) (*Die Volksblad*, 6 September 1949).

Tydens haar eerste konserte moes sy nie minder nie as vyf toegifte gesing het, waaronder **Lamtietie Damtietie** (Hullebroeck) almal verras het. Ander toegifnommers het ingesluit **Die roepstem van die woud** (Charles Rice) en **Jubilate**. Haar begeleier was die bekende en uiters bekwame Ashley Hartley. Sy spel was fyn, netjies en goed beheers (*Die Volksblad*, 6 September 1949).

Tydens haar tweede besoek aan Bloemfontein in 1952 het Erna Sack egter 'n hele rukkie geneem om werklik op te warm en kontak met die gehoor te maak. Sy het egter in haar vertolking van die liedere van Schumann, Haydn en Grieg meevoerende sang gelewer. Tydens haar eerste konsert van 1952 op 25 April het sy ook 'n aantal arias gesing, onder andere **Elvira se aria** uit **I Puritani** (Bellini), **Koningin van die nag-aria** uit **Die Towerfluit** (Mozart), **Titania se aria** uit **Mignon** (Thomas) en die **Skadu-lied** uit **Dinora** (Meyerbeer). 'n Verrassing op hierdie program was die twee Suid-Afrikaanse komposisies naamlik **Die Lewerkie** (Stephen Eyssen) en **Voortrekker-wiegeliedjie** (Katleen Stoeckl) (*Die Volksblad*, 19 April 1952; *The Friend*, 26 April 1952).

By geleentheid van haar tweede uitvoering in 1952 het sy hoofsaaklik werke gesing wat deur die gehoor aangevra is. Werke het ingesluit onder andere **Largo** (Handel), **Linda se aria** (Donizetti), **Lullaby** en **Vergebliches Ständchen** (Brahms), **The gipsy and the bird** (Benedict) en die bekende **Verhale uit die Weense woude** (Strauss). Die kritikus van *The Friend* (22 Mei 1952) het soos volg geskryf: "Madame Sack's voice has

mellowed since her last concert tour of the Union two and a half years ago, and she has not lost any of her masterly stagecraft. She could not fail to capture her audience." Haar begeleier tydens beide haar optredes was die bekende Sebastian Peschko wat hom uitstekend van sy taak gekwyt het (*Die Volksblad*, 12 April 1952).

5.3.5 Heinrich Schlusnus

Dit het selde gebeur dat 'n bariton van wêreldformaat 'n besoek aan Bloemfontein gebring het. Op 25 November 1949 het hierdie eer Bloemfontein se musiek liefhebbers te beurt geval. Dit was 'n duidelik baie opgewonde gehoor wat na die koning van die bel canto-sangstyl gaan luister het.

Heinrich Schlusnus is in 1888 in Braubach gebore. Hy het in Frankfurt en in Berlyn gestudeer. In 1912 het hy sy konsertdebuut in Frankfurt gemaak en as operasanger, in Hamburg in 1915. Hy was in diens van die Berlynse Staatsopera vanaf 1917 tot 1951. Verder het hy ook in Chicago as opera-sanger gewerk vanaf 1927 tot 1928. Later in 1933 het hy ook by Bayreuth opgetree en was hy een van die voorste baritons van sy tyd in die operas van Verdi (Kennedy, 1980, p. 568).

'n Uitstaande kenmerk van dié kunstenaar was dat hy nooit op uiterlike vertoon gesteun het om die aandag van sy gehoor te behou nie. Hy het homself egter verdiep in elke werk wat hy gesing het en verhewe sang gelewer waarna die mense graag wou luister.

Hy het oor 'n ryk kopregister beskik, wat gepaard gegaan het met pragtige gedrae sang en uiters voorbeeldige diksie. Sy onbesproke mezza voce sang en beheerste styl het sy gehoor vasgepen en genot verskaf wat nog selde in Bloemfontein gesmaak is (*Die Volksblad*, 26 November 1949).

Uit die bogenoemde resensie blyk dit duidelik dat ten spyte van die verskeidenheid van opera-arias en liedere wat hy gesing het, hy ongetwyfeld getoon het dat hy 'n liederesanger was. Voorbeelde van liedere waar hy uitmuntende sang gelewer het, was **Der Wanderer an den Mond** en **Sei mir gegrüsst** beide van Schubert. Dit was egter veral in die liedere van Richard Strauss en Hugo Wolf waar Schlusnus sy hoogtepunte bereik het. Sang van ontroerende gehalte is gelewer in **Traum durch die Dämmerung** en **Heimliche Aufforderung**.

Hy het ook vir 'n eersterangse verrassing gesorg deur twee moderne Afrikaanse liedere te sing, naamlik **Ossewa** en **Op my ou Ramkiekie** (Stein). Dit was 'n meesterlike vertolking van twee bekoorlike liedere. Hy moes 'n hele aantal toegifte sing voordat die gehoor tevrede was. Hy het sy program afgesluit met twee arias van Massenet en Giordani (*Die Volksblad*, 26 November 1949).

Die begeleiding vir Schlusnus se uitvoering is deur die bekende konsertpianis, Sebastian Peschko waargeneem. Naas sy volmaakte begeleiding het hy ook 'n skitterende

vertolking van die Chaconne van Bach-Busoni gelewer (*Die Volksblad*, 26 November 1949).

Heinrich Schlusnus is 1952 in Frankfurt, Duitsland oorlede. Kyk Bylae, p. 35 (Kennedy, 1980, p. 568; *Die Volksblad*, 14 Julie 1956).

5.3.6 Moishe Oysher

'n Tenoor wie se optrede in Bloemfontein groot belangstelling uitgelok het, was die Joodse dramatiese tenoor, Moishe Oysher. Sy optrede het op 14 Julie 1949 in die Stadsaal onder beskerming van die Internasionale Kunstenaarsburo plaasgevind (*Die Volksblad*, 11, 12, 13 en 14 Julie 1949).

Oysher is afkomstig uit 'n talentvolle Joodse familie. Hy het reeds op die ouderdom van vyf met sy studies begin en in 1936 het hy sy debuut in Carnegie Hall, New York gemaak. Hy het reeds in talle rolprente opgetree, waaronder *The Cantor's Son*, *The Singing Blacksmith*, *Song of Russia* en *Overture to Glory*. Verder het hy hom as komponis onderskei en was ook bekend as radio-akteur (*Die Volksblad*, 11 Julie 1949).

Sy uitvoering in Bloemfontein is voorafgegaan deur drie uitvoerings in Johannesburg en een in Kaapstad (*Die Volksblad*, 11 Julie 1949). Oysher se lae register was so klankryk en rond dat hy met net soveel reg 'n baritonsanger van wêreldformaat genoem kon word.

Hy het sy veelsydigheid getoon deur 'n groot verskeidenheid werke in sy program in te sluit. Die gehoor het onmiddellik aanklank by sy persoonlikheid gevind en het sy boeiende vertolkings intens geniet. Dit was duidelik dat Oysler oor 'n goed ontwikkelde tegniek beskik het. Hy kon sy stem demp tot die kleinste en sagste klank en dan weer klanke produseer wat geweldig klankryk was. By al hierdie positiewe kenmerke kon nog die gemaklike produksie en onverbeterlike intonasie gevoeg word (*Die Volksblad*, 15 Julie 1949).

Dit was dan ook natuurlik dat Moyser groot hoogtepunte bereik het in sy uitvoering van die Joodse kerkmusiek, aangesien hy 'n Jood van geboorte was. Hier het **Laat die Sabbat nog verwy! en Dien u God met blydskap** 'n besondere indruk gemaak. Hy het verder twee opera-arias van Verdi en Rossini onderskeidelik met gemak en die nodige artistieke aanvoeling uitgevoer. **Largo Factotum** uit **Die Barbier van Seville** (Rossini) was ongetwyfeld die hoogtepunt. Hy het met dieselfde meevoerende sang 'n treffende vertolking van Jerome Kern se gewilde lied uit **Show Boat**, naamlik **Ole Man River** gelewer. Hy is op gevoelvolle wyse deur Edna Stanton Fry van Port Elizabeth begelei (*Die Volksblad*, 15 Julie 1949).

5.3.7 Laurens Bogtman

Hierdie beroemde Nederlandse bariton se optrede in Bloemfontein is deur die Vrystaatse Musiekvereniging moontlik gemaak en was die vyfde konsert vir 1950 wat op

20 September in die Clarendonsaal plaasgevind het. Dit was sy tweede konsertreis deur Suid-Afrika, maar sy eerste optrede in Bloemfontein (*Die Volksblad*, 2 September 1950).

Bogtman is in Noord-Holland gebore. Hy het as jong seun reeds 'n sterk belangstelling in musiek getoon, maar sy familie het glad nie genoeg met die idee geneem nie. Gevolglik het hy eers op die ouderdom van dertig besluit om hom op die sangkuns toe te lê. Hy het na Berlyn gegaan vir sangonderrig en het later ook in München en Wenen onderrig ontvang. Sy eerste belangrike uitvoering het tydens 'n Mozart-fees in Wenen plaasgevind. Verdere uitvoerings het in Jacarta gevolg, waar hy solis was in die Simfonie nr 9 van Beethoven. Hy het later in die meeste Europese lande met sukses opgetree. *De Tijd* ('n Hollandse nuusblad) het elke optrede van hierdie bariton as 'n uitsonderlike wonderwerk beskou en noem sy kuns "subliem van die eerste tot die laaste noot." (*Die Volksblad*, 9 September 1950).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (21 September 1950) het 'n mens in Bogtman gevind wat werklik van 'n sanger verlang word. "Sy stem is ryk en resonant, sy intonasie merkwaardig suiwer, sy vertolking indringend simpatiek. Verbasend was die wyse waarop hy hom ingeleef het in die wisselende stemminge en die emosionele toonaard van elke lied, meevoerend sy innige pianissimo's, meesterlik die geleidelike aanswellinge tot pakkende klimakse."

Werke wat besonder goed uitgevoer is, sluit in: *Die Forelle* en *Das lied im Grünen*,

beide van Schubert. Sy buitengewone kunstenaarskap het duidelik geblyk uit sy vertolking van **Traum durch die Dämmerung** van Richard Strauss. Sy uitmuntende asembeheer het hier 'n goeie indruk gemaak. **Le Bestiaire** (Poulenc) is knap voorgedra. Verder het hy vier Afrikaanse liedere gesing, naamlik **Sondagmôre**, **Seemeeu**, **Donderweer**, en **O dae van my jeug** (almal deur Wolfgang Wijdeveld). Dit was egter in sy vertolking van die ou Nederlandse en Franse liedere dat hy die meeste beïndruk het. Hy is op uiters bekwame wyse deur dr Arend Koole op die klavier bygestaan (*Die Volksblad*, 21 September 1950).

Op uitnodiging van die Nederlandse konsul, dr E M van Zinderen-Bakker, het Bogtman vir 'n tweede keer in Bloemfontein opgetree. Hy het op 9 Augustus 1954 'n uitvoering in die Maitland Hotel gegee. Sy begeleier was weer Arend Koole (*Die Volksblad*, 7 en 10 Augustus 1954).

5.3.8 Marcel Wittrisch

Marcel Wittrisch is in Antwerpen gebore. Sy ouers was van Duitse afkoms. Hy het sy sangonderrig in Leipzig, München en Milaan ontvang en sy eerste verskyning op die verhoog was as eerste tenoor van die Berlynse Staatsopera in Halle en Brünswick. Voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Wittrisch konserttoere deur die meeste Europese lande onderneem. In Londen het hy onder die stok van Bruno Walter in Covent Garden opgetree. Hy het ook in Buenos Aires en Rio de Janeiro groot

opspraak verwek. Net voordat hy na Suid-Afrika gekom het vir sy konsertreis het hy roem verwerf vir sy uitstekende sang in *Parsifal* (Wagner) en *The Merry Widow* (Lehár). Hy het in daardie stadium ook reeds saam met dirigente soos Furtwängler, Eric Kleiber en Leo Blech opgetree (*Die Volksblad*, 30 September 1950).

Sy konsert het op 26 Oktober 1950 in die Stadsaal plaasgevind. Dit was aanvanklik duidelik dat Wittrisch nie heeltemal herstel het van sy keelaandoening toe hy begin sing het nie. Namate die aand gevorder het, het sy stem die warmte en resonans herwin en kon die publiek sang van indrukwekkende gehalte geniet. In sy vertolking van *Othello se dood* (Verdi) het Wittrisch genoegsame aanduiding gegee van die fyn kunstenaarskap wat hom in die hele Europa so gewild gemaak het. Hy het 'n aantal werke uit verskeie operettes besonder goed gesing. **Als flatter Geist** uit *Der Zigeunerbaron* (Strauss) en **Treu sein** uit *Eine Nacht in Venedig* (Strauss) het besonder byval gevind. Oor die algemeen was sy voordrag egter heeltemal te nugter om reg te laat geskied aan die werke van Schubert en Grieg. In sy vertolking van *Ich liebe dich* en *Zur Johannismacht*, beide van Grieg, was daar wel tekens van simpatieke aanvoeling en sensitiwiteit. Sy begeleier was die bekende Ashley Hartley, wat die begeleiding besonder goed waargeneem het (*Die Volksblad*, 27 Oktober 1950).

Wittrisch is op 3 Junie 1955 in die betreklik jong ouderdom van 51 jaar oorlede. Ten spyte van sy siekte het hy tot met sy dood nog 'n kontrak met die Stuttgart Opera gehad (*Die Volksblad*, 3 Junie 1955).

5.3.9 Alessandro Ziliani

Hierdie wêreldberoemde Italiaanse tenoor het op 13 April 1951 'n sanguitvoering in die Bloemfonteinse Stadsaal gegee. Hy is op 3 Junie 1907 in Busseto gebore en het sy debuut in 1928 in Milaan gemaak. Hy het van 1932 tot 1947 in La Scala gesing (*Die Volksblad*, 28 Maart 1951; Blom, 1988, p. 859).

Hy was eintlik met vakansie in Suid-Afrika, maar het ingewillig om onder die beskerming van die Internasionale Konsertburo 'n konserttoer deur die land te onderneem. Saam met hom het die beroemde Suid-Afrikaanse filmster en sangeres, Shirley Hepburn opgetree (*Die Volksblad*, 28 Maart 1951).

Die uitvoering van Ziliani was werklik 'n groot sukses en die feit dat hy deurgaans met oorgawe en vitaliteit gesing het, het dadelik by die gehoor byval gevind. Spesiale melding is gemaak van sy forte-sang wat werklik die gehoor in vervoering gehad het. Hy was baie gulhartig met sy toegifte en het byna net soveel toegifte gesing as wat daar werke op sy program was. Hy het hoofsaaklik opera-arias gesing en dit met soveel aanvoeling en hartstog uitgevoer, dat elke lied 'n besondere betekenis verkry het. Arias uit die volgende operas het op die program verskyn: **Tosca** (Puccini), **Africana** (Meyerbeer), **Manon** (Puccini) en **Marta** (Flotow). Hy het ook komposisies van Schubert, Durante, Tirindelli en Leoncavallo gesing. Die begeleiding is deur Lorenzo Danza waargeneem (*Die Volksblad*, 31 Maart en 14 April 1951).

Ziliani is op 18 Februarie 1977 in Milaan oorlede (Blom, 1988, p. 859).

5.3.10 Luigi Infantino

Hierdie internasionaal bekende Italiaanse tenoor het tussen die jare 1940 en 1955 vier keer in Bloemfontein opgetree. Sy uitvoerings het op 1 Augustus 1951 in die Stadsaal, 24 Augustus 1953 in die Stadsaal, 20 Oktober 1955 in die Stadsaal en in November 1955 in die destydse Goewerneur-Generaal se woning (tans Oliewenhuis Kunsmuseum) plaasgevind. Kyk Bylae, p. 36. Sy uitvoerings in Bloemfontein is in al die gevalle deur African Consolidated Theatres moontlik gemaak (*Die Volksblad*, 5 en 28 Julie 1951, 29 Julie, 17 en 21 Augustus 1951, 8 Oktober en 21 November 1955; *The Friend*, 21 Oktober 1955).

Ten tye van sy optrede in Bloemfontein was hy die hooftenoor van die La Scala-opera in Milaan. Infantino is in Sicilië gebore waar hy op die ouderdom van ses begin fluit speel het. Toe hy agt jaar oud was het hy reeds in 'n orkes gespeel. Na 'n jaar se studie in sang aan die Konservatorium van Palermo, toe hy vyftien was, moes hy sy studies staak omdat hy nie genoeg geld gehad het nie. Daarna het hy as fluitspeler by die Koninklike Vloot-orke aangesluit (*The Friend*, 13 Julie 1951; *Die Volksblad*, 4 Julie 1951).

Hy het eers op die ouderdom van negentien die sangkuns ernstig begin beoefen en daarna op 'n betreklik vroeë ouderdom bekendheid verwerf. Op 21 het hy die hoofrol

in die operahuis in San Carlo vertolk toe dié heropen is om weermagtroepe te vermaak. Hy het baie gou 'n gunsteling onder die publiek geword en het op jeugdige ouderdom dertien hoofrolle op sy kerfstok gehad. Hy het onder andere die hoofrolle in **Rigoletto** (Verdi) en **La Bohème** (Puccini) vertolk. Na sy skitterende optrede saam met die San Carlo-geselskap, het hy in Covent Garden opgetree en sy wens om in La Scala te sing het in 1947 waar geword. Hy het in daardie stadium reeds konserttoere deur die V S A en Engeland onderneem. In Engeland het hy 21 konserte gegee (*Die Volksblad*, 4 Julie 1951).

Die resensent het Infantino se sang as meevoerend beskryf. Volgens hom word daar in die meeste gevalle slegs gedroom van sulke sublieme sang, maar met Infantino se uitvoering kon die publiek dit werklik beleef. Sy stem was soepel en het oor 'n groot verskeidenheid gevoelsnuanses beskik wat hy slegs tot voordeel van sy sang aangewend het. Verder het hy sy stem uitstekend geprojekteer, 'n eienskap wat slegs 'n paar sangers beskore is (*Die Volksblad*, 2 Augustus 1951).

Tydens sy tweede optrede in 1953 in Bloemfontein was dit duidelik dat sy stem nie heeltemal so indrukwekkend was soos tydens sy vorige besoek in 1951 nie. Dieselfde verfynde aanvoeling en beheersing was teenwoordig, maar daar was ook tekens van intonasie probleme. Hierdie verskynsel het hoofsaaklik aan die einde van elke lied voorgekom. Sy begeleier, Franco Patané, wat destyds die hoofdirigent van die San

Carlo operageselskap in Napels was, was duidelik ook nie op sy gemak nie. Dit was eers toe Patané sonder musiek voor hom begin begelei het, dat daar 'n duidelike verstandhouding tussen hom en Infantino ontstaan het. Infantino se sang het toe ook meer spontaan geklink (*Die Volksblad*, 22 en 25 Augustus 1953).

Tydens sy derde konsert sou Mario Tagini as begeleier opgetree het, maar by geleentheid van die konsert was dit 'n groot verrassing om na die spel van Geoffrey Wallis te luister. Sy spel was netjies en helder. Afgesien van die begeleiding het hy ook die **Ballade opus 23 in g mineur** (Chopin) en die **Novellette in D majeur** (Schumann) met insig en afronding uitgevoer. Wallis was van Engeland afkomstig en het in daardie stadium in Durban gewoon (*Die Volksblad*, 22 September en 8 Oktober 1955; *The Friend*, 21 Oktober 1955).

Werke wat Infantino gesing het, sluit in **Laschia chio Pianga** (Handel), **Il mio tesora** uit **Don Giovanni** (Mozart), **Una furtiva lagrima** uit **Elisir d'Amore** (Donizetti) en die **Aanvangslied van die hertog van Mantua** uit **Rigoletto** (Verdi) asook werke van Caccini en Pergolesi. Dit was duidelik te verstane waarom Infantino soveel aanhang as operasanger geniet het, aangesien hy die arias uiters suksesvol vertolk het. Hy het telke male ongelooflike hoogtepunte bereik en kragtige en dramatiese sang gelewer. Hy het ook ligter werke op sy program ingesluit waaronder een van sy eie komposisies, naamlik **Milena**. Die resesent se kommentaar ten opsigte van Infantino se vertolking van Rossini se **Tarantella Napoletana** was die volgende: "Dit is byna ongelooflik met

hoeveel gemak en suiwerheid die snelste lopies gesing is, met elke klank presies en perfek geplaas. Sy asembeheer is fenomenaal en sy sang weldadig warm en menslik, tegnies bykans onberispelik. G'n wonder dat die gehoor wat die hele Stadsaal beset het, telkens in hoë vervoering geraak het nie." Sy begeleier tydens die eerste uitvoering in 1951 was Umberto Vedionelli (*Die Volksblad*, 6 en 28 Julie en 2 Augustus 1951).

Tydens Infantino se tweede, derde en vierde konserte het hy in baie gevalle dieselfde werke uitgevoer. Ander arias wat hy by dié konserte gesing het, sluit in **E Lucevan le Stelle** uit **Tosca** (Puccini), **Lungi da lei** uit **La Traviata** (Verdi), **Ecco Ridente in Cielo** uit **Die Barbier van Seville** (Rossini) en **Flower song** uit **Carmen** (Bizet). Ander werke op sy programme was **Vado ben Spesso** (S Rosa), **M'Appari** (Flotow), **Passione** (Valente), **Core'ngrato** (Cordillo), **Amarilli** (Caccini), **Tre Giornis son che Nina** (Pergolesi) en **Torna a Surriento** (De Curtis). Verder het Infantino ook 'n aantal volksliedere gesing wat deur homself op die kitaar begelei is (*Die Volksblad*, 31 Julie 1953, 22 September en 21 Oktober 1955; *The Friend*, 21 Oktober 1955).

Luigi Infantino se laaste optrede in 1955 in Bloemfontein het vir 'n groot verrassing gesorg. Die bekende Bloemfonteinse sopraan, Francina Buys, is ook deur destydse Goewerneur-Generaal en sy gade, dr en mev E G Jansen, uitgenooi om tydens hierdie konsert op te tree. Sy het ook 'n aantal solo's gesing en toe saam met Infantino vir die

hoogtepunt van die aand gesorg toe hulle die duet, *Parigi' o Caro* uit *La Traviata* (Verdi) gesing het. Infantino het ligter werke soos *Santa Lucia*, *Agnus Dei* en *Torna a Surriento* (De Curtis) gesing. Die begeleier tydens hierdie konsert was die bekende dr Arend Koole (*Die Volksblad*, 21 November 1955).

5.3.11 Elisabeth Schumann

Elisabeth Schumann is in 1885 in Merseburg, Duitsland, gebore. Sy het in Berlyn, Dresden en Hamburg gestudeer en in 1909 haar debuut as operasangeres in Hamburg gemaak. Sy het tot in 1916 lid van die Hamburg operageselskap gebly. Haar debuut in New York was in die opera, *Der Rosenkavalier* (Strauss) in 1914-1915. Ander optredes sluit in Covent Garden (1924-1931) en die Weense Staatsopera (1919-1937). In 1936 het sy Oostenryk verlaat en haar in Amerika gevestig. In 1944 het sy Amerikaanse burgerskap aanvaar en was vir 'n lang tyd verbonde aan die Curtis Instituut waar sy as onderwyseres werksaam was (Kennedy, 1980, p. 577).

Hierdie wêreldberoemde liederesangeres het op 12 Maart 1951 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Kyk Bylae, pp. 37-38. Soos genoem in Hoofstuk 8 waarin die Vrystaatse Musiekvereniging bespreek is, het sy in Johannesburg opgetree voordat sy na Bloemfontein gekom en slegs hoë lof ontvang het. In die resensie van *Die_ olksblad* van 13 Maart 1951 kan afgelei word dat haar stem nie meer die kenmerkende vonkeling gehad het nie en dat sy ook nie deurgaans die helderheid van haar stem kon handhaaf

nie. Afgesien van hierdie tekortkominge het sy nogtans sonder enige inspanning daarin geslaag om die gees van elke lied aan die gehoor oor te dra. 'n Faset van haar sang wat deurgaans opgeval het, was die verfynde piano-sang, haar subtiële en delikate benadering van elke lied en haar uiters gevoelvolle vertolkings. Daar was nooit 'n teken van pretensie of valse voordoenery nie.

Elisabeth Schumann het werke van Mozart, Beethoven, Haydn, Schubert, Schumann, Brahms en Wolf gesing. **Nacht und Träume** (Schubert) is as besonder goed uitgesonder en so ook die liedere van Hugo Wolf. Sy was gelukkig om Hubert Greenslade as begeleier te hê. Sy begeleiding was uiters simpatiek en gevoelvol (*Die Volksblad*, 13 Maart 1951).

Elisabeth Schumann is op 25 April 1952 in New York oorlede (Kennedy, 1980, p. 557; *The Friend*, 25 April 1952).

5.3.12 Abram Blechorowitz

Blechorowitz is op die piek van sy sangloopbaan as die Joodse Caruso beskryf. Hy het as student by Vilna vir die eerste keer die aandag van die publiek getrek. Met die hulp van 'n gevestigde sanger het hy destyds toegang tot die Nasionale Operaskool in Riga verkry. In daardie stadium was Blechorowitz 22 jaar oud en het saam met Chaliapin in **Faust** gesing (*The Friend*, 25 Junie 1952).

Voor Blechorowitz se optrede in Bloemfontein op 2 Julie 1952 het hy met groot sukses in Johannesburg 'n uitvoering gelewer. Sy optrede in die Bloemfonteinse Stadsaal is deur die African Artist Agency moontlik gemaak (*The Friend*, 21 Junie 1952).

Sy uitvoering is deur 'n klein groepie mense, hoofsaaklik van die Joodse gemeenskap, bygewoon. Opvallend was sy ryk en kleurvolle tenoorstem. 'n Groot jammerte was dat sy uiters gevoelvolle pianissimo-sang soms heeltemal verlore gegaan het in die groot saal. 'n Kleiner saal sou veel beter gewees het. Afgesien van die liedere wat hy in sy eie taal (Hebreeus) gesing het, het hy ook drie Italiaanse arias gesing. Hier was sy interpretasie nie altyd oortuigend nie (*The Friend*, 3 Julie 1952).

Volgens die resensent is dit duidelik dat hy sang van uitstaande gehalte gelewer het toe hy in sy moedertaal gesing het. "It was when Blechorowitz sang in his own language and in the liturgical tradition that he afforded us moments of sheer pleasure. Those who went in the hope of hearing a refined musical voice, were well rewarded." José Rodriguez-Lopez het die begeleiding op skitterende wyse behartig en het die sanger goed ondersteun (*The Friend*, 3 Julie 1952).

5.3.13 Hans Gruys

Hierdie besonder interessante en kunssinnige persoonlikheid het op 18 Augustus 1952 'n sanguitvoering in die Clarendonsaal gegee. Sy was 'n Hollander van geboorte, maar het

in daardie stadium in Indonesië gewoon en was op 'n besoek van drie maande in Suid-Afrika. Tydens haar besoek aan Bloemfontein het sy by dr en mev Koole tuis gegaan (*Die Volksblad*, 26 Julie 1952).

Aangesien sy destyds reeds in die werke van die moderne komponiste belanggestel het, het dit meegebring dat sy gou beroemdheid verwerf het vir haar eerste uitvoerings van komposisies van Andriessen, Badings en Jan Mul. Sy het oor 'n pragtige mezzo-sopraanstem beskik en het gereeld uitvoerings van werke van Hindemith, Poulenc, Stravinsky en Duparc gegee. Sy het ook bekendheid verwerf vir haar vertolkings van volksliedere. Sy is ook besonder bemind onder die jonger konsertgangers en dit as 'n groot voorreg beskou om kulturele opheffingswerk te doen. Haar erns en toewyding in hierdie opsig blyk uit die feit dat sy in twaalf tale kon sing, onder meer Spaans, Russies, Hebreeus, Afrikaans, Engels, Duits en Italiaans (*Die Volksblad*, 26 Julie 1952).

Sy het in daardie stadium reeds in Australië, Indonesië en Engeland, sowel as in die meeste groot stede van Europa, gewaardeerde konserte gehou. Voor haar optrede in Bloemfontein, het sy met groot sukses in Kaapstad 'n uitvoering gegee. Kritici het haar kuns as hoogstaande beskryf (*Die Volksblad*, 16 Augustus 1952).

Haar uitvoering in Bloemfontein is as uitmuntend beskryf en 'n kenmerkende eienskap van haar vertolkings was die vermoë om elke lied in sy eiesoortige karakteristieke sfeer

voor te dra. 'n Ander uitstaande kenmerk was die groot omvang van haar stem. Haar beheersing en inlewing in elke lied was 'n uitsonderlike ervaring. Soms was die diksie nie bevredigend nie en is die woorde vreemd uitgespreek. Afgesien van dié tekortkomings, was dit 'n voordrag wat gekenmerk is deur suiwer sang van hoë artistieke gehalte. In die werke van Hugo Wolf het sy van die fynste interpretasies gelewer. *Elfenlied* en *Die Zigeunerin* het groot byval gevind. Die groep Franse liedere was ook baie aantreklik. Werke wat beïndruk het, was *L'Invitation au Voyage* (Duparc) en *Les Besceaux* (Fauré). Ander werke op die program het ingesluit, Afrikaanse liedere deur Henk Badings en ou Hollandse liedere verwerk deur Willem Pijper. Sy het ook liedere van Manuel de Falla gesing. Dr Koole was die perfekte begeleier en het hom uitstekend van sy taak gekwyt (*Die Volksblad*, 16 en 19 Augustus 1952).

5.3.14 Ilse Hollweg

Ilse Hollweg het as jong koloratuur-sopraan 'n baie geslaagde uitvoering op 8 September 1952 in die Bloemfonteinse Stadsaal gegee. Sy het in Keulen sang geneem in die tyd toe die Tweede Wêreldoorlog op sy felste was en moes haar lesse staak toe Gertrude Foerstel haar meegedeel het dat dit onmoontlik geword het om onder sulke omstandighede te werk. Na ongeveer drie jaar het sy weer die musiek liefhebbers in vervoering gehad met haar uitsonderlike stem en groot sukses in die operahuis in Düsseldorf behaal. Daar het sy veeleisende rolle in bekende operas gesing. Operas

waarin sy uitblink het, sluit in **Cosi fan Tutte** (Mozart), **Der Rosenkavalier** (Strauss), **Don Pasquale** (Donizetti), **Die Barbier van Seville** (Rossini) en **The merry wives of Windsor** (Nicolai). Na haar groot sukses as Zerbinetta in **Ariadne auf Naxos** (Strauss), is sy as hoof koloratuur-sopraan by die Weense Staatsopera aangestel (*Die Volksblad*, 23, 30 Augustus en 11 September 1952).

Werke waarmee sy 'n baie goeie indruk tydens haar konsert in Bloemfontein gemaak het, was die **Bravura variasies op 'n tema van Mozart** (Adam), **Die Nagtegaal** (Alabier) en sekere arias uit **Don Pasquale** van Donizetti. In haar vertolking van die kunsliedere het sy 'n fyn aanvoeling openbaar en op uitsonderlike wyse die atmosfeer en inhoud van elke lied weergegee. Afgesien van die koloratuur-passasies wat deurgaans suiwer was, was dit ook opvallend om te sien met hoeveel gemak en soepelheid sy gesing het. Hubert Greenslade het as haar begeleier opgetree en getoon wat 'n pianis kan doen om die sangeres te help en te ondersteun (*Die Volksblad*, 9 September 1952; *The Friend*, 9 September 1952).

5.3.15 Oda Slobodskaya

Hierdie beroemde Russiese dramatiese sopraan is in 1888 in Vilna, Rusland, gebore. Kyk Bylae, p. 39. Slobodskaya het in St Petersburg studeer en haar debuut as operasangeres in 1918 in die opera **Queen of spades** gemaak. In 1922 het sy Rusland

verlaat en haar in Parys gevestig. Haar eerste optrede in Londen het in 1931 plaasgevind en haar debuut by Covent Garden in 1932 (Kennedy, 1980, p. 603).

Alhoewel sy reeds 65 jaar oud was het hierdie welbekende sangeres op 19 Mei 1953 'n geslaagde uitvoering in die Clarendonsaal onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging gelewer. Afgesien van die groot verskeidenheid liedere op haar program, het Slobodskaya ook in ses verskillende tale gesing. Sy het met die grootste gemak in Engels, Russies, Italiaans, Frans, Duits en Hebreeus gesing (*Die Volksblad*, 28 Maart en 20 Mei 1953).

Die resensie in *Die Volksblad* (20 Mei 1953) suggereer dat sy haar hoogtepunt bereik het in die **Chanson Hebraique** (Ravel). 'n Merkwaardige vol en ryk klank is bereik. In die ses werke van Gretchaninoff, Rachmaninoff en Glinka wat sy gesing het, was dit veral in **Die soldaat se vrou** (Rachmaninoff) waar haar beheersing en vertolkingsvermoë opgeval het. Die kleuterliedjies van Moussorgsky is met kinderlike eenvoud uitgevoer. **Der Kuss** (Beethoven) en **Berceuse** (Milhaud) is met goeie aanvoeling gesing en het treffende hoogtepunte bevat. Haar begeleier was Arend Koole, wat puik ondersteuning gelewer het. Slobodskaya is in 1970 in Londen oorlede (Kennedy, 1980, p. 603).

5.3.16 Vittoria Calma en Carlo Franzini

Hierdie twee operasangers het op 10 Junie 1954 in die Capitol-teater in Bloemfontein opgetree. Hulle het saam met 'n groep Italiaanse modelle na Suid-Afrika gekom en in

die meeste groot stede uitvoerings gegee. Calma en Franzini het die modevertoning op sprankelende wyse afgewissel (*The Friend*, 1 Junie 1954).

Alhoewel die Capitol-teater glad nie vir sang geskik was nie, is dit duidelik in die resensie wat in *The Friend* (11 Junie 1954) verskyn het dat die twee operasterre goed gesing het. Kritiek ten opsigte van Franzini se stem was egter dat afgesien van die effense onsekerheid in sy stem, hy ook geneig was om te forseer. Calma daarenteen het oor 'n ryk en warm stem beskik en tesame was hulle uitvoering heeltemal bevredigend. Franco Patané (1908-1968), destydse dirigent van die Italiaanse operageselskap, het die kunstenaars begelei.

5.3.17 Jennie Tourel

Tourel wat van Frans-Kanadese afkoms was, is op 22 Junie 1910 in Montreal gebore. As kind is sy na Parys waar sy sangonderrig van Anna El-Tour ontvang het. Jennie se professionele verhoognaam is dan ook 'n anagram van haar onderwyser se van. Haar opera-loopbaan het begin toe sy in 1933 die rol van Carmen in die Opera Comique gesing het (*Die Volksblad*, 19 Junie 1954; Thompson, 1964, p. 2242).

In 1940 het sy na die Verenigde State van Amerika geëmigreer en in 1946 'n Amerikaanse burger geword. In 1944 het sy saam met die New York Filharmoniese orkes onder leiding van Toscanini haar Amerikaanse debuut gemaak. Sy het met gemak

in nege verskillende tale gesing, naamlik Engels, Frans, Italiaans, Duits, Russies, Spaans, Portugees, Pools en Hebreeus. Sy het ook vyf van hierdie tale vlot gepraat (*Die Volksblad*, 29 Mei 1954, 19 Junie 1954; Thompson, 1964, p. 2242).

Hierdie begaafde kunstenaar het op 19 Junie 1954 in die Joodse Gemeenskapsentrum opgetree. Haar uitvoering in Bloemfontein het onder beskerming van die Administrateurspaar, mnr en mev J J Fouché en die Vrystaatse Sionistiese Raad plaasgevind (*Die Volksblad*, 29 Mei, 7 en 11 Junie 1954).

Die resensies wat na afloop van haar uitvoering in die plaaslike koerante verskyn het, was dit eens dat hierdie een van die beste sanguitvoerings was wat nog in Bloemfontein gehoor is. Haar intonasie en artikulasie het gegrens aan volmaaktheid en haar sin vir ritme was briljant; laasgenoemde, 'n seldsame verskynsel onder die grootste sangers (*Die Volksblad*, 21 Junie 1954; *The Friend*, 21 Junie 1954).

Alhoewel die eerste groep liedere die indruk geskep het dat hulle net buite haar stemomvang gelê het, het sy nogtans aan elke lied 'n eie besondere stemming verleen. Die res van haar program het 'n groot verskeidenheid ingesluit en is met uitmuntende musikaliteit uitgevoer. Sy het veral in die Russiese liedere uitgeblink, naamlik *The Steppe* en *I'll come, I'll go* (Gretchaninoff) en *I love him still* (Dargomijsky). Al was die meeste van die bogenoemde liedere onverstaanbaar vir die publiek, het sy met haar

geniale interpretasie vermoë verseker dat weinig van die innerlike betekenis verlore gegaan het. Ander werke wat sy gesing het, was die volgende: **To lo sai** (Torelli), **Mermaid's song** (Haydn), **Man is for a woman made** (Purcell), **Kaddisch** (Ravel), **Serenade** (Gounod) en **Songs and dances of death** (Moussorgsky). Haar begeleier was George Reeves (*Die Volksblad*, 21 Junie 1954; *The Friend*, 21 Junie 1954).

5.3.18 Xander Haagen

Haagen was van Hollandse afkoms en het sy opleiding in Kaapstad, Duitsland en Engeland ontvang. Hy het hoofsaaklik in die liederekuns gespesialiseer, maar het ook in talle operettes opgetree. Hy het veral op die liederes van Noorweë gekonsentreer. In Londen het hy opgetree in onder andere **Serenade**, 'n Sweedse blyspel wat in Engeland deur Gustav Wally aangebied is. Ander optredes het gevolg in **Belinda Fair**, **Lilac Domino** en **Zip goes a million**. In daardie stadium het hy reeds uitvoerings in Duitsland, Holland en Londen gegee. Resensente het hom geprys vir sy puik musikale aanvoeling en artistieke vertolkings (*Die Volksblad*, 27 Maart 1954; *The Friend*, 2 April 1954).

Haagen se uitvoering het op 7 April 1954 onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging in die Clarendonsaal plaasgevind. Volgens die resensent van *The Friend* (8 April 1954) het hy wel 'n klein stemomvang en volume gehad en sy tegniek was ook nie altyd foutloos nie, maar hierdie swakheid het hom nie verhinder om

'n uiters verfrissende uitvoering te lewer nie. Die resensent van *Die Volksblad* (8 April 1954) het melding gemaak van eienskappe soos intelligente voordrag, simpatieke benadering, afgeronde frasing, maar ook kritiek uitgespreek ten opsigte van sy oorversigtige benadering en dat hy met meer volume kon sing. Dit was duidelik dat hy 'n liederespesialis was, want die resensent van *The Friend* (8 April 1954) het soos volg geskryf: "Perhaps the highlight of the whole recital was the performance of Brahms' *Vergebliches Ständchen*. Technical shortcomings are forgotten when a singer gives such live and completely musically rendering as this, especially when he is well partnered."

Ander werke wat hy gesing het, sluit in *Das Wandern, Wohin, Der Lindenbaum, Die Forelle* en *Frühlingsträume* (Schubert), *The Ash grove* (Britten), *The foggy, foggy dew* (Britten) en werke van Handel, Haydn en Purcell. Interessante liedere op sy program was die aantal Noorweegse werke van Sigurd Lie, Alnaes, Grieg en Alf Hurum. David Roode het die begeleiding op uiters professionele wyse gehanteer (*Die Volksblad*, 3 April 1954).

5.4 Orreliste

5.4.1 Reginald Cooper

Hierdie beroemde orrelis van Engelse afkoms het in 1948 'n orreluitvoering in Bloemfontein gegee, en wel deur die bemiddeling van die Vrystaatse Musiekvereniging.

Tydens sy verblyf in Suid-Afrika het hy eksamens afgeneem en as beoordelaar by verskeie kunswedstryde opgetree. Hy was destyds lid van die Koninklike Genootskap van Orreliste in Londen (*Die Volksblad*, 16 Oktober 1948).

Reginald Cooper is in Chesterfield, Derbyshire, gebore. Hy was reeds op die ouderdom van veertien 'n bekwame orrelis. Sy laaste aanstelling was by die Hexham Abdy. Nadat hy sy skoolloopbaan voltooi het, het hy aan die Trinity College of Music studeer. Daar was hy 'n leerling van sir Edward Barstow. Na afloop van sy studies aan die kollege, het hy sy doktorsgraad aan die Universiteit van Durham voltooi. Hy het talle radio-uitsendings as solis gemaak; ook saam met die Sheffield Orpheus Male Voice Choir, waarvan hy die dirigent was vanaf 1937 tot 1941. Hy het ook oor die F T C L en F R C O beskik (*The Friend*, 22 Oktober 1948).

Hy het by 'n vorige besoek aan Bloemfontein te kenne gegee dat hy baie graag 'n uitvoering op die pragtige orrel van die Tweekoringkerk sou wou gee (*Die Volksblad*, 16 Oktober 1948).

Indien die konsertganger na dr Cooper se uitvoering gaan luister het om vurige en vitale orrelspel te hoor, sou hulle baie teleurgesteld gewees het volgens Libretto, die musiekkritikus van *Die Volksblad*. Dr Reginald Cooper se spel was wel netjies en fraseringe afgerond, maar sy spel was deurgaans gedemp. Sy spel was ingetoë en terughoudend. Volgens die resensent sou die luisteraar tog verkies het om af en toe 'n weelderige klank te hoor (*Die Volksblad*, 29 Oktober 1948).

Tegnies was dr Cooper skitterend toegerus en sy spel was suiwer en presies. Wat opgeval het was die moeilike oktawespel in die pedale wat met soveel gemak uitgevoer is. In die *Marche Funébre* van Guilmant en in Mendelssohn se *Sonate nr 2* het hy dikwels 'n treffende toonkleur verkry. Sy pianissimo-registrasie het ook beïndruk (*Die Volksblad*, 29 Oktober 1948).

Volgens dieselfde resensie is die werke van J S Bach met insig en vertroue weergegee. Naas vier *Preludes* en *Fugas* is ook die klein *Fuga in b mineur* voorgedra. Hy het ook een van Schumann se *Fugas op B-A-C-H* gespeel. Sy program is afgesluit met vier koraalvoorspele, drie van Parry en een van Karg-Elert. Hierdie uitvoering het op 28 Oktober 1948 plaasgevind.

5.5 Tjelliste

5.5.1 Peers Coetmore

Hierdie gevierde Engelse tjelliste het op 7 Augustus 1951 onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging in Bloemfontein opgetree. Sy is bygestaan deur die bekende Suid-Afrikaanse konsertpianis, José Rodriguez-Lopez (*Die Volksblad*, 21 en 28 Julie 1951).

Dit was veral in die *Sonate vir tjello en klavier opus 69 in A majeur* (Beethoven) waar die tjelliste pragtige hoogtepunte verkry het. Sy het ook 'n *Sonate* van Bréval

uitgevoer. In laasgenoemde werk was die balans tussen die klavier en tjello egter nie altyd bevredigend nie. Die ander solo-werke wat mej Coetmore gespeel het, sluit in: **Prelude** (E A Moeran - haar eggenoot) en **Die dans van die groen duiwel** (Cassado). Sy het sonder enige twyfel getoon dat sy 'n tjelliste van buitengewone vaardigheid is. Dit was veral haar ferme strykwerk en lewendige spel asook die ekspressiewe toonrykheid wat 'n puik indruk gemaak het (*Die Volksblad*, 8 Augustus 1951).

5.6 Instrumentale Ensembles

5.6.1 London Student Trio

Hierdie groepie studente van die Trinity College of Music het op 15 April 1948 'n uitvoering in die Bloemfonteinse Stadsaal gegee. Dié trio het bestaan uit Roger Elliot (trompet), Amy Shuard (dramatiese sopraan) en Kenneth Hogan (klavier en orrel). Hulle was reeds bekend in die meeste groot stede van Suid-Afrika en het ook oor die radio uitgesaai (*Die Volksblad*, 15 April 1948).

Dit blyk uit *Die Volksblad* van 24 April 1948 dat daar 'n misverstand was wat die koms van hierdie groep betref. Niemand het skynbaar van hulle uitvoering geweet nie. Die paar mense wat wel die uitvoering bygewoon het, was besonder beïndruk met hul bekwaamheid. Vir die sopraan, Amy Shuard, was haar uitvoering 'n persoonlike triomf. Sy het reeds oor 'n puik verhoogpersoonlikheid beskik en 'n sterk stem gehad. Spesiale

melding is ook gemaak van die suiwerheid van haar lae register. Haar asembeheer was ook goed vir so jong sangeres en haar musikaliteit het duidelik geblyk in *Der Tod das ist die kuhle Nacht* en *Vom ewiger Liebe* (Brahms). Ander werke wat sy gesing het was *Twilight fancies* (Delius), *Love's philosophy* (Quilter), *My heart ever faithful* (Bach) en *Gypsy songs* (Dvorák). Die note in die hoë register was soms ietwat bewerig en gevolglik het intonasieprobleme opgeduik (*The Friend*, 16 April 1948).

Die twintigjarige pianis, Kenneth Hogan, het werklik beïndruk en sy improvisasie op 'n tema wat deur die gehoor verskaf is, het groot byval gevind. Hy het ook die *Rapsodie in g mineur* (Brahms) gespeel. Sy klank was soms té gedemp en al die effekte het nie altyd suksesvol tot hul reg gekom nie. Roger Elliot het getoon dat hy meester op sy instrument is met sy vertolking van 'n deel van Haydn se *Trompetkonsert in E-mol majeur*. Verder het hy ook drie komposisies van Purcell gespeel asook die *Trumpet Voluntary* van Clark (*The Friend*, 16 April 1948).

5.7 Besoekende Buitelandse Orkeste

5.7.1 The Black Watch

Die Skotse regiment is een van die oudste in Skotland en bestaan sedert 1739. Die orkes, The Black Watch was in daardie tyd een van die bekendste militêre orkeste in die wêreld. Die dirigent van die orkes in 1950 was mnr L H Hicks (L R A M, A R C M) wat in 1938 by die regiment aangesluit het (*Die Volksblad*, 21 en 29 April 1950).

Die orkes het destyds uit 44 instrumentiste bestaan en het reeds deur Indië getoer asook 'n uitvoering voor die Kroonprins van Denemarke gelewer. Hulle het gereed in Engeland voor die Koninklike gesin opgetree. Hulle optrede in Bloemfontein het op 9 Mei 1950 op die terrein van die Ramblers klub plaasgevind (*Die Volksblad*, 26 April en 10 Mei 1950).

Die orkes se optrede het ongelukkig in onplesierige omstandighede plaasgevind aangesien dit met tye gereën het. Ten spyte van die reën het die orkes uiters voortreflike spel gelewer. Volgens die resensent was die mees uitstaande eienskap die sensitiewe skakeringe in klank en dinamiek wat onder leiding van die orkesleier, mnr L H Hicks, verkry is. Die kleurvolle uitrustings van die orkeslede het ook opgeval en het veel bygedra tot die aanskoulikheid van hulle uitvoering. Die orkeswerke is almal besonder knap voorgedra, swierig en ritmies en soms verbasend dartelend vir sulke groot en gewigtige instrumente. Die doedelsakspelers het ook apart opgetree en daar was verder 'n Xilofoon-duo en 'n sangsolo wat besonder knap deur een van die orkeslede uitgevoer is (*Die Volksblad*, 10 Mei 1950).

Enkele voorbeelde van die werke wat deur die orkes uitgevoer is, was die volgende: **Ouverture tot Die Fledermaus** (Strauss), **Finlandia** (Sibelius), **The garb of Auld Gaul**, **Blue bonnets from over the border**, **Mars-potpourri** (Alford) en die sangsolo **The bells of St Mary's** (*Die Volksblad*, 6 Mei 1950).

Die orkes het dieselfde oggend deur die strate van Bloemfontein gemarsjeer (*Die Volksblad*, 9 Mei 1950).

5.8 Besoekende Buitelandse Kore

Soos in Hoofstuk 1 wat oor koorsang in Bloemfontein handel afgelei kan word, het Bloemfontein in die voorafgaande dekades oor 'n ryke koortradisie beskik en was hulle ook baie trots daarop. Hierdie tradisie is in die tydperk 1940 tot 1955 voortgesit. Alhoewel daar 'n effense insinking in koorsang in die dekade 1950 tot 1960 voorgekom het, het dit nie verhoed dat van die vernaamste kore in die wêreld in Bloemfontein opgetree het nie. Aangesien dié medium aan die Bloemfonteiners bekend was, het hulle met groot belangstelling die besoeke van buitelandse kore dopgehou. Die sang van die buitelandse kore was dan ook 'n maatstaf waaraan Bloemfonteinse kore hulle eie koorsang kon meet en waarvolgens hulle hul eie sang kon verbeter.

Die Bloemfonteinse pers was ook bewus van die openbare belangstelling in besoekende buitelandse kore. Daar het duidelike beriggewing in die plaaslike pers verskyn nog baie lank voor die betrokke koor se optrede. Die meeste van die uitvoerings is baie goed ondersteun en in baie gevalle moes nog ekstra konserte georganiseer word.

5.8.1 Die Weense Seunskoor

Hierdie wêreldberoemde seunskoor het in 1952 vir die eerste keer in Bloemfontein opgetree. Hulle uitvoering in Bloemfontein is deur African Consolidated Theatres moontlik gemaak en het op 25 Maart in die Stadsaal plaasgevind. Die belangstelling van die publiek was so oorweldigend dat 'n tweede konsert georganiseer is wat op 26 Maart plaasgevind het (*Die Volksblad*, 10, 15 en 22 Maart 1952).

Hierdie koor is op 7 Julie 1498 op bevel van Keiser Maximilian I van Oostenryk, gestig. Die groep het aanvanklik uit slegs agt lede bestaan wat aan die mis-uitvoeringe by die Keiserlike Kapel deelgeneem het. Hierdie koor het gou roem deur die hele Oostenryk verwerf en elke jaar het honderde seuns meegeding om in die prestige koor opgeneem te word (*The Friend*, 12 Maart 1952; Program, 1959).

Aanvanklik het die koor se repertorium slegs uit gewyde werke bestaan, maar hulle het spoedig hulle spektrum verbreed. Die afrigting van die koor lê spesifiek klem op die suiwerheid van die stem, tegniese vaardigheid en 'n diepgaande kennis van die a capella-styl. Hierdie tradisie is deur die eeue voortgesit en nie eers twee wêreldoorloë kon hul wêreldwye reputasie skade aandoen nie (Program, 1959).

Met verloop van tyd het die koor in 1918 sy Keiserlike beskermhere verloor en die tydperk direk na die Eerste Wêreldoorlog was 'n onsekere periode vir die koor. In 1924

het vader Josef Schnitt hoof van die koor geword. Dit was deur sy toedoen dat die koor se eeue lange tradisies nie verlore gegaan het nie. Sedert 1946 is die Augarten paleis die verblyfplek van die koor wat hulle met die opbrengste van hulle konserte aangekoop het (Program, 1959).

Mozart was ook 'n lid van die koor toe hy op elf-jarige ouderdom die opera, *Bastien en Bastienne* vir 'n feesviering, deur die seuns self georganiseer, gekomponeer het. Schubert en Haydn was ook in een of ander stadium gekoppel aan dié koor, asook baie ander Weense musici. Die koor het al in die meeste Europese lande opgetree, asook in die V S A, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Amerika (Program, 1959).

Die uitvoering van die koorknapias het in alle opsigte getoon waarom hierdie koor as een van die wêreld se bestes uitgesonder word. Toscanini het self gesê: "They are the best boys' choir in the world." Dit was duidelik dat die dirigent, Frederich Brenn, van die begin af volmaakte beheer oor sy groep kunstenaartjies gehad het. Ongeag of hulle in kapelstyl gesing het, of met simpatieke klavierbegeleiding, of 'n operette uitgevoer het, die kunsvaardigheid het onmiddellik opgeval (*Die Volksblad*, 26 Maart 1952).

Ontroerende sang is gelewer in die werke van Palestrina, Sweelinck en Buxtehude. In die gewyde werke het veral die artistieke nuanses opgeval. Die uitvoering van Johann Strauss se operette, *Geschichten aus dem Wienerwald* was propvol verrassings.

Hulle het deurgaans met oorgawe opgetree en hulle spel, sang en beweging was so voortreflik dat dit bykans onmoontlik was om te glo dat dit almal seuntjies tussen die ouderdom van tien en veertien jaar was. Die laaste groep liedere het geleentheid gebied vir stemmingsryke skakeringe en het vir afgeronde sang gesorg. Woorde wat miskien die uitvoering van die Weense Seunskoor die beste beskryf, is die volgende: "Sang wat soet en suiwer was, onberispelike samesmelting tot 'n sensitiewe eenheid, meeslepende soetvloeiendheid en die lieflikste toonhelderheid het die vertolking van elke nommer verhef tot 'n model van die skoonste voortreflikheid." (*Die Volksblad*, 26 Maart 1952).

Op 18 Julie 1955 het hierdie welbekende koor 'n derde uitvoering in Bloemfontein aangebied. Hulle uitvoering is weer deur African Consolidated Theatres moontlik gemaak. Alhoewel die koor 'n baie geslaagde uitvoering gelever het, was daar volgens die resensent van *Die Volksblad* (19 Julie 1955) skynbaar opvallende tekortkominge teenoor die vorige koor wat in 1952 in Bloemfontein opgetree het. Daar was telkens 'n neiging om te forseer en die kenmerkende soet kwaliteit van die stemme het beslis ontbreek. Daar was ook stemme wat skerp uitgestaan het.

Werke wat wel goed uitgevoer is, was **Super Flumina** (Palestrina), **Panis Angelicus** (Franck) en die **Ave Verum** (Mozart). 'n Komiese operette van Kreutzer, **His Highness said no** het esorg vir treffende vermaak en uitmuntende koorsang. Hulle

interpretasie van Sarie Marais in Afrikaans, het groot byval gevind. Die dirigent wat opgetree het, was Harold Hedding (*Die Volksblad*, 27 Junie en 19 Julie 1955; *The Friend*, 19 Julie 1955).

5.9 Ander Instrumentiste

5.9.1 Larry Adler

Hierdie beroemde mondfluitjiespeler is in 1914 in Baltimore in die V S A gebore. Op die vroeë ouderdom van 14 jaar het hy sy ouerhuis verlaat om 'n loopbaan te begin. In die jare 1950 tot 1960 is hy as die beste mondfluitjiespeler in die wêreld beskou. In 1937 het hy saam met die Orchestre Concerts Collonne in Parys opgetree en daarna, in 1938, 'n besoek aan Suid-Afrika gebring. Ander optredes sluit in, Carnegie Hall, saam met die New York Filharmoniese orkes, Philadelphia Simfonieorkes en die Londense Simfonieorkes (*Die Volksblad*, 18 Julie 1953, Kennedy, 1980, p. 7).

Die Bloemfonteinse publiek het op 29 Julie 1953 die voorreg gehad om na hierdie virtuoos te luister. Sy optrede is moontlik gemaak deur die Administrateurspaar, mnr en mev J J Fouché en die Burgemeesterspaar, mnr en mev P J Kruger en het in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 18 Junie en 1 Julie 1953).

Beide resensente van *Die Volksblad* en *The Friend* (30 Julie 1953) was dit eens dat dit 'n uitvoering van besonder hoë gehalte was en dat dit nie bloot 'n optrede was om sy

virtuositeit te vertoon en te bevorder nie. 'n Hoogs musikale uitvoering van werke deur die klassieke meesters is op verbasend interessante en afgeronde wyse uitgevoer. In die groot verskeidenheid werke op sy program het hy al die moontlikhede van die mondfluitjie getoon en 'n bewys van die onuitputlike potensiaal van die instrument gelewer.

Werke wat hy uitgevoer het, sluit in: **Gavotte** uit die **Vioolsonate nr 6** (Bach), **Siciliana** uit **Suite vir Cembalo en fluit** (Bach), **Dido's Lament** uit **Dido en Aeneas** (Purcell), **Prelude** uit **L'Après Midi d'un Faune**, **Nigun** uit **Baal Shem suite** (Bloch), **Romaanse dans** (Bart'ok), **Vokalise** (Rachmaninoff), **Chanson Russe** (Stravinsky), **Malaguena** (Granados), **Nokturne** (Adler) en **Vuurdans** (De Falla). Die resensent van *The Friend* (30 Julie 1953) beskryf sy uitvoering soos volg: "In his hands and with his remarkable powers of breath control, the harmonica becomes clearly an instrument capable of an infinite variety of tone colour and technical affect." Hy is op uiters bekwame wyse deur José Rodriguez-Lopez op die klavier bygestaan.

Adler het later weer in 1956 'n uitvoering in die Joodse Gemeenskapsentrum in Bloemfontein gelewer (*The Friend*, 21 Augustus 1956).

5.9.2 Toralf Tollefsen

Tollefsen was van Noorweë afkomstig en het groot naam as akkordeonspeler gemaak

deur in films op te tree en radio-uitsendings te maak. Hy is in Glemmen gebore en het sy opleiding in Oslo ontvang (*Die Volksblad*, 29 Oktober 1955).

Tollefsen het nuwe glans aan die akkordeon gegee toe hy in 1947 saam met die Internasionale Simfonieorkes as solis onder leiding van Fistoulari opgetree het. Hy het Pietro Deiro se Akkordeonkonsert in E majeur gespeel. Hy het oral in Brittanje konserte gegee op uitnodiging van die Britse Uitsaaikorporasie. Kort daarna het hy sy Amerikaanse debuut in Times Hall in New York gemaak. Toe hy in November 1955 in Bloemfontein opgetree het, het hy reeds in die meeste Europese lande asook in Ysland opgetree (*Die Volksblad*, 27 en 29 Oktober 1955).

Die resensent van *The Friend* (18 November 1955) het sy spel as meesterlik beskou. Sy uitvoering van die Hongaarse Rapsodie nr 2 (Liszt) het die gehoor in vervoering gehad. Sy vertolking van die Polonaise in A-mol majeur (Chopin) het ook groot byval gevind. Sy uitvoering is allerweë as die hoogtepunt van 'n verskeidenheidskonsert beskou wat deur Sidney Weiner ten bate van die Nasionale Raad vir Dowes aangebied is. Ander kunstenaars wat opgetree het, was Max Adler (klavier), May Cooper (sopraan), Stan Denny (akkordeonorkes) en Garth Meade (*The Friend*, 18 November 1955).

Tollefsen was die eerste persoon wat op die klassieke literatuur gekonsentreer het. Dit is ook deur sy toedoen dat hierdie instrument ook as 'n konsertinstrument erken word.

5.10 Sang- en dansgeselskappe

5.10.1 Die Oostenrykse Sang- en Dansgroep

Hierdie groep studente het twee keer in 1954 in Bloemfontein opgetree en altesaam drie uitvoerings gelewer. Hulle optrede in Bloemfontein is deur die Vrystaatse Musiekvereniging in samewerking met die Volkspale Wyksbond moontlik gemaak. Die uitvoerings het op 26, 27 Augustus en 5 Oktober 1954 in die Universiteitsaal en die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 31 Julie, 17 Augustus en 6 Oktober 1954).

Hulle uitvoerings het die vorm van 'n ligte operette aangeneem, waartydens al die items tot 'n kunstige eenheid saamgevat is. Hulle het wêreldwyd bekendheid verwerf met toere wat in 1949 deur dr Susanne Polsterer en dr Oskar F Bock onderneem is. Hulle het in daardie stadium reeds in Kanada, Kuba, Mexiko en in ses-en-veertig state in Noord-Amerika opgetree (*Die Volksblad*, 31 Julie en 21 Augustus 1954).

Afgesien van die pragtige sang en kunstige volksdanse op hulle program, was Karl Zahaberger se uitvoering op die harp en siter beslis 'n hoogtepunt. Die gehoor het dit werklik geniet aangesien hierdie instrumente in daardie stadium nog selde in Bloemfontein gehoor is. Sy uitvoering, soos afgelei uit die resensie *The Friend* (28 Augustus 1954), moes van hoë artistieke gehalte gewees het, aangesien Zahaberger

destyds die beste harpelaar in Oostenryk was en self vier-en-vyftig komposisies die lig laat sien het.

Die resensent van *Die Volksblad* (6 Oktober 1954) is ook getref deur die veelsydigheid van die deelnemers, asook die netjiese en afgeronde wyse waarop elke item aangebied is.

Die koorsang was ook in die meeste gevalle goed beheersd.

5.10.2 Die Europese Volksdancers

Hierdie uitvoering het op 17 November 1955 op Springbokpark plaasgevind en was een van die talle konserte wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer is. Sewe Europese lande was verteenwoordig en elke groep dansers het met 'n skitterende verskeidenheid van danse die groot getal toeskouers vermaak. Die lande wat verteenwoordig was, het ingesluit Skotland, Swede, België, Denemarke, Duitsland, Engeland en Holland. Die afronding waarmee die danse uitgevoer is, asook die kleurrike kostuums, was 'n opvallende kenmerk van al die groepe. Die program is met 'n massavertoning van Afrikaanse volkspele afgesluit. Elsa Dekker was vir die samestelling en afrigting van hierdie groep verantwoordelik (*Die Volksblad*, 12 en 18 November 1955).

5.11 Samevatting

Navorsing toon duidelik dat Bloemfontein glad nie afgeskeep was wat buitelandse

musici betref nie. Al was daar sekere instrumente, soos altviole, kontrabasse, klarinette en hobos, wat nie op die lys verskyn nie, is die grootste spektrum van gewilde solo-instrumente hier verteenwoordig. Pianiste en sangers is die kunstenaars wat in groot getalle die ander oorskry. Bloemfontein was ook bevoorreg om na wêreldklas kunstenaars te kon luister. In die meeste gevalle was die pianiste wat hier opgetree het van internasionale formaat wat in een of ander stadium as van die beste vertolkers in die wêreld beskou is. 'n Interessante aspek is dat die pianiste reeds vanaf 1941 hulle verskyning in Bloemfontein gemaak het, teenoor die sangers wat eers vanaf 1947 hier opgetree het. In sowel die pianiste as die sangers se geval het gemiddeld twee kunstenaars per jaar in Bloemfontein hulle buiging gemaak.

Dieselfde geld vir die sangers. Die meeste van die sangers wat hier opgetree het, het uitvoerings van hoogstaande gehalte gelewer. Alhoewel van hierdie sangers nie aan die algemene publiek bekend was nie, is hulle konserte oor die algemeen goed ondersteun. Een van die gewildste sangeresse wat in Bloemfontein opgetree het, was die koloratuur-sopraan, Erna Sack. Die drie violiste wat in Bloemfontein opgetree het, het ook hoogstaande uitvoerings gelewer. Alhoewel hulle nie al drie van dieselfde gehalte was, wat tegniek, afronding, vaardigheid en viruositeit betref nie, is hulle uitvoerings baie gunstig deur die publiek ontvang.

Indien daar 'n analise van die drie violiste gemaak moes word wat standaard, keuse van werke en gewildheid betref, is dit taamlik duidelik dat Matthews beslis die beste violis

van die drie moes gewees het. Afgesien dat hy meer veeleisende werke uitgevoer het, was sy werke ook nie alom bekend by die konsertpubliek nie en het dit verskillende stylperiodes verteenwoordig. Die ander twee violiste het hulle werke gekies met populariteit en verteerbaarheid as kriterium eerder as musikale inhoud. Uit die resensies kan ook afgelei word dat Matthews tegnies op 'n baie ho"er standaard was as die ander twee kunstenaars. In die meeste gevalle was die kritiek gemik teen onsuiverheid van intonasie. As daar na konsertbywoning gekyk moet word, het die minder goeie violiste die grootste gehoor gelok wat beslis aan hulle keuse van werke toegeskryf kan word. Hieruit is dit ook duidelik dat Bloemfonteinse gehore van die tydperk onder bespreking, wat musiekwaardering en opvoeding betref, nog in hulle kinderskoene gestaan het. Nietemin, dat die Bloemfonteinse konsertpubliek die uitvoerings geniet het, is onbetwisbaar.

'n Hoogtepunt in die musieklewe van Bloemfontein was sekerlik die optrede van die Weense Seunskoor in 1952 en 1955. Bloemfonteiners was gaande oor hulle koms en het in groot getalle die konserte bygewoon. Hierdie was 'n algemene tendens aangesien die Bloemfonteinse publiek deur die jare 'n intense belangstelling in koorsang getoon het, hetsy dit 'n plaaslike koor, of 'n besoekende koor was.

Kommentaar en resensies in die Bloemfonteinse pers aangaande die optredes van die talle buitelandse kunstenaars was in die meeste gevalle vleierend en positief. Dit moet nie

gesien word as musikale onkunde nie, maar as 'n eerlike betoon van werklike waardering en bewondering vir die kuns van erkende verhoogkunstenaars.

Die programme van die kunstenaars het 'n wye spektrum gedek, vanaf werke uit die Barok tot die heel moderne tydperk. Die meeste programme is egter oorheers deur werke uit die Klassieke- en Romantiese periodes.

Bloemfonteiners oor die algemeen, asook uitvoerende kunstenaars, musiekleerkragte en musiekleerlinge is elkeen op sy eie manier deur die besoeke van die buitelandse musici bevoordeel. Dit kon alleenlik 'n positiewe en verrykende invloed op plaaslike musiekstandaarde uitgeoefen het.

HOOFSTUK 6

MUSIEKONDERWYS IN BLOEMFONTEIN

Volledige inspekteursverslae is nie altyd beskikbaar nie en dit het hierdie gedeelte van die navorsing aansienlik bemoeilik. Petrus Lemmer is egter in 1940 as die eerste Organiseerder van Sang aangestel. Sedert sy aanstelling het daar wel beknopte rapporte in die Inspekteursverslae verskyn. Daar was nog steeds geen duidelike aanduiding wat presies onder musiekonderwys verstaan kon word nie. Die beskikbaarheid van leerplanne het hierdie probleem in 'n groot mate opgelos, aangesien daar duidelike riglyne in hierdie handleidings vervat is. 'n Verdere probleem was die onvolledigheid ten opsigte van die aanstellings van volwaardige onderwysers in sang en musiek. By gebrek aan hierdie bronne is dit moeilik om te bepaal wanneer onderwysers in sang- en musiekposte aangestel is. Uit sommige van die rapporte deur Petrus Lemmer kan afgelei word dat die instrumentale onderrig in die tydperk 1940 tot 1955 in die hande van bekwame musiekonderwysers was en dat daar duidelike vooruitgang gemaak is in vergelyking met die vorige jare.

6.1 Die Vrystaatse Onderwysdepartement

Volgens Human (1976, p. 230) was die persone wat toesig oor musiekonderrig in die Vrystaat moes hou, beslis nie spesialiste op dié gebied nie. Die aanstelling van 'n inspekteur was 'n groot behoefte. Die Raad van Inspekteurs het hulle soos volg oor die

saak uitgespreek: "Ons sien vooruit na die aanstelling van 'n sanginspekteur onder wie se leiding sang meer sistematies beoefen sal word tot voordeel van die skool en die gemeenskap (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1939, p. 79).

6.1.1 Sangonderrig in Vrystaatse skole

Op 10 September 1940 het dit bekend geword dat Petrus Johannes Lemmer as Organiseerder van Sang in die Vrystaat aangestel is. Die destydse Direkteur van Onderwys, dr S Henri Pellissier, het sy vreugde in sy jaarverslag soos volg verwoord: "Hy is geen onbekende in die Vrystaat nie waar hy as musikus, komponis en sangdosent aan die Normaalkollege reeds so veel roem verwerf het. Ek hou my daarvan oortuig dat hy besonder daartoe sal bydra om die Vrystaatse jeug 'n singende bende te maak." (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1940, p. 62).

Lemmer het sy werk met erns benader en teen die einde van 1940 het sy eerste bundel, **Ons eie Reeks, nr 1** die lig gesien. Hierdie bundel is spesifiek vir die sub-standerds 1 en 2 saamgestel en 'n verdere twee bladsye oor die karakter en die vertolking van die liedjies is ook ingesluit. As Organiseerder van Sang het Petrus Lemmer nie alleen op sangonderrig klem gelê nie, maar ook aandag geskenk aan fasette soos musiekbeluistering en die grondlegging van 'n groter waardering vir musiek as kunsvorm

onder die jeug. In 1950 het hy 'n boek met die naam: **Hoe Luister Ons** die lig laat sien. Hierdie boek handel in die besonder oor musiekwaardering. Ander interessantheite in die boek is 'n hoofstuk oor die simfonieorkes en die instrumente wat daarin gebruik word (*Die Volksblad*, 25 Maart 1950).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat Lemmer hom nie alleen vir schoolsang sou beywer nie, maar dat hy hom op 'n veel wyer terrein sou laat geld.

In die voorwoord van die sillabus vir sang in die Laer- en Middelbare (Hoër) skole het Petrus Lemmer die belangrikheid van sangonderrig in die skole beklemtoon. Hy het ook sy dank teenoor die owerhede uitgespreek wat soveel klem gelê het op die ontwikkeling van die kulturele sy van die skoolprogram. Martin Luther het musiek as een van die skoonste gawes van God beskou en kan 'n geweldige invloed ten goede op die kindergemoed hê, afgesien van die samehorigheidsgevoel en dissipline wat dit bewerkstellig. Lemmer het verder gesê dat dit die kind se voorreg moet wees om die taal te leer geniet en te verstaan. Hy het dié opmerking gemaak: "As die sanglesse nie geniet word nie, was daar iets drasties verkeerd en het die fout beslis nie by die kinders gelê nie." Sekerlik die treffendste stelling wat Lemmer in sy voorwoord gemaak het is die volgende: "Die hoofdoel van sangonderwys op skool, is om die oog en oor van die kind te ontwikkel om musiek te kan lees, 'en om by hom smaak en liefde vir goeie musiek te kweek." (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Sangsillabus vir Laer- en Middelbare Skole, 1941, p. 4).

Die sangleerplan van 1941 deur Lemmer opgestel is soos volg uiteengesit:

Sub A en B

In die klasse moes aktiwiteit 'n groot rol gespeel het en die kinders moes die sang geniet het. Die sangperiodes moes kort en afwisselend wees. Van die kinders is die volgende verwag:

1. Gehoortoetse

1.1 Toonhoogte:

1.1.1 Hulle moes kon onderskei tussen lae-, middelmatige- en hoë klanke wat op die klavier voorgespeel is.

1.1.2 Hulle moes ook kon sê watter een van twee klanke die hoogste of laagste is, nadat die twee klanke direk na mekaar op die klavier voorgespeel is.

1.2 Ritme:

1.2.1 Marsmusiek - hulle moes in een of twee sirkels marsjeer of soos 'n trein maak.

1.2.2 Hardloopmusiek - hulle moes hardloop sodra die musiek verander het.

1.2.3 Huppelmusiek - hulle moes huppel of dans sodra die musiek sodanig verander het.

1.3 Tyd-Aksent:

1.3.1 Hulle moes kon aandui of 'n stuk musiek in een- of tweeslagmaat is deur hulle voete te stamp, hande te klap of te spring.

1.3.2 Hulle moes eenvoudige ritmiese passasies klap direk nadat dit op die klavier gespeel is.

2. Waardering

2.1 Dramatisering:

Hulle moes loop soos olifante, reuse, soldate of soos feëttjies dans of huppel terwyl die onderwyser dit op die klavier illustreer.

2.2 Intensiteit:

Die kinders moes kon onderskei tussen piano en forte klanke.

2.3 Crescendo en Diminuendo:

Kinders het in 'n diggeslote sirkel gestaan en stadig die sirkel oopgemaak by 'n crescendo en gesluit by 'n diminuendo. Hulle kon dit ook aan die hand van blomme wat oop en toe gaan illustreer.

2.4 Hulle moes ook kon onderskei tussen opgewekte, vinnige en stadige, of treurige musiek. Die onderwyser het voorbeelde op die klavier voorgespeel.

3. Notasie

Doh, soh, doh moes van simbole en handtekens gelees word.

4. Liedere

4.1 Kleuterrympies, sang- en dansspele, aksie- en marsliedjies is aangeleer deur

nabootsing. Eenvoudige asemhalingsoefeninge was ook in die leerplan ingesluit, byvoorbeeld blomme ruik, of pap koud te blaas.

4.2 Stemoefeninge: Die kinders moes konsentreer op 'n sagte ronde toonkwaliteit. Individuele kinders is ook aangemoedig om te sing.

4.3 Slagorkes: Daar is baie waarde aan hierdie aktiwiteit geheg vir die ontwikkeling van ritme en spanwerk, asook die waardering vir orkestrale toonkleur.

Standerds 1 en 2

Van die kinders is die volgende verwag:

1. Gehoor en notasie

1.1 Wysie:

1.1.1 Doh, soh, fah moes van sangkaarte en handtekens gesing kon word.

1.1.2 Die agt toontrappe van die majeure toonleer moes in stygende en dalende vorm gesing word.

1.2 Tyd: Kort ritmiese lopies moes op die Franse tydname gesing word (taa, ta-té, taa-aa, saa)

1.3 Tyd en wysie: Hier moes die kinders 'n stuk kon bladsing.

2. Gehoortoetse:

2.1 Enige een van die toontrappe onder die wysie in 1.1.2 wat voorgespeel word, moes herken word.

2.2 Hulle moes 'n kort passasie sing of neurie nadat dit twee of drie keer deur die onderwyser gesing of gespeel is. 2.3 Hulle moes tussen twee-, drie- en vierslagmaat kon onderskei deur te klap of tyd te hou deur te dirigeer.

3. Waardering

3.1 Die karakter, woorde en komponis van die liedere is bespreek.

3.2 Programmusiek

3.3 Elementêre vormskema is ook bespreek, soos A B (tweeledig) en A B A (drieledig).

4. Liedere

4.1 Asemhalingsoefeninge soos vir sub A en B met uitbreiding daarvan.

4.2 Stem oefening en woorduitspraak het ook aandag geniet.

4.3 Eenvoudige liedere is aangeleer met die voorwaarde dat die karakter, musiek en die woorde van die lied by die klas pas.

4.4 Maklike kringliedere (rounds) is ook aangeleer.

Standerds 3 en 4

1. Gehoor en notasie

1.1 Wysie:

1.1.1 Dit het onveranderd gebly met die byvoeging van fe, se en ta.

1.1.2 Die melodiese mineur toonleer is nou ook aan die kinders geleer.

2. Tyd: Soos vir standerds 1 en 2 met die volgende bygevoeg: tafa-tefe, ta-tefe, tafa-té en ta-fe.

3. Tyd en wysie: 'n Kort stukkie musiek moes van-die-blad gesing word.

4. Gehoortoetse:

4.1 Dit het onveranderd soos vir standerds 1 en 2 gebly met die byvoeging van ander aspekte wat geleer is.

4.2 Hulle moes 'n kort ritmiese frase sing deur middel van die Franse tydname.

5. Waardering

5.1 Die lewe en werke van enige bekende komponis is bespreek.

5.2 Die ou dansvorms is bekendgestel, naamlik die Minuet, Gavotte en Suite. (Hier moes gelet word op die vorm, plan, hoofemas, sekwense en nabootsing).

5.3 Die verskillende stemtipes is ook aan die kinders geleer, onder andere sopraan, alt, tenoor en bas.

5.4 Die verskillende orkesinstrumente is ook bespreek.

6. Liedere

6.1 Hulle moes gereeld asemhalingsoefeninge doen.

6.2 Daar moes gekonsentreer word op woorduitspraak en stemoefeninge.

6.3 Volks- en nasionale liederes is aangeleer.

6.4 Hier is ook die kringliederes voorgeskryf.

6.5 Die aanleer van klassieke liederes, tweestemmig.

Standerds 5 en 6

1. Gehoor en notasie

1.1 Wysie:

1.1.1 Onveranderd soos vir standerd 3 en 4 met al die chromatiese tone bygevoeg (de, re, ma en la).

1.1.2 Harmoniese- en melodiese toonlere is aangeleer.

1.1.3 Eenvoudige modulasies is ook aan die kinders verduidelik.

2. Tyd: Dit was soos vir standerds 3 en 4 met byvoeging van die verdere verdeling van die hoofmaatslag, naamlik ta-té-tee, ta-fi-tee, tafa-tefe-tifi in 6/8 maatslag.

3. Tyd en wysie: 'n Passasie moes van-die-blad gesing word.

4. Gehoortoetse:

4.1 Dit het onveranderd gebly met die byvoeging van nuwe vereistes.

4.2 Die solfa name van 'n eenvoudige melodie wat gesing of gespeel is moes deur die kandidate weergegee kon word.

4.3 Die Franse tydname moes gesê word nadat 'n passasie deur die onderwyser voorgespeel is.

4.4 Hulle moes kon onderskei tussen twee-, drie-, vier- en sesslagmaat deur te dirigeer.

5. Waardering

5.1 Vokale en instrumentale musiek.

5.2 Abstrakte musiek.

5.3 Die sonate en simfonie.

5.4 Die opera, oratorium en orkes.

5.5 'n Elementêre agtergrond van die musiekgeskiedenis.

6. Liedere

6.1 Daar is voortgegaan met asemhalingsoefeninge.

6.2 Verdere stemoefeninge is gegee en daar is soos by die vorige standerds op die uitspraak van woorde gekonsentreer.

6.3 Moeiliker eenstemmige liedere is aangeleer.

6.4 Klassieke en moderne liedere is aan die kinders geleer.

6.5 Twee- of driestemmige liedere is ook nou ingesluit.

Middelbare klasse (Standerds 7 tot 10)

1. Gehoor en notasie

Hier is die werk van standerds 5 en 6 voortgesit. Moeiliker oefeninge is gegee en daar moes meer op noteskrif gekonsentreer word.

2. Waardering

Hier moes die werk van standerds 5 en 6 se leerplan voortgesit word.

3. Liedere

3.1 Stemoefeninge het nou meer ingewikkeld en gevorderd geraak. Daar is ook gekonsentreer op uitspraak.

3.2 Volksliedere is aangeleer.

3.3 Klassieke en moderne liedere is ook in die leerplan ingesluit.

3.4 Een-, twee-, of driestemmige liedere kon nou aangeleer word (S A, S S, S S A, S A B) (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Sangsillabus vir Laer- en Middelbare Skole, 1941, pp. 6-14).

In die sillabus is daar ook algemene opmerkings ten opsigte van 'n sangklas gemaak. Verder het die sillabus lang lyste van gepaste liedere ingesluit wat die keuse van liedere vir die verskillende sangklasse baie vergemaklik het (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Sangsillabus vir Laer- en Middelbare skole, 1941, pp. 18-43).

Aangesien daar nie veel leerplanne beskikbaar was nie, is daar soms probleme ondervind om 'n volledige beeld van die sangonderrig in die skole te gee. So was daar slegs een sillabus met 'n datum in die dekade 1940 tot 1950. By die Nasionale Letterkundige Museum was wel nog 'n sillabus, maar sonder 'n datum. Die volgende sillabus tot beskikking het gegeld vanaf 1966. Navorsing het getoon dat die sillabus sonder datum wel tussen dié van 1941 en 1966 verskyn het, aangesien daar in Lemmer verslag van 1954 melding gemaak is van 'n nuwe sillabus wat in 1955 gepubliseer sou word. Die afleiding kan dus gemaak word dat hierdie sillabus heel waarskynlik vanaf 1955

toegepas is. Hierdie leerplan het nie veel veranderinge ingesluit nie (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1954, p. 75).

In die voorwoord van hierdie leerplan word die belangrikheid van musiek in die skole weer eens sterk beklemtoon. Die doel en strewe was soos volg:

- i) Die kind se belangstelling te wek en sodoende 'n voorliefde vir goeie musiek by hom te ontwikkel.
- ii) Leerlinge die geleentheid te gee vir artistieke selfuitdrukking, of by hulle die vermoë te ontwikkel vir die skryf van 'n melodie of instrumentale voordrag.
- iii) Om 'n sekere mate van musikale stewigheid of agtergrond te ontwikkel deur onder andere die beoefening van bladsang (Onderwysdepartement, O V S, Leerplan vir die Primêre en Middelbare Skool in sang, [s.a.], p. 3).

Die leerplan vir sub A en B het onveranderd gebly, vir standerds 1 en 2 was dit in die meeste gevalle ook dieselfde. Veranderinge is opgemerk by die gehoortoetse, waar slegs tussen twee- en drie slagmaat onderskei moes word. Die herkenning van die agt toontrappe van die majeure toonleer is ook weggelaat. By die leerplan vir standerds 3 en 4 is die herkenning van al agt die toontrappe van die majeure toonleer eers ingesluit. Die gehoortoetse is ook aangepas. Hier moes die kinders enige trap van die majeure toonleer herken nadat dit op die klavier gespeel is. Die tonika is altyd eerste gespeel. Hulle moes ook majeure en mineur akkoorde in grondvorm kon onderskei. Vierslagmaat is ook in die leerplan ingesluit. Die leerplanne vir standerd 5 en standerd 6 was in hierdie

handboek van mekaar geskei, alhoewel die werk presies dieselfde was. Standerds 8, 9 en 10 se leerplanne was veel meer voorskriftelik. In die afdeling waar komponiste bespreek is, is daar spesifiek verwys na sekere komponiste asook Suid-Afrikaanse komponiste. In standerds 9 en 10 is ook vierstemmige koorwerke voorgeskryf. Verder is daar 'n model-sangles uitgewerk en algemene wenke en stemoefeninge is ook in hierdie handboek vervat. Lang lysie van verskillende en geskikte liedere is weer eens by die sillabus ingesluit (Onderwysdepartement, O V S, Leerplan vir die Primêre en Middelbare Skool in Sang, [s.a.], pp. 3-11 en 26).

Die volgende beskikbare sillabus van die Vrystaatse Onderwysdepartement het eers weer in 1966 verskyn.

Reeds in sy bondige rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945 het Petrus Lemmer te kenne gegee dat daar aansienlike vordering merkbaar was ten opsigte van sang en musiek in die algemeen. Die vordering was nie so opmerklik in alle skole nie aangesien goedopgeleide leerkragte ontbreek het. Waar daar wel goedopgeleide musiekonderwysers aangestel is, kon verbasende vooruitgang gesien word in die opgewekte- en musikale vertolking van die liedere, mooi uitspraak en 'n groot toonverskeidenheid. Hy het ook die voorstel gemaak om 'n tipe kursus vir sangleerkragte aan te bied waartydens hy hulle leiding kon gee. Lemmer het dan ook daarin geslaag om so 'n sangkursus vir onderwysers in die Vrystaat aan te bied. Met hierdie kursus in Bloemfontein in 1941 het Lemmer gepoog om die leerkragte beter toe

te rus vir hul taak as sangonderwysers. Ongeveer honderd leerkragte het die kursus bygewoon. Hierdie kursus is as besonder suksesvol beskou en is ook later vir die publiek oopgestel (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945, pp. 154-156; *Die Volksblad*, 3 Oktober 1941).

In 1944 is daar in samewerking met die Universiteit van Suid-Afrika met bladsang eksamens begin. In sy rapport van 1948 en 1949 het Petrus Lemmer weer eens melding van hierdie toetse gemaak en gesê dat die kinders nuwe liedere baie vinniger aanleer en dat hulle meer intelligent sing. By party skole het hy die leesvermoë nog baie swak gevind aangesien daar te veel klem op die blote genieting van musiek gelê is (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport oor die jaar geëindig 31 Desember 1948, p. 112, 31 Desember 1949, pp. 96-100).

Soos reeds genoem het Lemmer hom beywer om die leesvermoë van die kinders te verbeter. Hy het gesê dat die land se mense 'n musieklesende volk moes word wat die taal van die musiek kon lees. Lemmer se woorde was soos volg: "Uit daardie kennis van musiek gaan die belangstelling vir musiek gebore word." (*Die Volksblad*, 7 Junie 1948).

Die jaarlikse sangkompetisies is in die tydperk 1941 tot 1945 ook afgeskaf. Alhoewel daar baie goeie werk op hierdie gebied verrig is, het daar 'n gevoel ontstaan dat dit nie altyd die beste resultate gelewer het nie. In dieselfde tyd was daar selfs sprake om ook met die kunswedstryde weg te doen en musiekvoordrag op 'n nie-kompeterende basis in

te stel. Die sangfeeste het die kompetisies vervang en getoon dat dit in die meeste gevalle baie meer suksesvol was (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945, pp. 154-156).

Hierdie feeste het met verloop van tyd een van die mees populêre gebeurtenisse op die musiekkalender van Bloemfontein geword. Sulke feeste is in 1941, 1942, 1943, 1944, 1945, 1947 en 1948 aangebied. Die fees van 1941 was die vierde van sy soort in Bloemfontein. Hierdie fees was dan ook die laaste wat in die Stadsaal aangebied is. Die sangfeeste wat gevolg het, het almal op Victoriapark plaasgevind. By elk van hierdie sangfeeste was daar ver oor 'n duisend leerlinge wat aan die massakoor-items deelgeneem het (*Die Volksblad*, 25 Oktober 1941, 22 April 1942, 13 en 15 Oktober 1943, 8 en 9 Junie 1944, 7 Junie 1945 en 11 September 1948; Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1947, pp. 104-106).

Afgesien van die massakore wat opgetree het, het die kore van die verskillende skole ook die geleentheid gekry om individueel op te tree. Skoolkore wat gereeld tydens hierdie feeste opgetree het, sluit in Oranje Meisieskool, Modelskool, St Andrewskool, Christian Brothers' College, Hoërskool Sentraal, Greenhill-kloosterskool, Grey-kollege, Dr Viljoen, Brebner, Pres Brandskool en die Eunice Meisieskool. Die begeleiding tydens hierdie feeste is gewoonlik deur twee pianiste gedoen. Michele Casaleggio en

Jurie Fourie was daarvoor verantwoordelik (*Die Volksblad*, 23 April 1942, 8 en 9 Junie 1944). Hierdie sangfeeste word meer volledig bespreek onder die gedeelte wat spesifiek oor sangfeeste handel.

In Lemmer se rapport, waarvan dele in *Die Volksblad* van 28 April 1948 gepubliseer is, is dit duidelik dat daar aanvanklik 'n wanbegrip onder 'n groot aantal mense bestaan het dat hierdie buiteligfeeste nie geslaag kon wees nie. Dié wanbegrip is reeds in daardie stadium goed die nek ingeslaan, aangesien die feeste nie net 'n reuse sukses was nie, maar ook die geleentheid geskep het vir duisende toeskouers om na die inspirerende kindersang te kon luister.

'n Probleem wat in die jare 1940 tot 1955 deurentyd op die voorgrond was, is die feit dat daar so min skole was wat van die sangleerplan gebruik gemaak het. Slegs 'n paar skole waar daar goed opgeleide leerkragte was, kon hierdie vereistes navolg. Die gevolg hiervan was dat daar slegs 'n beperkte aantal liedere elke jaar gesing en voorberei is alhoewel die leerplanne lang lyste van verskillende liedere bevat het. Hierdie liedere is dan ook reeds gerangskik vir die verskillende standerds. Teen 1949 was hierdie probleem nog nie heeltemal uit die weg geruim nie (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945, pp. 154-156, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1947, pp. 104-106, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1948, p. 112 en Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1949, pp. 96-100).

In Lemmer se rapport wat in die inspekteursverslag van 1951 en 1953 gepubliseer is, het dit weer eens duidelik geblyk dat daar by baie skole nog nie goed opgeleide onderwysers aangestel is nie. Lemmer het ook melding gemaak dat daar meer aandag aan die waardering van goeie musiek gegee moes word. Dit was vir hom egter verblydend om te verneem dat die verskillende skoolkore tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1953 so goed geprester het. Die koorsang van die skole in die Vrystaat en meer spesifiek in Bloemfontein, is deur die beoordelaars as van die beste in die land beskou. Lemmer se rede hiervoor was die afwesigheid van 'n simfonieorkes in Bloemfontein. Leerkragte en leerlinge het hulle dus veral op sang en koorwerke toegespits (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1951, p. 72, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1953, p. 78 en Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1954, p. 75).

'n Verblydende aspek in 1954 was dat die aantal seuns en dogters wat stryk- en blaasinstrumente bespeel het in 'n groot mate toegeneem het. Daar was selfs 'n seun wat aansoek gedoen het om dwarsfluit as eksamenvak vir matriek aan te bied. Hierdie leerling was Leonard Lemmer, seun van Petrus Lemmer (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1954, p. 75; Lemmer, 1993, Onderhoud).

Petrus Lemmer het ook die gedagte van 'n slagorkes by die kleiner kinders aangemoedig, aangesien dit spanwerk, dissipline, ritmiese gevoel en die waardering vir

musiek bevorder het. Reeds in 'n vroeë stadium het hy ook die belang van euritmiek beklemtoon en het dit stadig deel van die leerplan geword. Dit kon aanvanklik slegs aangebied word waar die skole oor geskikte lokale en onderwysers beskik het. Teen 1955 het die slagorkes en euritmiek werklik 'n interessante deel van die leerplan geword. Dit het veral onder die kleiner kinders uitstekende resultate getoon (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945, pp. 154-156, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1947, pp. 104-106, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1948, p. 112 en Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1955, pp. 90-92).

Petrus Lemmer het verder ook sy misnoeë ten opsigte van die klaviere en klaskamers wat nie altyd voordelig was vir die bevordering van musiek as kunsvorm nie. Hy het egter die hoop uitgespreek dat die Departement so gou moontlik hierdie leemtes sou vul (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945, pp. 154-156).

Volgens Lemmer se rapport van 1948 is dit weer eens duidelik dat die sang met rasse skrede verbeter het by die skole waar daar goed opgeleide leerkragte werksaam was. Alhoewel die tegniek van sang nog glad nie op 'n hoë standaard was nie, het die leerkragte grotendeels daarin geslaag om die belangstelling by die kinders te kweek om te sing. 'n Belangrike aspek wat ook in die verslag na vore kom, is die feit dat die mededinging of kompetisie tussen die verskillende skole heeltemal uitgeskakel is en dat

dit vervang is met die gesamentlike sangfeeste wat in daardie stadium deur die hele provinsie gehou is. Almal het die geleentheid gekry om aan hierdie feeste deel te neem, selfs die minder begaafdes (*Die Volksblad*, 28 April 1948).

Lemmer het hierdie pos vir sestien jaar bekleed. Vroeg in 1956 het hy 'n pos aan die Tegniese Kollege in Oos-Londen aanvaar waar hy as hoof van die musiekafdeling aangestel is. Hy het hierdie pos vanaf 1 April 1956 bekleed. Petrus Lemmer is ook as die dirigent van die Afrikaanse Koorvereniging van Oos-Londen aangestel (*Die Volksblad*, 26 Januarie 1956; *The Friend*, 27 Januarie 1956).

6.1.2 Sangfeeste

Onder die leiding van Charles Hamer en later Petrus Lemmer het daar vir etlike jare sangfeeste in Bloemfontein plaasgevind. Dit was nie alleen een van die hoogtepunte op die jaarlikse musiekkalender nie, maar het ook 'n belangrike opvoedkundige rol gespeel.

Die skoliere van die verskillende skole het op 'n nie-kompeterende basis byeen gekom waar daar gesamentlik items deur die massakoor gesing is. Party van die skole het ook afsonderlik opgetree.

Die derde agtereenvolgende sangfees het op 13 en 14 Junie 1940 in die Stadsaal plaasgevind. Soos by die vorige geleentheid is die fees ook oor die radio uitgesaai. Die dirigent van die massakoor-items was Charles Hamer. Die massakoor het drie

Afrikaanse en drie Engelse liedere gesing. Die hoërskole was eerste aan die beurt en was besonder suksesvol. Kore wat individueel opgetree het was dié van Grey-kollege, Eunice Meisieskool, Greenhill-kloosterskool, St Michael Meisieskool, Sentraal, Oranje Meisieskool en Brebner. Werke wat hulle gesing het was **Die soldaat se vaarwel** (Kinkel), **The Merry Widow Waltz** (Lehár), **O Boereplaas** (Tradisioneel), **Autumn song** (Mendelssohn) en **Cronos the charioteer** (Schubert). Die massakoor, bestaande uit ongeveer 1 500 leerlinge het onder ander **Who is Sylvia** (Schubert) en **My nooientjie lief in die moerbeiboom** (Conradi) gesing (*Die Volksblad*, 10 Junie 1940; *The Friend*, 13 en 14 Junie 1940).

Tydens die laerskole se fees het daar ongeveer 1 600 leerlinge deelgeneem. Skoolkore wat individueel opgetree het, het ingesluit: Eunice Meisieskool, St Andrews-kool, Brebner, Modelskool, Pres Brandskool, Noordskool, Oranje Meisieskool, Greenhill-kloosterskool en Grey-kollege. Werke wat hierdie skoolkore gesing het was **Orpheus and his lute** (E German), **Land of hope and glory** (Elgar), **Vegkop**, (Richfield), **Blou Donau** (J Strauss), **Now is the month of Maying** (Morley), **Wiegeliedjie** (Schubert) en **Fairings** (E Martin) (*The Friend*, 15 Junie 1940).

Die sangfeeste moes besonder trefkrag gehad het en die publiek het dit beslis ook waardeer. In *Die Volksblad* (18 Junie 1940) skryf mev Johanna Weideman soos volg: "Graag wil ek die dank en waardering wat baie lede van die publiek voel, uitspreek aan al die onderwysers en onderwyseresse wat hulle soveel opofferings gekos het om die

sangfees so 'n reuse-sukses te maak. Ook die Vrystaatse leerlinge verdien innige dank vir die pragtige sang waarop hulle ons vergas het."

Die vierde agtereenvolgende sangfees het op 27 en 28 Oktober 1941 in die Stadsaal plaasgevind. Die laerskole het op 27 Oktober opgetree waartydens die destydse Administrateur, prof S P Barnard die opening waargeneem het. Die massakoor het uit ongeveer 2200 leerlinge van die verskillende skole bestaan. Skoolkore wat afsonderlik opgetree het, het ingesluit: Modelskool, Eunice Primêre Meisieskool, Laerskool Brebner, Laerskool Sentraal, Oranje Meisieskool, St Andrewskool, Christian Brothers'College, Grey-kollege, Dr Viljoen en die Greenhill-kloosterskool. Werke wat deur die massakoor gesing is, was **John Peel**, **Waghondjies** (Wierds), **Londonderry Air**, **Rosie van die velde** (Heinrich Werner), **Jolly Wagoner** en **Hou koers** (Lemmer). 'n Paar werke wat deur die verskillende skole gesing is, was die volgende: **Die maan is soos 'n silwer kou** (Noel Johnson), **Sunbeams** (Landon Ronald), **Freedom** (Stewart Baxter), **Kom na die sonlig woud** (J M Pelton), **The rising of the lark** (A Somervell) en **O, hush thee my baby** (Sullivan) (*Die Volksblad*, 27 Oktober 1941).

Die hoërskole se sangfees het ook baie suksesvol verloop en Petrus Lemmer het weer eens beklemtoon dat die feeste nie mededingend van aard was nie, maar dat daar vir die liefde van die saak gesing word (*Die Volksblad*, 28 Oktober 1941).

In 1942 het die sangfees op 23 April in Victoriapark plaasgevind. Aangesien daar meer skoliere gehuisves kon word, is besluit om die fees vanaf die Stadsaal na die buitelug te verskuif. Die hoër- en laerskole het op een dag byeen gekom en nie soos die vorige jaar op twee verskillende dae nie. Die begeleiding is deur die Filharmoniese orkes verskaf met Victor Pohl as leier. Altesaam vierduisend leerlinge het aan hierdie fees deelgeneem. Volgens die resensent van *The Friend* (24 April 1942) is sang van hoë standaard gelewer. Die verrigtinge is deur die destydse Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, dr S Henri Pellissier, geopen (*Die Volksblad*, 23 April 1942).

Die hoogtepunt van die fees was die gesamentlike uitvoering van **Old Folks at home** (Foster). Ander gesamentlike koorwerke is uitstekend gesing. Die program is afgewissel met klaviersolo's en danse. Ander skoolkore wat afsonderlik gesing het, was St Andrewskool, Modelskool, Oranje Meisieskool, Pres Brandskool en Greenhill-kloosterskool (*Die Volksblad*, 23 April 1942).

Die sangfees van 1943 het weer oor twee dae gestrek en het op 14 en 15 Oktober 1943 in die Stadsaal plaasgevind. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (15 Oktober 1943) was die uitvoering deur die leerlinge van die hoërskole van die stad 'n besondere belewenis. Die verskillende koorwerke is tot in die fynste besonderhede afgerig en die sang het van volle oorgawe en begeesting getuig. Die massakoor het die volgende werke gesing: **Oranje-Blanje-Blou** (Pierson), **Song of the Volga boatmen**, **Blanke Engelerei** (Handel, met woorde van dr H M van der Merwe Scholtz), **The Ash grove**

en **Psalm 100** (P K de Villiers). Hoërskoolkore wat afsonderlik opgetree het, was Hoërskool Sentraal, Oranje Meisieskool, Brebner en Eunice Meisieskool. Mnr Casaleggio van Sentraal het die massakoor op die klavier begelei (*Die Volksblad*, 13 en 15 Oktober 1943).

Die laerskole se sang was nou wel nie so indrukwekkend nie, maar hulle sang was net so suiwer en hulle het die hoogste lof van die kritikus ontvang. Dié massakoor is deur mnr Jurie Fourie op die klavier begelei. Werke wat die gesamentlike koor uitgevoer is, het ingesluit **Na buite** (Von Gericke), **Wiegeliedjie** (Mozart) en **Now is the month of Maying** (Morley). Pres Brandskool, Laerskool Sentraal, Grey-kollege, Eunice Meisieskool, St Michael Meisieskool, Greenhill-kloosterskool en St Andrewskool het afsonderlike opgetree. Koorwerke wat deur hulle gesing is, is onder andere **Lentetyd roep ons weer**, **The drums of freedom**, **The Piper** en **The Madonna's Lullaby** (*Die Volksblad*, 16 Oktober 1943).

Die sangfees van 1944 het op 8 en 9 Junie plaasgevind. Die volledige program is oor die radio uitgesaai. Tydens die laerskole se uitvoering het die massakoor onder andere die volgende werke gesing: **Aanstap** (Lemmer), **Nymphs and shepherds** (Purcell) en **Die Tortelduifies** (Joede). Individuele kore wat opgetree het was van Dr Viljoen, Brebner, Grey-kollege, Sentraal, Modelskool, St Andrewskool, Pres Brandskool, Oranje Meisieskool en Greenhill-kloosterskool asook die destydse Bloemfontein-Noordskool (later bekend as Kruitberg). Petrus Lemmer sowel as Charles Hamer het die

gesamentlike sang gelei en Jurie Fourie het die begeleiding waargeneem. Charles Hamer het die solo in **Tramp, tramp, tramp the boys are marching** gesing (*Die Volksblad*, 3 en 8 Junie 1944; *The Friend*, 9 Junie 1944).

Die hoërskole se fees op 9 Junie 1944 was 'n reuse sukses. Die sang was van beondere hoë gehalte. Lemmer het die leiding geneem terwyl Michele Casaleggio die begeleiding op die klavier waargeneem het. Anna Jackson en Charles Hamer het die solo-gedeeltes behartig in onder meer **Tramp, tramp, tramp the boys are marching** en **Skermmelodieë** (*Die Volksblad*, 9 Junie 1944; *The Friend*, 10 Junie 1944).

Die sangfeeste van 1945 en 1948 is ook met groot sukses afgehandel. In 1945 het die fees op 7 en 8 Junie plaasgevind en is ook oor die radio uitgesaai. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (8 Junie 1945) het die massakoor wat uit die hoërskoolleerlinge bestaan het nie alleen soos 'n groot skoolkoor gesing nie, maar skitterende hoogtepunte in die vertolking van moeilike koorstukke bereik. 'n Besoeker van Pretoria, prof Gerrit Bon, was besonder ingenome met hierdie feeste. Hy was van voorneme om soortgelyke feeste in Pretoria te organiseer. In 1948 het die fees op 14 en 15 September plaasgevind. Die hoogtepunt was weer eens die items wat deur die massakore gesing is. Die skoolkoor van die Eunice Meisieskool met Grace Butler en ook Petrus Lemmer as dirigente het onder die individuele kore uitblink in hulle vertolkings van **The Lord is my Shepherd** en **The Tinkling of the bells** (Lemmer). Daar was ook 'n paar

instrumentale solo's wat die program op kleurvolle wyse afgewissel het (*Die Volksblad*, 15 September 1948).

Die opvoedkundige waarde van hierdie feeste was van besondere belang. Die liefde vir die musiek wat daardeur aangewakker is, was 'n groot aanwinst vir kuns en kultuur.

6.2 Musiek as eksamenvak in die Vrystaatse skole

Volgens Human (1976, p. 263) is die Juniorsertifikaateksamen in musiek reeds in 1933 afgeneem. Die leerplan van 1933 is deur Wansbrough Poles en Petrus Lemmer opgestel. Dit wil voorkom asof die leerplan onveranderd gebly het tot in 1941 toe dit hersien is. Die leerplan het uit twee afdelings bestaan, naamlik 'n skriftelike (teoretiese) en 'n praktiese afdeling. In verband met die praktiese eksamen is daar slegs vir klavier- en vioolonderrig voorsiening gemaak.

As daar gekyk word na die aantal leerlinge wat musiek as vak vir die Juniorsertifikaateksamen aangebied het, is dit duidelik dat musiek nie 'n baie gewilde vak onder die leerlinge was nie. Hierdie verskynsel is veral opvallend wanneer dit met vakke soos Wiskunde en Skeikunde vergelyk word. Die volgende tabel dien as illustrasie:

Aantal kandidate vir onderskeidelik Musiek, Wiskunde en Skeikunde in die verskillende jare.

	<u>Musiek</u>	<u>Wiskunde</u>	<u>Skeikunde</u>
1941:	19	1385	1624
1942:	29	1381	1517
1943:	21	1304	1517
1944:	17	1422	1648
1945:	8	1320	1505
1949:	13	1284	1688

Die beperkte aantal musiekkandidate was heel waarskynlik toe te skryf aan die feit dat daar in die jare onder bespreking in baie van die Vrystaatse skole geen permanente musiekleerkrigte was nie. Dit is ook hoogs waarskynlik dat die meeste van die kandidate leerlinge aan Bloemfonteinse skole was (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945, p. 88 en Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1949, p. 56).

Die leerplan vir die Juniorsertifikaateksamen vir 1941 word met wysigings van terminologie, maar sonder enige inhoudelike wysigings hieronder weergegee:

Musiek (Punte 200)

(I) Skriftelike Eksamen (Punte 80)

1. Vrae oor die beginsels van musiek, insluitende note, rustekens, punte, notebalke, sleutels, hulplyne, toonsoorte en sleuteltekens, aksent en tydmaat, intervalle en hulle omkerings, diatoniese (majeur en mineur) toonlere, gewone akkoorde en hulle omkerings, terme en tekens in algemene gebruik.

(Hierdie vrae moet min of meer van dieselfde standaard wees as die wat vir die Preliminêre Eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika gestel word).

2.

(a) Die byvoeging van drie stempartye bo 'n besyferde bas. (b) Die byvoeging van drie stempartye bo 'n kort onbesyferde bas wat uit nie meer as 8 mate bestaan het nie. (Vir die vraag sal 'n deeglike kennis van die Majeur, Mineur, Vergrote en Verkleinde drieklanke en dominant sewendes, met omkeringe in elke geval, verwag word).

3. Vrae oor die lewe en werk van (a) Handel, (b) Haydn, (c) Grieg, insluitende hulle deel in die evolusie van die toonkuns in die algemeen.

(II) Praktiese Eksamen (Punte 120)

1.

(a) 'n Artistieke voordrag van drie stukke gekies deur die kandidate uit die volgende lyste- een uit elke lys.

Lys van stukke.

A. Kontrapuntale werke

1. Bach: **Gavotte and Musette** (Book 2: Hundred Best Classics)
2. Bach: **Sarabande (From 5th English Suite)** (Book 3: Hundred Best Short Classics)
3. Bach: **Two Part Invention in F** (Book 3: Hundred Best Short Classics)
4. Daquin: **Le Coucou** (Book 3: Hundred Best Short Classics)
5. Handel: **Fantasie in A minor** (Book 4: Hundred Best Short Classics)
6. Rameau: **Tambourin** (Book 3: Hundred Best Short Classics)
7. Scarlatti: **Sonate in C** (Book 5: Hundred Best Short Classics)

B. Klassieke

1. Beethoven: **Bagatelle** (No 1 of Eleven Bagatelles Op 119)
2. Beethoven: **Bagatelle** (Book 2: Hundred Best Short Classics)
3. Beethoven: **Sonate Opus 49 nr 1** (Eerste deel)
4. Beethoven: **Sonate Opus 49 nr 1** (Tweede deel)
5. Haydn: **Sonate in G** (no 9 Augener Ed) (Eerste deel)
6. Haydn: **Sonate in D** (no 7 Augener Ed) (Laaste deel) 7. Mozart: **Menuettos nrs 1 en 2** (uit **Sonate in E flat K 282**)

C. Romantiese en Moderne

1. Alwyn, W.: **Post Haste**
2. Bridge, F.: **The Princess** (uit **A Fairy Tale**) (Augener)
3. Carse, A.: **Valse in B-flat** (Augener)
4. Chopin: **Mazurka in A minor** (Book 4: Hundred Best Short Classics)
5. Dunhill, T F.: **Valse in G** (**The Royal Road, Book 4**)
6. Foster, I.: **Country Dance** (**The Royal Road, Book 4**)
7. Grieg: **Poetic Tone Pictures Opus 3 no 5 in F**
8. Ilynsky: **Berceuse** (Book 4: Hundred Best Short Classics)
9. Macdowell: **Song no 5** (uit Boek 2 **Sea Pieces Op 55**) (Elkin & Co)
10. Rubinstein: **Romance in E-flat Opus 44 no 1** (Augener)
11. Schumann: **Slumber Song Opus 124 no 16** (Augener)
12. Schubert: **Moment Musical in A-flat** (Book 5: Hundred Best Short Classics)

(b) Die eksaminator het verder verwag (óf deur voordrag, óf deur beantwoording van vrae, gestel deur die eksaminator) dat die kandidaat 'n goeie algemene kennis het, van nog **nege** stukke wat die kandidaat self kon kies, en wat stukke uit die lysie hierbo ingesluit het - uitgesonderd die drie wat alreeds gekies is vir afgeronde voordrag.

(Hierdie stukke van die kandidaat se eie keuse moes van 'n standaard wees, nie laer nie as dié van die Musiekeksamen, Hoër Afdeling, van die Universiteit van Suid-Afrika).

2.

(a) Toonlere" Majeur, Mineur (Harmonies en Melodies) en Chromatiese toonlere in enige toonsoort, met elke hand afsonderlik en albei hande tegelyk. (omvang vier oktawe). Majeur toonlere in teenoorgestelde rigting (omvang twee oktawe).

(b) Arpeggios: Gewone Majeur en Mineur akkoorde, met hulle omkeringe in enige toonsoort, met elke hand afsonderlik, en albei hande tegelyk (omvang vier oktawe).

3. Om 'n kort stuk te blad lees. (Tekens van tempo en uitdrukking moes in ag geneem word).

4. Gehoortoetse:

(a) Om Majeur en Mineur akkoorde en hulle omkerings, drie-stemmig gespeel, te herken.

(b) Om 'n reeks van nie meer as vyf klanke nie, in 'n Majeur toonsoort, te sing, neurie of fluit.

(c) Om die ritme van 'n kort passasie, gespeel deur die eksaminator, te klap, en om aan te dui of die passasie in twee- of drie-maatsalg is, deur maat te hou, terwyl dit nog 'n keer gespeel word.

(d) Om die volmaakte, onvolmaakte, plagale en onderbroke kadense, gespeel deur die eksaminator, te herken. (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Juniorsertifikaateksamen, Handboek. 1941, pp. 33-36).

Vir beide klavier- en vioolkandidate was die voorskrifte dieselfde, behalwe ten opsigte van toonlere en arpeggios. Vir vioolkandidate is die volgende toonlere en arpeggios voorgeskryf:

1. Toonlere:

(a) Majeur en Mineur (harmonies en melodies) in enige toonsoort. (omvang, twee oktawe) alleenlik met die onderbroke gebruik van die strykestok.

Die volgende dui die metode van uitvoering aan:-

(b) Chromatiese toonlere beginnende alleenlik op G en D (omvang twee oktawe), agt note vir een boog.

2. Arpeggios

Majeur en Mineur akkoorde in enige toonsoort (omvang, twee oktawe) drie note vir een boog (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Juniorsertifikaateksamen, Handboek, 1941, pp. 36-37). Die eksamenvoorskrifte in die handboek van 1945 vir hierdie eksamen het onveranderd gebly. Al wat wel verander het, was die puntetoekenning en die groot totaal. Die groot totaal was 300 punte met 120 en 180 vir die skriftelike- en praktiese eksamens onderskeidelik. Die lyste met die verskillende stukke wat voorgeskryf is, is egter ook nie in die handboek vervat nie, maar kon op aanvraag verkry word. Die moontlikheid bestaan dat hierdie lyste vir klavier en viool gewysig is (Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Juniorsertifikaateksamen, Handboek, 1945, pp. 43-45).

Dieselfde geld vir die voorskrifte in die handboek vir die Juniorsertifikaateksamens van 1947, 1951 en 1953. Al verandering wat aangebring is, was onder die skriftelike eksamen en wel by die geskiedenis afdeling. Die komponiste ter sprake was Purcell, Beethoven en Chopin. Selfs die punttoekenning het onveranderd gebly. Die lyste met die voorgeskrewe werke kon op aanvraag verkry word. Daar kan aangeneem word dat hierdie lyste ook gewysig is. Die vioolonderrig se voorskrifte wat toonlere en arpeggios betref het ook onveranderd gebly (Onderwysdepartement, Oranje-Vrystaat, Juniorsertifikaateksamens, Handboek, 1947, pp. 41-43, Juniorsertifikaateksamens, Handboek, 1951, pp. 41-43 en Juniorsertifikaateksamens, Handboek, 1953, pp. 44-46).

Die eerste Skooleindsertifikaateksamens in musiek is in 1939 deur 23 leerlinge afgelê. Hierdie getal het jaarliks gewissel, maar soos reeds genoem, is dit duidelik dat musiek nie een van die gewildste vakke op skool was nie, veral as dit soos by die Juniorsertifikaateksamens, met vakke soos Wiskunde en Skeikunde vergelyk sou word.

Hier volg 'n tabel wat as illustrasie dien:

	<u>Musiek</u>	<u>Wiskunde</u>	<u>Skeikunde</u>
1941:	26	655	863
1942	12	553	818
1943:	13	587	881
1944:	25	689	820

1945:	15	654	852
1949:	10	657	845

(Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die typerk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945, p. 92 en 31 Desember 1949, p. 62; Human, 1976, p. 267).

Die leerplan het beide 'n skriftelike en 'n praktiese eksamen vereis. Vier-en-twintig voorgeskrewe stukke, chronologies gerangskik in vier groepe, het as basis vir sowel die skriftelike as die praktiese afdelings van die eksamen gedien:

1. Die werke van die eerste bespelers van die klavesimbel (Scarlatti, ens.)
2. J S Bach
3. Die Wener-meesters (Haydn Mozart, Beethoven)
4. Komponiste ná Beethoven.

Die leerplan vir die Skooleindsertifikaat word hieronder met enkele wysigings van terminologie, maar sonder inhoudelike wysigings uit die handboek van 1941 weergegee:

(I) Skriftelike Eksamen (120 punte)

1. Vrae oor die beginsels van musiek wat ingesluit het: waarde, tydsduur en korrekte groepering van note; maattekens; notebalke en sleutels; intervalle en hulle omkerings; voortekeninge, die betekenis van musiekterme en tekens in algemene gebruik.

2.

(a) Vrae oor eenvoudige hoofpunte van musiekgeskiedenis van 1600 tot die huidige tydperk, gebaseer op 'n studie van die voorgeskrewe werke.

(b) Vrae oor musikale vorm, met inbegrip van Sonatevorm; Oue en Moderne Rondo; Minuet en Trio.

As alternatief vir Afdeling I,2.(b); Die studie van 'n voorgeskrewe orkeswerk, van grammofoonplate.

(Kandidate wat die alternatief verkies, moes die Sekretaris nie later nie as 30 Junie van die betrokke jaar daarvan in kennis stel)

3. Die harmonisasie van 'n eenvoudige melodie in nie meer as vier stemme nie.

(II) Praktiese Eksamen (180 punte)

1. 'n "Beskaafde" voordrag van twee van die 24 voorgeskrewe werke. Vier werke, spesiaal uitgesoek, is deur die Raad bekend gemaak agt weke voor die eksamen, en is in twee pare verdeel. Die kandidaat moes een werk uit elke paar kies. Twee dele van een Sonate het as een werk getel. Afhangende van die eksaminator kon die kandidaat gevra word om enige van die ander 24 voorgeskrewe werke te speel. 'n Afgeronde voordrag van dié werke is nie vereis nie.

2. 'n Toets in blad lees.

3. 'n Toets in musiekdiktee, met inbegrip van:

(a) Die dikteer van 'n eenvoudige melodie van vier mate. Die naam van die grondtoon is gegee, en die grondakkoord is gespeel. Die oefening is verskeie kere oorgespeel en van die kandidaat is verwag om die gespeelde melodie neer te skryf.

(b) Maatdiktee. Van die kandidaat is verwag om 'n eenvoudige ritmiese figuur wat deur die eksaminator geklap word, na te boots.

(c) Die benoeming van kadense en akkoorde gespeel deur die eksaminator. Die akkoorde is in majeure en in mineur in hulle oorspronklike posisie of in eerste en tweede omkerings gespeel (Onderwysdepartement, Oranje-Vrystaat, Skooleindsertifikaat, Leerplanne en Regulasies, 1941, pp. 48-50).

As handboeke vir die studie in musiek is die volgende aanbeveel:

Percy Scholes: The Listener's History of Music

Stanford en Forsyth: A History of Music

H C Colles: The Growth of Music (drie bande) As ekstra studiemateriaal is die Columbia Gramophone Company se stel boeke en plate, The Columbia History of Music through Ear and Eye aanbeveel.

Uit die feit dat hierdie handboeke almal in Engels was, kan afgelei word dat die kandidate die betrokke eksamens in Engels moes aflê. Die Afrikaanse terminologie vir musiek was in daardie stadium baie vaag en betreklik verwarrend, soos blyk uit die leerplan (woorde soos "voortekeninge" en "maattekens") en dit kan aanvaar word dat dit geriefliker sou wees om eksamens in Engels af te lê.

Die leerplan vir die skooleindsertifikaateksamen is in 1945, 1947 en 1951 hersien. In baie gevalle het die leerplanne onveranderd gebly, maar daar is tog hier en daar veranderinge aangebring. In die eerste plek het die punttoekenning verander na 150 punte vir elke afdeling. Onder die skriftelike afdeling van 1945 het die vrae wat handel oor die beginsels van musiek onveranderd gebly. Die geskiedenis het egter verander na die agtiende- en negentiende eeue, met spesiale verwysing na die (a) fuga en ander kontrapuntale vorme en (b) sonatevorm en inbegrepe vorme. By die harmonie het die volgende veranderings ingetree: (a) die neerskryf van 'n melodie van 'n gegewe ritmiese model; voltooiing van 'n frase waarvan die eerste helfte gegee is en die neerskryf van 'n melodie by gegewe woorde, (b) die byvoeging van 'n melodie wat onbeklemtoonde deurgangsnote bevat, bo 'n stem en (c) die neerskryf van vierstemmige harmonie bo 'n gegewe onbesyferde bas, of van 'n eenvoudige klavier harmonie onder 'n gegewe melodie.

(By (a) en (c) is 'n keuse van twee alternatiewe gestel) (Onderwysdepartement, Oranje-Vrystaat, Skooleindsertifikaat, Leerplanne en Regulasies, 1945, pp. 59-61).

By die praktiese afdeling moes daar nou drie uit die vier-en-twintig stukke gekies word. By die gehoortoetse moes die kandidate die diatoniese intervalle kon neerskryf soos wat dit deur die eksaminator voorgespeel is. Hulle moes 'n ritmiese diktee van vier mate noteer, asook 'n melodiese frase van agt note neerskryf nadat die tonika akkoord gespeel is. Kandidate moes ook die verskillende kadense wat in vierstemmige harmonie deur die eksaminator gespeel is herken (Onderwysdepartement, Oranje-Vrystaat, Skooleindsertifikaat, Leerplanne en Regulasies, 1945, pp. 59-61).

Die leerplanne wat in 1947 en 1951 verskyn het, het onveranderd gebly.

6.3 Musiekopleiding en -beoefening aan die Tegniese Kollege

Reeds in 1947 kon afgelei word uit 'n aankondiging in die plaaslike pers dat die Tegniese Kollege in Bloemfontein musiekonderrig aangebied het. Daar is hoofsaaklik op klavier gekonsentreer. Daar is ook 'n berig in *Die Volksblad* (15 Augustus 1947) geplaas waarin geadverteer word vir 'n lektor of lektrise. Daar het nie weer beriggewing in die pers ná hierdie betrokke advertensie verskyn nie.

Aan die begin van 1949 het dit bekend geword dat die Tegniese Kollege in Bloemfontein amptelik met 'n musiekafdeling begin het. Dié afdeling het op 26 Januarie 1949 in werking getree. Aangesien daar nie gepaste geboue was nie, het hulle die klasse in die Nederlandse saal in St Georgestraat aangebied. Die Tegniese Kollege in Kroonstad het die vorige jaar met 'n musiekafdeling begin en hul studentetal het in 1949 op tweehonderd gestaan met 'n voltydse personeel van agt lektore gehad (*Die Volksblad*, 21 Januarie 1949).

Klankdigte musiekkamers is beplan wat ongeveer ses maande sou duur om te voltooi. Die eerste dosent wat in die musiekafdeling aangestel is, was mnr Joachim H Speiser. Hy het sy studies in Duitsland voltooi (*Die Volksblad*, 21 Januarie 1949).

Joachim Speiser was nie alleen 'n briljante leermeester nie, maar het ook hoë lof as uitvoerende kunstenaar ingeoes. Hy was vir 'n geruime tyd 'n student van dr Edwin Fischer, een van die bekendste leermeesters op die gebied van klavierspel. Daarna het hy vir 'n tyd by die Akademie vir Musiek in Berlyn gestudeer en hom veral op klavierspel toegespits. Ander vakke waarin hy onderrig ontvang het was Musiekgeskiedenis en Instrumentekunde (*Die Volksblad*, 12 Februarie 1949).

As sewentienjarige seun het hy 'n baie gunstige indruk gemaak tydens 'n klavieruitvoering in Nairobi. By daardie geleentheid het hy onder andere die **Simfoniese Etudes** van Schumann gespeel. In Duitsland het Joachim Speiser gereeld saam met orkeste verskeie klavierkonserte uitgevoer (*Die Volksblad*, 12 Februarie 1949).

'n Klavieruitvoering deur Joachim Speiser onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging op 9 Mei 1949 het groot belangstelling tot gevolg gehad. Die Clarendonsaal was goed gevul en die gehoor het sy artistieke, maar beskeie uitvoering baie geniet. Sy uitvoering het getuig van musikaliteit en fyn afgerondheid. Hy het die **Franse Suite in G majeur** van Bach met gemak vertolk en 'n goeie indruk met die nodige dissipline gemaak. In Mozart se **Fantasie in c mineur** het die stemmingspassasies en liriese spel 'n gunstige indruk gemaak. Die hoogtepunt van sy uitvoering was die **Waldstein-sonate opus 53 in C majeur** van Beethoven. Hy het 'n goedontwikkelde tegniek openbaar en ongedwonge spel gelewer. Sy uitvoering is

voorafgegaan deur viool- en sangnommers deur plaaslike kunstenaars (*Die Volksblad*, 10 Mei 1949).

Dit is duidelik uit die voorafgaande resensie dat Speiser 'n buitengewoon begaafde musikus was en dat hy as kunstenaar en dosent 'n waardevolle bydrae tot die musiekontwikkeling in Bloemfontein sou lewer. Joachim Speiser was egter nie baie lank in Bloemfontein werksaam nie. Sedert 1950 het daar bykans geen beriggewing in die plaaslike koerante verskyn oor die bedrywighede van die musiekafdeling by dié kollege nie. Dit wil voorkom asof die afdeling opgehou het om te bestaan.

In 1956 het die kollege weer 'n poging aangewend om musiek aan te bied. Gerhardus Koornhof is aangewys as die persoon wat hierdie afdeling sou behartig (*Die Volksblad*, 18 Februarie 1956).

6.4 Musiekopleiding en -beoefening aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege

In 1938 is Aubrey Karstel in die plek van Petrus Lemmer as sangdosent aangestel - 'n posisie wat hy tot met sy uittrede in 1953 beklee het (Malan, 1984, p. 85; *Die Volksblad*, 31 Oktober 1953).

In 1942 het Aubrey Karstel saam met Jas J Broodryk 'n groot onderneming by die kollege aangepak. Hulle het 'n oorspronklike Afrikaanse operette op 31 Oktober in die

Stadsaal aangebied. Die musiek is deur Karstel geskryf en die libretto deur Broodryk. Die operette se naam was **Die Boerenooientjie** en is deur 60 studente van die destydse Normaalkollege opgevoer (*Die Volksblad*, 14 Oktober en 2 November 1942).

Die standaard van die produksie, alle fasette ingesluit, was ver bo die standaard wat van studente verwag kon word. Die stuk is opgedra aan die rektor, dr C F Visser, wat in 'n kort toespraak sy waardering teenoor die studente uitgespreek het. Die hoofrolle is suksesvol deur Jurie Fourie en Rita Karstel, dogter van Aubrey Karstel, vertolk. Dit was veral mej Karstel se sang wat 'n goeie indruk gemaak het alhoewel haar stem by tye te sag was vir die Stadsaal wat glad nie 'n gunstige akoestiek het nie (*Die Volksblad*, 2 November 1942).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* (2 November 1942) was die goed afgerigte koor onder leiding van Karstel grootliks verantwoordelik vir die sukses van hierdie produksie. Die sangers is op uitmuntende wyse deur 'n orkes onder leiding van Victor Pohl begelei. Koorstukke waarin die koor uitblink het, was **Nag** (musiek deur P J Lemmer), **Geluk** (musiek deur John Stevenson), **Land van die vlaktes** (woorde deur C F Visser) en **Boereplaas**. Die dekor het ook bygedra tot die tipiese Vrystaatse atmosfeer van die stuk en is deur mnr W F Mondriaan vervaardig.

In 1953 het Aubrey Karstel met sy studente 'n uiters geslaagde aanbieding van die operette **Ali Baba** (C T West) in die Vissersaal aangebied. Hierdie aanbieding het op

18, 19 en 20 Junie plaasgevind. Dit was duidelik dat die regisseurs, mnr Karstel en mej A Wilmot, baie tyd aan hierdie produksie bestee het (*The Friend*, 19 Junie 1953; *Die Volksblad*, 8 en 15 Junie 1953).

Die hele geselskap het deurgaans 'n lewendige tempo gehandhaaf en die tekortkominge wat met 'n klein verhoog gepaard gaan, uitstekend oorbrug. Piet Joubert in die rol van Ali Baba, het die mees konstante spel van al die spelers gelewer. Reinette Waldeck as die slawemeisie het 'n uitstaande vertolking gelewer en Christo Fourie in die rol van Hassarac het ietwat kleurloos begin, maar in die laaste deel het hy uitmuntende spel gelewer. Ander spelers wat 'n goeie indruk gemaak het, was Eben Agenbag, Willie Smit, Karl Erasmus, Ina de Wet, Hetta Rossouw en Freda du Plessis (*The Friend*, 19 Junie 1953).

Die stuk se mooi musiek en humoristiese dialoog tesame met die pragtige kostuums het die aanbieding van hierdie operette 'n nog groter sukses gemaak. Die sangers is deur 'n klein orkes begelei (*The Friend*, 19 Junie 1953).

Aan die begin van 1954 is Dolly Heiberg, in daardie stadium Dolly McDonald, in die plek van Karstel by die kollege aangestel. In *Die Volksblad* (19 Oktober 1954) is aangekondig dat mev Heiberg tot senior dosent in sang bevorder is (*Die Volksblad*, 7 Januarie 1954).

Op 22 Oktober 1954 is die eerste sangfees by die kollege onder die leiding van Dolly Heiberg aangebied. Hierdie sangfees was anders as die vorige sangfeeste in twee opsigte, naamlik dat dit in die eerste plek in die buitelug aangebied is en in die tweede plek het daar verskillende koshuiskore opgetree wat deur studente gedirigeer is. Kyk Bylae, pp. 40-41 (*Die Volksblad*, 9 Oktober 1954).

Volgens die resensent was die fees 'n glansryke sukses. Dit was nie net 'n besieling om na die hoë gehalte sang te luister nie, maar die aangename atmosfeer en puik organisasie deur mev Heiberg het grootliks tot die sukses bygedra. Die dameskoor van die kollege het onder die leiding van ReINETTE Waldeck en Wilma Steinbach opgetree. Die verskillende koshuise (met name van dirigente in hakies) wat opgetree het, was Kestell (Ina Moll), Fraser (Blanche Human), Viljoen (Ingrid Venter), Steyn (R van Niekerk), Reitz (Louis Fourie) en Goedverblyf (Morkel Combrink). Daar het ook 'n spreekkoor onder die leiding van mev Kretschmar opgetree (*Die Volksblad*, 9 en 23 Oktober 1954). Hierdie sangfees het in samewerking met die Musiekvereniging van die U O V S plaasgevind (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1954).

Onder die leiding van Dolly Heiberg is daar op 19 Oktober 1955 weer 'n hoogs geslaagde sangfees by die kollege aangebied. Soos in 1954 is dit in die buitelug gehou. Die studente het nie net as soliste opgetree nie, maar soos in 1954 ook verskillende kore gedirigeer. Dit was in die meeste gevalle dameskore wat opgetree het. Die dirigente van die verskillende koshuiskore was Joey Linde, Etta Wessels, Alma Malan en Estie

Loubser. 'n Gemengde koor onder leiding van Andrew Swart het uittreksels uit **Die Fledermaus** (J Strauss) gesing. Eben Agenbag het as solis 'n goeie indruk gemaak (*Die Volksblad*, 15, 19 en 20 Oktober 1955).

Die resensent van *Die Volksblad* (20 Oktober 1955) het die sang van die gemengde koor onder leiding van Dolly Heiberg as die hoogtepunt van die sangfees beskou. Hulle het deurlopend sang van hoë artistieke gehalte gelewer. Die **Miserere-koor** uit **II Trovatore** (Verdi) is op aangrypende wyse uitgevoer met Isabel du Toit en Jacobus Hattingh as soliste. Die werklike hoogtepunt is bereik toe die koor uittreksels uit **Aïda** (Verdi) gesing het. Mnr van Woerkom het die trompetsolo behartig. Hierdie koorsang is deur 'n strykorkes begelei. Die leier was mev Thomas en Estelle Boardman het as pianiste opgetree. Die resensent het verder gemeld dat die hele Vrystaat uiteindelik voordeel sou trek uit die opheffende werk wat Dolly Heiberg by die kollege verrig het. Die program het vlot verloop en die beplanning was uitstekend.

Vir 'n hele aantal jare het Dolly Heiberg hierdie waardevolle werk met groot entoesiasme voortgesit. Sy het nie alleen die standaard van musiekbeoefening by die kollege verhoog nie, maar ook 'n groot bydrae tot die musieklewe van Bloemfontein gelewer.

6.5 Musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Hoewel die Departement Musiek aan die U O V S eers in 1946 tot stand gekom het, is die Musiekskool van David Roode reeds in 1945 insluitende die personeel deur die destydse U K O V S oorgeneem. Persone wat hulle met die totstandkoming bemoei het, was proff H van der Merwe Scholtz, Ross, Kok, Britz en Arndt. Met die instelling van die Departement Musiek in 1946 is David Roode as professor en hoof van die Departement aangestel. By die Departement is opleiding gegee aan voornemende B A en B Mus studente wat reeds die matriekeksamen afgelê het. Kandidate wat hulle vir die lisensiaat- of sertifikaateksamens van U N I S A wou voorberei was ook welkom om by hierdie inrigting in te skakel. Enige ander persoon wat musiek as kuns wou beoefen was ook welkom (De Villiers, 1972, pp. 1-3).

Dit is ook duidelik in *Die Volksblad* van 25 September 1945 aangekondig dat David Roode as hoof en eerste professor aangestel is en dat sy hele musiekskool by die Departement geïnkorporeer sou word. Vroeg in 1946 het daar 'n breedvoerige verduideliking in die plaaslike koerant verskyn in verband met die kursusse wat by die destydse Musiekskool van die U K O V S aangebied sou word. Die akademiese lesings in musiek as 'n B A-vak is deur prof Roode waargeneem. Hy het ook van die praktiese onderrig in sang, klavier en orrel waargeneem. In daardie stadium het die personeel van die Musiekskool uit die volgende persone bestaan: Aubrey Karstel (orrel, klavier en teoretiese vakke), Andrew Hutton (klavier en orrel), Henriëtte Rossouw (klavier), Freda Roode (sang en klavier), Jennie Hadlow (sang), Marie Blignault (klavier), Victor Pohl

(viool), Norah Havenga (klavier) en Dolly McDonald, later Heiberg (klavier en orrel). In daardie stadium is die volgende kursusse by die Departement aangebied: die driejarige B A-Musiekgraad, die vierjarige B Mus-graad, die driejarige Onderwysdiploma, die grade M Mus en D Mus en 'n eenjarige kursus in Geskiedenis en Musiekwaardering (De Villiers, 1972, p. 3; *Die Volksblad*, 4 Januarie 1946).

Die eerste student wat die B A-graad in Musiek behaal het, was 'n mnr Gradwell van Bloemfontein. Aan die Musiekskool het talle studente in die sertifikaateksamens en lisensiaateksamens van Trinity College en U N I S A geprester. 'n Paar van die studente wat later uitsonderlike prestasies behaal het, was Bettie van Eck (klavier, finaal), Elsie McLaren (klavier, graad 7), Poppie Groenewoud (orrel, graad 5), Cecille Louw (orrel, graad 5) en Dawfré Roode (klavier, graad 7). Dawfré het ook 'n beurs van U N I S A vir sy uitsonderlike prestasie ontvang. Hy het in daardie stadium reeds vier soortgelyke beurse ontvang. In 1953 het Joy van Niekerk 'n buitengewone prestasie behaal deur die F T C L (sang) van die Trinity College of Music af te lê. Op grond van hierdie prestasie het sy 'n beurs ontvang wat haar in staat gestel het om vir drie jaar aan 'n oorsese universiteit te gaan studeer. Martie van Rensburg het as student van Gerhardus Koornhof die graad sewe orreleksamen voltooi en ook 'n beurs verower. Sy was toe reeds besig met die B Mus-graad (*De Villiers, 1972, p. 3; Die Volksblad, 15 September en 23 Oktober 1951, 11 en 30 Desember 1953*).

In die tussentyd is mnr F J (Derik) van der Merwe in 1946 as senior lektor aangestel. Hy was vir klavieronderrig verantwoordelik. Hierdie pos het hy tot in 1967 beklee waarna hy 'n soortgelyke pos by die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar het. Tydens sy studieverlof in 1954 het mej Anna Minnaar (later Bobbert) sy klasse waargeneem. Sy was in daardie stadium reeds met die Hons B Mus-graad besig. Tydelike personeel moes ook aangestel word omdat die getal studente so vinnig vermeerder het. Studente het tot so ver as Kaapstad en stede in Transvaal gekom om hulle studies hier te voltooi (*Die Volksblad*, 28 November 1953; De Villiers, 1972, p. 5; Bobbert, 1994, Onderhoud).

Teen die middel van 1948 is mev Magda Bonnici-Zingg as erkende leerkrag in sang en klavier aan die destydse U K O V S aangestel. Sy was van Switserse afkoms en het haar opleiding aan die Konservatorium in Genève ontvang, waar sy die hoogste diplomas in sang en klavier behaal het. Sy het gereeld in oratoriums opgetree en ook verskeie opera-rolle vertolk. In Luzern was sy vir vyf jaar orreliste en in Bern het sy 'n musiekbeurs verower wat haar in staat gestel het om haar studies in Parys voort te sit (*Die Volksblad*, 15 Mei 1948).

In Parys het sy sang onder madame Cologne studeer. Nadat sy na Bern teruggekeer het, het sy die La-Bourse de Musiciens Suisse afgelê. Slegs vier studente, haarself ingesluit, was suksesvol. Sy is later in 1949 as orreliste van die Trinity Metodiste Kerk in Bloemfontein aangestel. Teen die middel van 1951 het Bonnici-Zingg Bloemfontein

verlaat en na Europa vertrek (*The Friend*, 30 April 1948, 25 November 1949 en 2 Junie 1951).

Teen die einde van 1948 het dit bekend geword dat dr Arend Koole as dosent by die Departement Musiek aangestel is. Hierdie knap musikus is in Holland gebore en was nie alleen 'n briljante musikoloog, pianis en dirigent nie, maar was ook sewe tale magtig. Het het verskeie belangrike posisies in Holland bekleed en sy koms na Bloemfontein is as 'n groot aanwinst beskou. Dr Koole het Bloemfontein in 1964 verlaat en na die V S A vertrek (*Die Volksblad*, 4 Desember 1948; De Villiers, 1972, pp. 5 en 6).

Vroeg in 1949 was dit bekend dat prof Gertrude Kautzky as lektresse by die Departement aangestel is. Sy het reeds in die buiteland 'n professoraat bekleed en het aan die beroemde Mozart-skool in Salzburg studeer. Sy het ook 'n tyd lank onderrig by die bekende pianis Walter Giesecking ontvang. In daardie stadium het daar 'n berig in *The Friend* (28 Julie 1950) verskyn waarin bekend gemaak is dat Kautzky reeds in Bloemfontein gearriveer het. Sy was vanaf die begin van 1951 tot aan die einde van 1961 by die Departement werksaam (De Villiers, 1972, pp. 5 en 6; *Die Volksblad*, 19 Februarie 1949).

In die plek van Jennie Hadlow wat Bloemfontein in 1949 verlaat het, het 'n mej Holmes van Durban die sangonderrig by die Departement waargeneem (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1949). Vivia Kruger is in 1950 as sangdosent by die Musiekskool aangestel. In daardie stadium was sy in besit van die U V L M en U O L M (sang). Sy het haar sangopleiding van prof Roode ontvang. In September van dieselfde jaar het sy 'n soortgelyke pos aan die Universiteitskollege van Potchefstroom aanvaar (*Die Volksblad*, 4 Februarie en 23 September 1950).

Vroeg in 1951 het Vivia Kruger na Bloemfontein teruggekeer en is weer as dosent in sang by die Musiekskool aangestel. Sy het besluit om haar studies in Londen voort te sit en het op 14 Desember 1951 Bloemfontein verlaat. Sy was van plan om die L R A M en A R C M in sang te gaan aflê. Aan die begin van 1953 het Vivia Kruger weer by die Departement Musiek aangesluit en vir 'n verdere jaar onderrig gegee. Sy is egter aan die begin van 1954 as sangonderwyseres by die Oranje Meisieskool aangestel (*Die Volksblad*, 3 Februarie, 24 November en 8 Desember 1951; *The Friend*, 21 November 1951).

Die selfstandigwording van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is op feestelike wyse in 1950 gevier. Mej Haarhoff en mnr Gerhardus Koornhof was die eerste studente wat die B Mus-graad aan die U O V S behaal het. Beide het onderskeidings in Musiekgeskiedenis behaal. Hulle lektore was onderskeidelik dr Koole, mnr Derik van der Merwe en prof David Roode. Teen die einde van 1951 is Koornhof as lektor by die

Departement Musiek aangestel. Hy het die Departement in 1956 verlaat en weer in 1960 tot die personeel toegetree. In 1961 het Koornhof die Departement finaal verlaat om 'n pos by die Universiteit van Potchefstroom te aanvaar (*Die Volksblad*, 14 Desember 1950, 15 September en 29 November 1951; De Villiers, 1972, pp. 5-6). In 1951 het daar 'n berig in *Die Volksblad* (10 Maart) verskyn waarin bekend gemaak is dat buitengewoon baie inskrywings vir musiekstudie ontvang is. Die driejarige diploma was baie gewild onder die studente, maar 'n groot aantal studente het hulle ook vir die B Mus-graad (4 jaar) ingeskryf. Die grootste hoeveelheid van hierdie studente het reeds lofwaardige prestasies behaal. Die meeste van hulle het in daardie stadium reeds die finale eksamen in klavier afgelê. Baie van hulle het ook met lof geslaag. Daar moes noodgedwonge addisionele leerkragte vir orrel, klavier en sang aangestel word aangesien so baie studente hierdie vakke gekies het.

In 1954 het 'n besondere eer twee van prof Roode se studente te beurt geval. Japie Human en Norah Havenga is uitgenooi om aan die oorsese beurskompetisie in Pretoria te gaan meeding. Human, op grond van sy prestasie in die U V L M (klavier) en Havenga, vir haar uitstekende prestasie in die U O L M (sang) (*Die Volksblad*, 14 September 1954).

Ander leerlinge wat uitstekend het, was Martie van Rensburg en Danita Greyling wat beide die graad agt-beurs vir orrel verower het. Die graad sewe-beurs vir orrelspel is aan Elsie McLaren toegeken. Teen die einde van 1955 het sy ook die finale

orreleksamen voltooi en 'n beurs van U N I S A ontvang. Sy het verder die musiekdiploma in dieselfde jaar met lof verwerf. Laasgenoemde drie persone was almal studente van Gerhardus Koornhof (*The Friend*, 25 Januarie en 13 Desember 1955).

In 1955 het prof Eduard Reeser, hoogleraar in Musiekgeskiedenis aan die Universiteit van Utrecht, Holland, 'n paar lesings by die Departement Musiek gegee. Hy het hoofsaaklik oor die betekenis van musikologie en die musieklewe in Holland gepraat (*Die Volksblad*, 28 April 1955).

Ander bekende musici wat in later jare aan die Departement Musiek verbonde was en sommige nog steeds is, is Japie Human, Leonore Kloppers, Margaret van der Post, Jack de Wet, Noel Travers, Harry Cremers, Deon Lamprecht (huidige Departementshoof), Jacobus Kloppers, Leo Quayle, wat in April 1959 die nuwe Departementshoof geword het, Chris Swanepoel wat in 1965 die hoofskap oorgeneem het, Francois Bouguenon, Derek Ochse, Izak Grové, Nicol Viljoen en Leonard Lemmer (De Villiers, 1972, pp. 6-8).

Prof Roode het ook 'n koor tot stand gebring, wat later gereeld uitvoerings gegee het. In 1954 het hulle tydens die onthulling van die De Wet-standbeeld opgetree, asook in die Universiteitsaal tydens 'n orrel- en sanguitvoering wat deur David Roode aangebied is (*Die Volksblad*, 2 en 18 Oktober 1954).

Hierdie koor het talle konserte aangebied en ook geslaagde konsertuitvoerings op die platteland gehou. In 1955 het die koor 'n toer deur die Vrystaat onderneem en later in 1956 deur die Suid-Vrystaat en Kaap-Middellande (*Die Volksblad*, 25 Junie en 14 Julie 1955 en 23 Junie, 7 en 17 Julie 1956; De Villiers, 1972, p. 14).

Die Departement Musiek het later van tyd die spil geword waarom die Bloemfonteinse musieklewe grootliks gedraai het. Daar word vandag nie net gereeld interne studente-konserte aangebied nie, maar 'n groot deel van die personeel is aktief by uitvoerings betrokke. Die Musiekvereniging van die U O V S (M U O V S) bied jaarliks 'n kompetisie aan waartydens studente op 'n meer kompeterende vlak kan meeding. Baie van die studente en ook dosente maak op 'n gereelde basis opnames vir uitsaaidoeleindes oor die radio.

6.6 Samevatting

Dit is duidelik dat die Onderwysdepartement en veral die Inspekteur van Musiek 'n baie belangrike rol in die voortbestaan van musiekonderrig gespeel het. Hy was nie net verantwoordelik vir die opstel van die verskillende sillabusse nie, maar moes ook die verskillende skole gereeld besoek om vas te stel waar daar nog probleme was.

Uit bogenoemde feite word afgelei dat die sangonderwyser of onderwyseres 'n primêre funksie verrig het. Hierdie leerkrigte moes nie net die sillabus kon behartig nie, maar

ook die sangklasse so interessant as moontlik aangebied sodat die leerlinge dit kon geniet. As daar kritiek teen die sangleerplanne gelewer moes word, sou die omslagtigheid daarvan beslis 'n faktor wees. Oor die algemeen is al die belangrikste aspekte wel gedek. Die feit dat daar hoegenaamd 'n leerplan was en soveel tyd aan musiekwaardering bestee is, moet egter gekomplimenteer word. 'n Ander aspek wat ook deeglike aandag geniet het, was bladsang wat 'n uiters belangrike komponent van musiekonderrig vorm.

'n Groot bekommernis vir Petrus Lemmer was die aansienlike hoeveelheid onbevoegde leerkragte wat hulle in sang- en musiekposte by die verskillende skole bevind het. Kursusse in onder andere klassang is aangebied waartydens die onderwysers se kennis 'n bietjie verbreed en opgeknop kon word.

Lemmer moet ook gelukkigwens word met die besluit om die sangkompetisies af te skaf en dit te vervang met die nie-kompeterende sangfeeste wat uiters suksesvol aangebied is. Kore van die verskillende skole het nie net die geleentheid gekry om individueel op te tree nie, maar ook om deel te hê aan die groot massakore wat deur Lemmer self gedirigeer is.

Musiek as vak by die skole het reeds so vroeg as 1933 bestaan. Hierdie leerplan is egter eers weer in 1941 hersien en aangepas. Aanvanklik is daar slegs vir klavier- en vioolkandidate voorsiening gemaak, maar later is dit uitgebrei na die ander instrumente

ook. Al was die leerplanne beskikbaar, was daar betreklik min leerlinge wat wel musiek as vak geneem het.

Die musiekbeoefening aan die Tegniëse Kollege was baie wisselvallig in die jare onder bespreking. Daar was wel tye toe die musiekonderrig goed op dreef was, maar dit was egter van korte duur. Die aktiwiteite aan die inrigting was in elk geval van so 'n aard dat daar glad nie sinvolle afleidings of gevolgtrekkings gemaak kan word nie.

Die musiekbeoefening aan die Bloemfonteinse Onderwyskollege was net die teenoorgestelde. Die werk aan hierdie inrigting is sinvol en sistematies aangebied en deurgevoer. Die suksesvolle aanbiedinge van operettes en sangfeeste getuig van die deeglike opleiding wat die studente ontvang het. Dolly Heiberg kan hier uitgesonder word as die persoon wat werklik 'n groot bydrae gelewer het.

Met die ontstaan van die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het studente die geleentheid gekry om in een of ander vakrigting te spesialiseer. Die personeel wat vir die klasse verantwoordelik was, was besonder goed gekwalifiseer en het met groot ywer hulle werk verrig. 'n Wye verskeidenheid vakke, diplomas en grade is aangebied en het oor die jare ook geweldig uitgebrei om sodoende in al die behoeftes te voorsien.

Die Departement het geweldig vinnig gegroei en daar moes spoedig meer dosente aangestel word. Sommige van die studente het uitstekende prestasies behaal en beklee vandag nog sleutelposisies in verskeie sentra in Suid-Afrika en in die buiteland. Afgesien van al die genoemde aktiwiteite het daar ook spoedig 'n Universiteitskoor tot stand gekom wat gereeld opgetree het en ook toere onderneem het. Vandag is dié koor een van die U O V S se uitvoerprodukte.

Uit al die inligting is dit duidelik dat musiekbeoefening en -onderrig in Bloemfontein nooit afgeskeep is nie. Daar kan alleenlik voortgebou word op die stewige grondslag wat deur 'n vorige geslag musici daargestel is.

HOOFSTUK 7

OPERA EN OPERETTE IN BLOEMFONTEIN

7.1 Plaaslike Aanbiedinge

In die jare 1940 tot 1955 was die aanbieding van 'n opera of 'n operette 'n uitsonderlike gebeurtenis in Bloemfontein. Indien daar wel 'n aanbieding van so aard plaasgevind het, is byna al die Bloemfonteinse musici by hierdie produksies betrek. Gesien in die lig daarvan dat dit slegs amateurs was wat aan hierdie opvoerings deelgeneem het, was dit merkwaardig dat daar hoegenaamd operas aangebied is. In sulke gevalle was selfs die persone wat van die hoofrolle vertolk het, behulpsaam met die bou van die dekor of die vertaling van die teks of die maak van die kostuums.

Navorsing het getoon dat die aanbieding van operettes eers werklik posgevat het toe die Vrystaatse Musiekvereniging in 1943 ontstaan het. Vanaf 1940 tot 1948 was daar nie sprake van sulke aanbiedings in Bloemfontein nie. Dat Bloemfontein letterlik uitgehonger was vir hierdie kunsvorm is duidelik te sien in die meegaande resensies wat in die plaaslike pers verskyn het. Vanaf 1940 tot 1955 is daar slegs twee operas in Bloemfontein aangebied, naamlik **Hänsel und Gretel** (Humperdinck) en **II Trovatore** (Verdi). Die feit dat beide hierdie operas in Afrikaans aangebied is, toon

duidelik dat Bloemfonteinse musici uit hulle pad gegaan het om Afrikaans in die musiekkuns te bevorder.

7.1.1 Hänsel und Gretel

Na afloop van die groot sukses van die gewyde kantate, *Dawid die Herderseun* (Root) in 1942, het Petrus Lemmer besluit om 'n opvoering van 'n opera aan te pak. Hy het aanvanklik op die operette *Lilac Time* besluit, maar na vier maande se briefwisseling is die opvoerrege geweier. Die keuse het toe op *Hänsel und Gretel* (Hansie en Grietjie) geval. Die opera is 'n produk van Humperdinck en was volgens Petrus Lemmer die mees geskikte keuse. Lemmer het verder beweer dat dit die enigste goeie ligte opera is wat selfs deur 'n kind geniet en gewaardeer kon word. Die vokale- en orkespartiture was reeds verkry en goedkeuring is uit Londen verleen om die opera in Afrikaans te vertaal. Die repetisies vir hierdie grootse taak het dan ook baie gou 'n aanvang geneem (*Die Volksblad*, 29 Maart 1944).

Hoofrolle in die uitvoering is vertolk deur Paul Fischer (Peter, 'n besembinder), Isabel du Toit (Gertrud, sy vrou), Anna Jackson (Hänsel), Rita Karstel (Gretel), Joan Hadlow (Heks) en Norah Havenga (Klaasvakie en Dagbrekertjie). Uit bogenoemde lys van name is dit duidelik dat Petrus Lemmer slegs die beste kunstenaars gekies het om die hoofrolle te vertolk. Al hierdie persone het werklik 'n groot bydrae tot musiek in Bloemfontein gelewer. Bekende en talentvolle persone het ook hul plek in die opera

ingeneem. Van die koorlede wat aan die produksie deelgeneem het, was Rita du Toit, Francina Buys en Grace Butler. Kyk Bylae, pp. 42-43 (Program, 14, 18, 19 en 20 Junie 1944).

Soos reeds genoem was die direkteur van die produksie Petrus Lemmer. Die regie is deur deur prof H van der Merwe Scholtz behartig en die balletdanse deur Yvonne Viljoen. Die dekor en die kostuums was in die hande van Petrus de Weerd, bygestaan deur onder andere Jurie Fourie, Johannes van Rensburg, Rita du Toit, Hanna Sanders en Berlina Malan (Program, 14, 18, 19 en 20 Junie 1944).

Die orkes tydens die uitvoering van die opera het bestaan uit vier eerste viole, drie tweede viole, 'n tjello, 'n kontrabas, een klarinet, een fluit en 'n klavier. Die orkesleier was Victor Pohl. Die klavierbegeleiding is deur mev Lily Scholtz waargeneem (Program, 14, 18, 19 en 20 Junie 1945; *Die Volksblad*, 5 Mei 1945).

Die opvoering van dié opera het plaasgevind op 18, 19 en 20 Junie 1945 in die Grand-teater in Bloemfontein. Hierdie uitvoering was uniek in die sin dat dit die eerste keer was dat 'n opera in Afrikaans aangebied is. Volgens 'n persoon wat die opera in Europa gesien het en van die repetisies hier bygewoon het, het verklaar dat die produksie maklik met dié van die buiteland vergelyk kon word. 'n Groot opkoms is vir die opvoering voorspel. Daar was self sprake dat 'n hele aantal mense van die platteland ook die opvoering sou bywoon. Daar is ook 'n middagvertoning vir skoolkinders op

14 Junie 1945 aangebied (*Die Volksblad*, 5 Mei 1945). Die geld wat ingesamel is tydens die opvoerings van die opera is vir die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat aangewend (*Die Volksblad*, 16 Mei 1945).

In *Die Volksblad* van 2 Junie 1945 het Petrus Lemmer verklaar dat hy van plan was om 'n vaste operageselskap in Bloemfontein in die lewe te roep, aangesien die deelnemers so entoesiasies was wat die komende opera betref. Hy het verder gesê dat die publiek die volgende jaar 'n tweede opera in Afrikaans kon verwag. Daar is ook besluit om die spesifieke opera later in dieselfde jaar te herhaal of om dit weer in 1946 uit te voer.

Navorsing het getoon dat daar weinig van Lemmer se voornemens gerealiseer het en dat die volgende opera eers in 1947 op die planke gebring is. Die rede kon aan verskeie faktore toegeskryf word. Daar was die probleme met kostuums, dekor, en ook partiture. Persone moes gevind word om die kostuums en dekor te maak en die partiture was nie altyd maklik verkrygbaar nie. 'n Ander groot struikelblok waarmee hulle te kampe gehad het was die uitvoerregte van sekere operas. Die feit dat die Tweede Wêreldoorlog skaars verby was, het heel waarskynlik ook 'n rol gespeel, want geld was baie skaars en operas was en is vandag nog 'n baie duur kunsvorm. Die feit dat Bloemfontein nie oor professionele sangers beskik het nie, kon in 'n mindere mate ook 'n rol gespeel het, alhoewel daar baie sangers en sangeresse was wat op amateurvlak sang beoefen het. Verder het Bloemfontein ook nie oor 'n simfonieorkes beskik nie en moes

daar altyd 'n orkes tot stand gebring word vir so produksie (*Die Volksblad*, 15 Junie 1945).

Op Donderdag 14 Junie 1945 het die jeug van Bloemfontein die geleentheid gehad om na 'n opvoering van die opera te gaan kyk. Hierdie vertoning het die middag in die Grand-teater plaasgevind. Die dekor was tydens hierdie vertoning nog nie heeltemal in orde nie, maar die publiek is verseker dat alles vlot sou verloop met die opening op 18 Junie 1945 (*Die Volksblad*, 15 Junie 1945).

Volgens *Die Volksblad* van 19 Junie 1945 was die première van **Hänsel und Gretel** 'n groot sukses. Die deeglike afronding, entoesiasme en kunstigheid van die groep amateurs het 'n baie gunstige indruk op die resensent gemaak. As in gedagte gehou word dat dit die eerste keer is dat 'n vollengte opera in Afrikaans in Bloemfontein aangebied is, was dit 'n besondere prestasie. Petrus Lemmer wat vir hierdie grootse en besondere gebeurtenis verantwoordelik was het al die eer verdien. Verder is genoem dat dit 'n onvergeetlike musikale prestasie was wat moeilik oortref sou word.

Uit dieselfde resensie is dit duidelik dat die dekor vir die opera baie indrukwekkend moes gewees het. Mnr de Weerd was vir beide die dekor en die kostumering verantwoordelik. Die dekor het die nodige atmosfeer en illusie vir elke toneel geskep. Al die deelnemers het deurgaans vrye en beweeglike spel gelewer wat te danke was aan prof H van der Merwe Scholtz. Hy was verantwoordelik vir die knap regie en het

gesorg dat die spel nooit staties of gedwonge voorgekom het nie. Die orkes wat in hierdie geval miskien die moeilikste taak gehad het, het hul baie goed van hul taak gekwyt. Soms was die spel nie gelyk nie. Dit kon egter toegeskryf word aan die beperkte ruimte waar die orkes moes plaasneem. Victor Pohl was 'n knap leier, Petrus Lemmer 'n rustige dirigent en Lily Scholtz as pianiste, se spel was deurgaans suiwer en musikaal.

Anna Jackson en Rita Karstel het hulle goed van hul take gekwyt in die hoofrolle van dié produksie. Rita Karstel se stem was destyds nog steeds besig om te ontwikkel wat omvang betref. Sy het die gehoor baie beïndruk met die suiwerheid en resonans van haar stem. Benewens al hierdie kwaliteite het sy puik toneelspel gelewer. Anna Jackson se stem was suiwerder en ryker in toonkwaliteit as voorheen. Haar beweeglikheid op die verhoog het verbeter namate die opera gevorder het. Sy het hierdie moeilike rol met groot sukses vertolk. Die gesamentlike sang van die twee begaafde sangeresse het telkens groot hoogtepunte bereik. Isabel du Toit se sang was aanvanklik nie soos waaraan die publiek gewoond was nie, maar die huiwering het spoedig verdwyn en kon die gehoor met lus na haar dramatiese stem luister. Paul Fischer se rol is met oortuiging vertolk. As gebore toneelspeler kon hy homself inleef in hierdie rol. Sy optrede is gekenmerk deur gemak en oortuiging. Die hoogste lof is egter aan Joan Hadlow toegeken vir haar voorstelling van die heks. Dit was moeilik om te bepaal op watter gebied sy die meeste uitblink het - haar briljante toneelspel of haar dramatiese sang. Die stem van Norah Havenga was soetklinkend en strelend en haar rol as die

sandmannetjie het groot byval by die publiek gevind. Haar vertolking van die doufeetje was egter minder suksesvol. Nietemin, haar rol as een van die gemmerbroodkindertjies aan die einde het bygedra om die opera tot 'n indrukwekkende einde te voer. Die balletdanse onder leiding van Yvonne Viljoen was kunstig en goed afgerond (*Die Volksblad*, 19 Junie 1945).

Die laaste opvoering van die opera was net so suksesvol as die vorige twee. Tydens dié opvoering was daar ook 'n hele aantal mense van die platteland wat die opvoering bygewoon het. Ten spyte van die inspanning van die vorige twee aande het die deelnemers weer eens skitterende sang en toneelspel gelever. Die gehoor het hulle waardering bewys deur 'n klomp ruikers en ander geskenke aan die deelnemers te oorhandig (*Die Volksblad*, 21 Junie 1945).

7.1.2 Il Trovatore

In *Die Volksblad* van 29 Mei 1946 is daar aangekondig dat Verdi se opera, **Il Trovatore** deur Aubrey Karstel in Bloemfontein in Afrikaans opgevoer sou word. Hierdie opvoering was beplan vir die eerste week in November 1946. Persone wat die hoofrolle sou vertolk was onder andere Isabel du Toit (Leonora), Ernst Schitte (Manrico, die troebadoer), Rita Karstel (Inez), Joan Hadlow (Azucena, die heks), Benedictus Kok (Ruiz), Jurie Fourie (graaf de Luna) en Alex Havenga (Ferrando). Die orkes wat die begeleiding sou waarneem het onder die leiding van Victor Pohl gestaan.

In dieselfde berig is bekend gemaak dat die hoofkoor uit sestien mans sou bestaan wat aangevul sou word deur sestien dames. Geld wat tydens die uitvoerings ingesamel sou word is aangewend ten bate van die uitbreidingsfonds van die destydse U K O V S.

Hierdie opera het wel plaasgevind, maar eers in Oktober 1947 in die Grand-teater in Bloemfontein. Probleme is ondervind om die orkespartituur in die hande te kry, maar is uiteindelik by die Kaapstadse Stadsorkes geleen. Mnr Karstel het aan die plaaslike pers verklaar dat sy idee met die opera was om Bloemfonteiners meer operabewus te maak. Hy was ook baie positief oor die feit dat die opera in die Grand-teater opgevoer sou word, omdat die musiek daar veel meer tot sy reg sou kom as by vorige soortgelyke opvoerings in die Stadsaal (*Die Volksblad*, 6 September 1947). Die rolverdeling het ook in die tussentyd verander en het tydens die eerste opvoering soos volg daaruit gesien: Isabel du Toit (Leonora), Jacques du Toit (Ferrando), Essie Steffens (Inez), Albert Steffens (Graaf de Luna), Loutjie Louw (Manrico), Joan Hadlow (Azucena) en Derik van der Merwe (Ruiz). Al die soliste was afkomstig van Bloemfontein behalwe Loutjie Louw wat van Malmesbury gekom het. Hy het hom spesiaal vir 'n maand lank in Bloemfontein gevestig om die rol van die troebadoer in te studeer. Kyk Bylae, pp. 44-45 (*Die Volksblad*, 25 Junie, 11 Oktober 1947, Program, 21-24 Oktober 1947).

Mnr Louw was geen onbekende in die stad nie, want hy het al tevore saam met die Kweekskoolkoor van Stellenbosch in Bloemfontein opgetree. Hy was ook bekend vir sy vertolkings van arias uit van die groot operas en het as jong seun gereeld in operette-opvoerings in Stellenbosch opgetree (*Die Volksblad*, 11 Oktober 1947).

Die orkes vir daardie geleentheid het uit dertien lede bestaan en 'n pianiste, Katharine Mason. Victor Pohl was steeds die leier van die orkes wat uit onder andere drie eerste viole, drie tweede viole, een kontrabas, een saksofoon, een klarinet, een trompet, een horing, een euphonium en een tamboer bestaan het. Die koor het uit vyf-en-dertig lede bestaan wat onder andere ingesluit het, Rita Karstel, Rita du Toit, Willem Naudé en prof Groenewoud (Program, 21 tot 24 Oktober 1947).

Die vertaling van die opera in Afrikaans is deur vier persone behartig waarvan mev Isabel du Toit die grootste deel verrig het. Die ander betrokke persone was dr W S Radley, mnre J C Pauw en Merwe Scholtz. Isabel du Toit was ook vir die vervaardiging van die kostuums verantwoordelik. Sy is bygestaan deur onder andere Anna Jooste, Rita du Toit, Essie Steffens en Ria van der Wath. Die regisseuse vir hierdie produksie was Susie Mey Viljoen (*Die Volksblad*, 6 September 1947 en Program, 21-24 Oktober 1947).

Volgens die rektor van die U O V S, prof H van der Merwe Scholtz, was die opvoering baie suksesvol en hy het die publiek aangemoedig om hierdie opvoerings by te woon.

Hy het ook gemeld dat die soliste as van die beste beskou kon word wat in Bloemfontein in soortgelyke produksies gehoor is. Die kostumering en dekor was ook 'n verrassing. Hy het verder gesê: "Dit is 'n reuse werk, deur plaaslike talent, wat baie gunstig vergelyk met soortgelyke opvoerings deur besoekende geselskappe. Mnr Karstel en sy medewerkers het met III *Trovatore* 'n nuwe bladsy geskryf in die musiekgeskiedenis van Bloemfontein en die Oranje-Vrystaat." (*Die Volksblad*, 21 Oktober 1947).

Volgens *The Friend* (24 Oktober 1947) was die talent van die soliste die mees uitstaande eienskap van dié produksie. Hulle het almal baie goed gesing en met Karstel as dirigent was dit nooit nodig om musikaliteit vir volume op te offer nie, want die orkes het onder die stok van Aubrey Karstel uiters simpatieke begeleiding verskaf. Die koorsang was ook baie goed en die sigeuner-toneel was besonder treffend. Ria van der Wath, 'n professionele danseres het die toneel geopen.

Die solis wat sekerlik die grootste lof verdien, is Joan Hadlow. Sy het in die aanbieding van die opera, *Hansie en Grietjie*, sover dit die resensente betref, ook die beste gevaar in haar vertolking van die heks. Haar sang en toneelspel was uitstekend. Jacques du Toit het potensiaal getoon en sy gesigspel was besonder gepas. Saam met Joan Hadlow was hulle diksies die beste van al die soliste. As Leonora het Isabel du Toit groot byval gevind. Dit was slegs haar toneelspel wat nie heeltemal bevredigend was nie. Sy het oor 'n pragtige stem en 'n sterk verhoogpersoonlikheid beskik. Die besoeker, Loutjie

Louw, het beïndruk met beide sy sang en toneelspel. Albert Steffens as die graaf het ook nie teleurgestel nie, maar kon volgens die resensent 'n nog groter poging aangewend het om die rol tot sy reg te laat kom. Alhoewel Derik van der Merwe se rol nie veel vereis het nie, het hy oortuigende spel gelewer (*The Friend*, 24 Oktober 1947).

7.1.3 Lilac Time

Lilac Time is die eerste operette wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is. Hierdie operette is op 29, 30 November en 1 Desember 1948 in die destydse Grand-teater in Bloemfontein opgevoer. Pertus Lemmer was verantwoordelik vir die musiekleiding en Susie Mey Viljoen vir die spelleiding. Die musiek van hierdie operette is deur Franz Schubert geskryf en die libretto deur dr A M Willner en Heinz Reichert. Kyk Bylae, pp. 46-48 (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948, Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948).

Met uitsondering van 'n paar professionele kenners is die hele opvoering deur amateurs onderneem. Na aanleiding hiervan was daar geringe tekortkominge, maar die puik toneelspel en mooi sang het die gehoor egter bekoor (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948).

Louis Knobel, 'n ligte bariton van Pretoria as Schubert, het pragtige sang gelewer en sy toneelspel was oortuigend. Hy het veral uitblink in **Dream Enthralling** en **My**

sweetest song of all. Anna Jackson, Isabel du Toit en Joan Hadlow in die rolle van mnr Veit se drie dogters, naamlik Tilli, Lili en Willi, het met hulle verruklike sang en fyn aanvoeling vir hul onderskeie rolle, spel gelewer wat slegs tot eer van Bloemfontein gestrek het. In die trio, *Just a little Ring*, het al drie uitgeblink. In die resensie wat in *The Friend* (1 Desember 1948) verskyn het, is spesiale melding van Joan Hadlow se duidelike diksie gemaak. Soms was die woorde van Isabel du Toit en Anna Jackson heeltemal onduidelik. Jaap Rousseau, Koos Morkel, Philippus Groenewoud en Benedictus Kok in die rolle van Schubert se lewenslustige vriende het 'n vrolike gees geskep wat werklik aansteeklik was. Hier het *Hark, hark, the Lark* en *Under the Lilac Bough* werklik beïndruk. Benedictus Kok in die rol van Baron Franz von Schober, het homself oortref in die vertolking van *Serenade*. Sy stem het 'n geweldige dra-krag gehad en sy diksie was uitmuntend. Volgens die resensie het nie een woord verlore gegaan nie. Dit was verder ook duidelik dat hy volkome tuis op die verhoog was. Anna Richter-Visser, Mariechen Naudé, Bonnie Jackson, Thys Naudé, Alex Havenga en Aubrey Gallow het almal goed geslaag in hul onderskeie rolle en het grootliks bygedra tot die sukses van die operette (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948).

Die koor van 31 lede het pragtige sang gelewer. Veral aan die einde van die tweede en derde bedryf het hulle die gehoor in absolute vervoering gehad. Die kostuums was baie oorspronklik en gepas. In die geheel was die regie en die beligting knap gedoen. Die koor se bewegings was nie altyd so suksesvol nie, maar was nooit hinderlik nie (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948).

Die orkes met Victor Pohl as leier en onder die stok van Petrus Lemmer, het besondere lof verdien. Die ander lede van die orkes, was Jack de Wet, Alma Kok, Rhoda Singer, Glynn Jones, Martli Pohl (eerste viole), Jennie Hadlow, Gertrude Saayman, Noel Travers, David Alberts (tweede viole), Inez Newberry (tjello), Eben Strauss (kontrabas), James Harley Brims (klarinet) Mary Rousseau (klavier) en Leonard Shepstone (orrel). Onder die simpatieke leiding van Lemmer as dirigent het die orkes werklik 'n besondere bydrae gelewer (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948; *The Friend*, 1 Desember 1948; Program, 29, 30 November en 1 Desember 1948).

Vir Bloemfontein was hierdie aanbieding van **Lilac Time** van onskatbare waarde. Dit sou uiteindelik die voorloper wees tot die opvoering van groter operas wat in later jare gevolg het.

7.1.4 Viktorja and her Hussar

Die tweede operette wat onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging aangebied is, was **Viktorja and her Hussar**. Die oorspronklike teks is deur Emmerich Foldes geskryf en die musiek deur Paul Abraham. Die Engelse vertaling van die operette is deur Harry Graham behartig. Vir die Bloemfonteinse aanbieding wat in die Grand-teater vanaf 10 tot 13 September 1951 plaasgevind het, was prof D J Roode die musikleier en Schalk Theron het die spelleiding waargeneem. Hy is deur Mariechen Naudé in hierdie verband bygestaan. Die orkesleier was weer eens Victor Pohl en

Marion Key het die klavierbegeleiding waargeneem. Ander persone wat 'n groot bydrae gelewer het, was Berlina Malan (kostuums) en mnr Sanders (dekor). Kyk Bylae, pp. 49-50 (*Die Volksblad*, 16, 17, 23 en 25 Augustus 1951).

Die hoofsolis was soos by die vorige operette, Louis Knobel van Pretoria en die ander soliste was Christine Rautenbach, Merle Cockroft, Paul Fischer, Aubrey Gallow, Jurie Fourie, Derik van der Merwe en Benedictus Kok. Volgens die resensent het Bloemfontein nog nooit sulke weelderigheid en swier in die Grand-teater aanskou nie, en het hy die aanbieding as 'n triomf beskou wat standaard en gehalte betref. Hy noem ook die naam van prof Roode, wat hy as 'n "inspirerende stukrag" beskou het. Uit die volgende woorde van die kritikus kan afgelei word dat die soliste, wat nie almal professioneel was nie, hulle baie goed van hul taak gekwyt het. "En so byna volkome het die bekende stadsgenote hul rolle vertolk dat 'n mens veelal vergeet dat jy hulle ook af die planke ken. Daar op die verhoog is hulle ander mense." (*Die Volksblad*, 25 Augustus en 12 September 1951).

Soliste wat uitblink het, was Louis Knobel (Stefan Koltay) wat saam met Christine Rautenbach (Viktoria) hul liefde op gevoelvolle wyse in *Star of my night* verklank het. Rautenbach se soet, musikale stem het beïndruk en die pragtige baritonstem van Knobel het in almal se smaak geval. Merle Cockroft (O Lia San) het met helderklinkende stem reg aan haar rol laat geskied. Sue Kruger as Riquette was ook baie suksesvol. Paul Fischer (graaf Ferrey) en Benedictus Kok (Janci) was baie geslaagd in hulle onderskeie

rolle. Derik van der Merwe (John Carling) het hierdie moeilike rol met gevoel vertolk. Aubrey Gallow as die burgemeester was onverbeterlik. Almal se toneelspel was goed en hulle het mekaar in alle opsigte aangevul (*Die Volksblad*, 12 September 1951).

Marion Key het 'n goeie indruk gemaak met haar uitstekende ritmiese aanvoeling op die klavier en prof Roode se dirigeerkuns was puik. Yvonne Viljoen wat vir die balletdanse verantwoordelik was, het verseker dat al die passies pragtig bymekaar ingepas het en sodoende sonder twyfel vir 'n afgeronde geheelindruk gesorg het. Die kostuums van Berlina Malan het ook spesiale melding in die resensie verdien (*Die Volksblad*, 12 September 1951).

7.2 Besoekende Operageselskappe

Die Bloemfonteinse publiek het in die jare 1940 tot 1955 nie gereeld die geleentheid gehad om opvoerings van operas by te woon nie. Die rede hiervoor was dat daar nooit werklik sulke ambisieuse pogings aangewend is nie aangesien die meeste kunstenaars in Bloemfontein musiek slegs op amateurvlak beoefen het. Operas is eers op 'n meer gereelde basis in Bloemfontein uitgevoer met die ontstaan van die Streeksraad vir die Uitvoerenende Kunste. Die meeste van die plaaslike opvoerings wat in daardie tyd aangebied is, het hoofsaaklik uit amateurs bestaan wat hulself beskikbaar gestel het om in die operas op te tree. As gevolg hiervan het die Bloemfonteinse konsertpubliek die

uitvoering van operas deur die besoekende geselskap met entoesiasme bygewoon. Tussen die jare 1940 en 1955 was daar net een operageselskap wat in Bloemfontein opgetree het.

7.2.1 Johannesburgse Operageselskap

In 1947 het die Johannesburgse Stadsorkes 'n opvoering van Puccini se *Madame Butterfly* in die Stadsaal aangebied. Hulle het bekend gestaan as die Johannesburgse Operageselskap. Hierdie opvoering het op 12 Mei 1947 onder die beskerming van die Bloemfonteinse Stadsraad plaasgevind. Die dirigent van die orkes was John Connell (*Die Volksblad*, 29 April, 10 Mei 1947).

In die resensie wat in *Die Volksblad* (13 Mei 1947) verskyn het is dit duidelik dat die opera baie goed bygewoon is en dat die publiek 'n herhaling van so opvoering sou verwelkom het. Nietemin is daar besef dat die Stadsaal nie die aangewese plek was om opera-opvoerings aan te bied nie, as gevolg van verskillende aspekte. Eerstens was die akoestiek nie goed nie, verder het 'n geskikte plek vir die orkes ontbreek en die sangers wat taamlik agter op die verhoog gesing het se stemme het heeltemal verdwyn. Hieruit het die noodsaaklikheid van 'n geskikte teater duidelik geblyk.

Uit die bogenoemde resensie is dit duidelik dat die orkes baie goed gespeel het, maar wel soms te hard was vir die sangers as gevolg van die foutiewe posisie van die orkes weens onvermydelike omstandighede. Die soliste wat uitblink het was May Cooper

as Butterfly. Sy het die uiters moeilike rol met onderskeiding vertolk. Dirk Lourens as Pinkerton het dié kleurlose rol met welslae vertolk. Jean Gluckman as Suzuki het 'n pragtige stem en het deurgaans beïndruk met haar sang. Bruce Anderson en Frank Butler het ook bevredigende sang gelewer. Die res van die karakters het oortuigend opgetree. Die geselskap as geheel is deur die resensent geluk gewens met die uiters geslaagde opvoering.

Op 3 Junie 1947 het die Johannesburgse Operageselskap weer 'n opera in Bloemfontein aangebied. By daardie geleentheid het hulle **Die Barbier van Seville** (Rossini) uitgevoer. Die Stadsorkes van Johannesburg het weer eens die begeleiding waargeneem (*Die Volksblad*, 22, 26 Mei en 2 Junie 1947).

Volgens die resensent van die plaaslike nuusblad was dié opvoering om verskeie redes baie meer geslaagd as die vorige. Ten spyte van die feit dat die dekor en ander toneelbenodighede eers om sewe uur op die stasie aangekom het en eers daarná by die Stadsaal, het die opvoering slegs vyftien minute na die oorspronklike aanvangstyd begin. Die dekor het tussen Kaapstad en Bloemfontein verlore geraak. Ten spyte van die vertraagde aanvang het die opvoering in geheel baie vlot verloop (*Die Volksblad*, 4 Junie 1947).

Die orkes het op 'n spesiale plek plaasgeneem sodat die hele gehoor kon sien en hoor. 'n Spesiale platform is daargestel, met die gevolg dat die musiek nie so oorweldigend luid

was nie. Die dekor het 'n vrolike atmosfeer geskep. Verder is genoem dat omtrent al die soliste ook goeie toneelspelers was en kon hulle hulself uitleef in die verskillende rolle. Bruce Anderson het die rol van die barbier Figaro met oortuiging vertolk. Sy stem is as aangenaam en warm beskryf. Rosina is vertolk deur Rita Roseman. Sy was sjarmant en haar spel spontaan en simpatiek. Haar stem was egter soms bietjie lig, veral in die lae registers. Sy het wel oor 'n suiwer stem beskik en het met artistieke insig gesing. Verder is ook melding gemaak van die koloratuur-lopies wat sy afgerond en netjies gesing het. Francis Russel as Almaviva het eers versigtig begin, maar later 'n meer intieme toon verkry. Sy bel canto-sang is hoog aangeprys en sy toneelspel was goed. Ook die ander sangers het met hulle vertolkings meegehelp om die opvoering 'n groot sukses te maak. Die regie is deur Bruce Anderson behartig en John Connell het weer eens die orkes gedirigeer (*Die Volksblad*, 4 Junie 1947).

7.3 Samevatting

Die feit dat daar nie gereeld operas of operettes gedurende die jare onder bespreking in Bloemfontein aangebied is nie, kan aan verskillende faktore toegeskryf word. In die eerste plek was dit finansieel heel waarskynlik onmoontlik om jaarliks sulke aanbiedings van stapel te stuur. Kostuums moes gemaak of gehuur word, orkespartye moes bestel word, soliste moes betaal word en in sommige gevalle selfs ingevoer word, dekor moes gebou word en 'n orkes moes byeengebring word en die orkeslede moes betaal word. Ander probleme wat ondervind is was heel waarskynlik die onbekikbaarheid van

geskikte stukke. Die keuse van operas was sekerlik van groot belang aangesien die meeste persone wat deel aan so 'n produksie gehad het, slegs amateurstatus bereik het. Orkespartiture was ook baie skaars en is met groot moeite bekom indien dit hoegenaamd beskikbaar was. 'n Ander groot probleem was dat Bloemfontein in daardie stadium nie oor 'n geskikte teater beskik het nie.

Ten spyte daarvan dat die meeste van die sangers slegs amateurs was, het hulle nogtans baie bevredigende kritiek in die nuusblaai ontvang. Daar moet egter bygesê word dat al die kritiek nie werklik vleierend was nie en in baie opsigte is die sangers skerp gekritiseer. Aspekte wat negatiewe kritiek ontvang het, was veral die uitspraak en toneelspel van sommige van die sangers. 'n Sangeres wat sonder uitsondering deurgaans vir haar sang en toneelspel geprys is, was Joan Hadlow. Haar sang, uitspraak en toneelspel is as van die beste bestempel. Dit is toe te skryf aan die feit dat sy ook in spraak en elokusie uitblink het en selfs onderrig daarin gegee het.

As al die bogenoemde faktore in ag geneem word, is dit werklik verbasend dat daar hoegenaamd operas en operettes in Bloemfontein aangebied is. Die eerste twee operas het werklik baie vir Bloemfontein beteken aangesien dit die eerste keer was dat daar vollengte operas in Bloemfontein op die planke gebring is en dit nogal in Afrikaans. Ondanks die feit dat die ander aanbiedings van ligter aard was, het hulle 'n noodsaaklike diens aan die Bloemfonteinse publiek gelewer. Hierdie operas en operettes is deur 'n aantal geesdriftiges aangebied om vermaak aan die publiek te verskaf en om hierdie

veeleisende verhoogkuns lewend te hou. Hierdeur is die geleentheid aan Bloemfonteinse sangers en sangeresse gegun om die satisfaksie te smaak om deel aan hierdie bevredigende kunsvorm te hê.

Volgens die resensies wat kommentaar gelewer het op die plaaslike aanbiedings sowel as dié van die besoekende geselskap blyk dit duidelik dat die Bloemfonteinse publiek 'n voorliefde vir opera gehad het en dat operagedriftinges geen moeite ontsien het om opera-opvoerings by te woon nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat daar baie selde produksies deur professionele geselskappe in Bloemfontein aangebied is. Met die aanbiedinge van die Johannesburgse Operageselskap het Bloemfontein en sy mense die geleentheid gehad om, volgens die plaaslike koerante, opvoerings van professionele gehalte by te woon.

HOOFSTUK 8

KUNS- EN MUSIEKVERENIGINGS IN BLOEMFONTEIN

8.1 Die Bloemfontein Music Club

Die Bloemfontein Music Club, ook bekend as die Bloemfonteinse Musiekkklub het as 'n klein private klub begin waarvan Gertrude Hobday, musiekonderwyseres in Bloemfontein, die stigter was. Mej Hobday het die klub gestig met die oog op huiskonserte waar haar leerlinge die geleentheid sou kry om musiekuitvoerings te gee wat deur die publiek bygewoon kon word. Die klub was aanvanklik slegs toeganklik vir die musici van Bloemfontein, maar is later vir die publiek oopgestel (Human, 1976, p. 20).

Die eerste konsert wat deur die klub aangebied is, het op 2 Mei 1928 plaasgevind. Kunstenaars wat opgetree het, was die pianiste Elsie Hall en die Skotse dramatiese sopraan, Helen Jaffary. 'n Hele reeks konserte is deur die jare aangebied en bekende Suid-Afrikaanse sowel as buitelandse kunstenaars het tydens hierdie konserte opgetree (Human, 1976, pp. 20-21).

Die belangrike rol wat die Bloemfontein Music Club in hierdie jare se kultuurbevordering gespeel het, kan moeilik oorskat word, want dit was die enigste openbare vereniging wat hom in die jare daarop toegelê het om gereelde musiekuitvoerings van goeie gehalte aan te bied. Hierdie vereniging het hom ook vir die

bevordering van plaaslike kunstenaars beywer, met ander woorde om die plaaslike musici die geleentheid te bied om gereeld voor 'n uitgelese gehoor te kon optree (Human, 1976, p. 33).

Teen die middel van 1939 is bevind dat slegs ongeveer 40 van die 108 lede waaruit die klub in daardie stadium bestaan het, gereeld die konserte van die klub bygewoon het. Sekere maatreëls is getref om die geleidelike verliese in te kort, naamlik 'n sogenaamde gekombineerde subskripsie vir 'n reeks van drie konserte wat die publiek in staat sou stel om konserte teen 'n goedkoper tarief by te woon. Hierdie maatreëls het skynbaar die gewenste uitwerking gehad, want die Bloemfonteinse Musiekklub het sy werk met sukses voortgesit, soos onder andere blyk uit die konserte van 1939 (Human, 1976, p. 30).

Ten einde kontak tussen die Bloemfonteinse klub en oorsese kunstenaars te bewerkstellig, het mev Giséle Rice en mnr Hans Haarburger namens die klub na Johannesburg gereis om met mnr Harmel, algemene bestuurder van African Consolidated Theatres te onderhandel. Hy was verantwoordelik vir die invoer van belangrike oorsese kunstenaars. Mnr Haarburger en mev Rice het dan ook die versekering ontvang dat African Consolidated Theatres met die Bloemfontein Music Club sou skakel in verband met die beplanning van konsertreise deur oorsese kunstenaars en die hou van konserte in Bloemfontein (Human, 1976, p. 30).

Een van die konserte wat saam deur die Bloemfonteinse Musiekkklub en African Consolidated Theatres aangebied is, was dié van Richard Crooks op 5 September 1939. Richard Tauber is nog 'n voorbeeld van 'n internasionaal bekende kunstenaar wat hier opgetree het met die hulp van die Bloemfontein Music Club (*Die Volksblad*, 25 Augustus en 8 Oktober 1939).

In Mei 1939 het Margaret Fairless (viool) en Adolph Hallis (klavier) ook onder die beskerming van die Bloemfontein Music Club opgetree (*Die Volksblad*, 20 April 1939). Deur die invoer van kunstenaars van elders het die klub uitvoerings deur Bloemfonteinse musici egter nie verwaarloos nie.

Die Bloemfonteinse Musiekkklub het op 9 Februarie 1940 die tweede van sy reeks subskripsiekonserte in die lopende seisoen gehou. By daardie geleentheid het hulle daarin geslaag om die saal van die St Michael Meisieskool heeltemal te vul (*Die Volksblad*, 10 Februarie 1940).

Die kunstenaar van die aand was reeds baie goed bekend in Suid-Afrika, naamlik Leo Cherniavsky, die violis-broer van die beroemde Cherniavsky-trio, met die pianis Alex as sy begeleier. Tydens hierdie konsert het hulle hoofsaaklik populêre werke gespeel. Hulle het die program geopen met die **Duiwelstriller-sonate** (Tartini). Hier het die violis die geleentheid gehad om sy briljante tegniese vaardigheid ten toon te stel. Sy program het verder die **Vioolkonsert in g mineur** (Bruch) ingesluit asook die **Ave**

Maria (Schubert), **Spaanse dans** (Sarasate) en 'n **Fantasie** van dieselfde komponis. Laasgenoemde werk het uit bekende melodieë van die opera **Carmen** (Bizet) bestaan. Volgens die resensent was die publiek in so 'n mate beïndruk met sy uitvoering dat hulle nie huis toe wou gaan nie en die violis moes altesaam vier toegifte speel (*Die Volksblad*, 10 Februarie 1940).

Op 17 April 1940 het die bekende dr Anna Marsh (klavier) en Dorothy Clark (alt) 'n konsert in die Stadsaal onder die beskerming van die Bloemfonteinse Musiekkklub gehou. Die konsert het die musiekfees ingelui wat die volgende dag 'n aanvang sou neem en ongeveer drie dae sou duur. Dr Marsh was die eerste Suid-Afrikaanse vrou wat 'n doktorsgraad in musiek verwerf het (*Die Volksblad*, 16 April 1940).

Dorothy Clark het onder andere **Do not go my love** (Hageman) gesing, wat destyds vir die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing voorgeskryf is. Dr Marsh se program het werke van Franck, Albéniz, Schumann en Rosenbloom ingesluit (*Die Volksblad*, 16 April 1940; *The Friend*, 15 en 19 April 1940).

Die volgende byeenkoms van die Bloemfonteinse Musiekkklub het op 1 Mei 1940 in die Joodse Gemeenskapsaal plaasgevind. By daardie geleentheid was Elsie Hall, die bekende Kaapstadse pianiste, die eregas. Die program is in geheel aan die musiek van Chopin gewy. Werke wat uitgevoer is het die volgende ingesluit: **Nokturne opus 15 nr 2 in F-kruis majeur**, **Wals opus 70 nr 2 in A-mol majeur**, **Prelude opus 28 nr 15**,

Polonaise opus 40 nr 1 en die Scherzo opus 31 nr 2 in b-mol mineur. Verder was daar ook 'n vokale duet op die program, naamlik **Roses of Ispahan**. Dit is 'n verwerking vir sopraan en mezzo-sopraan van die **Etude opus 25 nr 5 in e mineur** (Chopin) deur Maurice Besley. Die ander kunstenaars wat tydens hierdie byeenkoms opgetree het was Christine Lamb, Anna Jackson en Grace Fainsinger (*The Friend*, 3 Mei 1940).

Tydens die byeenkoms van die Bloemfontein Music Club wat op 19 Junie 1940 plaasgevind het, het die dameskoor van Charles Hamer met groot sukses opgetree. Koorwerke wat in hulle program ingesluit is, was **Queen Mary's song** (Elgar), **Go lovely rose** (Markham Lee) en **Evening** (Smart). As toegif het hulle **Come lady day** (Roger Quilter) gesing. Lotte Pretorius het 'n aantal solo's gesing en Gertrude en Maud Hobday het Bach se **Sonate vir viool en klavier in E majeur** gespeel. Verder het mej B Toerien die eerste deel van Mozart se **Klaviersonate in B-mol majeur** uitgevoer (*The Friend*, 21 Junie 1940).

'n Verdere byeenkoms van hierdie klub het op 25 September 1940 in die Sons of England-saal plaasgevind. Op 30 Oktober 1940 is daar weer 'n konsert onder die beskerming van hierdie klub aangebied. Uittreksels uit verskeie operas is uitgevoer. Soliste wat by daardie geleentheid opgetree het, was Christine Lamb (later Stewart), Pat de Wet, Juliette Aboud en Rina de Villiers. Uittreksels uit die volgende operas is ingesluit: **The Arcadians**, **Tom Jones**, **The Mikado** en **Yeoman of the guard**.

Laasgenoemde twee is beide werke van Gilbert en Sullivan (*The Friend*, 25 September en 1 November 1940).

Die laaste byeenkoms van die Bloemfonteinse Musiekkklub vir 1940 is op 11 Desember gehou (*Die Volksblad*, 10 Desember 1940).

Die klub se aktiwiteite is op 19 Februarie 1941 hervat. Die algemene jaarvergadering het op dieselfde dag plaasgevind. Die volgende persone is as ampsdraers herkies en verkies:

President:	Regter Paul Fischer
Ere-President:	Gertrude Hobday
Voorsitter:	Charles Hamer
Sekretaresse:	mej Elise Retief
Tesouriere:	mej V van Vuuren
Konsertbestuurder:	mev G Rice

Die ander lede van die komitee was Jennie Hadlow, mev D Gartwaite, mnre Aubrey Karstel, David Roode en S Yorke (*The Friend*, 24 Februarie 1941).

Na afloop van die vergadering is 'n musiekprogram aangebied. Die program het uit klavier- en sangsolo's bestaan wat deur Makkie Grové, Stefans Grové, mevv S A W Johnson en Freda Roode aangebied is. Werke wat uitgevoer is, was *The bee's wedding*

(Mendelssohn) en **Novellette in E majeur** (Schumann), beide klavierwerke en **I heard a forest praying** (P Ross), **Open your window to the moon** (M Phillips), **Heimwee na die see** (Marais) en **Dagbreek** (Roode), almal sangsolo's (*The Friend*, 24 Februarie 1941).

Op 2 April 1941 is die volgende konsert van hierdie klub gehou. By daardie geleentheid het van Bloemfontein se bekendste kunstenaars opgetree. Die werk wat die meeste byval gevind het, was die **Klaviertrio in c mineur** (Beethoven). Die kunstenaars was Gertrude en Maud Hobday en Inez Newberry. Verder het Aubrey Karstel die eerste deel van Glazunov se **Sonate nr 2** vir klavier uitgevoer. Elise Retief se bydrae tot die program was Moszkowski se **Caprice Espagnol opus 37**. Sangsolo's is deur Rina Davies, Rina de Villiers, mev G Roberts en S Cohen gelewer. Werke van Roger Quilter, Schubert, Schumann en William James is gesing (*The Friend*, 5 April 1941).

In April 1941 het daar nog 'n konsert plaasgevind en wel op die een-en-twintigste in die Stadsaal. Tydens daardie konsert het Bloemfontein die geleentheid gehad om na die sang van Gerald Cassen en klavierspel van Lionel Bowman te luister (*The Friend*, 9 April 1941).

Volgens die resensent van *The Friend* (22 April 1941) was die konsert deur hierdie twee kunstenaars van hoogstaande gehalte. Bowman het veral beïndruk met sy helder klank en suiwer spel in die **Fantasie in c mineur** (Bach) en **Pastorale en Capriccio** (Scarlatti). Die werke van Debussy het ook groot byval gevind. **La Cathédrale**

engloutie en Feux d'artifice is met die nodige sjarme en afronding voorgedra. Die enigste swakpunt in sy uitvoering was sy vertolking van die werke van Chopin.

Gerald Cassen het aanvanklik gesukkel met 'n heserigheid in sy stem. Hy het dit egter gou oorkom en 'n pragtige weergawe van uittreksels uit Verdi se Simone Boccanegra gegee. Hy het getoon dat hy 'n uitstekende aanvoeling vir dramatiese uitdrukking in die musiek het. Dit het veral opgeval in Prins Igor se aria van Borodin. Verder was daar twee Russiese liedere asook Songs my mother taught me (Dvorák), There's a Ladye (Burny) en Moussorgsky se The Flea. Al hierdie werke is met oorgawe en musikale insig uitgevoer. As toegif het Cassen werke van Hutchinson, 'n Afro-Amerikaanse lied en die bekende Londonderry Air gesing. Die begeleiding is deur Lionel Bowman waargeneem (*The Friend*, 22 April 1941).

'n Derde konsert het in April 1941 plaasgevind. Op 30 April is 'n program wat uit oratorium-uittreksels bestaan het, aangebied. By daardie geleentheid was die Burgemeester, mnr C E Kidger en Burgemeesteres, mev W F Prophet die eregaste. Kunstenaars wat in uittreksels uit die Elia (Mendelssohn), Josua, Die Messias, Simson (Handel) en Die Skepping (Haydn) opgetree het, was Christine Lamb, Juliette Aboud, Pat de Wet, Freda Roode, mev E T Thornton en McAdam asook Jurie Fourie (*The Friend*, 2 Mei 1941).

Die klub se volgende byeenkoms het op 28 Mei 1941 in die Sons of England-saal plaasgevind (*The Friend*, 26 Mei 1941).

'n Verdere konsert op 18 Junie 1941 aangebied. By daardie geleentheid het van Bloemfontein se jonger kunstenaars opgetree. Marion Key (voorheen Tahan), Olga Rademan (voorheen Troskie), David Muller en Martli Pohl het saam met Victor en Jackie Pohl, David Roode, Anna Jackson en Jurie Fourie opgetree. Werke van Rachmaninoff, Beethoven, Saint-Saëns, Haydn en Handel is uitgevoer (*The Friend*, 20 Junie 1941).

In dieselfde uitgawe is bekend gemaak dat daar geen byeenkoms in Julie 1941 sou plaasvind nie. Volgens *The Friend* (26 September 1941) het die volgende konsert van hierdie klub op 24 September 1941 plaasgevind. Kunstenaars wat opgetree het was Rita Karstel, Joan van Rhyn en Isabel du Toit. Werke van Chopin, Haydn, Brahms en White is uitgevoer.

Die laaste byeenkoms van die klub vir 1941 het op 29 Oktober plaasgevind. Plaaslike kunstenaars het opgetree in klaviersolo's, sangsolo's en duette. Stefans Grové, Jurie Fourie, Elise Retief, Jennie Hadlow en Charles Hamer het uitblink in werke van Schumann, Dunhill, Chopin en Lehmann (*The Friend*, 31 Oktober 1941).

Volgens die plaaslike pers het hierdie klub agt byeenkomste in 1942 aangebied. Tydens die eerste byeenkoms wat op 25 Februarie plaasgevind het is die algemene jaarvergadering gehou. Die volgende persone is tot ampsposisies verkies:

Ere-President: Gertrude Hobday
Sekretaresse: mej Elise Retief
Tesouriere: mej V van Reenen

Lede van die komitee was onder andere Jennie Hadlow, Aubrey Karstel, David Roode en Charles Hamer (*The Friend*, 25 Februarie, 2 Maart en 11 Desember 1942).

Tydens die konserte wat aangebied is het van die bekendste kunstenaars van Bloemfontein opgetree in instrumentale ensembles, sangsolo's, instrumentale solo's en 'n mannekwartet. Kunstenaars wat gereeld op die konserte van die Bloemfontein Music Club opgetree het, sluit in:

Klavier: Aubrey Karstel, Makkie Grové, Joan van Rhyne, Isabel du Toit, Marion Key, David Muller, Gertrude Hobday en Gladys Wilkinson;

Viool: Victor Pohl en Alma Kok;

Tjello: Inez Newberry;

Sangers: Juliette Aboud, Christine Lamb, Jurie Fourie, Benedictus Kok, Gerrit Olivier, Anna Jackson, Charles Hamer, Rina de Villiers, mev. E Thornton en McAdam (*The Friend*, 2, 20 Maart, 19 Junie, 5, 25 September, 30 November en 11 Desember 1942).

Werke wat op die konserte van 1942 uitgevoer is, was die volgende: sangstukke: *Oh could I but in song express* (Malashkin), *When I am laid in earth* (Purcell), *Skye boat song* (Lawson), *Isle of my heart* (Fraser), *Maria Wiegeli* (Reger), *The Lord*

is my Light (Allitsen), Abide with me (Liddle), Ave Maria (Gounod), Passing by (Purcell), The bells of youth (Bantock) en O lovely night (Ronald); klavierwerke: Fantasie en Fuga in F majeur (Bach), Tokkate in G majeur (Bach), Rapsodie nr 3 in C majeur (Dohnanyi), Etude in D-mol majeur en F majeur (Liszt) en Polonaise in A majeur (Chopin); kamermusiek: Trio in f-kruis mineur (Haydn) en Trio vir klavier, viool en tjello (Hummel) (*The Friend*, 2 en 20 Maart, 19 Junie, 5 en 25 September en 30 November 1942).

Maud Hobday, bekende violiste, wat 'n baie groot aandeel in die Bloemfonteinse musieklewe gehad het, is in September 1941 oorlede. Sy het onder andere violonderrig aan die St Michael Meisieskool en St Andrewskool gegee. Sy was ook 'n aktiewe lid van die Bloemfontein Music Club en het gereeld opgetree (*The Friend*, 13 September 1941). Teen die einde van 1942 het dit bekend geword dat Gertrude Hobday Bloemfontein sou verlaat (*The Friend*, 11 Desember 1942).

Volgens die plaaslike koerante het die Bloemfonteinse Musiekklub in 1943 slegs een byeenkoms gehou. Hierdie byeenkoms het op 26 Mei plaasgevind. Die program wat aangebied is, het hoofsaaklik uit kunswedstryd-items van 1943 se Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing bestaan (*The Friend*, 29 Mei 1943).

Die program het uitsluitlik uit sang- en klaviersolo's bestaan. Kunstenaars wat opgetreehet, het ingesluit Makkie Grové (klavier): **The Lark** (Glinka), Lucia Schuurman (klavier): **Wals in G-mol majeur** (Chopin) en Leah Morris (klavier):

Rondo Capriccioso (Mendelssohn). Sangeresse wat opgetree het was Freda Roode: **No fragrant garland** (Mozart), Gertruida Kok: **Die Kokkewiet** (Lemmer) en **Rejoice greatly** (Handel), Christine Lamb: **The Maiden** (Parry), Isabel du Toit: **Santuzza se aria** (Mascagni) en Tilla Visser: **I love thee** (Grieg). Isabel du Toit en Gertruida Kok het ook die duet **Ek ken 'n plek waar salie groei** (Charles Horn), uitgevoer (*The Friend*, 29 Mei 1943).

Dit wil voorkom asof die aktiwiteite van hierdie klub stadig maar seker afgeneem het en dat die afsterwe van Maud Hobday en die vertrek van Gertrude Hobday so kort na mekaar, ook 'n sigbare invloed op die klub se voortbestaan gehad het. Geen berigte in verband met verdere konserte of byeenkomste is in die plaaslike koerante opgemerk nie. Hieruit kan afgelei word dat die klub opgehou het om te bestaan. Die belangrike rol wat hierdie klub in Bloemfontein gespeel het kan nie genoeg beklemtoon word nie, aangesien dit die enigste openbare vereniging is wat hom in die jare 1923 tot 1943 daarop toegelê het om gereelde musiekuitvoerings van goeie gehalte aan te bied.

8.2 Die Vrystaatse Musiekvereniging

Onduidelikheid bestaan oor die presiese jaar waarin dié vereniging gestig is. Volgens die program van **The Count of Luxembourg** van Frans Lehár (aangebied van 12 tot 20 Mei 1961) is die Vrystaatse Musiekvereniging in 1943 gestig. *Die Volksblad* (17 Mei 1944) berig egter dat die vereniging op 16 Mei 1944 in die lewe geroep is. Tydens 'n onderhoud met die destydse voorsitter van die vereniging, prof B Kok, is die

stigtingsjaar van die vereniging ook as 1944 genoem. Die Vrystaatse Musiekvereniging is deur 'n groepie musiek liefhebbers onder leiding van dr Benedictus Kok gestig. Dié nuwe vereniging het hom ten doel gestel om goeie musiek oor die algemeen te bevorder en om in die besonder 'n belangstelling in die lewendige uitvoering van musiek aan te wakker. Laasgenoemde het gedurende die Tweede W^ereldoorlog 'n geweldige terugslag ondervind (Program, 12-20 Mei 1961). Tydens die stigtingsvergadering het Benedictus Kok kortliks verduidelik wat die doel en strewe van die vereniging was en die volgende verklaring is in die konstitusie opgeneem: "Die doel van die vereniging is om liefde en smaak vir goeie musiek aan te kweek; om die gevoel vir kunswaardering te bevorder; om die oordeel in verband met musiek te skerp; kortom, om die belangstelling in alle aspekte van die musiek aan te wakker" (*Die Volksblad*, 17 Mei 1944). Hulle sou dit alleenlik bereik deur openbare konserte aan te bied teen verminderde toegangsfooie of gratis toegang vir lede van die Musiekvereniging. Die lede van die stigtingskomitee was:

Beskermheer:	Regter Paul U Fischer
Voorsitter:	Dr Benedictus Kok
Onder-voorsitter:	Dr W Arndt
Sekretaris:	Mnr T H van Reenen
Penningmeester:	Mnr Thys Naude
Komiteeledede:	Anna Verster, Freda Roode, Aubrey Karstel en David Roode

(Program, 12-20 Mei 1961; Kok, 1989, Onderhoud).

Met Kok as voorsitter het die vereniging in 1944 alreeds uit meer as 200 lede bestaan. Dit was 'n duidelike aanduiding dat die vereniging in 'n groot behoefte van die gemeenskap voorsien het (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944).

Aanvanklik is besluit om ten minste eenkeer per maand 'n konsert in die Vissersaal aan te bied (*Die Volksblad*, 17 Mei 1944). Dié konserte het aanvanklik as 'n uitstekende vertoonvenster vir die stad se eie musici gedien. Met verloop van tyd is die geledere van die plaaslike talent egter tot so 'n mate uitgedun deur die onvermydelike aantrekkingskrag van die aanloklike musiekgeleenthede in die groter stede, dat dit onmoontlik was om konserte van die vereiste hoë gehalte op 'n gereelde basis te organiseer. (Program, 12-20 Mei 1961).

Later is besluit om periodiek konserte deur besoekende kunstenaars te organiseer en die eerste hiervan, was 'n uitvoering deur die beroemde sangeres, Betsy de la Portè. Sy het in 1945 'n konsert in die stadsaal aangebied. 'n Tyd lank is daar afwisselend konserte gereël vir plaaslike kunstenaars en besoekende kunstenaars uit die geledere van Suid-Afrikaners wat minstens nasionale roem verwerf het (Program, 12-20 Mei 1961).

Die glans van die na-oorlogse welvaart was 'n lokaas wat talryke beroemde internasionale musici na Suid-Afrika getrek het. As antwoord op publieke aanvraag het daar onder beskerming van dié vereniging etlike wêreldberoemde kunstenaars in Bloemfontein opgetree. Die onvermydelike gevolg hiervan was 'n ware

"grootnaam"-kultus en die vereniging het dit al hoe moeiliker gevind om bevrediging te gee aan 'n gehoor wat met niks minder as internasionale standarde tevrede was nie. Terselfdertyd moes daar erkenning aan die plaaslike kunstenaars gegee word. In 1953 het die vereniging sy tienjarige bestaan gevier met 'n reeks simfoniekonserte deur die Simfonieorkes van die S A U K onder leiding van Anton Hartman. Harold Rubens, pianis en Jossie Boshoff, sopraan, was die soliste (Program, 12-20 Mei 1961).

Alhoewel ernstige musiek die eerste liefde van die vereniging was, het hy tog van tyd tot tyd die Bloemfonteinse publiek vergas op ligte musiek in die vorm van operettes wat as uitstekende media vir plaaslike talent geblyk het. Vol sale het deurgaans getuig van die publiek se waardering vir hierdie onbetwisbaar-lughartige musiek (Program, 12-20 Mei 1961).

Van die besoekende kunstenaars en ensembles wat onder beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging in Bloemfontein opgetree het, is: Alfred Brendel, Adolph Hallis, Arnold van Wyk, Cecilia Wessels, Erna Sack, die Amadeus-kwartet, S A U K-orkes en die Münchener Kamerorkes. Operettes wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging uitgevoer is, is die volgende:

1948 - Lilac Time

1951 - Viktoria and her Hussar

1956 - Magyar Melody

1959 - A Night in Venice

1961 - The Count of Luxembourg

(Program, 12-20 Mei 1961).

Dit het partykeer gebeur dat dit onmoontlik was om konserte aan te bied. In so 'n geval het die vereniging iets anders gereël. Soos bv in Augustus 1944 is daar nie 'n konsert gehou nie, maar wel 'n praatjie deur Aubrey Karstel, orrelis en dosent aan die destydse Normaalkollege in Bloemfontein (*The Friend*, 26 Junie 1944).

Die eerste byeenkoms van die pas gestigte vereniging het plaasgevind op 26 Junie 1944 in die Clarendonsaal. Tydens hierdie byeenkoms het regter P U Fischer, die beskermheer, 'n geleentheidstoespraak gelewer. Die program wat aangebied is, het soos volg daaruit gesien:

Jennie Hadlow se dameskoor, David Roode se mannekoor, 'n mannekwartet, sangsolo's, sangduo's en klaviersolo's was deel van die program. Elke item is kortliks toegelig deur een van die musiekkenners daar teenwoordig (*Die Volksblad*, 16 Junie 1944).

Daar is ook aangekondig dat die vereniging se konserte maandeliks sou plaasvind en dat daar reeds interessante en leersame programme saamgestel is. Die optrede van die bekende pianis, mnr Fryer, is in die vooruitsig gestel vir een van die konserte teen die einde van daardie jaar (*Die Volksblad*, 16 Junie 1944).

Na afloop van die toesprake is 'n besonder geslaagde program deur van Bloemfontein se mees begaafde kunstenaars aangebied. **Stille Nag** (Gruber, verwerk deur P J Lemmer) en **Pure is the Air** (E German) is deur Jennie Hadlow se dameskoor gesing. Ander werke op die program, was **Restless River** (E German) wat deur Rita Karstel en Joan Hadlow voorgedra is. Die mannekwartet bestaande uit Jaap C Rossouw, Cecil Barry, Paul Fischer en Benedictus Kok, het **Jy's rein soos lentebloem** (volkswysie) en **Hoor hoe ons lied weerklink** (Thayer) uitgevoer. Die pianis, David Muller, het die **Scherzo in b-mol mineur** van Chopin uitgevoer. Violsolo's is deur Victor Pohl gelewer. Verder het nog 'n paar klaviersolo's en opera-arias gevolg. Die gehoor het al die items op die program baie gewaardeer en geniet, maar die grootste applous van die aand is uitgelok deur die klavierspel van die besonder begaafde pianis, David Muller. Hierdie was ook Muller se laaste optrede in Bloemfontein (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944). Hy het 'n pos as orrelis en musiekonderwyser op Senekal aanvaar (*Die Volksblad*, 28 Junie 1944). David Roode se mannekoor het die aand afgesluit met **Ruisloos daal** (Hatton) en **Oranje-Blanje-Blou** (H H Pierson) (*Die Volksblad*, 27 Junie 1944).

Dit is onmoontlik om al die konserte wat deur die vereniging aangebied is, volledig te bespreek. Aandag sal wel geskenk word aan van die belangrikste konserte.

Volgens *Die Volksblad* van 10 Augustus 1944 was die tweede byeenkoms van dié vereniging 'n nog groter sukses. By die deur van die Clarendonsaal het daar by daardie

geleentheid nog veertig nuwe lede aangesluit. Die resesent meld wel dat die verskeidenheid van items nie so groot was soos by die eerste konsert nie om rede van die items verval het. Van die kunstenaars was uitstendig weens die musiekeksamens. Die eerste gedeelte van die program het bestaan uit klavier- en sangsolo's. Kunstenaars wat opgetree het, was Makkie Grové, Jessie Cooper, Jurie Fourie en mev B L Wright. Die tweede deel van die program is aan werke van Mozart gewy. Benedictus Kok het eers 'n praatjie gelewer wat deur plaatopnames aangevul is. Daarna is sangstukke deur plaaslike kunstenaars uitgevoer. Christine Lamb, Anna Jackson en Rina du Plessis het werke van Mozart voorgedra.

Die volgende konsert is op 6 September 1944 aangebied (*Die Volksblad*, 17 Augustus 1944). Hierdie konsert het weer eens aan die verwagtinge voldoen en was 'n groot sukses. Die program is geopen met die **Klavierkonsert opus 23 in b-mol mineur** van Tsjaikofski, uitgevoer op twee klaviere deur Klasie Fourie en Isabel du Toit. Hulle het ook die **Blou Donau** van Strauss uitgevoer. Jennie Hadlow se dameskoor het twee koorwerke gesing en verder is sangsolo's aangebied. 'n Viooltrio is deur Martli Pohl, Alma Kok en Victor Pohl uitgevoer. Norah Havenga het die **Sonate opus 78 in F-kruis majeur** (Beethoven) voorgedra (*Die Volksblad*, 7 September 1944).

Die vierde konsert van die vereniging het op 30 Oktober 1944 plaasgevind. Die eerste helfte van die program het die vorm van 'n verskeidenheidskonsert aangeneem met Bloemfonteinse musici as kunstenaars. In die tweede helfte van die program is 'n lesing

aangebied. Petrus Lemmer het die samestelling van 'n simfonieorkes bespreek, toegelig met plaatopnames (*Die Volksblad*, 31 Oktober 1944).

Die laaste konsert van die vereniging vir 1944 het op 27 November in die Clarendonsaal plaasgevind. Bekende Bloemfonteinse kunstenaars het weer eens hul verskyning gemaak. Die program het uit sangsolo's, klaviersolo's en vioolsolo's bestaan. David Roode het 'n interessante lesing oor die lewe en werke van Handel gegee. Die voorsitter het tydens hierdie konsert aangekondig dat die bekende Johannesburgse sopraan, Betsy de la Porte vroeg in 1945 'n sanguitvoering in Bloemfontein sou gee. Dit sou die eerste keer wees dat 'n besoekende kunstenaar onder die beskerming van dié vereniging optree (*Die Volksblad*, 28 November 1944).

Die vereniging se jaarvergadering het op 11 Desember 1944 in die Oranje-Koffiehuis plaasgevind. Tydens hierdie geleentheid het Tilla Visser 'n werk van Beethoven gesing. Sy is deur David Roode op die klavier begelei. Dr Paul Fischer het werke van Schumann uitgevoer. Hy is deur sy vader, regter-president P U Fischer begelei. Laasgenoemde het later verklaar dat die vereniging destyds nie 'n gelyke in Suid-Afrika gehad het nie. Tydens die vergadering is Benedictus Kok weer tot voorsitter herkies (*Die Volksblad*, 12 Desember 1944). Hy het die amp as voorsitter tot en met die einde van 1957 beklee.

In 1945 het die Vrystaatse Musiekvereniging altesaam tien konserte aangebied. As daar na koerantresensies gekyk word kan al die konserte as hoogs geslaagd beskou word. Konserte wat as hoogtepunte van dié jaar beskou kan word, word vervolgens bespreek.

Soos reeds genoem was die konsert van Betsy de la Porte 'n besondere gebeurtenis. Haar optrede was in meer as een opsig 'n hoogtepunt. Eerstens omdat sy die heel eerste besoekende kunstenaar was wat onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging opgetree het en tweedens omdat sy as een van die beste sangeresse in Suid-Afrika gereken was. Haar konsert het op 14 April 1945 in die stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 6 Maart 1945). Hierdie konsert is herhaaldelik in verskeie publikasies van die plaaslike koerant geadverteer (*Die Volksblad*, 31 Maart en 7 en 13 April 1945).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* van 16 April 1945 was hierdie 'n uitvoering van hoogstaande gehalte. Melding is gemaak van die oorgawe in elke lied wat sy vertolk het en die vermoë om uiteenlopende emosies nie alleen in die verskillende tone van die musiek weer te gee nie, maar dat dit ook duidelik uit haar gesigspel merkbaar was. Verder het die omvang en kwaliteit van haar stem baie beïndruk. Die resensent het ook van haar minsame optrede op die verhoog gepraat. 'n Volledige bespreking van haar konsert verskyn in Hoofstuk 4, pp. 458-459.

Die negende konsert van die Vrystaatse Musiekvereniging was net so 'n groot hoogtepunt. Hierdie keer was dit 'n klavieruitvoering met die bekende Henriëtte Rossouw (later bekend as Henriëtte Pauw) as pianiste. Volgens *Die Volksblad* van 3 November 1945 was mej Rossouw 'n bekende in musiekkringe en het sy alreeds met die Kaapstadse Stadsorkes opgetree. Haar program vir die konsert sou uit werke van Bach, Scarlatti, Brahms, Liszt, Saint-Saëns en Chopin bestaan.

Die resensent van *Die Volksblad* (6 November 1945) was vol lof wat hierdie artistieke uitvoering betref. Sy het 'n gevoelige aanslag geopenbaar en haar vertolking was verfynd en subtiel. Melding word ook gemaak van haar vloeiende spel. Henriëtte Rossouw word bekryf as 'n voortreflike pianiste wat tegnies uitstekend toegerus is. Haar konsert word volledig in Hoofstuk 2, pp. 190-192.

Die laaste konsert van die jaar van die Vrystaatse Musiekvereniging is gewy aan 'n sanguitvoering deur die bekende sopraan, Cecilia Wessels. Hierdie konsert het op 27 November 1945 in die stadsaal plaasgevind. Tydens hierdie konsert het prof Roode as begeleier opgetree. Beriggewing van hierdie konsert het gereeld in die plaaslike koerant verskyn (*Die Volksblad*, 10, 16, 17 en 27 November 1945). Verder is haar prestasies van vorige konserte, onder andere in Durban kortliks in *Die Volksblad* (21 November 1945) beskryf. Na haar konsert in Bloemfontein sou sy nog een uitvoering in Kaapstad gegee het, waarna sy weer na die buiteland sou vertrek.

Die resensie van *Die Volksblad* van 28 November 1945 beskryf Cecilia Wessels se uitvoering as 'n ware triomf. Volgens die resensent was dit nie alleen die volume van haar stem wat 'n indruk gemaak het nie, maar ook die aangename kwaliteit daarvan. Ander goeie kwaliteite wat uitgelig is, is die uitstekende beheer, uitmuntende frasering en duidelike diksie. Verder meld die resensent dat sy by uitstek 'n dramatiese sopraan is, wat egter ewe tuis is in die teerste liriese passasies.

Sy het haar program met twee opera-arias begin. Een uit *Tannhäuser* en een uit *La Forza del Destino* van Wagner en Verdi onderskeidelik. Hier het die sangeres skitterende kontraste in stemming verkry. As toegifte het sy *Largo* (Handel) en *Vissi d'arte* uit *Tosca* (Puccini) gesing. David Roode het haar begelei. Die res van die werke wat op hierdie program verskyn het, is in Hoofstuk 3, p. 315 (*Die Volksblad*, 28 November 1945).

Die ander konserte wat deur die vereniging gedurende 1945 aangebied is, het hoofsaaklik uit plaaslike talent bestaan. Kunstenaars en kore wat tydens hierdie konserte opgetree het sluit die volgende in: die mannekoor van prof Roode, Jennie Hadlow se dameskoor, Juliette Aboud, Aubrey Karstel, Alma Kok, Inez Newberry en Benedictus Kok. Ander kunstenaars wat uitmuntende vertolkings gelewer het, was Mary Rousseau, Rita Karstel, Joan Hadlow, Marion Key en Anna Jackson.

Tydens die jaarvergadering van die vereniging het die voorsitter sy jaarverslag voorgehou. By daardie geleentheid is sangsolo's deur plaaslike kunstenaars gelewer (*Die Volksblad*, 10 Desember 1945).

Op 5 Februarie 1946 is die eerste konsert van die jaar aangekondig. Tydens daardie geleentheid sou die Johannesburgse sangeres Saline Koch opgetree het. Hierdie konsert was beplan vir 26 Februarie. In 'n later uitgawe van *Die Volksblad* is daar aangekondig dat die eerste konsert die vorm van 'n sang- en klavieruitvoering sou aanneem. Die soliste tydens hierdie konsert was Davida du Toit (klavier), Joan van Rhyne (klavier), Isabel du Toit (sopraan) en Gertrude Pattison (sopraan). Saline Koch het nie opgetree nie (*Die Volksblad*, 22 Februarie 1946).

Op 13 Maart 1946 het die beroemde oorsese violiste Anna Tischauer onder die beskerming van dié musiekvereniging opgetree. Hierdie konsert het in die Clarendonsaal plaasgevind. By hierdie geleentheid was Aubrey Karstel die begeleier. Volgens die resensent is dit duidelik dat Anna Tischauer 'n baie begaafde violiste met 'n deeglike kennis van vioolspel was. Sy het dikwels in die forte-passasies pragtige resonante tone voortgebring en oor die algemeen 'n mooi klankkwaliteit verkry. Haar spel was egter nie altyd suiwer nie. Dit het veral opgeval wanneer sy dubbelgrepe gespeel het. Kommentaar wat haar spel betref en die werke op die program verskyn in Hoofstuk 5, pp. 572-573 (*Die Volksblad*, 14 Maart 1946).

'n Klavieruitvoering deur die Hollands-gebore pianis, Willem Eggink, het ook die aandag van die publiek getrek. Sy uitvoering het op 1 Mei 1946 in die Clarendonsaal plaasgevind. Hierdie was nie sy eerste optrede in Bloemfontein nie. Hy het etlike jare gelede in 1941 saam met Cecilia Wessels in 'n konsert in Bloemfontein opgetree (*Die Volksblad*, 27 April 1946).

In sy program het hy werke van onder andere Beethoven, Franck, Rachmaninoff, Skriabin, Ireland, Brahms, Schumann en Chopin aangebied. Hieruit kan mens aflei dat hy gepoog het om elke konsertganger se smaak te bevredig.

Uit die resensie wat in *Die Volksblad* van 2 Mei 1946 verskyn het, is dit duidelik dat Eggink oor 'n skitterende tegniek beskik het en dat hy eerlik was in sy benadering tot die verskillende werke. Die werke wat die meeste byval gevind het, was dié groep wat uit die meer moderne en impressionistiese komposisies bestaan het.

Op 4 Junie en 16 September 1946 het die volgende konserte van dié vereniging plaasgevind. Tydens daardie konserte het van Bloemfontein se bekendste kunstenaars opgetree, onder andere Henriëtte Rossouw, Alma Kok, Albert Steffens, Olga Troskie, Benedictus Kok, Mary Rousseau, David en Freda Roode en Norah Havenga. Die program het gewissel van instrumentale werke tot werke gelewer deur 'n dubbele mannekwartet. Die Voortrekkerkoor onder die leiding van Elsa Dekker is as een van die hoogtepunte beskou (*Die Volksblad*, 4 Junie en 17 September 1946).

Die volgende konsert van dié vereniging is in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns georganiseer. Dit was 'n huldigingskonsert ter ere van die komponis S le Roux Marais. Van Bloemfontein se bekendste en gewildste kunstenaars het tydens hierdie geleentheid opgetree. In die meeste gevalle is komposisies van Le Roux Marais uitgevoer. By daardie geleentheid is die erepenning van die Akademie aan hom oorhandig (*Die Volksblad*, 15 Oktober 1946).

Die laaste konsert van 1946 wat dié vereniging aangebied het, het op 16 November in die Tweetoringkerk plaasgevind. Hierdie konsert het die vorm van 'n orreluitvoering aangeneem waartydens Bloemfontein se bekendste orreliste opgetree het. Hulle was Dolly Heiberg, David Roode, Petrus Lemmer, Olga Troskie, Henriëtte Rossouw en Aubrey Karstel. Twee van Bloemfontein se gewildste kerkkore van daardie tyd, naamlik die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord en Bloemfontein-Wes, het ook by die geleentheid opgetree (*Die Volksblad*, 18 November 1946).

Tydens die jaarvergadering van die vereniging op 27 November 1946 moes die komitee besluit of die Simfonieorkeste van die S A U K of Johannesburg jaarliks na Bloemfontein genooi sou word. Verder is daar beraadslaag of van die programme wat deur die vereniging aangebied word moontlik vir uitsendings gebruik kon word (*Die Volksblad*, 23 November 1946).

Die eerste van die reeks konserte wat deur die vereniging in 1947 aangebied het, het groot belangstelling uitgelok. Die rede daarvoor was dat 'n Suid-Afrikaanse komponis

wat groot opgang gemaak het, sy verskyning voor die Bloemfonteinse publiek gemaak het, by name Stefans Grové. 'n Verdere pluspunt vir die gewildheid van daardie betrokke konsert, was die feit dat hy van sy eie komposisies voorgedra het. Hierdie konsert het op 3 Februarie 1947 in die Clarendonsaal plaasgevind. Saam met hom het daar van Bloemfontein se bekendste en hoogs talentvolle kunstenaars soos Anna Jackson (mezzo-sopraan) en Albert Steffens (tjello) opgetree (*Die Volksblad*, 1 Februarie 1947).

Volgens die resensie het daardie konsert besonder goed verloop. Die program is ingelui met 'n klavier- en tjello-uitvoering. Stefans Grové en Albert Steffens het die eerste deel uit Beethoven se **Sonate vir tjello en klavier opus 5 nr 1** gespeel en ook die tweede deel uit Hans Huber se **Sonate vir tjello en klavier opus 84**. Hulle samespel volgens die resensent was uitstekend. Stefans Grové het die volgende werke deur homself gekomponeer voorgedra: 'n **Vrouebeeld**, 'n **Minnaar in Spanje**, 'n **Sonderling Tweegesprek**, en 'n **Etude**. As 'n toegif het hy sy **Prelude** gespeel (*Die Volksblad*, 4 Februarie 1947).

In die bogenoemde resensie word daar geensins na Grové se spel verwys nie. Met die gevolg dat geen afleiding gemaak kan word van watter standaard sy voordrag was nie. Verder op die program het Anna Jackson opgetree. Volgens die resensie het sy haarself weer eens oortref met haar pragtige suiwer sang. **O Don Fatale** (Verdi) en **Nobil Signor** (Meyerbeer) is as hoogtepunte uitgesonder. Ander werke wat sy gesing het

was **Oh Face sweetly smiling** (Brahms), **Deh Vieni non tardar** (Mozart), **The enchanted forest** (Phillips) en **Blackbird's song** (Cyril Scott). Die program is verder aangevul deur 'n paar sangiteme deur Charles Lee. Hy het onder andere **Ave Maria** (Percy B Kahn), **Ole Man River** uit **Show Boat** en **Song of the tramp** (David Jenkins) gesing. Die laasgenoemde item het skynbaar groot byval gevind.

Die tweede konsert van die vereniging vir 1947 was ook 'n heel besondere geleentheid. Chrystal Blomkamp, 'n besoekende pianiste, het 'n uitvoering gelewer. Haar konsert het op 31 Maart 1947 in die Clarendonsaal plaasgevind. Volgens die resensie het sy eers in die tweede helfte werklik op dreef gekom wat haar spel betref. Algemene kommentaar oor haar uitvoering was soos volg: "Sy het haar nie verlaat op die afgebeulde vertoonstukke waarvan so dikwels gebruik gemaak word nie. Wat in haar spel opgeval het, was die grasia en die soepelheid in haar voordrag, die nette fraseringe, die lugtige lopies en veral die gedrae akkoordspel." (*Die Volksblad*, 1 April 1947). Verdere kommentaar asook die program wat sy aangebied het word breedvoerig in Hoofstuk 4, pp. 485-486 bespreek.

Die volgende konsert van die vereniging was weer eens 'n trekpleister. Die rede daarvoor was dat Derik van der Merwe, 'n pianis wat eers aan die S A U K in Kaapstad verbonde was, sy debuutoptrede voor die Vrystaatse Musiekvereniging gehad het. Saam met hom het daar ook van Bloemfontein se bekendste musici opgetree. Name

soos David Roode, Isabel du Toit, Alma Kok, Victor Pohl, Francina Buys en Olga Troskie het op die program verskyn (*Die Volksblad*, 30 April 1947).

Die vierde konsert van 1947 het hoofsaaklik uit koorsang bestaan waartydens twee van Bloemfontein se gewildste kore opgetree het, naamlik die gemengde koor van David Roode en die dameskoor van Jennie Hadlow. Al die ander items op die program is deur Bloemfonteinse musici gelewer. Dié konsert is deur prof Roode georganiseer (*Die Volksblad*, 17 Junie 1947).

'n Ander noemenswaardige konsert was die uitvoering van die Switserse kontralto, Mabella Ott-Penetto. Haar uitvoering het op 25 Augustus 1947 in die Stadsaal plaasgevind. Sy het die gehoor van begin tot einde in vervoering gehad met haar suiwer beheerste sang. Haar program het gewissel van werke van Purcell tot arias van Saint-Saëns. 'n Volledige bespreking van hierdie konsert verskyn in Hoofstuk 5, pp. 611-612 (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1947).

Die voorlaaste konsert wat deur die vereniging in 1947 aangebied is, was 'n gesamentlike klavier- en sanguitvoering deur die begaafde pianis, Derik van der Merwe en sangeres, Stephenie Strauss van Pretoria. Hierdie uitvoering het op 18 Oktober 1947 in die Clarendonsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 20 Oktober 1947).

Stephenie Strauss is 'n sopraan wat flink vordering gemaak het en wat destyds vir weinig ander sangeresse terug moes staan. 'n Kenmerk van haar vertolkings was haar spontane optrede en artistieke voordrag. Opvallend was haar voortreflike beheersing van elke werk wat sy gesing het. Uit die resensie van *Die Volksblad* van 20 Oktober 1947 het dit duidelik geblyk dat Strauss haar klankvolume baie intelligent aangewend het. Verder is melding gemaak van die rustigheid in haar optrede, haar ontspanne wyse van sing asook haar spontane verhoogpersoonlikheid. Afgesien van enkele intonasie-foute het sy deurgaans musikale sang gelewer. Trudie de Villiers het haar van Pretoria vergesel en op simpatieke wyse die begeleiding waargeneem. Haar spel het getuig van insig en musikale aanvoeling. Die volledige program van Strauss word op pp. 460-461 bespreek en kommentaar ten opsigte van Derik van der Merwe se konsert verskyn op p. 203.

Die laaste konsert van dié vereniging vir 1947 het op 17 November plaasgevind. Dit was inderdaad ook een van die hoogtepunte op die musiekkalender van 1947. Nie alleen was die kunstenaar 'n puik pianis nie, maar ook een van Suid-Afrika se beroemdste komponiste, naamlik Arnold van Wyk (*Die Volksblad*, 11, 13 en 15 November 1947).

Die resensie wat na sy uitvoering in *Die Volksblad* (18 November 1947) verskyn het, was vol lof vir die kunstenaar. Eienskappe in sy spel wat in die resensie gemeld word, is die verfynde vertolking, liriese spel, pragtige stemming, simpatieke aanvoeling,

emosionele gevoel en musikale insig. Sy program word op pp. 488-489 volledig bespreek.

In 1948 het die Vrystaatse Musiekvereniging in totaal agt konserte aangebied, waarvan die laaste een die vorm van 'n operette aangeneem het. Die uitvoering van *Lilac Time* was dan ook die hoogtepunt op die musiekkalender van Bloemfontein vir daardie jaar. 'n Merkwaardige aspek van 1948 se konserte is dat daar by elke konsert 'n besoekende kunstenaar opgetree het. Daar was selfs 'n besoekende oorsese kunstenaar op die lys van musici, naamlik dr Reginald Cooper. Hierdie konserte het ook van Bloemfontein se beste musici ingesluit. Die besoekende Suid-Afrikaanse kunstenaars was almal musici wat reeds groot hoogtes bereik het (*Die Volksblad*, 7 Februarie 1948).

Die eerste konsert van 1948 het op 3 Maart in die Clarendonsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het twee besoekende Suid-Afrikaanse kunstenaars opgetree. Beide Erwin Broedrich en Babsita Moolman het hul musiekopleiding in die buiteland ontvang en was bekende kunstenaars van hulle tyd. Broedrich het 'n baie interessante program aangebied wat in almal se smaak geval het. Hy het onder andere die *Chaconne* van Bach gespeel asook die *La Folia* van Corelli. Volgens die resensent het hy skitterend gespeel. In daardie stadium was daar min violiste in die land wat sy tegniese vaardigheid en vertolking sou ewenaar (*Die Volksblad*, 28 Februarie en 5 Maart 1948).

Babsita Moolman was bekend as dramatiese sopraan en het in daardie stadium reeds in Europa beroemdheid verwerf vir haar vertolking van arias deur Wagner. Sy het 'n goed gebalanseerde program aangebied met werke van Schubert, Brahms, Sibelius, Puccini en Thomas. Volgens die resensent het sy haar stem op intelligente wyse gebruik en altyd met beheersing gesing. Die gehoor kon met genot na haar verfynde sang luister. Die opera-arias het getoon dat sy by uitstek 'n operasangeres was (*Die Volksblad*, 5 Maart 1948).

Die volgende konsert het op 7 April plaasgevind waartydens die kunstenaar weer eens van 'n ander sentrum in ons land gekom het. Hy was die Johannesburgse pianis Bruno Raikin. Sy program het uit werke van Handel, Bach, Beethoven, Liszt, Prokofiev en Chopin bestaan (*Die Volksblad*, 3 April 1948).

Volgens die resensent van *The Friend* (8 April 1948) was dit 'n besonder interessante konsert, want dit was die eerste keer dat die **Sonate nr 3 in a mineur** van Prokofiev en die **Ballade nr 2** van Liszt in Bloemfontein uitgevoer is. In Hoofstuk 4 wat handel oor die besoekende Suid-Afrikaanse kunstenaars word sy konsert in detail bespreek.

Die konsert wat op 3 Mei 1948 in die Clarendonsaal plaasgevind het, is besonder goed deur die publiek bygewoon en dit was in 'n sekere opsig 'n baie unieke gebeurtenis. In die eerste plek was dit die eerste keer dat daar 'n orreluitvoering op die nuwe Wurlitzer-orrel in die Clarendonsaal gelewer is. Die orrel is goedgunstiglik deur 'n firma

in die stad geleen. In die tweede plek het Jack de Wet wat in daardie stadium nog nie in Bloemfontein woonagtig was nie, 'n uitvoering gegee. Hy het dele uit vioolkonserte van De Bériot en Mendelssohn gespeel. Dit was ook die eerste keer dat die plaaslike sangeres Merle Cockroft haar buiging op 'n Bloemfonteinse verhoog gemaak het. Ander kunstenaars wat opgetree het, was Anna Jackson, Isabel du Toit, Jaon Hadlow, Francina Buys, André Haarhoff, Veronica de Jager en Susan Erasmus (*Die Volksblad*, 3 en 24 April en 1 Mei 1948).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* van 4 Mei 1948 was dit 'n konsert van hoogstaande gehalte. Petrus Lemmer het drie pragtige orrelsolo's op die nuwe orrel gelewer en die destyds besoekende violis van Pretoria, Jack de Wet, het swierige en verruklike spel gelewer. Merle Cockroft het met haar eerste uitvoering 'n goeie indruk gemaak met haar vertolking van opera-arias uit *La Traviata* en *La Bohème*.

Die kunstenaar vir die vierde konsert van die vereniging was weer eens 'n besoeker. Adelaide Newman, die Johannesburgse pianiste het op 22 Junie 'n klavieruitvoering in die Clarendonsaal gegee. Die eerste deel van die program het uit vokale werke bestaan wat deur bekende kunstenaars van Bloemfontein uitgevoer is. Norah Havenga, Joan Hadlow, Juliette Aboud en Augusta van Rooyen het verskeie werke voorgedra (*Die Volksblad*, 19 Junie 1948).

Adelaide Newman se program het uit werke van Bach, Brahms, Chopin en Debussy bestaan. Sy het ook **Bravura**, 'n komposisie van Tobias Matthay uitgevoer. Matthay was 'n bekende Engelse leermeester van wie mej Newman in Londen onderrig ontvang het (*Die Volksblad*, 19 Junie 1948).

Die uitvoering deur Die Staalmeesters het spesiale betekenis vir Bloemfontein gehad, aangesien dit die eerste keer in die geskiedenis was dat so 'n instrumentale kwartet in Bloemfontein opgetree het. Hulle uitvoering het op 2 September 1948 in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 31 Julie 1948).

'n Volledige bespreking van hierdie ensemble se konsert verskyn in Hoofstuk 4, pp. 554-555.

Die sesde konsert van die vereniging was weer 'n gekombineerde konsert van sang en klavierspel. Die Johannesburgse sangeres, Esther Mentz en die Bloemfonteinse pianiste, Mary Rousseau het op 18 Oktober 1948 in die saal van die Hoërskool Sentraal opgetree (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1948).

Volgens die resensent was dit 'n puik konsert wat kuns van hoë gehalte gelewer het. Esther Mentz se program het gewissel van vroeë Italiaanse kunsliedere tot werke van Richard Strauss en Gideon Fagan. Mary Rousseau het soos gewoonlik met oorgawe gespeel. 'n Uitstaande kenmerk van haar vertolking was haar skitterende tegniek (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1948).

'n Volledige bespreking van hierdie konsert verskyn op pp. 462-463 en pp. 210-211.

'n Unieke konsert wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging moontlik gemaak is, was die orreluitvoering deur die Engelse orrelis, Reginald Cooper. Sy uitvoering het op 28 Oktober 1948 in die Ned Geref Kerk Bloemfontein in samewerking met Dolly Heiberg plaasgevind. Die resensent het met gemengde gevoelens oor dr Cooper se uitvoering geskryf. Alhoewel sy spel as netjies beskryf word en sy fraserings fyn en afgerond, was sy spel in geen stadium van sy uitvoering werklik vurig of opwindend nie, maar meesal gedemp. Sy dissipline en beheersing was puik, maar daar was nooit sprake van dawerende akkoorde en die weelderige klank waartoe die orrel in die Tweetoringkerk in staat is nie. Werke wat uitgesonder word is die **Marche Funèbre** van Guilmant en die **Sonate nr 2** van Mendelssohn (*Die Volksblad*, 29 Oktober 1948).

Lilac Time wat deur die vereniging aangebied is, het op 29, 30 November en 1 Desember 1948 in die Grand-teater in Bloemfontein plaasgevind. Petrus J Lemmer was die musiekdirekteur en Susie Mey Viljoen was vir die regie verantwoordelik. Aangesien 'n groot deel van die rolle deur amateurs vertolk is, was dit soveel te meer 'n gebeurtenis van onskatbare waarde vir die musieklewe van Bloemfontein (*Die Volksblad*, 1 Desember 1948).

Die opvoering word in Hoofstuk 7 wat oor operas en operettes handel, in detail bespreek.

Volgens *Die Volksblad* (12 Februarie 1949) het die jaarvergadering van die Musiekvereniging op 14 Februarie plaasgevind. Daar is bepaal dat die ledetal van die vereniging in daardie stadium op vyfhonderd-een-en-twintig gestaan het. Prof Kok is weer eens tot voorsitter herkies met dr W Arndt as ondervoorsitter (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1949).

Die Musiekvereniging het agt konserte vir 1949 beplan waarvan die een met Erna Sack sekerlik die gewildste was. Die eerste konsert het op 23 Maart in die Stadsaal plaasgevind. By daardie geleentheid was die kunstenaars beide van Johannesburg afkomstig by name Betsy de la Porte (mezzo-sopraan) en Lorenzo Danza (klavier) (*Die Volksblad*, 5, 18, 19 Februarie en 7, 11, 14, 16 Maart 1949).

Dit was Betsy de la Porte se tweede optrede in Bloemfontein. Haar vorige uitvoering het ook onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. Die resensent merk ook tereg op dat sy met dieselfde artistieke sang as by haar vorige konsert in Bloemfontein die groot gehoor in vervoering gehad het. Haar stem was nouwel nie so suiwer soos van die ander sangeresse in die land s'n nie, maar haar vertolking en musikale begrip was deurgaans uitstekend. Haar program het 'n groot verskeidenheid liedere ingesluit, waaronder Suid-Afrikaanse en Engelse liedere asook Italiaanse en klassieke werke. Lorenzo Danza het nie alleen die begeleiding waargeneem nie, maar ook 'n aantal solowerke uitgevoer (*Die Volksblad*, 24 Maart 1949).

Volledige kommentaar in verband met hierdie konsert verskyn op pp. 459-460 en pp. 495-496.

Die tweede konsert van 1949 het ook groot belangstelling uitgelok. Dit was die klavieruitvoering van Joachim Speiser, wat in daardie stadium pas as dosent by die Tegnieuse Kollege aangestel is. Sy uitvoering is voorafgegaan deur uitvoerings op die viool, werke deur 'n mannekoor en ander kunstenaars van Bloemfontein (*Die Volksblad*, 7 Mei 1949).

Die talle mense wat op 9 Mei 1949 hierdie uitvoering in die Clarendonsaal bygewoon het, het die geleentheid gehad om na innige, netjiese, maar ook in 'n mate gedempte spel te luister. Die resensent meld in die resensie dat die spel van Speiser hom herinner het aan die spel van die orrelis, dr Cooper, wat die vorige jaar 'n uitvoering in Bloemfontein gegee het. Speiser se spel was fyn en afgerond, met pragtige beheersing en musikale nuanseringe, maar selde bruisend of opwindend. Sy program het bestaan uit die Franse Suite in G majeur (Bach), Fantasie in c mineur (Mozart) en die Sonate opus 53 in C majeur (Beethoven). Dit was veral in die Waldstein-sonate waar die pianis met sy gemaklike en soepel spel beïndruk het. Volgens die resensent was Joachim Speiser 'n baie bekwame pianis wat daarna gestreef het om die innerlike betekenis van elke komposisie noukeurig te verklank (*Die Volksblad*, 10 Mei 1949).

Joachim Speiser se program is voorafgegaan deur vioolspel deur Victor Pohl, sang deur

die mannekoor van Petrus Lemmer en solosang deur Augusta van Rooyen en Gertrude Pattison (*Die Volksblad*, 10 Mei 1949).

Die volgende konsert wat deur die Musiekvereniging aangebied is het nog meer aandag getrek. Die sangeres Tilla Visser het haar debuut op 13 Junie 1949 in Bloemfontein gemaak. Dit was haar eerste optrede in Suid-Afrika na baie jare se verblyf in New York waar sy gestudeer het (*Die Volksblad*, 7 en 11 Junie 1949).

Haar program het uit 'n groot verskeidenheid werke bestaan wat komposisies van Sarti, Torelli, Scarlatti, Handel, Gluck, Mozart, Schumann, Novello en Massenet ingesluit het. In elke lied wat sy gesing het, het die beheersing opgeval, asook die geleidelike en gemaklike oorgange in dinamiek. Spesiale melding is van haar klankryke en warme middelregister gemaak. Sy het getoon dat sy tot groot hoogtes in staat is en dat die oorsese ervaring haar slegs tot voordeel gestrek het. Sy is knap bygestaan deur David Roode wat die begeleiding waargeneem het (*Die Volksblad*, 14 Junie 1949).

In Augustus 1949 het dr Arend Koole 'n baie interessante lesing-konsert in die Clarendonsaal aangebied. Die onderwerp was "Die Romantiek in die Musiekkuns". Volgens *Die Volksblad* (9 Augustus 1949) was dit 'n uiters insiggewende praatjie wat nooit pedanties of tegnies té ingewikkeld geraak het nie. Dr Koole se klavierspel het getoon dat hy 'n kunstenaar was wat kuns van hoë gehalte gelewer het en dat hy as konsertpianis en musiekkenner 'n definitiewe aanwinst vir Bloemfontein se musieklewe sou wees.

Die volgende byeenkoms van die vereniging het op 13 Augustus 1949 plaasgevind en het die vorm van 'n verskeidenheidskonsert aangeneem. Plaaslike kunstenaars het tydens hierdie konsert opgetree. Die fondse is aangewend vir die plaaslike onderwysersvereniging. Hermina Verster, Noel Travers, Gerhard Olivier en Martli Pohl was onder die kunstenaars wat opgetree het. Petrus Lemmer se mannekoor was ook deel van die program (*Die Volksblad*, 16 Augustus 1949).

Die laaste drie konserte van die vereniging het geweldige belangstelling geniet. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, onder andere omdat al drie kunstenaars vanuit die buiteland afkomstig was. 'n Ander rede kan bloot wees dat die kunstenaars baie beroemd was en hoë aansien as uitvoerende kunstenaars geniet het.

Die sesde konsert van die vereniging vir 1949 kan sekerlik as die hoogtepunt van die hele jaar beskou word. Die baie beroemde Duitse koloratuur-sopraan, Erna Sack het op 3 en 5 September uitvoerings in die Stadsaal gegee. Sommige kritici beweer dat haar programme die indruk van oppervlakkigheid skep, maar dit was juis die eenvoudige volksliedjies wat haar beroemd gemaak het. Sy was bekend daarvoor om die mees alledaagse liedjies met soveel oorgawe en innigheid te sing dat dit 'n ongekende bekoring ingehou het (*Die Volksblad*, 3 September 1949).

Hoogtepunte op haar program van 3 September was **Verhale uit die Weense Woud** (Johann Strauss) en Rosina se aria uit **Die Barbier van Seville**. Ander werke op haar program het **Largo** (Handel), **Caro mio Ben** (Giordani), **Nacht und Träume**, **Wiegelied**, **Wohin** en **Ave Maria** (almal van Schubert) ingesluit (*Die Volksblad*, 3 September 1949).

Die program van Maandag 5 September het werke van Gluck, Beethoven, Braga en Strauss ingesluit (*Die Volksblad*, 3 September 1949). Verdere kommentaar in verband met hierdie konserte verskyn op pp. 617-618.

Die volgende konsert van die vereniging het weer eens die vorm van 'n sanguitvoering aangeneem. Hierdie konsert het op 22 September 1949 in die Clarendonsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het die beroemde Nederlandse kontralto, Annie Woud, opgetree. Sy het uit die staanspoor die gehoor verras met haar besondere stemkwaliteit en haar gevoelvolle vertolking. Die buitengewone soepelheid in haar stem het die beste in die liederes van Max Reger vertoon. Van hom het sy **Mein Schätzelein** en **Wenn die Linde Blüht** met puik musikale aanvoeling gesing. Die res van haar program verskyn in Hoofstuk 5, p. 615 (, 23 September 1949).

Die laaste konsert van die vereniging vir 1949 was ook 'n sanguitvoering. By daardie geleentheid het die beroemde bariton, Heinrich Schlusnus 'n uitvoering gegee. Sy

konsert het op 25 November in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 26 November 1949).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* (26 November 1949) was dit 'n verruklike uitvoering deur 'n sanger wat homself verdiep het in die mees verhewe sang. Hy het oor 'n ryk baritonstem beskik wat gepaard gegaan het met onberispelike diksie. Sy mezza voce-sang was ook indrukwekkend. In 'n groot verskeidenheid liedere en opera-arias wat in nie minder as vyf tale gesing is nie, het hy tog getoon dat hy by uitstek 'n liederesanger was. Sy uitvoering word op pp. 619-620 volledig bespreek.

Hierdie vereniging het sy werksaamhede in 1950 voortgesit met prof Kok as voorsitter en 'n ledetal van vyfhonderd. In 1950 is ses konserte aangebied en 'n interessante aspek wat die kunstenaars betref, is dat almal van ander plekke afkomstig was, hetsy in Suid-Afrika of vanuit die buiteland (*Die Volksblad*, 15 Februarie 1950).

Die eerste konsert het op 23 Maart in die Clarendonsaal plaasgevind en die kunstenaars was Johanna Uys (koloratuur-sopraan) en Chrystal Blomkamp (pianiste) (*Die Volksblad*, 4 Maart 1950).

Volgens die resensent was hierdie konsert 'n groot sukses. Chrystal Blomkamp is reeds tydens haar vorige besoek aan Bloemfontein in 1947 as een van Suid-Afrika se beste pianiste beskou. Sy het in 1949 na Holland gegaan waar sy haar studies voortgesit het

en ook 'n hele aantal uitvoerings gegee het. Volgens die kommentaar in *Die Volksblad* (24 Maart 1950) is dit duidelik dat haar spel aansienlik verbeter het. Die volgende kommentaar van die resensent som haar vermoë as pianis besonder goed op: "Tegnies merkwaardig vaardig, beskik mej Blomkanp tans oor die vermoë om die innerlike betekenis van elke stuk tot sy reg te laat kom, om haar met volle oorgawe te wy aan die toon en stemming van elke gevoelige oorgang." Die volgende werke is met insig uitgevoer: **Duport-variasies** (Mozart), **Sonate opus 81a in E-mol majeur** (Beethoven), **Fantasie in f mineur** (Chopin), **Jardin sous la pluie** (Debussy) en **La Cathédrale engloutie** (Debussy) (*Die Volksblad*, 18 en 24 Maart 1950).

Johanna Uys se sang het van artistieke verfyndheid getuig, alhoewel daar volgens die kritikus miskien té veel werke was wat koloratuuragtige passasies bevat het. Haar begaafdheid as sangeres word die beste soos volg deur die resensent saamgevat: "Sy het 'n lieflike, soepel stem wat sy op oordeelkundige en beskaafde wyse gebruik." Die kunsliedere is met oorgawe gesing en sy het ook pragtige stemminge in elke lied geskep. Hier was dit weer eens duidelik dat sy met haar hele wese elke detail verstaan en beleef. 'n Volledige bespreking van die program wat sy aangebied het verskyn in Hoofstuk 4, pp. 473-474 (*Die Volksblad*, 22 en 24 Maart 1950).

Die besoek van die Pierre de Groote-strykkwartet op 22 Mei 1950 het ook groot belangstelling uitgelok. Aanvanklik sou Jaap van Opstal (klavier) deel van die ensemble uitgemaak het, maar kon weens siekte nie optree nie. In sy plek het August Levy (viool)

opgetree. Die kwartet het uit Lucien de Grootte (tjello), Pierre de Grootte (viool), Kees Peterse (altviool) en August Levy (viool) bestaan. In 1948 het Kees Peterse in dieselfde hoedanigheid as lid van Die Staalmeesters in Bloemfontein opgetree (*Die Volksblad*, 29 April, 2, 6, 9, 13, 18 en 23 Mei 1950).

Al vier hierdie strykers was destyds gesiene musici in Johannesburg en hulle het kamermusiek van uitstaande gehalte gelewer. Die ensemble se spel word soos volg deur die resensent van *Die Volksblad* (23 Mei 1950) beskryf: "Daar was 'n warme intimiteit in die spel, waar elke instrument ewe belangrik is en die gelukkige onderlinge verstandhouding tot die heerlikste uitvoering aanleiding gegee het." Ten opsigte van elkeen se spel afsonderlik, wat klank, tegniek, en musikaliteit betref, het die resensent slegs positiewe kommentaar gehad. Hierdie strykkwartet se uitvoering word in Hoofstuk 4, pp. 556-557 volledig bespreek.

Die eerste helfte van 1950 se konserte is afgesluit met 'n klavieruitvoering deur die wêreldberoemde pianiste van Boedapest, Lili Kraus. Haar uitvoering het op 22 Junie in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 8 April en 3 Junie 1950).

Haar uitvoering in Bloemfontein is as 'n artistieke triomf beskou. Sy het deurgaans fyn gestileerde spel gelewer wat gegrens het aan die volmaakte wat tegniek betref. Haar vertolkings was altyd simpatiek met presiese fraserings en pragtige cantabile spel. Sy was reeds in daardie tyd bekend as 'n Mozart-vertolker en die resensent se siening van

haar spel was soos volg: "Bekend as 'n allergevoeligste Mozart-eksponent, het sy in die Mozart- en Haydn-sonates so bekoorlik, so helder en blymoedig gespeel dat die werke die indruk van kristallyne suiwerheid gemaak het." (*Die Volksblad*, 23 Junie 1950).

'n Volledige bespreking met verwysing na die verskillende werke wat sy gespeel het verskyn in Hoofstuk 5, pp. 597-598.

Die laaste drie konserte wat deur die vereniging in 1950 aangebied is, was almal sanguitvoerings. Een van die kunstenaars was 'n Suid-Afrikaner, Trudie van Zyl, en die ander twee van oorsee, naamlik Laurens Bogtman (Holland) en Marcel Wittrisch (Duitsland) (*Die Volksblad*, 29 Julie en 1 Augustus 1950).

Trudie van Zyl se uitvoering het op 23 Augustus in die Clarendonsaal plaasgevind. Haar konsert het veel aandag getrek en daar is gevrees dat die Clarendonsaal te klein sou wees. Sy het landwyd bekendheid verwerf as sangeres en aktrise in die musiekrolprent, **Kom saam vanaand** (*Die Volksblad*, 5 Augustus 1950).

In Hoofstuk 4, pp. 474-475 word haar uitvoering in detail bespreek.

Haar eggenoot, Ashley Hartley het haar nie net begelei nie, maar ook 'n klavieruitvoering gegee. Afgesien van die simpatieke begeleiding wat hy vir sy vrou se voordrag verskaf het, het hy onder andere die *Sonate opus 7 nr 2 in c-kruis mineur* (Beethoven), *Golliwogg's Cakewalk* (Debussy) en *Allegro di Concierto* (Granados) met vaardigheid uitgevoer. Die eerste deel van die *Sonate* se tempo was volgens die kritikus te stadig en die melodie kon ook meer beklemtoon gewees het. Die meeste van die werke op die program is met soveel artistieke gehalte voorgedra dat beide kunstenaars 'n hele aantal toegifte moes lewer (*Die Volksblad*, 24 Augustus 1950).

Die Hollandse bariton, Laurens Bogtman het op 20 September 1950 'n uitvoering in die Clarendonsaal gegee. Hy is in Noord-Holland gebore en het eers op die ouderdom van dertig jaar besluit om hom voltyds op sang toe te lê. Hy het destyds reeds in die meeste Europese lande opgetree en ook 'n besondere gelaagde konsertreis deur Indonesië onderneem. Kritici het in vervoering geraak oor die "distinksie van sy diksie," die "suiwerheid van sy styl," sy "innerlike kultuur" en die "silwer atmosfeer van sy voix-mixte." (*Die Volksblad*, 2 en 9 September 1950).

'n Volledige bespreking van sy konsert met verwysing na die werke wat hy gesing het verskyn op pp. 623-624.

Die laaste konsert vir 1950 het op 26 Oktober in die Stadsaal plaasgevind. Die kunstenaar was die bekende sanger, Marcel Wittrisch. Sy uitvoering het in 'n sekere

mate teleurgestel aangesien daar 'n vol saal was om na hom te luister en hy nie die gehalte sang gelewer het waaraan die publiek gewoond was nie. Daar is wel melding van sy ongesteldheid gemaak en ook dat hy nog nie heeltemal daarvan herstel het nie. Kommentaar op hierdie uitvoering verskyn op p. 625 (*Die Volksblad*, 14 en 27 Oktober 1950).

Die jaarvergadering van die vereniging het op 22 November in die Oranje-Koffiehuis plaasgevind (*Die Volksblad*, 21 November 1950).

Die eerste konsert wat die vereniging in 1951 aangebied het, het groot belangstelling uitgelok. Op 12 Maart het die wêreldberoemde liederesangeres, Elisabeth Schumann, 'n uitvoering in die Stadsaal gegee. Voordat sy in Bloemfontein opgetree het, het sy ook 'n konsert in Johannesburg aangebied. Die kritikus van *The Rand Daily Mail* het soos volg geskryf: "Mev Schumann se uitvoering was 'n triomf van artistieke beheersing. Sy het nie slegs 'n stem van unieke skoonheid en helderheid nie, al sou dit reeds voldoende wees om haar 'n ereplek onder die wêreld se beste sangers te besorg, maar sy gebruik hierdie gawe met 'n seldsame en subtiële insig." (*Die Volksblad*, 27 Januarie, 3 en 5 Maart 1951).

Voor haar konserttoer deur Suid-Afrika het hierdie Duitse sangeres (vanaf 1944 'n Amerikaanse burger) in die Metropolitan-operahuis in New York opgetree. Dit was nog 'n bewys van haar beroemdheid (*Die Volksblad*, 24 Februarie

1951; Kennedy, 1980, p. 577). Haar konsert se kommentaar verskyn op pp. 631-632.

Op 30 April 1951 het die bekende Suid-Afrikaanse pianis, Adolph Hallis en die Tsjeggies-gebore violiste, Maria Neuss, 'n gesamentlike uitvoering in die Stadsaal gelewer. Beide hierdie kunstenaars het in daardie stadium reeds bekendheid oorsee verwerf. Hallis het destyds die hele Europa deurreis en in al die groot stede as konsertpianis of as solis saam met 'n orkes opgetree. Hy het veral groot sukses in die Skandinawiese lande behaal. In 1950 het hy 'n baie geslaagde konserttoer deur Engeland onderneem en met groot sukses in die Wigmore-saal in Londen opgetree. Maria Neuss was in daardie stadium getroud met Fritz Schuurman, die dirigent van die Simfonieorkes van Johannesburg (*Die Volksblad*, 11, 12, 14 en 18 April 1951; *The Friend*, 20 April 1951).

Kommentaar op hierdie gesamentlike uitvoering verskyn op pp. 511 en 524.

Die derde konsert van die vereniging vir 1951 was uniek in die sin dat dit die eerste keer was dat daar fagotsolo's op die Bloemfonteinse konsertverhoog gehoor is. Die konsert het op 22 Junie in die Clarendonsaal plaasgevind en die solis was die Nederlandse fagotspeler, Tonny Rotteveel. Tydens hierdie konsert het van Bloemfontein se kunstenaars ook opgetree, soos Derik van der Merwe (klavier), Noel Travers (viool), Merle Cockroft (sang), Vivia Kruger (sang), Marion Key (sang), Jacobus Hattingh

(sang) en Juliette Aboud (sang). 'n Dubbele mannekwartet onder leiding van prof Roode het ook opgetree (*Die Volksblad*, 16 en 20 Junie 1951).

Rotteveel se konsert word op pp. 558-559 bespreek.

Die twee instrumentiste het hulle beide goed van hul taak gekwyt. Derik van der Merwe het die **Sonate in C majeur** van Mozart op afgeronde wyse uitgevoer. Die musikaliteit en deeglike frasing het deurgaans opgeval. Noel Travers se spel was goed en daar is genoem dat sy spel elke keer verbeter het. Juliette Aboud se sang is as 'n hoogtepunt beskou. Haar stem was voller en ronder as ooit en dit was verfrissend om na haar te luister aangesien daar geen twyfel of halfhartigheid in haar optrede was nie. Sy het **Ich grolle nicht** (Schumann) en **Der Schmied** (Brahms) gesing (*Die Volksblad*, 20 en 23 Junie 1951).

Die volgende konsert van die vereniging het op 7 Augustus 1951 in die Clarendonsaal plaasgevind. Die hoofsolis by daardie geleentheid het die gevierde tjelliste, Peers Coetmore opgetree. Haar uitvoerings is oral met soveel oorweldiging ontvang, dat sy gevra is om haar verblyf in Suid-Afrika te verleng om nog 'n paar uitvoerings in van die groot sentra te gee (*Die Volksblad*, 21 Julie 1951).

Hierdie bekende Engelse tjelliste het in daardie stadium alreeds in baie lande opgetree. Sy het groot sukses in Australië, Ierland, Nederland en Nieu-Seeland behaal. Mej

Coetmore het *Die Volksblad* se verslaggewer meegedeel dat daar groter pogings aangewend moes word om die jeug in Suid-Afrika meer musiekbewus te maak. Sy het verder gesê dat dit jammer was dat daar nie meer van die radio vir dié doel gebruik gemaak word nie. Sy het Suid-Afrika vergelyk met lande soos Australië en Nieu-Seeland, waar die geesdrif vir musiek baie hoog is. Vir haar was die ideale gehoor tussen 17 en 25 jaar. Met betrekking tot hierdie aspek was sy van mening dat daar nog 'n groot gebrek in Suid-Afrika was. Kommentaar in verband met hierdie konsert verskyn op pp. 643-644 (*Die Volksblad*, 28 Julie en 8 Augustus 1951).

José Rodriguez-Lopez het afgesien van die begeleiding wat hy op knap wyse gedoen het, ook 'n aantal interessante klaviersolo's uitgevoer. Hy het onder andere die **Tema en variasies** (Ein Weib ist das herrlichste Ding) van Mozart op fyn en afgeronde wyse vertolk. Die **Scherzo opus 16 nr 2** (Mendelssohn) was ryk aan treffende kontraste en die **Drie gesigte op die Japanese berg Fuji Yama** (Sigtenhorst-Meyer) was 'n aangename verrassing. Die ander werk in sy deel van die program was **Minstrels** (Debussy) (*Die Volksblad*, 4 en 8 Augustus 1951).

'n Groot gebeurtenis in die musieklewe van Bloemfontein in 1951 was die aanbieding van die operette, **Viktoria and her Hussar** vanaf 10 tot 13 September onder die beskerming van dié Musiekvereniging. Dit is oorspronklik deur Emmerich Foldes geskryf, met die musiek deur Paul Abraham. Die Engelse vertaling is deur Harry Graham gedoen. Die musiekleier was David J Roode en die spelleier, Schalk Theron.

Mariechen Naudé was ook behulpsaam met die regie en Yvonne Viljoen was verantwoordelik vir die balletdanse. Ander persone wat groot bydraes gelewer het, was Berlina Malan (kostuums), mnr Sanders (dekor) en Hans Binswanger (toneelmeester) (*Die Volksblad*, 2 Junie, 11, 16, 23 en 25 Augustus 1951).

Die hoofsolis was Louis Knobel, die bekende bariton van Pretoria, wat reeds voorheen in *Lilac Time* (1948) in Bloemfontein opgetree het. Ander soliste het ingesluit, Christine Rautenbach, Merle Cockroft, Paul Fischer, Benedictus Kok, Derik van der Merwe en Aubrey Gallow. Die orkes het onder die bekwame leiding van Victor Pohl gestaan en Marion Key was vir die klavierspel verantwoordelik (*Die Volksblad*, 2 Junie, 11 Augustus en 12 September 1951).

'n Volledige bespreking van hierdie opvoering verskyn in Hoofstuk 7 wat oor opera en operette in Bloemfontein handel.

Die laaste konsert van 1951 het weer een van Suid-Afrika se bekendste kunstenaars na Bloemfontein gebring. Cecilia Wessels het op 12 November in die Clarendonsaal opgetree. Volgens die resensie wat in *Die Volksblad* (13 November 1951) verskyn het, was daar nog nooit sulke spontane en uitbundige toejuiging soos toe mej Wessels gesing het nie. Sy het met groot gemak 'n baie veeleisende program bestaande uit werke van Wagner, Catalini, Puccini, Massenet, Weber en Schubert uitgevoer. Die resensent het getwyfel of daar in daardie stadium nog 'n sangeres was wat Cecilia se aangrypende

vertolking van die arias uit *Der Freischütz* (Weber) kon verbeter. Opvallend was die suiwer plasing van die note in die hoë register asook haar helder stem. Die gehoor het duidelik getoon dat hulle haar sang en die begeleiding van Jean Rohr baie geniet en gewaardeer het.

Cecilia het die volgende werke gesing: *Elsa se droom* uit *Lohengrin* (Wagner), *Senta se Ballade* uit *Die Vlieënde Hollander* (Wagner), *The Tryst* (Sibelius), *Spring Waters* (Rachmaninoff), *Bist du bei mir* (Bach) en *Die Allmacht* (Schubert) (*Die Volksblad*, 10 November 1951).

Die jaarvergadering van die vereniging het op 10 Desember plaasgevind waartydens bepaal is dat die vereniging in daardie stadium 700 lede gehad het. Die voorsitter, Benedictus Kok, het in sy toespraak gesê dat dit 'n rekordgetal lede was. Hy het verder bekend gemaak dat al die konserte wat aangebied is, baie geslaagd was en dat die bywoningsyfer ook bevredigend was. Soos reeds vroeër in die hoofstuk genoem, het die voorsitter onveranderd gebly. Die res van die bestuur het uit die volgende persone bestaan:

Ondervoorsitter: P J Lemmer

Sekretaris: Thys Naudé

Penningmeester: B Kraak

Lede: Jurie Fourie, David Roode, Anna Verster en Mary Rousseau

(*Die Volksblad*, 1 en 11 Desember 1951).

Die Vrystaatse Musiekvereniging het altesaam agt konserte in 1952 aangebied, waartydens daar by vier van die konserte buitelandse kunstenaars opgetree het. Die oorblywende vier konserte is deur plaaslike en besoekende Suid-Afrikaanse kunstenaars aangebied. Die eerste konsert het op 3 Maart in die Clarendonsaal plaasgevind. Die kunstenaar by daardie geleentheid was die bekende Suid-Afrikaanse violis, Derek Lennox Ochse. As leerling van Harold Ketelbey het hy die oorsese studiebeurs van U N I S A verower, asook talle trofees, goue medaljes, en diplomas op kunswedstryde en musiekfeeste. Hy het in daardie stadium reeds etlike kere saam met die Johannesburgse Simfonieorkes as solis opgetree (*Die Volksblad*, 9 en 23 Februarie 1952).

Ochse sou aanvanklik die konsert met die pianis Manuel Villet gedeel het, maar later is bekend gemaak dat die Bloemfonteinse tenoor, Jacobus Hattingh, saam met hom sou optree (*Die Volksblad*, 23 Februarie 1952).

Die volgende aanhaling uit die resensie van *Die Volksblad* (4 Maart 1952) gee 'n duidelike bewys van die gewildheid van dié violis: "Stylsuiwerheid en tonale skoonheid het in die vioolspel oorheers en 'n mens is dankbaar vir 'n kunstenaar wat weggekom het van die gewone soetsappige en oorbekende klein werkies wat so gewild by konsert-violiste is." Volledige kommentaar met verwysing na die werke wat Ochse gespeel het verskyn op p. 526.

Hattingh het sy deel van die program met twee Italiaanse liedere begin, naamlik **O del**

mio Amato ben (Donaudy) en **O del mio dolce Ardor** (Gluck). Hierdie werke is strelend gesing, maar met 'n effense terughouding. Verder het hy **Wie bist du meine Königin** en **Sonntag** (Brahms) en **An die Musik** en **Die Forelle** (beide van Schubert) gesing. Hy het sy program met **Sylvelin** (Sinding) en **Love went a-Riding** (Frank Bridge) afgesluit. Prof Roode het soos ouder gewoonte uitgeblink as begeleier (*Die Volksblad*, 1 en 4 Maart 1952).

Die gemengde koor van die Hoërskool Sentraal onder leiding van Michele Casaleggio het ook opgetree. Die gedrae sang en netjiese fraserings asook die pragtige samesmelting van die verskillende stemme het deurgaans opgeval. Blanche Terblanche se solosing het besonder byval gevind. Werke wat deur die koor gesing is, sluit in **Venite Adoramus** uit **Vasco da Gama** (Statham), die **Onse Vader** (Mascagni) en **O God van Jakob** (*Die Volksblad*, 1 en 4 Maart 1952).

Die tweede konsert van die vereniging vir 1952 het op 25 April in die Stadsaal plaasgevind. Die welbekende koloratuur-sopraan, Erna Sack, het 'n hoogs geslaagde uitvoering gegee. Afgesien van bekende liedere, het sy ook arias uit operas gesing wat bekend was vir hul koloratuur-passasies. Sy het onder andere **Elvira** se aria uit **I Puritani** (Bellini), die **Koningin van die nag**-aria uit **Die Towerfluit** (Mozart) en **Titania** se aria uit **Mignon** (Thomas) gesing (*Die Volksblad*, 22 Maart en 19 April 1952).

Volgens die resensent van *The Friend* van 26 April 1952 het sy werklik die gehoor

meegevoer in haar vertolking van die liedere van Schumann, Haydn en Grieg. Na die pouse het die ware Erna Sack te voorskyn gekom: "It was here that she showed her remarkable gift for swaying an audience by sheer force of personality and the programme ended on a brilliant and triumphant note." Sebastian Peschko het 'n groot bydrae as begeleier gemaak en het die sangeres op uiters simpatieke wyse ondersteun.

Erna Sack het later in die jaar weer 'n uitvoering in Bloemfontein gegee. Op 21 Mei het sy in 'n program opgetree wat hoofsaaklik uit werke bestaan het wat deur die publiek aangevra is. Die resensie wat in *The Friend* (22 Mei 1952) verskyn het, het haar uitvoering soos volg beskryf: "Whatever the truth, Erna Sack has once again demonstrated a showmanship almost breath-taking in its thoroughness. Although her performance does not always satisfy discriminating musical taste, the detail of her presentation is worth careful study." Werke wat sy tydens laasgenoemde konsert gesing het verskyn op pp. 618-619.

'n Pianis wat in 1952 reeds groot opgang gemaak het, is Lionel Bowman. Hy het nie alleen in Suid-Afrika groot naam gemaak nie, maar ook in Europa en Engeland bekendheid as uitstekende pianis verwerf. Sy uitvoering wat op 16 Mei in die Clarendonsaal plaasgevind het, was sy derde verskyning in Bloemfontein. Sy vorige optredes het onderskeidelik onder die beskerming van die Bloemfontein Music Club en African Consolidated Theatres plaasgevind. In laasgenoemde konsert het hy saam met Noël Coward opgetree (*Die Volksblad*, 3 Mei 1952).

Londense Filharmoniese koor en ook 'n uitmuntende pianis, wat reeds uitvoerings in Australië en Indië gegee het (*Die Volksblad*, 9 en 23 Augustus 1952).

Sy lesing-uitvoering het oor die Prelude, Nokturne, Impromptu, Intermezzo en Ballade gehandel. Aangesien hy oor die korter musiekvorme gepraat het, was daar geleentheid vir die voordrag van aantreklike komposisies van Bach, Beethoven, Brahms, Chopin en Debussy. Hy het die belangstelling van die gehoor deurlopend behou en sy spel was netjies en vol afwisseling. Sy optrede kon eerder as 'n artistieke uitvoering met toegeligte kommentaar beskou word, en dit is jammer dat so baie mense bevooroordeel gestaan het en nog staan teenoor lesings in verband met musiek as kunsoort (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1952).

'n Uitvoering wat volgens die resensente van beide die Bloemfonteinse bekendste nuusblaai van die tyd, nog lank onthou sou word, was die uitvoering van die Duitse koloratuur-sopraan, Ilse Hollweg. Haar uitvoering het op 8 September 1952 in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 30 Augustus en 9 September 1952; *The Friend*, 9 September 1952).

Die *Daily Herald* het soos volg oor haar geskryf: "Haar stem het na die stratosfeer van Strauss se musiek gesweef soos die vrye vlug van 'n voël. Op die duiselingwekkendste hoogtes het dit sy toonprag en soepelheid behou." Die *London Times* (31 Januarie 1951) het soos volg geskryf: "Ilse Hollweg se sang in die moeilike aria van Zerbinetta

Londense Filharmoniese koor en ook 'n uitmuntende pianis, wat reeds uitvoerings in Australië en Indië gegee het (*Die Volksblad*, 9 en 23 Augustus 1952).

Sy lesing-uitvoering het oor die Prelude, Nokturne, Impromptu, Intermezzo en Ballade gehandel. Aangesien hy oor die korter musiekvorme gepraat het, was daar geleentheid vir die voordrag van aantreklike komposisies van Bach, Beethoven, Brahms, Chopin en Debussy. Hy het die belangstelling van die gehoor deurlopend behou en sy spel was netjies en vol afwisseling. Sy optrede kon eerder as 'n artistieke uitvoering met toegeligte kommentaar beskou word, en dit is jammer dat so baie mense bevooroordeel gestaan het en nog staan teenoor lesings in verband met musiek as kunsoort (*Die Volksblad*, 26 Augustus 1952).

'n Uitvoering wat volgens die resensente van beide die Bloemfonteinse bekendste nuusblaai van die tyd, nog lank onthou sou word, was die uitvoering van die Duitse koloratuur-sopraan, Ilse Hollweg. Haar uitvoering het op 8 September 1952 in die Stadsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 30 Augustus en 9 September 1952; *The Friend*, 9 September 1952).

Die *Daily Herald* het soos volg oor haar geskryf: "Haar stem het na die stratosfeer van Strauss se musiek gesweef soos die vrye vlug van 'n voël. Op die duiselingwekkendste hoogtes het dit sy toonprag en soepelheid behou." Die *London Times* (31 Januarie 1951) het soos volg geskryf: "Ilse Hollweg se sang in die moeilike aria van Zerbinetta

daardie stadium een van die beste baritons in die land. Hy het reeds in die verlede in Bloemfontein as lid van 'n operageselskap opgetree, maar dié uitvoering was sy eerste solo-optrede in Bloemfontein (*Die Volksblad*, 14 Junie 1952).

Peschko het die program geopen met die *Chaconne* (Bach-Busoni). Met hierdie begeesterde uitvoering het hy dadelik getoon dat hy 'n ware meester op die klavier is. Sy vertolkings van die *La Cathédrale engloutie* en *La Puerto del Vino* (beide van Debussy) was miskien te sober, maar hy het heeltewel vergoed daarvoor deur 'n uitstaande vertolking van Ibert se *Little white donkey* te gee. Ander werke op die program, was *Rapsodie in B-mol majeur* (Brahms), *Polka* (Shostakovitch) en die *Rapsodie in G-mol majeur* (Dohnanyi) (*The Friend*, 19 Junie 1952).

Bruce Anderson het lofwaardige sang gelewer en die resensent het dit onnodig gevind om sy uitvoering in detail te bespreek aangesien hy so goed bekend was aan die publiek weens sy baie radio-uitsendings. Hy het werke van Gluck, Donaudy, Schubert, Rachmaninoff, Ireland en Legrenzi gesing. Prof Roode het as begeleier opgetree en die nodige ondersteuning aan die solis verleen (*The Friend*, 19 Junie 1952).

Die sesde konsert vir 1952 het die vorm van 'n lesing-uitvoering aangeneem en het op 25 Augustus in die Clarendonsaal plaasgevind. By daardie geleentheid het die besoekende eksaminator van die Associated Board of the Royal Schools of Music, Frederic Jackson, gepraat oor die korter musiekvorme. Jackson was in daardie stadium die leier van die

het oor die ingewikkelde passate gesweef met onweerstaanbare grasia, glans en sjarme, en nog meer, met 'n helder en musikale toon wat aangenaam was om na te luister."

Sy het sonder enige vertoon of oordrewe aandoenlikheid sang van hoogstaande gehalte gelewer. Die luisteraar was nouliks bewus van tegniek aangesien sy so soepel en gemaklik gesing het. Haar beheersing was uiters voortreflik en haar kuns kon as verhewe beskou word. 'n Ander kenmerkende faset van haar sang was die egtheid daarvan (*Die Volksblad*, 9 September 1952). Die resensent van *The Friend* van 9 September 1952 skryf soos volg: "Miss Hollweg has a voice of indescribable freshness and purity which, combined with musical imagination and sincerity of approach, is near perfection as anything we have heard in Bloemfontein for many a long day." Die werke wat besonder byval gevind het, verskyn op p. 636.

Die laaste konsert vir 1952 was behalwe vir twee dames, almal manlik. Die twee dames was Marianette van den Heever (altviool) en Ann Greenblatt (tjello), wat lid van 'n kwintet vir klarinet en strykers was. Hierdie konsert het op 24 November 1952 in die Clarendonsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 14, 15 en 25 November 1952).

Die **Kwintet vir klarinet en strykers** (Mozart) is netjies uitgevoer, veral as in aanmerking geneem word dat die meeste van die kunstenaars hoofsaaklik skoliere en studente was. Richard Lemmer was die solis en is bygestaan deur David Alberts (viool), James Cunningham (viool), Marianette van den Heever (altviool) en Ann Greenblatt

(tjello). Prof Roode se mannekoor het die elf verwerkings van kinderrympies van Diack, naamlik **Little Jack Horner** en **Old Mother Hubbard** gesing. Verder het 'n dubbele mannekwartet verskeie werke gesing. Dit was veral **Iona Burial song** van Robertson wat byval gevind het (*Die Volksblad*, 9 September 1952; *The Friend*, 9 September 1952).

Uit dieselfde resensies is dit duidelik dat Barry Verster van Hennenman voorbeeldige sang gelewer het. Hy het **Helderus** (S le Roux Marais) en **Money, O** (M Head) met oorgawe gesing. Pieter Roos van Wepener het ook die eerste keer sy verskyning op die verhoog gemaak in 'n vertolking van **Von Ewige Lebe** (Brahms) en **Die Post** (Schubert). Solo's is deur Jacobus Hattingh gelewer en hy en Jurie Fourie was vir die enigste duet verantwoordelik toe hulle **Lend me your aid** uit Irene van Gounod gesing het. Ted Hultzer het arias van Mozart en Handel gesing terwyl Derik van der Merwe onder andere **Jeux d'eau** (Ravel) en 'n **Prelude en Fuga** (Mendelssohn) op die klavier uitgevoer het. Die begeleidings is deur Japie Human, David Roode en Petrus Lemmer waargeneem.

Alhoewel die vereniging agt konserte vir 1953 in die vooruitsig gestel het, het sewe van die konserte plaasgevind. Die konsert van Elsie Hall wat vir die laaste kwartaal beplan was, het egter nie plaasgevind nie. 'n Geskikte saal kon nie vir die konsert verkry word nie (*Die Volksblad*, 26 September en 17 Oktober 1953).

Die vereniging het in 1953 'n groot mylpaal bereik. Die tien-jarige bestaan van dié musiekvereniging is op luisterryke wyse gevier deurdat die Simfonieorkes van die S A U K twee uitvoerings in die Stadsaal gegee het. Afgesien van hierdie twee uitstaande konserte, was die res van die jaar se konserte van net so 'n hoë artistieke gehalte (*Die Volksblad*, 25 Februarie 1953).

Die konserte deur die S A U K-orkes onder die leiding van Anton Hartman het onderskeidelik op 6 en 7 Maart 1953 plaasgevind. Die gaskunstenaars wat tydens hierdie konserte opgetree het, was Harold Rubens (klavier) en Jossie Boshoff (sopraan). Die vereniging het met die finansiële hulp van die Bloemfonteinse Stadsraad hierdie bekende pianis en sangeres na Bloemfontein gebring. Rubens was reeds in daardie stadium 'n goed gevestigde konsertpianis wat homself in die buiteland as uitstaande kunstenaar bewys het. Hy het toe reeds in die bekendste konsertsale in Londen en in ander stede in Europa opgetree. Jossie Boshoff was met Anton Hartman getroud en het bekendheid verwerf as sangeres met 'n pragtige stem van verbasende groot omvang. Sy het haar opleiding in Suid-Afrika en in Wenen, by Maria Hittorff ontvang. Sy het landwyd in operas en oratoriums met groot sukses opgetree (*Die Volksblad*, 7 en 14 Februarie 1953; Malan, 1982, p. 173).

Volledige besprekings van hierdie konserte verskyn op pp. 479-480 asook pp. 513-514 en pp. 539-541.

Die derde konsert wat in 1953 deur die vereniging aangebied is, het op 19 Mei in die Clarendonsaal plaasgevind. Hierdie was ook die enigste konsert in 1953 waartydens 'n buitelandse kunstenaar opgetree het. Die Russiese dramatiese sopraan, Oda Slobodskaya, wat in daardie stadium aan die Staatsopera in Moskou verbonde was, het haarself eintlik op die Russiese kunslied toegespits, maar het 'n verskeidenheid werke in Bloemfontein aangebied (*Die Volksblad*, 28 Maart, 15 en 18 Mei 1953).

Op 65-jarige ouderdom het hierdie sangeres bewys dat sy nog met die grootste gemak in ses verskillende tale, naamlik Russies, Italiaans, Engels, Duits, Frans en Hebreeus kon sing. Die werke waarin sy veral groot hoogtes bereik het, sluit die volgende in: **Chanson Hebraique** (Ravel), **Die soldaat se vrou** (Rachmaninoff), **Der Kuss** (Beethoven) en **Berceuse** (Milhaud). Pragtige gedrae sang is deurgaans gelewer en die humor in die kleuterliedere van Moussorgsky is knap geïnterpreteer. Die begeleiding is op artistieke wyse deur dr Arend Koole waargeneem (*Die Volksblad*, 20 Mei 1953).

'n Interessante konsert wat deur die vereniging aangebied is, was dié van prof Gertrude Kautzky en Derik van der Merwe wat op 23 Junie 1953 in die Stadsaal plaasgevind het. Beide die pianiste was in daardie stadium goed aan die publiek bekend en almal het geweet dat 'n uitvoering deur hulle slegs van hoë gehalte kon wees (*Die Volksblad*, 11 en 13 Junie 1953).

Alhoewel die twee pianiste, wat temperament betref, soveel verskil het, is 'n hoë mate van goed gesinchroniseerde spel gelewer. Kautzky was meer nugter in haar benadering teenoor Van der Merwe wat weer na die emosionele kant toe geneig het. Ten spyte van dié verskille is 'n baie genotvolle konsert aangebied. Volgens die resensent van *The Friend* (24 Junie 1953) was hulle grootste tekortkoming die gebrek aan samespel. Sommige van die akkoorde is geantisipeer. Soms is die nabootsende passasies nie altyd perfek nageboots nie.

Werke waarin hulle uitblink het, was die **Sonate in D majeur** (Mozart) en die **Vuurdans** (De Falla). In die **Variasies opus 35** (Saint-Saëns) was die duidelike aanvoeling tussen die twee kunstenaars waarneembaar. Dit was veral in die **Sonate in D majeur** (Mozart) waar Kautzky getoon het dat sy 'n outoriteit ten opsigte van styl en interpretasie was (*Die Volksblad*, 24 Junie 1953; *The Friend*, 24 Junie 1953).

Die **Romanze en Wals opus 17** is sterk gekritiseer as gevolg van die afwesigheid van karakter en die nodige aanvoeling. Die **Fantasie** (Skriabin) is egter met groot vaardigheid gespeel. Afgesien van hierdie kritiek, is die konsert as een van die treffendste in maande beskou (*The Friend*, 24 Junie 1953).

Bloemfontein was in die bevoorregte posisie om later in dieselfde jaar weer na 'n uitvoering deur 'n simfonieorkes te luister. Op 8 September 1953 het die Kaapstadse Stadsorkes 'n lofwaardige afgeronde uitvoering in die Stadsaal aangebied. Die orkes is by daardie geleentheid deur Enrique Jorda gedirigeer. Hy was toe sekerlik een van die beste dirigente in die land. Die uitvoering was ook uniek in dié sin dat dit die laaste keer was dat die Bloemfonteiners na die orkes onder sy leiding kon luister aangesien hy sy betrekking aan die einde van daardie jaar neergelê het (*Die Volksblad*, 15, 22 en 27 Augustus 1953).

Die uitvoering deur hierdie simfonieorkes word breedvoerig in Hoofstuk 4, pp. 552-553 bespreek.

Op 9 November 1953 het dr Arend Koole 'n klavieruitvoering in die Clarendonsaal gegee wat lank deur die Bloemfonteinse konsertpubliek onthou sou word. Afgesien van die oorbekende werke op sy program, het hy ook werke gespeel wat selde in Bloemfontein gehoor is. 'n Program wat 'n groot verskeidenheid ingehou het, het sy hoogtepunt bereik met dr Koole se uitstaande vertolking van die *Kreisleriana* (Schumann). Volgens die resensent van *Die Volksblad* (10 November 1953) was dit 'n voorreg om na hierdie werk te luister waar dr Koole met groot vaardigheid elke wisselende stemming weergegee het. Verder het hy die bekende *Sonate opus 13 in c mineur* (Beethoven) en drie werke van Chopin gespeel wat die meer konserwatiewe luisteraar bevredig het. Die res van die kommentaar op hierdie konsert verskyn in Hoofstuk 2, pp. 215-216.

Die vereniging het dit goed gedink om vir hul laaste konsert van 1953 weer vir Jossie Boshoff uit te nooi om 'n uitvoering te gee. Haar sanguitvoering het op 23 November in die Clarendonsaal plaasgevind. Sy is deur haar man, Anton Hartman, begelei (*Die Volksblad*, 13 en 21 November 1953).

Volgens die resensent van *Die Volksblad* van 24 November 1953 was dit 'n aangename voorreg om weer na haar te kon luister en ook na haar en Hartman as kunstenaarspaar wat so natuurlik optree, sonder 'n teken van gekunsteldheid. Die veelsydigheid van Boshoff se stem het onmiddellik opgeval, asook die intense gevoel waarmee sy elke komposisie gesing het. Sy het werke van Schumann, Schubert, Brahms, Paisello, Giordani, Rosa, R Strauss, Wolf en arias van Mozart, Puccini en Verdi gesing. 'n Opvallende kenmerk in die arias was dat sy altyd die helderheid van toon behou het al het die omvang groot eise gestel. Arias wat gesing is, sluit in: **Wie die Felsen** uit **Cosi fan Tutte** (Mozart), **Mimi se afskeidslied** uit **La Bohème** (Puccini) en **Ritorna vincitor** uit **Aida** (Verdi). Anton Hartman se begeleiding was deurgaans simpatiek en musikaal.

Tydens die jaarvergadering wat op 5 Februarie 1954 plaasgevind het, het die voorsitter onveranderd gebly en die bestuur vir 1954 het soos volg daaruit gesien: David Roode is as onder-voorsitter aangewys en mnr Thys Naudé as sekretaris. Mnr L Kraak is weer tot penningmeester verkies. Die addisionele lede het bestaan uit Henriëtte Pauw, Freda Roode, mnr F Naudé en Jurie Fourie (*Die Volksblad*, 6 Februarie 1954).

In 1954 het die vereniging altesaam sewe konserte aangebied. By drie van die konserte het buitelandse kunstenaars opgetree, onder andere Xander Haagen (Hollandse tenoor) en die Oostenrykse studente se volksdansuitvoerings. Die ander konserte het almal top Suid-Afrikaanse kunstenaars opgelewer en in sommige gevalle was dit die eerste keer dat van die kunstenaars in Bloemfontein opgetree het.

Die eerste konsert het op 17 Februarie 1954 in die Stadsaal plaasgevind. Dit was die Vrystaatse Musiekvereniging se bydrae tot die Vrystaatse Eeufeesvieringe wat in Bloemfontein gevier is. Die twee kunstenaars wat opgetree het, was Saline Koch, 'n sopraan van Johannesburg en Moira Birks, 'n pianiste van Durban (*Die Volksblad*, 23 en 25 Januarie 1954).

Hoewel Koch se intonasie nie altyd suiwer was nie, het sy aantreklike sang gelever. Dit was veral in die **Vokalise** (Rachmaninoff) waar dit baie opvallend was. Die klassieke liedere is egter met smaak en fyn aanvoeling voorgedra. Haar pragtige verhoogpersoonlikheid was ook opvallend. 'n Paar werke wat sy gesing het, was **Mein gläubiges Herze** (Bach), **Jubal's lyre** (Handel), **Kokkewiet** (Lemmer), **Lentelied** (S le Roux Marais) asook werke van Mozart en Schumann. Dr Koole het haar knap begelei (*Die Volksblad*, 13 en 18 Februarie 1954).

Moira Birks se spel was in die meeste opsigte briljant. Haar uitvoering het getuig van tegniese afgerondheid en opregte aanvoeling. Die gedempte passasies het fyn en

eteriese spel opgelewer. Sy het haar program geopen met die **Sonates in F en D majeure** (Scarlatti) en daarna werke van Debussy gespeel en haar program afgesluit met die **Carnival** (Schumann) (*Die Volksblad*, 13 en 18 Februarie 1954).

'n Betreklik onbekende Hollandse tenoor het as kunstenaar tydens die tweede konsert van 1954 in die Clarendonsaal op 7 April opgetree. In daardie stadium het Xander Haagen reeds in Amsterdam en Londen 'n paar hoofrolle in operettes vertolk. Resensente wat hom reeds gehoor het, het met groot lof van sy musikaliteit en artistieke vertolkings gepraat. Dit was bekend dat hy in Noorweegse liederes gespesialiseer het. Daarom was dit dus nie vreemd dat 'n groot deel van sy program uit werke van Noorweegse komponiste bestaan het nie (*Die Volksblad*, 6, 13 Maart en 3 en 7 April 1954).

'n Volledige bespreking van sy uitvoering verskyn in Hoofstuk 5, pp. 640-641.

Die bekende Suid-Afrikaanse violiste, Nella Wissema, het op 14 Mei 1954 in die Vissersaal 'n uitvoering onder beskerming van hierdie vereniging gegee. Haar begeleier was Yvonne Endler. In daardie stadium was Wissema die leier van die Kaapstadse Kwartet en het ook 'n aantal konserte saam met die Simfonieorkeste van die S A U K en Johannesburg gespeel (*Die Volksblad*, 28 April en 1 Mei 1954).

Wissema het 'n veeleisende program met groot sukses aangebied. 'n Opvallende kenmerk was die deeglike verstandhouding tussen haar en haar begeleier, Yvonne Endler. Dit was veral in hulle vertolking van die twee sonates waar hierdie kenmerk veral 'n belangrike rol gespeel het. Die resensent van *Die Volksblad* (15 Mei 1954) het haar vertolking van die *Sonate in G majeur* (Tartini) as strelend en suiwer beskryf, alhoewel die laer tone ryker aan resonans kon gewees het. *The Friend* (15 Mei 1954) se kommentaar ten opsigte van twee van die sonates op die program kan op p. 527 gevind word. *Die Volksblad* (15 Mei 1954) se resensent het ook die *Sonate in d mineur* (Brahms) as die hoogtepunt van die uitvoering beskou. Sy het ook die *Sonate in f mineur* (Prokofiev) uitgevoer. Die tweede helfte van haar program het uit ligter werke bestaan wat meesal deur gesinkopeerde ritmes gekenmerk is.

Die Oostenrykse studente het by twee geleenthede in Bloemfontein opgetree. Beide hulle optredes het onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging plaasgevind. Hulle eerste uitvoering het op 26 en 27 Augustus 1954 in onder andere die Universteitsaal en die Vissersaal plaasgevind. Hulle tweede optrede het op 5 Oktober in die Stadsaal plaasgevind. Die leier van die groep was dr Oskar F Bock, destyds 'n lektor aan die Universiteit van Wenen. Hulle kunsleier was dr Susanne Polsterer wat bekendheid as aktrise verwerf het (*Die Volksblad*, 31 Julie en 17 Augustus 1954).

Alhoewel die gehoor nie altyd kon verstaan waaroor die tekste gehandel het nie, het die musikale skets, **How to milk a cow** geen woorde nodig gehad om te verduidelik nie en het groot genot aan die gehoor verskaf. **Visitors from Vienna** was ook 'n kort musikale skets waarin Susanne Polsterer die hoofrol met groot sukses gespeel het. Die volksdansen is meesterlik uitgevoer, met begeleiding deur Othmar Wallinger. Karl Zahaberger se bydrae was dalk nie die hoogtepunt nie, maar beslis die interessantste van almal. Hy het 'n uitvoering op die harp en siter gegee, twee instrumente wat tot in daardie stadium byna nooit in Bloemfontein gehoor is nie (*The Friend*, 27 en 28 Augustus 1954).

Hulle tweede uitvoering in Bloemfontein op 5 Oktober van dieselfde jaar was net so 'n groot sukses. Die veelsydigheid van die deelnemers was 'n opvallende kenmerk, asook die netjiese en afgeronde wyse waarop elke item uitgevoer is. Hulle koorsang was in die meeste gevalle beheersd en netjies afgerond (*Die Volksblad*, 6 Oktober 1954).

Jack de Wet was in daardie stadium nie meer 'n onbekende naam in Bloemfontein nie, aangesien hy by verskillende geleenthede in Bloemfontein opgetree het voordat hy sy studies in die buiteland voortgesit het. Sy uitvoering het op 8 September 1954 in die Clarendonsaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 25 en 28 Augustus 1954).

Die resensent was vol lof vir De Wet se uitvoering. Hy het onder andere gesê dat vioolspel met soveel glans en suiwerheid laas in Bloemfontein gehoor is toe die Britse

violis, Thomas Matthews hier opgetree het. Hy het 'n program voorgedra wat alleenlik deur violiste uitgevoer kan word wat oor 'n briljante tegniek beskik. Verdere kommentaar op De Wet se uitvoering verskyn op pp. 282-283 (*Die Volksblad*, 9 September 1954).

Harold Rubens se klavieruitvoering op 20 November 1954 in die Joodse Gemeenskapsentrum was die laaste konsert wat die vereniging vir 1954 aangebied het. Hy was ook geen onbekende onder die Bloemfonteinse konsertpubliek nie, aangesien hy in 1953 'n uitvoering saam met die Simfonieorkes van die S A U K in Bloemfontein gegee het (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1954).

Kommentaar op en verwysing na die verskillende werke wat hy voorgedra het verskyn in Hoofstuk 4, pp. 514-515.

Hierdie vereniging se nuwe bestuur vir 1955 is op 'n vergadering verkies wat in Desember 1954 plaasgevind het. Die voorsitter was weer eens Benedictus Kok en die onder-voorsitter weer David Roode. Addisionele lede van die komitee het uit Lotte Pretorius, Dolly McDonald (later Heiberg), Jurie Fourie Leonard Shepstone en B Kraak bestaan (*Die Volksblad*, 3 Desember 1954).

Die eerste van ses aanbiedinge in 1955 wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging georganiseer is, het op 8 Maart plaasgevind. By daardie geleentheid het Mabel Dunn 'n geïllustreerde lesing oor die musiek van Mozart en Wagner en die Salzburg- en

Bayreuth-feeste aangebied. Sy het w^ereldwyd bekendheid in hierdie hoedanigheid verwerf en ook lesings in Kanada en in die Wit Huis in Amerika gegee. Sy was nou verbind met die feeste en dit was deur haar toedoen dat die Wagner-feeste in Bayreuth in 1951 hervat is (*Die Volksblad*, 12 en 26 Februarie 1955).

Dunn het met haar fyn aanvoeling, goeie sin vir humor en oorweldigende liefde vir musiek, die gehoor deurgaans geboei. Sy het onder andere met groot entoesiasme oor die voorgeskiedenis van Salzburg gepraat en ook uitgewy oor Mozart en sy werke. Sy het haar lesing met plaatopnames geillustreer. Aan die einde van haar lesing het sy 'n klankfilm oor Salzburg vertoon. Die name, Mozart en Salzburg het vir die publiek wat die lesing bygewoon het beslis nuwe betekenis gekry. Dit wil voorkom asof Mabel Dunn slegs oor Mozart en Salzburg gepraat het en nie oor die musiek van Wagner en die Bayreuth-feeste nie (*Die Volksblad*, 9 Maart 1955; *The Friend*, 9 Maart 1955).

Die tweede konsert van die vereniging vir 1955 het groot aftrek geniet aangesien dit slegs die tweede keer was dat 'n tjellis in Bloemfontein 'n uitvoering onder die beskerming van hierdie vereniging gelewer het. Hierdie uitvoering was nog meer uniek aangesien dit slegs die derde Suid-Afrikaanse tjellis was wat sedert 1900 in Bloemfontein opgetree het. Hermann Becker (Johannesburg) was die eerste Suid-Afrikaanse tjellis wat hier opgetree het. Sy optrede het op 7 Mei 1923 plaasgevind. May Mukle het op 16 Augustus 1927 'n uitvoering gegee. Die ander

tjellis, Cecil Sack, het in 'n ensemble op 16 Februarie 1924 opgetree (Human, 1976, pp. 436-438).

Die Musiekvereniging is uit alle oorde gelukkigwens met die uitvoering van Aubrey Rainier wat op 25 Maart 1955 in die Clarendonsaal plaasgevind het. 'n Kort lewensoorisig en kommentaar op hierdie konsert verskyn in Hoofstuk 4, pp. 528-530 (*Die Volksblad*, 12 Maart 1955; *The Friend*, 17 Maart 1955).

Die derde konsert van die vereniging was net so 'n groot sukses soos die tjello-uitvoering. Aanvanklik sou die Franse pianiste, Lelia Gousseau, op 20 Mei 'n uitvoering in die Stadsaal aangebied het, maar later is aangekondig dat Marie-Thérèse Fourneau in haar plek sou kom. Sy was 'n welbekende pianiste en het in daardie stadium in die meeste groot stede in Europa suksesvolle uitvoerings gegee. In Holland het sy selfs meer bekendheid as Gousseau verwerf (*Die Volksblad*, 30 April en 7 Mei 1955).

Dit is volgens die resensent van *The Friend* (23 Mei 1955) duidelik dat Fourneau 'n uitmuntende uitvoering gelewer het. "It is rather surprising that the name of Marie-Thérèse Fourneau has not reached South Africa before now, for in spite of her very youthful appearance, her name deserves to be mentioned alongside the great virtuosos of piano playing in our time." Volgens die resensent van *Die Volksblad* (21 Mei 1955) is sulke verfynde spel laas in Bloemfontein gehoor toe die Franse pianis, Loyonnet, hier opgetree het. 'n Volledige verslag in verband met haar konsert verskyn in Hoofstuk 5, pp. 608-609.

'n Interessante konsert wat deur die vereniging aangebied is, was die opera-aand onder leiding van Derik van der Merwe. Hierdie konsert het op 26 Augustus 1955 in die Clarendonsaal plaasgevind. Vier van Bloemfontein se bekendste sangers het opgetree, naamlik Francina Buys, Yvonne van Zyl, Pieter Botes en Jacobus Hattingh. Volgens die resensent het die sangers 'n hoë standaard gehandhaaf (*Die Volksblad*, 30 Julie en 13 Augustus 1955).

Buys het beïndruk met haar vertolking van **Einst träumte meiner sel'gen Base** uit **Der Freischütz** (Weber). Kritiek is egter uitgespreek ten opsigte van die feit dat sy geneig was tot oor-dramatisering. Botes het oor 'n ryk, sonore baritonstem beskik, maar het nie 'n goeie tegniek of styl gehad nie. Dit het tot gevolg gehad dat hy sentimentele vertolkings gelewer het. Dit was veral opvallend in **Di Provenza il mar** uit **La Traviata** (Verdi). Hattingh se sang was teleurstellend, alhoewel hy die beste tegniek van almal gehad het. Sy stem was beslis meer gepas vir liedere as opera-arias. Yvonne van Zyl het oor 'n pragtige mezzo-sopraanstem beskik en het 'n treffende vertolking van die **Habanera** uit **Carmen** (Bizet) gegee. Derik van der Merwe het deurlopend simpatiek begelei en op unieke wyse die plek van die orkes ingeneem (*The Friend*, 27 Augustus 1955).

Op 17 November 1955 het 'n groep Europese volksdansers 'n aanskoulike uitvoering op Springbokpark gegee. Dit was die eerste keer dat hierdie groep dansers in Bloemfontein opgetree het. Elke groep dansers het met fyn afronding gedans. Lande wat

verteenwoordig is, het ingesluit Skotland, Swede, België, Denemarke, Duitsland, Engeland en Holland. Die program is afgesluit met 'n massavertoning van Afrikaanse volkspele onder die leiding van Elsa Dekker (*Die Volksblad*, 12 en 18 November 1955).

Die laaste konsert vir 1955 het op 28 November in die Stadsaal plaasgevind en is allerweë as die belangrikste en ook as een van die beste konserte beskou wat deur dié vereniging aangebied is. Die wêreldberoemde Amerikaanse pianis, Julius Katchen, het 'n klavieruitvoering in Bloemfontein gegee. Hierdie konsert is bygewoon deur die destydse Goewerneur-Generaal en sy gade dr en mev E G Jansen, die Administrateurspaar, mnr en mev J J Fouché en die Burgemeesterspaar van Bloemfontein, mnr en mev A Hudson (*Die Volksblad*, 5 en 11 November 1955; *The Friend*, 29 November 1955).

Die resensente van beide *Die Volksblad* en *The Friend* (29 November 1955) het slegs met lof van Katchen se uitvoering gepraat. Melding is gemaak van volmaakte tegniek en beheer, eerlike vertolkings, fluweelagtige toonkwaliteit en indrukwekkende spel. Hy het veral in die **Wanderer Fantasie** (Schubert), **Sonate opus 109** in E majeur (Beethoven) en een van die **Mephisto Walse** (Liszt) uitblink en werklik getoon dat hy 'n "prins" onder die pianiste in die wêreld was.

8.3 Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing

Hierdie vereniging is oorspronklik deur 'n paar plaaslike dansonderwyseresse in 1938 gestig. In daardie stadium het dit bekend gestaan as The O F S Dancing Teachers Festival. 'n Paar van die dansonderwyseresse in daardie tyd wat baie aktief in Bloemfontein was, sluit name in soos Joan en Alice Lewis, Daphné Kallmann, Phyllis Mayhew, Jenny Hamaty, Mavis Honman, Mary Kalil en Lillian Elderley. Die komitee van hierdie Festival het heel waarskynlik uit van bogenoemde onderwyseresse bestaan. Tydens die eerste byeenkoms van hierdie fees in 1938 was daar slegs dansitems op die program en is die byeenkoms in die Spoorweginstituut gehou. Daar was slegs sewentig inskrywings (Wedderburn, 1992, Onderhoud, *Die Volksblad*, 18 April 1940).

In 1939 het die musiekonderwysers sowel as die spraak- en drama- onderwysers van Bloemfontein ook belangstelling getoon. Die fees het toe bekend gestaan as The O F S Festival of Dancing and Elocution (Wedderburn, 1992, Onderhoud).

In die beginjare van hierdie fees is daar aanvanklik besluit om elke jaar so 'n byeenkoms te hou. Dit het wel so plaasgevind, want daar is 'n fees in 1938, 1939, 1940 en 1941 gehou. Later is besluit om slegs elke twee jaar die fees aan te bied en dat hulle dit sou afwissel met die Afrikaanse Kunswedstryd. Vanaf 1956 het die fees bekend gestaan as die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing (Wedderburn, 1992, Onderhoud).

Die belangstelling het algaande toegeneem en in 1940 was daar altesaam 700 inskrywings in die afdelings dans, voordrag en musiek en het die fees bekend gestaan as The Bloemfontein Festival of Elocution, Music and Dance (*Die Volksblad*, 18 April 1940).

Hierdie fees het vanaf 18 tot 20 April 1940 in die Stadsaal en die Clarendonsaal plaasgevind. Die beoordelaars vir die verskillende afdelings was mej Dorothy Clark (vokaal), mej Irene Holloway (voordrag), dr Anna Marsh (instrumentaal) en mej J Donovan (dans). Die fees is op 18 April amptelik deur die Burgemeester van Bloemfontein, adv C J Sutton, geopen (*Die Volksblad*, 18 April 1940).

Deelnemers wat eerste pryse op dié fees behaal het, sluit ook 'n paar bekende name in. In die afdeling klavier het Stefans Grové in die senior ouderdomsgroep lof vir sy spel behaal. In die afdeling klavier (19 jaar en onder) het Marion Tahan die eerste plek verower. Meredith Schnehage het die eerste plek behaal in die afdeling viool (19 jaar en onder sowel as 19 jaar en ouer) (*Die Volksblad*, 19 April 1940).

Hierdie driedaagse fees het op 20 April sy hoogtepunt bereik toe 'n aantal uitmuntende items uitgevoer is. Volgens *Die Volksblad* (22 April 1940) het 'n hele paar mededingers spesiale pryse in al die afdelings ontvang. David Roode se kerkkoor sowel as sy dameskoor het eerste plekke verower. Die dameskoor het lof vir hulle uitmuntende

sang ontvang. Jennie Hadlow se dameskoor het ook 'n eerste plek verower, asook die koor van Charles Hamer.

Interessant is dat volgens dieselfde koerant daar ook 'n jazz-afdeling was. Hier het Klasie Fourie (ope) lof ingepalm vir sy uitvoering. R Rust het in die amateur afdeling uitstekend gevaar.

In die afdeling sang is eerste plekke aan die volgende persone toegeken: mej R Dick (damesolo, eie keuse), Anna Jackson (mezzo-sopraan), mev Cooper (liriese sopraan) en mev Thornton (dramatiese sopraan) (*Die Volksblad*, 22 April 1940).

Na afloop van die fees is daar twee konserte vir die prysweners gehou. Die eerste konsert het in die Stadsaal op 27 April 1940 plaasgevind en was vir die senior prysweners. Die ander konsert het op 11 Mei 1940 in die Spoorweginstituut plaasgevind. Hierdie konsert is aan die junior prysweners gewy (*Die Volksblad*, 25 April en 10 Mei 1940).

Die Festival wat in 1943 plaasgevind het, het vanaf 6 tot 8 Mei geduur. Daar was baie min uitslae in die plaaslike koerante, maar wat wel afgelei kan word, is dat daar in die musiekafdeling ook 'n jazz-kategorie was. Geen uitslae van vokale musiek of ander instrumentale musiek-items het in die koerante verskyn nie (*The Friend*, 15 April en 11 Mei 1943).

Die beoordelaar vir die jazz-afdeling was mej Bertha Egnos. Eerste plekke in die verskillende ouderdomsgroepe is aan die volgende deelnemers toegeken: C Smit, klaviersolo (14 jaar en onder), Z Bryer, klaviersolo (16 jaar en onder), Solly Ward, klaviersolo (18 jaar en onder) en M Terblanche, klaviersolo (ope). C Smit het die toekenning vir die belowendste deelnemer ontvang. Benewens die deelnemers in die afdeling klavier, was daar ook 'n trekklavier-kategorie (*The Friend*, 11 Mei 1943).

Die pryswennerkonserte het op 17 en 21 Mei 1943 plaasgevind. Daar was egter geen kommentaar in die plaaslike pers na afloop van dié konserte nie (*The Friend*, 17 Mei 1943).

Die sesde Festival of Music, Speech and Dancing het vanaf 1 tot 6 Mei 1944 plaasgevind. Die fees is deur die Burgemeester van daardie jaar, J Stuart Franklin, geopen. Die laaste deel van sy openingstoespraak het soos volg gelui: "I hope that this festival will eclipse all its predecessors and in turn be eclipsed by your festivals of the future." (*The Friend*, 30 Maart en 2 Mei 1944).

Die beoordelaar vir die vokale- en instrumentale afdelings was mnr Harold Dyer van Durban. Volgens die artikel wat in *The Friend* (6 Mei 1944) verskyn het was hy beïndruk met die standaard van die werk wat in Bloemfontein gedoen word. Die standaard van die klavierspel en sang was baie hoog. Hy het te kenne gegee dat die beste items op die fees die skoolkore, sang (dames) en klavierspel was.

In dieselfde artikel lui sy kommentaar soos volg: "I would go as far as to say that the fundamental idea of singing is beauty of sound and the ennobling of language. If you sing English it must be good English, and the same applies to Afrikaans. The voice alone does not constitute an artist. The most important element of true artistic singing, added to the power of perfect diction, is imagination. This may also be said of piano playing - added to good tone and technique is imagination."

'n Paar van die uitstaande uitslae in die verskillende kategorieë was die volgende: klavier: eerste plekke aan Olga Troskie (ope, eie keuse), Olga Troskie en G Koornhof (duet, 18 jaar en onder), Olga Troskie (snelstudie, 18 jaar en onder); tweede plek is toegeken aan Rina Davies (solo, 18 jaar en onder). In die afdeling sang is die volgende prestasies behaal: eerste plek aan Jessie Cooper (liriese sopraan), Marion Tahan (ballade en sopraansolo, 21 jaar en onder), Juliette Aboud (alt, ope), Joan Hadlow (altsolo, 21 jaar en onder), Anna Jackson (mezzo-sopraan), Cecil Barry (tenoor, ope); tweede plekke aan M Tahan (liriese sopraan) en A Jackson (ballade). Johanna Kraak het die eerste plek verower in die afdeling viool (18 jaar en onder). Jennie Hadlow se dameskoor het die afdeling dameskore gewen en die Hoërskoolkoor-afdeling is gewen deur die Oranje Meisieskool. 'n Tweede plek is aan die Eunice Meisieskool toegeken (*The Friend*, 3 en 4 Mei 1944).

Daar was in 1944 weer eens 'n afdeling vir jazz-klavier asook 'n afdeling vir trekklavier. Deelnemers wat in die klavierafdeling uitblink het, was Solly Ward, M Terblanche en

O Krause. Die wisseltrofee vir die belowendste deelnemer in hierdie kategorie is aan S Ward toegeken (*The Friend*, 10 Mei 1944).

Die Festival van 1946 het vanaf 6 tot 11 Mei in die Stadsaal plaasgevind en is deur die destydse Administrateur, mnr S P Barnard, geopen. In sy openingswoord het hy die volgende gesê: "Die kuns is iets wat hom nie maklik laat verklaar en daar is reeds baie geredeneer oor wat kuns is en die verskillende opvattinge." (*Die Volksblad*, 9 Maart en 6 Mei 1946).

Die twee beoordelaars wat die musiekafdelings beoordeel het, was Isobel McLaren (vokaal) en Donald Edeson (instrumentaal). Die beoordelaar vir die ligte musiek-afdeling, was Michael de Villiers (*The Friend*, 12 April, 3 en 6 Mei 1946).

Hier volg 'n paar van die uitstaande uitslae. Eerste plekke is aan die volgende persone toegeken: Gerhardus Koornhof (klaviersolo, 17 jaar en onder, Chopin-werk), Davida du Toit (klaviersolo, ope, eie keuse), Olga Troskie en Norah Havenga (twee klaviere, ope, eie keuse), Rita Karstel (sangsolo, gewyde lied, liriese sopraansolo en sangvoordrag van 'n groep Britse liedere), Joan Hadlow (opera en sangvoordrag van drie Britse liedere). Albert Steffens het groot lof van die beoordelaar ontvang vir sy weergawe van die *Tjello-sonate nr 1* (Brahms). Hy het die eerste plek verower in die afdeling, tjello-solo, ope (*Die Volksblad*, 9 en 11 Mei 1946; *The Friend*, 9 Mei 1946).

Deelnemers wat ook goed geprester het, maar wat nie eerste plekke verower het nie, sluit in: Joan Hadlow (derde plek), kontralto; Norah Havenga (tweede plek), mezzo-sopraansolo; Albert Steffens (tweede plek), baritonsolo; Gerhardus Koornhof (tweede plek), klaviervoordrag en Olga Troskie (tweede plek), mezzo-sopraan (21 jaar en onder). Die volgende pryse is in die afdeling koorsang toegeken: Eunice, eerste plek (senior skoolkore, skoolkore 15 jaar en onder en senior koor ombegeleid), Pres Brandskool, eerste plek (junior kore) en die Hadlow-dameskoor, eerste plek (dameskoor) (*Die Volksblad*, 9 en 11 Mei 1946; *The Friend*, 14 Mei 1946).

'n Deelnemer wat werklik besondere prestasies behaal het, is Joseph Kelly. Hy het in die afdeling 12 jaar en onder die volgende pryse verower. In die dansafdeling het hy nege eerste pryse en een derde prys ontvang. In die spraakafdeling het hy vier eerste pryse verower en in die vokale afdeling het hy 'n tweede prys ontvang en in die afdeling, klavier, twee tweede pryse en een derde prys verower (*Die Volksblad*, 18 Mei 1946).

Die jaarlikse Festival sou vanaf 10 tot 15 Mei 1948 plaasgevind het. Aangesien die Vrystaatse skole vir die vakansie reeds gesluit was, is daar besluit dat hierdie fees eers vanaf 14 tot 19 Junie sou plaasvind. Die inskrywings het op 15 Mei gesluit en volgens Leonard Shepstone, voorsitter van die bestuur, was daar 'n hele aantal nuwe afdelings waarvoor ingeskryf kon word, onder andere, 'n afdeling vir improvisasie, 'n geheuetoets en twee koorafdelings slegs vir junior seuns. Die persone verantwoordelik vir die instrumentale afdeling, was Gladys Wilkinson en Katharine Mason en vir die vokale

afdeling was dit Jennie Hadlow en Grace Butler (*Die Volksblad*, 5, 6 en 7 Februarie, 10 April en 13 Mei 1948).

Mnr Shepstone was, soos baie ander komiteelede, baie opgewonde oor die baie inskrywings wat ontvang is. Daar was byna 1500 inskrywings in totaal en talle inskrywings is van Thaba Nchu, Harrismith, Trompsburg, Ficksburg, Kimberley, Middelburg (Kaap) en Colesberg ontvang. Die komitee van die Bloemfonteinse Fees vir Musiek, Dans en Voordrag het besluit dat hulle in 1948 geen eerste, tweede en derde plekke sou toeken nie, maar wel sertifikate volgens verdienste. Dieselfde aanpassing is by die Vrystaatse Kunswedstryd gedoen. Indien 'n kandidaat 'n onderskeidingpunt sou ontvang, het hy 'n A-simbool verower en indien hy lof sou ontvang, is 'n B-simbool toegeken. Die beoordelaars vir die musiekafdeling van die fees, was Mabel Duggan (instrumentaal) en Naomi Papé (sang). Die beoordelaars vir die dansafdeling, was Vera Lane en vir die elokusie-afdeling, Anita Colman (*Die Volksblad*, 10 April, 5, 12, 14 en 15 Junie 1948).

Die fees is amptelik op 14 Junie 1948 deur die Administrateur van die Vrystaat, prof S P Barnard, geopen. Die kandidate wat puik prestasies behaal het, was almal van Bloemfontein se bekendste musici wat gereeld hul verskyning op die konsertverhoog gemaak het. Uit al die gegewens wat in die plaaslike nuusblaai verskyn het, kan afgelei word dat die sang tydens hierdie fees die hoogtepunt was. Mej Naomi Papé het spesiale melding van die sang van die Eunice Sekondêre Meisieskool gemaak en gesê dat hulle

sang van hoogstaande gehalte was. Die Bolt-skind is aan hulle toegeken. Die mannekoor van Petrus Lemmer het ook aan die fees deelgeneem en slegs die hoogste lof van die beoordelaar ontvang. Hulle het 'n A-simbool verower. In die afdeling vir dameskore het die dameskoor van Jennie Hadlow ook 'n A-simbool verower. Die beoordelaar, Naomi Papé, het hul sang as uitmuntend bestempel (*Die Volksblad*, 15 en 17 Junie 1948; *The Friend*, 16 Junie 1948).

Die sang van die dames is deurgaans as die glanspunt van die hele fees beskou. Persone wat uitstekende prestasies behaal het, was die volgende: Joan Hadlow, A-simbool in die afdelings oratorium, opera, ballade, sangstuk en liedere, Juliette Aboud, A-simbool in die afdelings oratorium, opera, ballade, sangstuk en liedere, Isabel du Toit, A-simbool in die afdelings oratorium, ballade, sangstuk, liedere en dramatiese sopraansolo, Norah Havenga, A-simbool in die afdelings ballade en sangstuk en Anna Jackson, B-simbool in die afdeling liedere en opera-solo en 'n A-simbool in die afdeling mezzo-sopraansolo. Martli Pohl het 'n B-simbool in die afdeling opera-solo behaal en 'n A-simbool in die afdeling sopraan (21 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 15, 16 en 18 Junie 1948; *The Friend*, 16 Junie 1948).

In die instrumentale afdeling was die standaard ook taamlik hoog. Mev Duggan se woorde was soos volg: "The tone of music in Bloemfontein is lovely. The children sit well and play well, and this indicates that there must be good musical guidance here." Dawfré Roode het pragtig geprester. Hy het 'n A-simbool verower in die afdeling

klavierprogram (12 jaar en onder) en B-simbole in die afdelings sangsolo, seuns (12 jaar en onder) en blad lees (klavier, 11 jaar en onder). Veronica de Jager het 'n B-simbool verower in die afdeling klaviersolo (ope) (*Die Volksblad*, 14 Junie 1948; *The Friend*, 16, 17 en 18 Junie 1948).

Die konserte vir die wenners in die senior en junior afdelings is op 23 en 25 Junie 1948 in die Stadsaal gehou (*Die Volksblad*, 8 Junie 1948). Volgens *Die Volksblad* (24 Junie 1948) is 'n pragtige seniorkonsert met groot verskeidenheid en werk van hoogstaande gehalte aangebied. Die resensent het ook spesiale melding van die vokale items gemaak. Dit was van 'n besondere hoë standaard.

Die Festival van 1950 het vanaf 8 tot 13 Mei plaasgevind en 'n totaal van 1700 inskrywings is ontvang. Die voorsitter van die komitee, Leonard Shepstone, het sy dankbaarheid uitgespreek oor die groot belangstelling, veral in die strykers-afdeling. 'n Teleurstellende aspek was dat daar geen senior koor in die ope afdeling ingeskryf het nie, maar daar het wel gemengde- en mannekwartette ingeskryf. Dit was ook die eerste jaar dat daar spesiale afdelings vir blaasinstrumente aangebied is (*Die Volksblad*, 1 en 22 April 1950).

Die beoordelaars vir die verskillende afdelings was Mabel Duggan (instrumentaal), Isobel McLaren (vokaal), Rothea McNair (dans) en Irene Holloway (elokusie) (*Die Volksblad*, 13 Mei 1950; *The Friend*, 5 Mei 1950).

Mej McLaren het te kenne gegee dat sy beïndruk was met die optrede van die junior kore en gesê dat dit van die beste is wat sy in Afrika gehoor het. Kore wat uitstekend gevaar het is die skoolkoor van die Eunice Meisieskool. In die afdeling senior skoolkoor (15 jaar en onder) het hulle 'n A-simbool verower. Die junior koor (meisies, 12 jaar en onder) het ook 'n A-simbool ontvang. Pres Brandskool se junior koor (meisies, 12 jaar en onder) het ook 'n A-simbool verower. In die afdeling junior koor (seuns, 12 jaar en onder) het die koor van Grey-kollege 'n B-simbool behaal. Die skild vir die beste senior koor en die beker vir die beste junior koor is beide aan die Eunice Meisieskool toegeken (*Die Volksblad*, 8, 9 en 15 Mei 1950; *The Friend*, 9, 10 en 12 Mei 1950).

Volgens die uitslae van die Festival wat in die plaaslike pers verskyn het is dit duidelik dat die vokale afdeling beslis vir die hoogtepunte gesorg het. In die afdeling vir dames (vokaal) was daar 'n hele aantal deelnemers wat uitstekende prestasies behaal het. Isabel du Toit, Juliette Aboud, Merle Cockroft, Martli Pohl, Augusta van Rooyen en Vivia Kruger het almal A-simbole in een of meer afdeling behaal. Martli Pohl het A-simbole in die volgende afdelings behaal: sopraansolo (21 jaar en onder), oratorium (ope), liriese sopraan en sangprogram. Sy het ook die prys vir die belowendste en veelsydigste sangeres ontvang. Merle Cockroft het A-simbole verower in die afdelings ballade (ope) en opera-solo. Sy het ook die beker vir die beste operasang ontvang (*Die Volksblad*, 9 en 15 Mei 1950; *The Friend*, 10, 11 en 12 Mei 1950).

Die mans wat buitengewoon goed geprester het, sluit in Willem Naudé, Ted Hultzer, A Bezuidenhout en S Osborne. Willem Naudé het A-simbole in die afdelings tenoorsolo en sangsolo verower en 'n B-simbool in die afdeling opera (ope). In die afdeling sangsolo (mans) het A Bezuidenhout ook 'n A-simbool behaal (*Die Volksblad*, 11 Mei 1950; *The Friend*, 9 en 11 Mei 1950).

In die instrumentale afdeling het Hermina Verster 'n A-simbool vir haar vioolspel verower in die afdeling vioolsolo (18 jaar en onder). 'n Ander violis wat goed geprester het, was Noel Travers. Hy het 'n A-simbool in die afdeling vioolsolo (ope, amateur) verower. Rosemary en Maureen Shepstone het uitgeblink in hul onderskeie ouderdomsgroepe. In die afdelings klaviersolo (15 jaar en onder), sangsolo (15 jaar en onder) en altvioolsolo (15 jaar en onder) het Rosemary Shepstone A-simbole verower. Sy het ook die prys vir die mees uitstaande deelnemer in die instrumentale afdeling verower. Maureen het 'n A-simbool in die afdeling klaviersolo (12 jaar en onder) ontvang (*Die Volksblad*, 11 en 15 Mei 1950; *The Friend*, 9 en 10 Mei 1950).

Ander instrumentiste wat uitgeblink het, sluit in Richard Lemmer (blaasinstrumente), Leonard Lemmer (blaasinstrumente) en Dawfré Roode. Hy het altesaam 5 A-simbole verower. Vir dié puik prestasie het hy ook die medalje vir die deelnemer met die meeste A-simbole in die instrumentale afdeling ontvang. Mev Mabel Dugggan het haar

gelukwense aan Leonard Shepstone oorgedra vir die pragtige uitvoerings van die Bloemfontein Junior Simfonieorkes asook die Junior Strykorkes. Beide die orkeste het A-simbole verower (*Die Volksblad*, 11, 12 en 15 Mei 1950; *The Friend*, 12 Mei 1950).

Die Festival van 1952 wat vanaf 28 April tot 3 Mei plaasgevind het, het ook 'n hele paar inskrywings van die platteland ontvang. Die dameskoor van Wepener was een van die inskrywings. Interessante inskrywings is ontvang, soos dié in die afdeling agt hande op twee klaviere. Volgens mnr Shepstone was daar besonder baie inskrywings en sou daar geen konserte aangebied word nie, maar die beste items is wel in die aand beoordeel. Die publiek kon ook na die kommentaar van die beoordelaars geluister het (*Die Volksblad*, 26 April 1952).

Die beoordelaars vir die verskillende afdelings was Leonard Duncan Hall (instrumentaal), Rupert Stout (vokaal), Dulcie Howes (dans) en Joan Little (spraak en voordrag). Die Festival is deur die destydse Direkteur van Onderwys, mnr A J Jacobs, geopen. In sy openingstoespraak het hy die volgende gesê: "I sincerely hope that the Free State Education Department will be able to make adequate provision for the arts in the revised syllabus now being prepared." (*The Friend*, 23 Januarie en 23 en 29 April 1952).

In die vokale afdeling het die volgende kandidate uitblink in hul onderskeie afdelings. Isabel du Toit, A-simbole in die afdelings opera-solo en oratorium-solo; Christine Rautenbach, A-simbole in die afdelings sopraansolo (23 jaar en onder) en opera-solo; Norah Havenga, A-simbool in die afdeling ballade (dames, ope) en 'n B-simbool in die afdeling ligte sopraansolo; Irma Pohl, A-simbole in die afdelings sopraansolo (21 jaar en onder) en sopraansolo (18 jaar en onder) en Willem Naudé, 'n A-simbool in die afdeling oratorium-solo (mans). Ander bekende sangers van die tyd wat ook deelgeneem het, sluit in Merle Cockroft, Juliette Aboud en Augusta van Rooyen. In die afdeling duet (man en dame) het Isabel du Toit en Jacobus Hattingh 'n A-simbool verower en Juliette Aboud en Derik van der Merwe 'n B-simbool. Die mannekwartet-afdeling het voorbeeldige sang gelewer. Jacobus Hattingh, Willem Naudé, Morkel Combrink en Gerhardus Olivier het 'n A-simbool verower (*The Friend*, 29, 30 April en 1 Mei 1952).

In die instrumentale afdeling het Japie Human uitblink en uitstekende prestasies behaal. Hy het in die volgende afdelings A-simbole behaal: klavierprogram, ope (amateur), klaviersolo, ope (amateur), Chopin-solo, ope (amateur), klavierduet (20 jaar en onder) saam met A du Plessis en in die ensemble vir stem en twee instrumente saam met Richard Lemmer en Y Germond. In die afdeling klaviersolo (13 jaar) het Rensia Scholtz en Elizabeth Joubert beide B-simbole behaal. Anna Minnaar het uitstekend in die bladles, ope (amateur) geprester asook in die afdeling klaviersolo, ope (amateur).

Dawfré Roode het A-simbole vir sy vioolsolo (16 jaar en onder) behaal asook in die afdeling twee klaviere (16 jaar en onder) saam met Elsie McLaren en klavierduet (16 jaar en onder) ook saam met McLaren en klavier, bladlees (15 jaar en onder). Deelnemers wat in ander afdelings goeie prestasies behaal het, is Eileen Wright (tjello), Richard Wallbridge (viool) en Richard Lemmer (klarinet) (*The Friend*, 30 April en 1, 2 en 5 Mei 1952).

Wat koorsang betref het die skoolkore van Eunice, Pres Brand en die Hoërskool Sentraal A-simbole in hul onderskeie afdelings behaal. In die afdelings dameskoor, het die dameskoor van Wepener onder die leiding van Sanda Roos puik sang gelewer en 'n A-simbool behaal. Die Bloemfontein Junior Simfonieorkes het ook A-simbole behaal in die afdelings strykkorke en volle orkes (*The Friend*, 30 April en 1, 3 en 5 Mei 1952).

Volgens die sekretaresse van die Festival, mev G Currin, was daar in 1954 ongeveer twee duisend inskrywings. Daar is toe besluit dat die Festival oor tien dae sou strek en nie net 'n week sou duur soos normaalweg die geval was nie. Die eerste drie dae is aan die dansafdeling gewy, aangesien dit meer tyd in beslag geneem het. Die Festival van 1954 het vanaf 29 April tot 8 Mei plaasgevind (*Die Volksblad*, 23 Januarie en 28 April 1954).

Die beoordelaars vir die verskillende afdelings was soos volg: Michael Whiteman (instrumentaal), Robert Selley (vokaal), Anna Edmonds (spraak) en Faith de Villiers (dans). Die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing is op 29 April 1954 deur die Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, mnr A J Jacobs, geopen. "Waar die jeug geleer word om skoonheid in al sy vorms te waardeer en hul skeppingsvermoë aangewakker word, kan dit vrugbaar wees as die moontlikhede op 'n breë terrein in ag geneem word en die inhoud op die mees effektiewe wyse oorgedra word." (*Die Volksblad*, 23 Maart en 29 April 1954).

In die instrumentale afdeling was daar 'n groot verskeidenheid wedstryde waaraan deelgeneem kon word. Elke ouderdomsgroep het die volgende wedstryde in die afdeling klavier gehad: voorgeskrewe stukke, eie keuse, studies en 'n volledige program. Daar was ook wedstryde vir klavier duette, trio's, asook werke op twee klaviere en werke vir agt hande op twee klaviere. Die vokale afdeling het die normale wedstryde bevat en ook 'n interessante wedstryd waar die sangers hulle self kon begelei asook 'n wedstryd waar hulle deur twee instrumente begelei word (*Die Volksblad*, 1 Mei 1954).

In die instrumentale afdeling was daar 'n paar deelnemers wat puik prestasies behaal het. Japie Human, Dawfré Roode, Elizabeth Joubert, Annette de Kock, Niel Immelman, Leonard en Richard Lemmer het uitsonderlik gepresteer. Human het A-simbole behaal in die volgende wedstryde: klavierkonsert (ope, professioneel), klaviersolo (ope, amateur) en klavierprogram (ope, amateur). Roode se prestasies was soos volg:

A-simbole in die klavierprogram (18 jaar en onder), klaviersolo (18 jaar en onder) en B-simbole vir vioolsolo (18 jaar en onder) en instrumentale ensemble (ope, amateur) saam met E de Kock. Elizabeth Joubert het altesaam drie A-simbole verower in die klavierprogram (16 jaar en onder), vioolsolo (16 jaar en onder) en sonate vir viool en klavier (16 jaar en onder). 'n Leerling wat werklik uitsonderlik geprester het, was Annette de Kock, 'n standerd vyf leerling van die Laerskool Brebner. Sy het ses A-simbole verwerf in die wedstryde twaalf jaar en onder. Wedstryde waaraan sy deelgeneem het sluit in, klavierprogram, klaviersolo, studie, eie keuse, twee klaviere en bladlees. Niel Immelman het twee A-simbole en twee B-simbole verower. Hy het A-simbole verower in die wedstryde klavierprogram (10 jaar en onder) en bladlees (9 jaar en onder). B-simbole is aan hom toegeken in die wedstryde studie (9 jaar en onder) en klaviersolo (9 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 11 Mei 1954; *The Friend*, 4, 5, 6, 7, 8 en 10 Mei 1954).

Ander bekende deelnemers wat goed geprester het was Leonard Lemmer wat twee A-simbole verower het. Hy het aan die volgende wedstryde deelgeneem: hout- of koperblaas instrumente (16 jaar en onder) en instrumentale ensembles (ope, amateur) saam met Richard Lemmer. Maureen Shepstone het twee B-simbole vir haar tjellospel in die ouderdomsgroep, sestien jaar en onder behaal. Anna Minnaar het 'n B-simbool behaal in die wedstryd bladlees (professioneel). Die Bloemfontein Junior Simfonieorkes het 'n B-simbool vir hulle deelname verower (*The Friend*, 5, 6 en 8 Mei 1954).

In die vokale afdeling het daar weer van Bloemfontein se bekende sangers en sangeresse deelgeneem en puik prestasies behaal. Marion Key se prestasies was soos volg: A-simbole in die afdeling amateur en professioneel. Wedstryde waaraan sy deelgeneem het sluit in: ligte sopraan, liedere en sangprogram. B-simbole in die afdeling amateur en professioneel vir die volgende wedstryde: oratorium, en vokale kwartet. Merle Cockroft het ook mooi prestasies gelewer. Sy het twee B-simbole en een A-simbool verwerf. In die amateur en professionele afdeling het sy aan die volgende wedstryde deelgeneem: opera-aria, vokale kwartet en sopraansolo. Norah Havenga het 'n B-simbool vir haar deelname aan die oratorium wedstryd verower. Onder die mans was dit George Prosser wat mooi geprester het. Hy het A-simbole in die kunsliewedstryd (amateur en professioneel) en baritonsolo (amateur) verower. Verder het hy 'n B-simbool verwerf vir sy deelname aan die wedstryd, opera-aria (amateur en professioneel) (*The Friend*, 4, 5, 6, 7, 8 en 10 Mei 1954).

Die skoolkore van die Eunice Meisieskool het pragtig geprester. Die beoordelaar het in die volgende afdelings A-simbole aan hulle toegeken: skoolkoor (10 jaar en onder), skoolkoor (15 jaar en onder) en senior skoolkoor. Die Pres Brandskool en die Greenhill-kloosterskool se kore het ook goed geprester en elk 'n A-simbool verwerf (*The Friend*, 4, 7, 8 en 10 Mei 1954).

Alhoewel die beoordelaar van die instrumentale afdeling, dr Whiteman, kritiek uitgespreek het ten opsigte van die swak vingerwerk by sommige van die klavier-afdelings wat aangebied is, het al die beoordelaars saamgestem dat die standaard en kwaliteit van die werk wat oor die algemeen aangebied is, baie goed opgeweeg het teen ander eisteddfodou in die land (*The Friend*, 7 en 8 Mei 1954).

8.4 Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging

Dit is 'n byna onmoontlike taak om die rol te bepaal van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging in die bevordering van die kultuurlewe in Bloemfontein, sowel as in die Vrystaat. Nie alleen het die vereniging die publiek kultuurbewus gemaak nie, maar kuns- en musiekleerkrigte gestimuleer om doelgerig met hul werk as kunsopvoeders om te gaan. Dit het ook aan jong kunstenaars as uitdaging gedien om hul talente en vermoëns tot die maksimum te benut. Die geleentheid was daar om hulle talente met die gemeenskap te deel en ook hulle vermoëns met die van ander kunstenaars te vergelyk. Verder het dit gedien om vir die gewone kunsliefhebber standarde daar te stel.

Die kunswedstryd in Suid-Afrika is 'n direkte navolging van die Walliese eisteddfod. Dit is blote kragmeting op die gebied van die uitvoerende kunste. Die eisteddfod het in die middeleeue in Wallis ontstaan en reeds in daardie vroegste geleentheid is deelnemers volgens hulle voordragte in verskillende kategorieë ingedeel. Die reg is dan aan hulle

toegestaan om hul kuns in die openbaar te beoefen. Sogenaamde Competition Festivals is ook gehou wat nie alleen uit musiekvoordragte bestaan het nie, maar daar is wel gekompeteer ten opsigte van prosa en poësie asook Arts and Crafts (Scholes, 1988, p. 1106).

Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging is gestig op 'n spesiale vergadering wat op 15 Julie 1926 in Bloemfontein gehou is. Hierdie vergadering is belê op inisiatief van die Ons Taal-vereniging. Die Kunswedstrydvereniging het kort na sy ontstaan gefungeer as die Kunswedstrydkomitee van die Oranje-Vrystaat. Eers in 1930 is die naam Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging, soos dit tans heet, aanvaar (Human, 1976, pp. 43-44).

'n Handboek is uitgegee in die jaar waarin die kunswedstryd sou plaasvind. Daarin is al die inligting vervat wat die deelnemers en hulle afrigters verlang het (Human, 1976, p. 45).

In *Die Volksblad* van 29 April 1939 het die eerste beriggewing in verband met die agste kunswedstryd wat in Bloemfontein gehou sou word verskyn. Die kunswedstryd het vanaf 8 tot 13 Mei 1939 plaasgevind.

Die sekretaresse van die musiekafdeling in 1939 was mev H F Fivaz en die beskermheer, mnr S Henri Pellissier, destydse Direkteur van Onderwys. Elke kunswedstryd is afgesluit met 'n groot konsert deur diegene wat die beste tydens die kunswedstryd

gepresteer het. Die konsert is gewoonlik in die Stadsaal gehou (Kunswedstrydhandboek, 1939). Uit die berig, "Kunsbelangstelling Groei in Vrystaat" in *Die Volksblad* van 6 Mei 1939 blyk dit duidelik dat die kunsbelangstelling in die Vrystaat gegroei het. Die hoofsekretaris het die volgende oorsig gegee: "Volgens die indruk van die sekretaris van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging (Afdeling A), mnr J J van Rensburg, groei die belangstelling vir die kunsbeoefening in die Vrystaat jaar na jaar aan. In die afdeling musiek vir die wedstryde van 8-13 Mei het 'n stadige vermeerdering van inskrywings hom sedert 1934 openbaar. In 1934 was daar 350 inskrywings, die volgende jaar 344, in 1937 was daar 380 en vanjaar is die rekordsyfer van 400 behaal."

In *Die Volksblad* van 8 Mei 1939 het daar weer beriggewing in verband met die kunswedstryd verskyn. Hierin is melding gemaak van die groter verskeidenheid musieknommers waarvoor ingeskryf kon word. In die musiekafdeling was daar soos die vorige jare 'n groot aantal inskrywings. Mnr C A O Duggan van Johannesburg was weer eens die beoordelaar, en sou daardie jaar 'n wenner moes aanwys uit die 41 kore wat deelgeneem het (*Die Volksblad*, 8 Mei 1939).

Inskrywings in die afdelings klaviersolo's het aansienlik afgeneem, van 72 tot 44 in vergelyking met 1937. Die aantal inskrywings in die afdeling vioolsolo's het op elf gestaan teenoor die ses van 1937. Die inskrywings in die afdelings klavier- en

sangduette het ook verminder, terwyl die inskrywings in die afdeling kindersangsolo's byna verdubbel het van 103 tot 202 (*Die Volksblad*, 8 Mei 1939).

Dieselfde koerant het berig dat daar drie inskrywings was vir die ope afdeling, sangduette. In die afdeling klaviersolo was daar ook drie inskrywings, terwyl die sangsolo's 'n afname getoon het van 30 na 18 deelnemers. In 1939 het daar wel twee mededingers ingeskryf in die orrelwedstryd, terwyl daar geen inskrywings in die vorige wedstryd vir dié afdeling was nie. Verder het drie slagorkeste ingeskryf, terwyl daar geen mededingers in die verlede was nie. Twee kerkkore het ingeskryf vir die wedstryd, kerkkore, sowel as vier Sondagskoolkore. 'n Totaal van 475 inskrywings is in hierdie afdeling ontvang.

Deelnemers het nie net van Bloemfontein gekom nie, maar die Vrystaatse platteland het ook sy steun verleen om van die kunswedstryd 'n groot sukses te maak. Inskrywings is vanaf Boshof, Dewetsdorp, Arlington, Trompsburg en Brandfort ontvang. Kandidate van die U K O V S het ook ingeskryf (*Die Volksblad*, 8 Mei 1939).

Die eerste kunswedstrydkonsert is op 8 Mei 1939 deur mnr S H Pellissier, Direkteur van Onderwys, geopen. Prof W F C Arndt het in sy toespraak die publiek se aandag gevestig op die steeds toenemende steun wat die kunswedstryde geniet. Hy het ook melding gemaak van die aantal inskrywings wat elke jaar vermeerder en gesê dat die inskrywings in die voordragwedstryde tot 600 vermeerder het. Prof Arndt het ook gesê

dat die kunswedstryde wel 'n doel en rigting het en dat daar nie verniet so hard gewerk word nie (*Die Volksblad*, 9 Mei 1939).

Die kunswedstryde het nie alleen 'n diens aan die Vrystaat gelewer nie, maar die voorbeeld wat in Bloemfontein gestel is, is al op talle ander plekke in die land nagevolg. Die doel van die kunswedstryd word duidelik in die handboek aangegee as "Bevordering en waardering van kuns." (*Die Volksblad*, 9 Mei 1939; *Kunswedstrydhandboek*, 1945).

Items wat hoë lof van die beoordelaar ontvang het, was die klavierduo (18 jaar en onder), wat deur Iris Haddad en Ina Naudé gewen is. Dit was volgens die beoordelaar 'n perfekte voorbeeld van wat duo-spel behoort te wees. Die voordragte is gekenmerk deur tegniese dissipline, uitstekende koördinasie, mooi toonkwaliteit, met al die nodige detail en goeie karakterisering (*Die Volksblad*, 9 Mei 1939).

Die koor van Dr Viljoenskool wat die afdeling skoolkore (10 jaar en onder) gewen het, het die volgende kommentaar uitgelok: "Die winnende skoolkoor van 10 jaar en onder se sangtoon en ritme was uitstekend, veral die diksie." Alhoewel Miranda Raal die klaviersolo (ope) gewen het, het sy nogtans skerp kritiek van die beoordelaar ontvang. "Die ope klaviernommer was teleurstellend. Onjuistheid en gebrek aan beheersing was die vernaamste foute in albei die finaliste se gevalle." (*Die Volksblad*, 10 Mei 1939).

Die sangduo vir meisies (15 jaar en onder) het 'n goeie indruk op die beoordelaar gemaak. Mnr Duggan het gesê dat die twee deelnemers se stemme uitstekend bymekaar aangepas het en dat hulle deurgaans met goeie beheersing gesing het. Dié wedstryd is deur Yvonne Strauss en Taillefer Naudé gewen. Die wenner in die afdeling bariton ope, Adolf Goosen, het met goeie frasing gesing en daar is gesê dat sy stem groot belofte vir die toekoms ingehou het. John Watson het die afdeling vioolsolo (ope) gewen. Die beoordelaar was beïndruk met die innigheid en styl wat met sy voordrag gepaard gegaan het (*Die Volksblad*, 10 Mei 1939).

Die kerkkoor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord het die afdeling vir kerkkore gewen en het ook die Grobler-skild met hulle pragtige sang verower. Die kerkkoor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein het ook uitstekende sang gelewer, maar dit was die verfynde toonkwaliteit van die eerste koor wat egter die deurslag gegee het. David Roode was die dirigent van die Noordkoor en Isabel Bezuidenhout (later du Toit) het die Tweetoringkerk se koor gedirigeer (*Die Volksblad*, 11 Mei 1939).

In dieselfde koerant het mnr Duggan verklaar dat die twee wenners in die afdeling sangsolo meisies (18 jaar en onder), Catharina J de Villiers en Miriam Reichenberg, 'n goeie indruk op hom gemaak het. Hy het gesê dat die kwaliteit van beide die twee sangeresse se stemme vir hom baie aantreklik was so ook die suiwere vertolking van die liedere wat hulle voorgedra het. Mnr Duggan het soos volg verklaar: "Ek voel dat hulle met die regte tegniese leiding sal ontwikkel tot sangeresse van buitengewone gehalte

wat betref vertolking van gevoel deur die medium van sang." Hendrik Kruger van die Laerskool Sentraal het 'n spesiale prys vir sy sang ontvang. Mnr Duggan was besonder beïndruk met die omvang en resonans van sy stem. Ander kenmerke van sy sang was die besondere suiwerheid van sy stem asook sy goeie ritmiese aanvoeling en het 92% aan hom toegeken (*Die Volksblad*, 16 Mei 1939).

Volgens mnr Duggan was die standaard wat op 11 Mei in die musiekafdeling gehandhaaf is die hoogste wat hy vir 'n lang tyd op 'n kunswedstryd gehoor het. Kandidate wat die beoordelaar werklik beïndruk het, was Gertruida Saayman wat die afdeling klaviersolo (16 jaar en onder) gewen het met haar vertolking van Chopin se **Wals in e mineur**. Miranda Raal, 'n leerling van die Vrystaatse Musiekskool het die afdeling klaviersolo (ope) gewen met haar vertolking van Dohnanyi se **Rapsodie in C majeur**. Die mannekwartet bestaande uit mnre Jaap C Rousseau, Gould M Dominy, Bonnie Jackson en Cecil Barry en die wenners van die afdeling dameskore, naamlik David Roode se dameskoor het ook goeie kommentaar vir hulle onderskeie voordragte ontvang (*Die Volksblad*, 12 Mei 1939).

Die mededinging om die Roode-skild vir die beste sangsolo het skitterende sang opgelewer. Die wenner van die skild was Anna Jackson wat uitmuntende sang gelewer het. *Die Volksblad* van 13 Mei 1939 beskryf Jackson se sang die beste: "Volgens die beoordelaar, mnr Duggan, het sy haar oorwinning te danke aan die lieflike kwaliteit van haar stem, uitmuntende beheer en die indrukwekkende kunstigheid van haar vertolking."

Dieselfde kenmerke het gegeld vir die sang van Jessie Cooper wat die afdeling ligte sopraan gewen het (*Die Volksblad*, 13 Mei 1939).

Prof dr J de W Keyter, voorsitter van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging het na afloop van die konsert waarderend die dank van die vereniging jeens mev H F Fivaz betuig wat soveel jare met onvermoeide ywer haar kragte ten bate van die kunswedstryde aangewend het en binnekort die stad sou verlaat. Die hoofsekretaris is bedank, en so ook die organiseerders van die verskillende afdelings. Spesiale melding is van prof dr W F C Arndt gemaak, vir wie geen moeite te groot was in verband met die groot kunssaak nie (*Die Volksblad*, 15 Mei 1939).

Die negende Vrystaatse Kunswedstryd het vanaf 12 tot 17 Mei 1941 in die Vissersaal plaasgevind. Die finale wennerkonsert is in die Stadsaal aangebied. Mnr Casaleggio en mej M Wessels was verantwoordelik vir die inskrywings van onder andere die instrumentale- en vokale musiek (*Die Volksblad*, 4 Februarie 1941).

'n Verdere berig het in *Die Volksblad* (4 Maart 1941) verskyn in verband met kerkkore. Die orrelis en of dirigent van 'n kerkkoor wat minstens twee maande voor die wedstryd hierdie amp bekleed het, is as lid van die betrokke gemeente beskou. Verder is die voorgeskrewe werke wat vir die kunswedstryd ingestudeer moes word, in die berig geplaas.

"Die suiwere opbouwerk in verband met Afrikaanse kultuur kan gelukkig ongestoord sy gang gaan." So het die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging destyds sy negende kunswedstryd aangekondig. Vir die eerste keer is dit as 'n wedstryd in voordrag, toneel, letterkunde, musiek en volkspele aangedui. Dit was 'n welkome bewys van die vaste plek wat die volkspele in die kulturele bedrywighede verower het. Bloemfontein was die eerste plek waar so 'n wedstryd plaasgevind het, net soos Bloemfontein ook die plek was waar die beweging sy ontstaan gehad het. Die inskrywings vir die kunswedstryd het op 12 April 1941 gesluit (*Die Volksblad*, 8 Maart 1941).

In *Die Volksblad* van 17 April 1941 is aangekondig dat die sluitingsdatum vir die kunswedstryd egter verskuif het na 25 April, aangesien die vorige datum in die vakansie geval het. Mnr C A O Duggan van Johannesburg het weer eens as die beoordelaar vir die musiekafdeling opgetree (*Die Volksblad*, 29 Maart 1941).

Soos in 1939 het die kunswedstryd van 1941 ook talle hoogtepunte opgelewer. Die mededinging tussen die twee gemengde kore van David Roode en Elsa Dekker onderskeidelik, het uitstekende sang gelewer. Die eerste plek is aan die koor van David Roode toegeken met 95%. Dit was die hoogste punt wat mnr Duggan ooit aan 'n gemengde koor toegeken het. Hy het hom soos volg uitgespreek: "Dit was 'n onvergeetlike manifestasie van wat verfyning, buigbaarheid en dissipline behoort te wees. Die beurtsang van die wenners het die presiesheid en beheersing van 'n goeie

orkes geahd, 'n pragtige weergalmende toon en 'n indrukwekkende dinamiese wydte. Dit was inderdaad 'n uitvoering wat ek lank sal onthou." (*Die Volksblad*, 14 Mei 1941).

Jennie Hadlow se dameskoor het die afdeling vir dameskore gewen met pragtige sang. Werke wat hulle gesing het was *Die Cariljon* (P Buck) en *From the green heart of the waters* (Coleridge-Taylor). Die kerkkoor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord het soos in 1939 die afdeling vir kerkkore gewen. Die eerste plek in die afdeling vierstemmige skoolkoor (20 jaar en onder) is aan die Hoërskool Sentraal toegeken. Mnr Duggan was besonder ingenome met hulle sang, maar het egter gesê dat hulle 'n swak keuse gemaak het, aangesien die spesifieke werk nie getoon het waartoe die koor werklik in staat was nie (*Die Volksblad*, 13, 15 en 16 Mei 1941).

In die afdeling klaviersolo het die volgende persone uitgeblink: Olga Troskie (14 jaar en onder), Marion Tahan (ope), David Muller (16 jaar en onder) en Agnes Myburgh (18 jaar en onder). Desiré van der Post en Eileen Attree het die eerste plek verower in die afdeling klavierduo (ope). Lily Goldman en Marina Tulleken het die afdeling klavierduo (18 jaar en onder) gewen. Rina Bester het die eerste plek verower in die wedstryd vioolsolo (ope). Duggan se kritiek ten opsigte van laasgenoemde se vertolking van die andante-gedeelte uit die *Vioolkonsert opus 64 in e mineur* (Mendelssohn) was teen oorromantisering van die werk en ook dat die klavierbegeleiding en vioolspel nie deurgaans gelyk was nie (*Die Volksblad*, 12, 13, 14, 16 en 17 Mei 1941).

Sangers wat uitblink het was Jurie Fourie wat die bariton-afdeling gewen het met sy vertolking van **Rots by die see** van Petrus Lemmer. Pat de Wet en mev D G van der Merwe het die afdeling sangduo (alt en sopraan) gewen, Catharina de Villiers die sangsolo (20 jaar en onder), Rita Karstel en Joan Hadlow die sangduo (18 jaar en onder), Rita Karstel die sangsolo (18 jaar en onder), Freda Roode die dramatiese sopraan en Isabel du Toit die liriese sopraan. Laasgenoemde het **Oktobermaand** (D Roode) gesing en slegs positiewe kommentaar ontvang. Anna Jackson het soos in 1939 uitstekende sang gelewer. Mnr Duggan het gesê dat sy in enige konsertsaal in die wêreld sou kon sing (*Die Volksblad*, 13, 14, 15, 16 en 17 Mei 1941).

Die kwartet van David Roode het ook skitterend geprester asook Stefans Grové wat die afdeling orrelsolo (eie keuse) gewen het. Die skoolkoor van Pres Brandskool het die afdeling seunskore (13 jaar en onder) met uitstekende sang gewen (*Die Volksblad*, 16 en 17 Mei 1941).

Tydens die finale pryswennerkonsert op 17 Mei 1941 het die hoë gehalte van die vokale nommers weer eens die aandag getrek; en in besonder die kore. Mnr Duggan waa as die beoordelaar opgetree het, het gesê dat 'n persoon ver sal moet gaan om sulke goed afgerigte en lewendige kore te vind (*Die Volksblad*, 19 Mei 1941).

Hieruit is dit duidelik dat Bloemfontein oor die talent en die koorleiers beskik het, want

jaar na jaar het die verskillende kore van die stad uitgestyg as van die beste wat nog ooit deur die beoordelaars aangehoor is.

Petrus Lemmer, destydse Organiseerder van Sang in die Vrystaat was deeglik bewus van die voortreflike werk van die Kunswedstrydvereniging en die talent wat so pas weer onder die publiek se aandag gebring is, dat hy hom voorgeneem het om vroeg die volgende jaar 'n uitvoering van die gewyde kantate, *Dawid die Herderseun* (G F Root) aan te bied. Hy het 'n koor van 200 stemme in die vooruitsig gestel asook 'n strykorkes en sowat elf soliste om hierdie poging van hom 'n sukses te maak. Lemmer het verklaar dat die opbrengs van die poging vir enige doel aangewend kon word, maar die eerste prioriteit was om 'n eersterangse vleuelklavier vir die Kunswedstrydvereniging aan te skaf, sodat die mededingers hulle beste kon lewer (*Die Volksblad*, 19 Mei 1941). In *Die Volksblad*, (30 Mei 1941) het Petrus Lemmer hartlike steun van Victor Pohl ontvang na aanleiding van die berig wat hy in die plaaslike koerant laat publiseer het in verband met die koop van 'n vleuelklavier vir dié vereniging. Victor Pohl was in daardie stadium die bekendste violis in Bloemfontein en het altyd sy dienste beskikbaar gestel, veral wanneer daar 'n ensemble saamgestel moes word vir die uitvoer van soortgelyke werke.

In 'n hele paar uitgawes van *Die Volksblad* is daar na afloop van die kunswedstryd van 1941 foto's van die wenners van die verskillende afdelings geplaas. Foto's van Marion Tahan (later Key en huidiglik Wagner), Jurie Fourie, Isabel du Toit en Stefans Grové het

in *Die Volksblad* van 19 Mei verskyn met hul prestasies daarby. So ook is daar foto's van die kore geplaas wat puik gepresteer het, naamlik die koor van David Roode en die seunskoor van Pres Brandskool (*Die Volksblad*, 20 en 21 Mei 1941).

Die tiende kunswedstryd in musiek, voordrag, toneel, woordkuns en volkspele het vanaf 10 tot 14 Mei 1943 plaasgevind, met die finale konsert op 15 Mei in die Stadsaal (*Die Volksblad*, 5 en 6 Mei 1943). Die inskrywings vir dié kunswedstryd het op 16 April 1943 gesluit. Die sekretaris vir die instrumentale musiek was Michele Casaleggio van die Hoërskool Sentraal en die sekretaresse vir die vokale musiek was Margaretha Papenfus van die Meisieskool Oranje (*Die Volksblad*, 13 Maart 1943).

Casaleggio het tot na die tydperk onder bespreking as sekretaris van die instrumentale afdeling opgetree. Papenfus was sekretaresse van die vokale musiekafdeling tot 1949, waarna Lotte Pretorius hierdie taak verrig het (*Kunswedstrydhandboek*, 1949, 1951 en 1955).

In die voorwoord van die handboek van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging het die voorsitter, prof Benedictus Kok (1939-1955), die volgende gesê: "Musiek, sang en poësie bly ons onvervreembare sielebesit wat deur geen mag ter wêreld vernietig kan word nie. Dit is trouens bekend genoeg dat die hoogste kuns dikwels sy ontstaan vind juis in tye wanneer onderdrukking, verwildering en verdelging hoogty vier." (*Die Volksblad*, 17 Maart 1943; *Kunswedstrydhandboek*, 1943).

Die organiseerders was verheug om te verneem van die aantal inskrywings wat vir 1943 ontvang is. 'n Groot voordeel van baie inskrywings is dat die mededinging dus baie sterk sou wees en 'n gunstige uitwerking op die uitslae sou hê (*Die Volksblad*, 10 Mei 1943).

In dieselfde koerant is die beoordelaars ook bekend gemaak. Mnr Duggan van Johannesburg het weer eens as beoordelaar in die afdelings musiek en sang opgetree en dr W E G Louw het die voordragte en letterkunde beoordeel. In 1943 is ook besluit om seisoenkaartjies aan die publiek beskikbaar te stel. Dit sou die publiek die geleentheid bied om al die aandkonserte by te woon. Dié konserte het elke aand om half agt begin waartydens die dag se wenners die geleentheid gekry het om hul talente aan die publiek voor te stel. Die kunswedstryd is weer eens afgesluit met 'n groot konsert waaraan die week se wenners deelgeneem het (*Die Volksblad*, 10 Mei 1943).

Die 1943 kunswedstryd het weer eens baie suksesvol verloop en uitmuntende uitslae is behaal. Hoogtepunte is soos in die verlede bereik in die afdeling kerkkore. Die kerkkoor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord het soos in die vorige twee kunswedstryde die eerste plek verower. Die koor se dirigent was weer David Roode. Die koor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Wes onder leiding van Aubrey Karstel het die tweede plek verower (*Die Volksblad*, 13 Mei 1943).

Benedictus Kok het die eerste plek in die tenoorsolo verower met sy vertolking van **Waar sy ook gaan** (Handel). Die sangduo (man en dame) is deur mej H Fourie en mnr J Boshoff gewen. In die afdeling vioolsolo het die volgende kandidate uitgeblink: Eugene Pretorius (16 jaar en onder en ope) en Johanna Kraak (18 jaar en onder) (*Die Volksblad*, 13 Mei 1943).

Ander noemenswaardige uitslae was die volgende: eerste plek vir klaviersolo (8 jaar en onder) is toegeken aan Dawfré Roode. David Muller het die eerste plek verower in die afdeling klaviersolo (ope, eie keuse). Petrus Lemmer het 'n uitstekende prestasie behaal deur drie eerste pryse vir komposisie te verower. Die komposisies sluit in: skoollied (tweestemmig) met klavierbegeleiding, sangstuk met klavierbegeleiding en viool-obligaat en 'n kwartet met klavierbegeleiding. Dié komposisies is op 15 Mei 1943 tydens die finale konsert voorgedra. Die mannekwartet bestaande uit Jaap Rousseau, Cecil Barry, Benedictus Kok en Paul Fischer het die eerste plek in dié afdeling verower. 'n Mooi prestasie is behaal in die afdeling snelstudie (14 jaar en onder). 'n Punt van 96% is aan Betsie van Rooyen (leerling van mej Papenfus aan die Oranje Meisieskool) en Gerhardus Koornhof (leerling van die Vrystaatse Musiekskool) toegeken. Van hierdie prestasie word gesê dat dit die hoogste punte was wat in die afgelope twaalf tot vyftien jaar deur mnr Duggan in 'n kunswedstryd in Suid-Afrika toegeken is. Olga Troskie het die eerste prys in die afdeling snelstudie (16 jaar en onder) verower (*Die Volksblad*, 14 Mei 1943).

Op die laaste aandkonsert van die kunswedstryd is ook puik uitslae behaal. Sterk mededinging het plaasgevind in die afdelings ligte sopraan (ope) en alt (ope). Gertruida Kok het die eerste prys verower in die ligte sopraan afdeling met 'n oortuigende uitvoering. In die afdeling alt (ope) het mev J J Liebenberg met die louere weggestap (*Die Volksblad*, 15 Mei 1943).

Die volgende trofee is in die musiekafdeling toegeken: die Lemmer-wisseltrofee in die afdeling bladsang aan die Hoërskool Hendrik Potgieter van Reddersburg; die Roode-schild aan Isabel du Toit; die Pellissier-wisselbeker meisiekore (15 jaar en onder) aan die Eunice Sekondêre Meisieskool; die Sabbagha-wisselbeker vir kore (12 jaar en onder) aan die Pres Brandskool en die Eunice Primêre Meisieskool; die V K V-wisselbeker vir kindertuinkore aan die Laerskool Shannon; die V K V-wisselbeker vir gemengde kore (20 jaar en onder) aan die Hoërskool Sentraal; die O V V-wisselschild vir meisiekore (18 jaar en onder) aan die Eunice Sekondêre Meisieskool; die Grobler-wisseltrofee vir kerkkore aan die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord; die Bloemfonteinse Musiekkklub-wisselprys vir 'n instrumentale solo aan David Muller. Hierbenewens is daar 'n silwermedalje aan Isabel du Toit vir haar uitmuntende sang toegeken en 'n silwer medalje aan Betsie van Rooyen vir instrumentale musiek. Sy het ook die Groenewald-skenking van ongeveer twintig pond vir die belowendste talent op die kunswedstryd van 1943 ontvang. Verder het mnr Duggan spesiale pryse aan Betsie van Rooyen, Gerhardus Koornhof en Dawfré Roode toegeken (*Die Volksblad*, 15 en 17 Mei 1943).

Spesiale melding is ook van Benedictus Kok in *Die Volksblad* (17 Mei 1943) gemaak. Hy het vyf eerste plekke op die kunswedstryd van 1943 behaal. Sy laagste persentasie was 85%. Hy het die volgende eerste pryse verower: tenoorsolo, 89%; sangduo vir twee here, 89%; kwartet (ope vir here), 90%; klavier bladlees (ope), 90% en oorspronklike komposisie (ope, vierstemmige lied vir gemengde koor met begeleiding), 85%.

Die elfde kunswedstryd is van 14 tot 19 Mei 1945 aangebied. Die handboek en inskrywingsvorme was by die sekretaris van die verskillende afdelings beskikbaar. Die Burgemeester van daardie jaar, mnr C T M Wilcocks, het die vereniging in sy toespraak gelukkigwens met die groei, asook die prestasies wat die afgelope jare behaal is (*Die Volksblad*, 15 Mei 1945).

Hoogtepunte by die eerste pryswennerkonsert wat op 14 Mei plaasgevind het, was die sang van die mannekoor van prof Roode. Die beoordelaar, prof Gerrit Bon, het verklaar dat die betrokke koor een was waarop enige stad baie trots kon wees. 'n Persentasie van 94 is aan die koor toegeken. In die afdeling dogterskoor (21 jaar en onder) het die eerste prys aan die Eunice Sekondêre Meisieskool gegaan. Ander items wat byval gevind het, was die sang van Joan Hadlow; twee sangduo's deur Jurie Fourie en Schalk Scott, Betsie van Rooyen en Christine Rautenbach (*Die Volksblad*, 15 Mei 1945).

Volgens die beoordelaar se verklaring in die plaaslike koerant, is dit duidelik dat die klavierafdeling werk van hoogstaande gehalte opgelewer het. Veral die snelstudies het

"verbluffende" spel gelewer. Deelnemers wat in hulle onderskeie afdelings uitgeblyk het was Olga Troskie en Betsie van Rooyen. Verder het Dawfré Roode 'n afgeronde klaviersolo gelewer en die hoogtepunt was die spel van Betsie van Rooyen. Sy het die **Rondo Brillante** van Weber met oortuiging uitgevoer (*Die Volksblad*, 15 en 16 Mei 1945).

Die sangsolo's, veral in die ope afdelings, het sang van hoë gehalte gelewer. Anna Jackson, Isabel du Toit en Benedictus Kok was van die bekende kunstenaars wat uitgeblyk het. In die afdeling komposisie het David Roode en Benedictus Kok eerste plekke behaal (*Die Volksblad*, 15 en 16 Mei 1945).

In die afdeling kerkkore, het die kerkkoor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord weer eens die eerste plek behaal met 'n baie hoë 94%. Dit is verder duidelik dat die skoolkore ook sang van uitstekende gehalte gelewer het. Prof Bon was besonder beïndruk met die sang van die Eunice Meisieskool. Hulle het die eerste plek verower in die afdeling meisiekoor (15 jaar en onder). Die skoolkoor van die Hoërskool Sentraal, onder die leiding van Michele Casaleggio, het die eerste plek in die afdeling vierstemmige koor (20 jaar en onder) behaal. 'n Damestrio het ook groot byval gevind. Dié trio het uit meej Francina Buys, Sally Sorour en H du Plooy bestaan. 'n Kwartet bestaande uit Norah Havenga, Lotte Pretorius, Benedictus Kok en Schalk Scott het ook beïndruk. Verder is melding gemaak van die uitstekende balans tussen die verskillende stemme (*Die Volksblad*, 16 en 17 Mei 1945).

Uit die kommentaar van prof Bon oor die kunswedstryd is dit duidelik dat die kandidate se werk van baie hoë gehalte was. Hy het ook gesê dat Bloemfontein baie trots kon wees op persone soos Petrus Lemmer, Aubrey Karstel en David Roode wat leidende rolle in die musieklewe van Bloemfontein gespeel het. Afgesien van skitterende prestasies in die individuele afdelings, was die hoogtepunt egter die koorsang. Sowel die kinderkore as die volwasse kore het hy as uitstaande beskryf. Wat vir hom ontstellend was, is die feit dat daar geen ander instrumente soos hout- en koperblasers ingeskryf het nie. Dieselfde was ook die geval ten opsigte van orrel en viool (*Die Volksblad*, 19 Mei 1945).

Die kunswedstryd van 1945 is op suksesvolle wyse met die laaste groot konsert in die Stadsaal op Saterdag 19 Mei afgesluit. Volgens *Die Volksblad* van 22 Mei 1945 was dit soos al die ander jare 'n konsert van hoogstaande gehalte. Van die hoogtepunte was weer eens die sang van die verskillende kore van prof Roode. Nie minder nie as drie van sy kore het aan dié konsert deelgeneem. Ander deelnemers wat 'n goeie indruk gemaak het, was Anna Jackson, 'n gemengde kwartet en 'n mannekwartet.

Die kunswedstryd van 1947 het vanaf 5 tot 10 Mei plaasgevind en het soos al die vorige jare skitterende hoogtepunte in die verskillende afdelings opgelewer. Hierdie kunswedstryd was die twaalfde van sy soort wat in Bloemfontein aangebied is

(*Die Volksblad*, 17, 19 en 22 Februarie 1947). Die beoordelares in die afdeling vokale musiek was mev Lucy Greathead en die beoordelaar in die afdeling instrumentale musiek was mnr Iliffe-Higgo (*Die Volksblad*, 6 Mei 1947).

In die verslag wat in die plaaslike koerant verskyn het, het die spel op twee klaviere deur David Muller en Olga Troskie hoë lof van mnr Iliffe-Higgo ontvang. Hulle het meegeding in die afdeling twee klaviere (ope, professioneel) en het 93% behaal. Dit was die hoogste punt wat mnr Iliffe-Higgo aan enige kunstenaar in 'n kunswedstryd in Suid-Afrika toegeken het. Hulle het die **Valse** uit die **Suite** van Arensky uitgevoer. Die beoordelaar het verder gesê dat dit van die beste spel was wat hy nog ooit in Suid-Afrika gehoor het. David Muller het ook die eerste plek in die klavierkonsert-afdeling verower met sy weergawe van Schumann se **Klavierkonsert opus 54 in a mineur**. Hy het verder die eerste plek in beide die afdelings klavier (ope, professioneel) en klavierprogram (ope, professioneel) verower (*Die Volksblad*, 6 en 7 Mei 1947).

In die afdeling vokale musiek het die bekende sangeresse van Bloemfontein weer eens pragtige prestasies behaal. Norah Havenga en Francina Buys het 'n eerste plek in die afdeling sangduo (ope) verower. Die afdeling dramatiese sopraan (ope) is gewen deur Anna Jackson en die tweede plek het gegaan aan Isabel du Toit. Isabel du Toit was verder die wenner in die afdeling sangsolo, oratorium en opera (dramatiese sopraan,

ope) (*Die Volksblad*, 6 en 8 Mei 1947). Bogenoemde sangeresse was in die jare veertig baie bekend in Bloemfontein vir hulle uitstekende sang, asook hulle puik prestasies op kunswedstryde.

'n Ander sangeres wat ook mooi prestasies op die kunswedstryd behaal het, was Rita Karstel. Sy het die tweede plek verower in die afdeling oratorium (ligte sopraan, ope) en saam met Norah Havenga die tweede plek in die afdeling sangsolo (ligte sopraan, ope). Ander sangeresse wat noemenswaardige prestasies behaal het was Juliette Aboud, Joan Hadlow en Tertia du Toit. Die bas, Ted Hultzer, het die eerste plek in al die afdelings vir dié betrokke stemtipe verower (*Die Volksblad*, 8 Mei 1947).

In die afdeling vir koorsang het die Bloemfonteinse kore puik prestasies gelewer. Die uitvoering deur die Lemmer-mannekoor word as een van die hoogtepunte van die kunswedstryd van 1947 beskou. Alhoewel hierdie koor nie deelgeneem het nie, het mev Lucy Greathead melding gemaak van die puik afrigtingswerk wat deur Petrus Lemmer gedoen is. Hulle het die **Maria Wiegelied** (Reger) en **Italiaanse Slaai** (Genée) gesing. Die vierstemmige koor van die Hoërskool Sentraal met Michele Casaleggio as dirigent het dié afdeling gewen met 'n uitvoering van MacFadden se **Die Drie Vissers** (*Die Volksblad*, 7 en 8 Mei 1947).

"BLOEMFONTEIN KAN TROTS WEES OP SY SANGERS." So lui die opskrif van die verslag oor die finale konsert van die kunswedstryd van 1947 wat in *Die Volksblad* van 12 Mei 1947 verskyn het. Weens ongesteldheid kon van die beste

sangeresse nie hul sangsolo's lewer nie. Hulle was Joan Hadlow, Anna Jackson en mev C du Plessis. Behalwe vir die bogenoemde weglatings het die konsert vlot verloop en kuns van hoë gehalte is gelewer. Anna Jackson het nietemin die Roode-skild vir die beste sangsolo (ope) verower en Rita Karstel die silwermedalje vir die beste sangprogram. Die V K V-wisselbeker vir die beste kindertuinkoor is deur die Laerskool Shannon verower en die Lemmer-wisseltrofee in die afdeling bladsang is deur die Laerskool Reddersburg verower (*Die Volksblad*, 12 Mei 1947).

So ver vasgestel kon word, was daar in 1947 geen kerkkoor wat aan die kunswedstryd deelgeneem het nie. Dit was 'n baie opvallende verskynsel aangesien die mededinging tussen die verskillende kerkkore van Bloemfontein bykans altyd as die hoogtepunt van die kunswedstryd bestempel is. Daar was wel 'n afdeling vir kerkkore, maar geen inskrywings nie. Die Lemmer-mannekoor was trouens die enigste volwasse koor wat opgetree het. Selfs hulle het nie aan die wedstryd deelgeneem nie, maar slegs 'n uitvoering gegee (*Die Volksblad*, 8 Mei 1947).

Die dertiende kunswedstryd het vanaf 16 tot 21 Mei 1949 in Bloemfontein plaasgevind. Daar is duidelik in die plaaslike koerant gemeld dat die wedstryd-gedagte in 1949 op die agtergrond geskuif is en dat al die deelnemers in die verskillende klasse ingedeel sou word. Geen persentasies is toegeken nie. Deelnemers het sertifikate ontvang waarop aangedui is in watter betrokke groep (klas) hulle deelgeneem het asook die simbool wat hulle behaal het (*Die Volksblad*, 3 Februarie 1949).

Bogenoemde verskynsel het op alle terreine posgevat. Selfs in skoolverband is die sangkompetisies vervang deur die hoogs suksesvolle sangfeeste wat jaarliks deur die Onderwysdepartement aangebied is. Dit het meegebring dat nie alleen die talentvolle kandidate kon deelneem nie, maar dat almal wat graag wou, die geleentheid gekry het om te sing of 'n sekere instrument te bespeel. Die positiewe uitwerking wat dit op musiek in die algemeen gehad het kan bykans nie in woorde uitgedruk word nie. Selfs vandag nog word hierdie beginsel gevolg. Baie skole bied jaarliks 'n koorfees in Bloemfontein aan waaraan die meeste skole deelneem.

Die konserte is duidelik in *Die Volksblad* van 7 Mei 1949 aangekondig. Die kleuterkonsert het op 18 Mei plaasgevind, die juniorkonsert op 20 Mei en die seniorkonsert op 21 Mei. Al drie hierdie konserte het in die Stadsaal plaasgevind.

Volgens *Die Volksblad* (14 Mei 1949) was daar 'n groot aantal inskrywings in die musiekafdeling. Die sekretaresse van die verskillende afdelings, Margaretha Papenfus (vokaal) en Michele Casaleggio (instrumentaal), het 'n enorme taak gehad om al die deelnemers op 'n rooster in te pas. Mnr Casaleggio het ook die opmerking gemaak dat daar veel meer inskrywings van die platteland ontvang is as in die verlede. Die beoordelaars vir die verskillende afdelings was Timothy Farrel (vokaal) en Colin Taylor (instrumentaal). Hierdie twee musici het destyds reeds groot bekendheid in Suid-Afrika geniet op grond van hul uitvoerings (*Die Volksblad*, 14 en 16 Mei 1949).

Mnr Farrel het opgemerk dat die standaard van die skoolkore wat hy tot in daardie stadium gehoor het, van die beste in die land was. Die moontlike rede vir hierdie verskynsel was volgens mnr Lemmer dat Bloemfontein nie oor 'n orkes beskik het nie. Die afrigters en dirigente het hulle dus baie meer op koorafrigting toegelê (*Die Volksblad*, 17 Mei 1949).

Volgens mnr Taylor was daar te veel deelnemers wat nie hulle werke op die klavier op 'n kalm wyse kon voordra nie. Hy het egter aanbeveel dat die pianiste hulle stukke eerder 'n bietjie stadiger moet speel om meer vertrouwe te kry. Hy meld verder dat die kinders te boekgebonde is en te min aan hulle verbeelding oorlaat. Mnr Farrel het die volgende opmerking ten opsigte van die vokale musiek gemaak: "...die gelaatspel en die toonkleur van die stem nie geskei moet word nie. Die een moet die ander aanvul ten einde meer gevoelvolle vertolking te verseker." Hy het 'n demonstrasie gegee van hoe om die asem te gebruik (*Die Volksblad*, 17 Mei 1949).

Deelnemers wat almal A-simbole vir hulle sang verower het, sluit in Avelyn Macaskill, altsolo (21 jaar en onder); Isabel du Toit, sangsolo (dramatiese sopraan, ope), sangprogram (ope) en operasolo (ope); Anna Jackson, sangsolo (dramatiese sopraan, ope), sangprogram (ope) en opera-solo (ope), Norah Havenga, ligte sopraansolo (ope) en Ted Hultzer, bassolo (ope) (*Die Volksblad*, 17, 18 en 20 Mei 1949).

Ursula Weidemann het in die afdeling klavierprogram (18 jaar en onder) 'n A-simbool verower en Marion Key in die afdeling klaviersolo (ope). In die afdeling klavierprogram (16 jaar en onder) het Dawfré Roode 'n A-simbool verower. Hermina Verster het in die afdeling vioolsolo (18 jaar en onder) die eerste plek behaal. Sy het ook in die ope-afdeling 'n A-simbool verower. Mnr Colin Taylor het na afloop van haar uitvoering die opmerking gemaak dat Bloemfontein destyds oor 'n knap vioolleermeester beskik het (*Die Volksblad*, 17, 19 en 20 Mei 1949).

Die plaaslike skoolkore se sang was volgens mnr Farrel van 'n baie hoë standaard. In die afdeling meisiekoor, driestemmig (20 en onder) het die Hoërskool Sentraal 'n A-simbool verower. In die afdeling Hoërskoolkoor, tweestemmig het die kore van Eunice Meisieskool onder die leiding van Grace Butler en Sentraal onder die leiding van Michele Casaleggio beide A-simbole verwerf. Modelskool se koor onder die leiding van mnr Gerrit Olivier het in die afdeling skoolkoor 'n A-simbool verower. Mnr Farrel was baie beïndruk met die sang van al drie bogenoemde kore. Mnr Colin Taylor het ook melding gemaak van Butler se simpatieke begeleiding tydens verskeie sangsolo's. Die koor van die Hoërskool Sentraal het ook 'n A-simbool in die afdeling vierstemmige skoolkoor (20 jaar en onder) verower (*Die Volksblad*, 17, 19 en 20 Mei 1949).

Die Vrystaatse Afrikaanse Mannekoor van Petrus Lemmer het in 1949 wel aan die kunswedstryd deelgeneem en 'n A-simbool in die afdeling mannekoor (ope) verower (*Die Volksblad*, 20 Mei 1949).

Hoogtepunte van die seniorkonsert was die vioolspel van Hermina Verster. Sy het die *Legende opus 17* van Wieniawski gespeel. Die stuk het hoë eise aan haar gestel, maar sy het daarin geslaag om dit met groot sukses en afronding uit te voer. Veronica de Jager se klavierspel het ook beïndruk. Sy het die eerste deel van Grieg se *Klavierkonsert opus 16 in a mineur* gespeel. Die koorsang het soos by menigte vorige konserte weer eens die aandag getrek. Die Lemmer-mannekoor se sang is uitgesonder as van die mooiste (*Die Volksblad*, 23 Mei 1949).

Na afloop van die kunswedstryd het Colin Taylor die volgende gesê: "Ek sê dit nie om u te vlei nie, maar hierdie week se kunswedstryd in Bloemfontein het die gladste verloop van almal waar ek tot dusver beoordelaar was." (*Die Volksblad*, 21 Mei 1949).

Bogenoemde uitlating van die beoordelaar was dus 'n bewys dat die organiseerders aan die stuur van die kunswedstryd werklik uit hulle pad gegaan het om al die reëlings so vlot as moontlik te laat verloop. Hierdie opmerking is voorwaar 'n pluimpie vir die organiseerders van die hierdie goeie saak.

'n Vraag wat ontstaan het na afloop van die kunswedstryd was die min inskrywings wat van manlike persone ontvang is. Alhoewel die deelname van die paar mans van hoogstaande gehalte was, was daar nog baie mans wat sou kon deelneem. 'n Ander

teleurstelling was die enkele volwasse koor wat deelgeneem het aangesien Bloemfontein so bekend vir sy koorsang was. Dieselfde verskynsel het by die kunswedstryd van 1947 voorgekom (*Die Volksblad*, 28 Mei 1949).

Die veertiende kunswedstryd het vanaf 14 tot 19 Mei 1951 plaasgevind. Volgens die sekretaris van die instrumentale afdeling, Michele Casaleggio, was daar meer as 2000 inskrywings. Inskrywings is ook van Kroonstad, Cradock, Dealesville en Brandfort ontvang. Die beoordelaars vir die musiekafdeling was Lorenzo Danza (instrumentaal) en Arnold Fulton (vokaal) (*Die Volksblad*, 15 Februarie en 14 Mei 1951; *The Friend*, 4 Mei 1951).

'n Groot aantal inskrywings is ontvang vir die afdelings soos koorsang, duette, kwartette en uitvoerings op twee klaviere. Afgesien van die daaglikse beoordeling van die verskillende afdelings, is daar ook drie konserte aangebied: die kleuters se konsert op 16 Mei, juniors op 18 Mei en die seniors op 19 Mei (*Die Volksblad*, 5 Mei 1951).

In die instrumentale afdeling het die volgende deelnemers A-simbole behaal: Dawfré Roode, klavierprogram (14 jaar en onder), twee klaviere (14 jaar en onder), klavierbladlees (14 jaar en onder), klavierduo (14 jaar en onder), vioolsolo (14 jaar en onder); Japie Human, klaviersolo (18 jaar en onder), klavierduo (18 jaar en onder); Leonard Lemmer, fluitsolo (12 jaar en onder); Jennifer Travers, vioolsolo (16 jaar en

onder); Joan Smuts, klaviersolo (20 jaar en onder); Marion Key, klavierbegeleiding (ope), klaviersolo (professioneel); Anna Minnaar, klavierbladlees (ope), klavierbegeleiding (ope) (*Die Volksblad*, 15, 16, 17, 18 en 19 Mei 1951).

Lorenzo Danza, beoordelaar vir die instrumentale afdeling, het met groot waardering van die deelnemers gepraat en veral die deelnemers in die afdeling klaviersolo (18 jaar en onder), vir hul pragtige uitvoerings geprys (*Die Volksblad*, 16 Mei 1951). In die vokale afdeling is daar ook puik prestasies behaal. Die beoordelaar, Arnold Fulton, het die volgende gesê: "Al die goeie dinge wat in die verlede van Bloemfontein op die gebied van sang gesê is, is tans vir my bewaarheid." Sangeresse wat A-simbole verower het, sluit in: Christine Rautenbach, sopraansolo (23 jaar en onder), lieder (dames), ballade (ope, dames), opera (ligte sopraan, ope), oratorium (ligte sopraan, ope); Merle Cockroft, lieder (dames), oratorium (ope), dramatiese sopraansolo; Esther Uys, sopraansolo (23 jaar en onder), lieder (dames), ballade (dames, ope), oratorium (ope); Isabel du Toit, ballade (dames, ope), oratorium (dramatiese sopraan, ope), dramatiese sopraansolo; Marion Key, ballade (dames, ope), opera (ligte sopraan, ope), oratorium (ligte sopraan, ope); Ted Hultzer, bassolo (ope); Jacobus Hattingh, ballade (mans, ope), lieder (mans, ope) (*Die Volksblad*, 17, 18 en 19 Mei 1951; *The Friend*, 18 Mei 1951).

Fulton het ook die koorsang besonder hoog aangeprys. Kore wat uitsonderlik geprester het, was die Hoërskool Sentraal (vierstemmige koor, 20 jaar en onder), Laerskool Sentraal (tweestemmig), Volksskool Kroonstad (tweestemmig), Koot Niemannskool (skoolkoor, 12 jaar en onder), Hoërskool Shannon (hoërskool, tweestemmig) en die Oranje Meisieskool (hoërskool tweestemmig) (*Die Volksblad*, 15, 16 en 17 Mei 1951).

Die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes het 'n verrassende uitvoering gelewer. Volgens die resensent van *Die Volksblad* (21 Mei 1951) het hulle baie beter gespeel as by 'n vorige geleentheid. Spesiale melding is gemaak van die vooruitgang in samespel en toonkwaliteit. Met so 'n voorbeeld het die ideaal van 'n stadsorkes vir Bloemfontein nie heeltemal so onbereikbaar gelyk nie.

Volgens die voorsitter van die instrumentale- en vokale musiek was daar 'n rekordgetal inskrywings vir die vyftiende kunswedstryd wat vanaf 4 tot 9 Mei 1953 plaasgevind het. Daar is weer eens 'n aantal inskrywings vanaf die platteland ontvang, onder andere Hopetown, Harrismith, Brandfort, Wepener, Boshof en Senekal. Die ander afdelings het ook 'n groot getal inskrywings ontvang en 'n verblydende aspek was dat daar plattelandse inskrywings in die voordragafdeling ook was, wat nooit voorheen die geval was nie (*Die Volksblad*, 16 Februarie en 27 April 1953).

Die beoordelaars vir die musiekafdeling was weer eens Colin Taylor (instrumentale musiek) en Arnold Fulton (vokale musiek). Die algemene kommentaar van die beoordelaars was goed alhoewel mnr Taylor melding gemaak het van die beperkte aantal ensemble-items en die afname in die gevorderde afdelings. Sy kommentaar oor die keuse was soos volg: "I would like to see a fresher and more enterprising approach in the choice of music." Hy het die gekose werke in sommige gevalle as verbeeldingloos beskryf. Mnr Fulton het sy teleurstelling uitgespreek ten opsigte van die afname in die ope vokale afdelings. Dit was veral dié afdelings wat so 'n treffende indruk op hom gemaak het tydens sy vorige besoek in 1951 aan Bloemfontein (*Die Volksblad*, 27 April 1953; *The Friend*, 8 Mei 1953).

Hier volg 'n verslag van die beste uitslae van hierdie kunswedstryd. Die instrumentale afdeling het soos die vorige jare uitstaande prestasies opgelewer. Dawfré Roode, Japie Human, Elizabeth Joubert en Anna Minnaar (later Bobbert) het ongetwyfeld uitgestaan as die beste deelnemers in die klavierafdeling. Elizabeth Joubert het altesaam drie A-simbole vir haar klavierspel ontvang in die afdelings klaviersolo (14 jaar en onder), klavierprogram (14 jaar en onder) en klavierduet (16 jaar en onder) saam met Sunet Muller. Verder het sy 'n A-simbool vir haar vioolsolo (14 jaar en onder) verower. Dawfré Roode het ook drie A-simbole in klavierspel ontvang, naamlik klaviersolo (16 jaar en onder), klavierprogram (16 jaar en onder) en klavierkonsert (18 jaar en onder). Hy het ook 'n B-simbool vir sy vioolsolo (16 jaar en onder) verwerf. Japie Human het

puik geprester in die senior klavier-afdeling en ook drie A-simbole verower. Het het in die volgende afdelings meegeding: klaviersolo (20 jaar en onder), klavierprogram (ope, amateur) en klavierkonsert (ope). Anna Minnaar het reeds by vorige kunswedstryde uitgeblink. Sy het vir orrel en klavier ingeskryf en die volgende prestasies behaal: B-simbole vir klaviersolo (ope, amateur), klavierbegeleiding (ope) en A-simbole vir klavierbegeleiding (professioneel) en orrelsolo (ope, amateur) (*Die Volksblad*, 5, 7, 8 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 5, 6, 7, en 9 Mei 1953).

Die vokale afdeling is oorheers deur Christine Rautenbach, Laura Humphries, Marion Key, Henriëtte Roche en Augusta van der Merwe. Christine Rautenbach het A-simbole in die volgende afdelings behaal: ligte sopraan (ope), liedere (sopraan, ope), oratorium (ligte sopraan, ope) en opera (ligte sopraan, ope). A-simbole is in die sopraan afdeling aan Laura Humphries toegeken vir liedere (ope), oratorium (ope), moderne komposisie (eie keuse) en ballade (ope). Marion Key het A-simbole verower vir haar sang in die ligte sopraan (ope), liedere (ope), oratorium (ligte sopraan, ope) en moderne komposisie (eie keuse). Henriëtte Roche het drie A-simbole in die liedere, alt (ope), oratorium, alt (ope) en opera, alt (ope) ontvang. Augusta van der Merwe (n'ee van Rooyen) het A-simbole verower vir die dramatiese sopraansolo (ope, ballade (ope) en moderne komposisie (eie keuse) (*Die Volksblad*, 7 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 7 en 9 Mei 1953).

Kore wat uitstekend gevaar het was die kore van die Oranje Meisieskool wat A-simbole verower het in die afdelings hoërskoolkoor, tweestemmig en laerskoolkoor, tweestemmig. Die koor van die Hoërskool Sentraal het A-simbole in die afdelings skoolkoor, vierstemmig en dogterskoor, driestemmig (20 jaar en onder) behaal. Die enigste volwasse koor wat ingeskryf het, was die koor van Wepener. Die dameskoor het 'n A-simbool verower vir hulle sang in die ope afdeling en die gemengde koor het ook 'n A-simbool vir hulle sang in die betrokke kategorie ontvang. Die kore het onder die leiding van Sanda Roos opgetree (*Die Volksblad*, 5 en 6 Mei 1953; *The Friend*, 5, 6 en 7 Mei 1953).

Ander bekende deelnemers wat uitstekend geprester het, is die volgende: Elza van der Linde (later Cilliers) het 'n A-simbool vir haar orrelsolo (19 jaar en onder) verwerf. Die fluitspeler, Leonard Lemmer, het 'n A-simbool in die afdeling hout- of koperblaasinstrumente (14 jaar en onder) verower. Die jong meisie, Johanna (Blanche) Terblanché het 'n A-simbool in die afdeling sangsolo (16 jaar en onder) verwerf. Die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes het 'n A-simbool in hulle kategorie behaal. In die afdeling klavierbegeleiding (van die blad, ope) het Marion Key en Derik van der Merwe A-simbole verower (*Die Volksblad*, 5, 7 en 9 Mei 1953; *The Friend*, 5 en 7 Mei 1953). 'n Kommerwekkende verskynsel in die kunswedstryd van 1953 was dat daar slegs een volwasse koor ingeskryf het. Aangesien Bloemfontein in daardie jare landswyd bekendheid verwerf het vir sy pragtige koorsang, was dit 'n n'og groter bekommernis aangesien die koor van Wepener afkomstig was. In die verlede was daar nie minder nie

as drie kerkkore, twee mannekore en twee dameskore wat gereeld aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem het. In die kunswedstryd van 1953 was daar geen kerkkoor en geen mannekoor wat deelgeneem het nie.

Mary Rousseau se kommentaar in *The Friend* (15 Mei 1953) na afloop van die kunswedstryd was soos volg: "Whatever else is going ahead in Bloemfontein it is certainly not the city's domestic music life which, as reflected at the recent Free State Eisteddfod, gave every sign of decline. If any one reason can be given for this retrogression it is that local music still suffers from too many solos. If music is going to exist as a healthy cultural activity in Bloemfontein, the musicians, both amateur and professional, will have to devote themselves with conviction to the vast and fascinating possibilities of ensemble music."

Die handboek vir die sestiende kunswedstryd was reeds in Oktober 1954 beskikbaar. Die kunswedstryd het vanaf 2 tot 7 Mei 1955 plaasgevind. Die beoordelaars vir die musiekafdeling was Wansbrough Poles (instrumentaal) en Albrecht Lewald (vokaal). Die kunswedstryd het 'n wye verskeidenheid wedstryde aangebied, onder andere solosang, duette, trio's, oratoriumsolo's, opera-solo's en verskeie afdelings vir koorsang. Die klavierafdeling het ook interessante wedstryde bevat, naamlik klavierbegeleiding, klavierprogramme, uitvoerings op twee klaviere en 'n afdeling vir klavierkonserte op twee klaviere. Die afdeling vir orreel spel het ook groot byval geniet. Ander afdelings

waaraan deelgeneem kon word was die stryker-, hout- en koperblaasafdelings (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1954 en 23 April 1955).

Die amptelike opening van hierdie kunswedstryd is deur die destydse Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, mnr A J Jacobs, op 4 Mei 1955 waargeneem. Volgens beide die beoordelaars was die standaard van die werk wat aangebied is van buitengewone hoë gehalte. In die klavierafdeling was daar puik prestasies en opvallend was dat die meeste van die deelnemers ook in die vorige jare uitblink het. Niel Immelman (10 jaar en onder), Marie Blignault (12 jaar en onder), Elizabeth Joubert (16 jaar en onder), Dawfré Roode (18 jaar en onder) en Japie Human (ope, professioneel) was onder die groot uitblinkers van 1955. Immelman het vier A-simbole en twee B-simbole behaal, Marie Blignault het twee A-simbole verower, Elizabeth Joubert het twee A-simbole vir klavier en een A-simbool vir vioolspel verower, Dawfré Roode het drie A-simbole vir klavier en een A-simbool vir vioolspel verwerf en Japie Human het twee A-simbole vir sy klavierspel ontvang (*Die Volksblad*, 4, 5, 6 en 9 Mei 1955; *The Friend*, 4, 6 en 7 Mei 1955).

Elza van der Linde het pragtige orrelspel gelewer en twee A-simbole verwerf. Sy het aan die volgende wedstryde deelgeneem: orrelsolo (21 jaar en onder) en orrelsolo (ope, nie professioneel). Sy het ook saam met Carolina Nieuwoudt 'n A-simbool in die afdeling twee klaviere (ope, amateur) verower. Die beoordelaar was baie beïndruk met die fluitspel van Leonard Lemmer. Hy het 'n A-simbool vir sy fluitsolo (16 jaar en

onder) behaal en saam met Richard Lemmer 'n A-simbool in die wedstryd duet vir fluit en klarinet (*Die Volksblad*, 6 Mei 1955; *The Friend*, 4 en 6 Mei 1955).

Afgesien van die skitterende kommentaar van die beoordelaars tydens die finale konsert wat op 7 Mei 1955 plaasgevind het, het mnr Poles by 'n vroeër geleentheid gesê dat dit baie nadelig vir die kind se vordering is om altyd eksamenstukke vir die kunswedstryd aan te bied, aangesien die kind nie met die groot verskeidenheid klavierliteratuur in aanraking kom nie. Daar is heftig op hierdie opmerking gereageer. Mnr Leonard Shepstone het in *The Friend* (6 Mei 1955) gesê dat die stukke wat gespeel is, nie ou eksamenstukke was nie, maar eksamenstukke wat vir daardie jaar se eksamens gebruik sou word en dat dit 'n uitstekende geleentheid vir die kandidate was om hierdie stukke eers op die kunswedstryd voor te dra. Poles was egter vol lof vir Dawfré Roode en Martha van Rensburg se vertolking van die **Klavierkonsert in g mineur** (Mendelssohn). Leonard en Richard Lemmer se spel is ook uitgesonder. Japie Human se klavierspel het deurgaans baie gunstige kommentaar ontvang, maar dit was veral sy solo tydens die finale konsert wat hy met besondere swier en grasia uitgevoer het. Die orrelspel het ook hoë lof ontvang en mnr Poles het verder gemeld dat die houtblaas-afdeling baie potensiaal het, maar dat die strykers se spel glad nie bevredigend was nie (*Die Volksblad*, 9 Mei 1955; *The Friend*, 4 en 6 Mei 1955).

Merle Cockroft het haarself as een van Bloemfontein se beste sangeresse bewys. Sy het vier A-simbole vir haar sang verower. Haar sang is as grasieus en gemaklik beskryf. Johanna (Blanche) Terblanché het ook uitgeblink en twee A-simbole in die ouderdomsgroep (18 jaar en onder) ontvang. Die wedstryde waaraan sy deelgeneem het, was sangsolo en sangduo saam met Adoline du Toit. Die beoordelaar, Albrecht Lewald, was besonder beïndruk met haar stem en het gesê dat sy nie alleen 'n pragtige stem het nie, maar dat haar voordrag uitstekend was. Isabel du Toit het 'n A-simbool in die afdeling opera (ope) verower. Ander sangers wat A-simbole verwerf het, was George Prosser, liedere (bariton, ope), Yvonne van Zyl, oratorium (ligte sopraan, ope) en liedere (sopraan, ope) en Laura Humphries, oratorium (ligte sopraan, ope) (*Die Volksblad*, 4, 5 en 6 Mei 1955; *The Friend*, 3, 4, 5 en 7 Mei 1955).

Die Bloemfontein Choral Society onder die leiding van Grace Butler het vir pragtige sang gesorg in die afdeling gemengde koor (ope). Alhoewel daar min kore ingeskryf het, was die sang van hoogstaande gehalte. Mnr Lewald het erken dat dit vir hom baie moeilik was om die sang te kritiseer aangesien hulle uitstaande sang gelewer het. Hulle het **Et Exultavit** uit die **Magnificat** (Bach) en **Die Here is my Herder** (Bach) gesing. Die Hoërskool Sentraal se kore het besonder goed gevaar. Hulle het in vier wedstryde A-simbole verwerf, naamlik gemengde skoolkoor (driestemmig), vierstemmige koor (21 jaar en onder), skoolkoor (tweestemmig, 15 jaar en onder) en hoërskoolkoor (tweestemmig). Kore van die Oranje Meisieskool, Eunice Meisieskool, Pres Brandskool

en Grey-kollege het ook goed geprester (Die Volksblad, 4, 5, 6, en 9 Mei 1955; The Friend, 4, 5 en 6 Mei 1955).

'n Opvallende verskynsel tydens die kunswedstryd van 1955 was dat daar weer eens geen kerkkoor ingeskryf het nie en verder dat die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes ook nie deelgeneem het nie.

8.5 Die Musiekvereniging van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Die vernaamste inligtingsbron wat hierdie vereniging se aktiwiteite betref, is die plaaslike koerante. Hierdie berigte het in hoofsaak oor konserte en optredes van kunstenaars gehandel.

Die Musiekvereniging van die destydse Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat het sy werksaamhede op Saterdagand 4 Maart 1939 begin. 'n Groot aantal studente en besoekers was teenwoordig en 'n interessante program van plate uit die Carnegie - skenking is deur mnr Waldron voorgespeel (Die Volksblad, 9 Maart 1939).

Die vereniging het op 10 Maart 1939 hulle volgende byeenkoms gehou. By daardie geleentheid het die studente die voorreg gehad om 'n lesing, opgeluister met plaatopnames, by te woon. Hierdie lesing is deur mnr Yorke-Ford aangebied waartydens die vioolsonates van Beethoven bespreek is. Hierdie aankondiging is deur

die sekretaris van die vereniging, mnr G F Stegmann, in *Die Volksblad* van 9 Maart 1939 geplaas.

Die daaropvolgende Saterdag (18 Maart 1939) is daar 'n program van plate wat deur die lede self gekies is, voorgespeel (*Die Volksblad*, 16 Maart 1939).

Op Vrydagaand 24 Maart 1939 het mej M Jooste 'n lesing, geillustreer met plaatopnames, gelewer. Dit het oor Mozart se opera, *Le Nozze di Figaro*, gehandel.

Op Saterdag 29 April 1939 is 'n interessante program van versoekplate deur mnre E van Hoepen en F Stegmann vir die Musiekvereniging van die U K O V S voorgespeel.

Die daaropvolgende Saterdag (6 Mei 1939) het die ondervoorsitter, mnr J Waldron 'n lesing, opgeluister met plaatopnames, aangebied. Die lesing het oor Voices you might not have heard gehandel (*Die Volksblad*, 23 Maart en 4 Mei 1939).

In *Die Volksblad* van 21 Junie 1939 blyk dit duidelik dat die aanbieding van die opera-program op 17 Junie deur Charles Hamer en sy studente van hoogstaande gehalte was. Studente wat aan die program deelgeneem het was mejj Juliette Aboud, D Fawcett-Peck, mev E Thornton, E McAdam en mnr T Espitalier. Die volgende byeenkoms het op 24 Junie 1939 plaasgevind. Daar is op spesiale versoek weer eens plate voorgespeel (*Die Volksblad*, 21 Junie 1939).

Na 'n lang stilte in die aktiwiteite van hierdie vereniging, het daar weer in 1942 'n konsert plaasgevind. Jennie Hadlow se dameskoor het 'n uitvoering gegee. Die program is uitsluitlik aan die werke van Purcell en Elgar gewy. Kunstenaars wat as soliste opgetree het was Rina de Villiers, Christine Lamb en Patricia de Wet (*The Friend*, 2 Mei 1942).

Vir 'n baie lang tyd het die bedrywighede van hierdie Musiekvereniging min belangstelling uitgelok. Die gevolg was dat die vereniging opgehou het om te bestaan. In 1948 is die vereniging herstig en is daar beplan om maandeliks byeenkomste te organiseer. Daar was 'n tyd toe hierdie vereniging een van die mees lewenskragtige instellings aan die destydse Universiteitskollege was. Lede van die publiek het ook die uitvoerings bygewoon (*Die Volksblad*, 14 September 1948 en 9 April 1949).

Tydens die herstigting van dié Musiekvereniging is mnr Gerhardus Koornhof as voorsitter verkies en mnr J Röth as sekretaris. Prof David Roode is tot ere-voorsitter verkies. Addisionele lede het bestaan uit Vivia Kruger, Frieda Odendaal en André Haarhoff. Die erelede was dr Arend Koole en mnr Derik van der Merwe. Studente het toe weer die geleentheid gekry om na uitvoerings van hoë gehalte te luister (*Die Volksblad*, 14 September 1948 en 4 April 1949).

Die eerste byeenkoms van die nuutgestigte vereniging het op 10 September 1948 in die lesingkamer van die Departement Musiek plaasgevind. By daardie geleentheid het

David en Freda Roode 'n uitvoering op twee klaviere gegee en Juliette Aboud het 'n paar sangsolo's gelewer (*Die Volksblad*, 14 September 1948).

Die aktiwiteite van hierdie vereniging is egter nie altyd duidelik in die plaaslike koerante aangekondig nie, met die gevolg dat al die byeenkomste nie aangeteken kon word nie. 'n Byeenkoms wat wel in *Die Volksblad* (5 Mei 1949) aangekondig is, was die program wat gehandel het oor die lewe en werke van Chopin wat op Vrydag 6 Mei 1949 in die Chemiesaal van die Universiteitskollege plaasgevind het.

Volgens *Die Volksblad* van 29 Oktober 1949 het daar weer eens 'n byeenkoms in die Chemiesaal plaasgevind en wel op 28 Oktober 1949. Tydens hierdie konsert het meej Juliette Aboud, Esther Uys, Vivia Kruger, L Schuurman en Merle Cockroft sangsolo's gelewer. Pianiste wat opgetree het was meej R Wynne, R Davis, F Odendaal, S Erasmus en U Weidemann. Noel Travers was verantwoordelik vir 'n vioolsolo. Al die bogenoemde kunstenaars was studente van die Departement Musiek aan die destydse U K O V S.

Die nuwe bestuur van die vereniging is by dieselfde geleentheid aangewys. Die voorsitter was weer eens Gerhardus Koornhof en die ere-voorsitter prof David Roode. Lede van die bestuur het mnr M Maritz, meej Vivia Kruger, Marie Senekal, D de Beer en Esther Uys ingesluit. Die twee erelede het onveranderd gebly, naamlik dr Arend Koole en mnr Derik van der Merwe (*Die Volksblad*, 29 Oktober 1949).

Die eerste byeenkoms van hierdie vereniging vir 1950 het op 23 Februarie 1950 in die Chemiesaal by die Universiteit plaasgevind. Die gaskunstenaar was die violis Erwin Broedrich (*Die Volksblad*, 22 Februarie 1950).

'n Stampvol saal het na Broedrich en sy eggenote se uitvoering geluister. Hy het 'n uiteenlopende program saamgestel wat in almal se smaak geval het. Op die program was onder andere **Prelude en Allegro** (Kreisler), **Capriccio** (Haydn) en die **Malaguena** (Sarasate). Volgens die resensent het hy die viool meesterlik gehanteer en het deurgaans getoon dat hy die inhoud van die musiek wat hy uitgevoer het, ten volle verstaan het. Sy eggenote, Gudrun het hom op uiters simpatieke wyse begelei. Prof Roode het na afloop van die konsert gesê dat sy destyds een van Suid-Afrika se mees simpatieke en gevoelvolle begeleiers was (*Die Volksblad*, 24 Februarie 1950).

Volgens die plaaslike koerante wil dit voorkom asof die eerste konsert van dié vereniging na die selfstandigwording van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat in Maart 1950, op 15 Augustus van dieselfde jaar plaasgevind het. By daardie geleentheid het Henriëtte Pauw (klavier) en Vivia Kruger (sang) 'n gesamentlike uitvoering gegee (*Die Volksblad*, 12, 14 en 15 Augustus 1950).

Henriette Pauw het die volgende werke gespeel: Fuga in B-mol majeur (Brahms), Sonate opus 27 nr 2 in c-kruis mineur (Beethoven), Nokturne in D-mol majeur (Chopin), Scherzo in c-kruis mineur (Chopin), Kabouterdans (Liszt) en Studie in die vorm van 'n wals (Saint-Saëns). Vivia Kruger het die volgende werke in haar program ingesluit: Panis Angelicus (Franck), Bist du bei mir (Bach), They call me Mimi (Puccini), Du bist die Ruh (Schubert), Wiegelied (Mozart) en A Blackbird is singing (M Head). Prof Roode het die begeleiding waargeneem. Dele van hierdie konsertprogram is opgeneem met die oog om later uitgesaai te word (*The Friend*, 18 Augustus 1950).

Die volgende uitvoering van hierdie vereniging het op 13 Oktober 1950 plaasgevind. By daardie geleentheid het die bekende Suid-Afrikaanse alt, Jean Gluckman, opgetree (*Die Volksblad*, 23 September 1950).

Volgens die resensie in *Die Volksblad* van 14 Oktober 1950 kan afgelei word dat die uitvoering van mej Gluckman 'n groot sukses was. Die resensent se woorde was soos volg: "Die sanguitvoering van Jean Gluckman onder beskerming van die Musiekvereniging van die universiteitstudente, was in baie opsigte 'n artistieke triomf. Hierdie sangeres verlaat haar nie slegs op die unieke bekoring van die stem nie, maar benader elke lied met so 'n intelligente insig dat die vertolking daarvan 'n warme geestelike ervaring word." Kommentaar op hierdie konsert verskyn in Hoofstuk 4, p. 469.

Tydens die jaarvergadering van hierdie Musiekvereniging is 'n nuwe bestuur gekies, en het soos volg daaruit gesien:

Voorsitter: mnr A J Brink,

Sekretaris: mnr W L F Botes,

Penningmeester: mnr Junior Bezuidenhout,

Komiteelede: mejj W Rheeder, A Minnie en H van Aswegen.

Prof Roode is soos die vorige jaar as ere-voorsitter herkies en die ere-lede was weer eens dr A Koole en mnr D van der Merwe (*Die Volksblad*, 31 Maart 1951).

Op 15 Junie 1951 is daar 'n verskeidenheidskonsert in die destydse Universiteitsaal aangebied. By daardie geleentheid was daar sang-, klavier-, dans- en voordragitems op die program (*Die Volksblad*, 14 Junie 1951).

'n Konsert wat die aandag van die publiek getrek het, was die eerste uitvoering van die klavierpaar, dr Arend Koole en prof Gertrude Kautzky. Hulle eerste uitvoering in Bloemfontein het op 15 Augustus 1951 in die Clarendonsaal onder die beskerming van dié vereniging plaasgevind. Sover bekend was dit die eerste keer in Suid-Afrika dat oorspronklike werke vir vier hande op een klavier uitgevoer is (*Die Volksblad*, 11 Junie, 31 Julie en 14 Augustus 1951).

Beide was ervare musici en die publiek het met groot opgewondenheid na hul uitvoering uitgesien. Hulle eerste uitvoering op die platteland het op 1 Augustus 1951 in

Kroonstad plaasgevind. Volgens die konsertgangers wat die konsert in Kroonstad bygewoon het, was dit 'n hoogs geslaagde en genotvolle aanbieding (*Die Volksblad*, 11 Augustus 1951). Volgens die resensent van *Die Volksblad* (16 Augustus 1951) was hul uitvoering in die Clarendonsaal 'n artistieke triomf. Afgesien van 'n effense ongelykheid wat akkoordspel betref, was dit 'n baie geslaagde uitvoering wat in elke opsig bevredig het. Kommentaar van die resensent was soos volg: "Hulle eerlike aanvoeling en hulle deurskouing van die innerlike betekenis van die komposisies het keer op keer geblyk, in die fluisterende innigheid van 'n Schubert-Fantasie, in die swierige vaart van 'n lustige dans van Dvorák, in die onmiddellike weergawe van sintuiglike indrukke uit die impressionistiese kuns van Debussy."

Die **Marche Militaire** (Schubert) is ferm uitgevoer en het 'n nuwe betekenis gekry as slegs die tipiese bravura kunswedstrydstuk. Die **Fantasie in f mineur** (Schubert) met sy lang frases is ontroerend mooi uitgevoer. Ander werke op die program wat besonder byval gevind het, was die **Sestien Walse** (Brahms) en die drie **Slawiese danse** (Dvorák) waarin die tegniese vaardigheid van die twee kunstenaars duidelik geblyk het. Die tweede helfte van die program het behoort tot die kuns van die impressionistiese komponiste, naamlik Debussy en Ravel. Die **Sonate in C majeur** (Poulenc) is ook uitgevoer. Van Debussy het hulle **Petite Suite** gespeel en van Ravel **Ma mère L'Oye**. Die resensent het sy resensie soos volg afgesluit: "Hierdie uitvoering wat onder die beskerming van die Musiekvereniging van die Universteit geskied het, het weer 'n

duidelike bewys gelewer van die onomstootlike waarheid dat ons plaaslike musici nie agteruit hoef te staan vir ander in die land nie. Prof Kautzky en dr Koole sal voor enige gehoor met glans kan optree." (*Die Volksblad*, 16 Augustus 1951).

In dieselfde maand het hulle 'n tweede uitvoering onder die beskerming van hierdie vereniging gegee. Op 31 Augustus 1951 het hulle op spesiale versoek die konsert met die **Marche Militaire** (Schubert) geopen. Die **Sonate in D majeur** (Mozart) is met goeie aanvoeling gespeel en die pedaalwerk, veral in die allegro-gedeelte, was uitstekend. Ander werke op die program was **Bilder aus Osten** (Schumann), **Suite** (Fauré) en **Agt Slawiese danse** (Dvorák). Volgens die resensent van *The Friend* (1 September 1951) is al die werke baie stylvol voorgedra.

Hierdie vereniging het soms ook buitelandse musici genader om uitvoerings te lewer. 'n Franse pianis met die naam Gilles Guilbert wat in daardie tyd op sy eie die wêreld deurreis het, was een van die kunstenaars wat voor die Musiekvereniging van die U O V S opgetree het. Sy uitvoering het op 22 Oktober 1951 in die skoolsaal van die St Michael Meisieskool plaasgevind. Sy optrede in Bloemfontein is voorafgegaan deur 'n optrede in Bethlehem wat onder die Musiekvereniging daar plaasgevind het (*Die Volksblad*, 19 en 20 Oktober 1951).

Dit was vir die klein hoeveelheid mense wat die konsert bygewoon het 'n waardevolle ondervinding, aangesien Guilbert werke van Franse komponiste uitgevoer het wat nie

dikwels op konsertprogramme verskyn het nie. Sy konsert word in Hoofstuk 5, pp. 601-602 volledig bespreek (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1951).

Dit is egter onduidelik of die vereniging enige konserte in 1952 aangebied het. Geen aankondigings het in die plaaslike koerante verskyn nie en daar kan dus aangeneem word dat daar geen aktiwiteite plaasgevind het nie.

Volgens die plaaslike koerante is daar eers in Mei 1953 weer 'n konsert aangebied. Op 28 Mei 1953 het die Duitse pianis, Helmuth Dignas, 'n baie geslaagde klavieruitvoering aangebied. Hy het 'n baie veeleisende program gekies, waarin hy getoon het dat hy oor 'n briljante tegniek beskik. Later in dieselfde jaar het die wêreldbekende pianiste, Kathleen Long ook 'n uitvoering onder die beskerming van hierdie vereniging gegee. Haar konsert het op 1 Augustus in die Universiteitsaal plaasgevind. Volledige besprekings van hierdie twee konserte verskyn in Hoofstuk 5, pp. 604-606 (*Die Volksblad*, 29 Mei en 31 Julie 1953; *The Friend*, 3 Augustus 1953).

Die resensent van *The Friend* (3 Augustus 1953) het verder gesê dat Long haarself bewys het as 'n pianiste met integriteit wat beslis meer tot haar reg kom in die liriese werke as in die gewigtige werke van komponiste soos Brahms. Sy het 'n tweede uitvoering op 2 Augustus in die skoolsaal van die St Michael Meisieskool gegee.

Op 22 Oktober 1954 het die eerste sangfees by die Onderwyskollege onder die leiding van Dolly Heiberg plaasgevind. Dit was 'n baie geslaagde fees wat vir die eerste keer in die buitelug in samewerking met die Musiekvereniging van die U O V S aangebied is (*Die Volksblad*, 23 Oktober 1954).

Die laaste byeenkoms van hierdie vereniging vir 1954 het op 1 November in die sypaal van die Universiteitsaal plaasgevind. Arend Koole het 'n klavieruitvoering gegee. Hy het die volgende werke gespeel, **Italiaanse Konsert** (Bach), **Sonate in D majeur** (Haydn), **Fantasie** (Beethoven), **Twee Intermezzi** en 'n **Capriccio** (Brahms), **Valse Impromptu** (Liszt) en **Les Funerailles** (Liszt) (*Die Volksblad*, 30 Oktober en 1 November 1954).

In 1955 het die studente die voorreg gehad om na die klavierspel van Elsie Hall te luister. Haar uitvoering in die Vissersaal het op 15 April 1955 plaasgevind. Kommentaar op en verwysing na die verskillende werke wat sy gespeel het verskyn op p. 508 (*Die Volksblad*, 13 April 1955).

Die Universiteitskoor onder leiding van prof David Roode het vir die eerste keer op 12 Augustus 1955 voor hierdie vereniging opgetree. Hulle uitvoering het in die Universiteitsaal plaasgevind. Die koor het veral uitblink in **O no John**, **Down in the forest** (Phillips) en **Dona nobis pacem**. Die koor se begeleiding is deur Freda Roode waargeneem. 'n Paar studente het vir treffende afwisseling gesorg. Japie Human het

Ecstasy (Bridge) met oorgawe vertolk. Dawfré Roode en Elsie McLaren se uitvoering van klavierkonserte van Grieg en Mozart was goed. Die balans tussen die twee klaviere was nie altyd bevredigend nie. 'n Vokale duet deur Maxie van der Walt en Babsie Kruger het groot byval gevind. Hulle het M^oreglans van Batten gesing. 'n Gemengde kwartet bestaande uit Babsie Kruger, Maxie van der Walt, Theo de Villiers en Freddie Arnot het die Agnus Dei (Bizet) gesing (*Die Volksblad*, 29 Julie en 6 Augustus 1955; *The Friend*, 13 Augustus 1955).

8.6 Die Bloemfonteinse Kunstenaarsklub

Volgens die plaaslike koerante het hierdie klub in 1950 onder die leiding van Isabel du Toit tot stand gekom. Dié klub was van voornemens om sewe konserte per jaar aan te bied waartydens Bloemfontein se kunstenaars die geleentheid sou kry om op die konsertverhoog op te tree (*Die Volksblad*, 27 Februarie 1950; *The Friend*, 24 Februarie 1950).

Die eerste konsert is op 24 Februarie 1950 in die Clarendonsaal aangebied (*Die Volksblad*, 23 Februarie 1950). Die program het uiteenlopende items bevat, onder andere vioolsolo's, 'n vioolkwartet, sangsolo's, klaviersolo's, ballet en ook trekklaviersolo's. Kunstenaars wat opgetree het, was Ben Bardi (viool), André Bezuidenhout (sang), Henriëtte Rossouw (klavier), Noel Travers, Hermina Verster, Jennifer Travers en Dawfré Roode (viool), Charles Lee (sang), Juliette Aboud (sang) en

Boetie du Plessis (trekklavier). Werke wat uitgevoer is, het ingesluit **Duiwelstriller-sonate** (Tartini), **Ombra mai fu** (Handel), **Etude in die vorm van 'n wals** (Saint-Saëns), **Etude opus 10 nr 3** (Chopin), **Kabouterdans** (Liszt) en **Romanse in F majeur** (Beethoven). Die opbrengs van daardie konsert is aan die operafonds geskenk (*Die Volksblad*, 23 en 27 Februarie 1950).

Die volgende konsert van hierdie klub het volgens *Die Volksblad* (16 September 1950) op 19 September 1950 plaasgevind. Kunstenaars wat tydens die konsert opgetree het, sluit in Esther Uys (sang), Ben Bardi (viool), Norma Kimmel (klavier) en Azetta van der Merwe (voordrag). Sangsolo's wat uitgevoer is, sluit in: **The Tryst** (Sibelius), **If there were dreams to sell** (John Ireland) en **Widmung** (Schumann). Vioolsolo's het ingesluit: **Rondo** (Mozart), **Prelude en Allegro** (Pugnani) en klavierwerke van Rachmaninoff en Chopin (*Die Volkblad*, 20 September 1950).

Dit wil voorkom asof die bestaan van hierdie vereniging van korte duur was aangesien daar nie veel meer oor hulle aktiwiteite bekend is nie. Verder het daar ook nie meer berigte in verband met konserte in die plaaslike koerante verskyn nie en kan aanvaar word dat hierdie vereniging toe nie meer bestaan het nie.

8.7 Die Kunstenaars van die Toekoms

In 1950 is daar op inisiatief van Edward Dunn, dirigent van die Durbanse Stadsorkes, 'n kunsgilde vir die jeug van Suid-Afrika gestig. Jong kunstenaars oor die hele land heen

het die geleentheid gehad om vir 'n week lank na Durban te gaan waar hulle aan musiek, toneel en ballet deelgeneem het. Die Bloemfonteinse tak van hierdie gilde het as **Die Kunstenaars van die Toekoms** bekend gestaan. Die baie bekwame mej Grace Butler het as die sekretaresse-organiseerder van dié tak opgetree (*Die Volksblad*, 11 Maart 1950).

Volgens *Die Volksblad* (11 Maart 1950) het die eerste konsert op 24 Maart plaasgevind. Die konsert is in die Stadsaal aangebied en van Bloemfontein se beste jong kunstenaars het by daardie geleentheid opgetree. Onder hulle het Hermina Verster, Noel Travers, Jennifer Travers en Dawfré Roode (almal viool), Elza van der Linde, Hans Arndt (beide klavier) en Irma Pohl (sang) getel. Daar was ook voordragiteme op die program deur Marie Meiring en Anneke Keyter. Die program is afgesluit met orkesmusiek wat deur die blaasorkes van Grey-kollege gespeel is. Leonard Shepstone het die orkes gedirigeer in hul uitvoering van twee marse (*Die Volksblad*, 25 Maart 1950).

Hierdie vereniging het op 16 September 1950 weer eens 'n konsert aangebied. Kunstenaars wat in die Clarendonsaal opgetree het, sluit in: Marie van der Westhuizen (sang), Ben Bardi (viool), Dawfré Roode (klavier) en Rosemary Shepstone (klavier). Verder het 'n groep van sewe seuns 'n minuet op houtblaasinstrumente onder die leiding van Richard Lemmer uitgevoer (*Die Volksblad*, 16 September 1950).

'n Aantreklike verskeidenheidskonsert is op 28 Oktober 1950 deur die Kunstenaars van die Toekoms aangebied. Kunstenaars wat by daardie geleentheid opgetree het was Avelyn Macaskill (sang), Noel Travers (viool), Merle Cockroft (sang), Richard Lemmer (klarinet), Leonard Lemmer (fluit) en die kore van die Eunice Meisieskool onder die leiding van Grace Butler en die koor van die Pres Brandskool met Ruth Davis as hulle dirigent (*Die Volksblad*, 27 en 30 Oktober 1950).

Volgens die resensent het die konsert 'n goeie verskeidenheid bevat en van die werke wat uitgevoer is, het van besonder hoë gehalte getuig. Daar kan afgelei word dat Avelyn Macaskill se sang by elke optrede verbeter het. Opvallend van haar sang was die beheersing en musikale insig. Travers se vioolspel was musikaal en besonder suiwer. Die koorsang van beide die skoolkore wat opgetree het, het 'n hoë standaard gestel. Merle Cockroft het verras met haar vertolking van Schubert se **Der Hirt auf dem Felsen**. Die mees ambisieuse werk op die program was die uitvoering van 'n Mozart-finale deur 'n septet. Die verwerking van die finale uit die **Sonate in F majeur** is deur Richard Lemmer gedoen en die lede van die ensemble was B Bardi en J Cunningham (viole), R van Zyl en L Lemmer (fluite), C van Zyl en R Lemmer (klarinet) en P Venter (tjello). Daar was ook voordragnommers en balletdanse wat die program aangevul het (*Die Volksblad*, 30 Oktober 1950).

Die eerste konsert van die Kunstenaars van die Toekoms vir 1951 het op 16 Maart in die Stadsaal plaasgevind. Volgens die resensent was daar 'n hele aantal items van

hoogstaande standaard op die program. 'n Sangeres wat werklik beïndruk het, was Esther Uys. Sy het twee liedere van Schubert gesing, asook **Prinses van verre** (Lemmer). Kommentaar op haar sang was die volgende: "Daar is iets heel eerliks en weldadigs in haar stem, wat 'n besondere bekoring aan haar sang verleen." Die twee skoolkore wat opgetree het, het voorbeeldige sang gelever. Die koor van die Eunice Meisieskool onder die leiding van Grace Butler het **When love is kind** gesing en die gemengde skoolkoor van die Hoërskool Sentraal onder leiding van Michele Casaleggio het **Bird song at eventide** gesing. Die balans in beide kore was indrukwekkend en het fyn genuanseerde sang gelever (*Die Volksblad*, 19 Maart 1951).

Volgens dieselfde resensie kan afgelei word dat die instrumentale items op die program van dieselfde hoë standaard was. Kunstenaars wat opgetree het, was Carolina Nieuwoudt (klavier), Jennifer Travers (viool) en Derek Coetzee. Hulle het werke van Mozart, Swinstead en Beethoven gespeel. Die program is afgesluit met 'n uitvoering deur die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes wat deur Leonard Shepstone gedirigeer is. Alhoewel die spel van die orkes soms teleurstellend swak was, het die publiek en die ander musici die grootste waardering vir mnr Shepstone se waardevolle werk gehad. Die program is verder afgewissel met dans-items wat deur die leerlinge van Yvonne Viljoen gelever is. Daar was ook 'n eenbedryf, **In die bioskoopsaal** op die program.

Op 9 Oktober 1951 het van Bloemfontein se jonger kunstenaars weer eens die geleentheid gekry om op die konsertverhoog op te tree. Volgens *Die Volksblad* (10 Oktober 1951) was dit 'n geslaagde konsert wat 'n groot verskeidenheid items bevat het. Die resensent het met reg melding gemaak dat 'n mens in gedagte moes hou dat dit almal kinders was wat aan die program deelgeneem het, en dat die kritiek dienooreenkomstig aangepas moes word. Soms was daar 'n mate van terughoudendheid, maar oor die algemeen was dit 'n wonderlike ervaring om na die spontane optrede van die jong kunstenaars te luister. Verder noem die resensent dat sommige van die deelnemers werke gekies het waarvan die eise miskien 'n bietjie te hoog was.

Die koorsang het besonder groot byval gevind. Die koor van die Oranje Meisieskool wat deur een van die leerlinge, Sonja Bell, gedirigeer is en deur Elza van der Linde, ook 'n skolier, begelei is, het 'n unieke vertolking gelewer. Dieselfde koor onder die leiding van Augusta van Rooyen het ook pragtige sang gelewer. Koorwerke wat hulle gesing het, sluit **Lullaby** (Mendelssohn), **Lullaby** (Brahms) en **Lentetyd** (Rubinstein) in. Die seunskoor van Grey-kollege onder leiding van Frieda Jaekel het ook opgetree. Hulle het **Come to the fair** (E Martin) gesing. Verder was daar ook solosing op die program. Die volgende klavierwerke is deur Japie Human gelewer: **Humoresque** (Rachmaninoff) en **Liebesträume** (Liszt). 'n **Spaanse dans** (Moszkowski) in klavierduet-vorm is deur Elsie McLaren en Dawfré Roode gespeel. Noel en Jennifer Travers het 'n pragtige vioolduo uitgevoer en Leonard Lemmer was verantwoordelik vir 'n aangename solo op die dwarsfluit. Vir afwisseling op die program was daar 'n paar dansitems deur leerlinge

van Peggy Morice. Die program het ook spraak en drama-items bevat wat deur die Greenhill-kloosterskool en leerlinge van Violet Swingler aangebied is (*Die Volksblad*, 10 Oktober 1951; *The Friend*, 10 Oktober 1951).

Die eerste konsert van dié vereniging vir 1953 het op 21 Februarie in die Stadsaal plaasgevind. In samewerking met die Suid-Afrikaanse Musiekonderwysersvereniging het hulle 'n goed gebalanseerde program aangebied. Bloemfontein se beste opkomende talent het aan die konsert deelgeneem, onder andere Japie Human (klavier), Hermina Verster (viool), die Bloemfontein Junior Simfonieorkes, Leonard en Richard Lemmer (fluit en klarinet) en die koor van die Eunice Meisieskool (*Die Volksblad*, 21 en 23 Februarie 1953; *The Friend*, 23 Februarie 1953).

Na afloop van hierdie konsert het daar weinig aankondigings in die plaaslike pers verskyn wat hierdie vereniging se werksaamhede betref. Dit wil voorkom of die vereniging nie langer bestaan het nie.

8.8 Samevatting

Uit die bogenoemde bespreking van die verskillende verenigings in Bloemfontein, blyk dit duidelik dat elkeen, hoe klein ook al, beslis 'n belangrike bydrae tot die musiekkultuur gelewer het. Verenigings is 'n noodsaaklikheid in 'n stad of dorp, aangesien dit sekere geleenthede skep vir diegene wat in daardie spesifieke rigting

belange het. In Bloemfontein was daar 'n hele aantal soortgelyke verenigings wat geleenthede vir musici geskep het waartydens hulle hulself kon uitleef. 'n Vereniging wat in die vroegste gedeelte van die periode onder bespreking 'n groot bydrae gelewer het, was die Bloemfontein Music Club. Hierdie vereniging het aanvanklik klein begin, maar het baie gou uitgebrei tot 'n baie suksesvolle instansie wat baie moeite gedoen het om konserte vir Bloemfonteinse kunstenaars en later ook vir besoekende musici te organiseer. Die twee persone wat hier uitgesonder moet word is die susters Gertrude en Maud Hobday, wat so te sê hulle hele lewe lank aan hierdie vereniging en sy voortbestaan gewy het. Talle Bloemfonteinse kunstenaars en bekende oorsese musici het die geleentheid gehad om onder die beskerming van hierdie vereniging op te tree.

Twee verenigings wat hoofsaaklik vir jong musici die geleentheid geskep het om op die konsertverhoog op te tree, was die Bloemfonteinse Kunstenaarsklub en die Kunstenaars van die Toekoms. Hulle het hoofsaaklik aan jong opkomende kunstenaars die kans gegun om hulle talente met die publiek te deel. Kunstenaars wat destyds opgetree het en wat vandag groot bekendheid geniet, is onder ander Japie Human en Leonard Lemmer.

Die twee Kunswedstrydverenigings, naamlik die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing en die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging se bydrae in daardie tyd was van groot belang. Tydens hierdie wedstryde kon sangers sowel as instrumentiste inskryf vir 'n groot verskeidenheid afdelings. Aanvanklik is daar op kompeterende basis

meegeding, maar later is daar besluit om die persentasies wat toegeken word te vervang met 'n simbool. Deur dit te doen is die kompetisie-gees uit die weg geruim en kon die kandidate onder baie meer gewenste omstandighede deelneem. Hierdie wedstryde is afgewissel met mekaar; die Afrikaanse wedstryd elke ongelyke jaar en die Engelse wedstryd elke gelyke jaar. Dus kon kandidate wat wou elke jaar aan so 'n wedstryd deelgeneem het. Hierdie wedstryde het ook as maatstaf gedien waartydens kandidate hulleself kon vergelyk met ander deelnemers van dieselfde ouderdom. Terselfdertyd het hierdie kunswedstryde as maatstaf vir die onderwysers gedien. Sodoende kon hulle bepaal of hulle werk werklik op standaard was al dan nie. Die belangrikste voordeel van hierdie wedstryde was natuurlik om die jong kunstenaars onder die aandag van die breë publiek te bring aangesien hierdie wedstryde deur die publiek bygewoon kon word.

'n Paar kunstenaars wat werklik puik prestasies gelewer het, sluit in Olga Rademan (klavier), David Muller (klavier), Gerhardus Koornhof (klavier), Dawfré Roode (klavier en viool), Japie Human (klavier), Elizabeth Joubert (klavier), Isabel du Toit (sang), Anna Jackson (sang), Joan Hadlow (sang), Francina Buys (sang), Rita Karstel (sang), Norah Havenga (sang en klavier), Marion Key (sang en klavier), Anna Bobbert (orrel), Juliette Aboud (sang), Christine Lamb (sang), Benedictus Kok (sang), Leonard Lemmer (fluit) en Richard Lemmer (klarinet). Verskeie kore het ook uitstaande gepresteer. Die meeste van bogenoemde persone het later belangrike musiekposte by skole, kolleges of universiteite beklee. Sommige van hulle is vandag nog in soortgelyke posisies.

Navorsing het aan die lig gebring dat hierdie kunswedstryde werklik van die beste talent in Bloemfontein na vore gebring het aangesien die beoordelaars in die verskillende kategorieë in baie gevalle die werk wat aangebied is as van die beste in Suid-Afrika beskryf het. Inskrywings het jaar na jaar vermeerder en die gevolg hiervan was dat die kunswedstryde aansienlike vooruitgang getoon het. Die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging se inskrywings het getoon dat daar baie meer deelnemers van die omliggende dorpe ontvang is. In baie gevalle was van die beste talent van die platteland afkomstig, soos die koor van Sanda Roos van Wepener en die pianis, Niel Immelman wat van Jacobsdal afkomstig is.

Dit is duidelik dat Bloemfontein sekerlik een van die stede in Suid-Afrika was wat in daardie stadium oor die beste kore beskik het. In die eerste vyf jaar (1940-1945) was die koorsang byna sonder uitsondering die hoogtepunte van die wedstryde. Dit was die kerkkore, veral die koor van die Ned Geref Kerk Bloemfontein-Noord onder die leiding van David Roode wat besonder goed geprester het. Die dameskoor van Jennie Hadlow, die mannekoor van Petrus Lemmer en later die Bloemfontein Choral Society van Grace Butler het ook skitterend geprester. Vanaf 1947 was daar geen kerkkore wat aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem het nie. In sommige gevalle was daar geen volwasse kore wat ingeskryf het nie. In baie kringe was dit 'n kommerwekkende situasie. Alhoewel kerkkoordeelname in 'n meerdere mate heeltemal uitgesterf het, is daar vandag nog steeds volwasse kore wat aan hierdie kunswedstryde deelneem. Volgens die beoordelaars se kommentaar is dit duidelik dat Bloemfontein werklik oor

uitstekende kore en koorleiers beskik het. Persone wat kore gedirigeer het, was David Roode, Jennie Hadlow, Petrus Lemmer, Elsa Dekker en Aubrey Karstel. Skoolkore wat veral uitblink het, was dié van Sentraal, Eunice en Oranje.

Die Vrystaatse Kunswedstryd het egter in sy doel geslaag en doen dit vandag nog in soverre dit gedien het om talent op die voorgrond te bring en om die publiek meer kunsbewus te maak. Die kunswedstryd het ook 'n ander doel bereik en dit is om musiek as uitvoerende kuns te bevorder.

Die Musiekvereniging van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het met onderbrekings ook heelwat vir musiek, hoofsaaklik vir studente, beteken. Nie alleen het studente die geleentheid gekry om op te tree nie, maar het ook van tyd tot tyd die voorreg gehad om na uitvoerings van hoogstaande gehalte te luister. Die vereniging het soms ook buitelandse kunstenaars na Bloemfontein genooi om hier te kom optree. Gilles Guilbert en Kathleen Long is maar twee van die groot name wat onder die beskerming van hierdie vereniging klavieruitvoerings gegee het.

Die grootste bydrae is egter deur die Vrystaatse Musiekvereniging gemaak. Hierdie vereniging wat in 1943 onder voorsitterskap van Benedictus Kok tot stand gekom het, het vir 20 jaar die grootste hoeveelheid musiekaktiwiteite in Bloemfontein georganiseer. Met Kok as voorsitter is daar jaarliks talle konserte aangebied. Tydens hierdie konserte het daar van Bloemfontein se mees begaafde kunstenaars opgetree. As daar gekyk

word na die hoeveelheid buitelandse kunstenaars wat met die hulp van hierdie vereniging in Bloemfontein opgetree het, kan daar net waardering wees vir hulle ondernemingsgees en werkywer. In die tydperk onder bespreking het van die wêreld se beste sangers, pianiste, violiste, kore en ander instrumentiste onder die beskerming van hierdie musiekvereniging opgetree. Ander Suid-Afrikaanse kunstenaars het deur die toedoen van hierdie vereniging ook hulle buiging in Bloemfontein gemaak.

Hieruit kan afgelei word dat Bloemfontein se publiek in daardie jare beslis nie afgeskeep is wat goeie musiek betref nie. Al die optredes van die kunstenaars was nie ewe goed nie, maar die feit dat hulle wel hier opgetree het, sê reeds baie. Resensies was oor die algemeen positief. Dit kan egter bevraagteken word of hierdie uitvoerings werklik van so hoë gehalte was en of dit 'n geval was dat Bloemfontein en sy gehore musikaal ongeletterd was. Dit wil egter voorkom of dit eerder uit dankbaarheid en waardering was dat daar sulke positiewe resensies in die koerante verskyn het. Nietemin is dit volgens die name van die kunstenaars baie duidelik dat hulle uitvoerings sonder enige twyfel van hoë kunswaarde moes gewees het.

'n Paar bekende Suid-Afrikaanse kunstenaars wat onder die beskerming van hierdie vereniging opgetree het, het ingesluit: Betsy de la Porte (sang), Cecilia Wessels (sang), Esther Mentz (sang), Jossie Boshoff (sang), Arnold van Wyk (klavier), Lorenzo Danza (klavier), José Rodriguez-Lopez (klavier), Harold Rubens (klavier), Henriëtte Pauw (klavier), Moira Birks (klavier), Derek Ochse (viool), Erwin Broedrich (viool), Aubrey

Rainier (tjello), die Kaapstadse-, Durbanse- en Johannesburgse Stadsorkeste asook die Simfonieorkes van die S A U K. Die Staalmeesters-kwartet (1948) asook die De Groote-strykkwartet (1950) het hier opgetree. Bekende buitelandse musici wat in Bloemfontein uitvoerings gegee het, was Thomas Matthews (viool), Niedzielski (klavier), Alexis Weissenberg (klavier), Benno Moiseiwitsch (klavier), Lili Kraus (klavier), Louis Kentner (klavier), Julius Katchen (klavier), Erna Sack (sang), Heinrich Schlusnus (sang), Laurens Bogtman (sang), Elisabeth Schumann (sang), Reginald Cooper (orrel) asook die Weense Seunskoor.

As daar na hierdie lys name gekyk word is dit amper ongelooflik om te dink dat hierdie beroemde kunstenaars wel in Bloemfontein opgetree het. Dit is maar net weer eens 'n bewys van die onbaatsugtigheid van die bestuur van hierdie vereniging. In die jare wat gevolg het, het hierdie vereniging sonder onderbreking voortgegaan om sulke puik konserte te organiseer. In die jare sestig is die vereniging se aktiwiteite deur die Streekraad vir Uitvoerende Kunste in die Oranje-Vrystaat oorgeneem. Die stelling kan dus gemaak word dat indien dit nie vir die Vrystaatse Musiekvereniging was nie, daar dalk nooit werklik 'n Streekraad tot stand sou kom nie.

Ten slotte kan gesê word dat die Vrystaatse Musiekvereniging beslis die grootste rol van al die verenigings in Bloemfontein gespeel het en dat die huidige musici en konsertpubliek baie te danke het aan die baanbrekerswerk wat deur hierdie groep kunsliefhebbers in Bloemfontein gedoen is!

HOOFSTUK 9

ORKESTE IN BLOEMFONTEIN

Uit al die gepubliseerde bronne soos koerante, tydskrifte en jaarverslae, asook onderhoude en briefwisseling het dit duidelik na vore gekom dat almal wat tussen 1940 en 1955 by musiek belang gehad het, alles in hul vermoë gedoen het om 'n permanente orkes in Bloemfontein tot stand te bring.

In die vorige dekades, 1900 tot 1939, was daar verskeie instansies of verenigings wat orkessel bevorder het. Hierdie verenigings het egter almal later nie meer bestaan nie. Die vereniging wat die langste staande gebly het was die Vrystaatse Filharmoniese Vereniging wat in 1935 ontstaan het en volgens Human (1976, p. 144) weer in 1939 doodgeloop het.

Alhoewel daar teen die einde van 1939 weer 'n nuwe bestuur aangewys is, het hierdie vereniging nooit werklik weer 'n aktiewe bestaan gevoer nie. Mnr Tempest wat die dirigentskap by Petrus Lemmer in 1938 oorgeneem het, het in 1939 bedank. Charles Hamer het toe ingewillig om die taak as dirigent oor te neem (Human, 1976, p. 152).

Op 24 April 1940 het daar 'n berig in *The Friend* verskyn waarin mej Gertrude Hobday, 'n bekende pianiste van Bloemfontein, haar mening oor die orkessel in Bloemfontein

uitgespreek het. Sy het ook melding gemaak van die feit dat die Filharmoniese Vereniging ontbind het, en dat die rede daarvoor toegeskryf kon word aan 'n gebrek aan belangstelling. Sy het verder gegaan deur te sê dat daar slegs ses professionele spelers in dié orkes was en dat die hulp van veertien amateurs ingeroep moes word. Sy het verder verklaar dat dit juis die amateurs was wat die repetisies nodig gehad het, maar dit nie bygewoon het nie. Sy het gesê dat Bloemfontein destyds te klein was vir so 'n onderneming, dat daar 'n gebrek aan entoesiasme was, asook 'n tekort aan finansies om die professionele spelers te betaal.

Daar het wel 'n paar orkeste in Bloemfontein tot stand gekom, wat nie alleen 'n belangrike rol in die musieklewe van Bloemfontein gespeel het nie, maar ook as voorloper gedien het tot die totstandkoming van 'n permanente simfonieorkes in Bloemfontein. Hierdie orkeste het egter nie een baie lank bestaan nie.

9.1 Bloemfonteinse Munisipale Orkes

Hierdie orkes het onder die leiding van mnr A G Tempest gestaan en het in 1939 tot stand gekom. Die orkes het uit 32 lede bestaan en het hulle eerste uitvoering in Mei 1939 in Koningspark gegee (Human, 1976, p. 185).

Mnr Tempest is op 3 Mei 1913 in Cornwall gebore. Op die ouderdom van veertien het hy as violis en klarinetspeler lid van die Royal Regiment of Artillery geword. Hy het later aan die Royal Military School of Music gestudeer waar hy viool- en

klarinetonderrig ontvang het. In 1929 en 1930 is die prys vir vioolspel en die Cousins Gedenkprys vir klarinetspel aan hom toegeken (*The Friend*, 31 Mei 1941, 4 Februarie 1946).

Hy het weer by die Royal Artillery-orkes aangesluit en het in dieselfde tyd aan Knellar Hall as orkes-sersantmajoor gekwalifiseer. Hy het daarna die Knellar Hall-orkes gedirigeer en later uitvoerings voor die Koninklike familie gegee. Hy het in 1933 en 1934 ook konserttoere deur die Britse Eilande, Europa en Kanada onderneem. In 1936 het hy 'n pos as mede-dirigent van die Grenadier Guards-orkes aanvaar. Daar het hy onder majoor Miller gewerk. Hy het ook onder bekende dirigente soos sir Henry Wood, sir Malcolm Sargent, sir Adrian Boult en dr Fricker gespeel (*The Friend*, 31 Mei 1941). In 1938 het Tempest na Bloemfontein gekom (*Die Volksblad*, 17 Januarie 1946; *The Friend*, 4 Februarie 1946).

Hierdie orkes onder die leiding van Tempest het gereeld uitvoerings van bekende marse en ander werke van ligter aard gegee. Datums van optredes in 1940 was die volgende: 7 April (Stadsaal), 14 April (Stadsaal) en 15 April (Stadsaal). Voorbeelde van werke wat die orkes gespeel het, is die volgende: **Mars** (Alford), **Skater's Waltz** (Waldteufel), **Aide de Camp-mars** (Hume) en 'n **Ouverture** (Bela). Die orkeswerke is afgewissel deur klavierduette (Klasie Fourie en Isabel du Toit), sangstukke (mev Fairbrass), werke gespeel deur die Doedelsakorkes van die Caledonian Society en werke vir viool en klavier (Maud en Gertrude Hobday) (*The Friend*, 9, 15 en 16 April 1940).

Die resensies op konserte wat in die pers verskyn het was meesal positief. Hoogtepunte wat uitgesonder is, was die spel deur die orkes self asook die spel van die Doedelsakorkes. Ghitaarspel deur H van der Merwe en F Bouwer het soveel byval gevind dat hulle items herhaal moes word (*The Friend*, 15 en 16 April 1940).

In 1941 het hierdie orkes altesaam vier konserte gegee voordat dit ontbind het. Twee konserte het in die Stadsaal en twee in Koningspark plaasgevind. Die optredes was op 26 Januarie, 16 Februarie, 9 Maart en 30 Maart (*The Friend*, 24 Januarie en 28 Maart 1941; *Die Volksblad*, 15 Februarie, 8 Maart en 29 Maart 1941).

Werke wat deur die orkes tydens bogenoemde konserte gespeel is, het ingesluit: *The Liberators* (Ancliffe), *Plantation memories* (Chambers), *The Phantom Brigade* (Myddleton), *The glow worm* (Lincke), *Die vrolike weduwee-keurspel* (Lehár), *Mars* (Texidor) en *Ouverture tot Poet and Peasant* (Von Suppé). Die orkeswerke is afgewissel deur interessante instrumentale werke soos xilofoon-solo's, klaviersolo's en ghitaarsolo's (*The Friend*, 24 Januarie 1941; *Die Volksblad*, 29 Maart 1941).

Hierdie orkes het ontbind as gevolg daarvan dat mnr Tempest destyds vir aktiewe diens opgeroep is. Ook van 'n ander lede van sy orkes is opgeroep en dit het onmoontlik geword om die orkes te laat voortbestaan (*The Friend*, 31 Mei 1941).

In 1946 het daar 'n berig in *Die Volksblad* (17 Januarie) met die volgende opskrif verskyn: "Bloemfontein kry sy Blaasorkes binne paar maande terug." Mnr Tempest het verklaar dat 24 van die oorspronklike 32 lede weer in die orkes sou speel. Vyf van hulle was in daardie stadium nog besig met aktiewe diens. Hy het ook twaalf nuwe lede bygekry wat hy self onderrig het. Die orkes was druk besig om te oefen vir die eeufeesvieringe wat in Maart 1946 sou plaasvind.

Alhoewel mnr Tempest 'n baie ambisieuse toekoms vir die orkes voorspel het, was daar geen verdere aankondiging van optredes deur hierdie orkes nie. In *The Friend* (4 Februarie 1946) het dit bekend geword dat mnr Tempest as dirigent van die Munisipale Orkes bedank het. Hy het aan die begin van Maart na Johannesburg verhuis waar hy as lid van die Simfonieorkes van die S A U K aangesluit het.

9.2 Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes

Leonard Shepstone het as dirigent van die blaasorkes van Grey-kollege in daardie stadium reeds wye bekendheid verwerf. Hierdie orkes het later na 'n volle militêre orkes uitgebrei wat by talle openbare geleenthede opgetree het. Hulle het onder die leiding van Shepstone 'n taamlike hoë musikale standaard gehandhaaf. Hierdie orkes het dan later ook die kern van die Bloemfontein Junior Simfonieorkes gevorm (Botha, Onderhoud, 1994; Pyott, Onderhoud, 1994).

Hierdie orkes het in 1949 onder die leiding van die ywerige Leonard Shepstone tot stand gekom. Die orkes het reeds oor 'n volledige besetting beskik. Die eerste viole het uit ses spelers bestaan met Hermina Verster as leier, daar was vyf tweede viole, een altviole en twee tjelliste. Mnr Shepstone het egter te kenne gegee dat hy graag nog fagotte en ander blaasinstrumente wou aankoop (*Die Volksblad*, 22 Oktober 1949).

Die eerste repetisie het in April 1949 plaasgevind en hulle eerste optrede was op 2 November 1949 in die Stadsaal. Volgens die resensent was dit 'n uiters geslaagde uitvoering alhoewel die eerste paar werke met te min vuur gespeel is. Na pouse het die orkes se spel egter tot groot hoogtes gestyg en die slotnommer, naamlik die *Mars* uit *Carmen* van Bizet is uitgesonder as die hoogtepunt. Die selfvertroue en durf van die jong orkeslede het veral hier sterk na vore gekom. Solo's, duette en trio's het die orkeswerke afgewissel. Enkele voorbeelde was *Salut d'Amour* (Elgar) deur Hermina Verster en Noel Travers (viool), *Largo* (Handel) deur Rosemary Shepstone (altviool), *Gavotte* (Martini) deur René van Zyl (fluit), Christo van Zyl (klarinet) en Maureen Shepstone (tjello) en *La Plaisir* (Squire) deur Petrus Venter (tjello) (*Die Volksblad*, 3 November 1949; Pyott, 1994, Onderhoud; Botha, 1994, Onderhoud).

Op 9 Junie 1950 het hierdie orkes weer eens opgetree en wel tydens 'n konsert wat aangebied is om geld in te samel vir Margaret van der Post, wat toe slegs elf jaar oud was. Sy het as kind polio opgedoen en die geld wat ingesamel is, sou aangewend word om haar in staat te stel om haar studies oorsee te voltooi. Daar was ook solo-items op

die program sowel as dansnommers. Die konsert is afgesluit met werke gespeel deur die Junior Simfonieorkes (*Die Volksblad*, 2 en 10 Junie 1950).

Vroeg in 1951 het daar 'n aankondiging in die plaaslike koerant verskyn dat die orkes se repetisies op Woensdagaande in die saal van die Eunice Primêre Meisieskool sou plaasvind. Verder is gemeld dat daar openinge vir altviool-, viool- en tjellospelers was (*Die Volksblad*, 30 en 31 Januarie 1951).

Tydens die eerste konsert vir 1951 wat deur die Kunstenaars van die Toekoms aangebied is, het die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes opgetree. Volgens *Die Volksblad* (19 Maart 1951) was hul uitvoering nie baie suksesvol nie. Woorde soos "teleurstellend" en "pynlik" het telkens in die resensie verskyn. Alhoewel die publiek en die ander musici besef het dat mnr Shepstone baie waardevolle werk verrig, moes hy liever nie dat die orkes opgetree het nie. Hulle spel was net nie op standaard nie.

Hierdie orkes, wat aanvanklik uit 34 lede bestaan het en waarvan die meeste kinders was, het in 1951 ongeveer 16 volwassenes ingesluit. Leonard Shepstone het destyds 'n beroep op die publiek gedoen en die belangstellendes aangemoedig om by die orkes te kom aansluit. Afgesien van die baie aande se oefen het dit ook geld gekos om die orkes uit te brei. 'n Aansienlike hoeveelheid instrumente moes aangekoop word en 'n biblioteek waaruit die orkes se repertorium sou kom, moes ook stelselmatig opgebou

word. Leonard Shepstone het ook genoem dat dit sy begeerte was om eendag 'n simfonieorkes aan Bloemfontein te besorg. Hy was spoedig besig om die hindernisse een vir een te oorkom (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1951).

Die orkes se volgende uitvoering het op 14 November 1951 in die Stadsaal plaasgevind en die fondse is aangewend ten bate van die Kinderdagfonds. Alhoewel die fondse vir hierdie doel aangewend is, het Leonard Shepstone 'n beroep op die publiek gedoen om tog mildelik by te dra, om sodoende die orkes die geleentheid vir vooruitgang te bied (*Die Volksblad*, 19 Oktober en 7, 10 en 13 November 1951).

Die hulp van die volwasse instrumentiste, hoofsaaklik strykers, het 'n merkbare positiewe uitwerking op die spel van die orkes gehad. Volgens 'n plaaslike koerant het selfs die jong spelers reeds met meer selfvertroue en oortuiging gespeel. Die spel van die strykers was deurgaans baie goed en kon die publiek telkens na fyn ensemblespel luister. Kritiek teen die blasers was dat hul intonasie nie altyd suiwer was nie. Werke wat deur die orkes gespeel is, sluit in: *Horlosie-simfonie nr 101 in D majeur* (Haydn), *Ouverture* (Von Suppé), *Fantasie* (Binge) en die *Die koopman van Venesië-suite* (Rosse). 'n Werk wat groot lof ingeoes het was die *Finale* uit Beethoven se *Simfonie nr 5 in c mineur*. Die orkes met Shepstone as dirigent het hierdie werk met die gemak en swier van 'n ervare orkes uitgevoer. Hier het die strykers se spel ook 'n gunstige indruk gemaak. Die *Suite* van Rosse is 'n baie veeleisende werk en die orkes was nie

heeltemal opgewasse daarvoor nie. Augusta van Rooyen het drie sangsolo's met orkesbegeleiding gesing. In **Solvejg se lied** (Grieg) het nie alleen die sangeres prysenswaardig gesing nie, maar die orkes het hulle ook besonder goed van hul taak gekwyt ten opsigte van die begeleiding (*Die Volksblad*, 15 November 1951).

Dié orkes onder leiding van Leonard Shepstone het later weer sy verskyning op 'n konsert van die Kunstenaars van die Toekoms gemaak. Hulle het **Chanson de Nuit** (Elgar) en **Serenade nr 13 in G majeur K 525** (Mozart) gespeel (*The Friend*, 23 Februarie 1953).

Leonard Shepstone het groot lof ontvang vir die waardevolle werk wat hy met die orkes verrig het. Verder is die orkes geprys vir die uitstekende vordering wat gemaak is (*Die Volksblad*, 15 November 1951).

Afgesien van al die uitvoerings wat deur hierdie orkes gelewer is, het hulle ook 'n belangrike opvoedkundige funksie vervul. In 1952 het Leonard Shepstone die verskillende skole in Bloemfontein besoek en die samestelling en werking van die orkes aan skoolgaande kinders verduidelik. Hy het elke groep instrumente afsonderlik bespreek en hul werking verduidelik, sodat die leerlinge 'n duidelike idee kon kry hoe die orkes saamgestel is asook die verskillende families waaruit die orkes bestaan. Die skole

wat op die lys verskyn het, was die Greenhill-kloosterskool, Eunice Meisieskool, Oranje Meisieskool, St Andrewskool en St Michael Meisieskool (*Die Volksblad*, 17 Mei 1952).

'n Ander faset van die bedrywighede van hierdie orkes, was hul deelname aan die jaarlikse kunswedstryde. In 1950 het die orkes met groot welslae aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem. Die orkes se optrede op 10 Mei 1950 was die hoogtepunt van die program. Die Junior Strykorkes sowel as die Junior Simfonieorkes het A-simbole verower. Mev Duggan, die beoordelaar van die instrumentale afdeling, het Leonard Shepstone gelukkig met die waardevolle werk wat hy verrig het. In 1952 het die orkes weer aan die Festival deelgeneem en A-simbole in die afdelings strykorkes en volle orkes verower. Tydens die Festival van 1954 het hulle egter 'n B-simbool verower (*Die Volksblad*, 11 Mei 1950; *The Friend*, 12 Mei 1950 en 5 Mei 1952 en 8 Mei 1954).

In 1951 het hierdie orkes aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem. Hul deelname het 'n A-simbool verower. Volgens die resensent van die plaaslike pers het hulle spel baie verbeter. Dit was veral die samespel en die toonkwaliteit wat 'n goeie indruk gemaak het. Die verslaggewer se woorde was soos volg: "Met hierdie voorbeeld voor oë lyk 'n stadsorkes tog nie so onbereikbaar as wat soms gemeen word nie." (*Die Volksblad*, 18 en 21 Mei 1951). Hulle het ook aan die kunswedstryd van 1953 deelgeneem en in die wedstryd, enige kombinasie instrumente, 'n A-simbool verower (*The Friend*, 7 Mei 1953).

In 1953 het daar 'n uitsonderlike gebeurtenis in Bloemfontein plaasgevind. Vir die eerste keer is daar in Bloemfontein 'n junior balletuitvoering aangebied. Hierdie optrede was nog meer uniek, aangesien die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes vir die begeleiding verantwoordelik was. Die uitvoerings het op 11 en 12 Junie 1953 onder die leiding van Peggy Morice en Leonard Shepstone plaasgevind (*Die Volksblad*, 16 Mei 1953; *The Friend*, 12 Junie 1953).

Die orkes het uit die staanspoor getoon dat hulle vinnig op pad was om professionele status te verkry deur 'n pragtige afgeronde uitvoering van die **Rosamunde Ouverture** (Schubert) te gee. Die volwasse spelers in die orkes het ook 'n groot bydrae tot die sukses van hierdie uitvoering gehad en het alle lof verdien. Hulle ondervinding het werklik 'n kalmerende invloed op die jong lede van die orkes gehad (*The Friend*, 12 Junie 1953).

Leonard Shepstone het alle lof verdien vir die merkwaardige wyse waarop hy hierdie orkes afgerig het. Die ballet wat aangebied is het volgens die resensent talle hoogtepunte opgelewer: "May this production be the forerunner of many more." (*The Friend*, 12 Junie 1953).

Alhoewel hierdie orkes op daardie tydstip maar slegs in sy kinderskoene gestaan het, het Leonard Shepstone en al die lede van die orkes 'n besonder belangrike rol gespeel.

Hulle het die Bloemfonteinse publiek nie alleen met orkesmusiek bekend gemaak nie, maar ook aan musici die geleentheid gegee om as deel van 'n ensemble op te tree.

9.3 Die Pro Arte Ensemble

Hierdie kamerorkes is in 1954 deur 'n groepie musiek liefhebbers in die lewe geroep. Die belangstelling het vinnig toegeneem en binne 'n kort tydjie het die ensemble uit sestien lede bestaan. Hulle was van voorneme om op 'n gereelde basis bymekaar te kom en kamermusiek te beoefen. Die dirigent van hierdie ensemble was Petrus J Lemmer (*Die Volksblad*, 10 April 1954). Hulle eerste optrede het op 10 April 1954 in Maseru plaasgevind (*Die Volksblad*, 9 en 10 April 1954).

Weinig van hierdie ensemble se bedrywighede is in die plaaslike koerante gepubliseer. Dit word bevraagteken of hierdie groep instrumentiste konsertuitvoerings as deel van hulle aktiwiteite beskou het. Hulle het wel byeengekom om kamermusiek te beoefen. Sover bekend het daar geen optrede in Bloemfontein plaasgevind nie en aangesien Petrus Lemmer Bloemfontein in April 1956 verlaat het, kan aanvaar word dat die Pro Arte ensemble opgehou het om te bestaan.

9.4 Samevatting

In die vorige dekades het militêre orkeste van Britse oorsprong 'n baie groot rol in die Bloemfonteinse musieklewe gespeel. Nie alleen is buitelugkonserte vir vermaak

aangebied nie, maar daar het terselfdertyd 'n behoefte by die Bloemfonteiners ontstaan om 'n eie orkes tot stand te bring. Dit het dan ook so gebeur. In die proefskrif van Human word dit breedvoerig bespreek.

Die enigste orkeste wat in die jare 1940 tot 1955 'n invloedryke rol in Bloemfontein gespeel het was die Bloemfonteinse Munisipale Orkes en die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes. Alhoewel die eersgenoemde orkes hoofsaaklik 'n blaasorkes was, het dié orkes werklik 'n belangrike staanplek in die musieklewe van Bloemfontein gehad. Hulle het by talle geleenthede opgetree, veral in die buitelug en hulle spel is altyd met gunstige kommentaar beloon. Hierdie orkes het ongelukkig in 'n tydperk ontstaan en gefunksioneer wat nie altyd 'n positiewe uitwerking gehad het nie. Dit was in die middel van die Tweede Wêreldoorlog wat spanning dwarsdeur die wêreld en in alle fasette van die samelewing meegebring het. Aangesien die orkes ook uit militêre persone bestaan het, was dit ook die geval dat baie van hulle vir aktiewe diens opgeroep is, wat baie probleme meegebring het. Daar kon nie altyd maklik plaasvervangers gevind word nie en die orkes het algaande uitgedun geraak totdat hulle dirigent ook opgeroep is en die orkes uiteindelik nie meer kon funksioneer nie.

Die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes is beslis die orkes wat die grootste invloed in Bloemfontein uitgeoefen het. Bloemfonteiners kon werklik met die musiek van die groot meesters kennis maak. Leonard Shepstone het nie alleen 'n enorme opvoedingstaak verrig nie, maar ook bewys dat deur harde en toegewyde werk enige

probleme oorkom kan word. Hy het werklik die grondslag gelê vir die daarstelling van 'n volwaardige simfonieorkes. As in aanmerking geneem word dat mnr Shepstone alleen vir die onderrig en afrig van die orkeslede verantwoordelik was, kan dit met reg as 'n besondere deurbraak beskou word.

Al was die standaard van hierdie orkes nie altyd van die hoogste artistieke gehalte nie, kon orkesmusiek liefhebbers ook nou na lewendige uitvoerings gaan luister. Die uitvoerings het die gevolg gehad dat baie kinders deur die orkes se spel geïnspireer is en dat hulle ook deel van die orkes wou wees. Sodoende het die orkes stadig maar seker uitgebrei tot 'n volwaardige orkes met 'n volledige besetting.

Leonard Shepstone het met sy Junior Simfonieorkes werklik die liefde vir orkesmusiek by talle Bloemfonteiners aangewakker. Die gevolg hiervan was die stigting van die Bloemfonteinse Stadsorkes in 1956 wat onder die leiding van John F Clayton gestaan het (*Die Volksblad*, 3 Augustus 1956).

HOOFSTUK 10

MUSIEKBEOEFENING EN -ONDERRIG IN BLOEMFONTEINSE SKOLE

Die vernaamste inligtingsbronne oor musiek in die verskillende Bloemfonteinse skole, is berigte in die plaaslike koerante en in skoolblaie. Die berigte gaan hoofsaaklik oor konserte of optredes van die skoolkore, ander groepe of individuele leerlinge van die onderskeie skole. Sodanige konserte of optredes hou op hulle beurt meesal verband met skoolfunksies, kunswedstryde, sangfeeste of opvoerings van operettes, en so meer. Dit is dus logies dat daar van onderwysmetodes wat toegepas is geen melding gemaak word nie. Dit is dus te verstane dat daar geen evaluering of vergelyking van onderrigmetodes gedoen kan word nie. In sommige gevalle word die onderwysers, koorleiers of dirigente se name wel genoem, maar in baie gevalle word die name van personeellede wat vir die afrig van die skoliere verantwoordelik was, nie genoem nie. Daarom kan hierdie gedeelte eerder as 'n verslag van musiekbeoefening, en nie van musiekonderrig beskou word.

10.1 Meisieskole in Bloemfontein

10.1.1 Die Eunice Meisieskool

Die skool se Musiekklub wat in die vorige dekades 'n waardevolle rol in die musieklewe van die Eunice Meisieskool gespeel het, het ook 'n prominente bestaansreg in die laat

jare veertig in die skool se aktiwiteite gehad. Die klub by die hoërskool het volgens die skool se jaarblad tot aan die einde van 1947 aktief gefunksioneer. Ná 1947 is daar nooit weer van hierdie klub se aktiwiteite in die jaarblaai melding gemaak nie. Die laerskool het op sy beurt weer in 1944 'n soortgelyke klub gestig. Dit wil voorkom of hierdie klub se voortbestaan van korte duur was, aangesien daar vanaf 1951 ook nie van hierdie klub se bedrywighede in die jaarblad melding gemaak is nie.

Die twee musiekonderwyseresse wat hulle vir die hoërskool se Musiekkklub beywer het, was mejj Retief en Gladys Wilkinson. Hulle het baie moeite gedoen om interessante programme vir die meisies aan te bied, wat uiteenlopende onderwerpe ingesluit het. Plaaslike kunstenaars, sowel as kunstenaars van buite die stad is genader om voor die klub op te tree. Konserte bestaande uit klavier-, viool-, tjello- en sangsolo's is aangebied. Die dameskoor van Jennie Hadlow het ook by die skool opgetree. Sy het onder andere 'n lesing oor Purcell en Elgar gegee wat toegelig is met koorwerke deur haar koor. Daar was ook 'n aanbieding wat oor die Minuet en Trio gehandel het in die tyd van Mozart, Haydn en Beethoven. Die meisies van hierdie skool was in die gelukkige posisie dat die musiekpersoneel dit moontlik gemaak het dat hulle konserte van bekende buitelandse kunstenaars kon bywoon. So was daar konserte deur Ella Goldstein en Pnina Saltzman. Ander plaaslike kunstenaars wat in konserte opgetree het, sluit in Albert Steffens, Christine Lamb, David Roode en sy studente, Cecilia Wessels, Andrew Hutton, Ruby Shave en Petrus Lemmer. Die leerlinge van die skool en die musiekpersoneel het ook die geleentheid gehad om voor die Musiekkklub op te

tree. In die meeste gevalle was dit die eksamenkandidate en kandidate wat op die kunswedstryde geprester het, wat uitvoerings gelewer het. Gladys Wilkinson het ook taamlik gereeld in programme opgetree. Sy het onder andere 'n lesing-uitvoering oor die lewe en werke van Chopin gegee (Horak, Wales, 1940, p.15; Goldblatt, Kok, 1941, p. 21; De Bruyn, Pienaar, 1942, p. 13; Jordaan, Bruns, 1943, p. 16; Van Aardt, 1944, p. 13; De Jager, 1947, pp.8-9; Style, 1950, p. 41).

Bogenoemde onderwyseresse was ook by die laerskool se Musiekklub betrokke en het gereeld vir hulle programme aangebied. Mej Hutton van die laerskool het haar ook beywer vir hierdie klub se werksaamhede. Hulle eerste byeenkoms het op 3 November 1944 plaasgevind. Gladys Wilkinson het 'n interessante lesing oor die invloed van die Minuet op die ontwikkeling van die instrumentale musiek in die Barok tydperk gelewer. Sy het later gereeld in programme van die Junior Musiekklub opgetree. Ander kunstenaars wat opgetree het, was Katharine Mason (tans Marcoolyn) en Gertrude Saayman (Harrison, De Douallier, 1944, pp. 45 en 47; Wansbury, Loubser, 1947, pp. 67-68; De Villiers, Dickson, 1949, pp. 48-49).

Die hoofdoelstellings van die Junior Musiekklub is soos volg in die jaarblad van 1947 uiteengesit: "The Music Club and the Music Club Library have had a quietly successful year. The aim of the club is to create a spirit of healthy and enjoyable music-making amongst members." Leerlinge van die skool het gereeld die geleentheid gekry om tydens die klub se konserte op te tree. Leerlinge wat van tyd tot tyd opgetree het, sluit

in Rosemary Shepstone, D Murray en R Fawcett-Peck. Daar is ook programme aangebied wat oor sekere komponiste gehandel het, soos in 1948 toe daar 'n program oor die lewe en werke van Haydn en Bach aangebied is (Wansbury, Loubser, 1947, pp. 67-68).

Die verskillende skoolkore van die Eunice Meisieskool was werklik 'n puik vertoonvenster vir die talent wat daar by hierdie skool in die jare veertig en vyftig was. Hulle het sonder uitsondering elke jaar aan die kunswedstryde in Bloemfontein deelgeneem en uitstekende prestasies behaal. In die meeste gevalle het hierdie kore die eerste plekke verower. 'n Ander faset van die kore se bedrywighede was hulle optredes tydens ander konserte wat in die stad plaasgevind het. Die persoon wat vir die afrigting van hierdie kore verantwoordelik was, was Grace Butler wat vir baie jare nie alleen by die skool 'n groot bydrae gelewer het nie, maar ook vir die musieklewe van Bloemfontein in die algemeen baie beteken het. In die volgende uittreksel uit die jaarverslag van die skoolhoof van die Eunice Meisieskool is dit duidelik dat hulle die hoogste waardering vir Grace Butler se werk gehad het: "Thank you miss Butler for the really inspiring tuition you are giving our girls, whose work received further recognition in that they were invited on two occasions this year to broadcast from the local studio." (Sandall, 1940, p. 7; De Jager, 1949, p. 8). Tussen 1940 en 1955 is daar geen verdere melding van haar bydrae as sangeres en onderwyseres gemaak nie.

In 1940 het die senior koor die eerste plek verower en in 1941 die tweede plek. Die wenkore in die afdelings skoolkore (15 jaar en onder en 12 jaar en onder) in 1941, was albei van Eunice afkomstig. In 1946 het die senior koor sowel as die koor in die ouderdomsgroep, vyftien jaar en onder, die eerste plek op die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing verower. Vanaf 1948 is daar nie meer eerste of tweede plekke aangewys nie, maar daar is wel simbole toegeken. Die senior koor het A-simbole in die twee- en driestemmige afdelings verower en die junior koor het ook 'n A-simbool vir hulle sang ontvang. In 1950, 1952 en 1954 het die senior en junior kore van hierdie skool weer eens A-simbole vir hulle sang ontvang. Die Thorpe-trofee is in 1950 as spesiale toekenning aan die junior koor toegeken (Sandall, 1940, p. 7; Sandall, 1941, p. 20; *Die Volksblad*, 11 Mei 1946, 15 Mei 1950; *The Friend*, 15 en 16 Junie 1948, 9 Mei 1950, 1 en 2 Mei 1952 en 4, 7 en 10 Mei 1954; Style, 1950, p. 52).

Volgens die uitslae in die plaaslike koerante het die senior en die junior koor in 1947 eerste plekke op die Vrystaatse Kunswedstryd verower. In 1955 het slegs die laerskoolkoor aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem. Hulle het in die afdeling skoolkoor (12 jaar en onder) 'n A-simbool verower (*The Friend*, 5 Mei 1955; De Jager, 1947, p. 8).

Vanaf 1952 was Norah Havenga ook behulpsaam met die afrigting van die kore. Teen die einde van 1953 het Grace Butler afgetree nadat sy sestien jaar aan die Eunice Meisieskool as sangonderwyseres verbonde was. In 1954 is Norah Havenga in haar

plek aangestel. Dit is duidelik dat Butler 'n baie hoë standaard van koorsang gehandhaaf het. Norah Havenga was eweneens 'n puik koördirigent en het soos Grace Butler een na die ander sukses met haar kore behaal, onder andere op die jaarlikse kunswedstryde (De Jager, 1954, p. 9). In dieselfde jaar as haar aanstelling het Havenga se koor tydens die Vrystaatse Eeufeesvieringe op 23 Februarie 1954 op Springbokpark opgetree. Hulle het onder andere *I waited for the Lord* (Mendelssohn) gesing. Hulle het ook deel uitgemaak van die massakoor van ongeveer vierduisend leerlinge wat deur P J Lemmer gedirigeer is (*Die Volksblad*, 20 Februarie 1954; *The Friend*, 26 Februarie 1954).

In 1950, 1951 en 1953 het hierdie skoolkoor hulle buiging op van die konserte van die Kunstenaars van die Toekoms gemaak. Dié konserte het in Oktober 1950 en op 16 Maart 1951 en 21 Februarie 1953 in die Stadsaal plaasgevind. Volgens die resensent het hy die koor selde beter hoor sing. Onder die bekwame leiding van Grace Butler het hulle fyn genuanseerde en simpatieke sang gelever in hul vertolking van *When love is kind*. Ander werke wat hulle gesing het, was *Orpheus with his lute* (German), *Five Eyes* (Armstrong Gibbs), *Butterfly* (Schumann) en *Motte* (Lemmer). Laasgenoemde koorwerk is spesiaal deur die komponis vir die senior koor van die Eunice Meisieskool gekomponeer (*Die Volksblad*, 28 en 30 Oktober 1950 en 13 en 19 Maart 1951; *The Friend*, 23 Februarie 1953; De Jager, 1942, p. 9).

Afgesien van die koor se optredes tydens dié konserte, is hulle ook uitgenooi om tydens die Van Riebeeckfees op te tree. Hulle het op 18 Februarie 1952 'n gevoelvolle en vloeiende vertolking van **Jesus, joy of man's desiring** (Bach) gelewer. Mej Butler het weer eens die koor gedirigeer (*Die Volksblad*, 2 en 19 Februarie 1952).

Hierdie skoolkoor het ook radio-opnames gemaak wat later uitgesaai is. 'n Program waartydens die koor opgetree het, is op 24 Januarie 1952 uitgesaai (*The Friend*, 23 Januarie 1952).

Die skoolkoor se deelname aan die jaarlikse sangfeeste was ewe suksesvol. Afgesien van hulle deelname aan die massakoor-items het hulle ook individueel opgetree. Tydens die fees van 1948 het hulle twee pragtige vertolkings gelewer, naamlik **The Lord is my Shepherd** (Bon) met Lemmer as dirigent, en **The Tinkling of the bells** (Lemmer) onder leiding van Grace Butler (*Die Volksblad*, 15 September 1948; Kimmel, 1948, p. 31).

Benewens mej Butler se bedrywighede as koorleier en sangonderwyseres, het sy tyd ingeruim om haar kennis te verbreed en het vir ses maande na Europa gegaan waar sy 'n intensiewe studie in stemproduksie gemaak het. In Engeland het sy onder Clive Carey aan die Royal College of Music gestudeer. Sy het ook die beroemde internasionale eisteddfod in Wallis bygewoon. Konserte van beroemde kunstenaars wat sy bygewoon het, sluit in Louis Kentner, Elisabeth Schwarzkopf, Boris Christoff en Zareska

(*Die Volksblad*, 11 Oktober 1952). Grace Butler het ook 'n private ateljee in die stad gehad waar sy sangonderrig gegee het. 'n Bewys daarvan was die berig in *The Friend* (25 September 1952) wat bekend gemaak het dat haar ateljee op 8 Oktober 1952 sou heropen.

Die skool het soms ambisieuse werke aangepak en met groot sukses deurgevoer. Die operette, *Sherwood's Queen* (T Patison), is op 26 en 29 Oktober 1945 in die Grand-teater opgevoer. Grace Butler was vir die hele produksie verantwoordelik. *Die Volksblad*, van 30 Oktober 1945 se resensent was in die meeste opsigte positief. Die opeenvolging van die verskillende tonele was soms te stadig. Butler se aandeel in die operette was skynbaar uitstekend: "Mej Butler slaag nie alleen daarin om by die leerlinge 'n gevoel vir die betekenis en die stemming van die musiek tuis te bring nie, maar sy het dit op lofwaardige wyse so ver gebring dat die soliste nooit enige neiging tot geforseerde klankvoortbrenging getoon het of die beperkinge van jeugdige en nog onrype stemme oorskry het nie." Op 9 en 10 Oktober 1953 het die skool die operette, *Maritana*, in die Stadsaal aangebied. Dit was die laaste keer dat die koor onder die leiding van mej Butler opgetree het (*The Friend*, 25 Oktober 1945 en 24 September 1953; Worringham, 1953, pp. 20-21).

In 1955 het die dogters van hierdie meisieskool die operette, *Prinses Ida*, van Gilbert en Sullivan in die Stadsaal aangebied. Hierdie produksie is slegs op 11 Junie 1955 opgevoer. Afgesien van 'n huiwerige begin, het die operette ontwikkel tot 'n produksie

wat volgens die resensent nog lank in Bloemfontein onthou sou word. Die koorleier was Norah Havenga, wat vir 'n groot deel van die sukses van hierdie aanbieding verantwoordelik was. Die regie is deur Faith de Villiers behartig en die orkes is deur Petrus Lemmer gedirigeer (*The Friend*, 28 Mei en 13 Junie 1955).

Norah Havenga self het die rol van prinses Ida met groot sukses vertolk en haar solo's is uitstekend gesing. Dit was egter Ted Braxton se vertolking in die rol van koning Gama wat almal meer selfvertroue gegee het en ook vir 'n mooi hoogtepunt gesorg het. Ander spelers wat hulle rolle met oortuiging vertolk het, was Colette Havenga (Melissa), Giel Noordman, Willem Edeling en Vivian Gardiner. Die koor se sang was meesal afgerond (*The Friend*, 13 Junie 1955; Meyerowitz, 1955, pp. 52-53).

In 1940 en 1953 het die laerskool 'n produksie van onder andere **Princess Ju-Ju** en **The Enchanted Glen** van W Smythe Cooper aangebied. Eersgenoemde operette se opvoerings het op 1 en 2 November 1940 onder die leiding van Grace Butler plaasgevind. Mej Butler was ook vir die sang en musiek van die 1953-aanbieding verantwoordelik en mej E Schulfort vir die spraak. Die choreografie is deur mej Gillian Ewers behartig (*The Friend*, 31 Oktober 1940 en 5 Desember 1953).

Ten spyte van die klein verhogie het die groep jong spelers hulle uitstekend van hul taak gekwyt. Die uitspraak was deurgaans baie duidelik en so ook die soliste se sang en diksie. Die koor het ook groot lof verdien vir hulle skitterende sang. Hulle uitspraak

was so goed dat nie een woord verlore gegaan het nie. Die beligting was die enigste aspek van die hele aanbieding wat kritiek uitgelok het (*The Friend*, 5 Desember 1953).

Volgens dieselfde resensie is dit duidelik dat die kostuums baie gepas was en 'n belangrike bydrae tot die sukses van die operette gelewer het. 'n Paar van die spelers wat uitblink het, sluit in: S Groenewald, P Gorde, N Braxton, S McHardy en H Berry. Hierdie opvoering het op 4 Desember 1953 plaasgevind.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat sang en veral koorsang 'n baie belangrike rol in hierdie skool gespeel het. 'n Mens sou dink dat klavieronderrig in 'n mate afgeskeep is, maar juis die teendeel is waar. Hulle het elke jaar 'n hele aantal leerlinge vir die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika en die Royal Schools of Music ingeskryf. Die leerlinge het uitstekend gepresteer en het gereeld die geleentheid gekry om voor hulle klasmaats op te tree tydens konserte wat deur die onderskeie Musiekkлубs georganiseer is. Lucia Schuurman was een van die leerlinge wat werklik uitblink het deur in 1944 die voorlisensiaatbeurs vir klavierspel te verower. 'n Groot eer het die skool te beurt geval toe een van hulle leerkragte 'n oorsese studiebeurs vir orrel verower het. Sy was Miranda Raal (later van Tonder), wat in 1940 hierdie onderskeiding behaal het (Sandall, 1940, p.7; De Jager, 1944, pp. 5 en 7; Style, 1951, pp. 24-25; De Jager, 1952, pp. 15-16).

Ander persone wat as musiekleerkrigte aan hierdie skool verbonde was, sluit in mejj Farley, Retief en Vermaak, wat al drie in 1943 die personeelkorps verlaat het. Mej Hitchcock is in 1943 as musiekondserwyseres aangestel. In 1944 was mejj Katharine Mason en du Plessis as musiekleerkrigte aan die skool verbonde. Mej Sorour en Marion Key, sowel as Aubrey Karstel, Thelma Amm en mev Lemmer was ook in een of ander stadium aan die skool verbonde (De Jager, 1943, pp. 7-8, 1944, p. 5, 1954, p. 4).

10.1.2 Die Oranje Meisieskool

Sover bekend is daar vanaf die stigting van die Oranje Meisieskool, musiekleerkrigte aangestel en is musiek as 'n belangrike deel van die opvoeding van die meisies beskou (Human, 1976, pp. 294-295).

'n Klavierleerkrig wat vir 32 jaar aan die skool verbonde was, was Margaretha Papenfus, beter bekend as "tannie Papie." Sy was nie net 'n klavieronderwyseres van die skool nie, maar het ook as leerling haar matriekeksamen in 1932 aan hierdie skool voltooi. Na haar skoolopleiding het sy haar by die destydse Vrystaatse Musiekskool ingeskryf en die U O L M (klavier) onder die leiding van prof David J Roode voltooi. Hierna was sy vir 'n kwartaal in Smithfield werksaam (Papenfus, 1994, Onderhoud).

In 1937 is sy as klavieronderwyseres by die Oranje Meisieskool aangestel. Hierdie pos het sy tot met haar aftrede in 1981 bekleed. Talle leerlinge het met haar leiding puik

Soos die skoolkoor van Eunice het die koor van die Oranje Meisieskool ook tydens die Van Riebeeckfees opgetree. Hulle het *Wees bly* (Mascagni) a capella voorgedra (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1952).

Aan die begin van 1954 het Vivia Kruger tot die personeel van die Oranje Meisieskool toegetree. Sy is as sangonderwyseres aangestel. Tot en met haar aanstelling by Oranje was sy verbonde aan die Departement Musiek aan die U O V S (*Die Volksblad*, 28 November 1953).

Onder haar bekwame leiding het die koor op 23 Februarie 1954 tydens die Vrystaatse Eeufeesvieringe saam met ander skoolkore van die stad in die buitelug opgetree. Die koor het prysenswaardige sang gelewer in *Wiegliedjie* (Curschman), *Kom dans Klaradyn* (S le Roux Marais), *Waar ou Tafelberg* (Thysen), *Land van die eike* (Finse melodie) en *O mooi van die velde* (volkswysie). Wannia van Heerden het as soliste opgetree. Daarna het hulle ook deel van die massakoor gevorm wat deur Petrus Lemmer gedirigeer is (*Die Volksblad*, 3 en 20 Februarie 1954).

Op 15 Oktober 1955 het die koor van hierdie meisieskool tydens die Eeufeeskonsert van Grey-kollege opgetree. Hulle het 'n skitterende uitvoering van Mendelssohn se *Om wings of song* gelewer. Die spreekkoor het ook opgetree (*Die Volksblad*, 17 Oktober 1955).

Betsie van Rooyen het besonder goed geprester en tydens die Vrystaatse Kunswedstryd van 1943 het sy vyf eerste plekke verower. Sy het onder andere vir bladlees (14 jaar en onder) 91% behaal. In 1945 het sy eerste plekke in onder meer die volgende afdelings behaal: klavierduo (18 jaar en onder), bladlees (16 jaar en onder), klaviersolo (ope) en snelstudie, met 96% (*Die Volksblad*, 15 en 18 Mei 1943, 15, 16 en 18 Mei 1945).

Deur die jare was die volgende persone as klavieronderwyseresse by Oranje Meisieskool werksaam: Dulcie Retief, Bettie Toerien, Koekoe Geyer, Henriëtte Pauw, Dolly Heiberg, Francina Buys en Isabel du Toit. Laasgenoemde twee persone was vir die sangonderrig verantwoordelik (Papenfus, 1994, Onderhoud).

Die koor van die hoër- en laerskool het deur die jare goeie resultate behaal. Tydens 'n konsert van die Kunstenaars van die Toekoms het die koor van Oranje voortreflike sang gelewer. Dit is as 'n unieke uitvoering beskou aangesien die koor deur een van die skoliere, Sonja Bell, gedirigeer is en deur Elza van der Linde (later Cilliers) op die klavier begelei is. Die koor het verder ook onder leiding van hulle leier, Augusta van Rooyen opgetree. Werke wat deur die koor gesing is, het die volgende ingesluit: **Lullaby** (Mendelssohn), **Lentetyd roep ons** (Rubinstein) en **Lullaby** (Brahms) (*Die Volksblad*, 10 Oktober 1951; *The Friend*, 10 Oktober 1951).

Soos die skoolkoor van Eunice het die koor van die Oranje Meisieskool ook tydens die Van Riebeeckfees opgetree. Hulle het *Wees bly* (Mascagni) a capella voorgedra (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1952).

Aan die begin van 1954 het Vivia Kruger tot die personeel van die Oranje Meisieskool toegetree. Sy is as sangonderwyseres aangestel. Tot en met haar aanstelling by Oranje was sy verbonde aan die Departement Musiek aan die U O V S (*Die Volksblad*, 28 November 1953).

Onder haar bekwame leiding het die koor op 23 Februarie 1954 tydens die Vrystaatse Eeufeesvieringe saam met ander skoolkore van die stad in die buitelug opgetree. Die koor het prysenswaardige sang gelewer in *Wiegliedjie* (Curschman), *Kom dans Klaradyn* (S le Roux Marais), *Waar ou Tafelberg* (Thysen), *Land van die eike* (Finse melodie) en *O mooi van die velde* (volkswysie). Wannia van Heerden het as soliste opgetree. Daarna het hulle ook deel van die massakoor gevorm wat deur Petrus Lemmer gedirigeer is (*Die Volksblad*, 3 en 20 Februarie 1954).

Op 15 Oktober 1955 het die koor van hierdie meisieskool tydens die Eeufeeskonsert van Grey-kollege opgetree. Hulle het 'n skitterende uitvoering van Mendelssohn se *Om wings of song* gelewer. Die spreekkoor het ook opgetree (*Die Volksblad*, 17 Oktober 1955).

Hierdie skool se kore het ook aan die jaarlikse kunswedstryde deelgeneem. Die koor van die hoërskool het vanaf 1940 tot 1952 nooit werklik uitstaande prestasies behaal nie. Dit was egter eers in 1953 dat die hoërskoolkoor noemenswaardig geprester het. In 1953 en 1955 het die tweestemmige koor van die hoërskool A-simbole verower. Volgens die uitslae in die plaaslike koerante het die skool twee kore vir die Vrystaatse Kunswedstryd van 1955 ingeskryf. In die wedstryd skoolkoor tweestemmig (15 jaar en onder) het hulle ook 'n A-simbool verower (*Die Volksblad*, 5 Mei 1955; *The Friend*, 5 Mei 1953 en 6 Mei 1955).

Die laerskoolkore het in 1941, 1951 en 1953 eerste plekke vir hulle sang verower. Hulle het onder andere in die afdelings tien- en twaalf-jaar en onder meegeeding. Volgens die beoordelaar van 1941, mnr C A O Duggan, was "helderheid, resonansie en opgewektheid van toon" die hoofvereistes. Hierdie eienskappe was duidelik hoorbaar by die koor van die Oranje Meisieskool (*Die Volksblad*, 15 Mei 1941, 16 Mei 1951; *The Friend*, 6 Mei 1953).

Afgesien van die kunswedstryde het die hoërskoolkoor ook aan die jaarlikse sangfeeste deelgeneem wat in die stad onder die leiding van Petrus Lemmer aangebied is. In 1948 het hulle onder die leiding van Augusta van Rooyen 'n gevoelvolle vertolking van **Nag** (Lemmer) gegee. Die fyn nuanserings het besonder beïndruk. Hulle het verder ook aan die massakoor deelgeneem wat deur Lemmer gedirigeer is (*Die Volksblad*, 15 September 1948).

Die laerskoolkoor van Oranje het verder aan die sangfeeste deelgeneem. In 1948 het hulle Waarheen (Abt) gesing. Die resensent in *Die Volksblad* (17 September 1948) het die opmerking gemaak dat hulle sang oortuigend en 'n voorbeeld van goeie afrigting was.

Persone wat hoofsaaklik vir sangonderrig by hierdie skool aangestel is, was Ria Fourie, mej Steinbach en Magda Wessels (Papenfus, 1994, Onderhoud).

Die skool het soms konserte aangebied waarvan die geldelike wins gewoonlik vir een of ander skoolprojek aangewend is. Op 30 en 31 Oktober 1953 het daar konserte in die Groenewaldsaal plaasgevind. Die eerste aand was slegs vir skoolkinders en die tweede aand vir volwassenes. Volgens Margaretha Papenfus het Oranje Meisieskool tussen die jare 1940 en 1955 elke kwartaal 'n musiekaand aangebied waartydens leerlinge wat A- en B- simbole tydens die kunswedstryde verower het, opgetree het. Die meeste van hierdie konserte het vanaf 1940 tot 1942 onder die beskerming van die Musiekvereniging van die skool plaasgevind. Na 1942 wil dit voorkom asof dié vereniging nie meer bestaan het nie. Daar is wel nog van tyd tot tyd konserte aangebied. Kunstenaars van buite Oranje is uitgenooi om tydens hierdie konserte op te tree. Studente van David en Freda Roode en Jennie Hadlow het gereeld tydens hierdie konserte uitvoerings gelewer (*Die Volksblad*, 26 Oktober 1953; Papenfus, 1942, p. 21, 1994, Onderhoud; Retief, 1940, p. 33, 1941, p. 23; Laas, 1950, p. 65).

Die skool het selfs meer ambisieuse werke aangepak. In 1955 het die hoërskool se dogters Benjamin Britten se operette, **The Little sweep**, in die Joodse Gemeenskapsentrum aangebied. Dit was die eerste keer dat dié miniatuur opera in Bloemfontein opgevoer is. Die produksieleier was Margaretha Spies, 'n onderwyseres aan die skool en die dirigent was Derik van der Merwe. Die uitvoering het op 10 November 1955 plaasgevind (*Die Volksblad*, 9 November 1955; Papenfus, 1981, pp. 55-56).

Die resensie in *The Friend* (11 November 1955) het melding gemaak van die intonasie van die soliste wat deurlopend baie bevredigend was. Volwasse sangers in die rolverdeling was Francina Buys, Willem Naudé, Junior Bezuidenhout, Adrinie le Roux, Yvonne van Zyl en Lybie Fouché. Die begeleiding van hierdie operette is deur die komponis self vir vier hande op een klavier verwerk. Joan Smuts en Bettie van Eck het dit besonder goed gehanteer. Die resensent het die werk wat musikaliteit betref geprys, klem gelê op die feit dat dit wel artistieke waarde gehad het en dat dit weer opgevoer behoort te word.

Die laerskool het op dieselfde aand 'n operette van Mariechen Naudé (teks) en Billy Kotzé (musiek) aangebied (*Die Volksblad*, 9 November 1955; *The Friend*, 11 November 1955).

Die musikpersoneel van Oranje het verder musiekwaarderingsklasse vir die meisies aangebied. Tydens hierdie klasse is daar aan verskillende aspekte aandag gegee. Hulle

het soms 'n gasspreker genooi om die leerlinge toe te spreek. In 1941 het Petrus Lemmer 'n lesing oor die vorm van volksmusiek aangebied (Retief, 1941, p. 52).

Vanaf 1940 was daar 'n Interhuis-wisseltrofee vir bladles wat aan die koshuis oorhandig is wat die beste kon bladles. Hierdie trofee is vir drie jaar vanaf 1940 tot 1942 deur Otto-huis verower (Retief, 1941, p. 23; Papenfus, 1942, p. 21).

Uit die bostaande is dit duidelik dat daar benewens instrumentale musiek genoegsame aandag aan koorsang geskenk is. Volgens Margaretha Papenfus was daar bykomend 'n slagorkes en 'n blaasorkes (Papenfus, 1994, Onderhoud).

10.1.3 Die St Michael Meisieskool

Reeds in die vroegste jare van die huidige eeu was daar 'n musikonderwyseres met die naam Leta Blake aan hierdie skool verbonde. In daardie stadium was sy nog baie jonk en betreklik onbekend in Bloemfontein. Later jare sou mej Blake baanbrekerswerk verrig en sodoende die grondslag lê vir hierdie skool se musiekaktiwiteite. Uit 'n persoonlike onderhoud het dit duidelik geblyk dat Leta Blake beslis as die hooffiguur in die jare onder bespreking opgetree het (Ruth, 1994, Onderhoud).

Sy was vanaf 1918 tot 1968 aan die St Michael Meisieskool verbonde. Hierdie skool het reeds vir baie jare oor 'n aktiewe musiekvereniging beskik wat as die Music Circle bekend gestaan het en wat later as die St Michael's School Music Club bekend was.

Hierdie musiekklub was mej Blake se groot liefde en sy het alles in haar vermoë gedoen om die voortbestaan van hierdie klub te verseker deur talle konserte en byeenkomste te organiseer (Ruth, 1994, Onderhoud).

Leta Blake was die hoof van die musiekdepartement en was 'n uitstekende klavieronderwyseres. Sy het egter nooit openbare optredes gelewer nie. Afgesien van interne konserte wat deur hierdie vereniging georganiseer is, het leerlinge van St Michaelskool ook die geleentheid gehad om na besoekende kunstenaars te luister, hetsy van ander dele in die land of vanuit die buiteland. In die plaaslike koerante het daar gereeld beriggewing verskyn van belangrike konserte wat daar plaasgevind het, onder andere Kathleen Long (1953), Elsie Hall (1940, 1942, 1944, 1948, 1951, 1953, 1955, 1956), May Mukle (1956), Aubrey Rainier (1940, 1942) en Ella Goldstein (1944) (*The Friend*, 1 Augustus en 19 Oktober 1953, 1 Maart 1948, 6 Junie 1951 en 10 September 1956; *Die Volksblad*, 13 April 1955; Ruth, 1994, Onderhoud).

Kunstenaars van Bloemfontein wat tydens die musiekklub se konserte opgetree het, het Victor Pohl (1949), Charles Hamer (1941, 1942, 1945) en Sydney Rosenbloom (1941, 1945, 1948) ingesluit. Rosenbloom het in daardie stadium wye bekendheid geniet as uitvoerende kunstenaar. Op 15 Junie 1945 het sy program uit die volgende werke bestaan: **Orreltokkate en Fuga in d mineur (Bach-Liszt)**, **Vuurdans (De Falla)**, **Islamey (Balakirev)** en **Etude opus 10 nr 12 in c mineur (Chopin)**. Daar was altesaam twee byeenkomste per kwartaal wat 'n wye verskeidenheid onderwerpe ingesluit het.

Lesing-uitvoerings het oor Chopin, Schubert, Franse en Russiese musiek gehandel. Tydens hierdie uitvoerings is van grammofoonplate gebruik gemaak (Ruth, 1994, Onderhoud; *The Friend*, 16 Junie 1945).

Met die aftrede van Leta Blake het 'n einde van 'n era by hierdie meisieskool aangebreek. Kort na haar aftrede het die musiekklub van hierdie skool ook nie meer bestaan nie. In die skoolkoerant van 1971 is die volgende geskryf: "The club this year has suffered from the competition of many rival attractions and although they have been musical activities in plenty, they were not under the aegis of the club." (Ruth, 1994, Onderhoud).

Saam met Leta Blake was daar 'n hele aantal lede van die musiekpersoneel wat vir die musiekonderrig van die meisies verantwoordelik was. Die bekende Charles Hamer was vanaf 1941 tot 1945 aan die skool verbonde. Hy was die sangonderwyser en ook aktief by die musiekklub betrokke. In 1948 was daar ene Violet Harrison aan die skool verbonde wat vir 'n jaar nie alleen as skoolhoof waargeneem het nie, maar ook die sangklasse behartig het. Sy het self 'n pragtige sangstem gehad en het van tyd tot tyd openbare uitvoerings gelewer. Vanaf 1950 tot 1951 was mej Glyndwyn Jones die sangonderwyseres, en in 1952, mev Phyllis Hunt. Sy het hierdie pos tot aan die einde van 1954 bekleed. Sy het hoë eise aan die kinders gestel en by verskeie geleenthede taamlik ambisieuse werke met groot sukses aangebied. In 1953 het sy die *Kersfeesoratorium* (J S Bach) aangebied en in 1954 *Hiawatha's Wedding Feast*. Sommige van haar leerlinge het ook klein solorolle gesing (Ruth, 1994, Onderhoud).

Die koor van hierdie meisieskool het verder aan die sangfeeste deelgeneem wat gereeld in die stad aangebied is. Hulle het nie alleen deel van die massakoor gevorm nie, maar het ook individueel opgetree. In 1948 het hulle onder andere **The Dream Seller** (Lee) en **Megmerrilies** (Stanford) gesing. Hulle sang is as suiwer en helder beskryf. Violet Harrison was hulle dirigent (*Die Volksblad*, 15 September 1948).

Die koor het ook opnames vir die radio gemaak. Op 12 September 1953 het hierdie koor opgetree in 'n kantate-uitvoering. Die werk deur John Gilpin was deels tweestemmig en deels driestemmig. In 1954 het die koor weer die geleentheid gekry om oor die radio te sing. Op 12 Desember het hulle 'n aantal Kersliedere uitgevoer. Die koor het in beide radio-uitsendings onder die leiding van mev P Hunt gestaan (*Die Volksblad*, 12 September 1953 en 11 Desember 1954).

In 1954 het die skoolkoor tydens die Vrystaatse Eeufeesvieringe 'n treffende uitvoering gegee. Hulle het die volgende werke gesing: **Hark, hark the Lark** (Schubert), **To Daffodils** (Thinan), **Nymphs and Shepherds** (Purcell) en **The dance** (Elgar). Hulle het ook deel uitgemaak van die massakoor wat onder die leiding van P J Lemmer opgetree het. Hierdie uitvoering het op 23 Februarie 1954 plaasgevind (*Die Volksblad*, 20 Februarie 1954).

Op 13 en 14 Februarie 1954 het dié meisieskool hul tagtigste verjaardag gevier. By daardie geleentheid het mev Sophie Levisieur (toe reeds 96 jaar oud) as gasspreker opgetree (*The Friend*, 15 Februarie 1954).

Op 3 Desember 1954 het hierdie skool 'n Kerssangaand aangebied waartydens 'n aantal korale, kersliedere en ander tradisionele liedere gesing is. Kritiek in *The Friend* (4 Desember 1954) ten opsigte van die sang, was dat die koor soms onnet gesing het. Dit was veral by die aanvang van die liedere waar die probleem opgeduik het. Die resensie suggereer verder dat dit toegeskryf kon word aan die feit dat die koorleier ook as pianis opgetree het. Dit is slegs 'n baie ervare koor wat sonder 'n dirigent kan optree. Phyllis Hunt is nogtans gelukkigwens met die uitstekende keuse van werke wat gesing is. 'n Paar werke wat besonder byval gevind het, was *Flocks in pastures green* abiding ('n verwerking van Bach se *Sheep may safely graze*), *Greensleeves* ('n ou Engelse melodie geskryf deur Henry VIII), *The Coventry Carol*, *Jubilate* en *Good King Wenceslas* (*Piae Cantiones*).

Die skool se leerlinge het puik prestasies in die musiekeksamens van Trinity College, Royal Schools of Music en die destydse Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop behaal (Ruth, 1994, Onderhoud).

Ander persone wat oor die jare as musiekleerkrigte aan die St Michael Meisieskool verbonde was, sluit die volgende in: Diane Rose (1940), Mary Ford (1940-1943),

Connie Lemmer (1942-1948), Dorothy Hutton (1941-1945), Marion Key (1942 en 1949-1951), Victor Pohl (1943-1945), Mary Saunderson (tydens die Tweede Wêreldoorlog) en mej Grobbelaar (Ruth, 1994, Onderhoud).

Uit die bogenoemde gegewens is dit duidelik dat die St Michael Meisieskool 'n skool was waar musiekonderrig ruim aandag geniet het, dat daar groot belangstelling by die leerlinge was, asook 'n onblusbare ondernemingsgees by die verskillende musiekonderwysers. Hierdie standaard is deur die jare voortgesit en die skool handhaaf vandag nog 'n hoë standaard van musiekbeoefening en het al talle presteerders op dié gebied opgelewer.

10.1.4 Die Greenhill-kloosterskool

Dit is duidelik dat die skoolkoor van Greenhill 'n spesiale plek by die skool ingeneem het. Hierdie koor was 'n gereelde deelnemer aan die jaarlikse sangfeeste wat onder die leiding van Petrus Lemmer in die stad aangebied is. In 1948 het hulle nie alleen aan die massakoor deelgeneem nie, maar ook 'n individuele uitvoering gelever. Met Lemmer as dirigent het hulle 'n gevoelvolle vertolking van **The graceful swaying wattle** gelever (*Die Volksblad*, 15 September 1948).

Volgens die plaaslike koerante is dit duidelik dat die skool talle leerlinge vir die jaarlikse musiekeksamens van UNISA en die Trinity College of Music voorberei het. In

1941 het die skool in totaal agtien kandidate gehad wat hierdie eksamens afgelê het. In 1942 was daar leerlinge vanaf graad 1 tot graad 7 wat vir dié eksamens ingeskryf het. Daar was ook 'n aantal teorie kandidate wat baie goed geprester het (*The Friend*, 4 Augustus 1941 en 7 Oktober 1942).

Veel meer oor die skool se aktiwiteite op musiekgebied in die jare onder bespreking is nie bekend nie. Die skool het in die jare tagtig gesluit en die leerlinge is oorgeplaas na die Christian Brothers' College. Die eertydse seunskool is tans 'n gemengde skool.

10.2 Seunskole in Bloemfontein

10.2.1 Die St Andrewskool

'n Musiekleerkrag wat sekerlik 'n groot rol by hierdie skool gespeel het, was Charles Hamer wat vanaf Januarie 1922 tot Desember 1945 aan St Andrewskool verbonde was. Hy was ook die orrelis van die Anglikaanse Katedraal. Gedurende sy loopbaan as onderwyser en spesifiek vanaf 1940 tot met sy bedanking, het hy waardevolle werk verrig. In 1940 is hy soos by vorige geleenthede as die dirigent vir die jaarlikse sangfees aangewys. Die koor van hierdie skool het onder sy leiding nie alleen aan die massakoor-items deelgeneem nie, maar ook individueel opgetree. By daardie geleentheid het hulle Elgar se *Land of hope and glory* gesing (Storey, 1940, p. 15, 1945, p. 11; Human, 1976, p. 305; Malan, 1982, p. 160).

Ná hierdie optrede van die koor is daar nie weer voor 1946 melding van 'n koor gemaak nie. Mnr Gould M Dominy wat voorheen aan Grey-kollege verbonde was, is in 1945 by St Andrewskool aangestel. Hy was vir al die sangklasse verantwoordelik en het ook elokusieklasse aangebied. Dominy het in 1946 'n verskeidenheidskonsert by die skool georganiseer waartydens die senior skoolkoor opgetree het. Dit was ook die eerste keer sedert 1940 dat daar van so konsert in die jaarblad melding gemaak is. Ander items het danse, sang-items en spreekkore ingesluit. Koorwerke wat tydens hierdie konsert uitgevoer is, is **The Holy City** (Adams), **The bells of St Mary's** (Adam), **Spreading the news** (Oliver) en **When the heart is young** (Buck). Klavierwerke het ingesluit: **Minuet in G majeur** (Padarewski) en **Invitation to the dance** (Weber). Soortgelyke konserte het in 1949 en 1950 plaasgevind. Tydens een van hierdie konserte is **The King of Sherwood** (Edmonds en Hewett) deur die seuns aangebied. Mnr Dominy het as musiekregisseur opgetree en is deur mnr P M Gordon bygestaan (Storey, 1945, p. 11, 1946, p. 9; Harison, 1949, p. 9, 1950, pp. 36-42; *The Friend*, 10 September 1946 en 19 Oktober 1950).

Dit wil voorkom asof daar nie veel aandag aan individuele klavieronderrig geskenk is nie, want geen prestasies van leerlinge word in die jaarblaai genoem nie. Dit was eers in die jaarblad van Desember 1955 dat daar melding van eksamenprestasies gemaak is. Seuns wat die eksamens van Trinity College afgelê het was M Cotton, M Fidler en J Trathem (Clayton, 1955, p. 37).

In 1944 het daar vir die eerste keer in 'n lang tyd van die leerlinge aan die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem. Dertien van die 54 leerlinge wat ingeskryf het, het toekennings ontvang. Leerlinge wat uitgeblyk het was H Prins, M Thomson, W Johns, D Chase en L Goldman. Daar was ook in 1946 inskrywings van hierdie skool vir die Festival. Kandidate het veral in die sangsolo- en bladles-afdelings uitgeblyk. In 1947 het van die skool se leerlinge aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem en goeie prestasies behaal. Die koor het ook deelgeneem, maar moes sonder 'n dirigent sing aangesien mnr Dominy die begeleiding moes waarneem. Hulle is nietemin geprys vir hulle mooi klankkwaliteit en goeie diksie. Tekortkominge ten opsigte van interpretasie en samesang het bestaan. Volgens die jaarblaai het daar eers weer in 1950 leerlinge aan 'n kunswedstryd deelgeneem. Alleenlik laerskoolleerlinge het aan die kunswedstryde deelgeneem en uitgeblyk. Die rede hiervoor bly onseker. Die slagorkes van die laerskool het by verskeie kunswedstryde baie goed geprester en 'n hele paar eerste plekke verower (Hamer, 1944, p. 36; Dominy, 1946, p. 39, 1947, p. 39, 1950, pp. 36-42).

In 1947 het die koor 'n groter aandeel in die skool se bedrywighede gekry, naamlik dat hulle by die oggenddienste in die kapel opgetree het. In 1947 het die koor uit 24 soprane, 9 alte, 9 tenore en 13 basse bestaan. Hulle kon in daardie stadium al die Gesange sing, asook Magnificat en Nunc Dimittis. Hulle was toe ook besig om die Psalms te leer. Na 1947 is daar geen melding van 'n koor gemaak totdat die nuwe kapel se hoeksteen op 17 Mei 1955 gelê is nie. By daardie geleentheid het die koor weer

opgetree. Ene Noyes Lewis was in beheer van die koor wat in die nuwe kapel sou optree. Dit wil voorkom asof die koor ná 1947 ontbind het, want in 1955 word daar melding van gemaak dat 'n volle vierstemmige koor tot stand gebring is. Die soprane is tot veertig stemme uitgebrei, die koor het vinnig gevorder en 'n Kerssangdiens is in die vooruitsig gestel (Harison, 1947, pp. 11 en 30; Dominy, p. 35; Ap Ivor, 1955, pp. 33, 35-37).

In 1955 is daar vir die eerste keer ook 'n prys aan die mees toegewyde koorlid tydens die jaarlikse prysuitdeling toegeken. Dié jaar se toekenning is aan D Welham gemaak (Ap Ivor, 1955, p. 37).

Soos die meeste seunskole het St Andrewskool ook 'n kadetorkes gehad wat van tyd tot tyd by verskeie geleenthede opgetree het. In 1940 het die orkes uit 18 lede bestaan. Vanaf 1941 tot 1945 het hulle goeie vordering gemaak en in 1942 het die orkes 'n tenoortrom asook simbale begekry. Hierdie orkes het byna sonder uitsondering jaar na jaar hulle goeie standaard behou en sodoende 'n goeie advertensie vir St Andrewskool geword. Daar was egter 'n insinking in die laat veertigerjare. Dit was van korte duur, want in 1953 het die orkes weer 'n oplewing getoon en onder andere by 'n funksie van die Nasionale Padveiligheid, die jooloptog van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en die Sentrale Landbou-tentoonstelling opgetree (Cousins, 1940, p. 48; Storey, 1941, p. 5, 1944, p. 9, 1945, p. 9; Von Maltitz, 1942, p. 48; Brotherton, 1943, p. 43; Guiney,

1944, p. 30; Van der Merwe, 1953, pp. 42 en 55). In 1955 is daar egter geen melding van die kadetorkes se bedrywighede gemaak nie.

Die skool het in 'n sekere stadium 'n skoolorkes tot stand gebring wat onder die leiding van mnr Tempest gestaan het. Hy is egter vir aktiewe diens opgeroep en die skool kon skynbaar nie 'n plaasvervanger kry nie. Gladys Wilkinson het wel tydelik in 1941 in hierdie hoedanigheid afgelos (Storey, 1941, p. 9).

Mnr Dominy het St Andrewskool in 1950 verlaat en in 1951 is mnr Leslie Verdun Sparrow aangestel. Mnr Sparrow het 'n aparte juniorkoor tot stand gebring. Baie min is omtrent hierdie koor bekend en dit wil voorkom asof die koor nie lank bestaan het nie. Afgesien van Sparrow se bedrywighede by die skool was hy ook die orrelis en koorleier van die Anglikaanse Katedraal (Harison, 1950, pp. 10-11, 1951, p. 10; Sparrow, 1951, p. 38; *The Friend*, 19 Januarie 1951).

Sparrow het teen die einde van die eerste kwartaal die skool verlaat en Marie Senekal (later du Toit) en mev Pohl is tydelik as musiekonderwyseresse aangestel. Vanaf die begin van 1955 was John Clayton die musiekonderwyser en die orrelis van die Anglikaanse Katedraal (Harison, 1953, p. 25, 1955, p. 10; *The Friend*, 14 September 1954).

St Andrewskool het verder 'n Musiekklub gehad wat in 1948 deur mnr C Martin gestig is. Tydens die byeenkomste van hierdie klub is daar hoofsaaklik plate voorgespeel. Die

eerste byeenkoms is aan Tsjaikofski gewy. Ander komponiste wat verteenwoordig was tydens hierdie byeenkomste was Beethoven, Verdi, Donizetti, Mendelssohn en Liszt. Mnr Martin het die skool in 1949 verlaat en sy pligte ten opsigte van die Musiekklub is deur mnr Sparrow oorgeneem. Na 1953 is daar nie weer van hierdie klub se aktiwiteite in die jaarblaaie bekend gemaak nie (Martin, 1948, pp. 27 en 43, 1949, p. 30; Harison, 1949, p. 7, 1951, p. 14).

Dit wil voorkom asof die musiekleerkrigte by St Andrewskool baie inisiatief aan die dag gelê het wat sekere projekte betref. Aan die ander kant is dit ook waar dat baie van hierdie projekte of aktiwiteite wat met soveel entoetiese onderneem is, weer spoedig tot niet gegaan het. Dit kan miskien toegeskryf word aan die verandering van musiekpersoneel binne die bestek van 'n kort tyd. Dit mag ook so wees dat daar eenvoudig net nie belangstelling van die kant van die leerlinge was nie.

10.2.2 Grey-kollege

Dit is te verstane dat daar by 'n skool soos Grey-kollege reeds 'n gevestigde musiektradisie bestaan het. Grey-kollege is nie alleen een van die oudste seunskole in die Vrystaat nie, maar kan ook spog met uitstekende prestasies deur hulle leerlinge. Hierdie is ook een van die min skole wat kon spog met 'n kadetorkes wat werklik bekendheid vir hulle spel verwerf het.

Die persoon wat sekerlik die grootste bydrae by hierdie skool op musiekgebied gelewer het, is Leonard T Shepstone wat vanaf 1934 aan Grey verbonde was. Hy het hierdie pos tot met sy aftrede beklee. Gedurende die jare wat hy by die skool werksaam was, was hy die afrigter van die kadetorkes wat jaarliks by verskillende geleenthede opgetree het. In 1950 het hierdie kadetorkes die status van 'n volle Militêre Orkes verkry, 'n eer wat min skole te beurt geval het (Pyott, 1994, Onderhoud; Botha, 1994, Onderhoud; Linsell, 1943, p. 23; Shepstone, 1945, p. 80, 1947, p. 60, 1948, p. 67; Faure, 1949, p. 86; Human, 1976, p. 305).

In 1947 het hierdie orkes Grey-kollege en ook Bloemfontein se naam hoog gehou tydens die besoek van die Koninklike familie aan Bloemfontein. Die kadetorkes van hierdie skool het tydens die optog in Maitlandstraat gespeel. Hulle het spel van hoë standaard gelewer. Verder het hulle by talle parades asook tydens die kadetinspeksies en die Eeufeesvieringe van Grey-kollege in 1955 opgetree (Shepstone, 1947, p. 60, 1948, p. 67; Volsteedt, 1954, p.80, 1955, p. 52).

Afgesien van hierdie orkes het Leonard Shepstone in 1949 die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes gestig. Die Militêre Orkes van die skool was in 'n meerdere mate die hoofvoedingsbron van die simfonieorkes. In 1954 is daar ook 'n aparte beuel- en tromorkes gestig wat die geleentheid gehad het om by verskillende parades en ander geleenthede op te tree. Individuele lede van die orkeste is ook genader om by onder

andere vlagparades en gedenkdiensle soos dié van Delvillebos op te tree (Botha, 1994, Onderhoud; Volsteedt, 1949, pp. 21 en 23, 1954, p. 80; Shepstone, 1944, p. 35).

Benewens Shepstone se bedrywighede wat die orkeste betref, het hy jaarliks leerlinge vir die U N I S A klavier- en teorie-eksamens voorberei. Vanaf 1942 tot 1955 is daar jaarliks van hierdie uitslae in die jaarblaaie van die skool bekend gemaak. 'n Paar leerlinge wat in hierdie tydperk puik prestasies gelewer het, sluit Richard en Leonard Lemmer wat in klavier, fluit en klarinet geprester het in. Twee broers, naamlik P Wedepohl en M Wedepohl het in die veertigerjare uistekend geprester in die klaviereksamens. De Villiers Joubert was ook een van die uitstaande leerlinge. In 1947 het die eerste orrelkandidaat van Grey-kollege 'n eksamen geslaag. Hy was Petrus Venter en het die graad vier orreleksamen van U N I S A afgelê. In die vyftigerjare was daar weer twee broers wat uitmuntende prestasies gelewer het, naamlik J Gribble en L Gribble. Hierdie twee broers het byna al hulle klaviereksamens met lof geslaag. Ander leerlinge wat ook musiekeksamens afgelê het, was Willem Edeling, R van Zyl, Desmond Wright (almal klavier), Ivor Simmons (fluit), W weideman en G Fainsinger (beide viool). Daar is ook van tyd tot tyd van die leerlinge vir die eksamens van die Royal Schools of Music ingeskryf. Leonard Lemmer was een van die leerlinge wat gereeld hierdie instansie se eksamens in fluit afgelê het. Talle van dié leerlinge het ook spesiale musiekpryse tydens die jaarlikse prysuitdeling ontvang (Shepstone, 1942, p. 21, 1944, p. 41; Meiring, 1943, p. 35, 1945, p. 5, 1947, p. 6; Volsteedt, 1946, p. 19, 1948,

pp. 40-41, 1949, p. 37, 1951, p. 35, 1952, pp. 47 en 50, 1954, pp. 56 en 58; Faure, 1954, p. 18, 1955, p. 10).

Baie van die seuns het vanaf 1943 aan die Vrystaatse Kunswedstryd en die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing deelgeneem en uitstekende prestasies behaal. Vanaf 1940 tot 1942 is daar geen melding van enige deelname in die jaarblaaie gemaak nie en volgens die plaaslike koerante was daar ook nie deelnemers van hierdie skool afkomstig nie. Richard Lemmer, De Villiers Joubert, Petrus Venter, Leonard Lemmer, Desmond Wright, Frik Siebert, Leonard Gribble en Ivor Simmons het deur die jare puik geprester. Die laerskoolkoor onder die leiding van mnr G Dominy (1940-1945) en later mnr W J Annandale (1946-1947) het skitterend tydens hierdie feeste geprester. In 1949 het Martli Pohl die laerskoolkoor afgerig en hulle ook vir die kunswedstryd ingeskryf en 'n A-simbool behaal. Vanaf 1951 het dié koor onder die bekwame leiding van mej Frieda Jaekel gestaan. Onder haar leiding het die koor 'n hele aantal pryse op kunswedstryde verower. Die slagorkeste van Grey-kollege het uitstekend gevaar in die kunswedstryde wat in Bloemfontein aangebied is. In 1945 het twee van die skool se orkeste deelgeneem en 'n A- en 'n C-simbool verower (*Die Volksblad*, 13 Mei 1943, 15 en 16 Mei 1945, 11 en 14 Mei 1946, 12 Mei 1947, 20 Mei 1949, 11 Mei 1950, 16, 17 en 19 Mei 1951, 6 Mei 1953, 6 Mei 1955; *The Friend*, 18 Junie 1948, 30 April, 1 Mei 1952, 5 en 6 Mei 1953, 5 Mei 1954, 4 Mei 1955; Meiring, 1940, p. 42; Shepstone, 1946, p. 17; Volsteedt, 1948, p. 41, 1949, pp. 21 en 37, 1951, p. 35, 1953, p. 56, 1954, p. 58, 1955, p.44).

Die skool se laerskoolkoor het pragtige sang tydens die jaarlikse sangfeeste gelewer. Hierdie was die enigste seunkoor wat individueel opgetree het tydens die fees wat op 15 September 1948 gehou is. Hulle het **Slaaplied** en **The sheep shearing** (Somerset) gesing. Aanvanklik was hulle ietwat huiwerig, maar het later mooi sterk sang gelewer (*Die Volksblad*, 17 September 1948).

Daar word in die vyftien jaar nooit melding van 'n hoërskoolkoor in die jaarblaaie gemaak nie. Dus kan aanvaar word dat daar nie een bestaan het nie.

Grey-kollege het van tyd tot tyd 'n konsert in die Reüniesaal aangebied waartydens leerlinge die geleentheid gekry het om op te tree. Sulke konserte waarvan melding gemaak word het in 1944, 1945, 1946, 1947, 1949, 1950, 1952, 1954 en 1955 plaasgevind. Die konsert van 1955 het saam met die Eeufeesvieringe van die skool geval en is in die Stadsaal aangebied. Die konserte het uit 'n groot verskeidenheid items bestaan wat klaviersolo's, sangsolo's, klavierduette, werke op twee klaviere, vioolsolo's, toneelstukke, spreekkore en balletdanse ingesluit het. Ander kunstenaars van Bloemfontein het ook tydens hierdie konserte opgetree. Kunstenaars wat aan hierdie konserte deelgeneem het, sluit in Martli Pohl, Jennie Hadlow se dameskoor, Victor Pohl, Jessie Cooper, Juliette Aboud, Betsie van Rooyen, Olga Troskie, Gerhardus Koornhof, Norah Havenga, 'n dubbele mannekwartet van P J Lemmer, Yvonne Viljoen se dansskool, die laerskoolkoor, Maureen en Rosemary Shepstone, die Militêre Orkes, die Bloemfonteinse Junior Simfonieorkes, die Vrystaatse Afrikaanse

Mannekoor van P J Lemmer, Leonard Lemmer, Richard Lemmer, Leonard Gribble, Ivor Simmons, F Sabbagha, Japie Human, Klasie Fourie, Solly Ward, die koor van Oranje Meisieskool en die Koor van die U O V S. Werke van Mozart, Rowley, Tsjaikofski, Gounod, Widor, Haydn, Carse, Grieg, Schubert, Schumann, Beethoven en Mendelssohn is uitgevoer (Shepstone, 1944, p. 41, 1945, p. 84; Volsteedt, 1946, pp. 9 en 11, 1947, pp. 27-28, 1949, pp. 21 en 23, 1950, pp. 28-29, 1952, p. 28, 1954, p. 43 en 1955, p. 30; *Die Volksblad*, 30 Oktober 1945, 15 en 17 Oktober 1955).

In die vyftien jaar onder bespreking was daar 'n hele aantal musiekleerkragte by Grey-kollege werksaam wat saam met Shepstone vir die puik prestasies van die leerlinge verantwoordelik was. Dawida du Toit, Thelma Amm, mev. M Lemmer, Wright, Rosemary Shepstone (later Pyott) en Martli Pohl was in een of ander stadium by 'of die laer- of die hoërskool betrokke. In 1950 is mej F Odendaal as musiekonderwyseres aangestel. Sy het in 1955 nog steeds 'n musiekpos by hierdie skool bekleed. In 1955 was die bekende Japie Human ook op die musiekpersoneel (Volsteedt, 1946, pp. 9 en 11, 1947, p. 25, 1950, p. 31, 1951, p. 35; Faure, 1949, p. 9, 1952, p. 14, 1955, p. 8).

Waar musiek aan 'n seunskool gewoonlik nie so 'n belangrike plek inneem nie, was dit sonder twyfel aan die bekwame leerkrigte te danke dat Grey-kollege wel op musiekgebied aansienlike prestasies behaal het.

10.2.3 Christian Brothers' College

Die koor van hierdie seunskool het ook aan die jaarlikse sangfeeste in Bloemfontein deelgeneem. In 1948 het hulle onder andere aan die massakoor deelgeneem, maar ook alleen onder die leiding van Tom Raine opgetree. Hulle het met helder stemme **Il Bacio** (Arditi) en **Iolanthe** (Sullivan) uitgevoer (*Die Volksblad*, 15 September 1948).

Geen berigte het in die plaaslike pers verskyn waarin dié skool se eksamenuitslae bekend gemaak is nie. Daar was in daardie stadium ook geen skoolblad waarin sodanige prestasies genoem kon word nie. Die meeste skole in Bloemfontein wat wel kandidate vir hierdie eksamens ingeskryf het, het jaarliks die uitslae in die koerante gepubliseer. Dit het sekere voordele ingehou. Dit wil voorkom of daar nie werklik veel aandag aan enige individuele musiekonderrig by hierdie skool geskenk is nie.

Tom Raine het as musiekonderwyser van tyd tot tyd operettes by die skool aangebied. Hy was bekend daarvoor en die Bloemfonteinse publiek het met entoesiasme hierdie produksies bygewoon. In die jare 1943 tot 1947 het Christian Brothers' College altesaam vyf operettes met groot sukses aangebied.

Op 29 Oktober 1943 het die skool *The Pirates of Penzance* (Gilbert en Sullivan) in die Stadsaal aangebied. Raine het as musiekdirekteur en begeleier opgetree en is deur mev Garnett Barry bygestaan wat die regie gehanteer het (*The Friend*, 1 November 1943; Kennedy, 1994, Brief).

Volgens die resensent van *The Friend* (1 November 1943) het die seuns hulle rolle deurgaans met oorgawe en oortuiging vertolk. Persone wat uitgeblink het was Stanley Greggor (seerower se vakman) en James Loupos (seerower koning). Die kore het gebalanseerde sang gelewer en die kostuums en dekor was besonder effektief en realisties. Die volgende woorde van die resensent som die produksie die beste op: "The enterprise, which attracted a full house, was an unqualified success, and was a triumph for the school, the players and the producers alike."

Op 7 en 8 November 1944 het hierdie skool *H M S Pinafore* (Gilbert en Sullivan) aangebied en op 20 en 21 September 1945 *The Mikado* ook van Gilbert en Sullivan. Beide aanbiedings het in die Stadsaal plaasgevind. Soos in 1943 het die produksies onder die bekwame leiding van Tom Raine en Garnett Barry gestaan. Die seuns het weer eens uitmuntende spel en sang gelewer, maar dit was die kore wat besonder goed gesing het. Die koor se suiwer intonasie het veral opgeval en het saam met die soliste 'n puik eenheid gevorm. Tom Raine se begeleiding was simpatiek en het goeie ondersteuning aan die sangers verleen. Die resensent het die seuns se optrede in 1945 soos volg beskryf: "They radiated an essential inner fire, so often lacking in adult

performers, in a spontaneous, solid and honest manner, and succeeded in drawing innumerable bursts of applause from the audience throughout the presentation." (*The Friend*, 6 Oktober en 8 November 1944, 1 en 21 September 1945; Kennedy, 1994, Brief).

In 1946 het Christian Brothers' College **The Gondoliers** (Gilbert en Sullivan) in die Stadsaal aangebied. Kyk Bylae, p. 51. Hierdie operette se opvoerings het op 30 en 31 Augustus 1946 plaasgevind. Op 18 en 19 Junie 1947 het hierdie skool weer eens 'n skitterende voorbeeld gestel toe hulle 'n baie geslaagde opvoering van **Trial by Jury** (Gilbert en Sullivan) in die Stadsaal aangebied het. Dit was die vyfde operette wat hierdie skool op die planke gebring het. Die soliste se sang was oor die algemeen goed en die toneelspel was spontaan. Die dekor het 'n belangrike aandeel in die daarstelling van atmosfeer gehad. Afgesien van 'n paar tegniese foutjies, het die koor verdienstelike sang gelewer. Joseph Kelly en Arthur Falconer se sang en toneelspel het werklik beïndruk. Die eerste helfte van die program is deur 'n eenbedryf met die naam **Brown with an É'** (Montague), gevul. Die orkes wat tydens **The Gondoliers** opgetree het, het uit die volgende persone bestaan: Tom Raine (klavier), Diane Rose, Alma Kok, L Montano (almal eerste viole), Rhoda Singer, Jennie Hadlow (beide tweede viole), Inez Newberry (tjello) en mnr B Musgrave (trompet) (*The Friend*, 21 Augustus 1946; *Die Volksblad*, 18 en 19 Junie 1947; Program, 30 Augustus 1946).

Die skool het van tyd tot tyd verskeidenheidskonserte aangebied. In 1952 het so 'n konsert plaasgevind en in 1954 het Christian Brothers' College saam met die Greenhill-kloosterskool 'n konsert in die Stadsaal aangebied (Kennedy, 1994, Brief).

10.3 Gemengde Skole in Bloemfontein

10.3.1 Sentraal

Sedert 1934 was mnr Michele Casaleggio op die personeel van die Hoërskool Sentraal waar hy sang en handelsvakke onderrig het. In dieselfde jaar het 'n groot gemengde koor by die hoërskool skool tot stand gekom wat deur mnr Casaleggio afgerig is. Hy was ook verantwoordelik vir die afrigting van 'n gemengde orkes by die laerskool wat uit mondfluitjies, kastanjette, fluite, trompette en ratels bestaan het (Malan, 1980, p. 248; Human, 1976, p. 309).

Onder sy leiding het die skoolkoor tussen die jare 1934 en 1939 puik prestasies op sangfeeste, konserte en kunswedstryde behaal (Human, 1976, pp. 309-310).

In die tydperk 1940 tot 1955 het Casaleggio voortgegaan met sy puik afrigtingswerk en het die verskillende kore van dié skool werklik uitsonderlike hoogtes bereik. Die gemengde koor van die hoërskool het in 1941, 1943, 1945, 1947, 1949, 1951, 1953 en 1955 aan die Vrystaatse Kunswedstryd deelgeneem en elke jaar die eerste plek en later

'n A-simbool verower. Hulle het in die ouderdomsgroep twintig jaar en onder deelgeneem. Besonder hoë persentasies is aan hulle toegeken. In 1941 het die beoordelaar, mnr C A O Duggan, 90% aan hulle toegeken. In 1943 het hulle 94% behaal. Afgesien van hierdie prestasies het hulle vir sewe jaar agtereenvolgens die V K V-wisseltrofee ontvang. Werke wat hulle gesing het, sluit in **Lentelied** (Pinsuti), **O Stille Nag** (German), **Die Drie Vissers** (MacFadden) en **Widmung** (Schumann) (Casaleggio, 1941, p. 14, 1943, p. 64, 1945, pp. 64-65, 1947, p. 38, 1949, p. 76; Loubser, 1943, p. 7; *Die Volksblad*, 17 Mei 1941, 16 Mei 1945, 15 Mei 1947, 15 Mei 1951, 4 en 5 Mei 1955; *The Friend*, 7 Mei 1953 en 6 Mei 1955).

Benewens die gemengde koor het Michele Casaleggio ook 'n dogterskoor afgerig wat aan die kunswedstryde deelgeneem het en baie goed geprester het. In 1945 het hierdie koor die tweede plek verower vir hulle vertolking van **Prinses van Verre** (P J Lemmer) en in 1947 het hulle die eerste plek verower asook die Karstelskild. In 1949 het die dogterskoor in twee afdelings deelgeneem, naamlik tweestemmige en driestemmige kore en in albei afdelings A-simbole verower. In 1953 en 1955 het die dogterskoor ook hulle onderskeie afdelings gewen. Ander werke wat deur die dogterskore gesing is, was **Fly singing bird** (Elgar) en **The graceful swaying wattle** (Bridge) (Casaleggio, 1945, pp. 64-65, 1947, p. 38, 1949, p. 76; *Die Volksblad*, 16 Mei 1945, 19 Mei 1949, 4 en 5 Mei 1955; *The Friend*, 6 Mei 1953 en 6 Mei 1955).

Die verskillende kore is deur die jare deur verskillende persone begelei, naamlik mev. P J Loubser, L Verster, Stefans Grové en Gerhardus Koornhof, mej. E van Rensburg en

mnr J van Tonder (Casaleggio, 1940, p. 41, 1941, p. 14, 1945, pp. 64-65, 1949, p. 76; Van Rensburg, 1954, p. 22; *The Friend*, 25 Augustus 1951).

Die kore het verder aan die jaarlikse sangfeeste deelgeneem wat in Bloemfontein onder die leiding van Petrus Lemmer aangebied is. Sover bekend het hulle in 1940, 1941, 1942, 1943, 1944, 1945 en 1948 aan hierdie feeste deelgeneem en groot welslae behaal. Benewens die koorwerke wat hulle saam met die massakoor gesing het, het hulle ook individueel opgetree. 'n Paar koorwerke wat hulle gesing het, sluit in *Jy's rein soos lentebloem*, *Bird songs at eventide* (Coates) en *Barcarolle* (Offenbach). 'n Merkwaardige gebeurtenis tydens hierdie feeste was dat die hele hoërskool ook *Psalms 3, 116 en 128* en *Gesang 123* vierstemmig gesing het. Die Jongmannekoor wat in 1942 gestig is het ook soms aan die sangfeeste deelgeneem. Hulle het onder andere *Na buite* en *In stille nag* vierstemmig gesing. In 1948 het die koor dele uit *The Quaker Girl* aangebied (Casaleggio, 1940, p. 41, 1942, p. 19, 1943, p. 64, 1944, p. 69, 1945, pp. 64-65; Loubser, 1941, p. 7 1943, p. 7; *Die Volksblad*, 15 September 1948).

Tussen 1940 en 1955 het die skool 'n hele aantal skoolkonserte aangebied waarvan die fondse vir verskillende projekte aangewend is. Volgens die jaarblaai van Sentraal het skoolkonserte in 1942, 1944, 1946, 1947, 1951 en 1955 plaasgevind. By daardie geleenthede is 'n groot verskeidenheid items aangebied wat koorsang, sangsolo's, klaviersolo's, vioolduo's, toneelstukke, volkspele en liggaamsoefeninge ingesluit het. Hierdie konserte is baie gunstig deur die publiek ontvang en het in die meeste gevalle

positiewe resensies in die plaaslike koerante ontvang. Individuele leerlinge wat tydens hierdie konserte opgetree het, sluit in Anna van Schalkwyk (sang), W de Beer en D Alberts (beide viool), Caroline Nieuwoudt (klavier), Dawfré Roode (klavier), Hermina Verster en Jennifer Travers (beide viool). 'n Paar werke wat uitgevoer is, was **Blanke Engelerei** (Handel), **Die lente is 'n mooi nooientjie** (M Philips), **Prelude en Fuga in G majeur** (Bach), eerste deel van die **Sonate in D majeur KV 284** (Mozart), **Nokturne opus 72 nr 1 in e mineur** (Chopin), **Andante Cantabile** (Tartini) en 'n **Bolero** (Moszkowski). Koorwerke op die verskillende konserte het ingesluit **Psalms 28 en 118**, **Lentelied** (Pensuti), **Die Drie Vissers** (MacFadden), **Die Violtjie** (Scarlatti), **Gesang 7**, **Where the bee sucks** (Arne), **Verlange** (Silcher), **Song of the Pedlar** (Williams) en **Bird songs at eventide** (E Coates) (Loubser, 1942, p. 8; Casaleggio, 1942, p. 19, 1944, p. 69, 1946, p. 77; *Die Volksblad*, 26 September 1946, 20 September 1947, 25 Augustus 1951, 3 September 1955; *The Friend*, 25 Augustus 1951, 14 en 19 September 1955).

'n Vereniging wat in Bloemfontein ontstaan het om jong talent te bevorder en jong kunstenaars die geleentheid te bied om voor die publiek op te tree, naamlik die Kunstenaars van die Toekoms, het talle konserte aangebied. Op 16 Maart 1951 het hierdie vereniging 'n konsert in die Stadsaal aangebied waartydens die gemengde koor van die Hoërskool Sentraal opgetree het. Die koor het stewige en gedissiplineerde sang onder die leiding van Michele Casaleggio gelewer. Die balans was indrukwekkend,

maar in 'n vertolking van 'n stemmingslied soos *Bird songs at eventide*, was die benadering te swaar (*Die Volksblad*, 13 en 19 Maart 1951).

Die skoolkoor van Sentraal het verder by talle ander geleenthede opgetree. In 1952 het hulle in konserte van die Junior Arts League en tydens die Van Riebeeckfeesvieringe opgetree. Op 23 Februarie 1954 en 7 Oktober 1954 het hulle uitvoerings tydens die Vrystaatse Eeufeesvieringe en die onthulling van die C R de Wet-standbeeld gegee. Koorwerke wat gesing is het ingesluit *O God of Bethel*, *Country Gardens* (Grainger-Sharpe), die *Onse Vader* (Mascagni), *Gee my Suid-Afrika* (S le Roux Marais), *Die lokstem van die laeveld* (S Eyssen), *Trou* (E Hullebroeck), *Afrikaners landgenote* (Hofmeyer) en *Psalm 8*. In sommige gevalle het van die leerlinge as soliste opgetree. Een van die soliste was Blanche Terblanche, 'n dogter wat 'n belowende stem gehad het (*Die Volksblad*, 19 Februarie 1952, 3 en 20 Februarie en 20 Oktober 1954; *The Friend*, 28 Mei 1952). 'n Ander faset van hierdie koor se aktiwiteite, was hul optredes in kerke. Tydens 'n gewyde konsert wat in die Ned Geref Kerk De Bloem op 28 Maart 1954 aangebied is, het hierdie skoolkoor vir een van die hoogtepunte gesorg. Onder die leiding van Casaleggio het hulle *Psalm 8* en *Jubilate* gesing (*Die Volksblad*, 27 en 29 Maart 1954).

Sang het oor die algemeen 'n besondere groot rol by Sentraal vervul en hulle was in die gelukkige posisie om 'n persoon soos mnr Casaleggio te hê wat met groot ywer sy werk verrig het. Ten spyte van baie kort periodes van 25 minute het hulle in die sangklasse

jaarliks 'n groot verskeidenheid liedere ingestudeer, wat gewissel het van Psalms en Gesange tot volksliedjies. Hierdie tekort aan tyd is egter in 1941 oorkom met die nuwe leerplanne. Daar het gereeld tot en met 1951 'n artikel in die jaarblad van Sentraal verskyn waarin die koor se aktiwiteite uiteengesit is. Vanaf 1952 tot 1955 was daar geen artikels in dié verband in die jaarblaai nie, maar wel foto's van die kore (Casaleggio, 1940, p. 41, 1942, p. 19).

Op 17 en 18 September 1948 het hierdie skool 'n reuse onderneming aangepak. Hulle het die operette, **The Quaker Girl** van Lionel Monckton aangebied. Mnr Casaleggio was die groot dryfkrag agter hierdie onderneming en was die musiekregisseur. Hy is deur mej Toerien bygestaan. Petrus Lemmer het as dirigent opgetree en 'n orkes onder die leiding van Victor Pohl was vir die begeleiding verantwoordelik (*Die Volksblad*, 21 Augustus 1948; Casaleggio, 1993, Onderhoud; Malan, 1948, p. 5).

Volgens die resensent van *The Friend* (18 September 1948) was dit 'n hoogs geslaagde aanbieding. Casaleggio het met die hulp van mej Liebie Toerien, wat verantwoordelik was vir die korrekte Engelse uitspraak, voorkom dat 'n bekende blyspel soos **The Quaker Girl** vervelig geword het. Baie van die jong stemme kon natuurlik nie altyd in die Stadsaal gehoor word nie, maar Casaleggio het nooit die kinders geforseerd laat sing nie. Al die deelnemers was leerlinge van Sentraal, behalwe André Bezuidenhout wat die rol van Prins Carlo vertolk het. Hy was 'n oud-leerling van die skool. Johanna Joubert in die rol van die quaker girl was sjarmant en het oor 'n pragtige stem beskik. Die

dogters se toneelspel was oor die algemeen meer oortuigend as dié van die seuns. Ander persone wat hulle rolle besonder goed vertolk het, was Johannes Pretorius as die koning se boodskapper en James Preston as die marine-offisier. Die orkes, gedirigeer deur Petrus Lemmer het ook groot lof vir hulle simpatieke spel ontvang (Casaleggio, 1993, Onderhoud).

In 1950 het hierdie skool weer eens 'n geslaagde operette aangebied, naamlik *The King's Jester* (Alec Rowley). Hierdie aanbieding het op 13 en 14 Oktober 1950 in die skoolsaal plaasgevind en het soos by die vorige geleentheid onder die leiding van Casaleggio gestaan. Persone wat uitgeblink het was Jennifer Travers, André Viljoen, Morkel Combrink, Marina Agenbag en Marius van der Wall. Volgens die resensent was die kostuums kleurvol, die musiek pragtig en die sang genotvol en afgerond (*Die Volksblad*, 13 en 14 Oktober 1950).

Afgesien van operettes het Michele Casaleggio ook musieksketse by die skool aangebied. Die *Blink Kristal* (Kotzé en de Villiers) en *Lida en die liedjieskrywer* (Retief en Le Roux Marais) is voorbeelde hiervan (Casaleggio, 1993, Onderhoud).

Michele Casaleggio het hom ook vir volkspele beywer en gereeld as begeleier vir saamtrekke opgetree. Op sy inisiatief was daar vir 'n geruime tyd 'n volkspele-groep by Sentraal wat by verskeie geleenthede opgetree het. In September 1951 is daar 'n

volkspele-kursus by die U O V S onder die leiding van Elsa Dekker aangebied. By daardie geleentheid het Michele Casaleggio ook as begeleier opgetree (*Die Volksblad*, 21 September 1951; Casaleggio, 1993, Onderhoud).

Casaleggio het in 1974 afgetree en is vandag nog in Bloemfontein woonagtig (Casaleggio, 1993, Onderhoud).

Volgens Casaleggio en die jaarblaaie van die skool was daar verskillende klavieronderwysers by die skool werksaam. 'n Ene mej Van Rensburg is in 1950 as permanente musiekleerkrag aangestel. In 1951 is mej Haarhof by die skool aangestel. In 1953 was mej E Crouse en Victor Pohl ook op die musiekpersoneel en in 1955 is mej Ina Moll (later Ellis) as klavierleerkrag aangestel (Malan, 1950, p. 5, 1951, p. 5; Van Schoor, 1953, p. 3; Casaleggio, 1993, Onderhoud).

Daar is egter nêrens in die jaarblaaie in die tydperk onder bespreking enige melding van eksamenprestasies van individuele leerlinge gemaak nie. Leerlinge is wel vir eksamens voorberei. Slegs enkele prestasies van individuele leerlinge op die jaarlikse kunswedstryde is in die jaarblaaie aangedui (Casaleggio, 1993, Onderhoud).

Volgens die jaarblaaie van Sentraal wil dit voorkom asof die kadetorkes eers vanaf 1945 werklik 'n aktiewe bestaan kon maak. Die orkes is egter eers in 1946 geregistreer. In 1947 het die kadetorkes uit 28 lede bestaan en die tamboermajoor was J C Pretorius. In

hierdie tyd was daar min oor die aktiwiteite van hierdie orkes bekend en daar kan aangeneem word dat hulle slegs by skoolparades opgetree het (Wessels, 1945. p. 66; Pretorius, 1947, p. 99).

Die orkes het vinnig gevorder en kon in 1948 aan die kadetorkeskompetisie deelneem. Afgesien van skoolparades het hierdie orkes by meer as een geleentheid tydens die Sentrale Tentoonstelling opgetree. In 1952 het hulle 'n parade in Brandfort gelei en in 1955 het hulle tydens die jaarlikse Jooloptog van die U O V S opgetree, asook tydens die afsluitingsaparade van die Natal Carbineers (Pretorius, 1948, p. 73; Wessels, 1951, p. 85, 1952, p. 88, 1954, p. 73; Von Backström, 1955, p. 93; *Die Volksblad*, 9 Junie 1955).

Die Hoërskool Sentraal het in sekere stadiums 'n boereorkes gehad wat met groot sukses opgetree het (Casaleggio, 1993, Onderhoud).

In 1956 is mnr Pieter Roos as musiekonderwyser by die Hoërskool Sentraal aangestel. Hy en sy vrou Sanda, het van Wepener gekom en hulle in Bloemfontein gevestig. Mnr Roos was in daardie stadium in besit van die U O L M (sang en klavier) en ook die graad agt orreleksamen. Hy het onder proff George van der Spuy en David Roode studeer. Sanda het bekendheid vir haar puik koor van Wepener verwerf en is aangestel as orreliste van die Ned Geref Kerk Estoire, buite Bloemfontein en musiekonderwyseres by die Laerskool Ferreira (*Die Volksblad*, 4 Februarie 1956).

Aubrey Karstel is later by Sentraal aangestel. Hy het klavieronderrig en die teoretiese onderrig, vir die leerlinge wat musiek as skoolvak geneem het, aangebied (*Die Volksblad*, 4 Februarie 1956).

10.4 Ander Gemengde Skole

Daar bestaan baie min inligting van die ander gemengde skole in Bloemfontein wat musiekonderrig betref en gevolglik kan geen sinvolle verslag oor dié aspek in hierdie skole gegee word nie. Aangesien alle gemengde skole in Bloemfontein staatskole was en onder die Departement Onderwys Oranje-Vrystaat gestaan het, kan met sekerheid gesê word dat die leerplanne wat gevolg is, dieselfde was as dié van toepassing op die res van die skole.

Daar was ook skole wat in daardie tyd slegs 'n paar jaar bestaan het en gevolglik nog nie werklik met prestasies van een of ander aard kon spog nie. Hulle het wel pogings aangewend om musiek in die algemeen by die skole te bevorder deur konserte aan te bied. 'n Voorbeeld van so skool was die Laerskool Willem Postma wat in 1947 slegs drie jaar bestaan het en teen die einde van daardie jaar 'n baie geslaagde konsert in die Spoorweginstituut aangebied het. Dié konsert het op 5 Desember 1947 plaasgevind en het orkeswerkies ingesluit wat deur die skoolorkes gespeel is. Mnr Lemmer het in

daardie stadium reeds sy dankbaarheid teenoor die skool uitgespreek en was baie beïndruk met die standaard van spel wat gelewer is (*Die Volksblad*, 3 en 6 Desember 1947).

Die feit dat sekere skoolkore baie goeie prestasies tydens die Vrystaatse Kunswedstryd behaal het, is 'n duidelike bewys dat daar by sommige van hierdie skole uitmuntende sangonderrig gegee is. Hierdie kore was dus uitsoekgroepe wat spesiaal vir die kunswedstryde afgerig is en was nie verteenwoordigend van die algemene sangstandaard in hierdie skole nie.

Die laerskoolkoor van Pres Brandskool is 'n voorbeeld van 'n koor wat werklik uitsonderlike prestasies tydens die Vrystaatse Kunswedstryde tussen 1940 en 1955 behaal het. Hulle het byna sonder uitsondering by elke geleentheid die eerste plek in hulle spesifieke kategorie behaal. Morkel Combrink was aanvanklik die koorleier, maar later het mej Ruth Davis die kore afgerig (Van Wyk, 1994, Telefoongesprek).

Ruth Davis self het 'n goeie sangstem gehad, maar dit was veral haar goeie afrigtingswerk wat die kore betref, wat haar so bekend gemaak het. Volgens 'n koorlid, Hannie van Wyk (née Jooste), wat vanaf 1952 tot 1958 in die koor van Ruth Davis gesing het, is dit duidelik dat Davis werklik 'n uitstaande koorleier was (Van Wyk, 1994, Telefoongesprek).

Volledigheidshalwe volg hier 'n lys van kore en hulle prestasies tydens verskillende kunswedstryde:

- 1941: V K V-wisseltrofee vir kindertuinkore - Modelskool
Osborne-wisseltrofee vir kore van 10 jaar en onder - Pres Brandskool
Eerste plek, seunskore van 13 jaar en onder - Pres Brandskool
- 1943: Eerste plek, seunskore van 13 jaar en onder - Pres Brandskool en Shannonskool
Sabbagha-wisseltrofee vir kore van 12 jaar en onder - beide Pres Brandskool en Eunice Primêre Meisieskool
V K V-wisseltrofee vir kindertuinkore - Shannonskool
- 1945: Eerste plek, seunskore van 13 jaar en onder - Pres Brandskool
- 1947: A-simbool, seunskore van 13 jaar en onder - Pres Brandskool
- 1949: A-simbool, skoolkore van 15 jaar en onder - Modelskool
- 1951: A-simbool, Hoërskoolkore (tweestemmig) - Hoërskool Shannon
A-simbool, skoolkore van 12 jaar en onder - Koot Niemannskool, Shannonskool, Modelskool en die Noordskool
- 1953: A-simbool, skoolkore van 15 jaar en onder - Pres Brandskool
- 1955: A-simbool, skoolkore van 10 jaar en onder - Pres Brandskoolkoor A en Pres Brandskoolkoor B
A-simbool, skoolkore van 12 jaar en onder - Pres Brandskool en Koot Niemannskool
A-simbool, skoolkore van 13 jaar en onder - Pres Brandskool en Wilgehof

Volkskool A-simbool, Primêre skoolkore (tweestemmig) - Pres Brandskool
(*Die Volksblad*, 14 en 17 Mei 1941, 15 en 17 Mei 1943, 17 Mei 1945, 15 Mei 1947, 20
Mei 1949, 16 en 17 Mei 1951 en 6 Mei 1953; *The Friend*, 19 Mei 1941, 4, 5 en 6 Mei
1955).

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat by sommige van hierdie skole daar wel
leerkragte was wat in staat was om kore goed af te rig. Dit is verder ook opvallend dat
sommige van die Bloemfonteinse skole se name glad nie in die uitslae van
kunswedstryde voorkom nie. Dit is moeilik om vas te stel wat werklik die rede hiervoor
was.

Van individuele prestasies tydens hierdie kunswedstryde was daar bykans geen sprake
nie. Die vraag ontstaan ook of die leerkragte wat aan dié skole verbonde was goed
genoeg gekwalifiseer was om die leerlinge vir sulke wedstryde af te rig. Of leerlinge
hoegenaamd vir musiekeksamens voorberei is, word ook bevraagteken. In die dekades
voor 1940 was dit duidelik dat musiekonderrig veel eerder by meisie- as by seunskole
inslag gevind het. In die tydperk onder bespreking het daar beslis 'n wending ingetree.
Daadwerklike pogings is aangewend om die seuns meer by musiek in die algemeen te
betrek. Sekere seunskole het ook skitterende prestasies gelewer. Waar die
departementele skole in die verlede beslis verwaarloos is, is daar tussen die jare 1940 en
1955 werklik moeite met musiekonderrig by skole gedoen. 'n Positiewe stap was die
aanstelling van bekwame musiekleerkrigte by die verskillende skole.

10.5 Private onderrig in Bloemfontein

Aangesien die plaaslike koerante wat in Bloemfontein verskyn het die enigste advertensie-medium was, kon die onderwysers en onderwyseresse wat private musiekonderrig gegee het, maklik bepaal word. Baie van hierdie onderwysers het konserte aangebied waartydens hulle leerlinge die geleentheid gekry het om op te tree. In baie gevalle was van hierdie onderwysers in vaste betrekkinge aan onderwysinrigtings verbonde en het private onderrig gegee om sodoende hulle salaris aan te vul en ook om aan leerlinge van skole waar geen musiekonderrig beskikbaar was nie, die nodige musiekonderrig te voorsien. Die leerlinge is nie net vir die laer musiekeksamens voorberei nie, maar ook vir die lisensiaateksamens, waardeur leerlinge op hulle beurt die nodige kwalifikasies verkry het om self musiekles te kon gee.

Die advertensies wat in die nuusblaai geplaas is, het nie net die betrokke ateljee of skool geadverteer nie, maar die onderwysers het ook hulle eie kwalifikasies verstrekk en verder aangedui in watter praktiese of teoretiese musiekvakke hulle onderrig gegee het. Hier volg 'n paar voorbeelde van sulke advertensies:

"Miss D Hutton, L T C L, A T C L, M R ST. London training. Prepares pupils for all exams in piano, theory and harmony. New term commences, January 25, Studio, 7 Second Street.

Pianoforte and Harmony, Miss Grace Fainsinger, U T L M, U P L M, has vacancies for beginners and advanced pupils. New term commences Wednesday 25, Phone 157, Studio, 11 York Road." (*The Friend*, 17 en 21 Januarie 1939).

Onderwysers het nie net van advertensiekolomme gebruik gemaak om hulle ateljee te adverteer nie, maar het ook hulle leerlinge se uitslae in die koerante gepubliseer. Die musiekuitslae was dan van so aard dat duidelik bepaal kon word wie die leerling is en wie vir sy of haar opleiding verantwoordelik was. Hierdie vorm van publisiteit het natuurlik sy voordele vir die onderwyser ingehou, want nie alleen het die onderwyser wat goeie resultate lewer meer leerlinge getrek nie, maar kon die begaafde en talentvolle leerlinge geselekteer word om sodoende konstante goeie uitslae te waarborg. Die onderwyser het hierdeur meer bekend geraak en dit het beteken dat hy of sy van 'n taamlieke veilige inkomste verseker was.

Die resultate van musiekeksamens is baie gereeld in die koerante gepubliseer, maar sommige onderwysers het ook kunswedstrydsuksesse geplaas. Hier volg 'n paar van die bekendste en mees vooraanstaande musiekleerkragte se uitslae:

Leerlinge van Victor Pohl: Chris van der Post (finaal, viool), Charlotte Grobbelaar (graad 7, viool), Martli Pohl (graad 6, viool). Verder het twee leerlinge klavier Graad 5 geslaag en ook 'n aantal die Graad 1, 2 en 3 klaviereksamens (*The Friend*, 24 September 1940).

Leerlinge van meij Gertrude Hobday en oorlede Maud Hobday. Hulle het twintig leerlinge vir die U N I S A eksamens ingeskryf en al twintig het geslaag; 1 geslaag in Finaal (klavier), 1 in Graad 6 (klavier), 2 in Graad 5 (klavier) en ook kandidate in Grade 1, 2 en 3. Vioolkandidate het ingesluit: 1 in Graad 5, 1 in Graad 3, 1 in Graad 2 en 2 in Graad 1 (*The Friend*, 25 September 1941).

Leerlinge van Jennie Hadlow, L R A M: Sangeksamens geslaag deur 2 (U V L M), 1 (U O L M), 2 (Finaal), 7 (Gevorderd), 1 (Graad 6) en 2 (Graad 5). Sy het ook 'n aantal leerlinge ingeskryf vir die teorie eksamens wat goed geslaag het (*Die Volksblad*, 7 Oktober 1942).

In baie gevalle is die presiese punte wat kandidate in die eksamen behaal het ook in die advertensie aangedui, soos geïllustreer deur die advertensie wat in 1942 verskyn het:

"Musiekeksamens-uitslae. Vrystaatse Musiekskool, Hillstraat 17, Bloemfontein. Leerlinge van D J Roode (Prinsipaal), L R A M, U T L M, U P L M (sang), L R A M, A R C M, U T L M (klavier), U P L M (orrel).

Lisensiaat klavier (U T L M): S Grové 174, L Knipe 151, H Human, 151.

Lisensiaat klavier (U P L M): S Grové 170, M Grové 157, M Tahan, 156.

100% geslaag in klavier Lisensiaat.

Lisensiaat orrel U P L M): S Grové 168.

Lisensiaat sang (U T L M): M Botha 163, E Blignaut 157, M Weideman 152.

A T C L klavier: S Sorour.

Klavier: Finaal: D Muller (met lof), N Havenga (met lof), A Myburgh (met lof), G van der Walt (met lof), J de Jager (met eervolle vermelding).

Graad 6: S Singer (eervolle vermelding)

Graad 5: De Villiers Joubert.

Leerlinge van mej M Tahan, U P L M, U T L M, A T C L, L T C L (assistente van mnr Roode).

Klavier: Finaal: D Green

Graad 7: C Coetzee (eervolle vermelding)

Graad 6: L Tahan (met lof)

Graad 5: E Singer (met lof), B du Plessis (eervolle vermelding)

Graad 4: C Ross (eervolle vermelding)

Graad 3: J Linde (met lof), J Botha (eervolle vermelding)

Graad 1: W Steyn (eervolle vermelding), S Dick." (*Die Volksblad*, 31 Oktober 1942).

Soos reeds genoem het baie van die onderwysers konserte aangebied waartydens hulle leerlinge opgetree het. Hierdeur is die publiek in staat gestel om self te bepaal van watter standaard die onderwyser se werk was. Tydens hierdie konserte het nie alleenlik die uitblinkerleerlinge opgetree nie, maar leerlinge in verskillende stadiums van vordering is ook aan die publiek voorgestel. 'n Groot verskeidenheid is hierdeur verkry en die leerlinge het uiters waardevolle verhoogondervinding opgedoen. Hoewel die

leerlinge die uitvoerings gelewer het, het die soeklig hoofsaaklik op die onderwyser geval. Die onderwysers het op hierdie manier publieke erkenning verkry vir die werk wat hulle verrig het wat vir die musiekonderwysers in die huidige bestel nie werklik moontlik is nie. Tans is die meeste musiekonderwysers in diens van onderwysinrigtings en is dit eerder die inrigting as die onderwyser wat vir die publieke erkenning in aanmerking kom. Die leerkrag, sover die publiek betref, bly anoniem. Daar is sommige gevalle waar prestasiebejagte onderwysers 'n punt daarvan gemaak het om wel onder die publiek se aandag te kom.

In die huidige tyd is 'n berig soos die volgende, waarin 'n konsert deur leerlinge van mev M le Grange Lombard bespreek word, in Bloemfontein onbekend:

"Mev M le Grange Lombard het Saterdagmiddag haar leerlinge aan die publiek voorgestel by wyse van 'n lig-klassieke konsert in die Clarendonsaal. Te meer daar die opbrengs ten bate van van die Vereniging vir Kindersorg gegaan het, moes die opkoms veel beter gewees het. Nietemin het die gehoor 'n aangename aand deurgebring, waartoe die meeste bygedra is deur die sang van mev Kelly en natuurlik die leidster self, vir die eerste maal in die openbaar opgetree het, is 'n bevredigende gehalte bereik." (*Die Volksblad*, 20 November 1944).

'n Onderwyseres wat tydens haar verblyf in Bloemfontein gereeld konserte aangebied het, was Jennie Hadlow. Sy het nie alleen 'n ateljee gehad nie, maar ook 'n uitstekende

dameskoor wat tydens hierdie konserte opgetree het. Haar koor het ook meesal uit van haar leerlinge bestaan. 'n Ander verblydende aspek was dat sy haar leerlinge gebruik het om die solo's te sing. Op hierdie manier het plaaslike sangers en sangeresse die geleentheid gekry om as soliste op te tree. Soortgelyke konserte het in 1940, 1942 en 1945 plaasgevind (*Die Volksblad*, 18 November 1940, 21 November 1943 en 16 Oktober 1945).

In die vorige dekades het die meeste van die private ateljees rondom klavieronderrig gesentreer. In die jare 1940 tot 1950 het daar egter meer onderwysers na Bloemfontein gekom wat meegebring het dat die verskeidenheid ook vergroot het. Die Vrystaatse Musiekskool het uitgebrei en in klavier, orrel en sang onderrig aangebied. Jennie Hadlow se sangateljee het in sangonderrig gespesialiseer en Victor Pohl het homself op vioolonderrig toegespits.

Ligte musiekvermaak was in die jare onder bespreking besonder gewild in Bloemfontein. Een van die persone wat werklik op hierdie gebied uitblink het, was Klasie Fourie. Hy is op 13 Junie 1910 in Fauresmith gebore. Hy het aan die destydse Voorbereidende Tegniese Skool (later Sentraal) gestudeer, waarna hy sy hoërskoolloopbaan by Grey-kollege voltooi het. In sy jeugjare het hy klassieke musiekonderrig van onder meer Charles Hamer, P K de Villiers, Andrew Hutton en Wansbrough Poles ontvang. Hy het in 1928 beroeps pianis geword. Sy verblyf in Bloemfontein is tydelik onderbreek toe hy vir 'n kort tydperk in Durban en Kaapstad gewoon het. In 1938 het hy hom

permanent in Bloemfontein gevestig waar hy gereeld opgetree en onderrig gegee het. Hy is op 12 Julie 1994 in Potchefstroom oorlede (*Die Volksblad*, 14 Julie 1994).

Hy het nie alleen sy eie ateljee gehad nie, maar ook 'n orkes wat by talle geleenthede in Bloemfontein verantwoordelik was vir die musiekvermaak, hetsy tydens konserte of danspartytjies. Sy ateljee, wat alreeds in 1940 baie bekend in Bloemfonteinen was, was aanvanklik (1942) in Kerkstraat 5 geleë en later van tyd in 1947 het dit na Fonteinstraat 20 verskuif. In 1948 was sy ateljee in Elizabethstraat 4 gesetel. Hy het kursusse in trekklavier en klavier (die sogenaamde "syncopation") aangebied. Later van tyd het sy ateljee s'o uitgebrei dat hy assistente moes aanstel in die persone van Solly Ward en 'n ene mev J Noach (*The Friend*, 3 Februarie 1940, 25 Januarie 1944, 20 Januarie 1945, 22 Januarie en 8 Oktober 1947 en 1 Mei 1948). Die Teddie Garattskool vir syncopation het ook 'n ateljee in Bloemfontein geopen. Die twee persone wat vir die onderrig verantwoordelik was, was Paddy Currin en mej B Carter. Die skool het ook onderrig in trekklavier aangebied (*Die Volksblad*, 19 en 23 Januarie 1940).

Later jare het Paddy Currin sy eie ateljee op die been gebring wat ligte musiekonderrig verskaf het. Sy ateljee was in Wes-Burgerstraat 48 geleë (*The Friend*, 21 Januarie 1948).

Ander musiekonderwysers wat private onderrig in Bloemfontein gegee het, sluit in: Matilda Belfort (klavier en teorie), Trudie Ehlers (klavier), Marion Key (klavier en

sang), mev A Smuts (klavier), mej L Duvenhage (klavier), mev I Borstlap (klavier), mev I J Grové (teorie), Tom Raine (klavier, orrel, teorie en harmonie), mev G H Walker (klavier en teorie), Estelle Kahn (klavier), Maragret Budgen (viool), mev Joffé (klavier), Miekie Nel (klavier), Thelma Amm (klavier, teorie en harmonie), Joyce Mayhew, (klavier "syncopation"), Diana Rose (klavier), Andrew Hutton (klavier en orrel), Alma Kok (viool en klavier), Isabel du Toit (klavier, orrel en sang) (*The Friend*, 8 en 10 Oktober 1940, 9 Oktober 1941, 17 Januarie en 25 September 1942, 4 Februarie en 27 Julie 1944, 22 Januarie en 1 Augustus 1945 en 27 Januarie 1950; *Die Volksblad*, 27 Februarie 1940, 13 September 1941, 25, 26 September en 16 Oktober 1942, 13 Oktober en 7 November 1945 en 29 Oktober 1947; Kok, 1992, Onderhoud; Du Toit, 1992, Brief).

Soos dit in ander hoofstukke elders in die studie blyk het die meeste van dié onderwysers - soos ook die onderwysers wat aan onderwysinrigtings verbonde was - hulle opleiding of 'n gedeelte van hulle opleiding in Brittanje ontvang, óf het onder Brits-opgeleide onderwysers studeer. Dit is dus vanselfsprekend dat die pedagogiese benadering en keuse van onderwysmateriaal deur Britse beskouinge beïnvloed sou word. In die meeste gevalle was die private onderwysers se werk tydens eksamens of kunswedstryde onderwerp aan die oordeel van Britse of Brits-opgeleide musici, en was hulle genoodsaak om te voldoen aan die vereistes van 'n oorwegende Britse musieksmaak.

10.6 Musiekonderwysersverenigings

'n Vereniging wat die belange van die privaat musiekonderwyser, sowel as die musiekonderwyser verbonde aan 'n onderwysinrigting op die hart dra is die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers (S A V M O), in Engels die South African Society of Music Teachers (S A S M T). Hierdie vereniging funksioneer landswyd en daar bestaan takke in al die vernaamste sentra in die land en Namibië. S A V M O se Bloemfontein-tak het sy ontstaan gehad na aanleiding van die entoesiasme van Wansbrough Poles en 'n klein groepie toegewyde musiekonderwysers (*The Friend*, 14 Desember 1953).

Vanaf 1940 tot 1949 was dit maar taamlik stil sover dit die bedrywighede van hierdie vereniging betref. Daar het wel op 8 Maart 1950 'n vergadering plaasgevind. 'n Interessante musiekprogram is ook by daardie geleentheid aangebied. Isabel du Toit, Derik van der Merwe, Martli Pohl en Victor Pohl het 'n aangename program aangebied (*Die Volksblad*, 4 Maart 1950). In 1953 is L T Shepstone tot Voorsitter van die Bloemfonteinse tak verkies (*Die Volksblad*, 8 Oktober 1953).

Tydens die twee-en-dertigste jaarkongres van hierdie vereniging wat in Bloemfontein plaasgevind het, het Arnold Fulton gesê dat die musieksnobisme in die land tot gevolg het dat plaaslike talent nie tot sy reg kom nie. Hy het verder die standpunt gehuldig dat dit voordelig was indien oorsese kunstenaars in Suid-Afrika opgetree het, maar nie ten

koste van plaaslike kunstenaars nie. Tydens hierdie kongres is die nuwe President aangewys, naamlik Fred Poetzsch van Kimberley. Destyds was hy in Pretoria woonagtig (*Die Volksblad*, 14 Desember 1953; *The Friend*, 14 Desember 1953).

In 1954 het die Bloemfontein-tak van die vereniging uitvoerings deur studente in ander dele van die land in die vooruitsig gestel. Volgens Mary Rousseau, sekretaresse van die Bloemfontein-tak, het Edward Dunn van Durban die voorstel gemaak. Dit sou aan studente die geleentheid bied om onder konsertomstandighede op te tree. 'n Probleem het egter ontstaan, naamlik die administrasie van die bogenoemde projek (*The Friend*, 27 Mei 1954).

Die probleem wat hierbo uitgelig is, is egter oorkom, want in 1955 het 'n aantal bekende persone in die musiekwêreld die oudisies waargeneem. Hulle was op soek na jong talent om uitvoerings, veral op die platteland, te gee. Gerhardus Koornhof, Petrus Lemmer, Freda Roode, Leonard Shepstone, Mabel Duggan, mev. A Lovell en Shepstone was verantwoordelik vir die oudisies. 'n Paar van die bekendste jong musici wat die oudisies suksesvol afgelê het, was Leonard Lemmer (fluit), Japie Human (klavier), Dawfré Roode (klavier) en Carolina Nieuwoudt (klavier) (*Die Volksblad*, 1 en 2 April 1955).

Die bogenoemde kunstenaars het saam met nog ander 'n uitvoering in die Universiteitsaal aangebied. Hulle uitvoering het onder die beskerming van die

Bloemfonteinse tak van die S A V M O op 21 Oktober 1955 plaasgevind. Japie Human het die **Scherzo** uit die **Napoli-suite** van Poulenc gespeel. Carolina Nieuwoudt het beïndruk met haar vertolking van die **Rapsodie in f-kruis mineur** (Dohnanyi), Dawfré Roode het die **Polonaise in A-mol majeur** (Chopin) gespeel en Martie van Rensburg **Die Meisie en die nagtegaal** (Granados). Hermina Verster het as besoekende soliste opgetree. Sy het die **Prelude en Allegro** (Pugnani-Kreisler) gespeel en saam met Leonard Lemmer het hulle 'n **Hongaarse Rapsodie** uitgevoer. Leonard het ook die **Pastoraal** (Doppler) gespeel en Richard, sy broer, het 'n klarinetsolo gelewer. Sangeresse wat opgetree het, sluit in Berna Cloete (later Ackerman), Babsie Kruger (later Farnham) en Maxie van der Walt (*Die Volksblad*, 19 Oktober 1955).

10.7 Samevatting

Uit bogenoemde is dit duidelik dat koorsang by al die skole onder bespreking 'n baie belangrike rol gespeel het. As daar na die algemene ingesteldheid ten opsigte van koorsang in Bloemfontein verwys word, is dit vanselfsprekend dat koorsang by die skole ook baie aandag geniet het. Die feit dat Petrus Lemmer die sanginspekteur tussen 1940 en 1955 in die Vrystaat was, het beslis 'n groot invloed op die koorsang en die belang daarvan uitgeoefen. Soos dit blyk in Hoofstuk 6 wat oor musiekonderwys in Bloemfontein handel, was Lemmer 'n kenner op dié gebied en het hy alles in sy vermoë gedoen om sang en veral ook koorsang in Bloemfontein en die hele Vrystaat te verbeter. Die sangfeeste wat vir 'n geruime tyd jaarliks in Bloemfontein aangebied is, is met groot

entoesiasme deur die verskillende skole ondersteun. Tydens hierdie feeste kon die verskillende kore wys waartoe hulle in staat was.

Individuele klavieronderrig het by baie van die skole deeglike aandag geniet. 'n Paar skole waar daar tussen die jare 1940 en 1955 baie goeie prestasies gelewer is, is die Oranje Meisieskool, die Eunice Meisieskool, die St Michael Meisieskool en Grey-kollege. Al die aandag is hoofsaaklik aan klavieronderrig geskenk, maar later is meer aandag aan orkesinstrumente gewy. Individuele onderrig wat orkesinstrumente betref het eers werklik in die tydperk na 1955 volwaardige status verkry. Puik prestasies is gelewer, veral wat klavierspel betref, en talle leerlinge het beurse van U N I S A ontvang. Deur in te skryf vir hierdie eksamens kon die leerlinge toon waartoe hulle in staat was en het dit ook as maatstaf vir die onderwyser gedien.

Die meeste skole het talle kandidate vir die Vrystaatse Kunswedstryd en die Bloemfontein Festival of Music, Speech and Dancing ingeskryf en puik prestasies behaal. Tydens hierdie kunswedstryde het die skoolkore ook meegeding en skitterende uitslae behaal. In baie gevalle het die beoordelaars die koorsang van die verskillende skoolkore as van die beste beskryf wat hulle al ooit in Suid-Afrika gehoor het. Skoolkore wat werklik beïndruk het, was dié van Sentraal, Eunice Meisieskool en Oranje Meisieskool. Die gemengde skoolkoor van die Hoërskool Sentraal kan hier uitgesonder word as een van die beste gemengde kore wat die stad in daardie jare

opgelewer het. Hulle het vir 'n baie lang tyd elke jaar die afdeling vir senior skoolkore gewen met sang van hoogstaande gehalte.

'n Ander geleentheid waartydens leerlinge hulle musiektalent kon uitleef was die konserte wat van tyd tot tyd by die verskillende skole georganiseer en aangebied is. Hierdie konserte het in die meeste gevalle uit 'n groot verskeidenheid items bestaan wat gewissel het van klavier- tot dans- en voordrag-items. In sommige gevalle het van die skole saamgespan en soortgelyke konserte saam aangebied. Op uitnodiging van die skole het ander bekende kunstenaars van Bloemfontein ook tydens hierdie konserte opgetree wat onmiddellik meer glans aan sulke geleenthede verleen het. Skole wat gereeld soortgelyke konserte aangebied het, sluit in Sentraal, Grey-kollege, St Andrews-kool, die Eunice Meisieskool, die Oranje Meisieskool asook die St Michael Meisieskool.

Operette-aanbiedings het by sekere skole baie aandag geniet. Die Christian Brothers' College het gereeld sulke operettes aangebied. In die meeste gevalle is werke van Gilbert en Sullivan aangepak en met groot sukses uitgevoer. Baie van hierdie produksies was van so 'n hoë standaard dat dit moeilik was om te glo dat dit slegs deur kinders aangebied is. Die Eunice Meisieskool het ook uitblink met verskeie sulke aanbiedings. Selfs in die huidige tyd word daar nog gereeld operettes deur skole in Bloemfontein aangebied. Onder andere het die Eunice Meisieskool en die St

Andrewskool het in 1994 My Fair Lady en Joseph and his Amazing Technicolour Dreamcoat aangebied.

Afgelei uit die aantal private onderwysers in Bloemfontein in daardie tyd, is dit duidelik dat hierdie onderwysers 'n redelike goeie bestaan kon voer. Hulle was almal goed gekwalifiseer en het baie goeie werk verrig. Hulle het nie alleen hulle ateljees in die plaaslike pers geadverteer nie, maar ook hulle eksamenuitslae in die koerante gepubliseer, wat opsigself 'n uitstekende advertensie vir hulle ateljees was. In sommige gevalle was van hierdie onderwysers ook aan skole verbonde, maar het ook private onderrig gegee om hulle salaris aan te vul. 'n Paar van die onderwysers het baie moeite gedoen en ook konserte vir hulle leerlinge georganiseer wat deur die publiek bygewoon kon word. Hierdie konserte het besliste voordele vir die onderwyser sowel as die kind ingehou. Met die huidige situasie in die land waar daar soveel musiekposte afgeskaf word, het die tyd dalk weer aangebreek tdat waar daar meer op private onderrig gekonsentreer sal moet word.

Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers is 'n liggaam wat verskeie voordele vir die musiekonderwyser inhou. Een van die belangrikste mikpunte van die vereniging is bereik met die publikasie van die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser, 'n tydskrif wat twee keer per jaar verskyn. In hierdie tydskrif word lede op die hoogte gehou van verskillende aktiwiteite regdeur die land. 'n Handige lys van al die lede verskyn ook agter in die tydskrif. Die plaaslike tak van die vereniging se aktiwiteite tussen die jare 1940 en 1955 is nie baie duidelik nie. Hulle het wel in sommige gevalle

konserte vir talentvolle kandidate georganiseer. Sulke konserte is ook op die platteland aangebied.

Die Bloemfontein-tak van hierdie vereniging het vir 'n lang ruk nie bestaan nie, maar is weer op die been gebring deur die onbaatsugtige werk van 'n bekende pianis en pedagoog van Bloemfontein, naamlik prof Japie Human. Hy het eiehandig groot pogings aangewend om die plaaslike tak weer aktief in werking te stel. Talle konserte is georganiseer en moeite is gedoen om nuwe lede te werf. Vandag word daar nog gereeld konserte aangebied en die tak beskik oor 'n taamlike groot ledetal.

HOOFSTUK 11

LIGTE MUSIEK IN BLOEMFONTEIN

Benewens die groot verskeidenheid ernstige musiekaktiwiteite wat tussen 1940 en 1955 in Bloemfontein aangebied is, kon liefhebbers van ligter musiek op 'n taamlik gereelde basis na sulke uitvoerings gaan luister. Bloemfontein self het oor 'n aantal uitstekende beoefenaars musici van ligte musiek beskik wat van tyd tot tyd besondere konserte en uitvoerings gegee het. Daar is gedurig nuwe moontlikhede op die proef gestel wat daartoe gelei het dat die aanbiedings in baie gevalle uit allerlei musiekvorms bestaan het wat jazz, ragtime en ligte klassieke musiek ingesluit het.

In baie gevalle was die kunstenaars wat opgetree het ook bekende musici in ernstige musiek wat hulle talente ook vir hierdie doel aangewend het. Hierdie konserte wat aangebied is was soms van so 'n aard dat dit nie onder 'n spesifieke vermaaklikheidsvorm geplaas kan word nie. In die meeste gevalle het musiek, in een of ander vorm, deel uitgemaak van hierdie aanbiedings. Waar dit in die vorige dekades hoofsaaklik kunstenaars vanuit die buiteland was wat hier opgetree het, het die klem nou verskuif en het baie meer plaaslike kunstenaars, hetsy van Bloemfontein of ander dele in die land, in soortgelyke konserte opgetree. Dit opsigself is reeds 'n teken van groei.

Plekke en geleenthede waar die meeste van hierdie konserte en uitvoerings plaasgevind het was in hotelle, restaurante en in 'n mindere mate bioskoopteaters. Konserte wat in restaurante aangebied is, het meesal die vorm van 'n Koffiehuiskonsert aangeneem en talle Bloemfonteinse kunstenaars het tydens hierdie konserte opgetree. Daar was wel van tyd tot tyd kunstenaars van oorsee wat hier opgetree het. Hierdie uitvoerings is oor die algemeen baie goed deur die publiek ondersteun.

'n Ander vorm van vermaak wat in die jare onder bespreking ook baie gewild geword het, was die optredes van boere-orkeste. Hierdie orkeste het gereeld in die sitkamers van hotelle of in kafees opgetree. Afgesien van hierdie optredes het die orkeste ook 'n ander funksie gehad, naamlik om by danspartye te speel.

11.1 Musiekvermaak in bioskoopteaters

In die tydperk voor 1940 was vermaak in die bioskoopteaters baie gewild, veral in die dae van klanklose rolprente. Afgesien van soliste wat musiek vir rolprente verskaf het, was daar in baie gevalle ook orkeste wat gespeel het. Hierdie verskynsel het mettertyd al minder geword totdat dit later heeltemal uitgesterf het.

Daar was 'n hele aantal bioskoopteaters in Bloemfontein waar soortgelyke musiek verskaf is. In die jare 1940 tot 1946 wil dit voorkom asof daar slegs by een teater nog die instelling was om musiek voor die aanvang van die film te verskaf. Dit was die

Ritz-teater. Tydens hierdie voorspele is daar dan hoofsaaklik gekonsentreer op die bekende liedjies wat uit die film kom wat vertoon sou word. Die persoon wat in daardie tyd alombekend was vir hierdie tipe vermaak, was die orrelis Tom Raine, wat self 'n puik kerkorrelis en onderwyser was (*Die Volksblad*, 30 Maart 1942).

Soos vandag nog, is op die kunsblad van *Die Volksblad* die films wat in Bloemfontein vertoon is, aangekondig. In dieselfde berig is die naam van Tom Raine genoem wat vir die orreluitvoerings verantwoordelik was. Volgens die plaaslike koerant het hy gereeld vanaf 1942 tot 1946 in die genoemde teater gespeel (*Die Volksblad*, 20 Mei 1942, 9 Februarie, 15 Augustus en 18 Oktober 1944, 12 Mei 1945, 8 Januarie, 6 Februarie, 16 April en 10 September 1946).

Hierdie tipe van vermaak kon tot in die vroeë sestigerjare deur bioskoopteatergangers geniet word. Dit het later van tyd nie meer 'n daaglikse instelling geword nie, maar is slegs tot sommige naweke beperk. Die feit dat sulke vermaak wel plaasgevind het, is mettertyd ook nie meer in die nuusblaaie geadverteer nie (Boshoff, 1994, Onderhoud).

11.2 Ligte Operettes en ander Musiekblyspele

Een van die gewildste groepe wat gereeld in Bloemfontein opgetree het, was Philip Levard en sy groep toneelspelers en sangers. Op 21, 22 en 23 Junie 1943 het hy en sy geselskap 'n treffende uitvoering van *No No Nanette* in die Grand-teater gegee. Dit is

duidelik volgens *The Friend* (22 Junie 1943) dat daar baie jare verby gegaan het voordat hierdie aanbieding plaasgevind het. "It is a far cry from the day when musical comedy, presented by a professional company, was last seen at the Grand Theatre, it is a long time since a group of players has provided more pleasing entertainment than Alf Thomas and Lois Green and company did last night in No no Nanette."

Thomas het die rol van Jimmy Smith vertolk en Green die rol van Nanette. Volgens die resensie was daar geen swak skakel in die spelers nie en die koor het pragtige sang gelewer. Die volgende woorde van die resensent gee 'n goeie aanduiding van hoe dit in die vroeë jare in Bloemfontein en veral in die Grand-teater was: "The Grand Theatre regained much of its pristine glory last night when an orchestra occupied the pit once more." Ander rolvertolkers het ingesluit Enid Lowe en Ivy Collins. Die orkes van Cecil White het die begeleiding verskaf. Bekende melodieë uit hierdie blyspel is *Tea for two* en *I want to be happy* (*The Friend*, 22 Junie 1943; *Die Volksblad*, 22 Junie 1943).

Later in dieselfde jaar op 8, 9 en 10 November het regisseur, Philip Levard weer eens 'n musikale komedie in die Grand-teater aangebied. Hulle het 'n uitstekende uitvoering van *Hit the deck* gegee. Alf Thomas het weer eens uitblink en getoon dat die meer as kwart eeu oue komedie nog niks van sy glans en sjarme deur die jare verloor het nie. Spesiale melding is van die koor gemaak wat deurentyd afgeronde sang gelewer het. Die soliste het goed gesing, maar dit was veral Jennifer Leigh se sang wat beïndruk het.

Die kostuums van die produksie was kleurvol en het die ekstra glans verleen (*The Friend*, 4 en 9 November 1943).

Levard het Bloemfontein weer in 1945 besoek met 'n aanbieding van **The Peep Show**. Hierdie uitvoerings het op 6, 7 en 8 Augustus 1945 in die Grand-teater onder die beskerming van African Consolidated Theatres plaasgevind. Die stuk het uit elf skouspelagtige tonele bestaan wat ingesluit het **Down Dickens Street**. Twee van die hoofspelers was Ivy Tresmand en Neil McKay wat hulle onderskeie rolle met groot sukses en goeie aanvoeling vertolk het. Beide Tresmand en McKay was van oorsee afkomstig en het in daardie stadium reeds beroemdheid vir hulle spel verwerf. Die ander spelers het almal bevredigende spel gelewer en die balletdanse onder choreograaf, Faith de Villiers, was besonder smaakvol en goed afgerig (*Die Volksblad*, 23, 27 Julie en 7 Augustus 1945).

Aanvanklike beligtingsprobleme het die aanbieding in 'n mindere mate negatief geaffekteer, maar nadat dié probleem opgelos is, het alles vlot verloop. Die resensent het soos volg oor die sang geskryf: "And how delightful to hear some honest singing - not a crooned note except in irony and see rhythmic dancing without a suspicion of a jitterbug." (*The Friend*, 7 Augustus 1945).

'n Suiwer Afrikaanse ligte operette wat baie byval gevind het was *Rosemarie* (Carl Fröchel) wat op 9 Mei 1940 in die Stadsaal deur Louis de Vriendt en sy operettegeselskap opgevoer is. Die hoofrolle is deur De Vriendt en Wilhelmina Badenhorst vertolk. Die operette het pragtige danse, solo's, duette en kwartette bevat. Volgens die musiekresensent van *Die Volksblad* (10 Mei 1940) het die gehoor hulle waardering telkens met luide en aanhoudende applous getoon. Ander persone wat in die operette opgetree het was Boet Beyleveld, P Botha, Koos Herbst en mej S Kuhn. Die begeleiding is op 'n klavier waargeneem.

'n Persoon wat ook groot lof vir sy aanbiedings verwerf het, is Sol Bloom. Hy het bekendheid verwerf vir sy optredes in onder andere *Swinging the corn*, *Penalty kick* en *Goudstad*. Hy het in 1948 en 1949 revue's in Bloemfontein opgevoer. In 1948 het hy *Royal Flush* en in 1949 *Royal Salute* in die Grand-teater aangebied. Tydens beide die aanbiedings het van Bloemfontein se talentvolste kunstenaars op dié gebied in hierdie stukke opgetree. Die eersgenoemde stuk het nie werklik 'n tema besit nie, maar het uit 'n opeenvolging van verskillende musiekitems bestaan. Kunstenaars wat opgetree het, het ingesluit Doris Fisher, later Wedderburn (dans), Klasie Fourie (musiek) en Arthur Wright (komedie). Ander kunstenaars wat hulle bygestaan het, was Alice Kellerman (dans), Norah Havenga (sang), Avelyn Macaskill (sang) en Myer Goldberg (sang) (*The Friend*, 29 Oktober 1948; *Die Volksblad*, 13 November 1948).

Dieselfde produksie is weer in Januarie 1949 aangebied met kunstenaars soos Merle Cockroft en Morris Stoller. Tydens hierdie aanbieding het Bloom self die orkes gedirigeer (*Die Volksblad*, 1 Februarie 1949). **Royal Salute** wat vanaf 15 tot 18 Augustus 1949 opgevoer is, het opwindende momente bevat. Die goed afgerigte koor het 'n goeie indruk geskep, maar dit was veral die sang deur die mans en die pragtige kostuums wat grootliks tot die sukses van hierdie aanbieding bygedra het. Die kostuums is gemaak deur Pieter de Weerd. 'n Vergroteorkes is vir hierdie revue gebruik (*The Friend*, 8 en 16 Augustus 1949).

In 1946 het die ateljee van Beatrix Levy die kinderoperette, **The Princess and the swineherd** (G Seiler) in die Grand-teater aangebied. Levy was self verantwoordelik vir die instudering. Sybil Myers het as spelleier opgetree en die balletdanse is deur Winnie Hart behartig. Volgens die resensent het die operette so vlot verloop dat dit amper ongelooflik was om te dink dat dit maar slegs 'n aantal klein kindertjies was wat daarin opgetree het. Die musiek is deur Klasie Fourie behartig wat volgens die resensent 'n "karige" deel van die geheel gevorm het. Die enigste negatiewe kommentaar ten opsigte van die stuk was dat die danse ietwat lewendiger uitgevoer kon word. Die twee hoofrolle is uitstekend deur Jean Caplan en Cherry Solomon vertolk (*Die Volksblad*, 1 April 1946).

11.3 Jazzorkeste in Bloemfontein

Afgesien van die groot aantal Bloemfonteinse inwoners se intense belangstelling in die ernstiger musiek, was daar ook die groep mense wat die ligter, maar nie noodwendig minderwaardige musiek nie, gewaardeer het.

Die persoon wat sekerlik die grootste bydrae tot jazzmusiek in Bloemfontein tussen 1940 en 1955 en ook in later jare gemaak het, is die pianis en orkesleier, Klasie Fourie. Soos daar in die hoofstuk wat handel oor private onderrig reeds na hom verwys is as uitstekende klavieronderwyser van ligte- en jazzmusiek, het hy bykomend as pianis uitgeblyk. Dat Fourie talentvol was, is geen twyfel nie. Hy het nie net as jazz-pianis uitgeblyk nie, maar telke male ook ernstige komposisies in konserte voorgedra.

Bloemfontein sal hom grotendeels onthou vir sy bydrae tot die ligte musiekvermaak. Hy en sy beroemde Swing-orkes het by talle geleenthede gespeel wat gewissel het van geldinsamelingskonserte tot danspartye. Geleenthede waar hy opgetree het, was onder andere tydens die Bloemfonteinse Poloklub se jaarlikse kabaret wat op 10 Mei 1940 in die Stadsaal gehou is. Hy het ook in voorprogramme opgetree soos op 31 Julie 1941 in die Grand-teater, in talle verskeidenheidskonserte wat in die Stadsaal aangebied is asook in verskillende restaurante en kafees in Bloemfontein. Sy orkes het gereeld in Fichardt se koffiekroeg asook in die Ritz-teekamer opgetree. Hulle het verder konserte in die teekamer van die dieretuin aangebied. 'n Soortgelyke konsert het op 27 November 1955

plaasgevind (*Die Volksblad*, 12 April 1940, 31 Julie 1941, 15 Augustus 1949, 27 Maart, 5 April 1950 en 6 Julie 1951; *The Friend*, 26 November 1955).

Kunstenaars wat saam met hom en sy orkes opgetree het, was Norah Havenga (sang), Boetie du Plessis (trekklavier) en Lorenz Schultz (*Die Volksblad*, 18 Augustus 1949).

Die Koffiehuiskonserte is gunstig deur Bloemfonteinse kunstenaars en die publiek ontvang. Die eerste Koffiehuiskonsert wat vanuit Bloemfontein uitgesaai is het op 11 Januarie 1949 in die destydse Oranje-Koffiehuis plaasgevind. Klasie Fourie en sy orkes was die hoofitem op die program wat afgewissel is met sangsolo's deur Norah Havenga en Lorenz Schultz. Boetie du Plessis (trekklavier) het bykomend opgetree. Enkele voorbeelde van werke wat gesing is, was **Bloemfontiense Rose** en **Stil soos die nag**. Du Plessis het 'n keurspel van Strauss se walse gespeel. Daar is beplan om elke tweede week 'n program vanuit Bloemfontein uit te saai (*Die Volksblad*, 11 en 12 Januarie 1949).

Afgesien van sy taak as orkesleier het Fourie ook in radio-uitsendings opgetree. In die program Piano Parade wat op 14 Januarie 1952 uitgesaai is, het hy **Rhapsody in Blue** (Gershwin) en **Jealousy** (Gade) gespeel. Hy het van tyd tot tyd saam met 'n ander bekende pianiste en sangeres van Bloemfontein opgetree, naamlik Isabel du Toit. Hulle was bekend vir hulle uitvoerings op twee klaviere. Soortgelyke uitvoerings het gewoonlik in een van Bloemfontein se hotelle plaasgevind. Op 25 en 26 Maart 1955 het

die twee pianiste die eerste deel van Tsjaikowski se Klavierkonsert opus 23 in b-mol mineur en die Hongaarse Rapsodie nr 2 (Liszt) in die Cecil Hotel uitgevoer. Volgens die resensent was die uitvoering besonder goed en is gunstig deur die publiek ontvang. Hulle het verder twee walse van Strauss en 'n wals van Brahms gespeel (*The Friend*, 14 Januarie 1952, 24 en 28 Maart 1955).

e wat in Bloemfontein opgetree het. Dié orkeste kan eerder as dansorkeste beskou word aangesien hulle hoofsaaklik vir dié doel genader is. Onder hulle was Edgar se Jazz Maniacs, die orkes van Paddy Currin, Tickey Linsell se All-Star-orkes en Saffy se Jovial Dance Band (*Die Volksblad*, 10 Augustus 1942 en 7 Januarie 1952; *The Friend*, 12 Desember 1944 en 19 Julie 1955).

11.4 Plaaslike en besoekende Boeeriorkeste

Dit is seker so dat elke volk se tradisionele musiek hom baie na aan die hart lê. Bloemfontein was geen uitsondering nie. So geweldig as wat die belangstelling vir die meer verfynde musiek was, net so gewild was die optredes van boeeriorkeste in Bloemfontein. Die feit dat Bloemfontein oor sy eie boeeriorkes beskik het, het die optredes nog meer spesiaal gemaak.

Teen die middel van 1940, op 15 Junie het die Bloemfonteinse Boeeriorkes 'n konsert in die Stadsaal aangebied. Die orkesleier was die bekende Jurie Fourie. Afgesien van sy

rol as dirigent het hy een van sy eie toonsettings aan die orkes opgedra, naamlik **Ons diens**. Bloemfontein het Fourie beter as sanger geken en hy het ook in dié hoedanigheid saam met die orkes opgetree. Christa Barnard het saam met hom gesing (*Die Volksblad*, 4 en 17 Junie 1940).

Die program het uit 'n groot verskeidenheid bestaan en elke lid van die gehoor kon iets genotvol daaruit put. Twee van die melodieë wat besonder byval gevind het, was **Bootjie na Kammaland** en **Die brug op ons plaas**. Verder het die program uit ander musiekitems en volkspele bestaan. Die volgende woorde van die resensent gee 'n aanduiding dat hierdie orkes besonder gewild in Bloemfontein was: "Die feit dat hierdie Bloemfonteinse Boere-orkes geen moeilikheid ondervind om telkens 'n volle Stadsaal te trek, is bewys van die mate van gewildheid wat hy reeds verwerf het en die vertroue wat die inwoners van Bloemfontein reeds het in die orkes en die gehalte van die werk wat hy opdis." (*Die Volksblad*, 17 Junie 1940).

Op 28 Mei 1942 het dié orkes weer 'n konsert in die Stadsaal aangebied. By daardie geleentheid het die destydse Universiteitskollege van die O V S se boeorekes ook opgetree. Geld wat tydens hierdie konsert ingesamel is, is ten bate van die Vrystaatse Jukskeibond aangewend. Die persone wat vir die program verantwoordelik was, was Michele Casaleggio, Jurie Fourie en Kemper Kruger (*Die Volksblad*, 25 April 1942).

Soos in 1940 was daar 'n wye verskeidenheid items op die program wat gewissel het van orkesnommers, sangsolo's, volkspele, humoristiese voordragte en 'n toneelstuk. Liedere wat tydens die konsert uitgevoer is, was *Ossewa* (Jan Swart), *Rosie van die velde* (Schubert) en *Na buite* (Von Gericke). Volgens die resensent moes sulke boeremusiekaande meer aangemoedig word. Sy woorde was soos volg: "Ons eie musiek sal dan geensins agteruit hoef te staan vir die ander vorms van ligte musiek nie." Hy het verder ook die hoop uitgespreek dat daar nog baie meer sulke boeorekste gestig sou word (*Die Volksblad*, 29 Mei 1942).

Die Bloemfonteinse boeorkes het ook tydens volkspele-aande opgetree soos op 26 April 1941. Die byeenkoms het in die Marksaal plaasgevind (*Die Volksblad*, 24 April 1941).

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het in die jare 1940 tot 1955 oor sy eie boeorkes beskik. Die ontstaandatum van die orkes is egter onbekend, maar daar kan aangeneem word dat hierdie orkes sy ontstaan te danke gehad het aan die inspirasie wat van die Bloemfonteinse Boeorkes uitgegaan het. Die studente se boeorkes het van tyd tot tyd konserte aangebied wat op 'n positiewe wyse deur medestudente en ander lede van die publiek ontvang is. Op 12 September 1953 het hierdie orkes 'n uitvoering in die Universiteitsaal aangebied (*Die Volksblad*, 5 en 11 September 1953).

Die program het nie alleen uit ligte musiek-items bestaan nie, maar daar was ook 'n aantal meer ernstige werke op die program. Volgens die resensent het die orkes wat

uitsluitlik uit amateurs bestaan het, hulle uitstekend van hulle taak gekwyd en voortreflike spel gelewer. Kenmerke van hulle spel was die interessante harmonieë, netjiese samespel en goeie verstandhouding tussen die lede van die orkes. Die balans was ook deurlopend goed. Die ander items op die program is ook knap uitgevoer. Kritiek is egter uitgespreek teen die meer ernstige items wat tussen die ligte orkesnommers ingepas is. Dit sou waarskynlik beter gewees het om die twee van mekaar te skei. Twee kunstenaars wat tydens hierdie konsert opgetree het was die pianis Japie Human en die sangeres Estelle Marais (*Die Volksblad*, 12 en 14 September 1953).

'n Besoekende boeoreorkes wat besondere aanhang in Bloemfontein geniet het, was die orkes van Hendrik Susan. In die dekade 1940 tot 1950 het hy byna elke jaar in Bloemfontein opgetree. In 1940 het die orkes uit die volgende persone bestaan: Hendrik Susan (viool), Chris Lessing (sang), Danie Oberholzer (komediant), Samuel Petzer (trekklavier), Freddie Luyt (klavier), Nick van der Walt (banjo), Willie Welgens en Arnold van der Merwe (beide basviole) (*Die Volksblad*, 5 Junie 1940).

Optredes van die orkes het plaasgevind op 4 Junie 1940, Maart 1941, 21 Februarie 1942, 26 Februarie 1944, 2 November 1944, 24 Maart, 8 Desember 1945, 13 November 1946, 31 Augustus, 21 Desember 1948, 4 Februarie 1949 en 14 Desember 1950. Die konserte is in die meeste gevalle in die Stadsaal aangebied. Soms het hulle ook in

restaurante opgetree soos Fichardt se koffiekroeg wat in 1948 in Bloemfontein geopen is (*Die Volksblad*, 5 Junie 1940, 22 Maart 1941, 21 Februarie 1942, 19, 23 Februarie en 23 Oktober 1944, 26 Maart en 7 Desember 1945, 14 November 1946, 11 Augustus, 1 September en 17 Desember 1948, 3 Februarie 1949 en 7 Desember 1950).

Resensies wat na afloop van hierdie orkes se uitvoerings in die plaaslike pers verskyn het, was hoofsaaklik positief. In baie gevalle het Hendrik Susan een of ander gaskunstenaar in sy geselskap ingesluit wat dan meer status aan sy konserte verleen het. Een van die kunstenaars was Marcel Lavise wat in daardie stadium internasionale bekendheid verwerf het en wat groot opgang in die vermaaklikheidswêreld in Suid-Afrika gemaak het. Saam met Lavise wat van Holland afkomstig is het John Vonos, 'n Griekse sanger, opgetree. Lavise het oor 'n ligte tenoorstem beskik en Vonos oor 'n ryk bariton. Die twee sangers het oor die algemeen baie goed gesing. Kritiek is uitgespreek teen Lavise se vertolking van *Boereseun* en *Die Ossewa* wat hy effens kleurloos gesing het. Hy was egter meer suksesvol met sy vertolking van 'n Italiaanse serenade, Spaanse tango en die Hollandse liedjies, *Het Vissermeisje* en *Het plekje bij de Molen*. Vonos het pragtige sang gelewer in sy solo's wat die volgende ingesluit het: 'n Neapolitaanse lied, 'n Griekse minnelied asook die bekende *O Sole mio* en *Die Roos* (S le Roux Marais) (*Die Volksblad*, 5 Junie 1940 en 23 Februarie 1942).

Tydens Hendrik Susan se konsert in Februarie 1944 in Bloemfontein, het John Vonos weer saam getoer. Sy sang het soos in 1942 een van die hoogtepunte van die konsert gevorm. In Desember 1944 was dit weer Marcel Lavise se beurt om as gaskunstenaar op te tree. 'n Ander bekende Suid-Afrikaanse sanger wat later saam met die orkes van Hendrik Susan opgetree het, was Jurie Ferreira. Hy het saam met die orkesgeselskap in Desember 1945 in die Stadsaal opgetree (*Die Volksblad*, 28 Februarie en 3 November 1944 en 7 Desember 1945).

Volgens die resensent het die orkes sedert sy vorige besoek in 1944 heelwat verandering en verbeterings ondergaan. Die Stadsaal was weer eens stampvol en 'n goed gebalanseerde program is aangebied. Jurie Ferreira se sang het aanhoudende applous uitgelok (*Die Volksblad*, 10 Desember 1945).

In 1946 het Bloemfontein weer die geleentheid gehad om na dié gewilde orkes te luister. Saam met Susan het die bekende trekkliederspeeler, Nico Carstens, en sanger, Jurie Ferreira opgetree. Carstens se uitvoering van **Tico Tico** op die trekklieders was een van die groot gunsteling op die program. In 1948 het die twee kunstenaars weer saam met Susan se orkes getoer. In 1950 het 'n bekende komediant en sanger, Al Debbo, ook sy verskyning op die konserte van Hendrik Susan gemaak (*Die Volksblad*, 1 September 1948 en 7 Desember 1950).

In die meeste gevalle het die orkes die bekende Afrikaanse liedjies en boeremusiek gespeel. 'n Paar van die bekende werke het ingesluit: **Bolandse nooientjie** en

Boereun (albei van Danie Bosman). Hendrik Susan het ook skitterende vioolspel gelewer in onder ander **Sterretjie**, **Swaelkje** en 'n Hongaarse czardas. Verder het hulle ook die nuutste boeiorkekomposisies van Cissie Cooper en Piet Kleynhans gespeel (*Die Volksblad*, 28 Februarie 1944 en 26 Maart 1945).

Ander orkeste en geselskappe wat Bloemfontein tussen 1940 en 1955 besoek het, was die Stellenbosch Boeiorke, die Alabama Boeiorke van die Universiteit van Potchefstroom en die Voorslaggeselskap van die Universiteit van Pretoria. Hulle het in 1942, 1945 en 1946 in Bloemfontein konserte aangebied (*Die Volksblad*, 13 Februarie en 16 Julie 1942, 13 Julie 1945 en 23 Januarie 1946).

'n Orke waaroor daar baie min in die plaaslike koerante geskryf is, is die orke van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging onder die leiding van mnr A G Smuts. Die orke het hoofsaaklik vir die minderbevoorregtes konserte gegee. Hulle het onder andere opgetree by die Spoorweg-kinderhuis waar hulle die kinders vermaak het, en ook die geleentheid aan hulle gebied het om lekker saam te kon sing. Die program het ook uit instrumentale- en vokale solo's bestaan (*Die Volksblad*, 19 September 1940).

11.5 Ander vorms van ligte musiek in Bloemfontein

Die Koffiehuiskonserte wat vanaf 1949 in Bloemfontein aangebied is, het die heelhartige ondersteuning van die Bloemfonteinse publiek ontvang. 'n Voordeel van hierdie

konserte is dat hulle oor die radio uitgesaai is wat meegebring het dat die hele land met van Bloemfontein se beste kunstenaars kon kennis maak. Bloemfontein se kunstenaars het die geleentheid ten volle benut en het gereeld tydens hierdie konserte opgetree. Sommige van die kunstenaars het nie net op dié gebied uitblink nie, maar was ook uitstekende voordraers van ernstige kunsmusiek.

Soortgelyke konserte is gereeld vanaf 1949 aangebied en het hoofsaaklik vanuit die Stadsaal en restaurante geskied, naamlik die Oranje-Koffiehuis en die Sonop-restaurant. 'n Paar konserte het ook in die Joodse Gemeenskapsentrum geskied. Pieter de Waal van die plaaslike S A U K en Lambert Stevens was vir hierdie programme verantwoordelik. Bekende persone wat in hierdie konserte opgetree het, was Norah Havenga, Klasië Fourie, Lorenz Schultz, Boetie du Plessis, Erica Uys, Steven Osborne, Stephanie Swart en Sam van der Westhuizen. Marilyn Douglas, 'n Londense kabaretster, het ook by een van die konserte opgetree (*Die Volksblad*, 12 Januarie 1949, 29 September 1952, 2 Februarie, 19 Mei, 16 Junie en 1 Desember 1953 en 3 September 1954; *The Friend*, 12 Oktober 1954).

Die wêreldberoemde pianis, Sydney Rosenbloom, wat homself in Bloemfontein gevestig het, was nie alleen bekend vir sy ernstige klavieruitvoerings nie, maar hy het ook van tyd tot tyd uitvoerings van ligter musiek aangebied. In die tydperk 1900 tot 1939 het hy baie meer gereeld opgetree, maar in die tydperk onder bespreking het hy slegs enkele kere in die openbaar opgetree. Hierdie uitvoerings is normaalweg in die plaaslike

koerante aangekondig. 'n Voorbeeld van sulke uitvoerings het in November 1940 in die Cecil Hotel plaasgevind. Rosenbloom het elke Woensdag, Donderdag en Saterdag vir die hele maand uitvoerings in die hotel gegee. Hierdie uitvoerings het om half ses 'n aanvang geneem. Hierdie konserte het uit ligte klassieke musiek en die meer moderne ligte musiek bestaan (*Die Volksblad*, 14 en 20 November 1940).

Later in die jare vyftig is soortgelyke aande in die Bloemfontein Hotel gehou. Die musiekaande het onder die leiding van Harold Hotz plaasgevind. Soos die ander aanbiedings het hierdie konserte ook 'n sekere tyd 'n aanvang geneem en het net vir 'n bepaalde tyd geduur. Die uitvoerings is slegs sekere aande aangebied (*Die Volksblad*, 30 Maart 1951; *The Friend*, 29 Maart 1951).

Die wêreldberoemde Britse dramaturg, akteur, komponis en sanger, Noël Coward, het op 30 Maart 1944 in die Grand-teater opgetree. Dit was die enigste openbare optrede in Bloemfontein en die teater was stampvol. Hy het hoofsaaklik van sy eie komposisies gesing soos *I'll see you again* uit *Bitter Sweet*, *Don't put your daughter on the stage* en *Mrs Worthington*. Ander werke wat hy gesing het was *You're the top* (Porter), *London Pride*, *Don't let's be beastly to the Germans* en *Lie in the darkness and listen*. Coward het ook 'n wals-keurspel gesing bestaande uit *Some day I'll find you*, *I'll follow my secret heart* en *Dearest love*. Hy is deur Norman Hackforth op die klavier begelei wat ook 'n aantal van Coward se bekendste melodieë uitgevoer het. Een van Suid-Afrika se jong belowende pianiste, Lionel Bowman, het in die eerste helfte van

die program 'n klavieruitvoering gegee. Hy het werke van Chopin en die **Warsaw Concerto** (Addinsell) gespeel (*Die Volksblad*, 4 Maart 1944; *The Friend*, 24 en 31 Maart 1944).

11.6 Samevatting

Dit is duidelik dat die Bloemfonteinse publiek in hierdie jare kon kies uit 'n groot verskeidenheid ligte musiekaanbiedings wat in die stad aangebied is. Die plaaslike sowel as die besoekende kunstenaars en orkeste het die ondersteuning van die publiek geniet. Musiekblyspel-aanbiedings het egter in 'n groot mate afgeneem in vergelyking met die vorige tydperk. Daar was wel besoekende geselskappe wat nou en dan sulke opvoerings aangebied het.

Musiekvermaak in die bioskoopteaters het in dié tydperk in 'n groot mate uitgesterf, aangesien die klanklose rolprente met klankrolprente vervang is. Die boereorkeste het baie populêr geword en dié se konserte is goed ondersteun. Bloemfontein was baie trots op sy eie boereorkes.

Benewens die besoekende kunstenaars, het Bloemfonteiners ook volop geleentheid gehad om hulle bydraes te lewer. Die aanbod van Koffiehuiskonserte het die plek van

die vermaak in rolprentteaters ingeneem asook die vermaak in kafees. Daar het baie min kafees oorgebly wat werklik op 'n gereelde basis vermaak aangebied het. Hierdie Koffiehuiskonserte is wel soms vanuit koffiekroeë en ander restaurante aangebied.

HOOFSTUK 12

SLOT

Die musieklewe in Bloemfontein is gedurende die tydperk 1940 tot 1955 kennelik deur 'n positiewe groei- en ontwikkelingsproses gekenmerk. In sommige opsigte het die ontwikkeling nie snel plaasgevind nie, maar die tekens van vordering en pogings tot musikale opbou het wel duidelik geword. Was dit nie vir al die positiewe bydraes van die musici van dié tydperk nie, het Bloemfontein sekerlik nie vandag bekend gestaan as een van die kultuursentra van Suid-Afrika nie.

'n Uitstaande kenmerk van die musiekaktiwiteite tussen 1940 en 1955 was die prominensie van en liefde vir koormusiek. Hierdie liefde is nie slegs deur die verskillende bydraende dirigente geopenbaar nie, maar dit was duidelik dat die Bloemfonteinse publiek ook 'n besondere affiniteit vir dié kunsmedium gehad het. Aanvanklik was dit slegs kerkkore wat vir die koorsang verantwoordelik was. Kore van die Ned Geref Kerke Bloemfontein-Wes, Bloemfontein en Bloemfontein-Noord was in die gelukkige posisie om drie puik dirigente te hê, naamlik onderskeidelik Aubrey Karstel, Petrus Lemmer en David Roode. Al drie hierdie musici het op bykans alle musiekterreine belangrike werk verrig waarvan die vrugte vandag nog gepluk word. Mettertyd het twee mannekore ook op die voorgrond getree, kore wat deur Lemmer en Roode gedirigeer is. Die dameskoor van Jennie Hadlow kan in dieselfde verband

genoem word aangesien haar koor gereeld uitvoerings aangebied het wat getuig het van musikaliteit en van skitterende afrigting. Tydens kunswedstryde het hierdie kore getoon waartoe hulle in staat was. 'n Opvallende verskynsel was die duidelike afname in kerkkoordeelname tydens die kunswedstryde sedert 1945. Die resensente van die plaaslike nuusblaaie het kommer in hierdie verband uitgespreek. Dit kan egter toegeskryf word aan die feit dat daar ander aspekte was waaraan meer aandag geskenk is, soos instrumentale uitvoerings en die produksie van operas en operettes. Koorsang binne kerkverband het egter steeds gefloreer. 'n Voorbeeld hiervan kan optredes in die Tweetoringkerk, waar Dolly Heiberg gereeld tussen 1944 en 1955 kooruitvoerings aangebied het, aangehaal word.

Alhoewel openbare uitvoerings deur kerkkore in die huidige bestel van 1994 nie meer 'n algemene verskynsel is nie, beskik 'n aantal gemeentes steeds oor kerkkore wat gereeld binne kerkverband en tydens kerkkoorfeeste optree. 'n Rede vir die afname in kerkkooruitvoerings kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat daar tans (1994) in Bloemfontein 'n hele aantal uitmuntende kore bestaan wat op 'n gereelde basis repeteer en uitvoerings aanbied. Voorbeelde van sulke kore is die Melodia Dameskoor onder leiding van Lynette Liebenberg, die Alumni Kamerkoor onder leiding van Deon Lamprecht en die Filharmoniese Koor onder leiding van Sjoerd Alkema. Die Vrystaatse Universiteitskoor onder die leiding van Deon Lamprecht, die Bloemfonteinse Kinderkoor onder die leiding van Huibrie Verster en die Vrystaatse Jeugkoor onder die leiding van Danie Hyman is tans beslis van Bloemfontein se spogkore, wat nie slegs

plaaslik nie, maar ook internasionaal hulle merk maak. Dit is wel waar dat die fokuspunt wat koorsang in Bloemfontein betref verskuif het, maar dat die liefde vir hierdie edele kunsvorm deur die jare heen gaandeweg immer groter hoogtes bereik het en steeds in statuur aangroei.

Gedurende die tydperk 1940 tot 1955 was daar in Bloemfontein 'n groot aantal sangers en sangeresse wat elkeen op sy of haar manier 'n bydrae tot die ontwikkeling van musiek in die stad gemaak het. 'n Sangeres wat werklik groot naam in Suid-Afrika en in die buiteland gemaak het, was die Wagneriaanse sopraan, Cecilia Wessels. Ofskoon die meeste van die ander sangers sang slegs as plaaslike amateurs beoefen het, het hulle in die meeste gevalle sang van hoë artistieke gehalte gelewer. Die hoë standaard sang was beslis die resultaat van die professionele onderrig wat hulle ontvang het. In Bloemfontein het die meeste sangers by David Roode, Petrus Lemmer of Jennie Hadlow les geneem. 'n Aansienlike aantal van hulle het vir gevorderde sangstudie na Engeland, die Europese vasteland of Amerika gegaan. Hierdie sangers het nie slegs ná hulle terugkeer solo-uitvoerings gegee nie, maar het hulle talente ook gebruik om kantate-, oratorium-, operette- en opera-aanbiedings tot 'n hoë kunsvlak te voer. Alhoewel daar minder sangers as sangeresse was, kon die dirigente met beskikbare Bloemfonteinse sangtalent ambisieuse aanbiedings op die planke bring. In sommige gevalle moes sangers vir manlike hoofrolle van elders af ingevoer word.

Tussen die jare 1940 tot 1955 en sedertdien het Bloemfontein 'n hele aantal sangers van

formaat opgelewer. In die meeste gevalle was hierdie sangers aan opvoedkundige inrigtings verbonde. Twee sangeresse wat sedert die jare sewentig uitgeblyk het as uitvoerende kunstenaars en as pedagoë, was Gudrun Barella en Margaret van der Post. Beide van hulle was vir 'n geruime tyd verbonde aan die Departement Musiek aan die U O V S. Beide sangeresse het talle studente onderrig wat ontwikkel het tot kunstenaars in eie reg. Afgesien van hulle bydrae as pedagoë het hulle gereeld plaaslik en landwyd in konserte opgetree en gereeld prominent as radiokunstenaars gefigureer. Barella het ook hoofrolle in talle operas vertolk.

Bloemfontein het tussen 1940 en 1955 oor 'n hele aantal uitstekende instrumentiste beskik wat gereeld hulle talente met die publiek gedeel het. Die drie orreliste wat aanvanklik die toneel oorheers het, was Roode, Lemmer en Karstel, wat soos reeds genoem ook uitstekende dirigente was. Onder hulle leiding is oratoriums van Handel, Haydn en Mendelssohn uitgevoer. Alhoewel die meeste van die orreluitvoerings deur programme bestaande uit orrelwerke van twyfelagtige kunswaarde gekenmerk is, het hulle tog geslaagde pogings aangewend om die publiek meer van orrelmusiek bewus te maak. Met die toetrede van Dolly Heiberg, Henriëtte Pauw en later Anna Bobbert tot die musiektoneel was daar 'n opvallende verandering ten goede waarneembaar. Erkende standaard-orrelmusiek het op konsertprogramme verskyn.

In die jare ná 1955 het daar verskeie persone op die toneel verskyn wat die werk van Roode, Lemmer en Karstel op voortreflike wyse voortgesit het, onder meer Chris

Swanepoel wat vir 'n geruime tyd die hoof van die Departement Musiek was. Hy was 'n puik orrelis en het ook as dirigent van die Universiteitskoor opgetree. Jacobus Kloppers het ook 'n groot bydrae as orrelis gemaak en tans beskik Bloemfontein oor orreliste soos Erns Conradie, Deon Lamprecht en Leonore Kloppers. Laasgenoemde drie orreliste is almal aan die Departement Musiek aan die U O V S verbonde. Die koor van die U O V S gee jaarliks uitvoerings van oratoriums en passies van onder meer Handel, Mendelssohn en Bach. Leonore Kloppers tree verder gereeld as uitvoerende orreliste op.

Die pianiste in die tydperk 1940 tot 1955 was sonder uitsondering almal kunstenaars wat daarop ingestel was om hoë artistieke standaarde te handhaaf. Dit was ook so dat waar daar in die vorige dekades meer orreliste was wat die leiding geneem het, dit in hierdie tydperk die pianiste was wat in hoë mate as leidende figure begin optree het. Die meeste van hierdie kunstenaars was ook almal bedrywige onderwysers en dosente en het belangrike musikale opvoedingswerk gedoen. Almal het in die buiteland verder gestudeer; studies wat later tot groot voordeel van Bloemfontein aangewend is. Pianiste wat uitgesonder kan word is Henriëtte Pauw, Mary Rousseau, Arend Koole, Gertrude Kautzky, Derik van der Merwe en Japie Human.

Die resultaat en gevolg van hierdie kunstenaars se bydrae word vandag steeds in Bloemfontein waargeneem. Een van hulle, by name Japie Human, was nog tot onlangs aan die U O V S verbonde waar hy uitmuntende werk verrig het. Hy tree nog gereeld as

uitvoerende kunstenaar op. Tans is daar 'n hele aantal pianiste wat gereeld uitvoerings gee en wat ook waardevolle werk as opvoedkundiges verrig. Uiteraard hoort bespreking van laasgenoemde figure tuis by 'n volledige verslag oor die vier dekades 1955 tot 1995.

Violiste en tjelliste asook ander instrumentiste soos hobo-, klarinet-, fagot- en trompetspelers was yl gesaai in Bloemfontein. Die paar wat hier gewoon het, het beslis 'n baie bedrywige tyd beleef aangesien daar gereeld uitvoerings was waar violiste, tjelliste en ander instrumentiste benodig is. Die violis wat hier uitgesonder moet word, is Victor Pohl, wat nie net volgens die kritici 'n puik uitvoerende kunstenaar was nie, maar ook 'n baie goeie viololonderwyser. Alhoewel hy nie noodwendig die groot violowerke gespeel het nie, is sy vioolspel altyd as uitstekend bestempel. Een van sy leerlinge, Alma Kok, het mettertyd 'n noemenswaardige bydrae as solokunstenaar en ensemble-violiste gelewer. Albert Steffens was die enigste tjellis wat in dié tydperk 'n taamlik hoë standaard gehandhaaf het. Inez Newberry het hoofsaaklik as ensemble-tjelliste 'n bydrae gelewer.

Tans beskik Bloemfontein oor 'n groot aantal uitstekende violiste, wat soos baie ander instrumentiste ook belangrike bydraes as onderwysers lewer. Die bekendste onder hulle is sekerlik Derek Ochse. Hy is nie alleen die leier van die Consortium Musicum en die Odeion-Strykkwartet nie, maar is die leier van die S U K O V S-Simfonieorkes en is ook aan die Departement Musiek aan die U O V S verbonde. Hy is 'n uitstekende

violdosent en is 'n gereelde kunstenaar in talle uitvoerings in Bloemfontein. Daar is ook baie bekwame altvioliste, tjelliste en kontrabasspelers in Bloemfontein werksaam.

Die enigste twee houtblaasinstrumentiste wat op die voorgrond getree het, is Leonard en Richard Lemmer met fluit en klarinet. Richard het veral as jong seun uitgeblink so ook Leonard, maar laasgenoemde is vandag nog aktief by die musieklewe van Bloemfontein betrokke. Tans is daar vanweë die bestaan van die S U K O V S-Simfonieorkes, voldoende musici in Bloemfontein. Hulle is uiteraard bedrewe uitvoerende kunstenaars wat ook betrokke is by onderrig in al die verskillende instrumente van die orkes. Hierdie is 'n verskynsel waarvan daar tussen 1940 en 1955 geen sprake was nie. Daadwerklike pogings, nie altyd suksesvol nie, is nietemin aangewend om hierdie leemtes te vul.

Bloemfontein was in die gelukkige posisie om oor 'n groep inwoners te beskik wat soveel vir musiek as kunsvorm omgee het dat hulle alles in hulle vermoë gedoen het om musiek te bevorder. Eerstens was daar die Bloemfontein Music Club en mettertyd die Vrystaatse Musiekvereniging onder die voorsitterskap van onderskeidelik Benedictus Kok en Lotte Pretorius wat sekerlik 'n indrukwekkende aandeel in die ontwikkeling van musiek in Bloemfontein gehad het. Dit is aan hulle ywer en deursettingsvermoë te danke dat Bloemfontein die voorreg gehad het om nie net na die land se beste kunstenaars te luister nie, maar ook na buitelandse musici van wêreldformaat. Vanaf 1944 tot 1955 het daar jaarliks 'n groot aantal besoekende

kunstenaars in Bloemfontein opgetree wat in een of ander stadium werklik wêreldberoemd was. 'n Paar van hulle was Leo Cherniavsky (viool), Niedzielski (klavier), Th'em'eli (klavier), Alexis Weissenberg (klavier), Moiseiwitsch (klavier), Louis Kentner (klavier), Kathleen Long (klavier), Julius Katchen (klavier), Lawrence Tibbett (sang), Erna Sack (sang), Heinrich Schlusnus (sang), Luigi Infantino (sang), Elisabeth Schumann (sang), Oda Slobodskaya (sang), Reginald Cooper (orrel), Peers Coetmore (tjello) asook die Weense Seunskoor.

In baie gevalle het daar van Bloemfontein se kunstenaars tydens hierdie konserte as begeleiers opgetree. David Roode, Mary Rousseau, Petrus Lemmer en Derik van der Merwe het in dié hoedanigheid uitgeblink.

Die stroom van buitelandse kunstenaars het vanweë politieke omstandighede jarelank aansienlik yler geword. Tans, met die nuwe bedeling wat nie langer die koms van wêrldfigure op musiekgebied kortwiek nie, kom daar gaandeweg groter getalle na Bloemfontein.

Opera en operette was 'n seldsame gebeurtenis in Bloemfontein. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word soos 'n te kort aan die nodige fondse, afwesigheid van 'n permanente orkes, die afwesigheid van 'n geskikte teater asook die problematiek rondom die verkryging van die orkespartiture en opvoerrechte. Nietemin het die plaaslike musici alles in hulle vermoë gedoen om tog sulke aanbiedings vir die Bloemfonteinse publiek

moontlik te maak. Die eerste vollengte opera is in 1945 opgevoer, naamlik **Hänsel und Gretel** (Humperdinck). Dit was in meer as een opsig merkwaardig aangesien dit in Afrikaans opgevoer is. Later het **Il Trovatore** (1947) van Verdi, ook in Afrikaans, gevolg. Joan Hadlow, een van Bloemfontein se grootste talente, het in beide produksies as puik sangeres uitgeblink. Onder die beskerming van die Vrystaatse Musiekvereniging is **Lilac Time**, (1948) en **Viktorja and her Hussar** (1951) opgevoer. In laasgenoemde twee produksies het Louis Knobel, 'n bariton van Pretoria, die manlike hoofrol gesing. Die res van die rolverdeling het almal plaaslike kunstenaars ingesluit.

Soos operas in Bloemfontein 'n seldsame verskynsel was, was die totstandkoming van 'n professionele simfonieorkes omtrent heeltemal buite die kwessie weens 'n aantal redes. Die groot struikelblok was die finansiële sy van die saak. Professionele musici sou ingevoer moes word en daar was nie fondse om hulle te betaal nie. Verskeie pogings is aangewend, maar kon nie die leemte vul nie. Hoewel Victor Pohl altyd bereidwillig was om 'n ensemble vir kantates, operas en oratoriums byeen te bring, was daar steeds die behoefte vir 'n permanente orkes. Dit sou 'n hele paar voordele vir Bloemfontein en sy musiekkultuur inhou. Professionele kunstenaars sou in Bloemfontein woonagtig wees en kon dan vir onderrig in verskeie instrumente, veral dié wat in daardie stadium nie veel aandag geniet het nie, verantwoordelik wees. Die ideaal is egter nie tussen 1940 en 1955 verwesenlik nie. Leonard Shepstone het wel 'n junior simfonieorkes tot stand gebring waarop Bloemfonteiners baie trots was. Al is dit duidelik dat hulle spel nie altyd baie bevredigend was nie, het hulle tog i 'n sekere mate die leemte gevul en ook die

nodige aanmoediging daargestel wat gelei het tot die stigting van die Bloemfonteinse Stadsorkes in 1956.

Die waardevolle werk wat deur die Vrystaatse Musiekvereniging verrig is, is later deur die Streekraad vir Uitvoerende Kunste (S U K O V S) oorgeneem. Dit is te danke aan hierdie instansie dat Bloemfontein vandag oor 'n volle simfonieorkes beskik en dat daar deur die jare tot vandag toe gereeld simfoniekonserte en operas van wêreldstandaard aangebied word. Bloemfontein kry soos in die verlede vandag ook die geleentheid om na kunstenaars van internasionale standaard te luister. Dit sluit sangers asook instrumentiste in. Baie van hierdie kunstenaars is Suid-Afrikaners wat nie net hier beroemdheid verwerf het nie, maar wat reeds in die buiteland vir hulself naam gemaak het.

Op jeugvlak was Bloemfontein in daardie stadium die ander sentra in die land ver vooruit. Petrus Lemmer het in die hoedanigheid as Organiseerder van Sang in die Vrystaat waardevolle werk verrig. In Bloemfontein het die jaarlikse sangfeeste wat onder sy leiding aangebied is groot aftrek geniet. Groot getalle kinders van die verskillende laer- en hoërskole in Bloemfontein kon aan hierdie feeste deelneem. Hierdie feeste het op 'n nie-kompeterende basis geskied wat 'n gunstige invloed op die jeug se sang uitgeoefen het. Daar is verder baie aandag aan klassang gegee en Lemmer het alles in sy vermoë gedoen om die standaard van skoolsang in die Vrystaatse skole te verbeter. Individuele onderrig, veral klavieronderrig, het by die meeste skole baie

aandag geniet en leerlinge se prestasies is van tyd tot tyd in die plaaslike koerante gepubliseer. Musiek as vak het mettertyd ook meer aandag gekry aangesien daar al hoe meer kandidate was wat graag musiek as vak wou neem.

Dirkie de Villiers het met groot sukses op die werk van Lemmer voortgebou. Hy het nie alleen die Vrystaatse Jeugkoor tot stand gebring nie, maar het ook baie vir instrumentale onderrig in die Vrystaat gedoen. Deur sy toedoen kan kinders vandag op skoolvlak onderrig in enige orkesinstrument ontvang. Die onlangse ontstaan van die musiekskool, die Musicon in Bloemfontein het 'n groot leemte in dié verband gevul. Kinders kry ook die geleentheid om hier op georganiseerde wyse in verskillende orkeste te speel. Een van die orkeste is die Vrystaatse Jeugorkes onder die leiding van Gerhard Geist.

Afgesien van musiekonderrig in skole was daar 'n hele aantal persone wat private musiekonderrig gegee het. Baie van hulle het uitstekende resultate met hulle kandidate in die eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika, Royal Schools of Music en Trinity College of Music behaal. Hulle het ook van tyd tot tyd konserte aangebied waartydens hulle leerlinge opgetree het. Daar is vandag steeds 'n hele paar persone wat private musiekonderrig aan 'n groot getal kinders asook volwassenes gee.

Die Tegnieese Kollege het met onderbrekings ook aandag aan musiekonderrig geskenk. Die persoon wat vir die onderrig verantwoordelik was, was Joachim Speiser. Hy het egter na 'n kort verblyf in Bloemfontein die stad verlaat. Daarna het die

musiekaktiwiteite by hierdie inrigting baie min aandag geniet. Teen die einde van 1955 het dit bekend geword dat die bekende Gerhardus Koornhof as lektor aangestel is. Die kollege se Musiekdepartement beleef tans 'n bloeitydperk en daar is twee persone wat vir instrumentale- sowel as vokale musiekonderrig verantwoordelik is.

Musiekonderrig aan die destydse Normaalkollege was in die goeie hande van Aubrey Karstel en later Dolly Heiberg. Beide persone het veel gedoen wat koorsang betref. Laasgenoemde het gereeld sangfeeste by die kollege aangebied waartydens studente die geleentheid gebied is om kore te dirigeer.

Musiekonderrig aan die Normaalkollege (later die Bloemfonteinse Onderwyskollege) is nooit deur die jare afgeskeep nie en het deurlopend 'n taamlike hoë standaard gehandhaaf. 'n Persoon wat belangrike werk verrig het was Norah Havenga. Haar puik kollegekoor was vir 'n baie lang tyd 'n groot aantrekkingskrag by die geleenthede waar hulle opgetree het. Daar word vandag nog musiek- en sangonderrig by die kollege aangebied.

Die ontstaan van die Departement Musiek aan die destydse Universiteitskollege, later die U O V S, het baie voordele vir Bloemfontein en sy musieklewe ingehou. Nie alleen het studente van ander dele in die land hier kom studeer nie, maar die moontlikheid was daar dat dosente wat onderrig in 'n wye verskeidenheid instrumente gegee het, hulle in Bloemfontein kom vestig het. Studente kon vir graadkursusse inskryf asook die diploma

wat deur die departement aangebied het. Verder is studente vir die voordraers- en onderwyslisensiate van U N I S A en Royal Schools of Music voorberei. David Roode is in 1946 as die eerste professor en hoof van die departement aangestel. Ander persone wat tussen 1940 en 1955 aan die departement verbonde was, sluit in dr Arend Koole, Derik van der Merwe, prof Gertrude Kautzky, Victor Pohl, Gerhardus Koornhof, Dolly Heiberg, Henriëtte Pauw, Anna Bobbert, Jennie Hadlow, Vivia Kruger en Marion Key. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat kon teen die einde van 1955 spog met 'n koor wat in daardie stadium oor 'n wye repertorium beskik het en wat reeds 'n konserttoer deur 'n gedeelte van die Vrystaat onderneem het. In 1956 is daar 'n soortgelyke toer onderneem.

Die departement het deur die jare gegroei en is uitgebrei tot een van die voortreflikste departemente van sy soort in die land. Nadat Roode Bloemfontein verlaat het, het prof Leo Quayle die hoof van die departement geword. Hy is opgevolg deur prof Chris Swanepoel. Chris Swanepoel was die hoof wat ongekende verbetering van geboue, toerusting en fasiliteite deur sy onvermoeide ywer tot stand laat kom het. Die personeel is dramaties vergroot en die leerplan is ook onder sy invloed sodanig uitgebrei dat die U O V S se kurrikulum as voorloper vir diversifikasie op landswye gebied gedien het. Studentegetalle het snel toegeneem. Sy opvolger was prof Johann Potgieter. Die huidige hoof is prof Deon Lamprecht. Die Departement Musiek beskik vandag oor puik fasiliteite en oor uitstekend gekwalifiseerde dosente en lektore. In 'n baie moeilike tyd wat onderwys en veral musiekonderwys in die land beleef, staan hierdie departement

sterk en word steeds voortgebou op die stewige fondament wat deur David Roode en sy medewerkers gelê is.

Ligte musiek in Bloemfontein is ook nie afgeskeep nie. Gedurende hierdie jare was daar 'n hele aantal boere- en jazzorkeste in Bloemfontein aktief betrokke. Pianiste en orreliste van ligte musiek het ook hulle bydrae gelewer. Die ontstaan van die Koffiehuiskonserte in die jare vyftig het weer nuwe geleenthede vir kunstenaars geskep waar hulle hul talente kon uitleef. Sedert die begin van die huidige dekade het daar 'n groot oplewing ontstaan wat ligte musiek en veral jazz betref. Daar is 'n paar uitstekende jazzpianiste in Bloemfontein wat van tyd tot tyd uitvoerings aanbied. Verder beskik Bloemfontein oor verskeie orkeste wat hulle spesifiek op jazzmusiek toespits. Hierdie orkeste bied ook soms konserte aan.

Kommentaar moet egter oor die resensies in die plaaslike koerante gelewer word. Vir 'n baie lang tyd, in elk geval vir die hele periode 1940-1955, was die hoof musiekkritikus van *Die Volksblad* prof Benedictus Kok. Alhoewel hy oor 'n wye musiekkennis beskik het, kan 'n mens nie anders as om te dink dat daar tog 'n mate van subjektiwiteit betrokke was nie aangesien hy self in baie van die konserte en operettes gesing het. Resensies in *Die Volksblad* was baie eensydig en het oor die algemeen 'n positiewe karakter geopenbaar. In 'n sekere opsig is dit te verstane aangesien Bloemfontein destyds 'n dorp was met 'n beperkte aantal musiek liefhebbers en kunstenaars. 'n Ander rede vir die positiewe resensies is dat Bloemfontein in daardie stadium nie negatiewe

kritiek kon bekostig nie. Dit sou tot gevolg gehad het dat die kunstenaars, wat in die meeste gevalle amateurs was, ontmoedig sou word.

Die resensent van *The Friend* was nie altyd so vleierend wat haar kommentaar betref nie. Mary Rousseau se resensies kan oor die algemeen eerder as maatstaf gesien word, aangesien sy in baie opsigte meer krities was.

As kommunikasiemiddel in die gemeenskap het *Die Volksblad* en *The Friend* 'n uiters betekenisvolle rol in die bevordering van Bloemfontein se musieklewe gespeel. Konserte is baie duidelik in die koerante aangedui, indrukke is volledig gerapporteer, lysie van suksesvolle eksamenkandidate is geplaas, programme is volledig aangegee en uitslae van kunswedstrydsuksesse is ook gepubliseer. Sonder hierdie twee nuusblaaie se noue betrokkenheid sou Bloemfontein 'n veel armer kultuursentrum gewees het. Die is egter jammer dat *The Friend* in die begin van die jare tagtig nie meer gepubliseer is nie. *Die Volksblad* speel vandag steeds 'n besondere belangrike rol in die kultuurlewe van Bloemfontein. Bekendstellings, aankondigings en advertensies met betrekking tot konserte sowel as resensies verskyn nog gereeld in hierdie nuusblad. Deur die jare heen het daar ook ander koerante verskyn wat elk op sy eie manier 'n rol speel om musiek en die beoefening daarvan in Bloemfontein te bevorder. Veral is die nuusdekking in die dagblaaie vir die musiekgeskiedskrywing van kardinale belang. Daarsonder sou daar haas geen kronieke oor die musiek van die stad bestaan het nie

Die somtotaal van al hierdie oorwegings beide positief en negatief, reflekteer die meesal gunstige omstandighede waarin musici van die tydperk 1940 tot 1955 hulle bevind het. Dit is duidelik dat die kunstenaars die geleentheid gekry het om op 'n doelgerigte, georganiseerde basis musiek te beoefen. 'n Groot sektor van die publiek was baie positief gesind teenoor hierdie aktiwiteite. Ook die Bloemfonteinse Stadsraad het 'n positiewe, ondersteunende bydrae gelewer. In geheel gesien kan gesê word dat die meeste kunstenaars en organiseerders van konserte tussen 1940 en 1955 slegs een doel voor oë gehad het, naamlik om te strewen daarna om van Bloemfontein 'n stad met 'n lewenskragtige musieklewe te maak.

Indien daar na die huidige musieklewe van Bloemfontein gekyk word, kan met trots gesê word dat die opvolgers van mense soos Lemmer, Roode, Karstel, Koole, Heiberg, Hadlow en Kok met groot ywer en met 'n positiewe gesindheid hulle voorgangers se waardevolle werk voortgesit het.

Bloemfontein is sekerlik vandag een van die mees vitale, vooruitstrewende kultuursentra in die Republiek van Suid-Afrika.

BRONNELYS

ARGIVALE BRONNE

I. Amptelike Bronne

1. Argief van die Sinode van die Nederduits Gereformeerde Kerk (ongepubliseerd)

NED GEREK KEREK NOORDHOEK

Notule van die eerste Kerkraadsvergadering gehou op 11 Mei 1949;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 27 Oktober 1950;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 21 Maart 1952;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 11 Maart 1955;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 13 Mei 1955.

NED GEREK KEREK DE BLOEM

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 4 Maart 1940;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 29 April 1940;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 11 November 1940;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 15 Februarie 1941;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 22 Augustus 1942;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 26 September 1942;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 12 Augustus 1955;

Notule van 'n Kerkraadsvergadering gehou op 22 November 1957.

2. Personeelafdeling van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (ongepubliseerd)

Persoonlike lêer van F J van der Merwe, U O V S, Dokumentasie;

Persoonlike lêer van G W Koornhof, U O V S, Dokumentasie.

Roode, C D. Curriculum Vitae, U O V S, [s.a.].

1. Nasionale Letterkundige Museum (gepubliseerd)

Onderwysdepartement, Oranje-Vrystaat, Sangsillabus vir Laer- en Middelbare Skole, 1941;

Onderwysdepartement, Oranje-Vrystaat, Leerplan vir die Primêre en Middelbare Skool in Sang, [s.a.].;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1939;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1940;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die tydperk 1 Januarie 1941 tot 31 Desember 1945;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1947;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1948;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir diejaar geëindig 31 Desember 1949;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir diejaar geëindig 31 Desember 1951;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1953;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir diejaar geëindig 31 Desember 1954;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Rapport vir die jaar geëindig 31 Desember 1955;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Eksamen vir Junior Sertifikaat. Handboek. 1941;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Junior Sertifikaat. Handboek. 1945;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Junior Sertifikaat. Handboek. 1947;

Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Junior Sertifikaat. Handboek. 1951;
Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Junior Sertifikaat. Handboek. 1953;
Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Skooleindsertifikaat. Leerplanne en
Regulasies. 1941;
Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Skooleindsertifikaat. Leerplanne en
Regulasies. 1945;
Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Skooleindsertifikaat. Leerplanne en
Regulasies. 1947;
Departement van Onderwys, Oranje-Vrystaat, Skooleindsertifikaat. Leerplanne en
Regulasies. 1951.

Vrystaatse Kunswedstrydvereniging. Handboek Agste Kunswedstryd in Voordrag,
Toneel, Letterkunde en Musiek, 8-13 Mei 1939, Bloemfontein, Nasionale Pers Beperk,
1938.

Vrystaatse Kunswedstrydvereniging. Handboek, Tiende Kunswedstryd in Voordrag,
Toneel, Letterkunde en Musiek, 10-15 Mei 1943, Bloemfontein, Nasionale Pers Beperk,
[s.a.].

Vrystaatse Kunswedstrydvereniging. Handboek, Elfde Kunswedstryd in Voordrag,
Toneel, Letterkunde, Musiek en Volkspede, 14-19 Mei 1945, Bloemfontein,
Nasionale Pers Beperk, [s.a.].

Vrystaatse Kunswedstrydvereniging. Handboek, Dertiende Kunswedstryd in Voordrag, Toneel, Letterkunde, Musiek en Volkspele, 17-22 Mei 1949, Bloemfontein, Nasionale Pers Beperk, [s.a.].

Vrystaatse Kunswedstrydvereniging. Handboek, Veertiende Kunswedstryd in Voordrag, Toneel, Letterkunde, Musiek en Volkspele, 14-19 Mei 1951, Bloemfontein, Nasionale Pers Beperk, [s.a.].

Vrystaatse Kunswedstrydvereniging. Handboek, Sestiende Kunswedstryd in Voordrag, Toneel, Letterkunde, Musiek en Volkspele, 2-7 Mei 1955, Bloemfontein, Sentrale Pers Beperk, [s.a.].

II. Private Bronne

1. Verslae van, telefoongesprekke, onderhoude en korrespondensie met die volgende persone (in besit van die skrywer - ongepubliseerd)

Aboud, Romeo	Bloemfontein, 16 Desember 1994.
Bobbert, Anna	Bloemfontein, 7 April 1994.
Boshoff, Alice	Bloemfontein, 2 September 1994.
Botha, Maureen	Bloemfontein, 15 Janusrie 1994.
Buys, Francina	Klerksdorp, 4 Augustus 1992.

Casaleggio, Michele	Bloemfontein, 22 November 1993.
Du Toit, Isabel	Parys, 12 Mei 1992.
Havenga, Norah	Bloemfontein, 23 Mei 1991.
Heiberg, Dolly	Bloemfontein, 17 Mei 1991.
Human, Japie	Bloemfontein, 22 Januarie 1994.
Immelman, Niel	Bloemfontein, 23 Desember 1992.
Jackson, Anna	Pretoria, 17 Junie 1992.
Kennedy, Brother Greg	Bloemfontein, 5 Mei 1994.
Kilner, Joan	Kaapstad, 27 Oktober 1992.
Kok, Alma	Bloemfontein, 6 Februarie 1992.
Kok, Benedictus	Bloemfontein, 3 April 1989.
Lemmer, Leonard	Bloemfontein, 25 Julie 1993.
Llewellyn, Merle	Kaapstad, 8 Mei 1993.
Papenfus, Margaretha	Bloemfontein, 2 Maart 1994.
Pauw, Henriëtte	Bloemfontein, 20 Mei 1991.
Pohl, Irma	Bloemfontein, 29 Februarie 1992.
Pyott, Rosemary	Bloemfontein, 15 Januarie 1994.
Rademan, Olga	Kroonstad, Oktober 1992.
Ruth, Sister Mary	Bloemfontein, 16 Februarie 1994.
Scholtz, Rita	Kaapstad, 13 Junie 1992.
Stewart, Christine	Bloemfontein, 1 Maart 1994.
Van Wyk, Hannie	Bloemfontein, 29 Junie 1994.

Wagner, Marion Oos-Londen, 22 Maart 1994.
Wedderburn, Doris Bloemfontein, 24 Oktober 1992.

2. Konsertprogramme en ander dokumente in besit van:

die skrywer van hierdie verhandeling,	Bloemfontein;
Nasionale Letterkundige Museum,	Bloemfontein;
Ackerman, Berna	Bloemfontein;
Botha, Maureen	Bloemfontein;
Buys, Francina	Klerksdorp;
Casaleggio, Michele	Bloemfontein;
Havenga, Norah	Bloemfontein;
Heiberg, Dolly	Bloemfontein;
Naudé, Willem	Bloemfontein;
Ochse, Derek	Bloemfontein;
Pauw, Henriëtte	Bloemfontein;
Pohl, Irma	Bloemfontein;
Rousseau, Hanette	Johannesburg;
Stewart, Christine	Bloemfontein;
Strydom, Piet	Bloemfontein.

PERIODIEKE PUBLIKASIES

1. Koerante

Die Volksblad, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1 Januarie 1939- 31 Desember 1956, 1 September 1989, 11 en 27 November 1991, 2 Junie 1993 en 14 Julie 1994.

The Friend, The Friend Printers and Publishers Company Limited. Bloemfontein, 1 Januarie 1939-31 Desember 1956.

2. Tydskrifte

Bosman, F C L. South African Music Personalities II in Res Musicae. Deel 6 nr 2, Desember 1959, pp. 3-4.

Bosman, F C L. South African Music Personalities IX in Res Musicae. Deel 8 nr 2, Desember 1961, pp. 4-6.

Grové I J. Arnold van Wyk: 'n Kort oorsig oor sy lewe en werk in Acta Academica Reeks B nr 19. Hoofredakteur: Prof dr M C J van Rensburg. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984, pp. 1-3.

Haasbroek, J. Cecilia Wessels (1895-1970). Die 'stem' van Suid-Afrika, in Suid-Afrikaanse Tydskrif. Kultuurgeskiedenis, vol. 4 nr. 3, 1990, pp. 144-146.

Human, J L K. David Johannes Roode, 'n Lewensoorsig in Musicus, vol. 20, nr 1. Hoofredakteur: Van der Spuy, H. 1992, pp. 42, 45 en 47-48.

Joubert, D. Mary Rousseau (1910-1988). Pianist, journalist, teacher, adjudicator and examiner in Musicus. vol. 16, nr. 2. Hoofredakteur: Roos, J. 1988, pp. 92-93.

Muller, D. Herinneringe van oud-studente in Musicus, vol. 20, nr. 1. Hoofredakteur: Van der Spuy, H. 1992, p. 47.

Wagner, M. Herinneringe van oud-studente in Musicus, vol 20, nr. 1. Hoofredakteur: Van der Spuy, H. 1992, pp. 47-48.

Whiteman, M. Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser, vol. 67, Desember 1964, p. 7.

Whiteman, M. Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser, vol. 109, November 1986, p.36.

Whiteman, M. Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser, vol. 112, Junie 1988, pp. 8-9.

The Eunice High School Magazine, December 1940, pp. 7 en 15 (Horak, Sandall, Wales);

The Eunice High School Magazine, December 1941, pp. 20-21 (Goldblatt, Kok, Sandall);

The Eunice High School Magazine, December 1942, pp. 9 en 13 (De Bruyn, De Jager, Pienaar);

The Eunice High School Magazine, December 1943, p. 16 (Bruns, De Jager, Jordaan);

The Eunice High School Magazine, December 1944, pp. 5, 7, 13, 45 en 47 (De Douallier, De Jager, Harrison, Van Aardt);

The Eunice High School Magazine, December 1947, pp. 8-9 en 67-68 (De Jager, Loubser, Wansbury);

The Eunice High School Magazine, December 1948, p. 31 (Kimmel);

The Eunice High School Magazine, December 1949, p. 8 en 48-49 (De Jager, De Villiers, Dickson);

The Eunice High School Magazine, December 1950, pp. 41 en 52 (Style);

The Eunice High School Magazine, December 1951, pp. 24-25 (Style);

The Eunice High School Magazine, December 1952, pp. 15-16 (De Jager);

The Eunice High School Magazine, December 1953, pp. 20-21 (Worringham);

The Eunice High School Magazine, December 1954, p. 9 (De Jager);

The Eunice High School Magazine, December 1955, pp. 52-53 (Meyerowitz);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1940, p. 42 (Meiring);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1942, p. 21 (Shepstone);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1943, pp. 23 en 35 (Linsell, Meiring);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1944, pp. 35 en 41 (Shepstone);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1945, pp. 5, 80 en 84 (Meiring, Shepstone);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1946, pp. 9, 11, 17 en 19 (Shepstone, Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1947, pp. 6, 25, 27-28 en 60 (Meiring, Shepstone, Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1948, pp. 40-41 en 67 (Shepstone, Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1949, pp. 9, 21, 23, 37 en 86 (Faure, Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1950, pp. 28-29 en 31 (Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1951, p. 35 (Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1952, pp. 14, 28, 47 en 50 (Faure, Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1953, p. 56 (Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, November 1954, pp. 18, 43, 56, 58 en 80 (Faure, Volsteedt);

Grey-Kollege Jaarblad, Desember 1955, pp. 8, 10, 30, 44 en 52 (Faure, Volsteedt);

St Andrew's School Magazine, June 1940, p. 15 (Storey);

St Andrew's School Magazine, December 1940, p. 48 (Cousins);

St Andrew's School Magazine, December 1941, pp. 5 en 9 (Storey);

St Andrew's School Magazine, June 1942, p. 48 (Von Maltitz);

St Andrew's School Magazine, December 1943, p. 43 (Brotherton);

St Andrew's School Magazine, June 1944, pp. 30 en 36 (Guiney, Hamer);

St Andrew's School Magazine, December 1944, p. 9 (Storey);

St Andrew's School Magazine, June 1945, p. 9 (Storey);

St Andrew's School Magazine, December 1945, p. 11 (Storey);

St Andrew's School Magazine, June 1946, p. 39 (Dominy, Storey);

St Andrew's School Magazine, December 1946, p. 9 (Storey);

St Andrew's School Magazine, June 1947, p. 39 (Dominy);

St Andrew's School Magazine, December 1947, pp. 11 en 35 (Harison);

St Andrew's School Magazine, June 1948, p. 27 (Martin);

St Andrew's School Magazine, December 1948, p. 43 (Martin);

St Andrew's School Magazine, June 1949, p. 30 (Martin);

St Andrew's School Magazine, December 1949, pp. 7 en 9 (Harison);

St Andrew's School Magazine, December 1950, pp. 10-11 en 36-42 (Dominy, Harison);

St Andrew's School Magazine, June 1951, p. 10 (Harison);

St Andrew's School Magazine, December 1951, pp. 14 en 38 (Harison, Sparrow);

St Andrew's School Magazine, January 1953, pp. 25 en 42 (Harison);

St Andrew's School Magazine, December 1953, p. 55 (Van der Merwe);

St Andrew's School Magazine, December 1955, pp. 10, 33 en 35-37 (Ap Ivor, Clayton);

Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1940, p. 41 (Casaleggio);

Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1941, pp. 7 en 14 (Casaleggio, Loubser);

Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1942, pp. 8 en 19 (Casaleggio, Loubser);

- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1943, pp. 7 en 64 (Casaleggio, Loubser);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1944, p. 69 (Casaleggio);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1945, pp. 64-66 (Casaleggio, Wessels);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1946, p. 77 (Casaleggio);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1947, pp. 38 en 99 (Casaleggio, Pretorius);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1948, p. 5 en 73 (Malan, Pretorius);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1949, p. 76 (Casaleggio);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1950, p. 5 (Malan);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1951, pp. 5 en 85 (Malan, Wessels);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1952, p. 88 (Wessels);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1953, p. 3 (Van Schoor);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1954, pp. 22 en 73 (Van Rensburg, Wessels);
- Sentrale Hoërskool Jaarblad, Desember 1955, p. 93 (Von Backström);
-
- Meisieskool Oranje Jaarblad, Desember 1940, p. 33 (Retief);
- Meisieskool Oranje Jaarblad, Desember 1941, pp. 23-24 en 52 (Retief, Schoon);
- Meisieskool Oranje Jaarblad, Desember 1942, p. 21 (Papenfus);
- Meisieskool Oranje Jaarblad, Desember 1943, pp. 46-47 (Schoon);
- Meisieskool Oranje Jaarblad, Desember 1950, p. 65 (Laas);
- Meisieskool Oranje Jaarblad, Desember 1955, p. 101 (Papenfus).

3. Geleentheidspublikasies

De Villiers, C A, Die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat 1946-1972. Bloemfontein, 1972.

Flemming, H C J; Bosch, J A; Coetzee, D J, Nederduitse Gereformeerde Kerk Bloemheuwel. Gedenkboek, 1 Augustus 1947 tot 1 Augustus 1972.

Papenfus, M, Ons onthou 74 jaar 1907-1981. Herdenkingsuitgawe, Die C en N Meisieskool Oranje, Redakteurs: Rossouw, A E, Spies, M L, Bloemfontein, 1981.

Pretorius, W W, Nederduitse Gereformeerde Kerk De Bloem. Feesgedenkblad 1935 tot 1985, September 1985.

LITERATUUR

Blom, Eric. The New Everyman Dictionary of Music. 6th Ed. London: J M Dent and Sons LTD., 1988.

Ferguson, Howard. Arnold van Wyk in Composers in South Africa. Edited by Peter Klatzow. Paperback Ed. Cape Town: Oxford University Press, 1988, pp. 1-31.

Human, J L K. Die Musieklewe van Bloemfontein 1900-1939. Ongepubliseerde D Phil-verhandeling, Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1976.

Kennedy, Michael. The Concise Dictionary of Music. 3rd Ed. London: Oxford University Press, 1980.

Malan, Jacques, P. Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie. Vier Volumes. Kaapstad: Oxford University Press, 1980, 1982, 1984 en 1986.

Malan, Jacques, P. South African Music Encyclopedia. Vier Volumes. Cape Town: Oxford University Press, 1979, 1982, 1984 en 1986.

Scholes, Percy, A. The Oxford Companion to Music. New York: Oxford University Press, 1988.

Thompson, Oscar. The International Cyclopedia of Music and Musicians. 9th Ed.
London: J M Dent and Sons, 1964.

Venter, C L. Suid-Afrikaanse Klaviermusiek. 'n Kultuurhistoriese en Stylanalitiese studie. Ongepubliseerde D Mus-verhandeling, Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir C H O, 1977.

BYLAE

KONSERT - PROGRAM

van die

LEMMER-MANNEKHOOR

Dirigent: P. J. LEMMER

met

SUZANNE DU PLESSIS

(SOPRAAN)

en die

VICTOR POHL-SNAAR-ENSEMBLE

STADSAAL — BLOEMFONTEIN

15 en 16 November 1944.

KOORLEDE

1ste Tenore

J. J. du Toit.
J. L. du Plooy.
P. F. de Wet.
C. Lamprecht.
H. J. Simes.
J. P. Combrinck.
J. van Tonder.
P. A. Swanepoel.
L. J. Cronjé.
L. V. Postma.

2de Tenore

J. M. Buys.
A. T. C. Fourie.
I. F. Retief.
P. J. van Niekerk.
H. J. Koornhof.
G. P. Terblanche.
H. M. Combrinck.

Baritone

P. C. Jooste.
W. S. Radley.
W. J. Conradie.
A. J. B. Botha.
T. van Huyssteen.
D. Strauss.
J. Marais.

Basse

J. C. Rousseau.
G. Liebenberg.
P. J. R. Stofberg.
W. de V. Kotzé.
D. F. Joubert.
P. Theron.
W. Arndt.
T. Hultzer.
D. du Plessis.
D. C. Spies.
E. Kuschke.
W. M. Güldenpfennig.
Joh. v. d. Merwe.

Begeleier: O. A. Karstel.

SNAAR-ENSEMBLE.

Viols: Victor Pohl, Mev. A. Kok en Martli Pohl.
Klavier: Mev. Pohl.

Fondse vir 'n Plaaslike Musiek-Biblioteek.

PROGRAM

Deel I.

I. KOORGROEP:

- (a) „Aanstap” (*du Toit*) *du Toit—Lemmer.*
 - (b) „Maria Wiegeliied” (*Boëllitz*) *Max Reger.*
 - (c) „Pilgrims’ Chorus” (uit *Tannhäuser*) *Wagner.*
- (b) Een van die heerlikste Wiegeliiedjies, wat in eenvoud en skoonheid, selfs die slaapiedere van Brahms, Schubert en Mozart oortref.
- (c) As die stoet al kronkelend langs die hellings van die berge beweeg, kom die Pelgrims al singende terug van Rome, waar hulle vergiffenis gesmeek en ontvang het van die Pous. Die Amandelstaf bloei weer, en nou word die danklied „Hallelujah” aangehef.

II. SNAARGROEP:

- (a) „Andante Cantabile” *Trouselle.*
 - (b) „Caprice” *Trouselle.*
- Victor Pohl-Snaar-Ensemble.

III. KOORGROEP:

- (a) Koraal (*Passiemusiek, volgens Mattheus*)
(Gesang 159) *Bach.*
- (b) „Stille Nag, Heil’ge Nag” (*Wyle Ds. P. van Huyssteen*) *Grüber* (Harmonie—*P. J. Lemmer*).
Solo: Sarel du Toit.

IV. LIEDEREGROEP:

- (a) „Vissi d’arte” (uit *Tosca*) *Puccini.*
- (b) „Die Duif” (*I. D. du Plessis*) *M. C. Roode.*
- (c) „Oktobermaand” (*Leipoldt*) *D. J. Roode.*
(b) Suzanne du Plessis.

V. KOORGROEP:

- (a) „Gulsig” (1ste vers: *W. Malan*; 2de vers: *Dr. B. Kok*) *Lemmer.*
 - (b) „Alla Marcia” (uit „*Lilac Time*”) *Schubert.*
- Solo’s en duo deur P. de Wet, T. van Huyssteen en C. Lamprecht.
- (b) Die welbekende Militêre Mars van Schubert figuur as een van die groot aantal instrumentale en vokale werke wat as een geheel saamgesnoer is in die ligte Opera, „*Lilac Time*”. Uitbundige plesier sowel as die slepende minnelied is aan die woord in die populêre nommer.

POUSE (15 minute)

N.B.—Koeldranke word deur die Wieg verskaf.

Deel II.

VI. KOORGROEP:

- (a) „In Stille Nag” (Afr. vertaling *Dr. B. Kok*)
Volklied (Harmonie *P. J. L.*)
 - (b) „A Catastrophe” (*Sheldon*) *Sprague.*
- (b) Die prettige ondeundheid van die kind.

VII. LIEDEREGROEP:

- (a) „Care Selve” (uit „*Atlanta*”) *Händel.*
- (b) „Vilia” (uit „*The Merry Widow*”) *Lehar.*
- (c) „Geboorte van die Lente” (*A. G. Visser*)
—*Le Roux Marais.*

Suzanne du Plessis.

N. G. Gemeente
Bloemfontein-Wes

PROGRAM

Orreluitvoering om 7.30 nm.

op

Vrydag, 21 Junie 1946

Gereël deur

Mnr. O. A. KARSTEL

TEN BEHOEWE VAN U.K.O.V.S.

PRYS 2/-

STUDENTE 1/-

*Musiek is een van die skoonste gawes van God.
— Martin Luther.*

DAWID DIE HERDERSEUN

(MUSIEK DEUR G. F. ROOT; LIBRETTO DEUR H. BUTTERWORTH)
(AFRIKAANSE VERTALING DEUR Dr. H. v. d. M. SCHOLTZ)

'N KANTATE IN TWAALF DELE

— OPVOERING DEUR 'N SPESIALE GROOT
KOOR MET ORKESBEGELEIDING

ONDER LEIDING VAN

PETRUS J. LEMMER

IN DIE

STADSAAL, BLOEMFONTEIN

OP

VRYDAG en SATERDAG 20 en 21 MAART
om 8-uur n.m. en

SATERDAG 11 APRIL om 8-uur n.m.

(Opbrengs ten behoeve van die Vrystaatse Kunswedstrydvereniging)

N.P.B., Bm.

KARAKTERS

Abigail (Sopraan).....	Mev. A. Jackson.
Abigail se lyfwag (Sopraan en Alt).....	Mej. M. Wessels en Mev. D. Marais.
Migal (Alt.).....	Mev. P. de Wet.
Dawid (Tenoor).....	Mnr. C. Barry.
Jónatan (Tenoor).....	Mnr. D. J. Roode.
Jessie (Bariton).....	Mnr. J. W. Fourie.
Samuel (Bas).....	Mnr. A. Goosen.
Saul (Bas).....	Mnr. J. Roussouw.
Abner (Bariton).....	Mnr. J. W. Fourie.
Boodskapper (Tenoor).....	dr. B. Kok.
Drie Oorlogshelde.....	Mnr. J. Roussouw. dr. B. Kok en Mnr. C. Barry.
Soliste in Kinderkoor (Sopraan).....	Mejj. R. Karstel en M. Henning.
Herderskwartet.....	Mnr. J. Roussouw, dr. B. Kok, Mnre. C. Barry en A. Jackson.

BEGELEIDING

Klavier.....	Mev. H. v. d. M. Scholtz.
Orrel.....	Mnr. O. A. Karstel.
Orkes.....	Philharmoniese Orkes.
Orkesleier.....	Mnr. Victor Pohl.
Dirigent.....	Mnr. P. J. LEMMER.

HANDELING

Die geskiedenis van Dawid vanaf sy roeping en salwing deur Samuel tot ná sy kroning.

Hed. J. J. J. J. J.

New ...

Karin van Delft

Walt ...

Stofberg & van der Walt

(EDMS.), BPK.

W. R. G. G.

MAITLANDSTRAAT 53. - BLOEMFONTEIN.

Meke ...

Waar Manklere van Gehalte Minder Kos.

ONS HOU DIE ALLERBESTE MANSKLERE EN SKOENE IN VOORRAAD, SOOS B.V.:

PERSONALITY-, VEKA-, VOLTEX-, DUGSON-, PAX- EN TUX-PAKKE

EN

DR. WATSON-, JOHN DRAKE- EN CLUBMAN-SKOENE.

By ons sal u vriendelike en bekwame diens ontvang.

Foon 1487.



IS U OPLETTEND?

„FAYES” loof 'n SPESIALE P R Y S uit vir die eerste regte antwoord wat die fout op u kaartjie aandui.

ONTHOU

„FAYES”

Vir Aandtabberds, Deftige Dagtabberds, Snyerskostuums, Pragtige Onderklere.

MAITLANDSTRAAT 110

Regoor SONOP se nuwe gebou

Vir die verkoop van:

MOTORS

MEUBELS

EIENDOMME, ENS..

raadpleeg:

WILCOCKS, BEZUIDENHOUT EN KIE.

Foon 2135.

BLOEMFONTEIN.

Alhoda Sneyes
Huisvendusies word op kortste kennisgewing gereël.

Alhoda Sneyes B. Thompson

1947

ORRELUITVOERING

(8)

IN DIE

MOEDERKERK
BLOEMFONTEIN

SATERDAGAAND. 23 AUGUSTUS

OM 7.30 NM.

1947.



PROGRAM



VIR KERKBOUFONDSE

Prys 1/6

PROGRAM

1. Orrelsolo.

1. Prelude in A Majeur — J. S. Bach
Mev. Dolly McDonald.
2. Caprice in Bb — A. Guilmant

2. Tjello solo.

- Le Cygne — Saint Sæens Mnr. Albert Steffers.

3. Sang solo.

- Open de Poorten des Tempels —
J. Knapp Mev. van Schalkwyk.

4. Orrelsolo.

1. Koraalvoorspel — „In Dir ist
Freude" — J. S. Bach Mej. M. Senekal.
2. Adagio en Gigue uit Trio Sonata
in B Min. — Stanley Mej. M. Senekal.

5. Koorsang.

- Hoor, Hoor My Siel — Shelley Kerkkoor.
Soliste — Mev. Hansie Linde en
Mej. Lena Klomp

6. Orrelsolo.

- No. 6 uit "Six Short Preludes and
Postludes" — Stanford Mej. A. Barkhuysen.

POUSE.

7. Vioolsolo.

- Mnr. Victor Pohl.

8. Koorsang.

- O, kom tot My — E. Dicks en
E. Dorn Kerkkoor.

9. Orrelsolo.

- Clair de Lune — de Bussy Mev. Dolly McDonald.

10. Vioolduo.

- Mnr. Victor Pohl en
Mej. Martli Pohl

11. Sang solo.

- Mej. F. Buys.

12. Orrelsolo.

- Grande Choir — A. Guilmant Henriëtte Rossouw.



14

Kersfees Kantate

Woorde van G. H. GOODMAN.
Getoonset deur E. MADEIRA.

*In Afrikaans vertaal deur
PIETER ROUX.*

Uitgevoer deur die Koor van die Moedergemeente
in die MOEDERKERK

onder leiding van

Mev. Dolly McDonald

Sondagaand 3 Desember 1950

Prys 1/6.



Toe Christus Gebore is.

Proloog

DIE VLEESWORDING.

ORREL VOORSPEL.

BAS SOLO *Laat alle vlees nou swyg.*

TENOOR RESITATIEF *In die begin was die Woord.*

SOPRAAN SOLO met Koor *Verrys, Skyn, want jou
Lig kom.*

Deel 1

KERSFEES:

BARITON RESIT. *En Josef gaan op van Galilia.*

SOPRAAN SOLO *Geen plek lief Kind vir jou.*

ORREL TUSSENSPEL *Kersfeesnag op Bethlehems
Heuwels. Stille Nag.*

SOPR. SOLO en DAMESKOOR *Daar was herders wat
vertoef het.*

SOPRAAN SOLO *Moenie Vrees.*

KOOR *En plotseling was daar met die Engel
'n menigte van die Hemelse heir.*

Deel 2

MANNEKWARTET *Mars van die wyse manne.*

Kasper *Moed Hou, Melchior.*

Belsassar *Gaan jy maar voort.*

Kasper en Melchior *Nee maar u moet met ons gaan.*

TENOOR SOLO *Heer u toon u genade.*

TRIO *Waar is Hy die Koning van die Jode.*

RESIT. en SOLO *Toe word Herodes seer ontsteld.*

MANNEKOOR *Bethlehem in Judea.*

TEN. SOLO *Herodus: Gaan dan o wyse manne.*

KOOR (Fuga.) *En na die Koninklike onderhoud.*

DUO *Die Ster van die Ooste vergesel hul.*

DUO *Kyk ons bring u goud, wierookgeur,
kosbaar mirre, speserye.*

RESIT. en KWARTET *Die terugkeer.*

ALT RESITATIEF *En die Woord word vlees en
woon onder ons.*

KOOR *O grote God.*

DIE VRYSTAATSE MUSIEKVERENIGING

KLAVIERUITVOERING DEUR HENRIETTE ROSSOU
CLARENDON-SAAL, SATURDAGAAND, 3 November 8 nm.

PROGRAM

- | | | | |
|---------------------------------------------|------------|---------------------------------------------|---------|
| 1. Voorspel en Fuga in C kruis Majeur | Bach. | 6. Studie in E Majeur | Chopin. |
| 2. Pastorale | Scarlatti. | 7. Studie in C Mineur | Chopin. |
| Tempo di Ballo | Scarlatti. | 8. Deuxieme Impromptu in F kruis Majeur ... | Chopin. |
| 3. Sonate in F Mineur (Op. 5) | Brahms. | 9. Fantaisie in F Mineur | Chopin. |
| a. Allegro maestoso | | | |
| b. Andante espressivo | | | |
| c. Scherzo, Allegro energico | | | |
| d. Finale, Allegro moderato ma rubato | | | |
| 4. Habcutedans | Liszt. | 10. Ballade in G Mineur | Chopin. |
| 5. Studie in die vorm van 'n wals | St. Saens. | 11. Naglied in D mol Majeur | Chopin. |
| | | 12. Scherzo in C kruis Mineur | Chopin. |

P O U S E

Sanguitvoering deur Cecelia Wessels in die Stadsaal
op Dinsdagaand, 27 November. Lede bespreek plekke
by C.P. van Zyl & Kie vanaf Maandag 29 Oktober.

Senior lede: 2/6

Junior lede: 1/3

In Aid of Red Cross Funds.

--SOLO--
RECITAL

Solo Pianist - Mary Rousseau.

Dancer - - - Yvonne Viljean.

Accompanist - - Isabel du Toit

GRAND THEATRE

Monday February 12th 1945,

at 7.45 p.m.

STAGE MANAGER - - - - - DAWIE MARQUARD

CPW. Bm 2/45/1455

1. **RHAPSODY in C major** — — — — — **Ernst von Dohnanyi**

Mary Rousseau

Gaiety and humour characterize this popular work of the Hungarian pianist-composer. In spite of its frivolous mood there is some extremely effective piano idiom

2. **TARANTELLA** — — — — — **Rossini-Liszt**

Yvonne Viljoen

A Fiery Italian Dance.

3. **Etude in A flat op. 25** }
Grand Waltz Brillante } — — — — — **Frederick Chopin**
Barcarolle op. 60 }

Mary Rousseau

Three fine examples from the incomparably elegant and graceful Chopin. The languorous Barcarolle is a major work packed with emotional appeal while the entire group illustrates the composer's mastery of sound ornamentation

14

4. **CLASSICAL BALLET** — — — — — **Liszt**

Yvonne Viljoen

A dance in the pure classical style interpreting the dreamy mood of Liszt's lovely "Consolation".

Interval of five minutes.

GOPAK — — — — — **Moussoursky**

Yvonne Viljoen

Russian Peasant Dance.

Interval of five minutes.

NYMPH — — — — — **Debussy**

Yvonne Viljoen

A Greek Lyrical Dance

5. **"Ragamuffin", from "Three London Pieces" - John Ireland**
"Prelude in D" — — — — — **Felix Swinestead**
"A Romp", Finale from "Second Suite" - York Bowen

Mary Rousseau

This short group is taken from the Modern British School. Ireland's tonal impression of a typical London which archaic is full of vivid colour, piquante rhythm and his characteristic dissonance. Swinestead has succeeded in treating a deep and moving theme in beautifully pianistic fashion and most people need no introduction to the noisy boisterous "Romp"

6. **GOYESCAS** — — — — — **TRADITIONAL**

Yvonne Viljoen

Dance of the era of the famous painter - - Goya.

INTERVAL OF TEN MINUTES.

7. **PRELUDE** — — — — — **Chopin**

Yvonne Viljoen

From the Fokine ballet "Les Sylphides". After the Mazurka comes the Prelude, one of the most spiritual and lovely of all dances

Interval of five minutes.

VICTORIAN FROLIC - - - - - **HAYDN**

Yvonne Viljoen

8. WARSAW CONCERTO — — Richard Addinsell

Mary Rousseau

A current favourite, this unusual composition with all its associations has appealed tremendously to war-time audiences. How will it stand the test of time?

9. LEPIDOPTERIST — — — — Grieg

Yvonne Viljoen

A Character dance in which a note of comedy is introduced.

10. Waltz from Naila Ballet - Delibes — von Dohnanyi

Mary Rousseau

A luscious transcription of Delibes world-famous melody.

11. LA PARISSIENNE — — — — Beethoven

Yvonne Viljoen

A demi - caractère dance depicting a lady of fashion.

12. HUNGARIAN RHAPSODY No. 10 — — Liszt

Mary Rousseau

These Rhapsodies now a household word, are based on Gypsy airs, and are full of fire and passion. They were transcribed for piano by Liszt, the keyboard virtuoso of the 19th Century.

13. FARRUCCA — — — — TRADITIONAL

Yvonne Viljoen

A Spanish Gypsy dance full of boisterousness, boastfulness and inner fire. The dancer accompanies herself with hand-clapping, finger-snapping and rapid heel-beats.

The King - Die Stem.

Die Vrystaatse Musickvereniging

BIED AAN

**'N SANGUITVOERING DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE
EN INTERNASIONALE DRAMATIESE SOPRAAN**

CECILIA WESSELS

CLARENDONSAAL

Maandagaand, 12 November, 1951

AAN DIE VLEUEL: JEAN ROHR

Die Sentrale Pers. Bfn.—4604/19/10/51



KORUS ESTERHUVSEN

Program

SPREKER A. M. BURGER
MARIA RITA KARSTEL
JOSEF SAS BOSHOFF
GABRIËL ALBERT STEFFENS
ELISABET ANNA RICHTER-VISSER
HERBERGIER GERHARD OLIVIER
HERDERS J. C. ROUSSEAU, A. VOLSTEEDT, J. L. CRONJE,
W. DE V. KOTZÉ.

Mariechen Naudé, Susie Mey Viljoen, Konrad Pretorius, Volkert Trümpelmann, Piet Viljoen.

KONINGS H. J. Moolman, P. J. van Rensburg, Gerrit Viljoen.

KOOR NOORDKERKKOOR: Mnre. A. Mare, C. du Toit, dr. W. Radley, mnre. P. Roux, S. Fourie, P. Theron, M. van der Wall, M. Naudé, dr. S. de Jong, mnre. W. Conradie, J. J. Morkel.

Mev. M. Fourie, S. Fourie, L. Bezuidenhout, C. Wessels, K. Halgreen, A. Grové, M. Nieuwoudt, M. Marais, A. du Toit, S. Kruger, H. van der Berg, M. Pietersen, F. Roode, L. Pretorius, R. Trümpelmann.

Mej. R. Davis, M. Lourenz, L. Marais, C. Strachan, D. Grobler, A. Jooste, M. Pietersen, S. Jacobs, M. Papefus, F. Buys, S. Rossouw, Z. Strauss, R. Davies, E. van Rhyn, A. Myburgh.

SOLISTE (Drie Koninge-lied) JULIETTE ABOUD

ENGELTIJES Annemarie en Ilse Burger, Beatrix Lategan, Beth Loubser, Annalize Pauw, Irma Pretorius, Marita Radley, Marguerite Reinecke, Brigitte Trümpelmann, Sanne-marie Viljoen.

TEKS W. E. G. LOUW

SPELLEIDING JUSTA KRIEL

MUSIEKLEIDING DAVID J. ROODE

TOONEELMEESTER J. C. PAUW

GRIMERING H. WATKINS

KOSTUUMS VOLKSTEATER (Pretoria) en die KOSTUUMKOMITEE van die Bloemfonteinse Teatergroep.

DEKOR DEKORKOMITEE van die Bloemfonteinse Teatergroep.

BELIGTING A. Alberts en A. P. van Schalkwyk

Ons is dank verskuldig aan Volksteater vir die vriendelike vergunning om die Kersspel uit te voer.

Daar sal geen pouse wees nie en geen gordynbuiging aan die einde van die uitvoering nie.

Belangstellendes word hiermee vriendelik uitgenooi om die werk van die Bloemfonteinse Teatergroep te steun deur Voorkeurlede te word. Nadere besonderhede kan verkry word van die Sekretaris, Posbus 639, Bloemfontein, Foon 856.

DIE NOORDKERKKOOR EN DIE BLOEMFONTEINSE TEATERGROEP WENS U ALMAL 'N GESEËNDE KERSFEES TOE.



**DIE VRYSTAATSE MUSIEKVERENIGING
THE FREE STATE MUSIC SOCIETY**

**SANGUITVOERING
VOCAL RECITAL**

DEUR — BY


MARTLI POHL

**BEGELEI DEUR
ACCOMPANIED BY**

Arend Koole

**CLARENDONSAAL — CLARENDON HALL
BLOEMFONTEIN**

Vrydagaand, 31 Augustus 1956 — Friday 31st August, 1956





PROGRAM -- PROGRAMME

1—FRANZ SCHUBERT (1797—1828).

- (a) An die Musik.
- (b) Auf dem Wasser zu singen.
- (c) Gretchen am Spinnrade.
- (d) Frühlingsglaube.
- (e) Seligkeit.

2—JOHANNES BRAHMS (1833—1897).

- (a) Die Mainacht.
- (b) Der Gang zum Liebchen.
- (c) Von ewiger Liebe.
- (d) Ständchen.
- (e) Der Jäger.

3—HUGO WOLFF (1860—1903).

- (a) Nixe Binsefuss.
- (b) Ein Stündlein wohl vor Tag.
- (c) Begegnung.
- (d) Das Verlassene Mägdlein.
- (e) Lebe Wohl.

POUSE -- INTERVAL

4—PAUL HINDEMITH (1895).

VYF LIEDERE UIT DIE SANGSIKLUS DAS MARIEN-
LEBEN (1922—1923).

FIVE SONGS FROM THE CYCLE DAS MARIENLEBEN
(1922—1923).

- (a) Geburt Maria.
- (b) Argwohn Joseph's.
- (c) Geburt Christi.
- (d) Pieta.
- (e) Vom Tode Maria (iii).



Babsita Moolman, wat Woensdag 6.15 nm. in die Afrikaanse program 'n sanguitvoering lewer, verskyn hier saam met Beniamino Gigli in die Palazzo Marignoli in Rome. Dit was 'n onvergeetlike aand . . .

n Afrikaanse sangeres het in Rome opgetree

Saam met Gigli

SEKER die hoogtepunt in Babsita Moolman se interessante loopbaan as sangeres, was haar optrede in Rome saam met die meester, Beniamino Gigli. Dit was in 1948, maar vyf jaar gelede, toe Babsita in Rome haar sangstudie hervat het, eers onder die maestro, Ricordi Stracciari, en later onder Franci, die beroemde bariton van die Koninklike Operagebou aldaar. Franci het die kragtige, sulwer kwaliteit van Babsita se stem so hoog geag dat hy aanbeveel het dat sy saam met Gigli op 'n belangrike geleentheid moet optree. Dit was een van die grootste en indrukwekkend-

ste konserte van die jaar in Rome en is gehou in die ruim salon van die Paleis Marignoli . . . Die gehoor sou bestaan uit die Corps Diplomatique en die vooraanstaande hoë lui en ander hoogge-

deur Esmé Euvrard

plaaste persone. Die Suid-Afrikaanse sangeres het haar dadelik gehaas na een van die eksklusiefste modesalonne in Italië . . . en, hoewel die modesalon gewoonlik net lede van die koninklike

families en die aristokrasie van uitrustings voorsien, het hulle tog ingewillig om vir Babsita Moolman 'n droom van 'n rok te ontwerp en te maak. „Ja-nee,” lag Babsita, „ek was vasbeslote dat ek nie my land in die skande sou steek nie! As my stem die gehoor nie sou betower nie, dan moet my rok dit doen.” Wel, stem en rok was albei 'n volglae sukses, en die volgende dag het die koerante en die kritici baie gunstige melding gemaak van die „mirabilmente artista, soprana Babsida Woolman!” Ons

(Vervolg op bladsy 31)



Bied aan

Presents



Trudi van Zyl

Bygestaan deur Assisted by

Ashley Hartley



PROGRAM

PROGRAMME

Prys/Price 6d.

I.

1. (a) Se tu M'ami Pergolesi
(c) Bist du bei mir Bach
2. The Queen of the Night (from "The Magic Flute") Mozart
3. Sonata in C Sharp Minor, Op. 27 No. 2. Beethoven
ASHLEY HARTLEY.
4. (a) Gretchen am spinrad Schubert
(b) Verborgenheit Hugo Wolf
(c) Ständchen R. Strauss
5. Care Nome (from "Rigoletto") Verdi
6. (a) Concert Study in D flat Franz Liszt
(b) Liebestraum Franz Liszt
ASHLEY HARTLEY.

INTERVAL — 10 Minutes.

7. (a) Oktobermaand David Roode
(b) Die Roos S. le Roux Marais
8. (a) At the Well Hageman
(b) Solveig's Song Grieg
(c) Wiegenleid Max Reger
9. (a) "The Shadow Dance" (Elude) E. MacDowell
(b) "The Golliwogs Cake Walk"
(from The Children's Corner Suite) C. de Bussy
(c) Allegro di Concerto E. Granados
ASHLEY HARTLEY.
10. (a) Aria from "Louise" Charpentier
(b) Una Voce Poco Fa
(from "The Barber of Seville") Rossini

II.

1. (a) Se tu M'ami Pergolesi
(b) Bist du bei Mir Bach
2. The Queen of the Night (uit „Die Towerfluit”) Mozart
3. The Moonlight Sonata Beethoven
ASHLEY HARTLEY.
4. (a) Heiden Röslein Schubert
(b) Der Nussbaum Schumann
(c) Ständchen Schubert
5. Caro Nome (uit „Rigoletto”) Verdi
6. (a) Concert Study in D flat Franz Liszt
(b) Liebestraum Franz Liszt
ASHLEY HARTLEY.

POUSE — 10 minute.

7. (a) Oktobermaand David Roode
(b) Die Roos S. le Roux Marais
8. (a) Ave Maria Bach-Gounod
(b) Solveig's Song Grieg
(c) Wiegenlied Max Reger
9. (a) „The Shadow Dance” E. MacDowell
(b) „The Golliwogs Cake Walk”
(uit „The Children's Corner Suite”) C. de Bussy
(c) Allegro di Concerto E. Granados
ASHLEY HARTLEY.
10. (a) One fine day (uit „Madame Butterfly”) Puccini
(b) Una Voce Poco Fa (uit „The Barber of Seville”) Rossini

Miss van Zyl's Dresses by Alexandre et Annette, Salon de Mode, Johannesburg.

DIE VRYSTAATSE MUSIEKVERENIGING

VIER SY

TIENJARIGE BESTAAN

MET 'N

MUSIEKFEES

IN DIE

STADSAAL

BLOEMFONTEIN

**VRYDAG- en SATERDAGAAND, 6 en 7 MAART,
1953**

2 Sent. P., Bln.—9808



Harold Rubens



Jossie Boshoff

Viola 1ste	BRAM VERHOEF JULIUS MILLER REMO LAURICELLA MARGARET FAIRLESS LOUIS DU PLOOY FABRIZIO MARSIANO HENRY ZABLUDOWSKY	<i>Konsertermeester</i>
Viola 2de	VICTOR DE OLIVEIRA SARAH PACK ROMA GRUSD GILBERTO BONEGIO FREDE DOMENCICO LEO DE ROO	<i>Hoofspeler</i>
Altviola	LETTIE VERMAAK DORIS PRYCE MARIA SCHULTZ JOAN GLADWELL	<i>Hoofspeler</i>
Tjello's	AUBREY RAINIER EDIE LEVITZ OLIVE RICHARDS MARJORIE SILVA HILDA HOWITSON	<i>Hoofspeler</i>
26 Basviola	GEORGE MARTIN JOHN LANGER LAZAR PAIKEN	<i>Hoofspeler</i>
Fluite	HARRY GARDNER PASQUALE MARSIANO	<i>Hoofspeler</i>
Hobo's	EZIO CASONI EDWARD JACOMBE	<i>Hoofspeler</i>
Engelse Horing	EDWARD JACOMBE	
Klarinette	MICHAEL MUSKETT	<i>Hoofspeler</i>
Fagotte	RICHARD CHERRY ARCHIE FOX	<i>Hoofspeler</i>
Horings	PAUL BRASSENS WILLIAM CODY RONALD ALLEN PIETRIO DOMENICO	<i>Hoofspeler</i>
Trompette	CLAUDE HEPBURNE JOSEPH VITALI	<i>Hoofspeler</i>
Trombone	JACK PLATT NESTOR LAZARIDES	<i>Hoofspeler</i>
Bas-tromboon	JOHN CHAMPION	
Pouke	JACK SHEPHERD	
Slagwerk	DESMOND GREGG	

DIRIGENT: ANTON HARTMAN

PROGRAM VIR VRYDAGAAND, 6 MAART

1. LEONORA-OUVERTURE NR. 3 Beethoven
 2. KLAVIERCONCERTO NR. 4 IN G. MAJEUR Beethoven
 - (a) Allegro Moderato
 - (b) Andante con moto, wat lei tot
 - (c) Rondo (Vivace)
- Solis: **Harold Rubens.**

Beethoven se Concerto in G majeure besit daardie eteriese kwaliteit wat opvallend is in sy komposisies in hierdie toonaard, bv. sy tiende Sonate vir Klavier en Viool. Die behandeling van die klaviersolo in hierdie concerto is uniek in soverre die komponis aan die hoogste party in die regterhand soveel prominensie verleen dat daar telkens die atmosfeer van 'n violsolo geskep word.

Reeds voor die orkesspel begin, word die hooftema deur die solo-instrument sonder begeleiding aangedui. Hierdie concerto is digterlik genuanseerd. Orkes- en solo-party is veel inniger met mekaar verweef as in die voorafgaande concerto's. Al drie die dele openbaar die beginsels van concerto-vorm met buitengewone subtiliteit. Die eerste frase van die klavier, 'n rustige cantabile, word deur die orkes oorgeneem in die magiese modulatie van 'n sagte B majeure-akkoord.

Die tweede deel is geen selfstandige stuk nie, maar dra meer die karakter van 'n geïmproviseerde intermezzo, waarin die solo-party die driftige orkes herhaaldelik trag te besweer. Die tweede onderwerp begin by die snare en kondig 'n nuwe melodie aan. Dit word deur die klavier beantwoord met 'n wispelturige variasie en 'n verdere briljante solo wat delikate patrone rondom die tema weef.

Die tuiserlike rondo-tema van die slotdeel tree op heel verrassende wyse te voorskyn. Die orkes herhaal die eerste tema fortissimo, met trompette en tromme wat vir die eerste keer in die concerto gehoor word.

POUSE

(Die tweede deel van die program begin presies om 9.15)

3. KONSERTARIA: Ah, Perfido! Opus 65 Beethoven
(word in Afrikaans gesing)
Soliste: **Jessie Boshoff** (sopraan).
4. SIMFONIE NR. 2 IN D MAJEUR (opus 36) Beethoven
 - (a) Adagio molto — Allegro con brio
 - (b) Larghetto
 - (c) Scherzo en Trio
 - (d) Allegro Molto

Beethoven se tweede simfonie word geopen met 'n langsame inleiding. Die hooftema van die eerste deel word deur die altviols en tjello's aangekondig. Dit is 'n elegante, golwende melodie. Hoewel die tweede tema in die klassieke simfonie gewoonlik 'n liriese karakter dra, gee Beethoven hier aan die tweede tema meer die allure van 'n stuk pittige marsmusiek. Die fanfare-agtige motief word gespeel deur die klarinette en fagotte. Die tweede tema word afgesluit met forse akkoorde en dinamiese teenstelling wat 'n dramatiese aksent aan die musiek verleen.

Die tweede deel, 'n sangerige Larghetto, is 'n poëtiese en vredige stuk. Die musiek is 'n tikkie weemoedig en daar klink 'n onbestemde, romantiese verlange op.

Die derde deel is 'n tipiese Scherzo, dertel, flitsend, grillig soms, vol kapriolle, maar tog beheers deur 'n ewewigtige kunsvermoë.

Die Finale is 'n sprankelende stuk waarin die hooftema soos sjampanje bruis. Opmerklik is die uitvoering, oormoedige coda.

PROGRAM VIR SATERDAGAAND, 7 MAART

1. WATERMUSIEK (Suite vir orkes) Händel (verw. Harty)

Die gedagte is dat Händel hierdie musiek sou geskryf het as versoeningsmiddel by die koms van Koning George I. voorheen sy Keurvors te Hannover, by wie Händel kapelmeester was en vir wie hy sonder verlof verlaat het om hom in Londen te vestig.

Wel kan aangeneem word dat hierdie musiek gekomponeer en gespeel is by geleentheid van 'n Waterfees. Dit is „amusementsmusiek” in die beste sin van die woord. Dit bestaan uit 'n reeks kort stukke, almal van 'n danskarakter, maar in 'n gestileerde sin en met 'n pragtige instrumentasie.

2. (a) **Wie nahte mir der Schlummer** uit **Der Freischütz** Weber

(b) **O zittre nicht** — aria van die **Koningin van die Nag** uit

Die Zauberflöte Mozart

Soliste: **Jossie Boshoff** (sopraan)

3. **KLAVIERCONCERTO NR. 3 IN D MIN.** op. 30 Rachmaninoff

(a) Allegro ma non tanti

(b) Intermezzo (Adagio) wat lei tot

(c) Finale (alla breve)

Hierdie concerto is geskryf in 1910. Dit is nog nie so gewild by soliste soos die tweede concerto in C mineur nie. Die buitengewoon moeilike solo-party is miskien een van die redes, en moontlik ook die feit dat daar nie soveel skouspelagtige momente vir die solis is nie.

Nadat die orkes 'n belangrike begeleidende figuur aangekondig het, begin die solo-klavier 'n eenvoudige tema wat oorgeneem word deur die horing en die altviools. 'n Bykomstige tema word aangekondig deur die klarinet, horing en trompet, onmiddellik gevolg deur 'n kort klavier-cadenza.

Deel twee begin met 'n ernstige tema (hobo-solo) begelei deur houtblaasinstrumente. Hierdie tema word deur die klavier in 'n reeks variasies oorgeneem.

In die derde deel wemel die solo-party van uiters moeilike passasies. Die prikkelende mars-tema veroorsaak 'n eienaardige sensasie. Na 'n cadenza lei die orkes en die solo-instrument tot 'n tweede belangrike tema in B-mol. Teen die end is daar 'n lastige Scherzando en word die werk afgesluit met 'n skone en magtige slot.

Solis: **Harold Rubens.**

POUSE

(Die tweede deel begin presies om 9.30)

4. **SIMFONIE NR. 5 IN E MINEUR** Dvorak („Uit die Nuwe Wêreld”)

(a) Adagio — Allegro molto

(b) Largo

(c) Scherzo (Molto Vivace)

(d) Allegro con fuoco

Dvorak het hierdie simfonie in 1893 gekomponeer as weerklank van die indrukke wat hy in die „Nuwe Wêreld” opgedoen het. In die tematiek is daar melodiese en ritmiese wendinge wat karakteristiek is van die negerwysies, maar Dvorak het alles op heeltemal persoonlike wyse verwerk. Reeds in die inleiding word 'n besondere atmosfeer geskep.

Van ontroerende skoonheid is die beroemde Largo, 'n suggestiewe skildering van die melankolie van eensaamheid, van stille, brandende verlange.

Die derde deel is 'n skitterende Scherzo, wat nogal soms herinner aan die soortgelyke deel in Beethoven se negende simfonie.

Die Finale voer deur 'n dartele passasie tot 'n uitvoerige en elaborate coda.

VERTOLKSTER VAN ONS EIE MUSIEK

Chrystal Blomkamp, die Suid-Afrikaanse pianiste, wat onlangs uit die buiteland teruggekeer het, verdien nie net erkenning om die hoë gehalte van haar kuns nie, maar veral ook om haar geslaagde pogings om vir die musiek van ons Suid-Afrikaanse komponiste in die buiteland erkenning en waardering te verkry.



ise boereliedjies
ook aan die
ons komponiste.
van selfkritiek
ten opsigte van
werk buite die
nie altyd ver-
ns die woorde
ponis, Willem
el totdat dit
lotte herkend"
kerswerk is by
instenaars nie
ste repertoire-
penbare sukses.
n paar kunste-
a se Vuurdans
o ook eenkeer
noort het.
ar van daardie
Elke liefhebber
die vertolkings
la Porte wat
Bell, Blanche
en Hubert du
m. Onder die
genoem word
al Blomkamp,
im twee jaar
September met
aangekom het.
al vroeg 'n
k getoon. Nog
n het, het sy
esoek en al 'n
van der Poel
Toe sy agt
sar Franck se
e" haar eerste
een met Colin
ndag is sy die
r as vyf-en-
ers en ander
ranz Moeller,
die bekende
eglike klavier-
esluit het om
die Europese

te verdiep. Die bekende musikus, Jaap
nan geword en dit is wonderlik om te hoor
tolking onder sy invloed geword het. Dit
dag gekom by die uitvoering van Schumann
o in a mineur" wat Chrystal Blomkamp
sum onder Willem van Otterloo gespeel het.

28

musieksale klink nie.
Debussy se „L'Isle joye
d'or" wat so beket
in die vertolking van w
tuose, was 'n waagstuk
debuut. Maar haar spel
haar ongekunsteldheid di
Matthijs Vermeulen, die
van „Die Groene Am
bekend is om sy skerp pe
Nederlandse komponis
Blomkamp die nuwe „V
Henk Badings gekies.
het sy die komponis gaar
op die stil Veluwe en va
lof gekry oor haar opvat
klavierwerk.

Aan die einde van d
kunstenares dan haar b
Afrikaanse musiek wat e
Nederland kon kry en
landse critici nou laat h
„Miniature" van Hu
se „I
Blanche Gerstman se
Sedert daardie konserte
Blomkamp oral haar
Afrikaanse musiek voort
van die British Counc
waar Annie Woud o.m.
liedere gesing het, he
pianiste die musiek van
gespeel en kort daarop
in die Vondelparkpaviljo
by 'n geleentheid waar e
nis Michael Tippett met
„Child of our time"
uitgevoer het. Toe volg
stede van Nederland: H
('n aand van die Ned
kaanse Vereniging), tyde
die kortgolfsender P.C.J
verder in die Nederlands
Belgiese Uitsaaistatie Bru
inleiding oor Afrikaanse
is), in Switzerland er
Noorweë. Op al
het sy Blanche Gerst

Du Plessis se klaviermusiek 'n ereplek op die program gege
konserte ook nog die „Elegie" en „Etude" van Du Plessis c
Tydens haar verblyf in Amsterdam het Chrystal B
kantoor vir propaganda van Nederlandse musiek, „Dor
gebring, waar sy hartlik ontvang is deur Joanna Diepen
dogter van die oorlede Nederlandse meester. Daar het

A CAMEO: — ELSIE HALL

HALL, who is giving one of her annual piano recitals at St. ... later this week, first came ... nearly 35 years ago—against the advice of musical friends in ... was no future for her here, ... Africans had no musical ap- ... Hall, who still takes advice at ... ment and individual evaluation,

1919 with her husband, the ... and settled in Cape Town, ... since been not only her head- ... home.

among South Africans a ... interest and appreciation and ... busy life here, done much to ... ease that interest and appre- ... teacher, for she has never ... each, but as a concert per- ... caster.

recital she gave in her adopted ... late Theo Wendt, drew a ... from her audience and at ... her reputation as a brilliant ... er middle seventies, she is not ... South African pianists, but ... shed.

as said that she is a gypsy at ... tainly she has travelled con- ... and still loves to do so. In ... er wanderings in early child- ... he age of nine and already ... ents took her from Australia, ... rn, to study the piano in ... few years there she moved ... hschule in Berlin, where she ... basis of her training. At the ... nguished herself by winning ... Scholarship, becoming the ... ever to win the award.

gig who began appearing at ... on concert platforms, Elsie ... rticular "slating" by a critic ... members with gay humour ... sequel. When hardly more ... played at a concert and ... aw, then at the height of



published comments were not very complimentary.

However, many years later when he was visiting South Africa, he learned that Elsie Hall was living in Cape Town; he phoned her and asked her to play to him. She did and his comments then—although not without a touch of typical Shavian wit—showed clearly that he had decidedly reversed his early opinion of her ability as a pianist.

MISS HALL completed her training in London and then went on an extensive tour of Australia and New Zealand. Returning to London she married and, when the First World War came to an end, emigrated to South Africa.

In the Union, she was for some years an adjudicator at various eisteddfodau in Cape Town, Johannesburg and Durban. But adjudicating, like teaching, held no great interest for her; and she has said that she thinks she was perhaps too outspoken and sometimes too sharp a critic for such activities.

on her work as a performer demanded, and to which she was devoted, a great deal of energy.

With the energy that she brought to her work, Hall's most striking characteristic was her devotion to the Union and the Rhodesia as a soloist as well as an accompanist, not playing in Southern Europe, where her reputation had won her critical acclaim, particularly in Holland and Switzerland.

DURING the Second World War she was robbed of one of her greatest opportunities as a fighter pilot in the Middle East and Italy. She felt deeply about this and it was everywhere a great loss.

The war over, she remained energetic, hardworking and determined, keeping constant communication between South Africa and Italy, a country she loved. She spent some months in Venice, with a great admiration for the young composers and their work, and made Italy one of the most interesting countries in Europe.

Although an experienced pianist, Elsie Hall has lost her enthusiasm: she has never had sympathy with modern music and she lost her desire to learn the latest musical developments. She has given critical attention and goes to concerts and festivals, here and abroad. While most deeply devoted to the playing of which—particularly Brahms and Beethoven—she is a great admirer, she is a great admirer of the most advanced and difficult music, especially Bartok and Hindemith.

Her years rest lightly on her energetic and active, her gaiety with its slight suggestion of heightening and softening to a mischievous, sense of humor. Her critical and with firm opinion, her sharpest remarks are usually natural gaiety. Interested

DIE VRYSTAATSE MUSIEKVERENIGING

BIED AAN

**'N VIOOL- EN KLAVIER-
UITVOERING**

DEUR

MARIA NEUSS (Viool)


EN

ADOLPH HALLIS (Klavier)



STADSAAL, BLOEMFONTEIN

30 APRIL, 1951

 N.P.B., B'n.

PROGRAM

(1) VIOOLSOLO

LA FOLLIA (variasies vir die viool) Corelli
(Cadenza deur Leonard)

(2) KLAVIERSOLO'S

FANTASIA IN C MINEUR (K 396) Mozart
IMPROMPTU IN F MINEUR (op. 142) Schubert

(3) SONATE VIR VIOOL EN KLAVIER

SONATE IN A MAJEUR (Kreutzer, op. 47) Beethoven
(Adagio sostenuto en Presto — Andante con Variazioni — Presto)

POUSE

(4) KLAVIERSOLO'S

ANDALUZA Falla
ALBORADA DEL GRACIOSO Ravel

(5) VIOOLSOLO'S

VIER STUKKE VIR DIE VIOOL (op. 17) Suk.
(Quasi Ballata — Appassionata — Un poco triste — Burleska)

maandag 23/6/52. Gntree 3/6
Kinderen 1/6.



Derek Lennox Ochse

AT THE PIANO
WYNIFRED E. OCHSE

PROGRAMME

GAVOTTE AND RONDEAU Bach (1685—1750)

This short piece is a movement taken from the third Partita in E major for unaccompanied violin. It is one of the gems of the violin literature and takes a prominent place in every violinist's repertoire.

RONDO Mozart (1756—1791)

Fritz Kreisler, the great violinist, arranged this Rondo for the violin. It was originally a movement from the Haffner Symphony, and it loses none of its beauty through its arrangement as a solo.

SYMPHONIE ESPAGNOLE Lalo (1823—1892)

- 33
- i. *Allegro ma non troppo.*
 - ii. *Scherzando.*
 - iii. *Andante.*
 - iv. *Rondo.*

This was one of the few works which made a name for Lalo. It is well written, being one of the major works of the violin literature. It is written in the Spanish idiom and one can hear, unmistakably, the typical Spanish rhythms in all four movements. It is interesting to know that this intensely Spanish work was composed by a Frenchman.

INTERVAL

SONATINA FOR VIOLIN AND PIANO Dvorak (1841—1904)

- i. *Allegro risoluto.*
- ii. *Larghetto.*
- iii. *Scherzo.*
- iv. *Allegro.*

It must not be supposed that this work is for solo violin. It was composed for violin and piano, the melody being equally distributed

to both instruments. It is surprising that this composition is rarely, if ever, heard today.

This work was probably written during, or just after, Dvorak's stay in America, where he was influenced by the Negro folk songs. The second movement is very reminiscent of the chanting of the Negro slaves. The fiery nature of the finale brings this delightful piece to an end.

AVE MARIA Schubert (1797—1828)

INTRODUCTION AND RONDO CAPRICCIOSO Saint-Saëns (1835—1921)

Saint-Saëns was a Frenchman, and this composition is typical of the French style, which stresses neatness and delicacy. The introduction is filled with despair, the following part being one of many moods, characterising gaiety, passion and sorrow. The work closes with a brilliant finale.

CAPRICE VIENNOIS Kreisler (1875—)

WITCHES DANCE Paganini (1782—1840)

Paganini's profound mastery of the violin earned him the reputation of being in league with the Devil. His compositions exhaust all the technical possibilities of the instrument.

The Witches' Dance comprises an introduction, a theme upon which three variations are made, and a cadenza. The composition, opening majestically, continues with a sweet and melodious tune. The theme, short and simple, is now heard; after which devilish acrobatic demonstrations are performed as variations on the theme. A brilliant cadenza closes this extremely difficult and interesting work.



BIED AAN



Erna Jack

begelei deur

ASHLEY
HARTLEY

Program .



Bied aan - - Presents



**heinrich
SCHLUSNUS**

Begelei deur - Accompanied by

SEBASTIAN PESCHKO

Oaxton & Pretoria.

Gewilde Sanger



Italiaanse Sanger Na Die Stad

LUIGI INFANTINO, een van die gewildste en tewens aantreklikste sangers van die Italiaanse Operageselskap wat tans in Kaapstad vol teaters trek, lewer Maandag, 24 Augustus, 'n sanguitvoering in die Bloemfonteinse stadsaal. Sy program sal uit liedere en opera-arias bestaan en hy sal aan die klavier begelei word deur Franco Patane, een van die hoofdirigente van die Italiaanse Operageselskap. (Die plekbespreking open op 4 Augustus by die Plaza-teater.)

Infantino het besluit om voordat hy per vliegtuig na Italië terug gaan ná hul operascisoen in Suid-Afrika 'n blitsbesoek aan Bloemfontein, Oos-Londen en Port Elizabeth te bring en in die stede sanguitvoeringe te lewer.

Infantino het, nadat hy in 1947 sy lewenslange ideaal verwesenlik het in die beroemde La Scala-operahuis in Milaan op te tree, beroemdheid as een van die fynste tenore verwerf op konsertreise deur

in 1946 as dirigent van die Italiaanse Operageselskap in Covent Garden, Londen, opgetree en 'n hele aantal operas waarin die beroemde Gigli opgetree het, gedirigeer. In Ierland het hy die simfonie-orkes van die Ierse Radio gedirigeer.



Souvenir - Programme

Febr. 1951 April



Elisabeth Schumann



Accompanist

Hubert Greenlade

Begeleiter

Elisabeth Schumann

Die Silber Roos

The Silver Rose

wat deur graaf Octavian aan die aanvallige jong bruidjie, „Sophie“, in Richard Strauss se Weense Meesterstuk, „Die Rosekavalier“, oorhandig word, is sedert haar eerste verskyning, in die hande van geen groter kunstenaar as daardie rol geleë, as die van Elisabeth Schumann nie. Sedert hy haar vir die eerste keer ghesoor het, het die komponis haar aan die mees vooraanstaande opera-regisseurs aanbeveel as sy „Ideal Sophie“—die skoonste en mees-gevierde ontvangster van

which is presented by the Rose-bearer, Count Octavian, to the charming young bride, „Sophie“, in Richard Strauss' Viennese masterpiece, „Der Rosenkavalier“, has been laid in the hands of no greater and more ideal artist in that rôle. Since hearing her for the first time, the composer recommended Elisabeth Schumann to the fore-most producers of the world as his „Ideal Sophie“—the greatest and most charming recipient of

DIE SILWER ROOS

THE SILVER ROSE.

Yndat madame Schumann haar eerste buiging op 18jarige leeftyd gemaak het, het sy in alle opera- en konsertale oor die hele wêreld opgetree.

Since her debut at the age of eighteen, Elisabeth Schumann has appeared in Opera Houses and Concert Halls all over the world.

Na haar groot opgang en sukses op die Europese vasteland het sy ook dikwels haar verskyning in die Metropolitan gemaak.

After her great successes on the Continent she has often appeared as guest artist at the Metropolitan, New York.

Die hoogtepunt van haar sangloopbaan was seker toe Richard Strauss haar uitgenooi het om by die Weense Staatsopera aan te sluit. Daar het sy vir twintig jaar gebly as die liefling van Weenen.

The greatest moment of her career came when Richard Strauss invited her to become a member of the famous Vienna State Opera. Here she delighted audiences for twenty years and became the beloved „Canary“ of the Viennese.

Geen kunstenaar is seker meer vereer of gedekoreer as Elisabeth Schumann nie. Sy is die trotse besitster van die

No artist has been more decorated than Madame Elisabeth Schumann. She is the proud owner of the following decorations

Legion d'Honneur; Greek Order of Jesus; High Order for Arts and Science (Denmark and Bulgaria); Swedish High Order for Arts; Austrian Cross of Distinction and the only woman ever to receive the „RING“ from the incomparable Viennese State Orchestra.

Printed by Artistic Printing Works, 16 Hans Street, Jeppe, Johannesburg

Programme 1

OPSOMMING

			SUMMARY
I.	a)	Das Veilchen	} Mozart Beethoven Haydn Arne
	b)	Wonne der Wehmut	
	c)	She never told her love	
	d)	Where the bee sucks	
II.	a)	Frühlingsglaube	} Schubert
	b)	Geheimes	
	c)	Nacht und Traume	
	d)	Die Forelle	
III.	a)	Der Nussbaum	} Schumann Schumann Hugo Wolf Hugo Wolf Hugo Wolf
	b)	Schneeglöckchen	
	c)	In dem Schatten meiner Locken	
	d)	Wie glänzt der helle Mond	
	e)	Mausfallen-Sprüchlein	
IV.	a)	Ruhe Süßliebchen	} Brahms
	b)	Therese	
	c)	Wenn Du nur zuweilen lächelst	
	d)	Vergebliches Ständchen	



Programme 2

I.	a)	Ich liebe Dich	} Beethoven Mozart Mozart Eccles (1650-1735)
	b)	An Cloë	
	c)	Warnung	
	d)	The She Gallant	
II.	a)	Auf Flügeln des Gesanges	} Mendelssohn
	b)	Bei der Wiege	
	c)	Der Mond	
	d)	Frühlingslied (Jetzt kommt der Frühling)	
III.	a)	Der Einsame	} Schubert
	b)	Lachen und Weinen	
	c)	Ständchen (Leise Flehen)	
	d)	Liebhaber in allen Gestalten	
IV.	a)	Ich ging im Walde	} R. Strauss R. Strauss Brahms Brahms
	b)	Morgen	
	c)	Wie Bist du meine Königin	
	d)	Wiegenlied	

g hart-
uf dem
k" ver-
tussen
ad wat
huidige
rrlicht"
vaansin-
ggies —
rs heen
kalmer,
skriklik

ied is
og een
eroemde
droom
as hy
hy die
teen die
Na
t Schu-



Madam Oda Slobodskaya

Famous Singer to Give Varied Recital

The song recital by the soprano Oda Slobodskaya, in the Clarendon Hall this evening, should be something quite out of the usual for Bloemfontein listeners.

Madame Slobodskaya is concentrating on short, interesting works by Russian composers who, as a group, are sadly neglected in South Africa.

Even for a concert signer Madame Slobodskaya has a particularly varied and cosmopolitan background. Born in Leningrad, she was partly trained there as a singer before going on to Milan. At different times she has lived and followed her career in Berlin, New York, South America and, for the past few years, in London. During the war she did an enormous amount of singing for the troops.

In London she did a great deal of work with the B.B.C. Among her most interesting recordings

are a series of songs by Medtner with the composer at the piano and "The Dreary Steppe" (Gretchaninov), which was issued recently by a leading gramophone company and which she will sing in tonight's programme.

Madame Slobodskaya does a certain amount of teaching in London and since she arrived in the Union in February, she has managed to fit, between engagements, a course of master classes at the South African College of Music in Cape Town. She has sung in many towns in the Eastern and Western Provinces and is charmed with South Africa although, as she says, she has been too busy to assimilate the atmosphere yet. In Cape Town she had great success giving lecture-recitals at several schools.

Madame Slobodskaya will give a concert in Kimberley next week.

Sangfees

van die

Onderwyserskollege van die U.O.V.S.

Onder leiding van Mev. Dolly MacDonald.

in medewerking met die

Musiekvereniging van die U.O.V.S.

hoofsaaklik ten behoeve van die

Generaal de Wet-standbeeldfonds

VRYDAGAAND 22 OKTOBER 1954

om 8 n.m.

op Grasperk voor Britz-Sentrum, Onderwyserskollege

Program

1. GEMENGDE KOOR:

OPENINGSKOOR UIT CAVALERIA RUSTICANA P. Mascagni.
(Afrikaanse verwerking — Dr. Con de Villiers).

(Studente van die koshuise Gordon Fraser, Viljoen, MacDonald, Goed-
verblyf en die Stad).

Dirigent Morkel Combrink.
Orkes-Leier Richard Lemmer.
Klavierbegeleier Japie Human.

2. DAMESKOOR:

(a) TREES (verwerk) Rasbach.
Dirigente Reinette Waldeck.

(b) VIVA LA MUSICA Michael Praetorius (1261).
Dirigente Wilma Steinbach.
(Studente, MacDonaldtehuis).

3. MANNEKWARTET:

LITTLE TOMMY WENT A FISHING J. C. Macy.
(Studente, Reitzsaalkamerwonings).

Afrigter Louis Fourie.

4. SPREEKKOOR:

ROSA ROSARUM A. G. Visser.
OKTOBERMAAND C. L. Leipoldt.

(Studente, Onderwyserskollege).

Afrigter Mev. Kretschmar.

5. DAMESKOOR:

MY MOTHER BIDS ME BIND MY HAIR J. Haydn.
(Studente, Kestelltehuis).

Dirigente Ina Moll.

6. GEMENGDE KOOR:

ZOMER IS IN'T LAND GEKOMEN John of Forsete (1240).
(Summer is acumen in).

(Studente, Kestelltehuis, Pres. Steynteuis, Reitzsaalkamerwonings).

Dirigent Louis Fourie.

7. DAMESKOOR:

BIRDS' SONG AT EVENTIDE (verwerk) Eric Coates.
(Studente, Gordon Frasertehuis).

Dirigente Blanche Human.

8. MANNEKOOR:

COME TO THE FAIR E. Martin.
(Studente, Reitzsaalkamerwonings).

Dirigent Louis Fourie.

9. DAMESKOOR:

KEISERWALS (verwerk deur H. Geehl) Johan Strauss.
(Studente, Viljoentehuis).

Dirigente Ingrid Venter.

10. GEMENGDE KOOR:

MEIN HERR MARQUIS uit Die Fledermaus Strauss.
(Stadstudente).

Dirigente Sonja Bell.

11. RITMIESE NOMMER:

Lentevreugde Gimnastiek-Spesialiste.

12. DAMESKOOR:

(a) NONNEKOOR uit Casa Nova J. Strauss.

(b) PANIS ANGELICUS Caesar Franck.

(Studente, Pres. Steynteuis).

Dirigente R. van Niekerk.

Soliste B. Boers.

13. MANNEKOOR:

GOING HOME — Uit die 5e Simfonie A. Dvorak.
(Studente, Goedverblyftehuis).

Dirigent Morkel Combrink.

14. GEMENGDE KOOR:

SCHENKT MAN SICH ROSEN uit Der Vogelhandler Carl Leller.
(Studente van die Onderwyserskollege).

Soliste Elsa van Rooyen en Louis Fourie.

LUIDSPREKER TOERUSTING — TYLER'S RADIO.

Hänsel und Gretel

(In Afrikaans)



OPERA IN DRIE BEDRYWE

deur

ENGELBERT HUMPERDINCK

GRAND-TEATER

BLOEMFONTEIN

14 Junie om 2.15 nm. (Vir kinders).

18, 19 en 20 Junie om 7.45 nm.



Opbrengs ten bate van U.K.O.V.S.-Uitbreidingsfonds.

Hänsel und Gretel

DRAMATIS PERSONAE

PETER, 'n Besembinder	Paul Fischer
GERTRUD, sy Vrou	Isabel du Toit
HÄNSEL	} Hul Kinders Anna Jackson
GRETEL	 Rita Karstel
HEKS	Joan Hadlow
SANDMANNETJIE (Klaasvakie)	}	Norah Havenga
DOUFEETJIE (Dagbrekertjie)	

GEMMERBROODKINDERS:

Juliana Brown, Jessie Cooper, Koosie van Rensburg, Ena Naude, Rita du Toit, Rohtraut Trümpelman, Francina Buys, Norah Havenga, Ria le Roux, Doris Hové, Emily van Straaten, May Roeloffze, Catharina Bruwer, Brunhilde Arndt, Ingeborg Arndt, Bess Hayward, Dora Raubenheimer, Grace Butler, Hettie du Plooy, Nellie van Rooy.

ENGELE (BALLET)

Marlene Smith, Hillier Mitchell, Elizabeth Harrison, Julia Froom, Réne Tuckett, Gillian Ewers, Alice Kellerman, Celia Guldenpfennig, Joan Myburgh, Beryl Raim, Ria van der Wath, Cynthia Bekker, Ada McMahon, Jean Broderick.

IL TROVATORE

(In Afrikaans)



Opera in Vier Bedrywe

deur

GUISEPPI VERDI



GRAND-TEATER

BLOEMFONTEIN

21, 22, 23, 24 OKTOBER

om 7.30 nm.



OPBRENGS TEN BATE VAN U.K.O.V.S.-UITBREI-
DINGSFONDS

N.P.B. Bfn.

IL TROVATORE

DRAMATIS PERSONAE (In orde van verskyning)

FERRANDO, 'n ou bediende . . . *Jacques du Toit (Bas)*.
 INEZ, 'n hofdame *Essie Steffens (Sopraan)*
 LEONORA, 'n hertogin *Isabel du Toit (Sopraan)*
 GRAAF DE LUNA, 'n edelman . *Albert Steffens (Bariton)*
 MANRICO, 'n troebadoer *Loutjie Louw (Tenaar)*
 AZUCENA, 'n Sigeunerin *Joan Hadlow (Kontralto)*
 RUIZ, 'n Sigeunerboodskapper . . *Derek van der Merwe*
(Bariton)

SOLDATE (Ook Sigeuners)

<i>Tenore:</i> B. Pietersc.	<i>Basse:</i> H. Otto.
J. W. Proudfoot.	E. H. Kuschke.
H. J. R. Simes.	C. J. Swart.
W. Naudé.	A. H. A. du Plessis.
Prof. P. Groenewoud.	W. T. Smith.
A. T. C. Fourie.	K. P. Weyhe.
J. W. Naudé.	W. Conradie.
J. Morkel.	
J. P. Combrink.	

NONNE (Ook Sigeunerinne)

<i>Sopranos:</i> Jessie Cooper.	<i>Allos:</i> Isobel Sippel.
Rita du Toit.	Sarie van Nickerk.
Rita Karstel.	Marguerite Maritz.
Ida Bezuidenhout.	Hettie Venter.
Elwina Smith	Sally Sorour.
Marietjie Mostert.	Anna Jooste.
May Roelofse.	M. van der Meulen.
Susan Conradie.	Orpa de Jager.
Tersia du Toit.	
Sannie van Blerk.	
Jeanette Combrinck.	

Danseres: Ria van der Wath.

Hofdames: Nellie Fourie.
Ena Karstel.

Tronkbewarder: C. B. Sander.

Ou Sigeuner: J. Morkel.

Dirigent: O. A. Karstel.

Regie: Susie Mey Viljoen.

Décor: Geo Watson.

Bygestaan deur: C. B. Sander en D. Fourie.

Kostumering: Isabel du Toit.

Bygestaan deur: Anna Jooste, Berlina Malan,

Rita du Toit, Essie Steffens, Ria van der Wath,

Isabel E. Bezuidenhout.

Pianiste: Kathrine Mason.

ORKES

1e Viole: Victor Pohl (Orkesleier).

Dinah Rose.

Gertruida Saayman.

2e Viole: L. Montana.

Helena Jacobs.

Dawid Alberts.

Basviool: Eben Strauss.

Saxofoon: G. C. van der Merwe.

Klarinet: Mickey Morton.

Trompet: Gerald Waite.

Horing: C. E. van der Merwe.

Euphonium: Richard Forster.

Tamboer: J. E. van der Merwe.

Grimering: Winnie Lecson.

Toneeleffekte: Mnr. Mitchell.

FREE STATE MUSIC SOCIETY

PRESENTS

Lilac Time

A MUSICAL PLAY IN THREE ACTS

MUSIC: FRANZ SCHUBERT

PLAY BY DR. A. M. WILLNER AND HEINZ REICHERT



MONDAY, TUESDAY AND WEDNESDAY
29th, 30th NOVEMBER AND 1st DECEMBER

IN THE

GRAND THEATRE, BLOEMFONTEIN

PETRUS J. LEMMER (Director and Conductor) SUSIE MEY VILJOEN (Producer)

CHARACTERS

in order of their appearance.

Street Musicians	Bonnie Jackson, Thys Naude, Pieter Roux
Mrs Grimm (<i>a Caretaker</i>)	Anna Richter-Visser
Mrs Weber (<i>a Lodger</i>)	Huldah Strydom
Rosi (<i>Marini's maid</i>)	Mariechen Naude
Novotny (<i>a Detective</i>)	"Sarg" Walker
Ferdinand Binder (<i>a Postmaster</i>)	André Bezuidenhout
Andreas Braun (<i>a Saddler</i>)	Aubrey Gallow
Schani (<i>a Page</i>)	Michael Lloyd
Tilli } Willi } (<i>Mr Veit's three daughters</i>) Lili }	Anna Jackson Joan Hadlow Isobel du Toit
Johann Michael Vogl (<i>an Opera Singer</i>)	Philippus Groenewoud
Moritz von Schwind (<i>a Painter</i>)	Koos Morkel
Kappel (<i>a Draughtsman</i>)	Jaap Rousseau
Baron Franz von Schober (<i>a Poet</i>)	Benedictus Kok
Franz Schubert	Louis Knobel
Christiaan Veit (<i>Court Glassmaker</i>)	Jacques du Toit
Count Scharntoff (<i>Danish Ambassador</i>)	Alex Havenga
Mrs Veit	Veronica de Jager
Stingl (<i>a Confectioner</i>)	Pieter Theron
Sally (<i>servant to Veit</i>)	Marie Meiring
Demoiselle Fiammetta Marini (<i>Prima Ballerina at the Opera</i>)	Peggy Morice
Waiter	Bonnie Jackson
Prompt	Marie Meiring

Servants, Children, Guests, Vienna Police.

CHORUS

SOPRANOS:

Susan Conradie
Ina Naude
Tertia du Toit
Evryl Glaun
Avelyn Macaskill
May Roeloffze
Norah Havenga
Augusta van Rooyen
Jessie Cooper
Dora Raubenheimer
Rita du Toit
Anna Verster
Lynda du Toit
Irene Symonds

ALTOS:

Lottie Pretorius
Ilse Wardhaugh
Bess Hayward
Sally Sorour
Lulu Schuurman
Frieda Jaekel
Ray Shuttleworth

TENORS:

Pieter Roux
Thys Naude
Bonnie Jackson
Jannie du Plooy
Anthonie Fourie

ORCHESTRA

FIRST VIOLINS: *Victor Pohl (leader)*
Jack de Wet
Alma Kok
Rhoda Singer
Glynn Jones
Martli Pohl

SECOND VIOLINS: *Jennie Hadlow*
Gertruida Saayman
Noel Travers
David Alberts

CELLO: *Inez Newberry*

DOUBLE BASS: *Eben Strauss*

CLARINET: *James Harley Brims*

PIANO: *Mary Rousseau*

ORGAN: *Leonard Shepstone*

Organ kindly lent by the firm of Bothner's, Johannesburg.

N.P.B., Bfn.

THE FREE STATE MUSIC SOCIETY

presents

“*Viktoría and her Hussar*”

An Operette in three Acts

Book and Lyrics by

ALFRED GRUNWALD and FRITZ LOHNER-BEDA

(From the Hungarian by Americh Foldes)

Music: PAUL ABRAHAM

English Book and Lyrics: HARRY GRAHAM

in the

GRAND THEATRE - BLOEMFONTEIN

Monday, Tuesday, Wednesday and Thursday

10th to 13th SEPTEMBER 1951

Musical Director: DAVID J. ROODE

Producer: SCHALK THERON

We wish to express our sincere thanks to

Die Bloemfonteinse Teatergroep

The Repertory Society

and

The Shakespeare Circle

for assistance

"Victoria and Her Hussar"

ACT I

Overture.

1. Opening Chorus (Off to work we go).
2. Opening Chorus Scene II (Wedding bells this day shall ring).
3. Duet (Victoria and Carling) Pardon Madame (How can I forget that summer night).
4. Song (O Lia San) and Chorus A Modest Maid (A modest maid is not afraid.)
5. Duet (O Lia San and Ferry) Mama (Your sentimental oriental).
6. Duet (Janczi and Riquette) Land of Song (There are lands where men get titles).
7. Finale - Act I (Fairest bride, charming bride).

ACT II

- 7a. Entr'acte
- 7b. Opening
8. Duet (Ferry and Riquette) Do-Do (No entertainers, no jazz refrainers).
9. Duet (Victoria and Koltay) Star of my Night (What matters the vows).
10. Duet (O Lia San and Ferry) Mousie (Tho' we know that love's inspiring).
- 10a. Entrance of Chorus
11. Duet (Victoria and Koltay) Good-night (Some day, how gladly I'll discover.)
12. Duet (Janczi and Riquette) Follow the Drum (There's no sound in all the world).
- 12a. Zim Boom.
13. Finale - Act II. (Hei! Hei! who will dance).

ACT III

- 13a. Entr'acte
14. Opening Chorus (We have stript the vineyards).
- 14a. Hungarian Dance (There's no chaps as gay).
15. Duet (Janczi and Riquette) No Time for Anyone but You (I was the worst of flirts).
16. Reprise (O Lia San and Ferry) Mousie (Mousie, what did we do).
17. Finale (Feast of love, and feast of wine).
- 17a. Finale - Ultimo

THE CAST

In order of their appearance.

STEFAN KOLTAY (a Hungarian Cavalry Officer)	LOUIS KNOBEL
JANCZI (his servant)	BENEDICTUS KOK
A COSSACK SENTRY	PHILIP GROENEWOUD
A RUSSIAN SERGEANT	JAAP ROUSSEAU
VIKTORIA	CHRISTINE RAUTENBACH
TOKERAMO YAGANI (A Japanese Secretary)	BOET MARE
LOAN SAN	WILLIE CONRADIE
JOHN CARLING (American Ambassador to the court of Japan)	DERIK VAN DER MERWE
MIKI (a Japanese Boy)	DANIE MULLER
RIQUETTE (Victoria's Maid)	SUE KRUGER
COUNT FERRY HEGEDUS	PAUL FISCHER
A JAPANESE MAID	LOTTE PRETORIUS
O LIA SAN	MERLE COCKCROFT
O KIKI SAN	MOIRA THATCHER
O MUKI SAN	INA NAUDE
A JAPANESE BONZE	JURIE FOURIE
WEBSTER (Butler to the American Ambassador)	BRIAN COCKCROFT
SECRETARY TO THE AMERICAN AMBASSADOR	THYS NAUDE
BELA PORKELTNY (Mayor of Doroszma)	AUBREY GALLOW
Four Servants and Russian Soldiers	J. van Heerden, J. Hefer, T. Erasmus, and D. Smuts

Chorus of Servants, Japanese Guests, Hungarian Peasants and Dancers.

PRICE 6d



CHRISTIAN BROTHERS' COLLEGE
BAYSWATER, BLOEMFONTEIN

PRESENTS

"The Gondoliers"

by

W. S. GILBERT and ARTHUR SULLIVAN

(BY KIND PERMISSION OF R. D'OYLY CARTE, ESQ.)

in the

CITY HALL, BLOEMFONTEIN

on

Friday 30th August 1946

COMMENCING AT 7.45 P.M.

PRODUCER: MRS. G. BARRY, L.S.C.E.

MUSICAL DIRECTOR: MR. TOM A. RAINE, L.T.C.E., M.R.S.T.

Francis B...

OPSOMMING

Die algemene beskouing dat Bloemfontein tussen 1940 en 1955 nie 'n aktiewe en boonop 'n oninteressante musieklewe gehad het, word in hierdie verhandeling verkeerd bewys. 'n Aspek wat deurentyd opgeval het is dat Bloemfonteiners wat by die musieklewe in dié tyd betrokke was, alles in hulle vermoë gedoen het om musiek as kunsvorm te ontwikkel en te propageer. Hier het Bloemfontein die hulp en samewerking van *Die Volksblad* en *The Friend* gehad. Alhoewel Bloemfontein oor die Stadsaal, Clarendonsaal en die destydse Grand-teater beskik het, het daar nogtans die behoefte aan 'n meer geskikte teater waar uitvoerings aangebied kon word, ontstaan. Die musici het hierdie leemtes oorbrug en verrassende resultate behaal. Op verskeie terreine is besonder hoë standarde bereik en in Bloemfontein is die gehalte werk as van die hoogste in die land beskou.

Bloemfontein was gelukkig om in dié tydperk musici te kon hê wat werklik oor die kwalifikasies beskik het om die leiding te neem. So is daar kantates, oratoriums, operas en operettes aangepak en met sukses uitgevoer. Die musiek liefhebbers was ook verantwoordelik vir die stigting van musiekverenigings wat baie daartoe bygedra het om musiek te bevorder. Dit is ook aan hierdie verenigings se onvermoeide ywer te danke dat daar voortdurend 'n groot aantal Suid-Afrikaanse en buitelandse kunstenaars in Bloemfontein opgetree het. Hierdeur het die Bloemfonteinse kunstenaars en gehore met wêreldklas musici in aanraking gekom wat talle voordele ingehou het.

Dit is opvallend dat koorsang in die eerste paar jaar van die tydperk groot belangstelling geniet het en dat Bloemfonteiners hierdie liefde deur die jare behou het afgesien dat plaaslike koorsang mettertyd moes plek maak vir instrumentale musiekaanbiedings. Kooruitvoerings deur besoekende koorgeselskappe is in die later jare nog met groot entoesiasme bygewoon.

In hierdie verhandeling word dit duidelik dat in teenstelling met die vorige drie dekades, die Afrikaanssprekende musici beslis meer op die voorgrond getree het. Alhoewel die meeste van hulle hul opleiding gedeeltelik of in geheel van Engelse onderwysers ontvang het, is dit tog opvallend dat daar 'n wending plaasgevind het wat die keuse van werke betref. Oor die algemeen het daar byvoorbeeld baie meer Afrikaanse liedere op die programme verskyn wat in 'n mate verseker het dat 'n groter sektor van die publiek die konserte bygewoon het aangesien hulle kunsmusiek in hulle moedertaal kon hoor en geniet.

Die meeste van die kunstenaars wat aktief by die musieklewe van Bloemfontein betrokke was, was ook uitstekende onderwysers. Baie van hulle was aan skole verbonde, ander aan die destydse Vrystaatse Musiekskool van David Roode en later die Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Sommige het ook private onderrig gegee. Daar was dus altyd 'n aantal opkomende kunstenaars wat ook hulle bydrae gelewer het. Met die totstandkoming van die Departement Musiek aan die U O V S kon voornemende musici hulle in verskeie rigtings kwalifiseer. Verskillende

graad- en diplomakursusse is aangebied. Musiekonderrig by skole het met die aanstelling van 'n voltydse Musiekinspekteur spoedig verbeter en kon meer sinvol aangebied word. Musiek as vak kon ook geneem word. Verder was daar nog die Bloemfonteinse Onderwyskollege (destydse Normaalkollege) en die Tegniese Kollege waar musiek onderrig is.

Afgesien van die ernstige musiekbeoefening in Bloemfontein was daar ook 'n groot belangstelling in ligte musiek sowel as jazz. Benewens die kunstenaars wat hierdie tipe musiek beoefen en onderrig daarin gegee het, was daar ook 'n paar ernstige uitvoerende kunstenaars wat belangrike bydraes gelewer het. Bloemfonteiners het ook die voorreg gehad om na aanbiedings van besoekende kunstenaars te luister.

Die slotsom waartoe gekom word is dat Bloemfontein en sy musici alles in hulle vermoë gedoen het om in die eerste plek die kulturele agterstand uit te wis en in die tweede plek musiek as kunsvorm te ontwikkel en te bevorder. Teen die einde van 1955 was dit duidelik dat Bloemfontein vinnig besig was om wat musiek betref, tot een van die aktiefste sentra in Suid-Afrika te ontwikkel.

